

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(TRANSVAAALSE PROVINSIALE AFDELING)**

SAAKNO: _____

DATUM: _____

DIE STAAT v BASSON

UITSPRAAK

HARTZENBERG, R

Inleiding

[1] Gedurende die laat sewentiger jare het die Suid Afrikaanse Weermag (SAW) agtergekom dat daar so 'n verskynsel as chemiese en biologiese oorlogvoering (CBO) bestaan. Die SAW was destyds betrokke, direk en indirek, in oorloë in, wat nou bekend is as, Namibië en Angola. CBO was 'n bedreiging vir die Suid-Afrikaanse troepe. Daar is besluit dat die SAW so 'n vermoë moet ontwikkel. Daar is verder besluit dat die beskuldigde aangestel word om dit te doen. In die proses moes hy in oorseese lande uitvind oor watter vermoëns ander moondhede beskik. Wanneer hy dit gedoen het moes hy die nodige apparaat, toerusting en grondstowwe bekom om dit alhier te vestig. Die SAW en die beskuldigde se taak is bemoeilik deurdat daar wêreldwyd sanksies teen Suid Afrika gegeld het.

[2] Die eerste been van die proses is nie werklik relevant vir die doeleindes van hierdie saak nie. Dit blyk egter dat die beskuldigde wel na oorseese lande is en hom daar infiltrer het, om die beurt, by linkse- en regse organisasies. Die linkse organisasies is in beginsel geheel en al gekant teen enige vorm van CBO. Hulle vind uit oor watter vermoëns hulle weermag beskik en kritiseer dan hulle regerings dat hulle deel kan hê

aan die aanwending daarvan. Die regse organisasies weer is bitter bekommerd oor die veiligheid van hulle onderskeie state, vind uit oor welke vermoë die staat beskik en kritiseer dan hulle regering vir die gebrek aan besondere vermoëns. Deur egter in te skakel by die tipe van organisasies kan 'n mens heelwat uitvind oor wat beskikbaar is in CBO veld. Daarna raak die proses gevaarliker want dan moet kontak gemaak word met ontnugterdes en afvalliges wat bereid is om hulle landsgeheime te verklap, dikwels teen vergoeding. Die beskuldigde het deur die proses gegaan en het 'n beeld gevorm van wat CBO behels en wat nodig is om so 'n vermoë te vestig. Daar is besluit dat daar voortgegaan word met die projek. Die projek is beheer deur die Koördinerende Beheer Komitee (KBK). Die voorsitter van die KBK was die hoof van die SAW (HSAW). Van die ander persone verbonde aan die KBK was die Geneesheer Generaal (GG), die hoof van staf inligting (HSI), die hoof van staf finansies (HSF) en die beskuldigde wat bekend gestaan het as die projek offisier. Die projek was in die SAW bekend as 'n GG projek en is in die praktyk bedryf deur die GG as projekteier in oorleg met die beskuldigde, as projek offisier.

[3] Daar is besluit dat die projek nie as 'n offisiële weermag projek bedryf kon word nie. **Dit word ook nie in ander lande so gedoen nie.** Daar moes van frontorganisasies gebruik gemaak word wat oënskynlik privaat entiteite is. Twee van hierdie frontmaatskappye was Delta G Scientific (Eiendoms) Beperk (Delta G) en Roodeplaat Navorsing Laboratorium (Edms) Beperk (RNL). Eersgenoemde is aanvanklik bedryf uit Sunnyside Pretoria, later vanuit Val de Grace en uiteindelik vanuit 'n aanleg wat in Midrand opgerig is. Vir die grootste gedeelte van die tyd wat hierdie entiteit operatief was, was die besturende direkteur 'n goeie vriend van die beskuldigde en 'n mediese dokter, ene Philip Mijburgh (Mijburgh). Van die top chemici in die land is gewerf en was verbonde aan Delta G. Delta G was betrokke by chemiese navorsing en ook die produksie, op 'n betreklike klein skaal van chemiese stowwe. Laasgenoemde maatskappy is bedryf vanaf Roodeplaat, eers vanuit 'n plaaswoning en later vanuit 'n baie goed toegeruste laboratorium. Die besturende direkteur was aanvanklik dr. D. J. Goosen maar later was dit 'n ander goeie vriend van die beskuldigde en 'n tandarts, ene Wynand Swanepoel (Swanepoel). By RNL is biologiese navorsing gedoen. Verbonde aan RNL was 'n proefdiersentrum en 'n hondeteelstasie.

[4] Die finansiering van hierdie entiteite was direk afkomstig uit die SAW begroting en het geskied deur middel van ander frontmaatskappye waarvan D J Truter Finansiële Konsultante (Edms) Bpk. (DJT) en Infladel (Edms) Bpk (Infladel) van die vernaamste was. Fondse is vanaf die SAW oorgeplaas na die rekening van DJT vanwaar dit oorgeplaas is na hierdie instansies. John Truter was verbonde aan die SAW voordat hy 'n privaat praktyk begin bedryf het. Hy is spesiaal aangestel om behulpsaam te wees met die klandestiene oordrag van die fondse. Goedere en inligting moes egter ook vanaf die buiteland verkry word. Daardie proses is bemoeilik as gevolg van sanksies wat feitlik wêreldwyd teen Suid Afrika van krag was. Dit was die beskuldigde se taak om die goedere en inligting te verkry. Sy opdrag was om dit ten alle koste te verkry ongeag daarvan of hy dit steel of mense moet omkoop of wat ookal. Sy opdrag was verder dat die verkryging op so 'n manier moes geskied dat die oorsprong van die fondse nie na die SAW herlei kon word nie. Hy kon dit in enige land kry ongeag daarvan of die land voor of agter die Ystergordyn geleë was. Sy seniors wou juis nie weet van watter metodes hy gebruik gemaak het om die goedere en inligting te verkry nie en wou ook nie weet van wie af nie. Dit was aanvaar dat, as 'n front, hy homself in die buiteland moes voordoen as 'n baie ryk sakeman met belange in verskeie lande. Gedurende hierdie tyd het hy, veral met die hulp van 'n prokureur in die VSA, ene David Webster, 'n groep maatskappye, die WPW groep van maatskappye, laat inkorporeer in die Kaaiman eilande, die VSA, Engeland, Europa en later ook in Suid Afrika. (Daar is tydens die verhoor na die Suid Afrikaanse maatskappye verwys as die WPW/Wisdom/BRCI groep van maatskappye)

Groot bedrae van die SAW se geld is deur die rekeninge van, van hierdie maatskappye. Dit is nie in elke geval voor die hand liggend waarvoor die bedrae aangewend is nie. Die fondse is op 'n niksseggende manier uit die SAW begroting aangevra en is dan oorgeplaas na van die buitelandse rekenings toe. Dit is rondgeskuif in rekenings en het soms hulle weg teruggevind na die Suid Afrikaanse maatskappye.

[5] Die politieke situasie in Suid Afrika het betekenisvol verander vandat mn. F.W. de Klerk President geword het gedurende 1989 en veral vanaf Februarie 1990, toe hy by die opening van die parlement verklaar het dat die ANC ontban gaan word en dat 'n proses wat sal lei tot spoedige totale verandering van die politieke bestel van stapel gestuur sou word. Die opstel van 'n nuwe grondwet waarin demokratiese regte vir almal gewaarborg sou word is voorsien. Uit die SAW oogpunt het dit 'n hele ander kleur aan die situasie verleen.

Waar die SAW voorheen aan 'n militêre oplossing vir die toestand in die land gedink het was dit nou duidelik dat daar 'n politieke oplossing sou wees. Dit het 'n uitwerking op Projek Coast gehad, in die sin dat die privatisering van Delta G en RNL nou baie hoog op die prioriteitslys gekom het.

[6] Die privatisering van die twee instansies was nie 'n eenvoudige proses nie. Die twee instansies is tot op daardie stadium nie as ekonomies vatbare besighede bedryf nie. M.a.w. 'n koper kon nie die besigheid koop en voortgaan met die bedryf en hoop om 'n wins te maak nie. Die entiteite kon ook nie sommer net gelikwideer of toegemaak word nie. Van die beste geleerde deskundiges en navorsers op die gebied van die chemie en die biologie was in diens van die instansies. Hulle kon nie sommer net afgedank word nie. Die afdanking van 'n groot groep deskundiges sou aandag trek en sou waarskynlik lei tot ontmaskering van die projek. Verder sou die verworwe kennis en tegnieke verlore gaan en sou bystand aan die SAW verdwyn. Daar is toe besluit dat die omskakeling oor 'n tydperk moet geskied en dat werknemers, vir 'n tydperk, werksekerheid moes hê. Gedurende daardie tydperk moes die twee entiteite poog om om te skakel na lewensvatbare besighede. Om die doel te bereik moes substansiële bedrae tot die beskikking van die bestuur van die entiteite gestel word. Die SAW kon nie sommer die bedrae oorbetaal nie. Daar is besluit dat die geld na die buiteland oorgeplaas moes word en vandaar teruggebring moes word na 'n frontmaatskappy wat dan die gelde aan die entiteite sou laat toekom. Die gelde is ook nie gelyktydig tot die beskikking van die entiteite gestel nie maar met verdrag. Die beskuldigde was nou betrokke by die tot standkoming van die hele skema. Dit is egter deur die topstruktuur van die SAW, insluitende die minister van verdediging, goedgekeur asook deur twee ander ministers, o.a. die minister van finansies, wat op sy beurt geadviseer is deur die Ouditeur Generaal (OG).

[7] Gedurende ongeveer 1992 was daar 'n ondersoek na geheime bedrywighede van die destydse regering ander staatsinstansies soos die SAW. Dit het aan die lig gekom dat Suid Afrika oor 'n CBO vermoë beskik, dat Projek Coast bestaan en dat die beskuldigde daarby betrokke is. Gedurende ongeveer dieselfde tydvak het dit bekend geword dat die beskuldigde nou betrokke was by die ontwikkeling van 'n huis in Arcadia, Merton Huis, en het Militêre Inligting ondersoek ingestel en die aangeleentheid opgeneem met die

OG. Die aangeleentheid het ook onder die aandag gekom van die Kantoor vir Ernstige Ekonomiese Misdrywe (KEEM). Mnr. Swanepoel en veral Fouché was gemoeid met die saak. Hulle was besonder geïnteresseerd in die vloei van fondse en het die GG gevra om te verduidelik waarvoor die gelde aangewend is. Die gelde wat ter sprake was is op een of ander wyse deur die beskuldigde hanteer. Uit die aard van die saak het die GG homself in 'n moeilike posisie bevind aangesien hy nie, sonder die hulp van die beskuldigde, die nodige verduidelikings kon gee nie. KEEM het gebruik gemaak van die dienste van 'n forensiese ouditeur, mnr. Bruwer. Daar is vermoed dat die beskuldigde die bedrae wanaangewend het. Die verduidelikings wat hy aan die GG gegee het en wat dit oorgedra het aan KEEM is ondersoek en het gelei tot oorseese ondersoeke.

[8] **Gedurende Maart 1993** is 'n hele aantal van die senior offisiere in die SAW afgedank. Die beskuldigde is ook afgedank en kol. Steyn het toe projekteer geword. Die projek se naam het toe verander na Projek Jota. Die SAW het egter die beskuldigde in burgermaghoedanigheid aangestel en opdrag gegee om uitstaande aangeleenthede, veral oorsee, af te handel. Die beskuldigde is oorsee en is o.a. in Switzerland gearresteer en vir 'n tydperk aangehou. Hy het weer teruggekeer na Suid Afrika. **Nadat die Amerikaanse- en Engelse geheime dienste inligting ontvang het oor Suid Afrika se CBO vermoë en in besonder die beskuldigde se kennis daarvan, is hy, op hulle aandrang, en deur die bemiddeling van President Mandela en, destyds Adjunk President Mbeki, heraangestel in die SAW, om te verhoed dat sy kennis in vreemde hande val.** **ACTUALLY, THE ENTIRE PROCESS WAS THE RESULT OF US AND BRITISH CONCERNS OVER WB'S CONTACT WITH LIBYA. DID THE JUDGE NOT GET THIS???**

[9] Van die persone wat betrokke was by die groep van maatskappye wat die beskuldigde laat inkorporeer het was daar 'n paar persone in die buiteland. Die prominentste van hulle was die genoemde David Webster en sy vrou Jane, Bernard Zimmer, 'n Belg wat in Luxembourg bly, Charles van Remoortere, ook 'n Belg wat vir 'n hele tyd in Suid Afrika gevestig was, en Dr. David Chu, 'n persoon wat in Switzerland bly en betrokke was by besigheid, o.a. in die rekenaarbedryf. Daar was ook 'n aantal persone in Suid Afrika. Die prominentste van hulle was Mijburgh, Swanepoel, Truter, Viljoen, Marlow en Bosch.

[10] Gedurende Januarie 1997 is die beskuldigde gearresteer te Magnolia dal in Muckleneuk Pretoria. 'n Polisielokval is gestel. Die lokvink was ene Wentzel. Die beskuldigde het 'n houer swart vulissak, eintlik in Wentzel se motor geplaas en Wentzel het R60 000 in die beskuldigde se motor geplaas. In die houer wat in Wentzel se motor geplaas was daar 1040 Ecstasy kapsules. Wentzel het die beskuldigde ook direk geimpliseer by die verskaffing van 100 en 2018 Ecstasy kapsules onderskeidelik. Die beskuldigde se huis is dopgehou en toe sy vrou 'n plastiese sak met plantjies in Sunnyside laat het dit die ondersoekers van Nasionale Intelligensie gelei na die huis van Sam Bosch. Daar het hulle twee trommels gekry met dokumente maar ook met houters waarin daar kleinerige hoeveelhede dwelms soos Ecstasy, Metakoloon en Kokaïen in was. Daar was persoonlike dokumente van die beskuldigde in. Daar was ook baie dokumente wat met projek Coast te make gehad het in.

[11] Vanaf 1994 het die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) getuienis begin aanhoor. Skynbaar is daar heelparty getuienis oor allerhande wandade gelei. Persone wat daarby betrokke was het ook amnestie aansoeke ingedien en ter ondersteuning van die aansoeke getuig. **Mense wiese name genoem is is deur die Staat genader en vrywaring aangebied in ruil vir getuienis. NEE!!!! Die SOE se ondersoek was toe reeds 18 maande al aan die gang – die WVK het niks nuuts opgelewer nie, en die verhoor is nie op die WVK se getuienis geskoei nie!!!Aangeleenthede wat te berde gekom het was projek Coast en die wyse waarop dit bedryf is. Daar het ook getuienis die lig gesien wat aantoon dat persone wat verbonde was aan die SAW en verbind kan word met die SAW 'n aantal krygsgevangenes en ander persone vermoor het en in die see gegooi het, gedurende die tydperk 1979 tot 1987. NIE by die WVK nie.** Getuienis het aan die lig gekom dat ene Orlando Christina, die Sekretaris –Generaal van Renamo hier digby Pretoria by 'n basis bekend as Vofal gehuisves is deur die SAW en dat hy hier deur ander Renamo lede vermoor is. 'n Ondersoek na sy dood is deur 'n spesiale span gedoen en die skuldiges is gevind en aan Renamo oorhandig. Die oorhandiging was aan 'n krygsraad van Renamo wat deur die SAW vervoer is, saam met die verdagtes, na Angola. Daar is 'n soort van 'n krygsraadverhoor gehou maar algou is die verdagtes deur die lede van die krygsraad geskiet. Die lyke is in 'n SAW vliegtuig gelaai en in die Atlantiese oseaan

gestort.

[12] Dit het verder aan die lig gekom dat ene Theron en 'n dr. Bothma drie mense na Natal geneem het en daar een of ander substans aan hulle gesmeer het terwyl hulle aan bome vasgeketting was met die doel om hulle te vermoor. Die substans het nie die dood veroorsaak nie en die drie mense is toe met narkotiese middels ingespuut op 'n vliegtuig gelaai en in die Indiese oseaan gegooi. Ene Phaal het aangedui dat hy o.a. met die beskuldigde en Theron saamgesweer om 'n onbekende persoon te dood. Floyd het beweer dat hy, die beskuldigde en Gen. Liebenberg saamgesweer het om ene Peter Kalangula in Owamboland te vermoor en Theron en Floyd het verder aangedui dat hulle behulpsaam was om vier onbekende mans op 'n vliegtuig te laai by Lanseria en in die Atlantiese oseaan te gaan gooi. Theron het verder beweer dat hy die beskuldigde behulpsaam was om die lyk van 'n onbekende man in die hoogood by Speskop te verbrand.. Verder het Phaal te kenne gegee dat hy by meerdere geleenthede probeer het om ene Victor de Fonseca met gif te vermoor. Theron het ook aangedui dat gedurende 1986 hy betrokke was by die moord op 'n onbekende persoon naby Barberton. Floyd het verder beweer dat hy as lid van die BSB opdrag gekry het om mnre. Pallo Jordan en Ronnie Kasrils met 'n spesiaal ontwerpte apparaat wat giftige projektele kon uitskiet te vermoor in London en **dat hy probeer het om dit te doen maar onsuksesvol was.** **Mission was aborted** Daar was ook getuienis dat die BSB vir ene Gibson Mondlane gedood het, te Mosambiek. Ene Mack (Fernando) Anderson is gedood en is of lewendig of dood op 'n helikopter gelaai te Phalaborwa. Theron en die loods Potgieter was na bewering betrokke, en het hom in Mosambiek van die helikopter afgelaai.

[13] Eerwaarde Frank Chikane het 'n geweldige moeilike tyd belewe gedurende 1989. Hy is na Suidwes Afrika maar het daar baie siek geword en moes inderhaas teruggebring word na Johannesburg. Nadat hy herstel het is hy na die VSA en het by drie geleenthede daar weer baie siek geword. Uiteindelik is vermoed dat sy klere met 'n dodelike gifstof gesmeer is en dat dit sy toestand veroorsaak het. Daar is toetse gedoen en in monsters is reste van paraoxon gevind. By RNL is eksperimente met Paraoxon gedoen. Dr. Immelman het 'n substans bevattende paraoxon aan drie lede van die veiligheidsmagte oorhandig.

[14] Ene Enoch Dhlamini is verdink van optrede teen die Suid Afrikaanse veiligheidsmagte in Swaziland. Ene van der Westhuizen het spesiale bier ontvang en dit na bewering vir Dhlamini gegee om te drink. Hy het dit gedrink, siek geword en is gehospitaliseer en later oorlede. Verder is 'n bobbejaan fetus in 'n bottel by die huis van Aartsbiskop Desmond Tutu in Kaapstad in die tuin opgehang. Die beskuldigde het dr. Immelman van RNL versoek om 'n bobbejaanfetus aan hom te voorsien. 'n Fetus is voorsien. Dit het verder geblyk dat die BSB 'n projek gehad het om die huidige minister van vervoer, mnr. Omar, om die lewe te bring. Aanvanklik was die plan dat 'n onbewuste lid dit sou doen deur hom met 'n Makarov pistool te skiet. Later is die plan gewysig sodat 'n poeier, digoksien, oor sy kos gestrooi moes word. Aangesien hy reeds 'n hartprobleem gehad het sou dit hom aan hartversaking laat sterf. Dit het ook aan die lig gekom dat die BSB, gedurende 1989, die verkiesing in die destydse Suidwes Afrika wou ontwig deur die drinkwater van 'n groep mense wat in 'n kamp naby Windhoek gebly het met cholera kieme te besmet. **Die inligting was dat flesse met kieme wel geneem is en dat die kieme van RNL afkomstig was, waar dit gekweek is.**

[15] KEEM het voortgegaan met hulle ondersoek. Hulle was op soek na bewysstukke soos bankstate en fakture om die vloei van SAW fondse te kontroleer. In die proses is hulle na verskeie oorseese lande en het hulle wel daarin geslaag om 'n groot aantal bankstate te bekom. Verskeie mense is ook ondervra oor die finansiële sy van Projek Coast o.a. die GG, Generaal Knobel, Webster, Viljoen en Bosch. Met behulp van die Amerikaanse owerhede is Webster by twee geleenthede in Florida ondervra en sy vrou by een geleentheid. Webster het hom namens die beskuldigde beroep op prokureur en klient privilegie maar tog sommige vrae geantwoord. Daar is in die VSA beslis dat hy vrae moes antwoord en dokumente tot die beskikking van die Staat moet stel. Hy het dit gedoen en 'n magdom dokumente is aan die Staat beskikbaar gestel. Baie van daardie dokumente vorm deel van die dokumente waarop Bruwer steun ter ondersteuning van die verskillende aanklagte. Een van die dokumente is 'n onderneming deur Webster om die aandele in WPW Investment Inc. (Kaaïman eilande) te hou namens die beskuldigde of enige persoon wat die beskuldigde skriftelik mag aanwys. 'n Persoon aan wie groot bedrae geld betaal is, ene Roger Buffham, is in Engeland ondervra deur die bemiddeling van die Serious Fraud Office. Die beskuldigde het naamlik aangedui dat Buffham hom behulpzaam was met die ontwyking van sanksies en die verskaffing van inligting en toerusting wat nodig was

vir die ontwikkeling van 'n CBO vermoë. **Die ondervraging van Buffham was duidelik daarop gemik om die beskuldigde se weergawe re weerlê.**

Die Klagstaat

[16] Aanvanklik was daar 64 aanklagte teen die beskuldigde geformuleer. Die eerste 24 aanklagte was almal aanklagte van bedrog. Die eerste 10 aanklagte (met die uitsondering van aanklag 2) het te doene met gelde wat aan Buffham betaal is. Aan die een kant beweer die Staat dat 'n belegging wat via die WPW groep van maatskappye in 'n maatskappy van Buffham, CSD, gemaak is 'n belegging deur die beskuldigde vir sy eie voordeel was, en nie soos hy sê, 'n skynbelegging was nie. Verder beweer die Staat dat gelde wat die beskuldigde beweer aan Buffham oorbetal is vir goedere, dienste en inligting nie daarvoor oorbetal kon gewees het nie omdat die betrokke goedere, dienste en inligting nooit aangevra of verskaf is nie. Die bewering is dat die beskuldigde homself ten koste van die projek verryk het. Daar is verder bewerings dat die beskuldigde valslik voorgegee het dat hy probeer het, by een geleentheid, om 'n peptiedsintetiseerder aan te koop en die fondse daarvoor wanaangewend het. Dit word beweer dat gelde wat hy aangedui het benodig is vir toerusting en inligting vir sy eie voordeel aangewend is om byvoorbeeld vliegtuie en verskeie vaste eiendomme in Engeland, VSA, België en Suid Afrika aan te koop. Dit word beweer dat projekfondse in sy familietrusts vir eie voordeel in betaal is. Die Staat se saak is dat die WPW groep van maatskappye strydig met sy opdrag gestig is en vir eie voordeel. Die Staat beweer dat hy valslik voorgegee het dat hy 'n chemiese substans in Kroasië aangekoop het en na Suid Afrika gebring het wanvoorstellings gemaak het oor die fondse wat daarvoor bestem was. Dit word hom ook ten laste gelê dat hy projekgelde in ongemagtigde rekeninge in betaal het en wanaangewend het. Wat die privatisering van Delta G en RNL aanbetref voer die Staat aan dat die beskuldigde verskeie sakebelange met Mijburgh en Swanepoel in gemeen gehad het en dit wederregtelik verswyg het. Die bewering is dan dat hy die Staat in die proses benadeel het en homself verryk het.

[17] Die Staat het later nog drie klagtes van diefstal en bedrog teen die beskuldigde aanhangig gemaak.

Dit het te doen met 31 342 stelle beskermende klerasie. Dit was items wat deur die SAW aangekoop was en in voorraad gehou is. Dit word beweer dat die beskuldigde die klerasie van die SAW gesteel het en bedrieglik aan van Remoortere voorgegee het dat hy gemagtig was om daarmee te handel en van Remoortere so oorreed het om dit te koop. Dit word dan verder beweer dat hy die SAW bedrieg het deur nie te openbaar dat hy die klerasie aan van Remoortere verkoop nie. Die bewering is voorts dat dat die fondse vir eie gewin aangewend is.

[18] Aanklagte 25 tot 30 het betrekking op dwelms. Dit word beweer dat die beskuldigde 'n hele aantal kapsules Ecstasy verkry, gebruik of besit het, gedurende Januarie 1997. Dit het betrekking op die kapsules wat in Wentzel se voertuig gevind is met die lokval by Magnolia dal en die ander kapsules wat Wentzel beweer die beskuldigde aan hom voorsien het. Verder word dit beweer dat die beskuldigde vanaf einde 1994/begin 1995 in besit was van 38.6gram Ecstasy, 96,9 gram Metakoloon en 14 gram Kokaïen. Dit het betrekking op wat in die houers wat in een van die trommels wat by Bosch gevind is, was. 'n Ander bewering is dat die beskuldigde vanaf 1985 tot 1992 met ongeveer 100 000 Metakoloon pille handel gedryf het. Dit het betrekking op opdragte wat Steven Beukes in 'n laboratorium by Speskop uitgevoer het.

[19] Aanklagte 31 tot 64 is is aanklagte van moord, sameswering tot moord, aanstigting of uitlokking tot moord, regsverydeling, aanranding met die opset om ernstig te beseer, poging tot moord, poging of sameswering tot intimidasie en terughouding van inligting of dokumente strydig met die bepalings van die Wet op die Beveiliging van Inligting. Dit het betrekking op handeling van die beskuldigde self, van Spesiale Magte, van die BSB en diese voorgangers, Barnacle en "die organisasie", en van persone wat verbonde was aan Projek Coast, veral aan RNL.

Die Verloop van die Saak

[20] Die Staat se saak is behartig deur vier advokate. Mnre. Ackermann en Bouwer het die bedrog en diefstal aanklagte behartig en mnr Pretorius en adv. Ramoorthy het die dwelm- en moord en aanverwante

aanklagte gedoen. Die beskuldigde is verteenwoordig deur mnre. Cilliers en van Zyl asook sy prokureur mnr. Malan wat elke dag met sy draagbare rekenaar in die hof gesit het.

[21] Die saak het 'n aanvang geneem op 4 Oktober 1999. Op daardie dag het die verdediging aangedui dat aansoek gedoen gaan word vir die ter sydestelling van sommige van die sameswering klagtes, op die grondslag dat 'n sameswering om 'n misdaad te pleeg slegs 'n misdaad kan daarstel wat hier beregbaar is indien die beoogde misdaad self ook hier beregbaar is. **WHY NO MENTION OF THE NAMIBIAN AMNESTY???** Die beswaar het betrekking gehad op dade wat buite die Republiek gepleeg is of beplan is om gepleeg te word. Die Staat het 'n uitstel benodig om 'n relevante uitspraak getik te kry. Die verdediging het toe geargumenteer dat die notule van die beskuldigde se getuienis tydens 'n borg aansoek nie tydens die verhoor toelaatbaar behoort te wees nie. Die Staat, by monde van mnr. Ackermann het geantwoord op Woensdag 6 Oktober 1999 en ek het uitspraak onbepaald voorbehou.

[22] Op Vrydag 8 Oktober 1999 het die verdediging die besware formeel geargumenteer en die Staat het op Maandag 11 Oktober 1999 geantwoord daarop. Op Dinsdag 12 Oktober 1999 het ek uitspraak gegee en bevind dat aanklagte 31, 46, 54, 55, 58 en 61 nie misdrywe openbaar nie. Ek het die beswaar teen aanklag 45 van die hand gewys. Ek het bevind dat aanklag 59, soos dit toe bewoord was, nie 'n misdaad openbaar nie maar verlot aan die Staat verleen om dit te wysig. Op 25 Oktober 1999 is aanklag 59 gewysig. Die beskuldigde het onskuldig gepleit op al die aanklagte. Hy het nie 'n pleitverduideliking gegee nie maar aangedui dat dit mettertyd gegee sou word. Mnr. Ackermann het 'n openingsbetoog gelewer en daarna het die Staat begin om getuienis te lei.

[23] Die eerste getuienis het betrekking gehad op die dwelmaanklagte en is gelei deur mnr. Pretorius. Die getuienis was dié van oud superintendent Ehlers wat verbonde was aan SANAB en wat getuienis gegee het oor aanklagte 25, 26 en 27, twee polisiebeamptes Lewitt en Wiese, wat by die lokval betrokke was, die lokvink Wentzel en speurinspekteur de Villiers wat ook by die lokval betrokke was. Op 'n stadium is Wentzel se getuienis onderbreek om die getuienis van 'n klankspesialis ene L P C Jansen aan te bied. Hy was

verantwoordelik vir die samestelling van 'n transkripsie van die gesprek tussen die beskuldigde en Wentzel tydens die lokval, wat ingehandig is as 'n bewysstuk. Verder het dr. Koekemoer, 'n wetenskaplike wat aan Delta G betrokke was getuig oor die vervaardiging van Ecstasy by Delta G. Ene Steven Beukes, 'n apteker het getuig oor die tabletering van stowwe gedurende 1985 by Speskop en van die tabletering en enkapsulering van substansie by 'n besigheid wat nou geskakel het met Delta G. Ene Koch het deskundige getuienis oor die klein flessies wat uit die trommels gekom het, gegee. Verdere getuies was die lokvink Scherf wat die lokvink Wentzel in 'n lokval gelei het, Brandt wat grondstowwe aan Delta G verskaf het, prof. Lourens van die Universiteit van Pretoria by wie Wentzel 'n Ecstasy resep wou kry, Chester, Wentzel se Randburgse prokureur, Freeman, 'n verskaffer van kapsule doppies, Van Vuuren, Wentzel se Krugersdorpse prokureur en McGibbon, 'n Amerikaanse chemiese navorser verbonde aan Denver, Colorado se polisie diens. Daarna het mnr. Ackermann die getuienis gelei van die argitek me. Larsen wat betrokke was by Merton huis en die boukontraakteur, Kirstein.

[24] Op Maandag 15 November en net voordat Gen. Knobel geroep is as 'n getuie vir die Staat het ek uitspraak gegee oor die toelaatbaarheid van die beskuldigde se getuienis tydens die borgverrigtinge. Ek het gereël dat die oorkonde van daardie verrigtinge nie toelaatbaar is nie veral omdat die Staat, ten spyte van 'n erkenning dat die Staat 'n *prima facie*-saak het, vir 'n onnodige lang tyd oor die meriete gekruisverhoor het. Die Staat wou ook nie die beskuldigde insae laat hê in dokumente wat hy baie jare vantevore laas gesien het nie en ek was verder van mening dat dit onvanpas was dat die persoon wat die KEEM ondervraging gedoen het ook die aanklaer by die borgaansoek was. Gen. Knobel het getuig tot 24 November 1999, toe sy getuienis onderbreek is, omdat hy elders moes wees.

[25] Op 26 November 1999 het daar 'n getuie van nasionale intelligensie getuig. Daar is gereël, ingevolge artikel 153 van Wet 51 van 1977, dat sy naam nie bekend gemaak word nie. Verder het Ettiene Lambrechts en Leon Maree getuig oor die trommels wat in die saak ter sprake is. Op 29 November 1999 is gen. Knobel se kruisverhoor voortgesit. Sy getuienis is afgesluit op 30 November 1999. Eugene Minnaar het ook oor die trommels, die inhoud en die indeksering daarvan getuig. Kennedy van nasionale intelligensie het getuig oor

kontak met die beskuldigde en die nagaan van die dokumente in die tromele. Daarna het die Desember reses 'n aanvang geneem.

[26] Die forensiese ouditeur Bruwer het op 24 Januarie 2000 begin getuig. Op 4 Februarie terwyl hy nog steeds in hoof getuig het het die staat gevra vir uitstel tot Maandag 7 Februarie. Daar is toe aangedui dat die staat waarskynlik gaan vra dat die hof sigself moet rekuseer. Op 9 Februarie het die staat aangedui dat so 'n aansoek gedoen sal word en dit is geargumenteer op 14 en 15 Februarie 2000. Dit is op 16 Februarie geweier en die redes is in 'n aparte uitspraak vervat. Na hom het P W de Jager oor die Wisdom maatskappye getuig en het Orffer van HSI en 'n SAW ouditeur van geheime projekte Pfeil getuig.

[27] Viljoen wat vir 'n hele aantal jare 'n sleutelrol in die finansiële bedrywighede in van die frontmaatskappye en die Wisdom maatskappye gespeel het oor sodanige bedrywighede getuig. Sy getuienis is opgevolg met dié van Bosch wat ook betrokke was by die administrasie van die Suid Afrikaanse maatskappye. Troskie van die Reserwe Bank het getuig oor die verskuiwing van fondse in en uit die land.

[28] Op 2 Mei 2000 het die staat aansoek gedoen, ingevolge artikel 2 van Wet 75 van 1996, dat David en Jane Webster se getuienis by wyse van kommissie verkry word in die VSA. Die aansoek is teengestaan en ek het later in 'n aparte uitspraak ten gunste van die staat beslis en in die proses myself as 'n mede kommissaris saam met ene Henry van Jacksonville, Florida, VSA benoem.

[29] Gedurende Mei 2000 het mnr. Pretorius getuienis oor aanklagte 31 tot 64 begin lei. 'n Aantal getuies se name is nie geopenbaar ingevolge die bepalings van artikel 153 van die Strafproseswet nie. 'n Hele aantal van die getuies is ook gewaarsku ingevolge artikel 204 van die Strfproseswet om die waarheid te praat ten einde vrywaring teen vervolging van die hof te kry aan die einde van die saak. Van die getuies wat hy geroep het was mnr. K, J J Theron, D J Phaal, T I Floyd, M van der Linde, A (Slang) van Zyl, P J Botes, M M Engelbrecht, J A Nieuwoudt, H van der Westhuizen, dr. J Lourens, mr. Q, D J Booysen, E J Smit, dr. D J Goosen, dr. S Wandrag, dr. M W Odendaal, dr. J H Davies en dr. S J van Rensburg. Op 25 Mei 2000 is die hof

geneem na Speskop vir 'n inspeksie ter plaatse. Daarna het mnr. Pretorius verdere getuienis voorgelê dmv. dr. A Immelman, E I Kenelly, die herroeping van prof. G J Lourens, S A Redelinghuys, mnr. C, en C C (Calla) Botha. Op 1 Junie 2000 het mnr. Ackermann weer toegetree. Dr. L H Steenkamp, J W van Jaarsveld en dr. G M R Gibson het oor peptides en Vigs navorsing getuig.

[30] Dr. J Lourens is teruggeroep vir verdere kruisverhoor en daarna het mnr. Pretorius gen. H A P Potgieter geroep. Mnr F J Laubscher, verbonde aan Swartklip en dr. G J Muller, 'n toksikoloog het daarna getuig. Dr. Steenkamp is teruggeroep vir verdere kruisverhoor en daarna het dr. J S Bothma getuig veral mgt. aanklagte 39-44

[31] Die tweede semester van 2000 is ingelui met die getuienis van die projek ouditeur P Theron. Daarna het oud minister B J du Plessis, J L Botha, wat werksaam was by die Inspekteur Generaal, J E van Heerden van die OG, dr J H Jordaan wat aan Delta G verbonde was, C C Bezuidenhout wat verbonde is aan Fuchs Electronics en kol. CJ Ferreira, 'n plofstof deskundige van Denel getuienis afgelê.

[32] Op 21 Augustus 2000 het Bernard Zimmer vanaf Luxembourg begin getuig oor die WPW maatskappy. Sy getuienis is opgevolg deur die van D J Truter, gen. P M Hanekom en kol. G C Jacobs wat beide verbonde was aan die afdeling van die Inspekteur Generaal. Beide Bruwer en Lambrechts is daarna teruggeroep voordat dr. B J Davey, wat op operationele vlak met CAMs gewerk het en T P G Otter, van Graceby's in Engeland oor CAMs getuig. Gen. D Ferreira en kol. PS Fouche het oor die toerusting op die fronte getuig en A J Boettcher wat saam met dr. J Lourens gewerk het, mnr P Goede en dr. A H Leuschner het oor die tegniese aspekte van CAMs getuig.

[33] Kol. B P Steyn, wat die beskuldigde opgevolg het as projekoffisier, is geroep en sy getuienis is opgevolg deur dié van J E May, wat 'n stoorman by Speskop was, gen. R de Vries wat by operasie Moduler betrokke was, kol. C P M McClachlan wat by operasie Hooper betrokke was, R Fox wat logistieke werk gedoen het by 16 onderhoud eenheid, J P Candy wat by Delta G was en te doene gehad het met deteksie

stelle en dr. P C Coleman, wat aan Delta G verbonde was. Daarna het C B V van Remoortere veral oor Protechnik en Technotek en oor die verkoop van die pakke wat die onderwerp vorm van aanklagte 65, 66 en 67 getuig asook die projek in die algemeen. Kol. E M van der Linde, mnr. D S du Toit en me. L M van Niekerk, het oor die berging en beskikbaarheid van beskermende klerasie getuig asook die administrasie by Tecnotek. Me. H C Grant het oor Partners in Travel getuig.

[34] Op 10 Oktober 2000 het die kommissie in Florida 'n aanvang geneem. Mnr. Henry en ek was die kommissarisse. Die staat is verteenwoordig deur mnr. Ackermann en Bouwer en die advokate vir die verdediging en hulle prokureur was ook daar. Soos blyk uit die redes vir die toestaan van die kommissie kon die beskuldigde nie die verrigtinge bywoon nie. Mnr. Henry het sy posisie verduidelik, die getuie ingesweer en gewaarsku dat hy verplig is om te getuig ingevolge die reg van die VSA en dat die Suid Afrikaanse prosesreg en bewysreg sal geld. Ek het, op versoek van die getuie Webster, gereël dat die verrigtinge *in camera* geskied, met die uitsondering van persone waarteen die getuie nie besware opper nie. Dit het daartoe gelei dat twee verteenwoordigers van die Suid Afrikaanse media toegang tot die verrigtinge gehad het. Hy is in detail gelei oor sy betrokkenheid by die WPW groep. Hy is gekruisverhoor en herverhoor het gevolg. Sy getuienis is onderbreek sodat sy vrou Jane op 'n geleë tyd kon getuig. Sy getuienis het geëindig op Maandag 23 Oktober 2000. Teen 26 Oktober 2000 was die kontingent terug in die land.

[35] Eerwaarde Frank Chikane het op 30 Oktober 2000 getuig oor die ongesteldheid wat hy beleef het, elke keer wanneer hy klere aangetrek het wat uit sy reistas gekom het. Na hom het dr. D Smith van Wisconsin getuig oor eerwaarde Chikane se toestand. Sy getuienis is opgevolg deur dié van 'n FBI agent ene T Lynch. Op 31 Oktober 2000 is 'n verklaring van J F Coetzee en twee verklarings van M G T Swart by ooreenkoms toegelaat ingevolge die bepalinge van die Strafproseswet. Hulle was op 'n stadium verbonde aan die polisie by die internasionale lughawe. CA Zeelie, R A Beyers en P J Burger het getuig oor die hantering van eerwaarde Chikane se tas by die lughawe. 'n Verklaring van ene Pretorius is ook by ooreenkoms oor hierdie aspek toegelaat. Verder is daar ook by ooreenkoms 'n verklaring van van Aartsbiskop Tutu en van minister Omar toegelaat wat handel met aanklagte 59 en 60 en 'n verklaring van 'n veiligheidspolisieman, ene Paul Erasmus wat betrekking het op aanklag 57.

[36] Mnr. T, wat verbonde was aan die BSB, het daarna getuig. Verdere getuies was gen. Verbeeck, kol. Van der Spuy, dr J H J Coetzee, gen. R (Witkop) Badenhorst, G E Cadwell, en L B Pithey. Op 8 November 2000 is daar ook 6 verklarings by ooreenkoms toegelaat wat handel met dromme wat na die verkoop van Delta G daar gevind is en die inhoud daarvan. Dr. Klaus Pzotta het getuig oor die sintese van Paraoxon en ander aspekte en verder is 'n reeks van erkennings deur die verdediging gemaak en ook 'n paar deur die staat. Op 13 November 2000 is verklarings deur ene Danie du Toit en Sarie van Wyk toegelaat, voordat daar 'n aansoek gebring is vir die neem van Buffham se getuienis op kommissie in Engeland. Uitspraak is voorbehou en ene Rein Botha het daarna getuig oor die trommels, die inhoud en indekse daarvan. Later het ek in 'n aparte uitspraak die aansoek om Buffham se getuienis by wyse van kommissie in Engeland te verkry, van die hand gewys.

[37] Vanaf 14 November 2000 het CAJ Botha, J C S Maree, mnr. H, dr. H F Strauss, R M Hunter, C M Lotz, van die Oosrandse Moord en Roof eenheid, kmdt. C J van Niekerk, van DST (Direktoraat Spesiale Take), P J K Viljoen en G R Viljoen beide van die Oosrandse Moord en Roofeenheid, P Heyns, dr. P J Meyer en mnr. S, 'n vlieënier, getuig. 'n Verklaring van ene F W Frayne, 'n vlieënier wat betrokke was by die vervoer van die mense wat Orlando Christina vermoor het na Angola, is by ooreenkoms as getuienis toegelaat. 'n Verklaring van E M Holmes word ook by ooreenkoms as getuienis toegelaat. Dit het ook betrekking op die ondersoek na die moord op Orlando Christina. 'n Beëdigde verklaring wat die beskuldigde afgelê het toe daar 'n polisieondersoek na die vraag of die frontmaatskappye wettiglik met verbode substansie gewerk het of nie word by ooreenkoms ingehandig.

[38] 'n Neef van die beskuldigde, ene Wouter Jacobus Basson, wat 'n lid van die BSB was het op 30 November 2000 getuig oor die bedrywighede van die BSB. Ook Ferdinand (Staal) Burger, M Smuts-Muller en mnr. R het daaroor getuig. Dr. Bester, wat verbonde was aan Spes magte en 7 Medies het daaroor getuig terwyl D.S Venter en C P de Lange ondersoekers van die direktoraat spesiale ondersoeke getuig het oor stappe wat geneem is tydens die ondersoek van die saak. Die notule van die eerste borgverrigtinge is

ingehandig as 'n bewysstuk met die spesifieke voorbehoud dat enige verwysing na KEEM geskrap moet word. Die getuienis vir die jaar 2000 is afgehandel met die afhandeling van Zimmer se kruisverhoor op 13 Desember.

[39] Dr. David Chu van Switserland het oor die WPW bedrywighede in Switserland getuig vanaf 29 Januarie tot 1 Februarie 2001. Daarna het C B Marlow getuig oor BRCI en die Suid Afrikaanse maatskappye tot 6 Februarie 2001. Verdere getuies was Patricia Leeson, wat oor die frontmaatskappye getuig het, André Bouwer, wat 'n soldaat was en net 'n poncho gehad het, T J Mostert wat soortgelyke getuienis as Bouwer gegee het, Antoinette Erasmus (voorheen Lourens), wat oor die fronte, Buffham en Mole getuig het, dr. J P Theron en H Bezuidenhout, wat te doen gehad het met die skuif van die beskermende klerasie, T A Green, 'n vlieënier en J G Engelbrecht van Nasionale Intelligensie. Dr Jan Lourens is vir 'n tweede keer teruggeroep en het oor CAMs getuig. S J Pienaar het oor Mosambiek, Libië, die ANC en Murgham getuig. Mary Rook 'n spesiale agent van die CIA het getuig dat sy 'n blote geleibuis van die Chikane bewysstukke was. Dr. J A v S D'Oliveira het getuig oor die verhouding tussen die Direktoraat Openbare Vervolgings en die Waarheids- en Versoeningskommissie en die opdrag aan die advokate in die saak wat ter selfdertyd ook ondersoekers was. W C J Diedericks het oor mnr. R se identiteit getuig. Gen E H W Nieuwoudt het oor Roland Hunter getuig. Mnr. Z het getuig oor Banacle. Admiraal Murray het oor die oorplasing van fondse in Coast en die besteding van fondse en voorbehoude wat hy gehad het. E M Holmes het getuig as ondersoekbeampte oor die ondersoek van die saak. Karl Koen het getuig oor Protection Management Services, Working Dogs Cc. en sy verbintenis met Buffham en CSD. R Louw het getuig oor die aankoop van beskermende klerasie.

[40] Op 26 Februarie 2001 is dr. P J Meyer, dr G J Muller, dr. J M Koekemoer almal teruggeroep. Hulle het oor 'n paar los aspekte getuig. Op 27 Februarie 2001 is J G Engelbrecht van Nasionale Intelligensie weer geroep om te getuig oor gesprekke en bandopnames daarvan wat die beskuldigde met Nasionale Intelligensie gehad het. M F Kennedy is tergggeroep om ook daaroor te getuig en ook me. D M E du Plooy (vantevore Wilken) en H J Alberts het daaroor getuig. Op 28 Februarie 2001 is gereël dat die transkripsie nie toelaatbaar

is nie aangesien dit nie vasstaan dat dit 'n juiste transkripsie is nie en die oorspronklike bande verlore geraak het. Die redes is vervat in 'n aparte uitspraak.

[41] M Jäckel het getuig oor kontak met die beskuldigde en oor moontlike chemise ondervragings. Kennedy is weer herroep en hy het verder hgetuig oor mededelings wat die beskuldigde aan hom sou gemaak het. Daarna is daar erkennings oor bankrekenings in die buiteland en ander aangeleenthede. Die staat sluit die staatsaak. Dit het die eerste kwartaal van 2001 in beslag geneem.

[42] Tydens die tweede kwartaal van 2001 het die verdediging aansoeke ingevolge artikel 174 van die strafproseswet gebring oor 'n hele aantal aanklagte. Dit is by vier afsonderlike geleenthede geargumenteer. Daar was so 'n aansoek tov. die dwelmaanklagte, aanklagte 23 en 24, die moord – en aanverwante aanklagte en 'n aantal van die ander bedrog aanklagte. Die staat en die verdediging was dit eens dat ek nie redes vir my bevindings behoort te gee nie en ek het aangedui dat in die gevalle waar die aansoeke sou slaag ek die redes in hierdie uitspraak sal gee. Ek beplan om dit te doen nadat ek die getuienis behoorlik opgesom het. Die resultaat was dat ek die beskuldigde gedurende Junie 2001 ontslaan het op die volgende aanklagte: 2,6, 10, 28, 29, 30, 36, 37, 38, 39, 40, 41, 52, 57 en 60.

[43] Toe die beskuldigde begin getuig het, het die staat aansoek gedoen dat die beskuldigde deur twee advokate namens die staat gekruisverhoor word. Die verdediging het die aansoek teengestaan en alhoewel daar nie werklik 'n goeie rede was om aan die staat se versoek te voldoen nie het ek tog geglo dat die saak vinniger gefinaliseer sal kan word as daar wel daaraan voldoen word. Ek was van mening dat die spoedige afhandeling van die saak ook tot die voordeel van die beskuldigde sou strek. Die redes vir my reeling blyk uit 'n afsonderlike uitspraak. Die beskuldigde het begin getuig op 23 Julie 2001 en het 40 dae in die getuiebank deurgebring. Sy getuienis het geëindig op Woensdag 26 September 2001. Daarna het die staat 'n aansoek gebring ingevolge waarvan die hof versoek is om drie getuies te roep naamlik ene Yusuf Murgham, Dieter Dreier en gen Regli. Ek het die aansoek van die hand gewys. Die redes blyk uit 'n afsonderlike uitspraak. Weereens was daar versoeke vir lang uitstelle om argument voor te berei gegrond daarop dat daar 'n

magdom van getuienis is wat behandel en ontleed moet word. Die reeling wat gevolg het, het tot gevolg gehad dat die saak nie voor in 2002 gefinaliseer sou kon word nie selfs as alles volgens plan en sonder haakplekke sou verloop.

Die Getuienis

[44] Aangesien die **getuienis deurmekaar voor die hof geplaas** is en waar daar drie duidelike onderskeibare afdelings van die saak bestaan sal ek poog om die getuienis oor die bedrogaanklagte, die dwelmaanklagte en die moord- en verwante aanklagte bymekaar te groepeer. Ek beplan om te begin met die getuienis oor die bedrogaanklagte omdat dit by verre die grootste gedeelte van die tyd wat aan die saak bestee is in beslag geneem het. By die bedrogaanklagte gaan ek die getuienis en die kruisverhoor van beide gen. Knobel en mnr. Bruwer baie breedvoerig behandel omdat die geskilpunte eintlik tydens daardie getuienis baie duidelik gedefiniëer is.

[45] Generaal Knobel was vanaf Maart 1988 Geneesheer Generaal (G G) en was vanaf 1983 betrokke by die projek. Hy is 'n medikus wat in Skotland gespesialiseer het in anatomie. Geneeskundige Dienste het die vierde been van die SAW geword. Die ander drie bene was uit die aard van die saak die Leër, die Lugmag en die Vloot. Op daardie stadium het die SAW 'n totale aanslag beveg. Hy was adjunkhoof en koördineerder van stafoperasies. Dit het alle staatsdepartemente asook die veiligheidsmagte ingesluit. Daar was 'n gekombineerde intelligensiekomitee (KIK) bestaande uit die SAW, die SAP, Korrektiewe Dienste en Nasionale Intelligensie (NI). Hy het aan die begin van 1983 bewus geword van Projek Coast (Coast). Toe hy Gen. Nieuwoudt in 1988 opgevolg het hy as GG die projekteier geword.

[46] Hy beweer dat in die laat sewentiger jare daar 'n vermoede ontstaan het dat die surrogaat magte in Angola gebruik maak van chemiese en biologiese oorlogvoering (CBO). Dit was 'n bedreiging vir die SAW waarteen daar geen weerstand was nie. Met die medewete en die goedkeuring van die minister van Verdediging is daar besluit dat 'n kundige persoon aangestel moes word om die aangeleentheid te

ondersoek. In 1981 het die minister goedkeuring verleen dat so 'n ondersoek gedoen word. Die beskuldigde is aangestel omdat hy goed gekwalifiseer was. Hy was 'n gekwalifiseerde medikus en spesialis kardioloog en het ook 'n MSc in chemie gehad. Hy het belanggestel in die rigting. Na aanvanklike navorsing deur die beskuldigde het die minister toestemming gegee dat so 'n projek begin word. Dit was gemik op 'n omvattende defensiewe vermoë. Dit sou geskied onder beheer van die GG omdat van frontmaatskappye gebruik gemaak sou moes word en die GG dit moes bestuur en omdat die GG moes toesien dat voldoen word aan internasionale konvensies. Die RSA was lid van die Genevese Konvensie van 1925 en ook van die biologiese wapenkonvensie van 1975.

[47] Die beskuldigde se ondersoek het aangetoon dat die konvensies ontoereikend was en nie tred gehou het met die wetenskaplike ontwikkeling nie. Dit was veral so in die geval van die chemiese konvensie. Daar was drie groepe van middels nl.1.Dodelike middels wat daarop gemik is om die vyand te vergiftig.2.Inkapsiteermiddels wat daarop gemik is om vyandelike troepe tydelik buite aksie te stel sodat die vyandelike mag met konvensionele oorlogvoering oorrompel kan word: en 3 Irriteermiddels soos traangas. Die groot moondhede het weg beweeg van die gebruik van dodelike middels soos mostertgas omdat daar 'n internasionale afkeur was daarteen dat 'n groot aantal mense eenvoudig vegiftig word. Daar is gekonsentreer op inkapasitante wat boonop ook vir skarebeheer gebruik kon word. Dit het egter geblyk dat van die dodelike stowwe op die swartmark verskyn het en aangekoop is deur sommige moondhede. Dit was goed te verwagte dat daardie middels juis in Angola aangewend kon word. Die VSA en Rusland het oor irriteermiddels beskik waarteen daar nie teenmiddels was nie. Die doelwit was om voor te berei vir beskerming teen dodelike middels wat deur die vyand aangewend kon word en om inkapsiteermiddels beskikbaar te hê.

[48] Daar moes van frontmaatskappye gebruik gemaak word. Daar was twee hoofvelde naamlik chemiese en biologiese oorlogvoering. Van die relevante frontmaatskappye was Infladel (Edms.) Bpk., Sefmed Information Systems (Pty) Ltd., Randjiespark Property Holdings (Pty) Ltd., Delta G. Scientific (Pty) Ltd., Roodeplaat Navorsingslaboratoria (Edms) Bpk (RNL).en Roodeplaat Teelondernemings (Edms) Bpk. Die kanalisering van die fondse het weer geskied deur ander frontmaatskappye soos National Consultants

(Pty) Ltd wat beheer is deur D John Truter. Daar was ook ander entiteite soos EGC (Edms) Bpk. En S A Working Dog Distributors CC. Dit het 'n tydjie geneem om die frontmaatskappye te vestig.

[49] Die chemiese navorsing is aanvanklik gedoen by 'n laboratorium van die SAW. Dit is later verskuif na 'n tydelike laboratorium in Val-de-Grace. Vanaf 1985 is alle chemiese navorsing gedoen by Delta G in Midrand. Die hele fabriek is in die negentiger jare oorgeneem deur Sentrachem. Wat die biologiese navorsing aanbetref is daar gekonsentreer op teenmiddels teen biologiese agense waarvan daar in Afrika groot hoeveelhede is. Dit is gedoen by RNL. RNL het later as Delta G begin opereer. Aangesien die Genevese Konvensie verouderd was was daar 'n grys area van middels wat biologies gekweek kon word en chemies aangewend kon word. Chemiese middels wat te Midrand vervaardig is, is te Roodeplaat op proefdiere getoets.

[50] Die rede waarom van fronte gebruik gemaak is was om enige konneksie met die SAW te verbloem. Dit moes lyk soos privaatmaatskappye met direkteure en aandeelhouers. Om die beheer van die SAW te bestendig is aandele aan die bestuur uitgereik maar was hulle verplig om blanko oordragvorme te voltooi, wat alleen met goedkeuring van die minister ingevul kon word. Daar moes jaarliks verslag gedoen word. Daar moes ook 'n jaarlikse begroting voorberei word. Daar was 'n aantal afsonderlike projekte. Die beskuldigde, wat die projekoffisier van Coast was, moes in samewerking met die direksies van die verskillende maatskappye behoeftebepalings van fondse maak en dit aan die Koördinerende Bestuurskomitee (KBK) voorlê en aanbevelings maak. Daarna is daar 'n gekombineerde begroting deur die beskuldigde opgestel en voorgelê aan die KBK. Dit is dan uiteindelik as deel van 'n globale begrotingsvoorlegging aan die minister voorgelê.¹

¹ Bewysstuk G is so 'n dokument.

[51] Sedert 1992 het die Kantoor vir Ernstige Ekonomiese Misdrywe (KEEM) ondersoek ingestel na die omstandighede van Coast. Daar is vrae aan die getuie gestel ivm. beleggings in Switserland en Luxembourg. Daar was verskillende uitgawes: Daar was navorsing op defensiewe materiaal by Protechnik Laboratorium, Fisiologiese navorsing by Lifestyle Management, bedryfstegniese stelsels, die inwin van wetenskaplike publikasies en ordening daarvan in 'n databasis, die verkryging van defensiewe uitrusting wat bestaan het uit klerasie, maskers, skoene en sportskoene, wat alles teen penetrasie weerstand kon bied. Sodanige artikels is aanvanklik ingevoer maar is later onder lisensie van Huber en Söhner, 'n Switserse maatskappy, plaaslik vervaardig. Baie van hierdie goedere moes klandestien verkry word. Die beskuldigde moes die verskaffers identifiseer en pryse reël, asook die wyse van betaling. Daar is jaarliks voorleggings oor behoeftes aan die minister gemaak. Dit is gedoen deur die hoof van staffinansies (HSF)²

² Bewysstuk H is die voorlegging wat 'n jaar later gemaak is.

[52] Dit was 'n geheime projek. Die lede van die KBK was aanvanklik HSAW, GG, HSF, HSI (hoof van stafinligting) en die beskuldigde. Wanneer 'n lid nie 'n vergadering kon bywoon nie is daar nie *secundi* lede toegelaat nie. Aanvanklik was net die veiligheidsmagte by die KBK betrokke maar soos wat daar 'n behoefte aan uitrusting en fasiliteite in ander afdelings van die SAW ontstaan het is hulle van tyd tot tyd betrek by die KBK. Die beskuldigde, as projekoffisier, het direkte skakeling met die verskillende frontorganisasies gehad. Sy pligte was baie wyd.³ Hy moes behoeftes bepaal, verskaffers identifiseer, met verskaffers onderhandel en die wetenskaplikes koördineer. Hy moes op die swartmark onderhandel, indien kommoditeite nie gereedelik beskikbaar was nie. Die pryse wat hy voorgestel het is aanvaar. Hy moes die vervoer van goedere wat oorsee aangekoop is na die RSA reël en daarvoor betaal. Indien goedere binnelands aangekoop is moes die ontvangs deur logistiek bevestig word. Indien dit van buite die SAW gekom het moes die projekoffisier se woord aanvaar word. Daar was 'n interne en 'n eksterne ouditeur. Die eksterne ouditeur was mnr. Theron van Theron van der Poel. Gewoonlik het hy en die beskuldigde na die GG gegaan en hom tevrede gestel oor die reëlmatigheid van die spandering van fondse. Die oudit moes bevredigend afgehandel word. Die interne ouditeur was D John Truter in samewerking met HSI. Daar was later 'n man met die naam van André Bezuidenhout. Truter was die besturende direkteur van D John Truter Finansiële Dienste. Die inligtingsdiens wou 'n kontrole ondersoek daarstel maar die beskuldigde het aanbeveel dat dit ingewikkeld is en 'n veiligheidsrisiko sou veroorsaak. Na 'n bespreking in die KBK is besluit dat Theron die oudit moes doen. Dit is nie die geval dat die beskuldigde die KBK oorreed het om so 'n prosedure te volg nie. Hy het 'n voorstel, wat vir die KBK aanvaarbaar was, gemaak. Theron was betrokke by 'n hele aantal geheime projekte.

[53] Met betrekking tot aanklagte 23 en 24 (die privatisering van Delta G en RNL) getuig hy dat toe die doelwitte bereik is daar besluit is om met die privatisering voort te gaan. Dit het in omtrent 1988 in die KBK begin. Die beskuldigde is aangesê om te dink aan 'n proses. Dr. Mijburgh is aan hom bekend en is 'n susterskind van die destydse minister gen. Malan. Die beskuldigde het bewysstukke 23 A en 23 B aan die KBK voorgelê, laasgenoemde op 28 November 1988. Die mediese steun waarna in paragraaf 4 van 23 B gemeld word is 'n verwysing na traangasse. Die twee instansies is aangemoedig om privaat werk te doen ten

³ **Bewysstuk I is 'n uiteensetting daar van.**

einde die privatisering te vergemaklik want as die werknemers die maatskappy kon oorneem sou dit beter wees as om aan 'n privaatmaatskappy soos Sentrachem te verkoop. Daar is 'n soort van 'n waardasie gemaak deur ene van der Walt van Sentrachem, wat 'n persoonlike kennis van die minister was. Die verwysing in die dokumente na samewerking met die Belge en Duitsers het betrekking op van Remoortere en Zimmer. Die bemarkingspoging in die buiteland moet 'n verwysing na Dr. Chu wees. Bewysstuk 23 C is 'n voorlegging aan die Ouditeur Generaal (OG). Die hoof staffinansies het voorgestel dat uitklaring by die OG moet geskied terwyl die beskuldigde aanbeveel het dat dit by die ouditeur mnr. Theron moet geskied.

[54] Met betrekking tot F23.1 (waarin die oorname van Delta G verduidelik word) bevestig hy dat die idee was dat die besigheid verkoop word maar dat die vaste eiendom die eiendom van die Staat bly. Die aandeelhouders betaal nie vir die aandele nie maar wanneer hulle wil verkoop of te sterwe kom moet die aandele terug verkoop word aan die projek. Verder moet hulle 'n handelsbeperkingsooreenkoms aangaan om vir drie jaar vir die besigheid te werk. MCI kry 'n 75% belang en die werknemers aanvanklik bloot 'n 25% belang. MCI moet egter die skuld van R12miljoen oorneem en verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Die werknemers se belang kan vergroot tot 49%.

[55] Bewysstuk F23.2 het betrekking op 'n vergadering wat in Kaapstad gehou is. Dit het betrekking op die kommersialisering van Delta G. Die oorname van die aandele word daarin voorgestel. Dit word voorgestel dat die besigheid die vaste eiendom huur vanaf 'n maatskappy wat aan die Staat behoort, Randjiespark Property Holdings (Edms.) Bpk. en dat 'n opsie aan die besigheid verleen word om die vaste eiendom aan te koop. Verder moet die Staat 'n Navorsingsooreenkoms met die besigheid aangaan vir drie jaar teen R12 miljoen per jaar waarvan 30% vooruit betaalbaar sou wees en die balans in maandelikse paaieimente.⁴ Dit maak voorsiening vir 'n boeteklousule in geval van kontrakbreuk deur die Staat. Die ooreenkoms is gesluit tussen MCI en DJ Truter Finacial Consultants. Alhoewel beide die OG en die Staatsprokureur skepties was oor die transaksie het hulle tog aanvaar dat die bedrae redelik was vanweë die eiesoortigheid van die situasie. Dit is in Kaapstad bespreek met minister Malan en die minister van Finansies, Du Plessis. Die

⁴ **Bewysstuk F23.4.**

Navorsingsooreenkoms is geïmplimenteer.

[56] Bew F23.6 is 'n voorlegging deur die beskuldigde aan die minister wat daarop ingestel is om die kontraktuele verbintenis tussen die Staat en die Medchem groep geheel en al te verbreek. Die geskiedenis van die projek word uiteengesit. Dit word uitgewys dat daar 'n veranderde politieke klimaat bestaan en dat alle bande tussen die SAW en Delta

G verbreek moet word. Die minister word gevra om die volgende goedkeurings te gee:

1. Dat die chemiese navorsingsprojek wat deel was van Coast gestaak word.
2. Dat 'n kansellasiebedrag van R37 miljoen weens die eensydige kansellasie van die ooreenkoms aan die Medchem groep betaal word.
3. Dat 'n diskonto van 33% op die lening van R12 miljoen, wat nog deur die Medchem groep aan DJ Truter Financial Consultants verskuldig was, verleen word sodat slegs R8 miljoen terug betaal moet word.
4. Dat 'n diskonto van 30% verleen word ten opsigte van die boekwaarde van die grond en die geboue in Midrand sodat in plaas van R20 miljoen slegs R14 miljoen vir die oorname daarvan betaalbaar sou wees.
5. Dat MCI toegelaat word om die uitstaande lening te verreken teen die kansellasiebedrag.
6. Dat Delta G toegelaat word om die eiendom aan te koop met die kansellasie bedrag.
7. Dat die huurooreenkoms tussen Delta G en Randjiespark Property Holdings gekanselleer word; en

8. Dat die beheer wat die SAW oor die Phillip Mijburgh Familietrust (wat die eienaar was van aandele in MCI welke maatskappy die 75% van die aandele in Delta G bekom het) uitgeoefen het, opgehef word.

[57] Die reëling sou tot gevolg hê dat die beheer wat die SAW oor Delta G gehad het, sou verval maar dat daar tog nog navorsing ivm. skarebeheer, inkapasiteermiddels en Vigs gedoen sou word. Hy bevestig dat die politieke klimaat inderdaad verander het en dat die SAW aanvaar het dat daar 'n politieke eerder as 'n militêre oplossing sou wees. Hy is van mening dat die afkoopbedrag billik was in die omstandighede wat geheers het. Hy wys verder daarop dat daar nog navorsing gedoen sou word en dat daar haas verbonde was aan die privatisering omdat die minister van verdediging teen die einde van Augustus 1991, sou aftree. Om gestalte te gee aan die goedkeuring is daar formele ooreenkomste aangegaan tussen DJ Truter Financial Consultants en die betrokke maatskappye.⁵

[58] Bewysstukke F23.8 en F23.9 is soortgelyke dokumente wat betrekking het op die kommersialisering en privatisering van RNL. Waar die kommersialisering van Delta G geskied het gedurende Maart 1990 en die privatisering gedurende Augustus 1991, het beide die kommersialisering en die privatisering van RNL geskied gedurende Augustus 1991. 'n Maatskappy, Van Zyl and Partners (Edms.) Bpk. het 75% van die aandele gekry en 'n werknemerstrust het 25% daarvan gekry. Teoreties kon die 25% vergroot tot 50% minus een aandeel. Die ooreenkomste was tussen Infladel en Van Zyl and Partners.

[59] Dr. Goosen was aanvanklik die besturende direkteur van RNL maar hy is deur dr. Swanepoel vervang, gedurende 1986, nadat daar klagtes was oor sy bestuursvaardighede, sy veroorsaking van sekerheidsbreuke en moontlike wanaanwending van projekfondse. Dr. Willie Basson was die besturende direkteur van Delta G tot in 1986 maar omdat daar ook probleme was met sy bestuursvaardighede is hy toe vervang met dr. Mijburgh.

⁵ **Bewysstuk F23.5.**

[60] Hy kan nie sê of mnr. Theron, die projekouditeur, gevra is om 'n mening uit te spreek oor die redelikheid en billikheid van die bedrae nie. Hulle het dit wel bespreek en was dit eens dat in die besondere omstandighede van die geval dit aanvaarbaar was. Toe daar navraag gedoen is deur HSAW by mnr. Theron oor die redelikheid van die bedrae was sy reaksie dat hy nie opgedra was om so 'n ondersoek te doen nie, maar dat as daar feite tot sy kennis gekom het dat dit ooglopend tot die nadeel van die staat sou wees dit onder die aandag van die staat gebring sou gewees het.⁶

[61] Hy was nie bewus daarvan dat die beskuldigde 'n belang in Delta G gehad het nie of probeer verkry het nie. Niemand in weermagverband behoort so 'n belang te gehad het. Hy het nie geweet van die bestaan van die WPW groep van maatskappye of die Wisdom groep of PCM Cayman nie. Hy het nie geweet dat die beskuldigde 'n belang gehad het in MCI en dat die beskuldigde en Mijburgh gemeenskaplike kommersiële belange gehad het nie. Hy het nie geweet dat hy 'n 100% aandeel in PCM gehad het deur David Webster nie en dat hy sy aandele in Delta G wou verkoop aan PCM nie. Hy bevestig dat bewysstuk F23.43 in die beskuldigde se handskrif is en dat dit handel met "Medchem Consolidated Investments (Pty.) Ltd.". Daarvolgens skryf die beskuldigde dat die aandeelhouding 50% Phillip Mijburgh sal wees en 50% WPW Investments Incorporated en dat die WPW aandele deur 'n genomineerde gehou word, 'n belastingregkenner van Stellenbosch, ene Marlow om die skyn te skep dat die Rembrandt groep betrokke is. Hy skryf dat daar dokumentêre bewys geskep moet word dat WPW 50% van die aandele hou en dat hy dit met Mijburgh sal uitklaar. Verder word die volgende verwikkelinge in die vooruitsig gestel: Die maatskappy (MCI) gaan die 24% belang van WPW in Lifestyle Management oorneem en dat die maatskappy 'n 75% belang in Delta G het maar dat dit kan verminder na 60% en nog R15 miljoen aan die vorige eienaars skuld en 'n moratorium benodig. Hy sê dat al hierdie aspekte geopenbaar moes gewees het.

[62] Hy sê dat die nie proliferasie van chemiese middels baie belangrik was. Hy en die beskuldigde is vanaf 1989 saam met die Departement Buitelandse Sake na buitelandse konvensies. Marlow moes aangestel word om regsaaangeleenthede in verband daarmee te ondersoek. Hy het met die KEEM ondersoek uitgevind

⁶ **Bewysstukke F23.39 en F23.40.**

dat die beskuldigde en Swanepoel betrokke was by Wag-'n- Bietjie. RNL was 'n front tot 31 Augustus 1991. Die besturende direkteur was ten volle besoldig. Hy weet nie of dit inbreuk op sy pligte as bestuurder sou gemaak het indien hy ook ander projekte hanteer het nie. Hy weet nie daarvan dat Swanepoel voorgegee het om 'n direkteur van WPW te wees nie, 'n ooreenkoms namens WPW onderteken het nie en dat hy voorgegee het om die hoof uitvoerende beampte van die Wisdom groep te wees nie. Hy was wel bewus daarvan dat hy die verbreking van die verbintenis ooreenkoms geteken het.

[63] Hy moes vanaf Julie 1992 tot 1997 antwoorde verskaf aan KEEM. Hy moes ook antwoorde gee aan HSI, die OG en aan die Gesamentlike Spesiale Komitee van Openbare Rekeninge (GSKOR). Alle staatsdepartemente met geheime fondse moes 'n uiteensetting van bedrywighede aan GSKOR gee. Die WVK het ook vrae gevra. Daar was gedurende Julie 1992 ook 'n interne ondersoek. Daar is toe besluit dat spesiale rekenings voortaan anders hanteer sou word. Daar was 'n navraag deur HSAW oor die uitstaande aanskaffingskontrakte, die duur en datum van lewering daarvan, kontantvloei projeksies, kontant behoeftes en die finansiële state daarvan.⁷ In bewysstuk K2 wys die beskuldigde uit dat die finansiering tot op daardie stadium deur D John Truter Finansiële Konsultante gedoen is, dat daar allerlei **ondersoeke is soos bv. die Goldstone kommissie** en dat daar 'n groot moontlikheid is dat die kennis van die wapentuig wat beskikbaar is vir die SAW mag uitlek. Om veiligheidsredes tree Truter op as agent vir buitelandse maatskappye en plaas namens hulle bestellings vir bepaalde navorsing, ontwikkeling en produksie. Truter beheer die proses in die RSA, neem ontvangs van gelewerde produkte en sorg vir die uitvoer daarvan, deur die SAW. Ter uitvoering van die plan word projekfondse verskuif na 'n rekening in die buiteland met die goedkeuring en onder die toesig van die S A Reserwe Bank en deur die bemiddelling van Nedbank. Daar word nie RSA frontmaatskappye vir hierdie doel gebruik nie. Die fondse word in die buiteland deur 'n aantal rekenings geskuif om die "herkoms" te verdoesel en dan na 'n bepaalde projekrekening wat vir die doel geskep is oorgedra. Die rekening het al vir 'n aantal jare bestaan. Bestellings word dan deur die "agent" van die oorseese maatskappy, D J Truter geplaas en 'n bank in Zurich reik dan waarborge en kredietbriewe uit in

⁷ **Bewysstuk K1**

ooreenstemming met die ooreenkomste wat gesluit word. Hy weet nie presies waarvan die ouditeur, Theron, alles bewus was nie. Hy is nie onnodig bekommer daaroor dat daar 'n bedrag van R250 000 aan Marlow betaal is nie. Aanhangsel B tot K2 toon aan dat filters, klere en maskers gekoop is. Daar is in die begroting voorsiening gemaak vir frontaktiwiteite in die VSA en Europa. Hy weet nie presies wat dit behels het nie. Defensiewe chemiese navorsing het te doene met die beveiliging van eie troepe teen dodelike wapens van die vyand. Die nuwe generasie traanrook is bekend as CR. Dit is streng geheim gehou omdat slegs die groot moondhede dit gehad het en die SAW nie wou hê dat dit bekend moes word dat die SAW oor die vermoë beskik nie.

[64] Dit het gebeur dat hy na die Sterrewag uitgeroep is as lid van die KBK. By sy aankoms het hy hom aan die anderkant van die tafel bevind. Hy is gevra om te antwoord oor Aeromed en Merton huis. Die vergadering het afgesluit op die basis dat formele vrae aan hom gestuur sou word wat beantwoord moes word. Bewysstuk L1 was die vrae. Hy het die beskuldigde ingeroep om dit te beantwoord. Bewysstuk L2 is die antwoord. Daarvolgens was daar drie soorte van vlugte: **Daar was moniteringsvlugte om wolkbewegings te bepaal en kontaminasieproewe te doen. WAAR IS HIERDIE PROEWE UITGEVOER??**

Sulke vlugte was noodsaaklik. Daar was ook klandestine vervoer, wat ook vir die getuie aanvaarbaar was en dan was daar ook 'n derde tipe van vervoer van personeel op roetes en onder omstandighede waar daar nie van ander vervoer gebruik gemaak kon word nie. Op een noodvlug moes 'n siek projekbeampte, Bosch, vervoer word. Daar is beweer dat hy vergiftigde sjokolade in 'n hotel in Europa geëet het, toe hy in die kamer geslaap het wat vir die beskuldigde bestem was. Hy weet nie of Bosch toe al voltyds by die SAW ingeskakel het nie. Daar is aan die begin van elke jaar beramings van verwagte vlugte gemaak. Die missies moes goedgekeur word, beide binne die RSA en in die buiteland. Dit moes deur die hoofdirekteur teeninligting goedgekeur word. Van die missies is in samewerking met privaatorganisasies gemaak en die kostes is verdeel. Alle operasionele buitelandse missies moes deur die hoof van weermagstaf uitgeklaar word. Hy is tevrede dat die aangeleenthede so vertroulik was dat daar nie van openbare vervoer gebruik gemaak kon word nie. Die begroting is jaarliks goedgekeur. Die beskuldigde het die vlugte uiteengesit en goedgekeur. Daar is klandestine stowwe vervoer. Hy word verwys na bewysstuk L3 en bevestig dat Coast ten doel gehad

het om produkte te lewer aan gebruikers binne die SAW. Daar was verbruikbare produkte wat tydens opleiding gebruik is. Daar was konvensionele produkte wat tydens die Angola oorlog gebruik is en dan was daar defensiewe uitrusting wat ingevolge kontrakte met Tegnotek gelewer moes word. Die S A Geneeskundige Dienste het opgetree as die kommoditeitsbestuurder van die SAW ten opsigte van chemiese en biologiese oorlogvoering uitrusting. Volgens hom was daar 1000 kilogram van produk B. Dit is die substans BZ. Daar was 500 kilogram van produk M. Daar was later nog 'n verder 500 kilogram daarvan. Dit was metakolon. Daar was ook 30 kg. van produk C. Dit is kokaïen. Daar was ook 'n produk BX (Ecstasy) wat nog nie op daardie betrokke stadium gelewer was nie.

[65] Met betrekking tot bewysstuk L4 verduidelik die getuie dat die beheerkomitee van die projek twee tot drie maal per jaar vergader het om breë strategieë te bespreek. Daar is dan 'n begroting opgestel wat deur die GG, die hoof van weermagstaf en HSF goedgekeur is. Die doelstellings van die projek is goedgekeur. Dit is aan die projek-ouditeur beskikbaar gestel om doelstellings teen uitgawes te meet. Buitelandse en spesiale transaksies is deur die GG deur spesiale magtigings gemagtig. Dit is aan die projek-ouditeur voorgelê. Op bedryfsvlak deur die beskuldigde gemagtig. Die beheerkomitee notules het nie sigwaarde nie.

[66] Hy word verwys na L5 en sê dat daar wel R60 000 aan dr. Lourens geleen is. Dit was voor sy tyd maar hy het daarvan uitgevind. Dit het gebeur toe Lourens betrokke geraak het by Tegnotek en Protegniek. VNOR is die Verdediging Navorsings-ontwikkelingsraad wat wel 'n steunprogram gehad het. **Die Belge en Switsers waarna verwys word is van Remoortere en Zimmer.** Prokureur Eittel Kruger het aandag gevestig op Merton huis. Bewysstuk L6 is 'n beëdigde verklaring deur die beskuldigde aangaande Merton huis. Hy glo nie dat hyself dit ter insae gehad het nie maar die beskuldigde het die situasie met hom bespreek en hom gevra om die verduideliking by wyse van beëdigde verklaring voor die komitee te laat kom. Volgens hom het die beskuldigde met 'n M voertuig naby die huis gestop. Dit het gelei tot die navraag. Hy getuig "Ons het aangedring dat hy minder opsigtelik moet optree." Dit was noodsaaklik om aan die mense wat navraag gedoen het die versekering te gee dat die SAW geen fondse in die bouprojek gehad het nie. Hy was bewus van Waterson Properties. Hy weet nie of Bosch betrokke was by die projek nie. Wat die KEEM ondervraging

aanbetref was sy aanvanklike verhouding met hulle goed. Dit het egter later suur geword. Hy het by die SAW uitgevind of hy wel kon saamwerk. Die ministers het vinnig verander. Weens die voorlegging van Gen. Steyn aan President De Klerk is daar 'n aantal mense afgedank. Nasionale Intelligensie het geïnteresseerd geraak. Hy wou alle inligting aan hulle gee. KEEM wou egter nie hê dat hy met die beskuldigde moes praat nie. Daar was onmin tussen hom en KEEM. Op die ou end het hy tog maar die vrae met die beskuldigde bespreek en so het bewysstuk M2 tot stand gekom. Volgens hom is die beskuldigde soos 'n kind in sy huis aangesien hy eers sy student was en omdat hy betrokke was by sy persoonlike lewe, beide sy huwelike en sy kinders.

[67] Bewysstuk M2 is deur die beskuldigde voorberei. Sy loopbaan in die SAW word uiteengesit. Dit word verduidelik dat hy by sensitiewe projekte soos Coast betrokke was. Hy was betrokke by die frontmaatskappye om kritiek teen die SAW en Krygkor uit te skakel. Hy was die beheer offisier van Coast. Wat die frontmaatskappye aanbetref was die personeel nie altyd bewus van die volle impak van waarmee die maatskappy besig was nie. Gedurende die eerste fase van die projek het die beskuldigde die behoefte en doelstellings van elke front bepaal. Hy het bepaal hoe die front gestig en bedryf moes word en welke sekerheidsdekking daaraan verleen moes word. Hy was betrokke by die fisiese vestiging van die fronte en die aanstelling van die personeel. Hy het bestuursverantwoordelikheid ten opsigte van die fronte gehad deur gereelde vergaderings met die bestuurslede. Hy was die skakeling tussen die KBK en die frontmaatskappye. Hy het gebruik gemaak van die fasiliteite en die fronte om vir homself na buite 'n nie-militêre beeld te skep. Hy het nie enige vergoeding of salaris ontvang van die frontmaatskappye nie. Daar is wel van die frontmaatskappye gebruik gemaak om sy reisreëlins te tref. Daar is begroot vir die bedrae vanuit die sentrale projekfonds. Hy het soms in nood-omstandighede van motors gebruik gemaak. Sy salaris is in 'n frontbankrekening in Volkskas Bank inbetaal. Vandaar is dit oorgeplaas na een van die fronte wat dit in die beskuldigde se persoonlike rekening in Nedbank inbetaal het. Hy was nie geregistreer as 'n voltydse werknemer van die staat of die SAW nie en het nie tekenmagte gehad op rekening van die SAW, die SAGD of van die fronte nie.

[68] Volgens M2 was die beskuldigde vir etlike maande aangestel as 'n direkteur van Wisdom Erf 82 (Edms.) Bpk. Dit word verduidelik dat 'n werknemer van die projek Patricia Leeson gearresteer is in die Verenigde Koninkryk en gedeporteer is na Suid Afrika en dat sy 'n sielkundige probleem ontwikkel het. Daar is besluit om haar eiendom wat sy gehad het te koop om haar te help om van haar skulde wat sy weens haar toestand gemaak het betaal te kry.

[69] Volgens M2 het die SAW geen belang by Pretokon (Edms.) Bpk. gehad nie. Intramex (Edms.) Bpk. was 'n frontmaatskappy wat die CR aangekoop het omdat Krygkor nie daarvan moes weet nie. Die CR is deur Delta G. verskaf. Wag 'n Bietjie Boerdery was 'n plaas in Ermelo distrik wat in privaathoedanigheid deur die beskuldigde, dr. Swanepoel en mnre. Viljoen en de Jager bedryf is. Dit het nie sake met die staat gedoen nie. Sefmed en Infladel was frontmaatskappye. Medchem Consolidated Investments was Mijburgh se maatskappy. Organochem was die getuie Brandt se maatskappy. Technotek is deur 'n buitelandse groep, waarin van Remoortere 'n belang gehad het, beheer.

[70] Steeds na aanleiding van bewysstuk M2 is die getuie gevra of die beskuldigde die bevoegdheid gehad het om frontmaatskappye te stig. Sy antwoord was dat hy in die wetenskaplike sy van die projek belanggestel het en dat die finansiële sy deur HSI beheer is. Hy sê dat Mijburgh en Swanepoel se aanstellings buitengewone aanstellings was. Daar was 'n militêre agtergrond waarby siviele persone nie goed ingeskakel het nie en daar is gevolglik besluit om die twee here aan te stel. **Die staat wou graag hê dat hy moes sê dat dit die beskuldigde is wat hulle voorgestel het maar hy het nie verder gegaan as om te sê dat die beskuldigde hulle dalk kon voorgestel het nie, maar dat daar 'n bespreking was oor die aanstelling.** Hy sê dat die antwoorde oor Wisdom Erf 82 en Intramex deur die beskuldigde aan hom verduidelik is. Hy sou verwag het dat Theron die ouditeur daarvan moes gewees het. Dit was vir hom 'n verleentheid om te hoor dat Theron eers in 1994 bewus geword het van Intramex. Hy weet nie dat die losie by Loftus Versfeld en Merton huis deur Intramex aangekoop is nie. Die beskuldigde is toegelaat om tot 'n beperkte mate 'n privaatspraktijk te bedryf. Hy weet nie of hy van die vergunning gebruik gemaak het nie. Daar was so 'n reëling in die SAW ten

op sigte van professionele lui. Die beskuldigde het wel hoë amptenare in die staatsdiens medies bygestaan. Hy het geen kennis gehad van die beskuldigde se privaat finansies nie.

[71] Bewysstuk N1 is 'n brief van die OG, mnr Cluver, met aanhangsels daartoe. Die getuie bevestig dat die verwantskap tussen gen. Malan en dr. Mijburgh bekend was en herhaaldelik geopper is. Alhoewel die beskuldigde gedurende 1993 op pensioen geplaas is het hy goedkeuring van HSAW gekry om hom te gebruik om fondse in Europa te herwin en is hy vir daardie doel in 'n burgermaghoedanigheid gebruik en na Europa gestuur. Hy kan nie lig werp op 'n navraag oor 'n beweerde ongelukkigheid oor die verdeling van die aandele by die privatisering van die frontmaatskappye nie.

[72] Wat bewysstuk F1.68 aanbetref sê hy dat toe hy die navrae moes beantwoord van die ouer persone wat by die KBK betrokke was deur hom genader is vir inligting maar dat hulle hom nie behulpsaam was nie omdat hulle "swak geheues" het. Hy het die vrae in detail met die beskuldigde behandel en hom gevra om die vrae puntsgewys te beantwoord. Punte XXII en XXIV (die oorpasing van fondse na die buiteland met die kommersialisering van Delta G) was nie 'n Coast projek nie maar 'n projek van militêre inligting. Daar was magtiging aan Bosch om fondse oorsee te plaas. Hy dink hy was verbonde aan Nedbank. Hy weet nie of hy 'n lid van die projek was nie. Hy was nie verbonde aan die SAW nie. Dit klink teenstrydig met paragraaf C wat aandui dat geen persone van finansiële instellings geregtig was om fondse na die buiteland oor te plaas nie. Hy weet nie hoe Bosch se kommissie van R52 000 bereken is nie. Hy bevestig dat die Staatsprokureur ongelukkig was maar dat in die omstandighede van die geval hy tevrede was met wat gedoen is. Hy kan nie ontken dat Bosch die persoon is wat met die huurvlug gehaal is nie en dat hy daar beskryf is as 'n "projekbeampste" nie. Hy kan nie sê wie die derde party is wat 'n voorlegging aan die Staatsprokureur gemaak het nie. Hy sou reken dat dit HSI of W van Heerden moes gewees het. Hy gee toe dat daar besluit is om Intramex oor te dra aan Viljoen. Hy moes op pensioen gaan maar kon nie pensioen kry nie en het harde werk vir die projek gelewer. Dit is so dat die maatskappy krediteure van R500 000 gehad het. Hy verstaan nie die finansiële logika daarvan om so 'n maatskappy oor te neem nie. Daar het glo iemand met die krediteure onderhandel.

[73] Van die stowwe wat ingevoer moes word was metakoloon. Tekengemagtigdes op buitelandse rekenings het opdragte van die beskuldigde uitgevoer. 'n Groot hoeveelheid van die stowwe wat ingevoer is is vernietig. **Volgens hom was Blucher 'n skakelpersoon wat kanale geopen het. Webster was 'n Amerikaanse sakeman. Hy het kontak met Blucher bewerkstellig.** NIE VOLGENS WB NIE!! Die beskuldigde het Webster met hom bespreek. Hy sien dit sê dat geen projekfondse aan Webster betaal is nie. Hy het later agtergekom dat die beskuldigde en Webster persoonlik bevriend is. Indien projekfondse aan Webster oorgedra is moes die beskuldigde hom daarvan in kennis gestel het. Daar is 'n bankrekening van Zimmer in Luxembourg gebruik vir die oorplasing van fondse. Binnelandse fondse is bestuur deur Truter. Die persone by HSF wat met die fondse gehandel het was die personeel daar en die persoon wat die langste daarmee gemoeid was was brigadier Coertzen. Ene Andre Bezuidenhout is aangestel om 'n audit uit te voer. Daar was magtiging om geld uit die land uit te neem en dit is goedgekeur deur die KBK. **Volgens hom is CB van Remoortere nie die van Remoortere wat 'n belang gehad het in Protegniek en Tegnotek nie maar of sy vader of oom. (Dit was die persoon in wie se naam die rekening in Luxembourg was). Die beskuldigde het opdragte aan Zimmer gegee. WEER EENS, NIE VOLGENS WB NIE – OOK NIE VAN R SELF NIE!!**

[74] Die beskuldigde het aan die einde van 1992 gesê dat hy 'n produk in Kroasië kon kry. Hy het verlof gevra om 'n skema in werking te stel. Daar moes 'n waarborgrekening geskep word wat in vier verdeel moes word en dan moes daar 'n tweede rekening vir dieselfde bedrag geopen word. Die verskaffers was bang dat hulle nie betaal sou word nie en wou hê dat 'n waarborg aan hulle uitgereik word. Daarna sou hulle die substans beskikbaar stel. Nadat die stof beskikbaar gestel is en aanvaar is sou hulle betaal word en sou die waarborg gekanselleer word. Die grondstof het beskikbaar geword en die prys is betaal. Die helfte van die waarborgrekening is deur twee van die vier verskaffers gekanselleer en gerepatriëer na die RSA. Die ander twee verskaffers en die middelman, ene Jacomet, is gearresteer en die fondse kon nie gerepatriëer word nie. Die beskuldigde is toe na Kroasië waar hy gearresteer is. Hy het in besit gekom van Vatikaan toonderaandele. Hy wou dit gebruik as hefboom om die geld wat nie gerepatriëer is nie terug te kry. Hy was

besig met 'n skema om dit te bewerkstellig toe hy gearresteer is. Daar is mense oorgestuurd om hom te help. Hy was siek en het teruggekom. Hy is later weer na Europa. Die getuie het 'n oproep gekry uit Bonn van 'n persoon wat homself geïdentifiseer het as Jacomet. Hy kan nie bevestig dat dit wel Jacomet was nie maar die persoon het verskoning gemaak vir die probleme wat hy veroorsaak het. Theron het in 'n brief stawende dokumente gesoek m.b.t. die deponering van die geld in die Switserse rekening. Hy het nie 'n bewys gesien van vervoerkoste nie. Hy meen dat dit moontlik is dat die hoogs sensitiewe stof juis met 'n huurvlug die land binne gebring is.

[75] Die getuie is bewus daarvan dat die beskuldigde voorgehou het dat hy by generaal Verbeeck uitklaring gekry het om die metakoloon met die Jet Star in te bring. Hy het geen twyfel dat die substans wel gelewer is nie. Daar was 'n probleem omdat die departement destyds vinnig van ministers verander het. Ook die internasionale situasie het verander omdat dit duidelik was dat daar binnekort 'n nuwe chemiese konvensie geteken sou word. Dit het toe ook gebeur op 14 Januarie 1993. Hy het vir minister Louw daaromtrent meegedeel en hom ingelig dat inkapasitante verbode middels sou word. Hy het hom geadviseer dat dit vernietig moes word. Die verkryging is vroeg in 1992 bespreek en dit was duidelik dat die regering in Kroasië bereid was om van die middels teen vergoeding te verkoop. President de Klerk het op daardie stadium gemagtig dat die ontwikkeling van die inkapasitante moes voortgaan. Daar was baie onluste in die land en daar was 'n behoefte aan 'n skarebeheermiddel. Hy het kennis gedra van die verdeelbare waarborg. Dit was net voordat hy Amerika toe is. Dit was in November 1992. Die goedkeuring moes gewees het in ongeveer Oktober 1992.

[76] Gedurende April 1993 was minister Coetzee die minister van verdediging en is hy opnuut ingelig, deur HSAW, oor die verlies van die geld. Hy kon dit nie verstaan nie en wou 'n chronologiese opsomming van die gebeure hê. Bewysstuk F18.131 is opgestel. Daarvolgens het die KBK op 31 Oktober 1992 kennis geneem van twee belangrike aspekte:

1. Die naderende ondertekening van die nuwe chemiese wapenbeheer ooreenkoms.

2. Die toenemende streng beheermaatreëls wat in Europa toegepas is om die beweging en verskaffing van rou materiale wat vir die produksie van stowwe wat kan lei tot massa vernietiging te beperk.

[77] Daar is besluit om alle verkrygingsaksies om die projek te voltooi, af te handel. Gedurende Februarie 1993 is toestemming verkry om 'n bedrag van R6,6 miljoen te verskuif vanaf die 93/4 begroting na nie 92/3 begroting sodat die defensiewe aksies vroeër afgehandel kon word. Die beskuldigde het toe alreeds onderhandel met persone in Joegoe-Slawië en Bulgarye. Van die amptenare in daardie lande se staatsdepartemente het weens 'n gebrek aan fondse en vrese vir die toekoms begin om uitrusting in die mark te verkoop. Dit het veral betrekking gehad op skaars en duur uitrusting. Die beskuldigde het 'n aantal Kroasiërs ontmoet, o.a. die minister van energiesake, mn. Kajfeg. Daar was vier groepe nl. die minister, 'n delegasie van die Kroatiese leër en grenswag, die veiligheidspolisie en 'n verteenwoordiger van spesiale magte. Daar is ooreengekom dat hy 500 kg. van substans M sou koop. Dit sou aan hom beskikbaar gestel word sodat hy monsters kon neem en dit kon laat ontleed in Switserland. Indien die monsters bevredigend sou wees sou 'n finale prys bepaal word wat sou wissel, afhangende van die gehalte van die produk, tussen \$4 600 en \$5 400 per kg. Aflewering sou geskied of per lug vanaf Zagreb of per pad vanaf 'n veilige gebied op die Oostenryk-Sloweense grens. Die betaling was egter 'n probleem omdat die vier partye mekaar nie vertrou het nie.

[78] Reëlins is getref dat daar 'n bedrag as 'n verdeelbare waarborg in 'n Switserse bank, soos in Geneve inbetaal word. Wanneer elkeen van die vier partye tevrede was dat dit betaling ontvang het sou 'n verteenwoordiger van daardie party na die bank gaan, saam met die beskuldigde, en sou daardie deel van die waarborg onthef word sodat dit gerepatrieer kon word. Betaling egter sou na lewering geskied het, en wel deur bemiddeling van 'n agent, Jacomet, wat verbonde was aan die Switserse inligtingsdiens. Vir daardie doel is 'n bedrag van \$2,3 miljoen na sy rekening in die Zagrebacka Banka DD in Zagreb oorgeplaas. Dit het gekom van 'n rekening van D John Truter in Zurich. Twee van die partye het betaling ontvang en \$400 000 en \$390 000 is vanaf die bank in Geneve gerepatrieer na die RSA. Die beskuldigde het egter kontak verloor met twee van die Kroatiese partye en ook met Jacomet. Hulle het oorlogsprobleme gehad. Jacomet is

gearresteer as gevolg van ander transaksies. Toe die beskuldigde later met Jacomet kontak gemaak het, het hy aangedui dat die probleem hier teen Maart opgelos sou kon word. Dit het egter nie geskied nie en die beskuldigde is weer terug na Europa. Volgens hom was hy vanaf 7 April tot 7 Mei in Kroasië en weer vanaf 11 tot 14 Mei. Daar was 'n tussenganger van die Deense inligtinggemeenskap wat daarin geslaag het om sigwaarde dokumente te bekom ter waarde van \$40 miljoen. Dit was ook gebruik vir die aankoop van wapens en sou 'n groot verleentheid vir die Vatikaan skep. Dit was Vatikaanse toonderaande. Die beskuldigde het gepoog, met hierdie aandeel as hefboom, om die geld vrygelaat te kry. Hy is egter gearresteer en daar is druk op hom uitgeoefen om die geld in die Switserse bankrekening te gebruik om vir die oorspronklike lewering van die substans te betaal.

[79] Hy was op 2 Julie terug in die land en het op 5 Julie gerapporteer. Die getuie kan nie bevestig dat die stof wel ontleed is in 'n laboratorium in Switserland nie. Daar was nie 'n beperking op die beskuldigde geplaas oor die lande waarnatoe hy kon beweeg nie. Die \$40 miljoen was gesteel. Hy kan nie bevestig dat die beskuldigde in London was nie. Tydens die KEEM ondersoek het die getuie dmv. die Switserse veiligheidsmagte probeer inligting kry. Dit is gedoen deur bemiddeling van die Suid Afrikaanse en die Switserse militêre attaches. Hy het generaal Regli van die Switserse inligtingsdiens ontmoet. Regli het hom aangeraai om die aangeleentheid te laat vaar omdat dit 'n sensitiewe aangeleentheid was in Switserland. Hy dra nie kennis van enige ontwikkeling in 'n gholfbaan nie. Wat hy wel weet is dat die beskuldigde en Jacomet na die projek van die aankoop verwys het as projek gholf. Jacomet het op 13 Augustus 1994 'n beëdigde verklaring afgelê in Bonn (Bewysstuk F19.29B). Dit is meer as 'n jaar nadat die brief geskryf is. Hulle het die brief op 5 Julie 1993 ontvang. Die beskuldigde kon opdragte gee aan Truter. Jacomet se beëdigde verklaring en sy kwotasie (F19.28, of F19.33 of F19.36) kom nie ooreen nie. Hy wou graag stawende bankdokumente van die Switserse bank gehad het. Hy het aanvaar dat die fondse verlore gegaan het. Hy het gedink dat die substans uit die waarborgrekening betaal is. Hy het nie geweet dat die rekening se fondse vir 'n lang tydperk op vaste deposito was nie en dat dit beswaar was teen 'n ander lening nie. Hy het ook nie geweet dat dit soos volg uitbetaal is nie: \$1 miljoen aan Luft, \$150 000 onbekend, \$150 000 aan WPW Bracknel, \$100 000 onbekend en \$1 060 000 aan D J Truter, maar nie die projekrekening nie. (Hierdie bedrae

is die onderwerp van aanklag 19) Die \$2,3 miljoen het betrekking op die grondstowwe wat gekoop moes word. Hy was onder die indruk dat die Kroatiese regering beslag gelê het op daardie geld. Hy glo dat daardie middel ontvang is in Desember 1992.

[80] Die Staatspresident het goedgekeur dat voortgegaan word met projek Coast en dat navorsing gedoen word op nie-dodelike inkapasiteermiddels. Dit is so dat die stof verkry is in Desember 1992 en dat dit vernietig is in Januarie 1993. Dit blyk uit die notule van die KBK van 29 Januarie 1993. Hy bevestig dat volgens paragraaf 6 van bewysstuk 19A die monsters van die metakoloon, wat geneem is deur die hoof van die departement teeninligting, eers vernietig kon word nadat daar gesertifiseer is dat die metakoloon vernietig is. Die opdrag om te vernietig is gegee op 7 Januarie 1993. Aangesien die SAP geweier het om betrokke te raak is daar geskakel met die departement teeninligting. Die vernietiging het plaasgevind op 27 Januarie 1993. Die artikels is op palette gelaai, in 'n vliegtuig geplaas en in die see gegooi. Die monsters is gestuur na die forensiese laboratorium. Volgens die notule van 31 Maart 1993⁸ is die vernietigingssertifikaat aan die KBK oorhandig op 31 Januarie 1993. Dit is toe oorhandig aan die GG. Die monsters was toe nog in besit van die sekerheidsoffisier. Hy het ewekansige monsters uit die verskillende houers geneem. Daar is uit vier van die agtien dromme monsters geneem. Mnr. Van Heerden van die OG het versoek dat daar geldwaardes aan die substansie gekoppel word. Daardie waardes blyk uit bewysstuk 19D. Hy wys egter uit dat die tweede 500 kg. nie R70 miljoen is nie maar R7,44 miljoen. Bewysstuk 19C is 'n forensiese verslag waarin die substansie geïdentifiseer word. Substans C is kokaïen. Ofskoon HSAW skepties was oor die vraag of die tegniese data vasgelê behoort te word het hy die minister se beslissing dat dit gedoen behoort te word aanvaar. Daar is verder besluit dat alle bestuursdokumente vernietig moet word sodra die finale oudit, na die sluiting van die projek, afgehandel is en die OG tevrede is.

[81] Met betrekking tot die dwelmaanklagte sê die getuie dat by die aanvang van die projek daar 'n vergadering in die minister se kantoor was. Die beskuldigde het voorligting gegee oor skarebeheer en massa-optredebeheer. Die Minister van Wet en Orde en die Kommissaris van Polisie was ook teenwoordig asook

⁸ **Bewysstuk 19B**

asook die hoof van die veiligheidspolisie en 'n beampte van Inligting. Hy meen nie dat Coast se naam genoem is nie. Die nuwe generasie traangas (CR) is bespreek. Dit is genoem dat daar inkapasiteermiddels is. Daar is besluit dat die polisie met die beskuldigde moet skakel. Hyself het bedenkinge daarvoor gehad en was van mening dat die beskuldigde beskerm moes word. Hy weet dat CR aan die polisie beskikbaar gestel is. Die verwapening van inkapasitante is 'n ingewikkelde proses. Hulle is nie verwapen nie. Daar was nie enkapsulering of tabletering van enige van die stowwe nodig nie en dit is ook nie gedoen nie. Dit is wel so dat hy 'n bestelling vir Ecstasy geplaas het. Die rede daarvoor is dat een van die wetenskaplikes ongelukkig was om daarmee te werk en bewys verlang het dat die opdrag van hoër gesag in die SAW afkomstig was. Hy is onder die indruk dat die polisie 'n vrywaring aan die SAW gegee het om met hierdie soort van stowwe te werk. Hy kan onthou dat die SAW inderdaad bewysstukke, waarop die polisie beslag gelê het, van die polisie ontvang het. Die beskuldigde moes die produk stoor, waarskynlik by sy kantoor. Hy het ook by die frontmaatskappye kantore gehad. Die toestemming wat die SAW van die polisie gekry het om met die stowwe te eksperimenteer is waarskynlik in sy voorganger se tyd gegee. Die Amerikaners en van die ander lande in die wêreld het ook met hierdie tipe van substansie gewerk. Die Amerikaners het ook met LSD gewerk, iets waarteen die SAW besluit het. Hy het 'n brief van 'n prokureur gekry waarin daar namens die getuie Brandt betaling van hom geëis is. Daarna het Brandt hom persoonlik genader. Dit het gebeur toe die beskuldigde terug is na Europa om die geld te probeer kry. Hy het onderneem om dit so gou as moontlik af te handel en 'n redelike bedrag aan Brandt te betaal.

[82] M.b.t. aanklag 64 sê die getuie dat daar besluit is om die tegniese inligting op CD-ROM skywe te plaas en om die lêers te vernietig. Die beskuldigde was daarvoor verantwoordelik aangesien hy die mees kundige persoon was. Dit was 'n groot werk want dit was die opsomming van navorsing wat oor 10 jaar gestrek het. Hy kon gebruik maak van die dienste van dr. Bothma. Die data vaslegging is gedoen deur Data Image. Dit is goed moontlik dat die beskuldigde voorgestel het dat die instansie dit moes doen. Dit kon die SAW R600 000 gekos het. Daar is besluit dat daar vier jaar later 'n heropname moet wees om te verseker dat dit nie onbruikbaar raak weens veroudering nie. Die data vaslegging is afgehandel en hy het die CD-ROMs in ontvangs geneem. Die dokumente moes vesnipper of verbrand word. Die skywe is in 'n kluis binne 'n kluis

bewaar. Daar was twee sleutels nodig om toegang daartoe te kry. Hy het die een sleutel gehad en die nuwe projek-offisier, kol. Steyn, het die ander sleutel gehad. Die skywe moes so veilig bewaar word omdat dit 'n strategiese nasionale bate was. Die beskuldigde het aan hom bevestig dat die dokumente vernietig is. President F W de Klerk het later 'n voorstel gemaak hoe die skywe nog veiliger bewaar kon word. Nadat die beskuldigde ge-arresteer is is daar op blougrys tromele beslag gelê. Hy is gevra om die tromele deur te gaan en die meeste dokumente was tegniese dokumente wat verband gehou het met die projek. Sommige van die dokumente moes op CD-ROM gewees het en behoort vernietig te gewees het. Dit het te doene gehad met verdediging, met krygstuig en met sekerheid. Dit het 'n geleentheid geskep vir moontlike proliferasie. Hy was afgeraai om kontak te hê met die beskuldigde. Op 'n stadium wou die beskuldigde hom sien en het hy uitklaring gekry, van een, om wel met hom te praat. Hy het hom op 20 Februarie 1997 by sy prokureur ontmoet. Die beskuldigde het vir hom gesê dat hy die tromele vir Mijburgh gegee het en hom versoek het om dit te vernietig en dat hy onder die indruk was dat dit vernietig is. Daar was 'n uiters geheime dokument vir die Staatspresident. Skynbaar het die Amerikaners en die Britte gedurende April 1994 'n groot belangstelling getoon in die projek. Daar was ook persoonlike dokumente soos bankstate, en 'n verrassingsrekening in die trommel. Openbaring van die dokumente kon die nasionale beeld van die land internasionaal skaad.

[83] Met betrekking tot aanklag 21 sê hy dat die projekfondse deur Truter gekanaliseer is. Hy was die formele front. Hy word verwys na dokumente en sê dat daar vier projekrekeninge gespesifiseer is⁹ Deur die toedoen van gen. Hanekom is daar voorsiening gemaak vir 'n verdere audit. Hy was bly daaroor. Truter se rekeningnommer was 2310163689. Daar behoort nie ander rekeninge te gewees het nie. Indien daar *bona fide* ander rekeninge was behoort dit uit die ouditeursverslag te blyk. Hy bevestig dat daar 'n interne auditverslag was waarin gepraat word oor die projek van "weldeurdragte bestuur" en dat die standaard wat toegepas word hoog is.¹⁰ Hy wys daarop dat die beskuldigde opdragte gegee het dat betaling moet geskied en dat daar nie staving vir die teenwaarde was behalwe gewone bankbewyse nie. Versekerings is gegee deur kaptein Orffer. Daar is wel stelsel ontwikkel wat die projek in staat gestel het om fondse oor te plaas na

⁹ Bewysstukke 11.5 en N2

die buiteland.

[84] Daar is CAMs (Chemical Agency Monitors) in Engeland aangekoop. Dit dui aan welke stof deur die vyand gebruik is en stel eie magte in staat om voorsorgmaatreëls te tref. Hy glo dat die stelle gebruik is. Hy het nie self gesien hoe dit gebruik word nie. Hy het nie vasgestel of dit beskikbaar was vir die Engelse se NAVO bondgenote nie. Weermagoffisiere wat wel bewus sou gewees het van die gebruik van die CAMs sou die personeel van 7 Mediese Bataljon wees.

¹⁰ Bewysstuk 21B paragraaf 44.

[85] Bewysstukke O1 en O2 is vrae wat deur KEEM opgestel is en deur hom beantwoord is. Hy het gebruik gemaak van die beskuldigde se kundigheid om sommige van die vrae te beantwoord. Hy is nie seker of hy Jacomet se verklaring gekry het as gevolg van die Switserse ondersoek of as gevolg van die KEEM ondersoek nie. Bosch het goedkeuring gekry om fondse oor te plaas na die buiteland en het vergoeding ontvang daarvoor. Die notules in verband met Intramex is nie meer beskikbaar nie. Hy word verwys na bewysstuk O2(1)H en sê dat die detail beskikbaar gestel is maar dat die dokumente vernietig is. Hy kan nie uit eie kennis sê dat die apparaat op sterkte gebring is by 7 Mediese bataljon nie. Hy is so meegedeel deur die beskuldigde. Hy was nie betrokke daarby dat Wisdom Holdings vir 'n tyd 'n aandeelhouer was van Intramex nie. Hy is van mening dat die krediteure van Intramex verskaffers vir die Staat was. Hy weet nie waarom die krediteure afgeskryf sou word nie. Hy gee toe dat Tesouriemagtiging nie gevra is vir die oordrag van die aandele aan Viljoen nie. Bates is oor die algemeen verkoop. Selfs by die verkoop van Roodeplaat Teelondernemings is Tesouriemagtiging nie gevra vir die vervreemding van die bates nie. Die beskuldigde het aangedui dat die subprojek vooraf deur die KBK goedgekeur is ten einde die verkrygingsaksies te versnel. As die beskuldigde tekenmagte op rekenings in die buiteland gehad het moes hy dit geopenbaar het. Bosch was nie so siek dat hy nie werk vir die Staat kon doen nie en het dit gedoen. Gevra oor 'n antwoord wat aan KEEM verskaf is, sê hy dat hy dink dat die beskuldigde die inligting verstrek het maar dat die latere projekoffisier, kol. Steyn, dit ook kon verstrek het. Die finansiële rekords was by Truter. Hy weet nie van 'n kantooropset wat Viljoen in Garsfontein bedryf het nie. Die beskuldigde het by van die projekte die behoeftebepaling gedoen, die spesifikasies opgestel, hoeveelhede en lewerigstye van produkte bepaal die begrotingsaksie voorgelê en die lewering gemoniteer.¹¹ Die beskuldigde was betrokke by Infladel, Intramex en by Roodeplaat.

[86] As agtergrond tot aanklag 65 getuig hy soos volg: Die beskuldigde, in samewerking met die leër het die behoeftebepaling gedoen, gedurende die middel tagtiger jare. Die aankoop is bewerkstellig in samewerking met van Remoortere en Sanex. Die klerasie is gestoor in 'n stoor van Geneeskundige Dienste. Na privatisering is dit geneem in die MBKD (Mediese depot). Daar was kontrakte vir die aankoop van die

¹¹ **Bewysstuk M 2 paragraaf 15.**

beskermde klere. HSF was daarmee gemoeid. Daar is gedurende Mei 1991 nog 'n ooreenkoms gesluit met Technotek, aangesien daar nog 'n behoefte vir beskermde klerasie bestaan het. Ten spyte daarvan dat die gevaar van CBO afgeneem het, was daar steeds so 'n behoefte. Hy het geen herinnering dat die SAW sulke klere wou verkoop nie. 'n Topprodukt (State of the Art) is aangekoop. In militêre kringe is een van die beste vorms van teenpropaganda dat 'n moondheid oor die beste teenmiddels asook 'n vermoë om terug te slaan beskik. Hy kan nie onthou dat enigiemand gemagtig is om klere te verkoop nie. Van Remoortere was 'n skakelpersoon in Europa. **Daar is nie toestemming aan die beskuldigde gegee om klere te verkoop nie. Indien die SAW wou verkoop was formele toestemming nodig. Die fondse sou moes terugkom na die SAW. Die KBK sou 'n rol gespeel het. Daar sou verduidelik moes word hoe die behoefte bevredig is en waarom die goed verkoop moes word.** Indien 31 342 stelle klere verkoop is sou hy dit onthou het. Dit blyk uit Bewysstukke 65A en 65.8A dat daar in 1987 'n ooreenkoms gesluit is ingevolge waarvan YCVM 45 000 pakke oor drie jaar teen 15 000 per jaar moes lewer en weer in 1991 25 000 pakke oor vyf jaar teen 5 000 per jaar moes lewer.

[87] Om die klerevoorraad in die SAW vas te stel moet ondersoek ingestel word by die SAW depot. Hy weet nie of die klere gedurende 1991 by die depot was nie. Hy word verwys na twee fakture¹² ingevolge waarvan RITS op 7 Februarie 1991 18 770 stelle klere aan Technotek verkoop vir R3 941 700, 12562 stelle klere, teen R40 per stel, as "redundant stock", vir 'n totaal van R502 460 en 10 stelle teen R210 per stel vir 'n totaal van R2100. In totaal was dit 31 342 stelle klere. Hy kan dit nie verstaan nie want daar was steeds 'n behoefte. Hy weet nie dat RITS bankrekenings bedryf het by Nedbank nie en hy weet nie van bedrae wat betaal is nie. Die beskuldigde behoort hom in te gelig het en die KBK moes dit goedgekeur het. Met verwysing na F1.66¹³ en F1.68¹⁴ sê hy dat hy die beskuldigde uitgevra het en dat die antwoorde is soos wat die beskuldigde hom ingelig het. Hy was nie onder die indruk dat dit 'n Coast projek was nie. Die bedrae ter sprake is R2 miljoen wat betaal is gedurende die eerste week van Julie 1990 en R1,98miljoen wat in Augustus

¹² F65.59 en F65.60

¹³ 'n Lys vrae deur KEEM, gedateer 12 April 1994

¹⁴ Die antwoord daarop.

oorbetaal moes word¹⁵ Hy meen dat ministeriële magtiging nodig was. Die datum toe die oorplasings bewerkstellig is, was April 1990, presies die tyd toe die eerste stappe van die privatisering goedgekeur is. Gedurende Augustus 1994 het hy 'n voorlegging gemaak aan President Mandela. Hy het aangedui, volgens inligting verskaf deur kol. Steyn, dat daar 25 000 stelle beskermde klerasie was.

¹⁵ Bewysstuk F65.26 wat deur die beskuldigde opgestel is.

[88] Wat aanklag 1 aanbetref het hy in F1.68 geantwoord dat daar geen dokumentasie beskikbaar is nie en dat die toerusting vernietig is.¹⁶ Die geld is gebruik om die laboratorium toe te rus. 'n Bedrag van £1 542 840 is oorgeplaas na die buiteland na 'n rekening van Buffham.¹⁷ Hy kan nie sê watter uitrusting ter sprake is nie. Hy is meegedeel dat dit vernietig is saam met die laboratorium. Daar was 'n brand waarin van die toerusting beskadig is. Daar het ook 'n sinkgat ingeval naby die laboratorium. Hy het toe 'n inspeksie gaan hou. Indien die toerusting in 'n brand vernietig is behoort daar 'n kommissie van ondersoek ingestel te gewees het en behoort daar 'n inventaris opgestel te gewees het. Buffham het 1% van die bedrag van £1 542 840 teruggehou en die balans oorgeplaas na 'n rekening van MCI in Luxembourg. Hy het nie gewete dat 'n bedrag van £1,3miljoen oorgeplaas is na New York nie en ook nie dat 'n bedrag van £100 000 oorbetal is na 'n WPW rekening nie.¹⁸

[89] Wat aanklag 2 aanbetref word hy verwys na die antwoorde in F1.68.¹⁹ Daarvolgens is die gelde, 3 841 740 Belgiese Frank (BEF)²⁰, betaal in verband met 'n besoek van die beskuldigde aan Iran saam met Prof. Heyndrycz. Dit het betrekking op die uitgawes en die aankoop van toerusting. Die beskuldigde het aan hom fotos gegee van 'n plek met die naam Valapjar. Hy het die fotos later gebruik by 'n seminaar waar hy die akademie moes toespreek. Hy het nie die goed wat gekoop is gesien nie en kan nie bevestig dat dit in ontvangs geneem is nie. Daar is gepraat van projektielstukke. Hy weet nie of dit ontleed is nie. Dit word aan hom aangedui deur die staat dat dit die staat se saak is dat die gelde wel betaal is tot die voordeel van die projek maar nie vir 'n besoek aan Iran nie en wel ter betaling van die CAMs.

¹⁶ Bladsy 9 paragraaf 3.

¹⁷ Bewysstuk F1.1

¹⁸ Bewysstukke F1.15 en F1.16.

¹⁹ Bladsy 8 paragraaf 2.

²⁰ F2.1

[90] Wat aanklagte 3 en 4 aanbetref word hy ook verwys na F1.68²¹ en bewysstuk 3A, wat ook F18.130.²²

Dit is die grondslag vir die magtiging in F3.1 vir die oorbetaling van R5 570 000 na die rekening van ABC Import and Export in die Banque Indosuez in Luxembourg. Tjaart Viljoen moes die tjek voorsien. Hy weet nie hoekom daar 'n vooruitbetaling was nie. Wat hom aanbetref het dit betrekking gehad op die aankoop van 25 CAMs. Dit moes aan Heyndrycz of sy personeel betaal word. Hy kan dit egter nie bevestig nie. Hy het nie geweet dat dit aan ABC Import and Export en aan Buffham betaal is nie. Hy het nie geweet dat die geld aan MCI betaal is nie en dat dit nie tot voordeel van die projek aangewend is nie. Dit lyk vir hom of aanklag 2 se fondse gebruik is om die CAMs te betaal.

²¹ Bladsy 9 paragrafe (v) en (vi)

²² In die beskuldigde se handskrif.

[91] Wat aanklag 4 aanbetref is 'n bedrag R4 280 400 aan Buffham betaal.²³ Viljoen moes die tjek voorsien. Volgens F1.68²⁴ was dit vir die CAMs. Dit is aangedui dat die verduideliking vir mnr. van Heerden gegee is. Hy sê dat daar ook 'n deteksie stelsel was wat dieselfde funksie as die CAMs verrig het. Hy het 'n onafhanklike herinnering dat die beskuldigde vir hom gesê het dat daar 25 CAMs gekoop is. Dit is onmiddellik ontplooi by operasies Modular, Hooper en Packer. Die stelsel het 'n beperkte lewensduur gehad. Hy het 'n CAM persoonlik gesien. Daar sou "reverse engineering" daarop uitgevoer word. Op die ou end sou hulle 'n blou druk kry. Betaling no.6 op bewysstuk 4A het betrekking op hierdie aanklag.

[92] Ook wat aanklag 5 aanbetref is hy verwys na F1.68.²⁵ Dit het betrekking op chemiese ploffare alarmstelsels. Hy het vir die eerste maal daarvan verneem tydens die KEEM ondersoek. Hy het geen persoonlike kennis daarvan nie. Hy sou reken dat ontvangs daarvan aangeteken moes gewees het maar dit wil lyk asof dit vernietig is tydens die brand. Die items is gekoop aan die begin van 1988. Alhoewel hy nie die brand kan onthou nie meen hy dat dit later was. Volgens bewysstuk F5.1 moes 'n bedrag van £100 000 oorbetal word na Buffham se no. 2 rekening. Hy het geglo dit was betaal vir uitrusting en ontvang vir die laboratorium. Hy het nie geweet dat dit betaal is om 'n belang te verkry in Buffham se besigheid nie en nie tot voordeel van die projek aangewend is nie.

[93] In verband met aanklag no 6 word hy verwys na F1.68 paragraaf (vii). Daar moes ook "reverse engineering" gedoen word.²⁶ Viljoen moes die tjek gee. Dit moes betaal word aan CSD in Engeland. Daar moes 'n bloudruk t.o.v. 'n CAM aan die SAW gelewer word. Hy het nie geweet dat die bedrag aan AMFRA betaal is nie en dat dit in CSD geëindig het as werkskapitaal nie.

²³ Bewysstukke 3B, F3.1 en F4.1.

²⁴ Bladsy 9 paragraaf (vii)

²⁵ Bladsy 8 paragraaf (i)

²⁶ Bewysstuk F6.1

[94] Ook aanklag 7 word teruggeneem na F1.68 en wel paragraaf (xxi). Dit het betrekking op rekenaarsagteware vir die vaslegging van CBO data.²⁷ Die opdrag was dat dit verhaal moes word van die Coast rekening. Dit het betrekking op rekenaarnavorsingsdatabasisse en die verkryging van rekenaaraapparaat en sagteware.²⁸ Hy het nie besef dat hierdie bedrag werkskapitaal van CSD daargestel het nie. Hy het geglo dat dit tot voordeel van die projek aangewend is.

[95] In verband met aanklag 8 word hy ook verwys na bedwysstuk F1.68. 'n bedrag van £10 000 is ter sprake. Dit is verduidelik dat dit was vir dienste wat gelewer is. Hy kan nie onthou waarvoor nie. Die beskuldigde kon wel fondse oorplaas sonder sy magtiging mits die KBK dit reeds goedgekeur het en dit tot voordeel was van die projek. Hy het nie besef dat dit 'n betaling aan AMFRA was om 'n belang in CSD te verkry nie.

[96] Aanklag 9 het nie betrekking op F1.68 nie. Dit is 'n betaling van £30 000 wat oorgeplaas is na Buffham vir "dienste gelewer". Hy was onder die indruk dat dit tot voordeel van die projek was.

[97] Aanklag 10 het betrekking op paragrawe (xix) en (xx) van F1.68. Dit was vir huurgeld t.o.v. kantoorruimte vir medewerkers in die VK. Dit was maandelikse huurgeld. Die kantoor is gehuur, gesamentlik met militêre inligting. Hy weet nie wat RF Telecommunications is nie. Hy was nie bewus daarvan dat £5 000 gestuur is na 'n prokureur in die VSA nie vir die voordeel van 'n WPW rekening nie. Hy was ook nie bewus dat £4 070 gestuur is na CSD nie. Hy het gedink dit was vir die voordeel van die projek. Hy het nie besef die perseel was die Peartree House nie en dat WPW 'n belang daarin gehad het nie.

²⁷ Bewysstuk F7.1

²⁸ Bewysstuk 7A.

[98] Aanklagte 11,12, 13 en 16 het betrekking op die beweerde aanskaf van 'n peptiedsintetiseerder. Die probleem met CBO is dat die top wetenskaplikes in die land daarby betrek word. Vanweë die sensitiewe aard van die navorsing kan die resultate nie gepubliseer word nie. Dit beteken in die praktyk dat wetenskaplikes wat vantevore deurbrake gemaak het en gepubliseer het eenvoudig net verdwyn. Dit wek agterdog by wetenskaplikes in ander lande. Dit is nuttig aangewend om te bepaal waar sekere navorsing gedoen is. Om ons wetenskaplikes, wat betrokke was by frontmaatskappye, te beskerm is fondse beskikbaar gestel sodat hulle ook hulle normale navorsing kon doen, daarvoor kon publiseer en aan seminare deel te neem. Daar was 'n interdepartementele komitee oor vigs en advies oor vigs. Dit was in die laat tagtiger jare. Toe het vigs nog nie die pandemiese afmetings aangeneem wat dit tans het nie. Van die wetenskaplikes het daarin belang gestel en hyself en sy voorgangers was ook daarin geïnteresseerd. Dit is inderdaad so dat weermagte in Afrika uitgewis is weens vigs. Die rede daarvoor is dat die Internasionale Konvensie bepaal dat slegs HIV-vry troepe in binnelandse aangeleenthede gebruik kan word. Vir die doel was hoogs gesofistikeerde apparaat nodig. Daar het 'n persoon navorsing gedoen op 'n wortel van 'n Suid Afrikaanse plant. Soos hy onthou was die plant Hypoxis. Dit is gedoen in samewerking met dr. Albrecht van die Universiteit van Stellenbosch. Mnr. Jans Rautenbach was 'n persoonlike vriend van Gen. Geldenhuys. Hy het hom meegedeel dat hulle die navorsing moet dophou en dat Suid Afrika 'n groot deurbraak kan maak. Hulle was van mening dat as die apparaat verkry kon word dit van groot waarde sou wees om die resultate wat verkry is na te gaan. Daar is 'n poging aangewend om dit te verkry. Op 29 Mei 1989 is 'n bedrag van \$3,2miljoen oorgeplaas na Luxembour²⁹ Hy kan nie onthou waarom daar nou juis 'n haas was nie. Hy bevestig dat daar 'n Blackdale "bond account" geopen moes word by die Banque Indosuez in Luxembour³⁰ Hy het nie geweet dat die beskuldigde tekenmagte gehad het op daardie rekening nie. Die aankoop het nie na wense gevorder nie³¹ 'n Verdere bedrag van \$325 000 is oorbetal aan Tagel. Dit het betrekking gehad op DNA en RNA "probes". Hy weet nie wat die doel daarvan was nie maar soos hy dit het is vigsnavorsing daarmee gedoen by Delta G. Die beskuldigde het hom onder die indruk gebring dat hulle wel die probes ontvang het. Met betrekking tot bewysstuk F11.1C (ook 13C) getuig hy dat dit 'n magtiging is om 450 000 Switserse frank oor te betaal aan

²⁹ Bewysstuk F11.1

³⁰ Bewysstuk F11.2

³¹ Bewysstuk F11.1B

dr. Chu. Die blanko spasie op die dokument was so gelaat vir sekerheidsdoeleindes. Die tussenpersoon of instansie kan nie geïdentifiseer word nie. Daar is 500gr ('n halwe kilogram) thymus peptied gekoop vir Delta G. Daar is gevolglik in totaal \$3,2miljoen (op 5 Junie 1989), \$325 000 (op 22 Junie 1989) en 450 000 Switserse frank (op 8 November 1989) betaal. Op 28 Maart 1990 word aangedui dat die peptiedsintetiseerder nie gekoop is nie³² Bewysstuk F1.68, paragraaf (xii) het betrekking op aanklag 12. Paragraaf (xiii) het betrekking op die verskaffing van probes deur Tagel. Die beskuldigde het gesê dat die projek-ouditeur bewysstuk F13.2 gesien het. Die NB op die dokument is in die beskuldigde se handskrif. Hy bevestig dat \$2 698 821 teruggestuur is na Suid Afrika as 'n "partial repayment of Tag 325."³³ Die beskuldigde het gesê dat daar rente van R101 000 oorbetaal is. Ofskoon die R101 000 dieselfde bedrag is, is die verduideliking vir die oorbetaling daarvan verskillend. Daar is inderdaad R7 140 986,94 inbetaal in D J Truter se rekening inbetaal.³⁴

[99] Aanklag 16 het dan te doen met 'n tweede poging om die peptiedsintetiseerder aan te koop. Die ouditeur het bewysstuk F16.1 gesien. Daarvolgens moes \$2.4miljoen oorbetaal word na die Blackdale rekening by die Banque Indosuez in Geneve. Dit het betrekking op F1.68 paragraaf (xxvii). Die betaling is gemaak nadat die offensiewe projek gesluit is. Daar is toestemming gegee vir die ruil van stowwe. Die sintetiseerder is bekom maar is twee maal teruggestuur na Europa. Hy het nie self die apparaat besigtig nie. Hy glo dat dit by Delta G. was. Hy was net een maal deur Delta G en ook net een maal deur RNL. Hy kan nie sê dat hy dit gesien het nie maar hy sou ook nie noodwendig geweet het wat dit was as hy dit gesien het nie. Hy weet nie of die leweransier by die tweede poging dieselfde een was as by die eerste poging nie. Hy weet nie of die beskuldigde tekenmagte gehad het op die Blackdale rekening nie. Indien hy dit gehad het moes hy dit gesê het. Hy weet dat die apparaat, die peptiedsintetiseerder, teruggestuur is en geruil is vir produk M. Dit is 'n inkapasiteermiddel wat gebruik word by offensiewe chemiese oorlogvoering. As hy kyk na die publikasies wat uit die trommels kom dan is dit so dat daar baie verslae oor vigsnavorsing was. **Hy weet nie of dit gedoen is by Spesmagte se laboratorium by Speskop nie. As dit gesê word sal hy verbaas wees want**

³² **Bewysstukke F11.1A, 12.9 en 13C.**

³³ **Bewysstuk F12.6.**

³⁴ **Bewysstukke F12.19, 11A en 11B.**

hy is onder die indruk dat die vigsnavorsing by Delta G. gedoen is. Hy het egter nie die Spesmagte laboratorium ondersoek nie. Die laboratoria by Delta G en RNL was baie gesofistikeerd, veral wat die veiligheid daarvan aanbetref. **Hy sou verbaas wees as daar gepraat word daarvan dat daar 'n Bulgaar navorsing gedoen het op die apparaat. Hy dink dat die deskundige wat op die apparaat gewerk het dr. Lucia Steenkamp was. Hy weet nie van ander wetenskaplikes nie.** Hy kan nie onthou dat hy ander navorsingsverslae t.o.v. die ander inkapasiteermiddels ontvang het nie. **Hy ken nie 'n Cadwell nie.** Bewysstuk 16A handel met oorplasings gedurende 1990 en 1991 en die handskrif lyk soos die beskuldigde s'n. Hy was onder die indruk dat die fondse tot voordeel van die projek aangewend is.

[100] In verband met aanklag 14 is daar 'n bedrag van R12 190 596 oorgeplaas na die rekening van dr. Chu. Dit moes gekanaliseer word na die buiteland. Dit is verduidelik in F14.1, wat opgestel is op 11 April 1990, en gerig is aan Spies en wat aantoon dat dit 'n sensitiewe geheime projek is. Dit het te doene met oorseese banke en met die privatisering van Delta G. Die fondse moes betaal word aan MCI. Die bedrag is uit Chu se rekening oorbetaal in die rekening van Medchem Forchungs. Daar moes maandeliks betalings gemaak word aan MCI. Dit was om die privatisering te finansier. Hy was nie bewus dat die rekening met R2,5miljoen beswaar is tot die voordeel van WPW Investments Inc. nie. Dit word aan hom uitgewys dat die bedrag beswaar was tot Oktober 1990 en sy reaksie is dat die KBK nie toestemming vir sodanige optrede gegee het nie en was ook nie daaroor ingelig nie. Hulle behoort dienoooreenkomstig ingelig te gewees het. Hy was bewus daarvan dat die beskuldigde en Chu vriende was. Hy het egter nie geweet dat hulle besigheidsvennote was nie en dat die beskuldigde 'n belang verkry het in Medchem Forchungs nie. Hy behoort daarvan ingelig te gewees het. Die fondse was vir 'n groot gedeelte van die jaar in die buiteland en moes vir die projek gebruik word. Hy het nie geweet dat die fondse wat WPW geleen het gebruik is om 'n Jet Star vliegtuig aan te koop nie.

[101] Aanklag 15 het betrekking op 'n bedrag van \$154 338. Hy het nie geweet dat dr. Chu daardie bedrag aan WPW betaal het t.o.v. die Jet Star nie. Die beskuldigde moes hom daaromtrent in te gelig het. As hy

daarvan geweet het sou hy dit by die KBK aangemeld het en ook by die ouditeur en sou daar 'n verduideliking van die beskuldigde geverg gewees het. Daar kon selfs 'n ondersoek deur die ouditeur-generaal gewees het.

[102] Aanklag 17 het betrekking op 'n bedrag van R130 000 wat aan Chu betaal is vir dienste gelewer. Die oorbetalings het geskied op sterkte van F17.1 wat op 19 Februarie 1990 deur die beskuldigde opgestel is. Die bewysstuk praat van "executive services". Die bankrekening van HSI is gebruik. Volgens bewysstuk F1.68 (paragraaf (xvii)) is die stowwe operasioneel aangewend. Volgens die handskrif lyk dit vir hom na prostaglandien aankope. Hy sien dat die ouditeur se paraaf op die dokument voorkom. Hy kan die transaksie nie onthou nie. As dit nie aangewend was tot voordeel van die projek nie moes hy daarvan ingelig te gewees het.

[103] Hy getuig oor die WPW maatskappye wat die onderwerp van aanklag 20 vorm dat die beskuldigde sy kommersiële belange in die verskillende entiteite behoort te geopenbaar het en hoe die befondsing daarvan geskied het. Hy behoort nie tekenmagte te gehad het nie in die binneland of in die buiteland nie. Die beskuldigde moes nie belange gehad het in Intramex, Wisdom Erf 82, Waag 'n Bietjie Boerdery, Phoenix (Edms.) Bpk., WPW (Edms) Bpk., en SRD Electronics nie. Wat Wisdom Erf 219, wat later Waterson Properties geword het, aanbetref het hy aanvaar dat die beskuldigde opgetree het as 'n agent vir Webster. Die beskuldigde het steeds 'n openbaringsplig gehad, teenoor die KBK, tydens die jaar wat hy in die burgermag was, want hy het die vergaderings bygewoon.

[104] Onder kruisverhoor het hy toegegee dat hy hoofsaaklik steun op die antwoorde wat aan KEEM gegee is maar dat hy tog ook tot 'n mate op sy geheue staatmaak. Hy gee toe dat hy vir baie jare met die projek gemoeid was en dat daar baie fondse deur die projek is. Dit was maar net 'n klein gedeelte van sy werk. Hy gee toe dat die dokumente soos F1.1 en F1.2 ens. nie die enigste voorstellings is wat aan die KBK gemaak is nie. Daar was eers volledige voorleggings en goedkeurings voordat sulke dokumente opgestel is. Die dokumente voor 1994 is vernietig. Die magtigings om uit te betaal was besonder kripties juis om te verhoed dat die persone wat die uitbetalings gemaak het kon aflei wat aangekoop is.

[105] Die KEEM ondervraging het oor sewe jaar gestrek. Daar is briewe aan hom geskryf wat hy moes antwoord. Hy het dit met die beskuldigde bespreek. KEEM wou nie juis hê dat hy dit met hom moet bespreek nie maar het tog toestemming gekry om dit soms te doen. Nog hy, nog die beskuldigde het al die dokumente wat nou beskikbaar is, toe gehad. Toe hy ondervra is by KEEM is hy weerhou van alle dokumente is is hy meegedeel dat hy dit eers sal sien wanneer hy in die beskuldigdebank staan.

[106] Baie van die toerusting en substansie is vernietig. Hy gee toe dat die staat se benadering skynbaar was om die antwoorde wat aan KEEM verskaf is te neem en te kontroleer deur byvoorbeeld onderhoude te voer met mense soos Buffham, Zimmer, Heyndrycz en Webster en dokumente na te gaan. Indien daar verskille was is die beskuldigde aangekla. Hy gee toe dat Goosen hom gedreig het dat tensy hy meer geld kry, hy waninligting sal versprei. Hy gee ook toe dat van Heerden nie kon sê dat hy onbewus was van die verwantskap tussen die minister en Mijburgh nie. Hy gee verder toe dat die meeste getuies so ver as moontlik weg van die projek wou kom en dat hulle geheues merkwaardig verswak het. Hy gee toe dat die staat se metodiek was om die antwoorde waarmee die beskuldigde behulpsaam was te toets en indien dit weerspreek word te aanvaar dat hy bedrog gepleeg het. Sy eie geheue was ontoereikend en hy sou graag ander persone ook wou nader. Sy belangrikste bron was die beskuldigde maar hy het ook vir Theron, die ouditeur, en Truter genader. Die antwoorde was die insette van verskeie persone. Hy gee toe dat dit nie gesê kan word dat die antwoorde wat aan KEEM verstrek is die voorstellings is wat destyds aan die KBK gemaak is nie. Dit behoort wesenlik ooreen te stem maar daar kon *bona fide* foute ingesluip het.

[107] Alhoewel daar nou sommiges is wat sê dat dit nie so was nie, was daar 'n wesentlike bedreiging van chemiese en biologiese oorlogvoering. Daar is uitrusting by Kubaanse troepe gebuit wat dit bewys het. Dit was tydens operasie Protea. Daar was toerusting in die voertuie, soos maskers, filters, ander apparaat en teenmiddels, wat CBO kon weerstaan. Alles het daarop gedui dat die teenkant oor CBO vermoëns beskik. Die SAW het geen verweer daarteen gehad nie. Die enigste uitrusting wat nog beskikbaar was het gedateer uit die tweede wêreldoorlog en was onbruikbaar. Daar moes veral gekonsentreer word op die vermoëns van die

Oos-blok lande en die USSR. Die probleem kon, weens die politieke omstandighede, nie op die gewone manier opgelos word nie. Chemiese vermoëns kon nie verkry of ontwikkel word op die gewone wyse nie. Sodra 'n goeie navorser kovert vir die weermag begin werk verdwyn hy van die gewone wetenskaptoneel en is dit 'n aanduiding dat hy vir die weermag werk. Die RSA se probleme was groter as die van bv. die VSA, omdat daar nie vryelik deur frontmaatskappye aangekoop kon word nie. Die SAW se uitgangspunt was dat 'n vermoë ontwikkel moes word. Dit het nie saak gemaak of dit op die swart mark gekoop moes word, gesteel moes word of deur omkoperie, selfs van 'n lid van 'n ander weermag, verkry moes word nie. Dit moes ten alle koste bekom word. Hy was nie destyds bewus daarvan dat die beskuldigde d.m.v. die staatsmasjienerie vals identiteite gekry het nie, maar het later daarvan bewus geword. Hy het selfs halfhartiglik toegegee dat in die omstandighede etiek nie 'n rol kon gespeel het nie. Sekerheid was die belangrikste oorweging. Unita se magte was beskou as 'n uitbreiding van die SAW. Omdat die SAW van jong dienspligtiges as soldate gebruik gemaak het moes daar behoorlike beskerming teen CBO beskikbaar gewees het. 'n Probleem was dat 'n dubbeldoelstof wat vir 'n onskuldige doel en ook vir CBO aangewend kon word deur sanksiemaatreëls ontoeganklik gemaak is.

[108] Die beskuldigde is meegedeel dat die benodighede ten alle koste verkry moes word. Uit die oogpunt van doelwitbereiking was die projek 'n fenomenale sukses. Wat bereik is is 'n nasionale bate wat ten alle koste bewaar moet word. Ook ander moondhede het dit erken. **Naas die Russiese toerusting was dit die mees verfynde toerusting in die wêreld.** Daar was gesprekke met aanvanklik president de Klerk en later president Mandela. Daar is besluit dat die bedreiging afgeneem het en dat die doelwitte bereik is en dat afgeskaal moet word.

[109] Daar was 'n tegniese werkekomitee. Dit het bestaan uit die KBK en wetenskaplikes soos Koekemoer, Immelman en dr. Lourens. Die KBK het nie werklik met die wetenskaplikes geskakel nie. Die wetenskaplikes moes die behoeftes aandui. Dit is bespreek met die beskuldigde en deur hom oorgedra aan die KBK. Die beskuldigde moes weer aan die tegniese werkekomitee rapporteer wat die KBK se besluit was. Dit was by uitsondering dat direkteure van frontorganisasies toegelaat is om KBK vergaderings by te woon. Nadat daar

besluit is op privatisering het dit glad nie meer geskied nie. Hy was tot 1990 betrokke by die tegniese werkekomitee. Sy deur was egter nie gesluit nie. Brand van Organochem het byvoorbeeld by hom kom kla toe hy nie betaal is wat hy wou hê vir die PMK nie. Goosen het ook by hom kom aanklop oor sy posisie by RNL. Dr. Koekemoer was ook ongelukkig oor die groot bestelling vir Ecstasy en het by hom kom kla. Die tegniese werkekomitee sou kom kla het as hulle nie gekry het wat hulle moes kry nie. Volgens bewysstuk I het 'n tegniese werkgroep voorrade gekontroleer. Hy het nooit 'n klagte ontvang dat goed wat gelewer moes word nie ontvang is nie. Daar was wel vertragings weens gebrek aan fondse. Dan moes daar met HSF en selfs met die minister geskakel word vir vinniger reaksie.

[110] Die projek is koste effektief hanteer. **Die top wetenskaplikes van die VSA en die VK was verbaas oor wat bereik is met so min geld.** Die soortgelyke projek in die VSA was baie groter as Coast en ofskoon hulle nie geweet het wat die Amerikaanse begroting was nie moes dit baie meer as Coast gewees het. Protechnik was byvoorbeeld 'n klein onderneming teenoor die groot verskaffers in die VSA en die VK.

[111] Die sukses van die projek was tot 'n groot mate afhanklik van sekerheid. Indien daar 'n sekerheidsbreuk plaasgevind het sou dit weens sanksies onmoontlik geraak het om toerusting en substansie te verkry. Die beskuldigde se veiligheid sou gekompromitteer geraak het en hy kon persoonlike leed aangedoen gewees het of geëlimineer geraak het. Dit kon ook met mense van Krygkor gebeur het. Daar was juis dreigemente teen Krygkor lede. Dit sou ook gevaar inhou vir medewerkers soos Buffham en andere. Daar kon beslag gelê word op projekfondse in die buiteland. Hy betwis dit nie dat in Switserland dit 'n kriminele oortreding is om die bankstelsel te gebruik vir die verkryging van wapens nie. Dit sou ook die Suid Afrikaanse inligtingsstelsel en kanale geskaad het. Hy weet nie of die SAW in die algemeen gediskrediteer sou gewees het nie.

[112] By die sekerheidswerkgroep het HSI 'n leidende rol gespeel. Vaste lede van die KBK was HSAW, HSI, HSF en die GG. Hulle kon nie eers deur *secundi* op vergaderings verteenwoordig word nie. Na privatisering is daar van deskundiges gebruik gemaak i.v.m. sekerheid. Hulle rol was meer raadgevend en

nie voorskriftelik nie. Toe was die sekerheid dieselfde as die sekerheid van die SAW. HSI kon van buite af onafhanklik steekproewe doen om die sekerheid te toets.

[113] Op grondvlak moes die beskuldigde besluite neem oor verkryging. Die hantering van bedreigings van sekerheid is aan hom oorgelaat. Die verskaffers mag nie geweet het dat hulle aan die SAW lewer nie. Die SAW wou ook nie weet wie die verskaffers was nie. Die KBK wou nie en het nie die detail geken nie. Hulle het byvoorbeeld eers baie later geweet van Zimmer se betrokkenheid. Die hantering van finansies is 'n baie belangrike aspek van die behoud van sekerheid. Dit is eenvoudig om inligting te kry deur rekenings waardeur groot bedrae, wat nie verduidelik kan word nie, na te gaan. Om daardie rede was dit 'n gebruik in die SAW oor die algemeen, nie net in projek Coast nie, om geld te deponeer in die name van inwoners van ander lande. Hy weet van een of twee gevalle waar by ander projekte as Coast dit wel gedoen is. Die hele verkrygingsaksie en die betaling is aan die beskuldigde oorgelaat. Die beskuldigde moes net die breë riglyne van die KBK nakom. Hy betwis dit nie dat daar so veel afsnytpunte as moontlik geskep is nie en bevestig dat hoe meer hekkies daar is hoe veiliger is die aksie. Hy betwis dit nie dat 'n effektiewe manier om terugspoorbaarheid te bemoeilik is om 'n bedrag geld in 'n rekening in te betaal, en dan geld te leen met daardie geld as sekuriteit. Die bedoelde betaling word dan met die geleende geld gemaak. Uiteindelik word die eerste bedrag dan oorbetal as afbetaling van die lening.

[114] Die breë riglyne was die volgende. Dit het die KBK nie aangegaan wat in die buiteland gebeur nie. Daar mag nie selfverryking gewees het nie. 'n Billike opsomming van die situasie was: "Ons gee die geld. Jy bring die produk. Dit maak nie saak waar jy dit kry nie. Jy kan dit op die swart mark koop, of jy kan dit by wyse van omkoperij verkry of, as dit moet, kan jy dit steel." Die vervoer van die substansie en die toerusting is ook aan die beskuldigde oorgelaat. Daar is spesifiek daarteen gewaak dat daar nie van openbare lugrederye gebruik gemaak word nie. Hy weet nie of daar 'n verbod teen die vervoer van CR met lugmagvliegtuie was nie. Die betalingskanale en die verskaffers moes beskerm word, nie alleen uit 'n morele oogpunt nie maar ook om te verhoed dat hulle onbruikbaar raak vir die projek. As daar geld bestee moes word om 'n verskaffer 'n goeie dekstorie te gee, vir die ontvangs van die fondse, dan sou dit geregverdig gewees het. Hy betwis dit

nie dat £100 000 nie sommer net aan Buffham betaal kon word nie. Dokumentasie moes geskep word om die oorbetalings te verduidelik. Hy betwis dit nie dat Buffham 'n belangrike verskaffer was nie en dat hy 'n oud-lid van die Britse geheime diens was nie met konneksies met die Russe en die Oos-Duitsers nie. Nadat die dokumente geskep is word die geld oorbetalings as werkskapitaal. Die KBK was nie geïnteresseerd in detail soos daardie nie. Dit was juis deel van die sekerheid en die sekerheid was juis 'n baie groot sukses. Oor die 12 jaar is hy nie bewus van 'n enkele sekerheidsbreuk nie. Die Amerikaners en die Engelse was beïndruk met die feit dat daar nie sekerheidsbreuke was nie.

[115] Hy bevestig dat verkrygingsaksies geskied het vanuit lande van oor die hele wêreld. Dit het betrekking gehad op tegnologie, substansie, toerusting en inligting. **Lande vanwaar verkrygings geskied het was Rusland, Tjeggoslowakye, Kroasië, Libië, Sjina, Brittanje, Oos-Duitsland, VSA en Iran.** Dit is feitlik al die lande wat hulleself besig gehou het met CBO. Hy gee toe dat al die banke in Europa, die VSA en Brittanje baie bedag daarop is dat daar "geldwassery" kan plaasvind. Die oorplasing van groot bedrae geld uit vreemde lande moet gevolglik aan die owerhede gerapporteer word. **Die Amerikaners en die Engelse het bewus geword van die RSA se CBO vermoë. Dit was voor die verkiesing in 1994. Hulle het die regering gekonfronteer. Hy moes toe die Amerikaners en die Engelse voorlig oor die aangeleentheid. Hulle het toe versoek om met die beskuldigde te praat. Hy bevestig dat die geheime diens van die VSA, twee dae later, 'n gesprek met die beskuldigde gehad het.**

[116] Die beskuldigde het 'n wye diskussie gehad m.b.t. tot verkrygings en betalings. Hy kon uitgawes op bedryfsvlak magtig. Reis- en verblyfkoste moes hy mettertyd met die interne ouditeur bespreek. Dit is aan hom gestel dat by geleentheid die beskuldigde reeds gereël het vir die vervoer van goedere en toe onrustig geraak het oor die vervoerder. Hy het die goed weer in besit geneem en gestoor in 'n stoor, in Europa, wat spesiaal gehuur is vir daardie doel en daarop gevlug na Engeland. Hy het eers twee weke later teruggekeer en opnuut gereël vir die vervoer na die RSA. Sy reaksie daarop was dat daar nie fout te vinde was met daardie optrede van die beskuldigde nie. Voordat hy deur die Staatspresident afgedank is, was dit nie van die beskuldigde verwag om strokies te hou van hotelle ens. nie. Hy kan ook nie betwis dat die beskuldigde onder

verskillende identiteite gereis het en in die een land bekend was as X terwyl hy in 'n ander land bekend was as Y nie. Hy betwis ook nie dat groot bedrae in kontant aan persone betaal is nie. Dit word aan hom gestel dat Patricia Leeson 'n bedrag van £50 000 aan Buffham betaal het. Hy bevestig dat sy sielkundige probleme opgedoen het weens haar werk in Engeland en toe later teruggekeer het na die RSA. Hy gee toe dat daar ruiltransaksies kon gewees het en noem spesifiek die ruil van die peptiedsintetiseerder vir produk M. Toe dit aan hom gestel is dat die staat suggereer dat daar nie goeie ouditkontrole was nie het hy dit betwis en gesê dat daar goeie ouditkontrole was. Volgens hom was die eksterne ouditeur, mnr. Theron, baie ervare en by meerdere geheime projekte betrokke. Hy is aangestel deur die minister van verdediging. Daar was verder 'n permanente interne ouditeur in die vorm van D John Truter. Hy moes fisies kontrole doen en die eksterne ouditeur moes ook kontroleer. Hy het nooit kennis gekry van enige ongelukkigheid tot met die Kroatiese transaksie nie en totdat KEEM vrae begin vra het nie. Ook die OG., in die vorm van mnr. Wally van Heerden, was nou betrokke by die projek. Die OG het soms vir Theron gevra om hulle te verteenwoordig. Hy het bevestig dat mnr. van Heerden 100% bewus was van die familieverbintenis tussen die minister en dr. Mijburgh. Hy het verduidelik dat, toe daar 'n vergadering in Kaapstad was tussen die ministers en die lede van die KBK en andere, en minister Barend du Plessis parlement toe moes gaan, die ander lede van die vergadering toe gaan eet het. Hierdie aspek is toe bespreek en die konsensus was dat minister Malan moeiliker was wanneer dit by Mijburgh gekom het as wat hy met ander mense was. Hy kan nie betwis dat dit pertinent ter sprake was toe die beskuldigde, Theron en van Heerden geëet het by La Perla restaurant nie.¹

[117] Ook die inspekteur-generaal kon oudit. Dit is wel so dat HSI gesê het dat die inspekteur-generaal nie by die fronte soos Delta G en RNL kon oudit nie. Dit was omdat die KBK die beskuldigde se aanbeveling aanvaar het. Daar kleef niks sinister daaraan nie. Hyself was byvoorbeeld maar slegs een keer, op 'n Sondag, by Delta G. Die beleid was dat die SAW nie daar gesien moes word nie. Die inspekteur-generaal was wel betrokke by die privatisering. Die inspekteur-generaal het ook fisiese kontrole uitgevoer. Hy was bewus daarvan. Dit word ook bevestig deur bewysstuk 21B paragraaf 38 waarin gesê is dat 20% van die voorraad fisies getoets is en dat daar geen verskille was nie. Dit blyk verder uit die dokument dat kolonel

¹ Bewysstuk 3A paragraaf 6.

Jacobs van mening was dat die projek op 'n weldeurdragte wyse bestuur is en dat hoë gehalte werk gedoen is. Hy weet nie of die 20% kontrole die laboratorium by Speskop ingesluit het nie.

[118] Hy het sitting gehad op die breë bevelsstruktuur. Daar is operasies bespreek en terugvoering is gegee. Behoeftes en vereistes is gestel. Indien toerusting vanuit die projek en onder sy beheer, benodig is, moes dit beskikbaar gestel word. Die breë bevelsraad was nie ten volle ingelig oor alle aspekte nie aangesien die “moet weet” beginsel gegeld het. Hy was ten volle ingelig oor wat hy in voorraad gehad het. Hy weet nie van gevalle waar die behoefte nie bevredig kon word nadat hy onderneem het om te lewer nie. Hy het nooit die indruk gekry dat goed wat daar moes wees, nie daar is nie. Die behoeftes van die projek was anders as die behoeftes van die SAW. Die projek moes juis 'n vermoë ontwikkel vir die SAW. Wat die “moet weet” beginsel aanbetref bevestig hy dat, soos in alle weermagte van oor die wêreld, daar 'n geselekteerde groepie was wat vertroulike dinge bespreek het. Hy bevestig dat, toe hy HSAW was, generaal Liebenberg somtyds dinge net met die beskuldigde bespreek het. Hy was ongelukkig daaroor en het by gen. Geldenhuys gekla.

[119] Die beskuldigde was nie net die projekoffisier nie. Hy het o.a. ook agente vir spesmagte gevestig in die buiteland. Generaal Liebenberg was voorheen bevelvoerder van spesmagte. Generaal Joubert het by hom oorgeneem. Hy verduidelik bevelsaffilasie, wat in alle weermagte te vinde is soos volg. 'n Besondere persoon, wat onder bevel van sy bevelvoerder is, kan toegewys word aan 'n ander operasionele beheer. Daardie bevelvoerder kan vir hom sê watter dinge om te doen en waar hy dit moet doen, maar nie hoe hy dit moet doen nie. Wanneer hy die beskuldigde as 'n dokter aan spesmagte toewys kan die spesmagte bevelvoerder vir hom sê waar om mediese bystand te verleen maar hy kan nie vir hom sê hoe om te opereer nie. Hy gee toe dat die beskuldigde in daaglikse kontak was met die bevelvoerder van spesmagte. Hy gee toe dat gen. Liebenberg 'n geweldige sterk bestuursstyl gehad het en sy wil afgedwing het.

[120] Hy gee toe dat Goosen na privatisering prominent was. Dit is so dat hy aanvanklik in beheer was by RNL en toe vervang is met Swanepoel. Hy gee toe dat in soverre die staat die indruk probeer skep het dat die

beskuldigde dit so georkestreer het sodat Swanepoel voordeel uit die privatisering kon trek, dit eenvoudig nie reg is nie. Daar was bestuursprobleme en veiligheidsbreuke. Goosen is aanvanklik verskuif na die teelprojek. Nadat daar toe 'n sekerheidsbreuk in die wildtuin was het HSI voorgestel dat hy ontslaan word en dit het toe gebeur. Die KBK moes poog om sy goeie gesindheid te behou en sekerheid te verseker. Daar was bewerings dat Goosen projekeiendom van tussen R30 000 en R40 000 ongemagtig by sy eie huis ingebou het. Goosen het gaan boer. Die boerdery was nie 'n sukses nie. Sy vrou is oorlede. Hy het die privatisering uit 'n ander hoek gesien as wat die KBK dit gesien het. Hy het gevoel dat hy benadeel is. Hy het 'n onderhoud met hom (die GG) gehad. Hy op sy beurt het hom na HSF verwys. Daarna het hy die staatsprokureur gaan sien. Toe hy daarna na hom toe terugkeer het hy gereël dat hy die advokaat-generaal kon gaan sien. Die beslissing was dat daar geen gronde was vir 'n regstelling nie. Goosen het daarna 'n onderhoud met hom aangevra in die teenwoordigheid van die beskuldigde. By daardie onderhoud het Goosen toe gedreig dat hy dit sal openbaar maak dat die beskuldigde homself, in opdrag van hom (die GG) skuldig gemaak het aan kriminele optrede.

[121] Hy het bevestig dat daar 'n dr. van Rensburg by RNL was. Hy kon nie betwis dat van Rensburg administratief ontslaan is nie. Hy het ook meer geld geëis en 'n aksie by die hooggeregshof ingestel. Hy het gedreig dat hy sal sê dat die beskuldigde 'n lid van die BSB was. Hy weet ook dat Jan Lourens ontslaan is by Protechnik. Daar was bewerings oor oneerlikheid. Hy kan nie bevestig dat Lourens gesê het dat die beskuldigde en gen. Neethling kommissie ontvang het nie. Hy toon aan dat Lourens beweer het dat die beskuldigde verantwoordelik was vir die opbreek van sy huwelik.

[122] Hy glo dat getuies in die buiteland ernstige probleme sal optel as dit bekend word dat hulle betrokke was by die SAW. Volgens hom was die interne ondersoek baie volledig. Dit was duidelik by die vergadering by Sterrewagkop dat daar besorgdheid was oor sekerheids- en finansiële implikasies. Daar is van afluisterapparaat gebruik gemaak en 47 lyne is getap. Hy vermoed dat sy lyn ook getap is. Daar is veral ondersoek ingestel na huurvlugte en die vloei van fondse.

[123] Die SAW was verantwoordelik vir die verskaffing van medisyne aan Unita. Daar is wetgewing wat die GG magtig om 'n sentrale artseny magasyn te bedryf. Daar moet groot voorrade op die rak wees en 6 000 plekke moet voorsien word. Ingeval van skaarsheid moet dit beskikbaar wees. Sommige medisyne het 'n beperkte rakleef tyd en moet na 'n tyd vervang word. Medisyne wat op die punt was om vervang te word, maar nog bruikbaar was, is na Unita toe gestuur. Die beskuldigde was verantwoordelik vir die verpakking en herverpakking daarvan. Daar was ook 'n reëling met groot verskaffers van medisyne dat hulle medisyne wat aan die einde van hulle rakleef tyd gekom het ook aan die SAW gelewer sou word en aan Unita beskikbaar gestel sou word. Baie van die medisyne was in poeivorm en moes dan ge-enkapsuleer of getabletteer word. Daar was so 'n vermoë. Die medisyne moes nie na die skenker teruggespoor kon word nie. Verpakkings moes soms verander word. Terwyl die politici ontken het dat dit gebeur was daar in effek betrokkenheid by Unita en Renamo.

[124] Hy bevestig dat daar 'n verskil is tussen SAW rekords en projekrekords. Sommige van die goedere sal glad nie op die SAW rekords voorkom nie. Dit is die goed wat in die gehuurde store was. Na normalisering (privatisering) is dit geleidelik oorgedra na die SAW store. Daarna sou die Coast voorraad ook deel van die SAW voorraad geword het. Die privatisering was nie 'n algemene oopgooi van Coast nie. Besondere persone, soos die direksie van Krygkor, en sommige van die ministers is ingelig. Hy was nie bewus daarvan dat die beskuldigde 'n besondere noue band met Libië gehad het nie maar het later daarvan gehoor.

[125] Delta G en RNL is befonds deur die SAW. Frontmaatskappye soos Organochem was privaarmaatskappye maar het verkryging gedoen vir Delta G en is op kontrakbasis deur die staat vergoed. Die beskuldigde is weer in 1995 aangestel in die SAW. Dit was op versoek van President Mandela ten einde sy bewegingsvryheid aan bande te lê. Hy is toe in diens geneem as 'n kardioloog. Om dit reg te kry moes mnr. Mbeki 'n persoonlike gesprek voer met 'n staatsdiensamptenaar.

[126] Oor aanklagte 23 en 24 sê hy dat daar gelyktydig besluit is dat Delta G en RNL geprivatiseer moet

word. Dit was vanuit die staanspoor voorsien dat wanneer die doelwitte bevredig is daar eers gekommersialiseer moes word en daarna geprivatiseer moes word. Vanaf 1988 was dit sy mening. Kommersialisering het meer effektief geskied in RNL as by Delta G. Die privatisering van Delta G het begin in 1990 en RNL moes in 1991 begin. Die KBK het besluit dat ondersoek moet word hoe geprivatiseer moet word. Daar was 'n eerste voorlegging in 1989. Daar was voorstelle wat nie aanvaarbaar was nie. Uiteindelik het die KBK saamgestem. Dit was nie die beskuldigde se inisiatief nie. Hy, as projekoffisier, het opdrag gekry om voorstelle te maak. Hulle is voorgelê vir bespreking. Hy kan nie betwis dat die beskuldigde nie betrokke kon wees met die vervanging van dr. Willie Basson met dr. Mijburgh nie omdat dit gedurende 1985 geskied het, toe hy op stafdienskursus was. Alhoewel hy toegegee het dat die beskuldigde se rang die laagste was van almal op die KBK was hy tog van mening dat ervaringsgewys en kundigheidsgewys hy leiding kon gee. Wat finansiële aspekte aanbetref was HSF die mees kundige persoon. Die projekouditeur, die staatsprokureur en die OG was betrokke by die verkoop van die bates. Mnr. Wronsley (die OG), mnr. McGregor (staatsprokureur), die minister van verdigting, die minister van finansies en die minister van staatsbesteding was almal betrokke. Die doel van die verkoping was nie om die mees ekonomiese verkoping te bewerkstellig nie. Daar moes 'n totale verbreking wees van die bande tussen die SAW en die voormalige frontorganisasies. Aan die ander kant moes daar nog 'n mate van beheer en toeganklikheid tot die organisasies wees. Dit was noodsaaklik dat die personeel se dienste behou word en dat die individue gelukkig gehou moes word. Die grootste gedeelte van Delta G se werk is vir die SAW gedoen. RNL het tot 'n mate in die privaatmark geopereer. Delta G was hoofsaaklik 'n navorsingsfasiliteit. Daar was nie werklik 'n vooruitsig dat dit suksesvol sou kon meeding in die ope mark nie. Die produksievermoë moes uitgebrei word om bv. Landbouchemikalieë in die ope mark te kan verkoop en om dit koste-effektief te kan doen. Dit was oorgekapitaliseer en nie goed geleë vir mededinging in die ope mark nie. Skadelike gasse kon vrygelaat word en lei tot verdere besware deur die inwoners van Midrand. Die apparaat is buitendien erg besoedel deur die CR. Dit is oorgedra aan die beskuldigde. Dit moes ook so wees dat die aandeelhouers, na oorname, nie 'n beswaar sou hê teen produksie tot die voordeel van die SAW nie. Die dokument wat die beskuldigde opgestel het was 'n besprekingsdokument. Hy het nie voorgeskryf nie.

[127] Dit was moeilik om 'n prys te bepaal omdat daar net eenvoudig nie sulke projekte in die ope mark gewees het nie. Potensiële kopers was uiters beperk. Die voorstel om 'n aanbod te probeer kry en om dan te kyk of dit ge-ewenaar kan word deur die personeel was sinvol. Die Sentrachem aanbod was nie aantreklik nie. Hulle sou die fasiliteit oorneem en in stand hou vir vyf jaar en vervaardig teen kontraksprys. Hulle was egter nie bereid om enigiets te betaal vir die eiendom en die toerusting nie. Die bestuur se aanbod was beter. Hulle sou die bedryfsmaatskappy koop vir R12miljoen. Die lening sou vir drie jaar rentevry wees. Verder was hulle verplig om die vaste bates binne die volgende 20 jaar vir R20miljoen aan te koop. Eskalasie van 8% sou van toepassing wees. Dit kom ooreen met die huurgeld van R1,6miljoen wat jaarliks voor oorname van die eiendomme betaalbaar sou wees aan die staat. Die SAW sou die finansiering gee vir die oorname van die aandele. Sy mening was dat daar nie bevoordeling van enigiemand was nie. Dit is so dat die staatsprokureur en die OG bedenkinge gehad het maar hulle het tog later toegegee dat in die omstandighede van die geval aanvaarding van daardie voorstel die beste was. Die parlementêre komitee GSKOR het aan die OG opdrag gegee om die privatisering te ondersoek en te kyk of die vervreemding billik geskied het. Sover hy weet is daardie ondersoek nog nie afgehandel nie. Hy gee toe dat dit absurd is om die beskuldigde daarvan te beskuldig dat hy 'n skema uitgedink het om iemand te bevoordeel. Die bestuur van Delta G het self die lewensvatbaarheid van 'n oorname ondersoek en wou 'n geleentheid hê om 'n aanbod te maak. Die feit dat Mijburgh 75% van die aandele sou kry het van die bestuur gekom. Die personeel wat, behalwe Mijburgh, die ander aandeelhouders geword het was nie bereid om die risiko van die skuld op hulle te neem nie. Mijburgh was verplig om self daardie verpligting op hom te neem. Mijburgh se aandele sou agtergehou word deur die SAW totdat hy die R12miljoen betaal het, terwyl die ander aandeelhouders hulle aandele gratis sou kry nadat hulle drie jaar gewerk het. Boonop is Mijburgh gekontroleer deurdat Theron aangestel is as trustee in sy familietrust, wat die houer van sy aandele was.

[128] By RNL was die posisie omtrent dieselfde behalwe dat RNL meer privaat blootstelling gehad het. Die vervreemdingsooreenkoms moes 'n jaar later gevolg het en was in lyn vir 1 Maart 1991. Daar was egter 'n probleem met die op skrifstelling daarvan en die oorname van die hondeteeleenheid deur die polisie. Dit het

oorname vertraag. Hy was voorsitter van 'n departementele komitee waarop die kommissaris van polisie en Eskom verteenwoordig was. Hy kan nie ontken dat, prakties gesproke, RNL reeds op 1 Maart 1991 geprivatiseer was nie. Dit is so dat die ooreenkoms terugdateer is na 1 April 1991 om die werklike toestand te bevestig. Hy bevestig dat die terugdatering bevraagteken is en dat dit hanteer is deur HSF. Die kansellasië was 'n politieke besluit. Daar was 'n opdrag van die Staatspresident om 'n kabinetskomitee voor te lig. Dit het geskied op 20 September 1990. Dr. Gerrit Viljoen was o.a. op die komitee. Later is 'n finale besluit op politieke vlak geneem. Die beskuldigde het geen rol by die neem van die besluit geneem nie. Die beskuldigde het wel voorstelle gemaak. Dit was letterlik so dat die politici opdrag gegee het dat die SAW kontrakbreuk moet pleeg en dan die posisie moes regstel. Daar was spesifiek 'n opdrag dat die navorsingspersoneel vir twee jaar nie verminder of ontslaan moes word nie. Dit sou groot belangstelling veroorsaak indien 70 wetenskaplikes oornag werkloos sou raak. By privatisering is die maatskappye van hulle inkomste ontnem maar is hulle opgedra om nie van hulle personeel ontslae te raak nie. Die bestaande skulde sou teen die twee bedrae van R37 miljoen en R32 miljoen wat onderskeidelik met Delta G en RNL beding is in verrekening gebring word. Die balanse was dan beskikbaar om die twee instansies vir die volgende twee jaar te bedryf. Hy betwis dit nie dat die geld wat so oorgebly het, in die geval van Delta G, nie genoeg was om Delta G aan die gang te hou nie. Hy betwis dit nie dat Delta G gou in 'n finansiële verknorsing was nie en dat dr. Mijburgh 'n persoonlike skuld van R9 miljoen gehad het nie. Hy ontken ook nie dat die netto verkoopprys aan Sentrachem R600 000 was nie. Dr. Mijburgh het een sent per aandeel gekry terwyl die ander aandeelhouers behoorlike vergoeding vir hulle aandele gekry het. Ook wat RNL aanbetref was dit nie besig om finansiële baie goed te gaan nie, was dit na twee jaar ook in die moeilikheid en is daar besluit om die maatskappy te likwideer. Daar kon nie 'n koper vir die vaste eiendom gevind word nie. Dit is besluit om die eiendom per openbare veiling te verkoop. Toevallig het iemand van die landbounavorsingsraad, wat 'n bruidskat ontvang het, gesien van die verkoping en navraag gedoen. Per geluk is die eiendom toe vir R8 miljoen verkoop. As gevolg daarvan het die bestuur van RNL toe goeie vergoeding ontvang. Die getuie gee toe dat daar geen basis is om te beweer dat die beskuldigde onderhands opgetree het met die privatisering van enigeen van die twee projekte nie. Die besluite is nie deur die beskuldigde geneem nie. Hy gee verder toe dat die algemene opvatting was dat die bestuursvaardighede by beide Delta G en RNL aandienlik verbeter het

nadat Mijburgh en Swanepoel die bestuurdersposisies daar gevul het.

[129] Hy is nie seker wanneer die sinkgat by Speskop in geval het nie. Dit kon vroeër gewees het as wat hy in hoof getuig het. Die beskuldigde kon vir gen. Viljoen na Openbare Werke vergesel het. Hyself is by mediese staf operasies aangestel in 1983. Hy kan nie datums betwis nie. Die laboratorium is bedryf deur EMLC. Hy kan nie ontken dat daar verwapeningstoetse uitgevoer is by by spesmagte laboratorium vanaf 1988 nie. Hy was onder die indruk dat dit plaasgevind het by Delta G en voor dit by Val-de-Grace. Hy kan nie betwis dat Delta G nie pirotegniese navorsing kon doen nie. Hy gee toe dat 'n disseminasieproses nodig was vir alle substansie en dat dit ingewikkelde navorsing was met vele fasette. Die rakleef tyd moes vasgestel word asook die samestelling en fisiese, chemiese en termiese uitwerking daarvan. Daar was 'n behoefte aan so 'n laboratorium. Daar is sulke navorsing gedoen en die toetse het gevorder tot op die protipe stadium toe daar 'n politieke besluit geneem is om nie voort te gaan met die verwapening nie. Daar was nie 'n onvermoë om dit te doen nie. Die verwapening sou egter strydig wees met die konvensies wat binnekort onderteken sou word. Dit is verder so dat dit baie goedkoper is om toetse in die laboratorium te doen as om elke keer deur aflewering te toets. Hy kan nie ontken dat die laboratorium toegerus is voordat hy GG geword het nie. Daar was nie weer 'n versoek om die laboratorium toe te rus nadat hy GG geword het nie. Hy gee toe dat Speskop die regte plek vir so 'n laboratorium was. Daar was ploffstof- en wapendeskundiges. Daar was goeie sekuriteit en 'n afgebakende gebied waar ontploffings gedoen kon word.

[130] Hy het verder toegegee dat die mediese personeel dieselfde opleiding gehad het as die spesmagte soldate. Hulle moes o.a. **“up-sailing”** en ploffwapen opruiming kon doen. Hy bevestig dat die KBK nie wou weet waar die toerusting gekoop is nie. Dit is aan hom gestel dat Buffham verbonde was aan die Britse Inligtingsdiens en dat hy ontevrede was oor sekere aspekte van die behandeling wat hy ontvang het. Die Inligtingsdiens weer was ontevrede omdat hy kontak gehad het met Russiese agente. Dit is verder aan hom gestel dat volgens die beskuldigde se kennis Buffham kontak gehad het met Oos-Duitsers wat kontak gehad het met die Libiese Inligtingsdiens en dat Buffham 'n wapendeskundige was. Hy stem saam dat daar 'n gespesialiseerde laboratorium was en dat dit waarskynlik by Speskop was.

[131] Met betrekking tot aanklag 5 het hy toegegee dat die laboratorium naby aan die kantoor van die bevelvoerder van spesmagte was. Dit is aan hom gestel dat gen. Joubert kennis geneem het van 'n ontploffing in die laboratorium en gedreig het om die beskuldigde met laboratorium en al uit te gooi tensy 'n behoorlike plof-alarmstelsel geïnstalleer word. Hy was gedurende 1987 by HSF en het nie alle KBK vergaderings bygewoon nie. Hy gee toe dat 'n plof-alarmstelsel noodsaaklik was vir daardie laboratorium. Daar is 'n verskil tussen 'n chemiese brand en 'n gewone brand. By 'n gewone brand reageer die alarmstelsel op rook. By 'n chemiese brand is daar nie noodwendig rook nie totdat die brand al ver ontwikkel het nie en dit te laat is om dit te blus nie.

[132] Op hierdie stadium van die kruisverhoor het die staat aangedui dat die staat nie noodwendig beweer dat daar geen alarmstelsel geïnstalleer is nie. Die staat se saak is bloot dat die alarmstelsel nie betaal is met geld waarmee die beskuldigde sê dit betaal is nie. Die getuie weet nie van 'n dokument wat aantoon dat die geld gebruik is om die plof-alarmstelsel te betaal nie. Die verduidelikings in F1.68 was rekonstruksie. Daar was 'n doelwit-begroting wat deur die KBK goedgekeur is. Die tegniese werke-komitee in samewerking met die beskuldigde het die behoeftebepaling gedoen en gelde is dan aangevra. Dit is dan bespreek en goedgekeur. Die beskuldigde moes dan die aankope doen. Na goedkeuring deur die KBK was daar nooit groot detail ivm. aanvrage nie. Wanneer hy die styl van admiraal Bekker en generaal Murray as HSF vergelyk sê hy dat die hele KBK aanvanklik meer bekommerd was oor detail as later toe dit geblyk het dat daar nie sekerheidsbreuke was nie en die projek vlot verloop het. Almal het later meer gemaklik geraak.

[133] **Hy bevestig dat daar inderdaad projektielstukke was en dat hy 'n foto van die beskuldigde by Valapjar gesien het. NEE!!!!** Waat aanklag 2 aanbetref kan hy dus nie betwis dat dit op daardie stadium vir 'n Suid Afrikaner nodig was om met iemand anders se hulp te reël om Iran te besoek. Prof. Heyndrycz was die soort van persoon wat dit sou kon reël. Hy gee ook toe ivm. aanklag 3 dat prof. Heyndrycz die soort van persoon was wat kon reël vir die verkryging van die deteksie apparaat. **Hy kan nie onthou dat die Amerikaners en die Engelse met die beskuldigde oor Iran wou praat nie maar kan wel onthou dat hulle**

met hom oor die Russe wou praat. Dit was belangrik om te weet wat Irak se CBO vermoë was omdat hulle verskaffers waarskynlik ook aan die SAW se teenstanders CBO wapens sou kon voorsien. Daar is 11 of 12 lande in die Midde-Ooste en die Oosblok geïdentifiseer gedurende 1989. Dit het gedurende 1987 en 1988 bekend geword dat Irak chemiese wapens teen Iran gebruik. Die projektielstukke is verkry in Januarie 1988. Dit is aan hom gestel dat prof. Heyndrycz die besoek gereël het en dat die beskuldigde sy reisdokumente ontvang het van sy sekretaresse me. Wouters. In Iran het die beskuldigde 'n persoon van hulle veiligheidsdiens, ene Hashemi, ontmoet wat, om moontlike verleenthede te vermy, gereël het dat die beskuldigde in 'n leër hostel gebly het. Dit is verder aan hom gestel dat die beskuldigde met die projektielstukke na Suid Afrika teruggekom het en dat dit ontleed is beide by Delta G en by die forensiese laboratorium van die polisie. Hy bevestig dat hy weet van die besoek aan Iran en van die projektielstukke. Hy was onder die indruk dat 25 CAMs. aangekoop is. 'n Nat deteksie stel is 'n sak met chemiese middels waarmee toetse op die grond gedoen word. Die CAM is baie meer gesofistikeerd.

[134] Dit is aan hom gestel dat daar nog 13 CAMs beskikbaar is, 10 daarvan by die SAW en 3 by Protechnik. Hy aanvaar dat as Heyndrycz 'n verskaffer was die afspraak met hom was om te ontken dat hy die CAMs verskaf het. Hy bevestig dat uitsoekgroepe genooi is om die CAMs te besigtig en dat hy dit gesien het.

[135] Aangaande aanklag 6 wat te doene het met die oorbetaal van fondse aan CSD word hy verwys na F6.1. Die aanvraag was vir die ontwikkeling van toerusting. Die verduideliking aan KEEM was 'n rekonstruksie. Hy weet nie of die oorspronklike versoek skriftelik of mondelings was nie. Hy bevestig dat daar wel 'n behoefte was. Die rede was dat die wetenskaplikes gesukkel het met "reverse engineering". Daar was geld nodig om tegnologie uit Engeland te bekom vir gebruik hier. So ver as wat hy weet is dit bekom.

[136] Oor aanklag 7 sê hy dat dit betrekking het op 'n databasis en sête ware wat inligting gee oor die verspreiding van gasse. Dit stel troepe in staat om te bepaal hoe ver hulle moet terugval, of hoe na aan damme of ander voorwerpe hulle kan beweeg. Die SAW het dit nodig gehad. Dit maak omgewingsanalises in

weermags-operasies. Dit moes aangepas word omdat klimaatstoestande hier anders is as in Engeland. Dit is noodsaaklik vir beide konvensionele oorlogvoering en vir bevegting van terrorisme. Dit gee 'n aanduiding van welke teenmaatreëls getref kan word.

[137] Daar was twee betalings van £10 000 en £30 000 aan Buffham. Dit vorm die basis van aanklagte 8 en 9. Die staat het nie besonderhede gegee oor die dienste wat gelewer moes word nie. Die bewerings is betreklik vaag en die getuie het nie enige kommentaar ten opsigte van die aanklagte nie.

[138] Oor aanklag 10 sê hy dat hy bewus was daarvan dat daar kantore in Engeland gehuur moes word en 'n adres gevestig moes word. Hy was onder die indruk dat die kantore gedeel moes word met HSI maar het nie geweet dat spesmagte ook daarby betrokke was nie. Hy weet nie van Dave Scales nie maar is bewus van Patricia Leeson. Hy weet dat Mole betrokke was by die kantoor en belangrik was vir die projek en die verkryging van produkte in die veld van telekommunikasie. Hy word verwys na die aanvrage vir die oorbetalings van twee bedrae van £5 000 en £4 070 per maand aan R F Telecommunications.² Indien die beskuldigde skelm wou wees kon hy die bedrae getrek het sonder om dit aan te vra. Hy bevestig dat die kantore gehuur en betaal is.

[139] **Hy bevestig dat Libië, Oos-Duitsland en die Russe 'n groot rol gespeel het by die verskaffing van benodighede.** Wat is sy gronde vir hierdie bevestiging??? Hy kan nie bevestig dat hulle nie die geld wat hulle ontvang het na hulle lande teruggeneem het nie maar in die Weste probeer hou het nie. Aanklagte 11, 12 en 13 het te doene met die mislukte poging om 'n peptiedsintetiseerder aan te koop. Daar was 'n behoefte om dit te verkry maar daar was 'n probleem met die verkryging daarvan. 'n Gedeelte van die fondse is toe gebruik om "probes" te verkry en die verkryging daarvan is goedgekeur deur die KBK. Daar is ook thymus peptied aangekoop en die balans van die geld is teruggebring na die RSA. Die rente wat verdien is op die geld terwyl dit in die buiteland belê was behoort ook terug te kom na die projek. Hy stem nie saam dat die rente na MCI moes gaan nie. **Hy kan nie betwis dat die gepoogte verkryging geskied het deur die**

² Bewysstuk F10.2

bemiddelling van die Libiërs, die Oos-Duitsers en die Iranese, en in besonder Hashemi nie. Hy betwis dit ook nie dat die Iranese weer op soek was na beskermde klerasie nie en dat daar 'n afspraak was dat die beskuldigde hulle sou probeer help om dit te verkry nie. Dit is gestel dat daar 'n mnr. Abdullah in Iran by die transaksie betrokke was. Hy is beskuldig daarvan dat hy kommissie geneem het op die transaksie, teruggeroep na Iran en tereggestel. Hy kan nie bevestig dat die prestasiewaarborg by die klerekontrak eintlik die betaling vir die peptiedsintetiseerder sou wees nie. Hy bevestig egter dat die "probes" en die thymus peptied ontvang is. Die KBK het nie enige voorbehoude gehad oor die beskuldigde se strukturering van die transaksie nie, so lank as wat daar nie selfverryking plaasgevind het nie. Dit is nie aan KEEM openbaar dat die beskuldigde tekenmagte op sommige van die buitelandse rekenings gehad het nie. Die getuie aanvaar dat dit 'n noodmaatreël was om toegang tot die fondse te hê ingeval daar iets onvoorsiens met die buiteland in wiese beheer die fondse geplaas is sou gebeur het. Behalwe dat dit nie aan KEEM openbaar is nie het hy nie enige probleem met die metode van optrede nie. Dit is so dat daar naderhand nie meer 'n behoefte was vir die \$3,2 miljoen waarborg nie en dat die \$325 000 betaal is.

[140] Daar is verdere stellings oor aanklag 4 gemaak. Daar is 25 CAMs benodig en ontvang. Daar was 'n probleem met die eerste kanaal. Daar is toe van 'n tweede kanaal gebruik gemaak. Die eerste 12 het via Heyndrycz gekom en die volgende 13 via Buffham. Die tweede groep is verprei na Unita en gebruik deur spesmagte.

[141] In kruisverhoor oor aanklagte 14 en 15 het hy bevestig dat daar 'n ruiltransaksie was en dat hy nie daarmee enige fout te vinde het nie aangesien dit in die beskuldigde se diskresie was. Dit is aan hom gestel dat as so 'n apparaat na 'n land soos Suid Afrika gebring word 'n deskundige moet saamkom om dit in werking te stel. Dit is verder aan hom gestel dat 'n Bulgaar saam met die peptiedsintetiseerder na die RSA gekom het. Verder is dit aan hom gestel dat die apparaat twee maal na Europa moes teruggeneem word om herstel te word. Hy kon nie ontken dat die apparaat deur die weerlig beskadig is nie.

[142] Om te verbloem dat die SAW die privatisering gefinansier het is die geld oorgeplaas na die buiteland. Eers is 30% daarvan teruggestuur en aan MCI betaal en daarna is die balans in maandelikse bedrae betaal.

Dit is so dat \$2,5 miljoen gebruik is vir die aankoop van die vliegtuig. Dit was duidelik dat 'n sintetiseerder gelewer sou word en dat die geld betaal sou word. Wat die aankoopprys van \$3,2 miljoen vir die peptiedsintetiseerder aanbetref getuig hy dat hy onder die indruk was dat dit die prys was van net die sintetiseerder en dat dit nie "probes" en die thymus peptied ingesluit het nie. Hy was onder die indruk dat dit gesintetiseer sou word. Hy ontken egter nie dat dit nodig was om die thymus peptied te kry vir kalibrering nie. Hy bevestig verder dat die peptiedsintetiseerder geruil is vir produk M, wat later vernietig is.

[143] Oor aanklag 20 bevestig hy dat dit deel van die sekerheidsopset was dat die beskuldigde homself sou voordoen as 'n ryk sakeman wat besigheid doen in die chemiese veld. Hy aanvaar dat die beskuldigde 'n kredietkaart of kredietkaarte gehad het, in sy naam, wat hy in Europa gebruik het. Dit sou val binne die riglyn dat hy vryheid van beweging moes hê. Dit is aanvaarbaar dat hy voorgegee het dat hy belange het in maatskappye. **Die getuie was egter ongelukkig dat die beskuldigde hom nie ten volle daaroor ingelig het ten tye van die KEEM navrae nie.**

[144] Aanklag 16 het betrekking op die peptiedsintetiseerder. Hy sê dat toe hy gepraat het van offensiewe vigsnavorsing hy bloot aktiewe vigsnavorsing bedoel het. Dit het te doen met die bekamping van vigs nie die verspreiding daarvan nie. Alhoewel hy dit nie bevestig nie betwis hy nie dat een van die redes vir die verkryging van die peptiedsintetiseerder was om navorsing te doen oor breinbeïnvloeding weens die toediening van die inkapasitante nie. Hy bevestig dat die opdrag was dat die aard van die inkapasitante sodanig moes wees dat dit nie permanente breinbeïnvloeding tot gevolg sou hê nie. Indien die navorsing met die sintetiseerder ook daarop gemik was om gevolg te gee aan die opdrag gaan hy met die navorsing akkoord. Hy gee toe dat die wetenskap so ver gevorder is dat dit bekend is in watter deel van die brein watter emosies ontstaan. Hy gee toe dat met die toediening van hierdie substansie jy van 'n normale persoon 'n aggressiewe persoon kan maak en ook die omgekeerde nl. om van 'n aggressiewe persoon 'n normale persoon te maak. Hy het ook weer eens bevestig dat die peptiedsintetiseerder hier gebruik is en dat dit twee maal teruggestuur is na Europa. Dit was die tweede maal nodig omdat dit deur weerlig beskadig is. Hy bevestig dat ons beskik het oor BZ, BX en produk M. **Hy was nie bewus daarvan dat gen. Neethling**

bewus was van die peptiednavorsing nie en was onder die indruk dat hy met die projek niks te make gehad het nie. Hy kan nie ontken dat gen. Neethling by KEEM getuienis gegee het oor 'n rekenaar wat daar gestaan het en waarvan hy nie geweet het presies wat dit was nie. Hyself was nie weer in die laboratorium nadat die sinkgat ingeval het gedurende die middel van die tagtiger jare nie. Hy kan nie ontken dat daar 'n apparaat was met 'n dampkasvermoë by spesmagte nie. Hy het wel later sulke dampkaste by Protechnik gesien.

[145] 'n Bedrag van R130 000 (75 491 Switserse frank) is ter sprake in aanklag 17. Dit word aan hom gestel dat dit betrekking het op Vaso aktief. Hy wys uit dat die beskuldigde in sy handskrif geskryf het Prostaglandien. Hy was nie onder die indruk dat die CR gelei het tot die verwyding van bloedvate nie. Hy kan nie kommentaar lewer oor die effek van die CR nie nl. dat as 'n persoon dit inkry dit veroorsaak dat hy omval en dat hy nie 'n probleem het nie behalwe dat hy nie, wanneer hy probeer opstaan, kan regop bly nie. Dit word aan hom gestel dat daar navorsing oor die verwyding van die bloedvate was omdat gevrees is dat toedienings daarvan tot die vernouing van die longe en die lugpyp kon lei. Hy sê dat as sulke navorsing gedoen is dit in ooreenstemming is met wat die doelwit was.

[146] Oor aanklagte 18 en 19 bevestig hy dat groot hoeveelhede BZ aangekoop is. Daar was derivate wat suksesvol geblyk het te wees. Dit was een van die substansie wat hulle op 7 Januarie 1993 aanbeveel het wat vernietig moes word. Daar was 'n aankoop aan die einde van Oktober 1992. Die beskuldigde het verduidelik dat daar 'n voorlopige afspraak tussen hom en die verskaffers was maar dat hy 'n dubbele bedrag geld nodig. Hy sê dat hy nie geweet het dat die verdeelbare waarborg op grondvlak eintlik 'n samewerkingsooreenkoms tussen die beskuldigde, Regli en Jacomet was nie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde aanvanklik nie geweet het dat die Switsers kernmateriaal wou aankoop nie. Hy gee toe dat Jacomet nie bloot 'n tussenganger was nie.

[147] Oor aanklagte 65, 66 en 67 het hy soos volg getuig: Die leer sou 'n hoeveelheid beskermde klerasie ontvang. **Hy of HSI kan nie bevestig dat Spes Magte toegerus is met 7000 daarvan nie.** Dit was onder

die GG se beheer. Dit was aanvanklik in 'n privaat stoor gestoor. Die produkte is gelewer gedurende 1992 en nie gedurende 1995 nie. **Dit is aan hom gestel dat die 7 000 pakke beskermde klerasie wat aan Spes Magte uitgereik is, in gen. Joubert se tyd uitgereik is. Hy het dit nog bevestig nog ontken.** Hy het egter toegegee dat die pakke lugdig verpak is en saam met maskers en filters uitgereik is. Die maskers en filters kon maklik deur die troepe beskadig word en die pakke was nadat die seël gebreek is nie meer bruikbaar nie, omdat die pakke 'n laag geaktiveerde koolstof bevat. Hy is nie seker dat daar 'n skenkingsaksie t.o.v. beskermde klere wat bestem was vir Unita was nie. Dit is aan hom gestel dat HSI daarby betrokke was in opdrag van 'n skenker uit die buiteland. Hy bevestig dat daar wel militêre hulp aan Unita verleen is en dat dit later, nadat die Russe en Kubane onttrek het, gestaak is en daar net voedsel en medikasie verskaf is. Daar is toe nie verder gegaan met die verskaffing van die klere nie. Hy gee toe dat dit aan die Iranese verkoop kon gewees het. **Dit is verder aan hom gestel dat die skenkers, wat dit ook weer teruggeneem het, persone is wat dmv. Webster gewerk het.**

[148] Oor die dwelmklagtes bevestig hy dat die gebruik daarvan vir navorsing tot op ministeriële vlak uitgeklaar is en dat daar toestemming was. Dit was die indruk waaronder hy verkeer het, welke indruk deur die beskuldigde geskep is. Ook gen. Nieuwoudt was onder daardie indruk. Hy was onder die indruk dat daar 'n skriftelike magtiging deur minister Vlok was. Hy bevestig ook dat gen. Neethling Mandrax tablette waarop die polisie beslag gelê het en nie meer vir hulle doeleindes nodig was nie tot die beskikking van die SAW gestel het. Hy bevestig voorts dat die besluit, gedurende 1992, om op 'n groot skaal grondstowwe aan te koop die gevolg was van die Staatspresident se opdrag en nie die beskuldigde se besluit was nie. Net so ook was dit nie die beskuldigde se besluit dat die stowwe vernietig moes word nie. Hy kan egter nie bevestig dat die beskuldigde ontsteld was oor die vernietigingsopdrag nie. Hy het verder bevestig dat wetenskaplike navorsers by die frontmaatskappye, wat met gewone navorsing, waarby Coast nie betrokke was nie, besig was, permitte moes kry om die navorsing met die stowwe te doen.

[149] Hy het bevestig dat cholera 'n aanmeldbare siekte is. Dit beteken dat dokters dit aan die departement van gesondheid moet rapporteer. Dit word wêreldwyd gedoen. Hy is nie bewus van enige ongewone uitbreek

van cholera in die destydse Suidwes-Afrika nie. Gedurende 1990 is daar, wat biologiese navorsing aanbetref, besluit dat lidlande 'n "confidence building measure declaration" moes teken. Sulke verklarings is uitgereik. Indien cholera aangemeld sou gewees het sou dit tot sy kennis gekom het. Hy meen dat daar juis minder cholera in Angola was as gevolg van die teenwoordigheid van die SAW. Malaria was die grootste bedreiging.

[150] Hy gee toe dat die mediese sakke wat dokters en Spesmagte operateurs gedra het baie gevorderd was en baie middels en toerusting bevat het. Daarin was oa. sjirurgiese toerusting. Die operateurs kon sjirurgiese ingrepe op die slagveld uitvoer. Hy ontken nie dat sianiedkapsules soms aan Spesmagte operateurs uitgereik is nie om in uiterste omstandighede selfmoord te pleeg.. Daar was Ketelaar en Scoline beskikbaar. Hy gee verder toe dat dit maklik is om organo fosfate, wat dodelik is, by ko-operasies aan te koop sonder dat dit nodig is om daarvoor te teken. Dit is so dat dat Spesmagte operareurs uitgereik is met Rolex horlosies en dat die enigste uitkenning van Corrie Meerholz, nadat hy verongeluk het, die uitreikingsnommer van sy Rolex horlosie was. Hy bevestig nie dat prof, Heyndrycz gekoppel was aan die Russe en Oos-Duitsers nie maar bevestig wel dat hy later gediskrediteer is.

[151] Daar was 'n geweldige groot hoeveelheid data wat op rekenaar bewaar moes word en die uitgawe van R600 000 het daarop betrekking gehad. Hy het egter nie toegegee dat die SAW nie oor die vermoë beskik het om dit te doen nie. Hy sou verbaas wees as daardie vermoë nie bestaan het nie. Hy bevestig dat die navorsing met dodelike middels was om verdedigingsmiddels en teenmiddels daarteen te ontwikkel. Dit is so dat daar opdragte aan persone was om nie sjokolade in hulle hotelkamers te eet nie of om drankies van enigiemand te aanvaar nie. Navorsing oor reuk- en kleurverskille in stowwe soos drankies, nadat skadelike middels daarby gevoeg is, sou help om 'n defensiewe stelsel te ontwikkel. Dit word gestel dat die beskuldigde ontken dat hy wanvoorstellings gemaak het en dat indien daar onnoukeurighede in die antwoorde aan KEEM vertstrek is dit nie doelbewus gedoen is nie.

[152] Dit is so dat, toe hy waargeneem het as hoof van die SAW, hy die beskuldigde na gen. Liebenberg se vakansiehuis geneem het. Hy was baie ongelukkig oor die Steyn-verslag. Hy het later uitgevind dat daar nie

'n skriftelike verslag bestaan het nie maar bloot 'n mondelinge mededeling.. Die beskuldigde en luitenant-kolonel. Snyders is daardeur geraak. Die projek kon nie voortgaan sonder die beskuldigde nie. As waarnemende hoof van die SAW het hy 'n onderhoud met die Staatspresident aangevra maar die Staatspresident het geweier om 'n onderhoud toe te staan. Op die ou end het hy, op uitnodiging van gen. Liebenberg, die beskuldigde na lg. se vakansiehuis geneem. Op 'n stadium het gen. Liebenberg versoek dat hy en die beskuldigde alleen gelaat word. Hy kan nie ontken dat gen. Liebenberg die beskuldigde toe aangesê het om toe te sien dat die Spesmagte kanale oorsee nie gekompromitteer mag word nie.. Hy bevestig verder dat die beskuldigde se salaris nie direk na die SAW teruggevoer kon word nie.

[153] Dit is aan hom gestel dat die trommels gepak is en na Bosch geneem is op 'n stadium toe die beskuldigde in Libië was. Wanneer dit aan hom gestel word dat 'n vlugtige nagaan van die inhoud van die trommels dui op verslae en literatuurstudies wil hy dit nie bevestig nie en sê hy dat daar verslae was wat definitief met Coast te doen gehad het. Hy kan nie ontken dat Mijburgh verantwoordelik was vir die verpakking nie maar bevestig dat die besku;digde hom meegedeel het dat Mijburgh wel die verpakking gedoen het. **Hy erken dat hy in die Vermaas vliegtuig en in die Aeromed vliegtuig gery het.** Hy bevestig ook dat dit die beskuldigde se keuse was om terug te gaan Switzerland toe omdat hy sy woord gegee het dat hy sou teruggaan.

[154] **Die herverhoor van die getuie was basies daarop gemik om toegewings wat hy in kruisverhoor gemaak het te ontsenu en het soms baie na kruisverhoor gelyk. Daar het nie veel nuwe aspekte na vore gekom nie. Toe hy gevra is daaroor dat die beskuldigde hom tydens die KEEM ondervraging moes ingelig het oor die oorsee se rekenings en tekenmagte wat hy gehad het is sy reaksie dat indien daar selfverryking was daar 'n openbaringsplig was maar dat indien manipulasie ter bevordering van die projek geskied het dit in orde was.**

[155] Hy het aangedui dat dr. Davey 'n verslag geskryf het dat daar nie 'n chemiese aanval op Suid Afrikaanse troepe was nie. Hy sê egter dat daar groot onrustigheid by die SAW was toe Unitamagte

oënskynlik met 'n chemiese aanval getref is en dat die Western European Defence Alliance na Angola gekom het om ondersoek daarna in te stel.

[156] Toe hy uitgenooi is om te sê dat die beskuldigde in Maart 1993 behoort te geopenbaar het wat sy fronte oorsee was was sy reaksie dat die beskuldigde juis teruggestuur is oorsee om onafgehandelde sake af te handel en om die Kroatiese bedrag terug te vorder. Wanneer dit aan hom gesuggereer word dat hy bloot maar van die beskuldigde verneem het dat goedere aan Unita en Spesmagte gelewer is ontken hy dit en sê hy dat hy dat daar baie terugvoer was. Hy het egter toegegee dat die beskuldigde die vergaderings van die Tegnieuse Werke Komitees gereël het en terugvoer aan die KBK verskaf het. Uitgenooi om te sê wie almal swak geheues ontwikkel het is sy antwoord dat dit alle vorige lede van die KBK is. HSAW, HSF en HSI wat by Sterrewagkop teenwoordig was was onderskeidelik generaals Liebenberg, Murray en Joffel van der Westhuizen. Alhoewel hy uitgenooi word om te sê dat die beskuldigde spesiale omstandighede moes openbaar gee hy dit nie onvoorwaardelik toe nie en bevestig hy dat die KBK toestemming gegee het vir die aankoop van die peptiedsintetiseerder en die ruil daarvan vir metakoloon. Dit is gedoen sodat inkapasiteermiddels gemaak kon word wat in oorlogstoestande gebruik kon word. Hy was verder tevrede dat Regli die beskuldigde se weergawe oor die samewerking met Jacomet gestaaf het. Uitgenooi om te sê dat die beskuldigde onbehoorlik opgetree het tydens die privatisering ontken hy dit weer eens.

[157] Dit was nie vir die beskuldigde nodig om die name van oorsee medewerkers te openbaar nie. Baie van die name waarvan hy tans bewus is het eers tot sy kennis gekom toe die KEEM navrae beantwoord is. Hy gee nie toe dat die beskuldigde nie kontak met Libië behoort te gehad het nie en voer aan dat Libië juis geïdentifiseer is as 'n land wat betrokke is by CBO en gepenetreer moes word. Verder hou hy vol dat die ondersoek na Merton huis 'n volledige ondersoek was. Hy gee egter toe dat hy graag sou wou weet van 'n groot skenking van beskermde klerasie. Hy het ontken dat daar nie ministeriële magtiging was om navorsing met inkapasitante te doen nie.

[158] **Wat opvallend was van sy getuienis, was dat hy nooit na die beskuldigde as “die beskuldigde” verwys het nie. Hy het na hom verwys as “die projekoffisier” of as “brigadier Basson”.**

Mnr. Bruwer

[159] Hy is 'n geoktrooieerde rekenmeester en forensiese ouditeur. Hy is baie ervare in die veld van forensiese ouditkunde en was oa betrokke by die vervolging en skuldigbevinding van ene Heller in die *Parity* saak en by die *Gain more Mutual* ondersoek. Hy het die ondersoek in hierdie saak gedoen in opdrag van die OG. Hy was vroeër die leier-vennoot by die ouditering van Krygkor se aangeleenthede. Hy is bewus van geheime projekte en die “moet weet” beginsel. Die opdrag wat hy aan die einde van 1993 gekry het was om Coast te ondersoek en om KEEM by te staan. Daar is baie fondse deur die projek. Die binnelandse aanwendings is hier geouditeer. Hy het gereken dat daar 'n groter kans van wanaanwending was tov die buitelandse fondse. Hy het die omvang van die spandering probeer bepaal en het dokumente gekry by KEEM, die GG, HSI en HSF. Hy was ook in verbinding met die eksterne ouditeur mnr. Theron. Hy het aanvanklik net binnelandse dokumente beskikbaar gehad. Die aangeleentheid moes geherklassifiseer word sodat dokumente in die buiteland verkry kon word. Dit was 'n langsame proses. Webster het hom byvoorbeeld beroep op prokureur en klient privilegie. Hy het adv. Fouche bygestaan in die KEEM ondervragings en is uitgenooi om aan te dui of daar nog vrae is wat gevra moet word. Vir die doeleindes van sy verslag het hy geluister na mededelings maar glo hy dat as dit alles geignoreer word, sy bevindings gestaaf word deur die dokumente wat hy in sy verslag geïnkorporeer het.

[160] Hy het ondersoek ingestel na die Waterson trust in Jersey en die Aries trust in Suid Afrika. Hy het dokumente ontvang vanaf die projek. Hy was by toe daar ondervragings oorsee was van Buffham in Engeland, Zimmer in Luxembourg, Heyndrycz in België, bankamptenare in verskeie lande, dr. Chu in Switserland en mnr. en mev. Webster in die VSA. Hy het meer as twintig dose met dokumente van Webster ontvang en dit genommer van 1 tot 600. Hy het van hulle geïnkorporeer in Bundel A, wat 'n aanhangsel tot sy verslag is. Hy is ook na Kroasie omdat meer as \$2miljoen na 'n rekening aldaar oorgeplaas is. Dit het

betrekking op aanklagte 18 en 19. Daar was talle dokumente in die beskuldigde se handskrif wat opdragte aan banke en aan persone bevat het oor die aanwending van fondse.

[161] Sy verslag bestaan uit hoofstukke A, B en C. Hoofstuk A het betrekking op die samestelling van die maatskappye en trusts. Hoofstuk B handel met die verskillende aanklagte terwyl hoofstuk C die vloei van fondse behandel, beide in die binneland en in die buiteland. Dit gee 'n geheelbeeld.

[162] Sy feitlike bevindinge is dat die beskuldigde die voordelige eienaar was van 'n groep maatskappye wat volledig in die verslag behandel word en dat fondse van Coast aangewend is tot voordeel van daardie maatskappye en ook ander persone en instansies. Hy verwys na die groep van maatskappye as die Basson/WPW/Wisdom groep en gee 'n uiteensetting van die samestelling daarvan, van die vloei van fondse en van die verloop van transaksies wat hy aanvoer relevant is tot die aanklagte. Die WPW maatskappye was buitelandse maatskappye en die Wisdom groep van maatskappye was binnelandse maatskappye. Vir gerief het hy die jaareindes van al die maatskappye as 30 Junie geneem.

[163] Diagram no. 1 gee die volgende uiteensetting: Die beskuldigde was die 100% aandeelhouer van die volgende drie Kaaiman eiland maatskappye. Medchem International Inc., PCM International Inc. en WPW Investments Inc. Deur WPW Investments Inc. het hy belange gehad in die volgende maatskappye: Amfra SA (Luxembourg), Charburn SA (Luxembourg), Luft SA (Luxembourg), WPW North American Holdings Inc. (VSA), Wisdom Investments and Properties (Edms.) Beperk, die naam waarvan gedurende Maart 1991 verander het na Blowing Rock Controlling Investment (Edms) Beperk, Medchem Forchungs AG (Switzerland), Medchem Consolidated Investments (Edms) Beperk(RSA), WPW Investments (SA)(Edms.) Beperk, Tubmaster LC (VSA), WPW Investments (USA) Inc. (VSA), Herlewing Properties Inc. (VSA), WPW Aviation Inc.(VSA), Delta Scientific (Edms) Beperk(RSA), Fairclough Cottages (Engeland) en 'n huis in Lynwoodrif in Pretoria.

[164] Hy verwys na bewysstuk A1. Dit is 'n dokument wat onderteken is deur Webster. Daarin verklaar

Webster dat hy al die aandele in WPW Investments Inc. hou as die genomineerde van die beskuldigde of sodanige ander persoon as wat hy sal aanwys. Bewysstuk A2 is die aandelesertifikaat wat aantoon dat al drie die aandele in WPW Investments Inc. geregistreer is in David Alan Webster se naam. Daar is identiese ondernemings deur Webster en registrasie van aandele ten opsigte van Medchem International Inc. en PCM International. Hy verwys ook na A3-A6 Dit is 'n dokument wat aantoon dat die beskuldigde en ander dokters klinieke in Afrika geopen het, versorging aan pasiënte wou gee, navorsing wou doen oor siektes en siekes wou behandel. Daar is verwysing na navorsing oor chemiese en biologiese produkte en die verkoop van immune stimulantie aan farmaseutiese maatskappye in Europa. Daar is verwysings in na Webster van Baker and Hostetler, 'n prokureursfirma van Orlando, Florida, na die maatskappye in die Kaaiman eilande en die werksaamhede van die groep waarby die beskuldigde, Mijburgh, Swanepoel en Marlow betrokke is in die veld van chemiese en biologiese navorsing. Dit stel die ontwikkelingskoste van Delta G as van die orde van R30 miljoen en dié van RNL van die orde van R25 miljoen. Daar is fasiliteite in Europa geskep. Daar is 'n belang verkry in Medchem Forchungs AG en in Poland is 'n belang verkry in Kowalski International. In Suid Afrika is 'n maatskappy Data Image (Edms) Beperk geskep. Daar is ook 'n 30% belang in in Switserse maatskappy Business Solutions AG. Daar is ook 'n belang in twee maatskappye wat betrokke was by lugvervoer, WPW Aviation Inc. en WPW USA Inc. wat 'n Beechcraft Kingair vliegtuig vir \$850 000 en 'n Lockheed Jetstar II met 'n waarde van \$3,5 miljoen verkry het. Die Jetstar is opgradeer en kon passassiers vervoer en is gehuur deur die Verenigde Nasies vir baie humanitêre sendings in Afrika en 'n aantal Afrikaanse staatshoofde is ook met die vliegtuig vervoer. In Suid Afrika is daar 'n hele aantal projekte. Finansiering en belegging word gedoen deur Profinkor (Edms.) Beperk (Profinkor). Daar is ook 'n maatskappy B R Holdings (Pty) Limited wat betrokke is by beleggings in Suid Afrika. Daar is ook Luxembourg filiale nl. IBS en vennote en Goudsmidt & Tang. Vanwee die sensiwiteit van die aktiwiteite is daar gebruik gemaak van buitelandse frontmaatskappye om die identiteit van die beleggers te verberg. Die groep het 2 gastehuse in in Suid Afrika ter waarde van \$3 miljoen, 'n woonstel in Orlando, 'n plaas, 'n huis in London en twee woonstelle in Brussels. Daar word verwys na 'n golfprojek in België. Daar word gepraat van nouer bande met die Noord Afrikaanse lande en die konsolidasie van bates in Luft as 'n houermaatskappy.

[165] Bewysstukke A10 –A19 is 'n aantal organigramme in die beskuldigde se handskrif. Dit toon die beskuldigde se belang in WPW Investments Inc en ander maatskappye aan. Dit toon ook aan hoe die maatskappye met mekaar verbind is.

[166] Na aanleiding van bewysstukke A3, A10, A20, A21,A22 en A23 wat betrekking het op PCM International Inc. en A20, A21, A24, A25, A26 en A27 wat betrekking het op Medchem Inc. voer mnr. Bruwer aan dat die beskuldigde die voordelige eienaar was van die twee maatskappye en dat Webster bloot as sy genomineerde gehou het. Hy voer verder aan dat WPW Investments Inc. 'n 50% belang gehad het in MCI (Edms.) Beperk en dat MCI 'n 75% belang in Delta G verkry het . Hy toon aan dat Marlow aanvanklik die aandele in MCI gehou het, vanaf 3 Julie 1989 tot 1 Oktober 1989¹, en dat Mijburgh dit daarna gehou het. Hy wys ook daarop dat die 75% aandeelhouding kon verminder tot 51%. Hy verwys na die privatiseringskontrakte. Volgens die notules van Medchem Forchungs word 250 van die aandele deur dr. Chu oorgedra aan WPW. Verder het WPW \$450 000 en \$300 000 bygedra tot die aandeelkapitaal en leningskapitaal van Medchem Forchungs. Hy is nie seker wat WPW se aandeelbelang in Medchem Forchugs is nie want dit skyn asof dr. Chu steeds 50% van die aandele hou.

[167] WPW Inv. Inc het ook 'n belang in Wisdom Investments and Properties (WIP) gehad. Die naam is op 12 Maart 1990 verander Wisdom Holdings (Edms.) Beperk en op 3 Julie 1991 na BR Holdings (Edms.) Beperk. Hy toon aan dat Viljoen, Lourens, die beskuldigde, de Jager, Swanepoel Trust, WPW Inv., BRCI, TMV Beleggings Bk. en CB Marlow Investments almal op een of ander stadium en soms meer as een keer aandele in die maatskappy gehou het. Hy steun op bewysstuk F12 en verder op 'n verklaring deur Antoinette Lourens tot die effek dat sy die aandele gehou het namens die beskuldigde en onder die indruk was dat die maatskappye 'n klomp fronte was van Coast. Hy voer aan dat die werklike eienaar van BRCI steeds WPW Inv. Inc was aangesien Marlow opgetree het as genomineerde aandeelhouer vir WPW. Hy voer verder aan dat WPW Inv. Inc belange gehad het in WPW North American Holdings Inc. en diese filiale in die VSA nl. WPW Aviation Inc., Herlewing Properties Inc., WPW Investments USA Inc. en Tubmaster LC.

[168] WPW Aviation het vroeg in 1990 die Jetstar aangekoop teen \$3,2 miljoen. Verdere koste is daaraan spandeer sodat die totale koste \$3 770 597 was. Dit is in Desember 1995 vir \$2 miljoen verkoop en \$700 000 van die opbrengs is in Tubmaster belê. Herlewing Properties het 'n kondominium aangekoop by Lake Ivanhoe in Orlando Florida, teen 'n koopprys van \$215 500. Dit is in 1994 verkoop vir \$235 000. WPW Investments USA het gedurende 1988 die Kingair vliegtuig aangekoop vir \$850 000 en dit laat opgradeer teen \$123 280.²

[169] Wat WPW North American Holdings Inc. se belang in Tubmaster aanbetref toon hy aan dat volgens dokumente afkomstig van Webster WPW North American Holdings 'n 70% belang, Jane Webster 'n 20% belang en David Webster 'n 10% belang in die winsdeling van Tubmaster gehad het.¹

[170] Verder is Jane Webster se eienaarsbelang in Tubmaster 0% terwyl dié van David Webster 9,2259% (\$71 400) was en dié van WPW North American Holdings 90,7741% (\$700 000). Volgens mededeling van Webster is die belegging in Tubmaster met die toestemming van die beskuldigde gemaak en wel gedurende Januarie 1996 uit die opbrengs van die Jetsar nadat dit verkoop is. Hy sê verder dat WPW North American Holdings gedurende 1996 en 1997 'n verdere \$85 000 aan Tubmaster geleen het.

[171] Hy voer verder aan dat WPW Inv. Inc. 'n belang gehad het in Luft SA (Luxembourg) (Luft). Hy beweer dat Zimmer aangedui het dat die beskuldigde versoek het dat Luft geïnkorporeer moes word en dat WPW Inv. Inc. al die aandele daarin gehou het. Dit is geïnkorporeer gedurende Desember 1986. Die doel van die maatskappy was 'n "holding company in the true sense of Luxembourg law". Die aanvanklike aandeelkapitaal was 1 250 000 Belgiese frank (BEF). Gedurende April 1992 is dit verhoog met BEF18 750 000 en gedurende Desember 1992 met BEF 29 600 000. Luft was die alleen-aandeelhouer van General Gholf Investments SA (GGI), Genavco SA en Biscara (Pty.) Ltd.(Engeland). Genavco het 'n 20% belang gehad in Mean Golf & Country Club in België.

² A57

¹ A47, A47.1, A51, A52, A53, A58, A59 en A 60.

[172] WPW Inv. Inc het 'n belang gehad in Charburn SA (Charburn). Hy sê dat volgens Zimmer en van Remoortere WPW Inv. Inc. en hulle elk 'n derde van die aandele gehou het. Hy sluit dit nie uit dat die beskuldigde se belang 'n direkte belang was nie, en nie deur WPW Inv. Inc. gehou is nie. Hy meen dat dit irrelevant is en steun op A10. Verder steun hy op A61 'n afrekeningstaat wat Zimmer opgestel het en waarvolgens Charburn belange in Protechnik en Hazmat gehad het. Die belang in Protechnik was 30% tot 26 November 1992 en 24% vanaf 26 November 1992 tot 16 Junie 1994. Die belang in Hazmat was 24% vanaf Oktober 1992 tot September 1995. Charburn het ook 'n 100% belang gehad in Blackdale (Ierland), wat weer 'n 100% belang gehad het in Genavco. Die beskuldigde se belang in Charburn was vanaf Desember 1986 tot 1994 toe afrekening geskied het. Charburn het ook 'n belang in Technotek gehad en vanaf 26 November 1992 het Technotek 'n 76% belang in Protechnik gehad.

[173] WPW Inv. Inc. het ook 'n belang gehad in Amfra SA (Amfra). Dit is geïnkorporeer op versoek van die beskuldigde as 'n filiaal van WPW Inv. Inc. Volgens hom het Webster aangedui dat die beskuldigde dit laat inkorporeer het om 'n belang te verkry in Contemporary Systems Design Ltd. (CSD) in Engeland. Webster was 'n direkteur van Amfra en het die beskuldigde verteenwoordig.

[174] WPW Inv. Inc het ook 'n belang gehad in gedeelte 2 van erf 424 Lynwoodrif.² Dit is aangekoop gedurende Julie/Augustus 1987. Dit is verkoop aan Antoinette Lourens gedurende Januarie 1989. Die koopprys was R168 000. 'n Bedrag van \$95 000 is uit die VSA oorgeplaas na Pretoria vir die doel. Dit is aan me. Lourens verkoop vir R180 000.

[175] WPW Inv. Inc. het ook 'n belang gehad in 'n eiendom in Engeland wat bekend gestaan het as Fair Clough Cottage (die Cottage)³. Die adres was Fair Clough Farm, Watersplash Lane, Warfield, Bracknell, Berkshire. Dit is aangekoop gedurende September 1988 vir £195 000.

² A62-A70 en A70a-A70g.

³ A71, die registrasie dokumente.

[176] Verder het WPW Inv. Inc. 'n belang gehad in WPW Investments SA (Edms.) Beperk [voorheen Systems Research and Development (Edms.) Beperk (SRD)].⁴ Op 24 Maart 1987 is 300 000 aandele (71,2%) uitgereik aan WPW Inc. en 121 378 (28,8%) aan J J Lourens. Op 29 Februarie 1988 het J Koortzen Lourens se aandele besit.

[177] Die getuie gee 'n diagramatiese uiteensetting van die WPW/ Wisdom groep maatskappye op bladsy 21 van sy verslag in Diagram no. 2. Dit toon grafies aan wat in die voorgaande paragrawe uiteengesit is. Dit dui verder aan dat Amfra 'n vol filiaal van WPW Inc. was wat 51% van die gewone en 100% van die voorkeuraandele in CSD verkry het teen £355 000 gedurende Junie 1987. Dit toon ook aan dat daar \$2,4miljoen en \$2,46miljoen in die Blackdale rekening inbetaal is. Dit kom ter sprake by aanklagte 16 en 18.

[178] Die aandeelhouding in Protechnik het gewissel. Technotek het op 'n stadium 51% van die aandele gehad en later 74%. Op 'n vroeëre stadium het MCI 55% van die aandele gehad en WPW Inv. het voor dit die 55% van die aandele gehou. Op 26 Mei 1994 is al die aandele in Protechnik aan Krygkor verkoop vir R4miljoen. R960 000 daarvan moes na Protechnik gaan en die balans van R3 040 000 moes aan Technotek betaal word.

[179] Diagram no. 3 op bladsy 27 van Bruwer se verslag toon aan dat dat beskuldigde op 30 Junie 1989 die 100% aandeelhouer is van WPW Inc. Dit was weer die 100% aandeelhouer in WIP, wiese naam eers verander het na Wisdom Holdings en daarna na B R Holdings. WPW Inc. was ook 'n 71,2% aandeelhouer in WPW Investments SA (Edms.) Beperk, wat vroeër bekend was as SRD, en 'n 75% aandeelhouer in Aeromed. WIP weer was op daardie datum 'n 100% aandeelhouer van Wisdom Finance, wat later Profincor geword het, 'n 100% aandeelhouer van Wisdom Erf 1219, wat later Waterson Properties geword het (Merton huis) en Intramex.

[180] Hy toon verder aan dat dat op 30 Junie 1990 WPW Inc. steeds belange in die RSA gehad het en

⁴ A71a en A71b.

noem weer Waterson Properties. Hy wys in besonder daarop dat dit 'n 40% belang saam met TJR Viljoen, WP Swanepoel en PW de Jager gehad het in WPW Investments SA en Wisdom Finance en deur hulle in Wisdom Idle Winds en Waag 'n Bietjie Boerdery. Hy wys ook daarop Dat BRCI op 'n stadium die houermaatskappy van WPW Inc. in die RSA geword het en dat dit deur Marlow beheer is. Hy wys ook daarop dat Wisdom Idle Winds se naam vernader het na Wisaltco en betrokke was by Aeromed. Hy verwys weer na Aeromed wat later Global Air geword het en Partners- in-Travel. Met 'n diagram toon hy ook aan dat MCI belange gehad het in Medchem Technology, Lifestyle Management Properties, Lifestyle Management, Protechnik Laboratories, Delta G, Medchem Pharmaceuticals, Kowalski International en Data Image Information Systems. Vanweë die standpunt wat in kruisverhoor deur die beskuldigde ingeneem is, nl. dat hy Bruwer se uiteensetting van die stand van die maatskappye, die verskillende direkteure daarvan, die aandeelhouding daarin en die vloei van projekfondse aanvaar, glo ek dat dit nie werklik nodig is om verder met die fyn detail waarmee mn. Bruwer sy verslag saamgestel het te handel nie aangesien dit gemene saak is en dit eintlik net verwarrend is om van jaar tot jaar na die stand van die verskillende maatskappye te kyk.

[181] Hy toon aan dat daar 'n verlies was in Wisaltco van R3 529 273 en in Waag 'n Bietjie Boerdery van R2 143 759. Hy wys ook daarop dat die boukoste verbonde aan Merton huis op 30 Junie 1992 R4 657 631 was en 'n jaar later op 30 Junie 1993 R7 539 632 was. Dit blyk dat wat die Suid Afrikaanse maatskappye aanbetref die beskuldigde, T Viljoen, A Lourens, Webster, Bosch, Marlow, Mijburgh, Swanepoel en de Jager direkteure was. Van die buitelandse maatskappye was Webster, Zimmer, van Remoortere en Chu direkteure. Die trustees van die Aries Trust was die beskuldigde, Bosch en Marlow terwyl die begunstigdes Anette Versluys (die beskuldigde se vrou) en haar en die beskuldigde se kinders is. Die Waterson Trust en die Waterson Master Trust was trusts wat in Jersey gestig is, waarvan die beskuldigde die trustee was en Webster die "Protector". Die begunstigde van die Waterson Trust was die Waterson Master Trust terwyl die begunstigde van die Waterson Master Trust die beskuldigde se kinders was.

[182] In aanklag 1 beweer die staat dat die beskuldigde £1 542 840 aan Buffham oorbetal het onder die voorwendsel dat 'n operasionele laboratorium daarmee toegerus is terwyl dit in werklikheid oorgeplaas is na 'n

Luxembourgeuse maatskappy wat deur 'n Kaaiman eiland maatskappy van die beskuldigde beheer is en vir sy voordeel aangewend is. Volgens diagramme wat voorkom op pp. 67, 68 en 68(a) van sy verslag en verduidelik word op pp. 69-82 daarvan is daar op 25 Maart 1988 £1 542 840 (R6 097 457) oorgeplaas na Buffham se rekening in Lloyds Bank in Grantham. Dit het £3 917 rente verdien en nadat 1% daarvan deur Buffham teruggehou is, is daar op 13 April 1988 'n bedrag van £1 527 412 oorgeplaas na die rekening van Medchem Inc. Banque Indosuez in Luxembourg. Uit daardie rekening is daar op 28 April 1988 'n bedrag van £100 000 oorbetal na die rekening van Amfra SA in Luxembourg, 'n bedrag van £1 300 000 (\$2 437 501) na die rekening van PCM International Inc.(Kaaiman eiland) en 'n bedrag van £100 000 na WPW Inv. Inc na 'n rekening in Engeland.

[183] Wat die £1 300 000 aanbetref was daar in die PCM International Inc. rekening 'n saldo van \$840, die bedrag is gedeponeer as \$2 437 501 en rente van \$132 377 is verdien. Die totaal was \$2 570 682. Die volgende betalings is uit die rekening gemaak. Op 30 September 1988 is 'n bedrag van \$297 336 (£175 533) oorgeplaas na Engeland ter betaling van die Cottage. Daar was ook oorplasings na die rekening van WPW Investments Inc. in Merrill Lynch in Orlando VSA soos volg: Op 6 Januarie 1989 \$1,5 miljoen, op 26 Januarie 1989 \$200 000, op 9 Maart 1989 \$350 000 en op 18 Mei 1989 'n bedrag van \$34 580. Die totale oorplasing na die betrokke rekening was dus \$2 084 580. Verder is daar uit die genoemde rekening oorplasings gemaak na die trustrekening van WPW Inv. Inc by Webster se firma Baker & Hostetler in Orlando nl. \$130 000 op 31 Augustus 1988 en \$50 000 op 26 Januarie 1989. Gedurende Oktober 1988 is 'n bedrag van \$ 96 616 uit Baker & Hostetler se trustrekening betaal ten opsigte van "Aircraft Modifications". Dit het betrekking gehad op die Kingair.

[184] Die aanwending van die \$2 084 580 wat in die Merrill Lynch rekening van WPW Inc. inbetaal is was soos volg: Daar was bankkoste van \$35. Op 11 September 1989 is \$176 550 [300 000 Switserse frank (S.F.)] betaal aan Medchem Forchungs AG in Switzerland. Op 27 September 1989 is 'n bedrag van \$313 650 oorbetal aan Wisdom Erf 1219 ten opsigte van Merton huis. Op 15 Maart 1990 en 10 Mei 1990 onderskeidelik is bedrae van \$100 000 en \$800 000 ten behoeve van WPW Aviation Inc. betaal as 'n

gedeelte van die aankoopprys van die Jetstar. Daar is ook tussen 26 Maart 1990 en 31 Julie 1990 \$378 000 oorbetaal aan Security National Bank. Hy kon nie die verdere verloop van daardie fondse bepaal nie.

[185] Aanklag 2 gaan oor R220 000 (BEF 3 841 740) wat gedurende Januarie 1988 in Heyndrycz se rekening inbetaal is onder die voorwendsel dat dit gedien het as betaling vir reiskoste, die verkryging van projektielstukke en die vestiging van inligtingskanale in Iran. Die staat beweer dat die bedrag aan Heyndrycz gemaak is ter betaling van 12 CAMs. Die staat steun op 'n faktuur van Graceby's, gedateer 7 Augustus 1987⁵, wat 'n prys van £48 100 aandui en 'n bankstaat van Graceby's van 29 September 1987 wat aantoon dat die bedrag aan Graceby's betaal is. Volgens die getuie is daar 'n groot ooreenkoms tussen die BEF2 984 966 wat deur Heyndrycz aan Graceby's betaal is en die faktuur van £48 100 en verduidelik dit ook sommeer hoe 12 CAMs betaal is. Hy gee toe dat Heyndrycz die die CAMs vooruit moes gekoop en betaal het en eers 4 maande later daarvoor betaal is.

[186] Hy hanteer aanklagte 3 en 4 saam. In aanklag 3 beweer die staat dat 'n bedrag van BEF90 234 000 wat, volgens die beskuldigde, aan ABC Import & Export betaal is as betaling van die CAMs nie vir daar die doel oorbetaal is nie en nie tot voordeel van die projek aangewend is. In aanklag 4 beweer die staat dat 'n bedrag van £963 432 wat op 16 Mei 1988, volgens die beskuldigde, aan Buffham oorbetaal is ter betaling van CAMs en deteksie apparaat nie vir daardie doel oorbetaal is nie en nie tot voordeel van die projek aangewend is nie. Die diagrammatiese voorstelling van die betalings en die aanwending van die fondse kom voor op pp. 92, 93 en 93A en 107 van mnr. Bruwer se verslag en word verduidelik op pp. 94-105 en 108-111 daarvan.

[187] Op 27 April 1988 is R5 570 000 (BEF90 234 000) inbetaal in die rekening van CB van Remoortere in Luxembourg. Op 9 Mei 1988 is dit inbetaal in die rekening van Medchem Inc. Banque Indosuez Luxembourg. Op 19 Mei 1988 is £963 432 (R4 028 400) in betaal in Buffham se rekening in Grantham, Engeland. Dit verdien rente van £1 913 tot 2 Junie 1988. Buffham hou 1% terug en 'n bedrag van £953 858 word oorbetaal in die rekening van Medchem Inc. in die Banque Indosuez in Luxembourg.

⁵ Bew. 2.9

[188] Die diagram op p. 93 toon aan dat daar op 30 April 1988 'n saldo van £39 842 van die fondse in aanklag 1 in die Medchem Inc rekening was. Die oorplasing tov aanklag 3 nl. £1 376 609 is op 9 Mei 1988 in dié rekening ontvang en die oorplasing tov aanklag 4 is op 3 Junie 1988 in dié rekening ontvang sodat daar 'n bedrag van £2 370 309 in die rekening beskikbaar was. Die volgende uitbetalings het uit die rekening geskied: Op 6 Junie 1988 is £527 484 (\$950 000) in Baker & Hostetler se trustrekening inbetaal. Daarvan is \$800 000 op 9 Junie 1988 uitbetaal vir die aankoop van die Kingair en \$102 054 op 6 Oktober 1988 uitbetaal vir die opgradering van die Kingair. 'n Bedrag van £1 miljoen is op 5 Augustus 1988 inbetaal in Chesterfield Street Trust in London. Die getuie spekuleer dat hierdie bedrag dalk kon dien om die eerste moratorium lening te befonds. Daar was vermoedelik 'n sessie aan 'n buitelandse krediteur en dit het geland in die WPW Inc. rekening in die Kaaiman eilande as £1 350 000 vanwaar dit oorgeplaas is na die RSA met goedkeuring van die SA Reserwe Bank in die rekening van Wisdom Investments & Properties. Daar is op 9 September 1988 'n bedrag van £106 257 in 'n onbekende rekening inbetaal en op 12 September 1988 'n bedrag van £17 555 in betaal in die CB van Remoortere rekening in Luxembourg. Daar is op 17 Januarie 1989 'n bedrag van £110 000 in 'n onbekende rekening inbetaal. Op 16 Junie 1989 is daar bedrae van £50 000 oorbetaal aan WPW Inc. London, £307 843 (\$500 000) aan WPW Inc Credit Suisse, Zurich, £182 163 (BEF11 718 483) aan S A Horizon Promotion (volgens die getuie se spekulاسie vermoedelik ter finansiering van die twee woonstelle in Brussels), £58 411 (R250 000) aan Organochem in Suid Afrika en £22 101 aan die beskuldigde.

[189] Die beweging van die fondse in die rekening van WPW Inc. by Credit Suisse in Zurich volgens die diagrammatiese uiteensetting op p. 93A is soos volg: Daar is op die volgende datums vanuit die volgende rekenings die bedrae wat vermeld word in hierdie rekening gedeponeer: Op 30 Junie 1989 en 22 Augustus 1992 uit Medchem Inc. Credit Suisse onderskeidelik \$72 525 en \$1 078. Op 6 Julie 1989 uit Medchem Inc. Luxembourg £307 837 (\$500 000). Gedurende Julie 1994 uit TWT Holding Co. \$60 000. Op 'n ongespesifiseerde tyd uit 'n onbekende rekening van WPW Inv. \$37 945. Op 'n ongespesifiseerde tyd uit ander bronne \$82 447. Daar was ook netto beleggingsinkomstes nadat die bankkoste in ag geneem is van \$89 818. Die volgende uitbetalings is uit die rekening gemaak: Op 29 Maart 1993 na WPW Inv. Inc., Barclays

Bank, Bracknell 'n bedrag van \$50 019. Op 29 Maart 1993 na WPW Inv. Inc. (vermoedelik Merrill Lynch) \$100 000. Op 26 Mei 1993 na WPW Inv. Inc. Merrill Lynch, Orlando \$200 011. Op 4 Oktober 1993 na die rekening van CB van Remoortere Banque Indosuez in Luxembourg 'n bedrag van \$300 009. Op 16 November 1993 na Yorkshire Process Plant 'n bedrag van \$78 000 (£48 633). Gedurende Julie 1994 na GGI \$60 659. Op 30 April 1999 was daar 'n saldo van \$55 105 in die gemelde rekening.

[190] Daar is bewys daarvan voor die hof dat die beskuldigde tekenmagte op baie van die oorseese rekenings gehad het. Die getuie is verder van mening dat die TWT Holding Co. rekening gebruik is om beleggings te maak in effekte en ander likiede dokumente vanaf Maart 1993 tot September 1993. Die getuie beweer dan, dat as die CAMs betaal is met die fondse van aanklag 2, dat die gelde wat na bewering vir die CAMs betaal is, nie daarvoor betaal is nie, en gevolglik nie vir die projek aangewend is nie.

[191] In aanklag 5 beweer die staat dat 'n bedrag van R363 811 (£100 000) wat op 19 Januarie 1988 in Buffham se rekening inbetaal is onder die voorwendsel dat dit ter betaling was van chemiese ploffalarmstelsels nie daarvoor betaal is nie maar deur Amfra oorbetaal is as werkskapitaal vir CSD en gevolglik nie tot voordeel van die projek aangewend is nie. Die getuie het die transaksie nagegaan en het vasgestel dat die geld in Buffham se rekening inbetaal is op 5 Januarie 1988 en op dieselfde dag uit daardie rekening in CSD se rekening by dieselfde bank inbetaal is. Hy getuig hieroor dat die betaling deel uitmaak van 'n hele aantal betalings wat deur of ten behoeve van Amfra in CSD inbetaal is. As gevolg van die betalings het Amfra uiteindelik 15700 gewone aandele in CSD gehad en 1 550 voorkeuraandele van £100 elk. Die aankoopprys van die voorkeuraandele was dus £155 000

[192] In 'n diagram op p. 120 van sy verslag gee die getuie 'n diagrammatiese voorstelling van hoe die £155 000 in CSD se rekening inbetaal is. Vanaf 'n onbekende bron word daar geld oorbetaal in die rekening van Exipro in Swaziland. Uit daardie rekening word daar op 1 Julie 1987 £151 715 betaal in die rekening van ABC Import & Export in Luxembourg. Op 6 Julie 1987 word daar vanuit Ig. rekening 'n bedrag van £80 000 in Medchem Inc. Luxembourg se rekening inbetaal. Hy voer verder aan dat daar geld vanaf 'n onbekende bron

in 'n rekening in Clydesdale Bank plc. in London inbetaal is en dat op 8 Junie 1987 £117 263 daarvan ook in Medchem Inc. Luxembourg se rekening inbetaal is. Daar is op 3 Maart 1987 BEF1 250 000 uit WPW Inc. se rekening in Amfra se rekening inbetaal en daar is op 18 Junie en 6 Julie 1987 onderskeidelik bedrae van £100 000 en £80 000 uit Medchem Inc. Luxembourg se rekening in die rekening van Amfra SA Luxembourg inbetaal. Uit lg. rekening is daar gelde oorgeplaas na Webster se bankrekening by Lloyds Bank in Grantham nl. £1 842 (BEF115 000) op 16 Junie 1987, £113 000 (BEF7 022 950) op 19 Junie 1987 en £80 000 op 6 Julie 1987. Uit die Webster rekening is daar die volgende oorplasings gemaak na die rekening van CSD in dieselfde bank in Grantham nl. £81 717,08 op 22 Junie 1987 en £73 282,92 op 9 Julie 1987. Die totaal van die lg. twee bedrae is presies £155 000.

[193] In aanklag 6 voer die staat aan dat 'n bedrag van BEF3 204 000 (R200 000) belê is in CSD deur die beskuldigde terwyl hy voorgegee het dat hy tegnologie tot voordeel van die projek daarmee aangekoop het. Dit word aangevoer dat sodanige tegnologie nie aangekoop is nie. Die betrokke tegnologie is bloudrukke van elektriese stroombane om die tegnisi van die projek in staat te stel om CAMs by wyse van "reverse engineering" te bou. Die getuie dui aan dat die fondse op 9 Februarie 1989 inbetaal is in die rekening van CB van Remoortere in Luxembourg en vandaar oorbetaal is aan CSD. Sy gevolgtrekking was dat dit nie uitbetaal is waarvoor voorgegee is dit uitbetaal is nie.

[194] 'n Bedrag van £65 000 (R292 538) kom ter sprake in aanklag 7, 'n bedrag van £10 000 (R48 440) in aanklag 8 en £30 000 (R149 630) in aanklag 9. Ook hierdie bedrae beweer die staat is belê in CSD en was nie vir die verkryging van 'n databasis en sagteware vir die bewaring van die inligting van die projek nie, of enigsins tot voordeel van die projek nie. Die getuie het vasgestel dat die bedrae direk inbetaal is in die rekening van CSD as 'n belegging. Hy meen nie dat dit uitbetaal is waarvoor voorgegee is dit uitbetaal is nie.

[195] In aanklag 10 beweer die staat dat die beskuldigde valslik voorgegee het dat bedrae van £5 000 en £4 070, wat onderskeidelik aan Baker & Hostetler en aan CSD betaal is, tot voordeel van die projek aangewend is, onder die voorwendsel dat dit nodig is vir die maandelikse betaling van huurgeld vir kantoorfasiliteite en –

toerusting. Op p. 141 van sy verslag dui die getuie die volgende betalings aan RF Telecommunications Ltd. Ascot aan: Gedurende April en November 1990, vanaf 'n onbekende bron, bedrae van £460 en £1 200, onderskeidelik. Vanaf Mei 1990 tot Maart 1991 oorbetalings van projekfondse van in totaal £12 100. Hy dui verder aan dat daar gedurende September 1990 'n bedrag van £5 000 deur RF Telecommunications aan Baker & Hostetler betaal is en op 26 November 1990 'n bedrag van £4 070 deur hulle aan CSD betaal is. Sy gevolgtrekking is dat die bedrae nie betaal is vir kantoorfasiliteite nie.

[196] Aanklagte 11, 12 en 13 hou verband met mekaar. Die staat beweer, in aanklag 11, dat die beskuldigde valslik voorgehou het dat 'n bedrag van \$3,2 miljoen wat op 5 Junie 1989 in die rekening van Blackdale Ltd. (Blackdale) in Ierland inbetaal is, inbetaal is om 'n prestasieverband te skep vir die lewering van 'n peptiedsintetiseerder, terwyl die bedrag in werklikheid inbetaal is in Blackdale, waarin die beskuldigde 'n belang gehad het, om 'n prestasieverband te skep vir die lewering van beskermende klerasie deur Blackdale aan Copperdale Ltd. (Copperdale). Dit word beweer dat Blackdale die klerasie aan Copperdale moes verskaf teen 'n aankoopprys van \$35 miljoen en dat Copperdale dit weer aan Tagell (UK) Ltd. (Tagell) moes verskaf teen 'n prys van aansienlik hoër as \$35 miljoen. Die prestasieverband sou vir die uiteindelijke voordeel van Tagell wees. In aanklag 12 beweer die staat dat betaling van 'n bedrag van \$325 000 vanuit die \$3,2 miljoen in die Blackdale rekening, gedurende Junie 1989, valslik voorgehou is as betaling vir sekere "laboratoriumskaal DNA- en RNA probes" terwyl dit steeds bedoel was deel van die prestasieverband ten gunste van Tagell. In aanklag 13 beweer die staat dat die betaling van CHF450 000 gedurende November 1989 uit projekfondse aan dr. Chu valslik voorgehou is as betaling vir 500 gram van die Thymus peptied, Thymosin, en dat dit aan die projek verskaf is terwyl die bedrag in werklikheid betaal is aan Medchem Forschungs sodat die beskuldigde 'n belang daarin kon verkry en inderdaad verkry het en dat die Thymosin nie gelewer is nie.

[197] Die getuie het die vloei van die relevante fondse soos volg uiteengesit op p. 150 van sy verslag: 'n Bedrag van \$3,2 miljoen (R8 863 040) is op 5 Junie 1989 uit projekfondse inbetaal in die rekening van Blackdale in die Banque Indosuez in Luxembourg en op dieselfde dag in 'n rekening Blackdale "Sub Account Bond" in dieselfde bank oorgeplaas. Vanuit daardie rekening is daar op 26 Junie 1989 'n bedrag van \$325

000 betaal aan Tagell en op 28 Julie 1989 is bedrae van \$361 000 en \$1 000 000 daaruit oorgeplaas na 'n rekening van Blackdale in die Banque Indosuez in Geneve. Op 27 November 1989 is daar weer eens 'n oorplasing van \$1 591 528 vanuit die gemelde Luxembourg rekening na die gemelde Geneve rekening. Op 13 November 1989 word 'n bedrag van \$277 179 (CHF 450 000) uit die Geneve rekening betaal in 'n rekening van dr.Chu in die Banque Nationale de Paris in Basel en dit word weer betaal aan Medchem Forchungs. Op 29 November 1989 is \$2 698 821 (R7 014 986) uit die Geneve rekening na die na 'n SAW frontrekening, Executive Services, en op 7 Desember 1989 is die bedrag oorbetal in die frontrekening van Coast, D John Truter Finansiële Konsultant. Hy interpreteer die dokumente dat die Blackdale die klerasie aan Copperdale verkoop het teen \$34 miljoen en dat Copperdale dit weer verkoop het aan Tagell vir \$65 miljoen. Omdat die transaksie nie plaasgevind het nie moes Blackdale skadevergoeding van \$325 000 aan Tagell betaal. Sy slotsom is dat die \$325 000 en die CHF450 000 nie betaal is vir die "probes" of die Thymosin nie.

[198] Aanklagte 14 en 15 gaan tot 'n groot mate saam met die privatisering van Delta G. Daar is besluit dat die fondse wat aan MCI ten opsigte van Delta G betaal moes word na die buiteland oorgeplaas moes word en daarna gerepatrieer moes word om te verhoed dat dit bekend sou word dat die SAW op enige wyse by die privatisering betrokke was. Gedurende April 1990 is fondse so gekanaliseer na die buiteland met die oogmerk dat dit gerepatrieer moet word. Die staat beweer en die getuie bevestig dat 'n bedrag van \$4 583 792 (R12 190 596) wat gedurende April 1990 oorgeplaas is na die rekening van dr. Chu in Switserland so oorgeplaas is met die uitsluitlike doel dat die betaling deur die projek aan 'n Suid Afrikaanse maatskappy verbloem kon word. Die bedrag is uit dr. Chu se rekening oorbetal in 'n rekening van Medchem Forchungs AG Dit word verder beweer dat die beskuldigde die bedrag vir 'n potensiële periode van 6 maande beswaar het deur 'n bedrag van \$2,3 miljoen, op 8 Mei 1990, by die Banque Nationale de Paris te Basel te leen, met \$2,5 miljoen van daardie projekfondse as sekuriteit vir die lening.. Die geleende bedrag is tot die beskikking gestel van WPW Investments Jetstar I Inc. en is gebruik om 'n gedeelte van die aankoopprys van die Jetstar te betaal. Dit word aangevoer dat die beskuldigde bedrieglik versuim het om aan die projek en 'n aantal staatsinstansies te openbaar dat hy die projekfondse so tot sy eie voordeel beswaar het. Die lening is uiteindelik afgelos

deurdat 'n bedrag van \$2 250 000 projekfondse namens WPW Investments Jetstar I Inc. aan die bank in Basel betaal is en deurdat 'n verdere bedrag van \$154 338 vanuit die Medchem Forchungs rekening aangewend is om die balans van die lening af te betaal. Aanklag 14 beweer bedrog ten opsigte van die aanvanklike lening en beswaring van die projekfondse tot die bedrag van \$2,3 miljoen terwyl aanklag 15 bedrog beweer ten opsigte van die \$154 338 wat die verskil is tussen die aflosbedrag van \$2 404 338 en die \$2 250 000 wat namens WPW Inv. Jetstar I Inc. betaal is en uit die fondse van Medchem Forchungs gekom het.

[199] In aanklag 16 beweer die staat dat die beskuldigde valslik voorgegee het dat 'n bedrag van \$2,4 miljoen wat gedurende Oktober 1990 vanuit projekfondse oorgeplaas is na die Blackdale rekening by die Banque Indosuez in Geneve so oorgeplaas is as betaling vir 'n peptiedsintetiseerder wat bestel en gelewer is, terwyl in werklikheid daar nie 'n peptiedsintetiseerder gelewer is nie en die bedrag gebruik is om die lening van WPW Inv. Jetstar I Inc. (aanklag 14) terug te betaal. Die verloop van die fondse was eenvoudig dat R6 168 025 (\$2 400 000) op 1 Oktober 1990 uit die projek in die gemelde Blackdale rekening inbetaal is en vanuit daardie rekening oorgeplaas is na 'n depositorekening. 'n Bedrag van \$2 250 000 in die depositorekening is aangewend ter gedeeltelike delging van die lening ten opsigte van die Jetstar. Daar was 'n verskil van \$150 000 tussen die Oktober deposito en die \$2 250 000 wat ter delging van die lening aangewend is. Verder het die gekanaliseerde fondse ook rente verdien. Die totaal wat nog in die Blackdale rekening oor was, was \$358 644. Dit is oorbetaal aan WPW Inc. by die Banque Indosuez in Geneve. Uit daardie rekening is daar op 20 Oktober 1992 'n bedrag van \$360 000 (R1 047 055) oorbetaal aan P & S Engineering Nedbank, en op 21 Oktober 1992 is daar uit die P & S Engineering rekening 'n bedrag van R1 090 015 oorbetaal aan MCI. Die getuie toon aan dat die \$360 000 wat P & S Engineering ontvang het, ontvang is as "Tegnologie Verkope". Die getuie meen dan as aanklagte 14, 15 en 16 saam beskou word dit blyk dat die gekanaliseerde fondse aangewend is om te dien as sekuriteit vir 'n lening om die aankoop van die vliegtuig te finansier en dat die fondse waarmee 'n peptiedsintetiseerder aangekoop moes word toe gebruik is om die lening af te betaal. Hy meen dus dat dit nie bewys is dat 'n peptiedsintetiseerder aangekoop is nie en dat die bogemelde \$358 644 aangewend is vir die voordeel van die Wisdom groep.

[200] In aanklag 17 beweer die staat dat die beskuldigde valslik voorgegee het dat 'n bedrag van CHF75 491 gedurende Februarie 1990 aan dr. Chu betaal is aan hom betaal is vir die verkryging van goedere tot voordeel van die projek terwyl in werklikheid die bedrag aan Chu betaal is vir die voordeel van die beskuldigde, of van Chu of van Medchem Forchungs. Die staat beweer verder dat die beskuldigde valslik versuim het om te openbaar dat hy en Chu 'n sakeverbintenis gehad het. 'n Bedrag van R130 000 is ter sprake. Die getuie wys daarop dat in die antwoorde aan KEEM dit aangedui is dat die bedrag aangewend is vir die verkryging van chemikalieë wat operasioneel aangewend is. Hy voer aan dat die verkryging nie bewys is nie.

[201] Aanklag 20 handel met die netwerk van maatskappye in die WPW groep. Die getuie is van mening dat die maatskappye nie aan die owerheidsinstansies openbaar is nie en openbaar moes gewees het en dat die hele skepping, administrasie en beheer daarvan bedrog daargestel het. Die fondse daarin was projekfondse.

[202] Aanklag 21 het te doene met 'n rekening wat bedryf is deur D John Truter Finansiële Konsultant Bk. Rekening no 2310-163689 by Volkskas Menlyn Pretoria en wat nie 'n projekrekening was nie. Verskeie frontbankrekeninge is in die naam van D John Truter Finansiële Konsultant Bk. bedryf. Daardie rekenings is almal ge-ouditeer. Op 24 April 1992 is \$1 060 000 (R3 047 349) uit 'n rekening van WPW Inv. Inc, Geneve oorgeplaas na die bogemelde rekening no 2310-163689 (die nie-projek Truter rekening). Volgens Zimmer het dit op instruksies van die beskuldigde geskied. Die uitbetalings is nie verantwoord in Truter se boeke nie en is nie ge-ouditeer nie.

[203] Gedurende Mei 1991 was daar 'n bedrag van R5 568 261 in 'n rekening bekend as Regent International Trading Services nr. 7621-502975 in Nedbank Verwoerdburg.(Die RITS rekening) (Daar was 'n saldo in die rekening van R310 981 en uit die Technotek rekening is daar gedurende Februarie April en Mei 1991 'n totale bedrag van R5 257 280 in die rekening inbetaal) Op 28 Mei 1991 is R3 miljoen daarvan betaal

in die nie- projek Truter rekening. Daarvan is daar op 27 Junie 1991 R2 865 562 (\$996 000) na die CB van Remoortere rekening in Luxembourg (die Barcelona rekening) en op 29 Augustus 1991 is 'n R100 000 aan Bosch in kontant oorbetaal.. Uit die Barcelona rekening is daar op op 4 Julie 1991 'n bedrag van \$910 000 betaal in die rekening van WPW Inc., Indosuez Geneve en op 10 Julie 1991 is \$900 000 uit daardie rekening inbetaal in 'n Nedbankrekening in London vir die aankoop van 'n Suid afrikaanse skuld met 'n waarde van \$1 000 000. Met bemiddelling van die SA Reserwe Bank is daar toe op 10 Desember 1991 'n bedrag van \$970 000 (R2 696 115) inbetaal in die rekening van BRCI. Verder is daar op 4 Julie 1991 'n bedrag van \$80 000 uit die Barcelona rekening oorbetaal na die WPW Inc. rekening in Merrill Lynch in Orlando.

[204] Die getuie spreek bekommernisse uit oor die rekening en wys daarop dat die eerste betaling in die nie-projek Truter rekening, die R3 miljoen, uit die RITS rekening gekom het. Hy sê dat \$996 000 uit die projek beskikbaar gestel is vir die aanskaffing van uitrusting. Fondse word uit die RSA dmv. die Reserwe Bank oorgeplaas na die buiteland en dan ontvang BRCI die moratorium lening van \$970 000. Dit is aangewend vir die aankoop van 'n eenheid by Fancourt ten bedrae van R1,4 miljoen, die plaas Witbank vir R568 000, die plaas Wag-'n-Bietjie vir R561 000 en verbeterings en meubilering van Fancourt vir omtrent R271 000. Die Transaksies is nie in Truter se rekenkundige boeke verantwoord nie en nie geouditeer nie. Hy wys daarop dat ook Theron onbewus was van die rekening. Hy wys daarop dat die R2 865 562 aan die WPW groep betaal is en die balans van R100 000 in kontant aan Bosch. Die R3 miljoen is deur RITS verkry vir die verkoop van "NBC suits".

[205] Aanklag 22 het te doene met die Aries Trust en 'n lening van \$250 000 wat Aries Trust aangegaan het met BRCI. Die getuie se diagrammatiese voorstelling op p. 259 toon aan dat daar op 6 November 1991 vanuit 'n onbekende bron 'n bedrag van £80 000 in die Barcelona rekening inbetaal is en dat daar op 19 November 1991 \$149 784 (£83 631) uit daardie rekening in 'n rekening van GCI Holding Co. in die Bank La Rosche in Basel inbetaal is. Op 10 September 1993 is 'n bedrag van \$150 000 (R509 515) uit daardie rekening inbetaal in die bankrekening van Aries Trust by Nedbank. Verder blyk dit dat daar op 26 Mei 1993 'n

bedrag van \$200 000 uit die rekening van Credit Suisse in Zurich oorbetal is WPW Inc. Merrill Lynch, Orlando. Daar is op 14 Junie 1993 \$100 000 uit daardie rekening in Baker & Hostetler se Trustrekening inbetaal en op 16 Junie is daar \$100 000 (R320 135) uit daardie rekening in die Nedbank rekening van Aries Trust inbetaal. Die totale bedrag was \$250 000. Dit is op 2 Mei 1995 tesame met rente van \$36 626 terugbetaal aan die firma waarby Webster toe betrokke was nl Mahoney Adams & Criser "for credit Waterson Trust".

[206] Hy wys daarop dat Aries Trust op 28 Februarie 1994 'n bedrag van R829 650 aan Waterson Trust verskuldig was. Daar is 'n skriftelike leningsooreenkoms gedateer 1 Junie 1993 tussen Waterson Trust en Aries Trust. Waterson Trust was gesetel in Jersey eiland. Die leningsooreenkoms maak voorsiening vir 'n lening van \$500 000 aan Aries Trust. Hy wys daarop dat die tekengemagtigdes op die GCI Holdings rekening in Basel Webster en Bosch was. Die beskuldigde het ook tekenmagte daarop gehag. Die maatskappy is op 6 Mei 1991 in die Kaaiman eilande geïnkorporeer. Die eerste betaling in die rekening het vanuit die Barcelona rekening gekom. Die twee bedrae van \$150 000 en \$100 000 is aanvanklik aan die Reserwe Bank verduidelik as "tegnologie verkope". Dit is later deur die beskuldigde reggestel en verander na 'n lening. Die terugbetaling van die lening en die rente daarop aan Mahoney, Adams & Criser het hy geverifieer vanaf dokumente wat in besit was van Bosch. Die Aries Trust is op 25 April 1991 geskep en die aanvanklike skenker was Anna Versluis, wat R1 000 aan die trust geskenk het. Die Waterson Trust dokumente begin met 'n brief van Webster aan Westpack Banking Corporation in Jersey, met 'n versoek dat so 'n trust in opdrag van die beskuldigde opgerig moet word. In die dokumente is daar 'n "letter of wishes" waarin die wense van die beskuldigde uiteengesit word.

[207] Aanklagte 23 en 24 is in die opsommende inleiding soos volg geformuleer: Dit handel met die privatisering van sekere infrastruktuur en vermoëns wat deur Coast daargestel is. As gevolg van goedkeuringsdokumente en ander dokumente is daar gedurende 1990 2n 1991 goedkeuring verleen deur die minister van verdediging en die minister van finansies aan 'n meganisme ingevolge waarvan die frontmaatskappye van Coast geprivatiseer is. Die gemelde belange is oorgedra na die sleutelpersoneel van die frontmaatskappye. Die privatisering het in fases geskied en die volgende transaksies het plaasgevind.

Die vervreemding van die bedryfsmaatskappy en die sluiting van navorsingsooreenkomste tussen Coast en die bedryfsmaatskappy. Kansellering van die navorsingsooreenkomste. Betaling van kansellering-vergoeding aan die bedryfsmaatskappy. Die vervreemding van die eiendomsmaatskappy waarin die vaste eiendom en geboue waarin die frontmaatskappy bedryf is gesetel het. Dit raak dan vir Delta G en Randjiespark Property Holdings (Edms.) Beperk en dr. Mijburgh aan die chemiese kant en RNL, EGC (Edms.) Beperk en dr. Swanepoel aan die biologiese kant.

[208] Wat Delta G aanbetref is beide die bedryfsmaatskappy en die eiendomsmaatskappy gedurende April 1990 aan die sleutelpersoneel oorgedra. Die besturende direkteur, Mijburgh het 'n 75% belang gekry en die ander personeel het bloot 'n 25% belang gekry. Die kooptransaksie was met 'n maatskappy MCI. Daar is 'n navorsingsooreenkoms met MCI gesluit. Dit is gedurende Augustus 1991 gekanselleer en daar is ooreengekom dat die staat R37 miljoen aan MCI sou betaal vanweë die kontrakbreuk. Daar is toe ooreengekom dat MCI beide die bedryfsmaatskappy en die eiendomsmaatskappy kon aankoop. In die geval van die bedryfsmaatskappy is die lening aan die staat wat op R12 miljoen gestaan het met R4 miljoen verminder na R8 miljoen en in die geval van die eiendomsmaatskappy is die boekwaarde van die grond en die geboue met R6 miljoen verminder vanaf R20 miljoen na R14 miljoen. MCI is toegelaat om die. MCI is toegelaat om die skuld van R8 miljoen vir die bedryfsmaatskappy en R14 miljoen vir die eiendomsmaatskappy af te sit teen die bedrag van R37 miljoen wat deur die staat verskuldig was. Die staat moes dus 'n netto bedrag van 15 miljoen aan Delta G betaal. Daar was egter 'n voorwaarde dat Delta G nog vir 5 jaar bedryf moes word en die navorsers moes steeds in diens gehou word. Wat RNL aanbetref is die staat se belange gedurende 1991 oorgedra aan die sleutelpersoneel. 75% persent van die aandele is oorgedra aan die besturende direkteur dr. Swanepoel en 25% aan die ander sleutelpersoneel. Daar was ook 'n navorsingskontrak met die bedryfsmaatskappy soos in die geval van Delta G behalwe dat dit in Augustus 1991 geteken is en terugwerkend van krag gemaak is na April 1991. Die ooreenkoms is gekanselleer net voordat dit geteken is en en die staat het onderneem om R32,6 miljoen aan die kopers te betaal. Die kopers was Van Zyl & Partners (Edms.) Beperk, die aandele waarvan gesetel het in die Wynand Swanepoel Trust, en RNL. Soos in die geval van Delta G is die boekwaarde van die vaste eiendom verminder van R10,2 miljoen

na R6,95 miljoen en die leningsbedrag wat aan die staat verskuldig was, van R12,2 miljoen na R8,33 miljoen. Daar moes gevolglik 'n netto bedrag van R15,28 miljoen aan die kopers oorbetal word.

[209] Bruwer wys daarop dat na privatisering van die fondse wat met die privatisering verkry is aangewend is as lenings aan die WPW/Wisdom/ BRCI groep van maatskappye. Gedurende Julie 1993 is Delta G verkoop vir R3 076 376. MCI het R2 491 632 daarvan ontvang en die balans is uitbetaal aan die ander aandeelhouders. Gedurende September 1994 is RNL in vrywillige likwidasië geplaas. 'n Totale dividend van R17 961 082 is uitbetaal. R4 671 677 daarvan is uitbetaal aan Contresida Holdings (Edms.) Beperk en R4 488 474 aan die Wynand Swanepoel Trust.

[210] Hy is van mening dat daar vanaf 1983/84 ongeveer R380 miljoen aan Coast beskikbaar gestel is. 'n Aansienlike deel daarvan is voor privatisering na Delta G en RNL gekanaliseer. Volgens sy mening was die vaste bates van Delta G op 31 Maart 1991 van die orde van R40 miljoen en die van RNL op 28 Februarie 1991 van die orde van R35 miljoen. Groot bedrae is voor die privatisering bestee ten opsigte van navorsing, ontwikkeling en die bedryf van die twee frontmaatskappye. Dit word uitgewys dat volgens van die dokumente navrae aan die beskuldigde gerig kon word. In die dokumente word na Delta G verwys as 'n chemiese fasiliteit. Die eerste moontlikhede van privatisering is ondersoek reeds gedurende die 1987/88 boekjaar. Dit blyk uit die dokumente dat die staat van mening was dat die boekwaarde te hoog was. Die staat wou 'n gewaarborgde toekomstige gebruik van die fasiliteit vir die SAW bewerkstellig en die sleutelpersoneel moes nie hulle werk verloor nie. Die moontlikheid is geopper dat die staat die eiendomsreg sou behou deur die front D John Truter Finansiële Konsultant Bk., en dat die vaste eiendom dan aan Delta G verhuur sou word. Dit blyk uit 'n dokument getiteld "Voorligting aan bestuur ten opsigte van die gedeeltelike privatisering van projek Coast" gedateer 2 Maart 1990. Daar is 'n voorlegging aan die minister van verdediging waarin magtiging versoek word vir die afkoop van die bates van projek Coast. Dit word voorgehou as deel van 'n tien jaar plan en dat die bates en infrastruktuur oorgedra moet word aan die personeel. Daar is ook besorgdheid vir die beskikbaarheid van die fasiliteit, werknemersgerustheid van die personeel, die afwenteling oor 'n periode van

vyf jaar en die voortsetting van die meganisme van privatisering. Dit blyk egter dat die OG bedenkinge gehad het oor die bedrae waarteen die bates verkoop sou word. Behalwe die navorsingsooreenkoms waarna die getuie verwys is daar ook 'n voorlegging getiteld: "Voorstelle met betrekking tot beëindiging van kontraktuele verbintenisse met Medchem groep met ingang van 1 September – implikasies en opsies: projek Coast" Daarin word verwys na die verandering in politieke klimaat op die navorsingsprojek en dit word uitgespel dat die privatisering voltooi moet wees voordat minister Malan aftree teen die einde van Augustus 1991. Goedkeuring word gevra dat die chemiese navorsingsprojek gestaak word, dat 'n bedrag van R37 000 000 aan Delta G betaal word dat die bedrag van die lening verminder word en dat die waardasie van die vaste eiendom ook verminder word en dat die lening afbetaal mag word uit die bedrag wat die staat moet betaal. Dit is goedgekeur deur die minister van finansies en van verdediging en HSAW en daar is soortgelyke dokumente tov. RNL.

[211] Die getuie het nagevors hoe die Medchem groep en die RNL groep met die fondse wat uit die privatisering ontvang is gehandel het. By RNL het Contresida Holdings Swanepoel Trust saam R9 160 152,13 ontvang uit die vrywillige likwidasie. Die ander aandeelhouers het die verskil ontvang: Twee het R2,334 miljoen ontvang, een het R1,257 miljoen ontvang, een het R718 000 ontvang, drie het R598 000 ontvang en een het R359 000 ontvang. Hy wys uit dat daar voorstellings was oor die verwagte prestasie van die maatskappy na privatisering en dat dit blyk dat die maatskappy slegter gevaar het as verwag. Daar was verskeie lenings o.a. 'n bedrag van R6 miljoen aan MCI wat terugbetaal is, R3,5 miljoen aan BR Holdings. Op 28 Februarie 1993 was daar nog aansienlike bedrae verskuldig aan RNL: R2 miljoen deur Marlow en R3,5 miljoen deur MCI. Hy vestig ook aandag daarop dat RNL R2 miljoen aan Van Zyl & Partners geleen het wat dit weer aan BRCI geleen het. Hy wys ook op groot lenings deur MCI aan Waterson Properties en aan Medchem Sports International vir die aankoop van die eenheid in Fancourt. Daar was talle sulke lenings. Daar was ook 'n belegging in Rand Aksepsbank aandele en daarop is 'n wins van R1,9 miljoen gemaak.

[212] Hy verwys verder na dokumente deur die staatsprokureur waarin die risikos van afverkoop verduidelik word en notas van die OG wat verduidelik dat die afverkoop realisties is. Daar is ook verdere briewe deur die

OG waarin hy tevreidenheid met die proses uitspreek. Hy verwys na bew 23.37, 'n navraag van KEEM, 'n brief van mnr. Theron, van Coopers Theron, bew 23.38, 'n brief van HSAW, bew 23.39 en bew. 23.41 en 23.42 synde korrespondensie tussen Webster en Mijburgh oor die moontlike verkryging van aandele in Delta G en 'n handgeskrewe dokument wat aantoon dat daar 'n belang vir die beskuldigde beoog was in MCI. Hy voer aan dat die bedrae, wat by privatisering betaal is bepaal is op die grondslag dat die maatskappye vir vyf jaar moes kon oorleef en dat in die praktyk dit nie gebeur het nie. Hy wys verder daarop dat die ouditeurs nie versoek is om kommentaar te lewer oor die redelikheid van die bedrae nie en hy wys op die groot lenings wat oor en weer gemaak is. Hy toon ook aan dat die prestasie van beide frontmaatskappye, na privatisering, swakker was as verwag.

[213] Die getuie het hierdie laaste getuienis gegee op Vrydag 4 Februarie 2000. Toe hy besig was om te getuig het die hof hom gevra of hy nie dink dat die projek en die WPW groep van maatskappye saamgeloop het nie en wat presies die bedrog is wat hy beweer die beskuldigde gepleeg het, by die privatisering en of hy dit saam met HSAW en die ministers gepleeg het. Dit het die staat hewig ontstel en het gelei tot 'n aansoek dat ek my moet onttrek van die saak omdat ek reeds 'n vooraf beregting gemaak het. Die saak is vir meer as 'n week vertraag weens die aansoek. Dit is geweier vir redes wat uit 'n uitspraak wat destyds gegee is blyk.

[214] Aanklagte 65,66 en 67 handel met beskermende klerasie (Nuclear Biological and Chemical suits, NBC suits) wat die eiendom van die staat of die SAW was en wat gedurende 1990/1 verkoop is. In aanklag 65 beweer die staat dat die beskuldigde 31 342 pakke gesteel het. In aanklag 66 beweer die staat dat die beskuldigde vir van Remoortere bedrieg het en voorgegee het dat hy gemagtig was om die pakke namens die SAW te verkoop aan Technotek en dat WPW Inc. en RITS fronte van die projek was. Die voorstellings het van Remoortere oorreed om die pakke namens die SAW aan te koop. In aanklag 67 beweer die staat dat hy die SAW en verskeie relevante staatsorgane bedrieg het deur voor te gee dat hy met van Remoortere onderhandel het om die pakke namens die SAW aan te koop terwyl in werklikheid hy dit vir die voordeel van die WPW groep of homself verkoop het. (Daar sou seker nie gesê kon word dat die aanklaer 'n fout gemaak het as die drie aanklagte in die alternatief geformuleer was nie) 'n Groot deel van die fondse wat verkry is is in

die RITS rekening inbetaal. Gedurende Mei 1990 is 9568 eenhede verkoop vir R3 827 200 en gedurende Februarie 1991 is 31 342 eenhede verkoop vir R6 479 280. Die totale verkoopprijs was dus R10 306 480.

[215] RITS is gestig op 6 Januarie 1987. Dit was 'n Bk. En die enigste lid was Tjaart Viljoen. Dit is bedryf as 'n invoerbesigheid van beskermende klerasie en radio toerusting. Gedurende 1993 is die naam verander na Pretokon Makelaars Bk. en omskep in 'n maatskappy. Dit word omskryf as kort- en langtermyn versekeringsmakelaars. Volgens Viljoen het hy die besigheid aanvanklik bedryf as genomineerde van die projek en later vir homself. Verskeie Coast fondse is aan RITS betaal deur of D John Truter of Infladel. Die oorgrote hoeveelheid oorbetalings is gemaak voor 28 Februarie 1989. Volgens die getuie se inligting was die ouditeur P Theron nie bewus daarvan dat RITS 'n beslote korporasie was nie en het hy dit nie as 'n frontmaatskappy van Coast beskou nie. Volgens Theron was RITS onderhewig aan audit. Hy het aangedring dat die rekening gesluit word. Die RITS rekening by Volkskas is toe ook gedurende 1989 gesluit. Betaling van fondse vanuit die projek hou verband met die aankoop van NBC toerusting. Die toerusting is aanvanklik verskaf deur YCVM en later deur Technotek.

[216] Hy het vasgestel dat RITS 'n beleggings- en 'n lopende rekening gehad het by Nedbank Verwoerdburg. Die beleggingsrekening is geopen op 19 Oktober 1990 en Viljoen en sy vrou het tekenmagte gehad. Inbetalings in die rekening is nie aangeteken in die boeke van die projek nie. Bruwer het die bankstate van die twee rekeninge ter insae gehad asook 'n kontantvloeistaat wat hy gedurende 1999 van Bosch ontvang het, dokumente wat hy van Viljoen en van Remoortere ontvang het en ook die bankleêr wat deur Bosch bygehou is. Hy rekonstrueer soos volg: Daar word op 19 Oktober en 23 Oktober 1990 onderskeidelik R827 000 en R1 000 000 vanuit 'n onbekende bron (vermoedelik Technotek) in die beleggingsrekening inbetaal. Rente van R91 438 loop op tot 31 Januarie 1991. Op 6 Februarie word daar R1 800 000 uit daardie rekening aan 'n frontrekening bekend as Karko en op 14 Februarie word dit oorbetaal aan die projek. Die balans is R118 638. Daar is verdere inbetalings van R5 257 280 vanaf Technotek en R250 000 vanaf BR Holdings en 'n verdere R192 343 se rente loop op. Die bedrag van R3 000 000 waarvan die beskuldigde in aanklag 21 aangekla word, word via D John Truter oorbetaal in die Barcelona rekening en

vandaar na WPW Inc. 'n Bedrag van R900 000 word aan Aries Trust betaal. Daar is ook betalings van R453 426 aan die beskuldigde, R608 369 aan L Larsen, R170 000 aan CB Marlow, R250 000 aan Waterson Properties, R100 000 aan W P Swanepoel, R151 501 aan Wisdom Finance, R80 000 as 'n deposito tov. erf 958, R50 000 aan A Versluis en R30 000 aan B Basson.

[217] Bew. F317 en 318 toon uitbetalings uit die RITS beleggings rekening aan . Die volgende is gemaak:

13/2 /9	CB Marlow	R150 000
18/2/91	Beskuldigde	R50 000
22/2/91	A Versluis	R50 000
27/3/91	Beskuldigde	R30 000
28/3/91	CB Marlow	R10 000
17/4/91	Beskuldigde	R45 000
25/4/91	Beskuldigde	R60 000
26/4/91	Aries Trust	R500 000
14/5/91	B Basson	R20 000
14/5/91	Beskuldigde	R 20 000
28/5/91	Beskuldigde	R400 000
7/6/91	WP Swanepoel	R100 000
19/6/91	Beskuldigde	R7 247
28/6/91	Beskuldigde	R4 179
3/7/9	Waterson Properties	R250 000
11/7/91	Beskuldigde	R7 000
19/7/91	CB Marlow	R10 000
23/7/91	Beskuldigde	R160 000
24/7/91	Beskuldigde	R70 000

Bew. F319 is 'n soortgelyke ontleding van die RITS lopende rekening. Dit toon die volgende ontvangstes en uitbetalings aan:

Ontvangstes:

5/8/91	WPW Inc. Indosuez Geneve	R229 965
13/8 91	Oorplasing vanuit beleggingsrek.	R52 982
21/8/91	Verkoop van Krugerrande	R163 200.
21/8/91	Onbekende bron	R100 000

Uitbetalings

14/8/91	Erf 958 Eastwood	R80 000
?	Oorplasing na rek nr 162027058	R18 622
?	L Larson – Merton huis	R300 000
10/9/91	CB Marlow	R10 814
10/9/91	Beskuldigde	R34 500
10/9/91	L Larson – Merton huis	R100 000

[218] Daar is 'n bedrag van R1miljoen uit 'n Standard Bank rekening wat Viljoen gehou het dmv. 'n tjek wat aan Bosch oorhandig is in die RITS rekening inbetaal.¹ Van Remoortere het beskermende klere en toerusting aan die SAW verkoop, aanvanklik deur YCVM en later deur Technotek. Die verkopings was aan fronte en meer in besonder aan RITS. Intramex het 'n stoor by Technotek gehuur waarin die klerasie geberg is. Daar moes 45 000 pakke oor drie jaar vanaf 1987 gelewer word. YCVM het 'n kontrak gehad met National Tents & Sails (Edms.) Beperk, wat die werklike vervaardigers van die pakke was.² Bruwer se inligting via van Remoortere was dat die beskuldigde aan die begin van 1990 gesê het dat die pakke in die besit van RITS aan

¹ Bew 65.7

Krygkor gelewer moes word. Technotek het by RITS gekoop teen R3 827 200 en verkoop aan Krygkor teen R4 092 616. Wat gelewer is was 4811 klein pakkies, 3318 medium pakke en 1439 groot pakke. Die koopprys het uit 'n spesiale verdedigingsrekening gekom. Van Remoortere sal aantoon dat daar R2 miljoen aan RITS betaal is dmv. tjekno. 839 op 4 Julie 1990, R1 miljoen dmv. tjekno. 897 op 14 Augustus 1990 en R827 000 dmv. tjekno. 991 op 19 Oktober 1990.

[219] Bruwer voer aan dat die verkope van R3 827 000 verband hou met die depositos in die RITS bankrekenings. R2 miljoen daarvan is op versoek van die beskuldigde oorgeplaas na die Barcelona rekening op 22 Junie 1990. Hy voer aan dat dit projekfondse was. Uit die verdere R1,8 miljoen is in daardie rekening was daar betalings na WPW Inc. van onderskeidelik £30 000 en BEF1 500 000, aan WPW Inc. Merrill Lynch \$541 884, vir die aankoop van Krugerrande \$171 802, aan Medchem Forchungs van R147 281, aan Aeromed Services van R47 305, aan Pretokon van \$74 883, aan WPW Inc. van \$50 312 synde die rente op die lening van \$2 225 000³ en aan WPW Inc. van \$244 024. Hy vestig die aandag daarop dat in F1.68 die GG aan KEEM (op instruksies van die beskuldigde) verduidelik het dat die betrokke fondse nie deel van Coast se fondse was nie en dat daar 'n verdere verduideliking van 'n foutiewe oorplasing van fondse was. Dit is sy mening dat die R1 800 000 wat aan Karko oorbetaal is aan van Remoortere betaal is en nie die R1 800 000 wat terugbetaal is aan die projek nie.

[220] Volgens sy inligting via van Remoortere het Technotek 18 770 eenhede van RITS gekoop @ R210 per eenheid. Die totale prys daarvan was R3 941 700. Daar is 12 562 eenhede @ R40 per eenheid verkoop vir R504 580 en 10 eenhede @ R210 vir R2 100. Daar sou 31 342 eenhede aan Seyntex in België verkoop word, 9568 groen pakke (olive drab) en 21 774 nutria pakke. Seyntex is gefaktureer met R5 293 140. Volgens van Remoortere is die aankoop van die 12 562 pakke op versoek van die beskuldigde gefaktureer teen R40 per eenheid betaalbaar aan RITS en R170 per eenheid aan Blackdale.

[221] Van die R900 000 wat uit die RITS beleggingsrekening in Aries Trust inbetaal is is daar R50 000 uitbetaal aan A Versluis en haar verbandlening van R250 000 is ook afgelos. Daar was 'n betaling uir Aries Trust van R 100 000 aan CL Nienaber en gekapitaliseerde uitgawes van R434 595. Aries Trust het 'n lening van R930 000 by BRCI gehad. Aries Trust was 'n bedrag van R400 000 aan B Basson verskuldig. Hy noem 'n reeks ander uitbetalings aan die beskuldigde, Merton huis , Wisdom Finance, Swanepoel, Marlow, ABC Import & Export, MCI, Medchem Technologies, WPW USA Inc. en WPW Inc. Merrill Lynch.

³ Bew. 65.46

[222] Hy sê dat Brigadier-generaal Coertzen bevestig dat 'n bedrag van R4 092 616 uit 'n spesiale fondstrekening betaal is.⁴ Volgens hom is daar dus 5 000 pakke beskermende klerasie wat nie, volgens sy berekening verantwoord word nie. Hy voer aan dat volgens F337E 9568 NBC pakke wat die eiendom van Coast was verkoop aan Krygkor vir R4 092 616 en is die koopprys daarvan nie aan Coast verantwoord nie. Verder is klerasie wat deur YCVM of Technotek aan die SAW verskaf is deur Technotek by RITS gekoop vir R6 479 280 en is die verkoopprys ook nie aan Coast verantwoord nie. Hy wys verder daarop dat Technotek 'n wins op die transaksies gemaak het en voer aan dat die beskuldigde 'n belang in Technotek gehad het en dus ook op daardie wyse by die verkopings gebaat het.

[223] In hoofstuk C van sy verslag skakel Bruwer die buitelandse geldeenhede om na rande en maak hy ook sekere gevolgtrekkings. Dit is onnodig om elke omskakeling te noem. Hy lê klem daarop dat daar items aangekoop is soos die "cottage", die condominium in Orlando, die woonstelle in Brussels, plase, 'n eenheid by Fancourt, 'n belang in GGI, vliegtuie en lenings aan die beskuldigde se trust en aan 'n hele aantal persone wat by die WPW groep betrokke was. Hy wys verder daarop dat die geld wat vir die projek verlore gegaan het uit die rekening van Jacomet ongeveer R4,3 miljoen bedra het. Die verliese in die VSA was ongeveer R6,9 miljoen en met die belegging in GGI was daar 'n verlies van R2,5 miljoen. Hy voer ook aan dat hy 'n bedrag van omtrent R86 miljoen gemonitor het.. Daarvan is R21 624 632 gekanaliseer na Coast, R15 238 924 na die WPW groep en ander bedrae van R43 019 070. In F372-F377 gee hy 'n uiteensetting van wat met die Suid Afrikaanse maatskappye gebeur het en toon hy aan dat die totaal van die bedrae ter sprake R32 744 830 behels. Hy kon nie 'n buitelandse belegger identifiseer wat betrokke was by die WPW groep nie en voer aan dat alle transaksies wat deur die groep uitgevoer is, uitgevoer is met projekfondse. Die een plaas is teen 'n groot verlies verkoop en die ander een teen ietwat minder van 'n verlies maar die bedryf van die plaas het teen 'n geweldige verlies geskied. Daar was 'n baie groot verlies in die reisagentskap en met die verkoop van Merton huis. Hy meen dat daar behoorlike kontrole oor die buitelandse rekenings behoort te gewees het en dat die rekenings geouditeer moes gewees het. Hy meen dat die beskuldigde sy bevoegdhede oorskrei het met instruksies vir uitbetalings wat hy gegee het en dat hy nie die projek koste-effektief beheer het nie. As

⁴ Bew. F337, F337A, F337B en F337D.

voorbeeld toon hy aan dat die CAMs maar £4 000 gekos het terwyl die projek miljoene rande daarvoor betaal het. Die opbrengs van die klere wat die SAW verkoop het, het nie weer by die SAW uitgekom nie en so ook die verkoopprys van die Jetstar. Al wat oorgebly het is die "cottage".

[224] Gedurende kruisverhoor is hy gevra om aan te dui wat die opdrag is wat hy van KEEM gekry het. Hy sê dat hy die risiko areas moes identifiseer en dat hy moes bepaal hoe projekgelde aangewend is. Hy moes bepaal wat die voorstellings aan die KBK was en moes dit vergelyk met die antwoorde wat deur die GG verstrek is veral in die dokument F1.68 wat breedvoerig handel met die KEEM navrae. Daar was ook navrae in 1992 deur die OG aan Theron en dan het hyself ook by Theron navraag gedoen. Die meeste vrae sentreer rondom F1.68. Hy gee toe dat die .1 dokumente besonder vaag was en dat dit nie 'n voorstelling was nie. 'n Voorbeeld is die aanduiding dat gelde oorgeplaas word vir wetenskaplike toerusting vir ops aanwending. Hy weet nie wat aan die KBK voorgehou is nie.

[225] Hy het die hantering van die fondse in die buiteland nagegaan en die vloei bepaal. Hy is van oordeel dat dit nie aangewend is soos dit voorgehou is nie en derhalwe kom hy tot die konklusie dat daar wanvoorstelling was. Hy weet nie of die voorstelling aan die KBK skriftelik of mondelings was nie of wie van die KBK teenwoordig was nie of wat die KBK se opdrag was nie. Hy gee toe dat hy 'n totale gebrek aan kennis het. Hy gee toe dat daar 'n gebrek aan dokumente is en kan nie sê wanneer die dokumente vernietig is nie. Hy bevestig egter dat daar 'n opdrag was dat die dokumente vernietig moes word. Hy was nou betrokke by die KEEM navrae en bevestig dat baie van die persone se geheues baie vaag was. Hy het toegang gehad tot die getuies en die dokumente.

[226] Hy gee toe dat dat aanklag 2 (die koste vir die reis na Iran) gebaseer is op sy verslag en F1.68. Hy gee toe dat daar gesteun is op F1.68. Hy weet glad nie wat die werklike voorstelling aan die KBK was nie. Hy gee toe dat F1.68 opgestel is 6 jaar na die werklike gebeure. Hy weet nie wat die wanbewering was nie en hoe dit gemaak is nie. Aanklagte 1 tot 10 is op dieselfde grondslag. Dit is gebaseer op gen. Knobel se rekonstruksie. Verder het hy gekyk na die vloei van die fondse en watter gelde aan WPW betaal is en het hy

aanvaar dat 'n betaling aan WPW 'n betaling aan die beskuldigde was. Die beskuldigde is WPW. Hy is die alleeneienaar van WPW Inc.en gevolglik van al die WPW maatskappye. Dit is belangrik vir die staat se saak dat so 'n aanvaarding gemaak moet word want dan het die beskuldigde vir homself toegeëien. Hy hou vol dat hy eerder op die dokumente steun as op getuienis en wil nie toegee dat as jy nie op 'n getuie se getuienis kan steun nie dat dit nog meer gevaarlik is om op 'n skrywe van hom te steun. Hy steun baie sterk op A1. Hy gee toe dat heelwat wat in A3-A6 voorkom feitlik verkeerd is maar sê dat daar tog dinge is wat sy mening staaf. Ook bew. A10-A19 id nie in alle opsigte korrek nie. Hy gee toe dat Webster nie die waarheid gepraat het in sy verklaring aan KEEM nie waar hy gesê het dat hy en die beskuldigde mekaar bloot as vriende besoek het en dat hy die beskuldigde gevra het om hom te help om Merton huis te bou. Hy gee toe dat Webster gedurende Maart 1998 in Florida breedvoerig ondervra is oor wie sy prinsipale was maar dat hy geweier het om te sê wie dit was. Hy gee toe dat Webster getuig het dat die beskuldigde namens prinsipale opgetree het en dat hy dit nie in sy verslag geïnkorporeer het nie maar ontken dat hy selektief was met dit wat hy aan die hof voorgehou het. Hy gee nie toe dat hy selektief was nie en besluit het wat hy wil glo nie. Webster het wel gesê dat hy deur Wilfred Mole aan die beskuldigde voorgestel is en dat die beskuldigde die vernaamste kontak vir Europese en ander prinsipale was. Hy gee toe dat Suid Afrika deur sanksies geraak is en kan nie bevestig dat Mole geld gemaak het deur sanksies te ontduik vir Zimbabwe nie. Dit is aan hom gestel dat wat die Suid Afrikaanse maatskappye aanbetref Webster vir Viljoen met Marlow vervang het, en dat die geld nie uit die beheermaatskappy direk versprei is nie maar via Wisdom Finance en Profincor. Dit is verder aan hom gestel dat Webster wel 'n gastehuis namens die prinsipale wou koop. Die woonstel in die Wisdomgroep is vir die projek gebruik en die beskuldigde het dit gehuur teen R300 per maand.

[227] Viljoen se getuienis voor KEEM word met hom bespreek en hy gee toe dat dit lynreg verskil van sy bevindings. Hy gee ook toe dat sy bevindinge verskil van Marlow se getuienis voor KEEM oor die beskuldigde en Webster se betrokkenheid by die Suid afrikaanse maatskappye. Hy gee ook toe dat van Remoortere gesê het dat die beskuldigde nie 'n belang in Charburn gehad het nie maar dat hy dit nie aanvaar nie omdat hy hom op die dokumente verlaat en nie aanvaar dat daar dekstories gewees het nie. Wanneer hy verwys word na Knobel se getuienis tot die effek dat die SAW nie wou weet wie die verskaffers was nie en dat as die

transaksies bekend sou word beide kante moet ontken dat aan die SAW verskaf is, gee hy toe dat dit sin maak dat daar dekstories moes wees gestaaf deur skynkontrakte. In besonder word hy verwys na F14.9A en F14.9B, synde die ooreenkomste wat as basis voorgehou vir die rotering van die R12 miljoen uit die land en terug by die privatisering van Delta G en word dit aan hom gestel dat dit blote skyndokumente was.

[228] Hy hou voet by stuk dat wat aanklag 1 aanbetref daar nie laboratoriumtoerusting gekoop is nie. Hy word verwys na KEEM getuienis van dr. Davey en gen. Neethling asook die getuienis van dr. Koekemoer en gen. Knobel tot die effek dat daar waarskynlik so 'n laboratorium was en gee dan toe dat as daar so 'n laboratorium was hy nie kan sê waarmee dit toegerus is nie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde die verkopers behulpsaam was met 'n dekstorie en gee toe dat die nie bestaan van die laboratorium eintlik die basis is vir die aanklag.

[229] Dit word aan hom gestel dat die WPW groep gestig is deur die beskuldigde saam met Webster om die verspreiding van fondse te fasiliteer. Daar was drie groepe betrokke nl. die Oos-blok lande, Libië en algemene lande. Daar sou drie maatskappye wees nl PCM, WPW Inc en Medchem Inc. Op die ou end is net een maatskappy gebruik. Die fondse is versprei op versoek van die verskaffers wat geld in die Weste wou belê. Dit was nodig dat die transaksie gestruktureer word soos wat gebeur het. Hy voel dat daar dokumente moes wees wat aantoon dat die beskuldigde bloot 'n verteenwoordiger was. Hy het nie navraag gedoen of 'n laboratorium bestaan het nie. Hy kan nie betwis dat daar 'n laboratorium was wat vernietig is nie. **Hy ontken dat sy fooie in hierdie saak vir hom van groot belang is en ontken dat sy verslag eensydig is.**

[230] Oor aanklag 2 is dit sy mening dat die R220 000 gebruik is om vir die CAMs te betaal. Hy gee toe dat die CAMs dan in September aangekoop is en eers in Januarie die volgende jaar betaal is. Hy weet nie of die beskuldigde na Iran is of nie, of dat gen. Knobel dit aanvaar het nie, 'n foto gehad het van die beskuldigde in Iran nie, so meegedeel is deur Nasionale Intelligensie nie en dat die Amerikaners en die Engelse ingelig is oor die situasie in Iran nie. Hy kan nie sê dat die beskuldigde 'n leuen vertel as hy sê dat hy wel daar was nie.

[231] Hy kan nie betwis dat wat aanklag te 3 en 4 aanbetref daar net een aanvraag vir geld vir CAMs was nie. Hy weet net van 13 CAMs maar gee toe dat hulle nooit operasioneel gebruik is nie. Daar is geen bewys dat die CAMs vanaf of deur Buffham verkry is nie. As daar 25 CAMs was weet hy nie hoe die ander betaal is nie. Dit word aan hom gestel dat daar CAMs. en beskermende klerasie onder Unita versprei is omdat daar wel aanvalle met chemiese stowwe op hulle was en enige ontploffing hulle daarna aan die hardloop gesit het. Hy gee toe dat oorseese leweransiers nie geredelik sal erken dat hulle goedere aan die SAW gelewer het nie. Hy gee ook toe dat Webster verskeie kere leuens vertel het. Die getuie sê dat die enigste rede waarom hy dink die R220 000 wat aan Heyndrycz betaal is, betaal is vir die CAMs. is die ordegrootte van wat die CAMs by Graceby's. Hy gee toe dat Heyndrycz slegs betrokke sou raak by die lewering van CAMs met 'n winsmotief, 'n hoë premie sou plaas op die lewering van CAMs aan Suid Afrika omdat hy sy loopbaan op die spel sou plaas en dat hy skynbaar 'n meinedige getuie was en skuldig bevind is aan bedrog. Hy gee toe dat hy nie ondersoek ingestel het na die aankoop van nat deteksiestelle nie. Hy kan nie ontken dat dit aangekoop is nie maar wys daarop dat Buffham dit ontken. Hy kan dan weer nie ontken dat dit onwaarskynlik is dat Buffham dit sal erken. Hy hou voet by stuk dat as die hof bevind dat daar net 13 CAMs gekoop is en dit betaal is soos wat hy sê dat sy bevinding korrek is.

[232] Wat aanklag 5 aanbetref is sy beswaar dat die £100 000 gebruik is om aandele in CSD te koop. Hy weet nie of daar ploffalarmstelsels gekoop is nie. Hy kan dit nie ontken nie. Hy kan ook nie sê dat daar ander geld aangevra is om dit te koop nie. **Die** staat plaas op rekord dat die staat nie aanvoer dat daar nie ploffalarmstelsels aangekoop is nie maar bloot dat die £100 000 nie gebruik is om dit te betaal nie maar om aandele te verkry. Bruwer gee toe dat dat dit goeie kamouflering sou gewees het om die aankoopprys van die alarmstelsels voor te hou as 'n belegging in CSD. Hy gee verder mbt. Aanklag 4 toe dat dit SAW beleid was om goedere wat uitgereik is aan Unita af te skryf.

[233] Oor aanklag 6 betwis hy nie dat "reverse engineering" toegepas is nie. Dit word aan hom gestel dat minstens 5 getuies so getuig het by KEEM. Buffham ontken egter dat hy betrokke was by die verskaffing van inligting daaromtrent. Dit word gestel dat die staat wel 'n faktuur vir die lewering van goedere deur Buffham by

Zimmer gekry het wat aantoon dat Buffham se getuienis dat hy nie vals dokumente uitgereik het nie verdag is, dat die aankoop van die aandele 'n dekstorie was en dat die geld reëlmatig spandeer is. Ook wat aanklag 7 aanbetref (die aankoop van 'n databasis en sagteware) betwis hy nie dat dit aangekoop is nie. Hy steun bloot op Buffham se ontkenning dat dat hy goedere en dienste gelewer het.

[234] Oor aanklagte 8 en 9 (die £10 000 en die £30 000) steun hy op Buffham se mededeling dat dit "reimbursement expenses" was by die verkoop van CSD. Dit word aan hom gestel dat dit onwaarskynlik is dat mense wat bona fide honderde duisende rande belê in 'n maatskappy nog die verdere bedrae sou gaan betaal sonder enige teenprestasie. Hy gee toe dat daar wel kantoorfasiliteite van Mole se RF Telecommunications gehuur is maar bekla hom daaroor dat die £5 000 en doe £4 070 in Webster en CSD se rekenings geëindig het. Hy ontken nie dat die huurgeld betaal is nie en dat Webster ook Mole se prokureur was nie, aan wie Mole £5 000 verskuldig was nie en dat die £5 000 deur Mole aan Webster betaal is voordat die geld nog in sy rekening inbetaal is nie.

[235] Oor aanklagte 65,66 en 67 gee hy toe dat volgens sy rekonsiliasie daar net 5 067 pakke was wat kon verbrand het. Hy weet nie waar die 8 000 pakke wat die SAW ontvang het, ontvang is nie. Dit is so dat die pakke verbruikersitems is. Volgens sy getuienis is dit onmoontlik dat die SAW meer as 5 067 pakke aan Unita kon gelewer het. Hy kan nie ontken dat Unita meer as 50 000 soldate in die veld gehad het nie. Hy ontken nie dat die SAW begroting groter was R300 miljoen per jaar nie. Hy word verwys na getuienis van kolonel Steyn dat die pakke wat aan Unita gelewer is afgeskryf is en dit word aan hom gestel dat kol. Schutte kan onthou dat by een geleentheid tussen 15 en 20 ton se pakke gelewer is en dat dit tussen 10 000 en 13 000 pakke moet wees. Dit word gestel dat toe operasie Hooper, Moduler en Packer ter sprake gekom het daar tussen 12 000 en 15 000 burgermaglede op 'n slag betrokke was en dat daar pakke uitgereik is aan troepe. Dit word aan hom gestel dat die pakke wat verkoop is nie weermagpakke kan wees nie. Hy hou vol dat die getal van 9 568 pakke ooreenkom met die aantal wat verkoop is. Dit word aan hom uitgewys dat in dokument 65.70A van Remoortere aandui dat daar te veel klein pakkies is en dat die ideale verspreiding 50% groot, 35% medium en 15% klein pakkies is. Hy gee dat van Remoortere se getuienis hieroor

deurslaggewend is. Daar is 'n debat oor sommige van die faktore en dan word dit aan Bruwer gestel dat sy getuigenis oor hierdie drie aanklagte blote spekulasie is. Hy sê dat die R3,8 miljoen gesteel is omdat dit nie terug is na die projek nie. Dit word dan aan hom gestel dat die geld gebruik is om nabyheidsbuis (proximity fuses) te koop. Hy word verwys na 65.26 om aan te toon dat daar ministeriële magtiging was. Hy gee toe dat daar 'n foutiewe oorplasing gemaak is deur HSI soos blyk uit F65.28. Daar moes aanvanklik net R2 miljoen oorgeplaas gewees het en wanneer die beskuldigde tevrede was moes die verdere R1,8 miljoen oorbetaal word. Alhoewel die geld nog nie beskikbaar was nie is daar toe foutiewelik geld uit die projek oorbetaal. Dit moes toe later uit die RITS rekening terugbetaal word in die projek in. Die nabyheidsbuis was nodig by die toediening van die nuwe generasie traanrook wat per mortier tot bo-oor die vyand geskiet word en deur die buise, met behulp van radio senders, vrygestel word reg bokant die vyand vir maksimum effektiwiteit. Hy gee toe dat hierdie 'n aankoop deur 'n ander weermag eenheid was en dat die navraag betrekking gehad het op Coast.

[236] Wat aanklagte 11 –13 aanbetref het dit te doene met die prestasieverband en die aankoop van die peptiedsintetiseerder. Hy glo dit nie en sê dat dit te doen het met die aankoop van klere. Hy beroep hom op die ooreenkomste. Dit word aan hom uitgewys dat as die beskuldigde die geld wou steel dit baie eenvoudiger was om dit net in 'n rekening te deponeer. Dit word verder aan hom uitgewys dat dit eienaardige optrede was as die beskuldigde die geld wou steel om eers R2,6 miljoen terug te bring in die land in en dan weer uit te vat en te gaan steel. Hy word verwys na dokument F18.104 waarin Zimmer na 'n betaling verwys as 'n "down payment on Jetstar" en gee toe dat dit nie waar was nie en dat Zimmer gelieg het. Hy gee toe dat Zimmer dalk 'n dekstorie geskep het en dat medewerkers se dokumente nie vertrou kan word nie. In werklikheid het Zimmer geglo die geld is 'n lening van WPW aan Blackdale. Hy word verder verwys na F11.18 waaruit dit duidelik blyk dat Zimmer die geld teruggestuur het na die projek en nie na WPW nie. Hy kan nie dink hoekom dit gebeur het nie. Hy word gevra oor die \$101 000 rente en na dokument 11.17.5. Dit word aan hom gestel dat die samestelling van die \$325 000 onwaarskynlik is en waarskynlik 'n dekstorie is. Hy gee toe dat Zimmer nie werklik saamgewerk het met die ondersoek nie en bloot maar dokumente oorhandig het wanneer hy

gedagvaar was om dit te doen en inligting gegee het wanneer hy gekonfronteer is. M.b.t. die terugbetaling van die \$325 000 word hy verwys na F11.17 .3 en gee hy toe dat dit nie so is dat die \$224 000 nog terugbetaal moes word nie en dat Zimmer se weergawe deur die dokumente weerspreek word. Dit word aan hom gestel dat Copperdale die Iranese is en dat Hachemie betrokke was by Tagell. Dit word uitgewys dat Copperdale se ooreenkoms deur Abdullah geteken is, dat hulle 'n groot kommissie wou vat, dat die Iranese regering dit uitgevind het, hulle teruggeroep het en een tereggestel het. Verder mbt. die \$325 000 word hy verwys na F11.17.4 waarop Zimmer se handskrif voorkom en waarvolgens die bedrag beskryf word as 'n "loan to Tagell". Dit verskil van sy ander weergawe en van wat hy aan die Britse polisie vertel het. Dit word aan hom gestel dat die prestasie verband geskep is om vir die peptiedsintetiseerder te betaal en dat dit met die klerekontrak gekoppel is om die ware ooreenkoms te verberg. Dit word aan hom uitgewys dat dit die verkoper is wat die waarborg moet gee en dat hy koper moet betaal nadat die koper klaar betaal het. Hy weet nie of die beskuldigde na die KBK was en of gen. Knobel die dokumente mede-onderteken het nie. Die aanklag is suiwer gefundeer op die vloei van fondse. Hy gee ook toe dat wat Chu aanbetref die CHF450 000 hom bereik het as aandele- en leningskapitaal.en dat Webster en Chu se verklarings verskil oor die CHF125 000. Hy sê dat as dit inderdaad betaling vir 'n aankoop was dit baie effektief verdoesel is. Verder word hy verwys na F11.14 en na klousule 3 daarvan wat stipuleer dat die verkoper moet betaal wanneer die waarborg gelewer is. Hy wys egter daarop dat die koopprys verhoog is (aanhangel A tot F11.14) met die bedrag van die waarborg.

[237] Oor aanklag 14 gee hy toe dat die R12 190 000 te doen het met die skema om die geld uit die land uit te neem en weer terug te bring op so 'n wyse dat die oorsprong daarvan nie na die projek teruggespoor kan word nie. Hy gee toe dat die geld nie onmiddellik benodig was in die land nie en dat dit toe benut is om die vliegtuig aan te koop en dat die geld uiteindelik alles betaal is. Hy kan nie sê of die mislukte poging om die peptiedsintetiseerder aan te koop voor hierdie oorplasing was nie en of die KBK reeds die aankoop goedgekeur.het nie. Hy kan nie ontken dat die projek 'n fondse probleem gehad het nie en gee toe dat die geld die projek se geld was. Hy gee toe dat as die fondse in die buiteland verlore geraak het die projek steeds aanspreeklik sou gewees het teenoor MCI vir betaling van die gelde. Hy gee verder toe dat as daar inderdaad

'n peptiedsintetiseerder aangekoop is aanklagte 14, 15 en 16 verval. Dit word aan hom gestel dat MCI nie streng maandeliks betaal is nie, soos gestipuleer in die kontrak, omdat Delta G nie na wense geprester het nie en betaling aan prestasie gekoppel is. Die prestasie het navorsingsverslae en produkte behels.

[238] Dit word aan hom uitgewys, mbt. aanklag 16 dat volgens gen. Knobel se getuienis die peptiedsintetiseerder teruggestuur is en dat dit nie moontlik was as daar nooit een aangekoop is nie. Gen. Knobel was onder die indruk dat die weerlig die apparaat beskadig het. Hy kan geen bewyse lewer dat 'n peptiedsintetiseerder nie aangekoop is nie maar hou vol dat die fondse nie gebruik is om 'n peptiedsintetiseerder aan te koop nie. Dit word aan hom gestel dat sy verslag eensydig is en alle aanduidings dat die beskuldigde reëlmatig gehandel het ignoreer en bloot konsentreer op dinge wat hom impliseer soos byvoorbeeld 'n lang aanhaling uit Zimmer se onbetroubare dokumente. Hy wil weet waar die geld vandaan gekom het om vir die peptiedsintetiseerder te betaal en sê dat die geld aangewend is om 'n vliegtuig te koop. Hy gee toe dat die snaakse vloei van fondse versoenbaar is met optrede om sanksies te ontduik. Hy kan ook nie ontken dat daar 'n ruiltransaksie kon gewees het nie. Hy meen daar moes 'n vroeëre verduideliking van die vloei van die fondse geqwees het. Hy kan nie ontken dat die peptiedsintetiseerder vir 500 gram metakoloon geruil is nie. As hy 'n leuen vertel dan is die vernietiging van die metakoloon 'n skynvernietiging.

[239] Hy gee toe dat aanklag 17 en aanklagte 8 en 9 op dieselfde basis gefundeer is. Die beskuldigde is eenvoudig aangekla omdat die R130 000 oorbetal is aan dr. Chu. Hy sê egter dat niemand die produkte fisies gaan inspekteer het nie. Hy voel dat daar nie 100% bewys is dat die goed aangekoop is nie. Hy kan nie ontken dat die goed wel aangekoop kon gewees het nie veral nie tussen 1 Maart 1989 en Maart 1990 nie. Hy het nie gehoor van klagtes in die projek oor goedere wat aangevra is en nie verkry is nie. Hy weet nie watter persentasie van die projekfondse wat na die buiteland is deur hom opgevolg is nie. Hy gee toe dat die ouditeur Theron in verskillende hoedanighede opgetree het, soms as projek-ouditeur, soms namens die OG en soms as eksterne ouditeur.

[240] Oor aanklag 18 word dit aan hom gestel dat die geld wat hy ondersoek het vir die BZ moes betaal en

dat die geld wat vir die verdeelbare waarborg aangewend is ander geld was. Die geld vir die verdeelbare waarborg is deur Regli in 'n Switserse bankrekening

inbetaal. Dit word aan hom uitgewys dat Regli betrokke was en dat hy na Suid Afrika gekom het en gevra het dat die ondersoek gestaak moes word. Hy word verwys na die vernietigingssertifikaat en gevra om te bevestig dat 980 kg. van produk B vernietig is. Dit word aan hom gestel dat daar in Switserland 'n ondersoek is oor Regli se optrede.

[241] Wat aanklag 19 aanbetref word dit aan hom gestel dat Jacomet die fondse wanaangewend het en bloot \$900 000 terugbetaal het aan die projek. Hy gee toe dat dit nie die beskuldigde se voorstel was dat die produkte vernietig moes word nie. Dit word aan hom gestel dat as die beskuldigde die \$2,4 miljoen wou steel dit eenvoudiger sou gewees het om dit in 'n rekening in te betaal. Met die betaling van die fondse in Jacomet se rekening in Zagreb het hy juis die aandag op die geld gevestig. Hy word gevra om te sê watter voorstelling aan die KBK gemaak is. Hy weet nie wat gebeur het nie en kan nie sê wat die voorstelling was nie. Hy gee toe dat daar geen bewys is dat enige van die gelde by die beskuldigde uitgekom het nie.

[242] **Hy gee toe dat die wese van aanklag 20 is dat die WPW groep die beskuldigde is. As dit nie so is nie verval die hele aanklag behalwe mbt. die trustfondse.** Dit word aan hom uitgewys dat Zimmer bv. gesê het dat Marlow die voordelige eienaar van Genavco was omdat hy 960 van die aandele in Genavco deur Luft gehou het, en dat dit noodwendig moet beteken dat hy ook die voordelige eienaar van Luft moes gewees het. Dit word aan hom gestel dat Marlow namens Webster opgetree het en dat die beskuldigde tekenmagte op die Blackdale rekening gehad het vir 'n kontrole funksie. Hy gee toe dat die beskuldigde self nie 'n voordeel gekry het nie. Wat die Waterson trust en die Waterson Master trust gee hy toe dat hulle gestig is nadat die projek tot 'n einde gekom het en dat daar hoegenaamd geen fondse of bates daar in gestort is nie. Hy gee ook toe dat daar geen fout te vinde is met die fondse nie. Hy gee toe dat die ooreenkoms wat voorgee dat die lening aan Aries trust van die Waterson trust afkomstig was foutief is omdat daar nie so 'n vloei van fondse was nie. Dit word aan hom gestel dat Webster gesê het dat dit 'n manier was om fondse te verdoesel omdat indien hulle bv. die Libiërs wou betaal hulle 'n verdere trust in België kon skep. Hy gee toe dat Aries trust 'n familie trust is en dat hy nie aan 'n rede kan dink waarom die beskuldigde moes openbaar dat hy 'n familie trust het nie. Die gelde in Aries trust kon 'n lening van WPW gewees het en dit is alles terugbetaal.

[243] Hy gee toe ivm. aanklag 21 dat die nie projek rekening van D John Truter nie 'n projekrekening was nie.

[244] Oor aanklag 22 en die inbring van die lenings aan Aries trust in die land in gee hy toe dat dit nie die beskuldigde is wat die vorm E van die Reserwe Bank ingevul het nie en kan hy nie ontken dat die beskuldigde dadelik die rede vir die inbring van die gelde verander het vanaf "tegnologie verkope" na lenings direk nadat hy agtergekom het wat gebeur het. Hy gee toe dat dit nodig was om die terugbetaal van die lening te vergemaklik.

[245] So ver dit aanklagte 23 en 24 aanbetref sê hy dat dit suiwer daaroor gaan dat die beskuldigde nie sy belang in die Medchem groep geopenbaar het nie. Verder is dit vir hierdie aanklagte ook nodig dat die hof moet bevind dat die beskuldigde die WPW groep van maatskappye is. Hy gee toe dat die Medchem dokumente, soos opgestel deur sy destydse vennoot Theron juis aandui dat WPW nie 'n belang daarin het nie. Hy steun bloot op die handgeskrewe dokument A17 en op 'n dokument wat aantoon dat PCM 'n belang probeer kry het. Hy gee toe dat Swanepoel geld geleen het aan die maatskappye en terugbetaal is nadat hy aanmaningsbriewe aan die maatskappye gerig het. Hy gee toe dat dit privaatfondse is wat geleen is en dat dit **ex post facto** gemaak is en gee ook toe dat die R1,4 miljoen wat deur MCI aan MSI geleen is ook *ex post facto* geleen is. Hy gee toe dat Delta G finansiële probleme ondervind het en dat RNL vir Delta G gehelp het.

[246] Hy gee toe dat hy by was toe Orffer getuig het en dat Orffer juis getuig het dat hy nie betrokke was by die projek nie, nie die funksie gehad het om te bepaal of die fondse reëlmatig aangewend word nie en nie insae gehad het oor wat aangegaan het in Coast nie. Aangande Theron, die ouditeur, getuig hy dat hy nie die indruk gehad het dat hy kop in een mus was met enigiemand wat besig was om die staat te besteel nie of dat hy nalatig was nie. Hy gee toe dat Theron tevrede was dat daar geen wanaanwending was nie en sy enigste navraag het verband gehou met die Kroatiese transaksie. Hy was ook nie tevrede met die verdeelbare waarborg nie. Theron het nie die feite waarop aanklagte 65, 66 en 67 gefundeer is geoudit nie. Hy gee toe

dat tydsgewys Theron in 'n beter posisie was om te oudit as wat hy was en hy weet nie of Theron meer dokumente ter insae gehad het toe hy sy ongekwalifiseerde verslae uitgebring het.

[247] Hy gee toe dat daar verdragings was met die ondersoek en voer aan dat dit veroorsaak is deur die politici en die proliferasieraad. Verder was daar verdragings om toegang tot dokumente in in die buiteland te kry. Webster het omtrent 30 dose dokumente beskikbaar gestel. Hulle het van relevante dokumente afskrifte gemaak. Hulle het baie dokumente eenvoudig daar gelaat oor bv. Die WPW groep en die verkoop van die vliegtuig.

[248] Hy betwis nie dat 'n redelikheidstoets deur 'n forensiese ouditeur toegepas moet word nie. Dit word aan hom gestel dat die totale projekfondse volgens die begroting vir die tydperk Maart 1987 –Maart 1993 'n bedrag van R270 miljoen was. Hy gee toe dat uit daardie begroting die R60 miljoen vir die vestiging van Delta G en RNL moes gekom het. Die privatisering van R70 miljoen moes ook daaruit gekom het en ook bedryfskoste vir vier jaar vir Delta G en RNL teen R21 miljoen per jaar plus een ekstra jaar vir Delta G. Dit word gestel dat 'n bedrag van minstens R93 miljoen ter sprake kom. Hy gee ook toe dat beskermende klerasie van minstens R14 miljoen aangekoop is en dat die totale bedrag ter sprake dus van die orde van R230 miljoen was. Hy wil nie toegee dat die beskuldigde dan letterlik alles wat oorgebly het moes gesteel het nie en sê dat 'n beter benadering sou wees om te kyk wat elke jaar gebeur het. Die redelikheidstoets is 'n oorvereenvoudiging van wat werklik gebeur het. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy geld gesteel het en sy antwoord daarop is dat op die einde daar nog geld in Amerika was \$55 000 in Switserland en die "cottage". Wanneer dit aan hom gestel word dat die beskuldigde ontken dat hy enige wanvoorstellings gemaak het, gee hy toe, m.b.t. sommige van die transaksies dat, as dit bevind word, anders as wat die staat beweer, daar wel teenwaarde was, daar nie wanvoorstellings bewys is nie.

[249] Na afloop van kruisverhoor wys hy daarop dat die oudit van kol. Jacobs waarna verwys word bloot betrekking gehad het op die kantoor van D John Truter en dat daar maar baie min bates daarin was. In herverhoor voer hy aan dat die beskuldigde nou verweere openbaar wat nie met die OG – en die KEEM navrae

geopper is nie, en dat hy dit sou ondersoek het indien dit wel geopper was. Hy hou voet by stuk dat die beskuldigde nie net 'n verteenwoordiger was nie maar 'n prinsipaal. Hy sê verder dat selfs al is dit so dat dat baie van die aanklagte mag verval, indien die hof nie sou bevind dat WPW en die beskuldigde dieselfde is nie, die beskuldigde steeds die bedrae wat uiteengesit word op pp. 317-320 van sy verslag moet verduidelik. Talle dokumente word aan hom getoon waarop die beskuldigde se handskrif en instruksies voorkom en dit word deur hom geargumenteer dat die beskuldigde se weergawe nie waar kan wees nie. Hy bevestig dat hy die Copperdale Tagell kontrakte by of HSI of die GG gekry het. Mbt. die bedrag van \$2,46 miljoen in aanklag 18 ontken hy dat daar nog 'n bedrag van R2,46 miljoen oorgeplaas kon gewees het want hy het die meeste groot bedrae nagevolg en behoort daarvan bewus te gewees het.

[250] In verdere kruisverhoor het hy toegegee dat die handgeskrewe dokument A15 verkeerd is ten spyte van 'n debat in herverhoor oor 20EEE. Hy word verder verwys na sy getuienis oor bew. V7 en in besonder 20CCC waarin Webster skryf van sy "principals" en gevra of hy gesuggereer het dat Swanepoel of Mijburgh dat Webster se "principals" was en antwoord dat hy nie so 'n bevinding gemaak het nie.

[251] Nadat sy getuienis afgehandel is, op 29 Februarie 2000, is hy weer teruggeroep as 'n getuie op 29 Augustus 2000 'n aanvullende verslag in te handig en daaroor te getuig. Ten spyte van beswaar deur die verdediging dat die aanvullende verslag geen nuwe getuienis bevat nie en eintlik net argument is is dit tog toegelaat. Die verslag is daarop gemik om te handel met vrae wat aan hom gestel is oor die redelikheidstoets te hanteer. Hy sê dat hy nie beswaar het teen doe toepassing van so 'n toets nie maar dat hy beswaar het teen die aanwending daarvan oor die globale periode. Hy meen dat daar na korter periodes gekyk moet word. Hy verduidelik dat daar oor die hele tydperk 'n bedrag van R418 miljoen beskikbaar was vir die projek. Daarvan is R340,9 miljoen aangewend tydens die periode 1 April 1987 tot 28 Februarie 1993. Hy voer aan dat die onreëmatige aanwending R37,2 miljoen was. Daar is R127,4 miljoen en R98,43 miljoen reëlmatig gekanaliseer na Delta G en RNL onderskeidelik. Daar is R17,3 miljoen aangewend vir die aankoop van beskermende klerasie en 'n verdere R49,3 miljoen is betaal aan Technotek ten op sigte van pakke en maskers. Aan Protechnik is daar R10,6 miljoen betaal, Lifestyle Management R8 miljoen, Data Image R1,4

miljoen en Organochem R643 000. Die bedryfskoste vanaf 1 April 1983 tot 28 Februarie 1987 was R17,609 miljoen, vanaf 1 Maart 1987 tot 28 Februarie 1993 was dit R37,199 miljoen en vanaf 1 Maart 1993 tot 28 Februarie 1994 was dit R12,7 miljoen. Hy meen dat daar inderdaad R141 miljoen beskikbaar was in die bedryf vir aanwending waaruit die onreëlmatighede kon geskied het en dat die redelikheidstoets nie toepassing vind nie.

[252] Sy tweede standpunt is dat die oorplasing van die \$2,46 miljoen slegs op die verdeelbare waarborg betrekking kon gehad het en nie op die aankoop van BZ soos wat dit deur die verdediging aan hom gestel is nie. Hy verwys na dokumente en maak afleidings daaruit. Hy volg sekere oorplasings na en bevestig dat hy geen projekfondse kon vind tydens die periode 1 Maart 1991 tot 28 Februarie 1993 wat vir die verdeelbare waarborg na die buiteland oorgeplaas kon wees nie.

[253] Dertens het hy bankstate ontleed en oorbetalings uit die Merrill Lynch rekening na die rekening van WPW Aviation behandel. Hy toon aan dat WPW Inc. vir WPW Aviation van fondse voordien het om die Jetstar aan te koop en te bedryf. Die fondse is in baie gevalle direk terug te spoor na die Barcelona rekening en ander projekrekeninge.

[254] Hy gee in kruisverhoor toe dat sy verslag gebaseer is op dokumente, waarvan hy in baie gevalle nie weet wie die outeurs is nie. Hy weet nie in watter omstandighede die dokumente opgestel is nie. Hy maak afleidings daaruit en sy gevolgtrekkings is soms gekwalifiseer met woorde soos: "die moontlikheid bestaan" of "die vermoede ontstaan".

[255] Met betrekking tot die redelikheidstoets word hy verwys na p.6 van die verslag en gee hy toe dat al die bedrae wat tov. Delta G, RNL en al die ander instansies wat hy daar genoem het, aangewend is, uit gesonder die bedryfskoste, reëlmatig aangewend is en nie vatbaat was vir wanaanwending nie. Hy sê dat hy die bedrae wat wanaangewend is uitgesluit gehou het. Dit word aan hom gestel dat die totaal van die bedrae waaruit hy sê fondse wanaangewend kon word het slegs die R37 miljoen kon gewees het tesame met die R67,5 miljoen

wat die bedryfskoste en die ander projekte was. Uiteindelik gee hy toe dat die enigste fondse waariut die wanaanwendindg kon geskied het slegs die R37,2 miljoen kon gewees het. Hy gee dit toe maar sê dat die totale projekfondse baie meer was. Daar ontstaan dan 'n debat oor die vraag of die bedrae van \$384 000 en \$444 000 wat uit Kroasië terugbetaal is in die projek, projekinkomste was of nie en hy gee toe dat dit ook die beskikbare fondse vir wanaanwending kunsmatig met ongeveer R3 miljoen verhoog. Hy gee toe dat hy nie die fondse van aanklag 10 in ag geneem het toe hy die R37 miljoen bepaal het nie.

[256] Wat die \$2,46 miljoen aanbetref gee hy toe dat hy bloot na projekfondse gekyk het om te bepaal of daar 'n verdere oorbetaling na die buiteland kon gewees het en dat hy toe tot die gevolgtrekking gekom het dat die projek nie BZ kon aangekoop het nie. Hy noem egter uit sy eie dat daar tog fondse vir die projek uit 'n ander algemene SAW rekening beskikbaar geraak het en sê dat daar wel 'n bron is waaruit sodanige fondse beskikbaar kon geraak het.

[257] In herverhoor het hy aangetoon dat hy nie nagegaan het hoe Delta G hulle fondse aangewend het nie, dat die vervaardiging van metakoloon by Delta G operasie Mosrefcat was en dat daar ook betalings deur Madresco was, wat hy as 'n ander SAW projek interpreteer. Hy het die vaste eiendom van Delta G as deel van die R418 miljoen geïnterpreteer.

[258] **Pieter Willem de Jager** was 'n vriend van die beskuldigde vanaf die sewentiger jare toe hulle saam by 'n gevegsgroep op die grens betrokke was. Gedurende 1988 was hy betrokke by die sekuriteit van die SAUK en steeds bevriend met die beskuldigde. Die beskuldigde het hom meegedeel dat iemand hom sal nader oor besigheid en hy is deur Swanepoel genader. Hy het betrokke geraak by SRD Electronics, wat te doene gehad het met sekuriteit en elektroniese alarmstelsels, Phoenix, wat 'n diensstasie was, QB Laboratories, waar traangas gelaai is en by Protechnik wat te doene gehad het met die verkryging van beskermende klerasie. Hy is aangestel as 'n direkteur in hierdie maatskappye en dink dat hy selfs aandele gehad het. Hy weet nie hoe die maatskappye gefinansier is nie maar weet dat daar aan die beskuldigde gerapporteer moes word.

[259] By geleentheid het die beskuldigde dit aan hom genoem dat hy op die uitkyk was vir beleggingsmoontlikhede. Hyself het deelyds geboer by Ermelo. Hy het besluit om 'n voorlegging tot die effek dat hy sy grond, vee en implemente sal verhuur, dat kapitaal beskikbaar gestel moet word en dat voluit geboer moet word te maak. Sy voorlegging is aanvaar en hy, die beskuldigde, Viljoen en Swanepoel het betrokke geraak by Waag-'n-Bietjie Boerdery (Edms.) Beperk. Hy weet nie presies hoe die boerdery befonds is nie maar hy was onder die indruk dat die fondse van Wisdom Finance gekom het. Hy was by geleentheid bekommerd oor die befondsing maar Swanepoel het hom meegedeel dat alles "kosher" is. Dit blyk uit van die notules dat daar 'n winsmotief was en dat hy 'n salarispakket van R90 000 per jaar gekry het vanaf 1990, toe hy voltyds plaas toe is. Die plaas Witbank is ook aangekoop. Hy het ook maandelikse huurgeld van R2 000 gekry. Die 1991/2 jaar was katastrofies. Die vleis- en aartappelpryse was swak. Verliese het opgehoop en as geld benodig is, is dit deur Viljoen aangevra.

[260] Die verhouding tussen hom en Swanepoel het versuur. Op 'n stadium het Swanepoel en Viljoen onttrek aan die boerdery en het Bosch by die finansiering betrokke geraak. 'n Ander persoon, Corrie Versluis, het by die boerdery betrokke geraak. Een van die plase is verkoop. Hy moes afstand doen van van sy aandeelhouding in Wisdom Holdings, Partners in Travel, Aeromed, Idle Winds en Waag-'n-Bietjie. Die plase is verkoop aan Waterson Properties. Dit blyk, uit 'n notule van 'n vergadering wat op 19 Julie 1991 gehou is, dat Swanepoel ongelukkig was met sy bestuur van die boerdery en aangetoon het dat die boerdery bankrot is. Daar was 'n skuldlas van R1,3 miljoen. Volgens die notule het Swanepoel aangevoer dat Webster baie ongelukkig is met die stand van sake. Volgens die een notule blyk dit dat die beskuldigde sy aandele in die boerdery verkoop het teen 'n premie van R348 152. Hy is uitgevra oor al die Wisdom maatskappye maar sy herinneringe en kennis van die aangeleenthede is maar vaag. Hy dink daar was 'n lening van R3 miljoen wat deur Profincor aan Wisdom Holdings voorgesket is. Hy het probleme gehad om by die bestuur van die ander maatskappye betrokke te bly van Ermelo af. Hy word gevra wat bedoel is met die frase "Big Daddy is gesoebat en gesmeek en genade gevra" en sê dat hy onder die indruk was dat dit Webster behoort te gewees het. Die vergadering van 26 Julie 1991 het tot die finale breuk in Waag-'n-Bietjie Boerdery gelei en op 5

September 1991 is daar selfs gepraat van 'n kontantvloei begroting. Hy is beskuldig van nalatigheid, die plaas is verkoop, hy is bygestaan deur Bosch. Daar was 'n aandeelhoudersooreenkoms. BRCI, verteenwoordig deur Marlow, het oorgeneem.

[261] Gedurende kruisverhoor het hy toegegee dat hy eintlik die enigste een was iets van boerdery geweet het, dat almal gedink het dat daar wins gemaak sou word en dat die aandeelhouders nl. hyself, die beskuldigde, Swanepoel en Viljoen elkeen R1 000 vir aandele betaal het. Hy het ook teensinnig toegegee dat die beskuldigde 'n bemiddellende rol gespeel het tussen hom en Swanepoel. Hy het toegegee dat die beskuldigde geen geld uit die boerdery gekry het nie en dat hy wat de Jager is die enigste een is wat wel geld gekry het. Wat die bestuur van die plaas aanbetref het die beskuldigde net 4 van die 24 vergaderings bygewoon. Hy bevestig dat Webster ontevrede was en dat die state in Engels opgestel is om Webster in staat te stel om dit te verstaan. Hy gee verder toe dat hy vergoeding gekry het uit Wisdom Holdings maar dat die beskuldigde nie vergoeding gekry het nie. Hy gee toe dat die maatskappye waarby hy betrokke was beskikbaar was vir die SAW so bv. het Phoenix voertuie vir Spesmagte en 7 Mediese bataljon omskep. Die direksie van al die maatskappye moes aan die beskuldigde rapporteer. Die beskuldigde was nie persoonlik betrokke by die administrasie en beheer van die maatskappye nie. Die WPW groep is verteenwoordig deur of Swanepoel, of Viljoen of Zimmer. Hy weet dat die beskuldigde betrokke was by Wisdom Idle Winds en kan nie ontken dat daar diere was waarop navorsing gedoen moes word nie. Die beskuldigde het nie besluite oor die plase of oor Wisdom Holdings geneem nie. Die beskuldigde wou bloot red wat daar te redde was. Hy het nooit die indruk gehad dat die beskuldigde persoonlik geld in die boerdery gehad het nie.

[262] **Hercules Petrus Orffer** was verbonde aan HSI vanaf Januarie 1987 tot Oktober 1990. Hy het gehandel met die oorplasing van Coast fondse na die buiteland en het aangedui dat die fondse nie teruggespoor moes kon word na die SAW nie. Hy moes die oorplasing ook rekonsilieer met die begroting. Hy het die magtigings geverifieer en dokumente soos dokument F1.2 voorberei, wat dan deur twee senior offisiere geteken is. Hy het met die die Reserwe Bank geskakel en gevra vir goedkeuring en daarna met Volkskas Bank waar daar goedkeuring deur mnr. Spies verleen is. Volkskas was bewus van die

geheimhouding. Die kode van die projek was 123. Spies moes hom vergewis dat die fondse regmatig oorgedra word en nie weer teruggebring sou word in die land in nie. Maatskappye wat as fronte gebruik is was Executive Services en Karko en dan was daar 'n blote naam op 'n briefhoof wat hy uit sy name saamgestel het Herpeco. Executive Services was 'n tjekrekening by Volkskas, 'n frontrekening, wat vir alle projekte gebruik is.

[263] Volgens hom het die beskuldigde die uitgawes gemagtig, vir die doel soos uiteengesit in paragraaf 2 van die .1 dokumente. Hy moes nie noodwendig weet waarvoor dit aangewend sou word nie maar het aanvaar dat as aangedui word "operasionele uitrusting", operasionele uitrusting daarmee gekoop sou word. Hy meen dat as daar dan nie operasionele uitrusting daarmee aangekoop is nie en hy behoort dit te geweet het dat hy dit met sy seniors moes bespreek het en dat Reserwe Bank magtiging dan waarskynlik nie gevra sou gewees het nie. Hy ken vir brigadier Pfeil wat lid was van die interne ouditspan by HSI. Hy is gevra om te spekuleer oor 'n aantal dokumente en sê dat die naam Dynamis Services waarskynlik ook maar net 'n naam is wat as dekmantel gebruik is. Viljoen het by een of twee geleenthede dokumente by hom afgelewer maar hy het niks van die frontmaatskappye geweet nie. Hy gee toe dat hy R2 miljoen op 5 Julie 1990 en R1,8 miljoen op 5 Augustus 1990 laat oorplaas het na die buiteland omdat hy ook die R1,8 miljoen as deel van die begroting beskou het.

[264] In kruisverhoor het hy toegegee dat ware transaksies verbloem moes word. Hy stem saam dat prokureur Penzhorn 'n maatskappy Global Capital Investments gebruik het vir klandestiene doeleindes vir die SAW en dat daar van maatskappy verander moes word toe daar 'n sekerheidsbreuk was. Hy gee toe dat 'n mens nie sonder meer op dokumente kan staatmaak nie omdat dokumente soms verwyder was van die werklikheid. Dinge is vir die skyn gedoen om sekerheid te beveilig. Wat die .1 dokumente aanbetref gee hy toe dat hy nie geweet het wat Coast was nie, dat hy nie wou weet nie en ook nie geregtig was om te weet nie. Hy was 'n blote kanaal, wat opdragte uitgevoer het. Selfs al was die opdrag dat dit oorgeplaas moes word vir die aankoop van beeste sou hy wel die fondse oorgeplaas het. Hy het geweet dit is 'n hoogs geheime projek. Dit word aan hom gestel dat die rede vir die oorplasing wat aan hom verstrekk is nie noodwendig korrek hoef

te gewees het nie. Hy gee toe dat hy 'n fout gemaak het met die oorplasing van die R1,8 miljoen op 5 Augustus 1990 en dat hy eers vir 'n bevestigende brief moes gewag het. Daar kon magtiging gewees het deur gen. Badenhorst dat daar ook van ander kanale as 'n Frankfurt rekening gebruik gemaak kon word.

[265] **Heinrich Pfeil** was tot in 1988 'n ouditeur van geheime projekte onder HSI. Hy het gewerk op 'n moet weet basis. Hy het gerapporteer aan HSAW en ander hoofde. Hy was bewus van Coast. Hy het gerapporteer aan gen. Knobel so een maal elke drie maande en moes toesien dat Coast nie sy begroting oorskry nie. Hy het gerapporteer aan die Inspekteur-Generaal en het 'n rekonsiliasie van Coast gedoen vir Pierre Theron, die projek ouditeur. Hy het bloot inkomstes en uitgawes vergelyk. Hy het ook Infladel, RNL en Delta G se boeke geoudit. Met verwysing na van die dokumente bevestig hy dat hy oorplasings gemagtig het. Hy het nie 'n mandaat gehad om te kontroleer wat aangekoop is nie. Bloot die boekinskrywings was die basis van sy verslag aan gen. Knobel. Hy weet nie wat van die fondse geword het nie en of die toerusting aangekoop is nie. By beide Delta G en RNL het hy via Infladel oudits uitgevoer deur die inkomstes na te gaan en die uitgawes te kontroleer teen fakture. Hy het by Infladel gesien dat meubels en kantoortoerusting aangekoop is. Hy het geweet dat daar 'n laboratorium by Speskop is maar het nie geweet dat dit met Coast te doene gehad het nie. Hy het dit nie besoek nie. Hy het nie die laboratoriumtoerusting by RNL en Delta G gekontroleer nie. Hy het vir Ben van den Berg en Viljoen by Infladel ontmoet en toevallig ook die beskuldigde.

[266] In kruisverhoor het hy bevestig dat hy die beskuldigde ook by Speskop gesien het. Hy gee toe dat Delta G, RNL en Infladel behoorlik geoudit is en dat hy brondokumente ter insae gehad het. Hy het veral na fakture gekyk en het nie geweet dat dit inderdaad 'n Coast oudit was nie. Hy was nie onder die indruk dat die geld nie behoorlik gespandeer is nie. Hy was geregtig om verdere navrae te doen indien hy ontevrede was. Hy het behoorlike samewerking gekry en al sy verslae was positief. Daar was nooit 'n suggestie dat iets wat aangekoop moes gewees het nie aangekoop is nie. Indien daar so-iets sou wees sou hy dit opgevolg het. Hy het nie besef dat sy oudit buitelandse aankope insluit nie en dat hy dit onwetend oudit nie. Hy kan nie ontken dat dokumente vernietig is nie en dat 'n ander interpretasie van sy getuienis foutief is nie. Theron het self ook 'n oudit gedoen. Hy weet nie van 'n ondersoek deur die Belgiese regering nie omdat dit eers in 1991 geskied

het. Hy weet wel van die laboratorium by Speskop en dat die beskuldigde daar gewerk het.

[267] In herverhoor verduidelik hy dat die gebou by Speskop die hoofkwartier van Spesmagte was. Daar het hy veral die BSB se finansies geoudit. Hy sou nie geweet het hoe om 'n produk wat in die land aangekom het in verband te bring met 'n oorplasing wat vantevore gemaak is nie.

[268] **Chart Johannes Retief Viljoen** (Viljoen) is gewaarsku ooreenkomstig artikel 204 van Wet 51 van 1977 dat hy blootstaan aan vervolging weens enige misdryf, soos uiteengesit in die klagstaat, uit enige verbintenenes met die Wisdom groep van maatskappye en aan meened ivm. die getuienis wat hy by KEEM gegee het. Hy het vanaf 1 September 1985 tot 31 Maart 1988 by Infladel gewerk en vanaf 1 April 1988 tot 30 Junie 1990 by Roodeplaat Teelondernemings (RTO). Hy werk tans as konsultant en boekhouer by die Wisdom groep van maatskappye en hy bestuur Profincor, Joostenberg Properties en die Tygerberg Dieretuin. Hy is van mening dat die beskuldigde die voordelige eienaar is ofskoon hyself die enigste aandeelhouer is. Sedert die KEEM ondersoek handhaaf die beskuldigde 'n lae profiel en speel hy geen rol by die bestuur van die maatskappye nie. Hy moes homself al persoonlik verbind vir die verpligtinge van Profincor en Joostenberg Properties en vir die dieretuin. Hy is deur ene Spamer genader om by Infladel te werk en het vir dr. Mijburgh en Ben van den Berg ontmoet. Hy het 'n sekerheidsklaring gekry. Infladel het die vloei van SAW fondse na Delta G en RNL hanteer asook sy eie administrasie. Van den Berg was die besturende direkteur, hyself die assistent en Antoinette Lourens, Niekie Smit en Marie van Graan het daar gewerk. Aanvanklik, toe die beskuldigde met 'n SAW kursus besig was het hy hom min gesien maar later het hy 'n baie aktiewe rol gespeel. Aanvanklik was Mijburgh in beheer, toe van den Berg en toe lg. skuif na Delta G het hyself beheer oorgeneem. Dit was na die einde van 1986 toe. Hy en die beskuldigde het nou saamgewerk en die beskuldigde was die persoon wat die skakeling gedoen het. Die beskuldigde het die maatskappye se begrotings na die SAW geneem. Daar was 'n lopende rekening by Volkskas en ook 'n daggeld rekening, waarin groot groot fondse en spesiale depositos gedeponeer is.

[269] Die kantoor was aanvanklik in Hatfield maar het later geskuif na Tillekum Forum, naby die stasie.

Antoinette Lourens moes die data verwerking doen, sy was 'n soort van 'n bibliotekaresse. Niekie Smit het ontvangs hanteer en Marie van Graan was die boekhoudster. Sy verhouding met die beskuldigde was baie goed en hulle was vriende, ook sosiaal. Hy kon sekere bedrae op eie inisiatief hanteer maar bo-kant 'n sekere perk het hy die beskuldigde se magtiging nodig gehad. 'n Bedrag van sê R600 000 vir vliegtuie moes die beskuldigde goedkeur.

[270] Hy is aan die einde van Maart 1988 weg van Infladel. Hy is voorgestel aan Truter wat die fondse daarna dmv. Sy BK. sou beheer. Sefmed in Centurion is gestig. Daar is data verwerking gedoen. Mijburgh en die beskuldigde het daar kantore gehad. Medchem is vandaar bedryf en Antoinette Lourens en Niekie Smit het ook daar gewerk. Van den Berg en Bosch wat betrokke was by Business Systems Industries (BSI) was ook daar. By RTO is hy aangestel as bestuurder van bestuursdienste terwyl Goosen die bedryfsbestuurder was. Hyself was ook besig met privaat besigheid. Hy het later besturende direkteur van RTO geword. Hy moes die afdeling koördineer en rapporteer aan Swanepoel. Hy het staatsdiensure gewerk en is deur RNL betaal. Sy pakket het begin met R90 000 per jaar plus motor- en ander voordele en het verhoog. Swanepoel was sy baas en hy(Viljoen) was betrokke by maatskappye soos Aeromed, Wisdom Finance, Intramex, Profincor, Wisdom Investments, Waag-'n-Bietjie Boerdery, Joostenberg Properties, Wisdom Holdings en Erf 1219 (Merton huis). Die beskuldigde het hom bekend gestel aan die maatskappye.

[271] Gedurende 1987/8 was RITS een van die frontmaatskappye. Daar was later weer 'n RITS rekening maar dit was nie 'n amptelike frontrekening nie. Die beskuldigde was betrokke by die privaatmaatskappye as vennoot en met die beplanning daarvan. Hy het RTO aan die einde van Junie 1990 verlaat nadat hy gedurende 1989 'n hartomleiding gehad het en eers weer gedurende Januarie 1990 kon begin werk. Daar was ook ander vennote soos dr. Swanepoel, P W de Jager, Webster, me. Grant, Marlow en Snyders van Aeromed.

[272] Hy en die beskuldigde het gepraat oor sy toekoms. Daar is besluit dat hy Wisdom Finance, wat later Profincor geword het sou bestuur. Nadat hy uitgetree het by RTO het hy op 1 Julie 1990 begin werk as

konsultant. Intramex is as 'n pakket aan hom gegee. Hy het die naam verander na Pretokon. Sy kantore was in Garsfontein en hy sou die konsultasie werk via Pretokon doen.

[273] Die aanklaer het hom gedurende April 1999 gwsakel en hom versoek om hom te kom sien. Hy is meegedeel dat hy 'n regsverteenwoordiger kon kry. Hy het die aanklaer gedurende Junie gaan sien. Die werking van artikel 204 is aan hom verduidelik. Hy is uitgenooi om 'n staatsgetuie te word en het die saak met sy familie bespreek en besluit om saam te werk. Hy het inligting aan die aanklaer gegee. Hy het gedurende 1993, 1994 en 1998 by KEEM getuig. Hy het soms daar nie die waarheid gepraat nie. Hy was bewus van wanaanwending van fondse van Coast dmv. Aeromed, RITS, Intramex en VABN. Daar is bedrae in kontant aan die beskuldigde betaal. Dit is nie openbaar nie. Oor die KEEM ondersoek het die beskuldigde gesê dat hy nie dink dat KEEM veel weet nie. Hyself het tog later agtergekom dat hulle baie weet. HY kon nie met die beskuldigde kontak maak toe hy die KEEM dagvaarding ontvang het nie en het met Mijburgh gepraat. Hy is beïnvloed deur die gesprek en het het nie die waarheid gepraat nie. Hy was bekommerd oor sy eie voortbestaan. Daar was oordadige spandering by Merton huis. Hy het bedenkinge oor die moratorium lening en die kontantvloeï in die Wisdom groep. Wat hy by KEEM gedoen het was nie om blatante leuens te vertel nie maar om die beskuldigde se optrede aan Webster toe te dig. Hy verduidelik dan sy KEEM getuienis soos volg: Die beskuldigde het hom aan Webster voorgestel en hom opdrag gegee om die moratorium lening te administreer en nie Webster soos hy by KEEM getuig het nie. Dit was die beskuldigde en Marlow wat hom ingelig het oor die herstrukturering en nie Webster nie en dit was hy en die beskuldigde en nie Webster wat die naam van Wisdom Finance na Profincor verander het. Die beskuldigde het opdrag gegee dat die aandele oorgedra moet word na BRCI, homself en Marlow. Antoinette Lourens se aanstelling as direkteur was ook in opdrag van die beskuldigde. Sy was die eerste direkteur van verskeie maatskappye. Die aandele oordragte was as genomineerdes. Waar hy by KEEM gesê het dat Webster met Merton huis begin het en hom gevra het om direkteur te word was dit vals en was dit die beskuldigde wat dit gedoen het. Webster was nie betrokke in die land nie. Die kontak wat hy met Webster gehad het was bloot oor administratiewe reëlings ivm. die moratorium lening. Hy het wel tekenmagte op oorseese rekenings gehad en het aanvanklik anders

getuig maar dit tog later reggestel voor KEEM.

[274] Dit was die beskuldigde en nie Webster wat hom gevra het om 'n direkteur te wees tydens 'n oorgangsfase nie. Behalwe vir 'n bespreking oor die finansiële rand was daar min kontak met Webster oor die bou van Merton huis. Hy het besluit op die naam Waterson Properties. Hy het gedink aan Wouters'n en dit toe foneties verengels. Hy het dit vir die beskuldigde gesê en die beskuldigde het nie beswaar gemaak nie. Dit was die beskuldigde wat Bosch wou betrek. Die beskuldigde het wel R300 per maand huurgeld betaal tov. Erf 82. Die beskuldigde was wel vir 'n rukkie 'n direkteur van Wisdom Investments and Properties en dit was sy eie besluit. Nóg hy nóg die beskuldigde was direkteure van Aeromed. Die beskuldigde het egter opdrag gegee dat die maatskappy geïnkorporeer moet word. Hy (Viljoen) was betrokke by die huur van vliegtuie en die bestuur en bedryf van die maatskappy. Liquoland was 'n drankwinkel. Hy en die beskuldigde het besluit om dit te koop en het elkeen 'n 45% belang daarin gehad. In Waag-'n-Bietjie Boerdery het hulle almal belange gehad en uiteindelik het die beskuldigde 'n belang daarin gehad via Wisdom Holdings. Dit was die beskuldigde en nie Webster wat hom opdrag gegee het om Switserland toe te gaan nie ivm. die rekenings van Medchem Forchungs by IBS. Die beskuldigde het Webster in Basel verteenwoordig. Daar is voorgehou dat dit 'n privaatbesigheid was. Hy het egter die beskuldigde se betrokkenheid verbloem deur sy naam met die van Webster te vervang.

[275] Oor die *moratorium lening* sê hy dat Eddie Haines-Smart van Elcan Industries die wyse waarop so 'n lening gestruktureer moes word moes ondersoek aan die begin van 1988. Hy was toe nog by Infladel en Aeromed het reeds bestaan. Hy was 'n fasiliteerder en het Haines-Smart hier in Suid Afrika aan Webster voorgestel. Hy het inligting aan die Resewe Bank verstrek en ook geprojekteerde balansstate. Die lener was WIP, wat Wisdom Holdings geword het en later BRCI Holdings. Die maatskappy is gestig in 1988. Dit het 2 aandele gehad, wat hy beide gehou het. Hy het nie daarvoor betaal nie en gedink hy hou dit vir die beskuldigde. Gedurende Junie 1988 is die twee aandele oorgedra aan Antoinette Lourens. Die aandeelkapitaal is later verhoog na 4 000 en sy het dit gehou tot in September 1989. Daar is toe 80% van die

aandeel oorgedra na die beskuldigde en 20% na hom. Dit is daarna oorgedra aan WPW en andere. Antoinette Lourens het geen rol gespeel nie en die opdragte het van die beskuldigde af gekom. Die geld het gedurende Augustus 1988 in die land ingekom. Daar is baie gepraat oor hoe dit hanteer en belê moet word en Webster was nie daarby betrokke nie. Die beleggings sou via Wisdom Finance gedoen word. Dit moes egter uitgeleen word deur 'n ander kanaal as die houermaatskappy. Hy en Webster kon direkteure gewees het. Hy weet nie of Garsfontein Ekonomiese Konsultante ooit geïnkorporee is nie maar weet dat dit nooit besigheid gedoen het nie. Die geld het niks te doen gehad met die projek nie. Die ouditeur was Cloete en du Toit. Geld is uitgeleen om rente te verdien.. Hy sê dat die beskuldigde betrokke was by Wisdom Idle Winds en Liquorland, waarby dr. Thiar 'n belang gehad het. Ander instansies waaraan geleen is was Pretoria Management Services waarby Koen betrokke was en Erf 82 waarin Wisdom Holdings al die aandele gehou het. Die beskuldigde het die finale sê gehad. Hy word gevra en gee detail oor lenings aan WPW, wat deur BRCI oorgeneem is, Merton huis, Mijburgh, Partners in Travel, Lifestyle Management en aan ander instansies. Dit word ook verduidelik dat Mijburg se maatskappye skulde oorgeneem het en by wyse van paaielemente moes betaal, dit nooit gedoen het nie en steeds verskuldig is. Daar was lenings aan Koen, Antoinette Lourens, Snyders en Marlow wat in opdrag van die beskuldigde terugbetaal is uit die latere RITS rekening. Hy wys ook uit dat dokters wat op een of ander manier by die projek betrokke was lenings aangegaan het by Infladel en dat Pierre Theron nie daarmee genoë geneem het nie en dat Wisdom Holdings toe die lenings oorgeneem het. Daar was ook lenings aan die persoon wat die beskuldigde se vader se kleinhoewe gekoop het en aan Antoinette Lourens se moeder, mev. **Oelofsen**.

[276] Hy en die beskuldigde het die rentekoerde, likiditeit, nuwe lenings en agterstallige betalings bespreek. Hy het begrotings opgestel. Hy het TV 4 gedurende 1992/3 by die beskuldigde ontvang. Dit het gegaan oor die uitwerking van die oorname van die lening van R1,8 miljoen van BRCI wat deur Profincor oorgeneem sou word en wat 'n uitwerking sou hê op die situasie wat hulle wou bereik naamlik 'n beskikbare kapitaalsom van R4 miljoen om uit te leen. Weens die oorname van die lening was daar 'n tekort. Daar was 'n voorstel van die beskuldigde, toe MCI 'n likiditeitsprobleem gehad het dat Profincor 'n 34% aandeelhouing in MCI verkry en MCI se skuld oorneem. Hy was nie te vinde daarvoor nie omdat dit Profincor se beskikbare fondse sou lamlê

en hy nie in staat sou wees om sy konsultasiefooi van R15 200 per maand uit Profincor bymekaar te kry nie. As Pretokon Eiendomme geld kon genereer of as die R4 miljoen kon realiseer kon sy konsultasiegelde verminder. Daar was ook uitgawes met die besoeke aan Joostenberg en vir verversings by die losie by Loftus Versfeld.

[277] Gedurende 1987 het die beskuldigde hom aangesê om 'n vliegtuigmaatskappy te stig. Dit moes buite die projek wees. Dit moes met winsbejag bedryf word. Daar was 'n Piper Seneca vliegtuig, die eiendom van Dirk Snyders aangekoop. Die maatskappy was Aeromed. Die aandeelhouding het 'n hele aantal kere verander. Van die aandeelhouders was Snyders, Viljoen Lourens Purvis en dr. Swanepoel. Volgens Bruwer het WPW 'n 75% belang in Aeromed gehad. Die beskuldigde het aan hom voorgehou dat 'n buitelandse belegger, Webster, geld wou belê. Hy weet nie wie die naam uitgedink het nie. Hy het Webster ontmoet. Hy het projeksies gemaak op inligting wat hy van die beskuldigde gekry het en aan Webster voorgelê. Hy het nie geweet of die inligting waar of vals was nie. Die aankoop van nog 'n vliegtuig is in die vooruitsig gestel. Die kapitaal vir die aankoop (£50 000 en £12 000) het in opdrag van die beskuldigde vanaf Baker & Hostetler in die land ingekom. Antoinette Lourens het nie 'n aktiewe rol in Aeromed gespeel nie. Aeromed is vanaf Lanseria bedryf deur Snyders en die beskuldigde en hy het die finansiële bestuur in kantoortyd gedoen. Die kliente was hoofsaaklik projek Coast. Hy het op Aeromed boeke volgens inligting van die beskuldigde of Snyders fakture geskep wat deur die beskuldigde goedgekeur is en daarna het hy Aeromed met Coast tjeks betaal en die geld in Aeromed gebank. Die interne ouditeur Pfeil het nie insae in Aeromed se boeke gehad nie. Dit is geouditeer deur Cloete en du Toit. Pierre Theron het ook nie insae in Aeromed se boeke gehad nie. Die Seneca het net in die land gevlieg. Later is 'n Kingair bekom. Purvis het die besturende administrasie oorgeneem, gedurende 1990, en Swanepoel het die kantoor en diese administrasie oorgeneem. Hy het die Wisdom boeke gedoen. Aeromed is nie bemark nie. Daar is bloot gevlieg as daar 'n opdrag gekom het. Toe Merton huis gekoop is het die beskuldigde aangedui dat hy 'n gastehuis wou koop en bedryf. Hy het dit as 'n goeie belegging beskou en gereël dat Webster die finansiering doen. Die aankoopprys was R800 000. Die moratorium was nog nie in die land nie en die deposito is deur Intramex betaal. Toe

waarborg gelewer is is dit gedoen met Intramex se daggeld as sekuriteit. Die beskuldigde het aanvanklik verbeterings van R340 000 beoog. Hy het WPW as 'n 20% aandeelhouer in die projek gesien. Die moratorium lening is eers gedurende Augustus 1988 uitbetaal. Daar was ook 'n kommersiële rand lening. Daar was fondse in die buiteland en dit is gedurende September 1989 in die land ingebring. Alhoewel die beskuldigde gesê het dat die fondse van Webster af kom glo hy nie dat Webster daarvan geweet het nie. WPW het daarmee die 4 000. Aandele oorgeneem teen 'n premie van R846 000. Die geld is betaal in Wisdom Finance in opdrag van die beskuldigde. Hy identifiseer 'n dokument wat aantoon dat die beskuldigde by die aankoop betrokke was in sy kapasiteit as "vice president". Hy was nie betrokke by die verbeterings nie.

Hy het Kirstein sosiaal geken. Wisdom Finance is gebruik om lenings wat reeds aangewend is af te betaal. Hy het nie met Webster gepraat oor die aanbouings of oor sy belang in Merton huis nie. Die beskuldigde het opdrag gegee dat die erf langsaan gekoop moes word en dat daar 'n parkeergarage met tennisbaan bo-op gebou moes word. Dit is aangekoop in die naam van Waterson Properties. Hy het gedink dit is die beskuldigde se huis. Hy was betrokke by die finansiering deur Wisdom Finance. Hy het R1,1 miljoen voorgeskiet. Dit is " skuld wat later deur MCI oorgeneem is. Dit is nie met Webster bespreek nie. Die beskuldigde het wel aangedui dat die huis as 'n ambassade verkoop gaan word, maar dit was later en was nie die oorspronklike plan nie. Hy was in beheer van die RITS rekening en het tjeks tov die boukoste uitgemaak. Aangesien hy nie by die bouery betrokke was nie het die beskuldigde self daardie tjeks hanteer.

[278] **Oor *Wisdom Idle Winds*** gee hy die volgende getuienis: Die R5,5 miljoen (moratorium lening) het in Augustus 1988 in die land ingekom. Dit is oorgeplaas na Wisdom Finance. Die plaas Joostenbergvlakte was in die mark. Die beskuldigde, hyself, Antoinette Lourens en dr. Erasmus het gaan kyk in die Kaap. Die eienaar, **Cyrus** Steyn, was die beskuldigde se oom. Die Tygerberg dieretuin is op die grond. Die beskuldigde het besluit om te koop teen R338 963. Daar is 'n bedrag van R700 aan Lourens betaal en sy het 'n direkteur geword alhoewel sy hoegenaamd niks gedoen het nie. Webster het nie van die koop geweet nie. Die finansiering het geskied uit Wisdom Finance. Lourens het op 1 September 1989 uit al die maatskappye bedank. Hy weet nie werklik hoekom nie. Die grond is gedurende 1991 verkoop aan Waterson Properties en later aan BR Air, wat 'n naamsverandering na Joostenberg Properties ondergaan het. Die aandele is uiteindelik oorgedra aan Profincor. Hy het al die aandele as 'n genomineerde gehou. Toe die dieretuin 'n

kontantvloeioprobleem ondervind het is besluit dat al die aandele aan hom oorgedra word sodat hy 'n verband aan die Boland Bank kan gee en as borg kon teken. Dit was sy eie besluit. Die dieretuin en plaas is afsonderlik bedryf. Hy weet nie van Wisdom Game Farms nie. Die beskuldigde was seker vier maal saam met hom by die dieretuin en hy het gehoor dat hy ook by ander geleenthede daar was. Hy het 'n leeu aan die dieretuin geskenk. Hy het met 'n welpie by die huis aangekom, dit aan RTO geskenk en toe dit te groot word aan die dieretuin.

[279] Oor *Wisdom Liquorland* getuig hy dat hy en die beskuldigde die belegging in 'n drankwinkel oorweeg het. Hyself het na die ligging en boeke van die besigheid gekyk en die beskuldigde daarin geïnteresseerd gekry. Dit sou gekoop word dmv. die moratorium lening en Wisdom Finance. Die beskuldigde was tevrede dat dit 'n goeie belegging was. Die bestaande bestuurder sou aanbly en hyself sou die finansiering en bestuursfunksies op hom neem. Die koopprys was iewers tussen R330 000 en 340 000. Antoinette Lourens was die 100% aandeelhouer en ook 'n direkteur in opdrag van die beskuldigde. Hyself was ook 'n direkteur. Later is 90% van die aandele oorgedra aan WIP en 10% aan dr. Thiart. Hy het dr. Thiart deur die beskuldigde ontmoet. Sy spreekkamers was naby in Proesstraat en kon in krisissituasies maklik daar kom. Thiart was aan hom ook bekend as 'n skuldenaar by Infladel. Uiteindelik is 45% van die aandele aan beide homself en die beskuldigde oorgedra en het dr. Thiart die oorblywende 10% gehou. Die besigheid is twee of drie jaar later verkoop omdat dit gelyk het onder diefstalle, optogte en selfs roof. Dit is verkoop vir 'n koopprys wat die uitstaande laste sou delg. Die koper, Roberts, kon egter nie sy verpligtinge nakom nie en as gevolg daarvan was daar toe 'n verlies van R141 000 wat afgeskryf is. Webster het nie 'n rol gespeel nie.

[280] Aangaande *Buffham* en *CSD* getuig hy dat hy gedurende Junie 1990 weg is by RTO en toe geskuif het na Villastraat in Sunnyside. Die beskuldigde het hom gevra of hy vir hom 'n funksie in Engeland sou gaan verrig aangaande sy privaatbesigheid. Hy moes vir Buffham in Grantham ontmoet en vir dr. Chu in London. Dit het te doene gehad met sy privaat belange in die buiteland wat hy wou sentraliseer soos in die land. Hy wou dieselfde stelsels as in Suid Afrika installeer. Hy wou van Multi Soft gebruik maak. Dit is ook waarvan Coast gebruik gemaak het. Hy getuig dat hy en sy vrou Engeland toe is, vir Chu ontmoet het, Switzerland toe

is en vandaar via Frankryk terug is Engeland toe. Hulle is per trein Grantham toe. Buffham kon nie Multi soft kry nie maar het hulle sy fabriek gewys. Dit was vakansie en daar het nie veel gebeur nie en op die ou end het Buffham en sy vrou vir hom en sy gade in London onthaal voordat hulle terug is Suid Afrika toe. By 'n latere geleentheid het hy en die beskuldigde in die "cottage" geslaap en het hulle vandaar na Grantham gereis en Buffham ontmoet. Hy was agt na tien maal oorsee waarvan hy ses of sewe maal na Basel is. Hy het eersteklas gevlieg en Profincor het vir die ritte betaal. Hy het Buffham 'n derde maal ontmoet toe die beskuldigde hom versoek het om na Grantham te gaan, gedurende April 1991. Hy het Webster daar ontmoet. Hy word geneem deur 'n reeks dokumente wat kommunikasie tussen Buffham, Webster, homself en die beskuldigde was waaruit dit blyk dat CSD in 'n geldelike verknorsing was en dringend geld nodig gehad het en die beskuldigde nie aan versoeke voldoen het nie. Daar was aanbiedinge van 'n oorname deur 'n ander entiteit. Hy en Webster het besluit dat die plek verkoop moes word en hy het teruggekom Suid Afrika toe. Hy weet nie van kontrakte tussen CSD en die projek nie. Dit lyk vir hom of CSD die beskuldigde as 'n finansierder gesien het

[281] Hy het *dr. Chu* by Buffham ontmoet en ook in Suid Afrika deur die beskuldigde en hy ken *Medchem Forchungs* *dr. Chu* se maatskappy in Basel. Die maatskappy het besigheid gedoen in farmaseutiese produkte en het ook 'n afdeling gehad wat besigheid gedoen het in rekenaar sagteware. Hy het die maatskappy ses tot agt keer besoek in opdrag van die beskuldigde. Hy het terug rapporteer aan die beskuldigde. Hy het direksievergaderings bygewoon. Dit het besigheid met die projek gehad en het sagteware aan Data Image verskaf. Dit was 'n alleenagentskap tov. RNL kry vir Europa en het 'n verbintenis met MCI gehad. Dit is gestig om wins te maak. Persone betrokke by die direksie was *dr. Rittmann* van die Bank La Rosche, die prokureur *Mathys* en *ene Metz*. Daar was 'n gesprek tussen hom en *Chu* oor proewe op bobbejane gedurende 1992. Die verkryging van akkreditasie was egter 'n probleem. *Chu* het besigheid gedoen met *Seyntex*. Dit was beoog dat *Medchem Forchungs* by 1994 in bedryf sou wees maar daar was likiditeitsprobleme. Twee honderd en vyftig van *Chu* se aandele is oorgedra aan *WPW Inc.*

[282] Oor die *losie by Loftus Versfeld* sê hy dat dit of gedurende 1988 of gedurende 1989 bekom is. Die beskuldigde het dit met hom bespreek. Hulle was gretig om 'n losie te bekom. Hulle sou vriende identifiseer om dit saam met hulle te geniet. Hulle het getender en die tender is toegestaan. Die termyn was 10 jaar en die prys was R160 000. R80 000 moes onmiddellik betaal word en die balans in twee paaiemente van R64 000 en R16 000. Patricia Leeson het die tender ingedien. Hy weet nie of sy by Intramex Roodeplaat of Inffidel was nie. Hy het die deposito met 'n Intramex tjek betaal. Hy het die losie later oorgedra aan Profincor. Hy reken dat daar 20 sitplekke was. Gereelde gaste was die beskuldigde en sy gade, die getuie en sy gade, mnr. en mev. Kirstein, adv. Marlow, dr. Swanepoel, gen. en mev. Neethling, mnr. en mev. Bosch en mnr. en mev. Spamer. Lg. het by RNL gewerk. Aanvanklik het Profincor die kostes betaal maar later is bydraes geverg. Sommige mense het gedink dit is sy losie en ander het gedink dit is die beskuldigde se losie. Gedurende 1996 was daar 'n aanbod van R220 000 vir die losie en hy wou verkoop maar die beskuldigde het die verkoop geveto op die grondslag dat die getuie hom een van sy weinige plesiere wil ontnem. Na sy arrestasie in 1997 het die getuie weer die losie in die mark gesit en het toe 'n aanbod van R225 000 gekry. Die beskuldigde het ingestem om te verkoop en die opbrengs is om die helfte verdeel tussen Profincor en die beskuldigde. Die netto prys, na kommissie was R207 000. Die beskuldigde het bedrae van R6 000 en R2 500 in kontant ontvang. Hy het ook vir die getuie gesê om met Kirstein te praat en dié het gesê dat hy moet maak of hy 'n perd by hom koop. Hy het hom 'n bedrag van R72 000 gegee en later R23 000. Ter staving verwys hy na bew. 20HH.

[283] Toe hy by RTO was het hy betrokke geraak by *Waag 'n Bietjie Boerdery*. Die beskuldigde het hom aan P W de Jager voorgestel. Die beskuldigde het gesê dat hulle in boerdery moes belê. Die fondse sou uit die R5,5 miljoen kom. Die bedryfsfondse het uit Wisdom Finance gekom. Daar was gereelde state en vergaderings. Die beskuldigde het 'n 40% belang gehad en hy, Swanepoel en de Jager het elk 'n 20% belang gehad. Die beskuldigde het aangedui dat Swanepoel betrokke sou wees en hulle vier het elkeen R1000 betaal. Daar was 'n houer maatskappy, *Wisdom Holdings*. Daar was ook filiale soos Partners & Travel en Wisdom Idle Winds. Die beskuldigde was baie betrokke by die boerdery. Hulle het agteruit geboer en kon nie hulle mikpunte bereik nie. Bosch is ook later betrek. Daar was struwelinge en gedurende September 1991

het hy en Swanepoel onttrek. Die beskuldigde het die beginsel besluite geneem. Daar is steeds geboer na September 1991 en Corrie Versluis het op die toneel gekom. Pretoria *PROTECTION, ACTUALLY* Management Services was betrokke by elektroniese uitrusting. Hulle wou dit aankoop van 'n besigheid in Engeland. Koen was daarby betrokke. Die verkoop van honde het ook ter sprake gekom. Daar was 'n verhoging van aandelekapitaal. Daar was ook ander projekte soos Lanseria Aerospace. Wat Partners & Travel aanbetref dui hy aan dat hulle die oorseese reise daardeur wou vergemaklik. Die aankoop van die Kingair is op van die vergaderings bespreek. Daar was sprake dat Swanepoel en Zimmer betrokke sou raak by Namibië Airspace.

[284] Oor die *herstrukturering* van die Wisdom groep sê hy dat die beskuldigde dit voorgestel het. Hy wou die groep in twee verdeel. Wisdom Holdings moes verdwyn uit WIP. Die R5,5 miljoen moes oorgedra word aan BRCI. BRCI sou dit dan uitleen aan Profincor en aan ander filiale van BRCI. Marlow sou BRCI beheer. Dit word aangetoon op die skematiese voorstelling TV24. Die ooreenkoms wat hy met WPW Inc. gehad het (A161) het bepaal dat hy \$2 000 per maand kry. Twee van die betalings is in Union Bank Switzerland inbetaal maar met die beskuldigde se goedkeuring het hy PCM (Cayman) oorgeneem en die deposito toe gemaak by Bank La Rosche. Hy het ook 'n kredietkaart gekry. Hy was nie bewus dat hy 'n vise- president van PCM was nie.

[285] Hy word verwys na bewysstuk F334 en verduidelik hoedat hy op versoek van die beskuldigde vir hom behulpzaam was om R250 000 vanaf Chu in die land te kry onder die dekmantel dat dit tegnologie verkope was. Hy was onder die indruk dat dit benodig was vir Waag 'n Bietjie Boerdery. Volgens die state wat hy nagaan lyk dit of dit in Partners & Travel geëindig het. Volgens hom was die beskuldigde in beheer van die maatskappye en was Webster sy agent. Hy verwys na TV26 en sê dat hy aangestel is as 'n alternatiewe direkteur van SRD. Die beskuldigde het hom meegedeel dat Swanepoel hom daarvoor sou nader en dit het gebeur. Hy het een betaling van R2 000 ontvang. Hy bevestig dat R3,5 miljoen van Swanepoel geleen is en dat Rand Aksepbank aandele daarmee gekoop is en dat die lening met rente terugbetaal is. Toe daar 'n

dispuut was oor 'n rentebetaling van R21 000 is die aangeleentheid na hom verwys en hy het aangedui dat BRCI die bedrag behoort te betaal.

[286] Oor aanklagte 65, 66 en 67 dui hy aan dat *RITS* geïnkorporeer is op 6 Januarie 1987. Hy sê dat die BK in opdrag van die beskuldigde gestig is. Die doel was om beskermende klerasie vir CBO te verkry. *RITS* moes onderhandel oor sulke items, dit verkry en versprei. Hy het dit as 'n frontrekening beskou en net hy het tekenmagte gehad. Hy het dit reeds vanaf vroeg in 1987 begin bedryf. Groot bedrae is in die rekening inbetaal vanaf die SAW. Hy identifiseer F65.8, synde die ooreenkoms tussen YCVM en Technotek vir die vervaardiging van 45 000 pakke oor drie jaar teen 15 000 per jaar. Inladel het aan *RITS* betaal en *RITS* het weer aan Technotek betaal. Lourens het die kwaliteitsbeheer gedoen. Pierre Theron was nie tevrede met die toedrag van sake nie en het aangedring dat die *RITS* rekening by Volkskas gesluit moes word. Die rekening is gesluit maar die beskuldigde het aangedui dat die aktiwiteite moet voortgaan en Intramex is gestig. Die rede vir die stigting daarvan was maar soos met Aeromed en sulke maatskappye, nl. om wins te maak. Theron was nie bewus van Intramex nie. Die kantoor is een vloer opgeskuif in die Tillekum gebou en Patricia Leeson was daarby betrokke. Daar is 'n bankrekening geopen op kerkplein by Standard Bank en die ouditeure was Cloete en du Toit. Hy en sy vrou het tekenmagte gehad. Daar was ook ander kliente soos Krygkor, Swartklip en die SAGD. Toe die *RITS* rekening gesluit is het Inladel die res van die 45 000 pakke betaal. Patricia Leeson het Intramex verlaat en hy en sy vrou het die administrasie oorgeneem. Hy en die beskuldigde was direkteure en aandeelhouders, om die helfte. Dit was vir 'n rukkie want aanvanklik was dit Antoinette Lourens en daarna WIP. Na 30 Junie 1990 het hyself 75% van die aandele gehou en sy vrou 25%. Intramex is aan hom aangebied as 'n aftreepakket. Die maatskappy is nie bedryf as 'n frontmaatskappy nie en was betrokke by die aankoop van Merton huis en die losie. Intramex het saam met Technotek 'n stoor in Pretoria Wes gehuur en die huurgeld om die helfte betaal. Die klere wat gekoop is is daar gestoor en ook dromme met chemikalieë. Dit was in 'n goed beskermde draadhok waarvan die beskuldigde die sleutel gedra het.

[287] Wanneer klere aan Intamex gelewer is het betaling via Infladel geskied en sy vrou het soms die goed fisies by die stoor ontvang. Wanneer Krygkor 'n bestelling geplaas het het Intramex wel 'n wins gemaak deurdat die goedere duurder verkoop is as waarvoor dit aangekoop is. Hy het vroeg in 1990 opdrag gekry om die huurkontrak te beëindig en het Technotek in kennis gestel. Hy sê dat die pakke in die stoor RITS se pakke was.

[288] Wat sy pakket aanbetref wys hy uit dat daar drie groot skuldeisers was aan wie Intramex R503 000 geskuld het nl. Exipro (R330 000), Aeromed (R114 000) en 'n lopende kontrak van R40 000. Die beskuldigde het hom gesê dat hy hom nie oor die skuld moes bekommer nie. Gedurende Oktober 1990 het hy by Nedbank Verwoerdburg weer 'n RITS rekening geopen en hy en sy vrou was die tekengemagtigdes. Intramex het daggeld gehad en hy het opdrag gegee dat R1 miljoen daarvan in die RITS rekening inbetaal moes word. Hy verwys na F65,59, 'n faktuur ten bedrae van R3 941 700 van RITS aan Technotek en sê dat hy dit in opdrag van die beskuldigde gedoen het. Dit het betrekking op 18 771 pakke @ R210 elk. Die bedrag is in die RITS rekening inbetaal. Hy weet nie mooi hoe die rekening gewerk het nie maar weet dat dit nie 'n gewone tjekrekening was nie. Hy wys uit dat 'n bedrag van R150 000 aan Marlow betaal is en kan nie sê waarvoor nie. Daar is 'n bedrag in kontant deur Bosch getrek. Hy noem ook weer die betalings aan A Versluis, beskuldigde en Marlow waarna Bruwer verwys het. By die verkoop van die woonstel in Sunnyside het die beskuldigde meubels ter waarde van R6 700 oorgeneem en daar was 'n tekort van R 19 000 wat die beskuldigde ook onderneem het om oor te neem. Dit is later deur Profincor betaal. Hy getuig ook oor R1,8 miljoen wat hy by Orffer gaan aflewer het en wat in Karko inbetaal is en die R2 miljoen wat in Intramex inbetaal is. Die beskuldigde het by geleentheid vir hom gevra om 30 tot 40 pakkies Krugermunte vir 'n rukkie in die kluis te bewaar. Daar was 'n VABN rekening waarvan daar nie boek gehou is nie en wat hy op versoek van die beskuldigde geopen het. Daar is bedrae inbetaal in kontant en later weer onttrek en aan die beskuldigde oorhandig. Daar was ook terugbetalings aan die projek en hy noem die volgende: 29 November 1989 - \$2 689 821, Mei 1990 tot April 1991 \$4 724 290, Desember 1992 \$384 000 en Desember 1992 \$440 000. Hy word gevra en bevestig ook van die uitbetalings na buitelandse rekenings waaroor Bruwer getuig het. Hy gee 'n opsommimg van die bedrywighede van Coast en sê dat daar omtrent R86 miljoen betrokke was

waarvan R21 624 632 na Coast gekanaliseer is, R15 238 924 na die WPW groep en dat daar ander bedrae van R43 019 070 betrokke is. Hy sê verder dat vanaf 1989 tot 1993 daar R32 744 830 in die Suid Afrikaanse maatskappye spandeer is, dat die Amerikaanse maatskappye 'n verlies van R6,9 miljoen gemaak het en dat GGI R2,5 miljoen verloor het.

[289] *Wisdom Erf 82* was die eienaar van 'n woonstel in Sunnyside. Patricia Leeson was in finansiële moeilikheid en in opdrag van die beskuldigde het Wisdom Finance die woonstel gekoop. Die beskuldigde het self die woonstel gebruik en gaste daar ontvang. Die eerste direkteur was Antoinette Lourens. Daarna was hy direkteur en die beskuldigde was ook 'n direkteur vanaf 1 September 1989 tot 15 Augustus 1990.

[290] Die R5,5 miljoen *moratorium lening* het gedurende Augustus 1990 in die land ingekom. Hy wou in die derde of vierde kwartaal R250 000 leen en die beskuldigde het gesê dat dit in orde was. Hy dink die geld was bestem vir Waterson Properties. Hy het onlangs toe hy dit herbelê het R150 000 daarvan gebruik om Profincor 'n finansiële inspuiting te gee.

[291] Oor *Fancourt Lodge* vertel hy dat dat hy gedurende 1991 deel van 'n groep mense was wat op pad was om 'n vertoning by Sun City by te woon. Hulle het met bussies gery na Lanseria lughawe vanwaar hulle gevlieg het na Sun City. Die beskuldigde, Mijburgh, hyself, Kirstein, Bosch en hulle vrouens was almal deel van die groep. Hulle was te veel om op een vlug te gaan en twee vlugte moes gemaak word. Dr. Mijburgh het gemeld van Fancourt as 'n goeie belegging en hy is gevra om Medchem Sports International te stig. Hy was 'n direkteur en ander direkteure was Mijburgh, Bosch en Marlow. Hy was omtrent drie maal by Fancourt en die beskuldigde was al drie maal daar. Hy het by twee geleenthede daar geslaap en het nie betaal nie.

[292] Hy ken die *Jetstar*. Dit was 'n luukse privaat straler wat ses tot agt mense kon vervoer. Uitvoerende beamptes van groot maatskappye gebruik sulke vliegtuie. Hy het drie maal met die vliegtuig gery. Gedurende November 1990 is hy, in opdrag van die beskuldigde, saam met vlieëniers na Engeland om dit met Jane Webster uit te sorteer welke ure ten gunste van Aeromed gekrediteer moes word. Hy moes die somme laat balanseer. Hulle is na die "cottage" en het, vir drie of vier dae, gewerk aan die probleem. Hy meen nie dat dit

iets met die projek te doene gehad het nie. Gedurende April 1991 was hy by 'n vergadering in Basel. Die beskuldigde het sy vrou en Elise Bosch oorgebring . Hulle het vir twee dae in Basel gebly en toe na die "cottage" toe gegaan. Gedurende Desember 1991 was hy deel van 'n groep wat vakansie gehou het. Daar was hyself en sy gade, Kirstein en sy gade, Purvis en sy gade en Colijn. Hy het Medchem Forchungs in Basel besoek, Luxembourg, die Five Nations Golf Course in België en vandaar na Engeland waar hulle in die Meridien hotel geslaap het. Hulle is na die suide van Spanje en het Tangiers, per boot, besoek. Hy glo nie dat die beskuldigde die groep verlaat het nie. Die hele uittog was so 14 of 15 dae en hy het nie betaal vir iets behalwe die bootrit na Tangiers nie. Hy vertel ook dat hy gewoonlik eersteklas gevlieg het en in luukse hotelle gebly het. Hy het ook die Twickenham rugbytoets bygewoon. Die beskuldigde Mijburgh, Kirstein en Marlow was ook daar. In die land het hy nooit met die Jetstar gevlieg nie. Een maal was die beskuldigde, sy vader, gen. Neethling en nog 'n persoon met 'n vliegtuig Kaapstad toe om na 'n rugbywedstryd te gaan kyk. Hy het wel met die Kingair gevlieg. Een maal is hy, die beskuldigde en Anette Versluis Kaapstad toe om die dieretuin te besoek en vandaar na Fancourt. Gedurende 'n Desember was hy by Umhlanga Rocks met sy familie. Die beskuldigde het hom geskakel van Fancourt af en hy, Bosch en hulle families het gevlieg na Virginia lughawe waar hy hulle ontmoet het. Hulle het met die Kingair daar aangekom en vir die dag gekuier. Toe die binnehuisversiering van Fancourt ter sprake gekom het is hy met die Kingair na Fancourt. Die beskuldigde, Mijburgh en Ben van den Berg was almal daar. Daar was 'n gesprek met me. Pieterse en daar kon selfs gholf gespeel gewees het.

[293] By 'n geleentheid is hulle met 'n kommersiële vlug, waarvoor Profincor betaal het, na George. Gedurende 1991 het hy en sy familie met die Piper Seneca na Douglas gevlieg om sy skoonvader se verjaarsdag by te woon. By 'n ander geleentheid is hy saam met die beskuldigde Mijburgh en Swanepoel na die Wilde Kus waar hulle gaan span bou het. Die vlieënier was Snyders. Daar was drie Wildtuin besoeke. Dit was op uitnodiging van MCI. Hyself, die beskuldigde, Kirstein, Bosch, van den Berg, Mijburgh, Marlow, Swanepoel, Webster en Zimmer was almal daar. 'n Groep van hulle is met 'n Dakota na Phalaborwa en vandaar met bussies na Bataleur ruskamp. Daar was informele samesprekings maar die buitelanders was hoogs geïnteresseerd in die Wildtuin. Daar was ook 'n tweede en 'n derde besoek maar hy kon nie die derde

keer saamgaan nie. Hy en sy vrou het ook elkeen 'n *Rolex* horlosie ontvang. Hy dink dat syne R9 000 werd was en sy vrou s'n R7 000. Die beskuldigde en Mijburgh dra ook sulke horlosies. Hy het syne ontvang as erkenning vir die werk wat hy gedoen het ivm Aeromed en Intramex. Daar was kontrakte tussen die SAW en QB Laboratories en ook tussen Coast en Infladel en QB Laboratories. Hy weet nie wat die verhouding tussen Infladel en SRD was nie. Hy het bloot die kasboek beheer vanaf 1985 tot 1988. Infladel het 'n retensiefooi van R2 000 per maand aan Phoenix Diensstasie betaal. Daar is klein bedrae aan die beskuldigde betaal vir reis- en verblyfkoste teen voorlegging van bewyse. Hy weet nie van 'n beleid dat stawende dokumente vernietig moes word nie. Al Coast se fondse is nie noodwendig deur Infladel nie.

[294] Hy word verwys na O1 en O2 en sê dat die gekwalifiseerde antwoord op die vraag of WIP 'n belang in Intramex gehad het nie koorek is nie. Hy het opdrag van die beskuldigde gekry om Leeson se woonstel aan WIP oor te dra. Op 'n stadium het hy en die beskuldigde albei 'n belang in WIP gehad. Garsfontein Ekonomiese Konsultante het ter sprake gekom maar het nooit tot stand gekom nie. Hy het blanko oordragdokumente voltooi vir oordrag van aandele voor sy hartomleiding. Met die 1992 ondersoek na Merton huis het hy nie oop kaarte gespeel nie. Toe die beskuldigde in 1993 in Switserland gearresteer is het hy na gen. Knobel gegaan en 'n dokument opgestel om homself te beveilig. Hy was 'n direkteur van Aeromed, WIP, Intramex, Joostenberg Properties, Wisdom Liquorland, Wisdom Finance, Waterson Properties, Wisdom Holdings, Wisdom Idle Winds, WPW Inc., RITS, QB Laboratories, SRD (wat WPW SA geword het) en PCM International en glo dat hy die beskuldigde se belange behartig het. Hy het Webster so ses of sewe maal gesien. Die laaste keer was hier by 1992/93. Die beskuldigde het nie Oos Duitsers of mense van die Oosbloklande gemeld nie. Daar was wel 'n Libiër met die naam Yusuf by die beskuldigde. Hy het ook die losie besoek.

[295] In Kruisverhoor is dit aan hom gestel dat hy doelbewus gelieg het by KEEM en dat hy geweet het dat hyself 'n risiko geloop het om benadeel te word. Dit word aan hom gestel dat sy optrede geslepe was. Hy hou vol dat daar waarheidsmomente in sy getuienis was. Dit word aan hom gestel dat hy sy getuienis aanpas by die werklikheid op so 'n manier dat dit hom bevoordeel. Hy hou vol dat hy besluit het om die beskuldigde te

beskerm en die buitelandse betalings te verbloem. Hy gee toe dat hy ook in ander opsigte kon gelieg het. Hy gee toe dat hy alleen 'n artikel 204 getuie sou kon word as hy die beskuldigde inkrimineer. Indien hy sou volhard met sy KEEM getuienis kon hy aangekla word en dit sou 'n finansiële en emosionele ramp vir hom en sy familie beteken het. Hy het geglo dat die aanklaer oor genoegsame dokumentêre bewys beskik het om sy KEEM getuienis te weerlê. Dit word aan hom gestel dat dit van hom verwag is om die beskuldigde se rol te beklemtoon. Hy gee toe dat van sy gesprekke met die aanklaer eers plaasgevind het nadat Bruwer getuig het en gekruisverhoor is en dat hy toe inligting gehad het wat hy nie in 1993 gehad het nie. Hy gee toe dat die dokument TV 32 wat hy in 1993 aan gen. Knobel gegee het om homself te beskerm in meerdere opsigte vals was. Hy gee ook toe dat hy nie aan Pierre Theron die waarheid vertel het nie. Hy sê dat hy paniekerig was en agtergrondsinligting wou gee. Hy wil nie toegee dat dit agtergrondsmisleiding was nie. Wat hom beweeg het om die waarheid te praat is dat hy besorg is oor Aeromed, Intramex en RITS en omdat hy in staatstyd vir die instansies gewerk het.

[296] Dit word aan hom uitgewys dat hy reeds gedurende 1998 meegedeel is dat hy 'n staatsgetuie gaan wees en dat hy daarna nog onware getuienis by KEEM gegee het. Hy kan nie verduidelik hoekom nie maar verweer hom deur te sê dat hy nie werklik gevra is oor relevante aspekte nie. Dit word aan hom uitgewys dat hy spesifiek oor die RITS rekening gevra is en dat hy gelieg het oor sy betrokkenheid by Fancourt. Dit word verder aan hom uitgewys dat by KEEM daar gevalle was waar hy die beskuldigde geïmpliseer het, waar, as dit sy beleid was om Webster te impliseer in plaas van die beskuldigde, hy vir Webster kon geïmpliseer het. Dit word ook aan hom uitgewys dat hy nou getuig dat dit die beskuldigde is wat hom na Fancourt genooi het vir sy 50 ste verjaarsdag terwyl by KEEM hy getuig het dat hy Marlow se gas was. Hy hou vol dat die beskuldigde hom genooi het maar kan nie bra sê wie se gas hy was nie. Hy gee toe dat hy by KEEM ontken het dat hy betrokke was by Waag 'n Bietjie en dat daardie ontkenning vals was. Hy sê dat hy dit gedoen het omdat hy nie gedink het dat hy aandele in Waag 'n Bietjie gehad het nie. Dit word egter aan hom uitgewys dat hy inderdaad R1 000 vir sy aandele betaal het. Dit word aan hom gestel dat hy die beskuldigde se betrokkenheid by die plase vergroot omdat de Jager getuig het dat die beskuldigde net een maal daar was. Hy sê dat hy kan onthou dat die beskuldigde twee maal daar was en dat sy getuienis eintlik gebaseer is op afleidings wat hy

gemaak het uit wat hy gehoor het. Dit word dan aan hom gestel dat by die verhoor dit nou sy opset is om die beskuldigde so ver as moontlik te impliseer en dat om dit reg te kry hy nie die waarheid praat nie. Hy gee toe dat 'n aspek wat hom bekommer het die feit is dat kontantgeld in die VABN rekening gebank en onttrek is. Dit word aan hom gestel dat VABN die kode is vir WBCM en dat dit bloot die voorletters is van die beskuldigde en Corrie Meerholz wat 'n lid van Spesmagte was. Dit word aan hom gestel dat Spesmagte twee sjebeens bedryf het en dat dit kontantgeld van die sjebeens was wat gebank is en later weer onttrek is om voorrade aan te koop.

[297] Hy was ongemaklik oor die Intramex rekening. Hy gee toe dat daar geen projefondse deur die rekening is nie. Die eerste RITS is vervang met Intramex. Dit word aan hom gestel dat Intramex 'n front van die SAW was en dat Pierre Theron ongelukkig was omdat daar betalings uit Infladel na RITS was en dat hy nie insae gehad het in die RITS rekening nie. Dit het betrekking gehad op die 45 000 pakke beskermende klerasie. Dit is waarom die RITS rekening gesluit is en Intramex gestig is. Omdat daar egter SAW mense by Intramex betrokke was, was die beskuldigde bekommerd dat daar 'n sekerheidsrisiko kon wees en is die kantoor eers 'n vloer hoër geskuif en daarna verskuif na Centurion. Hy gee toe dat Intramex op 'n koste-plus basis gewerk het en net sy kostes verhaal het. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde bloot vir hom gesê het dat Theron nie van Intramex en diese rekening hoef te weet nie en nie dat hy dit vir hom moes wegsteek nie maar hy meen dat dit laasgenoemde was. Hy sê dat sy kommer oor sy oorname van Intramex was omdat hy in kantoorure vir Intramex gewerk het, dat die kantoor eers met 'n vloer verskuif is en toe na Centurion, dat hy opdrag gekry het dat Theron nie van die rekening moet weet nie en dat twee van die krediteure afgeskryf kon word. Hy gee toe dat hy die enigste persoon is wat bevoordeel is deur die afskryf van die krediteure en dat die maatskappy insolvent was indien dit nie gebeur het nie en dit onsinnig sou wees om dit oor te neem. Hy gee toe dat hy nie 'n staatsamptenaar was nie, dat hy nie 'n skeidingspakket kon kry nie en dat daar nie vir hom voorsiening was vir medies of pensioen nie. Hy kan nie ontken dat die SAW om menslikheidsredes besluit het om hom te vergoed nie. Hy wil nie toegee dat die aard van sy werk bygedra het tot sy siektetoestand nie en weet nie dat HSI besluit het om voortaan self aankope te doen en dat om daardie

rede Intramex se funksie verval het en aan hom geskenk kon word nie. Hy gee toe dat die beskuldigde geen voordeel uit die projek gekry het nie.

[298] Hy gee toe dat Intramex nie 'n privaatskapskap in die ware sin van die woord was nie en nie ingestel was op winsbejag nie en bloot op 'n koste-plus basis gewerk het. Hy gee verder toe dat hy die beskuldigde aangestel het as 'n direkteur sonder sy wete en dat die beskuldigde eers tydens die KEEM ondersoek daarvan bewus geword het. Hy hou vol dat hy die beskuldigde vroeër daarvan in kennis gestel het en dat die beskuldigde reeds voor die KEEM ondersoek daarvan moes geweet het.

[299] Hy gee toe dat die CM27 vorm ivm Garsfontein Ekonomiese Konsultante in sy kantoor getik is en dat die beskuldigde s'n blanko geteken is. Hy weet nie hoekom nie en glo dat dit bloot maar by die ouditeure gelê het. Hy kan nie betwis dat die datum waarop die beskuldigde dit na bewering geteken het, 1 September 1989, 'n datum is waarop hy oorsee was nie. Hy ontken dat hy dit voltooi het.

[300] Hy sê dat hy bekommerd was dat hy ook by Aeromed by misdadig betrokke kon gewees het. Die algemene hantering van die maatskapskap het hom ongerus gestem. Hy gee toe dat wat al die maatskapskappe aanbetref daar groot skommeling van aandeelhouers was en dat daar nooit geld betaal is vir die oordrag van aandele nie. Hy gee ook toe dat die maatskapskappe finansiële fiasko's was. Hy gee toe dat dit onmoontlik was om Merton huis winsgewend as 'n gastehuis met vier slaapkamers te bedryf as die ontwikkelingskoste van R10 miljoen in ag geneem word. Hy hou egter vol dat Aeromed gebruik is om die projek se reise te fasiliteer. Hy ontken nie dat gepoog is om bedryfsuitgawes te verhaal nie. Hy gee egter toe dat Aeromed nie 'n wins gemaak het nie, nie dividende uitbetaal het nie en dat die beskuldigde nie daaruit bevoordeel is nie. Dit word aan hom gestel dat Snyders nie die vliegtuig in Aeromed in gebring het nie en bloot maar 'n dienspligtige met 'n vliegtuiglisensie was en dat dit 'n Spesmagte vliegtuig was. Hy kan ook nie ontken dat dit op 'n stadium in die Transkei gestasioneer was nie. Hy gee ook toe dat wat Profincor aanbetref dit nooit winsgewend bedryf kon word nie. Sy konsultasiefooi was groter as die inkomste wat dit teoreties kon genereer. Hy gee toe dat dit nie die doel was om wins te maak nie en dat dit baie voordeliger sou gewees het om bloot die fondse wat

daarin gestort is vas te belê. Hy kan nie bevestig dat daar 'n Libiese minister was wat by die beskuldigde ingewoon het nie maar hy het wel vir Yusuf twee maal by die losie gesien en enkele kere by die beskuldigde se huis. Hy gee ook toe dat die lenings aan die dokters toegestaan is omdat hulle vir die projek gewerk het. Pierre Theron het nie daarvan gehou dat hulle rekenings by Infladel gehad het nie en dit is die rede waarom dit oorgedra is na Profincor. Hy gee toe dat hulle almal hulle lenings afbetaal het. Hy gee toe dat Aeromed nie reklame gemaak het nie, dat daar bloot 'n dame aangestel is en dat Partners & Travel vir die projek van hulp kon wees. Hy ontken nie dat mnr. Mandela met die vliegtuig vervoer is nie. Hy gee toe dat niemand ooit losies betaal het by die "cottage" nie. Dit word aan hom gestel dat Aeromed gebruik is om sensitiewe vragte te vervoer. Wanneer dit aan hom gestel word dat Savimbi na die VSA vervoer is en dat dit bekend gestaan het as operasie Spyker bevestig hy dat hy in die wandelgange gehoor het dat Spyker met die Jetstar vervoer gaan word. Hy word uitgenooi om aan te dui welke verkeerde handeling Aeromed verrig het en kan nie enige handeling uitwys nie. Hy weet ook nie van geld wat wanaangewend is nie. Hy toon egter aan dat hy ook besorg was oor die RITS rekening en die feit dat hy nog nie sy eie lening terug betaal het nie en gevrees het dat hy dalk die beskuldigde gehelp het om misdade te pleeg.

[301] Hy word gevra of hy die breë riglyne van die Wisdom groep met Webster bespreek het by die twee geleenthede wat hy in die land was. Sy reaksie is dat hulle bloot maar gepraat het oor die metode om die geld in die land in te bring en dat hy spesifiek voorgestel het dat die hulp van spesialiste ingeroep moes word. Hy kan nie onthou dat boerdery binne die breë raamwerk van die groep geval het nie maar betwis dit ook nie. Hy gee toe dat hulle almal aan die begin besonder gretig was om by die boerdery betrokke te raak maar dat hulle ontnugter is en dat daar 'n verdeling was van hom en Swanepoel aan die een kant en de Jager aan die ander kant. Hulle het de Jager van swak bestuur verdink, maar gee toe dat droogtes 'n rol kon gespeel het. Hy ontken nie dat die beskuldigde uit die boerdery getree het nie en dat sy R1 000 aan hom teruggegee is nie. Hy gee ook toe dat die enigste rede waarom die beskuldigde later weer betrokke geraak het was om die probleme tussen hom en Swanepoel aan die een kant en de Jager aan die ander kant te probeer oplos. 'n Verdere rede waarom hy weer betrokke geraak het was dat daar 'n groot hoeveelheid van die Wisdom groeps se geld betrokke was en hy moes red wat daar te redde was. Hy ontken nie dat Webster ongelukkig was nie. Dit word aan hom gestel dat dit nie die primêre doel van die maatskappye was om wins te maak nie.

[302] Daar was 'n debat oor die vraag van wat hy onder die begrip van "voordelige eienaar" verstaan. Sy antwoord was dat daar 30% van die Profincor aandele aan hom oorgedra is en dat hy nie daarvoor betaal het nie. As hy dit sou moes teruggee kon hy dit net aan die beskuldigde teruggee. Hy word gevra of dit net betrekking het op Profincor en Joostenberg Properties en sy antwoord is dat dit ook betrekking kan hê op die ander maatskappye maar dat hy nie persoonlike kennis daarvan het nie. Met die inligting wat hy nou van die WPW groep het reken hy dat die beskuldigde die voordelige eienaar kan wees. Hy gee toe dat hy aanvanklik onseker was oor wat die begrip behels maar dat hy intussen seker geword het. Hy gee egter toe dat dit 'n vreemde groep van maatskappye was waar daar nooit vir aandele betaal is nie en nooit direkteursvergoeding uitbetaal is nie. Sy reaksie daarop is dat daar darem eintlik nooit gelde was waaruit direkteursvergoeding betaal kon word nie. Hy gee toe dat dit onduidelik is wie die eienaar was en dat daar 'n grys situasie bestaan het. Hy sê dat hy eintlik sê dat die beskuldigde die voordelige eienaar is omdat hy in beheer van die groep was en opdragte gegee het. Hy gee toe dat as dit die beskuldigde se geld is wat van oorsee in die land ingekom het dit eienaardig is dat Webster nou juis twee maal na Suid Afrika moes kom om hom behulpsaam te wees. Wanneer hy gevra word om te bevestig dat Webster op 'n vreemde wyse betrokke was by die groep is sy antwoord dat hy gedink het dat Webster die beskuldigde se agent is. Hy gee toe dat dit eienaardig is dat die beskuldigde nooit geld ontvang het as dit sy maatskappye was nie. Hy kan ook nie dink waarom die beskuldigde nou reeds gesteelde geld uit die buiteland sou terugbring in die land in waar dit maklik onder die aandag van die besteelde SAW kon kom nie. Hy gee toe dat die beskuldigde duidelik openlik betrokke was. Hy gee toe dat hy 'n sekerheidsklaring moes ondergaan. Hy kan nie ontken dat dit die oog sou vang as 'n brigadier op sy salaris Merton huis ontwikkel en 'n bedrag van R10 miljoen daaraan bestee nie. Hy gee toe dat hy dit nie aanvanklik met die beskuldigde bespreek het toe hy gaan borg staan het vir die dieretuin nie. Hy sê egter dat hy hom later daaroor ingelig het. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde dit sal ontken.

[303] Hy gee toe dat hy die Profincor aandele aan homself oorgedra het. Hy gee toe dat die spandering uit die tweede RITS rekening openlik gedoen is en dat dit duidelik aangedui is aan wie die betalings gemaak is, soos bv. aan A Versluis of kontant aan die beskuldigde. Hy gee verder toe dat daar selfs geld in die

beskuldigde se rekening inbetaal is en dat dit maar dom optrede vir 'n dief is. Hy bevestig dat hy omtrent agt maal persoonlik met Webster in kontak was en dat hy ook telefonies en per faks met hom in verbinding was. Hy sê dat Aeromed se boeke vanuit die Engelse kantoor gebalanseer is en lewer nie kommentaar as dit aan hom gestel word dat as dit die beskuldigde se maatskappy was 'n mens sou verwag het dat dinge in die land gedoen sou gewees het nie. Mbt. die PCM rekening in Switzerland waarin hy sy geld belê het verduidelik hy dat hy nie onder die indruk was dat daar reeds 'n bestaande rekening was nie. Hy meen dat die maatskappy bestaan het en dat Webster aan hom volmag gegee het om 'n rekening te open en om tekenmagte daarop te hê. Hy gee toe dat die geld vanaf Webster afkomstig was en sê nie dat die beskuldigde daarby betrokke was nie. Hy gee toe dat hy 'n goeie inkomste verdien het by Profincor en kan nie verduidelik hoekom hy \$2 000 per maand moes ontvang nie. Hy vind dit ook snaaks dat, as die beskuldigde die ander party was, arbitrasie in Florida moes geskied en rente betaalbaar sou wees ingevolge Florida rentekoerse.

[304] Dit word aan hom gestel dat die Switsers druk op die beskuldigde geplaas het om aandele in Medchem Forchungs op te neem. Hulle het aangevoer dat die beskuldigde besig was met geldwassery en ander onwettighede. Hulle wou iemand hê op wie hulle die skuld kon plaas ingeval van navrae. Wanneer dit aan hom gestel word dat die beskuldigde hom aldus ingelig het is sy antwoord dat hy dit nie kan onthou nie maar dat hy dit ook nie kan ontken nie.

[305] Die getuie kan nie sê wat die verhouding tussen die beskuldigde en Webster was nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat die beskuldigde nie sê dat Webster die ware eienaar was nie en dat die beskuldigde en Webster beide agente vir die prinsipale was gee hy toe dat alhoewel die meeste opdragte en versoeke van die beskuldigde gekom het daar tog opdragte en versoeke vanaf Webster gekom het, veral met die moratorium lening en ook in enkele ander gevalle. Sy reaksie is voorts dat dit bloot maar sy indruk was dat die beskuldigde die ware eienaar was.

[306] Hy kan nie sê of die Libiese ambassadeur in Namibië persoonlik na Merton huis kom kyk het nie. Dit word aan hom gestel dat Merton huis aanvanklik bedoel was as 'n gastehuis maar dat die plan verander het

en dat besluit is dat dit as 'n ambassade ontwikkel moes word. Aanvanklik wou Libië dit koop maar weens die prominensie in die pers het dit 'n verleentheid geword en is dit toe verkoop aan Zimbabwe.

[307] Dit word aan hom gestel n.a.v. die bedrag van R250 000 wat uit die RITS rekening oorgeplaas is na Profincor, en toe na Wisdom Holdings en daarna eers na Partners & Travel dat daar meerdere kere was wat so 'n metode gevolg is om te verbloem waarvandaan die betaling gekom het. Hy gee dit toe. Oor die lening van R250 000 wat hy met Profincor aangegaan het blyk die volgende: Pretokon het die bedrag geleen by Waterson Properties. Dit het gedien as kolaterale sekuriteit. Hy kan nie onthou hoekom nie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde onbewus was van die lening maar hy hou vol dat hy dit wel met hom bespreek het. Uiteindelik as R150 000 daarvan getrek en in Profincor inbetaal. He gee toe dat hy vir agt jaar die rente daarvan gebruik het deur dit in Profincor in te betaal en dat hyself geen rente op die lening betaal het nie.

[308] Hy kan nie ontken dat die mense net vir die eerste jaar nie bygedra het tot die losie nie, en dat hulle daarna R2 500 per jaar moes betaal vir hulle sitplekke en verversings. Hy gee ook toe dat hy in beheer was van die geldsake en nie die beskuldigde nie. Hy hou vol dat die R80 000 en R 64 000 uit Intramex fondse betaal is. Nadat hy Intramex oorgeneem het het hy die losie oorgedra aan Profincor. Hy kan nie onthou of Intramex terugbetaal is vir die losie nie. As dit nie gebeur het nie kan dit wees dat die opgeloopte verlies 'n afskrywing teen die aankoopprys was. Dan was Intramex, wat Pretokon geword het, eintlik die eienaar van die losie. Hy gee toe dat dit nêrens, deur enige van die relevante maatskappye gereflekteer is as 'n bate nie. Hy ontken nie dat die beskuldigde 'n bedrag as 'n deposito vir sy stoele betaal het nie. Hy gee toe dat hy en die beskuldigde die losie gesamentlik sou koop en dat hy die finansiering moes reël. Hy gee toe dat hy vir die beskuldigde gevra het of hy 'n metode kan uitwerk om die verkoopprijs deur die boeke te kry en dat hy Kirstein en nog iemand voorgestel het. Die beskuldigde het gesê dat hy dit met Kirstein se hulp moet doen. Hy het dit toe met Kirstein bespreek en hy het voorgestel dat hy sou voorgee om 'n aandeel in 'n perd te koop. Hy bevestig dat hy nie sê dat die beskuldigde enigiets verkeerd gedoen het nie. Oor die leeu getuig hy dat dit gekry is toe iemand oor die Botswana grens gegaan het met 'n mandjie op sy kop. Hy gee toe dat hy opdrag

gekry het om Buffham te help om sy stelsels te verbeter en om die Multi-Soft stelsel te gebruik. Hy gee toe dat Buffham 'n swak administrateur was en ontken nie dat die beskuldigde se belang by Buffham was om die sekerheid van die projek te beveilig nie. Hy het nie geweet van AMFRA nie. Dit word aan hom gestel dat die groep maatskappye voordele vir die prinsipale ingehou het. In die eerste plek was daar veilige huisvesting. In Florida was daar Herlewing, in België die woonstelle, in Engeland die "cottage" en in Suid Afrika was daar Merton huis en ook die plase. Wat Partners & Travel aanbetref is die prinsipale bevoordeel deurdat daar deur 'n gevestigde reisagentskap besprekings gedoen kon word wat die werklike rit tot 'n mate verbloem. As voorbeeld word genoem dat daar 'n bespreking kan wees van Johannesburg na London, New York en Washington en terug terwyl die werklike rit bloot maar 'n rit van Washington na New York was. Aeromed was 'n gevestigde Westerse beseigheid wat toegang gehad het tot selfs militêre lugmagbasisse bv. in Amerika. Savimbi kon na Amerika vervoer word. Die "cottage" was ook veronderstel om veilige huisvesting te verskaf maar 'n Libiër het vanaf die "cottage" na Libië geskakel en die Britse Geheime Diens het dit opgetel. Daarna was die huis gekompromitteer. Die vliegtuie kon sensitiewe vragte vervoer en het die projek gehelp om samewerking met medewerkers te verkry. Die beskuldigde kon ritte onder aliasse bespreek deur Partners & Travel. Die vliegtuie is ook nie werklik deur doeane beamptes deursoek nie. Dit word ook gestel dat Spesmagte operateurs van die "cottage" gebruik gemaak het en hy bevestig dat hy wel 'n persoon daar ontmoet het maar kan nie bevestig dat dit Dave Scales was nie. Hy bevestig ook dat weens Buffham se swak administrasie die veiligheid van die projek in gevaar gestel kon word. Hy kan ook nie ontken dat dieselfde op Chu van toepassing was nie. Hy bevestig dat die beskuldigde sy vermoë as 'n boekhoukundige hoog aangeslaan het en dat daar niks onbehoorliks plaas gevind het toe MCI se skuld oorgedra is na Data Image Systems nie. Wat sy werksure by RNL aanbetref gee hy toe dat dr. Swanepoel bewus was van die werk wat hy vir die ander maatskappye gedoen het en dat dit juis RNL se direksie was wat hom verlof moes gee om dit te doen en dat by Infladel dit die beskuldigde was wat hom verlof moes gee om dit te doen.

[309] Hy word verwys na TV3 en gevra hoekom dr. Erasmus so 'n groot bedrag verskuldig was gedurende Junie 1989. Dit word aan hom gestel dat dr. Erasmus dit ontken. Sy antwoord is dat Antoinette Lourens en dr. Erasmus se rekenings gekombineer is. Die nuwe verskuldigde bedrag kon tot stand gekom het as gevolg

van 'n joernaalinskrywing. Hy gee toe dat hy nie weer geld aan hulle geleen het nie. Dit blyk dan dat hy hulle skuld uit die RITS rekening afgeskryf het maar hulle nie daarvan in kennis gestel het nie en dat hulle aanhou betaal het aan die afgeskryfde skuld. Daar was 'n skulderkenning en 'n opwaartse aanpassing weens die verswakking van die rand. Wat die R85 000 aan Griffiths aanbetref (die verkoop van die beskuldigde se vader se kleinhoewe) blyk dit dat hy die eiendom aan Griffiths verkoop het deur 'n maatskappy van hom en 'n kommissie daarop verdien het. Daarna het hy 'n lening uit Profincor aan Griffiths toegestaan. Griffiths het egter wanbetaal, die ooreenkoms is gekanselleer en die eiendom is teruggeneem, herverkoop en betaal. Griffiths se lening het dus verval. Hy kan nie verduidelik hoekom dit nodig was om Griffiths se lening, wat nie meer bestaan het nie, uit die RITS rekening te betaal nie.

[310] Hy gee verder toe dat **Pretoria** Managemen Sevices nie geïnkorporeer is om wins te maak nie. Hy kan nie ontken dat daar honde oor was nie en dat om te verhoed dat hulle uitgesit moes word, die besigheid begin is nie. Hy kan nie ontken dat Aeromed se kantore die kantore van Aeroflot geword het nie. Hy gee toe dat die beskuldigde baie in die buiteland was en gedurende 1993 omtrent net vir 'n maand in die land was. Hy kon nie altyd opdragte gee nie. Soms wanneer hy in die buiteland was was hy geheel en al onbereikbaar. Hy gee toe dat Webster wel die idee van herstrukturering eerste kon geopper het. Hy gee toe dat die beskuldigde wel in Tangiers vir 'n rukkie van die groep af kon weggebreek het. Hy gee toe dat die vliegtuig met daardie vakansie wel in Basel gediens kon gewees het. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy vir die vakansie betaal het of dat hy PCM tot die getuie se beskikking gestel het of dat hy 'n kredietkaart aan die getuie gegee het. Hy ontken nie dat Webster Merton huis besoek het nie en ook by die stadsraad aangedoen het nie, tydens die hersoneringsaansoek nie..

[311] Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy enige finansiële voordeel ontvang het uit die projekfondse, dat hy die voordelige eienaar was van enige van die maatskappye en dat hy wederregtelik opgetree het. Hy gee toe dat hy nie kan sê dat die klerasie waarvoor hy die faktuur geskep het klerasie van die SAW was nie. Dit is aan hom gestel dat hedendaagse pryse van horlosies baie verskil van vroeëre pryse en dat die horlosies aan die beskuldigde beskikbaar gestel is om aan die getuie en sy vrou as geskenke te

oorhandig. Hy bevestig dat sy getuienis oor wat tydens die Wisdom Holdings vergaderings gebeur het bloot gebaseer is op wat in die notules voorkom en dat hy nie 'n onafhanklike geheue daaroor het nie.

[312] Gedurende herverhoor word hy verwys na F18.45 ('n uiteensetting van hoe 'n deposito waarop onder andere die betaling van R85 000 aan Griffiths voorkom en die bank inlegstrokie) en volstaan hy dat dit die presiese bedrag is soos wat die beskuldigde hom gevra het om oor te plaas na Profincor. Hy bevestig dat dr. Erasmus gedurende 1999 opgehou betaal het aan die skulde wat in die vroeë 1990's reeds uit die RITS rekening afgelos is. By die losie het hy 'n bedrag van omtrent R100 per stoel in gedagte. Hy hou vol dat die losie syne en die beskuldigde s'n was en dat hulle kon besluit om dit te verkoop. Hy bevestig dat daar nooit rente deur Wisdom Finance betaal is tov. die R5,5 miljoen moratorium lening nie. Hy was nie bewus van Libiërs of Russe nie. Yusuf was gedurende 1994/95 in die land en die groep het likiditeitsprobleme gehad gedurende 1993/94. Hy ontken dat die beskuldigde in alle opsigte oop kaarte met Pierre Theron gespeel het en sê dat die balansstate van Intramex met die hoë krediteure foutief was.

[313] *Lizelle Larsen* was die argitek wat by die ontwikkeling van Merton huis betrokke was. Sy het ook by ander projekte vir die beskuldigde werk gedoen. Sy was by Ariesstraat 318 betrokke. Die opdraggewer was Aries trust. Die persoon in beheer was Anette Versluis. Die huis was in 'n luukse woonbuurt. Die huis moes oorgebou word om aan haar vereistes te voldoen. Die koste was van die orde van R1,5miljoen. Anette Versluis en die beskuldigde het in die huis gewoon. Die oorspronklike planne het die naam Basson op gehad. Sy weet nie watter Basson nie. D-Kon Konstruksie was die suksesvolle tenderaar. Die eienaar is Neil Kirstein. Die projek het geëskaleer. Die trekker van tjeks was Aries trust. Sy word tjeks getoon wat die bewering staaf. Dit was 'n luukse huis wat ook vir praktyksdoeleindes gebruik kan word. Sy skat dit omtrent so R3 miljoen werd in die huidige mark.

[314] Ander ontwikkelings was op 'n ander erf in Ariesstraat en in Collegestraat in Muckleneuk, waar die bouer Kirstein was en daar 'n groepsbehuisingsontwikkeling was. Dan was daar Merton huis. Toe hulle besig was om Merton huis te bou wou Kirstein en sy 'n huis in Eridanusstraat koop. Hulle het dit bespreek met die

ontwikkelaars van Merton huis op die basis dat hulle elkeen 25% van die aandele sou hê en die ontwikkelaars die orige 50%. Careen(Edms.) Beperk het die laaste bedrae tov. Merton huis betaal en wou ook ontwikkeling in Hatfield doen, maar daar het niks van gekom nie.

[315] Sy het aan die begin van Januarie opdrag gekry om 'n behoeftebepaling te maak. Sy het aanvanklik gedink dat die ontwikkeling so R1 miljoen sou kos. Die beskuldigde het haar vertel dat daar 'n Amerikaner was wat hier wou belê. Sy het sketsplanne opgetrek. Sy moes dit voor 'n sekere datum aan die beskuldigde lewer want hy wou dit per vliegtuig Amerika toe neem. Die koste het met die verloop van tyd geëskaleer. Dit het begin by R2 miljoen en opgegaan tot R8 miljoen. Die koste het vergoot omdat die behoefte uitgebrei het. Daar was 'n aanvraag vir luukshede en daar moes hersonering geskied. Die stadsraad het ook ekstra parkeerplek vereis. 'n Huis is gekoop en gesloop en daar is 'n parkeergarage opgerig met 'n tennisbaan bo-op. Die huis wat gesloop is was so 50–60 jaar oud en alhoewel dit miskien aandag geverg het was dit nog 'n goeie bly-huis. Die beskuldigde het haar opdrag gegee om met spesialiste te konsulteer. Onder andere was 'n Cordon bleu kombuis 'n vereiste.

[316] Die huis is oor drie jaar gebou. Sy het die meeste van die tyd met die beskuldigde onderhandel. Sy het wel vir David Webster ontmoet. Sy het nie van hom opdragte gekry nie behalwe dat hy een maal gekla het oor die trappe. Die beskuldigde was toe ook daar. Sy weet nie of Webster by die dak-natmaak funksie was nie. Die beskuldigde was wel daar. Bewysstuk 20 C is 'n brosjure wat sy opgestel het om die plek te adverteer toe dit verkoop sou word. Op die eerste vloer is daar vier slaapkamers *en suite* met 'n klein sitkamer. Daar is ook 'n opsigterswoonstel, kantore, konferensiegeriewe en 'n biblioteek. Die afwerking was van graniet, marmer en oregon. Die kombuis was baie luuks. Aan die begin het sy gedink dat die beskuldigde net Webster se agent was maar later het sy die indruk gekry dat hy pa staan vir die projek.

[317] Die staat het 51 notules van terreinvergaderings ingehandig en dit in detail deurgegaan met die doel om aan te toon dat dit die beskuldigde is wat die besluite geneem het. Die beskuldigde is beskryf as die verteenwoordiger van Wisdom Erf 219 (Edms.) Beperk wat die bouheer was. Die projek is beskryf as 'n "gastehuis". Daar het 'n beswaar gekom van die Arcadia inwonersvereniging. Die beskuldigde het daarna

gevra dat sy naam nie genoem word nie en hy het ook nie verder vergaderings bygewoon nie. Aan die einde van die projek toe daar nie betaal is nie het sy 'n brief direk aan die beskuldigde gerig. Sy het drs. Mijburgh en Swanepoel ontmoet en ook vir Marlow. Hy was die regsverteenwoordiger en het briewe geskryf. Op 'n stadium het sy 'n projekrekening geopen en fondse daar inbetaal. 'n Hele aantal dokumente is ingehandig. Sy weet nie wie Regent International Trading Services (RITS) is nie. Dit is egter een van die instansies wat fondse voorsien het wat in haar rekening inbetaal is. Sy identifiseer 'n klomp tjeks wat betalings tov. die bouprojek was. afkomstig van RITS, Profincor en P & S Engineering. Daar was sprake van kommersialisering van die projek en sy wou graag die binneshuisversiering doen maar die beskuldigde het egter gesê dat me. Helena Pieterse dit moes doen. 'n Groep van hulle waaronder die beskuldigde, me. Versluis, dr. Mijburgh, Kirstein en Chris Marlow is almal af na Fancourt om die binneshuisversiering met haar te gaan bespreek. Sy is met 'n SAL: vliegtuig na George en het met 'n privaat vliegtuig teruggekom. Die totale boukoste was R7,8 miljoen. Dit is nooit met haar bespreek waar die fondse vandaan sou kom nie. Sy was bewus daarvan dat die beskuldigde verbonde was aan die SAW. Dit was nie haar bekommernis waarom die beskuldigde soveel tyd en geld aan die projek bestee het nie.

[318] Gedurende kruisverhoor het sy toegegee dat dit nooit haar indruk was dat dit die beskuldigde se privaat huis was nie. Sy het ook toegegee dat sy by KEEM getuig het dat die beskuldigde 'n verteenwoordiger was en dat Webster die groot baas was. Toe die beskuldigde die eerste stel planne oorsee geneem het het hy teruggekom met 'n behoefte lys. Party maal het dit weke geneem om instruksies van die beskuldigde te kry. Daar was ook geleenthede waar hy teenwoordig was maar nie self beslissings kon gee nie.

[319] Dit is aan haar gestel dat die huis 'n goeie ambassade sou gewees het. Verder het sy toegegee dat Anette Versluis, baie punteneurig is en nie by die bouery betrokke was nie. Sy gee toe dat die beskuldigde ook die landskapsplanne oorsee geneem het, dat die huis nie 'n normale woonhuis was nie en 'n besonder stewige wynkelder gehad het. Sy weet nie van 'n versteekte uitgang onder die jacuzzi nie. Dit is so dat daar nie 'n ortodokse kroeg was nie maar 'n versteekte een wat kon uitskuif. Die pilare onder die tennisbaan is sodanig versterk dat kantore daarop gebou kan word. Die kombuis pas by 'n ambassade en daar was ook 'n

dienshyser. Sekuriteit was 'n prioriteit. Die wynkelder het aparte lugversorging gehad. Alhoewel die funksie eers later was ontken sy nie dat die beskuldigde en me. Versluis gedurende Maart 1991 getroud is nie. Sy kan nie ontken dat die Libiese ambassadeur van Namibië die plek kom bekyk het nie. Daar was 'n vertraging weens Eittel Kruger en die Arcadia inwoners se optrede. Sy ontken nie dat me. Versluis van haar erfgeld in die Ariesstraat projek gebruik het nie. Sy gee ook toe dat die Collegestraat ontwikkeling ook me. Versluis s'n was. Die projek kon nooit as 'n kommersiële gastehuis 'n sukses gewees het nie. Die kies van die beelde en die uitklar van die heinings was 'n tydsame proses omdat die beskuldigde met ander moes skakel. Die beskuldigde kon 'n verteenwoordiger gewees het. Bosch het nie seggenskap by vergaderings gehad nie.

[320] *Daniel Petrus Kirstein* het gedurende 1993 getuie afgelê by KEEM. Hy is 'n boukontraakteur en die eienaar van D-Kon Konstruksie. Hy het die beskuldigde gedurende 1991 leer ken. Hy het bouwerk gedoen vir Anette Versluis. Hulle het huisvriende geword. Hy was betrokke by Merton huis en die College straat ontwikkeling, wat aanbouings aan 'n bestaande woning behels het asook 'n tweede wooneenheid op die perseel. Hy noem 'n aantal moontlike ontwikkelings wat met die beskuldigde of Bosch bespreek is. Hy noem van die buitelandse vakansie na Switserland België Luxemburg, Engeland en Spanje en dat hy 'n jaar later na die Twickenham toets gaan kyk het. Hy was onder die indruk dat die beskuldigde werk daar gehad het en al wat gebeur het is dat dit nie vir hulle nodig was om vlieggaste te betaal nie. Hulle het vir hulle eie verblyf betaal behalwe vir die een geleentheid toe hulle in Engeland in 'n huis geslaap het waartoe die beskuldigde toegang gehad het. Hy was ook Fancourt toe en het sy eie reiskoste betaal. Hulle het wel met die privaat vliegtuig teruggekom en hy was ook een maal met 'n privaat vliegtuig na Nuweland en het die beskuldigde daar ontmoet. Hy het saam met Mijburgh en Swanepoel naby Olifantshoek gaan jag. Hy was ook Wildtuin toe. Hy moes reël vir etes maar het niks verder betaal nie. Daar is vergaderings gehou. Webster was ook daar en hy het hom ook op 'n ander geleentheid by Merton huis gesien.

[321] Hy was by geleentheid na Amerika. Hy het Tubmaster besoek. Hy het Jane Webster se nommer by die beskuldigde gekry. Hy is ook na **Georgia in Michigan om 'n graniëproposisie te ondersoek. Cf Peter Stiff's book – CCB plans for granite project!!** Hy weet nie of die beskuldigde 'n belang in Tubmaster gehad het

nie. Hy het nie daar werk gekry nie. Hy het 17 of 18 Krugerrande wat sy pa vir sy seun gegee het geruil vir \$8 000 of \$9 000 by die beskuldigde. Hy bevestig dat hy na Fancourt was toe die binneshuisversiering bespreek is maar weet nie wie by die aankoop betrokke was nie of wie die eienaar van die vliegtuig was nie. Hy bevestig ook dat hy in die losie na rugby gekyk het. Hy dink Viljoen en Profincor was in beheer maar weet nie wie die eienaar was nie. Hy het geld by Viljoen gekry. Hy is meegedeel dat die transaksie nie deur die boeke moes gaan nie. **Hy het 'n halwe aandeel in 'n Arabierperd aan Viljoen verkoop vir R72 000 en R 23 000.** Hy het die tjeks gebank en die geld stelselmatig aan die beskuldigde gegee soos wat hy daarvoor gevra het. Hy weet nie of die beskuldigde betrokke was by die losie nie. Wanneer Viljoen nie die losie kon oopsluit nie is hy (die getuie) gevra om dit te doen.

[322] Hy het getender vir die bouwerk by Ariesstraat. Die beskuldigde was van tyd tot tyd daar. Me. Versluis het hom gevra of hy wil tender vir Merton huis. Hy het toe onderhandel met Lizelle Larsen en Elma de Bruin. Die eienaar was Wisdom Erf 219. Hy het geweet dat die beskuldigde 'n brigadier in die SAW is. Die beskuldigde het dit nie verbloem nie maar ook nie verkondig nie. Hy is ook verwys na 'n aantal notules om aan te toon dat die beskuldigde persoonlik die bouheer was. Hy het geglo dat Merton huis 'n gastehuis sou wees. Hy het egter nie gedink dat dit oop sou wees vir die algemene publiek nie. Daar was sprake dat Ariesstraat as 'n gastehuis verkoop sou word. Hy weet nie van 'n bomskuiling of 'n versteekte ingang in die jacuzzi by Merton huis nie. Die beskuldigde was betrokke by die bouery tot aan die einde daarvan. Hy het Marlow ook daar gesien en bevestig verder dat die huis lank leeg gestaan het. Hy identifiseer 'n aantal tjeks wat op die bouery betrekking het. Mijburgh en Swanepoel was sakevriende van die beskuldigde wat hy in die Wildtuin en by sosiale geleenthede by die beskuldigde gesien het.

[323] Gedurende kruisondervraging het hy weer bevestig dat me. Versluis die bouheer was by Ariesstraat en baie punteneurig was. Die beskuldigde was selde daar. Sy was nie betrokke by Merton huis nie. Dit was nie 'n woning vir die beskuldigde nie. Die Collegestraat projek was me. Versluis s'n. Hy gee toe dat die beskuldigde soms nie sondermeer besluite oor die bouwerk kon neem nie en eers later met antwoorde gekom het. Die vliegtuig kon in Basel gediens gewees het. Die beskuldigde het by daardie geleentheid verpligtinge

gehad om na te kom in Europa. Hy het al sy uitgawes na Twickenham self betaal. Daar was 'n bwsoek van homself, die beskuldigde en gen. Neethling na Walvisbaai. Hulle was op amptelike diens en het geptaats met persone van Unita, Duitsland en Portugal. Hulle het wel met die straler gevlieg. Hy kan nie die name van Zimmer en van Remoortere onthou nie maar hulle kon in die Wildtuin gewees het. Dit was 'n Medchem aangeleentheid. Hy en sy vennoot het die jagtog na Olifantshoek gereël en betaal. Die beskuldigde het nie daaraan deelgeneem nie. Die huur van die vliegtuig was 'n Medchem aangeleentheid.

[324] Met die 1991 besoek aan Eoropa het die beskuldigde wel samesprekings oor werk gehad. Die beskuldigde het aangedring dat hulle na Tangiers moes gaan. Daar is matte gekoop wat op so 'n wyse in die vliegtuig geberg is dat dit verys het. Daar kon geheime dokumente in gewees het. Hy kan nie bevestig dat Marlow 'n regsgeleerde is en dat hy by KEEM gesê het dat Webster met die hersoneringsaansoek saam is na die stadsraad toe nie. Hy ontken nie dat die beskuldigde sy eie fondse fondse verruil het vir die Krugerrande nie en dat hy dit later in Europa weer verruil het nie. Estelle Sutherland, wat by Marlow gewerk het en van die notules gehou het, was die beskuldigde se skoonsuster. Sy het seker die notules gehou omdat sy by Marlow gewerk het. Die beskuldigde het nie baie luuks geleef nie. Hy wil nie toegee dat die bedrag van R72 000 minder kon gewees het nie. Hy het wel met me. Graca Machel onderhandel oor die moontlike bou van 'n huis in Mosambiek maar kan nie bevestig dat die fondse dalk van Libië sou gekom het nie. Die boukoste by Ariesstraat was tussen R500 000 en R600 000 en die huidige waarde van die huis is so R1,8 – R 1,9 miljoen. Hy dink dat Sam Bosch se handtekening kon voorgekom het op van die tjeks wat van Aries trust ontvang is. Hy dra 'n Rolex horlosie wat hy self gekoop het vir R8 000. Die beskuldigde kon goedkeurings gee by Merton huis en het nie Webster se goedkeuring nodig gehad nie.

[325] *Samuel Bosch* is ooreenkomstig artikel 204 van die Strafproseswet gewaarsku dat hy skuldig bevind kan word aan die misdade wat uiteengesit is in die klagstaat en bewerings wat daaruit voortspruit met spesifieke klem op die oortreding van valuta beheerregulasies. Hy is 'n senior kredietbestuurder by Nedbank. Hy het BSI gedurende 1991 saam met Ben van den Berg begin. Hy het ook werk gedoen vir Aries trust en het 'n maandelikse vergoeding ontvang. Sedert 1993 is hy weer by Nedbank. Hy ken die beskuldigde goed. Hy het hom gedurende 1989 by Nedbank Arcadia ontmoet. Hy het wel van die beskuldigde geweet toe hy 'n

kwartiermeester by die mediese bataljon was. Hy het ook geweet dat die beskuldigde se salaris nie direk deur die SAW in sy rekening inbetaal word nie.

[326] Die beskuldigde en Viljoen het navraag gedoen oor fondse. Die beskuldigde, me. Versluis en Viljoen het fondse in rekenings vanaf Volkskas oorgeplaas na Nedbank. Hy het rekenings vir sy tak gewerf. Daar is rekenings geopen op 29 Januarie 1990 vir Wisdom Finance, Wisdom Erf 82 en WIP. Daar is ook later 'n rekening geopen vir Partners & Travel. Daar is vliegtuigkaartjies vir die beskuldigde gereël en hy het ook vir Mijburgh ontmoet. Hy is uitgenooi om saam met die beskuldigde en Mijburgh na Orlando te vlieg. Die uitnodiging is gedateer 1 Junie 1990, maar hy kon reeds vroeër gevra gewees het. Hulle het op 24 Junie 1990 vertrek. Daar was loodse en 'n kajuitassistent en hulle almal is via London na Amerika en met 'n klein vliegtuig na Orlando. Hy was by Disney Land, het gholfstokke gekoop, 'n funksie bygewoon en vir Webster ontmoet. Die beskuldigde en Marlow het samesprekings met Webster gehad. Die Jetstar, wat hulle gaan haal het, was nie betyds gereed nie en hulle het intussen met die Kingair na North Carolina gevlieg waar hulle op die Blowing Rock gholfbaan gholf gespeel het. Hulle was op 'n besigtigingstoer na New York en vandaar na Luxemburg waar hulle vir Zimmer ontmoet het. Daarna is hulle na Zurich waar hulle saam met Jacomet en sy vrou geëet het en vandaar na Basel waar hulle vir Chu ontmoet het. Hulle is na die Banque National de Paris en wou oorseese fasiliteite vir Medchem reël. Hulle is die volgende dag na Engeland per Jetstar. Hulle het by Wentworth gholf gespeel en is van Engeland na Malaga, waar hulle die beskuldigde se verjaarsdag gevier het op 6 Julie en daarna op 7 Julie gholf gespeel het entoe oor Abidjan teruggevlieg het na Lanseria. Hy het die beskuldigde goed leer ken maar toe hy hom vra watse werk hy doen het die beskuldigde in onnoembare taal vir hom gesê dat dit niks met hom te doene het nie.

[327] Hy getuig oor reise wat hy gehad het met die vliegtuie nl. toe 'n groep van hulle net vir die brandstof betaal het en met die Kingair in Swaziland gaan gholf speel het, toe hy saam met dr. Mijburgh in Kaapstad gaan rugby kyk het, toe hy in Bloemfontein gaan rugby kyk het, toe hulle Sun City toe is, toe hy saam met die beskuldigde by Fancourt was en hulle vir Viljoen by Umhlanga Rocks gaan kuier het en toe hy vir Chu in Switserland gaan ontmoet het. Swanepoel, Mijburgh en Bothma het saam met hom teruggekom en die

vliegtuig was vol rekenaars. Gedurende Desember 1991 is hy na Fancourt waar Viljoen se verjaarsdag herdenk is. Gedurende April 1992 is hulle na Warskou in Poland om Kowalski te besoek. Hy was die groepstesourier van die Medchem groep. Hulle het gesukkel met kredietbriewe en het probeer om die proses meer vaartbelyn te kry. Kowalski het gereedskap gemaak. Hy sê dat hy onder groot spanning was omdat hy te doene gehad het met die moratorium lening, met Technotek, gewet het van RITS, Merton huis en Aries trust en die verhouding tussen hom en Swanepoel gestrem was. Daar was baie geld maar ook baie probleme en daar was die R17,5 miljoen SAW fondse wat oorgeplaas is na die buiteland en wat in van Remoortere se privaatrekening inbetaal is. Hy het RITS nie as 'n SAW rekening beskou nie. Vanaf Warskou is hulle na Dusseldorf, België en toe na die "cottage" in Engeland. Toe hy terugkom in Suid Afrika is hy in Denmar opgeneem. Hy het 'n akute psigotiese episode beleef. Hy het ook later 'n reis na Liechtenstein gehad.

[328] Die *RITS rekening* is by Nedbank geopen op 19 Oktober 1990. Hy is besoek deur die beskuldigde en Viljoen. Van Remoortere het fasiliteite benodig en daar moes 'n kontra belegging wees. 'n Kredietbrief vir R1,5 miljoen is goedgekeur op voorwaarde dat 'n soortgelyke bedrag belê moes word. Technotek het nie oor genoeg fondse beskik om so 'n belegging te maak nie en RITS het borg geteken vir Technotek. Daar is 'n bedrag van R827 000 komende van Technotek in die rekening belê en daarna het Viljoen 'n Standard bank tjek van R1 miljoen in die rekening gedeponeer. Hy wys daarop dat daar 'n bedrag van R1,8 miljoen gedurende Februarie in die Karko rekening inbetaal is. Daar is 'n tjek van R150 000 uitgemaak aan Marlow. Die beskuldigde en Viljoen het die tjek geteken. Bew. 65.68 is 'n tjek van R50 000 wat lyk of dit in kontant oor die toonbank kleingemaak is. Daar is ook 'n tjek van R50 000 wat uitgemaak is aan A Versluis. Daar is 'n tjek ten bedrae van R151 501,55 ten gunste van Wisdom Finance en geteken deur Viljoen. Daar is op 27 Februarie 1991 'n tjek ten bedrae van R108 369,26. Dit was 'n banktjek. Bew. 65.6.1 is 'n Technotek tjek ten gunste van RITS vir R3 941 700. Dit is in die RITS rekening gedeponeer en die rente betaalbaar daarop was 17,75%. Daar is R48 000 plus rente verdien op die rekening. Op 17 Maart 1991 is daar kontant gewissel oor die toonbank deur die beskuldigde. Hy weet nie waarvoor dit was nie. Op 27 Maart 1991 is daar R80 000 uitbetaal aan L Larsen en op 28 Maart 1991 is R10 000 uitbetaal aan Marlow. Viljoen het die tjek geteken en dit is gedeponeer in Marlow se rekening te St. Georgestraat Kaapstad. Dit kon fooie gewees het. Bew. 65.62

is 'n Technotek tjek getrek op Standard Bank ten bedrae R504 580 uitgemaak aan RITS. Bew.65.19 en 65.92 is twee banktjeks van onderskeidelik R45 000 en R60 000 wat afgelewer is by die beskuldigde. Hy verwys ook verder na Die R500 000 lening aan die Aries trust en die ander betalings uit hierdie rekening wat deur Bruwer uiteengesit is. Hy sê dat hy opdragte om die betalings te maak in baie van die gevalle van die beskuldigde gekry het. Hy sê ook dat hy Krugermunte in opdrag van die beskuldigde en Viljoen in Johannesburg gaan verkoop het. Hy sê dat Webster nie 'n rol by die rekening gespeel het nie.

[329] Hy het nie vrywillig inligting by die KEEM ondersoek getender nie. P & S was 'n rakmaatskappy wat hulle by BSI gebruik het. Hy vertel hoe hy 'n tjek van R1,1 miljoen gekry het wat hy nie deur die boeke laat vloei het nie en ook nie aan die ouditeur geopenbaar het nie waaruit hy 'n ietsie meer as R1,1 miljoen aan onderskeidelik D-Kon Konstruksie, tov Merton huis, en Profincor betaal het. (Dit is die bedrag waarna Viljoen verwys het en waaruit Griffiths se "skuld" afgelos is.). Op 'n stadium het Mijburgh hom gevra of hulle nog die skelm rekening het en daar was 'n deposito van R237 000 daarin. Dit blyk dat geld in die buiteland aan iemand beskikbaar gestel is, dat hy hier daarvoor betaal is en dat die getuie, Mijburgh en die beskuldigde elkeen kommissie gekry op die transaksie. Hy getuig ook oor 'n tjek van \$360 000 wat as teenprestasie vir "tegnologie verkope" in die rekening inbetaal is.

[330] Hy het Reserwe Bank goedkeuring gehad om R51 445 000 oor te plaas na die buiteland. Dit was tussen 8 April 1992 en 22 Oktober 1992. Net voordat hy na Poland vertrek het Het hy 'n skatkisorder van R17 500 000 ontvang wat nie terugspoorbaar oorgeplaas moes word. Hy het dit uitgeklaar met die Reserwe Bank dat hy die oorplasings kan maak. In tussen was die geld deur hom in beleggings rekenings geplaas. Hy het toe oorplasings gemaak na van Remoortere se rekening en na 'n Blackdale rekening in Credit Lyonnaise in Frankryk. Hy het 'n totale bedrag van R52 562,32 aan rente op die bedrag verdien tydens die paar dae wat dit hier in die bank was en voordat dit oorgeplaas is na die buiteland. Die beskuldigde het hom meegedeel dat hy dit kan kry vir sy werk en hy het dit gevat. Hy weet nie hoe die fondse in die buiteland aangewend is nie want sy kennis was beperk tot sy instruksies.

[331] Oor 'n bedrag van R535 000 wat op 28 April 1992 aan BSI betaal is sê hy dat dit fooie verteenwoordig

vir die tydperk 1 Oktober 1991 tot 28 April 1992 wat VZP (Swanepoel se maatskappy) aan BSI moes betaal. Hy sê dat Swanepoel reeds 'n bedrag van R374 950 betaal het maar dat daar onenigheid was. Die beskuldigde het hom die bedrag laat inbetaal en hy het weer die bedrag wat Swanepoel reeds betaal het aan hom terugbetaal. Daarna het hy nie meer enige onderhandelinge met Swanepoel gehad nie en lg. het vir van den Berg op 'n *ad hoc* basis gebruik. Hy sê dat daar 'n kontrak was tussen BSI, VZP en MCI en dat dit gehandel het met die verhouding tussen hom en van den Berg, Swanepoel en sy maatskappye en Mijburgh en sy maatskappye.

[332] Hy bevestig dat hy betrokke was by die moratorium lening. Hy het konsep bakstate opgestel wat aangetoon het dat die \$970 000 nodig is vir die befondsing van Fancourt en die plase Wag 'n Bietjie en Witbank. Die lening is toe nie so aangewend nie maar ter befondsing van Merton huis en Partners & Travel. Hy sê dat KEEM balansstate by hom gesoek het en dat hy toe die boeke in detail opgeskryf het. Hy word deur elke uitbetaling geneem.

[333] Daar was 'n probleem met die befondsing van Merton huis. Die bank het nie van Marlow gehou nie. Hy was glibberig. Die beskuldigde was bekommerd. In 1994 is daar besluit om balansstate op te stel en dat al die balansstate na BRCI herlei moes word. Daar was 'n byeenkoms tussen homself, die beskuldigde, Viljoen en Marlow by die beskuldigde se huis. Marlow het nie besonderhede wat hy moes gegee het gegee nie. Sy dokumente was 'n blote besprekingsdokument. Daar is toe inderdaad konsep state opgestel eindigende Junie 1992, Junie 1993 en Junie 1994. Daar het baie inligting ontbreek. Daar was 'n bedrag van R2 099 068 in die United Bougenootskap. Dit was die verkoopprijs van die Kigair. Marlow was nie op 'n goeie voet met Nedbank nie en het dit daar gebank.

[334] Soos Viljoen het hy ook 'n kontrak met WPW Inc. gehad ingevolge waarvan hy \$2 000 per maand betaal is. Hy is aangestel omdat die groep 'n "Jack of all Trades" nodig het met 'n kennis van eiendomme en verwante sake. Toe Webster die land in Junie 1990 besoek het het hy die pak dokumente aan hom oorhandig. In Mei 1991 was daar reeds \$24 000 in sy rekening. Hy het 'n kredietkaart ontvang en 'n paar

geringe aankope daarmee gemaak toe hy in Switzerland was. Dit is later ingetrek en hy het die geld nooit weer gesien nie. Hy sê dat hy nie gedink het dat die beskuldigde aan die SAW verbonde was nie en dat wat hom aanbetref al die maatskappye probeer het om winste te maak. Hy sê dat hy nie bereid was om saam met Swanepoel in 'n "corporate head office" van BSI in Pretoria te werk nie maar was wel bereid om saam met die beskuldigde en Mijburgh te werk. Hy het gevra vir 'n "retainer" van \$150 000 en dit is vir hom gereël. Daar was 'n afspraak met die Banque La Roche in Switzerland. Hy is gedurende Oktober 1991 na Basel. Dit was die geleentheid toe hulle met die vliegtuig vol rekenaars teruggevlieg het. Hy is deur Chu na dr. Rittman geneem en daar is 'n rekening geopen. Hy het die \$150 000 belê en het dit as sy pensioen beskou. Webster het as president geteken en hy as vise-president.

[335] Toe die kontantvloei gedurende 1993 baie swak was het hy voorgestel dat hy die \$150 000 aan die groep sou leen. Hy het 'n volmag aan die beskuldigde gegee, wat dit toe as 'n lening teen 'n belegging ingeklee het. Die geld het 'n draai gemaak in Bath Street, Jersey. Daar het R509 515 in die land aangekom en dit is later as tegnologie verkope aan die Reserwe Bank voorgehou. Die een dokument (vorm E) is in sy eie handskrif. Die ander een wat betrekking het op \$100 000 is in Marlow se handskrif. Daardie geld het gekom van Baker & Hostetler en is ook in Aries trust inbetaal. Die \$250 000 was 'n lening aan Aries trust. Hy weet nie hoekom die vorms eers drie maande nadat die geld in die land ingekom het uitgemaak is nie en hoekom gesê is dat dit tegnologie verkope was nie. Hy het nie die geld oorsee teruggekry nie. Hy sit uiteen hoe die geld uitbetaal is en sê dat die lening na die verkoop van die Ariesstraat woning afgelos is. Hy sê dat gedurende 1996 daar manipulasie van fondse was. Hy het Lichtenstein besoek. BR Admin het 'n rentebetaling gemaak en 'n rekening gesluit. Die fondse is oorgedra na die Banque National de Paris in Zurich. Dit is daarna terugbetaal aan BR Admin. Hy sê dat gedurende Augustus/September 1994 hy gefrustreerd was en 'n bespreking met die beskuldigde gehad het. Daar is besluit dat BR Admin al BRCI se belange sou oorneem. Die lening van \$970 000 is so oorgeneem en later afgeskryf. Daar is 'n kleiner eenheid by Fancourt aangekoop in die naam van Careen. Hy sê dat daar beplanning by Merton huis was dat daar kantore sou wees en huurgeld geïen sou word.

[336] Hy het balansstate opgestel wat hy die beskuldigde laat teken het.¹ Webster sou nie reageer op balansstate as die beskuldigde dit nie geteken het nie. Gedurende Oktober 1994 is hy na Amerika en het hy die balansstate met Webster bespreek. Hy het drie diamante ontvang wat hy aan die beskuldigde oorhandig het.

¹ Bewysstukke 20 AA, 20 VV, 20 WW, 20 YY en 20 ZZ.

[337] Hy bevestig dat daar struweling oor die plase was tussen Swanepoel en Viljoen aan die een kant en de Jager aan die ander kant en dat Swanepoel en Viljoen hulle van die boerdery onttrek het. Hy het die boerdery 'n geleentheid gegee om reg te ruk maar het aandie einde van Januarie 1992 vir de Jager aangesê om die plase te verlaat. Daar was skuld van R2,3 miljoen tov die boerdery. 'n Plaas en van die vee is verkoop en Versluis het met die melkery voortgegaan. Die een plaas is verkoop vir R340 000 aan Waag 'n Bietjie trust, waarvan Versluis en die beskuldigde die trustees was en Anette Versluis en haar suster die begunstgdes was.² Hy wys daarop dat die aankoopprys van die plaas R561 000 was en die verkoopprys R340 000. Aries trust het mettertyd die skuldeiser tov die R340 000 geword. Die bedryfsbates van die plaas is vir R35 000 aan Versluis verkoop. Hy sê dat dit 'n soort van 'n familibesigheid was. BR Farming se skuld van R2,579 miljoen is afgeskryf. Alhoewel dit nog in die 1992 state voorgekom het is dit in die Junie balansstaat afgeskryf. Dit het die lening van Wisdom Holdings afgelos. Die los bates het bestaan uit 'n bakkie, implemente, los gereedskap, omheinings en 'n rekenaar. Daar was ook meubels en toerusting. Die totale bedrag volgens die state was R276 643. Daar is ook R200 000 van Profincor afgeskryf. Dit het betrekking op lata. Hy en Marlow het besluit om dit af te skryf. Marlow moes met Webster daaroor praat.

[338] Hy het op 6 November 1991 formeel betrokke geraak by Merton huis. Hy het weeklikse terreinvergaderings bygewoon. Hy het die bouheer, wat die beskuldigde was, verteenwoordig. Hy het ook Larsen se funksie om krediteure te betaal oorgeneem. Hy was onder die indruk dat dit 'n gastehuis was. Daar was ook sprake van kantore vir WPW in Suid Afrika en Webster sou daar bly as hy in die land is. Doie beskuldigde het die biblioteek vir homself ontwerp en alle binne afwerkings moes met die beskuldigde uitgeklaar word. Die totale boukoste en aankoopprys was R11 931 173,75. Dit is verkoop vir R7 500 000. As in aanmerking geneem word dat daar ook agente kommissie betaal is dan was die totale verlies net minder as R5 miljoen. Hy het nie enige instruksies van Webster oor die bouwerk gekry nie en weet nie van versteekte ingange nie. Die kroeg was wel iets spesiaals en het rakke gehad wat kon uittrek.

² Die trustakte is bewysstuk SB23.

[339] Hy het vir die eerste keer tydens die vliegtuigrit van die maontlike aankoop van 'n eenheid in *Fancourt* bewus geword. Pieterse was Marlow se skoonpa. 'n Deposito van R 270 000 moes in Augustus 1991 betaal word. Mijburgh het die ooreenkoms op 5 September geteken. Die koopprys was R1 379 000. R799 000 was vir die erf en die geboue, R100 000 vir die meublement en toerusting en R480 000 was die lidmaatskapsfooie. Die eenheid was no. 1002 maar dit het later 1008 geword. Die geld van die moratoriumlening het eers gedurende Desember 1991 in die land ingekom. Daardie geld is aanvanklik gebruik vir Merton huis. Op 'n stadium het BRCI vir MCI R1,6 miljoen geskuld.³ Die R1,4 miljoen is deur MCI geleen aan BRCI. Op 28 April 1992 het Truter 'n tjek van R1,4 miljoen voorsien en is die skuld van R1,4 miljoen uitgewis. Hy het die administrasie behartig namens Careen. Eenheid 1008 is verkoop vir R1,75 miljoen aan me. Plattner en eenheid 743 wat kleiner was is aangekoop vir R750 000

³ Bewysstuk F18.31, synde BRCI se leningsrekening in MCI vir die tydperk 26/1/92 –25/11/92.

[340] Hy en die beskuldigde het 'n gesprek gehad oor Partners & Travel se swak finansiële toestand op 1 Desember 1991.⁴ Die beskuldigde het gesê: "Ons wil almal 'n toekoms hê – trust mekaar." Die beskuldigde het vir hom gesê dat hy onnodig bekommerd is en moet ontspan. Verder gee hy detail getuienis oor bedrae wat hy uitbetaal het, sommige in opdrag van die beskuldigde. Hy, Marlow en die beskuldigde was trustees van Aries trust. Die skenkers was Anette Versluis se moeder en ene D Botha. Die begunstigdes was Anette Versluis en die kinders. Die doelstellings van die trust was eiendomsbesit. Dit het die huis te Ariesstraat 318 gekoop. Dit het aan die beskuldigde se moeder of vader behoort. Daar was 'n verband van R250 000 oor. Die beskuldigde het R500 000 aan die trust geleen. Daar was nie rente betaalbaar op die rekening nie. Hy was aanvanklik nou betrokke by die beheer van die trust maar later was hy minder betrokke. Hy het tjeks in blanko geteken. Op 26 April 1991 is R500 000 in die trust inbetaal by wyse van 'n RITS tjek. 'n Bedrag van R100 000 daarvan is gebruik om 'n onverbeterde erf aan te koop met die oog daarop om later 'n familiewoning daarop te bou. Dit is egter later onverbeterd verkoop vir R475 000. Hy verduidelik verder hoe die aankoop van die woning in Collegestraat gefinansier en hoe dit hoofsaaklik geskied het met 'n tjek van R400 000 afkomstig van RITS. Hy verduidelik verder dat die Collegestraat eiendomme verkoop is aan ene Peyper en Estelle Sutherland, Anette Versluis se suster, en dat die huis in Ariesstraat 318 verkoop is aan die Republiek van Tanzanië. Die verkoopprijs daarvan was R1,7 miljoen en is hoofsaaklik aangewend om die lening van \$250 000 en rente terug te betaal via Webster, wat toe by Mahoney, Adams & Criser gewerk het. Hy sê dat Ariesstraat befonds is deur BRCI en RITS. Hy het op 'n stadium 20 blanko tjeks geteken en aan Anette Versluis laat toekom. Die tjeks is by haar spreekkamers uitgeskryf. Die tjekrekening is deur haar en die beskuldigde beheer.

[341] Oor *Aeromed* getuig hy dat die beskuldigde opgetree het as voorsitter van die plaasvergaderings. Hy was ook betrokke by die Kingair en Swanepoel moes aan hom rapporteer. Hy het niemand geraadpleeg oor die gebruik van die vliegtuie nie en het niemand se toestemming gevra nie. BRCI het geld geleen aan Wisaltco. Wisaltco het die vliegtuie beheer. Hyself was ook vir 'n tyd 'n direkteur van Aeromed. Die beskuldigde was op 'n manier betrokke by die van dag tot dag bestuur van Aeromed. Daar was navrae oor

⁴ Bewysstuk SB35.

die rekeninge van oorsee af en die beskuldigde het hom gevra om dit te probeer uitsorteer. Dit het te doene gehad met die betaling van buitelandse rekenings. Daar was verskeie betalings aan WPW Aviation. Hy het 'n navraag van Jane Webster opgelos. Die charter agreement van 1 Januarie 1992 is onderteken deur Swanepoel namens Aeromed en Webster namens WPW Aviation.

[342] Tubmaster was 'n familiebesigheid. Dit het aanvanklik aan Jane Webster se vader behoort. Dit was betrokke by die vervaardiging van storte en die alleenreg om dit te versprei. Teen die einde van 1995 het Mijburgh hom gevra om 'n evaluasie van die state te maak. Hy het die dokumente met Mijburgh en dalk ook met die beskuldigde bespreek. Daar was 'n oorname waarvan die beskuldigde bewus was en die befondsing hou verband met die verkoop van die Jetstar.

[343] Daar was 'n lopende en beleggingsrekening van WPW Inc. Die balanse was onderskeidelik R120 000 en R550 000. Die bank het 'n fout gemaak en hy moes dit nagaan. Hy het ook die Wildtuin besoek en die deposito is uit die rekening van Waterson Properties betaal na samesprekings met Mijburgh en die beskuldigde. Hy getuig weereens oor 'n hele aantal tjeks wat hy uitgeskryf aan en namens maatskappye in die groep.

[344] Oor die KEEM getuienis en die trommels sê hy dat hy twee maal gedagvaar is om te getuig. Die eerste keer was op 22 November 1993. Dit is gekanselleer. Hy het getuig op 15 Desember 1993. Hy was gespanne en bang. Hy het so vaag as moontlik getuig. Hy is op 24 Januarie 1997 gedagvaar om op 31 Januarie te verskyn. Die beskuldigde was reeds gearresteer toe hy hom skakel. Adv. Cilliers het hom aangeraai om 'n prokureur, ene Joubert, te skakel. Adv. Fouche van KEEM het hom geskakel. Hy het sy vader gevra om so veel goed soos moontlik weg te ry met sy bakkie. Adv. Fouche het hom meegedeel dat hulle 'n visenteringslasbrief het. Hy bevestig dat die ondersoekspan die swart sak met die plante en die twee trommels by sy huis gekry het. Daar was nog twee trommels in die buitegebou waar sy skoonmoeder gewoon het. Hulle is gedurende April of Mei 1997 aan KEEM oorhandig. Hy het nie geweet wat in die trommels was nie. Die beskuldigde het 'n spasieprobleem gehad. Daar was ook plastiese dromme met boeppense, wat hy

by die beskuldigde se huis gaan haal het en deur Corrie Versluis plaas toe geneem is. Daar was ook 'n drom by sy vader se woonplek bo in die dak.

[345] Hy kan nie onthou dat hy sjokolade geëet het nie. Die medici het gesê dat hy vergiftig is. Hy het die Libiër, Yusuf, be due rugby gesien. Dit was voordat die Ariesstraatwoning ontruim was en moes hier by 1994/95 gewees het. Hy was nie bewus van Libiërs wat by die WPW groep betrokke was nie maar bevestig dat Marlow na Januarie 1993 Libië besoek het. Hy was bewus van Charburn omdat dit op 'n manier verbonde was aan Protechnik. Hy het die betaling van fooie gefasiliteer. Swanepoel het versoek dat Waterson Properties vir Aeromed moet help. Hy was vir 'n ruk 'n direkteur van MSI. Hy het 'n tweedehandse Rolex by die beskuldigde vir hom 'n nuwe in Spanje gekoop het. Hy reken dat dit R35 000 werd is..

[346] Gedurende kruisverhoor was sy standpunt dat hy nie leuens vertel het by KEEM nie maar bloot getuienis weerhou het. Hy het bladsye uitgeknipt en dokumente laat weggry deur sy vader. Hy gee toe dat na die beskuldigde se vrylating hy by prokureur Malan se kantoor vir die beskuldigde gesê het dat tensy hy vir hom \$250 000 in die buiteland laat kry hy baie moeilikheid vir hom kan maak. Dit het betrekking op die \$150 000 "retainer" en die \$2 000 per maand wat hy nie gekry het nie. Hy was geregtig op die \$250 000. Hy het die beskuldigde as die oorsaak van sy probleme beskou. Dit was weens die beskuldigde se tussenkoms dat hy die bank verlaat het en by BSI aangesluit het. Hy is gediagnoseer met akute psigose met 'n sterk komponent van paranoïde psigose. Dit word aan hom gestel dat die laaste tromeels eers in April/Mei 1997 aan KEEM oorhandig is omdat hy aansoek gedoen het vir amnestie en dit nie verkry het nie. Dit word aan hom gestel dat sy getuienis tot die effek is dat die beskuldigde by elke transaksie betrokke was en daarvan moes geweet het terwyl dit nie werklik die geval was nie. Hy word verwys na tjem 51 wat uit die P & S rekening getrek is en wat hy sê hy in kontant vir die beskuldigde gegee het. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde vir 'n geruime tyd rondom daardie datum oorsee was en dat sy getuienis nie waar is nie. Sy antwoord is dat hy dit dan nie noodwendig op daardie datum aan die beskuldigde gegee het nie. Dit word egter aan hom uitgewys dat die beskuldigde hom dan van oorsee af moes gekontak het om die geld te trek en dit vir hom te hou. Dit word verder aan hom uitgewys dat hy sê dat daar op 4 Desember en 5 Desember R10 000 en R 40 000 aan Aries

trust betaal is. Hy sê dan dat dit nie noodwendig aan die beskuldigde hoef te gewees het nie maar dalk aan sy eggenote. Dit word dan aan hom uitgewys dat sy eggenote saam met hom oorsee was.

[347] Hy sê dat daar drie groepe was waarby BSI betrokke was nl. RNL, Delta G en die BRCI groep. Aries trust is 'n privaat groep. Toe hy by die aangeleentheid betrokke geraak het, het BRCI reeds bestaan. Marlow was die enigste direkteur en aandeelhouer. Hy gee toe dat by KEEM hy getuig het dat Marlow BRCI was. Hy het getuig dat Webster en Marlow seker aanklank bymekaar gevind het omdat albei regsgeleerdes is. Hulle het onderhandel oor die tweede poratorium lening. Hy gee toe dat by KEEM hy gesê het dat Marlow in beheer was van BRCI en met Webster geskakel het. Hy gee toe dat BRCI a; die Suid Afrikaanse entiteite beheer het, insluitende Merton huis en dat sy getuienis dat Merton huis Webster s'n was en 'n wit olifant foutief was. Hy het nie vir KEEM gesê dat die beskuldigde betrokke was nie en dit was 'n leuen. Daar is 'n debat oor Webster se betrokkenheid by Merton huis. Die vedinging beklemtoon wat sy aandeel was en die getuie water dit af. Hy gee toe dat Merton huis WPW s'n was omdat die finansiering deur WPW geskied het en dat Marlow se geruïnis by KEEM dat die uiteindelijke begunstigde WPW en Webster was korrek was. Daar ontstaan 'n debat of die beskuldigde in Merton huis sou gebly het en die getuie gee toe dat daar slegs sprake was dat die beskuldigde en sy eggenote tydelik in die opsigterswoning sou bly nadat hulle Ariesstraat sou moes ontruim. Die beskuldigde se eggenote was ontsteld omdat sy nie 'n spreekkamer sou hê nie en nie plek sou hê vir haar honde nie. Hy gee toe dat daar nooit 'n suggestie was dat die beskuldigde die eienaar was van Merton huis nie. Hy gee verder toe dat Marlow die hele tyd met Webster geskakel het en dat Merton huis nie 'n kommersiële belegging kon gewees het nie en 'n ander doel moes gehad het.

[348] Oor Aeromed sê hy dat Swanepoel die besturende direkteur was en aan Webster moes rapporteer. Die beskuldigde kon dit nie vir sy eie doel aanwend nie. Aeromed het geval onder BRCI. Partners & Travel was 'n finansiële fiasko. Hy verwys daarna as "Partners in Crime" Hy gee toe dat daar 'n strafsak teen die dame (Cecilia Grant) aanhangig gemaak is en dat daar 'n nuwe maatskappy, Wisdom Travel, tot stand gekom het. Dit was om die IATA lisensie te behou. Dit word aan hom gestel dat die persone wat agter die besigheid sit, so 'n besigheid nodig gehad het en daarom weer R1,5 miljoen in so 'n agentskap belê het. Wat die Aries

trust lenings aanbetref gee hy toe dat daar R500 000 en R400 000 uit die RITS rekening gekom het en dat daar 'n bedrag van \$250 000 van oorsee gekom het waarvan \$150 000 sy pensioen was. Hy gee toe dat die dollars gebruik is om die R900 000 lening geheel of gedeeltelik af te betaal en dat die dollars terugbetaal is by die verkoop van die huis. Hy gee toe dat hy aangedring het dat Aries trust die skuldenaar moes wees en nie BRCI nie omdat Aries trust na 'n veiliger debiteur gelyk het. Die geld is toe gebruik tot die voordeel van BRCI om Merton huis te bou.

[349] Hy gee toe dat die beskuldigde in die buiteland was en nie betrokke was by die opstel van die vorm E's vir die Reserwe Bank nie. Toe hy by sy terugkeer uitvind dat dit nie as 'n buitelandse lening geregistreer is nie het daar 'n regstelling gekom. Dit is so dat Aries trust \$286 000 aan Webster terugbetaal het. Hy weet nie waarom Webster hom nie toe sy \$150 000 terugbetaal het nie. Hy gee toe dat hy wel die geld waarop hy oorsee geregtig was in Suid Afrika gekry het deur BR Admin. Dit het te doene gehad met sy besoek aan Webster gedurende Oktober 1994. Webster was ook in 1995 in Suid Afrika. Hy sê dat hy gedurende 1996 wou wegbreek van die groep. Hy wil nie toegee dat Webster juis oor die bates wou praat nie.

[350] Hy gee verder toe dat die WPW groep in die buiteland was en dat hy WPW Inc. geken het as Webster. Wat hom aanbetref was Webster in beheer van alles in die WPW Inc. groep. Gedurende 1994 was Marlow ondergeskik aan Webster. Webster het BRCI deur Marlow beheer. Marlow het aangedring dat BRCI se state in Kaapstad geoudit word. Die beskuldigde was nie eienaar van enige van die bates van die groep nie. Dit is egter gemene saak tussen die getuie en die verdediging dat die beskuldigde wel betrokke was by die groep. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde nie 'n sent voordeel gekry het nie en hy gee dit toe behalwe vir die RITS rekening.

[351] Dit word aan hom gestel dat die \$150 000 wat vir hom in Switzerland in sy rekening inbetaal is nie onvoorwaardelik in sy rekening inbetaal is nie maar dat die \$2000 per maand daarvan moes afgekom het en dat dit die rede is waarom daarna verwys is as sy retensiebedrag (retainer). Hy wil dit nie toegee nie. Hy word verwys na 'n brief van 14 Februarie 1997 en gee toe dat dit Mijburgh en nie die beskuldigde was wat met

Wenster geskakel het nie. Hy gee toe dat hy nooit van Coast geweet het nie. Dit word dan aan hom gestel dat sy persepsie dat die beskuldigde die baas was en Mijburgh en Swanepoel tweede en derde in bevel terug herlei moet word na Coast en nie na die veskillende maatskappye nie. Dit word aan hom gestel dat hy in 1990 saamgeneem is toe die vliegtuig gehaal is om behulpsaam te wees met die privatiseringsgeld en dat hy as bankampenaar geloofwaardigheid aan die besoek moes verleen. Hy bevestig dat die moontlikheid van \$500 000 skuldbriewe geopper is om die R12 miljoen terug te kry in die land maar dat daar toe later van skynkontrakte tussen Blackdale en Medchem Forchungs gebruik gemaak is om dit te doen. Dit word verder aan hom gestel dat daar juis by so veel lughawens as moontlik aangedoen is en 'n gedetailleerde reisplan voorberei is om die Jetstar aanvaarbaar te maak as 'n passassiersvliegtuig. Hy gee toe dat die reisplan baie professioneel was en so 'n effek kon gehad het en dat die verdere reise waarby hy betrokke was deur Mijburgh gereël is. Hy word verwys na die bedrag van £145 000 wat deur die "skelm" rekening gegaan het. Hy betwis nie dat hy die indruk probeer skep het dat die beskuldigde fondse in die buiteland gehad het nie. Hy kan nie verduidelik hoekom hy en van den Berg kommissie ontvang het nie en kan nie betwis dat, die bedrag die aankoopprys van goedere kon verteenwoordig het nie, wat die verkopers (Pole) in die Weste wou gehad het nie. Hy het bloot maar onraad vermoed omdat Mijburgh van die "skelm" rekening gepraat het. Hy gee verder toe dat hy gereken het dat die beskuldigde en D J Truter betrokke was by MCI, omdat die beskuldigde kon reël dat MCI fondse kry via DJ Truter, wanneer hulle fondse benodig het. Hy gee toe dat dat L Larsen nie net by Merton huis betrokke was nie maar ook by Aries trust en dat daar ook betalings deur Aries trust aan haar gemaak moes word. Die bedrag wat uit Aries trust aan D-Kon Konstruksie betaal is is gejoernaliseer as 'n vermindering van Aries trust se skuld teenoor BRCI.

[352] Hy gee toe dat die beskuldigde en sy eggenote vir 'n week by hom en sy eggenote gekuier het voordat hulle na Fancourt genooi is en dat daar niks sinisters in die uitnodiging te bespeur is nie. Hy gee toe dat die beskuldigde sy lidmaatskap gekry het via Webster en Marlow. Die beskuldigde was nie 'n goeie gholfspeler nie. Behalwe dat hy geregtig was om gholf te speel het hy geen ander finansiële belang by Fancourt gehad nie. Sy getuienis is tot die effek dat die bestuur van Fancourt gratis fasiliteite tot hulle beskikking gestel het. Dit is gebruik tydens Viljoen se verjaarsdag. Hy het ook by 'n ander geleentheid daarvan gebruik gemaak. Die

beskuldigde het bloot die toespraak by die verjaarsdagfunksie gemaak. Toe hulle met die Jetstar van Europa af gekom het, het hulle rekenaar apparaat saamgebring.

[353] Hy ontken nie dat die diamante wat hy in Amerika ontvang het deur Jane Webster vir Mijburgh aan hom oorhandig is nie. Hy ontken nie dat die P & S rekening geopen is om die R52 000 kommissie, wat hy ontvang het by die oorplaas van die R17,5 miljoen na die buiteland, te kon hanteer nie. Hy betwis ook nie dat die KBK die bedrag kommissie goedgekeur het nie.⁵

[354] Wat die RITS rekening aanbetref bevestig hy dat Viljoen en sy vrou die tekenmagte gehad het. Die beskuldigde was nie teenwoordig toe die rekening geopen is nie. Alle gelde wat die beskuldigde uit die rekening ontvang het is behoorlik genotuleer. Hy het geteken vir alles. Die beskuldigde se betrokkenheid word op die bankdokumente aangetoon. Behalwe vir die R2 miljoen en die R1,8 miljoen wat oorseë gestuur is is die oorgrote hoeveelheid van die gelde aangewend om Merton huis se koste te betaal. Die R50 000 wat aan me. Basson betaal is is behoorlik genotuleer. Op grondvlak was Viljoen in alle opsigte in beheer van die rekening. Hy gee toe dat hy vir Yusuf ontmoet het maar kan nie ander Libiërs onthou nie. Dit word aan hom gestel dat Yusuf se van Murgham is, dat hy aan die Libiese inligtingsdiens verbonde is en betrokke by President Gadaffi. Hy weet nie van die Libiese ambassadeur te Namibië se besoek aan Merton huis nie. Hy sê egter dat daar iets in Pam Golding se brosjure was oor die Libiese ambassade. Hy betwis nie dat die kontantgeld vir die Libiërs getrek is nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat die beskuldigde by geleentheid vinnig 'n vliegtuig moes haal om geld te oorhandig onthou hy dat gedurende Januarie 1997 hy, Mijburgh en die beskuldigde van Lanseria af Namibië toe is en dat die beskuldigde daar met Oos-Duitsers en Libiërs gepraat het terwyl hy ook vir dr. Chu gesien het. Hulle is met 'n Jetstar by Lanseria gehaal en het met 'n gewone vliegtuig teruggekom.

⁵ Bewysstuk F1.68 para 1(b)(ii).

[355] Hy word verwys na die beskuldigde se rekeningstaat⁶ wat aantoon dat bedrae van R 160 000 en R70 000 op 23 en 24 Julie 1991 in sy rekening inbetaal is. Dit toon ook aan dat daar 'n waarborg van R230 000 uitgereik is. Dit word aan die getuie gestel dat die waarborg gedurende Augustus uitbetaal is en dat die beskuldigde geen voordeel daaruit gekry het nie omdat hy dit gedoen het vir en in opdrag van die prinsipale. Hy sê dat behalwe soos wat hy getuig het hy nie bewus is van enige persoonlike voordeel wat die beskuldigde gekry het nie. Hy bevestig dat deur Partners & Travel daar afslagkaartjies beskikbaar was en daar goedkoop eerste klas gevlieg kon word. Dit werk soos Voyager punte. Hy kan nie bevestig dat die betaling aan N Blom was vir medisyne wat aan Zimbabwe verskaf is nie. Hy bevestig dat die R100 000 vir die Pretoriusstraat eiendom aan Swanepoel uitbetaal is en weet nie of dit terugbetaal is nie. Die bedrag is egter nie terugbetaal in die RITS rekening nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat die beskuldigde ontken dat hy betrokke was by die transaksie is sy antwoord dat hy sy opdrag of by die beskuldigde of by Viljoen gekry het. Hy kan onthou dat Marlow vir 'n tyd in Tripoli was. Hy kan nie betwis dat die beskuldigde hom instruksies in opdrag van Marlow gegee het nie en dat dit is wat voorkom op SB36 nie. Hy verduidelik dat hy nie bedoel het om te sê dat die beskuldigde 'n Rolex horlosie in Spanje gekoop het nie. Hy het wel 'n nuwe Rolex horlosie gekry. Hy weet nie van waar nie. Hy bevestig dat hy gehoor het dat lede van Spesmagte met Rolex horlosies uitgereik is. Hy was onder die indruk dat die beskuldigde verbonde was aan Spesmagte. Gedurende die tagtiger jare het hy geglo dat die beskuldigde die bevelvoerder van Spesmagte was. Hy weet nie wie die trommels gepak het wat na hom gebring is nie. Hy het nie noodwendig verwag dat daar trommels aangebring sou word nie. Hy is gevra vir stoorplek. Hy het dit in bewaring geneem soos 'n kwartiermeester.

[356] Gedurende herverhoor het hy aangedui dat hy nie onder die indruk was dat die \$2000 per maand van die retensiebedrag van R150 000 afgetrek moes word nie en dat Webster se brief van 1997 ook nie tot daardie effek was nie. Hy sê dat hy tevrede was dat hy ten volle vergoed is nadat hy BR Holdings volgens die 1994/95 afspraak met Webster ontvang het. Sy werk by BSI vir MCI en VZP het niks te doene gehad met sy "retainer" of die \$2 000 nie.

⁶ Bewysstuk SB49.

[357] *Pieter Jacobus Troskie* wat verbonde is aan die Reserwe Bank het getuig oor deviese beheer. Hy is 'n deskundige op die gebied. Reserwe Bank verlot is nodig vir die in en uitvoer van geld. Die individu gaan na sy bank en 'n aansoek word dan voorberei en voorgelê aan die Reserwe Bank. Indien dit in orde is word dit goedgekeur. Daarna word dit gestoor vir altyd. Daar is gevalle waar daar groter sekerheid nodig is. Die prosedure is maar dieselfde maar die stukke word na goedkeuring in kluis gestoor, ook vir altyd.

[358] Tussen 1986 en 1994 was daar 'n verbod op die hou van bates in die buiteland. Dit het ingesluit trusts, aandele en beleggings. Hy glo nie tekenmagte op buitelandse rekenings sou daaronder sorteer nie. As 'n persoon die voordelige eienaar was van 'n maatskappy sou dit so 'n bate gewees het. Daar was 'n paar uitsonderings soos die verkryging van bates in die buiteland deur erflating of die hou van aandele in 'n buitelandse maatskappy deur 'n Suid Afrikaanse maatskappy. Daar was nie verbod daarteen dat 'n persoon 'n direkteur van 'n buitelandse maatskappy kon wees nie maar direksiegelde moes na Suid Afrika gebring word.

[359] Die kommersiële rand was die gewone rand maar dit was voordelig vir buitelandse beleggers om dmv. die finansiële rand in die land te belê. Daar was egter 'n beperking op die fondse wat as Finrand in die land kon inkom. Dit kon slegs as aandeelkapitaal in die land inkom en nie as leningskapitaal nie. Daar het ook naderhand 'n verbod op die aankoop van wynplase met die Finrand ontstaan. 'n Moratorium skuld was iets tussen 'n kommersiële rand en 'n Finrand. Dit het te doen gehad met die skuldstilstand wat bewerkstellig is nadat die Chase Manhattan Bank plotseling R36 miljard opgevra het. Daar is toe reëlins getref vir die terugbetaling daarvan oor 'n tydperk wat by Augustus 2001 sou verstryk. 'n Vorm E is die vorm wat ingevul moes word wanneer geld die land ingebring is. Bewysstuk 22. 3 .1 is so 'n vorm en dui tegnologie verkope aan en nie dat dit 'n lening is nie. So ook 22.4.1. Dit het betrekking op die Aries trust lening wat in twee bedrae van \$150 000 en \$100 000 in die land ingekom het. Dit was nie nodig om tegnologie verkope tot die kennis van die Reserwe Bank te bring nie want dit kon vryelik verkoop word. Reserwe Bank goedkeuring was egter nodig vir oorseese lenings. Die Reserwe Bank sou kyk na die uitleener en die lener asook die doel en termyn van die lening. As die Reserwe Bank bewus was daarvan dat die beskuldigde by beide Waterson

trust, die uitlener, en Aries trust betrokke was sou daar navraag gedoen gewees het oor die oorsprong van die fondse.

[360] Dit was 'n misdaad om 'n oorseese trust te skep. Die Reserwe Bank sou belang gestel het in die trust in Jersey en buitelandse bates. As hulle geweet het dat hy die voordelige eienaar van WPW Inc. was sou hulle in die oorsprong van die fondse belang gestel het. Die blote hou van 'n oorseese kredietkaart was nie onwettig nie maar fondse kon onwettiglik daarmee verkry word. Wat die moratorium lenings aanbetref kon skuldeisers eers hulle geld ver in die toekoms terugkry. Hulle het dan die lenings teen 'n diskonto aan ander instansies verkoop. Die Reserwe Bank moes die vervanging van debiteure goedkeur. Dit het geen kontrole oor die vervanging van krediteure gehad nie. Hy is in detail uitgevra oor die dokumente wat die Reserwe Bank gehad het wat betrekking het op die moratorium lenings maar dit is nie vir die doeleindes van hierdie uitspraak nodig om dit te behandel nie. Verder het dit 'n verskil gemaak of 'n plaaslike maatskappy meer as 25% deur buitelanders beheer is. Daar moes goedkeuring wees vir die betaling van direkteursfooie en dividende. Indien die beskuldigde dus 'n belang in Charburn gehad het, en deur Charburn in Protechnik was van die vorms wat ingevul is vir die oorbetalings van direkteursfooie en dividende aan Zimmer misleidend. Hy het nooit die indruk gehad dat die beskuldigde persoonlik by die maatskappye betrokke was nie en het geglo dat hy maar met sanksieontduiking besig was. Hy verwys na lêers wat aantoon dat die Reserwe Bank bewus was van die CBO projek⁷.

[361] Gedurende kruisverhoor bevestig hy dat hyself bloot maar by een van die dokumente waarna hy verwys persoonlik betrokke was en dat hy bloot maar vanweë sy posisie oor die ander dokumente getuig het. Die persoon by ABSA (destyds Vlokskas Bank) wat met die Reserwe Bank geskakel het was mn. Spies. Hy word verwys na SARB16, 'n brief van Rooth & Wessels waaruit dit blyk dat gen. Nieuwoudt bewus was van WPW.

[362] *Dr. Lucia Hendrina Steenkamp* is 'n biochemikus. Sy het in 1987 by Delta G begin werk en het

⁷ SARB 14B waarin goedkeuring aangevra word om in finansiële rand in WPW SA te belê en ook SARB15 en SARB16 en 'n brief van gen. Nieuwoudt waarin hy die Reserwe Bank inlig oor CBO.

navorsing oor bloedkanker en vigs gedoen. Sy het met peptiede gewerk. Sy het nie voor 1990 geweet dat dit 'n frontorganisasie was nie. Sy het wel 'n veiligheidsklaring gehad. Die doel van haar navorsing was om peptiede te sintetiseer was AZT na die regte plekke in die liggaam sou lei en om so die lewenskwaliteit van mense met vigs te verbeter. Haar opdrag het sy gekry by dr. Jordaan, 'n chemikus wat heelwat van biochemie geweet het. Sy het verslae geskryf en aan die beskuldigde gerapporteer. Drs. Mijburgh, Koekemoer en Lourens was by sulke vergaderings teenwoordig. Ofskoon die beskuldigde wel insette gelever het was dit nie baie nie. Behalwe vir 'n persoon in Kaapstad was daar nie ander persone wat navorsing oor peptiede gedoen het nie. Sy sou verwag het om van ander navorsing ingelig te word en is nooit meegedeel dat die thymus peptied belofte inhou nie. Sy weet nie van Graham Gibson nie of wat van haar verslae geword het nie maar glo dat dit tot voordeel van die SAW was. Sy was nooit agter met haar program nie en het eintlik vinniger gevorder as wat van haar verwag is.

[363] 'n Peptied is 'n reeks aminosure wat bymekaar gevoeg is. Dit word soos 'n string krale aanmekaar gesit. Sodra dit drie-dimensioneel word, word dit proteïne. Die bymekaar voeg van die aminosure is peptiedsintese. Dit was net Delta G en die Universiteit van Kaapstad wat daaraan gewerk het. Gedurende 1990 was daar 'n werkswinkel in Kaapstad, aangebied deur 'n prof. Van Regenmorkel van Europa. Die enigste sintetiseerders wat dit bygewoon het was sy en 'n persoon van Kaapstad. Daar was ook ander belangstellendes maar die beskuldigde was nie daar nie. Peptiedsintese verg grondige kennis van biochemie. Die sintetiseerder is 'n apparaat waarmee peptiedes gemaak word. Hulle s'n was 'n Beckman. Die heel beste peptiedsintetiseerder sal deesdae so R600 000 kos. Dit verskil van dié van tien jaar gelede deurdat die rekenaar sterker is en dat die peptiede nou vinniger gemaak kan word. Waar jy voorheen net een peptied kon sintetiseer kan jy nou 96 gelyk sintetiseer.

[364] Die sintetiseerder wat hulle gehad het is verkoop. Daar was 'n dame wat dit wou koop maar toe sy navraag gedoen het was dit reeds verkoop. Sy het nie geweet van die KBK nie. Sy het ook nie van 'n tegniese werkekomitee geweet nie. Toe sy 'n sintelasie teller nodig gehad het, het sy dit vir dr. Jordaan gesê. Hy het 'n kwotasie gekry en dit is bestel en aangekoop vir so tussen R200 000 en R300 000. As sy 'n beter

apparaat benodig het sou sy vir dr. Jordaan gevra het. Sy weet nie van biochemici wat vir die SAW gewerk het nie. Sy het geweet van Gerald Cadwell maar hy was meer in produksie en Jannie van Jaarsveld kon dalk die masjien hanteer maar hy het nie biochemie geken nie. Sy weet nie van Gerrie Odendaal nie. Sy weet nie van ander wetenskaplikes nie. Sy dink nie die beskuldigde is 'n deskundige nie. Sy ken nie sy kwalifikasies nie. Sy glo nie daar was 'n deskundige biochemikus by Speskop laboratoriums nie.

[365] Die grondstowwe is hars wat gekoppel word met aminosure. 'n Mens het ook koppelmiddels nodig. Hulle het hulle aminosure deur Brandt gekry. Hy was duurder as 'n ander verskaffer maar het dit vinniger gekry. Sy dink nie dat dit onderhewig was aan sanksies nie. Aminosure kos so 'n paar honderd rand per gram en peptiedes miskien so R1000 per gram. Sy het nie met die thymus peptied gewerk nie. Sy is nie gevra om dit te toets nie. Sy weet dit stimuleer die immuniteitsstelsel en is nuttig by vigs en kanker. Sy word gevra oor die prys van CHF450 000 vir 500 gram Thymus peptied en sê dat dit baie duur is. Dit sou 'n leeftyd hou. 'n Mens werk met mikro- tot milligram. Sodra jy 'n groot hoeveelheid koop word dit relatief goedkoper. Mbt. DNA en RNA "probes" sê sy dat dit verbind word met genetiese materiaal en gebruik word om die regte geen te onttrek.

[366] Sy het nooit stowwe van die beskuldigde ontvang nie en hy het ook niks aan haar aangebied nie. Sy word gevra oor kalibrering van die apparaat en sê dat sy nie daarvan weet nie. Sy is egter skepties daaroor dat 'n persoon van oorsee sou moes kom om dit te kalibreer. 'n Verteenwoordiger kan die werking van die masjien in 'n halfdag verduidelik. Jy kan nie 'n peptied kalibreer nie en jy kan ook nie die apparaat kalibreer met behulp van 'n peptied nie. Sy dra nie kennis van enige manipulerings van die breinfunksie met inkapasiteermiddels nie. Die beskuldigde het dit nie met haar bespreek nie. Jy sal sukkel om peptiede oor die bloed-breingrens te kry. Sy weet nie van sulke navorsing of artikels daaroor nie.

[367] Tydens kruisverhoor spreek sy die mening uit dat die beskuldigde nie veel van biochemie kan weet nie want dokters het maar hoogstens een termyn biochemie. Sy is verbaas om te hoor dat hy 'n meestersgraad het in fisiologiese chemie maar sê dat dit nie werklik chemie is nie. Dit word gestel dat hy 'n

meestersdraad het in immunochemie, 'n spesialis farmakoloog is en 'n mediese spesialis. Sy het eers in 1997 uitgevind van die thymus peptied. Sy het navorsing gedoen oor vigs en nie oor die wyer toepassing van peptiedes nie.

[368] Sy het nie geweet dat Delta G 'n frontorganisasie was nie tot kort voordat sy daar weg is. Haar man het ook daar gewerk. Hy is beskuldig van oneerlikheid en daar was 'n tugverhoor gewees. Dit het gegaan oor die subsidie wat hy gekry het. Daar is dissiplinêr teen hom opgetree. Sy sê dat vandat sy en haar man verloof geraak het Redelinghuys gesê het dat sy moet loop. Sy gee toe dat sy ongelukkig was en gereageer het. Dit word aan haar gestel dat dit 'n uitwerking gehad het op die sekerheid van haar en haar man.

[369] Sy het nie geweet van navorsing oor die manipulasie van die brein nie. Sy gee toe dat dit van die mees gesofistikeerde navorsing kan wees wat daar is en dat die hulpmiddels om dit te doen ook baie gesofistikeerd sou wees. Sy gee ook toe dat indien daar massatoeding van inkapasiteermiddels kan geskied dat dit 'n baie gevaarlike wapen kan wees. Sy gee toe dat peptiedes deur die neus toegedien kan word. Sy kan nie verstaan waarom 'n kragtige sintetiseerder benodig is nie. Dit word aan haar gestel dat die beskuldigde reeds in 1991 navorsing oor peptiede gedoen het en dat haar sintetiseerder probleme gehad het. Sy gee toe dat daat verstoppings was en dat hy warm geword het maar sê dat hy goed genoeg was vir haar doel. Sy gee toe dat sy 'n MSc. gehad het en dat sy nie regtig 'n behoefte gehad het om meer te weet nie. Sy word uitgevra oor die thymus peptied en sy gee toe dat dit nie werklik haar navorsingsveld was nie. Dit word aan haar gestel dat haar getuienis oor die prys van CHF450 000 vir 500 gram daarvan ongefundeer is. Sy gee ook toe dat daar wel natuurlike peptiedes is wat deur die bloed-breingrens geneem kan word en wel deur die neus.

[370] Gedurende latere kruisverhoor het sy toegegee dat die masjien waarop sy gewerk het 'n klein skaal produksie masjien was en dat sy nie honderde gramme peptiedes kon produseer nie. Sy gee toe dat dit onwys sou wees om vir CBO navorsing na die privaatsektor te gaan. Sy gee toe dat daar sin daarin is om nadat 'n peptied gesintetiseer is dit biologies te probeer produseer. Die voordeel daaraan verbonde is dat die

struktuur onmiddellik reg is. Dit word aan haar gestel dat haar sintetiseerder nie ander vorms van peptiede as reguit lyne kon maak nie en sy gee toe dat daar wel ander vorms is. Sy kon dit nie betwis dat met behulp van reseptore die verbindingsvermoë tot 50 maal verhoog kan word nie. Sy gee toe dat BZ 'n chemiese stof is wat blokkasies kan veroorsaak wat emosionele manipulasie kan moontlik maak. Sy gee toe dat chemiese stowwe vinniger sal reageer as peptiedes. Aan die ander kant sal die emosionele verandering wat deur peptiedes te weeg gebring word 'n langer uitwerking hê as die verandering wat deur chemiese stowwe te weeg gebring word. Dit word aan haar gestel dat in teenstelling met haar masjien daar 'n sintetiseerder was wat op groot skaal kon sintetiseer en analiseer en self geringe foute kon regstel. Sy is verbaas om te hoor dat daar elf jaar gelede reeds sulke tegnologie bestaan het.

[371] *Johannes Wilhelmus van Jaarsveld* het vanaf 1982 by EMLC gewerk. Hy is meegedeel dat 'n defensiewe strategie mbt 'n CBO vermoë ontwikkel moes word. Sy aanvanklike opdrag was om 'n literatuurstudie oor inkapasitante te doen. Soos wat die front ontwikkel het was hy eers in Sunnyside en later te Val de Grace. Gerald Cadwell het vanaf April 1983 ook daar gewerk. Hy het met CR gas gewerk. Die projek is opgeskaal sodat daar met groter hoeveelhede gewerk kon word. Die opskaling was van 2 liter tot 20 liter. Gedurende 1983 het hy Cadwell en ene Schutte oorgeskuif na Speskop. Hulle het hulle toerusting geskuif na Speskop en steeds met CR gewerk. Hulle kapasiteit het verhoog na 50 liter. Die beskuldigde het bestellings by hulle geplaas. Daar was 'n brand gedurende ongeveer 1983 of 1984. Aan die einde van 1985 is hulle na Midrand. Hulle het meeste van die apparaat saamgeneem maar die dampkaste het agter gebly. Toe hy by Speskop was was daar nie 'n peptiedsintetiseerder nie. Hy dink daar was een by Midrand. Peptiedsintese was nie relevant vir sy navorsing nie. Hulle het 'n ton CR per maand geproduseer vir "phantoms". Hulle prys was R1000 per kilogram oftewel R1 miljoen per ton. Hy onthou die privatisering en dat Senrachim Delta G gekoop het. Hy weet nie hoeveel aandele hy gehad het nie maar het so R4000 of R5000 daarvoor gekry. Steven Beukes het later in van die laboratoriums gewerk waar hy gewerk het. Hy was nie gedurende 1988 of 1989 weer by die Speskop laboratoria nie en weet of die uitrusting afgeskryf is nie.

[372] Gedurende kruisverhoor het hy toegegee dat hy na 1986 nie weer by Speskop was nie. Dit is so dat wat voor 1986 daar was, weggeneem is. Die vloere van twee van die laboratoriums is opgekap en die pleisterwerk en die pleister van die plafonne is afgekap. Waar hulle 'n loodsaanleg gehad het is ook ontruim en hy weet nie wat later daarin aangegaan het nie. 'n Chemiese alarmstelsel is nie dieselfde as 'n rookalarmstelsel nie. Die hoë offisiere by Speskop was baie sensitief. Hy gee toe dat volgens die moet weet beginsel hy nie geweet het van gen. Knobel of die KBK nie. Daar was ander laboratoria by Speskop aan die suidekant van die gang regoor laboratoria A en B waarin hulle gewerk het. Die opskaling van die CR was 'n baie ingewikkelde proses. Die reaksies wat plaasvind as chemikalieë op klein skaal gemeng word is nie noodwendig dieselfde as dieselfde stowwe op groter skaal vermeng word nie. Hy sê dat 'n ingeligte persoon kon gedink het dat daar met hoogs toksiese substansie wat gebruik word in CBO gewerk word maar verder was die laboratoria maar gewone chemiese laboratoria. Hy gee toe dat pirolitiese en pirotegniese toetse nodig is vir verwapening van substansie. 'n Analitiese chemikus sal nie 'n gas chromatograaf aansien vir 'n peptiedsintetiseerder nie.

[373] *Graeme McDonald Rawstorne Gibson* het gedurende 1981 as mediese dokter gekwalifiseer. Hy het in 1983 by die SAW aangesluit en was 'n lid van Spesmagte. Die beskuldigde was die bevelvoerder. Sedert 1986 het hy HIV waarnemingsstudies gedoen. Die doel daarvan was om 'n evaluasie te maak van die effek daarvan op inwoners en ook inwoners van buurlande. Unita was deel van die projek. Hy het inligting vergelyk, gedokumenteer en aan die hoof inligtingsoffisier verskaf. Sy verslag was gebaseer op die waarnemingsstudies en op onderhoude. Hy het anti-HIV toetse gedoen en gewerk op 'n Hypoxis projek om 'n kuur vir kanker te ontwikkel. Gen. Knobel het daarvan geweet want hy het vir Knobel bygestaan wanneer hy voordragte oorsee moes maak. Hy het met sy navorsing begin toe hy nog in die Staande Mag was maar het na 1989 daarmee voortgegaan met die samewerking van die beskuldigde en gen. Knobel. Spesmagte het bloedmonsters versamel. Nasionale Intelligensie, Korrektiewe Dienste en die Departement Gesondheid was ook betrokke. Hy moes aan die beskuldigde rapporteer.

[374] Onmiddellik nadat hy die SAW verlaat het het hy 'n privaat maatskappy Lannius Consultancy Co. Ltd.

gestig. Hy was besig met 'n kanker en 'n anti- HIV projek. Hy is R11 000 per maand betaal en moes verslag doen aan gen. Knobel en ook ses weekliks rapporteer aan die beskuldigde, In die praktyk het dit nie so gebeur nie. Daar moes navorsing gedoen word oor die immuun-weerstands-verwante bloedkundige veranderings wat toegeskryf kan word aan die toediening van Thym-uvocal aan pasiënte met vroeë kliniese vigs. Verder moes vasgestel word wat die kliniese uitwerking by vroeë kliniese vigs is wat aan Thym-uvocal tablette toegeskryf kan word. Dan moes bepaal word hoe die toediening daarvan die uitwerking van lae toedienings van AZT bloedkundig en klinies beïnvloed. In die vierde plek moes bepaal word of 'n pasiënt se vatbaarheid vir behandeling met AZT verbeter is met die gelyktydige toediening van thymus peptiede. Die einddoel van die projek was om 'n geneesmiddel vir vigs te vind of om die uitwerking daarvan op die individu te verander. Hy moes by geleentheid 'n verslag stuur aan Medchem Forchungs.

[375] Tydens kruisverhoor meld hy dat die SAW baie bekommerd was oor vigs en op 'n groot skaal navorsing gedoen het om dit te bekamp. Hy het te doen gehad met die epidemiologiese aspek daarvan – die verspreiding. Die navorsing is in afsonderlike kompartemente gedoen. Daar was ook privaat medici betrokke by die navorsing en gen. Knobel was ook daarin geïnteresseerd netsoos wat hy en gen. Geldenhuys in die kankernavorsing geïnteresseerd was. Hy kan nie sê dat die beskuldigde sommer net op sy eie opgetree het nie. Hy was onder die indruk dat Medchem Forchungs 'n frontmaatskappy was.

[376] Petro Theron (*Pierre Theron*) is 'n geoktooeerde rekenmeester wat gedurende September 2000 nege-en-sestig jaar oud geword het. Omdat sy suurstofopname swak is kan hy nie vir lang tye konsentreer nie en is aan hom aangedui dat hy moet sê wanneer hy ongemaklik voel sodat die hof kan verdaag. Hy was die senior vennoot van Coopers & Lybrandt te Johannesburg. Hy het baie auditwerk gedoen vir die staat vir frontmaatskappye en bv. vir Krygkor. Hy het getuig na aanleiding van 'n verslag PT1 en PT2.

[377] Hy is genader om op te tree vir Delta G, RNL, Infladel, Sefmed en D John Truter Finansiële Konsultante. Dit was fronte van Coast. Coast se begroting is deur die KBK goedgekeur. Die fondse was afkomstig van 'n spesiale verdedigingsrekening. Sy firma is ook later deur die OG aangestel om na die gemelde maatskappye en BK te audit. Hy stel dit duidelik dat hy nie die projek-ouditeur was nie. Hy het nie 'n

aanstelling van die SAW gehad nie omdat die SAW alle belang in die projek ontken het. Sy aanstelling het betrekking gehad op spesifieke entiteite. Hy was wel bewus van die begroting en het dit opgevolg so ver as wat hy kon. Infladel Sefmed en D John Truter was administratiewe instansies.

[378] Die verklaring van mnr. van Heerden van die OG se kantoor met die aanhangsel daartoe, synde dokumente wat alreeds bewys is, word deur hom ingehandig.⁸ Op 12 November 1987, toe die OG nog nie betrokke was nie het hy onderneem om die maatskappye in Coast te oudit. Hy het nie aan die OG verslag gedoen nie maar bloot aan die maatskappye. Sy verslae was ongekwalifiseerd. Die OG het bloot 'n kort briefie gekry wat verwys het na die oudit-verslae. Hy het hom wel vergewis watter entiteite almal deel van die projek was⁹. Hy het dit ook met Truter bevestig. Hy was onder die indruk dat dit al die maatskappye is wat ter sake was. PT3 is 'n bevestiging van die posisie deur die beskuldigde gedurende die 1993 jaar. Hy bevestig dat hy, die beskuldigde en van Heerden wel by een geleentheid saam was en 'n bespreking gehad het ofskoon van Heerden nooit enige detail bespreking met hom gehad het nie. Van Heerden het sy verslae aanvaar en alhoewel hy geregtig was om hom te vra vir sy werkpapiere het hy dit nooit gedoen nie. Hyself het met die GG en die beskuldigde geskakel. Baie van die dokumente moes hy van die beskuldigde kry vir sy oudit-doeleindes. Dit was nie by die frontmaatskappye nie en is deur die beskuldigde toegesluit. Fondse is uit die SAW oorgeplaas na die administratiewe instansies soos Infladel en Sefmed. Oorplasings na die buiteland het op drie wyses geskied: HSI of HSF het dit direk oorgeplaas. Soms het HSI of HSF oorplasings gemaak in opdrag van Truter of Sefmed na spesifieke rekenings en is die bedrae weer terugbetaal. In die derde geval het Truter soms direk fondse oorgeplaas na die buiteland. Hy moes bepaal of die fondse korrek aangewend is. Hy het wel navrae gehad oor die bedrae wat in aanklagte 1 tot 5 ter sprake kom. Hy het egter op 29 Januarie 1989 bevestiging van Pfeil ontvang dat dat wel behoorlike lewering was. Wat hom aanbetef was Pfeil 'n soort van 'n interne ouditeur. Daar was ook 'n dokument (die Orffer dokument) wat betrekking gehad het op oorbetalings na bankrekenings in die buiteland¹⁰. Van Heerden het die oorbetalings na die buiteland bevestig. Daar was ook ander briewe wat nie nou voor die hof is nie. Hy het hom verlaat op die beskuldigde

⁸ JvH1 en JvH2.

⁹ F21.1.

¹⁰ F3.48.2

en Orffer se verduidelikings.

[379] Oor 'n verslag van 'n vergadering wat op 15 November 1989 plaasgevind het¹¹ bevestig hy dat die dokumente waarin die agtergrondprobleme geskets is, sy opdrag uitgespel is en die magtigings van die GG vervat is wel daar moes gewees het maar dat die dokumente wat lewering aan die middelman bevestig, inligtingsverslae; koerantberigte en dergelike dokumente nie beskikbaar was nie. Hy was tevrede dat 'n normale oudit nie gedoen kon word nie. Van die toerusting is aan operasionele magte gelever. Dit is moeilik om 'n klandestiene projek te oudit. Fakture is nie beskikbaar nie en die ouditeur is aangewese op die *bona fides* van die projek-offisier. Indien daar oneerlikheid is sal dit moeilik wees om dit op te spoor. Hy het respek gehad vir sy vermoë as 'n dokter, vir sy hardwerkendheid en vir wat hy tot stand gebring het. Hy het nooit enige twyfel gehad oor die wyse waarop die fondse hanteer is nie totdat hy bewus geword het van die Kroatiese transaksie.

[380] Hy meen nie dat daar enige probleme kan wees oor die kontrakte vir die lewering van maskers en beskermende klere nie omdat dit in die land ge-oudit is. Daar kan nie 'n probleem wees mbt lewering, betaling en kwaliteitsbeheer nie. Daar is 'n spesifieke persoon aangestel wat dit moes doen. Alle fondse wat deur Truter gevloei het moes aan hom as ouditeur geopenbaar gewees het. Hy sê dat gewone staatsdiensregulasies nie van toepassing was by front maatskappye nie omdat junior amptenare geheime inligting kon bekom. Dit is onprakties. Wat die buitelandse rekenings aanbetref kon die beskuldigde eenvoudig nie openbaar in wiese rekenings die fondse inbetaal is nie. Dit moes, vanweë die politieke situasie, deur plaaslike mense gedoen word. As die werklike posisie aan die lig sou kom kon 'n hele transaksie gekelder word.. Hy is oortuig daarvan dat nog die SAW nog die KBK voldoening aan staatsdiensregulasies vereis het. Dit was 'n nagedagte van KEEM. Truter het nie 'n rekonsiliasiefunksie gehad nie. Daar was derhalwe 'n mindere risiko daaraan verbonde dat hy tekenmagte gehad het. Daar was twee rekenings in die buiteland in Truter se naam, die Blackdale rekening, en twee rekenings by die Banque Indosuez in onderskeidelik Geneve en Luxembourg en een by Credit Lyonnaise in Zimmer se naam. Hy was ook bewus

¹¹ **Aanhangsel 17 tot sy verslag.**

van 'n rekening in dr. Chu se persoonlike naam en een in die naam van Medchem Forchungs. Hy het nie geweet van die WPW groep van maatskappye nie of van Medchem, Luft Amfra of Genavco nie. Hy was tevrede met die verloop van die transaksies weens die bevestiging wat hy gekry het uit die begrotings van die GG en die SAW, wat hy nagegaan het, dokumente wat hy ter insae gehad het en die mededelings van die GG en die beskuldigde. Hy was bewus van die fondse wat oorgeplaas is na Kroasië deur Truter. Die beskuldigde het hom die inligting gegee oor die oorplasing van fondse na die Blackdale rekening. Hy het nie geweet dat die beskuldigde 'n belang gehad het in Blackdale nie of tekenmagte in die rekenings te Geneve Luxembourg of die Credit Lyonnaise nie. Hy het nie bankstate van die oorseese rekenings gehad nie. Hy het bloot spesifieke dokumente gehad soos wat hy dit vir spesifieke inligting benodig het. Hy het dit gewoonlik van die beskuldigde gekry. Die inligting dat daar 'n balans in die Kroatiese rekening was het hy van die beskuldigde gekry. Hy het nie geweet dat die Banque Indosuez rekening in Luxembourg die Barcelona rekening was nie. Hy was onder die indruk dat Zimmer tekenmagte gehad het en dat dit van Remoortere se vader se rekening gewees het. Daardie inligting het hy by die beskuldigde gekry.

[381] Oor die vrae wat KEEM geopper het sê hy dat dit nooit aan hom gesuggereer is dat daar wanbesteding was nie. PT4(a) en PT4 (b) is die vrae van KEEM en sy antwoorde daarop. Hy het gedink dit slaan op die beskuldigde, Mijburgh en Swanepoel. Hy het nie 'n ondersoek gedoen nie maar gesteun op die dokumente wat hy gehad het en navrae wat hy hier en daar gedoen het. Wat hom aanbetref het dit betrekking gehad op die oorplasing van die fondse na Kroasië en die omruil van \$75 000. Hy het volledige samewerking gehad en Truter was ook betrokke. Die inligting wat hy verskaf het het hy verskaf op die basis dat hy of persoonlik bewus was daarvan of dat hy inligting van Viljoen (telefonies, omdat hy reeds nie meer in die groep was nie) of van den Berg ontvang het. Hy het ook inligting van die beskuldigde gekry.

[382] Hy het RITS as 'n handelsnaam geken. Dit is parallel met Infladel bedryf. In Infladel se boeke sou daar bv. 'n betaling gereflekteer gewees het aan A. 'n Opvolging van die transaksie sou aantoon dat dat die betaling in die RITS rekening gemaak is en dat die verskaffer (A) uit daardie rekening betaal is. Dit is aan hom voorgehou dat daar van daardie metode gebruik gemaak is om terugspoorbaarheid na die SAW te

bemoeilik. Hy was tevrede dat daar genoeg afstand tussen die frontmaatskappye en die SAW was en het die gebruik afgeraai. Die rekening by Volkskas het dormant geraak. Hy was nie bewus datdit 'n BK was nie. Hy was nie bewus van Medchem Sports International of van BRCI nie want hy was nie die ouditeur daarvan nie.

[383] Hy weet niks van Wisdom Holdings nie. Hy het wel geweet van die Amerikaanse prokureur Webster, wat beleggings namens kliente in die land wou maak. Hy het dit by die beskuldigde en Viljoen gehoor. Hy kan nie bevestig dat BR Holdings Rand Aksep-bank aandele gekoop het nie. Hy het inligting oor Aeromed by Viljoen en die beskuldigde gekry. Hy weet nie wie die gebruik van die vliegtuie sou kon magtig nie maar glo dat in sommige gevalle dit die beskuldigde sou wees en in ander gevalle iemand anders. Hy kan nie sê of hy die beskuldigde oor Profinkor gevra het nie.

[384] Hy kan nie dink dat die beskuldigde persoonlik betrokke was by die ontwikkeling van Merton huis nie. Indien dit 'n ongeoorloofde transaksie was sou dit krimineel onnosel gewees het om so openlik daarby betrokke te gewees het. Hy het aanvaar dat dit 'n ontwikkeling was vir Webster en sy maatskappye en dit is deur Marlow aan hom bevestig. Viljoen het hom nie ingelig dat Wisdom Idle Winds verband hou met 'n dieretuin nie. Hy het wel by Viljoen en Truter van ander fronte gehoor soos Partners & Travel. Hy was nie bewus dat Webster daarby betrokke was nie maar het uitgevind dat Swanepoel wel later 'n belang daarin gehad het. Hy was egter nie die ouditeur van daardie maatskappye nie en het die ouditeur van Technotek geword toe Mijburgh 'n belang daarin gekry het.

[385] BSI was Bosch en van den Berg se maatskappy. Daar was niks sinisters daaraan dat hy nie as die ouditeur daarvan aangestel is nie. Dit was 'n maatskappy buite die groep en hulle kon aanstel wie hulle wou. Soos hy verstaan het was Bosch voorheen by Nedbank maar het hy nie op daardie stadium gewerk nie. Hy was nie 'n werknemer van die groep nie. Ook Marlow is op konsultasie basis aangestel. Hy het met hom gepraat oor BRCI. Daar was 'n RNL trust en 'n Philip Mijburgh familietrust. Marlow was 'n trustee in die twee werknemerstrusts by Delta G en RNL waar die werknemers aanvanklik slegs 'n 25% aandeel sou hê wat met

die tyd kon verhoog tot 49% van die aandele. Daar was geen aanduiding dat Merton huis met projekfondse gefinansier is nie. Voor 1 Maart 1989 kon Mijburgh nie met Delta G se bates handel nie. Daar was goeie bate-beheer en goeie rekords van die bates in Delta G en RNL. Die sekuriteits reëlins was goed. Charles van Remoortere en Andre Bezuidenhout was direkteure van Technotek. Hy was bewus van die aanskaf van klerasie. Daar sou aanvanklik ingevolge die hoofkontrak 45 000 pakke verkry word en later sou daar 20 000 verdere pakke bekom word. Daar was bepalings van 30% vooruitbetalings wat aanvanklik uit die Technotek kontrakte uitgelaat is maar later weer ingevoeg is.

[386] Die verkryging van die stowwe en substansie was baie sensitief en die beskuldigde moes dit in opdrag verkry. Die kontrakte is onderhandel toe daar oorlog in die midde ooste was en Suid Afrika se posisie baie swak was. Hy het die beskuldigde se mededeling oor die toeriste bedryf verstaan om te wees dat daar groot moontlikhede is en dat wanneer die beskuldigde se omstandighede dit toelaat hy daarby betrokke sou wou raak. Wat die aankoop van die vliegtuig aanbetref het hy aanvaar dat die beskuldigde dit in opdrag aangekoop het en dat dit behoorlik gebruik word. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde dit vir 'n peptiedsintetiseerder wou verruil.

[387] Hy was onder die indruk dat die R6 650 000 (\$2 460 000) in die Switserse bankrekening gebruik sou word om goed aan te koop. Sy inligting het hy by die beskuldigde gekry. Die fondse vir Delta G en RNL het nie in dieselfde kategorie geval as die fondse vir die beskermende klerasie nie. Daar ontstaan 'n debat oor wat met rente wat verdien is op projekgelde op belegging buite die land moes gebeur het en die getuie sê dat daar die volgende jaar 'n aanpassing sou moes gewees het as gevolg van rente wat vooruit aan MCI betaal is. Die beskuldigde sou nie die privatiseringsgeld uit die land kon geneem het sonder die medewete en goedkeuring van beide HSI en HSF nie. Hy sê verder dat wat die \$2 460 000 aanbetref daar dokumente was om die aankope te staaf. Met verwysing na F1.66 en F1.67 is dit sy standpunt dat hy nie bewus was dat hy nie met die beskuldigde mag gepraat het nie (om die KEEM vrae te antwoord). Hy sou in ieder geval aangedui het dat dit vir hom noodsaaklik is om hom te raadpleeg. Hy het geweet dat Bosch siek was. Hy het nie geweet dat hy die rente op die privatiseringsgeld vir die paar dae voor oorplasing ontvang het nie (die R52

000). Die geld behoort saam met die kapitaalsom na die buiteland te gegaan het en hy behoort van die feit dat Bosch die rente gekry het ingelig te gewees het. Hy vind die hele situasie komieklik.

[388] Wat Intramex aanbetref sê hy dat die beskuldigde hom ingelig het oor watter maatskappye frontmaatskappye was en dat hy hom nie gesê het dat Intramex 'n frontmaatskappy was nie. Hy wil hom nie uitspreek daaroor dat die maatskappy aan Viljoen oorgedra is nie behalwe om te noem dat Viljoen nie 'n pakket gekry het nie en seker 'n lewe moes maak. Indien die KBK die oordrag goedgekeur het moes die maatskappy tog 'n frontmaatskappy gewees het. Wat hom aanbetref was gen. Knobel die eienaar en bestuurder van Coast. Hy glo nie Viljoen sou 'n maatskappy wat niks werd was aanvaar het nie.

[389] Wanneer hy gevra word oor die verskillende bedrae wat die staat beweer bedrieglik wanaangewend is verduidelik hy dat hy onder die indruk was dat dit aangewend was juis vir dit wat die staat beweer wanaanwendings was. Hy het van die dele van Coast wat hy moes geweet het alles wat nodig was geweet. Die beskuldigde moes baie oordeelkundig gebruik maak van buitelandse medewerkers en het dit gedoen omdat die Westerse lande nie voor op 'n baie laat stadium bewus geword het van die projek nie. Die beskuldigde het hom die inligting gegee oor die administratiewe maatskappye maar by Delta G is die oudit deur sy vennoot Zastro gedoen en by RNL het hyself die oudit gedoen. Hyself het van die verbode stowwe by die beskuldigde gehoor en wou nie hê dat sy personeel daarby moes betrokke raak nie. Krygkor wou nie by die navorsing betrokke raak nie. Dit is absoluut onmoontlik om markpryse van die stowwe te bepaal. 'n Persoon in die posisie van die beskuldigde is blootgestel aan 'n aanval selfs al is hy hoe eerlik. Wat hom aanbetref was die Kroatiese rekening en die verdeelbare waarborg altyd gekoppel en was hy altyd skepties daaroor.

[390] Wanneer hy gevra word oor die afsonderlike aanklagte sê hy dat hy bewus was van 'n laboratorium by Speskop wat ongeveer 1987 toegerus is en wat later skoongemaak is toe die projek geabandoneer is. Dit het saamgegaan met die privatisering. Hy het nie geweet dat Buffham 1% van die gelde vir homself gehou het nie. Hy het nie geweet dat die beskuldigde tekenmagte gehad het nie. Origens verduidelik hy dat die

verduidelikings wat die staat beweer vals is aan hom verskaf is en bevestig is deur mense soos Pfeil en Orffer. Hy was nie bewus van die belegging in CSD of dat daar £5 000 aan Baker & Hostetler betaal is nie maar was bewus van die kantoor wat gehuur is, van die “reverse engineering”, van die rekenaar data basis ens. Hy het die verduidelikings aanvaar. Hy is onder die indruk dat die bedrae van \$3,2miljoen \$325 000 en CHF450 000 te doen het met die aankoop van ‘n peptiedsintetiseerder (aanklagte 11,12 en 13). Hy gee toe dat sy paraaf op baie van die stukke voorkom. Dit is aangebring met die oudit en wanneer hy die stukke aanvaar het.

[391] Hy het nie geweet dat die beskuldigde ‘n belang in Blackdale het nie of van ‘n beskermende klerekontrak met die Iranese nie. Hy het nie van die beskuldigde se tekenmagte op die Geneve en Luxembourg rekenings geweet nie. Hy het gedink Thymus peptied is aangekoop en nie aandele in Medchem Forchungs nie. Hy het nie geweet dat ‘n gedeelte van die R12,5 miljoen wat vir MCI bestem is gebruik is vir die aankoop van die vliegtuig nie. Hy bevestig wel dat daar drie kontrakte was tussen Truter en Medchem Forchungs, Medchem Forchungs en Blackdale Medchem Forchungs en Medchem Inc. Hy het nie werklik in die skynkontrakte belang gestel nie. Hy gee toe dat sy paraaf op van die skynooreenkomste voorkom. Oor die \$2,4 miljoen van aanklag 15 was hy onder die indruk dat dit te doen gehad het met die tweede poging om ‘n peptied sintetiseerder aan te koop. Daar was ‘n skriftelik opdrag aan HSI wat deur die beskuldigde en gen. Knobel onderteken is op 14 September 1990. Daar moes ‘n prestasie verband geskep word. Hy het later gehoor dat die uitrusting wel verkry is en tot voordeel van die projek aangewend is. Hy het nie geweet dat dit aangewend is om ‘n vliegtuig te finansier nie. Hy het wel later gehoor dat die toerusting nie behoorlik gefunksioneer het nie en geruil is. Die fisiese inspeksie was die verantwoordelikheid van die SAW. Hy was nie bewus van ‘n Bulgaar nie en was nie by Speskop nie.

[392] Wat die Kroatiese transaksie aanbetref het hy hom verlaat op die verduideliking wat die beskuldigde hom gegee het. Dit is later bevestig deur die dokument getiteld “Chronologiese verloop van die gebeure ten opsigte van die Kroatiese transaksie. Die lewering sou in kontant in Kroasië betaal word deur ‘n tussenganger en vir daardie doel sou fondse na die rekening van die tussenganger in Kroasië oorbetaal word.

As waarborg is 'n verdeelbare waarborgrekening by die Banque Indosuez in Geneve tot stand gebring. Fondse wat reeds in die buiteland was is op deposito indaardie bank geplaas. Teen suksesvolle lewering en betaling sou die partye saam met die beskuldigde na die bank gaan om elke betrokke gedeelte van die waarborg te kanselleer. Ter voldoening van die betalingsvoorwaardes is twee oorbetalings uit projekfondse gedoen. Op 20 Oktober 1992 is 'n bedrag van R7 282 502 oorgeplaas na die rekening van D John Truter by die UBS bank in Zurich. Vandaar is 'n bedrag van \$2,3 miljoen oorgeplaas na die rekening van Jacomet in die Zagreba Banca in Zagreb op 12 November 1992. Jacomet was die tussenganger wat die verskaffers moes betaal. Fondse wat reeds in die buiteland was sou gebruik word om die grondstowwe te koop. 'n Bedrag van CHF3,8 miljoen (\$2,46 miljoen) is gedurende April 1992 vir die doel oorgeplaas na die Blackdale rekening in Geneve. Die bedrag is daar gehou tot 8 Desember 1992, toe sekere uitbetalings gemaak is. Beskuldigde het meegedeel dat twee partye in Kroasië betaal is en dat ooreenstemmende bedrae van die waarborg in Geneve losgemaak is en teruggebring is na die RSA. Dit is op 7 en 17 Desember in Truter se rekening ontvang. Die beskuldigde het verskeie state van die Blackdale rekening aan hom oorhandig en die laaste daarvan toon, op 15 Desember 1992, 'n balans van \$1 680 000 aan.

[393] Die beskuldigde het aangedui dat die balans van die fondse in Zagreb, na die eerste twee betalings, nie meer beskikbaar was nie. Hy het ook aangedui dat die tussenganger die fondse wanaangewend het. As gevolg daarvan is die Kroatiese partye uit die verdeelbare waarborg rekening betaal. Hyself het besonderhede van die rekening aangevra maar niks is aan hom verskaf nie. Hy het 'n skrywe aan die GG gerig waarin hy 'n verduideliking vir die vertraging verlang het en 'n aanduiding van wie die fondse ontvang het. Hy het nooit so 'n verduideliking ontvang nie. Hy was nie bewus daarvan dat die fondse reeds gedurende April beswaar is ewn betaal is na rekenings van WPW, Luft, van Remoortere en Truter. Hy het ook nie geweet dat 'n bedrag van \$1 060 000 op 24 April 1992 deur Truter ontvang is nie in 'n rekening wat nie 'n projekrekening was nie. (Volkskas rekeningno. 2310 163 689). In Truter se projek boeke word die aanwending van die bedrag nie uiteengesit nie. Hy behoort hiervan te geweet het.

[394] Hy het die beskuldigde se verduideliking aanvaar en het aanvaar dat hy "bearer bonds" aan die hande

gekry het. Wanneer dit aan hom gestel word dat die betrokke bedrag wat gedurende April 1992 oorgeplaas is volgens stellings namens die beskuldigde aangewend is vir die verkryging van ander grondstowwe is sy reaksie dat hy deurentyd onder die indruk was dat die oorplasing bedoel was vir die aankoop in Kroasië. Hy weet nie van 'n ander bedrag van \$2,46 miljoen nie. Hy gee egter toe dat hy nie alle rekords nagegaan het nie. Hy toon aan dat hy bewys van die vervoerkoste van die transaksie verlang het omdat dit vir hom die transaksie sou afgerond het. Hy het nie sodanige bewys ontvang nie en is meegedeel dat die vervoer geskied het tydens 'n roetine vlug van die vliegtuig. Die opdraggewer was die SAW. Hy het geglo dat die hele ondersoek na hierdie gelde 'n heksejag was en het nooit getwyfel dat die beskuldigde in belang van die projek en die SAW opgetree het nie. Hy was nie bewus daarvan dat daar \$900 000 oorgeplaas is uit Jacomet se rekening na die Barcelona rekening nie (die gelde wat op 7 en 17 Desember 1992 oorgeplaas is na Truter se projekrekening nie).

[395] Wat die privatisering aanbetref was daar ministers betrokke en die OG. Hy het geweet dat Mijburgh familie van die minister van verdediging was. Wat hom aanbetref het dit by die privatisering geen rol gespeel nie. Dit is deur twee partye onderhandel. Die syfers is nagegaan en op die ou end het die minister bloot maar toestemming gegee. Hy wil nie kategories sê dat Wronsley en van Heerden (van die OG) geweet het dat daar so 'n familieverband is nie maar hy was onder die indruk dat hulle daarvan bewus was. Sy indruk was dat toe daar navrae begin ontstaan het, hulle hulle deuntjie verander het en die indruk probeer skep het dat hulle onbewus was daarvan. Hy wil nie saamstem met 'n suggestie deur van Heerden dat dit iewers op skrif gestel moes gewees het. Sy firma was die enigste wat die geheelbeeld geken het. Hy het selde na die beskuldigde gegaan oor hierdie aangeleentheid. Zastrow van sy firma kon ook met die beskuldigde geskakel het. Aanvanklik is die bedryf en die eiendom geskei. Hy word uitgelok om te sê dat die beskuldigde die privatisering uitgedink het en sê dat dit juis nie so was nie. Hy sê dat hy, die GG en Mijburgh daarby betrokke was en juis nie beskuldigde nie. Hy het insette gelewer maar dit moet onthou word dat daar nie 'n plotselinge oorname be-oog is nie maar 'n langtermyn oorskakeling. Opsies van 20 jaar is gegee. Die hele idee was om verkreeë kennis te behou en om die verskaffingskontrakte so lank soos moontlik vir die staat te behou.

Mijburgh en sy adviseurs het die dokumente opgestel. Hy was nie onder die indruk dat die beskuldigde betrokke was nie. Admiraal Bekker is juis aangestel om die fronte uit die sisteem te kry. Dit het nie net Coast behels nie maar ook ander fronte. Hy was betrokke by die privatisering en ook die GG. Wat die voorlegging van RNL aanbetref het Mijburgh dit gedoen in samewerking met Swanepoel. Minister du Plessis, wat minister van finansies was wou die OG in 'n raadgevende hoedanigheid betrek om latere kritiek te vermy. Dit was baie duidelik gemaak dat so lank as wat daar geld aan die staat verskuldig was die beskuldigde nie 'n belang sou hê by die frontmaatskappye nie. Hy sou egter betrokke bly by die navorsingskontrakte. Hy dra nie kennis daarvan dat die beskuldigde en Mijburgh saamgesweer het om die staat dmv MCI te bedrieg nie. Hy wys daarop dat nóg Delta G nóg RNL as privaatmaatskappye lewensvatbaar was. So lank as wat hulle frontmaatskappye was kon hulle nie vennote inneem nie want dit sou die sekerheid kompromitteer.

[396] Hy het wel insette gelewer by die berekening van die kansellasie bedrag. Hy het egter namens Delta G en RNL opgetree. As dit egter ooglopend sou wees dat die staat benadeel word sou hy dit aan die staat openbaar het. Hy ontken dat wat deur die SAW en die parlement gesê is nl. dat hy die bedrag bepaal het, korrek is. Hy sê dat hy na privatisering wat hy spesifiek onderskei van die kommersialisering skepties was daaroor dat die aandele verdeel is in 51% in die hande van Mijburgh en Swanepoel en 49% in die hande van die ander persone. 'n Spoedvergadering is belê. Die beskuldigde was ontsteld dat hy sy bedenkinge eers op die laat stadium geopper het. Na die vergadering het die verdeling bly staan. Wanneer hy aangepor word om te sê dat die verdeling oneweredig was antwoord hy dat dit alles afhang van wat die posisie van die maatskappye was en of die maatskappye waardevol was of nie. By kommersialisering was daar geen waarde in die maatskappye nie maar ny privatisering was daar 'n potensiële waarde. Dit was die rede vir sy bedenkinge.

[397] Oor trustees sê hy dat hulle pligte meer omvattend is as die pligte van direkteure teenoor 'n maatskappy. 'n Trustee is die uiterste goeie trou aan die trust en die begunstigdes daarvan verskuldig. Hy kan nie onthou dat hy en Mijburgh saam trustees was van die Philip Mijburgh trust nie. Hy glo dat hy, Mijburgh en Mijburgh se vader die trustees was. Hy het egter op 'n vroeë stadium bedank en Marlow kon toe aangestel

gewees het.

Hy word verwys na 'n dokument waaruit dit blyk dat Webster reeds gedurende 1987 daarin belang gestel het om 'n beheerende aandeel in Delta G te verkry en word uitgelok om te sê dat Mijburgh ongemagtig gehandel het. Hy wil dit nie toegee nie en sê dat daar te alle gedink is aan die moontlikheid om ander persone in te kry en dat Mijburgh in opdrag sou opgetree het. Hy het egter nie self gesprekke oor moontlike verkoop van belange met die SAW bespreek nie.

[398] Hy word verwys na lenings wat na privatisering gemaak is, veral uit RNL aan MCI, Marlow en BRCI. Dit blyk duidelik uit sy getuienis dat hy as ouditeur van RNL daaroor bekommerd was. Hy was nie tevrede met Swanepoel se optrede nie en het hom aangesê om behoorlike reëlins te tref vir die terugbetaling daarvan en vir die verskaffing van behoorlike sekuriteit. Hy was nie bereid om ongekwalifiseerde state uit te gee nie aangesien daar nog onsekerheid was of 'n konsortium van oorsee nie vir RNL as 'n lopende besigheid wou koop nie. In soverre hy die versekering gekry het dat die lenings aangegaan is om groepsbelange te bevorder was hy onder die indruk dat die groep nog steeds projek Coast was. Hy bevestig dat Marlow 'n skulderkenning ten gunste van RNL aan hom voorgelê het vir goedkeuring. Wanneer hy verwys word na aanmanings deur Adams & Adams, prokureurs namens RNL, bevestig hy dat die bedrae uiteindelik terugbetaal is. Hy was bewus daarvan dat Mijburgh 'n belang gehad het in Lifestyle Management en Protechnik. Hy bevestig vir die soveelste keer dat die beskuldigde nie 'n belang behoort te gehad het in die privatisering nie of in enige maatskappy wat daarby gebaat het nie. Hy hou egter vol dat Swanepoel en Mijburgh, na privatisering, geregtig was om belange in enige maatskappy te verkry. Daar was wel sprake dat die beskuldigde en andere betrokke was by 'n boerdery in die Oos-Transvaal vir hulle eie rekening. Oor aanklagte 65,66 en 67 sê hy dat hy nie bewus was daarvan dat die beskuldigde onder die vaandel van projek Coast magtiging gegee het vir oorplasing van fondse na die buiteland vir die aankoop van "proximity fuses" nie. Hy was ook nie bewus van die tweede RITS rekening nie. Hy weet nie van die verkoop van die klere nie. Hy sê dat hy nie enige dokumente gesien het wat gehandel het met die oorplasing van die R2 miljoen en die R1,8 miljoen na die buiteland nie. Hy weet nie van die verkoop van beskermende klerasie nie of daarvan dat daar ontsteltenis was oor die oorplasing van R1,8 miljoen na die buiteland nie.

[399] Oor aanklag 21 en die nie projek Truter rekening is sy getuienis dat hy nie bewus was daarvan dat dit geopen is of bestaan het nie. Dit lyk vir hom soos 'n projekrekening. Hy behoort daarvan ingelig te gewees het. Hy was nie bewus van die oorplasing van \$996 000 daaruit na die Barcelona rekening op 24 Junie 1991 nie. Wanneer daar balansstate aan hom voorgelê word wat aandui dat die aankope van laboratorium toerusting R88 000 was en hy gevra word of dit die enigste aankope van laboratorium toerusting was is sy reaksie dat daar ook langs ander weë uitrusting aangekoop kon gewees het.

[400] By die aanvang van kruisverhoor het hy bevestig dat die verklaring wat die basis van sy getuienis in hoof was die produk was van vroeëre verklarings, dokumente en besprekings tussen hom Fouché en Bruwer. Van die inligting in die dokumente was afkomstig van HSI en ander van sy werkspapiere wat in Bruwer se besit was. Hy hou vol dat hy nie die projek ouditeur was nie. Daar was aspekte waaroor 'n projek ouditeur verslag sou moes gedoen het waaroor daar nie van hom verwag is om verslag te doen nie. 'n Projek ouditeur sou meer betrokke gewees het by kontroles. Hy is ook nie ingelig oor die vernietiging van die stowwe nie. Dit was ook nie vir hom nodig om te kontroleer of daar behoorlike aanwending van fondse was nie. Dit was bestuur se plig.

[401] Hy wou nie by klandestiene aankope betrokke raak nie maar hy wou darem ook nie bedrieg word nie. Hy wou weet of die fondse wat uit die land uitgeneem is teenwaarde in ruil gekry het. Hy het die skynnooreenkomste as buite sy pligte beskou. Hy moes bevestig waarvoor die SAW betaal het. Dit was 'n unieke projek. Nóg die SAW nóg Krygkor wou daarby betrokke wees. Dit is onder 'n dekmantel gevoer. Die SAW sou die bestaan daarvan ontken het indien dit geopper is. Dit is so dat staatsdiensregulasies nie toegepas kon word nie. Die rede daarvoor is dat van maatskappye gebruik gemaak moes word. Omdat dit 'n klandestiene projek was en die beskuldigde die alleenverantwoordelikheid gehad het sou daar altyd 'n suspisie teen hom wees. Hyself word die projek ouditeur genoem omdat mense hulle verantwoordelikhede wil afskaal. Die projek het die muishond van die SAW geword en almal het betrokkenheid daarby ontken.

[402] In verband met die KEEM ondervraging sê hy dat ondersoekspan geglo het dat almal skelms is en almal verdink het. Hy is bv. daarvan beskuldig dat hy gratis London toe gevlieg het. Hy was bitter ontsteld daaroor en dink dat hulle later darem besef het dat dit nie gebeur het nie. Susisie kon om die volgende redes ontstaan het: Alle verkrygings moes klandestien geskied. Vanweë die sanksies het die buitelanders wat deelgeneem het hulleself blootgestel in hulle eie lande. Van hulle was in lewensgevaar. Hulle moes beskerm word. Al die aankope was nie ewe sensitief nie maar wanneer 'n medewerker baie sensitiewe inligting vanuit sy land beskikbaar sou stel kon hy in baie groot moeilikheid kom. Hy gee toe dat daar frontmaatskappye en middelmaatskappye moes gewees het. Betaling was ook 'n probleem en banke het nie sommer die vinnige in- en uitbetaling van fondse in en uit rekenings gemagtig nie. By geleentheid is geld teruggestuur na die Republiek. Banke was skepties oor moontlike geldwassery.

[403] Wanneer dit aan hom gestel word dat baie dokumente vernietig is is hy ontsteld daaroor en wys hy daarop dat dit oortredings daargestel het van maatskappywette, insolvensiewette en inkomstebelastingwette. Hy aanvaar egter dat as dit gebeur het dit die beskuldigde se posisie om te probeer bewys wat in werklikheid gebeur het bemoeilik. Hy dink dat omtrent 500kg. Mandrax in 1993 vernietig is. Dit word aan hom gestel dat mense soos prof Heyndrycz lieg oor hulle betrokkenheid by die projek en hy gee toe dat as dit so is dit ook die beskuldigde se posisie bemoeilik. Hy gee verder toe dat daar skinderstories die rondte gedoen het, dat die stories vererger het en dat die beskuldigde se posisie ook daardeur bemoeilik is. Dit word aan hom gestel dat as die projek van 'n leweransier aangekoop het en hy betaal is die projek se betrokkenheid by die geld geëindig het. As 'n voorbeeld word die gelde, wat aan Buffham betaal is en vandaar oorbetal is na Luxembourg voordat dit as aandelekapitaal in CSD geëindig het, genoem. Hy gee toe dat hy nie werklik wou weet wat met die gelde gebeur het nie. Wat hy wel wil weet is dat die SAW teenwaarde vir hulle geld gekry het. Verder wil hy weet dat die beskuldigde hom nie self verryk het nie. Hy gee toe dat daar eerstens nagegaan moet word of daar teenwaarde gelewer is en uit so 'n ondersoek kan daar dalk ook bepaal word of daar verryking was. Hy gee toe dat, uitgesonder die Kroatiese transaksie, daar nooit, tydens die bestaan van die projek, enige suspisies geopper is nie. Hy sê dat hy op Pfeil gesteun het en toon aan dat by Infladel daar tot soveel as vier oudits gewees het. Hy weet van een inspeksie wat die inspekteur-generaal gedoen het. Hy

gee toe dat hy absolute samewerking van die beskuldigde gehad het by elke aangeleentheid wat hy hom gevra het vir inligting. Toe hy by KEEM gesê het dat hy die peptiedsintetiseerder gesien het het hy 'n fout gemaak. Hy is wel uitgenooi om na Speskop laboratoria te gaan kyk en selfs iemand saam te bring.

[404] Hy gee toe dat in baie gevalle tegnologie en toerusting nie in Suid Afrika beskikbaar was nie. Hy gee toe dat die beskuldigde na die buiteland is om vas te stel wat beskikbaar is en om dit aan te koop en dat daar so R360 miljoen spandeer is. Sy reaksie daarop is dat 'n groot gedeelte daarvan aan beskermende klerasie gespandeer is. Wanneer dit aan hom gestel word dat Pfeil ook gesê het dat hy vroeër meer dokumente gehad het as wat hy tans het bevestig hy dat dit baie moeiliker is om 'n rekonstruksie te maak van wat gebeur het waar die dokumente vernietig is. Hy gee toe dat hyself geïrriteerd was omdat hy soveel vrae gevra is so lank nadat die projek tot 'n einde gekom het. Webster het op koste van die projek na Suid Afrika gekom en is aan die GG voorgestel en het met hom samesprekings gevoer. Hyself het net een maal met gen. Nieuwoudt gepraat en dit was toe sy aanstelling bevestig is. Wanneer dit aan hom gestel word dat die beskuldigde beweer dat hy (die getuie) persoonlik van die items wat aangekoop is gesien het, bevestig hy dit.

[405] Oor aanklag 1 (die Speskop laboratorium) sê hy dat daar wel een was en dat dit skoongemaak is. Hy was deur Pfeil tevrede gestel oor die aanwending van die fondse. Hy is meegedeel dat die peptiedsintetiseerder wel daar gehou is. Die uitbetaling aan Buffham het geskied op 26 Maart 1988. Hy kan nie betwis dat daar net een aanvraag vir 'n betaling was nie. Hy glo dat daar werk in die laboratorium gedoen is en hy onthou mense met snaakse klere wat dit skoongemaak het. Alles dui daarop dat daar wel 'n laboratorium was. Oor die reis na Iran (aanklag 2) sê hy dat hy ouditnotas gehad het oor die R220 000 wat uitbetaal is. Hy het nie die projektielstukke of die fotos van die beskuldigde gesien nie.

[406] Aanklagte 3 en 4 het te doene gehad met die deteksiestelle. Hy het dit nie self gesien nie en daar was beperkte dokumente. Hy was tevrede dat lewering geskied het. Pfeil het hom daardie versekering gegee. Hy glo dat van die toerusting in Angola aangewend is. Hy het afleidings gemaak maar hy is ook in meer detail meegedeel waarvoor die betalings gemaak is en die latere verduideliking, wat hy gekry het, het

daarmee ooreengekom. Hy word gevra wat 'n tussenganger is en dui aan dat iemand anders as die leweransier wat iets doen voordat lewering geskied 'n tussenganger is. Sodra die opdrag van die leweransier egter deur die tussenganger uitgevoer is, lewering geskied het en die fondse betaal is soos wat die leweransier verlang het bv. in 'n kredietkaartrekening of selfs in 'n ander persoon se rekening hou die fondse op om projekfondse te wees. Dit word gestel dat 'n voorbeeld daarvan die geval is waar Buffham die deteksiestelle gelewer het en dit gebruik is en Buffham die fondse later nie as 'n aankoop nie maar as werkskapitaal aangedui het om sy eie posisie te beveilig. Dit word verder gestel dat die forensiese ouditeur 'n fout maak deur net na die laaste hantering van die geld te kyk en dan daaruit af te lei dat die goedere nie gelewer is nie en dat die beskuldigde oneerlik was nie.

[407] Oor die plof-alarmstelsels (aanklag 5) en die £100 000 wat aan Buffham betaal is sê hy ook dat Pfeil hom die versekering gegee het dat dit gelewer en betwis hy nie dat daar slegs een aanvraag vir betaling daarvan was nie. Dit sou dalk goed gewees het as die beskuldigde vir sy eie veiligheid notas oor die aankope gehou het. Hy het egter geen aanduiding gehad dat daar wanaanwending van fondse was nie. Tydens hierdie kruisondervraging toon die staat aan dat die staat nie noodwendig ontken dat die plof-alarmstelsels aangekoop is nie maar dat die £100 000 nie gebruik is om dit te betaal nie maar om die aandele in CSD te koop. Die getuie dui egter aan dat die navraag oor die aankoop van die stelsel eers gekom het nadat van Rensburg na die OG is met 'n klagte oor die uitbetalings by RNL na privatisering.

[408] Oor aanklag 6 (die blou drukke vir stroombane om "reverse engineering" te bewerkstellig) is sy houding oor die R200 000 dat die beskuldigde se aanvanklike verduideliking en sy huidige verduideliking presies dieselfde is en dat Orffer dit ook so aan hom bevestig het. Hy het dit nie as 'n onlogiese aanwending beskou in die omstandighede wat destyds geheers het nie. Wat aanklag 7 aanbetref (die databasis en ondersteunende sagteware waarvoor £65 000 aangevra is) sê hy dat die verduidelikings destyds en tans klop. Hy het die transaksie geoudit so ver as wat hy kon. Hy is deur die SAW personeel verseker dat daar nie wanaanwending was nie. Oor aanklagte 8 en 9 sê hy dat dit oor relatief klein bedrae gegaan het (£30 000 en £10 000). Daar was niks snaaks te bespeur aan die transaksies nie en hy het geen suspisie gehad dat daar

wanaanwending was nie. Aanklag 10 het te doene met die kantoorhuur. Hy weet dat daar kantore gehuur is. Hy het fakture gesien. Hy het meer inligting oor hierdie transaksie gehad as oor enige ander transaksie waarvoor die beskuldigde tans aangekla word. Daar was stawende dokumente.

[409] Dit is aan hom gestel dat die fondse wat ter sprake is in aanklagte 11, 12 en 13 betrekking het op die aankoop van 'n peptiedsintetiseerder en dat die transaksie nie gerealiseer het nie. Daar was ander aankope (die Thymus peptied en die "probes") wat gedoen is met die wete en toestemming van die KBK en die balans van die geld is gerepatreer. Hy betwis dit nie. Dit is verder aan hom gestel dat die fondse deur rekenings is wat nie deur hom ge-oudit is nie. Sy reaksie was dat hy kennis geneem het van die vloei van die fondse maar dat die transaksie in ieder geval nie regtig ouditeerbaar was nie. Hy sê dat hy die ouditfunksies vervul het so ver as wat hy kon. Die SAW hoef hom nie werklik in te gelig het oor fondse wat deur ander kanale gevloei het nie. Hy was tog ingelig. Dit was nie sy funksie, as ouditeur, om die geldigheid al dan nie van die transaksie goed te keur of nie. Dit was die funksie van bestuur. Hy gee toe dat dat as die ouditeur nie met bestuur kan praat nie 'n transaksie maklik verkeerd geïnterpreteer kan word. Hy bevestig dat die rente wat op die geld verdien is (±\$100 000) ook na die RSA oorgeplaas is. Daar was egter 'n wisselkoersverlies. Wanneer by klandestiene aankope transaksies gesloer of skeefgeloop het, het dit dikwels gebeur. Dit is nie besonder eerlik om die rente terug te bring nie omdat die eerste vraag wat sal ontstaan sal wees om te vra of daar dan nie rente oorsee verdien is nie. As daar van 'n kanaal gebruik gemaak is (skyntransaksies) het hy nie belang gestel in presies hoe die transaksie verdoesel is nie.

[410] Oor aanklag 14 (die R12,5 miljoen wat by privatisering oorgeplaas moes word na die buiteland en weer teruggebring moes word) bevestig hy dat die beskuldigde hom ingelig het dat daar teikens gestel is en dat hy die betalings verdrag het om saam te val met die bereiking van teikens. Hy het geweet dat die geld moes terugkom maar dit was nie belangrik hoe dit moes terugkom nie. Dit is sy mening dat indien die geld in die buiteland verlore sou raak weens ongemagtigde optrede van iemand Coast steeds teenoor MCI aanspreeklik sou bly vir betaling van die bedrae wat in die ooreenkoms beding is. Wanneer dit aan hom gesuggereer word dat hy as ouditeur van Delta G en MCI nie geregtig was om te weet hoe die fondse oorsee belê is nie is sy reaksie dat hy tog sou wou weet as die fondse beswaar is. Dit word ook aan hom gestel dat

toe hulle hulle oudit gedoen het die fondse al weer terug in die land was en MCI betaal was.

[411] Hy het nie rede gehad om suspisies te wees oor die tweede poging om 'n peptiedsintetiseerder aan te koop nie (aanklag 16). Hy het gehoor dat die peptiedsintetiseerder terug is omdat dit nie behoorlik gefunksioneer het nie. Hy dink dit was twee maal. Hy kon dit dalk uit dokumente gekry het of uit getuienis. Hy het gehoor dat dit geruil moes word vir grondstowwe. Hy bevestig dat 500 kg Metakoloon vernietig is. Hy het nie destyds daarvan geweet nie maar het 'n sertifikaat vir omtrent 5 sekondes gesien. Hy weet dat die OG genooi was om by te wees met die vernietiging en dat van Heerden bewus was daarvan. Van Heerden het hom geïrriteer omdat hy gemaak het of hy nie daarvan geweet het nie. Hy weet ook dat die polisie nie betrokke wou raak by die vernietiging nie. Daar is wel monsters geneem. Die R130 000 wat oorbetal is aan Chu (aanklag 17) was betreklik klein en alhoewel dit deur 'n maatskappy is wat hy ge-oudit het, het hy nooit enige suspisie daaroor gehad nie.

[412] Hy gee toe dat wat aanklagte 18 en 19 aanbetref (die Kroatiese transaksie) die kernvraag is of die geld bestem was vir die transaksie en of die goed gelewer is. Hy gee toe dat as die beskuldigde bedrog wou pleeg sy optrede juis aandag op die transaksie gevestig het. Sy indruk was dat Jacomet die fondse wanaangewend het. As ouditeur was hy suspisies oor die transaksie en is hy dit steeds. Oor aanklag 20 sê hy dat hy op 'n baie vroeë stadium reeds van Viljoen en Bosch en hulle klomp maatskappye gehoor het. Hy het nooit gedink dat daar enige onreëlmatigheid geskied het tydens die privatisering nie. Wat hom aanbetref het Delta G en RNL hulle eie berekenings gemaak. Hyself het insette gelewer en die SAW het dit aanvaar. Die beskuldigde het bloot Delta G se voorlegging voorgedra. Die oorpasing van die fondse na die buiteland was nie die beskuldigde se idee nie. Dit het geskied in konsultasie tussen hom en HSF. Dit word aan hom gestel dat wat aanklag 21 aanbetref (die nie projek Truter rekening) daardie rekening nie sy oudit verpligting was nie.

[413] Die meeste vrae in herverhoor was argumentatief van aard. Hy sê egter dat die persone wat die laboratorium skoongemaak het se klere vuil was. Een van hulle was Mijburgh. Hy het hulle gesien by die meer in Centurion.

[414] *Barend Jacobus du Plessis* was gedurende April 1990 die minister van finansies. Hy het op 19 April 1990 saam met die minister van verdediging 'n vergadering bygewoon waar die afkoop van die bates van Delta G bespreek is. Die Wet op Skatkis en Oudit het dit vereis. Hy het baie sterk gesteun op die advies van mnr. Wronsley wat voorheen die sekretaris van die tesourie was en toe die OG was. Hy het die nodige agtergrond gehad om te adviseer by sulke aangeleenthede. Hy kan nie onthou wie die voorlegging gedoen het nie maar glo dat dit iemand van HSF en die beskuldigde was. Die voorlegging was gerig aan die minister van verdediging. Dit was 'n ingewikkelde een. Hy onthou die proses maar nie die detail nie. Hy gee toe dat hy dit goedgekeur het want sy paraaf kom orals voor. Hy sê dat hy nie besef het dat die beskuldigde bevoordeel sal word nie en dat hy 'n belang in Delta G gehad het of be-oog het om 'n belang daarin te bekom nie en dat hy vriende was met Mijburgh nie. Hy het ook nie geweet dat hulle gemeenskaplike finansiële belange het nie en dat Mijburgh en minister Malan familie was nie. Hy meen dat hy tog van die familieverband behoort te geweet het en alhoewel dit nie noodwendig tot 'n ander resultaat sou gelei het nie sou hy die aangeleentheid beter ondersoek het. Hy het ook die privatisering van RNL goedgekeur. Hy het ook nie geweet dat die beskuldigde en Swanepoel vriende was en gemeenskaplike belange gehad het nie. Hy sê dat die OG nie werklik ten gunste van privatisering was nie maar omdat Coast nie 'n normale proses was nie het hy dit aanvaar. Indien hy bewus was van die familieverbintenis sou hy die saak anders benader het. "He would have applied his mind".

[415] Onder kruisverhoor het hy toegegee dat die feit dat die beskuldigde, Mijburgh en Swanepoel vriende was irrelevant is. Hy gee ook toe dat as hulle bv. saam 'n strandhuis gehad het dit ook irrelevant sou gewees het. Wanneer dit aan hom gestel word dat die graad van die verwantskap belangrik is wil hy nie daaraan byt nie en sê hy dat hy van enige familieverbintenis sou wou geweet het. As 'n familielid bv. kort voor die goedkeuring aangestel was sou dit suspisieus gelyk het. As hy al lank betrokke was sou dit anders gewees het maar dit sou goed gewees het om te weet van die verbintenis. Wanneer dit aan hom uitgewys word dat Mijburgh reeds gedurende 1985 aangestel is gee hy toe dat die verbintenis nie 'n rol behoort te gespeel het nie. Al rede waarom hy sou wou weet is om skinderstories te besweer. Hy aanvaar sy kollega se integriteit en

sê dat dit sy (Malan se) plig was om hom van die verwantskap in te lig. Wanneer dit aan hom gestel word dat almal in die SAW daarvan geweet het sê hy dat hy nie geweet het nie en dat volgens die OG se dokument daar nie so 'n aantekening was nie, iets wat hy sou verwag het. Hy gee toe dat die resultaat selfs al het hy geweet waarskynlik dieselfde sou gewees het. Hy stem saam dat die vlak waarop die besluit geneem is die hoogste vlak was en dat die beskuldigde beslis nie een van die hoof rolspelers was nie. Hy ontken dat hy sy goedkeuring blindelings gegee het en sê dat hy die aangeleentheid met admiraal Bekker en admiraal Murray bespreek het, dat hulle goed ingelig was en dat hy dit ook vele male met die OG bespreek het. Wanneer dit in herverhoor aan hom gestel word dat die beskuldigde en die besturende direkteure gemeenskaplike sakebelange gehad het en betrokke was by die WPW groep en die individuele maatskappye daarin sê hy dat as dit so was dit nie werklik vir hom saak sou gemaak het nie. Hy sou egter onrustig geraak het as hy geweet het dat die beskuldigde 'n belang het in Delta G of 'n belang sou verkry.

[416] *Jacobus Lodewikus Botha*, 'n luitenant-kolonel en rekenmeester, se funksie was om logistieke personeel te oudit. Dit het beide gewone en geheime aktiwiteite behels. Die geheime aktiwiteite is verdeel in vertroulik, geheim en uiters geheim. Wat Coast aanbetref kon hy nie aankope bevestig nie. Hy moes net die geld kontroleer. HSI was die borg. Hy verwys na bewysstuk 21B ('n ouditverslag van 14 Mei 1990) en sê dat die oudit wat hy uitgevoer het by Truter se kantoor uitgevoer is. Hy en kolonel Jacobs het die oudit gedoen en die inligting uit HSI se lêers gekry. Hy het Truter se daggeldrekening ge-oudit asook die rekening van D John Truter Finansiële Konsultante. Hy het nie geweet wie die projek offisier was nie maar het geweet dat Pierre Theron betrokke was. Die boeke en uitrusting wat hy ge-oudit het was Truter se boeke en kantooruitrusting. Hy het nie geweet waarop die prestasie verband betrekking gehad het nie. Hy het nie belang gestel in die Luxembourg rekening nie. Hy wou graag Delta G se persele besoek maar toegang is hom geweier. Waar hy in paragraaf 44 gepraat het van weldeurdragte bestuur het dit gegaan oor die hantering van die fondse.

[417] Onder kruisverhoor het hy verduidelik dat hy net gelde tot by Truter opgevolg het. Hy gee toe dat gen. Hanekom self 'n oudit kon doen. Hy weerspreek nie Knobel se getuienis nie. Hy het weens die moet-weet beginsel min van die projek geweet. Die inspekteur- generaal het 'n baie wyer funksie as syne, wat maar 'n

fraksie van die projek behels het, gehad. Hy was net een maal by die vloei van fondse betrokke. Ander personeel kon ander aangeleenthede of by ander geleenthede inspekteer het. Dit was nie snaaks dat hy nie 'n oudit by Delta G kon doen nie. Die moet-weet beginsel het dit verbied. Hy het geweet van brigadier Pfeil maar het hom net van sien geken. Pfeil het die fisiese inspeksies gedoen.

[418] *James Edward van Heerden* (Wally van Heerden) is sedert 1963 in diens van die OG. Hy oudit die SAW en die polisie. Hy het 'n verklaring JVH 1 opgestel. Coast was 'n uiters geheime projek, die oudit waarvan aan die OG opgedra is ingevolge die Skatkis en Ouditwet. Feite wat tot nadeel van die nasionale belang kon wees moes nie geopenbaar word nie. Origens was dit 'n normale oudit. Die projek het in 1982 tot stand gekom en daar was ongekwalifiseerde ouditmenings tot die 1992/93 boekjaar. Van toe af is daar net verwys na projek B. Hy was die ouditeur toe dit tot stand gekom het en het persoonlik die oudits vir die 1982/83 en 1983/84 boekjare gedoen en ongekwalifiseerde ouditmenings uitgespreek. Die borge van die projek was altyd die staat, of die SAW of HSI of HSF. Hy het altyd by HSI vasgestel hoeveel geld deur die borge beskikbaar gestel is aan Coast. Gedurende 1987 is besluit om die oudit uit te kontrakteer en Pierre Theron is aangestel as ouditeur. Die oudits was toe agterstallig maar hy het dit op datum gebring met ongekwalifiseerde ouditmenings. Hy het voortgegaan en die projek geoudit tot by afsluiting daarvan gedurende 1994. Hy sê dat hierdie projek baie sensitief was maar dat die kernprojek dalk meer sensitief was. Wanneer 'n ouditeur nie die volle agtergrond het nie loop hy 'n risiko en behoort hy gekwalifiseerde verslae uit te bring. Daar was nie toegang tot die buitelandse bankrekenings nie en die oudits is bemoeilik deur die sanksies. Alhoewel die transaksies verbloem is om sanksies te ontduik is daar tog 'n plig om die ouditeur ten volle in te lig. Theron was 'n vertroueling van die destydse staatspresident. Hy het dieselfde bevoegdhede as die OG gehad en moes netsoos die OG oudit.

[419] Aan die einde van 'n jaar het hy en Theron samesprekings gehad. Indien daar nie onreëlmatighede, vrugtelose uitgawes of ongemagtigde uitgawes ter sprake was nie is hy skriftelik in kennis gestel en is die projek so afgehandel. Pierre Theron was op 'n stadium bekommerd omdat daar so baie bankrekenings

oorsee was maar is deur die beskuldigde die versekering gegee dat dit nodig was om voldoende dekking aan die projek te verskaf. Daar was nie 'n beperking op die hoeveelheid rekenings nie. Tesourie moes frontbankrekenings goedkeur. Hy weet nie of die rekenings goedgekeur is nie. Hy is oor die Kroatiese transaksie deur Theron ingelig. Daar was 'n vergadering in November 1993 waarby gen. Nieuwoudt, die GG, gen. Raubenheimer, hyself, Pierre Theron, adv. Fouche en kol. Steyn teenwoordig was. Daar is besluit dat die \$1,68 miljoen en die R7,2 miljoen verhaal moes word en indien nie dat daar 'n detail verslag oor die hele loop van die transaksie verskaf moet word. Dit het toe aanleiding gegee tot F18.131 en F19.30 (die Chronologiese verloop ens.). Daar was 'n ooreenkoms tussen die SAW en die OG dat persone verbonde aan die staat of die SAW nie teenwoordig sou wees by die frontmaatskappye soos Delta G en RNL nie. Hy weet nie van die laboratorium by Speskop nie en was nie betrokke by EMLC se oudit nie. Hy het geweet dat die beskuldigde, Viljoen, Mijburgh en Swanepoel by die projek betrokke was maar hy het nie geweet dat die beskuldigde 40% van die aandele in Waag 'n Bietjie Boerdery gehad het nie en ook in ander maatskappye nie. Theron was nie onder die indruk dat daar staatsfondse by Merton huis betrokke was nie aangesien die beskuldigde dit in 'n beëdigde verklaring, bewysstuk K, ontken het. Dit het hulle gemoedsrus gegee. Daar was ook bekommernisse oor huurvlugte, kontantvloei-state, verkrygings, voorrade en uitrusting wat aangekoop is. Daardie bekommernisse is egter besweer deur Pierre Theron in 'n skrywe¹² waarin hy tevredenheid uitspreek dat daar nie onreëlmatighede plaasgevind het nie. Daar was bewerings en twyfel oor die korrektheid van Theron se oudit. Hy gee egter toe dat dit verkeerd bewys is. Die feit dat die OG daarna vir Theron gevra het om die verdere vrae deur KEEM geopper te ondersoek en daaroor verslag te doen, toon aan dat hulle nie bekommerd was oor sy objektiwiteit nie. Hy weet nie of die bankrekenings wat deur Zimmer beheer is deur die minister goedgekeur is nie. Indien daar verlies van geld was moes dit aan die OG voorgelê word sodat dit op 'n bepaalde wyse afgeskryf kon word. Brigadier Briers wat oorsee is om die projekrekenings te gaan kontroleer het net na Truter se rekening gekyk. Dit het te doene gehad met die aankoop van beskermende klerasie. Hy glo dat Briers oorsee gegaan het op aandrang van die OG. Hy weet nie van iemand by die OG wat by 'n inspeksie van Coast betrokke was nie. Hy kan nie ontken dat hy wel met die beskuldigde oor die Kroatiese aangeleentheid gepraat nie maar hy kan nie die gesprek onthou nie. Hy was onder die indruk dat

¹² Aanhangsel L tot JVH1.

die \$390 000 en \$400 000, wat teruggekom het na Suid Afrika uit die verdeelbare waarborg rekening in Switserland gekom het. Hy was uitgenooi om die vernietiging van die grondstowwe gedurende Januarie 1993 by te woon maar hy wou dit nie bywoon nie. Hy kan nie onthou dat daar by die vergadering van 15 November 1989 detail samesprekings was nie. Hy kan nie ontken dat Pierre Theron en die beskuldigde samesprekings kon gehad het nie en dat hy eers later by hulle aangesluit het nie.

[420] Oor aanklag 20 sê hy dat die beskuldigde sy belange in die maatskappye wat genoem word moes openbaar het. Hulle was betrokke omdat mnr. Wronsley 'n noue verbintenis met die minister gehad het. Die familiverbintenis moes in die voorleggings aan die ministers genoem gewees het. Hy was ook geskok oor die lenings tussen Delta G, RNL en BRCI na die privatisering. Indien aandele in CSD aangekoop is behoort dit in die staatsbateregister aangeteken te gewees het. Dit is sy standpunt dat die beskuldigde alles moes openbaar het nl. \$die \$2,3 miljoen van die prestasie waarborg, die Blackdale Copperdale transaksie, die aankoop van die vigs "probes" en die thymus peptied, die persoonlike belang in Medchem Forchungs, die aankoop van die vliegtuig en die fasilitering van 'n gedeelte van die finansiering daarvan met die fondse wat vir die privatisering bestem was, die aankoop van die peptiedsintetiseerder, die aankoop van die prostaglandien, die verdeelbare waarborgrekening en die betalings aan Luft en in die nie- projek Truter rekening, die verkoop van die beskermende klerasie en die tweede RITS rekening.

[421] Gedurende kruisverhoor het hy toegegee dat hy na 1987 staatgemaak het op PierreTheron se menings. Hy was bloot die oudit kontroleur wat nie na fakture en bewysstukke gekyk het nie. Hy was nie fisies betrokke nie en tot die 1991/92 boekjaar het hy ongekwalifiseerde ouditmenings gekry. Die eerste keer wat hy beseft het dat daar probleme was, was na Maart 1993. Pierre Theron was die verteenwoordiger van die OG vanaf 1987 tot 1993. Wat aan die OG openbaar moes word moes aan hom (Pierre Theron) openbaar word. Dit geld ook vir vrugtelose uitgawes en verliese. Die rekenpligtige beampte moes aan Theron verslag en hy, wat die getuie is, was eintlik onbetrokke. Hy gee toe dat hy nie veronderstel was om bewysstukke soos fakture en betalingsbewyse te sien nie. Hy gee nie toe dat Truter 'n rekening in sy eie naam kon open nie. Hy gee teensinnig toe dat wat die leweransier met die fondse doen, nadat lewering geskied het, en die fondse in

sy rekening geland het, niks met die projek te doene het nie. Dit behels dat hy toegee dat as die goedere vir die laboratorium in aanklag 1 eers gelewer is dit irrelevant is dat Buffham die gelde na Luxembourg oorgeplaas het en dat Amfra aandele gekoop het.

[422] Hy kan nie betwis dat tot in 1993 hy tevrede was met die projek nie en dat daar geen suggestie was of deur Pierre Theron of deur enigiemand anders dat daar wanaanwending van fondse was nie. In 1992 was daar wel vrae oor Merton huis, 40 telefone is op meegeluister, daar was 'n diepgaande ondersoek en Pierre Theron, HSI en HSAW was almal tevrede dat alle aankope ontvang is. Die mense wat die ondersoeke gedoen het kon gaan kyk na die laboratoriumtoerusting, die peptiedsintetiseerder en die CAMs. Daar was nie 'n enkele klagte dat iets wat gekoop moes geword het nie gekoop is nie. Niks was nog vernietig nie. Die dokumente was nog beskikbaar. Hy gee toe dat die beskuldigde nou in 'n baie moeilike posisie is want die dokumente is vernietig en baie van die goed is vernietig en dit word nou van hom verwag om te bewys dat die goed wel aangekoop is.

[423] Hy het ook toegegee dat die SAW nie openlik stowwe kon aankoop nie en dat ongewone maatreëls aangewend moes word. Hy kan ook nie ontken dat die beskuldigde juis opdrag gehad het om die goedere te verkry selfs al was dit op eienaardige wyses net so lank hy hom nie self verryk nie. Hy gee toe dat Pierre Theron ge-oudit het so ver as wat dit moontlik was. Hy gee ook toe dat daar geen rede bestaan om te aanvaar dat die stowwe nie vernietig is nie. Hy gee toe dat hy uitgenooi was om die vernietiging by te woon en dat dit sy besluit was om dit nie te doen nie omdat hy gedink het dat hy geen bydrae kan lewer nie. Hy was ook bewus daarvan dat gen. Neethling van die polisie ook uitgenooi was. Oor die privatisering gee hy toe dat hy nie 'n probleem het met die berekening van die bedrae nie, dat hy die minister sou ingelig het as daar fout was, dat Mijburgh die berekeninge gemaak het en dat Pierre Theron insette gelewer het en seker sou aangedui het as die berekeninge tot nadeel van die staat was. Hy word gevra om aan te dui watter verskil dit aan die berekening van die bedrae sou gemaak het as die OG geweet het van die familieverbintenis en kan nie eintlik aantoon dat daar 'n verskil sou gewees het nie en gee ook toe dat besluitnemers HSAW, die minister van verdediging en die minister van finansies was en dat twee van die drie bewus was van die familieverbintenis. Hy kan nie bra betwis dat die feit dat hy en Wronsley dit nie geweet het nie, irrelevant is nie.

Dit word verder aan hom uitgewys dat Pierre Theron daarvan bewus was en dat hy eintlik hulle verteenwoordiger was. Dit word aan hom uitgewys dat niemand aangevoer het dat die beskuldigde 'n openbaringsplig oor hierdie aspek gehad het nie. Dit word aan hom uitgewys dat gen. Knobel oortuig was daarvan dat hy (van Heerden) bewus was van die verbintenis, dat dit spesifiek in Kaapstad tydens 'n teedrinkery genoem is en dit word aan hom gestel dat hy dit geweet het. Sy reaksie is dat dit nie in sy kernnotas voorkom nie. Hy gee egter toe dat hy nie kritiek het teen die privatisering nie en dat hy nie kan sê dat daar bedrog gepleeg is nie.

[424] Wanneer hy gevra word oor die verbod om aandele in Delta G te verkry vir so lank as wat daar nog geld aan die staat verskuldig was, gee hy toe dat na privatisering daar nie meer geld aan die staat verskuldig was nie en dat enige staatsamptenaar aandele kon koop. Wanneer dit aan hom gestel word dat slegs gemeenskaplike belange tussen besluitnemers en bevoordeeldes geopenbaar hoef te word is dit sy reaksie dat hulle voorskrifte is dat enige persoon in 'n departement wat 'n verbintenis met 'n bevoordeelde het dit moet openbaar. Hy wil ook nie toegee dat die normale staatsdiensreëls oor bankrekening nie by Coast kon gegeld het nie. Hy ontken egter nie dat as daar wel 'n nalate was om die rekenings te openbaar dit HSF was wat nagelaat het om dit te openbaar nie. Hy hou ook voet by stuk dat die KBK, bestaande uit HSAW, die GG, HSI en HSF, nie kon besluit om die goedere te vernietig nie maar gee toe dat die vernietiging hier reëlmatig geskied het omdat die minister dit goedgekeur het..

[425] *Johannes Hendrik Jordaan* is 'n chemikus met o.a. 'n Ph.D van die State University of New York. **Dit wil lyk of hy, netsoos dr. Lucia Steenkamp, geroep is om aan te toon dat die beskuldigde niks geweet het van peptiedsintese nie en dat daar nie 'n duur gesofistikeerde peptiedsintetiseerder was wat teen oor die \$2 miljoen aangekoop kon word nie.** Hy was vantevore verbonde aan die Buro van Standaarde en die Raad op Atoomkrag. Hy was by Delta G en dié se opvolgers tot aan die einde van Maart 2000. Hy is bedrewe in analitiese chemie. Hy verduidelik ook dat as die ketting van peptiede lank genoeg word dit 'n proteïen word. Hy het al in 1963 'n lesing oor peptiede bygewoon. 'n Peptiedsintetiseerder is 'n eenvoudige masjien wat doen wat 'n mens ook met die hand kan doen maar wat, indien behoorlik geprogrammeer, dit in

jou afwesigheid kan doen. Dit hang af van die grootte van die masjien hoeveel van 'n produk gemaak kan word. Die masjien het nie vaardighede nie. Die vindingrykheid en die vaardigheid kom van die chemikus af. Hy weet nie of die beskuldigde peptiede kon sintetiseer nie. Wanneer hy gevra word of 'n M.Sc in fisiologiese chemie nie voldoende is om dit te doen nie is sy reaksie dat dit darem nie biochemie is en meer te doen het met die hele menslike masjien en nie noodwendig met die werking op molekulêre vlak nie. Dit is wel moontlik dat die beskuldigde op molekulêre vlak kon gewerk het.

[426] Peptiedsintese is nie 'n groot veld nie en daar is maar 'n klein groepie mense daarby betrokke. Hy noem prof. Visser by UP, ene Botes van Kaapstad en ene Dawie Swart. Hy noem ook homself en Lucia Steenkamp en sê dat hy nie weet van 'n deskundige by die SAW nie. Delta G het wel 'n peptiedsintetiseerder gehad. Hy was betrokke by die aankoop daarvan. RNL het peptiede nodig gehad vir navorsing. Hy het 'n Beckman sintetiseerder bestel en dit is binne 'n maand of twee later gelewer teen R240 000. Hy glo nie dat dit ge-affekteer kon gewees het deur sanksies nie. Daar was verkeie verskaffers van sulke masjiene in die VSA, Swede, Engeland en Duitsland. Hy kan nie dink hoekom daar geheimhouding oor so 'n masjien moes wees nie. Dit is egter so dat daar daarmee sensitiewe produkte gemaak kon word.

[427] Hy was die direkteur van biochemie by Delta G. As gevolg van stories het hy besef dat dit 'n frontmaatskappy was. Hulle het hoofsaaklik navorsing gedoen op die irritant CR. Hulle het ook gekyk na ensieme vir detoksifikasie om anorganiese gifstowwe wat in die grond lê af te breek. Peptied hormone kan help om entostowwe te ontwikkel. Daar was 'n vigs projek. Hy het nie geweet van navorsing oor Ecstasy en Mandrax nie. Hy het nie geweet van navorsing oor CBO nie. Hy dink nie CR gas is 'n onbekende ding nie. Hy, van Jaarsveld, twee Bothas en Gerald Cadwell was by die vervaardiging van die CR betrokke. Hy dink hulle het omtrent tien ton vervaardig. Daar is pirolitiese toetse gedoen deur Paul Steenkamp. Vir verwapening moes pirotegniese toetse gedoen word. Sy onmiddellike hoof was Barry Pithey. Mijburgh was die besturende direkteur, 'n mediese dokter met 'n B. Com. en sy skoonseun. Hy weet nie van 'n tegniese

werke komitee nie. As hulle 'n peptiedsintetiseerder nodig gehad het sou hulle dit eenvoudig gekoop het. Sy kontak met die beskuldigde was sosiaal. Hy het nooit opdragte direk van hom ontvang nie. Dr. Steenkamp het egter terugvoering aan die beskuldigde gegee. Hyself het nie omdat hy besig was met bemaking. Hy weet nie van 'n gevorderde peptiedsintetiseerder nie. Die een by Delta G is aan hom verkoop as afval apparaat en hy het dit aan 'n man in die Oos-Kaap verkoop. Hy sê dat die beskuldigde meer as 'n jaar gelede by hom kom kuier het en dat hy dink dat hy hom toe voorberei het vir die klagtes en inligting oor peptiedsintese ingewin het alhoewel hy nie die gesprek kan onthou nie. Dit was nie 'n probleem om grondstowwe te verkry nie. Jerry Brandt het dit gerieflik vir hulle gekry. Dit het so R1000 per gram gekos. Hy weet nie of die beskuldigde by die aankoop betrokke was nie. Die thymus peptied bevat 24 aminosure. Alhoewel hulle nie een gemaak het nie sou hulle dit kon doen. Dit kan dien as 'n immuun-stimulant. As daar sulke navorsing was moes hulle dit met hom bespreek het. As daar 500 gram aangekoop is vir R900 000 was dit baie goedkoop want 'n mikrogram is verkoop vir \$220. DNA "probes" is genetiese boodskappers wat nie met 'n peptiedsintetiseerder vervaardig kan word nie. Dit word nie saam met peptiede gebruik nie. Hy het nie navorsing oor "probes" gedoen nie. Hy weet nie hoe 'n mens 'n thymus peptied kan gebruik om 'n sintetiseerder te kalibreer nie. Hy het 'n probleem met die begrip kalibrering maar maak dit duidelik dat die apparaat wat hy in gedagte het bloot sintetiseer en nie ander funksies vervul nie en dat die peptiede bloot net vir navorsing gebruik word. As 'n sintetiseerder deur die weerlig geslaan word sal die rekenaar uitbrand en kan dit met 'n ander rekenaar vervang word. \$3,2 miljoen vir 'n sintetiseerder klink vir hom baie want een kan vir R600 000 aangekoop word. Daar is ander byvoegsels wat meer sal kos. Hy weet nie van 'n Bulgaar nie maar sê dat die apparaat met 'n handboek kom. As dit baie gesofistikeerd is kan 'n persoon seker 'n demonstrasie gee. Manipulasie van die brein is seker moontlik maar navorsing daarvoor behoort deur 'n span navorsers gedoen te word, bestaande uit 'n chemikus, 'n biochemikus, 'n farmakoloog, 'n fisioloog en klinici.

[428] Hy weet dat Ecstasy, ook bekend as Baxil by Delta G vervaardig is. Daar was omtrent 'n ton daarvan vervaardig, onder beheer van dr. Koekemoer. By Delta G was daar nie navorsing oor die uitwerking daarvan op die brein nie. Daar is twee metodes om Ecstasy te maak. Die een is die safrool metode. Dit is betreklik vuil en het kwik as 'n uitvalstof en is moeilik om mee te werk. Die ander metode is om dit met PMK te maak.

Hulle het PMK probeer maak. Sy baas was Pithey. Hulle het dit by sy huis probeer doen maar amper die huis aan die brand gestee. Hulle het later verneem dat dit 'n groot sekerheidsrisiko was. Hyself is nie direk daarvoor gekontak nie. Dit is bekend as glisidiese ester metode en is gebaseer op D'Arson's reaksie. Hy kan nie glo dat Brandt vergoeding geëis het vir die verkryging van die metode nie. Hy weet dat Brandt ook die ding met prof. Lourens bespreek het.

[429] BZ is ook 'n ester. Dit is 'n verbinding van karbosielsuur en alkohol. Dit word deur 'n doodeenvoudige nat chemiese proses vervaardig. HY glo dat dit moeilik sal wees om Ecstasy te verwapen omdat dit 'n sout is en dit moeilik is om 'n sout te vervlug. Hy kan slegs maar spekuleer. Dit sal makliker wees om BZ te verwapen omdat dit meer vlug is as 'n sout. Die beskuldigde kan wel 'n program om die breinfunksie te beheer, en wat deur 'n aantal navorsers uitgevoer word, kontroleer. Hormonale middels kan wel deur die neusslymvlies opgeneem word. Anders as dr. Steenkamp meen hy dat probes en peptiede saam gebruik kan word. Hy weet nie wat in die vroeë 90's by die Speskop laboratorium was nie. Hy is bewus van massa spektometrie. Hy word verwys na 'n stelling deur die verdediging oor parabroom en parachloor en sê dat wat hom aanbetref dit betekenisloos is. Hy sê dat hulle wel by Delta G ge-eksperimenteer het met 'n middel para-chloro-orto-cresol maar dat hulle agter gekom het dat dit nie koste effektief was nie en goedkoper ingevoer kon word. Wanneer dit aan hom gestel word dat daar na bewering 'n peptiedsintetiseerder was wat die proses kon kontroleer en selfs foute kon uitskakel is dit sy reaksie dat dit nonsens is en dat daar nie so 'n masjien kan wees nie. Dit is nie in die handel beskikbaar nie en dit is nie waarskynlik dat dit by 1990 beskikbaar was nie.

[430] Onder kruisverhoor het hy toegegee dat sy kontak met die beskuldigde sosiaal was. Daar was net die een projek met RNL na die aankoop van die peptiedsintetiseerder. Me. Bornman was ook daarby betrokke. Dit was gemik daarop om entstowwe te vervaardig. Wanneer dit aan hom gestel word dat Delta G nie die peptiede kon lewer nie ontken hy dit. Hy weet nie watter ervaring die beskuldigde gehad het nie, behalwe dat hy 'n spesialis geneesheer was. Hy weet nie wat sy ervaring mbt CBO was nie. Hy het nie geweet wat die beskuldigde doen en wat syy take behels nie. Hy het nie geweet dat hy by Coast betrokke was nie. Hy het

wel afgelei dat die SAW by Delta G betrokke was, weens skinderstories. Die analitiese werk wat hulle op urine monsters gedoen het, het hom ook laat besef hulle werk vir die SAW. Daar was ook van die personeel wat openlik vertel het van hulle werk by Speskop. Hy het nie geskakel met die SAW nie. Na die probleem met die PMK het kol. van der Spuy daar aangekom met uniform en hulle geïnspekteer.

[431] Hy het in 1989/90 oorgeskuif na bemarking toe. Daar was 'n sagte been met kommersiële produkte en 'n harde been wat CBO projekte was. Hy het 'n sterk rol gespeel om die indruk te skep dat Delta G 'n gewone kommersiële onderneming was. Hy was net by die CR betrokke. Dit is 'n groot aanpassing om produksie op te stoot. Daar is verskillende tipes CR en dit is aanvanklik deur die Amerikaners en die Engelse ontwikkel. Alle chemiese stowwe wat vir verwapening gebruik sou word moes pirotegnies getoets word. Dit kon nie by Delta G gebeur nie. Hy stem saam dat jy 'n aerosol aflewering kan kry soos bv. 'n haarsprei of 'n asma pompie maar dat sommige substansie gemikromiseer kan word en in 'n poeivorm versprei kan word. As hy hoor dat senugas gemeng kan word met 'n gemikromiseerde vaste stof en so versprei kan word is sy reaksie dat dit diabolies is. Dit word aan hom gestel dat daar ene Gerald Bull saam met die beskuldigde gewerk het wat dit ontdek het. Hy gee toe dat Ecstasy in gemikromiseerde vorm versprei kan word en dat dit 'n effektiewe chemiese middel is. Hy gee ook toe dat twee onskadelike gasse in in twee houers afgelewer kan word en deur middel van 'n gas-fase reaksie, 'n soort van 'n ontploffing, omskep kan word in 'n gifstof. Hy sê dat dit is soos wat 'n atoombom werk.

[432] Hy gee toe dat as hy sê dat daar geen groot geheime was wat bewaar of beskerm moet word nie hy bloot praat waarvan hy weet. Hy het nie geweet dat die SAW 'n CBO program gehad het nie. Hy het nie geweet watse werk die beskuldigde gedoen het nie. Hy het nie gedink dat hy in staat was tot chemiese sintese nie. Hy het nie besef dat hy tien jaar ervaring gehad het nie. Hy kan nie ontken dat die beskuldigde in staat was om chemiese sintese te doen nie en daarby betrokke was nie. Hy gee toe dat hy, Pithey en Botha betrokke was by die vervaardiging van die PMK. Dit word aan hom gestel dat hulle bewustelik met Delta G gekompeteer het toe hulle die PMK gemaak het. Sy reaksie is dat Brandt hulle gevra het om dit te maak omdat die beskuldigde nie wou hê dat dit van Delta G aangekoop word nie, dat hulle 'n monster gemaak het

wat vir Brandt aanvaarbaar was en toe 'n groot hoeveelheid probeer maak het. Nadat die probleem ontstaan het, het hy 'n verdere hoeveelheid gemaak wat aan Koekemoer oorhandig is. Hy meen dat Brandt hulle bedrieg het en 'n berieër is. Hy regverdig sy optrede op die basis dat hy geglo het dat sy werk in belang van die SAW was. Hy kan nie ontken dat Pithey se besluitnemingsbevoegdheid hom ontnem is nie en dat die enigste rede waarom hulle nie ontslaan is nie sekerheidsoorwegings was.

[433] Hy gee toe dat daar verskille is in die sofistikasie van peptiedsintetiseerders in die sin dat daar bykomende apparatuur, soos massa spektrometers kan wees. Hy weet lán van massa spektrometrie. Hy ontken nie dat die rekenaarvermoëns wat deur die Amerikaanse weermag ontwikkel word nie gepubliseer word nie en toon ter staving aan dat daar reeds in 1962 'n projek was, waarby 'n aantal universiteite betrokke was, om by wyse van internet met mekaar te skakel terwyl die internet eers bekend geword het in die tagtiger jare. Hy gee verder toe dat baie keer ontwikkeling alreeds geskied het maar nie gepubliseer word nie omdat die ontwikkelaar die geheelbeeld wil bekend maak. Hy gee verder toe dat as hulle 500gr. peptiede by Delta G wou maak dit 4000 uur sou neem. Hy gee ook toe dat 'n publikasie, oor peptiedsintese, waarna hy in sy hoofgetuigenis verwys het eers gedurende 1992 verskyn het. Hyself was na 1990 nie meer betrokke by peptiedsintese nie. Daar is verskillende lengtes van peptiede, van twee tot honderde. Hulle masjien kon nie op 'n groot skaal peptiede produseer nie. Dit is nou so dat daar masjiene is wat 96 peptiede gelyk kan sintetiseer. Dit is so goed as 96 verskillende masjiene. Hy kan nie ontken dat daar by die vroeë negentigs reeds sulke masjiene op die mark was nie. Hy weet nie of daar nog persone was wat peptiede gesintetiseer het nie en gee toe dat as die SAW wou hê dat wat hulle doen 'n geheim moes bly, hy nie daarvan sou geweet het nie. Hy is bewus van die thymus peptied en wanneer dit aan hom uitgewys word dat Lucia Steenkamp eers gedurende 1997 daarvan bewus geword het is sy reaksie dat hy reeds as student daarvan gehoor het. Hy gee ook toe dat sy getuigenis dat die artikel oor parabroom en parachloor nonsens is, gegee is sonder dat hy die artikel gelees het. Nadat dit aan hom getoon is gee hy toe dat dit opname deur die bloedbreingrens verhoog. Wanneer dit aan hom gestel word dat daar 'n gesofistikeerde peptiedsintetiseerder was waarmee daar gevorderde navorsing gedoen is, is sy reaksie dat hy dit glo.

[434] *Christoffel Cornelius Bezuidenhout* is geroep om aan te toon dat dit onnodig was om nabyheidsbuis (proximity fuses) vanaf China in te voer. Hy werk by Fuchs Electronics. Krygkor was hulle grootste klient. Hy ken Swartklip. Hy het getuig oor bykans 4000 nabyheidsbuis wat hulle aan Krygkor verkoop het. Hy verkies die elektroniese nabyheidsbuis omdat dit meer effektief is as die meganiese tydbuis. Hulle kwaliteitsbeheer word gedoen in oorleg met die SAW en in besonder met die personeel van kol. Ferreira. As hy gedurende 1990 versoek is om nabyheidsbuis te verskaf kon hy dit doen

[435] Onder kruisverhoor het hy toegegee dat sy deskundigheid lê op die gebied van konvensionele wapens en dat hy nie 'n deskundige is op die gebied van CBO nie. Hy gee toe dat met modifikasies nabyheidsbuis wat vir een doel vervaardig is vir 'n ander doel gebruik kan word. Hulle voer omtrent 50% van hulle produksie uit. Vroeër het hulle dit dmv Krygkor gedoen maar sedert 1994 doen hulle dit in hulle eie naam. Terugspoorbaarheid is belangrik. Indien die buis gevind word kan dit teruggespoor word na die vervaardiger. Hy gee toe dat dit dwaas sou wees om nabyheidsbuis wat teruggespoor kon word tot by Fuchs in Angola te gebruik. Hy het in herverhoor verduidelik dat daar 'n nommer op die omhulsel is wat in hulle brosjures voorkom.

[436] *Cornelius Johannes Ferreira* is 'n kolonel in die SAW. Hy het die SAW verteenwoordig by Naschem, wat tans 'n tak van Denel is. Hy is bekend met die vervaardiging en vernietiging van ammunisie. Hy ken meganiese buise. Hy ken Naschem en Swartklip. Hy meen dat die aanjaer (booster) van 'n nabyheidsbuis die ding wat aangewend moet word, soos die blikkie CR of 'n fakkel sal stukkend skiet. Hy het te doene met beligting en rook en het kwaliteitskontrole op CR saam met Laubscher toegepas. Hy sê dat dit onmoontlik om met 'n nabyheidsbuis op 250 meter te detoneer. Hy het voorraadopnames gemaak en verwys na 81mm. en 155mm. CR houers. Hy weet van die vernietiging daarvan. 'n Nabyheidsbuis kos ±R695,00. Hy weet nie van nabyheidsbuis gedurende 1990 nie.

[437] Hy getuig oor Operasie Modulêr, Hooper en Packer. Hulle het onderskeidelik plaasgevind vanaf 25 November 1987 tot 13 Desember 1987, 13 Desember 1987 tot 7 Maart 1988 en 8 Maart 1988 tot later. Hy het

nie beskermende klerasie gesien nie. Hy ken CAMs en het ook nie gesien nie. Hy was betrokke by die onttrekking van die SAW. Hy weet net van CR. Daar is nog twintig 30kg. dromme oor. Hy weet nie van 'n laboratorium by Speskop nie. Hy ken wel vir EMLC. Hy is opgelei in pirotegnieke wat betrekking het op beligting en beroking. Hy word aangepor om te sê dat slag-meganisme deel is van pirotegniek maar hy ontken dit en sê dat hy wel slag-meganisme toetse gedoen het. Dit is dinamiese toetse. Die pirotegniese toetse word in 'n laboratorium gedoen en het te doen met die samestelling van die inhoud. Hy meen dat bomme nie terugspoorbaar is nie omdat plastiek met hout vervang is en alhoewel daar serienommers op ammunisie is word dit ook deur NATO gebruik.

[438] Gedurende kruisverhoor gee hy toe dat hy nie kennis het van chemiese wapens en die pirotegniek daaraan verbonde nie. Die pirotegniek waarvan hy praat het net te doene met beligting en beroking. Die chemiese wapens waarvan hy weet is CR. Hy gee toe dat 'n buis terugspoorbaar is. Hy gee toe dat daar mortiere is wat nie in sy rekords opgeneem is nie. Hy het nie te doene met alle voorraad wat deur die SAW opgeneem word nie. Hy hou vol dat daar nie 'n laboratorium by Speskop was nie. Oor die effektiwiteit van nabyheidsbuisse sê hy dat hy praat oor brisante en plofstowwe en nie oor chemiese wapens nie. Hy het nie 'n idee hoe dit gedetoneer moet word nie en kan nie ontken dat nabyheidsbuisse die meeste effektief is by CBO nie.

[439] *Bernard Zimmer* is 'n Belgiese burger wat in Luxembourg woon. Hy is Franssprekend maar is heel bedrewe in Engels en het in Engels getuig. Hy is 'n konsultant in die administrasie en bestuur van maatskappye vir die afgelope twintig jaar. Luxembourg is bekend vir die soort van besigheid en ook vir bank- en aanverwante dienste. Die geheimhouding van banktransaksies word by wetgewing beskerm.

[440] Hy het die beskuldigde aan die einde van 1985 of die begin van 1986 ontmoet. Sy vriend Charles van Remoortere het 'n besigheid hier in Pretoria begin. Hy is een oggens aan die beskuldigde voorgestel. Hy (Zimmer) en van Remoortere is besigheidsvennote. Hy was bewus daarvan dat die beskuldigde in diens van die SAW was. Van Remoortere het 'n kontrak in Suid Afrika gekry deur die bemiddelling van die beskuldigde.

Hy het ook geweet dat die beskuldigde 'n hartspesialis is. Van Remoortere het 'n privaatrekening gehad wat deur homself geadministreer is. Hy het tekenmagte op die rekening gehad vanaf Desember 1986. Die beskuldigde wou die rekening gebruik. Hy het die rekening vir van Remoortere geadministreer. Die transaksies is egter aangevoer deur die beskuldigde. Van Remoortere het niks met die rekening gedoen nie. Uitgelok om te sê dat die beskuldigde sy prinsipaal was antwoord die getuie dat van Remoortere die prinsipaal was maar dat niks gedoen is sonder die beskuldigde se instruksies nie. Dit was die eerste aktiewe rekening en was bekend as Barcelona.

[441] Gedurende 1986 het hy (Zimmer) 'n houermaatskappy en filiale gestig. Luft SA was die houermaatskappy en was slegs geregtig om aandele en effekte te hou. Die eerste filiaal was Biscara. Dit is in Engeland geïnkorporeer. Zimmer was 'n direkteur van Biscara. Dit is gestig om handel te dryf. Ander filiale was General Golf Investments (GGI), Genavco en Investment Global. Genavco is geïnkorporeer om 'n Jetstar vliegtuig aan te koop. Die beskuldigde het hom opdrag gegee om Luft te stig. Zimmer, Schmidt en Hammer was direkteure daarvan. Schmidt was in diens van die Banque Indosuez. Finacup was die hoofaandeelhouer in Luft. Dit het opgetree namens van Remoortere wat op sy beurt weer namens WPW Inc. opgetree het. Hy ken WPW Inc. Die beskuldigde en David Webster was die direkteure daarvan. Su opdragte het van die beskuldigde gekom. Volgens Belgiese reg moet dit bekend wees wie die voordelige eieinaars is. Van Remoortere was nie by Luft betrokke nie. Vanaf 1986 tot 1992 was Luft onaktief behalwe vir die besigheid deur Biscara. Die kapitaal in Luft was BEF1 200 000 (R100 000). Dit is uiteindelik gevries en het of van WPW Inc. of van Barcelona gekom. Gedurende 1992 is die kapitaal drie maal verhoog. Dit is gedoen om Genavco en GGI te befonds. 'n Houermaatskappy kan nie meer as drie maal sy aandeelkapitaal leen nie. Die aandeelkapitaal moes dus verhoog word. Hy het die posisie met die beskuldigde bespreek en opdrag van hom gekry om so op te tree. Hy toon aan dat Luft \$450 000 van WPW Inc. geleen het en weer aan GGI uitgeleen het. Daar was ook 'n lening van BEF15 250 000 en van BEF50 000 000. Die totale bedrag van die lenings aan Luft en Genavco was BEF96 000 000. Dit blyk uit kontantvloei-state, vir die periode 1986 tot 31 Desember 1989, wat deur die beskuldigde geteken is¹³. Van Remoortere het instruksies aan Finacup

¹³ Bewysstukke 20UU1 – 20UU6

gegee om die aandele in Luft te sedgeer aan WPW Inc. ter versekering van die lenings. Die beskuldigde het ook verdere kontantvloeiestate vir die periode 1988 tot 1992 goedgekeur deur dit te teken van tyd tot tyd.¹⁴

[442] Hy getuig oor oordragte van geld na die Bracknell rekening in Engeland, die Merrill Lynch rekening in Orlando en Truter se nie-projekrekening in Pretoria. Hy toon ook aan dat hy 'n bedrag van \$100 000 kontant aan die beskuldigde oorhandig het uit die Barcelona rekening. Hy bevestig ook dat op 24 April 1992 'n bedrag van \$2,46 miljoen, 'n lening vanaf Blackdale, in Geneve gedeponeer is in 'n beleggingsrekening, terwyl daar terselfdertyd 'n leningsrekening ge-open is met die beleggingsrekening as sekuriteit. Hy ontken dat die rekening ooit die onderwerp van 'n verdeelbare waarborg was. Hy toon ook aan dat die beskuldigde hom om en by Desember 1992 ingelig het dat hy 'n bedrag van \$2 miljoen in sy rekening kan verwag en dat daar toe twee bedrae van onderskeidelik \$440 000 en \$384 000 ge-arriveer het.

¹⁴ Bewysstuk F18.F1 – 18.F6

[443] Alhoewel Luft nog bestaan sal dit binnekort gelikwideer word aangesien al die gelde wat dit beheer het na Genavco en GGI gegaan het. Hy weet nie van enige kontak met Oos-Duitsers, Libiërs of Russe nie. Oor Genavco sê hy dat dit op 3 Desember 1992 geïnkorporeer is om die Jetstar aan te koop en 'n gemagtigde aandeelkapitaal van \$1 miljoen gehad het, waarvan net \$500 000 uitgereik was. Hy verwys na 'n brief van Webster aan homself waarin Webster sê dat dit onnodig is om 'n formele ooreenkoms te sluit vir die aankoop van die vliegtuig deur Genavco vanaf WPW¹⁵ omdat die maatskappye verwant is aan mekaar. Daar is 'n vliegtuig verkoopsdokument (Aircraft bill of sale)¹⁶ komende van Webster. Genavco het \$830 000 aan WPW betaal in twee bedrae van \$440 000 en \$390 000. Hy is heeltemal uit die veld geslaan omdat hy F18.148 van Webster ontvang het, waarin Webster dat daar geen koop-ooreenkoms was nie. Dit blyk uit sy getuienis dat hy en Webster nie dieselfde mening oor die \$830 000 gehad het nie. Hy was in geldelike verknorsing met sy gedeelte van die WPW administrasie, wou graag die \$830 000 terug hê terwyl Webster eenvoudig ontken het dat die bedrag verskuldig was. Hy verwys ook na kommunikasie dokumente tussen hom en Webster waarin daar na die beskuldigde verwys word as "our friend", hy Webster dreig met regsstappe en daar ook na die beskuldigde verwys word as "our principal"¹⁷. Daar het niks met Genavco gebeur nie. Dit het die \$830 000 verloor en die maatskappy is gelikwideer. Hy sê dat as die beskuldigde te kenne gegee het dat die aankoop van die vliegtuig, deur Genavco, 'n skyntransaksie was dan maak hy 'n fout. 'n Bedrag van \$385 000 is op instruksies van die beskuldigde uit die Banque Indosuez rekening in Geneve oorgeplaas na Truter se rekening.

¹⁵ Bewysstuk 18.137

¹⁶ Bewysstuk 18.140

¹⁷ Bewysstukke 18.154, 18.155, 18.157 en 18.158.

[444] GGI was 'n filiaal van Luft. Hy was 'n direkteur van GGI. Hy het daarmee begin tussen Januarie en Maart 1992. Daar was 'n gholfbaan, wat deur Gary Player uitgelê is, wat ontwikkel moes word. 'n Bankrekening is geopen en die beskuldigde was betrokke. Hy en die beskuldigde het die ontwikkeling twee maal besoek. Hy wys daarop dat in een van die dokumente die beskuldigde na homself verwys as die voordelige eienaar. Hy sê dat banke ivm elke maatskappy ondersoek doen en wil weet wie die voordelige eienaar is. Dit is om geldwassery te bekamp. Omdat gholf 'n duur spel is is die ontwikkeling duur. Daar moes 'n besproeiingsstelsel geïnstalleer word en daar sou ook ontwikkeling van wooneenhede geskied. Die naam van die gholf klub was Mean. Daar was ook 'n klubhuis, meegaande geboue en 'n gimnasium. Die beskuldigde en Marlow het gepraat oor die moontlike bou van 'n eenheid maar daar het niks van gekom nie. Die uiteindelijke belegger was WPW Inc. Daar was 'n kontrak tussen hom en WPW Inc.¹⁸ Hy moes van die aandele hou as nomineer vir WPW Inc. omdat daar minstens twee aandeelhouders moes wees. Die gholf klub was in finansiële moeilikheid. Die totale belegging in GGI was omtrent BEF62 000 000. Al die aandeelhouders het kort geraak aan kontant en op die ou end is dit gelikwideer. Dit is vir goedkoop aan 'n Hollander verkoop wat voortgegaan het met die ontwikkeling. Dit is nou oop. Hy word verwys na korrespondensie tussen homself en die beskuldigde waarin hy aan die een kant smee en dreig vir geld en die beskuldigde aan die ander kant vra dat hy geduldig moet wees. Hy sê dat hulle gesoek het vir moontlike kopers.

[445] Biscara het reeds in 1987 besigheid gedoen. Dit het 'n omset van £187 000 gehad. Klein toerusting ten bedrae van £145 000 is gelewer aan ABC Import and Export, wat die bedrag aan Biscara betaal het. ABC het die bedrag uitgevoer na Exipro in Swaziland. Dit was van Remoortere se maatskappy. Biscara het gedurende 1988 'n omset van slegs £2 200 gehad en het geen besigheid gedoen in 1989 nie. Die huurooreenkoms vir Pear Tree house was met Biscara. Daar is skriftelike instruksies deur die beskuldigde aan hom om hom te versoek om die getekende dokument aan Webster te stuur sodat hy dit namens WPW Inc. kan teken.

¹⁸ **Bewysstuk 18.54**

[446] Hy word verwys na A61 (die "super deal"). Dit was 'n skikking tussen WPW, van Remoortere en homself. Hy het dit self getik. Die agtergrond was dat hy moedeloos was omdat hy nie ondersteuning van die beskuldigde gekry het nie. Van Remoortere se gesondheid het so agteruit gegaan dat dit beter was om die ooreenkoms te beëindig. Voordat die ooreenkoms opgestel is was daar besprekings en ooreenstemming. Paragraaf (i) handel met lenings wat deur WPW Inc. aan van die verskillende maatskappye gemaak is en wat terugbetaal is. Paragraaf (ii) het te doene met fooie van BEF 1,2 miljoen en BEF 2 250 000 wat hy in GGI ingepomp het. Paragraaf (iii) handel met 'n bedrag van BEF 4 miljoen wat aan Claudine van Remoortere betaal is. Die beskuldigde sal beter weet waarom hy met haar getrou het. Hy dink dit was 'n besigheidstransaksie en sy was geregtig op betaling van die bedrag. BEF 1 miljoen het uit WPW se rekening gekom en BEF 3 miljoen is deur homself en van Remoortere aan haar betaal. Paragraaf (iv) was 'n bedrag van BEF 1 250 000 wat aan Genavco en Global Investments betaal moes word. Paragraaf (v) het betrekking op die \$325 000 van die Tagell transaksie. Die datum was 20 Junie 1993. 'n Bedrag van BEF 106 400 moes nog terugbetaal word. Paragraaf (vi) het betrekking op wat ABC Import and Export van WPW Inc. geleen het. Marlow het die leningsooreenkoms namens WPW geteken en die beskuldigde het as 'n getuie geteken. Paragraaf (vii) het betrekking op die twee woonstelle in Brussels. Die woonstelle is verkoop vir BEF 9,1 miljoen. Die beskuldigde het hom gevra om te help met die verkoop. Claudine was ook behulpzaam. Hy verduidelik oor die woonstelle dat by die aankoop daarvan die beskuldigde en Claudine daaroor besluit het, dat sy in die een gebly het en dat die ander deur WPW gebruik is. Hy verwys ook na 'n aantal dokumente wat op die verhuur en verkoop en oordrag van die woonstelle betrekking het.¹⁹ Met betrekking tot paragraaf (viii) van die ooreenkoms (A61) sê hy dat Protechnik verkoop is en dat Charburn 'n 24% aandeel daarin gehad het. Charburn was geregtig op R960 000. Hazmat was ook 'n Suid Afrikaanse maatskappy en Charburn het ook 'n 24% belang daarin gehad. Protechnik is aan Krygkor verkoop. Die bedrag van BEF 2 731 000 in paragraaf D is onmiddellik betaal. Die ooreenkoms dat hy BEF 100 000 as 'n fooi sou ontvang is beëindig. Goudsmith & Tang sou egter nog 'n maandelikse fooi ontvang. WPW het 'n derde van die kontant ontvang. Al die geld is in die WPW rekening inbetaal. Bewysstuk A72 is 'n verkoopsooreenkoms van aandeel. Charburn was die houermaatskappy, wat in Desember 1986 gestig is. WPW het geld aan Charburn geleen.

¹⁹ **Bewysstukke BZ1, BZ2, BZ3 en BZ4.**

BZ5 is 'n promesse ingevolge waarvan Charburn onderneem om BEF6 miljoen terug te betaal. Die beskuldigde het hulp verleen met die finansiering volgens redelike besigheidsbeginsels en hulle het gedink dit sou regverdig wees om 'n gedeelte aan hom terug te betaal. Dit is in die Merrill Lynch rekening inbetaal. Daar is dividende ontvang van maatskappye soos Technotek, Hazmat en Exipro.

[447] Hy verwys na 'n faktuur van Biscara²⁰ en toon aan dat £131 314 aan Biscara betaal is maar dat £80 000 daarvan in 'n Medchem rekening inbetaal is. Hy glo dit was 'n WPW maatskappy.. Hy het dit nie geadministreer nie. Hulle was ook geïnteresseerd om Fancourt deur GGI te koop. Volgens sy Fancourt lêer is 'n transaksie beplan deur die bemiddelling Trans American Securities ingevolge waarvan Fancourt vir R52 miljoen aangekoop kon word. Gedurende Julie 1993 is memorandum voorgelê aan Ulf Martinson. Daar was ook ook 'n behoefte aan finansiering vir Genavco. Daar was ook sprake van Banco di Napoli skuldbriewe. Die beskuldigde het hom die inligting gegee. Die serienommers van die skuldbriewe is aan hom verskaf. Hy het 'n brief van die beskuldigde ontvang vanaf die "cottage" waarin daar 'n fotokopie van so 'n skuldbrief was. Hy het navraag gedoen maar kon nie die skuldbriewe op die effektebeurs opspoor nie en het die beskuldigde meegedeel dat groter sekuriteit nodig was. Hy verwys na 'n brief aan die Banque Indosuez waarin die beskuldigde na homself verwys as die uiteindelijke voordelige eienaar van WPW en 'n brief waarin Trans American Securities aan Mijburgh aandui dat hulle bereid is om \$20 miljoen voor te skiet. Daar was Nova Scotia skuldbriewe ter sprake. Daar was 'n brief van die Luxembourge bank aan Mijburgh waaruit dit blyk dat hulle nie die skuldbriewe ken nie. Hy het toe 'n brief geskryf aan Lloyds Bank waarin hy aansoek doen om 'n lening teen die Banco di Napoli skuldbriewe en die Nova Scotia skuldbriewe. BZ18(A7) is 'n agtergrond dokument wat deur Webster geskryf is. Hy verwys verder na korrespondensie met Lloyds bank en met die beskuldigde oor die moontlike finansiering van Fancourt maar uiteindelik kon die nodige fondse nie bekom word nie en is Fancourt nie gekoop nie.

²⁰ Bewysstuk 18K.

[448] Hy verwys na verskeie van die oordragte op die eerste ses aanklagte. Hy getuig verder van 'n aankoop van ABC Import & Export vanaf CSD en 'n uitvoer van die ware na RITS. Daar was meerdere sulke aankope deur RITS. Hy getuig ook oor die Blackdale Copperdale transaksie. Daar was 'n Libiese maatskappy wat beskermende klerasie wou koop. Hulle is aan die maatskappy voorgestel deur die beskuldigde. Daar was vergaderings in London waar van Remoortere Hashemi en Abdullah teenwoordig was. Abdullah het 'n maatskappy met die naam Copperdale gehad. Daar was 'n \$65 miljoen transaksie. Hulle wou 'n "performance bond" van 5%, \$3,2 miljoen, hê. Hulle het die beskuldigde gevra en hy het gereël dat die bedrag beskikbaar geword het. Hulle het die kopers vir 'n kredietbrief gevra maar net 'n konsepbrief is gestuur. Die "performance bond" is gekanselleer. 'n Tjek van £165 miljoen is gevra maar op die ou end is \$325 000 aanvaar. Hyself het na sy prokureur gegaan en hom gevra om 'n dagvaarding uit te reik. Hy is egter meegedeel dat as hy alleen dagvaar dit moeilik sal wees en hy is aangeraai om ander persone wat ook deur Hashemi en Abdullah bedrieg is te vra om deel te hê aan 'n hofgeding. Hy het wel mense in Indonesië, Frankryk en in 'n ander land gevind. Sy brugmaat het hom van 'n Engelse polisieman vertel met wie hy toe in verbinding gekom het maar die polisieman is van die saak af geneem. Blackdale het \$325 000 verloor en hy en van Remoortere het besluit om Blackdale te vergoed. Hulle het ook vir Blackdale vergoed. Toe hulle die beskuldigde vertel het dat hulle bedrieg is, was hy nie verskriklik ontsteld nie. As die transaksie afgekom het sou Blackdale 'n wins gemaak het en die beskuldigde sou vergoed gewees het. Dr. Chu was nie by die transaksie betrokke nie. Mnr. Mole was een van die beskuldigde se kontakte. Hy het onderneem om die \$325 000 te probeer terugkry. Die oorspronklike \$3,2 miljoen is in die Blackdale rekening in Luxembourg inbetaal, na 'n subrekening oorgeplaas en het gedien as sekuriteit vir die prestasie waarborg. Die beskuldigde het tekenbevoegdhede gehad, omdat hy die geld vir hulle geleen het. Hy verwys ook na die oorplasing van die CHF450 000 na die rekening van dr. Chu in Basel. Hy het dit as 'n gedeeltelike terugbetaling van die \$3,2 miljoen lening beskou netsoos hy ook die oorplasing van \$2 698 821 (wat teruggebring is na die RSA) as 'n afbetaling op die lening beskou het. Hy sê dat die \$325 000 terugbetaal is met rente en dat in die proses 'n totale bedrag van \$407 000 betaal is. Hy het 'n beëdigde verklaring aan die Britse polisie oorhandig waarin hy uiteengesit het hoedat Abdullah en Hashemi hulle bedrieg het²¹. Hy sê dat die Copperdale ooreenkoms

²¹ **Bewysstuk 11.8**

onderhandel is deur homself, van Remoortere en Webster. Die groot onderhandelaar was van Remoortere. Hy weet nie van 'n peptiedsintetiseerder en dat die \$3,2 miljoen daarvoor bestem was nie. Hy weet ook nie van Med-Alpha nie. Wat hom aanbetref is Tagell 'n skaduagtige maatskappy wat in Libië gestig is om mense te bedrieg.

[449] Oor aanklag 14 (die beswaring van die privatiseringsgeld) bevestig hy dat daar wel 'n ooreenkoms tussen Blackdale en Medchem Forchungs was (die skynoooreenkoms om die oorplasing van die R12,5 miljoen te verduidelik). Hy kan nie onthou hoekom dit geteken is nie. Hulle is gevra om dit te teken omdat die beskuldigde die vorige jaar vir hulle die \$3,2 miljoen geleen het. Oor die \$2,25 miljoen wat oorgeplaas is na WPW Aviation vir die aankoop van die Jetstar, toe die tweede poging aangewend is om 'n peptiedsintetiseerder te bekom. (Aanklag 16) is dit sy standpunt dat dieselfde verduideliking vir die \$2,46 miljoen gegee moet word as vir die \$3,2 miljoen. Hy weet ook nie waarom die bedrag nie direk aan WPW Aviation betaal is nie. Hy was maar net gevra om dit te doen. Daar is rente verdien op die bedrae en die voordelige balans daarvan was \$377 588. Uit die rekening het hy \$360 000 oorgeplaas na P&S Engineering en 'n bedrag van \$24 000 na Viljoen se rekening in UBS bank in Switzerland. Dit was op instruksies. Hy getuig oor sy betrokkenheid by verskeie van die oordragte waaroor Bruwer reeds getuig het, o.a. die tweede moratorium lening en 'n bedrag van \$150 000 wat aan Bosch betaal is in 'n rekening in Basel.

[450] Oor aanklagte 65,66 en 67 onthou hy van die verkoop van 12 500 pakke beskermende klerasie wat aan Seyntex verkoop is en wat deur Technotek vervaardig is met materiaal wat van Seyntex aangekoop is. Die transaksie het deur Blackdale geskied. Hy identifiseer 'n hele aantal dokumente wat op die transaksie betrekking het. Hy het uitbetaal soos wat hy opdrag gekry het om uit te betaal. Daar was uitbetalings aan hulle maatskappy, WPW, ABC Import & Export, Merrill Lynch rekening, dr. Chu, IBS en 'n besigheid in Poland. Hy bevestig dat ABC penisilline van Medchem Technologies gekoop het en aan WPW verkoop het. Dit is steeds in die kelder beskikbaar vir WPW. Dit is gedoen in opdrag van die beskuldigde. Verder is hy in detail uitgevra oor dokumente wat aantoon dat fondse uitbetaal is aan verskeie instansies soos WPW Inc., 'n Ascot rekening, vir Kruger rande, RITS, Amfra, Careen, Merrill Lynch rekening te Pittsburg, Medchem en

CHF6 000 in die rekening van Naomi Basson (die beskuldigde se dogter.). Hy getuig verder in detail oor bedrae wat in en uit die Barcelona rekening betaal is. Hy handig ook dokumente in wat met die verkoop van die beskermende klerasie te doen het. Daar is ook 'n verdere dokument waarin die bank wou weet wie die voordelige eienaar van WPW is en die beskuldigde homself as sulks aandui. Verder getuig hy oor 'n lening deur homself van 'n miljoen BEF vanaf WPW. Hy sê die lening is terugbetaal.

[451] Gedurende kruisverhoor bevestig hy dat die Europese banke baie besorg is oor geldwassery, veral omdat dwelmsmokkelary en wapensmokkelary plaasvind. Hy sê dat daar baie streng reëls is om sodanige smokkelary te beveg. Hy gee nie toe dat ouditeure verplig is om suspisieuse gevalle aan die owerhede te rapporteer nie en meen dat hulle eerder sal weier om vir die klient op te tree of gekwalifiseerde auditmenings sal gee. Hy wys uit dat hy sy kliente laat waarborg dat hulle nie handel dryf in dwelms nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat die smokkelaar dokumente sal moet fabriseer is sy reaksie dat luxembourge ouditeurs nooit by so-iets betrokke sal raak nie omdat Luxembourge burgers nie aan sulke transaksies sal deelneem nie. Verder weier hy om hipotetiese vrae te antwoord. Hy gee toe dat daar kriminele strawwe daaraan verbonde is om skyndokumente te gebruik om transaksies 'n wettige voorkoms te gee. Wanneer dit aan hom gestel word dat hy betrokke was by die fabrisering van skyndokumente is hy hoogs verontwaardig en dring hy aan daarop dat die dokumente aan hom getoon word. Hy word verwys na die Blackdale Medchem Forchungs ooreenkoms wat hy geteken het en gevra oor die aard van die ooreenkoms. Hy hou vol dat dit 'n werklike ooreenkoms was. Hy ontken dat hy betrokke was by 'n SAW projek. Hy het slegs betrokke geraak toe van Remoortere hom meegedeel het dat die beskuldigde die Barcelona rekening gaan gebruik. Dit word aan hom gestel dat wat hy gedoen het, hy gedoen het vir geld. Hy ontken dat hy, van Remoortere, die beskuldigde en gen. Neethling in die huis van die besturende direkteur van Seyntex (Seynave) geslaap het, nadat hulle met 'n klein motor na Gent gery het, maar dink dat die beskuldigde en gen. Neethling dalk daar kon geslaap het. Dit word aan hom gestel dat hy die beskuldigde en gen. Neethling na prof Heyndrycz geneem het. Wanneer dit aan hom gestel word dat die behoeftes van die SAW aanhom verduidelik is ontken hy dit hewiglik. Dit word aan hom gestel dat gen. Neethling die naam Charburn voorgestel het as 'n kombinasie van van Remoortere

se naam, Charles, en sy naam Bernard. Hy kan dit nie betwis of bevestig nie. Hy kan ook nie betwis of bevestig dat Luft staan vir “Let us f... them.” nie. Hy ontken dat die oorplasing van gelde te doene gehad het met geheime projekte. As hy besef het dat die SAW betrokke was sou hy opgehou het om deel te neem. Dit word aan hom gestel dat die uitslag van die besoek van die beskuldigde en gen. Neethling aan die GG gerapporteer is en dat hy goedere vir die Suid Afrikaanse polisie verkry het.

[452] Wanneer hy stel dat hy nie betrokke was daarby om transaksies te verbloem nie word dit aan hom gestel dat die verhoging van die aandelekapitaal van Luft juis sulke transaksies was. Hy word verder verwys na pp. 228 en 229 van Bruwer se verslag en dit word aan hom uitgewys dat ‘n bedrag van \$900 000 oorgeplaas is na die Barcelona rekening en dat hy die bedrag by wyse van ses afsonderlike oordragte laat eindig het in Truter se rekening. Wanneer dit aan hom uitgewys word dat hy die geld vir die aankoop van die Mandrax hanteer het is hy uiters ongelukkig om te moet uitvind dat die beskuldigde by sulke slinkse transaksies betrokke was. Wanneer dit aan hom uitgewys word dat hy in Luxembourg in groot moeilikheid sal kom as dit bekend word dat hy by sulke transaksies betrokke was is sy antwoord daarop dat so ‘n situasie nog nie ontstaan het nie. Hy bevestig dat hy nie instruksies van die beskuldigde gekry het om ses verskillende oordragte van die geld te bewerkstellig nie. Hy gee toe dat die beskuldigde hom dus op ‘n daaglikse basis opdrag moes gegee het om die geld oor te plaas. Dit word aan hom gestel dat die ses oorplasings nie normale optrede was nie. Sy reaksie is dat dit makliker en goedkoper sou gewees het as dit manipulasie was om die geld eers na Amerika te kanaliseer en dan vandaar terug na Europa en dan na die RSA. Hy het nie geweet dat D John Truter ‘n front vir die SAW was nie. Dit word aan hom uitgewys dat die geld wat na Jacomet is eintlik ook deur hom hanteer is.²² Wanneer hy die indruk probeer skep dat daar wat hom aanbetref nie ‘n verskil is tussen WPW Inc.en WPW Aviation nie gee hy tog toe dat ‘n mens verskillende regsenteite kan kry en kan hy nie bra verduidelik hoekom daar oorplasing van fondse was na maatskappye wat geld geskuld het nie. Sy reaksie was dat dit tog in besigheid geskied en hy kan aan geen rede dink waarom skuldvergelyking nie toegepas is nie. Dit word aan hom gestel dat hy vals dokumente geskep het en dat die afbetaling deur Genavco op die Jetstar nie ‘n *bona fide* transaksie was nie. Hy gee toe dat daar nie ‘n

²² p.228 van Bruwer se verslag

ooreenkoms onderteken is nie en dat Webster skoon van die transaksie vergeet het maar beroep hom op die "bill of sale". Hy gee tog toe dat die vliegtuig nooit fisies oorgeplaas is na Europa nie.

[453] Hy word gevra wat WPW aan Blackdale verskuldig was gedurende Desember 1992 en wat WPW aan Blackdale veskuldig was. Hy gee toe dat 'n bedrag van \$2,46 miljoen deur WPW aan Blackdale betaal is en dat Blackdale onmiddellik 'n bedrag van \$2 250 000 aan WPW terugbetaal het. Dit word aan hom gestel dat die \$384 000 wat WPW aan Truter, in Pretoria gestuur het onmoontlik Blackdale se skuld teenoor WPW kon verminder het, soos wat hy vroeër getuig het. Dit is verder aan hom gestel dat dit baie kunsmatig is om geld in 'n lopende rekening in te betaal, om die balans van 'n oortrokke rekening te verminder en dan betaling te bewerkstellig uit 'n deposito rekening. Dit sou baie meer natuurlik wees om bloot uit die lopende rekening te betaal. Dit word aan hom gestel dat as aan die ander kant die aankoop van die vliegtuig 'n skyntransaksie was om 'n skema om die geld terug te stuur na die RSA te verbloem, die dokumente 'n buitestaander om die bos sou lei. Dit word dan aan hom gestel dat dit nie help om na dokumente te kyk om te probeer vasstel wat gebeur het nie omdat die dokumente juis geskep is om te mislei. Dit word ook verder aan hom gestel dat hy besig was met finansiële ingenieurswese.

[454] Hy gee toe dat daar nie 'n formele leningsooreenkoms tussen Blackdale en WPW was vir die \$3,2 miljoen nie. Hy kan nie sê wat die terugbetalings voorwaardes was nie en wanneer en teen welke rentekoers terugbetaling moes geskied nie. Aan die ander kant toon hy aan dat verwag is dat die gelde gou beskikbaar sou raak en dat terugbetaling dan sou geskied het. Hy gee toe dat hy die bedrag terugbetaal het minus die CHF450 000 en die \$325 000 op instruksies van die beskuldigde. Dit word aan hom gestel dat daar rente verdien is op die \$3,2 miljoen en dat dit vir WPW se voordeel moes gewees het. Hy word verwys na F12.6 wat aantoon dat die bedrag rente van \$101 000 teruggestuur is na Truter en hy word gekonfronteer daarmee dat hy dit voorgehou het as 'n terugbetaling deur hom en van Remoortere op die bedrag van \$325 000 wat Hashemi en Abdullah van hulle gesteel het. Hy sê dan dat hulle nie rente op die \$325 000 betaal het nie maar dat hulle vier jaar later die oorspronklike rente wat op die \$3,2 miljoen verdien is terugbetaal het. Hy word verwys na sy verklaring aan die Britse polisie waarin hy gesê het dat hulle die \$325 000 met rente

terugbetaal het. Dit word aan hom gestel dat die \$325 000 nooit as 'n lening beskou is nie.

[455] Hy hou vol dat hy gewone besigheid gedoen het en dat hy nie die SAW gehelp het met operasies nie. Hy het nie geweet dat hy met SAW geld gewerk het nie en het bloot op instruksies van die beskuldigde gehandel. So lank as wat dit nie onwettige dwelmgeld was nie was hy gelukkig. Hy het 'n waarborg van die beskuldigde gehad dat dit nie sulke geld was nie. Daar was nie groot bedrae kontantgeld nie. Die banke moes die vloei van die fondse bevestig. Hy gee toe dat groot bedrae geld in die Barcelona rekening inbetaal is en onmiddellik weer uitbetaal is. Hy sê egter dat in Luxembourg 'n miljoen dollars nie 'n groot bedrag is nie. Dit word aan hom gestel dat hy kontantbedrae aan BSB operateurs gegee het. Hy wil weet aan wie. Hy gee dan toe dat hy wel op instruksies kontantbedrae oorhandig het. Hy onthou kolonel Potgieter. Hy kan Floyd nie onthou nie. Dit word aan hom gestel dat hy Frankfurt toe gegaan het om geld vir Floyd te gee en dat hy die beskuldigde daarna meegedeel het dat die mense nie vir hom na internasionale besigheidslui lyk nie. Hy kan dit nie onthou nie maar hy gee toe dat hy kontant hanteer het. Dit word ook aan hom gestel dat hy ook geld aan Bruce McGiver oorhandig het.

[456] Wanneer hy gevra word waarom 'n oorplasing van SAW geld na Credit Lyonnaise teruggestuur is na die RSA is dit sy reaksie dat die rede daarvoor nie was omdat die bank geweet het dat dit die SAW se geld was nie maar bloot maar omdat daar seker 'n verkeerde verwysing gewees het. Dit word aan hom gestel dat mense wat met klandestiene optrede besig is bereid sal wees om geld te verloor om dekking te verseker. Hy sê dat wat hom aanbetref dit nie ongewoon is om geld in 'n depositorekening in te betaal nie en om dan 'n oortrokke rekening daarteen te open nie. Hy sê dat mense met harde kontant dit doen en dan die uitgawes aan die ontvanger van inkomste voorlê vir belastingdoeleindes. Hy gee toe dat dit bedrog teenoor die belastinggaarder is. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde hom van die geld in Zagreb vertel het en dat hy die skema om dit terug te kry in Suid Afrika ontwerp het. Hy ontken dit. Wanneer dit aan hom gestel word dat die beskuldigde darem groot bedrae spandeer het vir iemand wat in die verdedigingsmag is is sy antwoord dat die beskuldigde darem ook nog 'n spesialis is wat uit medisyne kon ryk geword het. Hy gee ook toe dat hy

op instruksies van die beskuldigde kontant aan 'n NAVO amptenaar in België oorhandig het. Dit word verder aan hom gestel dat hy dokumente geskep het en aan die beskuldigde gegee het om te teken om werklike transaksies te verbloem. Wat hom aanbetref was die Copperdale/Blackdale transaksie 'n egte verkoopstransaksie vir \$34 miljoen. Dit was ook nie snaaks dat Copperdale aan Tagell verkoop het vir \$65 miljoen nie. Die verskil was Copperdale se wins. Hy gee toe dat Mole 'n rol gespeel het en die partye aan mekaar voorgestel het. Die prestasie waarborg is by wyse van addendum in die kontrak ingevoeg. Blackdale moes aantoon dat dit wel 'n vermoënde besigheid was. Wanneer dit aan hom uitgewys word dat die geld aan die koper betaal word gee hy dit toe maar sê hy dat dit eintlik te doene het met kommissie wat nie in die oorspronklike ooreenkoms genoem is nie. Dit word uitgewys dat ongeag daarvan of Blackdale presteer of nie Copperdale die bedrag van die waarborg kan neem. Hy sê dat die oorspronklike prys \$31,2 miljoen was wat verhoog is na \$34,8. Dit was gewone besigheid so lank as wat die partye gelukkig was. Dit word uitgewys dat Copperdale 'n groot bedrag sou verloor het nadat die \$3,2 miljoen waarborg deurgeval het en slegs \$325 000 betaal is want die koopprys was steeds \$34,8 miljoen. Hy sê dat dit 'n verkeerde vertolking van die ooreenkoms is en dat die ooreenkoms geïnterpreteer moet word soos wat die kontrak ontwikkel het. Dit word aan hom gestel dat dit nie 'n gewone transaksie was nie en dat daar betaling gereël is vir iets anders. Aanvanklik was die koopprys daarvan \$3,2 miljoen en later het dit verminder na \$325 000. Dit word aan hom gestel dat hulle nie die \$325 000 terugbetaal het nie. Hy skop vas en sê dat hulle wel betaal het en verwys na F11.17.6, F11.17.7 en F11.17.9 wat oordragte aantoon na WPW van \$115 000, \$85 000 en \$106 400. Dit word aanhom uitgewys dat dit oordragte is uit rekenings wat hy beheer het en wat gemaak is nadat dit bekend geword het dat die beskuldigde gedwing is om die SAW te verlaat. Dit word verder aan hom gestel dat die beskuldigde hom meegedeel het dat Nasionale Intelligensie die ooreenkoms ondersoek. Hy bevestig dat Abdullah betrokke was by beide Copperdale en Tagell. Dit word aan hom gestel dat alhoewel hy nie vertrou was met al die detail nie hy goed geweet het dat hy vir die SAW behulpsaam is. Hy het die \$325 000 lening met Webster bespreek om seker te maak dat dit 'n redelike bedrag was en omdat Webster die president van WPW was en ook 'n regsgeleerde. Hy is dogmaties daaroor dat die beskuldigde niks te doene gehad het met die Blackdale/Copperdale ooreenkoms nie. Hy het kontak gemaak met 'n regsfirma en vroeg in 1990 na die Britse polisie gegaan. Hy kan nie verstaan waarom die speurder ontslaan is nie en glo dat Hashemi se

prokureur, Palmer, die ontslag bewerkstellig het. Wat hom aanbetref was Hashemi en Abdullah internasionale skelms wat nagelaat het om hulle verpligtinge ingevolge die ooreenkoms uit te voer.

[457] Hy was nie betrokke by die onderhandelinge vir die verkoop van die beskermende klerasie deur Technotek aan Seyntex nie. Hy gee toe dat die brief wat hy geskryf het nodig was sodat die R170 per pak in Europa kon bly. Dit was 'n egte transaksie en hulle het net 4,25% ontvang. Hy word verder verwys na BZ29, 'n brief wat hy geskryf het op 7 Februarie

1991. Hy kan nie onthou dat hy die brief geskryf het nie. Dit word aan hom uitgewys dat die prys per pak nie R100 was nie en aan hom gestel dat hy nie geweet het watter grootte die pakke was nie. Dit word ook aan hom gestel dat hy bloot dokumentêre dekking verleen het.

[458] Hy gee toe dat die dividende uit Technotek na Charburn, na die verkoop van Hazmat, nooit uit die land uitgegaan het nie. Hy stem saam dat na die “super deal”¹ WPW nie meer aandele in Charburn gehad het nie. Hy stem saam dat hy nooit geld aan die beskuldigde persoonlik betaal het nie of dat die beskuldigde persoonlik geld aan hom betaal het nie. Hy sê egter dat daar ‘n vloeï van fondse was na die verkoop van die woonstelle en ivm. die gelde wat aan Claudine van Remoortere betaal moes word. By die verkoop van Hazmat aan die einde van 1994 het WPW nie meer aandele in Charburn gehad nie. Die gelde is nie uit die land uit nie. Technotek het nie meer handel gedryf nie omdat Hazmat, Exipro en Protechnik verkoop is. Van Remoortere het 76% en Charburn 24% van die aandele in Technotek gehou en WPW niks. WPW het niks uit die verkoop gekry nie. Dit word aan hom gestel dat A61 nie ‘n egte ooreenkoms was nie en dat die doel daarvan was om dokumentêre bewys aan die ouditeure voor te lê. Dit word aan hom uitgewys dat in F14.54 hy in ‘n brief aan Webster te kenne gee dat die ouditeure druk op hom uitoefen. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy die voordelige eienaar is of was van enige van die WPW maatskappye en dat die getuie en van Remoortere behulpsaam was met sanksie-ontduiking en om die doelstellings van Coast te bevorder.

[459] **Daniël John Truter** is ingevolge artikel 204 van die Strafproseswet gewaarsku dat hy homself mag inkrimineer m.b.t. meenedige getuïenis by KEEM, deviese-beheerregulasies en bankrekenings wat hy sonder Reserwe Bank goedkeuring oorsee ge-open het. Hy het ‘n doktorsgraad in besigheidsadministrasie en ken die beskuldigde vanaf 1975 toe hy ‘n pasiënt van die beskuldigde was. Gedurende 1988 toe hy nog die interne ouditeur van die SA Geneeskundige Dienste was het die beskuldigde ‘n aanbod aan hom gemaak. Hy het gedink dat hy sy hoogtepunt in die SAW bereik het, ‘n pakket aanvaar en in 1989 DJ Truter Finansiële Konsultante BK gestig. Dit was operatief vanaf 1 Mei 1989. Dit was ‘n front van projek Coast. Die BK moes die SAW-fondse ontvang en versprei na die frontmaatskappye in ooreenstemming met die begroting. Die

¹ A61.

beskuldigde het die begroting opgestel. Hy ken Infladel. Dit was ook 'n frontmaatskappy van Coast. Hy het tot 'n groot mate Infladel se funksie oorgeneem. Marie van Graan en Elma Loesch het vanaf Infladel oorgekom na hom toe. Sy kantore was in Clublaan, Waterkloofhoogte. Die BK het bestaan tot in Maart 1994. Die ouditeur was Pierre Theron. Hy het minstens een maal per jaar ge-oudit.

[460] Hy het net een baas gehad en dit was die beskuldigde. Hy het verskeie rekenings ge-open by Volkskas Menlyn. Daar was 'n daggeldrekening, 'n normale rekening en 'n projekrekening. Pierre Theron het dit alles ge-oudit. Wat hom aanbetref was dit alles Coast rekenings. Bewysstuk 21A1 is soos die rekenings daar uitgesien het. Hy word verwys na bewysstuk 21.3 en sê dat rekening 2310163689 'n projekrekening was en meer in besonder 'n Coast rekening. Die dokument is in sy handskrif en op die tweede bladsy het hy verwys na die stigtingsverklaring van Coast. Hy het die rekening ge-open in opdrag van die beskuldigde, wat vir hom gesê het dat dit 'n hoogs sensitiewe aangeleentheid is, dat hy nog 'n rekening vir Coast moet open, dat net hy en die getuie daarvan moet weet en dat die dokumente wat daarop betrekking het nie aan Knobel of Pierre Theron geopenbaar moet word nie.

[461] Hy bevestig dat hy nie enige van daardie bankstate aan Pierre Theron gegee het nie. In bewysstuk 21.1, sy jaarlikse brief aan die ouditeure, Coopers Theron du Toit, gee hy die versekering dat slegs die entiteite in die aanhangsel betrokke is by Coast. Hy het nie gedink dit was besonder snaaks om so 'n rekening te open nie want hy het geweet dat daar baie sensitiewe transaksies is. Die beskuldigde het hom meegedeel dat hy verantwoordelik is en verslag sal doen aan die SAW en die GG. Op 28 Mei 1991 is 'n bedrag van R3 miljoen in die rekening gedeponeer. Dit is van Nedbank ontvang en hy dink dat Nicky Smit se handtekening op die dokument voorgekom het. 'n Bedrag van \$996 000(R2 865 562) is oorgeplaas na die Barcelona rekening en by die Reserwe Bank geregverdig as "aankoop van uitrusting vir uiters geheime projek". Die persoon van die Reserwe Bank wat die transaksie goedgekeur het, en wat hom geken het, was mnr. Spies. Beide hy en die beskuldigde het die aansoek aan die Reserwe Bank geteken. Relevante dokumente is bewysstukke bewysstukke F21.4, F21.7, F21.8, F21.9, F21.10 en F21.11. Die oorplasing het uit die R3 miljoen gekom wat vanaf Nedbank gekom het. F21.13 is 'n kontantboek van R100 000. Die

beskuldigde het hom opdrag gegee om die R100 000 te trek en vir Bosch te gaan gee. Sam Bosch en ene Boom van Nedbank het ontvangs van R100 000 erken. Bewysstuk F18.27 is afdrukke van drie banktjeks van onderskeidelik R535 000, betaalbaar aan BSI, R1,4 miljoen, betaalbaar aan Nedbank en R1,1 miljoen, betaalbaar aan P&S Enigeneering. Hy het die tjeks in opdrag van die beskuldigde by die bank gaan haal, dit aan die beskuldigde oorhandig en weet niks verder daarvan nie. Op 31 Julie 1992 was die sluitings balans in die rekening R57 188.² Die beskuldigde het 'n bedrag van R52 188 in kontant ontvang en skriftelik erken. Hy het hom opdrag gegee om R5 000 te neem en 'n rekening by Standard bank te open. Hy het dit gedoen en uiteindelik in April 1993 weer gesluit. Daar was toe R4 889,79 in die rekening. Hy het die geld in sy kluis gebêre en op 29 Desember 1993 teen skriftelike erkenning van ontvangs aan die beskuldigde oorhandig.³ Hy het afskrifte van die dokumente gemaak en saam met hom Kanada toe geneem toe hy gedurende 1995 Kanada toe is. Hy meen dat Theron die transaksies moes ge-oudit het en hy het die inligting van Pierre Theron weerhou. Daar was ook 'n interne ouditeur by die inspekteur- generaal. Hy ken ene Vic Botha. Die 20% steekproewe is gedoen op die kantoor toerusting en voertuie. Wat die vernietiging van dokumente aanbetref is hy aangesê om dit uit te sorteer en in trome te pak. 'n Lid het dit kom haal en hom meegedeel dat dit vernietig gaan word. Hy het later van die stukke by die staatsaanklaer gesien en aanvaar dat dit nie vernietig is nie.

[462] Hy het in 1994 vir die beskuldigde gaan getuig in Switzerland.. DJT 2 is 'n aanbeveling deur die beskuldigde dat sy uitgawes betaal moet word, gedateer Julie 1994. Daarby aangeheg is 'n lys van vrae wat deur die Switserse regering aan hom gerig is oor sy verhouding met die beskuldigde en Jacomet. Marlow het hom vergesel Switzerland toe. Hy het gemaak soos die beskuldigde sê. As die beskuldigde vir hom sê om te spring het hy net gevra: Hoe hoog? Oor aanklagte 18 en 19 sê hy dat daar om sekerheidsredes besluit is dat daar vir hom 'n rekening in Switzerland ge-open moes word. Daar is gedurende Julie 1992 vir hom 'n projekrekening in Zurich ge-open. Hy het Zimmer in Luxembourg ontmoet. Hy het nie vir hom gesê dat hy aan die SAW verbonde is nie. Hy was betrokke by die onderhandelinge met Huber & Soner. Hy het van die

² F21.31.1

³ DJT1.

beskuldigde opdrag gekry om fondse oor te plaas na Jacomet se rekening. Hy getuig ook van die R17,5 miljoen wat deur Bosch oorgeplaas is na die Barcelona rekening (aanklag 18) en sê dat wat hom aanbetref dit normale besigheid was, wat ge-oudit is. Hy was ook betrokke by onderhandelinge vir die verkryging van maskers. Jacomet het daar as 'n tussenganger opgetree. Sy besigheid was bekend as Inter Magnum. Daardie rekeninge van hom in die buiteland is deur Pierre Theron ge-oudit. André Bezuidenhout het tekenmagte op die maskerrekening gehad. Hy het ook gekyk of daar reëlmatig opgetree is. Briers is ook deur die Reserwe Bank versoek om homself te vergewis dat alles in orde is met die maskerrekening.

[463] Hy het geen ouditfunksie gehad by sy besigheid of by Coast nie. Hy het insae gehad in die boeke van 'n besigheid bekend as "Working Dogs". Karel Koen was daarby betrokke en het die honde wat by RTO geteel is oorgeneem. Hy was die enigste aandeelhouer. Hy (die getuie) het die salarisse en die kantoorhuur betaal. Hy was 'n direkteur van die frontmaatskappy, Sefmed, wat hy later aan van den Berg oorgedra het. Wat hom aanbetref was Organochem 'n frontmaatskappy van Brandt. Hy kan onthou dat hy Organochem betaal het vir dienste. Hy het nooit fisies gaan kyk na die besondere projekte nie. Dit was die beskuldigde se taak. Hy het baie kontrakte geteken. Die beskuldigde en andere het dit opgestel en die beskuldigde het dit vir hom gebring. Die beskuldigde het die behoeftebepaling vir die projek gedoen. Hy het nie van 'n tegniese werke komitee gehoor nie. Hy het gehoor van die KBK maar nie van 'n finansiële komitee nie. Johan Theron het nie sekerheidsondersoeke by hom kom doen nie. Hy het bloot sy salaris kom haal. Hy het Aeromed goed geken. Viljoen was daarby betrokke. Dit was 'n Coast maatskappy. Daar was baie vlugte en die front het daarvoor betaal. Die beskuldigde het ook oorsee gereis en die Jetstar was 'n vliegtuig wat by Aeromed was. Dit is gebruik om voorrade binnelands en buitelands te verskuif. Die aansoekdoener vir vlugte was die beskuldigde en hy het ook vlugte gemagtig. Sy oorseeese besprekings is deur Partners & Travel gedoen. Hy het gewoonlik eersteklas gevlieg. Hy weet nie van gratis vlugte nie. Die BK het die maandelikse huur van £1 100 aan RF Telecommunications betaal. Hy het by die beskuldigde toestemming gekry om in die "cottage" te slaap toe hy met vakansie oorsee is. Hyself het nie met die Jetstar gevlieg nie en was nie in die Wildtuin nie. Hy het by KEEM getuig maar nie vertel van sy persoonlike rekening wat hy gehad het nie. Hy het sy eie

fondse van CHF15 000 daar ingesit. Die beskuldigde het daarvan geweet omdat hy hom gevra het om vir hom geld daar in te deponeer. Hy het ook 'n rekening in Bracknell gehad. Hy het nie geweet dat gen. Knobel die projekteier was nie. Wat hom aanbetref was die beskuldigde die projekteier en gen. Knobel bloot die "overseer". Gen. Knobel het nie geweet wat aangaan nie. Die beskuldigde het alles gedoen. Hy het hom vertel van die hoenders by HK wat nie geweet het wat aangaan nie. Dit is so dat daar by hom inspeksies op 'n *ad hoc* basis gedoen is, beide deur Pierre Theron en deur die inspekteur-generaal. Hy het die beskuldigde ingelig om voor te berei vir inspeksies.

[464] Partners & Travel is ook deur MCI gebruik. Hy het nie hulle fooie betaal nie. Hy weet nie watter klas hulle gevlieg het nie. Hy weet nie van 'n 1992 ondersoek deur HSF nie. Hy weet van R23 miljoen wat vir beskermende klerasie na die buiteland oorgeplaas is. QB Laboratories was daarby betrokke. Hy het saam met Johan Theron na die Oos-Kaap gereis. Theron het iemand by Jeffreysbaai gaan sien.

[465] Operasie Baxil het te doene gehad met die aankoop van goedere vanaf MCI. Hy het MCI betaal. Hy dink dit was vir 2 800kg. Hy weet nie waarvoor dit nodig was nie. Hy weet niks van operasionele aangeleenthede nie. Oorsee se oorplasings is geboekstaaf. DJT5, gedateer 24 Maart 1992, het betrekking op so 'n oorplasing. Hy ken vir Chu en weet van Chu PM Trading. Die bedrag betrokke was R8 988 333. Hy weet nie wat die onderliggende transaksie was nie.

[466] Toe hy gekruisverhoor is, het hy weer bevestig dat hy nie bewus was van die operasionele werking van Coast nie. Hy het 'n begroting gekry wat goedgekeur is deur die GG en deur HSF. Hy moes die fondse versprei ooreenkomstig die begroting en binne die raamwerk daarvan. Hy weet nie wat die goedkeuring daarvan voorafgegaan het nie. Hy weet nie hoe Delta G se bedryf gewerk het nie. Hy weet nie wat hulle gemaak het as hulle toerusting benodig het nie. Hy weet nie hoe voorleggings aan die KBK gemaak is nie. Hyself was eintlik maar 'n blote klerk wat fondse oorgeplaas het. Hy weet nie of die KBK subkomitees gehad het nie. Die beskuldigde het die opdragte gegee. Hy weet nie wat bo-kant hom aangegaan het nie. Nadat hy gelde uitbetaal het was daar altyd 'n behoorlike audit. Sy spandering was binne die raamwerk van die

begroting en is gekontroleer deur die inspekteur-generaal. Alle tersaaklike dokumente is voorgelê en almal was tevrede, ook die ervare Pierre Theron, wat net nie met die Kroatiese transaksie tevrede was nie. Theron en die inspekteur-generaal het nie hulle ondersoeke onvoorbereid gedoen nie. Hulle het geweet watter fondse oorbetaal is en dit is gekontroleer of die bedrae behoorlik spandeer is. HSI het geweet watter fondse hy oorgeplaas het. Jy kon nie geld wegsteek nie.

[467] Alle dokumente is gedurende 1994 vernietig. Toe was die beskuldigde nie meer in die SAW nie. Hy kan nie sê wat vernietig is en wat nie vernietig is nie. Hy weet nie watter rol die individuele van die KBK gespeel het nie. Hy weet nie vanwaar die beskuldigde sy opdragte gekry het nie en wat gen. Liebenberg gespeel het nie. Sy getuienis dat hy dink dat gen. Knobel nie goed ingelig is nie baseer hy op die beskuldigde se mededeling dat die hoenders by die hoofkantoor nie weet nie. Dit word aan hom gestel dat Medchem en Organochem nie frontmaatskappye was nie en hy gee dit toe.

[468] Oor aanklag 21 gee hy toe dat Pierre Theron die projek ouditeur was wat die vloei van projekfondse moes kontroleer. Hy kom dan ook met 'n drukstuk van HSI by sy kantoor om die vloei van fondse te oudit. Hy was nie gemoeid met nie-projekfondse nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat daar nie 'n rede was om nie-projekfondse aan Pierre Theron te openbaar nie sê hy dat dit korrek is. Daar is 'n debat oor presies wat vir hom gesê is toe die rekening ge-open is en hy gee toe dat die beskuldigde dalk vir hom kon gesê het om die rekening in die naam van die projek te open by die bank waar die projekrekening was en dat hy daaruit kon afgelei het dat dit projekfondse was. Hy het nooit die rekening met opset bedrieglik ge-open nie. Hy het nie gedink dat dit 'n bedrogspul was nie. Die rekening is, wat hom aanbetref, behoorlik gekontroleer. Wanneer dit aan hom gestel word dat die beskuldigde nie van sy persoonlike rekening oorsee geweet het nie wil hy dit nie toegee nie en sê hy dat hy hom CHF1 100 gegee het om daar in te betaal.

[469] Hy bevestig dat hy nie weet hoe behoefte bepaal is nie en gee toe dat gen. Knobel van die dokumente geteken het. Hy het vir Zimmer in Luxembourg ontmoet. Dit was op pad na Zurich waar die maskerprojek ondersoek is. Hy kan nie sê dat Zimmer wel geweet het dat hy aan die SAW verbonde was nie. Hy het nie

dokumente van Zimmer gesien nie. Hy het wel betalings na Zimmer gestuur. Hy het nie met van Remoortere gepraat oor die bedrae wat na die Barcelona rekening gestuur is nie. Hy is onseker of hy geweet het van die Balckdale rekening. Daar is groot bedrae oorbetaal. Hy kan nie sê dat projekgelde wanaangewend is nie. Hy gee toe dat hy 'n salaris van tussen R11 000 en R12 000 verdien het maar kan nie bevestig dat die totale salarisbegroting R243 000 was nie. Theron se salaris kon nie meer as ±R6 000 gewees het nie want alle salarisse het uit die begroting gekom. Briers is oorsee gestuur om kontrole uit te oefen. Daar was nie sprake van ongerymdhede nie. Wat hom aanbetref het die projek 100% eerlik verloop. Hy het nie voorwaardes gestel om te kom getuig nie. Wat die besoek aan die Oos-Kaap aanbetref was dit bloot 'n saamry-geleentheid wat hy by Theron gekry het.

[470] **Pieter Melchior Hanekom** was eers inspekteur-generaal van die leër en later van die SAW tot by sy aftrede in 1993. Hy het toe die rang van generaal gehad. Die beskuldigde was sy dokter. Hy was 'n goeie dokter. Hy ken kommandante Jacobs, btha en Meyer. Bewysstuk 21A1 is opgestel deur Meyer. Hy dink daar was 'n subkomitee wat 'n onderrafdeling van Coast gewees het. Hy wou bloot maar weet watter projek dit was vir oudit doeleindes. Hy was nie self betrokke by die oudit nie behalwe dat hy vrae kon vra as dit nodig was. Daar kon vergaderings gehou gewees het. Hy was hoofsaaklik betrokke by teen-inligting om seker te maak dat daar behoorlike sekerheidsklarings vir die betrokkenes was. Bewysstuk I is opgestel gedurende Junie 1990. Hy weet nie van 'n Coast beheerkomitee nie, of 'n finansiële komitee nie, of 'n finansies werkgroep nie of 'n Coast sekerheidswerkgroep nie of 'n Coast tegniese werkgroep nie. Hy kon bewus gewees het van sulke komitees maar hy het nie daaraan deelgeneem nie. Hy is nie gekruisverhoor nie.

[471] **Gert Christoffel Jacobs** was 'n kolonel in die SAW tot in 1993 toe hy met vervroegde pensioen afgetree het op voorwaarde dat hy die BSB afleggingspakkette finaliseer. Die rol van die inspekteur-generaal was om te oudit in soverre as wat die OG en die eksterne ouditeur nie reeds ge-oudit het nie. Dit was slegs 'n gedeelte van die ouditwerk soos bv. 10%. Daar is spesifiek gekyk daarna dat daar nie oorvleueling was nie. Hy is soms toegang tot persele geweier. Hulle het nie omgee nie omdat daar baie werk was wat gedoen moes word. Hy het oudits by Spesmagte gedoen. Dit het soms vreemde wapens behels. Hy kan nie onthou dat hy Coast by Speskop ge-oudit het nie. Hy ken die beskuldigde. Hy het met ge-onderhandel naby die

stasie. Hy wou hom vrae vra maar op die ou end is hy vrae gevra. Hy weet net van die laboratoria by Delta G en Roodeplaat. Hy ken ook vir Pierre Theron. Dit was moeilik om Coast te oudit. Hulle het nooit 'n 100% oudit gedoen van dit wat hulle wou oudit nie. Hulle het steekproewe gedoen óf mbt fakture óf mbt bates. Hy word verwys na paragraaf 37 van bewysstuk 21B en sê dat dit betrekking kan hê op kantoorbates. Hy het vir Corrie Meerholz geken. Hy was by Phalaborwa gestasioneer. Hy was nie bewus van Intramex of VABN nie. Hy hoor van sjebeens by Hammanskraal en meen dat dit maar aan hom ge-openbaar kon gewees het. In geval van hulp aan Unita was daar van sy mense betrokke. Hy kyk maar na die fakture en kyk wat betaal is. Vic Botha is by een geleentheid gestuur om te gaan kyk. Voorraad wat aan Unita verskaf is, is na erkenning van ontvangs afgeskryf. Hy was onbewus van die verskillende subkomitees van Coast. Hy kan nie onthou dat hulle ooit die bates fisies ge-oudit het nie.

[472] Onder kruisverhoor sê hy dat die goedere wat aan Unita verskaf is van sterkte afgehaal is omdat dit nie verwag is dat Unita dit sou terggee nie. Pfeil het by HSF gewerk. Hy weet nie watter oudits hy gedoen het nie. Hy weet nie wat die beskuldigde by Speskop gedoen het nie. Die gesprek met die beskuldigde moes voor 1988 gewees het. Daar was nooit probleme met wanbesteding of tekorte nie. Hy gee toe dat 'n 20% steekproef waarvan daar geen vooraf kennis was nie baie effektief kan wees. Hy is nooit verbied om Coast se bates te inspekteer nie.

[473] **Ettienne Lambrechts** wat verbonde is aan KEEM het die CAMs nagespoor. Op 13 Maart 1997 het hy, Fouche en vrouesersant Botha na 7 Medies gegaan. Daar is CAMs aan hulle getoon. Die reeksnommers was 4359, 4875, 4829, 4309, 4596, 4280, 4572, 4775, 4820 en 5009. Die een met reeksno. 4820 was nog geseël. Volgens die SAW inventaris was daar 10 CAMs. Dit het nie reeksnommers bevat nie. Hy het fotos van die CAMs en van 'n nat deteksie stel geïdentifiseer. Op 20 Maart 1997 is hulle na Protechnik waar hulle met dr. Coleman en 'n mnr. De Bruyn gepraat het. Daar is drie CAMs aan hulle getoon. Die reeksnommers was 4847, 3963 en 3476. Dit het gelyk of die reeksnommer 3476 uitge-tippex was. Hulle het dit na Forensies toe gestuur en verwysende na 2E1-2E3 en 2F1-2F3 is die resultaat dat dit wil voorkom asof die nommer 1484 moes gewees het. Hulle het toe vir mnr. Otter van Graceby's in Engeland besoek. Hulle het 'n faktuur TO6

(F2.9) by hom ontvang. Hy kon nie die stel met reeksnommer 4369 in die land vind nie. Hy het onderhoude gehad met Buffham en met Heyndrycz. Hy het die stel met no. 4369 by Heyndrycz gevind. Hy word gevra oor die een met reeksnommer 3476 (1484) en verwys na 'n faktuur by Graceby's, no. 50207, gedateer Maart 1987 bewysstuk 2A. Hy sê dat dit nie blyk watter apparaat daarin ter sprake is nie. Hy het ook gedurende Februarie 1998 'n deteksie stelle en gevind en identifiseer hulle volgens fotos 2G en 2H. Hy kon nie verdere CAMs in Suidelike Afrika vind nie.

[474] Hy bevestig gedurende kruisverhoor dat, behalwe vir die CAM 3476 al die CAMs wat op Graceby's se faktuur voorkom in die RSA gevind is. Hy kon nie dokumente of fakture van ander CAMs kry nie. Hy word verwys na TO5, TO5A en TO6 en bevestig dat daar twee *pro forma* fakture was waarop daar in die een geval 12 en nog een CAM gefaktureer word teen £3 990 en dan in die tweede een (no. 30316) 13 CAMs gefaktureer word teen £3 700 per CAM. Hy wys daarop dat die datum vir al drie die dokumente dieselfde is nl. 7 Augustus 1988. Hy aanvaar dat dit seker maar is omdat Heyndrycz die CAMs goedkoper gekry het. Hy gee toe dat Otter nie self betrokke was by die skepping van die dokumente wat hy beskikbaar gestel het nie. Hy word verwys na TO8 waarop die 13 CAMs wat na Gent Universiteit gestuur is voorkom. Oor die een wat wel by Heyndrycz gevind is spekuleer hy, volgens 'n teorie van Otter, dat Heyndrycz dalk vantevore 'n CAM ontvang het en na die RSA gestuur het en dit toe later met een van die dertien vervang het. Hy word uitgenooi om te kyk of hy no. 5009 op TO8 kan kry en kan nie. Hy gee toe dat as TO8 nie vanaf Graceby's versend is nie dit nie via Heyndrycz na die RSA kon gekom het nie. Dit word aan hom uitgewys dat vanweë die verskille op die fakture, wat nog deur hom, nog deur Bruwer, die ouditeur, raakgesien is hy nie kan ontken dat daar 'n ander kanaal is waardeur die CAMs ook verkry is nie. Hy bevestig dat Heyndrycz elke keer 'n ander storie vertel het. Een keer het Heyndrycz gesê dat die CAMs nie behoorlik gewerk het nie en dat hy dit in Angola begrawe het en by 'n ander geleentheid het hy gesê dat hulle gekontamineer was en dat hy daarvan ontslae geraak het.

[475] Heyndrycz, netsoos al die buitelanders, wou nie toegee dat hulle by Coast betrokke was nie. Dit is vanweë die sanksies wat gegeld het. Eers wanneer hulle met harde feite gekonfronteer is het hulle verklarings gemaak. Hy gee toe dat die 'n deteksie stelle nie van Graceby's afkomstig is nie. Hy kon nie 'n

kanaal vind waardeur dié stelle in die RSA gekom het nie. Dit word aan hom gestel dat die goeie fee dit verniet gelewer het. Hy bevestig dat die CAMs wat hy gesien het slegs vir opleiding gebruik is en dat as daar wel CAMs operasioneel aangewend is dit nie een van daardie dertien kon gewees het nie.

[476] **Dr. Brian John Davey** is 'n medikus wat ook nagraads studeer het . Hy was verbonde aan 7 Mediese Eenheid. Hy was aktief betrokke by chemiese verdediging. Hy was in Angola en ook in Mosambiek. Hy het kongresse bygewoon en is 'n groot voorstander daarvan om chemiese oorlogvoering te voorkom. Hy het gepubliseer oor sy verifikasie operasies in Angola. Hy is gesekondeer na "spesiale operasie Speskop". Hy het nie baie daar gekom nie. Hy het sy kliniese mediese werk by die Suid Afrikaanse hospitale gedoen. Hy was nie by operasies betrokke nie en het teruggekom as hoof van opleiding. Die perseel waar hy gewerk het was naby die mediese perseel. Daar was verskillende kursusse. Syne was chemiese verdediging. Dit was hoe om die toerusting te gebruik. Dit was 'n lang kursus wat hom twaalf na agtien maande besig gehou het. Daar was drie vlakke: 'n basiese oorlewingsvlak wat alle troepe moes geken het: dan was daar 'n instruktorsvlak wat persone opgelei het om die troepe op te lei en dan was daar selopleiding aan personeel wat die bevelstruktuur moes adviseer tydens operasies.

[477] 'n Verifikasie operasie was om vas te stel of daar wel 'n chemiese aanval was en wat die presiese aard daarvan was. Daar word gesoek vir forensiese bevestiging van die chemiese aanval. Daar is drie tipes toerusting wat daarvoor gebruik word: (a) deteksie papier wat van kleur verander as sekere chemikalieë teenwoordig is; (b) deteksie stelle waarvoor monsters geneem word en waar kleurveranderings aanduidend is van die teenwoordigheid van chemikalieë en (c) elektroniese apparaat wat op die periferie van die operasies gehou is. Hy was betrokke by 'n aantal verifikasie operasies. Daar was drie in Angola waarvan twee deur surrogaatmagte veroorsaak is. Hy was twee maal in Mosambiek en 'n aantal kere in Irak. Hy het pasiënte in hospitale besoek. Hy was betrokke by omtrent 13 sulke operasies. Die voorvalle in Angola was tussen 1986 en 1990. Die eerste operasie is gesteun die aanvoerder Les Rudman. Hulle het ook beskermende ondersteuning van Unita gehad. Nog die Unita magte nog die S A magte het beskermende klerasie gehad nie. Hulle het beskermende klere by hulle gehad en het dit aan hulle voorsien. Hy het grondmonsters

geneem en het deteksie papier gehad. Hitte uitputting, veroorsaak deur die beskermende klere het hulle ondersoek in die wiele gery. Aanvanklik het hy gedink hy kry 'n positiewe resultaat maar later het hy besef dat hy die toets verkeerd gedoen het. Daar was latere positiewe laboratorium toetse.

[478] 'n CAM is 'n elektroniese oppervlak monitor. Dit is internasionaal hoog aangeskrewe. Hy dink hulle het gedurende April of Mei 1988 CAMs gekry. Dit was na operasies Modulêr, Hooper en Packer. Die beskuldigde het dit vir hom in 'n kartondoos gegee. Daar was ook 'n CAM by Protechnik. Hy wou graag CAMs beskikbaar hê. Dit was handig om vas te stel of troepe behoorlik gedekontamineer was. Dit het egter net lank gevat vir die apparaat om behoorlik skoon te kom, na gebruik, en daarom was dit goed om twee te hê wanneer troepe hulle beskermende klere uitgetrek het. Hy het 'n CAM Angola toe geneem gedurende 1989 en 1990 maar die operasie is deur Heyndrycz hanteer vanuit België.

[479] Alhoewel 'n CAM nie 'n verbruiksartikel is nie kan dit so gekontamineer word dat dit beter is om dit te vernietig. Daar was CAMs by 7 Medies en by Protechnik. Daar was wel persone by 7 Medies met selopleiding wat kon adviseer. Sy laaste besoek aan Angola was gedurende 1990. Hy weet nie van ander CAMs nie. Hy het nooit rapporte van positiewe lesings op CAMs ontvang nie. CAMs was "state of the art" toerusting. 'n Nat deteksie stel is 'n pomp, wat in die hand gehou word, met 'n filter. Lug word daarin gesuig. Mostertgas en Organofosfate kon daarmee opgespoor word. Daar was spesifieke kursusse vir troepe. Hy het nie Unita troepe opgelei nie. Dit was nie nodig om om afdelings toe te rus nie. Die nat deteksie stelle is nie plaaslik vervaardig nie want hy kan instruksies in Duits onthou.

[480] Krygkor het twee konferensies gehad oor CBO: projek Academic en projek Galvanise. Dit het ook gehandel met beskerming, deteksie, dekontaminasie en behandeling. Daar is 'n rookwolk op die Unita magte losgelaat. Later is besef dat dit nie skadelik was nie. Tydens operasie Packer het hy mediese steun aan beseerde troepe verleen. Hy weet nie van 'n Bulgaar nie. Hy het nie geweet dat die beskuldigde besig was met navorsing nie. Hy was betrokke by Lifestyle Management. Hy het nie geweet dat dit 'n frontmaatskappy was nie. Aanvanklik is hulle navorsing uitgekонтрактеer aan die WINR. Die beskuldigde het hulle aangespoor

om die maatskappy te begin. Hulle het 'n lening gekry by Wisdom Finance nadat die beskuldigde hulle aan Viljoen voorgestel het. Hy weet nie van pakke wat aan Unita gelewer is nie. Hy het van Partners & Travel gebruik gemaak as hy oorsee gegaan het.

[481] Tydens kruisverhoor het hy bevestig dat hy nie weet hoe die CAMs bekom is nie. Hy weet nie hoeveel bekom is nie en kan bloot maar sê dat hy 12 of 13 gesien het. Wanneer dit aan hom gestel word dat by KEEM hy getuig het van CAMs wat van Engeland af gekom het verduidelik hy dat wat hom aanbetref alle CAMs van Engeland af kom maar dat hy eintlik verwys het na die wat deur België gekom het omdat hy spesifiek oor hulle gevra is. Hy gee toe dat dit onwaarskynlik was tydens di laat tagtigs dat die SAW CAMs van Engeland af kon bestel en kry. Dit is 'n handige apparaat en dit is maklik om iemand op te lei om dit te gebruik. As Unita van CAMs geweet het is dit net logies dat hulle sou probeer het om dit aan die hande te kry. Hy het niks met logistiek te doen nie en weet nie of hulle CAMs gesoek het of gekry het nie. Beskermende klere sal nie uitgereik word voordat daar 'n vermeende chemiese aanval is nie. Die pakke moet net beskikbaar wees. Hy het Webster een maal ontmoet en weet dat hy op 'n manier by die CBO program betrokke was. Hy is uitgenooi na die Wildtuin. Hy weet van die laboratorium by Speskop. Dit was algemene kennis. Die moet-weet beginsel was op hom van toepassing.

[482] **Timothy Peter Gaultier Otter** is die internasionale besigheidsbestuurder van Graceby's in Watford. 'n CAM is 'n "chemical agency monitor" wat soos 'n hand Hoover stofsuier lyk. Dit spoor chemikalieë op. Dit maak gebruik van Ioniese Monitor Spektrometrie. Hy handig 'n reeks dokumente in TO1 – TO12 wat betrekking het op die aankoop van 13 CAMs deur Heyndrycz vir die Universiteit van Ghent. In dokumente TO13- TO17 word Heyndrycz uitgemaak as 'n bedrieër en 'n vervalser. Hy verduidelik in detail welke tipe modelle CAMs daar is en hoe hulle werk. Graceby het nie nat deteksie stelle gemaak tussen 1987 en 1994 nie. Daar was net een sekerheidsbreuk en dit was die een met prof. Heyndrycz. Hy gee getuienis oor die eienskappe van die verskillende CAMs. Daar was goeie kontrole deur die Britse weermag oor aan wie CAMs verkoop is. Daar is ook streng kontrole vir moontlike diefstal. So ver hy weet was daar ook nie diefstalle nie.

[483] Gedurende kruisverhoor het hy toegegee dat hy nie die outeur van enige van die dokumente is waaroor hy getuig het nie. Mnr. Hemming het met die saak gewerk en die dokumente geskep en hy het bloot maar daarmee gewerk nadat Hemming weg is. Hy kan net oor die sisteem getuig. Daar is 'n debat oor of die *pro forma* faktuur was of 'n kwotasie. Hy dink dit was bloot 'n kwotasie. Dit word aan hom gestel dat die *pro forma* faktuur foutief was, opsetlik vals was en geskep is om Heyndrycz te help om die CAMs te koop. Hy bevestig dat daar 'n verskil was tussen die reeksnommers op die faktuur en op die verpakkingsnota. Hy bevestig dat Graceby's verteenwoordig is deur 'n prokureur, ene Hearsay (uitgespreek hursi). Dit is so dat daar 'n faktuur is vir presies dieselfde goed met 'n verskillende faktuur nommer. Hy kan nie dink hoekom daar so 'n faktuur uitgemaak is nie. Hy weet nie of die klient op die tweede faktuur dieselfde is as die klient op die eerste faktuur nie. Hy is gevra om te soek vir dokumente wat te doene het met transaksies waarby Heyndrycz betrokke was. Toe hy daar was was daar nie 'n aanduiding van enige verdere transaksies behalwe die 13 CAMs nie. Hy het aangehou soek na dokumente en het later 'n bankstaat gevind wat 'n betaling deur die Universiteit van Ghent was. Dit het omtrent 'n jaar voor hierdie transaksie gebeur. Hy stem saam dat dit slegs 'n aanname is dat Heyndrycz betrokke was en dat dit slegs 'n aanname is dat CAMs gekoop is. Hy betwis dit nie dat die 13 CAMs nie deur die Universiteit van Ghent betaal is nie. Graceby's kan nie die verlore faktuur find nie omdat hulle met presiesheid alle dokumente vernietig soos wat die verjaringstermyn verstryk.

[484] Daar was 'n vrees dat die 13 CAMs na Teheran is. Hulle het net ondersoek ingestel na die 13 CAMs waaroor daar gerugte was. Hulle sou nie na ander transaksies met Heyndrycz gekyk het nie. Heyndrycz het verduidelik dat die CAMs wat in Angola was gekontamineer geraak het en in die sand begrawe is. Later het hy aangedui dat hulle nie behoorlik gefunksioneer het nie en vernietig is. Hulle het hom nie geglo nie want die Belgiese leer laboratorium was tevrede met die CAMs. Hy het gedurende 1989 by Graceby's aangesluit. Hy het voor dit vir twee jaar vir 'n konstruksie maatskappy gewerk en voor dit was hy verbonde aan die Britse verdedigingsmag en betrokke by die gebruik van chemiese deteksie apparate. Hy gee toe dat sy interpretasie van die dokumente suiwer spekulasie is. Hy gee toe dat die mense wat pak geletterd is en kan skryf en dat daar nie by Graceby's 'n register gehou word waarin elke CAM wat verkoop is opgevolg word en die eindverbruiker aangedui word nie en wat op datum gehou word om te bepaal of die apparate nog bestaan of

nie.

[485] **Deon Ferreira** is 'n luitenant-generaal in die SAW. Hy was bevelvoerder en stafoffisier van gen. Meyer vanaf September 1987 tot einde 1987 in Angola. Daar was verskeie groepe wat by hulle aangesluit het en daar was ondersteuning van Unita. Die MPLA en die surrogaatmagte wou Mavinga en die hoofkwartier het opdrag gegee dat dit nie mag geskied nie. Die moontlikheid van 'n chemiese aanval is genoem. Hulle het gasmaskers, reënjasse en seile gehad. Hy het nie CAMs gesien nie. Hy het wel by die groep daarna gesien en sê hy dat dit saam met die beskermende klere kon gewees het. Hy word verwys na foto 2C en sê dat hy dit nog nooit gesien het nie. Daar was 'n sel van 7 Medies. Daar kon deteksie apparaat aan Unita gegee gewees het. Hy het dit nie gesien nie. Daar was 'n berig oor 'n wit wolk wat die vermoede van chemiese oorlogvoering laat ontstaan het. Hy het nie iets daaraan gedoen nie, behalwe om vir die soldate te sê om weg te bly daarvan. Hy het nie 'n kledingstuk soos bewysstuk 65I ('n beskermende pak) gesien nie.

[486] In kruisverhoor het hy bevestig dat hy net praat tot Desember 1987. Die veggroepe was baie verder. Hy het wel beskermende klerasie gesien. Hy was op 'n latere stadium saam met die beskuldigde in die operasionele gebied. Dit was tydens Hooper en Packer. Die beskuldigde het in 'n Ratel geslaap en die getuie moes buite slaap.

[487] **Paul Stephanus Fouché** was 'n kolonel in die SAW. Hy was vanaf die einde van 1987 die bevelvoerder van 20 brigade tot in Februarie 1988. Daarna was hy bevelvoerder van 82 brigade vanaf Maart 1988 tot Mei 1988. Hulle hoofkwartier was eers by Jamba en het daarna geskuif na Cuito Canavale. Hulle het te doene gehad met Unita. Daar was omtrent 2000 Suid Afrikaanse soldate en so 3000 na 4000 Unita soldate. Hulle wou die brug oor die Cuito rivier vernietig. Daar was voorspellings van 'n chemiese aanval. Hulle defensiewe uitrusting was maskers, ponchos en reënjasse. Unita het nie beskermende klerasie gehad nie. Hy weet nie van 'n deteksie stelle nie. Hy ken nie CAMs nie.

[488] **Arthur John Boettcher** het saam met dr. Jan Lourens gewerk aan die ontwikkeling van 'n deteksie

apparaat om chemiese stowwe *in situ* te identifiseer. Hulle het gewerk met massa spektrometrie. Hy het saam met dr. Leuschner en mnr. Goede van die Atoomenergie raad gewerk. Hulle het 'n CAM gehad wat hulle uitmekaar gehaal het. Hulle het 'n prototipe gebou. Wanneer hy gevra word of hy bewus is van 'n blou druk is sy antwoord dat hy nie elektroniese deskundige is nie. Hy weet nie of Lourens iets van die beskuldigde gekry het nie. Hy kan nie verduidelik waarom daar nie 'n funksionele CAM in die land gebou kon word nie.

[489] **Pieter Goede** was verbonde aan die atoom energie kommissie en het gewerk aan die ontwikkeling van 'n plaaslike CAM deur die Britse CAM te probeer namaak. Hy het gerapporteer by dr. Leuschner. Hy het ook kontak gehad met Boettcher. Hy glo dat hulle 'n aanvaarbare produk geskep het. Delstar se hulp ivm. die elektronika is ingeroep. Hy weet nie van 'n blou druk nie. Gedurende kruisverhoor kan hy nie ontken dat daar probleme was met hulle produk nie en dat dit nog nie gebou kon word nie. Hy kan nie ontken dat hulle stroombane van Protechnik gekry het nie. Daar was probleme met die seinverwerking. Dit was nie 'n elektroniese probleem nie maar 'n sagteware probleem. Hulle kon nie die CAM behoorlik ontleed nie. Die AEK moes die spektrometer ontwikkel. Uiteindelik is besluit om nie voort te gaan nie.

[490] **Andries Herman Leuschner** is 'n doktor in fisika wat vir 22 jaar verbonde is aan die AEK. Hulle was betrokke by die ontwikkeling van 'n CAM tot aan die einde van 1993. Hulle is deur Protechnik betaal vir hulle werk. Hy was die bestuurder en Goede het fisies met die apparaat gewerk. Hulle kon oor die fisika saamgesels maar nie oor die elektronika nie. Hulle het geskakel met dr. Jan Lourens en Boettcher. Dr. Coleman was soms by. Die ontwikkeling was by Pelindaba. Hulle het soms van die werk na die Protechnik laboratorium geneem. Die model is daarheen geneem. Dit is blootgestel aan gasse maar hy weet nie of dit werklik gewerk het nie. Daar was goed wat die eerste keer nie gewerk het nie. Dit is gestuur na LGI of Delstar ivm die elektronika. Hy ken die beskuldigde maar het nie met hom geskakel nie. Hy weet nie dat die beskuldigde enigiets vir die AEK gegee het nie. Daar was wel 'n handleiding en ander literatuur. Hy is nie 'n deskundige mbt stroombane nie.

[491] Gedurende kruisverhoor het hy toegegee dat nóg hy, nóg Goede deskundige op die gebied van die

elektronika is. Daar was probleme met die ontwikkeling van die stroombane. Hulle het dokumentasie ontvang om die probleme op te los. Daar was stroombane by. In die evalueringsfase het hulle 'n CAM ontvang. Hulle het dokumente ontvang om die ontwikkeling te bespoedig, ook die elektroniese probleme en hulle het dit gekry van Protechnik. Daar was diagramme. Hy weet nie wat 'n blou druk is nie. Hy gee toe dat die projek nog nie afgehandel is nie en dat die produkte steeds by Graceby's gekoop word. Hulle moes elektroniese hulp van buite kry. In herverhoor het hy gesê dat hy nie weet of die stroombane vereenvoudigde stroombane was nie en of dit gedetailleerde stroombane was nie.

[492] **Ruland de Vries** is 'n generaal-majoor wat saam met Gen. Deon Ferreira gewerk het tydens Modulêr aan die einde van 1987. Daar was 'n chemiese bedreiging. Dit is in ag geneem. Hy was bewus van beskermende uitrusting maar het dit nie self gesien nie. Hy het nie 'n gasmasker gehad nie en het ook nie gasmaskers by Unita gesien nie. Hy het ook nie deteksie-apparaat gesien nie. Hy het aanvalsopdragte met Savimbi bespreek. Indien daar 12 000 tot 15 000 pakke beskermende klerasie was, kon hy dit maklik gesien het. Tydens kruisverhoor het hy verduidelik dat hy net praat tot aan die einde van 1987 en dat daar wel sprake was van beskermende klerasie.

[493] **George Patrick Manuel McClachlan** was 'n kolonel in die SAW. Hy het 20 Brigade aangevoer tot Maart 1988. Dit was tydens operasie Hooper. Daar was samewerking met Unita. Daar was 'n chemiese bedreiging. Hulle was toegerus slegs met gasmaskers en reënjasse. Hy het nie die beskermende pakke of deteksie stelle gesien nie. 'n Bevelsdirektief gee spesifieke instruksies. Dit gee die doelwit en die status van die bevel vir elke eenheid. Klere sou nie daarin uiteengesit wees nie. Die hoofkwartier het rondgeskuif, oos van Cuito Canavale. Elke eenheid moes hulle eie toerusting terugneem na die Republiek. Daar kon 'n direktief gewees het om dit te Rundu te laat.

[494] Gedurende kruisverhoor hou hy vol dat toerusting nie sommer net agtergelaat sou gewees het nie. Dit sou minstens tot by Rundu teruggeneem gewees het. Gedurende die aand van 14 Februarie 1988 is hy per radio gekontak en meegedeel dat daar 'n chemiese aanval was. Hy het bevel gee dat die soldate hulle

gasmaskers en reënjasse moes aantrek.

[495] **Robert Fox** was by logistiek van die SAW betrokke. Hulle het jaarliks R100 - R200 miljoen se militêre uitrusting versprei. Hy het gewerk onder kol. Viljoen en daarna onder kol. Schutte. Hulle het goed, per pad, gaan haal en vervoer na Rundu. Hulle het gebruik gemaak van Scania trokke. Hulle het klerasie en mediese voorrade vervoer. Hy ken nie 'n CAM nie. Hy het nie 12 sulke apparate vervoer na Unita nie. Hy het ook nie beskermende klerasie na Unita vervoer nie.

[496] Tydens kruisverhoor het hy toegegee dat daar verskillende verspreidingskanale was. Sommige verspreiding is deur hulle gedoen maar dit kon ook anders versprei gewees het. As kol. Sê dat van die klerasie na Unita versprei is, praat hy nie die waarheid nie. Hy was betrokke by die verspreiding vanaf 1980 tot 1991 en selfs al aanvaar jy dat hy soms met verlof was sal hy geweet het van verspreiding van klerasie want hy het ook die dokumente nagegaan. Hy weet dat daar mortiere na Unita vervoer is maar hy weet nie wat die inhoud daarvan was nie. Hulle sou 'n CAM toegesluit het. Toe die afdeling gesluit is, is die dokumente oorhandig aan teeninligting. Beskermende klerasie sou sensitiewe uitrusting gewees het. 'n Geweer is nie sensitiewe uitrusting nie.

[497] **Jeffrey Patrick Candy** was vanaf 1982 verbonde aan EMLC by Speskop. Hulle het 'n apparaat van oorsee gekry en probeer uitwerk wat dit bevat. Hy het saam met Delta G getrek, eers na Sunnyside, toe na Val-de-Grace en uiteindelik na Midrand. Hulle het 'n draagbare deteksiestel gebou. Aanvanklik was dit om gif in die water waar te neem, later om dit in die kos waar te neem en uiteindelik ook om dit in die lug waar te neem. Die substans word gekonsentreer in 'n filter of op 'n papier en 'n chemiese stof word daarby gevoeg. As daar 'n kleurreaksie is, is dit 'n aanduiding van welke gifstof teenwoordig is. Hy het in kruisverhoor toegegee dat daar CAMs ingevoer is deur 'n onbekende persoon van 'n onbekende plek af, teen 'n onbekende prys.

[498] **Phillip Charles Coleman** het 'n Ph.D in chemie en is gedurende 1981 deur die beskuldigde genader om navorsing en ontwikkeling te doen vir CBO. Hy is 'n analitikus. Hy was betrokke by die poging om CAMs

te maak. Hulle het met die AEK saamgewerk. Hy het nie met die elektronika daarvan gewerk nie. Hy was nie by wanneer planne aan die AEK oorhandig is nie. Hy was ook betrokke by die kwaliteitsbeheer van beskermende klerasie.

[499] **Charles Baudouin Victor Van Remoortere** is 'n Belg wat in 1983 na die RSA ge-emigreer het. Hy en Zimmer was saam op skool en Universiteit. Hy het 'n diploma in besigheidsbestuur. Toe hy na Suid Afrika gekom het, het hy niks geweet van beskermende pakke nie (in Engels NBC garments - Nuclear, Biological and Chemical garments). Hy het in Port Elizabeth gewerk en gedurende daardie tyd is die kundigheid vir die vervaardiging daarvan oorgedra na Suid Afrika. Hy het gepoog om beskermende klerasie aan Krygkor te verkoop maar Krygkor was nie geïnteresseerd nie. Die beskuldigde het hom in Port Elizabeth besoek en verneem of hy nie geïnteresseerd is daarin om NBC pakke plaaslik te vervaardig nie. Hy was gekant teen sanksies, vir soverre dit verkryging van beskermende uitrusting aanbetref, en het dit as 'n besigheidsgelentheid gesien. Hy is 'n deskundige op die gebied van internasionale handel het belang gestel. (Hy wys uit dat Zimmer by hom gebly het toe hy getuig het en dat hulle wel die saak bespreek het maar hy glo nie dat dit sy getuigenis beïnvloed het nie.)

[500] He ken gen. Neethling. Hy was 'n deskundige by kwaliteitsbeheer. Toe hulle met die projek in Uitenhage klaar is het hulle 'n reis onderneem na Jean Pierre Seynave naby Ghent. Hy is die besturende direkteur van Seyntex. Hulle was drie in die motor. Zimmer was nie saam nie. Hulle het later in Zimmer se kantoor bymekaar gekom. Hulle het verskillende maatskappye nodig gehad. Die houermaatskappy was Charburn. Dit kom van Charles en Bernanrd. Die name is grappenderwys uitgedink. Hy en Zimmer het op daardie stadium ABC Export & Import gehad. Hulle het ook Blackdale in Ierland geïnkorporeer. Dit was voordelig vir belastingdoeleindes. Gedurende 1985 het hulle met YCVM begin. Dit het verander na CVR Trading en uiteindelik het dit Technotek geword. 'n Afdeling daarvan het Hazmat geword. Die beskuldigde het hom aan Jan Lourens voorgestel. Het het tegniese kennis gehad. Hy het 'n maatskappy SRD gehad. Die naam daarvan het verander na Protechnik. Exipro het aandele gehad in Charburn en in Teechnotek. Hy weet van Luft en dink dat dat te doen gehad het met die beskuldigde en met WPW. Dit het niks te doene gehad

met Charburn nie. Hyself was nie betrokke by Luft nie.

[501] Hyself het 'n noue verbintenis met die beskuldigde gehad. Zimmer het nie geweet van Coast nie maar hy het geweet van die SAW. Die beskuldigde het sy rekening begin gebruik na so 6 tot 12 maande. Hulle het wel oor NBC pakke met Zimmer gepraat alhoewel hulle dit nie in detail met hom bespreek het nie. Dit was sy idee om die verskillende maatskappye te stig. Hy kan nie onthou dat die nodigheid vir NBC pakke vir die polisie bespreek is nie. Hulle het dalk daarvan aan die polisie voorsien. Neethling het hom na België vergesel om hom tegniese ondersteuning te gee. Hyself het op 'n moet-weet basis gewerk tussen 1986 en 1995, maar hy het met die SAW besigheid gedoen. Hy het met die beskuldigde, gen, Knobel en hy dink generaal Meiring geskakel. Hy het ook besigheid gedoen met RITS. Die beskuldigde het aangesê om vir RITS en Intramex te faktureer. Dit was front maatskappye. Hy het Truter gebruik vir kontrakte. Hy het gedurende 1991 saam met Truter en Bezuidenhout os verteenwoordiger van HSF Europa toe gegaan. Hulle het Luxembourg toe gegaan en Truter het wel vir Zimmer daar ontmoet. Hulle het die Huber & Sohner kontrak gaan finaliseer. Dit was vertroulik. Technotek was verbind daartoe om nie 'n vertrouensbreuk te pleeg nie. Die beskuldigde is aan Zimmer voorgestel is 'n dokter, 'n offisier en 'n besigheidsman. Hy kan nie onthou hoe hy Truter aan Zimmer voorgestel het nie. Moontlik as een van die partye tot die ooreenkoms.

[502] Hy weet van die Barcelona rekening in sy naam. Zimmer het tekenmagte gehad. Die beskuldigde het probleme gehad om oorplasing van fondse na Europa te bewerkstellig. Hy was geregtig om buitelandse rekening te open en hy het ook sulke rekenings in Switserland en in Engeland ge-open. Hy glo egter nie dat hulle ooit die Engelse rekening gebruik het nie. Hy weet nie of Knobel uit die staanspoor van die Barcelona rekening geweet het nie maar hy en die Reserwe Bank het wel later daarvan geweet. Hy glo nie dat hy ooit sy tekenbevoegdhede op die Balckdale rekening gebruik het nie. Dit was bloot maat 'n voorsorgmaatreël vir ingeval iets met Zimmer sou gebeur.

[503] Toe hy deur KEEM ondervra is het hy bankstate wat hy van die bank verkry het aan Fouche verskaf. Toe hy die state nagegaan het, het hy besef dat daar groot bedrae is wat hy nie aan die ontvanger van

inkomste sal kan verduidelik nie en het hy vir Fouche vir vrywaring gevra en dit gekry. Alhoewel die beskuldigde en Mijburgh voorgestel het dat hulle regsverteenvoerding vir hom reël, het hy nie daarvan gebruik gemaak nie en was hy onverteenvoerdig. Die beskuldigde het probleme gehad om vryelik rond te beweeg in België en om dit te oorkom is hy, op 'n besigheidsbasis, met sy suster getroud. Hy sou vir haar 'n motor en 'n blyplek voorsien. Daar is woonstelle gekoop. Hulle was langs mekaar. Sy het in die een gewoon en die beskuldigde het die ander een gebruik as hy daar was. Ander mense het dit ook gebruik. Aanvanklik wou sy nie van die beskuldigde skei nie maar later het sy wel van hom geskei. Die mense met 'n kommersiële belang in Charburn was hyself, Zimmer en die beskuldigde. Die beskuldigde wou 'n belang hê om beheer oor hulle uit te oefen, omdat volgens hom, hy die finansies voorsien het.

[504] Oor aanklagte 65,66 en 67 sê hy dat YCVM saamgewerk het met SAGD, Intramex en RITS. Hulle moes 15 000 pakke, per jaar, lewer vir drie jaar. Die ooreenkoms is geteken deur homself en Viljoen. Die beskuldigde het die ooreenkoms onderhandel. Die maak van die pakke was uitgekонтakteer aan National Tents. Daar was 'n ooreenkoms tussen Technotek en National Tents¹. Hulle het die materiaal van Seyntex af gekry. Technotek het die materiaal ingevoer, via ABC Import & Export, en voorsien aan National Tents. Monsters is getoets voordat dit verskeep is. Die pakke is lugdig verpak. Hulle is genommer met bondel- en reeksnommers. Hulle moes so genommer word vir ingeval van besering van 'n soldaat. Dit was nodig om die pak te kon terugspoor na die besondere rol materiaal wat verskaf is. Hulle het ook maskers en stewels voorsien. Die stewels is in Durban gemaak, deur Wayne Rubber. Hulle het ook handskoene gemaak. Kombinasie penne, wat ook 'n naald bevat het waarmee 'n teenmiddel teen 'n chemiese aanval toegedien kon word, is ook voorsien.

[505] Hazmat was 'n onderafdeling van Technotek. Daar was 'n ooreenkoms, gedateer Desember 1986, tussen Seyntex en YCVM² ingevolge waarvan YCVM kundigheid sou verkry en materiaal sou aankoop. Aanvanklik moes hulle 'n lisensiefooi van R13,50 per eenheid aan Seyntex betaal en later 5% van die vervaardigingskoste. Hulle wou nutria pakke hê. Seyntex het aanvanklik net 'n "Olive drab" kleur gehad.

¹ F65.8

Omdat daar lank gewag sou moes word het die beskuldigde besluit dat die eerste pakke in die groen kleur gemaak moes word. Daar is so 8000 na 9000 groen pakke gemaak. Hulle is afgelewer. Daarna was dit nie weer nodig om groen pakke te maak nie. Hulle het saam met SAGD 'n stoor in Courtstraat gehuur. Die eerste 45 000 pakke is waarskynlik te Courtstraat gestoor of miskien by National Tents. Linda Struwig behoort te weet. Wanneer hulle gelewer het het hulle die SAW gefaktureer. In die praktyk het YCVM die faktuur aan RITS uitgemaak³. RITS het die bedrae betaal. Daar was vooruitbetalings van 25% deur RITS, waarsonder YCVM nie kon voorsien nie. Hulle het ooreenkomste met Krygkor gehad. Shalom maskers is van Israel af ingevoer en versend na Angola.

[506] Die vervaardiging van die pakke het by September 1987 'n aanvang geneem maar hulle was nie in staat om 1500 pakke klaar te hê teen Oktober 1987 nie. Intuusen het Roelf Louw van Krygkor gasmaskers ingevoer. Dit was gedurende 1986, 1987 en 1988. Hulle het 'n probleem gehad omdat daar 'n verskil is tussen die Kaukasiese gesig en die negroïde gesig. By Februarie 1989 kon daar reeds 24 000 pakke vervaardig gewees het. Hy bevestig dat RITS gefaktureer is teen R430 000 en dat die klient (Krygkor) R480 000 betaal het. Hy sê dat dit 'n 10% marge vir Technotek toegelaat het. Hy het gedurende Maart 1990 vir Krygkor 'n kwotasie gegee. Aflewering moes geskied by Mediese Voorrade Depot te Dequarweg. Hulle het die pakke teruggekoop vanaf RITS en verkoop aan Krygkor. Hy het RITS se faktuur betaal nadat hy deur Krygkor betaal is. Hy het 'n bedrag van R4 624 656,44 ontvang en het R3 800 000 aan RITS betaal in drie verskillende bedrae nl. R2 miljoen, R1 miljoen en R800 000. Volgens hom is bewysstuk 65.22 'n kontantvloei verwagting wat sy maatskappy gehad het. Hulle het gedink dat hulle R1 827 200 sou ontvang. Daar is 31 000 pakke deur Blackdale aan Seyntex verkoop omdat Seyntex die pakke bodig gehad het om aan Irak of Iran te verskaf.. Hy is gevra of hy pakke het en het gesê dat hy nie het nie maar dat die SAW het en dat hy sal uitvind of die SAW bereid sou wees om dit te verkoop. Hy het die beskuldigde gevra en is meegedeel dat die SAW bereid sou wees om te verkoop. Hy bevestig dat hy die eerste besending gekoop het vir R210 per pak en verkoop het vir R270 per pak. Wat die tweede besending aanbetref het die beskuldigde hom gevra om

² CVR2

³ CVR4A en CVR4B

R170 per pak oor te plaas na Europa. Die transaksie is toe so geformuleer dat 'n bedrag van R40 per pak plaaslik aan RITS betaal is en R170 in Europa betaal is. Seyntex het R270 per pak aan Blackdale betaal. Blackdale het R91,50 aan Technotek betaal en het R8,50 per pak behou. Blackdale het dan R170 per pak betaal aan of WPW of die beskuldigde. Huy bevestig dat daar vervoerkoste en versekering betaal is en dat hy 'n wins van omtrent R1 miljoen gemaak het wat omtrent 25% was van wat vir die pakke betaal is. Die twee besendings was onderskeidelik 18 770 en 12 562 pakke. Hy bevestig dat die brief wat aan RITS geskryf is om te aan te dui dat Technotek net R40 per pak betaal omdat die pakke te klein is en groen is, bloot geskryf is om die indruk te skep dat dit 'n armlengte transaksie is om die lae prys te regverdig teenoor die vorige prys van R210 per pak.

[507] Die staat se saak tov aanklag 66 is dat die beskuldigde vir van Remoortere bedrieg het dat hy deur die SAW gemagtig was om die pakke te verkoop terwyl hy nie so gemagtig was nie en dat hy hom ook bedrieg het deur voor te gee dat RITS op daardie stadium 'n front maatskappy van die SAW was terwyl in werklikheid dit nie 'n front was nie en dat die fondse tot voordeel van die SAW aangewend is terwyl dit nie die geval was nie. Die getuie bevestig dan dat hy wel onder die indruk was dat die beskuldigde gemagtig was om die pakke te verkoop en dat die SAW daarvan bewus was. Hy het ook aanvaar dat RITS 'n front maatskappy was. Dit was eers toe Bruwer by hom aangekom het dat hy besef het dat WPW betrokke was by die transaksie. Wat hom aanbetref was dit nie wreklik belangrik watter maatskappye gebruik is nie. Die pakke was egter dieselfde pakke as wat oorspronklik aan die SAW verkoop is. Hy bevestig dit na aanleiding van fotos waarop datums, nommers van rolle materiaal, reeksnommers en die aantal pakke per pak voorkom. Daar was 'n verskil in die etikette van die verskillende grootte pakke. Alle kwaliteitsbeheer is deur Protechnik gedoen. Daar is nooit betaal voordat die kwaliteitsbeheer nie gedoen is nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat dit aan Bruwer gestel is dat al die pakke nie aan die SAW gelewer is nie is dit sy reaksie dat as die beskuldigde en Krygkor wel verteenwoordigers van die SAW was, die stelling nie korrek is nie.

[508] Oor die Huber & Sohner kontrak sê hy dat hy CVR 8 opgestel het op versoek van die beskuldigde. Webster het dit onderteken omdat die beskuldigde hom dikwels gevra het om kontrakte na te gaan. Jacomet was 'n agent en sy kommissie is betaal. YCVM het tantieme betaal van CHF200 000. Die moet-weet

beginsel het gegeld. YCVM se regte en verpligtinge is oorgedra aan Technotek. Jacomet se kommissie was CHF800 000. Na die verkoop van die 31 301 pakke was dit drie maande later nodig om 'n ooreenkoms met hom aan te gaan om 25 000 pakke oor vyf jaat te vervaardig. Hy is bewus van CAMs. Hy en die beskuldigde is by geleentheid na Heyndrycz. 'n Rukkie later het die beskuldigde hom gevra om vir hom CAMs by Heyndrycz te gaan kry en dit na Seyntex te neem. Hy het 12 ontvang. Zimmer het hom gevra of hy wat Zimmer is vir die CAMs moet betaal en hy het aangedui dat hy by die beskuldigde sal uitvind. Die beskuldigde het hom meegedeel dat dit niks met hulle te doene het nie en dat betaling deur 'n ander kanaal sal geskied. Hy kan nie onthou wanneer dit gebeur het nie. Hy was nie teenwoordig tydens onderhandelings nie. Hy het bloot vir die beskuldigde gewys waar Heyndrycz was. Protechnik het die CAMs probeer namaak. Volgens hom is een CAM gedurende Februarie 1987 vanaf Heyndrycz verkry en die ander 12 ook gedurende 1987.

[509] Oor die Blackdale/copperdale/Tagell transaksie sê hy dat die hele idee van hom afkomstig was. Hy het 'n grafiek voorberei, CVR 15, om die transaksie te verduidelik. Zimmer het niks daarmee te doen gehad nie. Hy het net die finansies hanteer. Die beskuldigde het hom gevra om met Wilfred Mole te praat. Hy is meegedeel dat daar 'n versoek is vir beskermende klerasie. Hy het met Mohammed gepraat wat Copperdale verteenwoordig het en het vir Hashemi een maal gesien. Hulle wou 'n \$3,2 miljoen prestasie waarborg hê. Die beskuldigde het gesê dat hy die fondse sal voorsien. Die \$3,2 miljoen sou nie uitbetaal word totdat daar 'n gelyktydige kredietbrief uitgereik is, eers deur Tagell en dan ook deur Copperdale. Sy grafiek sit al die stappe uiteen in 13 verskillende stadia. Sy oorspronklike prys was \$31 262 750 maar toe hy die prestasie waarborg moes gee het hy dit met die bedrag daarvan verhoog. Daar was agentekommissie van \$468 950 aan Mole betaalbaar. Hy het self die ooreenkomste opgestel op so 'n wyse dat Mohammed moes toesien dat die transaksie kon deurgaen. Die wyse waarop hy die transaksie geformuleer het was dat die \$3,1 miljoen eers sou uitbetaal word nadat alles goed afgeloop het. Die ooreenkoms het toe nie deurgegaan nie omdat die agent te gulsig was en nie op[enlik opgetree het nie.. Hy verduidelik dat bewysstuk F11.13 kronologies na F11.14 kom. Die ooreenkomste word opgestel soos wat die onderhandelinge vorder. Uiteindelik word al die ooreenkomste terugdateer. Hy dink nie Blackdale het 'n spesiale rekening geopen waaruit die \$325 000 betaal is nie. Die goedere moes in 'n doeanepakhuis gelewer word. Dit was dus nie nodig om dit deur die

doeane te neem nie. Van daar af sou dit na Iran vervoer word. Mohammed het die eerste konsep opgestel maar dit was katastrofies. As hulle wel 'n kredietbrief gekry het sou daar 'n addendum gewees het. Die kredietbrief word so bewoord dat betaling eers geskied na die lewering van sekere dokumente aan die bank. Webster het wel die ooreenkoms gesien maar hy dink dit is omdat die beskuldigde daarop aangedring het. Hulle het met Mole onderhandel. Hashemi het die ondersteuning van die Iranese gehad. Sy eie vervoerkoste is deur Technotek betaal en Mole het vir sy verblyf betaal.

[510] Daar was 'n vroeë stadium toe Mole, die beskuldigde, Webster en Zimmer teenwoordig was. Hy kan nie onthou wanneer dit was nie. Chu was nie betrokke nie. Hy het hom net een maal ontmoet. Hy weet nie van 'n transaksie tussen die beskuldigde, Hashemi en Abdullah nie. Hy was beïndruk met die vinnige wyse waarop die beskuldigde die \$3,2 miljoen in die Blackdale rekening inbetaal het. Hulle het die \$325 000 verloor en besluit om dit terug te betaal. Hulle het dit terug betaal. Wat hom aanbetref het die transaksie niks met die SAW te doene gehad nie. Hy weet nie waar die beskuldigde die geld gekry het nie. Hy weet niks van 'n peptiedsintetiseerder of van DNA probes nie. Hy sê dat as die idee was om sanksies te ontduik dit baie makliker sou gewees het om dit te doen soos wat hulle vantevore gedoen het. Wat hom aanbetref was dit onnodig om van hierdie omslagtige, gekompliseerde metode gebruik te maak wat vir homself 'n nagmerrie was. Wanneer dit aan hom gestel word dat dit aan Zimmer gestel is dat die koper die \$3,2 miljoen sou kry ongeag daarvan of lewering sou geskied of nie is dit sy reaksie dat dit nie is soos hy die ooreenkoms interpreteer nie. Hy hou vol dat as jy toerusting wil koop dit maklik is om 'n transaksie uit te werk. Hy voel dat as dit 'n klandestiene aankoop was die beskuldigde hom in sy vertrouwe moes geneem het.

[511] Hy word verwys na CVR16, 'n faktuur van YCVM aan RITS, gedateer 19 Oktober 1988. Die onderwerp van die faktuur aan RITS was iets wat met chemiese deteksie te doen gehad het. YCVM het dit ingevoer en verkoop aan RITS. Exipro is gestig juis om sanksies te kan ontduik. Die mense in Europa is nie goed ingelig nie en hulle aanvaar dat uitvoer na Swaziland nie uitvoer na die RSA is nie. CVR 17 het betrekking op die hanteer van dekontamineermiddels. Protechnik het druk uitgeoefen om nog 'n CAM te kry. Die persoon wat besluit het oor die SAGD se behoeftes was die beskuldigde. Charburn het 'n 75% belang in

Exipro gehad. Exipro het 'n kantoor in Swaziland gehad. Daar was 'n konsultasiefooï betaalbaar aan Exipro⁴. In die begin, voordat sy fabriek begin produseer het, het die beskuldigde hom deur Exipro betaal. Hy moes huurgeld betaal, die dame wat op die perseel gewerk het en ook sy eie salaris. Hy dink dat dit 'n drie-jaar kontrak was. Na die einde toe het Exipro begin konsentreer op privaatwerk. Hulle het kerse uitgevoer na Europa en het tweedehandse klere ingevoer. Hulle was ook betrokke by die hergebruik van afval brons. Toe hulle met die privaat besigheid begin het, het hulle opgehou werk vir die staat. Exipro het nie vir maande gewag vir betaling vanaf Intramex nie. Hy kan nie glo dat Exipro vir Intramex R330 000 geskuld het nie. Gedurende 1994 het hy Exipro aan 'n genoteerde maatskappy in Johannesburg verkoop.

[512] BRCI het op 'n stadium aandele in Technotek gehad. Dit is oorgedra aan Chris Marlow. Hy het gedurende Februarie 1991 besluit om sy besigheid so te herorganiseer dat die personeel aandele in die besigheid kon kry. 10% van daardie aandele moes egter vir Jan Lourens gereserveer word. Hy het nie van Lourens gehou nie. Hy het dit met die beskuldigde bespreek en die beskuldigde het voorgestel dat hy dit eerder vir Marlow gee sodat dié hom met sy regswork kon help. Dit het hom nie lank gevat om agter te kom dat Marlow niks doen nie. Toe hy gedurende 1994 sy besigheid herorganiseer het na 'n winsdelingsonderneming het hy besef dat die aandele nog in Marlow se naam was. Daar was 'n meganisme waarmee hy die aandele terug kon kry en hy het dit toegepas en die aandele teruggekry. Toe hy Protechnik gekoop het was Lourens die besturende direkteur. Nadat hy die aandele gekoop het, het hy die besturende direkteur geword. Hy het gevind dat Lourens 'n bedrag van R240 000 aan homself betaal het. Toe hy hom daarmee gekonfronteer het voor die beskuldigde en Mijburgh het hy gesê dat dit geprivilegeerde inligting is en dat hy goed vir die beskuldigde gemaak het (die skroewedraaiers ens.). Hy was skepties en het geglo dat hy homself 'n bonus betaal het. Hulle verhouding het versleg totdat Lourens bedank het. Vandag dink hy dit was tog die waarheid alhoewel hy dit destyds nie geglo het nie. Dit word aan hom genoem dat dit aan Knobel gestel is dat Lourens afgedank is omdat hy oneerlik was en sy reaksie daarop is dat die stelling nie korrek is nie. Hy ontken nie dat Lourens die beskuldigde en Neethling beskuldig het daarvan dat hulle kommissie ontvang het nie en dat die bewering ongegrond was nie. Sy verhouding met Lourens is tans uitstekend.

⁴ CVR19.

[513] Hazmat is gedurende 1994 aan Krygkor verkoop. Daar is 'n behoefte aan maskers en filters op die gebied van die CBO. Krygkor het 'n goeie wins gemaak en Charburn het ook 'n wins gemaak. Op 17 Julie 1994 is die verkoop van Protechnik aandele aan Krygkor deur die minister goedgekeur. Krygkor het Technotek se aandele in Protechnik gekoop en ook Charburn se 24% teen R960 000. Wanneer hy verwys word na die super deal (A61) is dit sy getuienis dat hy die BEF 4 miljoen aan sy suster Claudine betaal het en dat die beskuldigde hom dit nog skuld. Hy stem nie saam met Zimmer dat daar skuldvergelyking plaasgevind het nie. Hy sê dat volgens A61 moes Zimmer 'n derde van die opbrengs uit die verkoop van Hazmat aan die beskuldigde betaal en hy is seker daarvan dat Zimmer dit betaal het. Hy het nie Zimmer se berekeninge nagegaan nie. Hy word deur dokumente A10 –A19 geneem en sê o.a. dat die beskuldigde vir hom gesê het die die Tygerberg dieretuin sy dieretuin is. Hy dink Merton huis was die beskuldigde se huis. Hy en die beskuldigde en 'n vriend van hom, Jan van Cynthias Restaurant, het daarnatoe gegaan en die beskuldigde en Jan het die kombuis bespreek. Hy bevestig verder dat hy dmv Technotek MCI se aandele in Protechnik gekoop het en dink dat hy R500 000 aan Mijburgh betaal het daarvoor⁵. Technotek het egter ook voor dit 'n bedrag aan MCI geleen. Hy kan nie mooi onthou waarom die ooreenkoms F14.19B (die oorplasing van die privatiseringsfondse na Europa) wat hy onderteken het gaan nie. Hy word verwys na 'n aantal dokumente oor die betaling van dividende uit Protechnik aan Charburn in Luxembourg⁶ waarin bedrae van onderskeidelik R451 315, R121 416, R776 462, R363 966 en R220 915 genoem word. Hy sê dat daardie dividende nie deur Charburn versprei is nie. Hy was bewus van die Mean Gholf Klub. Die beskuldigde wou dit koop wen hy wou hê dat hyself en Zimmer die aankoop moes reël. Dit was die besigheidsman en dokter wat wou koop, nie die SAW nie. Hy het met Knobel gepraat oor die gholf klub, sy suster en die vliegtuie. Knobel het nie van die gholf klub geweet nie. Hy was in die Wildtuin. Hy dink die beskuldigde het betaal.

[514] Hy, die beskuldigde en Zimmer het 'n dokument geparafeer waarin die dividende wat Charburn ontvang het uiteengesit word. Hy het nooit eerste klas gevlieg nie. Hy het gehoor dat die beskuldigde, Mijburgh, Swanepoel en Marlow eerste klas gevlieg het. Hy was wel in die Seychelles met vakansie en die

⁵ CVR 27.

⁶ CVR29A, 29B, 29C, 29D en 29E.

beskuldigde het daarvan gehoor en gereël dat hy, sy gade en dogter saamgaan. Hulle was daarvir 'n week of twee en elkeen het vir homself betaal. Die beskuldigde se dogter Naomi was in 'n afrondingskool in Switserland. So ver hy weet het die beskuldigde daarvoor betaal. Hy het gehoor dat die beskuldigde met die Jetstar in die Seychelles gaan vakansie hou het. Die beskuldigde het 'n Rolex horlosie aan hom aangebied, maar hy hou nie van sulke horlosies nie. By 'n geleentheid is hy en die beskuldigde en twee loodse met die Kingair na Europa. Op pad daarheen het hulle by verskeie plekke gestop soos te Abidjan en die Kanariese eilande en het hulle besigheid gedoen. Daar was " drom op die vliegtuig. Hulle is ook een maal met die Kingair na Mosambiek. Seynave, Webster en Neethling was almal daar. Hulle het vir hulle eie verblyf betaal. Seynave is 'n jagter maar omdat hy nie daardie jaar vir 'n jagtog kon reël nie het hy die besoek gereël om te gaan visvang. Hy (die getuie) het aan die getuie voorgestel dat WPW staan vir Wouter, Philip en Wynand. Hy kan nie onthou wat sy reaksie was nie maar aanvaar dat hy net gelag het. Hy dink dat hulle drie naby aan mekaar was en nie met die SAW te doene gehad het nie. Hy weet nie van Oos-Duitsers, Russe of Libiërs nie. Blucher is 'n beroemde Duitse naam. Hy en Jan Lourens het met die jonger broer onderhandel oor materiaal. Hy was een maal by Fancourt. Hy is met die Jetstar daarnatoe. Die beskuldigde het hom genooi. Hy dink dat sy vrou, Mijburgh en Marlow op dieselfde besoek was. Hy is 'n huis gewys wat naby aan voltooi was en was onder die indruk dat die beskuldigde die eienaar daarvan sou wees. Hy het gemaak of hy die eienaar van die twee vliegtuie was. Daar was selfs 'n aanbod aan Technotek om jaarliks van die Fancourt eenheid gebruik te maak vir hulle byeenkoms teen 'n goedkoop tarief, maar daar het niks van gekom nie.

[515] Toe hy gekruisverhoor is het hy toegegee dat daar 'n wesenlike chemiese bedreiging vir die SAW was en dat hy persoonlik Unita soldate in Jamba gesien het wat wonde gehad het wat, na bewering deur chemikalieë veroorsaak is. Dit was wat dr. Brian Davey hom vertel het. Sanksies was 'n probleem. Die SAW kon nie op die ope mark koop nie. Daar was groot boetes betaalbaar in geval van sanksie verbreking. Hy was bereid om betrokke te raak by die verskaffing van beskermende toerusting aan individuele soldate. Dit was ook Seynave se benadering. Voordat hy betrokke geraak het, het hy dit met Seynave, sy gade en sy vader bespreek. Die moraliteit is bespreek en dit is beluit dat indien daar 'n versekering was dat daar nie aggressie sou wees nie hulle bereid was om betrokke te raak. Hy het vir Zimmer betrek en sy getuienis was

besonder vaag oor wat hy vir Zimmer vertel het en wat Zimmer geweet het. Omdat die moet-weet beginsel gegeld het weet hy nie werklik wat Zimmer geweet het nie. Hy gee tog toe dat hy vir Zimmer ingelig het dat hulle vir die SA Mediese magte werk en dat hulle besig was met sanksie ontduiking en dat Zimmer dit geweet het.

[516] Hy ontken nie dat om sekerheidsredes 'n fiktiewe kanaal geskep moes word nie in terme waarvan Seyntex aan Blackdale verkoop het en Blackdale weer aan Technotek verkoop het. Seyntex het dan die materiaal verskeep na 'n pakhuis in Antwerp vanwaar Blackdale dit weer verskeep het na Technotek. Die partye het geweet wat die risiko's verbonde aan hulle optrede was. Die verandering van regering in die RSA het probleme vir die partye veroorsaak. Die projek is vir Zimmer 'n groot verleentheid. Die veiligheidsmaatreëls wat hulle gebruik het verskaf minstens 'n storie aan die deelnemers soos Zimmer. Dit is noukeurig beplan en uitgevoer. Hy gee toe dat as die Belgiese owerhede teen Zimmer wil optree hy in die moeilikheid kan kom maar hy glo tog dat hy nietemin die waarheid sal praat. Hy gee toe dat hy wanvoorstellings gemaak het deur byvoorbeeld te verswyg dat die beskuldigde 'n kolonel is. Hy sou nie onder eed lieg nie. Wat hom aanbetref is enigiets tussen reg en verkeerd vals. Hy mag voor 1994 'n valse prentjie geskep het maar daarna het hy slegs die waarheid gepraat. Hy verander die datum na 17 April 1995.

[517] Dit word aan hom gestel dat die sentrale tema van sy getuienis is dat die beskuldigde 'n derde aandeel in Charburn gehad het en dat dit die rede was waarom hy deelgeneem het aan die verkoop van Technotek en aan die Tagell ooreenkoms. Dit word dan aan hom uitgewys dat by KEEM hy uitdruklik getuig het dat Zimmer 24% of 25% van die aandele gehou het en dat Charburn bloot as 'n voertuig gebruik is. Hy gee toe dat die aandele wel aan Zimmer uitgereik is maar dat daar 'n mondelinge ooreenkoms was dat hy die aandele as nomineer hou vir hulle drie. Charburn het niks te doene met WPW nie. Die beskuldigde kon in sy kapasiteit as nomineer vir WPW geregtig gewees het op sy deel van die aandele in Charburn. Dit is wel so dat by KEEM hy gesê het dat Charburn Zimmer is. Hy sê dat onthou moet word dat hy bang was en nie enige detail verstrek het nie. Vir die doeleindes van sy getuienis het hy "belang" gelyk gestel aan "aandele" en aangesien Zimmer al die aandele gehou het kon hy so getuig. Toe hy by KEEM getuig het dat die beskuldigde

nie 'n belang gehad het nie was dit nie die waarheid nie. Hy regverdig sy getuienis dat Zimmer 25% van die Technotek aandele deur Charburn gehou het op die basis dat Zimmer vir Charburn moes optree. Hy gee toe dat hy valslik getuig het dat Zimmer van uit die staanspoor betrokke was en vir sy aandele moes betaal. Hy gee toe dat hy wel proefneming met 'n aandele ooreenkoms met werknemers gehad het en dat hy Marlow betrek het vir kontroledoeleindes en dat hy getuig het dat hy dit gekanselleer het sonder om dit eers met Marlow te bespreek. Hy sê dat die aandele ooreenkoms nooit gematerialiseer het nie omdat hulle nooit saamgewerk het nie. Net hy en Zimmer was aandeelhouders. Die beskuldigde het 'n belang in Technotek omdat Zimmer die Charburn aandele as nomineer hou, o.a. vir die beskuldigde, terwyl hy die Technotek aandele hou as verteenwoordiger van Charburn. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde nie 'n belang in Technotek het nie.

[518] Dit blyk dat hy 'n weeklikse e-pos verslag ontvang het oor wat in die saak gebeur. Hy ontken dat hy en Zimmer die saak bespreek. Chandre Gold het hom na die WVK ondersoek aangeraai om so 'n verslag te kry. Daar vind 'n filosofiese debat plaas oor wat 'n leuen is. Volgens die debat ontstaan die vraag of die veswyging van inligting 'n leuen kan wees en of 'n leuen om jou eie belange te beskerm 'n leuen kan wees. Sy standpunt is dat sy getuienis ge-evalueer moet word teen daardie benadering van hom. Oor die Tagell ooreenkoms sê hy dat nadat al die dokumente aan hom getoon is hy weer die gebeure gerekonstrueer het en verder dat hy graag wou sien dat die ooreenkoms materialiseer omdat hy baie geld kon maak. Hy was nie betrokke by die ooreenkoms tussen Tagell en Copperdale nie. Die agent speel 'n baie belangrike rol. Die oorspronklike detail oor hoe die ooreenkoms geformuleer moes word het vanaf die beskuldigde gekom en ook deur Mole. Dit word aan hom uitgewys dat toe hy gedurende 1998 by KEEM getuig het hy weinig van die ooreenkoms kon onthou. Hy het nie geweet dat Copperdale, of Hashemi of Mohammed betrokke was nie of waar die ooreenkoms geteken is nie of wat die bedrag van die prestasie waarborg was nie.

[519] Dit is so dat toe die geld vir die prestasie waarborg nodig was Zimmer vir hom gevra het en dat hy weer vir die beskuldigde gevra het. Hy was verbaas hoe vinnig die beskuldigde die geld gekry het. Daar was 'n ooreenkoms tussen Balckdale en die bekuldigde. Die geld moes binne 30 dae terug betaal word. Wanneer dit aan hom gestel word dat by KEEM hy nie eers kon onthou dat die geld in die Blackdale rekening inbetaal is

nie is sy reaksie dat die herinnering terug gekom het.

[520] Hy sê dat hy 12 CAMs gaan kry het. Daar is 'n dokument aan hom getoon wat hom laat onthou het dat daar een CAM by Protechnik was voordat die ander gekom het. Hy was nie betrokke by die verkryging van die CAMs nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat totdat hy sy getuienis in hoof gegee het hy nie kon onthou hoeveel CAMs daar was nie is sy antwoord dat omdat hy 'n baie presiese mens is hy in die houer gekyk het en gesien het hoeveel CAMs daar was. Dit is onwaarskynlik dat hy nie sou vasgestel het wat die getal CAMs was nie. Verder het die staat nou dokumente aan hom getoon waarmee hy sy geheue kon verfris. Zimmer het hom ook oor die faktuur vir die 13 CAMs vertel. Hy het dit met die beskuldigde bespreek en die beskuldigde het hom meegedeel om nie te betaal nie.

[521] Toe hy later verder gekruisverhoor is is dit aan hom gestel dat hy getuig het dat hy 12 CAMs by Heyndrycz gaan afhaal het omdat hy by die staat gehoor het dat daar 13 Cams in totaal was en omdat hy geweet het dat een CAM voor die tyd in die land gekom het. Hy wil dit nie toegee nie en sê dat hy 'n onafhanklike geheue het daarvan dat Zimmer hom gevra het of hy vir Heyndrycz vir die 13 CAMs moet betaal. Uiteindelik gee hy toe dat as daar 'n faktuur vir 13 eenhede was dan kon dit 12 gewees het plus die vorige een of dit kon dertien gewees het en die vorige een kon reeds betaal gewees het. Hy gee verder toe dat hy nie aan laasgenoemde moontlikheid gedink het nie. Hy sê weer dat hy en Seynave net bereid was om beskermende toerusting te voorsien. Dit word aan hom uitgewys dat hy onderhandel het vir die verkryging van twee binêre agente wat deur 'n 155mm projektiel aangewend sou word en wat by impak 'n effektiewe chemiese middel sou wees. Dit word aan hom gestel dat dit nie net 'n beskermende middel is nie en ook aggressief aangewend kan word. Sy antwoord daarop is dat toe hulle agter gekom het dat die middel ook aggressief aangewend kan word het hulle geweier om voort te gaan met die transaksie. Hy gee toe dat, ofskoon hy probeer het om nie te lieg nie, hy tog by KEEM gelieg het na 17 Februarie 1995. Hy se dit was refleks leuens of wit leuens.

[522] Hy het wel die getuienis wat hy vroeër in die saak gegee het gelees en vra dat dit nie vertolk moet

word dat hy sal lieg om homself en andere te beskerm elke keer wanneer hy bang is vir een of ander onheil nie. Hy het 'n versekering van die Direkteur van Openbare Vervolging dat hy nie vervolgt sal word nie. Hy glo nie dat Charburn ooit 'n dividend uitbetaal het nie. Wanneer die bedryfsmaatskappy 'n wins gemaak het is dit as 'n dividend aan die houermaatskappy uitbetaal, maar weer deur die houermaatskappy as werkskapitaal aan die bedryfsmaatskappy terugbetaal. Teoreties kan die winste as dividende aan die aandeelhouders uitbetaal word. Volgens hom was die beskuldigde 'n derde aandeelhouer. Hy bevestig egter dat die beskuldigde nooit dividende ontvang het uit Charburn, Blackdale, Technotek of Protechnik nie. Hy ontken nie dat ongeveer R2 miljoen se dividende deur Technotek aan Charburn betaal is nie. Hy ontken nie dat as dit aan Charburn (synde 'n 24% aandeelhouer) betaal is nie, hyself R6 miljoen moes ontvang het. Hy gee ook toe dat 'n verdere R1 miljoen deur Technotek aan Charburn betaal is. Charburn het nie ander besigheid gedoen as deur Blackdale, ABC Import & Export en Technotek nie. Hy kan nie bevestig dat daar 'n lening van BEF1,2 miljoen vanaf WPW aan Charburn gemaak is nie, soos wat Zimmer dit geboekstaaf het op BZ 6 nie. Hy weet nie of Charburn betrokke was by WPW nie. Daar kon ander lenings gewees het as net die Tagell lening. Hy weet nie of Zimmer vergoed is vir sy werk in Charburn nie. Hy weet nie hoe Zimmer andersins betrokke was in besigheid namens Charburn nie behalwe om geldlenings in ontvangs te neem, geld aan bedryfsmaatskappye uit te leen en dividende te ontvang nie. Hy weet nie of hy 'n fooi ontvang het nie. Hy kan nie oor werklike lenings getuig nie. Hy word gevra oor 'n staat waarvolgens Technotek \$600 000 en CHF556 000 aan Zimmer skuld en hy sê dat Technotek nie in staat was om al sy krediteure te betaal nie. Die vraag ontstaan dan of dit nie oneerlik was om groot dividende uit te betaal en nie die krediteure te betaal nie. Technotek was die houermaatskappy wat eers vir Protechnik gedurende 1993/94 verkoop het. 'n Paar maande later is Hazmat verkoop en gedurende 1995 is Exipro verkoop. Dit het nie ander bates gehad as die aandele in die maatskappye nie. Hy gee toe dat tot laat in 1995 het Technotek groot dividende uitbetaal en hy het 76% daarvan ontvang. Hy sê dat die dividende wat hy so gemaak het by sy globale finansiering gevoeg moet word en dat dit dan sal blyk dat hy 'n verlies gemaak het omdat hy baie geld verloor het met Exipro.

[523] Hy gee toe dat Charburn streng gesproke nie 'n buitelandse maatskappy was nie. Dit was dus nie geregtig op die vergunning om van die finansiële rand gebruik te maak nie. Dit is so dat die derde van die

aandele wat elk deur die beskuldigde en homself gehou is, nie aan die Reserwe Bank openbaar is nie. Hy meen egter dat Zimmer hieroor gevra moet word omdat hy 'n internasionale handelaar is terwyl Zimmer 'n internasionale finansier is. Dit word aan hom gestel dat aanvanklik meer as 75% van die aandele in die maatskappy deur 'n buitelandse maatskappy gehou moes gewees het maar dat later, toe die dividende uitbetaal is, die posisie omgekeer moes word en die buitelandse maatskappy nie meer as 25% van die aandele mag gehou het nie. Hy sê dat die finansiële rand transaksies met die beskuldigde bespreek is maar dat Zimmer dit uitgewerk het. Hy bevestig weer dat die \$325 000 van die Tagell ooreenkoms deur hom en Zimmer terugbetaal moes word want hulle het die geld by die beskuldigde geleen. Dit word gestel dat as die beskuldigde 'n derde aandeel in Charburn gehad het en Charburn al die aandele in Blackdale gehad het, die beskuldigde aanspreeklik was vir terugbetaling van 'n derde van die lening. Hy gee toe dat hy bloot maar gedink het dat die beskuldigde die eienaar was van die vliegtuie en die eiendom by Fancourt en dat hy geen bewys daarvan gehad het nie. Dit was egter 'n sterk persepsie wat hy gehad het. Wanneer dit aan hom uitgewys word dat by KEEM hy aangedui het dat hy dink dat Fancourt aan Mijburgh behoort sê hy dat Mijburgh dit genoem het dat hulle (Technotek) die eiendom kon gebruik. Sy vermoede is versterk deur die dokumente A10 tot A19. Wanneer dit aan hom gestel word dat daardie dokumente nie in alle opsigte korrek is nie sê hy dat dit die beskuldigde se plan was maar dat dit nie so uitgewerk het in die praktyk nie. Hy gee egter toe dat hy nie weet onder watter omstandighede die dokumente geskep is nie. Hy sê egter dat Webster, Mijburgh en Swanepoel die beskuldigde se hoof uitvoerende beamptes was.

[524] Hy gee toe dat Zimmer geweet het dat die beskuldigde en Truter verbonde was aan die SAW. Hy sê dat hy die finansiering vir die Huber and Sohner kontrak self gereël het en dat Zimmer niks daarmee te doene gehad het nie. Hy gee toe dat hy by KEEM aangedui het dat Zimmer nie maklik sal saamwerk nie omdat die beskuldigde vir hom 'n verleentheid is en omdat hy nie sy besigheid wil benadeel nie. Hy word gevra of die "super deal" 'n bespreking of 'n ooreenkoms was en hy sê dat dit 'n ooreenkoms was en dat dat daar ingevolge die ooreenkoms gepresteer is. Dit word aan hom gestel dat hy oor die transaksie behoort te getuig het by KEEM. Hy gee toe dat na die verkoop van Hazmat vir R2 miljoen 24% daarvan na Charburn moes gegaan het. Hy weet nie of die beskuldigde sy R160 000 gekry het nie. Die "super deal" het alles gefinaliseer.

Dit word aan hom gestel dat A61 nie 'n ooreenkoms was nie maar dat Zimmer dit vir ouditdoeleindes benodig het.

[425] Hy gee toe dat sanksie ontduiking 'n leuen is maar verduidelik dat die eerste en die laaste transaksies wel ware transaksies is maar dat al die transaksies in die middel leuens is. Sy persepsie dat die beskuldigde WPW is het hy destyds gevorm en dit is versterk deur A10 tot A19. Hy ontken nie dat tot in Januarie 1998 hy nie geweet het wie WPW is nie. Hy argumenteer egter dat die beskuldigde die \$3,2 miljoen so vinnig gekry het dat dit so moes gewees het. Dit word dan aan hom uitgewys dat dit SAW geld was en dat \$2,7 miljoen weer in die SAW rekening geëindig het. Hy gee toe dat die beskuldigde 'n midelman was tussen bv. Seyntex en die SAW en bevestig dat die beskuldigde nooit kommissie gevra het nie.

[526] Dit word aan hom gestel dat die ooreenkoms so ingeklee was dat die \$3,2 miljoen by Copperdale sou uitkom ongeag daarvan of die kleretransaksie deurgaen of nie. Oor die terugbetaling van die \$325 000 word hy gevra waarom die terugbetaling eers so laat geskied het, as dit werklik so was dat die bedrag binne 30 dae terug betaal moes word. Hy meen Zimmer moet daarvoor gevra word omdat hy sekerlik 'n nuwe ooreenkoms met die beskuldigde aangegaan het. Hy sê dat Zimmer hom vertel het dat hy rente op die \$325 000 betaal het. Dit word aan hom gestel dat Zimmer toegegee het dat hy vir jare nie rente op die bedrag betaal het nie omdat daar nie ooreengekom is op rente nie, dat hy nie rente betaal het nie maar dat hy rente op die \$3,2 miljoen betaal het. Dit word verder aan hom gestel dat sy betrokkenheid by die transaksie, die verkoop van die klerasie vir \$31 miljoen nie deur die prestasieverband geaffekteer is nie.

[527] **Elsa Magrietha van der Linden** is 'n luitenant- kolonel in die SAW. Sy was vanaf 1986 tot 1994 die beheerbeampte by die Verdedigings Voorrade Depot (VVD). Daar is ook 'n ander depot nl die Mediese Basis Krygbehoefte Depot (MBKD). Dit voorsien in daaglikse gebruiksgoedere soos seep en potlode. Beskermende klerasie is gestoor by die VVD. Dit word in voorraad opgeneem en vandaar uitgereik. Die VVD het vier store. CBO goedere word in 'n spesiale stoor gestoor. Sy identifiseer 'n Technotek faktuur⁷ en sê dat

⁷ F65.164

die letters ICN daarop staan vir “intake control number”(in Afrikaans IBN – inname beheer nommer,) Op 20 Februarie 1990 is daar pakke by VVD op sterkte geneem. Die bestelling was vir olive drab klerasie en lewering moes by VVD geskied. Sy het op 22 Mei 1990 geteken dat pakke gelewer is. Sy bevestig dat daar nie IBN nommers is nie en dat hulle meegedeel is dat hulle nie die goedere op sterkte moes neem nie en dat dit net in die store gehou moes word vir onder andere oefendoeleindes. Dit het daar gebly tot in November. Sy is met verlof en met haar terugkeer was dit weg. Majoor van der Westhuizen het haar meegedeel dat dit gedurende 'n nag verwyder is en dat sy nie weet wat daarvan geword het nie. Daar was nie ander groen pakke nie. By aankoms by die werk kry almal sleutels, wat in 'n kluis gebêre word. Sy kyk na TV 28 en sê dat sy nie bewus was daarvan dat beskermende klerasie ook daar gestoor was nie. Sy weet nie van die store by Babelegi nie. Voorrade word jaarliks getel en moet ooreenstem met die voorraad volgens die rekenaar. Technotek het die pakke vervaardig en daar is nie pakke oorgeplaas vanaf VVD na MBKD nie.

[528] Onder kruisverhoor gee sy toe dat die rekenaar uitdruk bloot aandui wat op sterkte is en nie wanneer dit opgeneem is nie. Wanneer dit aan haar gestel word dat daar tien duisende pakke ontvang is sê sy dat sy net weet van 434 pakke op 27 Augustus 1987, 220 pakke op 29 November 1987, 3 110 pakke op 16 Maart 1989 en 4 287 pakke op 20 Februarie 1990. Dit word aan haar uitgewys dat as daar 45 000 pakke gemaak is die pakke wat sy ontvang het maar 'n klein gedeelte daarvan is. Sy bevestig dat bewysstuk 65.157 aandui dat die pakke ontvang is maar nie nagegaan is nie. Dit word aan haar gestel dat dit 'n skyntransaksie was wat aangegaan is om fondse in die SAW te skuif. Sy gee toe dat dit nie 'n normale transaksie was nie. Sy word beskerm deur die dokument. Dit is so dat die eerste pakke sonder IBN nommers ontvang is. Indien daar nou groen pakke in die store is weet sy nie waar dit vandaan kom nie. Daar is nooit CBO pakke uitgereik wat weer teruggekom het nie.

[529] **Daniël Sarel du Toit** was 'n produksievoorman by Technotek en betrokke by die verskuiwing van die NBC pakke. Hy ken die Courtstraat stoor. Die beskermende pakke is daar gestoor. Toe die huur opgeskort is, is baie pakke verskuif na Babelegi. Daar het niks agtergebly nie. Daar is groen en bruin pakke verskuif. Herman Bezuidenhout was nie betrokke by die verskuiwing van die pakke nie. Hy word verwys na EVL2 en sê

dat hy een maal by daardie stoor was (Radio Uitkyk) en pakke lughawe toe vervoer het. Hulle is gesê dat die goed na Irak of Iran gaan. Die verskepingsagent was JH Bachman en die vervoer is deur Lufthansa gedoen. Bachman was ook betrokke by die verskuiwing van die goedere na die Bachman store in Isando. Daar is ook groen pakke vervoer. Op die dose was etikette van National Tents and Sails. Hulle het ook "Quality approved" etikette van Protechnik afgehaal. Hoeveelhede en nommers is afgehaal. Daar kon selfs YCVM etikette op gewees het. Van die ouer pakke het die YCVM etiket opgehad en 'n pamflet binne in. Hy weet nie van brande waarin klerasie vernietig is nie. Hy weet nie of daar pakke by Radio Uitkyk agtergebly het nie. Hulle het die trokke vol gelaai. Daar kon pakke by Babelegi agtergebly het. Die groen pakke het van Babelegi af gekom. Hy weet nie waar Radio Uitkyk groen pakke sou gekry het nie.

[530] Tydens kruisverhoor het hy ontken dat sy getuienis vaag is omdat hy nie die voordeel van dokumente gehad het nie. Die pakke, minstens 2000 of 3000, is geskuif vanaf Courtstraat na Babelegi en weer van daar na Bachman. Dit was dieselfde pakke omdat dit van dieselfde stapels gekom het. Groot hoeveelhede is na Bachman verskuif. Die papierwerk is deur Herman Bezuidenhout en Linda van Niekerk gedoen. Hy, Herman Bezuidenhout en van die werkers het die Technotek en National Tents & Sails merke van die dose verwyder. Die lugdig verpakking was belangrik en is nie gebreek nie. Hulle het nie die pakke oopgemaak nie. Waar die dose stukkend was is die pakke in ander dose gepak. Dit was gewone werkers wat saam met hulle gewerk het. Die goed is op 'n sleepwa van Courtstraat na Babelegi vervoer. Hier en daar is dit dan herverpak in ander dose. Hulle het dit na Bachman geneem en daar is die etikette toegesprei. Daar is ook dose daar oorgepak. Hy was in diens van Technotek en het geweet dat die materiaal in houe kom. Me. van Niekerk moes dit inspekteer. Hulle was ook betrokke by die poncho's. Dit is gemaak vir CBO beskerming. Wanneer hy gevra word of van Remoortere by die verskuiwing betrokke was antwoord hy ontkenend. Hy aanvaar egter dat die opdrag van hom gekom het.

[531] **Linda May van Niekerk** was verbonde aan Technotek en was voorheen bekend as Linda Struwig. Sy was verantwoordelik vir die bedryfsdokumente en is 'n deskundige op die gebied van in- en uitvoer. Sy was ook die uitvoerende bestuurder van Hazmat. Hulle enigste klient was die SAW. Sy word verwys na 65.164 en

wys uit dat die hoeveelheid grootte en kleur van die kledingstukke daarop voorkom en dat dit betrekking het op afleveringsnota 0016. Sy bevestig, soos die getuie van der Linde, die transaksie waarna Bruwer verwys op 337B van sy verslag en wat uiteengesit word op bewysstuk 65.171. Alhoewel broeke en baadjies apart gefaktureer is was dit tog pakke wat verkoop is. Sy weet ook van IBN nommers en het RITS en Intramex as arms van die SAWbeskou. Hulle het met sensitiewe produkte gewerk en die manier waarop dit hanteer is was nie vir haar snaaks nie. Technotek het wel uitkontrakteer maar het die maskers en die gasflesse (canisters) self gemaak. 65.171 was 'n groot bestelling. Materiaal sou van Seyntex af ingevoer gewees het en die maak van die pakke sou uitgekontrakteer gewees het aan National Tents & Sails. Kwaliteitbeheer is deur Protechnik gedoen. Sy en 'n persoon van Krygkor het ook die kwaliteit gekontroleer. Met verwysing na 65.153 sê sy dat dit 'n kwotasie is wat sy aan Krygkor gegee het nadat hulle haar gevra het om te kwoteer. As hulle gevra het om vir groen pakke te kwoteer was dit 'n spesifieke versoek. Lewering moes binne 10 dae geskied het en die goedere moes in voorraad gewees het. Kwaliteitskontrole van groen pakke is reeds in September 1987 gedoen.

[532] Toe die Golf oorlog begin het was daar wêreldwyd navrae vir beskermende klerasie. Sy moes haar verlof kanselleer, die aangeleentheid met van Remoortere bespreek en die navrae beantwoord. Seyntex het 18 770 pakke bestel. Hulle het 20 000 gestuur en 1230 daarvan is aan Blackdale gelewer. Blackdale het op die ou end 12 365 pakke ontvang. Die uitvoere wat deur Bachman geskied het moes die SAW pakke gewees het. Die 31 331 pakke was SAW pakke. Indien daar meer pakke was kon hulle meer pakke verkoop het. Die groen pakke was dieselfde pakke as wat aanvanklik gelewer is. Daar was 9 568 groen pakke en 21 774 nutria pakke. Dit het die totale pakket daargestel. Sy het die inligting vy van Remoortere gekry. Die groen pakke het groen plakkers gekry. Alle verwysings na die SAW moes verwyder word. Die pakke is CIF Saventem gestuur. Daar was 'n stoor in Pretoria-Wes waar CBO uitrusting gestoor is. Sy was baie by die stoor in Babelegi. Dit was langs die fabriek. Hulle sou nie pakke laat maak het as dit nie bestel was nie. Sy weet nie van store by Radio Uitkyk nie. Die goed is gelewer by Bachman en Bezuidenhout het die lewering

gereël. Sy handig 'n reeks dokumente in wat nodig was vir die uitvoer van die pakke⁸. Na die verkoop van die pakke, was die store leeg en het die SAW weer 'n ooreenkoms gesluit vir die vervaardiging van 25 000 pakke. Sy het by Technotek aandele as 'n bonus gekry en het dit later verkoop. Sy het 'n brosjure van Fancourt gesien. Daar was sprake van 'n Technotek dinkskrum daar maar daar het nie iets van gekom nie. Van Remoortere het dit in verband gebring met die verkoop van 'n klomp pakke.

[533] In kruisverhoor word sy getoets om te bepaal of sy die dokumente interpreteer en of sy onthou wat gebeur het. Haar standpunt is dat die dokumente wat sy self geteken het sy kan onthou. Sy was nie betrokke by skyndokumente nie. Sy word gevra of die R40 per pak 'n ware prys was en of daar 'n probleem was met te veel groen pakke. Haar reaksie is dat indien dit 'n skyntransaksie was sy nie daarvan bewus was nie. Sy sê weer dat as daar meer pakke was kon sy dit verkoop. Sy kan nie sê hoeveel pakke sy in die store gesien het nie en dit word aan haar gestel dat sy bloot maar aflei dat die store leeg was, omdat sy die hoeveelheid pakke verkoop het en omdat daar 'n nuwe kontrak was. As sy gevra word wat sy sal sê as sy hoor dat RITS nie 'n front van die SAW is nie maar iets anders is haar reaksie dat sy haar ore nie kan glo nie. Sy bevestig dat 10 pakke ±15kg. weeg maar as dit aan haar gestel word dat 31 000 pakke onmoontlik 75 000kg. kon geweeg het is haar reaksie dat by lugvervoer daar 'n verwerking is van volume na gewig en dat alhoewel die goedere minder geweeg het die verpakking sodanig kon gewees het dat vir die groter gewig betaal moes word. Daar was nie IBN nommers mbt die groen pakke nie. Sy was nie betrokke by die verskuiwing van pakke vanaf Pretoria-Wes na Babelegi nie. Technotek het nie stoorspasie gehad by National Tents and Sails nie. Die ooreenkoms vir die vervaardiging van die 25 000 pakke is geteken op 1 Mei 1991. Sy het die materiaal ingevoer. Die pakke was reeds voor Oktober 1995 gelewer.

[534] Toe sy teruggeroep is het sy toegegee dat by die Blackdale ooreenkoms Blackdale gefaktureer is teen R100 per pak terwyl Seyntex gefaktureer is teen R312 per pak en dat RITS vir Technotek gefaktureer het teen R210 per pak. Sy bevestig dat die rede waarom Blackdale slegs teen R100 gefaktureer is blyk uit LVN4

⁸ LVN, synde 'n uitvoerpermit, LVN 1A, 1B, 1C, 1D en 1E wat die bestelling vergesel het, LVN2, wat aandui dat daar 842 dose na Bachman is, LVN3A, 3B, 3C, 3D en 3E, synde 'n "airway bill", 'n verklaring vir doeane en aksynsoor die inbring van die geld, 'n "bill of entry", 'n sertifikaat en 'n beskrywing, LVN4, LVN5 en LVN6 wat te doene het met die Blackdale transaksie en betrekking het op die 20 000 en 1230 pakke waarvan sy verwys het.

waarin die omstandighede genoem in BZ28 en BZ29 geopper word nl. dat die pakke groen en oud was. Sy het *bona fide* geglo dat dit die posisie was en dat groen pakke minder aanvaarbaar was as nutria pakke. Die R100 per pak vir die nutria pakke was nie realisties nie. Toe sy 65.17, waarin van Remoortere die transaksie uiteensit, nagaan, gee sy toe dat sy mislei is en dat die Technotek dokumente gemanipuleer is. Sy is nog tevrede dat die groen pakke vir goedkoper as R270 verkoop is. Indien die groen pakke vir R270 verkoop is wonder 'n mens of hulle werklik so oud was. Sy is stomgeslaan dat dat van Remoortere haar so mislei het. Daar is groen plakkers op die dose met groen pakke wat na Seyntex moes gaan geplak omdat die bestaande plakkers vernietig moes word. Sy het werklik geglo dat die pakke na Blackdale gaan en het nie besef dat dit bloot maar 'n skema is om die pakke by Seyntex te kry nie. Sy bevestig dat Technotek nooit weer verantwoordelikheid aanvaar het vir pakke wat by dringende bestelling direk aan die SAW gelewer is nie. Sy gee toe dat R9 miljoen 31 100 pakke teen R312 verteenwoordig. Sy weet nie waar die 12 000 pakke teen R100 per pak inpas nie. Dit word aan haar gestel dat die beskuldigde ontken dat hy betrokke was by die verkoop van die pakke of dat hy op die onwettige wyse soos voorgehou deur die staat die SAW eiendom verkoop het.

[535] **Hendrina Cecilia Grant** is sedert 1975/76 betrokke by die reisbedryf. Sy was vanaf 1 Oktober 1987 tot 18 Januarie 1992 'n direkteur van . Gedurende 1989 het sy twee vennote gehad nl. Perry en Slabbert. Hulle wou oorsee gaan en sy het nuwe aandeelhouers gesoek. Sy het vir Jan Lourens en van Remoortere geken. Van Remoortere het nie belang gestel om toe te tree tot die besigheid nie maar die beskuldigde het wel. Sy het hom by van Remoortere ontmoet. Die beskuldigde wou hê dat sy al die aandele moes bekom en dan 51% aan hom verkoop. CG1 is 'n ooreenkoms ingevolge waarvan 51% van die aandele aan WIP verkoop word. Sy is aan Bosch voorgestel deur Swanepoel. Die bankrekening is van Trustbank oorgedra na Nedbank, Verwoerdburg. Die beskuldigde het voorgestel dat Swanepoel alle daaglikse aktiwiteite hanteer. Haar meeste kontak was met Swanepoel ofskoon sy die beskuldigde by direksievergaderings gesien het. Hy het die reg voorbehou om direkteure te benoem maar het dit nooit gedoen nie. Toe sy nuwe briefhoofde laat druk het, het sy hom gevra wie se name as direkteure aangetoon moes word en hy het gevra dat sy dit agterweë moes hou totdat hy terugkom na haar. Sy het nie geweet dat Bosch, Swanepoel en Marlow later

direkteure geword het nie. Daar was verskeie vergaderings soos blyk uit die notules wat met haar bespreek word. Daar was ook groei in omset tot so 'n mate so dat IATA groter sekuriteite vereis het. Daar was kontantvloei probleme en by latere vergaderings is daar gesoek na oplossings. Dit blyk dat daar 'n skikkingsooreenkoms tussen haar en Wisaltco. was, ingevolge waarvan sy R566 000 en R435910,72 met rente van 17% moet terugbetaal. Sy wou die maatskappy likwideer en Swanepoel was woedend. Daar was 'n latere ooreenkoms ingevolge waarvan sy onthef is van haar skuldverpligting.

[536] Sy het Webster se naam by Swanepoel in die Wildtuin gehoor. Sy het die indruk gekry dat daar aan Webster verslag gelewer moes word. Sy sê dat daar nooit gratis reiskaartjies uitgereik is nie. Eersteklaskaartjies is baie duur en dit word nie sonder teenwaarde uitgereik nie. Die afslag wat beding kan word sal hoogstens tussen 10% en 25% wees. Die beskuldigde Mijburgh en Swanepoel het eerste klas gevlieg en Sefmed en Infladel het betaal. Die beskuldigde het nooit gepoog om afslag te kry nie. Sy het nie geweet dat hy 'n offisier is nie of dat sy met die SAW te doen het nie. Hy het vir haar gesê dat dit sy werk is om saam met van Remoortere beskermende klere te maak.

[537] Sy word gevra oor 'n stelling deur Bosch dat 'n finansiële fiasko was, en dat sy betrokke was by 'n strafsak. Sy, haar vader en ene Pieter Knipe is aangekla en sy is aan die einde van die staatsak vrygespreek op 137 klagtes en op die ou end ook op die oorblywende klag. Swanepoel het ook 'n siviele saak teen haar gemaak. Dit is so dat daar bedrae van onderskeidelik R770 000 en R250 000 uit Wisdom Finance en Wisaltco se rekenings in inbetaal is. Sy was aanspreeklik maar het dit nie terugbetaal nie aangesien sy met die skikking vrygestel is. Die besigheid het gefaal omdat daar nie voldoende beheer oor die rekenings was nie. Sy moes oorsee wees met bemerking en buitendien was die rekening nie haar verantwoordelikheid nie. Sy blameer Bosch vir die bankrotskap omdat hy aangedring het dat die bank eerste betaal moes word. Viljoen het bloot die beskuldigde verteenwoordig. Die beskuldigde het vir haar 'n lening gereël om die aandele aan te koop voordat sy die 51% aan hom verkoop het. Hy het altyd onder sy eie naam gevlieg. Die reisplanne is nie so saamgestel dat sy vertrekpunt nie bepaal kon word nie. Sy het geweet dat die beskuldigde en Mijburgh 'n vliegtuig het.

[538] Sy gee toe dat CG1 in die siviele saak teen haar 'n bewysstuk was. Die saak is gemaak weens haar betrokkenheid by Partners In Travel. Sy ontken nie dat daar 'n vonnis vir R1,6 miljoen teen haar geneem is nie maar sy sê dat die siviele saak aangekom het net voor die strafsak, dat sy die siviele saak wou uitstel maar nie uitstel gekry het nie, op regsadvies nie die saak verder verdedig het nie en dat haar kant van die saak nooit voor die hof was nie. Sy ontken dat sy oneerlik was toe die oorspronklike ooreenkoms geteken is maar gee toe dat sy wel 'n lening van R54 000 aan haar man toegestaan het. Sy sê dat sy dit met Swanepoel bespreek het. Sy ontken dat haar man Partners In Travel tjeks uitgeskryf het. Sy sê dat die verhouding tussen haar en Swanepoel baie suur was nadat hy die siviele saak gemaak het. Sy kan nie ontken dat Diners Club 'n verlies van R22 miljoen gehad het nie. Sy wys uit dat hulle ooreenkoms met Knipe was. Dit word aan haar gestel dat haar ooreenkoms altyd met 'n maatskappy was maar sy hou vol dat dit met die beskuldigde was. Webster pas êrens in, maar sy weet nie waar nie. Die bestuur was Swanepoel, Viljoen en Bosch. Wanneer dit aan haar gestel word dat reisagente wel afslagreiskaartjies kry ontken sy dit nie maar sê sy dat dit nie die geval was by Partners In Travel nie. Sy gee toe dat nadat sy die vonnis teen haar gekry het sy deur haar vader gesekwestreer is as deel van 'n skema om ontslae te raak van haar krediteure. Sy gee toe dat die beskuldigde nie enige voordeel uit Partners In Travel gekry het nie en dat die enigste mense wat wel voordeel gekry het sy en die ander werknemers gewees het by wyse van hulle salarisse en afslag reiskaartjies. In herverhoor bevestig sy dat daar gratis kaartjies en afslag kaartjies was.

[539] Voordat **David Allen Webster** in Jacksonville begin getuig het het hy versoek dat sy getuienis *in camera* afgeneem moes word omdat hy slegs by die kommersiële sy van die aanklagte betrokke is en omdat die blote noem van die ander klagtes, deur die media, hom in 'n baie slegte lig sou stel en sy praktyk sou benadeel. Ten einde die samewerking van die getuie te kry en die getuienis aangebied te kry was daar algemene instemming dat daar aan die versoek voldoen moes word. Die verteenwoordigers van die Suid Afrikaanse media wat daar was het onderneem om nie in hulle beriggewing na die ander aanklagte te verwys nie en die getuie het toegestem dat hulle wel die verrigtinge kon bywoon. So 'n reëling is gevolglik geboekstaaf.

[540] Hy is 'n Amerikaanse burger en prokureur wat as 'n tweede luitenant na Vietnam is, en daar gewond is en gehospitaliseer is vir nege maande. Na sy herstel is hy weer terug na Vietnam maar gedurende 1973 is hy vir mediese redes ontslaan. Hy het toe in die regte gaan studeer akademies uitstekend gevaar. Hy is 'n kommersiële en 'n belastingpraktisyn. Hierdie getuienis was die vierde keer dat hy getuig het. Hy het gedurende 1993 by KEEM getuig oor Merton huis. Op 25 Maart 1998 het hy getuienis gegee, in Virginia, voor ene Steven Learned, wat deur Fouche bygestaan is met die ondervraging. Hy was verteenwoordig en het getuig dat hy opdrag het om hom te beroep op prokureur-en-klient privilegie. Die privilegie is die klient s'n maar die prokureur het 'n plig om toe te sien dat dit nie verbreek word nie en daarom het hy hom daarop beroep. Hy wou nie sê wie die voordelige eienaars was nie. Wanneer hy gevra word wie die voordelige eienaars is sê hy dat hy weet met wie hy te doen gehad het. Hy het net met die beskuldigde kontak gehad. Die beskuldigde het vir hom gesê dat hy vir 'n groep mense optree. Hy het die beskuldigde as die eienaar beskou en het dit as sy plig beskou om sy privilegie te beskerm. Hy mag wel met die beskuldigde of sy prokureur, Malan, in verbinding gewees het. Hy het die prokureur Saterdag vir die eerste keer in die hof gesien. Hy het nie besef dat die persoon is met wie hy in verbinding was nie. Die laaste keer wat hy vantevore met hom in verbinding was, was gedurende November 1999. Dit was om instruksies te kry oor die Medchem rekening in die Kaaiman eilande. Hy het wel opdrag gekry maar hy dink dat dit van dr. Mijburgh was. Hy het vrae voor Learned geantwoord en glo dat die oorkonde aandui dat hy die identiteit van die voordelige eienaars probeer beskerm het.

[541] Die beskuldigde is deur sy prinsipaal aangestel. Hy het gedink dat sy kliente 'n maatskappy (corporation) was. Hulle het hom gemagtig om saam met die beskuldigde te werk. Die manier waarop hy die vrae geantwoord het was om die identiteit van sy prinsipaal te verberg. Die persoon met wie hy te doene gehad het was die beskuldigde, en die maatskappy was WPW. Die oorkonde van daardie ondervraging word ingehandig as bewysstuk DAW1. Die rekening van Roichstacher, sy prokureur by daardie verrigtinge, is deur WPW betaal. In die hofbevel wat hom aangesê het om dokumente bloot te lê word net die beskuldigde se naam gebruik. Die "district attorney" het die beslissing op appel geneem en hy is toe beveel om vrae te

beantwoord. Die verrigtinge het op 6 November 1998 begin en hy het dokumente aan Fouche en Bruwer oorhandig. Daarna het hy op 16 en 17 Maart getuig. Hy kan nie onthou dat hy met Fouche gekonsulteer het nie. Hy het nie sy geheue verfris nie. Baie van die dokumente voor die hof kom uit sy lêers en sommige is deur die beskuldigde en ander persone aan hom gestuur. Oor sommige aspekte het hy 'n onafhanklike herinnering maar oor ander aspekte sal hy hom moet verlaat op die dokumente. Daar is 26 dose vol dokumente.

[542] Die beskuldigde is deur Wilfred Mole, 'n klient van hom, aan hom voorgestel. Mole het aangedui dat die beskuldigde geïnteresserd is om internasionale besigheid te doen. Hulle het gedurende die somer van 1986 in die Kaaiman eilande ontmoet. Daar is besluit dat Kaaiman eiland maatskappye tot stand gebring moes word. Hy het gedink dat die beskuldigde 'n kardioloog en besigheidsman was wat afgetree het uit die weermag. Die beskuldigde moes besluit of hy van sy dienste wou gebruik maak. Daar was 'n belastingvoordeel daaraan verbonde om na die Kaaiman eilande te gaan. Die beskuldigde het dit uit die staanspoor aan hom duidelik gemaak dat daar van maatskappye gebruik gemaak moet word, op so 'n wyse dat die handeling nie na die voordelige eienaars teruggespoor kon word nie. Gedurende 1993 het die beskuldigde hom meegedeel dat hy bevorder is tot brigadier.

[543] Hy en die beskuldigde het goeie vriende geword en het 'n aantal vakansies saam gehou. 'n Groep mense het by twee geleenthede in die Wildtuin ontmoet. Daar was die Europese groep nl. Zimmer en sy vrou en dr. Chu en sy vrou en dan hyself. Dan was daar mense van die groep soos Swanepoel, Mijburgh, die beskuldigde, Marlow en Viljoen. Hy is by geleentheid na die Okavango Delta saam met dr. Brian Davey. Die beskuldigde was nie saam nie. Hulle het ook in British Columbia gaan jag. Hy was by geleentheid op die blou trein, saam met met sy vrou en sy skoonma, en ook by Fancourt. Hy het nie vir die reise betaal nie.

[544] Die eerste drie maatskappye wat geïnkorporeer is was WPW Investments Inc., PCM Inc. en Medchem Inc. Hy kan nie onthou wie die name voorgestel het nie. Baie gou het PCM en Medchem dormant geraak. WPW was baie aktief. Uiteindelik is PCM oorgedra aan Viljoen en Medchem aan Mijburgh. 'n

Moontlike rede waarom daar aanvanklik drie maatskappye gestig is mag gewees het om bates en laste uitmekaar te hou net vir ingeval daar dalk litigasie kon ontstaan. PCM en Medchem moes die bates gehou het. Die Merrill Lynch rekening was nie werklik 'n bankrekening nie. Dit was 'n makelaarsrekening. Jy kon wel 'n kredietkaart daarteen gebruik maar nie 'n tjekboek op die normale manier nie alhoewel tjeks tog soms gebruik kon word.

[545] Oor die stigting van die drie Kaaiman maatskappye word hy gevra oor dokument A20. Dit is 'n brief wat hy op 3 November 1986 aan die beskuldigde gerig het by sy adres in Ariesstraat Waterkloof. Dit is na die adres gestuur op versoek van die beskuldigde. Die versoek van hoe betaling sal geskied het bloot betrekking op hoe die prokureurs in die Kaaiman eilande betaal moes word. Dit was voorsien dat groot bedrae geld deur die maatskappye gekanaliseer sou word. A1, A22 en A24 is standaard dokumente wat hy uitreik vir kliente wat wil hê dat hy aandele as nomineer moet hou. Daar is bankrekenings ge-open vir al drie maatskappye by die Butterfield bank. Die prokureurs het al die aandele in die maatskappye oorgedra in sy naam. Hy weet nie of die beskuldigde teenwoordig was toe die bankrekenings ge-open is nie. Volgens dokument A119 was hyself die president van o.a. WPW en die beskuldigde die vise-president. Die beskuldigde het gedurende 1994 bedank as vise-president. Hy weet nie hoekom nie. Hy sê dat hy die aandele namens die beskuldigde gehou het. Hy kan nie Charburn, Luft en Amfra onthou nie. Hy onthou Medchem Forchungs en dat dr. Chu daarby betrokke was. Hy kan nie werklik van Medchem Consolidated Investments (MCI) onthou nie behalwe dat daar sprake was van 'n oornamen van Delta G. Dit het nooit gebeur nie. Hy onthou die "cottage" in Engeland. Daar was 'n aanhoudende verandering van die aandeelhouding deur die beskuldigde.

[546] Hy het altyd instruksies van die beskuldigde geneem. Hy kan nie werklik sê wat WPW in Suid Afrika gedoen het nie. Blowing Rock was op 'n stadium die houermaatskappy in Suid Afrika. Marlow was daarby betrokke. Dokumente A10 tot A19 is deur die beskuldigde opgestel. Hy kan nie sê watter dokumente aan hom gestuur is en watter die beskuldigde aan hom persoonlik oorhandig het nie en of hy dit met die beskuldigde bespreek het of nie. Die opdrag aan hom sou gewees het om dit te hou totdat hy aangesê word om daarop te handel. Hy weet glad nie wanneer die dokumente opgestel is nie. Contresida was 'n

maatskappy wat navorsing oor vigs gedoen het. Hy het 'n lening van \$100 miljoen vir daardie doel probeer kry. Letterlik beteken die naam: "teen vigs". Hy dink die maatskappy het dormant gebly. Hy weet van die naam Charburn maar hy was nie daarby betrokke nie. Luft het op 'n baie laat stadium ter sprake gekom. Marlow was toe besig om sy funksies oor te neem en sy rol het afgeneem. Hy onthou van Merton huis in Arcadia. Sy geheue is vaag maar hy onthou dit as die ambassadeurswoning. Daar was woonstelle in Brussels maar hy was nie daarby betrokke. Wat die finansiële sy aanbetref was PCM eerste betrokke voor Blowing Rock (BRCI). Die beskuldigde het deurentyd aan die gedink aan die struktuur van die groep maatskappye. WPW Aviation het die Kingair besit. Die wetenskaplike maatskappye was CSD, Protechnik, MCI en Delta G. Hy het verstaan dat Delta G top klas roerusting gehad het waar chemikalieë op beperkte skaal vervaardig kon word. Hy sien dat volgens A12 daar sprake is van 'n 50% belang in Partners In Travel. Hyself was nie direk daarby betrokke nie maar het gehoor van verduistering van geld. Hy sê dat hy gevra is om 'n buitelandse direkteur van Wisdom Idle Winds te wees. Hy het volmag aan Viljoen gegee om hom te verteenwoordig. Hy weet niks van Security Management Services nie. Hy het van iemand in die groep van die plaas gehoor.

[547] Hy het van Wisdom Finance gehoor (die naam kom voor op A13 en A15). WPW het volmag aan Viljoen gegee. Hy mag selfs 'n buitelandse direkteur sonder enige pligte gewees het. Dit sou gedoen gewees het om die indruk te skep dat dit 'n internasionale maatskappy is. Dit is dikwels in Zimbabwe gedoen. Hy weet hoe dit befonds is nie. Hy weet niks van die dieretuin nie. Hy weet nie wie almal betrokke was by Wisdom Finance nie. Hy het ook die naam van Protechnik gehoor. Hy verneem nou dat hy en Viljoen direkteure van Wisdom Finance was (A16). WPW het uiteindelik 'n krediteur van die Suid Afrikaanse maatskappye geword. Dit was met die eerste moratorium lening. Hy weet niks van die tweede moratorium lening nie. Met verwysing na A 17 word dit aan hom uitgewys dat hy op 'n stadium die enigste direkteur was van die maatskappy wat die eienaar van Merton huis was. Daar was toe 'n leningsrekening van R846 000. Hy het aanvanklik gehoor dat dit die hoofkwartier van die groep sou wees. Hy het gedink dat daar suite's sou wees vir persone wat op besoek was. Oor A 18 sê hy dat Jan Lourens en van Remoortere by Protechnik betrokke was en dat Lourens 'n vulstasie aan hom getoon het. Hy hoor dat Marlow se teenwoordigheid (A19)

die indruk moes skep dat die Rembrandt groep betrokke is. A3 gee agtergrond oor die WPW groep. Hy het nie die dokument opgestel nie en weet nie waar dit vandaan kom nie. Hy gee egter toe dat as Zimmer getuig het dat hy (die getuie) die dokument aan hom (Zimmer) gefaks het dit so kan wees en dat dit seker was met die oog daarop om 'n lening te kry.

[548] Oor die vliegtuie sê hy dat daar 'n Seneca was wat in Suid Afrika gebruik is. Daar was 'n Kingair wat op kort landingstroke en op gras kon land en dan was daar die Jetstar wat dwars oor al die lande in die noorde van Afrika kon vlieg. Hy was betrokke daarby dat die Verenigde Nasies die Kingair gehuur het en die loods Purvis het hom vertel dat hoofde van state in Afrika met die Jetstar vervoer is. Hy het die naam Profincor gehoor maar kan nie bevestig dat die maatskappy aanvanklik Wisdom Finance was nie. Hy weet van Herlewing en hy weet van GGI. Op 'n stadium wou hy die hele opset herstruktureer sodat hy nie by die administrasie betrokke sou wees nie.⁹ Hy het gereël dat Swanepoel, Marlow, Viljoen en Bosch kredietkaarte van Merrill Lynch sou kry en het hy die beskuldigde daarvan in kennis gestel omdat dit sy kontak persoon was¹⁰. Die beskuldigde was nie betrokke by Namibia Aerospace nie.

[549] Hy bevestig dat hy betrokke was by Marlow se dienskontrak A30, ingevolge waarvan hy \$48 000 moes kry. Hy het of die ooreenkoms opgestel of 'n konsep gewysig. Hy was onseker oor die posbeskrywing. Hy het dit geteken op 3 Mei 1991. Die \$48 000 is Merrill Lynch rekening betaal uit gelde wat op instruksies van die beskuldigde uit die Butterfields bank rekening in die Kaaiman eilande na daardie rekening oorgeplaas is. Daar is verskeie bedrae oorgeplaas na daardie rekening uit die Butterfields rekening. In die Merrill Lynch rekening was daar verskeie beleggings met verdrag die een na die ander uitbetaal sou word. Dit staan bekend as "laddering".

⁹ DAW3

¹⁰ DAW4

[550] Hy bevestig dat hy DAW 10 geskryf het aan die Societe General. Dit het gegaan oor die deugde van WPW en is geskryf om die Reserwe Bank te oorreed om die moratorium leningstransaksie te aanvaar. Hy het opdrag gekry om die brief te skryf. Bewysstuk A 161 is net so 'n dienskontrak soos Marlow s'n tussen WPW en Viljoen. Viljoen was geregtig op betaling van \$24 000. Volgens Y2 was hy (Webster) die president van PCM en Viljoen die vise-president. Die \$24 000 is ook oorgeplaas uit die Merrill Lynch rekening. Daar was 'n soortgelyke ooreenkoms ten gunste van Bosch.. Bosch het die hoof uitvoerende beampte van Waterson Properties geword teen 'n salaris van \$24 000. Bosch se geld is in die Banque La Roche in Basel inbetaal. Volens A146 is Swanepoel aangestel as die hoof uitvoerende beampte van Wisdom Holdings. Hy sou ook 'n salaris van \$24 000 kry. Hy wys daarop dat ingevolge TV26 Swanepoel, wat volgens sy kennis nie 'n direkteur van WPW was nie, vir Viljoen aanstel as 'n direkteur van SRD. Hy het ook op 20 Januarie 1988 op 'n WPW briefhoof aan Webster geskryf en 'n kwartaalverslag aangeheg.¹¹ Mijburgh het die beskuldigde vervang as vise-president van Medchem Inc. Dit het 'n rekening gehad by Merrill Lynch en Mijburgh het 'n kredietkaart gehad op daardie rekening. Die idee was dat elkeen van die groep 'n kredietkaart moes hê wanneer hulle in die VSA aankom. Hyself het die aandele in Medchem Inc. as nomineer van Mijburgh gehou netsoos wat hy ook die WPW aandele namens die beskuldigde gehou het.

¹¹ DAW12.

[551] Volgens hom was daar betekenisvolle verkryging van bates gedurende die vroeë stadium van die besigheidsverhouding met die beskuldigde. Hy verwys na die normale lys nl. die vliegtuie, Merton huis, die woonstelle in Brussels, die "cottage" en die belang in CSD deur Amfra. Hy is aan Buffham voorgestel en het na Grantham gegaan. Hy dink dat hy ses of sewe maal daarnatoe is. Dit was 'n klein besigheidjie wat bestaan het uit 'n kantoor en 'n klein fabriekie. Dit was betrokke by af luister- en afloerapparaat. Daar was 'n soort van 'n kamera waarmee 'n kamer dopgehou kon word. Dit was veral nuttig vir die bekamping van winkeldiefstal. Hy het gedink die besigheid het potensiaal. Daar is besluit om 51% van die besigheid te bekom en om spekulatiekapitaal in die besigheid te belê. Hy dink dat Buffham 'n besigheidsvennoot gehad het maar dat die idee was dat hy uitkoop moes word. Ongeveer £350 000 se kapitaal is benodig. WPW het deur Amfra belê. Dit moes die beskuldigde se besluit gewees het. Daar is bankrekenings ge-open en hy het tekenmagte gehad. Hy het die koop-ooreenkoms opgestel.¹² Dit is sy standaard kontrak ingevolge waarvan die verkoper voorstellings maak. Daar was gewone aandele en voorkeuraandele. Antoinette Lourens was die beskuldigde se sekretaresse. Omdat CSD in finansiële moeilikheid was is daar 'n ander rekening vir homself in Grantham ge-open, waartoe Buffham nie vrye toegang gehad het nie, waaruit hy Buffham moes finansier. Antoinette Lourens, Viljoen of hyself moes beheer uitoefen oor CSD. Hy getuig oor 'n reeks briewe waariuit dit blyk dat Buffham aanhoudend vir meer en meer geld gevra het en altyd in finansiële moeilikheid was. HY bevestig dat die gelde na CSD gevloei het, soos wat Bruwer uiteengesit het. Buffham moes van tyd tot tyd finansiële verslae voorsien het. Buffham het voorstelle gemaak en op die end is daar aan sy versoeke voldoen. Daar is aandelesertifikate om die verkryging van die aandele deur Amfra te bevestig. Op 'n stadium wou die beskuldigde hê dat hy en Viljoen fisies moes gaan kyk wat by die besigheid aangaan. Op 'n stadium toe Buffham weer om geld gesmeek het is besluit dat eerder as om nog werkskapitaal in CSD te betaal daar eerder 'n lening van £45 000 aan CSD gemaak sou word deur Amfra, omdat 'n krediteur by insolvensie in 'n beter posisie is as 'n aandeelhouer. 'n Promesse is gegee. Hy verwys na 'n brief waarin dit voorgestel word dat Buffham uitkoop moet word. Daar was belasting probleme. Dit was duidelik dat dit nie 'n goeie belegging was nie. Daar is besluit dat niks verder in CSD belê kon word nie en dat 'n koper van buite gevind moes word. Daar was onderhandelinge met 'n buitestaander. Dit wou die

¹² F5.29.

aandele koop. Die beskuldigde het besluit dat Amfra sal onttrek uit CSD. Daar was 'n ontmoeting met 'n prokureur in Engeland, ene Wareham. Die moontlikheid van drie maatskappye is ge-opper, 'n eiendomsmaatskappy, 'n finansieringsmaatskappy en 'n bedryfsmaatskappy. Hulle wou die CSD aandele na daardie maatskappy oordra. Uiteindelik het Buffham iemand gekry wat die besigheid wou koop. Hy is nie seker dat dit Molynx was nie. Hy het 'n brief geskryf waarin hy 'n teen voorstel gemaak het. In die brief het hy na sy prinsipaal verwys. Hy het die beskuldigde bedoel. Hy getuig in detail oor Buffham se jeremiades en die wyse waarop die onderhandelinge gevorder het en die uiteindelijke verkoop van CSD aan Molynx. So ver hy weet het Amfra niks uit die verkoping gekry nie.

[552] Aeromed was 'n lugvaart maatskappy wat die Kingair en die Jetstar gehuur het. Hy het 'n brief geskryf om aan te dui dat daar 'n 75% aandeelhouding in die buiteland is. Hy dink dit was vir die Reserwe Bank bedoel. Verder getuig hy oor die oorplasing van fondse. Dit blyk dat Aeromed nie behoorlik rekenskap gegee het van bedrywighede nie. Hy verwys ook na 'n brief aan die beskuldigde waarin hy die verkoop van die Kingair aan Aeromed kanselleer. Op 'n stadium het die beskuldigde gevra dat BRCI die skulde van Aeromed kon oorneem. Die Kingair was nodig vir dokters om op sekere plekke te kom. In DAW 57 het hy aan die beskuldigde inligting gegee oor die Kingair en het hy die aankoopprys van \$850 000 genoem. Die beskuldigde het hom opdrag gegee om voort te gaan met die onderhandelinge. Hy handig 'n verdere reeks briewe in wat handel oor die aankoop van die Kingair. Op instruksies van die beskuldigde is 'n bedrag van \$950 000 uit die Banque Indosuez oorbetal aan Webster om die Kingair te kan betaal. Webster het voorgestel dat 'n filiaal maatskappy gestig moes word om die eienaar van die Kingair te wees. Dit was voordelig as die vliegtuig 'n Amerikaanse eienaar kon hê. Die Kigair is opgradeer teen 'n bedrag van \$102 000. Hy het later 'n dokument opgestel ingevolge waarvan Aeromed die Kingair sou aankoop vir \$2,5 miljoen. Dit het nie gebeur nie. Die Kingair is gedurende 1993 in Suid Afrika verkoop. Sy vrou het die vliegtuie geadministreer. Hulle was gefrustreerd met die ongedisiplineerde wyse waarop die administrasie gedoen is. Hy het disipline probeer skep. Hy weet nie waarvandaan die beskuldigde altyd geld gekry het nie en stel voor dat dit die soort van geld is wat 'n mens sou verwag wat 'n suksesvolle hartspesialis sou kon voorsien. 'n Klomp dokumente wat te doen het met die administrasie van die Kingair word in detail met die getuie bespreek. Uiteindelik is die

Kingair vir \$650 000 verkoop. Hy het bewys van eiendomsreg voorsien.

[553] By die aankoop van die Jetstar is daar 'n bedrag van \$2,3 miljoen vanaf Chu ontvang. Daar was ook 'n oorplasing na die Merrill Lynch rekening van \$800 000. Hy het ook 'n brief geskryf aan die Banque National de Paris waarin hy vra vir 'n lening van \$2,5 miljoen. Die geld is later oorgeplaas. Die rekening is aanvanklik ge-open in die naam van WPW Jetstar maar dit is later verander na WPW Aviation. Die moontlike registrasie van die Jetstar in Namibië is ge-opper. Op instruksies van die beskuldigde is die Jetstar opgradeer teen 'n koste van \$325 820. Hy het verlof gevra en gekry om gelde uit die WPW en Medchem Inc. rekenings te trek vir die doel. Daar is later 'n huurooreenkoms tussen Aeromed en WPW Aviation gesluit wat deur hom en Swanepoel onderteken is. Toe die Aeromed se naam na Global Air verander is is daardie ooreenkoms vervang met 'n nuwe ooreenkoms. Hy was gemoeid by diensooreenkomste met die loodse Purvis en Snyders. Daar was ook ooreenkomste met Sparg en Terry Green.

[554] Hy word verwys na 'n faks vanaf Jane na homself waarin sy aandui dat die beskuldigde die bates wil oordra na Luft. Hy sê dat hy nie kan onthou dat hy dit met die beskuldigde bespreek het nie. 'n "Bill of Sale" vir die verkoop van die Jetstar aan Genavco is opgestel. Hy het aan Zimmer geskryf dat dit onnodig is om 'n formele koop-ooreenkoms op te stel.¹³ Hy weet nie wat Genavco was nie. Daar was nie verdere nut vir die Jetstar in Suid Afrika nie. Daar was 'n beter mark vir die Kingair as vir die Jetstar. Dit was baie duur om die Jetstar aan die gang te hou. 'n Makelaar is in kennis gestel dat die Jetstar in die mark is vir moontlike verkoop. Dit is onttrek uit Suid Afrika en in 'n vliegtuigloods in Amerika gestoor. Gedurende Januarie 1993 is daar besluit om die Jetstar te hou tot die middel van 1993. Daar was sprake van die oordrag van die Jetstar na Luft. Hy kan nie onthou of dit die beskuldigde was wat dit ge-opper het nie maar daar het niks van gekom nie. Hulle het \$5 miljoen benodig. Daar was 'n ondersoek in Suid Afrika en die beskuldigde het 'n lae profiel gehandhaaf. By Maart 1993 was daar sprake van oordrag van die Jetstar na Blackdale. Dit het ook nie gebeur nie. Hy het na die beskuldigde geskryf per adres Mijburgh, omdat hy gedink het Mijburgh sou kontak

¹³ F14.46.

kon maak met die beskuldigde, en het hom gevra om iets te doen aan die gebrek aan fondse. Hy wou ook die verkoop van die Kingair met die beskuldigde bespreek. Hy moes selfs effekte vroegtydig verdiskonteer weens die gebrek aan fondse en om die Jetstar aan die gang te hou. Zimmer het hom gevra vir geld en hy wou geld by Zimmer hê. Zimmer wou boonop hê dat daar \$830 000 aan sy maatskappye terugbetaal word. Hyself was bekommerd dat hy dalk nie 'n behoorlike titel gehad het om die vliegtuig te verkoop nie. Hy het gehoop dat die opbrengs van die Kingair na Amerika sou kom. Hy het aan Zimmer geskryf dat daar nie 'n verkoping van die Jetstar aan Genavco was nie. Hy het vir Zimmer gevra om bewys van die verkoop aan hom te verskaf en Zimmer het verwys na die oorplasing van twee bedrae van onderskeidelik \$380 000 en \$445 000 wat op 3 Desember 1992 in die rekening van WPW betaal is. Webster se antwoord daarop was om weer eens die verkoop te ontken en om te verneem wie Genavco was.

[555] Op 5 Desember 1995 het Zimmer aan Webster geskryf dat hy 'n oproep van die beskuldigde gekry het wat hom meegedeel het om nie bekommerd te wees nie. Hy het met die beskuldigde in verbinding gekom en dié het hom meegedeel dat daar 'n berekeningsfout deur Marlow gemaak is en dat hy nie bekommerd moet wees oor die eiendomsreg in die Jetstar nie. Hy het die beskuldigde probeer kontak via Mijburgh en hom gevra om Zimmer te oorreed om nie voort te gaan met stappe nie. In 14.60 het hy aan Zimmer geskryf dat daar 'n fout was, dat WPW Aviation nie geld ontvang het nie en dat die "bill of sale" nietig was.

[556] Die Jetstar is uiteindelik teen die einde van 1995 verkoop. Daar was 'n voorlegging deur hom aan die beskuldigde en Mijburgh oor die moontlikheid van 'n belegging in Tubmaster. Dit was 'n fabriek wat sy skoonpa gehad het, wat in finansiële moeilikheid gekom het en wat hy en Jane probeer red het omdat Dit was betrokke by die voorsiening van storte. Die beskuldigde was geïnteresseerd om daarin te belê¹⁴. Nadat die Jetstar verkoop is het hy 'n "letter of intent"¹⁵ opgestel waarin hy die beskuldigde meegedeel het dat die Jetstar verkoop is en dat daar 'n bedrag van \$1,5 miljoen beskikbaar is vir die groep, en waar dit belê is. Die beskuldigde het besluit om 'n bedrag van \$700 000 te belê en om 'n bedrag van \$60 000 aan Tubmaster te leen. Die besigheid gaan steeds aan en hy dink dat die vooruitsigte goed is. Hy is nie in die korte verlede

¹⁴ SB 42B

genader oor die belegging, behalwe deur die staat nie. Gedurende 1997 het hy die beskuldigde se prokureur, Malan, gekontak.

[557] Aangaande die “cottage” het hy die beskuldigde meegedeel dat dit beskikbaar is en die beskuldigde was geïnteresseerd.. Dit is gekoop teen £195 000. Hy bevestig ‘n aantal briewe wat aantoon dat van die geld uit die Kaaiman eilande gekom het en deur hom oorgeplaas is na ‘n bank in Engeland. Die “cottage” is opgeknop en gemeubileer. Dit is gedoen deur sy eggenote wat altyd na hom gekyk het vir betaling. Daar is ‘n rekening in Engeland geskep om voorsiening te maak vir die betaling van water, ligte en belasting. Daar was ‘n bietjie buretwis by die cottage” maar hy het dit uitsorteer. Uiteindelik het hy opdrag gekry om die “cottage” te verkoop en het hy dit gedoen teen ‘n bedrag van £310 000, welke bedrag steeds in sy trustrekening is. Hy wag vir ‘n aanduiding wat om daarmee te maak. Hy weet nie daarvan dat daar Libiërs, Russe of Oos-Duitsers in die “cottage” gebly het nie. Hy was onder die indruk dat dit as ‘n veiligheidsplek vir die SAW gebruik is.

[558] Die beskuldigde het hom (Webster) drie of vier keer in Orlando besoek. Sy gade het een keer saam met die beskuldigde daar besoek afgelê. Bosch, Mijburgh en die beskuldigde se moeder en haar man het ook besoek afgelê. Hy het wanneer hy gereis het eerste klas gevlieg.

[559] Oor die huis in Lynwoodrif getuig hy dat die beskuldigde aangedui het dat dit vir “friends” in Europa aangekoop moes word. Die verkoopprijs was R180 000 en \$90 000 is oorgeplaas na Suid Afrika. Die beskuldigde het aangedui dat sy moeder die huis sal bestuur. Die eiendom is aan Antoinette Lourens verkoop volgens instruksies van die beskuldigde. Uiteindelik het Baker & Hostetler \$46 000 ontvang. Hy weet niks verder van die huis nie. Hy weet dat Merton huis as ‘n gastehuis beplan is. Hy was nie betrokke by die ontwikkeling daarvan nie. Hy het volmag aan verskeie persone gegee om namens hom op te tree. Die eiendom was geregistreer in die naam van Wisdom Erf 1219 (Edms.) Beperk. Daar is ‘n bedrag van \$80 000 aan Gary Player betaal. Hy dink dit was om van sy vliegtuig gebruik te maak maar dit kan ook wees dat hulle sy naam wou koppel aan die golfbaan in België. Hy weet dat WPW in Fancourt wou belê, eers op ‘n baie

groot skaal maar later net in 'n eenheid. Hy het 'n condominium gekoop in Orlando vir \$175 000. Die beskuldigde en Mijburgh was ook geïnteresseerd en hy het uiteindelik 'n soortgelyke een vir hulle gekoop teen \$185 000. Hy het ook vir hulle bediende kwartiere gekoop teen \$32 100. Hy het uiteindelik instruksies gekry van beide die beskuldigde en Mijburgh om dit te verkoop. Hy het toe die groot eenheid verkoop vir \$225 000 en die kleintjie vir \$35 000. 'n Klein winsie is gemaak.

[560] Hy weet dat woonstelle in Brussels gekoop is. Hy weet nie wie daar gebly het nie. Zimmer is aangestel om dit te bestuur. Toe hulle verkoop is moes hy dokumente by die ambassade gaan teken. Pear Tree House was 'n eindom van Mole wat hy gehou het deur 'n maatskappy TWT. Die beskuldigde wou hê dat WPW 'n halwe aandeel verkry teen \$50 000. Daar was egter moeilikheid tussen WPW en Mole en uiteindelik het die verkoop nie plaasgevind nie en hy weet nie wat van die geld geword het nie. Daar is geld in Finrand belê in SRD. Op instruksies van die beskuldigde is die naam daarvan verander na WPW South Africa.. Jan Lourens was daarby betrokke. Hy was betrokke by 'n vulstasie en navorsing en was getroud met Antoinette Lourens. Hy het op 'n stadium die aanvaarding van 'n aanbod vir die verkoop van die aandele in Protechnik goedgekeur. Die Contresida projek was 'n groot projek. Jacomet was betrokke daarby asook dr. Chu. Daar was sprake van 'n lening van \$100 000 000. Die beskuldigde wou weet teen watter koers dit vir 5 jaar belê kon word en hy het dit vasgestel. Die lenings is nie toegestaan of opgeneem nie.

[561] Medchem Forchungs is in Switserland gestig. Dr. Chu sou dit vir die WPW groep gebruik. Hy het gekorrespondeer met die Switserse prokureur dr. Mathys. Chu sou die eienaar van die maatskappy wees en hy (Webster) sou die voorsitter wees in 'n nominee hoedanigheid. Ander direkteure was dr. Rittman en dr. Mets. Daar was 'n noodsaak vir 'n Kaaiman eiland maatskappy. Die beskuldigde was 'n prinsipaal. Medchem Forchungs ook bekend as Medchem Research Co. Is gestig. Hy was nie baie gelukkig mat die wyse waarop die Switsers dit gedoen het nie. Hy was onder die indruk dat Medchem Forchungs gestig is vir navorsing maar het die indruk gekry dat dit meer rekenaar-georiënteerd was. Hy weet nie of dit 'n wins gemaak het nie en hy het geglo dat hulle geskakel het met RNL.

[562] 'n Hele reeks skrywes en opdragte van die beskuldigde is met die getuie bespreek en hy bevestig die dokumente. Dit handel eenvoudig met oorplasings van fondse wat nie deur die beskuldigde ontken word nie en uiteengesit is deur Bruwer en met dinge soos die dienskontrak van Purvis en die stigting van 'n trust. Oor die Tagell ooreenkoms getuig hy dat dat hy ses tot agt keer na London is oor die transaksie. Daar was 'n oud-militre persoon van Jordanië betrokke. Hy was deeglik betrokke by die vorming van die ooreenkoms. Dit is nie ongewoon in sulke gevalle dat die internasionale handelaars optree soos kinders in 'n sandput nie. Die een sal net sy albaster gee as die ander een die lekkergoed gee. Hy het die transaksie bloot oppervlakkig met die beskuldigde bespreek. Hy glo dat sy uitgawes en fooie deur Blackdale betaal is. Hy weet nie van 'n peptiedsintetiseerder nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat die houding van die verdediging vanuit die staanspoor was dat die betaling van die \$3,2 miljoen snaaks was in die sin dat dit betaal moes word ongeag daarvan of die ander kant presteer of nie is dit sy reaksie dat hy ontsteld was daaroor, daarteen gadviseer het en gelukkig nie deurgegaan het nie. Alhoewel hy nie die ooreenkoms opgestel het nie het hy baie bygedra tot die vorming van die ooreenkoms.

[563] Op 'n stadium was die moontlikheid ter sprake dat PCM sou belê in Delta G. Hy het na Suid Afrika gegaan vir die doel. Hy het Mijburgh en die ander direkteure van Delta G ontmoet. Sy opdrag het van die beskuldigde gekom. Die doel was om die bestuur uit te koop. PCM sou 51% van die aandele koop en 49% van die aandele sou in die personeel se hande bly. As Mijburgh 'n aandeel sou gehad het sou dit 'n deel van die 49 % gewees het. 'n Koopprijs van R15 miljoen is geopper. Hy was nie tevrede met die skema nie want PCM sou R15 miljoen belê en die grootste aandeelhouding hê en tog sou dit nie verteenwoordiging gehad op die direksie nie. Dit is aan hom verduidelik dat Delta G besig was met konfidentiële navorsing vir die SAW en dat dit onprakties sou wees om 'n direkteur van buite te hê. Daar was sprake van 'n latere vergadering gedurende Maart 1988 maar dit het nooit plaasgevind nie. Wat hom aanbetref was dit hoegenaamd nie 'n ope mark transaksie nie en alles het net doodgeloop. Hy weet niks van MCI nie.

[564] Hy kan nie die agtergrond tot die moratorium lening onthou nie. Daar was wel korrespondensie met 'n prokureur Gerhard Botha en hy het 'n arrogante brief ontvang van ene Eddie Haynes-Smart. Hy het wel aan

sy kant alles gedoen wat gedoen moes word vir die oorname van die buitelandse skuld. Hy het in sy handskrif 'skema uitgewerk en die staat wys daarop dat ongeveer in die middel van die bladsy daar 'n aanduiding is dat daar 'n 80 –20 verdeling in Wisdom Investments sou wees tussen die beskuldigde en Viljoen. Hy kan nie onthou wat Luft se betrokkenheid was nie. Dit is egter so dat Luft aan die Reserwe Bank aangedui het dat Luft afstand doen van enige aanspraak in die lening ten gunste van WPW. Daar is later 'n dokument geskep wat dit bekragtig het. Hy was ook in verbinding met Bosch en Marlow en sy vrou was in Orlando en het vakansie gehou. Webster was bekommerd oor die WPW se sekuriteit vir die behoorlike terugbetaling van die lening. Hy het voorstelle gemaak en die beskuldigde het dit aanvaar. Hy het vir Marlow geskryf dat die lening op so 'n wyse geformuleer moes word dat dit na 'n normale besikheidstransaksie lyk. Tydens die onderhandelinge vir die lening het hy saam met die beskuldigde en Mijburgh na British Columbia en Kanada op 'n jagtog gegaan. Hy het vir sy eie uitgawes betaal. Hy het 'n skriftelike leningsooreenkoms namens WPW geteken. Hy getuig ook van 'n lening van \$250 000 deur WPW aan Aries trust en 'n aankoop van perde vir Kirstein met die goedkeuring van die beskuldigde. Daar was uiteensettings deur Bosch aan hom oor hoe die Suid Afrikaanse maatskappye met mekaar verbind is. Behalwe vir die terugbetaling van 'n klompie rente is die moratorium lening nie terugbetaal nie.

[565] Hy en die beskuldigde het oor die jare gepraat van hoe internasionale besigheid gedoen word en hy het aan die beskuldigde verduidelik dat trusts nuttig is om bates in te hou. Hy weet nie waar die naam Waterson vandaan kom nie behalwe dat hy weet dat daar ook 'n verband daarmee is met Merton huis. Hy het aan 'n persoon in Jersey geskryf en hom meegedeel dat sy klient 'n trust wou oprig en dat daar erkenning gegee moes word vir 'n lening van \$500 000. Slegs 'n gedeelte van die lening is al uitbetaal. Die beskuldigde wou sy dogter en sy pasgebore seun die begunstigdes van die trust maak. Daar was dringendheid omdat sy vrou Anette wou hê dat die trust geskep moes word. Hy bevestig dat 'n bedrag van \$100 000 aan Aries trust betaal is. Hy het gekorrespondeer met 'n bank in Jersey oor die trusts in Jersey. Bosch se \$150 000 is oorgeplaas uit Switzerland na Aries trust. Hy kan nie regtig onthou hoekom daar 'n trust en 'n master trust was nie. Dit mag gewees het dat in die politieke klimaat van die tyd die beskuldigde gedink het dat dit wys sou wees om geld in Jersey te belê. Hy was die beskermmer (protector) van die trust. Dit is 'n unieke regsbegrip.

Alhoewel hy nie 'n trustee is nie is hy 'n soort van 'n familie vriend met 'n vetoreg. Behalwe vir die \$250 000 wat aan die Aries trust betaal is geen van die WPW bates oorgedra aan die trusts nie. Daar was egter 'n leningsooreenkoms tussen Aries trust en Waterson trust . Dit is geteken deur Marlow namens Aries trust en deur 'n amptenaar te Jersey, Frith, namens Waterson trust. WPW het \$1 295 betaal vir die oprigting van die Waterson trust. Op 26 April 1995 is die \$250 000 tesame met rente aan hom terugbetaal. 'n Bedrag van \$286 000 is deur Bosch na sy rekening oorgedra en dit is terugbetaal aan WPW.

[566] Hy het Charburn met Zimmer geassosieer. Hy weet nie tot watter mate die beskuldigde daarby betrokke was nie. Hy bevestig na aanleiding van DAW188 dat hy 'n bedrag van \$150 000 gedurende ongeveer Desember 1988 oorgeplaas het na Zimmer. Hy het hom versoek vir 'n promesse. Nadat hy aanvanklik nie aan die versoek voldoen het nie het hy tog teen die middel van 1989 gereageer en het hy so 'n promesse ontvang. Op die promesse¹⁶ is die woord "paid" aangebring. Hy het instruksies van die beskuldigde ontvang om te aanvaar dat die bedrag betaal is deur ander transaksies.

[567] Luft was 'n Luxembourge maatskappy. Hy het eers van 1992 af daarmee te doene gekry toe daar sprake was dat die bates oorgedra moes word na Luft. Hy wou ook op 'n stadium van Swanepoel weet of Namibië Air Space in WPW of Luft moes wees. Hy het vir H A P Potgieter ontmoet. Hy het gesê dat die beskuldigde hom na Webster verwys het. Hy het hom gehelp om maatskappye tot stand te bring wat helikopter onderdele kon aankoop. Hy het gemaak soos met al sy kliente. Hy het 'n buitelandse houermaatskappy gestig en 'n Amerikaanse maatskappy wat die besigheid gedoen het. Hyself het die aandele gehou as 'n nominee. Hy het nou die dag eers gehoor dat Potgieter aan die SAW verbonde was!

[568] Hy is in detail uitgevra oor die verskillende bankrekenings. Dit blyk uit die bespreking dat hy bewus was van die beskuldigde se kontakte in Rusland en dat Marlow dikwels na Pole is. Dit blyk ook dat die beskuldigde navraag gedoen het oor die moontlik aankoop van twee Boeing 727's. Hy glo dat hulle baie dunder as die Jetstar sou gewees het.

¹⁶ BZ8.

[569] In kruisverhoor sê hy dat hy wel hier en daar 'n onafhanklike geheue het van dinge wat gebeur het maar dat in die meeste gevalle sy getuienis bloot 'n interpretasie van die talle dokumente is wat aan hom voorgelê is. Hy gee toe dat hy aanvaar het dat briewe wat aan hom geadresseer is deur hom ontvang is en dat briewe wat hy gestuur het deur die geadresseerdes ontvang is. Hy bevestig dat die beskuldigde prinsipale gehad het maar hy sê dat hy a; sy instruksies van die beskuldigde gekry het. Dit word aan hom uitgewys dat hy by meerdere geleenthede na "colleagues" en "principals" in die meervoud verwys het. Hy sê dat hy juis beide aan Learned en aan Henry wou aandui dat hy prinsipale gehad het. Wanneer dit aan hom uitgewys word dat hy op p. 19 van DAW1 verwys na Europese en ander individue sê hy dat dit juis sy doel was om 'n meganisme te skep waardeur Europese besigheidslui met die beskuldigde kon besigheid doen sonder om geraak te word deur die stigma wat aan Suid Afrika gekleef het. Hy het aanvaar dat die beskuldigde behoorlik gemagtig was om te doen wat hy doen en dat hy 'n kontakpersoon was tussen die prinsipale en die getuie. Hy het nie gelieg in getuienis nie maar hy het sy klient se privilegie probeer beskerm.

[570] Dit word aan hom gestel dat hy baie vroeër as wat hy probeer voorgee het geweet het dat die beskuldigde nog aktief betrokke is in die SAW. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde gedurende 1988 bevorder is tot brigadier en dat hy 'n partyjie om dit te vier by die beskuldigde se huis bygewoon het, teen die einde van 1987. Hy gee toe dat hy en Mole die basis te Grootfontein besoek het, dat die beskuldigde nie saam is nie en dat 'n ander dokter hulle vergesel het. Die beskuldigde het hom aan gen. Nieuwoudt voorgestel. Hy het Soweto, Alexandra, Pretoria, Johannesburg en Kaapstad besoek om 'n beter begrip van die Suid Afrikaanse situasie te kry. Wanneer hy gevra word waarom Mole juis na die VSA gegaan het om die beskuldigde aan hom voor te stel is dit sy reaksie dat hy dit nie kan onthou nie. Hy gee toe dat Mole toe al sy klient vir sewe of agt jaar was en dat hy goedere wat met sekuriteit te doen gehad het aan persone en aan regerings verkoop het. Dit word aan hom gestel dat hy betrokke was by die regering in Zimbabwe. Hy gee dit nie toe nie. Dit word aan hom gestel dat Mole besig was met sanksie ontduiking en dat die rede waarom sy dienste benodig was, was dat 'n Amerikaanse maatskappy nodig was. Hy gee dit nie toe nie en sê dat die belasting implikasies ook 'n groot oorweging is. Dit word aan hom uitgewys dat uit Mole se oogpunt Jersey en

Guernsey digby Engeland is en dat beide ook belastingvriendelike plekke is. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde juis aan hom voorgestel is sodat hy kon help met sanksie ontduiking en dat, ofskoon die detail van elke geval nie aan hom verskaf is nie, hy geweet het dat hy 'n meganisme geskep het waarmee sanksies omseil kon word. Dit word aan hom gestel dat toe hy Potgieter gehelp het hy die SAW gehelp het en dat hy nie net vir Potgieter gehelp het om onderdele te kry nie maar dat hy ook 'n helikopter in die VSA geregistreer het.

[571] Hy wil nie sondermeer toegee dat die Tagell transaksie 'n sanksie ontduikings ooreenkoms was nie, want hy is nie so seker dat daar sanksies teen Iran gegeld het nie. Hy gee egter later toe dat hy baie ongelukkig was oor die prestasie verband maar sê dat hy kliente het wat dom besluite neem. Dit word verder aan hom gestel dat die strafsak vir hom 'n verleentheid geword het en dat dit die rede is waarom hy nie in Suid Afrika wou kom getuig nie. Hy gee dit nie toe nie en sê dat hy sy klient wou beskerm. Wanneer hy gevra word of hy vals dokumente geskep het is sy reaksie dat hy dit nie bewustelik gedoen het nie maar dat hy toe gee dat die verkoop van die Jetstar, eers aan Blackdale en later aan Genavco, nie op werklike verkoopsooreenkomste gebaseer was nie. Hy gee ook toe dat die een dokument terugdateer is. Hy het die vals dokumente voorsien en was verbaas toe Zimmer die \$830 000 teruggeëis het. Hy ontken nie dat die sogenaamde betaling reeds in 1992 plaasgevind het nie en dat die versoek om terugbetaling eers by 1995 gekom het nie. Zimmer het die navraag gedoen omdat sy ouditeure inligting wou hê. Hy kan nie kommentaar lewer op die stelling dat dit SAW geld was nie en dat dit aangewend is om stowwe wat nodig was in die CBO veld te verkry nie. Hy gee toe dat by die vorige geleenthede waar hy getuig het hy herhaaldelik na prinsipale verwys het en dat wanneer in die enkelvoud na hulle verwys het, hy 'n maatskappy in gedagte gehad het wat regtens nie korrek was nie. Hy is nooit aan 'n prinsipaal voorgestel nie. Dit word aan hom gestel dat hy ene Dieter Dreier in Orlando ontmoet het en dat Dreier van die Oos-Duitse intelligensie diens was. Hy word verwys na 'n dokument waarin hy aangedui het dat hy kontak wil maak in veilige omstandighede en sê dat hy toe al reeds geweet het van die ondersoek teen die beskuldigde en dat hy hom nie in 'n verleentheid wou plaas nie. Hy sê dat as jy die hele brief behoorlik lees dan vra hy maar net vir die beskuldigde wat hy met die vliegtuig moet maak. Hy was versigtig omdat hy gehoor het dat daar 'n heksejag aan die gang was. Dit word

aan hom gestel dat hy moeite gedoen het om die posisie van die prinsipale nie te openbaar nie. Hy gee dit toe en sê dat dit gewoonlik nie 'n probleem is nie omdat die opdraggewer dan 'n maatskappy is.

[572] Oor Merton huis sê hy dat die beskuldigde dit geïdentifiseer het en ontwikkel het. Dit was nooit bedoel as 'n woonhuis nie. Die eerste idee was dat dit 'n gastehuis sou wees en daarna dat dit 'n ambassade sou word. Hy moes oor TWT getuig en is toe sommer oor Merton huis gevra. Hy het daar gesê dat die beskuldigde die enigste persoon is wat hy kon vertrou en dat die beskuldigde hom as 'n vriend gehelp het. Dit is so dat die beskuldigde nie enige vergoeding ontvang het nie.

[573] Hy bevestig sy mededeling tydens 'n vorige ondervraging toe hy gevra is of hy transaksies vir die beskuldigde gedoen het en dit ontken het en sê dat hy opgetree het vir WPW. Hy weet nie wie die besluite vir WPW geneem het nie maar die beskuldigde het dit aan hom oorgedra. Hy het een of twee maal saam met die beskuldigde deur Merton huis geloop. Hy kan nie onthou of hy hom moes help om planne oorsee te neem nie. Hy mag iets oor die trappe gesê het wat daartoe gelei het dat dit verander is. Hy ontken nie dat hy na die stadsraad geneem is nie en sê dat hy gevra mag gewees het om te help. Hy word deur Marlow se getuienis (by KEEM) geneem wat tot die effek was dat hy by Merton huis die finale sê gehad het en antwoord dat hy baie min met die Suid Afrikaanse situasie te doen gehad het. Hy kan nie Marlow se getuienis ontken of bevestig dat hy oorsee besoekers na Merton huis sou gebring het nie. Hy dink aan Chu en Zimmer. Wanneer dit aan hom gestel word dat die werklike voordelige eienaars mense na Merton huis kon gebring het is sy antwoord dat hy gedink het dat dit die groep se hoofkwartier sou word en dat daar kantore sou wees. Wanneer dit aan hom gestel word dat Marlow se getuienis was dat alle besluite oor Merton huis met hom bespreek moes word is sy antwoord dat die besluit om te verkoop van die beskuldigde af gekom het nie en dat die rede daarvoor was dat dit nie goed geleë was nie en die bure te veel gekla het. Hy bevestig egter dat hy as president van WPW die opdrag gegee het dat die huis verkoop moes word. Wanneer dit aan hom gestel word dat hy meer betrokke was as wat hy wil toegee is dit sy reaksie dat hy byvoorbeeld bloot gehoor het dat Marlow aan gestel is as hoof uitvoerende beampste van BRCI en dat hy Marlow se mededelings dat hy hom gevra het om die posisie te vervul ontken. Wanneer dit aan hom gestel word dat hy onderhandel het met

Gary Player oor die ontwikkeling van die gholfbaan is dit sy antwoord dat Gary Player raad mag gegee het oor die gholfbaan maar dat hy nie self by die ontwikkeling betrokke was nie. Hy ontken dat hy goedkeuring verleen het dat president Mandela in die Jetstar vervoer word. Marlow kon wel gedink het dat hy die voordelige eienaar is. Dit is egter nie so dat Marlow aan hom moes verslag doen nie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde nie werklik by die Suid Afrikaanse bedrywighede betrokke was nie en dat interaksie tussen hom en Marlow was en hy bevestig dat daar wel interaksie tussen hom en Marlow was.

[574] Wanneer bewysstuk A20 met hom bespreek word sê hy dat hy aan die beskuldigde oorgedra het dat hy namens hom hou. Hy sê egter dat dit óf kan beteken dat hy namens die beskuldigde as prinsipaal hou óf dat hy namens hom as kontakpersoon hou. Hy gee toe dat die beskuldigde enige persoon kon aanwys aan wie die aandele oorgedra kon word. Hy sê egter dat in die VSA daar dubbel entiteite kan wees en dat dit moontlik is dat die beskuldigde die prinsipaal kan wees en terselfdertyd ook die kontakpersoon. Hy ontken nie dat hy altyd na die prinsipale in die meervoud verwys het nie maar sê dat selfs al druk jy 'n vuurwapen teen sy kop kan hy nie sê wie die prinsipale was nie. Hy gee egter toe dat hy geglo het dat dit buitelanders is. Wanneer hy weer eens gekonfronteer word daarmee dat Mole al die pad van Engeland af na die VSA gekom het om die beskuldigde aan hom voor te stel is sy reaksie dat dit wel vir hom 'n verleentheid is maar dat die besigheidsgemeenskap nie noodwendig ten gunste van sanksies was nie. Hy gee toe dat die lening aan Aries trust nie terug betaal is aan Waterson trust nie maar in sy trustrekening inbetaal is en dat die opdrag om die lening toe te staan van WPW af moes gekom het.

[575] Hy sê dat die beskuldigde hom gedurende 1993/94 kon gevra het om versigtig te wees met wat hy in sy briewe skryf. Mijburgh kon dit ook met hom bespreek het maar hy dink dat die versoek van die beskuldigde af gekom het. Daar was koerantberigte oor Merton huis. Hy mag verkeerd gewees het in sy idee dat hy versigtig moes wees. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde hom nie versoek het om sy betrokkenheid dig te hou nie. Hy gee toe dat die brief aan die bank in Jersey openlik geskryf is. Dit word aan hom gestel dat hy nooit kon gedink het dat die gelde wat hy belê het alles afkomstig was van die beskuldigde

se praktyk nie. Sy antwoord daarop is dat die beskuldigde hom meegedeel het dat hy tantieme ontvang nadat hy sekere medisyne gepatenteer het. Hy gee egter weer eens toe dat die beskuldigde vir hom gesê het dat hy namens ander optree en dat hulle nie geïdentifiseer wil word nie en nooit geïdentifiseer is nie. Hy kan nie ontken dat hy gedink het dat die geld van prinsipale gekom het nie en sê dat hy gesien ghet die geld kom van Europa af. Hy was nie werklik geïnteresseerd in die herkoms van die geld nie so lank as wat dit net van fatsoenlike banke af gekom het. Hy ontken ook nie dat 'n vliegtuig wat in die VSA geregistreer is op meer plekke kan land as een wat in Suid- Afrika geregistreer is nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat hy die beskuldigde en Zimmer gehelp het om geld wat betrokke was by dwelms te skuif is dit sy antwoord dat hy nie daarvan bewus was nie. Hy gee toe dat hy aandele in Finacup gehou het namens WPW en dat hy dokumente namens Finacup geteken het omdat hy gevra is om dit te doen. Wanneer dit aan hom gestel word dat sommige van die dokumente wat hy geteken het vals was wil hy dit nie erken nie en sê hy dat die stelling te wyd is. Hy het geweet dat die beskuldigde in Rualand was en hy wou 'n chemikalie kry afkomstig van die breine van dooie mense. Hy gee toe dat hy na St. Petersburg was en dat hy die beskuldigde gehelp het om versekering vir die Jetstar te kry vir die besoek aan Rusland. Hy weet ook dat die beskuldigde in Poland was. Hy weet ook van Libië en praat van die moontlikheid van die oprigting van 'n spoorlyn. Hy kan nie bevestig of ontken dat daar 'n Yusuf Murgham in Mijburgh se kantoor gewees het nie, want in Suid Afrika is daar so veel verskillende mense dat dit geen besondere indruk op hom sou maak het nie. Hy kan ook nie bevestig dat hy 'n persoon met die naam Muchta by die stasie onder die Lancaster hotel ontmoet het nie en sê dat die beskuldigde hom aan so veel mense voorgestel het dat hy nie almal kan onthou nie. Hy kan nie bevestig dat die beskuldigde hom spesifiek aan 'n Libiër voorgestel het nie. Hy kan nie kommentaar lewer oor die stelling dat die onderhandelinge oor die oornam van Delta G gedoen is om die indruk te skep dat daar buitelandse belang in die maatskappy was nie. Dit is so dat die beskuldigde hom gevra het om te tender vir twee Boeing vliegtuie. Die beskuldigde moes die geld kry. Wanneer dit aan hom gestel word dat die \$100 miljoen lening aan Contresida deur dr. Chu maak sou gewees het, is dit sy reaksie dat hy gedink het dit is afkomstig van die Wêreld Gesondheid Organisasie, maar hy gee toe dat daar nie so 'n verwysing is nie. Hy kan nie kommentaar lewer daarop dat mense van die Oosblok geld na die Weste wou bring en dat dit 'n skema was om dit te doen. Hy gee toe dat die lening aan Aries trust nie vanaf Waterson trust af gekom het nie maar

vanaf WPW. Hy gee ook toe dat hy namens WPW gevra het vir die terugbetaling daarvan.

[576] Dit word aan hom gestel dat Buffham deur CSD terug betaal is vir ander dienste. Hy vind dit nie snaaks dat in DAW 38 daar 'n verwysing is na die oordrag van intellektuele goedere nie. Dit is seker normaal wanneer 'n gedeeltelike belang in 'n besigheid verkry word. Hy bevestig dat Buffham nie sy verhouding met die beskuldigde in gevaar wou stel nie. Hy het besef dat Buffham nie 'n goeie besigheidsman was nie en het die beskuldigde aangeraai om nie meer in CSD te belê nie. Hy gee toe dat die beskuldigde vir hom gesê het om nie te veel bekommerd te wees oor die belegging in CSD nie omdat hulle gekry het wat hulle wou hê.

[577] Dit word aan hom uitgewys dat sy eggenote suspisiesus geraak het en geweet het dat hulle met iets klandestiens besig was omdat hulle orals geld verloor het en nie bekommerd gelyk het daarvoor nie. Dit word dan aan hom gestel dat die skepping van WPW geskied het met die volgende doelwitte:

1. Om 'n struktuur te skep waardeur toerusting en stowwe verkry kon word.
2. Om mense van die Oosblok te help om hulle geld na die weste te verskuif.
3. Om die beskuldigde voor te stel as 'n ryk sakeman.

[578] Sy antwoord daarop is dat die beskuldigde baie goed daarin geslaag het om soos 'n ryk sakeman te lyk. Dit word dan verder aan hom gestel dat bewysstukke A10 – A19 aan hom verskaf is om hom die nodige agtergrond te gee as hy dit nodig sou kry. Hy gee toe dat hy na die groep verwys het as "wealthy" in bewysstuk 20CCC toe hy gevra is "to do his usual thing". Hy het 'n aanbeveling geskryf om die indruk te skep dat dit 'n stewige groep is en dat die beskuldigde 'n ryk man is. Dit word verder aan hom gestel dat hy nie volledige inligting gehad het oor die CBO projek nie maar dat hy geweet het dat die beskuldigde vir die SAW werk en dat die geld nie sy geld was nie. Sy antwoord is dat hy 'n ryk lewensstyl gehandhaaf het en dat só ver niemand nog na vore gekom het om te sê dat hy inderdaad 'n prisiipaal was nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat hy vals dokumente geskep het met spesifieke verwysing na die verkoop van die Jetstar wil hy dit nie toegee nie maar kan hy dit ook nie ontken nie.

[579] Hy ontken nie dat gedurende 1995/96 hy die beskuldigde gevra het om WPW te likwideer en dat die beskuldigde hom meegedeel het dat hy nie kan sê nie maar dat as hy instruksies kry om dit te doen hy dit

moet doen. Die probleem was egter dat die prinsipale nie hulle nekke wou uitsteek nie, uit vrees dat hulle met die beskuldigde geassosieer sou word. Hy gee egter toe dat die beskuldigde nie enige persoonlike voordeel gekry het nie of enige vergoeding nie. Dit word aan hom gestel dat hy wel van die prinsipale geweet het en instruksies van hulle ook gekry het.

[580] **Jane Webster** is David Webster se eggenote. Sy en haar man het die beskuldigde en Mole in 1986 op die Kaaiman eilande ontmoet. Hulle is na die eiland juis om die beskuldigde te ontmoet. Sy was onder die indruk dat hy 'n kardioloog van Suid Afrika was. Sy het later betrokke geraak by die administrasie van WPW Aviation. Dit was baie duur om dit deur die prokureursfirma te doen. Dit is waarom sy betrokke geraak het. Sy bevestig 'n reeks dokumente wat te doen het met die vliegtuie en om hulle aan die gang te hou. Sy het byvoorbeeld te doen gehad met salarisse, die bedryfskoste van die Aeromed rekeninge en visa kaarte. Aeromed het reeds bestaan voordat sy vir WPW begin werk het. Die Kingair is verhuur en hulle het probleme gehad om betaling te kry van die Verenigde Nasies. Sy het aan die beskuldigde rapporteer.

[581] Dit blyk dat die beskuldigde vir haar laat weet het dat die vliegtuig na Angola is en dat Untag betrokke was. 'n Bedrag van \$94 546 is ontvang vanaf Untag. Sy was betrokke by versekering van die vliegtuie en die allokasie van uitgawes. Sy was bewus daarvan dat Viljoen betrokke was by die beskuldigde se besigheid in Suid Afrika. Sy het ook te doene gehad met die "cottage". Sy het vir die beskuldigde geskryf oor krediet kaarte en die Player groep. Hulle het belang gestel daarin om 'n aandeel in die vliegtuig te kry. Sy weet ook van die condominium in Orlando. Sy het die beskuldigde as haar baas gesien en het hom vir 'n verhoging gevra.

[582] Sy het haar seun na 'n skool in Engeland geneem. Die "cottage" is aan haar aangebied en sy het daar gaan bly. Sy het nie besef dat sy nie langer as ses maande in Engeland kon bly nie en is op 'n stadium gedeporteer. Sy was ook betrokke by die verbouing en meubilering van die "cottage". Toe sy aanvanklik by die "cottage" aangekom het was David Scales en sy vrou en kinders daar. Hulle is toe weg en sy het ingetrek.

[583] Daar het van die Suid Afrikaners by hulle aan huis gebly in Florida. Dit blyk dat sy die beskuldigde se eggenote behulpsaam was om 'n reis waarby sy, Neil Kirstein, sy vrou en drie kinders en haar suster, Estelle Sutherland, betrokke was te reël. Hulle is na die VSA per Jetstar. Dit was 'n vakansie en hulle het Disneyland besoek. Sy het van die uitgawes wat haar suster gehad het met die groep se vakansie uit die WPW rekening aan haar suster betaal. Die bedrag was \$220. Toe die beskuldigde se moeder Amerika besoek het, het sy ook uitgawes gehad wat sy uit die WPW rekening verhaal het. Haar man het haar diamante gegee en gevra om dit te laat waardeer. Sy het dit later vir Sam Bosch gegee en hy het daarvoor geteken.

[584] Sy het die beskuldigde gehelp om 'n bankrekening in Bracknell te open. Dit was om die uitgawes verbonde aan die "cottage" te betaal. Beide syself, Webster en die beskuldigde het tekenbevoegdhede op die rekenings gehad. Die mense wat gewoonlik in die "cottage" gebly het was die beskuldigde, Mijburgh, Marlow, Swanepoel, Bosch, Anette Versluys en Viljoen. Sy was drie maal in Suid Afrika. Die eerste maal was saam met haar man toe hulle na die Wildtuin gegaan het. By die volgende geleentheid het sy haar seun geneem en het sy haar eie uitgawes betaal. Die derde geleentheid was toe sy met die blou trein gery het en nie betaal het nie. Sy het gehoor dat die beskuldigde 'n losie (by Loftus Versveld) gehad het. Sy het die beskuldigde se dogter geken en het geweet dat sy by 'n afrondingsskool in Switserland was. Sy is deur Merton huis geneem deur Neil Kirstein. Webster is die president van Tubmaster en Kirstein het dit besoek, toe hy dit oorweeg het om te emigreer. Daar het niks van gekom nie. Die beskuldigde het haar meegedeel dat WPW staan vir Wolf, Parkinson & White wat te doene gehad het met hartmedisyne. Sy het gedink die beskuldigde was besig met navorsing oor vigs en dat hulle 'n middel daarteen wou patenteer.. Sy het een maal met die Jetstar gevlieg, die gholf ontwikkeling besoek en op daardie een dag was sy in ses verskillende lande.

[585] Tydens kruisverhoor het sy toegegee dat by die eerste ontmoeting dit bespreek is dat beide Webster en die beskuldigde oud militêre mense was. Sy was ontsteld toe sy die eerste keer getuig het. Die rede is dat Anette Versluys haar en haar man beskuldig het daarvan dat hulle die beskuldigde se geld gesteel het. Dit word aan haar gestel dat sy die beskuldigde se rol in WPW vergroot en haar man s'n afwater maar sy sê dat die beskuldigde baie betrokke was tot 1993 en dat hy toe van die aarde verdwyn het. Sy het wel kontak met

hom gehad gedurende 1995, toe sy wou hê dat hy in Tubmaster moes belê. Sy het Herlewing, WPW USA, WPW Aviation en WPW North American Holdings geadministreer. Haar man het op haar salaris besluit. Sy was onder die indruk dat nie alleen die beskuldigde nie, maar ook Mijburgh, Swanepoel, Bosch en Viljoen almal eienaars was van die WPW groep. Sy was onder die indruk dat die condominium aan die groep behoort het en het nooit die indruk gehad dat dit die beskuldigde s'n was nie. Oor die bestuur van die Jetstar is dit haar getuigenis dat die meeste opdragte van die beskuldigde uit Suid Afrika gekom het. Dit word aan haar uitgewys dat dit haar man was wat voorgestel het dat die beskuldigde tekenmagte moet kry op die rekening in Engeland omdat hy Engeland dikwels besoek het. Sy gee toe dat haar man in beheer was en dat sy nie kan onthou wie elke instruksie gegee het nie. Sy bevestig dat daar 'n telefoonoproep na Libië gemaak is vanuit die "cottage" en dat die beskuldigde nie daarna wou hê dat Marlow weer daar moes bly nie. Sy het voorbehoude gehad oor die beskuldigde se besigheidsvernuf want hy het orals geld verloor. Haar aandag word gevestig op JW15 en wel paragraaf 4 daarvan waar sy aandui dat sy nie na die konsulaat wil gaan nie omdat dit aandag op die WPW groep sal vestig. Dit word aan haar gestel dat sy goed geweet het waarmee die WPW groep besig was. Sy ontken dat sy geweet het van enige geheime transaksies. Sy het die Suid Afrikaanse maatskappye waarmee WPW 'n verbintenis gehad het as 'n tak van WPW beskou. Dit was dieselfde mense. Wanneer dit aan haar gestel word dat WPW gebruik is om sanksies te omseil is haar reaksie dat sy en haar man nooit by so-iets sou betrokke geraak het nie. Sy dink nog steeds die beskuldigde het dit vir sy persoonlike voordeel gehad en dat hy 'n kuur teen vigs wou patenteer.

[586] **Dirk Reinderd Verbeeck** was die hoof direkteur van teeninligting (HDTI) vanaf 1988 tot 1993 toe hy Adjunk- HSI geword het. Hy word in 1994 HSI tot by sy aftrede in 1998. Militêre inligting het te doen met alles wat die vyand doen terwyl teeninligting te doen het met die sekerheid van eie magte vanaf die totstandkoming daarvan en tydens die instandhouding daarvan. Teen inligting is 'n onderafdeling van inligting. Hy het gedurende 1987 bewus geword van Coast. Dit was om 'n chemiese en 'n biologiese vermoë offensief en defensief te vestig. Die GG was die projekteier en die beskuldigde was die projekoffisier. Daar was frontmaatskappye. Hy onthou name soos Medchem, Aeromed, RNL en Delta G. Hy was onseker watter name direk betrokke was by Coast. Coast was een van die tien belangrikste klandestiene projekte. By

daardie projekte speel sekerheid 'n primêre rol. Daar moet gewaak word teen die gevaar van spioenasie. Daar word 'n sekerheidsoffisier aangestel en soms 'n sekerheidswerkgroep. Indien daar nie frontmaatskappye is nie is die sekerheidsoffisier in die SAW. Indien daar wel fronte is, is die sekerheidsoffisier uit die fronte. Selfs by die geheime projek oor kernontwikkeling was die sekerheidsoffisier in die SAW.

[587] Daar was sekerheidsoffisiere Jackson, Marais, Theron en Koen. Hulle het bedank om in privaathoedanigheid te kon aansluit. Theron was 'n lid van teeninligting wat toe in diens geneem is as 'n sekerheidsoffisier. Hy weet nie hoe dit gekom het nie. Hy was 'n opgeleide offisier. Hy is nooit meegedeel dat hy nie 'n sekerheidsoffisier kan wees nie. Die funksies van 'n sekerheidsoffisier is om seker te maak dat daar behoorlike personeelsekerheid is, dat die moet-weet beginsel gehandhaaf word, dat sekerheid by aankope gehandhaaf word en dat sekerheid by dokumente gehandhaaf word in die sin dat hy moet let daarop dat dokumente korrek gestempel word, reg gebêre word, en dat die regte voorskrifte nagekom word by die maak van fotostate. Dit het ook te doene met die regte betalings vir reis- en verblyfkoste. 'n Sekerheidsoffisier behoort nie uitgesluit te word nie. Hy behoort te weet van direkteure in die buiteland. Hy moes ook geweet het van bankrekenings en van tekenmagte daarop in die buiteland. Hy behoort te weet van "safe houses" Hy moet ook weet indien daar buitelandse maatskappye is. Hy behoort te geweet het van kontak met Libië. Hyself het nie van sodanige kontak geweet nie. Hy weet nie of die beskuldigde kontak met mense in Libië gehad het nie. Later was dit algemene kennis. Dit was na 1994. Hy weet nie van Yusuf Murgham nie. Hy weet nie van woonstelle in Florida, Brussels of naby London nie. 'n Sekerheidsoffisier behoort daarvan te geweet het. Hy weet nie van 'n gholfbaanontwikkeling in België nie. Hy het die naam Aeromed gehoor. Hy weet nie wie die direkteur was nie maar hy onthou die naam Swanepoel. Hy weet van 'n Jetstar vliegtuig. Hy kon nie bepaal of dit die projek s'n was en of dit net gehuur is. Daar is na telefone geluister. Die beskuldigde is na die buiteland. Die beskuldigde het hom gevra oor goed wat inkom. Hy het gesê dat hy sy (die getuie se) naam sou noem. Die vlug en die landing het nie verder ter sprake gekom nie. Hy is nie geken met die vlugte nie. Dit kan te doene hê met sekerheidsbreuke en lekkasies. Wat Merton huis aan betref was daar gedurende 1991/92 'n ondersoek. Dit was deel van die teeninligtingsfunksie om geheime

projekte te monitor om te verhoed dat spioenasie plaasvind. Die projek is toe (met die Merton huis ondersoek) geregistreer by teeninligting sodat 'n ondersoek gedoen kan word. Nadat inligting ingesamel is was dit duidelik dat die projek onduidelik was. Daar was 'n gebrek aan kundigheid by sy departement om te ondersoek. Daar was heelwat maatskappye en rolspelers. Name wat hy kan onthou is Mijburgh, Swanepoel, Truter en die beskuldigde. Daar was 'n lys van 37 gevalle van onbevestigde informasie. Dit is aan die ouditeur-generaal en KEEM oorhandig. Hy het persoonlik vir Wally van Heerden gaan spreek. Hy het met Swanepoel by KEEM gaan praat en die stukke oorhandig. Merton huis was ter sprake. Die inligting is oor 'n tydperk van maande ingewin. Theron sou nie by teeninligting rapporteer nie. Hy moes by die projekoffisier rapporteer, wat weer by die GG moes rapporteer. Die GG moes aan HSAW rapporteer. Hy dink dit was 'n baie volledige ondersoek nie. Die beskuldigde het gesê dat 'n vriend van hom van Amerika ontwikkel dit hier en hy help daarmee. Hy kan nie 'n verklaring onthou nie. Hy kan nie onthou dat Webster 'n rol gespeel het in die projek nie. Die beskuldigde het nie opgetree as agent vir persone wat tegnologie aan die projek verskaf het nie. Indien dit gebeur het sou die sekerheidsoffisier daarvan geweet het. Hy weet nie van die WPW groep van maatskappye nie. Die sekerheidsoffisier behoort bewus te gewees het van alle inligtingskanale. Hy weet nie 32 000 pakke beskermende klerasie wat aan Unita gegee is nie.

[588] Hy weet nie van 'n peptiedsintetiseerder wat aangekoop is nie. Hy weet ook nie van 'n ruiltransaksie waar die peptiedsintetiseerder geruil is vir die Jetstar nie. Hy weet nie van die Bulgaar wat by Speskop was nie. Hy het wel gehoor van laboratoria. Hy weet nie van sekerheidswerkgroepe nie. Hy weet nie van 'n projek waar die beskuldigde saam met Corrie Meerholz inligting in shebeens ingewin het nie. Gelde wat daar geïen is moes geoudit word. Hy weet nie van RITS nie of van "proximity fuses" wat aangekoop is nie. Hy het wel vir Regli van Switserland ontmoet. Daar was uitruilooreenkomste. Regli was 'n paar maal in Suid Afrika en hy was een maal in Switserland. Hy is nooit ingelig dat Regli by transaksies betrokke was nie. Hy het nie geweet van Jacomet en die aankoop van substansie in Kroasië nie. Hy het eers later daarvan gehoor. Hy was later op die KBK. Hy dink dit was nadat daar besluit is om die projek te normaliseer. Hy was nooit voorsitter van 'n sekerheidswerkgroep nie, alhoewel paragraaf 22 van bewysstuk I, 'n direktief oor die werking van Coast, dit aantoon.

[589] Gedurende kruisverhoor het hy toegegee dat hy nie werklik kan onthou hoe die projek gewerk het nie. Hy het nie geweet hoe en waar goed aangekoop is nie. Hy het geweet dat daar 'n projek was en dat dit te doen gehad het met CBO. Hy het nie geweet wat die werkswyse van die projekoffisier was nie. Die projek was suksesvol. Daar was demonstrasies waar hoofde van die SAW uitgenooi was om na resultate te kyk. Die sekerheid rondom die projek was suksesvol en lande soos die VSA het nie uitgevind van die SAW se vermoë nie. Gedurende 1994 was daar 'n besoek deur persone van VSA en die Verenigde Koninkryk en die Suid Afrikaanse vermoë was vir hulle 'n verrassing. Dit is so dat daar 'n CBO bedreiging was, dat die SAW geen vermoë gehad het nie, en inligting en substansie uit die buiteland moes verkry. Hy hy ken nie die tegniese besonderhede nie maar weet dat die beskuldigde geweldig baie oorsee gereis het, soms so veel as 20 maal per jaar. Hy gee toe dat hy nie ingelig was van die goed wat verkry moes word nie en dat die lyn was HSAW-GG-projekoffisier. HSAW het nie vir HSI gevra nie. Dit mag so wees dat die SAW nie wou weet waar die goed verkry word nie so lank as wat daar net nie selfverryking plaasvind nie. Dit word aan hom gestel dat daar met hom gepraat is oor die goed wat in Kroasië verskuif is en dat daar geskiet is en dat dit by Krygkor se gebou plaasgevind het. Hy kan dit nie onthou nie maar daar is 'n vae moontlikheid dat dit kon gebeur het. Dit word verder aan hom gestel dat daar by meer as een geleentheid daaroor gepraat is en dat dit ook ter sprake gekom het toe gevra is of sy naam by die landing van die vliegtuig genoem kon word. Sy antwoord daarop is dat hy nie geweet het wat die substansie was nie. Hy kan egter onthou van die geval toe die beskuldigde met hom gepraat het.

[590] Hy het nie geweet wie die direkteur van die frontmaatskappye was nie. Hy het eers van Delta G uitgevind in 1992. Hy het wel geweet van RNL. Dit het tot sy kennis gekom gedurende 1987 toe hy 'n sekerheidskeurder was. Daar was sekerheidsbreuke by RNL en hy kan dr. Goosen se naam onthou. Hy kan nie die detail onthou nie. Hy sê dat gedurende 1992 hy nie 'n finansiële ondersoek kon hou nie maar dat die OG dit wel kon doen. Hulle het wel 'n aantal telefone afgeluister. Hy wil egter nie toegee dat dit 47 was nie. KEEM was ook daarby betrokke. Dit was 'n volledige ondersoek.

[591] Wanneer hy gevra word hoe dit gekom het dat daar besluit is om die aankoop van substansie te bespoedig kan hy nie onthou dat daar so 'n besluit was nie. Dit word gestel dat ene Tielman de Waal by die vergadering was en hy betwyfel dit dat daar so 'n vergadering was. Hy weet nie of die beskuldigde in Moskou was nie en of hy geskakel het met die Wes-Duitse en Oos-Duitse geheime dienste nie. Hy het eers na 1994 daarvan bewus geword. Hy het ook eers toe bewus geword van die skakeling met die geheime diens van Libië. Hy dink hy behoort vroeër daarvan te geweet het. Hy gee toe dat 'n front geskep moet word vir 'n persoon wat klandestien in die buiteland opereer. As die front dié van 'n ryk sakeman is moet hy eersteklas vlieg. Hy gee toe, teensinnig, dat as inligting in die buiteland gesoek word dit ook met die uitruil van inligting verkry kan word, so lank as daar meer inligting ingewin word as wat verstrekkend word. Verskaffers moet beskerm word met dekstories. Die sekerheidsoffisier se funksie is om die projekoffisier van raad te voorsien wanneer lg. nie weet wat om te maak nie. Hy gee toe dat Johan Theron niks geweet het van geldtransaksies in Europa nie. Hy kan nie betwis dat om Theron in te gelik het net die moontlikheid van 'n sekerheidsbreuk daargestel het nie. Hy kan ook nie betwis dat HSAW juis gelas het dat teeninligting nie betrek moes word nie.

[592] Wanneer hy gevra word waarom Theron in 15 jaar nie bevordering gekry het nie is sy reaksie dat sy werksprestasie waarskynlik nie na wense was nie. Ten spyte van sy gesprekke met Regli het hy nie geweet van die verkryging van substansie in Kroasië nie. Hy weet nie wie Jacomet of Zimmer was nie. Hy het van Webster gehoor met die ondersoek na Merton huis. Hy weet nie van van Remoortere nie en ook nie van Buffham of Heyndrycz nie. Die senior mense is genooi om demonstrasies by te woon. Daar was o.a. HSAW en die hoof van die leer. Dit het gegaan oor die dekontaminasie van voertuie. Hy weet nie of Aeromed en Medchem fronte was of nie. Hy gee toe dat tot 1992 hy slegs geweet het van die bestaan en doelstellings van projek Coast, behalwe vir die keurings van RNL wat hy gedoen het. Dit was ook maar net omdat die vorige sekerheidsoffisier bedank het. Hy gee toe dat die bedryf van die projek uniek was. Alhoewel dit nie die belangrikste projek was nie was dit onder die 10 belangrikste projekte uniek. Dit is aan hom gestel dat hy meer betrokke was as wat hy wil erken maar dat hy minder betrokke was as sy voorgangers, generaals Roux en Hanekom.

[593] **Danie Sybie van der Spuy** was die besturende direkteur van EMLC. Hy is genader deur gen. Loots, wat die hoof van Spesmagte was, om met sy ingenieurmennis uit te help. Hy was vanaf 1 November 1980 by Speskop. Van die elektronies, meganies, landbou en chemies het hy aangedui dat hy net die elektroniese en meganiese gedeelte kon hanteer. Die beskuldigde het chemies geërf en landbou is uitgefaseer. By sy aankoms daar was daar 'n begeleide toer en deure is vir hom oopgesluit. In een kantoor was daar chemikalieë en klere. Daar was o.a. 'n onderbroek. Hy is gewaarsku dat as hy dit sou aantrek hy voor die aand dood sou wees. Daar was goeie beheer oor EMLC en daar is slegs baie basiese chemiese analyses gedoen. Daar was afdelings wat baie geheim was en ander wat meer toeganklik was. Die moet-weet beginsel het gegeld. Op 'n later stadium was daar 'n Bill Grieves. Hy was 'n plofstofdeskundige. Hy het 'n meganiese werkswinkel gehad en hy het produkte aan Spesmagte en Unita verskaf. Daar is apparaatjies in die elektroniese werksinkels gemaak. Die geld het uit die verdedigingsbegroting gekom. EMLC het 'n filiaal van Krygkor geword. Hy kan nie onthou dat daar plofstofalarms was nie. EMLC is weens politieke druk gesluit. Die beskuldigde het hom gebel en gevra of hy 'n werl het. Hy is aangestel as 'n tegniese direkteur by Delta G. Hy was in beheer van die aanleg se masjinerie. Hy moes kyk dat die besturende direkteur en die ander direkteure hulle nie self verryk nie en hy moes 'n kartel breek. Hy het dit gedoen. Hy onthou mnr. Q wat 'n wapensmid was. Hy weet nie van spesiale giftoedieners nie. Daar was baie afsnytpunte in die stelsel. Gen Engelbrecht was 'n vriendelike en baie vernuftige persoon maar is opgevolg deur ene Hekkies (van Heerden). Engelbrecht het later weer daar gewerk. Daar was ook 'n Joop Booysen.

[594] Gedurende kruisverhoor het hy toegegee dat daar wel met chemie gespeel is by EMLC voordat hy daar gekom het. Met betrekking tot die onderbroek is dit sy mening dat daar wel gif aan kon gewees het. Hy gee toe dat Slang van Zyl en Kalla Botha wel kon gedink het dat hulle by EMLC kon kry. Dit sou egter verkeerd gewees het. Hekkies van Heerden was belas met die taking van toerusting aan Spesmagte. Hy word verwys na Booysen se geuienis oor bier met gif in wat deur ene Jan Anton gesoek is en sê dat hulle nie met gif gewerk het nie. Van Heerden was die skakelman. Dr. Jan Coetzee was die besturende direkteur voor hom en hy het vier bestuurders gehad. Hy het nie die bestuurders geërf nie. EMLC het 140 personeellede gehad. Daar was verskeie werksinkels en werkstafels. As mnr. Q sê dat hy gif in bier geplaas het sal hy

verbaas wees veral as hy sê dat hy dit in amptelike tyd gedoen het. Hy kon dit dalk sonder sy wete gedoen het. Daar is motorbomme vir die BSB gemaak. Die opset het geskui in die laat tagtigs. Hy het niks met die beskuldigde se laboratoriums en verkrygings te doen gehad nie. In herverhoor het hy weer bevestig dat hy uiters goeie kontrole gehandhaaf het deurdat hy daagliks onaangekondig rondtes gedoen het.

[595] **Jan Hendrik Jacobus Coetzee** het die naam EMLC uitgedink en was die stigter daarvan gedurende 1979. Hy het die planne vir die Speskop Laboratoria goedgekeur. Hulle het hulpmiddels vir lede van spesiale magte voorsien. Daar was teen-insurgensie uitrusting. Wanneer dit by chemiese sintese of ekstraksie kom het hulle bloot maar van dienspligtiges gebruik gemaak. Hulle het 'n verdowingspyl gehad wat jy deur die vel van 'n dier kon skiet. Hy het vir Johan Theron geken maar nie goed nie. Theron het vir hom gesê dat hy mense inspuit en in die see gooi. Hy het bedank gedurende Augustus 1980.

[596] Gedurende kruisverhoor het hy ontken dat hy betrokke was by die doodmaak van mense met chemiese middels. Hy sê dat as iemand dit sê is dit nie korrek nie. Hy ontken ook dat dit as 'n moontlikheid oorweeg is toe EMLC gestig is. Theron het hom nie doodmaakmiddels of verdowingsmiddels gevra nie. Jy kon die verdowingspyl in ieder geval nie met die hand toedien nie want dit moes uit 'n geweer geskiet gewees het. Daar is in Rhodesië van Organofosfate gebruik gemaak. Daar was 'n pak wat na bewering met 'n dodelike gif gesmeer is wat vanaf Zimbabwe gekom het, wat hy in 'n brandkluis gesit het.

[597] **Rudolf (Witkop)Badenhorst** het in November 1991 afgetree as 'n generaal. Hy was hoof van staf militêre inligting vanaf 1989 tot November 1991. Hy het bewus geword van Coast toe hy by logistiek was en die nuwe generasie traangas op die toneel verskyn het. Hy het geweet dit is 'n GG projek en bedryf deur die beskuldigde. Hy het nie geweet dat Coast deur fronte bedryf word nie. Hy het nie geweet van Delta G, Truter, Viljoen, Mijburgh en Swanepoel nie. Hy het te doene gehad met RNL en die honde-teel afdeling. Toe hy HSI word moes hy die Coast begroting hanteer. Hy was nie tevrede met die stelsel van uitbetaling nie. Die hele begroting is netso aan die beskuldigde oorhandig. Hy wou hê dat elke aanvraag behoorlik gemotiveer moes word. Daar is personeel van die OG in hulle kantoor ontplooi. Hulle het bloot 'n opdrag gekry om 'n groot

bedrag geld oor te plaas nie die buiteland sonder dat daar enige bewys was waarvoor of opvolging kon geskied. Hy wou hom nie daartoe verbind nie en het gevra dat dit oorgeplaas word na HSF toe. Hy kan nie sê dat hy 'n rol gespeel het by die opstel van bewysstuk I nie. Hy kan nie onthou dat hy 'n KBK vergadering bygewoon het nie. Hy weet nie hoe Coast gewerk het nie. Wat hom aanbetref was 'n sekerheidsoffisier baie belangrik. Hy moes toesien dat daar nie sekerheidsbreke of teenspioenasie plaasvind nie. Hy behoort nie uitgesluit te gewees het nie. Hy weet nie hoekom Johan Theron aangestel is nie. Die sekerheidsoffisier behoort te weet van fontmaatskappye en bankrekenings in die buiteland. Hulle behoort te weet van veiligheidshuise. Hy behoort te geweet het van skakeling met Libië. Hyself het nie geweet van die Libiërs, Oos-Duitsers of Russe nie en ook nie van die "cottage" of die woonstelle nie. Daar kon meer as een so 'n huis gewees het omdat verskillende projekte mekaar kompromitteer. Hy het nie van Aeromed geweet nie. Die SAW het verskeie vliegtuie gehad o.a. 'n Queenair en 'n Lear Jet. Daar was vlugte na Amerika en Europa. Hulle het ook vliegtuie gehuur. Die GG moes toestemming gee vir die vlugte na die buiteland en die sekerheidsoffisier moes daarvan geweet het. Hy weet nie van beskermende chemiese en biologiese klere waarmee die lede van die SAW uitgerus is nie. Hy was by logistiek en hoof van staf-ops. Kol. Schutte was verantwoordelik vir projek Savimbi. Daar is humanitêre hulp aan Unita gegee. Dit het bestaan uit wapens, klere, skoeisel, medisyne en kos. Na die ooreenkoms oor Namibie is dit afgeskaal na net klere kos en brandstof alhoewel daar soms wapens voorsien is. Hy weet nie van CAMs en 32 000 pakke aan Unita nie. Indien dit gebeur het sou hy daarvan geweet het. Hy sou die vervoer daarvan met vliegtuie goedkeur. Hy weet nie van Intramex nie. Hy weet nie of Spesmagte deur Intramex aangekoop het nie. Hy weet nie van die RITS rekening nie. Hy weet nie "proximity fuses" of VABN nie. Hy weet nie van 'n peptiedsintetiseerder of 'n Bulgaar nie. Hy het wel vir gen. Regli ontmoet, omdat dit sy eweknie was, maar dié het hom nie vertel dat hy met die beskuldigde te doene gehad het nie. Die naam Jacomet klink om een of ander rede bekend. Die SAW het 'n brief ontvang van brigadier Hannes Botha, oor die Orlando Christina voorval. Die beskuldigde se naam is nie daarin genoem nie. Die brief is nie ge-antwoord nie maar vernietig.

[598] Gedurende kruisverhoor het hy aangedui dat die KBK 'n verkleinde verdedigingsbevelsraad was. Generaal Liebenberg het 'n sterk bestuurstyl gehad. Hy (die getuie) was vanaf 1989 betrokke by die

ondersoek na die BSB en die voorbereiding vir die Harms kommissie. Hy kon nie KBK vergaderings bywoon nie. Die normale posisie is dat daar 'n sekerheidswerkgroep moet wees. Dit is waarom hy sê dat daar 'n sekerheidswerkgroep moes gewees het. Hy kan nie verskil van gen. Verbeeck as dié sê dat die KBK bepaal het hoe sekerheid hanteer moes word nie. Hy kan nie ontken dat hulle kon bepaal het dat hulle juis nie wil weet van wie aangekoop word nie. As die beskuldigde so 'n opdrag gekry het moes hy dit uit voer. Hy het eintlik niks geweet van Coast nie behalwe dat hy bewus was van die doelstellings daarvan en dat hy vir 'n rukkie by die begroting betrokke was nie. Hy het reeds gedurende 1991 afgetree. Hy het vir gen. Regli voor dit gesien. Dit was dus onmoontlik vir Regli om hom in te lig oor aangeleenthede wat eers gedurende die einde van 1992 plaasgevind het. Hy gee toe dat hy bewus was van laboratoria by Speskop. Toe hy daaroor getuig het by KEEM het hy eintlik EMLC werkswinkels in gedagte gehad. Hy was nie bewus van die verskaffing van deteksieapparaat nie en weet ook nie of dit gebruik is nie. Wanneer dit aan hom uitgewys word dat kol. Steyn gebruikte beskermde klerasie gevind het by 'n lugmagineenheid, by Spesmagte en by die GG se afdeling is dit sy reaksie dat dit niks met hom te doen gehad het nie. Hy sê egter dat hy pa staan vir alles wat tussen 1982 en 1988 gebeur het. Hy sê dat Schuute nie pakke kon stuur sonder dat hy daarvan geweet het nie maar as dit aan hom gestel word dat dit nie per lug vervoer is nie gee hy toe dat hy nie kan sê dat die klerasie nie gelewer is nie. Die klerasie het nie uit sy begroting gekom nie. Ook wat medikasie aanbetref aanbetref het die GG soms nie betaling van die leer se vergoeding nie, wanneer daar surplusse was. Wanneer aankope plaasgevind het was daar 'n oorplasing uit die leer se fondse na die GG se begroting. Die pakke was egter anders die medisyne aangesien hyself nie by die behoeftebepaling betrokke was nie. Dit was ook nie in sy pakhuise nie. Hy sê dat hy nie sou toegestem het tot chemiese ondervraging nie.

[599] By ooreenkoms tussen die partye word die verklaring van ene **Danie du Toit** as getuienis ontvang. Hy is 'n medikus. Hy was vanaf 1986 verbonde aan 7 Mediese bataljon. Hy het gewerk onder Brian Davey. Hulle was betrokke by dekontaminasie prosedures. Hy was ook betrokke by 'n verifikasie operasie (van 'n moontlike chemiese aanval) gedurende Januarie 1987. Daar was op die toneel opleiding wat bestaan het uit die aantrek van beskermende klerasie en die gebruik van gasmaskers. Daar was ook Unita soldate betrokke. Die resultaat van die ondersoek was negatief. Die defensiewe sel ten tye van operasie Modulêr was hyself

wat vanuit Pretoria deur dr. Davey ondersteun is. Hy het min met Unita te doen gehad. Die basis was in Angola. Hulle moes advies verskaf en behandeling, indien nodig. Tydens Modulêr was daar nie beskermende klerasie beskikbaar nie. Daar was toe maskers en poncho's. Daar was tussen 10 en 20 pakke. Hy was ongeveer ses weke op die grens. Hy het beperkte kontak met CAMs gehad en daar was net deteksiestelle. Hy het geen opleiding aan Unita gegee nie. Die CAMs was by die spesiale groep van 7 Mediese bataljon. Hy kan nie onthou hoeveel daar was nie.

[600] **David Chu** woon in Switzerland en het Switserse en Kanadese burgerskap. Sy moedertaal is Sjinees. Hy was voorgaads by die Universiteit van Manitoba en daarna verbonde aan die McGill Universiteit in Kanada waar hy gedurende 1972 'n PhD in farmakologie gekry het. Hy was baie betrokke by kardiovaskulêre navorsing. Hy ken die beskuldigde. Hy het hom gedurende 1988 deur 'n regsgeleerde ontmoet. Die beskuldigde het hom gebel en hulle het in Zurich ontmoet. Hulle het oor kardiologiese navorsing gepraat. Die beskuldigde het hom meegedeel dat hy 'n adviseur is vir RNL. Hy het hom meegedeel dat hulle besig is met vigsnavorsing deur middel van Thymus. Hy is gevra of hy reken dat sommige van die navorsingswerk wat by Roodeplaat gedoen word in Europa verkoop kon word. Die verkoop van navorsingsresultate is altyd moontlik en hy het na Suid-Afrika gekom gedurende die begin van 1989. Hy het die fasiliteite gesien en met van die wetenskaplikes gepraat. Hy onthou vir Immelman, van Rensburg en Swanepoel. Hy was beïndruk met wat hy gesien het. Alhoewel die laboratoria nie groot was nie het dit goed gelyk en wat veral aantreklik was, was die feit dat daar primate beskikbaar was vir navorsing. Daar is nie alleen etiese probleme oor primate nie maar hulle moet ook by nuwe klimaatsomstandighede aanpas.

[601] Hy het nie geweet dat RNL 'n weermagsfront was nie. Hy het geweet dat daar regeringskontrakte was. In sy lyn van besigheid vra jy nie te veel oor waar ander se kontrakte vandaan kom nie. 'n Klient is byvoorbeeld nie geregtig om te weet wie jou ander kliente is nie en watse soort werk jy vir hulle doen nie. Hy het twee uitvoerbaarheidsverslae vir RNL opgestel en het eers die afgelope paar dae uitgevind dat dit 'n frontmaatskappy was. By die eerste studie moes hy bepaal of daar 'n mark was. Hy het dit gedoen ingevolge

‘n ooreenkoms tussen homself en die beskuldigde¹⁷. Die bepaling dat die inligting konfidensiëel sou wees is standaard vir daardie bedryf. Hy sou CHF150 000 daarvoor kry. Sy reiskoste (eersteklas) is deur die beskuldigde betaal. Hy het met ‘n Switserse- en ‘n Duitse farmaseutiese maatskappy gepraat en het besef dat RNL ‘n GLP (good laboratory practice sertifikaat) sou moes kry. Die laboratorium sou aan internasionale standaarde moes voldoen het. Hy het die beskuldigde telefonies so ingelig. Toe hy op 24 Augustus 1989 CHF38 600 ontvang het was CHF1 100 daarvan betaling vir prostaglandien. Die beskuldigde het aangedui dat dit nodig was om aborsies op ses HIV positiewe swanger vroue uit te voer. Hy het dit gekoop vir CHF600 en het die beskuldigde ‘n verdere CHF500 gevra.

[602] Daar is besluit dat eerder as dat RNL sigself in Europa sou bemark daar ‘n Europese entiteit tot stand gebring sou word wat dit sou doen. Dit is hoe Medchem Forchungs tot stand gekom het. Die vigs projek is ook bespreek en daar was Contresida. Die beskuldigde het die naam Medchem voorgestel. Forchungs beteken navorsing. Die beskuldigde het gesê dat hy beleggers het wat sou belê. Daar sou CHF250 000 in aandeelkapitaal belê word en daar sou werkskapitaal van CHF500 000 wees. Hy weet nie waar die geld vandaan gekom het nie maar alles is betaal. Daar is aanvanklik CHF300 000 ontvang, waarvan CHF50 000 deur die prokureurs gehou is vir die stigting van die maatskappy. Hy het later CHF450 000 se werkskapitaal ontvang. Hy bevestig dat die ouditeursverslae korrek is. Hy het ‘n opsie gehad om 50% van die aandele te bekom. Later is dit vir hom gegee en het hy ‘n lening van CHF125 000 ontvang vir die finansiering van sy aankoop. Hy het nooit die lening terugbetaal nie. Hy het voorgestel dat dr. Rittman, dr. Mathys en dr. Metz direkteure van Medchem Forchungs word. Met die gebruik van diere by die navorsing was dit nodig om geloofwaardige direkteure te hê. Hulle wou ‘n onderhoud met die beskuldigde hê. Hy het dit gereël. Hy en die beskuldigde sou direkteure wees. Die stigter sou PCM International wees. Uiteindelik het WPW PCM se plek geneem.

[603] Medchem Forchungs is gestig gedurende Januarie 1990. Hy het ‘n perseel gehuur en het personeel in diens geneem. Van die personeel was rekenaarskundiges. Hy was onder die indruk dat hulle gou sou

¹⁷ TV22.

kon bemark maar hulle het gesukkel om 'n GLP sertifikaat te kry. Die beskuldigde het voorgestel dat inkomste verdien moes word en penicillin is verskaf aan Irak. Dit is met die direkteure bespreek en is goedgekeur. Hulle het vir feitlik geen werk 'n kommissie van óf CHF80 000 óf £80 000 verdien. Daar was ook 'n ander transaksie waarby Blackdale en MCI betrokke was. Hy bevestig dat F14.9B en F14.9A onderskeidelik kontrakte was tussen Medchem Forchungs en Blackdale en tussen Medchem Forchungs en MCI, wat gedurende Maart 1990 geteken is. Hy was die betaalmeester mbt die kontrakte. Hy moes administratiewe funksies uitvoer en sou CHF80 000 oor die twee jaar ontvang. Hy het die CHF80 000 ontvang.

[604] Hulle is gevra om om 'n duplikaat rekenaar sisteem vir Data Image op te stel. Hulle moes harde- en sagteware aankoop. Hy moes 'n verdere uitvoerbaarheidsstudie doen. Daar was veranderinge in die farmaseutiese bedryf. Swanepoel het gevra vir die verslag. Hy het CHF230 000 vir die verslag ontvang. Dit het uit 160 bladsye met aanhangsels bestaan. Hy het dit voltooi in November 1991. Daar was niks geheimsinnigs of sinister verbonde aan die verslag nie. Dit is gelewer aan RNL en spesifiek aan Swanepoel.

Hulle het wel met rekenaarprogramme gewerk. Die bemaking van RNL in Europa het egter nooit plaasgevind nie omdat daar nooit 'n sertifikaat verkry is nie. Daar was omtrent drie of vier raadsvergaderings per jaar en die beskuldigde het meeste bygewoon. Viljoen het ook van hulle bygewoon. Die beskuldigde het gesê dat Viljoen na Basel moes gaan en na die boekhoustelsel moes kyk. Daar was ook 'n ooreenkoms met Seyntex Pharmaceuticals oor anti ritmiese toetse. Dit het te doen gehad met 'n hartmiddel. Die verskaffing van die penicillin aan Irak is gedoen deur Biscara. Hy het £80 000 vir die transaksie ontvang.

[605] Teen die einde van 1992 was hy bekommerd oor die finansies en wou hy verkoop, beide in Europa en in SuidAfrika. 'n Nuwe maatskappy is gestig. Hy het 'n 50% belang daarin gehad, 20% was beskikbaar vir ander moontlike aandeelhouders en 30% vir die beskuldigde. Oor Data Image het hy aanvanklik met die beskuldigde onderhandel maar later het hy met drs. Mijburgh en Bothma onderhandel. Hy het hardeware en sagteware van CHF231 000 aan hulle verskaf.. Op 'n voorstel van die beskuldigde is dit deur Sefmed betaal. Die goedere is per Jetstar vervoer. Daar was ook 'n moontlikheid om met 'n maatskappy, Image Storage, in

San Francisco besigheid te doen. Die beskuldigde was bewus daarvan. Hulle wou sekuriteit van \$750 000 hê en wou 'n betaling van \$250 000. Daar is 'n bedrag van \$250 000 deur MCI betaal maar dit is weer later terugbetaal. Daar is aandele oorgedra, eers aan die beskuldigde en later aan WPW. Daar was ook 'n professor Schlagg van Oostenryk wat navorsing vir RNL gedoen het. Hy wou die alleen agent vir RNL word maar dr. Swanepoel wou dit nie hê nie en die aangeleentheid is na die beskuldigde verwys.

[606] Hy het verskeie bankrekenings gehad, party in sy eie naam en ander in die naam van Medchem Forchungs. Hy sê dat die CHF450 000 wat hy op 14 November 1989 ontvang het werkskapitaal was. Dit is nie betaal vir thymus peptiede nie. Med-Alpha was die verskaffer van thymus peptied. Hulle het insolvent gegaan. 500gr.daarvan is baie maar as dit nie suiwer is nie is dit nie vreeslik baie nie. Med-Alpha het besigheid gedoen in biologiese produkte. Hy is nie gevra om te soek vir 'n peptied sintetiseerder nie. Die beskuldigde was wel geïnteresseerd om een te koop. Hy is deur Webster gevra om 'n promesse te teken vir die terugbetaling van die CHF500 000, werkskapitaal en hy het dit wel geteken maar hy het nooit die bedrag terugbetaal nie.

[607] Oor die Medchem Forchungs Blackdale rekening sê hy dat Medchem Forchungs 'n bedrag van R12 miljoen (\$4,5 miljoen) ontvang het. Dit is in sy persoonlike rekening inbetaal en oorgeplaas na Mechem Forchungs, na 'n spesiale rekening wat vir die doel ge-open is sodat dit nie sou vermeng met Medchem Forchungs se geld nie. Hy moes maandeliks betalings maak aan MCI volgens dr. Mijburgh se instruksies. Daar was geen verbintenis tussen Medchem Forchungs en MCI nie. Hy ken vir Zimmer maar het nie enige besigheid met hom gedoen nie. Hy het nie geweet dat hy by Blackdale betrokke was nie. \$2,5 miljoen is verbind as sekuriteit vir die betaling van die Jetstar maar dit is later afgelos. Daar is eintlik 'n bedrag van \$2,3 miljoen belê maar saam met rente was daar \$2,5 miljoen beskikbaar as sekuriteit. Hulle kon steeds al die nodige betalings na Suid Afrika maak. Op 10 Oktober 1990 is 'n bedrag \$154 338 betaal as die uitstaande bedrag op die Jetstar om te verhoed dat die sekuriteit opgeroep word.

[608] Hy vertel dat hy 'n Suid Afrikaner deur die beskuldigde of Mijburgh ontmoet het wat hom \$75 000

betaal het om 'n "microchip" te kry. Hy het dit gedoen. Hy het 'n rekening in die Arzi Bank gehad. Daar is kontantbedrae van £55 000, £23 000 en £109 000 wat vanaf koeriers ontvang is, gedurende September 1991, in die rekening inbetaal. Die beskuldigde het hom meegedeel dat hy vriende in die Verenigde Koninkryk het wat groot bedrae kontant het en hy wou weet of 'n bank dit sou ontvang. Op 8 Oktober 1991 is 'n bedrag van £180 000 uit daardie rekening oorbetaal in die Barcelona rekening. Op 19 November 1991 was daar 'n verdere deposito van £150 000 in kontant. Daar was ook EU effekte van £182 000 en £154 000. Dit is verkry om rente op die geld te verdien. Op 15 Julie 1992 is £486 000 oorgeplaas na die Barcelona rekening. Op 26 Augustus 1992 is £150 000 oorgeplaas na die Barcelona rekening. Hy het op instruksies van die beskuldigde 'n bedrag van £67 800 aan Purvis ('n Jetstar loads) betaal. Daar was ook betaling van 'n bedrag £100 000 aan Colin Chisholm op instruksies van die beskuldigde. Hy weet nie wie Chisholm is nie. Daar is 'n bedrag van £60 000 aan Medchem Forchungs betaal as gedeeltelike betaling van die penicillin en CHF160 000 is in kontant onttrek en aan die beskuldigde betaal. Hy getuig verder oor 'n aantal betalings wat ook blyk Bruwer se getuienis. Die betalings het geskied in opdrag van die beskuldigde. Daar is o.a. 'n bedrag van £250 000 aan BRCI betaal gedurende Februarie 1993. Daar was kontant depositos van tussen £1,2 miljoen en £1,5 miljoen.

[609] Hy verwys na TV25, 'n kontrak tussen PCM en Pretex. Pretex was verteenwoordig deur Viljoen. PCM het \$89 000 aan Pretex geleen op 17 Junie 1991. Die beskuldigde was 'n getuie tot die ooreenkoms. Hy het vir hom gesê dat Viljoen se gesondheid swak was en dat hy die reg gehad het om 'n maatskappy te kry. Die geld het van PCI gekom en hy weet nie of die lening terugbetaal is of nie. Hy weet ook nie waar die geld vandaan gekom het nie. Hy het 'n rekening, Chu Trading ge-open en het 'n bedrag van \$100 000 oorgeplaas na die Barcelona rekening. Hy het van Fancourt gehoor deur die beskuldigde en Mijburgh. Hy was onder die indruk dat hulle besig was om dit te koop. Die aankoop van 'n gholfbaan in België is ook genoem. Hy weet dat Webster WPW verteenwoordig het. Hy het hom in Orlando ontmoet en hulle het oor Medchem en die vigsprojek gepraat.

[610] Die beskuldigde het Truter aan hom voorgestel as 'n finansiële konsultant en 'n trustee met geld.

Truter het hom vertel dat hy geld gehad het wat belê moet word. Hy wou geld na projekte toe versprei. Daar was drie kontant onttrekkings van onderskeidelik CHF231 750, £20 000 en £6 200, wat hy aan die beskuldigde oorhandig het. Op 16 Augustus 1991 is 'n bedrag van \$100 000 na die Barcelona rekening oorgeplaas op instruksies van óf die beskuldigde óf Truter. Daar was ook verdere oorplasings van \$171 458, £220 000 en £250 000. Daar was 'n piesangtransaksie. Dit het niks met die beskuldigde te doen gehad nie. Iemand het hom (die getuie) gevra om die invoer van piesangs uit Equador te finansier. Hy het die beskuldigde ingelig dat dit korttermyn finansiering sou wees en dat daar 'n groot wins te maak was. Die beskuldigde het toegestem en hy het \$700 000 uit hierdie rekening gebruik. Daar was ongelukkig vertragings en alhoewel 'n gedeelte van die \$700 000 verhaal is was daar 'n verlies van \$120 000. Truter en sy beleggers het dit verloor. Hy het nie geweet dat Truter in diens van die SAW was nie.

[611] Oor die Contresida projek getuig hy dat vanaf ongeveer November 1988 die gebruik van die kalf thymus ekstrak ter sprake gekom het. Dit is gebruik vir kosmetiese doeleindes en by navorsing oor veroudering maar ook vir vigs navorsing. Daar was 'n Pan Afrikaanse projek om vigs te beveg en madame Mitterand was die beskermmer daarvan. Daar was ook 'n professor Gentilini betrokke. Die beskuldigde wou betrokke raak by die projek vir die Engelssprekende gedeelte van Afrika. Dit het die verskaffing van middels en diagnostiese instellings behels. "n Bedrag van \$50 miljoen was nodig. Dit sou kon geskied as die S A regering terugbetaling van die bedrag sou waarborg. Uiteindelik is \$100 000 000 genoem. Die beskuldigde moes met sekere mense praat. Dit het vir hom realisties gelyk en hy het 'n rekening in Liechtenstein ge-open. Hy het die details verskaf aan die bestuurder van die bank, Banque National de Paris. Chu12 is 'n lang dokument wat deur die beskuldigde aan hom gegee is. Hy bevestig dat hy die uitlener van die \$100 miljoen sou wees. Daar was 'n versoek dat sekere briewe verskaf moes word en die beskuldigde het dit gedoen. Die lening het nooit gematerialiseer nie.

[612] Hy het van Graham Gibson gehoor. Daar sou kliniese toetse gedoen word. Die kliniese navorsing het nooit plaasgevind nie. Hy het nie te veel te sê oor die feit dat die eiendomsreg in die resultate in Medchem Forchungs sou setel nie. Toe die beskuldigde in Switzerland gearresteer is het hy hom gevra om vir hom 'n

Switserse prokureur te kry. Hy het vir hom 'n prokureur gekry. Hy dink sy naam was Battegay. Hy het nie genoeg geld gehad om die CHF100 000 bymekaar te kry nie. Daar was wel CHF36 000 wat hy vir Chris Marlow gegee het. Marlow het die borggeld aan die hande gekry. Die beskuldigde het hom nie gesê waarom hy gearresteer is nie. Hy het net gesê dat dit met waardepapiere te doen het en dat dit 'n gekompliseerde storie is. Hy het wel by die borgeansoek getuig. Hy het gepraat van die beskuldigde as 'n besigheidsman. Daar was ook getuienis dat die beskuldigde op die langtermyn in Switzerland wil bly. Daar is daarna verwys omdat die beskuldigde so baie in Switzerland gekom het.

[613] Hy het Jacomet gedurende 1988 as 'n besigheidsman ontmoet. Hy is nooit gevra om rekenaars en hardeware te vernietig nie. Hy het die beskuldigde gedurende 1997 en 1998 gekontak oor uitgawes van IBS en Medchem Forchungs. Die beskuldigde het hom gevra om dit deur te faks na prokureur Malan. Hy het later gebel. Die bedrag is steeds uitstaande. Hy het nie geweet dat die beleggers Libiërs, Oos-Duitsers en Russe was nie. Hy het die WPW groep as Suid Afrikaanse beleggers beskou. Hy het nie betaal vir sy 50% van die aandele in Medchem Forchungs nie. Hy het ses of sewe keer na Suid Afrika gekom. Hy het eerste klas gevlieg met kaartjies wat aan hom voorsien is. Hy het die beskuldigde se dogter ontmoet. Sy was in 'n afrondingskool in die Franssprekende deel van Switzerland. Die beskuldigde is die peetpa van sy kind. Hulle het vriende geword.

[614] Tydens kruisverhoor het hy toegegee dat die beskuldigde geen voordeel uit Medchem Forchungs getrek het nie. Eintlik het net hyself voordeel geput uit Medchem Forchungs. Dit is moontlik dat Jacomet die beskuldigde aan hom voorgestel het. Hy ontken dat hy enigiets weet van Jacomet se bedrywighede. Hy gee nie toe dat hy bewus was daarvan dat Jacomet verbonde was aan die Switserse Intelligensiediens nie en ook nie dat Jacomet hom voorgestel het as sanksieontduiker en geldwasser nie. Dit word aan hom gestel dat hy betrokke was by ontduiking vir die Oosblok. Dit word aan hom gestel dat Jacomet betrokke was by die Contresida projek. Hy sê dat hy dit nie geweet het nie. Hy word verwys na DAW139 waarin Webster hom versoek om Jacomet in kennis te stel. Dit blyk verder uit die dokument dat hy Kaapstad toe moes gaan om goedkeuring vir die projek te kry. Hy hou vol dat hy nooit kontak gemaak het met Jacomet oor Contresida nie

of dat Jacomet daarby betrokke was nie.

[615] Die masjien wat “microchips” kon vervaardig kon wettiglik verkoop word, ten spyte van die sanksies. Hy bevestig egter dat die persone wat daarby betrokke was Grant Wentzel en Gerry Brandt was en dat hulle in die VSA gearrester is. Dit word aan hom gestel dat hy die kommissie gekry het en dat een van hulle skuldig bevind is en dat die ander een gevlug het. Wanneer dit aan hom gestel word dat hy gelieg het oor die transaksie is sy reaksie dat hy vergeet het. Dit word aan hom gestel dat die £80 000 wat hy gekry het vir die penicillin transaksie eintlik kommissie vir sanksieontduiking was. Wanneer dit aan hom gestel word dat 5 miljoen eenhede penicillin vyf bottels is wat R7,35 kos antwoord hy dat 5 miljoen bottels uitgevoer is. Dit word aan hom gestel dat hy saam met Oosblok vriende betrokke was by die sanksieontduiking en dat die penicillin ‘n dekstorie was. Hy word verwys na Chu7 (‘n bankstaat) en dat word aan hom gestel dat hy die bank versoek het om die verwysing na penicillin daarop aan te bring sodat dr. Rittman dit kon sien. Hy word ook verwys na Chu8 waarop daar ook slegs in die geval van die penicillin ‘n verwysing daarna is. Hy sê ook dat hy nie bewustelik betrokke was by die skepping van vals dokumente nie. Hy word dan verwys na Chu 12. Hy sê dat hy steeds deel was van die Contresida ooreenkoms. Dit word egter aan hom uitgewys dat dit twee jaar na die eerste Contresida projek was, dat die woord Contresida nie daarin voorkom nie, dat hy die lener sou wees en nie meer die uitlener nie, soos in DAW138 nie, en dat dit ‘n geldwas skema was. Contresida sou ook nie geld leen nie maar die beskuldigde en andere. Dit word verder aan hom uitgewys dat slegs hy tekenmagte gehad het. Dit word aan hom gestel dat hy die fondse ten volle beheer het. Hy is verstom oor die verskille.

[616] Dit word aan hom gestel dat hy saam met die Oosblok gewerk het. Hy het saam met ‘n persoon Ray gewerk wat hy aan die beskuldigde voorgestel het. Dit word aan hom gestel dat hy ook saam met Dieter Dreier en ene Simon gewerk het. Hy erken dat hy vir Dreier geken het. Dit word aan hom gestel dat hy en Dreier gelyktydig saam met die beskuldigde na die VSA gegaan het. Dit word verder aan hom gestel aangaande die \$4,58 miljoen dat die Blackdale, Medchem Forchungs en MCI ooreenkomste skynoooreenkomste was. Hy kan nie verduidelik watter dienste Blackdale aan Medchem Forchungs moes lewer nie en welke dienste MCI aan Blackdale moes lewer nie. Sy enigste antwoord is dat dit aan ‘n direksie

voorgelê is en dat die direksie tevrede was. Hy hou vol dat Medchem Forchungs se enigste funksie dié van betaalmeester was. Hy was onder die indruk dat MCI werk vir Blackdale moes doen. Hy moes bloot koördineer. Hy weet nie waar die geld vandaan gekom het nie. Daar was van tyd tot tyd versoeke vanaf Mijburgh vir betaling. Alhoewel hy nie weet waar dit vandaan gekom het nie glo hy dat die geld van 'n Europese onderneming gekom het wat werk in Suid Afrika gedoen wou hê. Hy het geglo dat die \$4,5 miljoen aan MCI behoort het en dat die ooreenkoms 'n baie vertroulike ooreenkoms was. Hy het nie by Blackdale uitgevind of die dienste gelewer is nie sodat hy uitbetalings kon maak nie. Hy dink die Eoropeërs het sintetiese materiale nodig gehad. Wanneer dit aan hom gestel word dat die ooreenkomste bloot opgestel is om die direksie en die bankiers tevrede te stel is sy reaksie dat dit aan die direksie voorgelê is. Dit word aan hom uitgewys dat in terme van bewysstuk F13.5 'n gedeelte van die \$4,5 miljoen as 'n lening vanaf Blackdale getoon word sê hy dat daar groot polemieë op die direksie daaroor was en hy glo dat dit verander is.

[617] Oor aanklag 15 bevestig hy dat die hele bedrag van \$154 338 terugbetaal is aan MCI. Daar is verkeerdelik 'n bedrag van \$250 000 in 'n Amerikaanse rekening inbetaal. Dit is later terugbetaal en aan MCI oorbetaal. Hy bevestig verder dat hy gereël het dat die beskuldigde Libiese agente ontmoet. By geleentheid het hy hom vergesel na Tunisië. Dit is so dat WPW geen betalings van Medchem Forchungs ontvang het nie. Hy ontken nie dat hy \$80 000, CHF160 000, CHF150 000, CHF231 000 en die oorspronklike CHF750 000 ontvang het nie en dat die ander aandeelhouer niks gekry het nie. Hy het opdrag gekry om CHF5 000 oor te betaal ten behoeve van die beskuldigde se dogter. Hy gee egter toe dat hy nie seker is wie hom opdrag gegee het om vir die bestaling van die Jetstar te reël nie, dit kon die beskuldigde of Webster gewees het. Alle instruksies wat hy van Webster gekry het, het hy met die beskuldigde bespreek.

[618] Dit word aan hom gestel dat die eerste bespreking oor die thymus peptied by die Hotel Basel plaasgevind het en dat die beskuldigde, hyself en 'n oud-werknemer van Med-Alpha teenwoordig was. Dit word verder aan hom gestel dat die peptiede by die Hotel International aan die beskuldigde oorhandig is en dat Dreier teenwoordig was. Die beskuldigde is nie seker of die getuie self teenwoordig was nie. Dit word dan aan hom gestel dat hy die transaksie gefasiliteer het. Hy onthou dat die beskuldigde gedurende 1988/89

belang gestel het in 'n peptiedsintetiseerder. Dit word aan hom gestel dat die Maize Corporation die frontmaatskappy van die Russiese Hulle het wetenskaplikes per ooreenkoms uitverhuur. Hy ontken nie dat hy groot bedrae kontant ontvang het nie en dat hy by een geleentheid London toe gegaan het om 'n bedrag van \$30 000 te ontvang nie. Hy het CHF20 000 ontvang vir die deponering van die kontantgeld. Wanneer dit aan hom gestel word dat dit geldwas transaksies was ontken hy dit en sê hy dat dit wettige transaksies was. Hy het bloot sy vriend (die beskuldigde) 'n guns bewys. Dit word verder aan hom gestel dat die masjien wat die "microchips" kon maak, waaroor Wentzel gearrester is bestem was vir Bulgarye. Hy wou aanvanklik nie in Suid Afrika getuig nie omdat hy sulke regsadvies gekry het. Nadat hy later met mnr. Ackermann, in Bern, gepraat het, het hy van besluit verander.

[619] Hy hou steeds vol dat hy in die Blackdale ooreenkoms betrokke was omdat Medchem Forchungs fondse benodig het om lopende uitgawes te dek. Medchem Forchungs is gestig vroeg in Januarie 1990. In Switserland moet 'n maatskappy 'n eie bankrekening hê omdat dit 'n aparte regspersoon is. Die CHF450 000 was 'n lening aan Medchem Forchungs. Die geld was vir 'n lang ruk in sy eie rekening, sodat hy meer rente kon verdien, maar dit is uiteindelik oorgeplaas in die rekening van Medchem Forchungs. Hy het CHF80 000 per jaar vir twee jaar ontvang vir die Blackdale ooreenkomste. Hy het eers agtergekom dat die geld nie van Blackdale af gekom het nie maar van Suid Afrika af gedurende 2000 toe hy met mnr. Ackermann gepraat het. Hy was vreeslik verbaas. Hy ontken dat dit 'n geldwas transaksie was en sê dat 'n navorsingsooreenkoms was. Wanneer dit aan hom gestel word dat hy geweet het dat die geld van Volkskas Bank in Suid Afrika gekom het sê hy dat iets van Volkskas kan onthou. Hy kan nie ontken dat die bedrag van \$4,653 miljoen in opdrag van die beskuldigde en generaal Knobel deur Truter oorgeplaas is na Europa. Nadat hy erken het dat die rekening Chu PM Trading spesifiek vir hierdie doel ge-open is in die U S Bank in Alschwill en dat hy dit ook vir KEEM gesê het word dit aan hom uitgewys dat die geld eers na sy rekening in die Banque National de Paris oorgeplaas is en dat daardie bank geweier het om sy rekening te krediteer maar die geld teruggestuur het na Volkskas. Dit is toe oorgedra na sy rekening in Alschwill. Hy sê dat hy dit vergeet het. DJT6H is 'n dokument wat hy persoonlik aan Truter geskryf het. Daarvolgens het hy geweet dat die geld vir Delta G bestem was. Dit word verder aan hom gestel dat die bedrag van £80 000 kommissie was en niks met

penicillin. Sy antwoord is dat die beskuldigde hom opdrag gegee het om die bedrag uit die Engelse rekening oor te plaas. Wanneer hy weer eens aanvoer dat hy nie bewus was daarvan dat die beskuldigde of Truter verbonde was aan die SAW nie word dit aan hom gestel dat hy na die SAW Hoofkwartier geneem is waar sy tas deur 'n X-straal masjien gesit is. Hy bevestig dat dit verband gehou het met rekenaar onderdele en metaal voorwerpe. Hy voer aan dat hy gevra is om dit na Europa te neem maar dit word aan hom gestel dat hy dit uit Europa na Suid Afrika moes bring. Hy bevestig dat hy groot bedrae in kontant £50 000, £45 000, £50 000, £90 000 en £45 000 aan individue betaal het vir dienste wat gelewer is. Wanneer dit aan hom gestel word dat dit was vir die verkryging van sensitiewe toerusting en chemikalieë en te doen gehad het met sanksie ontduiking ontken hy dat enigiets daarvan geweet het. Hy gee egter toe dat hy onbewustelik daarmee kon gehelp het. Hy gee toe dat daar baie meer betalings gemaak is as die vyf waaroor hy in Switserland getuig het maar sê dat hy slegs oor hulle getuig het omdat daar net van hulle dokumentêre bewys was.

[620] Dit word aan hom gestel dat die een substans wat ingevoer is nie prostaglandien E2 was nie maar iets anders omdat dit in Suid Afrika beskikbaar was. Hy ontken verder dat hy geweet het dat die beskuldigde gearresteer is maar gee toe dat hy die beskuldigde by die lughawe saam met die polisie gesien het en dat hy toe die mense in Suid Afrika gebel het. Dit word aan hom gestel dat Medchem Forchungs tot stand gekom het vir sanksie ontduiking en dat die Oosblok ook sanksies moes ontduik en dat die kontantgeld vir daardie doel gebruik is. Hy gee toe dat as die Switserse regering sou uitvind dat hy by sanksie ontduiking betrokke was hy in groot moeilikheid sou kom. Wat hom aanbetref was die beskuldigde bloot 'n verteenwoordiger van WPW. Hy was wel geïnteresseerd om thymus peptied te koop. Die \$154 338 van aanklag 15 is in opdrag van die beskuldigde of Webster betaal, is terugbetaal en was nooit MCI fondse nie maar sy eie fondse. Dit word verder aan hom gestel dat die R130 000 (CHF75 000) wat betrekking het op aanklag 17 en op 26 Februarie 1990 in sy rekening inbetaal is waarskynlik oorbetal is om hom in staat te stel om iemand anders te betaal. Hy bevestig dat die beskuldigde 'n peptied sintetiseerder gesoek het en dit word aan hom gestel dat die piesang transaksie 'n amptelike transaksie was. Hy bevestig dat die tweede gangbaarheidstudie gedoen is in opdrag van die direksie van RNL en dat RNL daarvoor betaal het en dat daar ook 'n derde gangbaarheidstudie was toe daar gepoog is om RNL te vestig in die Europese mark. Dit word aan hom gestel

dat die SAW hom, aan die einde van 1993, \$36 000 betaal het vir sy dienste met die beskuldigde se arres en aansoek om borg.

[621] Tydens herverhoor hou hy voet by stuk dat die 1989 en die 1991 Contresida ooreenkomste dieselfde ooreenkoms is. Hy sê ook dat Me. Suter die senior vise president van die bank was. Hy bevestig dat hy saam met die beskuldigde na Gerba in Tunisië is maar sê dat dit enige tyd tussen 1991 en 1993 kon geskied het. Hy was net vir twee uur daar. Dieter Dreier is 'n Switserse burger wat in Switzerland woon en nie baie ryk is nie. Hy het nie produkte voorsien aan die Oosblok intelligensiediens nie en was ook nie betrokke by farmaseutiese produkte nie. Hy ken vir Ray maar hy is nie betrokke by die Oosblok nie. Simon is nie ryk nie. Hy is ook nie by die Oosblok betrokke nie. Hy het 'n besigheid om toeriste toere na Namibië te reël. Toe hy die Suid Afrikaners in kennis gestel het dat die beskuldigde gearresteer is het hy dr. Mijburgh geskakel.

[622] Met vergunning het daar verdere kruisverhoor plaasgevind waaruit dit aan die lig gekom het dat Simon Pura hom met 'n privaat straler vanaf Switzerland Namibië toe gebring het. Die vliegtuig is toe spesiaal gestuur om die beskuldigde, dr. Mijbergh en Bosch te kom haal en na Namibië te neem. Dit het plaasgevind iewers gedurende 1996 of 1997. Simon wou 'n jagplaas in Namibië koop. Dit word aan hom gestel dat die jagplaas die hoofkwartier van 'n intelligensie netwerk sou wees.

[623] **Christiaan Baden Marlow** is 'n advokaat met 'n B. Com LL.B. Hy het vanaf 1985 gepraktiseer as 'n advokaat in Kaapstad. Hy is in 1986 met die dogter van die sakeman, André Pieterse, getroud. Pieterse het Fancourt begin. Die getuie was 'n direkteur van Fancourt. Hy en Phillip Mijburgh ken mekaar van kleins af. Hy het geweet dat Mijburgh by Delta G betrokke was. Hyself het konsultasies met mense in die farmaseutiese bedryf gehad. Mijburgh het hom gevra om Delta G te besoek. Hy is gevra om mense van die privaat sektor te oorreed om Delta G te gebruik. Hy was onder die indruk dat Delta G 'n deel van Krygkor was. Hy het toe later besef dat dit 'n front van die SAW was. Mijburgh het hom versoek om betrokke te raak en later het hy op 'n **ad hoc** basis betrokke geraak. Hy het kontak gehad met Sentrachem en Heinkel. YCVM was ook geïnteresseerd om van sy dienste gebruik te maak. Aanvanklik is hy per opdrag betaal maar later het hy 'n vaste salaris

ontvang. Hy het begin by R9 000 per maand maar dit het mettertyd ge-eskaleer. Hy was vir drie-en-'n-half jaar vanaf begin 1989 in diens. Hy moes 'n studie maak van 'n klomp dokumente oor CBO. Hy het in Stellenbosch gebly. In 1993 het hy na Pretoria getrek. Hy het mondelings verslag gedoen aan Mijburgh.

[624] Hy het die beskuldigde deur Mijburgh ontmoet na sy eerste besoek aan Delta G. Hy het geweet dat Mijburgh jaarliks aan die beskuldigde moes rapporteer. Hy is later aan Swanepoel voorgestel. Hy het later bewus geword van Sefmed omdat dit kantore gehad het in dieselfde gebou as MCI. Die MCI groep was die eienaar van Delta G. Hyself het die maatskappy gestig. Hy was ook die stigtersdirekteur en aandeelhouer. Dit sou die voertuig wees waarin Mijburgh sy aandele sou hou. Die aandeelhouding het eers later ter sprake gekom. Mijburgh het hom gevra om vir hom 'n familietrust te stig, wat moes omsien na sy vrou en kinders se belange. Die MCI aandele sou daarin setel. Mijburgh het die naam MCI gekies.

[625] Hy was bewus van die privatiseringsaksies. Daar sou groot geld betrokke wees. Dit is by verskeie geleenthede bespreek. Die beskuldigde het 'n rol gespeel as projek-offisier. Die bedrae is kontraktueel bepaal. Die beskuldigde en Mijburgh het hom in Stellenbosch gekonsulteer oor die kansellasieklousule en wou seker maak dat die bedrae vasstaan. Hy het geadviseer dat dit wel vasstaan. Die beskuldigde was die SAW se verteenwoordiger. Daar is berekeninge gemaak vir verskillende termyne, drie jaar en vyf jaar. Dit was standaard Krygkor berekeninge. Vanaf April 1990 is die aandele oorgedra, 75% aan Mijburgh en 25% aan die navorsingspersoneel. Daarna is die navorsingsooreenkomste geteken. In Augustus 1990 is die kontrakte gekanselleer. Op die ou end is R15 miljoen betaal. RNL het dieselfde pad gevolg. Hy was ook op die direksie van RNL. Hy, Mijburgh se vader en Pierre Theron was trustees van die Phillip Mijburgh trust.

[626] Met die stigting van BRCI was hy 'n aandeelhouer en die besturende direkteur. BRCI het groot geld geleen by Swanepoel se trust, die WP Swanepoel trust, en by Contresida, onderskeidelik R4,4 miljoen en R4,6 miljoen. Met die verkoop van Merton huis is Swanepoel en MCI terugbetaal. BRCI het op 1 Maart 1991 tot stand gekom. Dit is besluit dat die WPW groep hulle belange terugbring na Suid Afrika. Die beskuldigde het gepraat van 'n nuwe maatskappy wat hy Investments New Company (Pty) Ltd. genoem het. Die beskuldigde het 'n organigram aan hom oorhandig. Hy was bewus van die Wisdom groep. Die nuwe

maatskappy sou die houermaatskappy wees. Daar was verskeie gesprekke. Hy moes met Swanepoel ook konsulteer. Die beskuldigde het op hom besluit omdat hy hom betreklik goed geken het. CBM1 is die organigram. Dit is in die beskuldigde se handskrif. Die beskuldigde het aan hom verduidelik dat WPW Inc. die houermaatskappy van die Wisdomgroep was en dat dit deur Webster bestuur word. Die voordelige eienaar van BRCI was WPW. Hyself kon die ouditeure en prokureurs kies. Die boekwerk sou deur Viljoen gedoen word en die administrasie en ander boekhou deur Bosch. BRCI sou die Wisdom moratorium lening oorneem. Dit was 'n bedrag van £1,3 miljoen. Die maatskappy sou ook aansoek doen vir 'n verdere moratorium lening van £1 miljoen. Die vierde blokkie (in die organigram) waarin daar staan "PAM later" dui daarop dat die maatskappy moontlik later 'n belang in MCI kon kry. Hy is nie baie seker watter kontrakte hy met Webster bespreek het nie.

[627] Na die stigting het die beskuldigde en Webster hom op kamers in Kaapstad besoek en hy het aan hulle verslag gedoen oor die vordering. CBM 2 is sy vooruitskouing en is gedateer 3 Februarie 1991. Mijburgh sou moontlik later inskakel. Hy het wel kontakte gehad met die Rembrandt groep. Daar was wel pogings om MCI in te skakel by BRCI. Hy weet van Medchem Pharmaceuticals. Dit is bestuur deur Steven Beukes en sou aptekersware versprei. Hy weet van Lifestyle Management en dat MCI 'n belang daarin gekry het. CBM 3 handel oor 'n 'n lening van \$1,5 miljoen deur Luft aan Careen (Pty) Ltd. Dit het nooit plaasgevind nie, omdat Luft nie die nodige fondse gehad het nie. Dit word in verband gebring met C3.5 en SB13A wat aantoon dat 'n bedrag van R4,5 miljoen beskikbaar sou wees en dat R2,5 miljoen en R 2 miljoen na MCI sou gaan. Careen was 'n filiaal van BRCI. Luft was die WPW in Europa. Luft was betrokke by GGI. Die aandeelhouding in GGI is tydens 'n vergadering in Zimmer se kantoor bespreek. 98% van die aandele sou deur Luft gehou word en hy en Zimmer sou elk 1% hou as genomineerde. GGI was onder die indruk dat dit 'n beleggingsbedrag van \$1 miljoen gehad het en hulle het opdrag gekry om voort te gaan. Die beskuldigde het met Zimmer gepraat oor die moontlikheid dat Luft 'n houermaatskappy van WPW sou word. Bates wat ter sprake was by Luft was die woonstelle in Brussels. Dit het aan WPW behoort. Een was 'n wooneenheid. Die ander was 'n kantoor met 'n kombuis en 'n slaapkamer. Hy was meer as een maal saam met die beskuldigde by die woonstelle. Hy het selfs daar oornag. 'n Ander bate was die "cottage". Dit moes ook na Luft oorgedra

word. Hy het verskeie kere (seker meer as twintig kere) in die “cottage” oornag. Dit was die eiendom van WPW. Hy het daar gebly op uitnodiging van die beskuldigde. Hy het party maal daar gebly vir besigheid maar hy het ook daar gebly vir vakansie en soms was besigheid en vakansie gekombineer. Mense wat saam met hom daar was was Mijburgh, die beskuldigde, Swanepoel Webster en ook Webster se gade. Hy weet nie van Oos-Duitsers en Libiërs wat daar was nie.

[628] Hy het ‘n werkskontrak opgestel FA30. Dit was ‘n ooreenkoms tussen homself en WPW. Hy het die inligting by die beskuldigde gekry. Hy het dit voorgelê aan Webster. Webster het wysigings voorgestel. So het hy paragrawe 11 en 12 ingevoeg. Sy salaris was \$4 000 per maand. Betalings is gemaak aan Blue-Mar Investments. Webster het die maatskappy geïnkorporeer. Die beskuldigde het die ooreenkoms, FA30, geteken op 1 Maart 1991. Bosch en Viljoen was ook betrokke by soortgelyke ooreenkomste.

[629] Die befondsing van BRCI het uit lenings gekom. Daar was ‘n \$1 miljoen lening. Hy en Bosch het Nedbank geskakel maar hulle het gesloer en die transaksie is gefinaliseer deur die Societe General. Hy het geskakel met Webster en Zimmer. Die lening sou aangewend word vir die aankoop van Fancourt en vir die betaling van die lenings van Waag-‘n-Bietjie en die plaas Witbank. Die geld is nie presies so aangewend nie. Die plase is nie met Webster bespreek nie. Hyself kon van die kontrakte opgestel het. Wat Fancourt en die losie aanbetref kon hy vir Webster van inligting voorsien het. Hy het inligting vir Webster gegee maar hy het ook inligting van hom gekry. Hy kon ook van die inligting wat hy by Bosch gekry het vir Webster gegee het.

[630] Sedert 1991 was hy ook bewus van ‘n aantal maatskappye in die Wisdom groep. Hy het gereeld geskakel met Mijburgh, die beskuldigde en Swanepoel. Daar was ‘n boerdery, vliegtuigbedrywighede, ‘n reisagentskap, Merton huis en Wisdom Finance. Die beskuldigde, Viljoen, Swanepoel en Bosch was betrokke. Hy word uitgenooi om te sê dat die groep ‘n 50% belang in MCI gehad het maar hy sê dat dit nie so was nie. Die beskuldigde het hom gevra om ‘n aandeelhouersooreenkoms vir Waag-‘n-Bietjie op te stel. Die beskuldigde was die voorsitter van Wisdom Holdings se direksie maar Swanepoel was die besturende direkteur. Hy het nie met Webster daaroor gepraat nie. Die befondsing het ook deur lenings geskied. Hy was

nie aktief by die plase betrokke nie. Die plaas is deur BRCI aan Versluis verkoop. Hy het dit ook nie met Webster bespreek nie.

[631] BRCI het geld geleen vir die Merton huis projek. Hyself het dit stilswyend goedgekeur maar die bedrae is deur Bosch bepaal. Hy het die finansiële state onderteken¹⁸. Daar is 'n lening van R2,579 miljoen aan Waag-'n-Bietjie Boerdery toegestaan. Dit was 'n bodemlose put. Profinkor was 'n finansieringsmaatskappy wat deur Viljoen bestuur is. BRCI het 'n 70% belang daarin gehad en hyself en Viljoen elk 15%. Sy 15% is gereël met die beskuldigde. As hy iets daarvoor betaal het was dit bloot 'n nominale bedrag. Hy het nie besluite wat deur Profinkor geneem is bespreek of geneem nie. Dit was Viljoen se departement. Hy het wel R145 000 by Profinkor geleen en het dit net gedeeltelik terugbetaal. Hy hou sy regte voor wanneer hy gevra word of hy van plan is om die hele lening af te betaal. Hy sal dit met Viljoen bespreek. Waterson Properties en Partners In Travel het by Profinkor geleen. BRCI het 'n 100% belang in 'n dieretuin gehad. Viljoen het die dieretuin hanteer en 'n familielid van die beskuldigde was ook daarby betrokke. Hy het nie die dieretuin met Webster bespreek nie. Waterson Properties was Merton huis. Toe hy by die projek aangesluit het was dit 'n historiese gegewe. Dit is gebou as 'n gastehuis maar kon ook as 'n ambassade gebruik word. Hy het nie die bou van die huis met Webster bespreek nie. Dit is gebou deur die beskuldigde, Viljoen en Bosch. Hy weet nie van 92 terreinvergaderings nie. Hy het nie met die afwerking van die huis te doen gehad nie. Hy het wel sommige regsaspekte hanteer. Hy en Webster was wel by die stadsraad na sekere klagtes deur Eittel Kruger geopper is. Dit word aan hom gestel dat Waterson Properties *de jure* die eienaar van die huis was maar hy word uitgenooi om te sê wie werklik die eienaar van die huis was. Volgens hom was daar sprake dat hy en die beskuldigde vir 'n rukkie daar sou woon. Indien die beskuldigde in die bestuurder se woonstel sou bly sou daar nog baie plek gewees het vir hom om te bly. Die huis is verkoop om die verpligtinge af te los. Hy weet nie wat dit gekos het om die huis te bou nie maar dit is vir R7,5 miljoen verkoop. Die Libiese ambassade het 'n veel goedkoper huis gekoop. Hy getuig verder weer eens oor die lenings van RNL en MCI. Bosch het die lenings gereël. Aanvanklik was daar nie formele leningsooreenkomste nie omdat daar 'n vertrouensverhouding was tussen homself, die beskuldigde, Mijburgh

¹⁸ SB55.

en Swanepoel. Pierre Theron het egter aangedring op formele dokumentasie en hy het opdrag gegee aan 'n prokureursfirma in Johannesburg om dit te doen. Daar was toe skulderkennings, sessies van aandele en waarborge. Waterson Properties, Medchem Sports International en Careen se aandele is aan RNL gesedeer. Dr. Swanepoel moes ook Contresida aandele seeder aan RNL.

[632] Swanepoel het later kriewelrig geword toe waarborge nie dadelik gelewer is nie. Pierre Theron het druk uitgeoefen dat die lening so gou as moontlik terugbetaal moet word. Wanneer hy gevra word waarom BRCI MCI se skuld betaal het antwoord hy dat hulle dit so gereël het met Pierre Theron. Theron was bewus van die ontwikkeling van Merton huis. Daar was geen terugbetalings aan WPW Inc. nie. Daar was 'n huurkontrak tussen WPW en Careen. Careen sou Merton huis huur teen \$15 000 per maand. Dit was om kontantvloei te genereer. Geld was skaars. Dit was die kontantvloei vir die hele groep. Webster het Merton huis in gedagte gehad toe hy gepraat het van die kantore en die fasiliteite.¹⁹ Daar is R102 000 oorgeplaas vanaf WPW na Careen. Dit is ongeveer \$30 000 of twee maande se huur. Hy weet nie van 'n bomskuiling nie. Hy weet ook nie van 'n wynkelder nie. Die Libiërs is Moslems en drink nie. Die beskuldigde het gehou van Fancourt se binnehuisversiering. Me Larsen is na Fancourt en mev. Pieterse is na Pretoria.

[633] Hy ken vir Yusuf Murgham. Hy het hom by die beskuldigde se huis ontmoet. Hy het daar gewoon gedurende 1993/94. Dit was nadat die beskuldigde die SAW verlaat het. Hy was 'n amptenaar van die Libiese regering. Op daardie stadium was hy in Zimbabwe as 'n sakeman. Hy het kontakte in Libië gehad soos sy ouers en andere. Hy kon geleenthede skep as skakelbeampte. Dit het te doen gehad met die olie en die vervoer ens. Hy weet van die konsep van die spoorlyn. Hyself, die beskuldigde en Mijburgh was daarby betrokke. Die beskuldigde het geskakel met dr. Moolman van Transnet. Hyself was 'n geruime tyd in Libië. Hy weet nie wie vir die reise betaal het nie. Hy ken vir Libgro. Dit is 'n maatskappy wat in Libië besigheid sou doen. Hyself, die beskuldigde en Mijburgh was direkteure. Hy was verskeie kere in Libië oor ongeveer agtien maande tot in 1995. Dit het te doen gehad met potensiële besigheid vir Libgro. Hy glo dat Murgham betrokke was by die Libiese Intelligensiediens. Dit was sy verantwoordelikheid om rekenings te betaal by Merton huis.

¹⁹ DAW19.

[634] Hy het geweet dat die Rand Aksepbank aandele genoteer sou word en dat dit 'n goeie kansie gebied het om 'n winsie te maak. Daar is lenings bekom. Hy weet nie wie se voorstel dit was nie maar die geld is geleen by RNL en MCI. Daar was nie 'n leningsooreenkoms nie en die geld was onverseker. Daar is R3,5 miljoen geleen by RNL en R250 000 by MCI. Rente is gehef en betaal. BR Holdings het die aandele gekoop. Viljoen het getelefoneer en gesê die beskuldigde sê dat die aandele verkoop moet word. Die aandele is vir R5,9 miljoen verkoop. Die wins was R1,9 miljoen en dit is aangewend in die BRCI groep. Hyself het wel kommissie gekry.

[635] Hyself het die trustakte van Aries trust opgestel. Anette Versluis en haar kinders uit haar huwelik met die beskuldigde was die begunstigdes. Die huis in Ariesstraat moes ontwikkel word. Dit sou befonds word uit 'n lening vanaf die beskuldigde en me. Versluis. Die beskuldigde moes R500 000 voorskiet aan die trust. Die trust sou dan die huis koop van die beskuldigde se moeder vir R400 000. Die R400 000 sou uit die lening kom. Die R500 000 word in BRCI se boeke gereflekteer as 'n lening. Hy het nie geweet dit kom uit die Rits rekening nie. Hy het nou eers gehoor van die rekening. Webster het hom nie van die rekening gesê nie. Die lening was rentevry en daar was nie sekuriteit nie. Hy weet ook nie van skulderkennings tov die lening nie. Hy het nie 'n rol gespeel by die verskaffing van die lening nie. Daar is verskeie eiendomme aangekoop nl. ook Erf 376, Waterkloofrif vanaf Nienaber en Collegelaan 35, Muckleneuk. Daar was 8 lenings tot 'n totale bedrag van R870 000. Daar was lenings van R1,8 miljoen in totaal en dit was rentevry sonder dat 'n datum vir terugbetaling vasgestel is. Hy bevestig vir die soveelste keer dat die bedrae van \$100 00 en \$150 000 by die Reserwe Bank verklaar is as "Tegnologie verkope". Bosch het die dokumente ingevul en hy het dit geteken. Hy het ook 'n leningsooreenkoms opgestel van Aries trust en Waterson trust. Webster het hom versoek om 'n konsep op te stel. Hy het dit gedoen en dit is geteken.. Hy was nie bewus van tegnologie verkope nie. Die beskuldigde het hom gesê dat hy probleme sal hê met die Reserwe Bank en dat hy met hulle in verbinding sou tree. Die ooreenkoms is na September 1993 opgestel. Die \$250 000 is met rente terugbetaal. Hy weet nie wie dit gedoen het nie. Webster het hom versoek om aan te teken dat die lening van Waterson trust net vir \$250 000 was en nie vir \$500 000 nie.

[636] Oor die aankoop van Fancourt deur MSI word hy verwys na CBM8. Dit is in die beskuldigde se handskrif. Sy paraaf by 31 Januarie 1991 kom regs bo voor. Dr. Mijburgh het by hom gekom en hom meegedeel dat hy en die beskuldigde graag 'n eenheid by Fancourt wou koop. Hy het geweet dat die aankoop deur 'n maatskappy sou geskied. Hy het nie geweet waar die geld vandaan sou kom nie. Hy het dit nie met Webster bespreek nie. Hy weet nie wie die naam van die maatskappy gekies het nie. Hyself, die beskuldigde en Mijburgh sou direkteure wees. Die beskuldigde het egter nie later 'n direkteur geword nie en hy het aangedring dat daar nie rente betaal word voor okkupasie nie. Die geld vir die aankoop sou seker uit die BRCI groep gekom het. Die lidmaatskap is beperk tot lede in die WPW groep van maatskappye. Hyself sou lidmaatskap kry. Die eenheid is gekoop, later verkoop en met 'n ander een vervang. Die assosiate waarvan gepraat is, was seker maar Swanepoel, hyself, Viljoen en Bosch. So ver hy weet was Webster nooit 'n lid nie. Mijburgh het gekoop namens MSI. Hy weet nie waar die geld vandaan gekom het nie. Na aanleiding van F18.13 meen hy dat die fondse by MCI geleen is. Die lening is terugbetaal deur BRCI. Die direkteure in MSI was Mijburgh, Marlow en Bosch. MCI het ses lidmaatskappe verkry, waaronder die beskuldigde en Mijburgh. Die houermaatskappy van MSI was Waterson Properties. Die plek is later verkoop. Bosch het besluit om te verkoop. Hy weet nie wat van die opbrengs geword het nie. Hy het seker omtrent tien besoeke daar afgelê, golf gespeel en vakansie gehou. Hy was by Viljoen se 50ste verjaarsdag waar die beskuldigde die gasheer was. Viljoen het 'n Rolex horlosie gekry. Daar was nie Oos-Duitsers, Russe of Libiërs nie. Hy was een of twee maal saam met die beskuldigde by Fancourt met die Jetstar. Hy was 'n direkteur van die oorspronklike Fancourt totdat dit gelikwideer is.

[637] Die Five Nations golfbaan was 'n 9-putjie baan waarby Gary Player betrokke was. André Pieterse het dit gesien en raakpunte met Fancourt gesien. Hyself het toe na die projek gaan kyk. Daar was verskeie Suid Afrikaners daarby betrokke. Hulle het 'n miljoen dollar gesoek. Hy het die beskuldigde gevra vir fondse en die beskuldigde het gesê dat hy dit sal opneem met Webster. Die beskuldigde het hom gevra om die projek te ondersoek. Hy het Zimmer ontmoet en by hom in Luxembourg gebly. Zimmer het Europese bankpraktyke baie goed geken. Die beskuldigde het ook die baan besoek en die eiendom besigtig. Hyself het

briewe gerig aan verskeie mense. As gevolg van onderhandelinge is GGI gestig en hy en Zimmer was direkteure daarvan. Zimmer sou vergoed word vir sy administratiewe werk. GGI het fondse by Luft geleen. Daar was 'n behoefte aan fondse. Die verkryging daarvan is met die beskuldigde bespreek en hy het onderneem om met Webster te praat daaroor. Later was daar nie meer fondse nie en die gholfbaan het doodgeloop. Daar was 'n verlies van meer as 'n miljoen rand.

[638] Daar is oorweging geskenk aan die aankoop van Fancourt vir R40 miljoen. Die beskuldigde, Scholtz, Mijburgh en Zimmer was daarby betrokke. Daar was 'n versoek dat tyd verleen moes word om fondse te vind. Hy kan nie sê dat hy die moontlike aankoop persoonlik met die beskuldigde bespreek het nie. Daar was sprake van toonderstukke - Trans American Securities en Banco di Napoli bonds. Toe hy in London was het die beskuldigde 'n vergadering in die Meridien hotel bygewoon. Hy het ene Thompson daar ontmoet. Die Banco di Napoli bonds was vervals en die beskuldigde is later in hegtenis geneem. Die beskuldigde was onbewus daarvan dat dit vervals was. Fancourt is uiteindelik deur die Plattner familie aangekoop vir R47 miljoen.

[639] Die beskuldigde was onder druk van die SAW oor die Jacomet fondse. Dit was projekfondse wat verdwyn het. Hy sê dat Zimmer ongelukkig was oor die aankoop van die Jetstar deur Genavco. Hy kon dit met Webster bespreek het. Hy wil nie toegee dat hy die opdrag verkeerdelik kon oorgedra het nie. Hy het nie geweet van die RITS rekening nie. Hy het die beskuldigde vir 'n lening van R150 000 gevra en is na Viljoen verwys. Hy glo Profinkor het die bedrag aan hom geleen. Daar is verskeie bedrae in sy persoonlike rekening inbetaal. Een bedrag is 'n bedrag van R10 814 wat betrekking het op die aankoop van wyn by die Mount Nelson hotel vir die beskuldigde. Hy het oproepe gemaak vanaf die "cottage" na Libië. Dit was met die oog op die moontlike ontwikkeling in Libië. Hy het Wentzel geken. Hy het op 'n stadium 'n kantoor by Mijburgh se kantore gebruik. Hulle was betrokke by die verspreiding van alkoholvrye bier in Suid Afrika. Die beskuldigde het vir Wentzel geken. Hy en Brandt is in die VSA gearresteer. Die beskuldigde was besorg daaroor en het moeite gedoen om hulle by te staan.

[640] Hy is deur die beskuldigde aan Otmar Kaufmann voorgestel. Hy was 'n amptenaar van die Banque Indosuez in Geneva. Hy het 'n hele paar maal met hom gepraat. Hy, die beskuldigde en Zimmer is saam na die bank. Die gesprekke het gegaan oor die Blackdale rekening. Hy weet nie hoekom nie. Op 'n geleentheid het dit ter sprake gekom dat die Vatikaan met wapens smokkel. Daar was ook 'n gesprek oor die aankoop van vliegtuie. Daar was onderhandelinge met ene Schwartz van Speed Air. Hy was onder die indruk dat dit 'n nuwe maatskappy in die WPW groep sou word. Dit sou 'n goeie belegging wees. Swanepoel was ook daarby betrokke. Die vliegtuig was in 'n goeie toestand en dit is moeilik om 'n lisensie vir so 'n vliegtuig te kry. Hy was twee maal by die Grand Prix in Monaco. By een geleentheid was die beskuldigde ook daar. Hulle het vir so drie dae in 'n hotel in Nice gebly. Hy het in 5-ster hotelle in London, Brussels en Geneva gebly. Hy was meer as 20 maal in Europa. Hy het gewoonlik eerste klas gevlieg – eers deur Partners In Travel, later deur Wisdom Travel en uiteindelik deur American Express. Met Swanepoel se veertigste verjaarsdag het hy, Mijburgh en die beskuldigde vir hom 'n horlosie gekoop. Die koopprys is verdeel tussen die drie van hulle en hy het later sy deel betaal.

[641] BRCI het twee bankrekenings gehad – een by Nedbank en een by United bank. Die Nedbank rekening was oortrokke maar 'n gedeelte van die opbrengs van die Kingair, van R2,1 miljoen is gedeponeer in die United rekening. Hy het blanko tjeks vir die gemelde rekening in Tripoli geteken op versoek van die beskuldigde. Dit was toe die Ariesstraat oordrag moes plaasvind. Dit was gedurende omtrent Mei/Junie 1995. Hy het dit nie met Webster bespreek nie. Daar is verskeie tjeks wat hy identifiseer: 'n Tjek van R320 000, in Mijburgh se handskrif uitgemaak aan van der Hoven en Vennote, R40 249 uitgemaak aan die beskuldigde, 'n kontant tjek vir R20 000 in die beskuldigde se handskrif, R35 000 aan die beskuldigde en R27 627,75 in die beskuldigde se handskrif aan Profinkor. Die Kingair is vir R2,2 miljoen verkoop aan Smith Mining op 28 Junie 1994. Van die fondse is aangewend om die RNL lening te betaal en 'n bedrag is betaal aan Koortzen wat moeilikheid met Hettema gehad het.

[642] Webster was bekommerd oor die oproepe na Libië vanaf die “cottage”. Hy het gemeen dat dit te veel aandag op die “cottage” vestig. Hy weet nie van die rekening in Truter se naam waarvan die ouditeur nie mag

geweet het nie. Die Jetstar was vir kommersiële en privaat gebruik. Savimbi en die ANC is vervoer en dit is na Kowalski in Poland. Die beskuldigde, Swanepoel en Mijburgh het dit ook plaaslik gebruik. Die registrasienommer was agter op en Medchem se embleem was ook daar op. Hy is seker ses maal met die Jetstar na Europa. Die beskuldigde was ook by die besoek aan Kowalski maar hy het eers in Rusland by hulle aangesluit. Hulle het twee nagte oornag in Moskou, een nag in Minsk, een nag in Warskou, een nag in Brussels en daarna terug na Warskou. Gedurende Julie 1991 is hy met die Jetstar van London na Malaga. Dit was hyself, sy gewese vrou, die beskuldigde, Bosch en Mijburgh en hulle het die beskuldigde se verjaarsdag gevier. Hy, Swanepoel en Malherbe van Rembrandt is met die Jetstar na die opening van die 5-Nations golfbaan se klubhuis. Hy het van die beskuldigde se vrou verneem op 27 November 1993 dat hy in Switserland gearresteer is. Hy het kontak gemaak met gen. Knobel en toestemming verkry om die beskuldigde te gaan besoek. Hy is later vergoed vir sy uitgawes.

[643] Hy en Swanepoel was direkteure van Wisaltco. Hy het meerdere lenings by Profinkor gehad. Die een van R134 870 is afbetaal ingevolge 'n reëling tussen die beskuldigde en Viljoen. As gevolg daarvan het Viljoen waarskynlik kontantgeld in Profinkor ingekry. Hyself was 'n direkteur van P&S Engineering bloot omdat hy 'n direkteur van BRCI was. Daar was 'n gesprek tussen hom en Mijburgh oor fondse wat vanaf Switserland in die land sou kom en waarvan Pierre Theron nie moes geweet het nie. Daar was 'n lening van R60 000 aan Mijburgh vir 'n belegging in "pharmaceuticals" in Namibië. Die beskuldigde het hom gevra om die bedrag voor te skiet. Dit is nie met Webster bespreek nie en is nie terugbetaal nie. Gedurende 1996 was daar 'n herstrukturering. Hy het net daarvan gehoor. Bosch het hom ingelig dat hy en Webster dit gedoen het. BR Admin het die moratorium lening oorgeneem. Hy is steeds 'n direkteur van BRCI en die filiale wat nog bestaan. BRCI was 'n houermaatskappy en die bedoeling was dat alles uiteindelik finansiële gelyk moes breek. Hy dink nie dat meer as R10 miljoen betrokke was nie. Hy word gevra maar sê nie wie die voordelige eienaar was nie. Hy is nie bewus van Oos-Duitsers, Libiërs of Russe wat betrokke was by WPW nie. Die belangrike besluite is deur die beskuldigde geneem en die besluite wat Webster geneem het, het hy eers met die beskuldigde bespreek.

[644] Onder kruisverhoor gee hy toe dat hy onseker is oor detail weens tydsverloop. Hy het waarskynlik meeneed gepleeg omdat hy homself en die beskuldigde wou beskerm. Ander getuies het dit ook gedoen. Hy gee toe dat die eed bindend op sy gewete is en hy sal nie doelbewus leuens vertel nie. Hy dink hy het die waarheid gepraat maar hy is nie seker nie. Hy is onseker oor watter getuienis hy by KEEM gegee het. Hy het nie doelbewus gaan lieg nie. Indien daar foute is, is dit bona fide foute. Daar is geen sinistere redes nie. Hy dink die ander getuies is ook bona fide. Hy het die waarheid gepraat. Hy is onseker hoe om die kruisverhoor in hierdie saak te hanteer. Hy kan nie kategories sê dat hy wel die waarheid gepraat het by KEEM nie. Dit word aan hom uitgewys dat by KEEM hy getuig het dat Webster hom gevra het om 'n direkteur van BRCI te word, terwyl hy nou sê dat die beskuldigde dit gedoen het. Hy beweer dat die beskuldigde en Webster goeie vriende was en dat Webster soms advies van die beskuldigde gevra het. Hy gee toe dat hy nie by KEEM getuig het dat mnr. Mandela gratis vervoer is nie. Hy gee ook toe dat hy getuig het dat Sol Pienaar vir Swanepoel genader het oor Aeromed en dat Swanepoel toe vir Webster genader het. Die getuie is in 'n baie groot dilemma omdat hy soms toegee dat hy by KEEM gelieg het en soms volhou dat hy die waarheid gepraat het.

[645] Hy gee toe dat hy wel by KEEM die indruk geskep het dat die moratorium lening deur Webster gereël is. Hy gee ook toe dat hy by KEEM getuig het dat hy die afskryf van lenings met Webster bespreek het. Hy gee ook toe dat alhoewel hy anders getuig het hy dit waarskynlik met Webster bespreek het. Dit word aan hom gestel dat hy nou Webster se rol verklein en die beskuldigde se rol vergroot. Dit word aan hom gestel dat hy en Zimmer betrokke was by Luft omdat hy verskeie transaksies vir die beskuldigde gedoen het. By KEEM het hy beweer dat dit namens Webster gedoen is. Hy bevestig dat Yusuf Murgham verbonde is aan die Libiese Intelligensiediens. Hy eien hom op 'n foto saam met President Mugabe. Hy was ook betrokke by die reëlings toe die Libiese minister voor 1994 Suid Afrika besoek het en die getuie hom vanaf Lanseria na Pretoria geneem het.

[646] Hy kan nie ontken dat al die geld wat Aries trust ontvang het terugbetaal is nie. Hy gee toe dat Bosch behoorlik boek gehou het in beide Aries trust en BRCI se boeke oor die geld wat Aries trust geleen het. By 1993 was Aries trust meer as 'n miljoen rand aan BRCI verskuldig. Aries trust het toe die \$100 000 en \$150

000 by Webster geleen en die gelde aan BRCI betaal. Toe die Ariesstraat huis verkoop is, is die \$250 000 tesame met rente terugbetaal aan Webster. Die res van die gelde wat deur BRCI aan Aries trust geleen is, is toe ook terugbetaal. Die bedrae ter sprake is R50 000, R123 000, R50 000 en R340 000. Hy beweer nie dat alle gelde nie terugbetaal is nie. Hy beweer ook nie dat die beskuldigde enige gelde vir homself geneem het uit BRCI nie. Hy bevestig ook dat WPW Inc. nie 'n 50% belang in MCI gehad het nie. As daar een persoon is wat behoort te weet wat die posisie met MCI se aandele is, is dit hy omdat hy MCI geskep het, aanvanklik al die aandele gehou het en toe al die aandele oorgedra het aan Mijburgh of aan die Mijburgh trust. Hy was 'n trustee van daardie daardie trust. Hy gee toe dat daar op geen stadium aandele oorgedra is aan die beskuldigde of aan WPW nie. Hy gee verder toe dat die lenings tussen BRCI, RNL en MCI gedoen is deur homself, Swanepoel, Bosch en Mijburgh in samewerking met die ouditeur Pierre Theron. Hy beweer bloot dat daar nie papierwerk was nie omdat daar 'n vertrouensverhouding tussen die partye was. Hy gee toe dat Pierre Theron die ouditeur was van beide RNL en Delta G en ook van MCI. Pierre het geweet van BRCI en het aangedring dat BRCI sekuriteit moet verskaf. Theron het die posisie behoorlik ondersoek en toegesien dat die regte sekuriteite gelewer is. Theron het kennis gehad van BRCI se bates laste en transaksies. As BRCI se fondse gesteelde projekfondse was, was die beskuldigde baie dom om die geld so aan te wend dat Theron dit weer moet ouditeer.

[647] Die maatskappye was 'n totale finansiële fiasko. Dit is om dit lig te stel. Die BRCI groep kon net werk indien die doel was om wins te maak. Die tweede moratorium lening is ingebring bloot om skulde te betaal. Indien die bedoeling was om dit te steel was dit besonder dom om dit terug te bring na die land en dit in 'n bodemlose put te gooi. Hy gee toe dat daar hoogstens nominale bedrae betaal is vir die oordrag van aandele. Dit was anders as in die gewone handel. Dit word aan hom gestel dat hierdie maatskappye soos frontmaatskappye hanteer is en duidelik aan die gang gehou is vir 'n ander doel as om wins te maak. Die maatskappye kon nie eers die fondse wat dit gehad het in stand hou nie. Hy gee toe dat Bosch presies aangedui het aan wie elke betaling gemaak is. Hy gee toe dat Webster aangedui het dat die beskuldigde nie \$500 000 geleen het nie maar skegs \$250 000 en dat die beskuldigde wel die \$500 000 kon geleen het as hy wou maar dat hy dit nie gedoen het nie omdat hy bevrees was dat hy nie die rente sou kon betaal nie. Hy

gee toe dat toe die bedrae wat die land ingekom het, ontvang is en aangedui is as tegnologie verkope die beskuldigde nie in die land was nie. Die voorstelling aan die Reserwe Bank was sonder sy medewete. Die beskuldigde het dit op sy eie sonder 'n navraag deur die Reserwe Bank reggestel. Hy word gevra oor die wynaankope fakture 65.120 en 65.120.1 en die inskrywing "SCM House" en weet nie waarvoor dit staan nie. Die wyn is volgens sy geheue na Pretoria gestuur maar hy kan nie ontken dat die beskuldigde nie enige van die wyn gekry het nie.

[648] Hy was by die probleem met Cecilia Grant betrokke. Hy was die skakel tussen die maatskappye en Eugene Eybers van Adams en Adams. Daar is vonnis vir 'n groot bedrag geld in hierdie hof deur haar gegee deur Stafford ARP. By die geleentheid toe hy die Grand Prix bygewoon het was die beskuldigde vir werk in Europa en het hy bloot vir die dag by hulle aangesluit. Hy bevestig dat Swanepoel vir homself betaal het en dat hy ook iemand saamgeneem het en dat daar nie sprake is van wanaanwending van staatsfondse, weermagfondse of projekfondse nie. Wat die aflos van sy lening by Profinkor aanbetref het hy die posisie met Viljoen bespreek en het Viljoen hom meegedeel dat hy dit op sy beurt met die beskuldigde bespreek het. Daar was nie 'n basis waarop die skuld afgelos moes word nie. Dit was 'n blote geskenk wat hy as 'n meevaller beskou het. Hyself het die geld aan Profinkor geskuld maar was nie in staat om dit terug te betaal nie. Toe Viljoen dit egter namens hom terugbetaal was daar geld in Profinkor wat deur Viljoen aangewend kon word. Hy ontken nie dat daar wel tegnologie verkoop is nie en beweer dat daar oorbetalings van die Arzi bank was. Hy gee toe dat die beskuldigde nie betrokke was by die pharmaceuticals in Namibië nie. Hy gee ook toe dat die beskuldigde vir hom kon gesê het dat hy moet kyk of dit moontlik is om 'n lening aan Mijburgh toe te staan. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde se weergawe is dat hy wel soms raad gegee het maar dat sy rol vergroot word. Dit word ook aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat daar van sy persoonlike fondse betrokke was in die projek, behalwe vir 'n bedrag van R1 000 wat vir 'n tydjie in Waag-'n-Bietjie Boerdery belê was.

[649] Gedurende herverhoor spreek hy die mening uit dat die kruisverhoor daarop gemik was om aan te toon dat sy getuienis voor KEEM korrek was en in hierdie hof verkeerd. Hy is wel beïnvloed deur die dokumente wat die staat aan hom getoon het. Hy het nie CBM1 en CBM8 gesien toe hy by KEEM getuig het

nie. Hy was nie bewus daarvan dat sy gewese vrou afskrifte van sy dokumente gemaak het en aan die staat voorsien het nie. Die staat probeer ook deur hom argumenteer dat die maatskappye wel 'n wins kon maak. Hy beweer dat hy en die beskuldigde en Mijburgh gedurende die Monte Carlo-rit na luukse woonstelle gaan kyk het en dat hy eers die vorige Saterdag vir mnr. Ackermann daarvan gesê het. Daar was wel sprake van 'n moontlike verkryging van 'n 50% aandeelhouding in MCI. Dit het nie gerealiseer nie. Hy het dit met Mijburgh bespreek. Hy kon ook met die beskuldigde daaroor gepraat het. By ooreenkoms is sy KEEM getuie as ingehandig as CBM 13, CBM14 en CBM15. Die foto (waarop Murgham en President Mugabe voorkom) word ingehandig as bewysstuk CBM12. Op versoek van die verdediging en sonder beswaar van die staat is daar beveel dat dit nie gepubliseer mag word nie ten einde 'n internasionale verleentheid te vermy.

[650] Hy is later deur die staat teruggeroep en het toe bevestig dat hy die Libiese minister vervoer het na mnr. Mandela se huis in Houghton. Die besoek is gereël deur die beskuldigde en Murgham. Hy weet nie waaroor die besoek gehandel het nie. Hy het met sy Mercedes Benz stasiewa gery. Dit moes na Mei 1993 gewees het, toe hy sy voertuig vanaf Stellenbosch na Pretoria gebring het. Indien sy getuie dalk aantoon dat dit gedurende 1992 plaasgevind het is dit verkeerd. Die besondere minister het wel die Republiek weer later besoek. Dit was 'n sake-besoek en daar was samesprekings oor die bou van 'n spoorlyn. Hy het in kruisverhoor toegegee dat hy die datum koppel aan die feit dat hy die besondere motor gebruik het. Toe dit aan hom gestel is dat hy voordat hy na Pretoria verhuis het dikwels in Pretoria was en soms ook met sy motor het hy dit toegegee. Hy het egter volgehou dat hy oortuig is daarvan dat dit na Mei 1993 was. Dit is aan hom gestel dat dit voor dit was.

[651] **Patricia Leeson** het gedurende 1983 vir dr. Willie Basson begin werk. Sy is 'n niggie van dr. Willie Basson se vrou. Sy het geweet dat Delta G 'n frontmaatskappy was. Sy het die beskuldigde sosiaal geken omdat hy en sy vrou vriende was van dr. Willie Basson en sy vrou. Sy het geweet dat die beskuldigde betrokke was by Delta G. Sy het eers te Val de Grace gewerk en het daarna vir dr. Mijburgh gewerk tot aan die einde van 1986. Die beskuldigde het haar toe gevra of sy daarin belang gestel het om in Engeland te gaan werk. Sy is in Januarie 1987 na Engeland. Sy het in die "cottage" gebly. Sy was veronderstel om vir

Wilfred Mole te werk. Sy het die beskuldigde se administrasie gedoen. Die kantore was in Ascot. Sy het vir Biscara gewerk en hulle het die perseel gedeel met Mole se R F Telecommunications. Gedurende Julie het hulle geskuif na Pear Tree House in Berkshire.

[652] In November het sy teruggekeer na Suid Afrika. Sy het toe vir Intramex gewerk in die Tulleken gebou. Infladel was ook in die gebou. Sy het daar gewerk tot Februarie 1988. Toe het sy vir Johnny Koortzen gewerk tot Augustus 1988. Gedurende Maart 1988 is sy egter vir 'n week terug na Engeland. In September 1988 het Viljoen haar gevra om na Roodeplaat Teelondernemings te skuif. Sy was egter nog steeds betrokke by Intramex.

[653] Sy het Mole aanvanklik in Suid Afrika ontmoet deurdat die beskuldigde haar aan hom voorgestel het. Sy is aangesê om vir niemand in te lig dat sy vir die beskuldigde werk nie, nie eers vir haar familie nie. R F Telecommunications was deel van 'n groep maatskappye waarvan Mole die eienaar was. Curtis was die eienaar van die "cottage" Mole het dit gehuur en onderverhuur aan die beskuldigde. Sy het 'n kantoor toegerus vir Biscara. Sy het soms inkopies gaan doen en televisiestelle en elektriese toebehore gekoop. Hulle het dan teruggegaan na die kantoor en die goed herverpak en afgestuur. Sy het dan die goed na die lughawe geneem. Dit is met Medchem tjeks betaal en is by gewone winkels gekoop. Haar salaris is in Suid Afrika betaal en is in haar bankrekening inbetaal. Sy het 'n toelaag van £500 ontvang. Haar salaris is gebruik om haar woonstelverband en haar water en ligte te betaal.

[654] Al haar uitgawes is betaal deur 'n Medchem rekening in die Clydesdale bank te Piccadilly Circus. Sy het die tjekboek van Medchem Inc. gehad. Die beskuldigde het 'n aantal tjeks in blanko geteken. Die Biscara uitgawes is uit 'n Biscara rekening betaal. Sy en die beskuldigde het albei persoonlike rekenings by Barclays bank in Bracknell gehad. Die beskuldigde het saam met haar gegaan toe sy die rekening gaan open het. Sy het 'n stel boeke vir Biscara gehad en ook 'n kasboek vir die "cottage". Zimmer het ook die Biscara boeke gekontroleer. Sy moes kwitansies hou. Toe sy na die "cottage" getrek het was dit gemeubileer maar sy het gordyne, linne, 'n wasmasjien en 'n mikrogolfoond gekoop. As daar geld in die rekening was kon sy items

aankoop.

[655] Die beskuldigde het haar gevra om uit te vind of Curtis bereid sou wees om een of beide van die eenhede te verkoop. Sy het dit met hom bespreek en hy was geïnteresseerd. Sy het dit met die beskuldigde bespreek. Sy kon ook 'n Mazda 323 van die maatskappy gebruik. Sy weet nie wie dit gekoop het nie. Dit was nie 'n nuwe motor nie. Bankstate van die Credit Suisse het na die "cottage" gekom. Sy het aansoek gedoen vir 'n werkpermit. Sy is na Luxembourg vir Biscara. Die beskuldigde het haar aan Zimmer as boekhouer voorgestel. Hulle het dit afgewissel. Een maand is sy na Luxembourg en een maand het Zimmer London toe gekom. Sy het besigheidsklas gevlieg. Sy identifiseer fakture wat te doen gehad het met die afstuur van goedere na ABC Import & Export. Wat haar aanbetref was dit televisies en Hi-Fi-stelle. Sy het 'n briefhoof vir Medchem Inc. ontwerp.

[656] Sy het vir Roger Buffham geken. Sy het hom by Heathrow lughawe ontmoet en hom £50 000 in kontant gegee. Hy het 'n persoon met die naam Vanessa verwag. Dit was sy. Die geld het van Barclays bank Ascot gekom. Die omhulsels is verwyder om te vermy dat nagespoor kon word waar die goedere vandaan gekom het. Sy het 'n paspoort gekry onder die naam Alexandra Hatting. Hulle het haar aangehou op Heathrow. Sy het later met Antoinette Lourens gepraat en ook met die beskuldigde en hom verseker dat sy nie sy dekking gekompromitteer het nie. Sy het eerste klas gevlieg. Sy ontken dat die beskuldigde of die SAW haar geldelik gehelp het, toe sy in die moeilikheid was. Mense wat in die "cottage" gebly het was Antoinette Lourens en haar man, Zimmer, Hetteema, Johnny Koortzen en die beskuldigde. Daar was nie Russe, Oos-Duitsers of Libiërs nie. Sy het die beskuldigde soms op die lughawe gaan haal. Antoinette Lourens het die eerste keer saam met haar gegaan. Antoinette is ook saam met die beskuldigde na Zimmer. Sy is ook saam met die getuie na Luxembourg.

[657] Sy het Webster in Engeland ontmoet as Mole se Amerikaanse prokureur. Dit was by Heathrow lughawe. Dit was saam met die beskuldigde en Jan Lourens. Sy kan dit spesifiek onthou omdat sy gevra is om haarself te veskoon omdat hulle met Webster wou praat. Sy het WPW dokumente getik. Antoinette Lourens is per trein na Grantham. Sy was een keer na 'n resies by Ascot. Sy, die beskuldigde en Jan en

Antoinette Lourens het een maal by die Churchill hotel geëet. Toe sy in Maart 1988 terug is London toe het die beskuldigde haar gevra om die kwartaallikse rekenings te betaal en om 'n lys van die bates te maak. Sy was nie bewus daarvan dat daar Biscara aandele verkoop is nie. Tydens die laaste besoek van die beskuldigde toe sy daar was, was hy vergesel van Johnny Koortzen en Hettema.

[658] Toe sy teruggekom het na Suid Afrika het sy by Tulleken Forum gewerk en het sy 'n woonstel in Troy Court gehad. Sy het dit gedurende 1988/89 verkoop omdat sy 'n simplex in Monument Park wou koop. Sy het die beskuldigde genader. Hy was bereid om dieselfde prys te betaal as wat sy betaal het. Sy het nie geldelike of sielkundige probleme gehad nie. Die beskuldigde het gesê dat haar woonstel vir oorseese besoekers gebruik sou word. Haar verband is afgelos en sy het haar nuwe woonstel weer met 'n verband gekoop. Sy was ongemaklik in Sunnyside omdat daar 'n afluister apparaat in haar woonstel gevind is.

[659] Sy was betrokke by Intramex vanaf November 1987. Sy sien dat sy aandele gehou het vanaf Oktober 1987. Hulle is toe oorgedra na 'n Wisdom maatskappy. Viljoen het haar gevra om dokumente te teken. Sy kan nie onthou of sy die dokumente gelyktydig geteken het of nie. Toe sy na Roodeplaat Teelondernemings is het sy geweet dat sy 'n direkteur is. Intramex het CBO klere gelever. Dit is voorsien deur YCVM. Dit is befonds deur die SAW. Sy het geweet van RITS. Antoinette Lourens was verantwoordelik vir daardie rekening. Sy was onder die indruk dat Intramex, Aeromed, Biscara en SRD frontmaatskappye was. Sy het bedank gedurende Maart 1990. Intramex is van Tulleken na Garsfontein en van daar na Villastraat 14 naby Loftus Versfeld. Marie Viljoen het die administrasie gedoen. Intramex het ook 'n stoor gehuur. Sy is dikwels na die stoor om toesig te hou oor die pak. Sy is ook soms na Krygkor. Daar was groen dromme van Delta G. Hulle is of na die stoor toe of na Protechnik toe. Daar is papierwerk gedoen ivm die klere maar nie ivm die dromme nie. Sy bevestig dat sy betrokke was by die navrae en kwotasies wat ter sprake is by aanklagte 65, 66 en 67. Viljoen was ook daarby betrokke. Die bestelling was vanaf YCVM. Sy was betrokke by die lewering. Sy het nie te doen gehad met Intramex se bankrekenings nie. Sy het vir Roelf Louw geken. Hy was by Krygkor. Hy het van YCVM geweet. Sy bevestig al die dokumente waarby sy betrokke was PL1 –PL8.

[660] Toe sy in die Verenigde Koninkryk was is si ingelig dat in 'n noodgeval sy Antoinette Lourens moes skakel. Die naam van 'n persoon in Europa is ook aan haar gegee, maar sy het nooit met hom kontak gemaak nie. Sy het ook die naam van van Remoortere se suster in Luxembourg gehad. Die beskuldigde get haar een maal 'n bonus van £300 gegee. Sy wou dit nie aanvaar nie maar hy het aangedring. Wat haar aanbetref was QB Laboratories 'n frontmaatskappy. Haar salaris is later deur Roodeplaat Teelondernemings betaal.

[661] Tydens kruisverhoor het sy aangedui dat sy bewus was daarvan dat sy deur die SAW in 'n privaat hoedanigheid aangestel is as dekking vir die beskuldigde wat vir die SAW opgetree het. Die paspoort in die naam van Hatting was 'n amptelike paspoort en sy het geweet dat sy onder 'n dekmantel opgetree het. Sy het ook baie gebruik gemaak van die naam Vanessa. Mole het saamgewerk om dekking aan haar te verleen. Sy weet nie hoekom sy die £50 000 aan Buffham gegee het nie. Die beskuldigde het haar toelaag namens die SAW betaal. Sy het geweet dat die maatskappye nie die beskuldigde se persoonlike maatskappye is nie. Zimmer het ook saamgewerk. Sy is nie seker of Zimmer geweet het dat sy nie vir Mole gewerk het nie. Wat haar aandele aanbetref het sy nie daarvoor betaal nie, het sy dit nie ontvang nie en is haar verlof nie gevra toe dit weer oorgedra is nie. Sy ontken nie dat die beskuldigde by Antoinette Lourens kon gehoor het dat sy ongelukkig was in die woonstel in Sunnyside nie omdat sy gehoor het van die afluister apparaat. Sy het ene Tony daarvan verdink dat hy dit daar geplant het. Sy het nie besef dat hy 'n lid van die Britse geheime diens was nie. Wat beskermende klerasie aanbetref was sy teenwoordig by 10 Lugmagbasis waar daar veskeie aflewings was. Sy dink dat dit vandaar na die operasionele gebied versprei is. Sy het geweet dat die woonstel wat sy verkoop het deur mense van oorsee, wat die beskuldigde met die CBO gehelp het, gebruik sou word.

[662] **André Bouwer** is 'n senior aanklaer in diens van die direkteur openbare vervolgings in Kaapstad. Hy het met diensplig begin in 1986, by 1 SAI in Bloemfontein. Daarvandaan is hy na Oudtshoorn. Hy was betrokke by Modulêr, Hooper en Packer. Hy het op die voorfronte geveg en het net 'n poncho gehad. Hy het nie beskermende klerasie gesien nie. Hy dink dat as daar was hy dit sou gesien het. Hy gee egter toe dat

daar nie terwyl hy daar was 'n chemiese aanval was nie. Daar is egter daaroor gepraat en indien daar beskermende klerasie was behoort hulle daarvan te geweet het.

[663] **Tobias Jacobus Mostert** was in 1987 'n burger van Suidwes Afrika. Sy getuienis is soortgelyk aan die van Andre Bouwer behalwe dat hy sê dat hy by 32 bataljon, die elite bataljon, geplaas was en dat hy en Bouwer wel gasmaskers by 61MEG gesaai het. Hy bevestig ook dat hulle nie by 'n chemiese aanval betrokke was nie.

[664] **Antoinette Petro Erasmus** was voorheen getroud met dr. Jan Lourens. Hulle is in 1987 geskei. Sy is in 1991 getroud met Erasmus. Hulle het verhuis na Kanada waar hulle, hulle gevestig het. Sy het in die vroeë tagtiger jare vir Anglo American gewerk op rekenaar data basisse. Sy het later vir dr. Mijburgh gewerk. Sy het hom van Universiteitsdae geken en hy en die beskuldigde het 'n aanbod aan haar gemaak om by Infladel te werk. Sy het geweet dat dit 'n SAW front en 'n front vir Coast was. Sy het daar gewerk tot in 1989. In Mei 1989 is sy daar weg. Sy het sekerheidsklarings gehad. Sy het begin werk as 'n bibliotekaresse. Sy was leter betrokke by die algemene bestuur. Die beskuldigde was haar baas. Mense wat betrokke was, was die beskuldigde, Mijburgh, Ben van den Berg, Viljoen, Niekie Smit en ene Dirk, wie se van sy vergeet het. Sy het tekenmagte gehad op Infladel se rekening en ook op Medicorp se rekening. Sy het geweet van die RITS rekening. Sy het groot bedrar oorgeplaas. Dit was gewoonlik op versoek van die beskuldigde. Groot bedrae is betaal aan R F Telecommunications. Sy het geweet dit was vir Wilfred Mole.

[665] Sy was betrokke by die Wisdom groep. Die beskuldigde en Viljoen was ook daarby betrokke. Mijburgh en Swanepoel kon ook daarby betrokke gewees het. Wat haar aanbetref was dit frontmaatskappye. Sy het gereken dat alle winste teruggaan na die groep. Die beskuldigde het dit vir haar gesê. Sy was bewus van rekeninge in die Kaaiman eilande. Dit was ook projek rekeninge. Alles het verband gehou met die projek. Webster was ook betrokke. Sy het na haar egskeiding aangebly in 'n huis in Randburg en sy moes R1 000 per maand betaal aan Lourens. Daarna het sy in Pretoria gebly. Die beskuldigde het vir haar gesê dat hy 'n vriend het wat 'n huis wil koop en sy en sy moeder het na moontlike kopies gaan kyk. 'n Huis is gekoop en sy

het ingetrek in September 1987. Sy het die huis gekoop gedurende 1989 en het dit in 1991 verkoop. Vanaf September 1987 tot 1989 toe sy die huis gekoop het, het sy niks betaal nie. Die prokureurs wat die transaksie hanteer het was Kraut, Wagner en Vennote. Sy het die huis gekoop van WPW. Dit was 'n frontmaatskappy. Sy het aanvanklik gedink dat dit die beskuldigde persoonlik is wat die huis aankoop en nie 'n vriend nie. Die koopprys was R180 000²⁰. Sy het met die beskuldigde gepraat en nie met Webster nie. Hy het meegedeel dat die huis vir daardie bedrag te koop is. Sy het 'n lening gekry by Viljoen en Trustbank en die beskuldigde het ook vir haar geld gegee. Dit was die beskuldigde wat haar verwys het na Viljoen. Die lening was 'n bedrag van R100 652. Die geld wat sy by die beskuldigde gekry het, het hy vir haar per tjek gegee. Hy het die tjek onderstebo aan haar gegee en vir haar gesê om dit te teken. Sy het nooit die voorkant daarvan gesien nie. Haar huidige man, Erasmus, het ook 'n lening gehad. Sy dink dat die huis gedurende 1993 verkoop is. Haar skuld by Trustbank is afbetaal en daar is ook bedrae aan Viljoen betaal. Sy het nie geweet dat haar skuld by Viljoengedurende Maart 1992 afgelos is nie. Sy het eers gedurende 1999 opgehou om af te betaal daaraan. In Junie 1994 is haar en Erasmus se rekenings gekonsolideer. Hulle het toe 54 000 Kanadese dollar geskuld en het afbetaal totdat hulle nog net 33 000 dollar geskuld het.

[666] Sy word verwys na AL 1 en bevestig dat me. B die beskuldigde se moeder was, dat gels in Amerikaanse dollar aan Aeromed betaal moes word en dat sy vir Webster versoek het om nie fakse te stuur nie net bloot was omdat net sy en die beskuldigde met Webster gekorrespondeer het. Sy het wel verskeie reise onderneem, in opdrag van die beskuldigde. Sy was eers, sonder dat die beskuldigde daarmee te doen gehad het, saam met Jan Lourens na Europa. Hy was daar met werk en sy het 'n kongres bygewoon. In 1987 het sy 'n kantoor vir die beskuldigde gaan open. Hulle het toe in die "cottage" gebly. Die beskuldigde het dit van Mole gehuur. Dit was 'n veilige plek. Hulle was vir 'n dag Luxembourg toe. Hulle het vir Zimmer daar ontmoet. Hy was 'n in- en uitvoerder. Hulle was in sy stoor. Daar was Colibri handdoeke. Sy sekretaresse het vir haar en Pat Leeson rondgeneem terwyl die beskuldigde en Zimmer besigheid gedoen het. Hulle het voorgegee dat die maatskappy normale maatskappy was.

²⁰ **P19 van Bruwer se verslag.**

[667] Webster het hulle by Infladel besoek. Hy het van die rekenaar gebruik gemaak en het kontrakte daarop afgelaai. Hulle het nie vir hom gesê dat dit 'n front was nie. Hulle het dit nooit vir buitelandse mense gesê nie. Die beskuldigde het wel vir Nicky, wat gewoon was aan SAW mense, gesê om nie na range te verwys nie. By Infladel het hulle mediese inligting vir dokters ingewin. Die beskuldigde het vir Webster en, sy verloofde Jane, aan hulle voorgestel by die lughawe. Hulle het vir twee weke in Suid Afrika gebly. Hy het werk vir die beskuldigde gedoen. Sy het hulle na Sabi River Bungalows, Mala Mala en na Kaapstad geneem. Hulle het van vliegtuie en gehuurde motors gebruik gemaak. Webster het data in die konferensiekamer afgelaai en is betaal deur Infladel. Webster was die peokureur vir die beskuldigde se maatskappye. Sy het wel fondse oorgeplaas na rekenings wat Webster aangesui het, maar slegs nadat sy dit met die beskuldigde bespreek het. Sy is in Junie 1987 na London. Sy het vir Webster by Heathrow ontmoet. Hulle is, in opdrag van die beskuldigde, per trein na Grantham. Dit was haar eerste ontmoeting met beide Webster en Buffham. Webster het haar aan Buffham voorgestel as "Anne". Hy en Buffham het alleen gepraat oor kontrakte. Infladel het groot bedrae gestuur na Grantham. Sy was onder die indruk dat hy 'n verskaffer van toerusting, soos monitors, was. Sy was bewus van CSD. Sy getuig dat sy F1.9 en F1.9.1 getik het en ook die handskrif daarop in opdrag van die beskuldigde voltooi het. Dit het te doen gehad met die oorplaas van die £1,5 miljoen. Die opdrag was ook dat na terughouding van 1% daarvan dit oorgeplaas moes word na die Medchem rekening in Luxembourg. Daar is 'n verwysing na die oorblywende aandelekapitaal. Die verwysing na "our colleague" is na die beskuldigde.

[668] Gedurende 1988 het hulle vir Lifestyle Management rekenaars gekoop. Op 'n stadium is sy vir vyf dae na Swede en van daar af is hulle na die VK. Daar het hulle in die Parklane hotel gebly. Op 2 Januarie 1989 het sy haar klein sussie wat in standerd 9 was saamgeneem Europa toe omdat die beskuldigde daarop aangedring het. Hy wou hê dat sy lêers moes rangskik. Sy kan nie onthou dat sy dit gedoen het nie. Haar moeder het haar nooit London toe vergesel nie. Sy dink die projek wou 'n vliegtuig koop. Sy is aan 'n loods voorgestel as die beskuldigde se persoonlike assistent. Sy het gehoor dat haar ma gevlieg het. Sy het tekenmagte op verskeie rekenings gehad.²¹ Sy het egter nooit geteken nie. Die beskuldigde wou ook hê dat

²¹ AL3.

sy tekenmagte op Amfra se rekening moes hê. Dit was die projek se maatskappy in Luxembourg. Die beskuldigde wou ook gehad het dat sy tekenmagte moes verkry op Webster se rekening in Grantham. Sy word verwys na korrespondensie tussen haat en Webster wat gaan oor die oorplaas van £100 000 na CSD. Sy dink sy het tekenmagte gehad op 'n rekening in Bracknell. Dit was of die beskuldigde se rekening of die projek se rekening.

[669] Sy het direkteur geword van 'n aantal maatskappye soos WPW SA, WIP, Wisdom Erf 1219, Wisdom Erf 82 en Wisdom Idle Winds. Viljoen het bloot vir haar vorms gebring wat sy moes teken. Toe sy bedank het moes sy weer teken om te bedank. Die aandele wat sy gehou het, het sy namens die beskuldigde gehou. Aeromed is gestig as 'n front om vliegtuie te koop of te huur. Mense in die projek het dit gebruik en dit is gedoen om hulle bewegings moeilik naspoorbaar te maak. Infladel het Aeromed betaal en hulle het 'n hangar by Lanseria gehad. Alles het in Infladel se kantoor gebeur. Sy kon van die fakture uitgemaak het. Die beskuldigde het die betalings gemagtig. Een van die vliegtuie was die Kingair. Die beskuldigde het vir Webster gemagtig om van die fondse in die Kaaiman eilande te gebruik vir die aankoop en opgradering daarvan. Die Kingair is na Suid Afrika gebring in opdrag van die beskuldigde. Sy weet niks van die moratorium lening nie. Sy het Merton huis een maal skoongemaak sodat mense daarin kon bly. Sy het gedink dat dit aangekoop is sodat buitelandse besoekers daarin kon bly. Sy was nie betrokke by die verbeterings nie.

[670] Sy was saam met Viljoen en die beskuldigde by die dieretuin in Tygerberg. Sy was die koper. Sy het aanvaar dat die projek dit befonds. Sy was egter nie betrokke by die onderhandelinge nie. Sy weet nie wat van die dieretuin geword het nie. Sy dink dat Patricia Leeson by Biscara betrokke was. Sy het 'n CD speler gekoop teen 'n kompeterende prys. Almal het geweet daar kom CD spelers en televisies. Sy het geweet dat Patricia Leeson 'n woonstel gehad het. Sy was eers Mijburgh se sekretaresse. Sy weet egter nie van sielkundige probleme nie. Sy het nooit haar direkteurskappe en aandeelhouding met Webster bespreek nie. Behalwe dit waaroor sy reeds getuig het, het sy nie verdere kontak met Buffham gehad nie. Die beskuldigde het 'n meer prominente rol in die projek gespeel as Webster. SRD het te doen gehad met radio's en motors.

Phoenix het ook met motors te doen gehad. Lifestyle Management was daarop ingestel om sielkundige hulp aan mense te gee wat chemiese trauma beleef het. Sy het nooit met gen. Knobel gewerk nie. Sy weet nie wat later met Lifestyle Management gebeur het nie. YCVM was van Remoortere se maatskappy. Dit was betrokke by beskermende klerasie.

[671] Sy bevestig dat daar 'n stoor in Pretoria Wes was. Sy was bewus van Intramex, Leeson en Viljoen. Sy het nie gedink dat Liquor Land deel van die projek was nie. Dit het aan die beskuldigde en Viljoen behoort. Die beskuldigde se lewensstyl was luuks. Hy het nie 'n luukse motor gehad nie maar Mijburgh en Swanepoel het wel luukse motors gehad. Hy het vir haar gesê dat hy goed goedkoper vir die projek kon kry en dat hy 'n persentasie van die besparing gekry het. Hy het vir haar 'n Switserse horlosie wat CHF4000 gekos het persent gegee. Hy het ook vir haar 'n goue ketting en 'n baie duur pakkie persent gegee. Hy het in duur hotelle gebly en by duur restaurante geëet. Hy het ook vir hom en vir Anette Versluis Rolex horlosies gekoop. By geleentheid het hy hulle kaartjies opgradeer na eersteklas. Hulle het vertonings bygewoon, soos Jess en Me and my Girlfriend. Sy het gedink dat Mole al lankal geld gehad het. Op 'n stadium het Mijburgh gesê dat hulle gesmokkel het met hulle koppe. Sy het gedink hy bedoel die SAW. Sy het nie gedink dat daar 'n konsortium Oos-Duitsers, Libiërs of Russe was wat die werklike eienaars van die projek was nie.

[672] In kruisverhoor is sy gekonfronteer met haar getuienis dat die beskuldigde 'n luukse lewensstyl gehad het en het sy toegegee dat hy nie werklik luuks gelewe het nie, miskien bo gemiddeld. Sy self was 'n administratiewe beampte. Sy het geen detail kennis van hoe die projek gewerk het nie. Sy bevestig dat alle aksies uitgevoer is ter bevordering van die

projek om 'n CBO vermoë te vestig. Al die direkteurskappe wat sy bekleed het was fronte. Alle reise is geaudit. Sy weet nie welke kennis Webster, Zimmer of Buffham van die projek gehad het nie. Dit is wel snaaks dat Webster haar onder 'n vals naam aan Buffham voorgestel het as dit 'n gewone transaksie was. Sy gee toe dat die verkryging van die CSD aandele 'n dekstorie kon gewees het. Sy gee toe dat alle aankope klandestien moes geskied. Sy self het klandestien opgetree deur voor te gee dat front maatskappye gewone maatskappye was. Almal het onder 'n dekmantel opgetree. Sy gee toe dat verskaffers beskerm moes word. Sy kan nie betwis dat die invoer van die televisies en die CD spelers 'n bedekte manier was om die werklike ware in te voer nie. Sy het nie geweet van die afluister apparaat nie. Die beskuldigde se betrokkenheid was ook onder 'n dekmantel. Hulle het met almal se koppe gesmokkel. Sy kan geen verdere inligting gee oor die tjeuk waarop sy agterop geteken het nie. Dit word aan haar gestel dat daar nie 'n ooreenkoms was dat die beskuldigde kon deel in besparings nie en dat indien hy so 'n mededeling gemaak het dit vals was. Sy hou vol dat sy nooit meegedeel is dat die skuld afgeskryf is nie en dat sy aanhou betaal het tot in 1999.

[673] **Jacob Phillips Theron** is 'n mediese dokter en 'n luitenant-kolonel in die SAW. Hy is verbonde aan 1 Militêre hospitaal. Hy was betrokke by die skuif van beskermende klerasie tussen store. Gedurende 1990 was hy by 7 Mediese bataljon. Die bevelvoerder was Ben Steyn. Die pakke is geneem van Dequarweg na Radio Uitkyk. Tertius van Zyl, Danie Veale en Theo Sherman was ook daarby betrokke. Dit was SAW pakke en hulle was in kartondose. Die stoor het gelyk soos die stoor wat Patricia Leeson op die foto PL2 uitgeken het as die stoor waar sy klere ontvang het en gekontroleer het. Hulle het met Hino Vragmotors gery. Hulle het meer as een maal gery. Daar was ontruimde kantore. Die vertrekke wat hulle gebruik het was vol. Daar was wit etikette en party van die dose was oud en stukkend. Hulle het by 7 Medies Opleiding deteksie apparaat gekry. Dit het te doen gehad met dekontaminasie en deteksie. Daar was groen beskermende klerasie. Hulle het elke keer as hulle opleiding gegee het so 10 pakke gebruik. Die pakke het 'n koolstoflaag ingehad. Die aan- en uittrek is geoefen. Die troepe is opgelei. Die uittrek is belangrik want dit moet op 'n spesifieke manier geskied. Daar was ook spesiale skoene en handskoene. Hulle het CAMs gehad. Hy dink so tussen 3 en 5. Brian Davey het 'n lesing gegee. Dit is maklik om 'n CAM te gebruik. Jy druk 'n knoppie en mik in die rigting waarin jy onraad vermoed en kry 'n lesing. Daar was enkele ander deteksie aparate ook. Hy weet nie hoe

laat in die dag hulle begin het om die klere te vervoer nie maar hulle het na ure klaargemaak. Hy weet nie waar hulle die sleutels gekry het nie.

[674] In kruisverhoor is hy gevra of dit kol. Steyn is wat die opdrag gegee het maar hy dink dat hy in Israel was en dat dit die onderbevelvoerder van 7 Medies kon gewees het. Hy kan nie betwis dat daar 100 pakke by 7 Medies wat vir opleidingsdoeleindes gebruik is nie. Hulle het maar pakke getrek soos wat dit nodig was. Na die verskuiwing was daar steeds groen pakke gewees. Hy weet nie van watter store die pakke wat hulle geskuif het oorspronklik gekom het nie. In herverhoor het hy aangedui dat hy direk na die verskuiwing self na Israel is.

[675] **Herman Johan Bezuidenhout** het diens aanvaar by Technotek in April 1990. Hy was 'n soort van 'n logistiese bestuurder wat betrokke was by aankoop, versekering en in- en uitvoer. Hy weet van 'n stoor by Babelegi en hy het ook van 'n stoor gewet in Pretoria Wes in Courtstraat. Technotek het klerasie aan die SAW verskaf op kontraktbasis en lewering het meeste van die kere by Dequarweg geskied. Hy was betrokke by die uitvoer na België en ook by die skuif van die klerasie vanaf Radio Uitkyk na Bachman. Technotek het van 7 Medies gekoop en uitgevoer na België. Radio Uitkyk het maar gelyk na 'n huis sonder meubels en die huis was vol van die klerasie. Hy was teenwoordig by die herverpakking. Daar was nutria en olive drab. By Babelegi was daar ook ou dose en was daar ook twee kleure pakke. Hulle het die etikette afgehaal en bloot die grootte, hoeveelheid en kleur opgeskryf. Hy kan dit onthou want hy het kos vir die werkers by Kentucky Fried Chicken gaan koop. Van die drukwerk het hulle met messe afgehaal. Hy weet nie van 'n stoor wat afgedbrand het nie. Daar het niks by Radio Uitkyk of by Babelegi oorgebly nie. Die vervoer is privaat gehuur. Hy het die beskuldigde twee maal ontmoet, een keer terwyl die beskuldigde 'n middagete saam met van Remoortere geëet het en die tweede keer by 'n partytjie van van Remoortere op sy plot.

[676] Gedurende kruisverhoor het hy toegegee dat hy nie weet waar die pakke vandaan gekom het nie. Dit word aan hom gestel dat sy getuienis verskil van du Toit se getuienis oor wie toesig gehou het by Radio Uitkyk en wie betrokke was by die vervoer van die pakke vanaf Babelegi. Hy stem saam met du Toit dat daar

duidende groen pakke was. Die stoor by Babelegi was van Remoortere se stoor wat hy by National Tents gehuur het. Hy weet nie waar die pakke vandaan kom nie. Dit is moontlik dat daar Protechnik plakkers op was en dalk ook nie. Hy was in oorhoofse beheer en du Toit was meer operasioneel. Hy kan nie bevestig dat al die pakke getel is nie. Hy gee toe dat as daar 'n geseëde doos was, waarop die hoeveelheid geskryf is en al die ander gegewens dit nie oopgemaak sou gewees het nie en getel sou gewees het nie. Hy kan nie sê of daar 9865 groen pakke vervaardig is nie. Van Remoortere was in beheer van die strukturering van die verkooptransaksie en die beheer van die verkope. Hy het met Bachman onderhandel, bloot oor die uitvoer, oor wat dit sou kos en of daar vragmotors beskikbaar was. Die permitte was Linda Struwig se afdeling. Krygkor se stempel was nodig by elke uitvoer omdat hulle toestemming moes gee. Dit was nie SAW pakke of 7 Mediese bataljon pakke nie.

[677] **Terence Arnold Green** was die besturende direkteur van Tag Aircraft Maintenance. Hy het vliegtuie onderhou. Hy het Aeromed en WPW Aviation geken. Hy het 'n Seneca, 'n Kingair en 'n Jetstar geken. Webster het 'n ooreenkoms, met hom aangegaan, in die begin van die negentigs, Jetstar te diens en te kontroleer. Daarna het hy ook die Kingair en die Seneca gediens vir Aeromed. Marlow het 'n aandeel gekoop vir ±R70 000 namens BRCL. Hy het ook met Swanepoel onderhandel. Die vliegtuie is gestoor te Grand Central lughawe. Hulle is elke 100 vliegure of elke jaat gediens, wat ookal die korste was. Hulle kon die meeste van die werk by Tag doen behalwe dat groot strukturele verandeings te Long Island in New York gedoen moes word. Hy is een keer Basel toe met 'n enjin probleem. Hy kan net een keer onthou. Hy is altyd saam met die vliegtuie om toesig te hou oor die onderhoud wat gedoen is. Die enjin probleem het kop uitgesteek toe die vliegtuig nog in Suid Afrika was. Ook die Seneca en die Kingair is jaarliks of elke 100 uur gediens. Hy is \$100 per uur betaal wanneer hy oorsee gegaan het en sy salaris was \$2 000 per maand. Die Jetstar is na Maine geneem op 2 November 1993 en daar gestoor. Op 'n stadium was daar geld aan jom verskuldig maar met die verkoop van die Kingair is hy betaal. Die Jetstar is opgradeer deur Jet Interiors in Long Island. Wanneer hulle onderhoud laat doen het hulle die korste roete gevolg. Hy kan wel onthou dat hulle in Leige was en die 5- Nations gholfklub besoek het. Gedurende 1995 het hulle geskuif van Grand Central na Lanseria.

[678] Tydens kruisverhoor het hy aangedui dat die Jetstar 10 maal 200kg (1 ton) kon dra afhangende van die aantal passassiers. Hy kan onthou dat hulle een maal Basel toe was maar hulle kon ook 'n tweede keer gegaan het. By 'n tweede geleentheid het hulle via Tunisië gegaan.

[679] **Jacobus Gert Engelbrecht** het beide oor die bedrog aanklagtes en die ander aanklagtes getuig. Dit is gerieflik om sy getuienis nou op te som. Hy was verbonde aan Nasionale Intelligensie. Hy was hoof van teen-spioenasie vanaf 1990 tot 1994. Hy was verbonde aan Nasionale Intelligensie tot Maart 2000. Die taak van teen-spioenasie is om die aktiwiteite van vreemde agentskappe na te gaan. Die naam van projek Coast was aan hom bekend hier by die laat tagtigs en vroeë negentigs maar hy het nie veel daarvan geweet nie. Hy het wel geweet dat die beskuldigde daarby betrokke was en dat hy 'n lid van die SAW was. Hy het ook geweet dat hy 'n hoë profiel persoon in die projek was. Hy het ook geweet dat daar lede van die SAW deur F W de Klerk ontslaan is. Die beskuldigde se naam het ook ter sprake gekom. Hy glo dat die beskuldigde toe die SAW verlaat het. Hy het nie besef dat daar 'n ooreenkoms was ingevolge waarvan hy na 1993 aangebly het nie. Hulle het Sol Pienaar se bedrywighede gemonitor en ook die van Yusuf Murgham. Hulle het geweet dat Murgham 'n Libiese burger was. Hulle het bewus geword van 'n vliegtuigrit van die beskuldigde saam met Murgham en Pienaar na Noord Afrika. Die vlug het geskied in die middel van 1992. Hulle het gewonder oor Murgham. Hy was 'n Libiese burger wat Suid Afrika en die buurlande dikwels besoek het en van omkooppraktyke gebruik gemaak het om visas te kry. Hulle het geglo dat hy intelligensie kontakte gehad het. Hulle het gevrees dat die beskuldigde se kontak met Libië 'n moontlike bedreiging vir die Suid Afrikaanse veiligheid kon wees.

[680] Daar was 'n onderhoud met die beskuldigde by sy huis. Die beskuldigde was bereid om die onderhoud te voer. Dit was iewers gedurende 1993 of 1994. Hulle was drie. Dit was hyself, Mike Kennedy en Alberts. Alberts se rol was nie baie belangrik nie want hy sou moontlik net die aangeleentheid moes voortsit. Die beskuldigde het hulle verseker dat hy bloot 'n besigheidsbelang in Libië probeer vestig het. Hy het gesê dat hy Murgham gesien het as 'n paspoort en middelman tot senior mense in Libië. Hy het wel beweer dat

Murgham wel intelligensie verbintenisse het met die Libiese regering. Hy het beweer dat dit belangrik is om mnr. Mandela en die Libiese leier bymekaar te kry om handelsprojekte van die grond af te kry. Daar is ook gepraat van 'n moontlike spoorlyn en van olie invoere en vrugtesap. 'n Afvaardiging van hooggeplaasdes is na Libië. Die beskuldigde het vir hom gesê dat hy wil toetree tot die internasionale handel. Die beskuldigde het vir hom gesê dat Murgham nie bewus is van sy weermagagtergrond nie. Hy het ook nie vir hom gesê dat hy vantevore kontak met die Libiese regering gehad het nie. Hy het wel gesê dat hy graag wil toetree tot die internasionale handel.

[681] Gedurende kruisverhoor het dit geblyk dat Nasionale Intelligensie geen detail kennis van Coast gehad het nie. Hy kan nie sê hoe deeglik die SAW Nasionale Intelligensie ingelig het oor projek Coast nie. Hy vermoed dat die DG kennis gehad het. Hy gee toe dat tot in 1994 Nasionale Intelligensie nie "gebriëf" is nie. Dit word aan hom gestel dat by omtrent 1991 die Amerikaners vir Nasionale Interlligensie in kennis gestel het dat die beskuldigde Libië besoek het en dat hulle dit opgetel het weens sy vliegtuigritte na Gerba. Hulle het gedink dat Murgham in die Libiese intelligensiediens is. Sy bewegings was nie die van 'n normale parfuumhandelaar nie. Hulle gesprek met die beskuldigde was in die begin van 1994 maar die vlug na Libië was lank voor dit. Murgham was in die verwelkomingsparty vir president Mandela se ontvangs in Libië. Hy kan nie ontken dat die beskuldigde later breedvoerige inligting gegee het oor die Libiese CBO vermoë nie. Dit is so dat daar gesprekke was met die Amerikaners en die Engelse. Dit het gegaan oor die Suid Afrikaanse vermoë. Sy inligting is dat hulle beïndruk was met die Suid Afrikaanse vermoë.

[682] Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde wel gesê het dat Pienaar hom aan Murgham voorgestel het. Dit word verder aan hom gestel dat gedurende 1992 die beskuldigde en Murgham reeds 'n Libiese minister in die land ingebring het. Hulle enigste plan was om uit te werk of skakeling met die Libiese regering gevaar inhou vir Suid Afrika. Die huidige skakeling hou nie verband met CBO nie. Hy gee toe dat die beskuldigde gereël het dat 'n brief aan die Britse Eerste Minister, John Major, oorhandig word. Hy kan nie ontken dat die beskuldigde en Murgham dit bewerkstellig het nie. Dit moes egter op baie hoë vlak gedoen gewees het. Dit word aan hom gestel dat Murgham na Suid Afrika gekom het en die beskuldigde gevra het

om hom daarmee te help. Dit word verder aan hom gestel dat Murgham dit alleen sou gedoen het as hy bewus was daarvan dat die beskuldigde op die hoogste vlak met die SAW kontak gehad het. Hy kan nie ontken dat die beskuldigde in Libië gearresteer is nie. In herverhoor het hy aangedui dat die beskuldigde hom meegedeel het dat hy drie maal in Libië was. Die eerste maal was na sy ontslag. Hy het gesê dat as jy besigheid wil doen in 'n Moslem staat jy naby aan die kern van die regering moet kom deur kontakte soos Murgham.

[683] Engelbrecht is later weer deur mnr. Pretorius geroep in 'n poging om transkripsies van gesprekke wat die beskuldigde met hulle gehad het in te handig as bewys van die inhoud van die gesprekke. Die verdediging het beswaar gemaak teen die toelaatbaarheid daarvan en daar is in 'n aparte uitspraak gereël dat die transkripsies nie toelaatbaar is nie. Die getuienis was tot die effek dat hulle met die beskuldigde wou praat by die getuie se huis. Die beskuldigde was bereid om dit te doen en hulle het vir drie agtereenvolgende dae gepraat. Hyself, Kennedy, die direkteur van teen-spioenasie, en Alberts was teenwoordig. Bandopnames is met die instemming van die beskuldigde gemaak. Dit was gedurende Januarie 1994. Kennedy het vrae gevra. Alberts het die bandopnames gemaak en dit is later deur juffrou Wilkens getik. Dit bande is toe later uitgegee en was nie meer beskikbaar nie. Hy het in kruisverhoor toegegee dat waar die gesprek jare gelede plaasgevind het hy nie werklik kan beweer dat hy alles verbatim kan onthou nie, dat groot gedeeltes van die transkripsies opsommings van die gesprekke was wat deur juffrou Wilkens self gedoen is en dat gedeeltes van die opnames uitgelaat is.

[684] **Jan Jonathan Lourens** het by drie afsonderlike geleenthede getuig. Hy het eers by die derde geleentheid oor die finansiële aangeleenthede getuig. Aangesien daar oorvleueling is, word sy getuienis nou in geheel behandel. Hy is gewaarsku ingevolge artikel 204 van die Strafproseswet mbt aanklag 63 en meer spesifiek die maak van spesiale toestelle. Hy was saam met Philip Mijburgh op skool en het in 1975 in Randburg gematrikuleer. Hy het aanvanklik ingeskryf vir medies maar het oorgeslaan na ingenieurswese. Hy het in 1984 'n M.Sc. in Meganiiese Bedryfsingenieurswese ontvang. In 1994 het hy 'n D. Ing van RAU ontvang. Sy navorsing het gegaan oor die effek van saamgestelde materiale by beenfrakture. Hy is 'n

geregistreerde professionele ingenieur wat verskeie publikasies die lig laat sien het. Hy het by die lugmag aangesluit en was by Voortrekkerhoogte. Hy was in beheer van die laboratorium daar omdat dit sy belangstellingsrigting was.

[685] Hy was gedurende 1982/83 'n kandidaat-Offisier en lateraan 'n offisier. Mijburgh het hom gevra of hy wil verder gaan met sy bio-mediese navorsing. Hy is toe oorgeplaas na Spesmagte en het by die wapenafdeling gehelp met klein modifikasies. Hy het die bevelvoerder, gen. Joubert ontmoet. Hy was betrokke by spesiale operasies, nie alleen as ingenieur nie maar ook as medikus. Die beskuldigde was die bevelvoerder en ander persone daar was Bothma, Mijburgh, Blundon en B. Steyn. Wynand Swanepoel het later aangesluit. Die beskuldigde het 'n kantoor gehad en die ander het kantore gedeel aan die noordekant. Daar was ook 'n laboratorium aan die suidekant. Daar kon ook op 'n klein skaal vervaardiging gedoen word. Steven Beukes het ook in die laboratorium gewerk. Daar was 'n aantal laboratoria. Die hoof funksie was om mediese steun aan die operasies te verleen en in besonder om Spesmagte medies te ondersteun. Hulle het baie in siviele klere gewerk. Daar het mense gewerk met CR. Hy het vir Gerald Cadwell en Phillip Coleman daar gesien.

[686] Hy het 'n hele aantal kursusse gedoen, o.a. 'n valskermkursus by Tempe. Aanvanklik het hy baie van sy tyd aan die bio-mediese kant bestee. Hy het ook na die radio netwerk gekyk en het lae graadse modifikasies aangebring. Hy het enjins verander om vinniger te loop, radios verander en groter petroltenks in motors gesit. Hy het vir iemand 'n wapen verander sodat die kolf kon toevou. Dit was om valskerm spring te vergemaklik. Hy het nie met die operateurs te doen gehad nie. Hy het EMLC geken. Hulle was in dieselfde gebou en was 'n filiaal van Krygkor. Hulle het in militêre hoedanigheid geopereer. Hyself het nie toegang tot hulle werkswinkel gehad nie. Mnr. Q het 'n werkswinkel by EMLC gehad. Daar was ook 'n elektroniese werkswinkel vir EMLC. Hy was nooit daarin nie.

[687] Gedurende 1985 het Mijburgh hom na Roodeplaat geneem. Daar is 'n laboratorium bedryf vanuit 'n plaashuis.. Goosen was die bestuurder en Andre Immelman en Davies was ook daar. Hy is nooit formeel

ingelig oor wat daar gedoen is nie. Hy het baie werk vir Roodeplaat gedoen. Hy het hulle gehelp met die vervaardiging van apparaat wat nodig was vir navorsing. Hy het bv. 'n "primate restraint chair" vervaardig. Daar was ook 'n apparaat waarmee 'n bloedmonster uit 'n renperd getrek kon word en daar was 'n filtrasiestelsel. Hy was onder die indruk dat hulle besig was met navorsing.

[688] Sy gewese vrou, Antoinette, het by Infladel gewerk. Dit was die projek se koördineringskantoor. In die kantoor het die beskuldigde, Mijburgh en Ben van der Berg gewerk. Niekie Smit het ook daar gewerk. Hulle het mettertyd geskuif vanaf Hatfield na die Tulleken gebou. Gedurende 1985 was Delta G in Val-de-Grace. Mijburgh het hom gevra of hy betrokke wou raak by die oprigting van die eenheid in Midrand. Hy het dit gedoen en was vir 18 maande daarmee besig maar het steeds werk gedoen vir RNL. By Delta G was daar twee vervaardigingsaanlegte. Daar was ook 'n loodsaanleg, 'n laboratorium, kantore en 'n werkswinkel. Toe die konstruksie voltooi is en in bedryf gestel is, is hy 'n pos as ingenieur geoffer. Dit het nie vir hom opwindend gelyk nie en hy het dit nie aanvaar nie. Hy het 'n besigheid begin, Systems Research Development (SRD) wat hy in Strydompark in Randburg bedryf het. Hy was betrokke by deteksie apparaat, by beskermende klerasie en filtreerders, elektroniese afluister apparaat en die opsporing daarvan en by QB Laboratoriums. Hy het personeel ge-erf en gewerf. Hy het te doen gehad met mnr. Q en Bart Hettema. Die beskuldigde het hom gedurende Desember 1986 gevra om hulle te akkommodeer.

[689] Hy het die besigheid begin met geld wat hy van die beskuldigde ontvang het. Die chemiese gedeelte is vir die projek bedryf en hulle is deur die projek betaal vir die lewering van voorraad. Hulle het traangas voorsien in 'n blikkie wat bekend was as 'n swart varkie. Die eenheid het drie vloere in Randburg beslaan. Daar was navorsing oor meeluistering, wat die beskuldigde se behoefte was. Daar was 'n 'n meganiese werkswinkel en daar is aerosol vervaardig. Hy was ook bewus van Phoenix Service Station. Dit was nie deel van SRD nie. Dit is oorgeneem gedurende Februarie 1987. Wat die aerosol aanbetref was Bart Hettema die enigste persoon wat daarmee gewerk het en hy het met gen. Neethling geskakel wanneer dit nodig was. Hy ken vir van Remoortere. Hy is deur die beskuldigde aan hom voorgestel. Hy was die agent betrokke by die aanskaf van deteksie apparaat.

[690] Hy het in Maart 1988 bedank. Johnny Koortzen het by hom oorgeneem. Die defensiewe gedeelte het groei getoon. Die toetsvermoë moes in 'n veilige plek wees. Dit was in die Protechnik laboratoriums. Hy was 'n direkteur. Hy het dit verlaat in Maart 1993. Hy het spesifieke goed vervaardig wat Engels bekend staan as applicators. Die Afrikaans daarvan was skroewedraaiers. Dit was vir die aanwending van chemiese middels. Hy het dit gedoen in opdrag van die beskuldigde. Hy het dit ook gedoen vir RNL. Daar is aandie beskuldigde gelewer. Die beskuldigde het nie betaal vir elke eenheid nie. Daar was skroewedraaiers wat vervaardig is om vloeistof vry te stel. Sommige het gewerk met 'n veerstelsel en ander met 'n ontladingstelsel. Dan was daar apparaat wat gelyk het soos iets tussen 'n mes en 'n lepel. Dit kon in 'n sigaretpakkie verpak word. Daar is ook sambrele vervaardig. Daar was naalde en daar was apparaat wat in 'n fietspomp gemonteer was. Daar is ook ge-eksperimenteer met kolikarbonaat balletjies om persone mee te skiet. Volgens mededeling sou dit nie op X-strale wys nie. Daar is ook seëlringe gemaak.

[691] Hy is deur die beskuldigde voorgestel aan Phaal en Joe Verster en is meegedeel dat hulle later saam sou werk. Hulle het nooit saamgewerk nie. Daar was ook Omo seep en 'n brandmeganisme asook briefbomme. Hy het Corrie Meerholz geken en het werk vir hom gedoen. Hy het bv. vir hom 'n bril in 'n gasmasker gemonteer. Hy het aan 'n helmprojek gewerk saam met Gerrie Odendaal. Dit het bakteriese beskerming verleen aangesien dit gemaklik was en tog gasdig gesluit het. By een of twee geleenthede hey hy skroewedraaiers aan RNL voorsien. Hy is gevra om die volume hoër te maak sodat dit vinniger kon inspuut. Hy het heelwat van die goed gehou en toe hy bedank het, het hy dit op 'n plaas by Steenbokpan begrawe. Gedurende Junie 1997 het hy saam met ander mense dit gaan uitgrawe. Hy word verwys na bewysstuk 54.1 en identifiseer van die apparate daarop. Hy identifiseer ook items op bewysstuk 54C en beweer dat 'n ring met 'n versteekte kompartement 'n kenmerkende meganisme van mnr. Q is. Die laaste van die artikels is in 1988 gemaak.

[692] Hy het gereeld reise na Europa onderneem. Hy het ook saam met die beskuldigde gery. Sy bankrekening is gebruik. Daar is kantore gehuur in Ascot. Wilfred Mole het die kantoor gedeel. Aanvanklik

het hulle in hotelle en verskeie ander plekke gebly. Later was daar 'n huis in Warfield. Patricia Leeson het in Engeland gewerk. Sy het ook vir Mole gewerk maar het steun aan hulle gegee. Hy is een keer gesoek om 'n apparaat na Engeland te neem en dit te oorhandig. Dit is in dele oorgeneem. Hy het die gif in sy handbagasie oorgeneem. Sy kontakpersoon was die beskuldigde. Hy glo dit was die beskuldigde. Dit was 'n kleurlose waterige substans. Daar was aparte houters. Hy dink dit was botteltjies gewees. 'n Britse sambreel is aan hom gegee en hy het 'n persoon op die stasie ontmoet en na die "cottage" geneem. Hy het hom gewys hoe die meganisme werk. Daar het gif op sy hand gekom en hy het met sy lip daaraan geraak. Hy het sy sig verloor, gebewe en hy het melk en Dettol gedrink. Die spesiale apparaat is aan Trevor gegee. Op die stasie het hy 'n ander naam gehad. Hy was egter kenmerkend Suid Afrikaans.

[693] Die verhouding tussen die beskuldigde en homself het vertroebel in die vroeë tagtigs. Hy het die beskuldigde se motor by sy huis gekry en hy het hom verdink van 'n verhouding met sy vrou. Alhoewel sy suspisie 'n faktor was by die egskeiding, was hulle huwelik nie baie gelukkig nie. Hy sê dat hy 'n gesprek met die beskuldigde gehad het oor die vraag of die middels en apparaat wat hulle maak moreel regverdigbaar was en dat die beskuldigde se reaksie was dat hy dit vir homself met die Opperwese moet uitmaak. Aan die einde van 1988 het daar 'n breuk in hulle verhouding gekom. Hy was gedurig onder spanning by die werk en daar het 'n verandering in die politiek gekom. Daar was 'n probleem en hy het toe bedank. Daar was 'n ondersoek oor geld wat verdwyn het. 'n Ouditeur is aangestel. Hy het nie vir die ouditeur gesê dat die applicators deur Protechnik gefinansier is nie. Hy het twee maal met gen. Knobel gepraat. Daarna is hy na die minister wat hom versoek het om weer met gen. Knobel en met die hoof van die SAW te praat. Hy is na gen. Liebenberg wat vir hom gesê het dat hy niks met hom te bespreek het nie en dat hy sy speelgoed wil terughê. Daar was 'n bamboeskierie en skroewedraaiers. Hy identifiseer bewysstukke 54, 63D, E en F. Op 63F erken hy mnr. Q se handskrif. Hy het baie gevlieg en gewoonlik besigheidsklas. Hy het 'n staatsgetuie geword as gevolg van die geskil oor die geld. Hy is ook daaroor na die WVK.

[694] Gedurende kruisverhoor is dit sy standpunt dat die moet-weet beginsel soms streng toegepas is en soms nie. In die operasionele militêre gebied is dit baie streng toegepas. Hy word verwys na sy verklaring

voor die WVK en bevestig dat hy daar beweer het dat hy nooit blootgestel is aan operasies nie, dat hy ook nooit meegedeel is waarvoor die goed bedoel was nie, dat hy besig was om 'n vyand te beveg en dat hulle op 'n streng moet-weet beginsel gewerk het. Hy gee toe dat indien hy die beskuldigde aan die hande gekry het toe hy by die huis aangekom het hy hom sou vermoor het. Hy gee toe dat hulle mekaar totaal gewantrou het en dat sy huwelik toe beëindig is. Wanneer dit aan hom gestel word dat hy vir die beskuldigde kwaad was oor die finansiële probleem met van Remoortere, ontken hy dit en meen hy dat dit normaal is dat daar 'n ondersoek sal wees as 'n direkteur bedank. Dit word aan hom gestel dat hy ontslaan is en dat van Remoortere hom dadelik weg van die perseel wou hê. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde nie bewus was van die helmprojek nie. Sy antwoord daarop is dat indien die beskuldigde die aangeleentheid met van Remoortere uitgeklaar het dit nie vir hom nodig sou gewees het om na die minister, gen. Knobel en die hoof van die SAW te gegaan het nie. Hy het bedank omdat hy gedink het dat wat hulle doen nie moreel regverdigbaar is nie. Hy ontken dat hy die beskuldigde en gen. Neethling beskuldig het daarvan dat hulle 'n geheime kommissie ontvang het.

[695] Daar was 'n persoon Paschke betrokke. Hy het 'n probleem gehad omdat van Remoortere van die projek se bates aan 'n Arabiese land wou verkoop het. Daar was spanning tussen die beskuldigde en van Remoortere, nie met hom nie. Hy herhaal dat hy 'n morele probleem gehad het. Die bedreiging waarteen geveg is het waar geword en die projek het meer en meer ongekoördineerd geword. Hy was ongelukkig oor die flambojante lewensstyl van die beskuldigde en van ander lede van die projek. Wanneer hy gevra word of hy reeds morele probleme gehad het toe hy Engeland toe is met die sambreel antwoord hy dat hy nie met die sambreel Engeland toe is nie maar slegs met die apparaatjie. Die sambreel self is onbelangrik en 'n soortgelyke een kan in Engeland verkry word. Die applicator is die belangrike ding. Wanneer dit aan hom uitgewys word dat hy in sy verklaring gemeld het dat dit 'n skroewedraaier is wat hy oorgeneem het antwoord hy dat dit 'n sambreel tipe skroewedraaier is. Dit word aan hom gestel dat hy op drie plekke foute gemaak het en hy antwoord dat in Engels gepraat word van applicators en in Afrikaans van skroewedraaiers. Dit word dan aan hom gestel dat hy in Engels gepraat het van 'n screw-driver. Hy sê dat hy van 'n "needle type applicator" gepraat het.

[696] Floyd is nie aan hom voorgestel as Trevor nie. Hy het hom nie vantevore geken nie. Hy het gedink sy kodenaaam is Trevor. Hy bevestig dat hy wel op sy kodenaaam voorgestel is. Hy het egter met hom gekommunikeer as Trevor en hy kan nie sy kodenaaam onthou nie. Dit word aan hom uitgewys dat die wysiging van sy getuienis nou en van wat hy in sy verklaring gesê het ooreenkom oor wat Floyd nou getuig het. Hy gee toe dat dit so kan wees. Hy het Floyd se verklaring gelees. Dit word aan hom uitgewys dat hy nie die melk in die verklaring genoem het nie. Hyself verwys na die “bottle of Dettol which I drank” en voer aan dat die melk nie belangrik was nie. Hy word gevra of Floyd deel was van sy geslote groep en antwoord ontkennd. Hy het nie vir Floyd gesê waar die gif vandaan kom nie. Hy sou dit ook nie vir hom gesê het nie. Dit word aan hom gestel dat Floyd getuig het dat hy vir hom gesê dat die gif van die beskuldigde af kom. Sy antwoord daarop is dat Floyd seker geregtig is op so ‘n opinie. Dit word verder aan hom uitgewys dat sy getuienis oor hoe hy sy sig verloor het en duiselig geword het nie strook met Floyd se getuienis, tot die effek dat hy niks oorgekom het nie. Hy ontken dat hy ‘n fout gemaak het. Hy probeer nie werklik die advokaat antwoord wanneer hy oor die voorval uitgevra word nie.

[697] Hy word gevra of hy op ‘n stadium Angola toe is om Unita soldate op te lei om gasmaskers op te sit en bevestig dit. Dit word gestel dat Roelf Louw saam is en dat die kontakpersoon Chris Blundon was. Hy moes gaan demonstreer. Hy dink dat sy ontmoeting met Verster en Phaal aan die einde van 1986 was. Hy bevestig dat die sambreel apparaat nie verder ontwikkel het as ‘n prototipe nie. Niemand was tevrede met die sambrele nie en hy dink nie dat dit in die praktyk sou kon gewerk het nie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy hom gestuur het. Dit word verder aan hom uitgewys dat volgens sy getuienis die beskuldigde hom juis sou gevra het om dit te doen toe die verhouding tussen hulle ‘n laagtepunt bereik het en hy boonop morele probleme gehad het. Dit word gestel dat dit onwaarskynlik is dat die beskuldigde hom in sulke omstandighede met so ‘n taak sou vertrou het.

[698] Sy getuienis is op daardie stadium onderbreek en toe hy later teruggeroep is het hy bevestig dat by SDR hulle die produkte met ware substansie getoets het. Die filosofie verskil van land tot land, maar dit was

die filosofie alhier. Hy gee toe dat van die kledingstukke so goed was dat dit in die golfoorlog as van die beste kwaliteit kledingstukke beskou is. Hy gee ook toe dat daar toegeruste voertuie was wat met stimulerende getoets is en dat dit op 'n groot skaal getoets is. Hy gee toe dat die Britse magte Suid Afrikaans gemaakte toerusting gebruik het. Hy gee toe dat hy kontant aan Buffham oorhandig het. Hy dink dit was 'n paar duisend rand. Dit word aan hom uitgewys dat in sy verklaring die indruk gewek word dat die beskuldigde doelbewus nie sy posisie aan van Remoortere verduidelik het nie terwyl sy getuigenis in hierdie hof bloot was dat hy nie weet of die beskuldigde iets gedoen het of nie. Hy meld weer dat hy nie ontslaan is nie maar bedank het. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde sal ontken dat hy aan hom opdrag gegee het om 'n sambreel London toe te neem. Hy sê dat hy dit wel gedoen het maar dat hy nie verwag dat die beskuldigde dit sal erken nie.

[699] By die derde geleentheid wat hy getuig het het hy aangedui dat hy aanvanklik 'n 100% belang in SRD, QB Laboratories en Phoenix Service Station gehad het. Daar was 'n poging van WPW om 'n 50% belang in te koop. Hy het moeilikheid met Mole gehad. Op die ou end het hy 28% van die aandele gehad en WPW Inc 72%. Hy het die besigheid begin met kontant wat hy van die beskuldigde ontvang het. Dit was tussen R60 000 en R80 000. Dit was nie 'n lening nie en is nie terugbetaal nie. Daar was nie Duitsers betrokke nie maar hy onthou wel vir van Remoortere. Hy word verwys na JLL1, korrespondensie tussen homself en Mole. Die besturende direkteur van Mole in Suid Afrika was ene Myers. Hy het radio's verskaf en die getuie wou weet of die roete nog oop sou wees selfs al is Mole nie betrokke by SRD nie. Hulle het PPR toerusting (Pamper Proof Recording) vervaardig. Dit is om getuigenis opgeneem te kry. Die opdrag het van gen. Neethling gekom en betaling is vertraag. JLL2 is 'n skrywe wat aantoon dat Rooth en Wessels vir die Reserwe Bank opgetree het as prokureurs. Dit toon aan dat die beskuldigde ingelig is en dat hy verstaan het dat daar vertragskoninkte was. Hy sê dat hy nie geweet het wat WPW was nie maar dat hy wel kan onthou dat Webster homself voorgelê het as baie positief teenoor Suid Afrika op 'n stadium toe die res van die wêreld baie negatief teenoor Suid Afrika was. JLL3 is 'n aandeelhouersooreenkoms wat Webster in Suid Afrika opgestel het. Hy het Jane Webster in Suid Afrika ontmoet. Swanepoel het die aandeelhouersooreenkoms as direkteur geteken. Hy weet nie of hy toe al 'n direkteur was nie. Die tegnologie is egter aan hom en soms aan Swanepoel

geopenbaar. Die maatskappy het gepoog om 'n wins te maak maar het nie daarin geslaag op die SRD stadium nie.

[700] Hy het die beskuldigde voorgestel aan Mole. Hy kan nie onthou wanneer nie. Hy is later na Protechnik. Hy het die hele ding met die beskuldigde onderhandel. SAD Electronics is geïnkorporeer op 27 Julie 1987. Dit het te doen gehad met af luister apparaat. Dit is op dieselfde wyse befonds as SRD. Hulle het onderhoudskontrakte gehad. Dit is ook met die beskuldigde onderhandel. Dit het ook te doen gehad met die radiostelsel van 7 Mediese bataljon. Ockert Oosthuizen het aangesluit net toe hy op pad uit was. Hy stem saam met Bruwer se skematiese voorstelling op F27A. Phoenix se funksie was om voertuie te onderhou. Die ooreenkoms is ook met die beskuldigde onderhandel. Phoenix is of direk of indirek deur die SAW betaal. Johnny Koortzen het by hom oorgeneem omdat hy wou weggaan van 7 Medies en na die fronte wou gaan. Die beskermende klerasie is binnelands vervaardig. Daar was 'n kontrak vir die vervaardiging van 45 000 pakke oor drie jaar. Hy het vrye toegang tot die fabriek gehad. Hy het nie toetse vir Webster gedoen nie. Die roumateriaal was in rolle. Daar was 'n skuimlaag met materiaal buite. 'n Stuk is afgesny en getoets om te kyk of mostertgas deurgaan. Dan is 'n vrystellingsertifikaat gegee en kon hulle voortgaan met die vervaardiging. Die pakke is ook getoets, veral op die nate. Later het hulle die materiaal in België getoets. Wanneer pakke getoets word, word 'n paar getrek. Die materiaaltoetse is ook deur Seyntex gedoen. Daar was groen pakke en nutria pakke. Die eerste pakke was groen maar die oorgang van groen na nutria was 'n lang proses. Die probleem was dat gewone weermag materiaal nie gebruik kon word nie. Daar was materiaal nodig wat 'n druppel vloeistof oor 'n groot oppervlakte sou versprei. Daar is gevolglik 'n nuwe materiaal ontwikkel. Dit het 'n jaar tot 18 maande geneem. Kwaliteitsbeheer is uitgeoefen soos wat pakke in besendings gemaak is. Hy bevestig hoe die store in Pretoria Wes gelyk het. Hy betwis dit ten sterkste dat daar 'n brand kon ontstaan het as gevolg van die drukking, veroorsaak deur die gewig van die pakke, op die koolstoflaag.

[701] Hy het wel kontak gehad met Blucher. Hy het ook met Seyntex geskakel en hulle het later besluit om die Seyntex materiaal te koop omdat dit baie goedkoper was. Daar was wel voordele verbonde aan die

Blucher materiaal. Hy het vir Buffham geken. Die beskuldigde het hom voorgestel as 'n besigheidsman. Hy het 'n maatskappy CSD gehad wat toerusting kon verskaf. Hy was 'n paar maal daar en die "laboratorium" was werklik nie indrukwekkend nie. Hy word verwys na JLL5A en JLL5B en sê dat dit te don gehad het met 'n bompak. Dit moet onthou word dat Buffham 'n plofstofdeskundige is. Dit is gebruik deur van Remoortere en Mole. Mbt tot JLL6 verduidelik hy dat dat die Medusa Surveillance stelsel sodanig was dat jy vier of meer areas gelyk kon monitor. Hy wou graag kyk na die tegnologie. Hy glo dat die bompakke onderhewig was aan sanksies. Hy dink nie dat dit die geval met die kameras was nie. Die CAMs was eers by Delta G maar hy en Arthur Boettcher het dit weggeneem. Dit het te doen met deteksie op middel afstande en nabyheid. Dit kon of elektronies wees of "call-toetse". Daar was ook 'n Amerikaanse stel nat deteksie sakke en daar was ook verouderde M43's. Die CAMs het maklik gewerk met die blote druk van 'n knoppie. Dit was Protechnik se opdrag om CAMs vir Suid Afrika te ontwikkel. Vervaardiging en ontwikkeling is twee verskillende goed. Dit behels die ontwikkeling van spesiale batterye. Hulle het gebruik gemaak van "reverse engineering". Hulle het drie CAMs gehad. Hulle navorsing was op die eerste CAMs. Hulle was al ver toe Heyndrycz se CAMs beskikbaar geword het. Hy weet nie van 'n bloudruk nie. Dit was 'n deel van "reverse Engineering". Hy sou graag so 'n bloudruk wou sien. Hy het Graceby Ionics geken. Hy wou CAMs by hulle koop, maar hulle wou dit nie aan hom verkoop nie omdat dit beheer is. Dit was lank voordat Heyndrycz op die toneel gekom het. Hy het dele van die fabriek gesien maar nie daardie dele wat hy graag wou sien nie. Hy het nie met iemand by Graceby's geskakel nie.

[702] Hy het vir Richard Rice geken. Hy het 'n CBO tydskrif geskryf. Hulle het kontak gehad. Hy het probeer om CAMs deur Mole en Buffham te koop. Hy dink dat hy Buffham by die Special Courses Club ontmoet het. Mole kon nie die CAMs kry nie. Die Angola konflik het tot 'n einde gekom en hy was bewus van Modulêr, Hooper en Packer. Hy het Unita troepe opgelei om maskers op te sit. Daar was verskeie 7 Mediese lede teenwoordig. Indien daar beskermende klerasie pakke beskikbaar was sou hy die troepe opgelei het. Dit sou goed gewees het om hulle op te lei. Indien 'n pak gekontamineer is moet dit op 'n besondere wyse uitgetrek word. Indien daar 12 000 pakke was dink hy dat hy daarvan sou gesien het.

[703] Dit is so dat P W de Jager 'n direkteur van Protechnik was. Die beskuldigde het gedink dat hy 'n rol kan speel. Die rol wat hy wel gespeel het was baie beperk. Protechnik was winsgewend. Daar is direkteursvergoeding betaal en dividende verklaar. Daar was dividende van R240 000 en R750 000. As hulle toerusting nodig gehad het, het hulle dit deur bestaande kanale deur of Mole of van Remoortere gekry. MCI het 'n 61% aandeel in Protechnik gehad. Dit is verkoop aan Technotek. Protechnik het geld geleen van Intramex. Op 12 Mei 1988 het Intramex R244 593,53 aan Protechnik geleen teen prima rentekoers min 2% vir 6 jaar. Op 5 Julie 1988 het Protechnik R145 000 van Intramex geleen. Dit was toe hulle Logos se toerusting gekoop het. Die lening is kort daarna terugbetaal. Op 1 Maart 1989 het Protechnik aangedui dat 'n dividend van R800 000 verklaar gaan word. Die Intramex lenings was onverseker. JLL11 het betrekking op toetssubstansie vir CBO. Hulle kon dit kry of van Delta G. of van RNL. Layter het hulle dit self gemaak. Aanvanklik was daar seker mense by Krygkor wat vermoed het dat Delta G 'n frontmaatskappy was, maar later het hulle definitief geweet. Intramex het store gehuur by Protechnik op 'n plaas by Hennopsrivier. Roelf Louw van Krygkor was daarvan bewus. Daar is 50 gelling dromme gestoor. Dit moes stilgehou word. Dit is in die vroeë negentigs afgehaal deur Phillip Coleman en Roelf Louw.

[704] Daar was lenings van Wisdom Finance. Hy het met Philip Mijburgh gepraat en die papierwerk is deur Viljoen gedoen. Hy kon geld goedkoper kry as elders. Daar was korrespondensie tussen hom en Udo Paschke. Die afskrifte is na die beskuldigde. Die beskuldigde moes bewus gewees het van kommissie. Hy het eers in die hof daarvan gehoor. Hy het vir Jacomet geken. Hy was betrokke by die onderhandelings met Huber & Sohner. Jacomet was bloot 'n tussenganger. Later was hy nie meer by die onderhandelinge nie. Hy het gehoor van kommissie van R800 000 wat Jacomet gekry het, maar hy weet nie waarvoor nie. Hy ken ook vir dr. Chu. Die beskuldigde het hom aan hom voorgestel. Hy het hom een of twee maal gesien. Hy sou hulle help om in Europa te bemark. Die tegnologie het aan Protechnik behoort. Die produkte is gemaak en die resultate is gedokumenteer. Afskrifte is aan die beskuldigde, die GG en Krygkor gestuur. Die bemerking in Europa het nie gerealiseer nie. Hy het die Winford klub geken. Dit was 'n eksklusiewe klub. Dit het ontwikkel in die laat tagtigs. Hy is gevra om 'n lid te word. Dit is om die hoek van die Oppenheimer woning. Hy het die beskuldigde gevra om saam met hom daarnatoe te gaan. Hy kan nie die beskuldigde se reaksie

onthou nie. Om lid te word moes jy deel van 'n aandeeskema word. Dit was duur. Dit was die Suid Afrikaanse weergawe van die Britse gentleman's klub. Hy het wel 'n bankrekening gehad in die Verenigde Koninkryk by die St. Johns tak. Hy het gelde daar gebank wat hy van die beskuldigde gekry het. By geleentheid het hy hom 'n tjek van £100 000 gegee. Hy het geweet van 'n woonstel in Troy Court wat aan Pat Leeson behoort het. Niemand het voltyds daar gebly nie. Daar het wel 'n Belg, ene André Pierre, gebly. Die beskuldigde het ook soms daar gebly.

[705] Gedurende kruisverhoor oor hierdie gedeelte van sy getuienis is dit aan hom gestel dat gen. Nieuwoudt ingelig was oor die belegging in SRD. Hy kan dit nie bevestig of ontken nie. Hy sou nie in Buffham se besigheid belê nie, veral nie £500 000 nie. Hy bevestig dat die "reverse engineering" op die CAMs gedoen is deur dr. Leuschner van die AEK. Hulle kon nie alles doen nie en het van die werk uitgekontrakteer. Hy kan nie betwis dat Leuschner diagramme ontvang het nie. Die eerste CAM was 'n M86. Dit is ontvang van Van Remoortere of van Brian Davey. Hy was wel betrokke by die CAMs en sy getuienis voor KEEM tot die effek dat hy nie daarby betrokke was nie was 'n misverstand omdat daar twee generasies CAMs ter sprake was. Hy het die tweede generasie CAM by KEEM in gedagte gehad. Hy het dit wel by 7 Medies gesien. Daar kon drie CAMs gewees het. Dit word aan hom gestel dat gen. Neethling hom gekonfronteer het oor kommissie. Hy wil dit nie toegee nie en voer aan dat indien die korrespondensie gelees word dit duidelik is dat dit uit die staanspoor geopenbaar is.

[706] Hy word gevra oor die aantrek en uittrek van beskermende klerasie en gee toe dat dit nie vreeslik moeilik is nie. Ingeval van kontaminasie word die pak afgespuit en word dit van onder af uitgetrek, eers die skoene, dan die broek gevolg deur die baadjie. Die handskoene word laaste uitgetrek. Die beskuldigde het 'n opleidingsdoktrine opgestel. Wat die SAD kontrakte aanbetref gee hy toe dat die SAW se geld behoorlik spandeer is en dat niemand onderhands bevoordeel is nie. Alhoewel ouditeurs Louis Kruger & Kie en later Kessel Feinstein die ouditeurs was het Pierre Theron later betrokke geraak. Hy ontken ten ene male dat 'n koolstof brand weens blote drukking kon ontstaan het en sê dat dit eers begin gloei by 900 grade Celsius. Hy weet nie by wie hy gehoor het dat die CAMs deur Heyndrycz gekoop is nie. Die hoeveelheid is ook nie

genoem nie. Dit was nadat die CAMs gelewer was.

[707] **Salmon Johannes Pienaar** was 'n lid van die ANC voor 1990. Hy het kontak gehad met verskeie hooggeplaasdes, soos mnr. Mandela. Hy was verantwoordelik vir die tref van Vliegreesings. Hy ken ook vir me. Winnie Mandela en het ook vir me. Graca Machel geken. Hy het die beskuldigde aan die begin van 1993 ontmoet. Die Libiese regering wou 'n spoorlyn bou en hy wou hê dat Transnet daarby betrokke raak. Hy het vir Grant Wentzel geken wat die beskuldigde vir die doel aan hom voorgestel het. Hy het hom in die Waterkloof-sentrum ontmoet. Hy het die beskuldigde meegedeel dat hy 'n lid van die ANC is en dat daar baie moontlikhede is in Libië. Hy het Murgham in Mei 1992 in Harare ontmoet. Hy het gewerk by buitelandse sake. Hy was die visa persoon. Murgham het 'n vrou en twee kinders. Hy het bedank. Hy is nou 'n hoenderboer.

[708] Hyself het kontak met die intelligensiediens. Hy ken die hoof van die Libiese intelligensiediens. Die land word deur komitees geregeer. Almal was opgewonde oor die spoorlyn. Die Libiese regering wou \$10 biljoen aan die spoorlyn spandeer. Die beskuldigde het gesê dat hy kontakte in die regering het en dat hy vir Anton Moolman ken. Die beskuldigde het met Transnet gepraat. Hy het hom in 1993 in Botswana aan Murgham voorgestel. Die hoof Libiese ambassade in hierdie deel was in Harare maar daar was ook 'n klein kantoor in Botswana. Die beskuldigde het Murgham nie voor dit geken nie. Murgham is 'n harde maar simpel man wat met hoenders boer. Hy is nie miljoene rande sterk nie. Murgham was hom goedgesind. Hyself het toe gedink dat die beskuldigde betroubaar is.

[709] Murgham moes die ritte na Tripoli fasiliteer. Hulle moes via Gerba na Tripoli. Hy, die beskuldigde, Murgham en die ambassadeur se seun het gegaan. Hulle het met 'n Jetstar gevlieg. Dit was die beskuldigde se eerste besoek aan Libië. Hy het die beskuldigde vertel hoe 'n wonderlike plek dit is. Hulle het in 'n hotel gebly. Hulle het mense van die spoorweë ontmoet. Net die Libiese staat het besigheid gedoen. Iemand het hulle op Gerba kom haal. Die beskuldigde het wel gereël met Transnet. Hy het hom gevra of hy nie saam met Brandt en Wentzel wou betrokke raak by Global Management nie. Daar is gepraat van vrugtesappe. Die

olie was van so 'n gehalte dat ons dit nie in Suid Afrika kon hanteer nie. Hy het eers na 1994 gehoor dat die beskuldigde betrokke was by CBO. Dit was vir hom 'n verleentheid. Hy het dit in die koerant gelees en daar was ook 'n berig oor die radio. Hy is na die beskuldigde en die beskuldigde het ontken dat dit hy was en het gesê dat daar meer as een Basson in die SAW was.

[710] Nadat hulle teruggekeer het van Libië moes die beskuldigde reëlings tref. Hy het die buitelandse minister Omar Muntassar aan die beskuldigde voorgestel. Hy het gereël dat Moolman en Muntassar onderhandel. Transnet het wel getender. Nasionale Intelligensie het hom dopgehou. Hy het hulle ingelig oor die onderhandelinge oor die spoorlyn. Hy het met die beskuldigde daaroor gaan praat maar toe die Pierre Steyn verslag uitkom het hy besef dat dit die beskuldigde self is wat by die CBO projek betrokke was. Hy ken me. Mandela. Hy is ontsteld as dit gesuggereer word dat hulle die geld vir haar hofsak gaan haal het. Hy getuig dat die beskuldigde hom gevra het om Merton huis te verkoop en dat hy na 'n paar presidente van Afrika lande gegaan het. Die Libiers het die ambassade in Kerkstraat gekoop maar die ambassadeurswoning is deur sy toedoen gekoop. 'n Kroeg is nie gepas in 'n Moslem land nie.

[711] Hy wou nie erken, tydens kruisverhoor, dat hy ontsteld was omdat die beskuldigde hom mislei het nie. Dit is so dat in sommige gevalle sy verhouding met lede van die ANC versuur is maar in ander gevalle het dit nie gebeur nie. Hy vertel dat die beskuldigde wel vir mnr. Mandela garnale gaargemaak het en dat hy hom bekend gestel het met van die lede van die binnekring van die ANC. Hy word gevra wanneer Murgham 'n hoenderboer geword het. Hy wil nie erken dat Murgham in 2000 by die Europese Afrika beraad was nie. Dit blyk egter uit die kruisverhoor dat Mergham baie in Libië was. Dit word aan hom gestel dat Murgham met die verdediging gekonsulteer het om te verneem tot watter mate sy betrokkenheid by CBO namens Libië geopenbaar sou word. Die getuie is van mening dat dit onmoontlik is dat daar so 'n konsultasie gewees het. Hy bevestig dat Murgham uitgegooi is by die onthaal vir president Mandela in Libië. Dit is wel so dat hulle geld van Libië na Suid Afrika gebring het. Die geld is afgehaal by die Mahari hotel in Tripoli. Hy kan nie ontken dat Libië Zimbabwe ondersteun nie. Hy vertel hoe Murgham op die lughawe op Harare gestop het. Hy hou vol dat die beskuldigde vir Murgham eers in 1993 ontmoet het en ontken dat hulle mekaar al jare lank geken het.

Hy bevestig dat die beskuldigde wel betrokke was by die brief wat aan John Major oorhandig is. Dit word aan hom gestel dat die motivering vir die oorhandiging blyk uit dokumente 3813-3820 in die trommel.

[712] **Paul Murray** is 'n admiraal. Hy was van November 1990 tot November 1993 HSF. Hy was voorheen hoof-direkteur finansies. Volens hom is HSF 'n rekenpligtige beampte wat handel op tesourie-instruksies en en finansiële handleidings en verantwoording moet doen aan die parlement. Die SAW het baie projekte gehad en het 'n begroting gehad van die orde van R12 000 miljoen. Omtrent die helfte daarvan is spandeer aan personeel iotgawes en die helfte aan projekte. Daar was sulke projekte soos kernnavorsing, die BSB, die verkryging van wapens ens. Coast was een so 'n projek. Ofskoon dit miskien nie die mees sensitiewe projek was nie was dit sensitief. Hy het van sy voorganger, adm. Bekker wat toe HSF was gehoor van Coast voor 1990 maar het nie geweet van die weking daarvan nie.

[713] Daar kon alleen met tesourie-goedkeuring uitsonderings gemaak word op die algemene handleidings. Hy word verwys na die getuienis van brig. Coertzen en sê dat dat hy nie daarmee kan saamstem dat die KBK reëls kon voorskryf nie omdat die KBK self aan reëls gebonde was. Hy bevestig dat begrotings op KBK vergaderings bespreek is. Coast is een van die projekte wat in die spesiale verdedigings begroting geplaas is en nie in die algemene begroting nie. Dit was 'n doelwitbegroting. Wanneer hy verwys word na gen. Knobel se getuienis tot die effek dat die KBK die geld gee en dat die beskuldigde die produk moet lewer en dat hulle nie wou weet waar dit vandaan gekom het nie en voer aan dat hulle dit nie kon gedoen het nie. By die vergaderings waar hy teenwoordig was is net oor die begroting as sulks gepraat. Sedert 1992 het die projek egter 'n ander wending geneem. Hy is nie toegesprek deur buite wetenskaplikes nie. Hy was ongelukkig oor die wyse waarop Coast bestuur is. Hy was veral ongelukkig daaroor dat hy nie verkrygingskontrakte kon kry nie. Hy, as HSF behoort dit te geteken het. Hy het vir die GG daarvoor gevra maar dit is nie verskaf nie. Daar is bv. vir hom gesê dat dit in 'n kluis is waarvoor daar nie 'n sleutel is nie of dat dit in 'n kluis is en dat die sleutel by iemand is wat oorsee is. Dit het vir hom duidelik geword dat die korrekte prosedures nie gevolg is nie.

[714] Hy het gehoor van 'n HSI ondersoek maar was onbewus daarvan in Junie 1992. Hyself het 'n brief geskryf op 24 September 1992¹. Daar was gesprekke en toe toeligting aan die OG. Alhoewel hy 'n oop deur gehad het na die GG was die antwoorde wat hy gekry het nie altyd bevredigend nie. Daar was meerdere vergaderings by Sterrewagkop waarby HSF, HSI en HSAW teenwoordig was. Die vergaderings het gegaan oor uitstaande aspekte van Coast. Hy wou notules hê van KBK vergaderings om vas te stel watter besluite die KBK geneem het. Volgens L4, gedateer 9 November 1992, blyk dit dat dit nie verskaf is nie. Hy glo dat die notules bestaan het maar nie verskaf is nie. Die KBK vergaderings wat hy bygewoon het gegaan oor die bedryf van die begroting. Die gelde is goedgekeur en dan losgelaat. Hy aanvaar dat voor 1990 daar operasionele terugvoer gegee is. Selfs toe hy daar was, was daar 'n groepie wat terugvoering gegee het oor operasies. Hyself was nie daarby betrokke nie. Hy het ook navraag gedoen oor buitelandse rekenings². Hy was nie tevrede met die antwoorde nie en het vermoed dat daar ander rekenings bestaan. Hy het bv. vir Pierre Theron gevra vir inligting.

[715] Hy weet van brig. Briers se besoek aan die buiteland. Hy het by sy voorganger, Adm. Bekker, opdrag gekry om sekere spanderings na te gaan. Daar is afgelei dat sy ondersoek oppervlakkig was en as gevolg daarvan en van ander dinge was hy gedwing om vroegtydig af te tree. Klandestiene verkrygings sal nie noodwendig in die algemene SAW inventaris voorkom nie. Die SAW het wel metodes om te bepaal wat die klandestiene verkrygings was. Wanneer voorwerpe soos klere aan troepe uitgereik word sal 'n mens verwag dat dit normale SAW uitreikings sou wees. Rekords moes aan die projek-ouditeur geopenbaar word en hy het aanvaar dat die projek-ouditeur dit wel ter indae gehad het.

[716] Hy dra kennis van die privatisering. Hyself het dit nie goedgekeur nie maar hy was betrokke by die KBK besluit om dit aan te beveel. Wat die insette aanbetref het hy op 'n beskeie manier insette gelewer. Hy word gevra om te sê dat dit eintlik die beskuldigde was wat die voorleggings gemaak het maar sê dat dit gen. Raubenheimer en die beskuldigde was wat die aanbevelings gemaak het. Hy voer egter aan dat as die

¹ Bewysstuk L1

² Bewysstuk L5.

beskuldigde bevoordeel is hy dit moes geopenbaar het en dat as hy en Mijburgh gesamentlike besigheidsbelange gehad het hy dit ook moes geopenbaar het. Oor aanklag 14 sê hy dat daar wel navorsingskontrakte was en meen hy dat dit na kommersialisering was.. Ne privatisering moes 'n bedrag betaal word en moes dit deur Europa gekanaliseer word. Hy sou wou weet as van daardie fondse beswaar is vir die koop van 'n vliegtuig. Die KBK kon nie so-iets magtig nie.

[717] Oor aanklag 20 is dit sy houding dat as die beskuldigde rekenings oorsee gehad het, hy dit moes geopenbaar het. Hy weet nie van die geheime rekening in Truter se naam by Volkskas Menlo Park nie. Alle frontrekeninge moes geopenbaar word. Hy weet nie hoekom dit nie aan Theron geopenbaar is nie. Theron het 'n uiters sensitiewe klaring gehad en niks moes van hom weerhou word nie. Hy weet van die Kroatiese aangeleentheid omdat hy toe alreeds by die projek betrokke was. Daar was verkeie verduidelikings. Vir wat werklik gebeur het was hulle aangese op die beskuldigde se verduideliking. Hy het dit aanvaar maar was nie gelukkig omdat die SAW geld verloor het. Nie een van die betrokkenes was gelukkig nie. Hy was nie betrokke daarby om vas te stel of dit 'n ware storie was en of daar nie dalk diefstal plaasgevind het nie. Hy het geweet van 'n verdeelbare waarborg. Hy het nie geweet dat die fondse alreeds in April 1992 beswaar is nie. Hy het nie geweet dat die \$900 000 na Luxembourg gestuur is nie en dat maatskappye soos Luft en Genavco daarby betrokke was nie. Indien WPW 'n verskaffer was sou hy wou geweet het of die beskuldigde tekenmagte gehad op die WPW rekenings. Indien hy 'n middelman was moes hy sy tekenmagte openbaar het sodat gekontroleer kon word of SAW fondse koste-effektief aangewend is.

[718] Indien die SAW sou besluit het om voorraad te verkoop was daar 'n logistieke manier en moes die fondse in 'n B7 rekening inbetaal word. Daar kon met goedkeuring daarvan afgewyk word. Sulke fondse kon nie vir ander doeleindes aangewend word nie. Die B7 rekening moet weer aan die parlement openbaar word. Die parlement moes dan besluit wat daarmee moes gebeur. Hy weet nie van 'n ruiltransie van 'n peptiedsintetiseerder vir mandrax nie of vir die ruil van 'n Jetstar nie. Indien die KBK dit goedgekeur het moes dit 'n voorlopige goedkeuring gewees het wat weer later voorgelê moes gewees het vir finale goedkeuring.

[719] Tydens kruisverhoor het hy toegegee dat hy eintlik hipoteties getuig het oor hoe die finansiële bestuur behoort te gewerk het. Wat sekuriteitstelling aanbetref gee hy toe dat hy nie in 1990 in kennis gestel sou gewees het nie. Dit blyk dat sy ongelukkigheid meer gaan oor gebrekkige rekordhouding en prosedure. Na normalisering was daar geen rede waarom normale prosedure nie gevolg sou gewees het nie. Hy ge toe dat die kommersialisering en die privatisering behoorlik gedoen is. Die vraag wat die hof moet beantwoord is of die beskuldigde gesteel het. Hy was ongelukkig dat die manier waarop die projek bestuur is die geleentheid gelaat het vir bedrog. Hy sê nie dat daar bedrog plaasgevind het nie. Hy gee toe dat weens sanksies die projek kwesbaar was. Hy kan nie betwis dat behalwe vir die Kroatiese transaksie Pierre Theron tevrede was met die besteding van die fondse nie. Daar is nie sprake daarvan dat hy vir Theron wil kritiseer nie. Wanneer hy aanvoer dat HSF bewus moes gewees het van tekenmagte op rekenings bedoel hy nie noodwendig homself nie maar die amp. Daar is 'n fyn lyn tussen projekrekeninge en rekeninge wat nie projekrekeninge is nie. Hy gee toe dat as 'n produk klaar gekoop is en betaal is die verskaffer met die geld kan maak wat hy wil.

[720] Sy kritiek op die hantering voor normalisering is gebaseer op sy interpretasie van die handleidings. Die handleidings is duidelik en hy word uitgenooi om te sê dat dit dan die KBK is wat 'n fout gemaak het. Hy wil egter nie ja of nee sê nie. Sy probleem is dat die KBK wel magtigings gegee het en dat hulle dit kon gedoen het indien hulle gemagtig was om dit te doen. Die bevoegdheid om daardie magtigings te gee blyk egter nie uit lêers nie. Hy het nie KBK notules gesien nie. Hy weet nie of daar wel 'n opdrag was dat KBK notules na twee jaar, na oudit, vernietig moes word nie. Hy het gen. Liebenberg geken. Hy was die soort van persoon wat van jou verwag het om 'n opdrag onmiddellik uit te voer. Hy sou egter ook van jou verwag het om hom in te lig dat die opdrag wat jy uitvoer nie volgens voorskrifte uitgevoer word nie.

[721] Hy word gevra oor die afverkoop van projekbates en die B7 rekening en verwys na die 1992/93 begroting. Daar was 'n witboekbegrotingsbedrag van ±R50 miljoen en 'n bedrag ongeveer R14 miljoen as inkomste vir projekfondse. Die twee bedrae saam was ongeveer R65 miljoen wat die begrote uitgawes was. Hy stem saam dat die R14 miljoen nie weer aan die parlement voorgelê vir herbesinning daaroor nie. Hy stem saam dat dit waarskynlik uit die afverkoop van bates of uit huurinkomste gegenereer is. Hy het nie 'n

probleem met die manier waarop dit hanteer is nie aangesien dit deel van die begroting uitgemaak het. Hy word gevra of hy aanvoer dat elke verkrygingsaksie geopenbaar moes gewees het en voorgelê moes gewees het en hy sê uitdruklik dat dit nie is wat hy probeer voorgee het nie. Hy sê egter dat indien omkoopgeld betaal is dit later goedgekeur moes gewees het, deur tesourie. Hy kan nie betwis dat die beskuldigde die opdragte van die KBK uitgevoer het nie. Die privatisering is behoorlik hanteer.

[722] **Karl Koen** was die sekerheidsbestuurder by Delta G vanaf 1982 tot 1987. Hy moes die perseel fisies beskerm. Hy het geweet dit was 'n frontmaatskappy. Hy wou dit verlaat by 1988. Hy het die beskuldigde as die direkte leier beskou en het met hom daaroor gepraat. Na 'n paar weke het die beskuldigde hom gevra om hom te kom sien. Hy het vir hom gesê dat hy twee dinge vir hom sal doen. Hy sal hom toelaat om die wagte van DeltaG oor te neem vir sy eie rekening en dan kon hy ook 'n maatskappy SRD Electronics oorneem. Die honde kon hy uithuur. Hy het SRD se naam verander na Protection Management Services.

[723] Wat die finansiering aanbetref moes hy na Viljoen gaan. Hy sou geld aan hom leen. Dit het gekom van Wisdom Finance. Die toerusting was van tegniese aard. Dit het te doene gehad met "debugging", myne en "surveillance". Hy sou die toerusting bemark by Nasionale Intelligensie, Militêre Inligting en die veiligheidspolisie. Dit was hoofsaaklik die staat. Dit was 'n maatskappy met winsbejag en hy het gehoop om ryk te word. Teen Junie 1990 was Protection Management Services 'n bedrag van R76 681 en hyself R60 000 aan Wisdom Finance verskuldig. Die idee was dat hy die maatskappy sou koop vir R120 000. Hy het ook 'n bedrag van R25 000 geleen om 'n voertuig te koop. Hy het later die voertuig teruggegee omdat dit te lig was om die honde te vervoer. Hy het nie die lening terug betaal nie. Hy het Viljoen gekontak en hom meegedeel dat hy nie in staat was om die geld terug te betaal nie. Viljoen het hom gevra om dit op skrif te stel. Hy het dit gedoen en die dokument vir hom by Villastraat gegee. Viljoen het hom meegedeel dat die skuld afgeskryf sou word. Hy het baie min afbetaal op die rekening.

[724] Protection Management Services het ook los werkies gedoen soos konsultasies met mense met sekerheidsprobleme. Hy het ook ID dokumente vir die mense van Aeromed gemaak. Hy het kontak gemaak

met Buffham. Dokumente Koen 1A-1K toon aan dat hy goed soos geslote kring televisie met transmissie sonder drade, 'n kamera videobeeld wat deur elektriese drade oorgedra word en 'n Centaur kabel om te waarsku teen myne en soortgelyke dinge vanaf Buffham kon koop. Hy sou die alleenverspreider wees. Hy het Buffham in Engeland gaan sien en sy reiskaartjie is deur die beskuldigde gereël. Die laboratorium en die fabriek was vir hom indrukwekkend. Hy het prototipes by Buffham gekry wat in sy kantoor geïnstalleer is. Daar was nie 'n huurmark nie. Die hele onderneming was nie 'n groot sukses nie. Hy het baie PADS kabels verkoop. Dit is 'n klein kabel wat lyk soos 'n elektriese kabel maar wat in werklikheid 'n mikrofoon is. Hy het geweldig baie daarvan verkoop aan Nasionale Intelligensie en aan die veiligheidspolisie. Hy het ook daarvan verkoop aan militêre intelligensie en Spesmagte. Hy het nie invoerprobleme gehad nie.

[725] Hy het Buffham drie maal besoek en dan het hy in 'n hotel in Grantham gebly. Hy het sy verblyfkoste met sy kredietkaart betaal. Die rede waarom hy nie Buffham se produkte suksesvol kon bemark nie was omdat dit te duur was. Hy weet dat Buffham een maal in Suid Afrika was. Beskuldigde het hom gevra om hom op die lughawe te gaan ontmoet en om dan sorg te dra dat daar behoorlik na hom omgesien word. Een van die dinge wat Buffham kon voorsien was 'n trekkertjie om myne uit te haal. Hy het nie so 'n trekkertjie gekoop nie. Daar was in ieder geval een wat plaaslik gemaak is.

[726] Die beskuldigde het hom gevra om die mense by Roodeplaat Teelondernemings te ontmoet. Hy het 'n BK, Working Dogs, gestig omdat die beskuldigde hom gevra het om te help met die bemarking van die honde en aangesien Roodeplaat Teelondernemings op die punt was om toe te maak. Daar is drie soorte honde nl. waghonde, honde wat springstof kan uitruik en honde wat dwelms kan uitruik. Hy wou hê dat Buffham van die honde wat dwelms kon uitruik in Engeland moet bemark. Die honde is ook verhuur. Die bemarking was suksesvol alhoewel die honde duur was. Hy het Working Dogs en Protection Management Services gederegistreer. So ver hy weet word die tegnologie waarby hy betrokke was nog op Johannesburg Internasionaal en op Heathrow gebruik. CSD se toerusting was gesofistikeerd en baie ver gevorderd. Hy het op aanbeveling van Jerry Brandt sy besigheid verskuif na Edenvale. Hy het gehoor dat Brandt en Wem\ntzel gearresteer is. Dit was in verband met 'n helmet vir vlieëniers en handboeke. Hy is gevra deur Mijburgh en

Pithey om dokumente oor “rekenaarchips”, goud en Chu in hulle kantoor te gaan soek. Hy het 5 briewetasse weggeneem. ‘n Paar dae later het daar ‘n man van doeane en aksyns ingestap en ‘n aantal CIA agente.

[727] In kruisverhoor het hy aangedui dat Pierre Theron die BK geouditeer het en hy het toegegee dat dit ‘n front was. Hy kan nie bevestig of ontken dat hy betrek is omdat die posisie was dat die honde doodgemaak sou moes word indien hulle nie bemark kon word nie. Wat Buffham aanbetref is dit aan hom gestel dat die werking van sanksies sodanig was dat sekere toerusting aan privaat maatskappye verkoop kon word maar nie aan die staat nie en dat dit die rede was waarom hy toegelaat is om ‘n privaat maatskappy te stig. Hy het ook sulke toerusting uit Amerika ingevoer. Hy kan nie betwis dat sy maatskappy in wese ‘n front was om sanksies te ontduik nie ofskoon hyself dit nie geweet het nie. Wat die helmets aanbetref verduidelik hy dat dit so werk dat dit skiet na waar die loods kyk. Hy kan nie bevestig dat dr. Chu dit voorsien het nie. Hy bevestig dat die beskuldigde geen persoonlike voordeel uit of Working Dogs of Protection Management Services gekry het nie. In herverhoor is dit sy opinie dat Buffham die enigste aandeelhouer in CSD gewees het.

[728] **Rudolph Louw** het getuig oor aanklagte 65, 66 en 67 en Intramex. Hy was vanaf 1975 verbonde aan die SAW. Hy het ‘n beurs gekry en het in 1979 ‘n B. Mil ontvang. Hy het ‘n verdere beurs ontvang en ‘n B. Ing ontvang van die Universiteit van Pretoria. Hy was ‘n majoor. Hy het steundienste verleen aan verskeie projekte. Hy het te doen gehad met kern- biologiese- en chemiese oorlogvoering (KBC in Engels NBC). Daar was nie sprake van kernoorlogvoering nie. Biologiese oorlogvoering is oorgelaat aan die SAGD. Chemiese oorlogvoering is deur die leër bedryf. Hy was betrokke by projek Academic en was die leër se projek-offisier. ‘n Afskrif van RL1, ‘n voorligting oor defensiewe CBO is aan die beskuldigde gestuur. Die Academic begroting en die Coast begroting het niks met mekaar te doene gehad nie. Hy het nie geweet van Coast of van die KBK nie.

[729] Academic is befonds uit die standaard spesiale weermag begroting. Hy kon dit met die beskuldigde bespreek het omdat die beskuldigde sy mentor was en hy kon dit ook met gen. Knobel bespreek het. RL2 is ‘n lys van CBO toerusting wat tans (5/10/1989) deur die leër hanteer word. Daar is groen pakke op die lys.

Dit is ingevoer. Daar is gepoog om dit met nutria pakke te vervang. Dit is gedoen. Bewysstuk RL3 is 'n koördinering van die veskaffer se verwysingsnommer en die SAW beheernommer. Die verwysing na TNT is na Technotek. RL5 wat op Krygkor se briefhoof geskryf is en gedateer is 5 November 1990 dui aan dat daar vanaf 1 April 1990 geen verdere fondse beskikbaar was nie omdat daar droot afskaling was en omdat CBO nie meer so 'n groot bedreiging was nie. Technotek en Lifestyle Management was betrokke by projek Galvanise. Dit blyk dat daar aan die einde van 1990 'n groot aanvraag was na CBO produkte vanweë die konflik in Irak

[730] Hy het ook Technotek se voorganger YCVM geken. Dit was geleë te Babelegi en was betrokke by die vervaardiging van CBO klere en seil uitrusting. Die kwaliteitsbeheer is deur Protechnik gedoen. Hy was ook bewus van Intramex. Viljoen het hom op 'n stadium ingelig dat dit ontbind het. Hy weet nie of Academic wel op 31 Maart 1991 gesluit het nie. Van Remoortere het hom meegedeel dat daar pakke uitgevoer gaan word. Hy weet egter nie self daarvan nie. Hy getuig dat RL5 geskryf is toe hy 'n posverandering sou ondergaan het. Name wat daarop voorkom is Galvanise, Indosit, Doodle, Biodeteksie, Academic, Keyboard, Loggim, Chiro, Fashion, Contain, Spectrum, Abductor en Fyzabad. Bewysstuk RL6 is in sy handskrif en toon KT nommers aan, die bedrag wat spandeer is, die datum waarop die aankoop gemaak is, die kontrakteur van wie gekoop is, die tipe van items wat aangekoop is en wie by die leer betrokke was. Die kontrakteurs was Lifestyle, Technotek, Komarsek, Ryno, Karcher, Intramex en Milistan. Wat ter sprake is, is dekontaminasie- en deteksie apparaat, traangas maskers, beskermende klerasie, oorpakke, traangas, kernstudie, masker evaluasie ens. Intramex was by direkte bestellings betrokke.

[731] Hy weet niks van 'n RITS rekening nie. CR was die eerste projek waarby Intramex betrokke was. Hy noem 'n projek en getuig dat hy die projek offisier was vir die leer en dat hy later die programkoördineerder was toe hy by Krtgkor was. Hy het 'n uitvoerbaarheidstudie gedoen en hy het die stafvereistes bepaal. Daar was proewe virdie maak van offensiewe CR. Daar is pirotegniese toetse by Swartklip gedoen. Hy was nie ingelig van ander substansie nie. Hy het toe bewus geword van Coast en van die beskuldigde. Hy het inligting gekry by die beskuldigde en by gen. Knobel. Die beskuldigde was sy deskiundige adviseur. Daar is groot

hoeveelhede CR bestel omdat daar nie gedurig bestellings geplaas kon word nie. Krygkor koop van Intramex en gee dit namens die leër aan Swartklip. Dit is gestoor by store in Courtstraat in Pretoria Wes. Dit is later geneem na 91 Ammunisie depot te Naboomspruit. Hy het nie aanvanklik geweet waar die CR vandaan kom nie maar het later afgelei dat dit by Delta G vervaardig is. Hulle het omtrent 15 ton benodig maar daar is 17 ton gelewer teen R300 per kilogram dws teen R5,1 miljoen. Hy het nie geweet dat Delta G R1 000 per kilogram betaal het nie. Hy het nie geweet dat Delta G een ton per maand vervaardig het nie. Die vervoerkoste is deur Intramex betaal. Dit is gelewer vry in stoor en is in 44 gelling dromme gestoor. Dit is na Naboomspruit verskuif. Dit was dringend benodig vir Modulêr, Hooper en Packer.

[732] Hy word verwys na RL7 en getuig dat die hoeveelhede benodig was om 'n begroting op te stel en om dit van die verskaffer te verkry. Hy het by die beskuldigde van Intramex.. RL8 is in Zeeman, wat oorlede is, se handskrif. Op die laaste bladsy was daar 'n verwysing na homself en 'n aanduiding van wat bestel moes word. RL9 en RL 10 het te doen met bestellings deur Krygkor vanaf Intramex. As hy geweet het dat die goed wat bestel is reeds betaal was sou hy dit nie weer bestel het nie. Hy het nie geweet dat Intramex reeds vir YCVM betaal het nie. Met verwysing weer eens na RL 10 getuig hy oor 220 stelle klere en dui hy aan dat hy 705 bestel het vir die operasionele brigade in die lig van die beskikbare geld. Dit was nie vir Unita nie maar vir eie wagte. Dit is aan die SAW gelewer by Dequarweg.

[733] Hy was op 'n stadium grens toe en was daar met die slag van Lomba..Dit was hy, Lourens, Brian Davey en ene Andre. Hy het demonstrasies gedoen maar nie opleiding gegee nie. Daar was gasmaskers en die klerasie is aangetrek. Hulle het enkele pakke saamgevat. Die gasmaskers wat beskikbaar was was Shalom maskers. Daar is opleiding vir die CBO klere gegee deur Brian Davey. Hy ontken dat opleiding nie nodig is nie. Daar behoort voorskrifte te wees oor hoe 'n gasmasker opgesit behoort te word en hoe handskoene aangetrek moet word aangesien daar net 'n baie kort tydjie is waarbinne dit gedoen kan word. Ook die uittrek is 'n besondere proses. Hulle het met die Kingair na Rundtu gevlieg. Hy getuig oor 65.152 tot 65 .173 en RL 15 tot RL20 en die aankoop van voorraad. Die beskuldigde het hom opdrag gegee om kwotasoes te bekom. Die een was 'n bestelling vir die leër terwyl die ander 'n bestelling vir die SAGD was. Hy

kan nie onthou of dit teen Academic verreken is nie. Daar was 'n behoefte aan deteksie apparaat en daar is 'n Duitse spektrometer gekoop. Protechnik sou dit namens die SAGD bedryf. Hyself het toe al van pos verwissel en die persoon wat daarby betrokke was, was P B Nel. Die begroting waaruit dit gekom het was nie Academic nie maar uit die verdedigingsnavorsingsontwikkelingsbegroting (V/NOR). Dit is gedoen omdat daar fondse beskikbaar was. Hy was nie betrokke by enige bewering van onderhandse kommissie nie.

[734] Tydens kruisverhoor het hy verduidelik dat hy sy behoeftebepaling hoofsaaklik van die leër gekry het. Hy moes uitvind wat beskikbaar was en moes dan terug rapporteer. Daar is dan besluit of daar gekoop sou word. Ingeval van 'n aankoop moes hy die lewering kontroleer. Hy weet bv. nie waar die CR vandaan kom nie want dit val buite die veld van wat hy moet weet. Dit het egter nie heeltemal buite sy kennisveld geval nie omdat die SAW wel wou weet of die vervaardiger behoorlik vervaardig en teen 'n redelike prys lewer.. Hy het vir Intramex betaal en het geweet hoe lyk die fabriek by YCVM. Hy betwis nie dat daar groen pakke in die republiek vervaardig is nie. Hy kry 'n behoeftebepaling en plaas dan 'n bestelling by Intramex of Technotek. Wat by Intramex gebeur val buite sy kennisveld. Hy bestuur die transaksie. Hy word verwys na RL18 en gee toe dat die beskuldigde dit namens die SAGD geskryf het en nie namens Coast nie. Hy het navraag gedoen by Coast en het toe terug rapporteer.

[735] Hy het nie van die RITS rekening geweet nie en het maar kort gelede daarvan uitgevind. Hy hoef egter nie daarvan te geweet het nie. Dit word aan hom gesuggereer dat al die KT nommers wat op die dokumente voorkom, wat hy geskryf het, nie noodwendig al die klerasie is wat aangekoop is nie. Hy bevestig dit. Dit is egter moontlik om vir so ver Krygkor betrokke was na te gaan wat al die aankope was. Tydens Modulêr, Hooper en Packer was daar 'n dringende behoeftebepaling. Aangaande die bewering dat daar nie gasmaskers gelewer is nie bevestig hy dat hy wel Shalom gasmaskers gesien het en dat hy dit in die operasionele gebied gesien het. Hy word verwys na na RL17 en in besonder na irem 8 wat aandui dat daar 24 batterye vir CAMs aangekoop moes word. Hy sê dat dit vir die leër was en dat die rede daarvoor was dat die leër nie CAMs van hulle eie gehad het nie alhoewel daar wel CAMs was. Hy bevestig dat hy nie met Unita te doene gehad het nie en dat hy nie kan onthou van kol. Schutte nie.

[736] Hy word verwys na bewysstuk 65.152 gee hy toe dat die beskermende klerasie wat daarop voorkom groen pakke was en dat hy gedink het dat dit vir die Suid Afrikaanse soldate was wat in Angola saam met Unita geveg het. Unita het groen uniforms gedra en daarom sou die groen "olive drab" pakke gewerk het. Hy is nie altyd ingelig oor wat op operasionele vlak gebeur het nie. Hy het 'n klagte aanhangig gemaak toe daar CR mortiere geskiet is toe hy by 'n parade te Rundtu was. Hy het gedink dit kan die sekerheid van die projek in gevaar stel. Op daardie stadium was hy nie bewus daarvan gewees dat die leër sulke mortiere tot hulle beskikking gehad het nie. Wat die goedere wat uit Italië afkomstig was aanbetref gee hy toe dat die leër wel vir die vervoerkoste sou betaal. Hy werk bloot met behoeftevasstelling. Wat die kontrakteur met die geld maak nadat hy betaal is, is buite sy beheer. Daar is sommige groen pakke wat wel ingevoer is. Toe is daar groen pakke hier vervaardig en daarna is daar net nutria pakke vervaardig.

[737] In herverhoor verduidelik hy dat sy verwysing in 'n brief van 9 Mei 1988 na LA-rook 'n verwysing na CR was. CS was gewone traangas. In paragraaf E van die brief is daar 'n verwysing dat eie magte se defensiewe vermoë nie sodanig was dat hulle 'n chemiese aanval sou kon weerstaan nie. Hulle kon nie CAMs by Graceby Ionics kry nie. Die maskers wat op die grens was, was in 'n tent. Dit het gelyk of die SAW nie 'n idee het wat om daarmee te doen nie. Oor 60 000 handskoene getuig hy dat hy vasgestel het dat die prys 46% opgemerk was en die winsmarge was onaanvaarbaar. Dit is die rede waarom dit nie gekoop is nie.

[738] Aan die einde van die getuienis is daar erkennings gemaak. Bewysstuk AAA word ingehandig en in terme daarvan erken die verdediging, ingevolge artikel 220 van die Strafproseswet, dat daar bankrekenings was by die banke soos uiteengesit in 'n skedule, dat hulle behoorlike rekenkundige rekords gehou het en dat dokumente in die normale loop van die werksaamhede van daardie banke geskep is. Verder erken die verdediging dat die beskermende klerasie opeenvolgend genommer is en dat aan die einde van 'n jaar net die jaartal verander het sodat die volgende jaar se nommers net aangegaan het waar die vorige jaar s'n geëindig het. Verder erken die verdediging dat ene Smit wat die stoorman by Delta G was vanaf 1985 tot 1993 die store ondersoek het maar nie rekords van produk M of quinsoline kon vind nie. Dit is egter gemene saak dat

die rekords gebrekkig was. Die verdediging erken voorts dat die aandeelhouding in die verskillende maatskappye was soos wat Bruwer dit in sy verslag vanaf die brondokumente weergegee het. Dit word egter duidelik gestel dat die erkenning nie behels dat die aandeelhoudings die werklike toedrag van sake was nie.

[739] Ten einde die getuienis van Swanepoel wat aan KEEM verbonde was uit te skakel erken die verdediging dat hy sou getuig het dat daar 'n behoorlike proses was waarvolgens die dokumente wat in die vier trommels was genommer is. Die verdediging dui egter aan dat die verdediging dit aan hom sou gestel het dat dit nie in die praktyk noudeset uitgevoer is nie. Verder erken die verdediging dat die beskuldigde gedagvaar is op 14 Oktober 1992, in saaknommer 20 van 1992, om te getuig oor die aspekte wat blyk uit die dagvaarding en die aanhangsel daartoe, bewysstuk 29B. Dit is gemene saak dat die beskuldigde op 16 Oktober 1992 getuig het. Die beskuldigde se selfoonstate word ingehandig as bewysstukke 27U1 tot 27U38. Vir die gerief van die hof het die staat ook 'n lys waarin al die bankrekenings, beide oorsee en in die land, vervat is ingehandig. Dit bestaan uit 10 kolomme. Dit bevat die naam van die maatskappy, die bank, die tipe rekening, die rekeningnommer, die tekengemagtigdes, die datum van die opening en sluiting van die rekening die verwysing na die rekening in Bruwer se verslag, die bewysstuknommer, die aanklag waarop dit betrekking het en die basis waarop die staat beweer dit toelaatbaar is. Die staat het ook 'n doenlikheidsstudie oor RNL wat gedurende 1991 deur Chu gedoen is ingehandig as bewysstuk 3A.

DIE DWELMS.

[740] ***Giliam Jan Gabriël Ehlers*** het getuig oor aanklagte 25, 26 en 27. Hy was toe hy getuig het 'n leerklere by prokureurs Wagner en Muller. Hy was vanaf 1995 'n superintendent by SANAB Johannesburg. Hy het die beskuldigde gearresteer. Hy het ene Steve Martin ontmoet op 13 Januarie 1997. Hy het saam met de Villiers en Lewitt gewerk te Bryanston. Hulle het R7 000 gekry vir 'n lokval. Hulle het ook 'n groot bedrag aangevra vir groot transaksies en R200 000 is goedgekeur.

[741] Daar het 'n proefkoop plaasgevind op 21 Januarie 1997 te Bryanston. Steve Martin het 100 kapsules aangekoop van ene Grant Wentzel. Die forensiese laboratorium het bevestig dat dit Ecstasy was. Hulle het 'n

polisie reservis wat hulle wou gebruik as 'n koper, ene Fred Scherff, gekontak. Hy het 'n duur Duitse motor gehad en het goeie Engels gepraat. Daar was nie sulke polisiemanne nie. Hulle het hom behoorlik deursoek om seker te maak dat hy nie ander geld by hom het nie of ander dwelms nie en het hom toe R100 000 gegee. Dit het geskied op 24 Januarie 1997 te Rustenburg. Hy, de Villiers en Lewitt het hom dopgehou. Hy het kontak gemaak met Wentzel. Hy het die R100 000 vir Wentzel gegee en het 2018 kapsules van Wentzel ontvang. Hulle het vir Wentzel arresteer. Hy wou aanvanklik nie samewerking gee nie. Die fotoalbum bewysstuk 26A toon bv. die kapsules aan. Die kapsules is geseël met seëlnommer 922.

[742] Hulle het hom weer op Saterdag 25 Januarie 1997 besoek. Hy was bereid om saam te werk. Daar was 'n ooreenkoms. Die staat sou nie 'n aansoek om borg teenstaan nie. Borg sou egter in 'n hoë bedrag voorgestel word. Wentzel het aangedui dat die verskaffer 'n gevaarlike persoon is. Hy bly in Pretoria en is 'n hartdokter. Hy werk by die SAW. Hy het Wentzel gevra om die verskaffer te skakel en mee te deel dat die transaksie goed afgeloop het. Op Maandag 27 Januarie 1997 is borg toe vasgestel in 'n bedrag van R25 000.

[743] Hulle het Wentzel die Dinsdag by sy prokureur, Bill van Vuuren, op Krugersdorp ontmoet. Hy het sy span toe vergroot deur vir Inspekteur Botha en konstabel Wiese in te trek. Daar is afluisterapparaat by hoofkantoor bekom. Hulle het eers gery na die Fonteine by Pretoria in 'n poging om met die verskaffer in aanraking te kom. Hulle het later onttrek. Terwyl hulle daar was het iemand hom geskakel en inligting gegee. Die Woensdagoggend het hy dit eers met brigadier van Tonder uitgeklaar dat hy moes voortgaan met die optrede. Hulle is met twee voertuie na Pretoria. Hy, de Villiers en Botha was in die een voertuig en Lewitt en Wiese was in die ander voertuig. Wentzel is deursoek en R60 000 is aan hom oorhandig. Die nommers van die geld is neergeskryf. Hy en Botha het na Magnoliadal gery. Wiese was in Wentzel se katebak. De Villiers en Lewitt het in 'n bussie gery. Daar was twee afluister apparate aan Wentzel. Een was aan sy been vasgeplak. Toe hulle by Magnoliadal kom het hulle die verdagte voertuig gesien. Hy het die beskuldigde by hom sien verby loop. Hy handig bewysstuk 27A, 'n fotoalbum, in, wat die posisies van die voertuie uitbeeld.

[744] Hy sien dat die beskuldigde wegry. 'n Rukkie later hoor gy 'n getoet. Hy sien die wit Sentra so 150 meter daarvandaan by 'n verkeerslig. Hy ry nader en hou, aan die passassierskant, langs Wentzel se voertuig stil. Hulle het vir 'n kort rukkie gesels en die beskuldigde het die geld ontvang en 'n swart plastiese sak in Wentzel se voertuig gesit. Hy het toe met sy vuurwapen te voorskyn gekom en op Wiese geroep: Jottie! Jottie! Die beskuldigde het in die rigting van die spruit gehardloop en daarin geduik. Hy het die beskuldigde met behulp van sy vuurwapen gedwing om na hom toe te kom. Hy het neem die banksakkies met die swart en rooi kapsules in sy besit asook die geld. Hy neem vir Wentzel na die toilet by die Kiosk en neem die afluister apparaat in besit. Hulle is na die beskuldigde se huis oorkant die straat want hy wou droog aantrek. Daarna is hulle na die hoofkantoor. Terug by die beskuldigde se huis het hulle sy studeerkamer deursoek. Hulle het op uiters geheime dokumente afgekom wat deur KEEM in besit geneem is. Daar het 'n persoon van Nasionale Intelligensie opgedaag. Na omtrent 45 minute het adv. Cilliers opgedaag. Daar was oproepe van weermag generaals. Hulle is na Brooklyn polisiestasie. Lede van KEEM het daar opgedaag. Bew. 27B word ingehandig. Dit is 'n fotoalbum van die beskuldigde en die plastiese sakkies met die kapsules. Hy het die kapsules geseël met seëlnommer 1811.

[745] Op die Saterdag is hy na Delta G waar hy met dr. Koekemoer gepraat het. Iemand het 'n groen houër uit sy kantoor gedra. Toe hy dit deursoek het het hy bewysstuk 27C, kapsules daarin gevind. Hy het dr. Koekemoer arresteer. Hy was ook by dr. Mijburgh se woning. Bewysstuk 27D is 'n foto van die enkapsuleringsmasjien. Bewysstukke 26B en 27E is artikel 212 verklarings wat betrekking het op die 2018 kapsules wat te Rustenburg in besit geneem is en gemerk is met seël nommer 922 en die 1040 kapsules wat te Magnolia dal in besit geneem is en gemerk is met seëlnommer 1811. Die kapsules is deur en inspekteur JK Theron by die forensiese laboratorium afgelewer in 'n amptelike koevert. Bewysstuk 25A het betrekking op die 100 kapsules wat op 21 Januarie te Bryanston in besit geneem is. Dit is 'n verklaring deur 'n forensiese analis wat aantoon dat die kapsules deur 'n forensiese analis ontleed is en dat sy vasgestel het dat dit MDMA (Ecstasy) bevat. Bewysstukke 26C(1) en 26C(2) is onderskeidelik 'n soortgelyke verklaring as 25A deur dieselfde Marlize Alexander wat betrekking het op die 2018 kapsules en 'n verbeterde verklaring waarin die drie tegnieke wat gebruik is uiteengesit word en wat aantoon dat die kapsules Ecstasy bevat. Bewysstuk 27F

het betekking op die 1040 kapsules wat afkomstig is van Magnolia dal en is *mutatis mutandis* identies aan 26C(2) en toon dus ook aan dat die 1040 japsules Ecstasy bevat. Wentzel was geskok toe hy gearresteer is. Die band wat hy op Wentzel geplant het is eers by SANAB in die kluis gestoor en later by sy huis in 'n kluis. Hy het dit laat transkribeer en handig dit in as bewysstuk 27(1)

[746] Onder kruisverhoor het hy toegegee dat voordat 'n lokval gestel word betroubare inligting nodig is. Dit is egter nie noodsaaklik dat daar beëdigde verklarings hoef te wees nie. Nadat hy met brigadier van Tonder gepraat het, het hy nie die toestemming van die direkteur van openbare vervolging nodig gehad nie. Dit is nie so dat elke polisieman wat by 'n lokval betrokke is direk na die arrestasie van die verdagte 'n verklaring moet maak nie. Hy ontken dat sy eerste verklaring eers ses weke later gemaak is. Sy ander lede was besig met administratiewe werk. Hy ontken dat hulle lank gedraai het en dat daar 'n hele beurt van 'n internasionale krieketwedstryd verbygegaan het terwyl hulle by Brooklyn polisiestasie was. Hy gee egter toe dat, behalwe vir een, al die lede wat by die lokval betrokke was se sakboekies weggeraak het. Hy bevestig dat die beskuldigde versoek het dat daar vingerafdrukke gesoek moes word op die plastieksakkies waarin die kapsules was. Hy weet nie of dit gedoen is nie. Dit is so dat die beskuldigde verlig was om te hoor dat hy verbonde is aan SANAB. Hy kon gedink het dat dit 'n rooftog was.

[747] Hy word gevra oor Wentzel se verhoor in Rustenburg. Hy is onskuldig bevind. Dit wil voorkom asof die oorkonde gebrekkig is. Hy weet dat Wentzel 'n bekentenis afgelê het. Dit was in die Basson lêer. Hy weet nie hoekom die aanklaer in die Wentzel saak dit nie gekry het nie. Wentzel is onskuldig omdat die forensiese verklaring gebrekkig was. Dit is so dat die verbeterde verklaring reeds op 15 Julie 1997 opgestel was en dat die uitspraak eers op 18 Julie gegee is. Daar was 'n verdaging tussen die argument en die uitspraak. Hy is nie seker of Scherff by Wentzel se verhoor gewees het nie. Hy kan nie 'n rede gee waarom Wentzel nie van die Bryanston voorval aangekla is nie. Hy word gevra of hy ondersoek ingestel het na Wentzel se vorige veroordelings en getuig dat dit baie moeilik was om dit te doen.

[748] Hy gee toe dat hy vir die ondersoekbeampte gesê het dat Scherff oorsee was en dat hy nie van hom 'n verklaring kon kry nie. Daar was wel so 'n verklaring in die Basson lêer. Hy wil nie toegee dat Wentzel se getuienis noodsaaklik is vir aanklag 25 nie. Die kapsules was uniek. Dit was die eerste keer wat hulle met Ecstasy in kapsule vorm te doen gekry het. Hy het nie gedink dat dit nodig was om Wentzel se juis te deursoek nie. Hy het nie sy adres gehad nie. Hy het vir Wentzel opdrag gegee om so normaal as moontlik op te tree by die lokval. Hy het nie die plek van vervaardiging deur Wentzel probeer opspoor nie. Daar was 'n onduidelike duplikaat van die band wat hy eers by SANAB en toe by die huis gestoor het. Daar was geen kapsules in die beskuldigde se huis gevind nie. Hy ontken dat polisie van die beskuldigde se video bande geneem het. Daar het wel van die polisiemanne na video's in die beskuldigde se TV-kamer gekyk. Die kapsules wat by Koekemoer gevind is was soortgelyk. Hy gee toe dat die kapsules bewysstukke 27(2), 27(3) en 27(4) verskil maar wys daarop dat hy nie al drie by hom gehad het om te vergelyk nie.

[749] In herverhoor getuig hy dat sy eerste verklaring reeds op 29 Januarie 1997 gemaak is. Al die verklarings is egter nie getik nie. Hulle het net een tikster. Hulle het onder groot druk gewerk en moes so 10 of 11 dossiere gelyk hanteer. Wentzel het die meeste van die tyd 'n regsverteenvoerder gehad.

[750] Beide **Tanya Nadine Lewitt** en **Johannes Paulus Wiese** het Ehlers se getuienis oor hulle optrede bevestig. Lewitt het getuig oor die Bryanston-, Rustenburg- en Magnolia dal voorvalle. Volgens haar is Ecstasy 'n groot probleem in Johannesburg. Wiese het op 29 Januarie agter in Wentzel se motor se katebak gery. Hy het 'n gesprek uit die katebak uit aangehoor. Hy het die geld en die kapsules gesien. Daar was vyf paspoorte van die beskuldigde by sy huis. In kruisverhoor het hy toegegee dat sy geheue vaag is en dat hy weinig onthou. Hy kan ook nie onthou of die gesprek in Engels of in Afrikaans was nie. Hy het toe in herverhoor toegegee dat hy die beskuldigde simpatiek gesind is.

[751] **Grant Wentzel** beskryf homself as 'n internasionale makelaar in 'n wye spektrum van dinge soos ingemaakte vrugte, volstruis vleis, tegnies gevorderde masjiene, pompe, goud, volstruis leer ens. Hy is betrokke in 'n besigheid bekend as Global Management. Hy het in Amerika in die moeilikheid beland oor die

uitvoer van tegnies gevorderde masjienerie. Hy is deur die FBI gearresteer. Hy het skuldig gepleit maar is nie skuldig bevind nie. Dit het te doen gehad met sanksie ontduiking en die voorsiening van “micro-chips” vir Puma helikopters. Hy het besigheid gedoen met die Oos Europese lande. Hy is omtrent 20 jaar gelede skuldig bevind aan bedrog. Hy het Global Management gedurende 1992 begin. Die beskuldigde het dit gefinansier. Hy, Gerry Brandt, Marlene Brandt, en Sol Pienaar was betrokke in die maatskappy. Hy, Jerry Brandt en Sol Pienaar is Mosambiek toe. Hy het ru-olie probeer invoer en het saam met Louis Bezuidenhout gewerk. Op 'n stadium wou hy AK47 gewere in die buiteland verkoop. Hy het die beskuldigde gevra wat die pryse was en die beskuldigde het hom die prysed gegee.

[752] Gedurende die begin van 1997 was sy finansiële posisie nie goed nie en hy het gesoek vir Ecstasy. Hy wou ook renoster horings uitvoer maar het permitte nodig gehad. Hy het 'n vriend, ene Steve Martin wat hom ingelig het dat hy 'n mark vir Ecstasy het. Hy het geweet dat daar Ecstasy vervaardig is by Delta G. Hy is meegedeel dat as hy dit openbaar maak sy lewe in gevaar sou wees. Hy het met Jerry Brand gepraat. Hy het hom meegedeel dat hy met ene Lourens, 'n chemikus, moet praat. Lourens wou nie Ecstasy aan hom verskaf nie. Hy het 'n oproep van die beskuldigde gekry om hom by Grand Central lughawe by 'n koffiehuis te ontmoet. Die beskuldigde het aangebied om hom te voorsien van Ecstasy. Hy wou graag 'n monster hê en die beskuldigde het 'n monster van 100 kapsules verskaf in 'n restaurant in Brooklyn. Hy kan nie die datum onthou nie. Die naam van die restaurant het iets met “green” te doen en daar was later 'n Steers restaurant. Die monster is in 'n plastiese sak aan hom verskaf en die kapsules was swart en rooi of bruinrooi (maroon). Hy het dit vir Steve Martin gegee in Bryanston. Hy het dit vir hom in sy voertuig gegee. Martin is in die winkelkompleks in en het omtrent 20 minute later teruggekom. Hy het R5 000 gehad. Hy het vir Martin R1 000 gegee en R4 000 gehou. Martin het hom gevra om ene Fred te ontmoet.

[753] Hy het toe die beskuldigde gebel en hom gevra vir nog 2 000 kapsules. Die beskuldigde het gekla dat dit 'n baie groot bestelling was. Hy het hom meegedeel dat hy wel kapsules beskikbaar het. Dit kon die 22ste of 23ste Januarie gewees het. Hy het dit vir hom in 'n plastieksak gegee. Hy het nie vir die beskuldigde enige geld gegee nie. Hy het vir Martin by Grosvenor Place ontmoet. Fred het gebel en hom aangesê om hom in

Rustenburg te ontmoet. Hy het vir Fred by Kentucky Fried Chicken in Rustenburg ontmoet. Fred het 'n aktetas met 'n vuilerige roomkleurige voorkoms aan hom oorhandig. Daar moes R100 000 in gewees het. Die beskuldigde wou R30 per kapsule hê. Hy is na die Rustenburg polisiestasie geneem waar die fotos wat in bewysstuk 26A voorkom geneem is. Hy was geskok maar op die Saterdag is hy bygestaan deur sy prokureur, Aubrey Chester. Hy is ingelig dat die polisie dat aanklag teen hom sou terugtrek indien hy met hulle saamwerk. Hy het die beskuldigde die Saterdag geskakel. Op die Maandag is daar borg aan hom toegestaan. Die naam van 'n ander prokureur is deur iemand anders aan hom verskaf en 'n onderhoud met ene Bill van Vuuren van Krugersdorp is gereël vir die Dinsdag.

[754] Hy het die hele storie op Saterdag 25 Januarie aan die polisie vertel. Hulle het hom belowe dat die saak teen hom teruggetrek sou word. Hy het die beskuldigde toe meegedeel dat hy nog 1000 kapsules benodig. Op die Dinsdag het hy die polisie Pretoria toe geneem en hulle die verskillende plekke gewys soos die restarant in Brooklyn en Magnolia dal. Op daardie stadium het hy nie geweet waar die beskuldigde gebly het nie aangesien hy slegs vantevore by sy vorige huis in Ariessstraat besoek het. Hy het op die 29ste gegaan om die beskuldigde te ontmoet. Ehlers het reeds die vorige dag sy hemp geneem om afluister apparaat daar in te sit. Hy het 'n mikrofoon op sy lyf gehad maar hy kan nie onthou waar nie. Ehlers is voor hom na Magnolia dal. Hy het gery met die polisieman in sy katebak. Sy motor het op parkeerplek nommer 2 op bewysstuk 27 A gestaan. Die beskuldigde se voertuig het uiteindelik op nommer 1 gestaan. Die beskuldigde het die geld geneem en in sy motor gesit. Hy het 'n plastiese sak uit sy katebak gehaal en aan die passassierskant in sy (die getuie se) voertuig geplaas. Die beskuldigde het in die rigting van die spruit geloop. Hyself is na die restaurant waar Ehlers die afluister apparaat by hom gekry het. Hy beweer dat hy en die beskuldigde 'n gesprek gehad het oor die vraag of die kopers betroubaar was en dat hulle ook oor Louis Bezuidenhout gepraat het.

[755] Hy getuig dat hy wel aangekla is van die handel dryf in Ecstasy vir die voorval op 24 Januarie 1997 maar dat hy weens een of ander tegniese gebrek onskuldig bevind is. Hy is na 'n deskundige oor stemme en het oor en oor geluister na die band van die gesprek wat op 29 Januarie plaasgevind het. Hy het geen grief teen die beskuldigde nie. Hy weet dat die beskuldigde Nissan motors gehad het. Na sy vrylating op borg het

hy reguit huistoe gegaan. Die transkripsie wat van die band gemaak is, is wat 'n mens op die band kon hoor. Hy het die 2000 kapsules in 'n bruin koevert gesit. Die beskuldigde het hom vertel dat die kleurkode van Ecstasy van land tot land verskil. Hy getuig dat hy met "the last two" tydens die gesprek met die beskuldigde verwys het na die vorige twee duisend kapsules. Hy het die beskuldigde vertel dat die kopers gekla het oor die prys. Hy erken dat dit nie waar was nie, maar dit is wat Ehlers vir hom gesê het om te sê. Die verwysing na Louis Bezuidenhout en die ru-olie transaksie was ook onwaar maar dit was om homself te dek. Die R60 000 wat hy agter in die motor geplaas het was die uitstaande bedrag van die 2 000 kapsules.

[756] Toe hy gekruisverhoor is het hy bevestig dat as dit so is dat die Bryanston transaksie op 21 Januarie plaasgevind het, dan het hy die beskuldigde vir die eerste keer op 19 Januarie genader, het hy die 100 kapsules op 20 Januarie ontvang en het hy dit op 21 Januarie verkoop. Hy bevestig dat volgens sy verklaring, wat deur sy prokureur opgestel is, hy die 2000 kapsules op 22 Januarie ontvang het en op die 24ste Januarie gearresteer is. Hy het geen transaksies waarby Ecstasy betrokke was gehad nie voordat hy deur die beskuldigde genader is nie. Hy kan nie verstaan waarom de Villiers in sy verklaring meld dat hy op 13 Januarie inligting ontvang het dat Wentzel handel dryf in groot hoeveelhede Ecstasy nie. Dit word aan hom uitgewys dat hy in sy verklaring gemeld het dat hy 'n verskaffer gehad het. Hy sê dat dit 'n fout in die verklaring is. Hy stem saam dat die polisie hom reeds op 24 Januarie gevra het om saam te werk en dat hy op 25 Januarie in die polisie se teenwoordigheid die beskuldigde gebel het. Hy het hom meegedeel dat hy 'n probleem gehad het om die prys te onderhandel maar hy het weer die Maandag met hom gepraat.

[757] Dit word aan hom gestel dat hy op die Vrydag reeds met sy verskaffer gepraat het en hy word na 'n naskrif in Scherff se verklaring verwys tot die effek dat kort na sy arres sy selfoon gelui het en dat hy na die gesig daarvan gekyk het en gesê het datdit sy verskaffer is wat hom geskakel het. Dit word aan hom gestel dat die rekords van die beskuldigde se selfoonoproepe aantoon dat hy hom nie die Vrydag geskakel het nie. Hy doen aan die hand dat die beskuldigde hom dalk van 'n ander telefoon af geskakel het. Hy gee egter toe dat op daardie stadium slegs selfoonnommers op die gesig van die selfoon sou wys en nie ander telefone se nommers nie. Hy weet nie wie hom geskakel het nie en sê dat dit dalk Steve Martin kon gewees het. Hy word

gekonfronteer met sersant Lewitt se verklaring tot die effek dat dat die Rustenburg transaksie eers op 23 Januarie onderhandel is en dat, volgens sy verklaring, hy reeds die kapsules op 22 Januarie ontvang het. Hy getuig dat hy die 2 000 kapsules eers op die 23ste kon ontvang het en dat sy verklaring verkeerd moet wees waar dit na die 22ste verwys.

[758] Dit word aan hom uitgewys dat volgens sy selfoonrekords hy nie beskuldige op 19 Januarie geskakel het nie maar hy meen dat hy hom dalk van 'n ander telefoon af kon geskakel het. Hy gee egter toe dat hy hom op 18 en 20 Januarie van sy selfoon af geskakel het. Hy bevestig dat hy nie beskuldigde tydens die oorhandiging vir enige van die hoeveelhede kapsules betaal het nie en dat die beskuldigde hom ook nie gevra het vir betaling nie. Hy spekuleer dat hy nie 'n oproep kon ontvang het vanaf Vrydag tot Maandag toe hy in die selle aangehou is nie. Wat die ontvangs van die geld en die betaling daarvan aan die beskuldigde aanbetref was dit 'n kwessie van goeder trou.

[759] Hy het vir die chemikus Lourens vir Ecstasy gevra. Hy het wel met Gerry Brand gepraat gedurende 1996. Hy ontken dat hy hom vir leë kapsule doppies gevra het. Hy ontken dat sy vorige veroordelings met omkoperij te doene het en getuig dat hy op 28 aanklagte van bedrog skuldig bevind is. Hy gee egter toe dat toe hy deur die FBI in hegtenis geneem is daar wel omkoperij ter sprake was. Hy het skuldig gepleit in Amerika en is toe op sy eie verantwoordelikheid vrygelaat. Hy het toe die land verlaat. Hy dink dat hy eintlik behoort terug te gaan na Amerika om sy naam in ere te herstel. Hy het probeer om onverwerkte goud wettiglik uit te voer na China. Hy het ook probeer om vinnig geld te maak, vir ander, met die koop van Kruger rande maar is ingeloop deur die verkopers en het toe die "beleggers" se geld verloor. Hy het wel 'n permit gehad om renosterhoring uit te voer maar hy het nog 'n uitvoerpermit van die Internasionale Bewaringsverbond (Cites) nodig gehad. Hy het die renosterhoring by die Natuurbewaringsraad gekry.

[760] Hy gee toe dat sy samewerking in die huidige saak behels het dat hy nie alleen die beskuldigde se naam moes verstrek nie maar ook dat hy hom in die lokval moes lei. Hy ontken dat die enigste voordeel vir hom sou wees dat die polisie nie sy aansoek om borg sou opponeer nie. Hy was onder die indruk dat die

aanklagte teruggetrek sou word. Dit is so dat hy 'n lang termyn gevangenisstraf in die gesig gestaar het. Hy het wel twee maal KVV wyn, belastingvry, aan die beskuldigde verskaf. Hy het sy broer die Vrydag (24 Januarie) geskakel om sy vrou in te lig oor wat met hom gebeur het. Hy het sy prokureur die Saterdag gesien. Sy prokureur het aan hom verduidelik dat dit ernstige aanklagte was en dat dit in sy belang is om met die polisie saam te werk. Dit is so dat hy die beskuldigde geld geskuld het en dat gevra was om dit te betaal. Hy ontken dat dit vir jare was en beweer dat dit hoogstens vir 6 tot 9 maande kon gewees het. Dit is wel so dat hy die beskuldigde ingelig het dat hy met 'n transaksie besig was wat hom in staat kon stel om die skuld af te betaal. Die beskuldigde was bekend met CBO en hy het hom vir advies gevra. Dit het gegaan oor wapens wat na Pakistan toe moes gaan. Hy ontken dat die eindverbruiker Libië sou wees. Hy ontken dat daar 'n maatskappy in Pakistan gestig is om die transaksie te hanteer. Hy ontken dat die beskuldigde sulke advies aan hom gegee het. Dit is wel moontlik dat die transaksie reeds vanaf 1995 ter sprake kon gewees het. Hy het advies van die beskuldigde gekry oor granaat werpers, AK47 gewere, en ammunisie vir mortierwerpers. Hy kan nie onthou dat die beskuldigde hom aangeraai het om versigtig te wees met die wapentransaksies nie. Hy wou dit wettiglik doen. Hy moes 'n eind-verbruikerssertifikaat kry. Hy ontken weer eens dat die beskuldigde hom gewaarsku het en dat wat hy wou doen eintlik was om met wapens te smokkel.

[761] Hy ontken dat wanneer hy in die moeilikheid is hy beide die wettigheid en die morele korrektheid van sy optrede sal ignoreer om sy bas te red. Hy gee egter toe dat Ehlers hom in die moeilikheid laat beland het. Ehlers het wel vir hom voorgesê wat om te sê tydens sy gesprek met die beskuldigde om te verseker dat die beskuldigde nie kennis van die Ecstasy kapsules kon ontken nie. Hy gee toe dat hy gelieg het tydens die lokval maar voer aan dat 'n mens wel moet lieg tydens 'n lokval. Hy kan nie verduidelik waarom op bladsy 3 van die transkripsie by reël 14 hy slegs gepraat het van "R30,00 per." nie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde nie bewus was daarvan dat daar Ecstasy was nie en dat hy onder die indruk was dat hulle van 'n wapentransaksie praat. Wanneer hy gevra word of dit korrek is dat woorde soos Ecstasy, dwelms, pille of kapsules nooit gebesig is nie antwoord hy dat die beskuldigde waarskynlik doelbewys nie sulke woorde gebruik het nie as 'n voorsorgmaatreël. Hy kan nie verduidelik hoekom hy so 'n voorsorgmaatreël getref het nie.

[762] Hy gee toe dat hy die indruk probeer skep het dat hy in Amerika gearresteer is omdat hy besig was met sanksie ontduiking terwyl die werklikheid is dat hy verbode masjiene na Rusland wou uitvoer. Hy gee toe dat dit op instruksies van Ehlers was dat verkeerdelik gepraat het oor Louis Bezuidenhout. Dit was nie vir hom belangrik wat die storie sou wees om voor te hou nie. Dit word aan hom gestel dat hy die beskuldigde wou laat glo dat hy besig was met 'n transaksie waarby Bezuidenhout en Krygkor betrokke was en dat dit 'n wapentransaksie was. Dit word aan hom gestel dat die geld wat hy aan die beskuldigde geskuld het langer as 6 of 9 maande voor die voorval aan hom geleen is. Hy ontken dat sommige van sy besigheid was om Amerikaanse dollars vanuit Libië na Suid Afrika te bring. Dit word aan hom gestel dat hy die geld vir me. Winnie Mandela se verhoor aan die beskuldigde gegee het, wat dit na die Mandela woning geneem het. Dit word aan hom gestel dat op bladsy 3 reël 6 van bewysstuk 27G (die transkripsie) wat eintlik gesê is, was "That is what I was doing there." Hy ontken dat hy reeds handel gedryf het in Ecstasy voordat hy die beskuldigde ontmoet het. Hy ontken dat hy bewus was van publisiteit oor die beskuldigde aan die begin van 1997. Hy het eers daarvan gehoor na sy arres.

[763] Hy ontken aanvanklik dat hy die beskuldigde die Maandag 27 Januarie 1997 gesien het. Daarna meen hy dat hy nie kan onthou of hy hom dalk laat die middag of vroeg die aand gesien het nie. Dit word aan hom gestel dat hy drie kartonne wyn aan die beskuldigde gegee het. Twee daarvan was vol wyn maar uit die een was drie bottels kort. In die plek van die bottels was daar 'n plastiese sak. Die beskuldigde het hom geskakel en meegedeel dat dit die verkeerde karton was. Hy het toe die beskuldigde meegedeel dat die wyn wel vir hom bedoel was maar dat hy net die plastiese sak moes terugbring. Hy het toe die beskuldigde meegedeel dat hy hom die geld wat hy hom nog skuld sal betaal maar dat hy net die plastiese sak moes saambring. Hy het die Pakistanse minister van verdediging net een maal in London ontmoet. Mike Jordaan het met Marlene Brand saamgewerk. Hy ontken nie dat daar 'n ontmoeting was by 'n restaurant bekend as die Crazy Nut nie en dat daar ook 'n persoon van Fedsure Versekering was nie. Dit word aan hom gestel dat dit daar is waar hy onderneem het om al die geld wat hy aan die beskuldigde geskuld het terug te betaal en dat dit aan die einde van 1996 plaasgevind het.

[764] Hy gee toe dat wanneer die band bewysstuk 27 G stadiger gespeel word dit die stemme so verander dat dit moeilik is om te bepaal wie praat. Hy gee toe dat op p.2 reël 8 “make sure you are all right” volg direk na sy verwysing na Denel. Hy gee toe dat as die verkeerde eind-verbuikerssertifikate gebruik word die Denel transaksies uiters onwettig is. Tydens herverhoor getuig hy dat hy slegs R2000 of R3000 aan die beskuldigde verskuldig was. Die prys van ‘n AK47 was \$100. Sy transaksie vir die verkoop van AK47 gewere het nooit gematerialiseer nie en daar was nie meer as 300 tot 500 betrokke nie. Hy het nooit bedoel om AK47’s Kaap toe te stuur nie. Hy het nooit handel gedryf met leë kapsule doppies nie. Hy is kwaad vir Ehlers en sy span omdat hulle hom gevang het. Hy kan nie onthou na welke telefoon hy die beskuldigde geskakel het nie.

[765] Hy is verder gekruisverhoor en het toegegee dat die beskuldigde net een selfoon gehad het. Hy ontken nie dat hy nooit sy huisnommer gehad het nie. Hy gee weer toe dat Telkomnommers toe nie op selfone gewys het nie. Dit word aan hom gestel dat hy die beskuldigde R93 000 geskuld het en nie net R2 000 of R3 000 nie.

[766] **Leendert Pieter Christiaan Jansen** is ‘n deskundige mbt stem-identifikasie. Hy het die band van die gesprek, wat op 29 Januarie 1997 by Magnolia dal plaasgevind het, op 3 April 1997 van superintendent Ehlers ontvang. Hy het onmiddellik ‘n heropname daarvan gemaak omdat die herhaalde speel van ‘n band die kwaliteit daarvan verswak. Hy het die heropnames deur middel van filters gedoen en hy het die frekwensie inhoud ietwat verander om die spraak te verbeter en die steurings te verminder. Hy het seker 15 maal na die band geluister en na onduidelike gedeeltes seker 50 maal. Hy het ‘n spesiale apparaat wat so werk dat die laaste 5 sekondes wat gespeel is oor en oor speel elke keer wanneer die band gestop word. Hy kon nie die stemme van die sprekers uitmekaar ken nie en Wentzel het dit vir hom geïdentifiseer. Daar is nie gepeuter met die band nie en hy is tevrede dat ‘n behoorlike transkripsie gemaak is.

[767] Onder kruisverhoor het hy toegegee dat sy deskundigheid eintlik stem-identifikasie is en dat wat die transkripsie aanbetref hy eintlik in dieselfde posisie as enigiemand anders is. Dit is so dat hy ‘n ernstige

gehoorprobleem het en dat daar twee mikrofone voor die hof geplaas is en hy met oorfone getuig het maar hy meen dat vanweë sy ervaring hy tog 'n voordeel het bo ander mense wat luister. Hy hou vol dat dit 'n goeie transkripsie is en gee toe dat daar nie 'n verwysing na kapsules, dwelms, pille of Ecstasy in die transkripsie voorkom nie. Hy gee ook toe dat op p3 reël 14 die sin doelbewus eindig op "R30 per" en dat dit nie vermeld word per wat nie.

[768] **Willem Johannes de Villiers** is 'n speurinspekteur in die Suid Afrikaanse polisie gestasioneer te SANAB Johannesburg. Hy spesialiseer in Ecstasy en LSD. Hy het Steve Martin by Cresta ontmoet en inligting van hom gekry. As gevolg daarvan het hulle R700 000 aangevra. Die eerste gesprek was op 10 Januarie 1997. Superintendent Ehlers was by. Daar was 'n verdere gesprek op 13 Januarie. Ehlers was toe op verlof. Die eerste transaksie, toe die 100 kapsules verkoop is, het plaasgevind te Bryanston. Hy het Steve Martin deursoek. Hulle het op die stoep van 'n parkeerterrein gesit en die parkeerarea dopgehou. Hulle het hom R5 000 gegee. Hy het swart en rooi kapsules gekoop. Die forensiese toetse het bevestig dat dit Ecstasy bevat het. Die volgende transaksie het in Rustenburg plaasgevind. Hulle het eers vir Scherff by 'n vulstasie buite Rustenburg ontmoet en hom deursoek en R100 000 aanhom gegee. Die nommers daarvan was neergeskryf.

[769] Hulle het Wentzel aangehou en hy was betrokke by die ondervraging in die polisieselle te Rustenburg. Wentzel was geskok gewees. Hy het aan Wentzel gesuggereer dat dit tot sy voordeel kan wees as hy met die polisie saamwerk. Hulle het op die Saterdag teruggekeer na die polisieselle en Wentzel was bygestaan deur sy prokureur. Hy het onderneem om saam te werk. Hyself het Wentzel weer die Dinsdag gesien en hulle is daardie aand na die Fonteine. Hulle het die Woensdag weer by die Fonteine ontmoet. Wentzel is deursoek. 'n Bandopnemer is aan sy been vasgemaak. Geld is aan hom oorhandig. Hy en sersant Lewitt het agter Wentzel gery. Hulle het oorkant die spruit stelling ingeneem. Hulle het gesien hoedat die beskuldigde die swart sak uithaal en aan Wentzel oorhandig. Na die arres was daar 'n wit koevert met die geld in die beskuldigde se voertuig. Daar was 'n swart vuilgoedsak met die kapsules in Wentzel se voertuig. Daarna is hulle met die beskuldigde na die polisiehoofkantoor en toe na sy huis. Sy huis is deursoek en toe is hulle na

Brooklyn polisiestasie. Daar het hulle verklarings geskryf en administratiewe werk gedoen. Hy het onder andere die beskuldigde se waarskuwingsverklaring, bewysstuk 27, afgeneem.

[770] Uit sy kruisverhoor blyk dit dat die inligting wat hy van Steve Martin gekry het tot die effek was dat Grant Wentzel groot hoeveelhede Ecstasy kapsules verkoop het. Daar ontstaan 'n argument oor die gebruik van die woord "kapsules" en hy meen dat hy dalk 'n fout kon gemaak het met die gebruik van die woord omdat die verklaring eers gemaak is nadat hy wel die kapsules gesien het. Hierdie was die eerste keer wat hy Ecstasy kapsules gesien het. Hy kan nie onthou dat Steve Martin R1 000 kleingeld gebring het nie. Hy weet ook nie wat van die verskil tussen die R7 000 en die R5 000 geword het nie. Hulle het nie Wentzel se huis deursoek nie. Hy was te moeg. Hulle het vir Wentzel toegelaat om oproepe te maak. Dit kon nie lank geneem het om die waarskuwingsverklaring te neem nie. Hulle kon wel verklarings geskryf het by Brooklyn polisiestasie. Dit is so dat hy sy sakboek verloor het. Wanneer 'n polisielokval gestel word moet daar noodwendig gelieg word. Hy kan nie help om te verduidelik wat Ehlers aan Wentzel voorgesê het om te sê tydens die lokval nie. Hy gee toe dat die polisie getuienis moet hê wat bo twyfel bewys dat 'n persoon vir wie 'n lokval gestel word homself aan die oortreding skuldig maak. Hy meen nie dat dit in hierdie geval nodig was nie.

[771] Tydens herverhoor het hy verduidelik dat hulle net R200 000 gekry het van die polisie hoofkantoor. Die inligting wat hy gekry het, het oor 'n sindikaat gegaan.

[772] **Johannes Mattheus Koekemoer** is 'n chemiese wetenskaplike met 'n doktorsgraad in chemie. Hy was tussen 1979 en 1986 'n professor in organiese chemie by RAU. Hy het 'n aantal publikasies die lig laat sien. Hy het ondervinding in industriële navorsing en hy het 'n studie gemaak van organiese chemie, dit wil sê chemie in verband met koolstof bevattende elemente. Hy is ook onderlê in analitiese chemie en het ervaring van toksiese stowwe. Hy het by Delta G gewerk vanaf April 1986 tot Maart 1997. Hy was 'n hoofnavorsers en het mettertyd ook 'n direkteur geword.

[773] Die aanleg was geleë te Midrand op die hoek van Ou Pretoriaweg en Georgestrate. Dit was groot genoeg vir opskaling van 'n laboratorium na industriële grootte. Daar was vier laboratoria. Die aanvanklike hoof van die aanleg was dr. Philip Mijburgh tot in 1990. Daarna was dit mnr. Barry Pithey. Daar was 'n personeel van omtrent 120 mense. Daar was o.a. 'n dr. Gert Lourens en 'n dr. Hennie Jordaan. Dit was 'n front vir die SAW gewees. Die CR is daar vervaardig. Daar was goeie sekuriteit en 'n permanente wagstelsel. Buitestaanders het nie toegang tot die perseel gehad nie. Hy het die Wet op Afsigsgeheime onderteken. Daar is op 'n "need-to-know" basis gewerk. Die oogmerk van die projek was om 'n defensiewe CBO stelsel te ontwikkel. Probleme moes ge-analiseer word en inkapasitante moes vervaardig word. Die doel was dat die vyand se denkvermoë op 'n kritieke stadium so verminder moes word dat daar nie behoorlik oorlog gemaak kon word nie en die vyand moes verkieslik ook gedwing word om van beskermende klere gebruik te maak, wat ook stremmend is by oorlogvoering. Iemand het op klein skaal blou suur gemaak maar verder is geen dodelike gifstowwe vervaardig nie. As 'n front moes daar ook kommersiële produkte gemaak en bemark word.

[774] Hy ken die beskuldigde vanaf 1986 waar hy hom by kantore in Val-de-Grace ontmoet het. Hy het later agter gekom dat die beskuldigde Mijburgh se baas was. Hy was nie bewus van Coast nie. Die beskuldigde het 'n lae profiel gehandhaaf. Die beskuldigde en Mijburgh het later kantore gehad by Hennopsrivier en daar het vergaderings plaasgevind waar hyself, Mijburgh, die beskuldigde en senior navorsers teenwoordig was. Hy het die grootste agting vir die beskuldigde se vermoë om chemiese verslae te evalueer en om nuttige insette te lewer.

[775] Ecstasy, MDMA, is by Delta G vervaardig. Daar is twee roetes om dit te vervaardig nl. die safrool roete met behulp van Sassafras olie en die glisidiese ester suur metode. Dr Jordaan het dit voorgestel. Dit is nie 'n nuwe chemiese begrip nie maar so ver dit hom aangaan was dit 'n unieke metode vir die vervaardiging van Ecstasy. Daar is 912 kilogram Ecstasy gemaak. Dit is gemaak onder die kodenaam Baxil. Hy het vir lede van die personeel gesê dat dit vuurpyl brandstof vir die Franse is. Hy aanvaar dat dit 'n inkapasitant is. Dit kan egter nie 'n individu se oordeel en denkvermoë permanent aantast nie. Dit is wel misbruik in die VSA.

Dit het eers in 1993 die klassifikasie van van 'n skedule 8 medisyne gekry. Hy was ongelukkig oor die maak van die Ecstasy en wou dit met gen. Neethling bespreek. Hy het ook aangedring op 'n skriftelike bestelling van 'n ton daarvan. Op 'n stadium het die narkotiese buro uitgevind van 'n liter PMK wat as grondstof gebruik word om Ecstasy te maak. Hy het vir hulle gelief en gesê hulle gebruik dit vir Sulfoksied in die vervaardiging van 'n peritrien sinergis.

[776] Hy het die PMK ontvang. Die kwaliteit was laag en dit moes oorgedistilleer word. Hy het in Mei 1992 hiermee begin. Die vervaardiging was waarskynlik vanaf Junie 1992 tot Januarie 1993. Hy het bedenkinge gehad oor die effektiewe vergassing van die stof. Hy het nie pirotegniese toetse gedoen nie. Die inkomste gegenereer uit die vervaardiging van die Ecstasy was welkom aangesien die projek in 'n geldelike verknorsing was.

[777] Op 'n stadium het die beskuldigde hom gevra om 'n vergelykende kosteberekening te maak tussen die twee verskillende metodes van vervaardiging. Hy het dit gedoen en hy verwys na bewysstuk 27J wat hy opgestel het. Hy het elf die wit drommetjies wat 20 liter kapasiteit gehad het in sy motor gelaai en gaan aflaai by Mijburgh en die beskuldigde se kantore. Mijburgh het gewoonlik ontvangs erken. Hyself het die nodige sertifikate en fakture uitgemaak en saamgeneem. By een geleentheid het hy die drommetjie na Mijburgh se huis geneem en daar het hulle dit in Mijburgh se voertuig gesit. By twee van die geleenthede wat hy dit by Mijburgh se kantoor gaan aflewer het was die beskuldigde teenwoordig.

[778] Hy is gearresteer op 4 Februarie 1997. Daar was altyd 'n apteker Steven Beukes, maar hy het bedank in Februarie 1994. Toe was daar glad nie 'n apteker nie. Hulle het toestemming probeer kry dat hy die funksie van 'n apteker kon vervul. Ter selfdertyd is daar 'n poging aangewend om ene me. Sandra Rothman aangestel te kry as 'n toesighoudende apteker. Dit het nie geslaag nie. Uiteindelik is me. Gretha Fryer aangestel as apteker. Hy was gedurende Desember 1996 met vakansie. Gedurende Februarie 1997 het hy en me. Fryer gepoog om die registers op datum te kry. Daar was onder andere 'n groen kassie in sy kantoor waarin daar sekere middels was. Superintendent Ehlers het daar aangekom en hom meegedeel dat hulle oor inligting beskik dat daar Ecstasy by Delta G vervaardig word. Hy het hom gevra of hy bereid sou

wees om homself aan 'n leuenverklikkertoets te onderwerp. Hy het toe besluit om oop kaarte met die polisie te speel.

[779] Hulle het klein hoeveelhede goed soos Mandrax aangehou. Delta G is in twee afdelings verdeel. Steven Beukes het mettertyd by die een gedeelte gewerk. Nadat Beukes weg is het hy ondersoek ingestel en het hy 'n houer met kapsules gekry. Hy het 'n aantal daarvan in sy kantoor gehad toe hy gearresteer is. Hy het 'n enkapsuleringsmasjien daar gesien. Hulle het ook probeer om 'n pirolitiese oond te vervaardig waarmee pirolitiese analyses gedoen kon word. Hulle wou kyk by watter temperatuur 'n vaste stof vergas en wat die uitwerking daarvan is wanneer dit weer in kristalvorm verander word. So ver as wat hy weet is al Delta G se geheime dokumente vernietig. Grant Wentzel het geen toegang tot die perseel gehad nie. Daar was ene Cadwell wat onder ene Corrie Botha gewerk het.

[780] Onder kruisverhoor het hy toegegee dat die vervaardiging behoorlik gestruktureer en gedokumenteer is. Alhoewel dit 'n geheime projek was is dit openlik vervaardig. Gen. Neethling was bewus van die vervaardiging. Hy gee toe dat hy nie 'n deskundige op die gebied van die farmakologie is nie maar hy het nogtans bedenkinge gehad oor Ecstasy en die doel waarvoor dit vervaardig is. Hy gee toe dat dit deel vorm van die Amerikaanse CBO arsenaal. Hy was nie die enigste persoon wat bewus was van die vervaardiging nie want daar was ander van die senior personeel wat dit ook geweet het. Hy gee toe dat Brand die grondstowwe voorsien het. So ver hy weet is Brand en Wentzel in die VSA gearresteer. Hy het gehoor dat Jordaan betrokke was by die maak van 'n grondstof in 'n garage. Die beskuldigde was baie ontstoke daaroor. Hy gee toe dat ander persone ook al kon gedink het om Ecstasy volgens die metode te maak. Dit is nie baie maklik vir 'n ontleder om te sê watter metode gebruik is nie. Alhoewel hy bedenkinge gehad het oor Ecstasy as 'n inkapasitant het hy tog gereken dat dit by skadebeheer aangewend kon word. Dit is baie moeiliker om pirotegniese toetse te doen as om pirolitiese toetse te doen. Daar moet pirotegniese toetse gedoen word om te bepaal of die inkapasitant saam met een of ander ploffstof vergas kan word en deur middel van 'n granaat toegedien kan word. Daar moet ook vasgestel word of daar nie ander effekte ontstaan by vergassing nie. Hy kan nie ontken dat hy gevra is om die kosteberekening te doen omdat daar 'n geskil tussen Brand en die SAW was oor die gelde wat geëis is vir die verskaffing van die grondstowwe nie.

[781] Tydens herverhoor is hy gevra oor die suiwerheid van die PMK en het hy aangedui dat dit slegs 41% of 42% suiwer was. Hy meen nie dat dit nodig was om Ecstasy te enkapsuleer om dit te verwapen nie. Hy is toe verder gekruisverhoor en het aangedui dat die beskuldigde baie ontsteld was oor die swak grondstof wat Brand voorsien het en dat die rede vir die swak kwaliteit waarskynlik was omdat dit in die garage gemaak is. Hy gee toe dat 'n groot klomp stowwe vernietig is en hy kan nie ontken dat 'n vermoede dat Brand Jordaan se formule wou uitbuit nie vergesog is nie.

[782] Hy is op 26 Februarie 2001 teruggeroep. Hy het toe getuig dat ofskoon daar eers na Augustus 1992 Ecstasy volgens die glisidiese ester metode vervaardig is daar tog gedurende die eerste helfte van 1992 Ecstasy volgens die saffrool metode vervaardig is. Hy skat dat daar so tussen 50 en 67 kilogram vervaardig is. Daar was suiwerheidssertifikate. Hy het nie meer die afleweringsnotas nie omdat die polisie op al sy dokumente beslag gelê het.

[783] **Steven Mark Beukes** is 'n apteker met 'n honneursgraad in industriële chemie. Hy ken die beskuldigde en was gedurende sy diensplig een van 'n groep van 11, 9 dokters en 2 aptekers wat deel van die Spesmagte gewees het. Na sy basiese opleiding was hy die stoorman by Swartkop. Die bevelvoerende offisier was die beskuldigde. Hy moes toesig hou oor die versending van medisyne na verskillende plekke. Medisyne wat so versend is was Scoline en Ketelaar. Gedurende 1985 is hy gevra om Mandrax tablette te vervaardig. Hy het navraag gedoen en het uiteindelik 'n tableteringsmasjien gevind en gekoop. Die staat het daarvoor betaal. Hy het omtrent 100 000 tablette gemaak met 'n MX op die een kant en 'n RL op die ander kant. Hulle is in pakkies van 10 verpak. Die beskuldigde het toegang tot die laboratorium gehad waar die tablette gemaak is.

[784] Hy is deur Philip Mijburgh genader om vir Delta G te werk. Hy moes rapporteer by dr. Lourens. Hy het TCP vervaardig. Hy het skedule medisyne gekontroleer. Hy het gedurende 1991 kapsules verkoop³. Hy

³ **Bewysstukke 27L(i) en 27L9ii)**

het nie geweet wat die inhoud van die kapsules was nie en wou nie uitvind nie. Hy is deur die beskuldigde en Mijburgh bygestaan. Hy het omtrent 'n miljoen gemaak. Hulle was wit van kleur. Hy het na Delta G getrek waar hy rooi en wittes vervaardig het. Hy het wit dromme gesien en die inhoud daarvan geneem. Die kapsules was in plastiese houers. Hulle is in die kelder afgelewer. Hy onthou dat medisyne deur Lesotho na 'n Wes Afrikaanse land gestuur is. Dit was Ampuciline. Die kapsules was swart en bruinrooi (maroon). Hy het leë kapsules van Gelucan gekoop. Hulle was in Edenvale. Hy het in 1991 begin. Hy erken ook die rooi en geel kapsules. Hy het Delta G in Oktober 1994 verlaat omdat hy nie langer daarby betrokke wou wees nie.

[785] Toe hy gekruisverhoor is het hy toegegee dat hy nie weet wat die bestanddele was van wat in die kapsules gesit is nie. Hy kan nie sê dat dit Baxil is wat in die kapsules geplaas is nie. Hy was wel onder die indruk dat dit iets snaaks was. Sy ooreenkoms was bloot om te enkapsuleer. Dit word aan hom uitgewys dat hy nie Ecstasy kon ge-enkapsuleer het nie omdat Koekemoer eers gedurende die tweede helfte van 1992 Ecstasy begin vervaardig het en hy volhou dat hy gedurende Mei 1992 opgehou het met die enkapsulering (Dit was eers op 'n later stadium dat dr. Koekemoer uitgewys het dat daar wel gedurende die eerste helfte van 1992 Ecstasy volgens die saffrool merode vervaardig is.) Hy kan nie ontken dat die SAW in besit was van 200 000 Mandrax tablette nie. Dit word aan hom gestel dat die tablette wat hy gedurende 1985 gepers het nie Mandrax tablette was nie maar placebo's wat gebruik is om in MK te infiltrer. Hy ontken nie dat senior mediese personeel en die hoof van sekuriteit toegang gehad het tot die stoorkamer nie en Ketelaar en Scoline kon verskaf het nie. Hy stem saam dat die kapsules 27(2) en 27(4) van mekaar verskil omdat die grootte en kleur verskil. Die een kan 'n nommer 1 kapsule wees en die ander 'n nommer 2. Hy het nie verskil in sy verklaring uitgewys nie. Dit is so dat sy verklaring effens misleidend is in die opsig. Hy gee toe dat die beskuldigde niks te doen gehad het met die Ampuciline nie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde vir hulle gelag het omdat hulle dit aan die Nigeriërs verskaf het en hy van mening was dat hulle nie betaal sou word nie. In herverhoor het hy getuig dat hy by Delta G was vanaf die begin tot die einde van 1992. Toe hy in Februarie 2001 herroep is het hy getuig dat dat 'n uitdruk van sy elektroniese dagboek aantoon dat hy besig was met enkapsulering gedurende die eerste gedeelte van 1992. Dit toon egter nie aan wat die inhoud was nie. Hy het ook ander kapsules herverpak en afgestof.

[786] **Carl Andre Koch** is verbonde aan die Forensiese laboratorium en vir sewe jaar doenig met dwelmanalise. Hy het verslae 27M1 en 27M2 ingehandig. Hy het monsters van die houters wat hy by KEEM gekry het ontleed. Daar is ook 'n groen houer met monsters wat ontleed is deur Marlize Alexander. So ver as wat hy kon vasstel is die Ecstasy wat ontleed is vervaardig volgens die glisidiese ester metode.

[787] **Fred Scherff** is 'n reservis konstabel. Hy het SANAB gehelp. Inspekteur de Villiers het hom gedurende 1997 genader om hulle te help. Op 21 Januarie was daar 'n suksesvolle transaksie tussen Steve Martin en Grant Wentzel. Daar is besluit dat daar 'n lokval vir Wentzel gestel sou word. Hy het vir Wentzel en Martin ontmoet en die volgende dag het hulle weer ontmoet. Hulle het die aankoop van die Ecstasy bespreek. Die prys en die toekomstige prys is bespreek. Hy is meegedeel dat die verskaffers groot invloedryke mense van Pretoria was. Die plek is nie bespreek nie. ' Verkoopsprys van R60 per kapsule is voorgestel maar dit is afgebied tot R50, vir 'n groot bestelling. Hy moes die bestelling so inkleef dat die geld wat deur die polisiehoofkwartier verskaf is gebruik sou word. Daar is besluit dat die transaksie te Rustenburg sou plaasvind. Dit is op pad Sun City toe.

[788] Hy het Wentzel onder die indruk gebring dat hy by klubs sou verkoop en dat hy deel was van 'n groot dwelmsindikaat. Wentzel het die indruk geskep dat hy 'n onbeperkte voorraad het. Op 24 Januarie is hulle toe Rustenburg toe. Hulle het tussen 13:30 en 14:00 daar aangekom. Hy het die polisie by die Engen vulstasie ontmoet. Hy is deur Ehlers deursoek en 'n aktetas met geld is aan hom oorhandig. Hy het Wentzel se voertuig by die Kentucky Fried Chicken gesien en twee plekke daarvan af geparkeer. Hy is in die perseel in die oorkant die paadjie van Wentzel gaan sit. Hy het die geld aan Wentzel getoon en Wentzel het die kapsules aan hom gewys. Wentzel het die aktetas met die geld gevat en uitgestap na sy motor toe. Hy het gesien hoe Ehlers vir Wentzel gearresteer het. Hy het die pakkies wat hy van Wentzel ontvang het oopgemaak en gesien dat dit swart en rooi kapsules bevat. Hy was teenwoordig toe Wentzel ondervra is en het aan hom uitgewys dat dit tot sy voordeel sal wees as hy sy bron aan die polisie sou openbaar. Daar was 'n oproep na Wentzel se selfoon tydens die onderhoud. Wentzel het aangedui dat dit sy verskaffer was.

Wentzel het sy verskaffer ingelig dat die transaksie goed verloop het en dat hy die geld het.

[789] Onder kruisverhoor het dit aan die lig gekom dat hy Wentzel eers op 21 Januarie ontmoet het. Dit is so dat Wentzel hom meegedeel het dat die verskaffers invloedryke persone van Pretoria was. Hy gee toe dat dit klink soos 'n groep persone maar dat hy dalk ook een persoon kon bedoel het. Wentzel het aangedui dat vir groot bestellings hy tyd gegee moes word. Hy dink dat van die polisiemanne teenwoordig kon gewees het toe hy die oproep van sy verskaffer ontvang het. Hy bevestig dat wat gebeur het is soos dit voorkom in sy verklaring nl. dat Wentzel na die gesig van sy selfoon gekyk het en dat hy toe aangedui het dat dit sy verskaffer is wat bel. Hy moes 'n naam of 'n nommer op die selfoon gesien het. Volgens hom het Wentzel reeds op die Vrydag aangedui dat sy verskaffer betrokke is by die weermag en die militêre dokters en dat hy vrees vir sy lewe. Hy kan nie verduidelik hoekom hy dit nie vir Ehlers vertel het nie. Hy is onseker oor wat Wentzel wel die Vrydag gesê het en oor wat hy vir die polisie vertel het. Wentzel het 'n swart rewolwer gehad. Hy het in 'n toeriste besigheid gewerk en het gedurende die res van 1997 toeriste op 23 dag ekskursies uit die land uit in Afrika geneem. Gedurende Julie kon hy in Spanje gewees het. As iemand gedurende Junie 1997 sou gesê het dat hy oorsee is sou dit 'n blatante leuen gewees het. Hy ontken dat hy vir lokvalle betaal is. Hy is wel op 24 Januarie saam met die polisie Sun City toe maar hy het vroeg die Saterdagoggend vertrek. Sy herverhoor en verdere kruisverhoor het openbaar dat dit moeilik is om hom aan die hande te kry as jy nie sy selfoonnommer het nie maar dat die polisie wel die nommer gehad het.

[790] **Gerald George William Brand** was vantevore betrokke by die invoer van chemikalië. Hy was die hoof invoerder vir Delta G. Op 'n stadium het hy 'n besigheid Lab-Chem gehad en het toerusting en chemikalië ingevoer. Met die oog op die invoer vir Delta G het hy 'n besigheid Organochem begin. Hy het die nuwe generasie traangas ingevoer. Insake sy arres in Amerika verduidelik hy dat hy en Wentzel tweedehandese ioon "implanters" vir mikroskopies wou uitvoer na Sophia in Bulgarye. Hy wou ook "guidance systems" vir die rooi valk invoer. Hy is gearresteer. Die aanklaer het hom meegedeel dat hy die land kan verlaat indien hy hom sy woord van eer gee dat hy sou terugkom om gestraf te word. Baie mense, ook die beskuldigde, het hom aangeraai om nie terug te gaan nie. Die voorval het sy besigheid vernietig.

[791] Delta G het hom gevra om grondstowwe in te voer. Dit was PMK. Hy kon 'n klein hoeveelheid in die VSA kry. Hy het egter 'n eindverbruikerssertifikaat nodig gehad en kon dit slegs met die grootste moeite kry omdat dr. Koekemoer aangedui het dat dit benodig word vir die maak van plaagdoders. Hy, Pithey en Jordaan het in Pithet se garage in Waterkloof probeer om PMK uit Sassafrasolie te vervaardig. Die kwaliteit was power. Daar het buitendien 'n brand plaasgevind en Pithey se huis het amoer afgebrand. Dit is aan Delta G gelewer. Die beskuldigde het dit uitgevind, hom geskakel en hom versoek om hom te kom spreek. Hy is oor die kole gehaal deur die beskuldigde en dit is aan hom uitgewys dat die hele projek kan verongeluk met die soort van vervaardiging. Hy is gevra of daar 'n ander manier is om PMK te vervaardig. Hy is later gevra om grondstowwe in te voer. Hy het aangedui dat dit \$100 000 sou kos. Een van die bestanddele was heliotropien.

[792] Wentzel wou by hom uitvind van Ecstasy. Enige chemikus kan Ecstasy maak. Hyself het bedenkinge gehad oor die maak van Ecstasy en het gen. Knobel geskakel en van hom verneem of hy bewus was van die projek. Hy het nie volledige toegang tot Delta G gehad nie. Die heliotropien is afgelewer by die Medchem kantoor in Verwoerdburg in die kelderverdieping. Hy was ook betrokke by Global Management. Sol Pienaar het mnr. Mandela en sekere invloedryke persone in die ANC geken. Hy het ook vir me. Graca Machel en president Chissano se broer geken. Hy het sy kontakte as nuttig beskou vir in- en uitvoer. Die beskuldigde is saam met Pienaar op 'n toer na Libië. Toe hy teruggekeer het het hy aangedui dat die getuie oorweging daaraan moes skenk om gasmaskers en uniforms na Libië uit te voer. Hy is saam met die beskuldigde en Pienaar na Mosambiek waar die moontlikheid om met 'n bank daar te begin ondersoek is. Pienaar het \$25 000 by die beskuldigde geleen. Hy het dit by die beskuldigde gaan haal en aan Pienaar oorhandig. Wat Global Management aanbetref het Pienaar die wêreld vol gevlieg. Op die ou end was hy verplig om die besigheid toe te maak. Pienaar se kontakte het geen in- en uitvoere laat materialiseer nie.

[793] In kruisverhoor het hy toegegee dat daar 'n groot geskil tussen hom en die KBK was oor die rekening van R350 000. Hy het gevoel dat die bedrag aan hom verskuldig was vir grondstowwe en tegnologie. Daar

was 'n ondersoek deur die KBK. Dit is ook deur dr. Koekemoer ondersoek gedurende 1994/95. Hy is wel betaal. Hy gee toe dat minstens hyself, dr. Jordaan, dr. Koekemoer en mnr. Pithey die glisidiese ester metode vir die vervaardiging van Ecstasy geken het. Hy gee toe dat menige mense dit geken het en dat enigiemand wat daarvan geweet het met die hulp van 'n goeie chemiese student dit kon gemaak het. Hy het van die basiese formule in Engeland uitgevind. Hy wou dit daar verkry maar was nie suksesvol nie. Hy het die beskuldigde toe mislei en hom onder die indruk gebring dat hy dit wel gekry het. Hy het dit gedoen om 'n hefboom te hê wanneer hy vergoeding eis vir die PMK. Hy gee toe dat gen. Knobel volledig ingelig was oor die Baxil. Hy kan nie ontken dat hy baie kwaad was toe hulle hom nie wou betaal nie en dat hy kon gedreig het om die hele projek te openbaar nie.

[794] Aan die einde van 1996 het Wentzel hom genader vir Ecstasy. Alhoewel hy hom kon help wou hy nie betrokke raak nie. Nie lank daarna het Wentzel hom genader om inligting te kry van hoe om kapsule doppies te verkry. Hy het hom die korrekte adres gegee. Die indruk wat hy gehad het was dat Wentzel wel Ecstasy vervaardig gekry het en doppies nodig gehad het om dit te enkapsuleer. In Amerika het hy vermoed dat Wentzel hom "opgesit" het. Hy is uiters sleg behandel en onder haglike omstandighede aangehou, terwyl Wentzel betreklik goed behandel is. Hy gee toe dat die beskuldigde hom oorreed het om terug te keer na Amerika en dat die beskuldigde met die projek se fondse vir sy reis na Amerika betaal het. Die beskuldigde het hom vergesel en na sy prokureur geneem en die prokureur gevra om alles vir hom te reël. Die regter was hom goedgesind en hy is gevonnissen op die basis dat die tydperk wat hy as verhoorafwagtende aangehou is as sy vonnisopgelê is. Dit is so dat Wentzel nie teruggegaan het na Amerika om sy verhoor te voltooi nie. Hy gee toe dat hy en Pienaar vir die beskuldigde geld geskuld het maar dat dit terug betaal is. Hy gee ook toe dat Wentzel ook geld aan die beskuldigde geskuld het en dat dit nie R2 000 of R3 000 was nie maar 'n aansienlike bedrag. Hy kan nie ontken dat dit so veel as R93 000 kon gewees het nie. Hy gee toe dat 'n Jetstar vliegtuig by geleentheid gebruik is vir die invoer van die stowwe. Die vliegtuig was tot die beskikking van die projek. Hy is besonder vaag daaroor maar kan nie ontken dat die beskuldigde en Pienaar dollars uit Libië die land kon ingebring het nie en dat dit gebruik kon gewees het vir me. Winnie Mandela se verhoor nie. Hy gee toe dat daar wel 'n navraag deur die beskuldigde aan Pienaar gerig is oor die \$25 000. Pienaar het

geweet dat die beskuldigde by Delta G betrokke was. Wentzel het dit ook geweet. Indien Wentzel die Ecstasy versprei het was die beskuldigde die ideale persoon om voor te hou as die verskaffer. Oor die bank in Mosambiek getuig hy dat dit eintlik Pienaar is wat die beskuldigde versoek het om op te tree as adviseur en mondstuk nie. Die PMK wat in die garage gemaak is is volgens die saffrool metode en nie volgens die glisidiese ester metode vervaardig nie.

[795] Tydens herverhoor het hy aangedui dat beide Jordaan en Pithey ervare wetenskaplikes was. Hyself het ook ervaring gehad. Hy gee toe dat die PMK wat in die garage vervaardig is eintlik onbruikbaar was maar dat hulle dit tog aan Delta G verkoop het. Dit blyk uit sy dagboek dat Wentzel hom oor die kapsule doppies genader het. Wentzel het voorgehou dat hy 'n homeopatiese middel het wat hy wou enkapsuleer. Toe die beskuldigde navraag gedoen het oor die \$25 000 was hy bitter ernstig.

[796] **Gerhardus Johannes Lourens** was voorheen 'n professor in organiese chemie aan die Universiteit van Pretoria. Hy was aanvanklik die navorsingsbestuurder by Delta G en later die produksie ontwikkelingsbestuurder. Hy was vanaf 1 Januarie 1985 tot onlangs, toe daar 'n naamsverandering was betrokke by Delta G. Hy is op 'n stadium deur Brand en Grant Wentzel genader om om 'n ontsmettingsmiddel te formuleer met die oog op uitvoer. Hy moes 'n voorbeeld maak wat getoets kon word. Hy is onder die indruk gebring dat hy geld daaruit sou kon maak. Later het hy vir Brand geskakel en gevra vir vergoeding vir die werk wat hy gedoen het. Brand het hom egter meegedeel dat dit eintlik Wentzel is wat met die projek begin het. Hy en Wentzel het afgespreek om by Grand Central lughawe te ontmoet. Wentzel het hom toe meegedeel dat die projek deur die mat geval het en hy het hom R200 aangebied.

[797] Later het Wentzel hom weer geskakel. Hy meen dat dit laat 1994 of 1995 was. Hulle het weer ontmoet by die restaurant te Grand Central. Wentzel was bewus daarvan dat Delta G Ecstasy gemaak het. Hy het die formule gesoek. Hy het nie gemeen dat hy die formule vir Wentzel behoort te gee nie. Hy kan nie onthou of hy dit met iemand by Delta G bespreek het nie. Hy gee toe dat buitestaanders nie toegang tot Delta G gehad het nie. Hy gee toe dat Wentzel die metode gesoek het om pille te maak en nie kapsules nie.

Sy datum van Aprilmaand koppel hy aan die feit dat sy vrou gedurende April 1994 in 'n huis ingetrek het. Dit kon selfs 'n jaar later gewees het. Aanvanklik meen hy dat dit nie in 1996 kon gewees het nie maar later gee hy toe dat dit selfs gedurende 1996 kon gewees het. Wentzel het hom R2 000 geskuld vir die stowwe wat hy gekoop het en vir sy tyd.

[798] **Fredrich Aubrey Chester** is 'n prokureur wat in Randburg praktiseer. Grant Wentzel was sy klient. Op Vrydag 24 Januarie 1997 was daar 'n versoek deur mev. Wentzel. As gevolg daarvan het hy die Saterdag Rustenburg toe gery waar hy vir Wentzel in die selle aangetref het. Wentzel het hom meegedeel dat hy vir Ecstasy gearresteer is. Hy het die naam van die verskaffer geken. Wentzel het hom meegedeel dat hy in 'n ernstige penarie is. Hy het aan hom voorgestel om met die polisie saam te werk en te probeer kyk of hy nie borg kan kry nie en mettertyd gevangenisstraf wat opgeskort is nie. Die polisie wou meer inligting gehad het en hy het voorgestel dat hulle, sonder benaseling van sy regte, met die beskuldigde moet gesels.

[799] Tydens kruisverhoor het dit geblyk dat hy nie aantekeninge gehou het oor die gesprek nie en dat sy konsultasienotas net betrekking het op 'n moontlike borgaansoek. Hy getuig volgens sy geheue en hy kan nie betwis dat sy weergawe verskil van die van Wentzel en van die polisie nie. Oor die vraag wat die *quid pro quo* sou wees vir Wentzel se samewerking sê hy dat Ehlers in strafversagting namens Wentzel sou getuig. Volgens Ehlers sou hy nie die aansoek om borg teenstaan nie en volgens Wentzel sou die polisie die aanklagte teen hom laat vaar. Hy gee toe dat Wentzel geen verweer teen die aanklag gehad het nie en dat hy waarskynlik tot 'n lang termyn gevangenisstraf veroordeel sou word.

[800] **Richard Thomas Freeman** se besigheid sedert 1983 is om leë kapsule doppies in te voer. Hy het te Jetpark en Germiston besigheid gedoen. Capsugel is 'n filiaal van sy maatskappy en gebaseer in Amerika. Daar is agt verskillende groottes van kapsules. Die kapsules wat hy invoer het gaatjies en 'n bokant wat so ontwerp is dat dit maklik inglip in die doppies in. Van al die kapsules voor die hof kan hy net van bewysstuk 27(4) sê dat dit deur hom ingevoer is. Hulle is ingevoer vir 'n farmaseutiese besigheid in Lesotho vir die enkapsulering van antibiotika, bekend as Ampuciline. Hy onthou vir Steven Beukes. Hy het oor die telefoon met hom gesels en is ook deur hom besoek. Hy het 175 000 van die swart en geel kapsules geneem.

Tydens kruisverhoor het hy bevestig dat hy nie werklik die bewysstukke kan identifiseer is die produk waarmee hy handel dryf nie.

[801] Hy is herroep en het toe getuig dat hy na die forensiese laboratorium geneem is en die hulp van 'n vergrootglas gehad het. Hy handig bewysstuk 27(9), kapsules van die Bryanston transaksie in. Bewysstuk 27(10) is kapsules van die Rustenburg transaksie en bewysstuk 27(11) is kapsules van die Magnolia dal lokval. Hy identifiseer almal nou as afkomstig van sy besigheid. Hy sê ook dat bewysstuk 27O en bewysstuk 27N1 eenders lyk en lyk soos die ou ontwerp wat hulle voor 1996 gebruik het.

[802] Tydens kruisverhoor het hy toegegee dat die kleure merkbaar verskil en het hy aangevoer dat dit weens hantering veroorsaak kon gewees het. Hy kan nie die moontlikheid uitsluit dat dit nie deur sy firma ingevoer is nie. Hy gee toe dat 27(2) en 27(4) verskil en bevestig weer eens dat die in 27(4) vir die firma in Lesotho bestel is.

[803] **Timothy Don McGibbon** is spesiaal oorgebring van Amerika om hier te kom getuig. Hy is 'n navorsingschemikus wat verbonde is aan die Aurora Polisie Departement van Denver, Colorado. Hy het 'n wye kennis van dwelms. Hy getuig dat daar vier maniere is om Ecstasy te maak en dat die twee hoof grondstowwe is waarvan Ecstasy gemaak kan word naamlik sassafras olie en heliotropien. Hy het Andre Koch gedurende September 1997 in San Diego ontmoet. Die glisidiese ester metode is gedurende 1943 gepubliseer. Hy weet nie van Ecstasy wat volgens daardie metode gemaak is nie.

[804] Hy het twee sakkies met kapsules van Koch ontvang. Dit het rooi en geel kapsules bevat. Hy het dit as verskillende besendings hanteer en dit geweeg en vergelyk. Daar was nie 'n groter verskil as 'n tiende van 'n gram in die verskillende besendings nie. Albei besendings het Ecstasy bevat. Dit was baie suiwer Ecstasy, meer as 95% suiwer. Daar was wel 'n verskil in die onsuierhede tussen die twee besendings. Hy het egter die twee besendings goed bestudeer en dink dat die twee besendings dieselfde is en deur die glisidiese ester metode gemaak is.

[805] Tydens kruisverhoor het hy bevestig dat volgens sy verslag wat hy weer eens bevestig het, hy nie so positief was oor die ooreenkoms tussen die twee besendings nie. Hy sê dat nadat hy nou die toetse weer nagegaan het voel hy meer positief. Hy het die materiaal beter vergelyk as toe hy die verslag opgestel het. In herverhoor meen hy dat dit onwaarskynlik is dat 'n chemie student sulke suiwer Ecstasy sal kan maak.

[806] Die staat het 'n **geheime getuie** geroep wat verbonde is aan Nasionale Intelligensie en wat die aand van die 29ste Januarie een van 'n groep was wat die beskuldigde se vrou agtervolg het. Sy het 'n sak met tuin plantjies vir Bosch by sy motor in Synnyside gelaat. Deur Bosch te volg het hulle by sy huis te 101 Marija straat uitgekom.

[807] **Etienne Lambrechts** was in 1997 verbonde aan KEEM. Op 30 Januarie 1997 is hy saam met adv. Fouche en Eugene Minnaar na 101 Marijastaat. Hulle het visenteringslasbriewe gehad. Hulle het Bosch by Overkruin gekry en is toe na sy huis. Hulle het die huis deursoek en twee trommels in sy garage gekry. Hulle het hom opdrag gegee om dit oop te maak en hy dit met 'n hoekslyper oopgemaak. Daar was onder andere paspoorte, 'n foto album en flessies met vloeistof. Hy het gemeen dat dit die beskuldigde se goed was. Dit is na die KEEM kantore geneem. Hulle het foto's geneem en die dokumente genommer. Eers is elke bladsy genommer maar later was hulle minder noukeurig. Dit het gedurende die Vrydag en die Saterdag geskied. Bosch het gesê dat hy die trommels by die beskuldigde gekry het. Die inhoud van die flessies is deur die forensiese afdeling ontleed. Daar was 'n ooreenkoms tussen KEEM en Nasionale Intelligensie en van die dokumente is verwyder na Nasionale Intelligensie. Hy identifiseer die flessies as bewysstukke.

[808] Hy het in kruisverhoor toegegee dat daar plantjies in die sak was maar daar was 'n dispuut of dit vygies was of 'n-hen-en-haar-kuikens. Bosch se verklaring tot die effek dat hy nie weet wie die trommels daar afgelewer het nie en dat dit dalk dr. Mijburgh kon gewees het word aan hom gestel maar hy hou vol dat Bosch gesê het dat die beskuldigde dit afgelewer het. Hy wil ook nie toegee dat Bosch kon gesê dat die trommels drie jaar vantevore daar afgelewer is nie. Hy gee egter toe dat hy maar steun op die inventaris oor wat wel in

die trommels was. Hy gee toe dat daar groot belangstelling was in wat in die trommels gevind is toe die trommels by die KEEM kantore opgedaag het en dat KEEM, NI en die WVK mense entoesiasties in die trommels gesoek het. Hy wil nie toegee dat dit 'n groot sirkus was nie.

[809] Hy word verwys na bewysstuk F2.14, 'n eedsverklaring deur homself, waaruit dit blyk dat hy 10 CAMs by 7 Medies gevind het en drie by Protechnik. Hy het ook vasgestel dat hulle nooit operasioneel aangewend is nie en slegs vir opleiding. Hy kon aflei dat hulle aangekoop is deur prof. Heyndrycz vanaf Graceby's. Hy het later vasgestel dat Heyndrycz beweer het dat die CAMs na die aankoop vernietig is. Dit kon nie die waarheid gewees het nie. Alhoewel die ondersoek by Bosch se huis in 'n goeie gees geskied het was hy tog onder die indruk dat Bosch iets weggesteek het. Die WVK het ook versoek dat van die dokumente na NI gaan.

[810] **Leon Maree** was verbonde aan Nasionale Intelligensie. Hy was ook betrokke by teeninligting en nie-proliferasie. Hy het die beskuldigde gedurende by 'n seminaar gesien. Hy is op 1 Februarie 1997 na KEEM se kantore ontbied deur mnr. Kennedy. Daar was twee groot trommels. Kennedy het hom ingelig waar dit vandaan kom en aangesê om 'n inventaris op te stel. Behalwe dokumente was daar ook ander voorwerpe, soos 'n houer met substansie. Hy handig bewysstuk 28B2 in en sê dat hulle deskundiges gekry het om na die inhoud te kyk, gen Kobel en kol Steyn. Hulle het ook drs. Andre Immelman en Daan Goosen gekry om daarna te kyk. Hulle het fotostate van die dokumente gemaak en die inhoud aan prokureur Malan gegee op voorwaarde dat dit in 'n kluis toegesluit word.

Daar was 'n tweede stel trommels wat hulle op 10 Mei 1997 van mnr Ernst Penzhorn ontvang het. Ook daarvan is daar 'n inventaris gemaak. In die eerste en die tweede trommels was daar SAW dokumente ivm Coast, RNL, Delta G en ander frontmaatskappye. Daar was ook persoonlike dokumente van die beskuldigde, memorandums en navorsingsdokumente. Daar was ook 'n paspoort, 'n Vodacom selffoonnommer wat in 1997 nog gewerk het en 'n foto-album. Hulle het die nommer geskakel. Daar was 'n weermagskild en 'n oorspronklike spotprent. Daar was buitelandse munte afkomstig van Spanje, Italië, Finland, Rusland, Mauritius of 'n ander land wat rupees gebruik, Holland, Frankryk, Poland, Oostenryk en al die ander Wes Europese lande. Daar was 'n Libiese noot en 'n verassingssertifikaat van JJ de Wet Basson. Daar was 'n

dokument van Around the World Removals wat etlike bladsye beslaan het en wat elkeen geparafeer is. Dit was gedateer 11 April 1995. Hy was onder die indruk dat dit die beskuldigde se dokumente was.

[811] Hy meen nie dat die volle inhoud van die dokumente bekend gemaak behoort te word nie omdat daar 'n klomp dokumente in is wat betrekking het op CBO. Die name van wetenskaplikes en maatskappye kom daarin voor en die navorsingsresultate blyk ook daaruit. In die derde en die vierde trome was daar literatuur oor CBO en 'n uiteensetting van die aandeelhouers van Delta G. Sy afdelingshoof was ene R Botha.

[812] Onder kruisverhoor kan hy nie betwis dat die WVK, reeds voordat hy op die toneel gekom het, insae in die dokumente gehad het nie. Hy kan ook nie betwis dat daar 'n professor was wat gesê het dat daar nie besondere geheime in die dokumente was nie omdat alles wat daarin vervat was op die Internet beskikbaar is. Hy wil nie toegee dat die deskundiges wat hulle gebruik het juis gen. Knobel, kol. Steyn en drs Immelman en Goosen was nie. Die indruk wat 'n mens gekry het was dat die trome nie netjies gepak was nie maar dat die goed sommer net in die trome gegooi is.

[813] **Eugene Deon Minnaar** is 'n assistent bestuurder by KPMG Forensies en was ook gedurende 1997 verbonde aan KEEM. Hy was ook by toe Bosch se huis deursoek is. Hulle het sy hele huis en ander geboue deursoek. Hy het vir hulle gesê dat daar trome is wat aan die beskuldigde behoort. Dit is met 'n hoekslyper oopgemaak. Hy weet nie of Bosch geweet het wat in die trome was nie. Die trome is gemerk A en B. Hy het met A begin en Swanepoel en Fouche het met B begin. Hy het selfs probeer om die dokumente op die inventaris op die rekenaar te identifiseer deur die invoeging van 'n paar woorde. Daar was 4819 bladsye en daar was verskeie bottels. Dit was 'n ordelike proses en nie 'n sirkus nie. NI het van die dokumente geneem maar KEEM het sommige behou. Hy was ook op 10 Mei by toe die ander twee trome met 'n hoekslyper oopgemaak is. Hy het onder kruisverhoor toegegee dat daar mense van NI en die WVK by die KEEM kantore was. Hy meen dat daar in totaal so agt persone was.

[814] **Michael Fletcher Kennedy** is by 'n aantal geleenthede geroep om te getuig. Hy is die adjunk

direkteur-generaal van Nasionale Intelligensie. Alhoewel hulle by 1989 nog nie ingelig was oor CBO program nie kon hulle tog uit die spioenasie in die land aflei dat daar wel so 'n projek was. Hulle het dit gemeld aan president de Klerk. Hy het hulle op sy beurt gevra om seker te maak dat daar nie misbruik gemaak word daarvan nie of dat daar onreëlmatighede plaasvind nie. Hy ken die beskuldigde. Die beskuldigde het hom meegedeel dat van sy kollegas in die buiteland met die dood gedreig is en dat hy laat weet is dat hy gedood gaan word. Hy was verantwoordelik vir die dophou (surveillance) van persone. Hy het op 29 Januarie 1997 'n boodskap ontvang dat die beskuldigde ontvoer is. Hy het Ehlers by die beskuldigde se huis gekry. Hy het opdrag gegee dat die huis dopgehou moes word en het gehoor van die swart sak wat by Bosch se huis uitgekom het. Hy het KEEM gekontak. Hulle het 'n lasbrief gekry en daar is beslag gelê op die trommels. Daar was mense van KEEM en van die WVK. Die trommels is oornag in kluis gestoor. Daar was nie internasionale waarnemers nie. Nadat hy met die minister in verbinding was is regter Gordon spesiaal aangestel om 'n bevel te maak, wat NI in staat gestel het om die dokumente te bekom en te behou. Hy bevestig dat gen. Knobel en kol. Steyn ingeroep is en dat afskrifte van die dokumente gemaak is en aan instansies verskaf is. Hy getuig oor die persoonlike dokumente, paspoorte en navorsingsverslae. Ook hy dink nie dat dit in belang van staatsveiligheid is dat die volle inhoud van die trommels openbaar gemaak moet word nie. Dit sal die name van navorsers en resultate wêreldkundig maak. Hy getuig ook oor die twee trommels wat op 10 Mei 1997 bekom is. Hy bevestig ook dat daar van al die trommels inventarisse en en indekse gemaak is. Hy het die flessies in sy kantoor bewaar en by sy bevordering aan Ryan Botha oorhandig.

[815] Tydens kruisverhoor het hy bevestig dat die beskuldigde kontakte met Libië gehad het. Een van die Libiers het vir 'n paar maande by die beskuldigde gebly en een het by sy moeder gebly. Hy het ook 'n persoon geneem om mn. Mandela te ontmoet. Hy was teenwoordig toe die beskuldigde die persone van die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State toegelig het. Hulle was verstom oor die gevorderde navorsing, wat slegs geklop is deur die gevorderde Russiese CBO navorsing. Hy kan nie bevestig dat brein peptiede gebruik is nie. Hooggeplaaste lede van die WVK het die beskuldigde genader en amnestie aan hom belowe. Die voorsitter van die WVK het die beskuldigde by sy huis ontmoet. Die beskuldigde se standpunt was dat hy geen oortredings begaan het nie, nie skuldig is aan iets nie en nie nodig het om aansoek te doen vir amnestie

nie. Hy bevestig dat die beskuldigde belowe is dat daar met die Mediese en Tandheelkundige Raad gereël sou word dat sy naam nie van die lys van praktisyns verwyder sou word nie. Sommige van die dokumente in die trommels is by die WVK gebruik. Dit was egter nie almal nie. Alhoewel daar gepoog was om sommige van die dokumente wat wel voor die WVK was nie aan die algemene publiek te openbaar nie het dit nie gebeur nie.

[816] Hy het later getuig oor die bande van die gesprekke wat hulle met die beskuldigde gehad het toe die beskuldigde hulle ingelig het oor die CBO projek. Dit het plaasgevind van 17 tot 19 Januarie 1994 . Hy was nie pal teenwoordig nie. Dit was belangrik dat die bande akkuraat sou wees. Die tikster Thea Wilkens (nou du Plooy) was ten spyte van 'n gesigsgebrek baie betroubaar. Nadat sy oor 'n tydperk van weke of maande transkripsies gemaak het is die bande vernietig. Hy meen dat die die transkripsies uiters betroubaar is.

[817] Toe hy oor hierdie aspek gekruisverhoor is was dit duidelik dat dit onmoontlik is vir hom om te sê dat die transkripsies in alle opsigte korrek is. Dit het geblyk dat gedeeltes nie oorgeskryf is nie en dat ander gedeeltes die tikster se eie opsomming van gedeeltes van gesprekke was. Hy het toegegee dat daar weglatings en foute was.

[818] Hy is weer later geroep om getuienis te gee oor wat die beskuldigde vir hom gesê het gedurende Desember 1996. Die beskuldigde het doodsdreigemente met hom bespreek. As gevolg daarvan het hy hom en sy familie laat dophou. 'n Faksboodskap van Bill Gieves af het eers in Februarie 1997 beskikbaar geword. Hy het getuig oor die Roland Hunter voorval. Daar is gesoek na 'n spioen. Dit het maande geneem. Daar was sprake van die afgooi van chemikalië in die see. Hy was onder die indruk dat dit van Ysterplaat af geskied het en dat dit in die Atlantiese oseaan gestort is. Hy sê dat die beskuldigde hom ingelig het van 'n plan waarby hy betrokke was om Hunter na die grens te neem en 'n slangbyt na te boots. Hy het altyd geglo dat Bailie vermoor is. Die beskuldigde het hom ingelig dat hy betrokke was by eksperimente met mense. Die beskuldigde het hom meegedeel dat hy en Phaal by koverte operasies betrokke was. Die beskuldigde het nie gesê dat hy by enige moord betrokke was nie en sy standpunt was dat hy slegs by wettige militêre operasies

betrokke was.

[819] Toe hy hieroor gekruisverhoor is het hy ontken dat sy getuienis op daardie stadium verskil het van sy getuienis toe hy oor die bande getuig het. Hy word gevra waarom hy nie vroeër aan die aanklaer openbaar het van die erkennings aan hom nie en sy antwoord is dat hy nie daarvoor gevra is nie. Hy gee nie toe dat dit onwaarskynlik is dat hy dit nie met die aanklaer bespreek het nie. Hy gee toe dat die beskuldigde hom meegedeel het dat hy versoek was om 'n plan te bedink om Hunter te elimineer maar dat hy dit nie kon doen nie omdat Hunter baie gou daarna gearresteer is. Oor Phaal gee hy toe dat die beskuldigde nie vir hom gesê het dat hy en Phaal by enige aksie wat met gif te make het betrokke was nie en kan hy nie ontken dat die beskuldigde en Phaal by koverte militêre operasies betrokke was nie. Hy gee toe dat die beskuldigde hom niks sinisters oor Phaal meegedeel het nie. Dit word aan hom gestel dat daar wel menslike eksperimente met traangas was en dat die beskuldigde soms die onderwerp van die eksperiment was. Die beskuldigde het nie probeer die indruk skep dat daar onwettige eksperimente uitgevoer is nie. Dit was Mijburgh en Swanepoel wat die doodsdreigemente ontvang en wat meegedeel is dat die beskuldigde gedood gaan word.

DIE SAMESWERING-, MOORD- EN AANVERWANTE AANKLAGTE.

[820] By 'n hele aantal geleenthede het die staat versoek dat 'n getuie se naam nie bekend gemaak word nie en het ek sulke bevels gemaak. Die getuies het dan bekend gestaan onder een of ander letter van die alfabet. Indien ek nou die name sou noem sou dit die hele doel van die oefening verydel. Ek sal dus ook na die betrokke getuies verwys volgens die letters van die alfabet.

[821] **Mnr K** was 'n Selous Scout in die destydse Rhodesië. Hy was in verbinding met gen. Loots van Spesmagte. Hy het die Rhodesiese leër gedurende 1978 verlaat en in Februarie 1979 na Suid Afrika toe gekom. Gen. Loots het hom versoek om 'n spesiale taak te begin. Dit was met die goedkeuring van gen. Malan. Sy samesprekings met gen. Loots het in die Zanza gebou plaasgevind. Daar is 'n maatskappy gestig wat betrokke sou wees in klandestiene operasies. Die doel was om diep indringende verkenning te doen. Die

maatskappy is gestig met die hulp van Theron van der Poel. Dit was eers bekend as NKJM Eiendomme (Edms) Bpk. Dit is later verander na NKTF Eiendomme. Daar is met die toestemming van gen. Malan 'n eiendom te Broederstroom bekom. Die fondse is deur die SAW verskaf. Daar is soldate gevra om by die groep aan te sluit. Hy noem die name van Floyd, Branfield en Steyn. Hulle het 'n infrastruktuur opgebou wat onder andere bestaan het uit 'n radiokamer en 'n arsenaal. As sekuriteit was daar 'n 12 voet hoë muur rondom. Daar was ook honde. Vroeg in 1980 is Floyd met 'n vragmotor Zimbabwe toe en het hy alles wat oorspronklik van Suid Afrika na Rhodesië gestuur is teruggebring. Twee derdes van die personeel was swart en 'n derde was wit. Betaling het deur die maatskappy geskied en 'n ander besturende direkteur is deur gen. Loots aangestel. Die oogmerk van diep verkenning het verander na identifikasie en eliminasië van die vyand.

[822] Hulle was bekend as Barnacle of Delta 40. Bewysstuk 31B1 het van hoër gesag gekom. Dit was gerig aan die direkteur van Barnacle. Die opskrif was "Verdere Implementering van Barnacle." Die funksies word uiteengesit as eliminerings, hinderlae teen persone van strategiese belang, die bedryf van ander supersensitiewe operasies soos opgedra, insameling van gevegsinligting, insameling van inligting soos opgedra en spesiale sekerheidstake. Daar moet samewerking wees tussen die hoof van Barnacle en die hoof van Spesmagte. Barnacle het op 'n streng moet-weet basis gewerk. Wanneer 'n span vir 'n spesifieke operasie geïdentifiseer is, is hulle heeltemal afgesonder. Kontak met Spesmagte is beperk tot die minimum. Logistiek het hulle onafhanklik ge-opereer. Een van die lede van Barnacle was by Krygkor. Die ander het geen voorsiening vir pensioen gehad nie. Daar is besluit op annuïteite. Opdragte is mondeling gegee. Alhoewel daar sprake is van chemiese optrede was hy nooit daarby betrokke nie. Hy het nie steekproewe gedoen nie. Die aantal personeellede het van tyd tot tyd gewissel. Hulle moes besig gehou word.

[823] Hy het 'n persoon met die naam van Johan Theron goed geken. Hy was 'n sekerheids-offisier by die hoofkantoor. Hulle het saamgewerk. Hyself was 'n opgeleide loods. Hulle het 'n Seneca vliegtuig met SAW fondse verkry. Dit is geregistreer as ZSKFG. Dit kon ses mense vervoer en die agterste sitplekke kon uitgehaal word. Hy het nie 'n nag-lisensie gehad nie. 'n Deel van hulle operasies was om gevangenes wat

gedood is in die see af te gooi. Die terroriste het 'n probleem veroorsaak en moes ge-elimineer word. Hulle het die persone wat afgegooi moes word of as lyke of in 'n beswyming ontvang. Daarna het hulle tot naby die see gevlieg en geland. Die deur is dan verwyder en dan het hulle 60 kilometer oor die see gery en die persone afgegooi vanaf 'n hoogte van 12 000 voet.

[824] Bewysstuk 47A is sy vlugboek waarin sy vliegre en besonderhede van elke vlug aangeteken word. Hy was 7 of 8 kere betrokke by die afgooi van persone. Met die tweede vlug het hulle 'n probleem ervaar. Die mense is opgelaai te Kamanjab. Hulle was verondertel om gesedeer te wees maar een van hulle het wakker geword. Theron het 'n probleem gehad. Hy het 'n spuit gehad en het hom probeer sedeer maar dit het nie gewerk nie. Die vliegtuig se stuuroutomaat was aan maar hy moes oorskakel na handkontrole. Hy kon nie help nie omdat 'n gewigsverskuiwing in so 'n klein vliegtuig noodlottig kon wees. Theron het egter die situasie uitsorteer en die operasie is uitgevoer. Hy het net die rooi skietapparaat gesien. Theron het vir hom gesê dat die stowwe deur die beskuldigde verskaf is. Hy het hom daarna toevallig by Speskop ontmoet en vir hom gesê: "Wouter please make sure that it will work". Die beskuldigde het hom verseker. Floyd het hom vertel dat die beskuldigde die mediese offisier by Spesmagte was.

[825] Hulle het passassiers by Lanseria opgetel. Hulle moes in Suidwes afgegooi word. Hy het aangedring daarop dat hulle lewendig moes wees omdat hulle oor Botswana moes vlieg en dit 'n uiters groot verleentheid sou wees indien hulle om een of ander rede met lyke in Botswana sou moes land. Hulle het vier mense ontvang wat gesedeer was maar nie dood nie en hulle het hulle in die agterste sitplekke vasgegespe. Johan Theron en 'n helper het die mense met 'n voertuig gebring. Dit het gelyk of hulle slaap. Hulle sou na Windhoek vlieg om brandstof in die vliegtuig te sit. Daar was weerprobleme. Uiteindelik het hulle brandstof te Brandberg gekry. Hulle het daarin geslaag om onder die wolk te bly. Hulle het geland, die mense ingespuut en hulle klere verbrand.

[826] Hy het Barnacle in Maart 1982 verlaat. Gen. Loots het toe afgetree as bevelvoerder van Spesmagte en gen. Liebenberg het by hom oorgeneem. Hulle het nie oor die weg gekom nie. Hy is opgevolg as die

bevelvoerder van Barnacle deur Charl Naude en die loods was Martin van der Linde. Hy het 'n swart Rhodesier met die naam Christopher geken. Die swart lede het dikwels ander name as hulle werklike name gebruik. Mnr. Q het in Zimbabwe gewerk en hy kon wapens verander. Hy het hom aan gen. Loots voorgestel en hy het toe Suid Afrika toe gekom. Hy het net een maal met die beskuldigde gepraat. Al die senior SAW lede het van die doelstellings en funksies van Barnacle geweet. Gen. Malan was persoonlik betrokke by die verkryging van die Broederstroom eiendom.

[827] Onder kruisverhoor het hy bevestig dat hy net buite die land geopereer het. In Zimbabwe, Botswana, Angola en Mosambiek. Hy wou niks met binnelandse dinge te doen gehad het omdat hy 'n soldaat is en nie 'n polisieman nie. Hy moes die moet-weet beginsel toepas en het dit gedoen. Jy kon nie eers die mense in Barnacle vertrou nie. Dit sou nie eers bekend gemaak gewees het dat mnr. Q die wapens gemodifiseer het nie. Hulle sou ook nie geweet het vir watter doel mnr. Q die wapens gemodifiseer het nie. Hoe meer sensitief die operasie was hoe meer streng is gehou by die beginsel. Die eliminasië van persone buite die land was bekend as "pre-emptive strikes". Hulle huiswerk is goed gedoen voordat so 'n operasie onderneem is. Hulle het baie seker gemaak dat die persoon 'n gevaar vir die veiligheid van die land is en dat die probleem nie op 'n ander wyse opgelos kan word nie. Dit is baie belangrik dat die korrekte teiken getref word en nie toevallige teenwoordiges nie. Hulle het die operasies as selfverdediging beskou. Die eerste keer wat hulle liggame in die see gegooi het was in Julie 1979. Die tweede keer was Augustus 1980 en daarna in November 1980 en Februarie 1981. Dit was tydens die tweede rit wat hulle die probleem gehad het. Dit was gedurende Augustus 1980. Die gesprek met die beskuldigde moes binne twee of drie weke daarna plaasgevind het. Hy het die aanmerking gemaak omdat hy ontsteld was. Hy het die beskuldigde geken alhoewel hulle nie vriende was nie of sosiaal gemeng het nie. Hy was onder die indruk dat die beskuldigde aangestel is as die mediese offisier van Spesmagte. Dit word aan hom gestel dat gedurende 1979 en 1980 die beskuldigde nog 'n kliniese assistent by H F Verwoerd hospitaal was en dat hy hom nie by Spesmagte kon gesien het nie. Hy hou vol dat hy hom gesien het, dat hy weet hoe hy lyk en dat dit nie iemand anders kon gewees het nie. Dit word aan hom gestel dat sy getuienis verskil van die van Theron omdat Theron se getuienis was dat die sedermiddel van EMLC gekom het. Dit word aan hom gestel dat sy getuienis nie te

versoen is met sy weergawe dat die moet-weet beginsel streng toegepas is nie. Daarvolgens behoort Theron nie aan hom die bron van die sedeermiddels te ge-openbaar het nie. Deur met die beskuldigde te gepraat het het hy ook die beginsel oortree deurdat hy die beskuldigde ingelig het dat hy van die middels gebruik gemaak het.

[828] Hy bevestig dat so lank as wat hy by Barnacle was die beskuldigde nie 'n lid van Barnacle was nie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde aan die einde van 1980 klaargemaak het en dat hy eers aan die einde van 1981 aangestel is by Spesmagte. Hy bevestig weer eens dat die gesprek met die beskuldigde plaasgevind het voor die derde rit wat in November 1980 geskied het. Tydens die eerste rit is die liggame by Botshabelo opgelaai. Die polisie het dit daarnatoe gebring. Hulle was reeds in lyksakke. Hy het sy instruksies van gen. Loots gekry. Hulle het 'n verkenningsvlug gedoen en is ingelig dat as dit doenlik was hulle van die liggame ontslae moes raak. Daar was kontak met die vliegtuig by wyse van hoë frekwensie radio. Hy het die kodewoord per radio ontvang. Dit was vooraf bespreek. Daar is tussen twee en vyf persone in die vliegtuig gelaai. Waar Theron betrokke was het hy nooit persone ingespuut of gedood nie. Op 'n vraag van die hof het hy aangedui dat die mense met dodelike gifstof ingespuut is voordat hulle uit die vliegtuig gegooi is. Onder verdere kruisverhoor verander hy dan sy getuienis om aan te dui dat hy nie kan sê of die mense met dodelike gifstof ingespuut is nie omdat hy nie weet waarmee hulle ingespuut is nie. Hy het net die spuit met die rooi bo-op sonder die T-stuk gesien. Hy stem saam dat hy eintlik onder die indruk was dat hulle reeds gesedeer was wanneer hulle, hulle opgelaai het. Dit was gedurende 1979 wat Theron hom meegedeel het dat die beskuldigde die sedeermiddels verskaf het. Dit was lank voor die probleem wat Theron ondervind het tydens die tweede ekskursie. Sy enigste binnelandse operasie was die een van Lanseria af. Hy het sy opdrag van gen. Loots gekry en hy en Floyd het eers die vliegtuig gaan vul met brandstof en die agterste sitplekke gaan uithaal. Hulle was reeds klaar toe Theron die persone gebring het. Sy eerste instruksies het hy direk van gen. Loots gekry. Theron sou hom later sê en hy moes dit dan met gen. Loots bevestig. Die besonderhede is deur Theron verskaf. Hy het nie geweet wie enige van die passassiers was nie. Sy opdrag was van die generaal. Die generaal kon inligting van die mense in Suidwes Afrika gekry het. By die operasies waarby hy betrokke was is daar van inspuittings gebruik gemaak en waar dit nie gewerk het nie is

daar van 'n vier pond hamer gebruik gemaak om die mense dood te maak. Om hulle te skiet sou te bloederig gewees het en dit is nie wat hulle wou hê nie. Alhoewel dit moontlik net 'n minuut of twee geduur het het dit soos ure gevoel wat Theron geworstel het met die persoon agter in die vliegtuig. Die binnekant van die vliegtuig is kleiner as 'n bakkie. As die probleem nie vinnig opgelos kon word nie sou hy moes omdraai om te land. Hy het nie die verklarings van ander getuies gesien nie en het ook nie met ander getuies gepraat nie. Hy gee toe dat hy nie in sy verklaring na die Lanseria voorval verwys het nie maar toe hy deur sy vlugrekordboek gekyk het het hy weer van die voorval onthou. Hy sou dit nie andersins onthou nie. As Floyd aangedui het dat hy in 1984 by operasies betrokke was dan het hy "rocks for brains".

[829] Dit word aan hom gestel dat volgens Floyd hy in menige operasies betrokke was na Maart 1982. Hy ontken dit en sê dat dit nie moontlik is nie. Hy ontken dat hy betrokke was by 'n operasie by Grootrivier in 1984 en by die Limpopo rivier gedurende 1983. Hy ontken ook dat hy betrokke was by 'n operasie naby Zeerust gedurende 1984. Wat hom aan betref is Floyd 'n bietjie doof en sy tydsberekening is verkeerd. Dit word aan hom gestel dat die Zeerust voorval wel gedurende 1984 plaasgevind het. Hy het nie kontak gehad met Floyd nie na 1982. Hy het Theron gedurende 1983 of 1984 gesien. Hulle het saam 'n koppie koffie gedrink en dit was dit. Hy het van der Linde nie weer gesien nie. Hy het Phaal nie geken nie. Toe hy die aanmerking teenoor die beskuldigde gemaak het was dit net hy, Theron en die beskuldigde. Hy word verwys na bewysstuk 31D, die beskuldigde se Meestersgraadsertifikaat gedateer April 1981. Hy het die beskuldigde net een maal voor hierdie voorval gesien en dit was 13 maande vroeër.

[830] Barnacle was geheel-en-al selfvoorsienend. Dit het eie voertuie, vliegtuig, wapens en fondse gehad en kon van EMLC gebruik maak. EMLC kon tegniese wapens en toerusting voorsien, ook kliniese benodighede. Theron was ook betrokke by Barnacle. Hy het toegang gehad tot EMLC. Hy kan nie bevestig dat dit die voor-die-hand-liggende plek was om chemiese stowwe te kry nie. Hy was 'n loods. As iets verkeerd gegaan het moes hy dit oplos. Waar Theron betrokke was het niks verkeerd geloop nie. Die inspuitings is met rooi spuite toegedien. Toe hy aanvanklik met gen. Loots gepraat het was die vereiste van die vliegtuig nie bespreek nie. Hulle het dit nie gedurende Mei 1979 bespreek nie. Dit was gerieflik om daarvan gebruik te maak om na Zimbabwe te gaan om nuwe verworwe lede te gaan haal. Die Piper Seneca

was die grootste vliegtuig wat hulle met die beskikbare fondse kon koop. Hy sou van 'n Kingair gehou het maar dit was te duur. Hy stem saam dat hy aanvanklik gesê het dat die vlug op 28 Julie 1981 plaasgevind het en dat hy later na 12 Mei 1981 verwys het. Dit word aan hom gestel dat sy getuienis 'n rekonstruksie is van wat in sy vlugrekordboek vervat is.

[831] Dit word aan hom uitgewys dat ivm die tweede operasie hy onseker is oor presies wanneer die probleem ontstaan het. Hy was onseker of die operasie by wyse van een of twee vlugte gedoen is omdat sy vlugrekordboek nie toe beskikbaar was nie. Hy meen dat dit menslik is om foute te maak. Hy het wel foute gemaak oor voorvalle maar hy vergeet nie 'n gesig nie. In die middel negentigs het die polisie na hom gekom en hom vrae gevra. Hulle het hom alles vertel wat hy gedoen het. Hy het besef dat Theron hulle moes vertel het. Hy was in 'n dilemma. Hy het na sy kluis gegaan en hulle die dokumente gegee wat as bewysstukke ingehandig is. Hy is nie geïnteresseerd om voor die WVK te getuig nie. Hy het onderneem om 'n verklaring te maak. Dit is nie toe aan hom voorgestel dat hy 'n artikel 204 getuie moet word nie. Wat hom aan betref kon die verklaring in getuienis teen hom gebruik word. Daar was wel sprake dat hy 'n staatsgetuie kon word. Hy het besef dat as hy nie saamwerk nie hy aangekla en skuldig bevind kon word. Na skuldigbevinding kon hy lewenslange vonnisse verwag. Dit is waarom hy besluit het om saam te werk en 'n staatsgetuie te word. Hy het besef dat 'n saak teen die beskuldigde ondersoek word. Hy het besef dat hy die beskuldigde sal moet impliseer. Dit word aan hom gesuggereer dat dit 'n goue geleentheid was en hy bevestig dat dit soos 'n kruik vol goud was. Hy is nie baie oortuigend met sy getuienis dat hy nie omgee om vir die res van sy lewe in die gevangenes te wees nie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy enigiets verkeerd gedoen het of dat hy die aanmerking teenoor die beskuldigde gemaak het, wat hy beweer hy gemaak het.

[832] In herverhoor getuig hy dat die mense wat die lyke by die eerste geleentheid na hulle toe gebring het in kamoefleer drag gekleed was. Waar twee mense met 'n taak besig was kon hulle die taak bespreek ten spyte van die moet-weet beginsel. Teikens is aan hulle gegee. Hulle het nie altyd saamgestem met die keuse van die teikens nie. Hy het inspuittings by 'n aantal geleenthede gesien.

[833] **Johan Jurgens Theron** het getuienis gelewer oor aanklagte 32 tot 35, 39 tot 44, 47 tot 50, 51, 53, 56, 62 en 63. Hy is gewaarsku, net soos mnr. K ingevolge artikel 204 van die Strafproseswet. Hy het in Januarie 1962 by die SAW aangesluit en in Februarie 1991 met vervroegde pensioen gegaan. Hy was verbonde aan teen-inligting. Persone wat 'n sekerheidsrisiko was, was sy probleem. Hy was betrokke by die eliminاسie van mense. Die sekerheidsrisiko's was gewoonlik Swapo lede. Daar was egter ook eie magte probleme wat Zimbabwiërs, Angolese en Mosambiekers behels het. Hy het nou saamgewerk met Barnacle. As 'n persoon begin uitpraat het, het hy 'n sekerheidsrisiko geword en moes hy ge-elimineer word. Daar was sulke gevalle. Hy vrees weerwraak van ekstremiste vanweë sy werk. Daar is 'n bevel gemaak dat 'n foto of skets van hom nie gepubliseer mag word nie.

[834] Hy was in die SAW tot 1969, toe sy vader oorlede is en hy die besigheid, te Belfast oorgeneem het. Hy het egter in November van daardie jaar aangesluit. Gen. Loots het hom geken en wou hê dat hy by teen-inligting by militêre inligting moes werk. Dit was destyds in Poyntonsgebou. Militêre inligting val onder HSAW. Teeninligting is 'n onderafdeling daarvan en het te doene met sekerheid veral tov spioenasie en subversie en hoe dit teengewerk kan word. Militêre sekerheid het te doen met fisiese dinge soos honde, elektriese drade, heinings en so aan. Hy het te doene gehad met personeelkeurings wat gegradeer is van vertroulik tot uiters geheim. Wanneer daar 'n ondersoek na 'n persoon plaasvind is dit as gevolg van beriggewing en word die hele spektrum ondersoek. Hy het te doene gehad met SO3 keurings. SO1 keurings het betrekking gehad op luitenant-kolonel, SO2 keurings op majoors en SO3 keurings op luitenant en laer range. Hy was in Kaapstad waar hy te doen gehad het met personeel keuring. Hy het 'n vlieg-lisensie gekry. Hy was betrokke by operasie Savanha. Hy het ook gehelp met Renamo. Die werk wat hy gedoen het was klandestien van aard. Hulle het wapens deurgesmokkel na Rhodesië en ook na Angola tydens operasie Savanha. Hy het gedurende 1978 aangesluit by Spesmagte. Gen. Loots het hom gewerf. Daar was verkenningregimente te Durban, Langebaan en Phalaborwa. Hy het dit gekoördineer.

[835] Fort Rev was in Ondangwa. Klandestiene operasies is van daar af uitgevoer. Daar was 'n groot ondervragings kamers. Die organisasie het gegroei en hulle het twee jaar later geskuif na die Zanza gebou.

Hy het toe die projekoffisier geword vir die bou van Swatkop Park (Speskop). Hy het by Spesmagte gewerk en dit het behels dat daar operasionele sekerheid moes wees en dat wat gebeur het nie na die regering terug herlei mog word nie. Die bevelslyn was die Minister van Verdediging, HSAW en dan die hoof van Spesmagte. As projekoffisier van Speskop moes hy skakel met verskeie departemente, onder andere EMLC wat onder Krygkor geval het. Hy het ook geskakel met die argitek en gen. Loots. Hy het die beskuldigde ontmoet laat in 1979 of in 1980. Die beskuldigde sou kyk na die laboratoriums. Hy het hom ontmoet en hulle het gepraat oor die laboratoriums. Hy en die beskuldigde was goeie vriende. Sy kantoor was regoor die van die hoof van staf. Hy het 5 persone onder hom gehad nl. Andre Pienaar, Danie Phaal, Eric Kenelly, sersant majoor van Vuuren ('n vrou) en 'n ander dame wiese naam hy nie kan onthou nie.

[836] Die beskuldigde se kantoor was op die grondvloer. Hy en sy personeel het daar ingetrek. Van die offisiere was Wynand Swanepoel, Phillip Mijburgh en Kobus Bothma. Die mense wat aan EMLC verbonde was het hulle salaris direk van Krygkmor ontvang. Hulle was betrokke by die vervaardiging en modifikasie van wapens. Hy het geweet van Barnacle. Die bevelvoerder was bekend as mnr. T. Hy was betrokke by die koop van die grond by Broederstroom.

[837] Daar was swart operateurs uit Zimbabwe. Daar was 'n werkswinkel. Hy was betrokke by die sekerheidsaspekte en by selle. Hy het die kodenaam Barnacle gekies en die rekening by voorrade is gehou as D40. Dit het later die kodenaam geword. Hy het nie persoonlik die brand by die laboratorium te Speskop gesien nie maar het daarvan gehoor. Hy weet van 'n swart mamba in die beskuldigde se kantoor in 'n glashok. Die beskuldigde wou soortgelyke gif as die mambagif chemies vervaardig.

[838] Hy was betrokke by die eerste voorval by Fort Rev. 'n Pseudo operasie is waar eie magte hulleself voordoen as vyandelike magte, die vyand infiltreer, lede van die vyand gevange neem en terugbring na basis. Hulle dra vyandelike uniforms, AK47's en skoene soos die vyand. Die deel wat hulle infiltreer word gevries om doding deur eie magte uit te skakel. Hierdie operasies was baie suksesvol. Die gevangenes is gebruik om inligting in te win en soms is hulle geswaai. As hulle doel uitgedien is was dit 'n probleem want dit was

onmoontlik om hulle in die gevangenisopset aan te hou sonder dat daar sekerheidsbreuke sou plaasvind. Daar is besluit dat hulle gedood moes word en 'n vliegtuig is gekoop. Dit was die Seneca. Hyself het die voorstel gemaak. Hy het verneem by die silwer myn oor wat sal gebeur as 'n voorwerp 'n honderd myl vanaf die kus in die see gegooi word. Hy is meegedeel dat dit nêrens sal uitspoel nie. Koevoet was ook in Fort Rev. Hy het gemaak asof hy saam met die Koevoet mense is en hulle het dan met die vliegtuig sonder 'n deur gevlieg. Hulle het aanvanklik die deur begrawe. Hulle het soms op die skedelkus oornag. Daar was samewerking tussen hom en die inligtingsoffisier. As 'n eufemisme vir die grusame daade wat hulle gepleeg het, het hulle gesê dat hulle pakette in die sisteem benodig.

[839] Hulle het sulke operasies uitgevoer. Die eerste persoon was 'n Swapo terroris. Hy het van EMLC 'n verdowingspyl ontvang wat 'n mens sou dood. Hulle het van Oshivello, naby Etosha, af gevlieg. Hy het die persoon in die bout gestee. Dit het nie gewerk nie. Daar het 'n geveg ontstaan. Die loods het gesê dat hy hom nie moet skiet nie. Die vliegtuig was op daardie stadium toe. Die persoon wou hom toe deur die wand skop en hy kon dit dalk regkry. Hy het hom verwurg. Die persoon het homself natgemaak maar na omtrent 15 minute het sy hart ophou klop. Hulle het toe op 'n landingstrook geland, die persoon van sy klere gestroop, die deur afgehaal en die see ingevlieg. Hulle het tereggekeer, die deur teruggeplaas en die polisie het nog ander mense gebring. Brandstof is op 'n vragmotor gebring. Die mense is met boeie versmoor. Dit was dramatiese en onaanvaarbaar. Daar was omtrent ses mense. Hulle is op 'n vragmotor verwurg en daarna in die see gegooi.

[840] Hy het toe met gen. Loots gepraat. Die menslike aspek was vir hom belangrik. Gen. Loots het aanvanklik alleen met die beskuldigde gesels. Later was hulle saam in die kantoor. Dit is aangedui dat die beskuldigde substansie sou verskaf. Die gesprek het in die Zanza gebou plaasgevind. Die substansie was Tubarine en Scoline. Dit was skedule 7 medisyne en moeilik bekombaar. Dit het die spiere aangetas en 'n persoon se longwerking gestrem sodat hy versmoor het. Hy het geen kennis van medisyne gehad nie en het dit maar by die beskuldigde gehoor. Die beskuldigde het hom voorrade daarvan gegee wat hy dan in 'n brandkas geplaas het. Vier ampule per persoon is toegedien. Daar was 12 of 24 ampules in 'n houer. Dit

moes binne-aars toegedien word. Wanneer 'n persoon se are platgeval het moes hy hom direk in die hart spuit. Die beskuldigde het egter vir hom gewys dat die korrekte plek om te spuit tussen die sleutelbeen en die skouerbeene is, in die kroonslagaar. Hulle het ook gebruik gemaak van susmiddels. Hulle het dit die Diep V tablette genoem. Die beskuldigde het verduidelik dat 'n oordosis daarvan gevaarlik kan wees. Hy het by verskeie geleenthede van die pille en middels van die beskuldigde ontvang. Hy het dit in voorraad gehou in sy brandkluis.

[841] Hulle het ook gebruik gemaak van Game waarin daar 'n susmiddel ingespuut is en dan weer toesoldeer is. Daar was ook sulke blikkies bier. Die beskuldigde het vir hom verduidelik hoedat hulle die Game gekontamineer het. Hy het Danie Phaal geken en ook vir Trevor Floyd. Phaal was later by teeninligting. Trevor Floyd was by Barnacle. Na die eerste voorval het daar nie weer probleme ontstaan nie en die operasies het vlot verloop. Daar moes letterlik honderde mense op hierdie wyse gedood gewees het. Die beskuldigde het gewet waarvoor die middels gebruik word.

[842] Toe gen. Liebenberg die bevelvoerder was is hy en die beskuldigde en van der Linde na Fort Rev. Die prosedure is daar deur die beskuldigde aan hom gedemonstreer en gemonitor. Daar is pille vir die slagoffers gegee om te drink. Hy het deur 'n eenrigting glas gekyk en kon sien dat hulle nie die pille drink nie maar in die stoele se pote indruk. Later het die beskuldigde wel vir hulle pille gegee. Hulle het aan die slaap geraak en is ingespuut. Beide hy en die beskuldigde het mense ingespuut. Hulle is dood. Daarna het hulle ook na Ketelaar gekyk. Die rede daarvoor was datdat die blote inspuut met Scoline en Tubarine veroorsaak het dat die mense pyn gehad het. Die beskuldigde het toe voorgestel dat hulle met 'n narkosemiddel Ketelaar ingespuut word sodat daar nie pyn sou wees nie. By die Fort Rev geleentheid was die vlieënier Matie van der Linde. Die vliegtuig is buite die operasionele gebied gelaat. Hy word gevra om die vlug te identifiseer in van der Linde se vlugrekordboek. Hy dui 'n vlug aan en sê dan dat dit nie daardie vlug kan wees nie omdat die vlug slegs 'n uur en 'n half lank was en hulle vlug baie langer was. Hy kan nie die voorval in die boek opspoor nie.

[843] Daar was ook 'n voorval by Dukuduku en daar was 'n geval saam met Potgieter by Phalaborwa. Dit was sy laaste optrede. Hy verduidelik weer eens dat die slagoffers met Ketelaar ingespuut is en dan met Tuberine en Scoline en dat hulle dan geland het en hulle klere uitgetrek het en dat hulle daarna in die see gegooi is. Die deur is mettertyd binne in die vliegtuig vasgemaak ipv om dit te begrawe. Daar was altyd 'n vlieënier maar sy funksie was om te vlieg. Die vlieëniers was nie betrokke by die doodmaak nie. Hulle het nie die name van enige van die mense geken nie. Die pyl wat by die eerste voorval betrokke was, was 'n verdowingspyl en het 'n metaalkleur gehad. Hy het elke keer Scoline en Tuberine gebruik. Hy het dit nie altyd by die beskuldigde gekry nie maar soms deur die bemiddelling van die beskuldigde van Swanepoel, Bothma of dr. Lombard. Hy het dit een of twee keer by Swanepoel gekry en twee of drie keer by Bothma. Die vlieëniers was die eerste bevelvoerder van Barnacle, van der Linde en Potgieter.

[844] Hy identifiseer die eerste vlug as 9 Julie 1979. Die volgende dag het hulle gevlieg na Tsumeb en Namutonie. Daar is hoofsaaklik swart mans ge-elimineer en in een geval 'n vrou. Bewysstuk 32A toon aan dat op 11 Oktober 1981 hy en van der Linde en die beskuldigde na Namibië gevlieg het. Dit kon nie die Fort Rev. geval wees nie. Dit was kort na gen. Liebenberg se oorname as BG Spesmagte. Gen. Liebenberg het ook as brigadier saam met gen. Loots die bevel behartig. Hy was net een maal saam met die beskuldigde na Namibië Hy het voorheen die inskrywing in die vlugrekordboek gevind.

[845] Hy getuig dat op Zeerust lughawe hulle een pakket van Barnacle ontvang het en drie van Phalaborwa. Dit het betrekking op aanklagte 32 tot 35. Hulle het susmiddels ingehad en is ingespuut. Die een wat deur Danie Phaal vervoer is was reeds oorlede, waarskynlik as gevolg van 'n oordosering van die Diep V tablette. Hulle is in die Seneca gelaai. Hulle het oor Botswana gevlieg, brandstof ingegooi by Eros lughawe en toe na die Skedelkus gevlieg. Die substans wat ingespuut is het hy by die beskuldigde gekry. Elke operasie is goedgekeur. Die vlieëniers was nie onder sy bevel nie maar onder die direkte bevel van die hoof van staf. Hulle het direk teruggekeer. Hy identifiseer die voorval as die inskrywing van 14 Februarie 1983.

[846] Wat aanklag 37 aanbetref was hy geïnteresseerd in die ondervragingsmetode. Daar was 'n moord

op Orlando Christina. Hy het dit met die beskuldigde bespreek. Die beskuldigde het hom meegedeel dat as 'n mens oor die nodige mediese kennis beskik middels toegedien kan word wat persone makliker laat praat. Een van die verdagtes is oordoseer. Hy het in 1 Militêre hospitaal geland. Hy, die beskuldigde en Paul Heyns is in die hospitaal in. Die beskuldigde het die persoon uitgewys. Hy is vasgeboei aan Paul Heyns. Hulle is na Swartkop lughawe. Hy is vasgeboei en die beskuldigde het gesê dat na Bloemfontein geneem word. Hy was so aggressief weens die chemiese ondervraging. Die beskuldigde se stafoffisiere was drs. Mijburgh en Bothma. Hy het in die ondervtaingsmetodes belanggestel omdat hy wou weet hoe om eie mense wat gevang word te hanteer. Die persoon wat die aand vervoer is was by sy volle verstand.

[847] Wat aanklagte 39 tot 44 aanbetref het dit betrekking op die Dukuduku voorval. Hy dink dat daar drie persone was. In soverre as wat sy vorige verklaring meer persone vermeld was dit verkeerd. Hy het nou die vlugrekordboek ter insae gehad. Hy en Kobus Bothma is met Kombi's weg. Hulle wou eksperimenteer met die drie mense met self. Hulle het die voertuie onder 'n afdak parkeer en die drie persone is met kettings om bome vasgeboei. Daar is self aan hulle gesmeer. Daar het van die self aan hulleself gekom. Hulle het niks oorgekom nie. Die een persoon het amper die boom met die ketting afgesaag. Die volgende dag is hulle ingespuut, in die vliegtuig gelaai en in die see gegooi. Hy en Bothma het om die beurt ingespuut met Scoline en Tuberine. Hy het dit by die beskuldigde gekry. Hy kyk na bewysstuk 39B en koppel die datum daaraan as 2 November 1983.

[848] Oor aanklagte 47 tot 50 getuig hy dat daar persone van Phalaborwa gevangenis gekom het en ook een van Barnacle. Eric Kenelly was saam met hom. Twee is ingespuut en in die vliegtuig geplaas. Floyd het ook gebring. Hy is nie seker of dit een of twee was nie. Hulle is ingespuut met Scoline en Tuberine. Die een wat met Diep V gesedeer is se asem het sleg geruik. Almal was nie dood nie. Mnr. K het gevlieg tot by Eros lughawe. Daarna is hulle na die skedelkus. Hulle het die gewone voorbereidings getref vir die afgooi in die see en het hulle toe later in die see gegooi. Hulle het teruggekeer na Eros waar brandstof ingegooi is. Hy word verwys na bewysstuk 47 A waarop daar nie melding gemaak is van die passassiers nie en voer aan dat hulle nooit die passassiers ingeskryf het nie.

[849] Oor aanklag 51 getuig hy dat die beskuldigde hom gevra het of 'n persoon in die hoogoond verbrand kan word. Hy het die hoogoond gebruik om dokumente te verbrand. Hulle het dit afgespreek en gewag totdat die mense van EMLC almal weg was. Die beskuldigde het die ambulans, waarin die persoon was, agteruit gestoot. Die liggaam was reeds styf. Hulle het gesukkel om hom in die oond te kry. Dit het omtrent 'n halfuur geneem om dit met diesel verbrand te kry. Die grootste bene is weer 'n keer gebrand en die as is in 'n houer geplaas en hy het dit langs die pad weggegooi. Die hoogoond is uit die geheime fonds gekoop. Dit is weer skoongemaak. Die opening was omtrent 60cm x 60cm en dit was omtrent 2 meter diep. Hulle het dit na wek gedoen. Daarna is hulle kroeg toe. Die mense het hulle gevra of hulle 'n lyk verbrand het omdat hulle so rooi was en hulle het gesê dat hulle chemikalieë verbrand het. Hy identifiseer die oond in die fotoalbum, bewysstuk 51A.

[850] Aanklag 52 het betrekking op Victor de Fonseca. Hy was 'n Mosambieker. Phaal het hom meegedeel dat hy 'n sekerheidsrisiko geword het. Hulle het besluit om hom nie in die sisteem in te bring nie. Hy het 'n kankergewas gehad en hulle het gedink dat hy makliker deur die beskuldigde geakkommodeer kon word. Hulle het gereken dat die beskuldigde hom so sal behandel dat hy doodgaan. Na sy dood was sy vrou onbeheersd hartseer.

[851] Aanklag 53 het betrekking op 'n voorval te Barberton. 'n Persoon is van Phalaborwa af gebring. Hy en van der Linde het die persoon daar gekry. Hulle het hom opgelaai en na Dukuduku geneem en daar afgelaai. Die persoon was afkomstig van 5 Verkenningsregiment. Hy het vir Phaal blikkies gegee om die persoon te sedeer. Hy was rustig toe Phaal hom in Barberton met 'n Kombi aangebring het. By Dukuduku is hy met Scoline en Tuberine ingespuut en met die Caravan vliegtuig wat gebruik is uitgevlieg oor die see en in die see gegooi. Dit het geskied op 13 Augustus 1986.

[852] Aanklag 56 het te doene met die verkenningsoperateur wie se liggaam in Mosambiek gelaat is. Daar is 'n sekerheidsondersoek gevra. Hy het 'n handgranaat in 'n sjebeen gegooi en vyf mense gedood. Sy optrede was soos die van 'n vigilante. Hy was 'n Mosambieker. Hy het 'n verleentheid geword. Die

veiligheidspolisie het hom aangehou. Hulle het onderhandel met die veiligheidspolisie om hom oor te neem. Potgieter het met 'n Squirrel helikopter gekom en hulle het hom te Phalaborwa op die skietbaan opgelaai. Hy is ingespuut, hulle het oor die Wildtuin gevlieg en hom in Mosambiek gelaat. Hy was 'n Molato. 5 Verkenningseenheid het 'n detensie kaserne gehad waar daar lede van Swapo en Unita aangehou is. Die Scoline en Tuberine was van die beskuldigde afkomstig. Foto album 56 B toon die detensie kwartiere en die skietbaan aan. Bewysstuk 56C, Potgieter se vlugrekordboek, toon aan dat die voorval op 26 November 1987 plaasgevind het. Dit was sy laaste operasie vir Spesmagte.

[853] Gedurende 1988 was hy op 'n stafdienskursus en van 1989 af was hy by Militêre inligting waar hy moniteerwerk gedoen het. Hy het by Liberty Life gebou gewerk by 'n onderafdeling van teeninligting. Hy het oorgeneem van Jan Marais wat na RNL toe is. By Liberty Life gebou was hy meer in 'n adviserende hoedanigheid en het hy administratiewe werk gedoen. Coast was een van die projekte waarmee hy gewerk het. Dit was 'n hoë prioriteit projek. Jan de Bruin het ook met die projek gewerk. Hulle het gewaak teen subversie en sabotasie. Hy het aan die operateurs vals identiteitsdokumente gegee vir groter sekerheid. Hy was ook nou betrokke by Barnacle. Charl Naude het mnr. K opgevolg. Joe Verster het hom weer opgevolg. Hy en die beskuldigde was huisvriende. Teen die einde van 1989 het Alfred Mofomela voor sy teregstelling sekere onthullings gemaak en Dirk Coetzee het ook dinge onthul. Hy het toe 'n verslag opgestel, bewysstuk 63A. DTI staan vir die direktoraat teeninligting. Daar was 'n leemte deurdat daar wel 'n teeninligtingsbeampte, ene Charl Jackson, by Delta G en, ene Danie, by RNL was maar nie een direk onder die beskuldigde nie. Hy is toe oorgeplaas na die beskuldigde se kantoor. Sy salaris was nie ter sake nie want dit is deur bestuurskonsultante bepaal en deur John Truter betaal. Daar het ook 'n Rita Engelbrecht gewerk. Hy het personeelkeurings gemaak, gemoniteer wie uit hulle beurt gepraat het en toerusting neem na Delta G. Hy het nie volle toegang tot Coast gehad nie omdat die beskuldigde aan die moet-weet beginsel geglo het. Hy het byvoorbeeld vir dr. Chu gehelp om die land binne te kom sonder dat sy paspoort gestempel word. Hy was nie ten volle ingelig nie.

[854] Hy kon nie onderskei tussen staatsbelange en privaat belange nie. Hy het so getuig by KEEM. Hy is

nie vertrou deur die persone nie. Dit was nutteloos om observasie te hou. Hy het een keer vir Rita gestuur met Truter se motor na Viljoen se huis. Toe sy daar aankom het Viljoen agter die muur uitgeloer. Aangaande aanklag 62 sê hy dat die beskuldigde Black Label bier, wat gekontamineer was met gifstowwe, aan hom gewys het. Dit is met Rita Engelbrecht se notor van die beskuldigde se kantoor na sy kantoor geneem. Dit is afgegee om vingerafdrukke te verwyder. Hy het dit in sy kantoor gehou. Hy het dit met Phaal bespreek dat hulle dit in die Oos Kaap in die taxi sisteem sou invoer. Hy en Truter het met sy motor na Jeffreysbaai gery. Hy wou dit daar met Phaal bespreek. Hy het dit later in sy voertuig gelaai toe hy Phaal nie daar kon kry nie. Phaal het hom vermy. Later het hy die bottels gebreek.

[855] Hy is gedurende 1992 na Amerika. Hy sou saam met die beskuldigde na Amerika gaan om Gerry Brand daar te sien. Die beskuldigde moes egter iets anders doen en het hom gevra om iemand anders te kry. Hy het toe vir Phaal gevra. Hulle het die beskuldigde ontmoet. Hy het alleen met Phaal gepraat en Phaal was ontsteld want hy het gesê dat die beskuldigde hom gevra het om dwelms te verkoop en van hom 'n ryk man te maak. Phaal was baie skepties om saam met hom te ry omdat hy gevrees het dat dit hom kan kompromiteer. Hy was destyds betrokke in 'n dispuut oor sy skeidingspakket met gen. Liebenberg. Hy was net vir twee jaar by die projek voordat dit amptelik gesluit is. Inspekteur Venter het hom gevra of hy sal getuig en hy het besluit dat hy wel sal getuig omdat dit vir hom belangrik was om vrywaring te kry. Hy wou ook sy gewete suiwer want hy het 'n geloofsverdieping ondergaan en sy geloofsoortuiging is dat hy die waarheid moet vertel.

[856] Hy het aanvanklik nie gedink dat die staat geweet het wat hy gedoen het nie. Hy het egter geweet dat hulle van die misdade teen hom sou kon bewys. Hy het 'n brandkluis asook 'n brandkas by Speskop gehad. Hy het die Scoline daarin gehou. Daar was ook boeie, balaklawas, komberse en uniforms in. Wanneer hulle die V-pille vir slagoffers ingegee het is dit gedoen onder die dekmantel dat dit is om te verhoed dat hulle lugsiek word. Hy sê dat daar wel terugvoering oor die effektiwiteit van die middels was en dat hy dit met die beskuldigde bespreek het. By Liberty Life was dit sy funksie om met die koördineerder, Jan de Bruin, te praat. By Centurion was dit steeds 'n staatsprojek. Sy vergoeding was baie goed en was dieselfde as die van

‘n generaal-majoor terwyl hy afgetree het as ‘n luitenant-kolonel.

[857] Phillip Mijburgh se kantoor by Centurion was noord van die meer terwyl sy eie kantoor aan die suidekant was waar die GG ook was. Ptojek Coast het vir sy rit na New York betaal . Hy ken Mielies Prinsloo wat die inligtingsoffisier by Spesmagte was. Die eerste persoon wat hy verwurg het was ‘n persoon wat boere by Tsumeb vermoor het. By Centurion was hy steeds die koördineerder van teeninligting van Coast. Die beskuldigde het dit aan hom oorgelaat. Hy het geweet van Zimmer. Hy was ‘n Amerikaanse besigheidsman wat besigheidsbelange saam met die beskuldigde gehad het. Hy het nie geweet van Buffham nie. Vir Chu het hy verskeie kere by die doeane deurgelaat sonder dat sy paspoort gestempel is. Hy het wel vir Sam Bosch gesien. Hy het nie geweet van Mole nie. Hy het nie geweet van Waterson trust nie. Hy dink hy behoort daarvan te geweet het. Hy het geweet dat Merton huis gebou word maar hy het gedink dat die beskuldigde en andere dit bou. Hy het nie gedink dat dit verband hou met Coast nie. Hy het nie geweet van ‘n boerdery of ‘n dieretuin of ‘n losie by Fancourt of van ‘n gholfbaan in België nie of van Partners in Travel nie. Hy het nie geweet dat die beskuldigde en dr. Swanepoel by Partners in Travel betrokke was nie. Hy behoort te geweet het van die verkryging van die substansie oorsee. Hy gee toe dat verskaffers nie behoort te geweet het dat substansie vir die SAW verkry is nie. Hy het nie geweet van die peptied sintetiseerder nie hy het nie geweet van die Oos Duitsers, Libiërs en Russe nie. Daar was wel ‘n Rus met die naam Serge. Hy behoort meer inligting te gehad het. Hy het vir Cadwell by Delta G geken. Hy was betrokke by die vervaardiging van die nuwe generasie traangas. Hy was nie ‘n buitelandse nie. Hy was nie bewus van ‘n Bulgaar nie. Hy weet nie dat ‘n peptied sintetiseerder teruggestuur is nie. Hy weet nie waar die Jetstar vandaan kom nie. Hy het gedink dit is deel van die projek. Hy is een maal met hom Kaap toe.

[858] Die beskuldigde was wel betrokke by die vervaardiging van beskermende klerasie. Daar is klerasie aan die Arabiere verkoop tydens Operasie Desert Storm. Hy weet nie van maatskappye soos Tagell, Blackdale en Copperdale nie. Hy weet ook nie van ‘n persoon met die naam Hashemi nie. Hy weet nie van die RITS bankrekening wat die beskuldigde bedryf het nie. Hy weet nie van Intramex, die “cottage” of die woonstelle in Brussels nie. Hy weet nie dat die woning in Engeland soms deur Spesmagte gebruik is nie. Hy dink hy behoort dit te geweet het. Hy was nie bewus van Libiese betrokkenheid nie. Hy weet nie van die gesamentlike operasie met die Switserse sekerheidspolisie nie. Hy weet nie van die verkryging van substansie

in Kroasië nie, behalwe wat die beskuldigde hom vertel het nie. Hy het nie vir Jacomet geken nie. Hy het wel gehoor van fondse wat bevries is. Hy weet nie van tegnologie of toerusting wat aangekoop is in Tsjeggo-Slowakye, Kroasië, Libië, Sjina en Oos Duitsland nie. Beskuldigde het hom wel vertel van aankope uit Rusland. Hy het gedien op 'n tegniese werkgroep en het gerapporteer aan Basie du Preez en Dirk Verbeeck. Wat hom aanbetref was die beskuldigde goeie vriende met Joe Verster want hy is baie saam met hom gesien. Hy en die beskuldigde het mekaar goed geken en het by mekaar se huise gekom.

[859] Tydens kruisverhoor is hy gekonfronteer met die stelling dat hy en die beskuldigde huisvriende was en is dit aan hom gestel dat hy by KEEM presies die teenoorgestelde getuig het. Dit word dan aan hom gestel dat hy hierdie getuienis gegee het om die indruk te wek dat hy nie valslik teen die beskuldigde sal getuig nie. Hy reageer deur te sê dat sy KEEM getuienis in perspektief gesien moet word omdat dit gegee is direk nadat hy gekonfronteer is met 'n vraag of die beskuldigde nie aangebied het om van hom 'n ryk man te maak nie deur hom dwelms te laat verkoop nie. Dit word dan aan hom gestel dat hy dan by KEEM 'n onwaarheid vertel het om gewig te gee aan sy ontkenning oor die aanbod om dwelms te verkoop.

[860] Hy gee toe dat hy in 1997 aangedui het dat hy 'n staatsgetuie sou word, dat hy besef het dat as hy aangekla sou word hy waarskynlik skuldig bevind sou word, en dat hy waarskynlik tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis sou word. Die alternatief was om met die staat saam te werk en die beskuldigde by die verhoor te impliseer. Hy gee toe dat as hy getuienis sou gee wat nie die beskuldigde impliseer nie hy nie die staat van hulp sou wees nie. Hy verduidelik dat hy 'n hele aantal gesprekke met die staatsaanklaers gehad het en mededelings gemaak het wat op skrif gestel is maar wat nie deur hom geteken is nie. Hy het sy finale verklaring onderteken. Dit word aan hom gestel dat sy vorige verklarings nie deur die staat beskikbaar gestel is nie en hy gee toe dat daar teenstrydighede sal wees tussen sy vorige verklarings en sy finale verklaring. Sy finale verklaring is geteken in Maart 1999. Hy het sy geloofsverdieping vier jaar gelede (1996) gehad.

[861] Hy het aan gen. Loots gerapporteer dat daar te veel gevangenes in Fort Rev is. Mnr K was toe ook

teenwoordig. Hy het toe voorgestel dat die mense gedood moes word. Hy het daarna die navrae gedoen. 'n Verkenningsvlug oor die see is onderneem om te kyk of daar skepe op die see is, of daar hengelaars is en waar daar orals alternatiewe lughawens is. Hy kan nie onthou dat hulle terug gekeer het om te rapporteer nie maar hulle het dadelik voortgegaan met die operasie. Hy het vooraf met gen. Loots afgespreek dat as dit gedoen kon word hulle sou voortgaan aangesien daar mense was waarvan ontslae geraak moes word. Hy bevestig dat die moet-weet beginsel baie belangrik was en dat geheimhouding ook baie belangrik was. Hy sê dat as daar 'n wapen met 'n knaldemper gebruik sou word dit onnodig sou wees om te weet wie die knaldemper gemaak het. Mense wat daardie beginsel oortree het is ge-elimineer, ook deur homself. Hy het sy verdowingspuit by EMLC gekry en in besonder by Jan Coetzee. Coetzee het geweet dat die spuit mense moes doodmaak maar hy het nie geweet watter mense nie en onder watter omstandighede nie. Wat hom aanbetref moes die mense dood gewees het voordat hulle in die see gegooi word. Hy wou nie 'n kans vat dat hulle dalk sou uitspoel nie. Volgens hom was daar tog 'n geringe kans dat 'n lewendige persoon wat op 12 000 voet in die see gegooi word dalk kan uitkom.

[862] Die vlieëniers was nie betrokke by die toediening van die toksiese middels nie. Daar is 'n debat oor die vraag of die loods behoort te geweet het wie die middels verskaf het. Hy het vir die loods gesê dat Jan Coetzee die verdowingspuit verskaf het. Hy was bekommerd oor die effektiwiteit van die middels wat van EMLC gekom het. Hy weet nie of mnr. K vir Coetzee gaan konfronteer het nie maar glo nie dat hy het nie. Hy weet nie dat K enigiemand konfronteer het nie. Hy gee toe dat K se getuienis onmoontlik waar kan wees dat hy die beskuldigde gekonfronteer het. So 'n voorval kon nie plaasgevind het nie. Die eerste persoon wat uitgegooi is was 'n persoon wat boere in Suidwes vermoor het. Dit was 'n groot worsteling wat hy met hom gehad het. Dit word aan hom gestel dat volgens K dit nie so 'n groot worsteling was nie en dat dit nie by die eerste geleentheid plaasgevind het nie. Dit word aan hom gestel dat hy sê dat daar een persoon in die vliegtuig was terwyl K beweer dat daar twee was. Dit word aan hom gestel dat K ook nie gepraat het van die boeie nie en hoe hulle gesukkel het om dit uit die persoon se nek te kry nie. Dit word aan hom gestel dat volgens K daar net een rit was terwyl hy getuig het dat daar nog ses persone gedood en in die see gegooi is. Dit word aan hom gestel dat volgens K hulle direk na die voorval terug is na Pretoria. Hy meen dat die

inskrywings in K se vlugrekordboek verkeerd is. Hy word gevra of hy vir K gevra het om die vlugrekordboek verkeerd op te skryf en hy antwoord dat die enigste opsig waarin die boek verkeerd kan wees is dat die passassiers wat nie sou terugkeer nie aangeteken is nie.

[863] Hy word gevra oor die “red plunger” waarna K verwys het maar kan dit nie onthou nie. Hy bevestig dat hy wel by EMLC chemiese substansie gekry het onder andere jodium om ‘n persoon wat jy wil ontvoer buite aksie te stel. Hy bevestig nie dat Spesmagte lede toegerus is met sianied vir wanneer hulle diep binne vyandelike gebied geopereer het nie. Hy getuig dat hy nie toegang tot die mediese store gehad het nie. Gen. Loots het gesê dat hy na Coetzee moes gaan. Dit is hy wat besluit het dat die mense met ‘n toksiese stof doodgemaak moes word. Dit word aan hom gestel dat gen. Loots moes geweet het van sianied in die mediese stoor. Hy meen dat sianied te wreedaardig sou gewees het. Dit word aan hom gestel dat dit baie makliker sou gewees het om sianied uit die stoor te gaan haal want dan was dit nie nodig om enigiemand te kompromiteer nie. Sy antwoord daarop is dat hy nie toegang tot die stoor gehad het nie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde nie gedurende 1979 en 1980 verbonde was aan Spesmagte nie en dat hy sy mediese meestersgraad eers in 1981 gekry het.

[864] Hy word weer eens gevra waarom die beskuldigde laat kom is en hy sê dat gen. Loots hom laat kom het. Dit word weer aan hom gestel dat die beskuldigde nog nie by Spesmagte betrokke was nie. Hy gee toe dat hy nie bewus was van sy internskap nie maar hy gee toe dat hy nie daar gewees het nie. Wat die sianied aanbetref getuig hy dat hy eers die Tubarine en Scoline by die beskuldigde gekry het en daarna gehoor het van die sianied. Hy gee toe dat die persoon aan bewind by EMLC ‘n doktorsgraad in chemie gehad het. Wat dokters by Spesmagte aanbetref sê hy daat daar ‘n diensplig dokter was en dat daar later van tyd ook aptekers was. Hy bevestig dat dit gen. Loots is wat die beskuldigde laat kom het en dit word aan hom gestel dat die beskuldigde beweer dat hy gen. Loots eers in 1981 ontmoet het. Hy kan nie betwis dat die voorval waaroor hy getuig reeds in 1979 plaasgevind het nie. Dit word aan hom gestel dat volgens K se getuienis hy wat K is nie by so ‘n vergadering was nie. Hy getuig dat K wel daar was. Dit word aan hom gestel dat die openbaarmaking aan K ‘n sekerheidsbreuk was. Hy voer aan dat wat hom aanbetref dit noodsaaklik was. Hy

het dit nie met ander mense bespreek nie, net met K en gen. Loots. Hy dink nie hy het ooit die moet-weet beginsel geskend nie. Hy gee egter toe dat die verskaffers se identiteit ook beskerm moes word.

[865] Die vliegtuig is gekoop om liggame uit te gooi. Hy kan nie met K saamstem dat dit vir 'n ander rede gekoop is nie. Hy meen nie dat dit 'n groot verskil sou gemaak het as die vliegtuig 'n Caravan was en nie 'n Piper Seneca nie. Die beskuldigde en gen. Loots het eers gepraat en hy het later by gekom en is ingelig dat die beskuldigde die middels sal verskaf. Hy gee nie toe dat dit 'n verbreking van die moet-weet beginsel was nie. Wat hom aanbetref is dit hoe dit gebeur het, dit is 'n historiese feit en hy weet wat die motief was. Hy gee egter toe dat die beskuldigde nie betrokke was by Spesmagte nie en dat hy ten volle ingelig is oor Spesmagte se geheime sendings. Dit word aan hom gestel dat op daardie stadium die beskuldigde nog nie eers 'n uiters geheime klaring gehad het nie.

[866] Hy word ondervra oor sy vlug saam met die beskuldigde na Namibië en hy bevestig dat dit plaasgevind het in Mei 1982. Hy verwys na van der Linde se vlugrekordboek en die drie inskrywings van 4 tot 7 Mei. Dit word aan hom uitgewys dat hy en die beskuldigde in Windhoek afgeklim het. Hy getuig dan dat die operasionele gebied 'n uur en 'n half se ry vanaf Windhoek was en wanneer dit aan hom gestel word dat dit baie ver van Windhoek af was sê hy dat hy deurmekaar was. Hy voel dat hulle wel met 'n voertuig na die operasionele gebied gery het en dat hulle tydens die nag van 5 Mei daar mense doodgemaak het. Hy gee toe dat hy verkeerdelik gesê het dat die beskuldigde in die vliegtuig was waaruit die mense gegooi is en dat hy dit verander het. Hy meen dat die vlugrekordboek, wat aandui dat net Floyd en die vlieënier gevlieg het, verkeerd is. Hy dink hy was by gewees. Hy het dit eers anders onthou maar dit is soos hy dit nou onthou. Hy word verwys na Floyd se verklaring waarin hy meld dat hulle 'n pienk olifant gesien het toe hulle gevlieg het en dat hy nie weet wat die beskuldigde en Theron gedoen het tydens die drie dae nie. Hy word ook verwys na van der Linde se verklaring tot die effek dat die beskuldigde net een maal saam met hom na Namibië gevlieg het.

[867] Daar is vyf mense in die vliegtuig gelaai omdat hulle net een keer wou vlieg. Dit word aan hom gestel dat dit baie gevaarlik sou gewees het omdat hulle met 'n oop deur gevlieg het. Hy gee dan toe dat hy nie werklik kan onthou dat wel oor die see gevlieg het by daardie geleentheid nie. Hy gee toe dat hy 'n fout gemaak het toe hy gesê het dat die beskuldigde in die vliegtuig was maar meen dat dit 'n tegniese fout was. Uiteindelik gee hy dan toe dat hy nie 'n onafhanklike geheue het dat hy wel by was toe die lyke in die see gestort is nie en dat as van der Linde sou sê dat dit Floyd was sal hy dit aanvaar. Hy sê dat na 7 Mei 1982 daar 'n geleentheid was wat hy en die beskuldigde saam in gen. Liebenberg se kantoor was om te rapporteer. Hy gee egter toe dat dit verkeerd sou wees om aan die verskaffer van die middels te openbaar dat daar te veel mense in Fort Rev is en dat hulle gedood moet word. Later, toe daar ook teen mense in die Republiek opgetree is sou dit nog meer verkeerd gewees het om dit te openbaar. Hy gee toe dat die beskuldigde nie betrokke was by die besluit om die mense te dood nie en dat hy nie geweet het wie gedood sou word nie. Hy wil nie toegee dat die beskuldigde nie geweet het hoe hulle gedood sou word nie en voer aan dat dit met hom bespreek is dat hulle in die see gegooi sal word.. Dit word aan hom gestel dat die beskikbaarheid van die middels nie werklik 'n rol gespeel het by die identifikasie van die slagoffers nie, die besluit om hulle te dood en die uiteindelijke doodslag nie. Hy ontken dat hy betrokke was by enige voorval waar mense met 'n hamer doodgeslaan is. Hy gee toe dat daar geen terugvoer na die beskuldigde was nie. Hy hoe egter vol dat hy betrokke was omdat hy die voorsiener van die Scoline en Tuberine was. Hy gee egter toe dat hy hierdie substansie gekry het by Swanepoel, Bothma en Buks Lombard. Dit was egter omdat die beskuldigde met hulle gereël het om dit beskikbaar te stel. Hy kan nie die datum gee waarop middels verskaf is nie en kan ook nie die middels wat by voorvalle gebruik is na enige besondere dokter terug herlei nie. Hy kan nie van enige klag sê dat die middels in die klagstaat na enige besondere dokter herlei kan word nie. Dit is goed moontlik dat die voorvalle in die klagstaat gevalle is waar die middels afkomstig was van ander dokters as die beskuldigde.

[868] Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde dat hy gedurende Desember 1980 klaargemaak het met sy internskap, dat hy in 1981 by die mediese hoofkwartier begin werk het, dat hy vanaf Januarie tot Maart 'n SO3 kursus geloop het, dat die projek Coast vergaderings daarna plaasgevind het, dat hy onder 'n valse identiteit na Amerika en Europa is, dat hy teen Junie of Julie terug was in die land, dat hy toe getaak is om

deel te wees van operasie Protea wat hom vir twee tot drie maande in Namibië besig gehou het en toegelaat het om na Angola te gaan sodat hy homself kon vergewis van die operasionele aspekte van CBO. Hy het eers by die einde van 1981 betrokke geraak by die mediese sisteem van Spesmagte. Na Protea is hy vir 'n lang tyd oorsee. By een geleentheid was die beskuldigde vir feitlik 'n volle jaar oorsee omdat hy net 21 dae in die land was. Die getuie hou vol dat hy die middels by die beskuldigde gekry het. Hy word gevra of die beskuldigde vir hom gesê het hoe dit gebêre moet word. Hy antwoord dan dat dr. Buks Lombard vir hom gesê het dat dit in 'n yskas teen tussen 4_C en 8_C bewaar moet word. Hy kan nie sê hoekom die beskuldigde dit nie aan hom verduidelik het nie. Dit word aan hom gestel dat daar in die Spesmagte stoor Scoline en Tuberine was en dat die sakke van die mediese operateurs toegerus was met Scoline, Tuberine en Ketelaar. Dit word aan hom gestel dat daar ook morfien beskikbaar was en hy gee toe dat die Diep-V tablette Vesperacs was. Dit was 'n slaappil. Een persoon is as gevolg van die toediening daarvan dood. Hy sê dat 'n persoon 15 minute na toediening van een tablet aan die slaap geraak het en dat drie tablette dodelik sou wees. Dit word aan hom gestel dat, chemies gesproke, 30 tablette nodig sou wees om die dood te laat intree. Die beskuldigde het gesê dat hy een pil moet ingee. Dit word aan hom gestel dat morfien baie meer effektief sou gewees het. Die pille was eers later gegee. Dit is gebruik om die vervoer van mense makliker te maak en om hulle rustig te maak.

[869] Hulle het gewoonlik met lewendige persone gevlieg. Alhoewel dit so is dat 'n persoon in stukke sal bars as hy die water tref moet 'n persoon in sy posisie oorversigtig wees. Hy het besluit dat persone nie geskiet moet word nie. 'n Gat in die skedel sou duidelik sigbaar wees. Hy het die doodmaak met gen. Liebenberg bespreek en kon dit ook met mnr. K bespreek het. Die drie pille wat doodmaak is sy afleiding. Hy word verwys na paragraaf 74 van sy verklaring waarin beweer word dat een pil genoeg is om 'n persoon te laat slaap en drie om te dood. Volgens die verklaring sou die beskuldigde dit gesê het. Dit is 'n fout in die verklaring. Dit word aan hom gestel dat hy goed aan die beskuldigde toedig wat andere aan hom gesê het en hy gee dit toe. Hy beweer dat die persone wat in Zeerust opgelaa is in 'n diep slaap was en dat hulle nog geslaap het toe hulle Eros lughawe bereik het. Die inspuitproses het altyd plaasgevind wanneer die mense geslaap het. Dit was net om seker te maak dat hulle nie dalk sou lewendig word nie. Daar was nie

terugvoering na Coetzee om iets beters te gee nie. Dit word aan hom gestel dat daar plaagbeheermiddels op die mark is wat ewe effektief is en strignien word ook genoem. Dit word aan hom gestel dat dit nie nodig was om 'n dokter te betrek nie.

[870] Dit word gestel dat dr. Lombard reeds gedurende 1980 weg is by Spesmagte. Hy sê dat dr. Lombard nie geweet het waarvoor die middels gebruik sou word nie. Hy gee toe dat die verskaffing van die middels nie na die SAW terug herlei moes kon word nie. Dit word aan hom gestel dat daar 'n verklaring is van 'n persoon wat beweer dat hy by was saam met die getuie toe 'n persoon met 'n hamer doodgeslaan is. Oor die Zeerust voorval sê hy dat daar vier persone was wat na Zeerust gebring is. Pretorius het 3 of 4 gebring en Phaal en Floyd het een gebring. Die persoon wat hulle gebring het was reeds dood en dit is hy wat as gevolg van die Vesperacs dood is. Hy gee toe dat volgens van der Linde se vlugrekordboek dit gedurende Mei 1984 geskied het. Hy weet nie waar Phaal die Vesperacs gekry het nie. Hyself het egter met elke operasie vir Phaal gegee dit wat hy nodig gehad het. Hy het nie die Scoline en Tuberine vir iemand anders gegee nie en het dit altyd self toegedien. Hy sou nie vir ander mense gesê het waar hy die pil gekry het nie. Hy kan nie onthou hoeveel pille hy vir Phaal gegee het nie. Dit was nie werklik belangrik of die persoon wat die pille gedrink sou sterf of nie sou sterf nie. Hy hou vol dat hy die Vesperacs by die beskuldigde gekry het. Dit word aan hom gestel dat volgens Phaal se verklaring Phaal die persoon ingespuut het met 'n middel wat hy (Phaal) by die beskuldigde gekry het. Dit word aan hom gestel dat Floyd dit beaam. Dit word verder aan hom gestel dat hulle nie die persoon te Zeerust sou ingespuut het nie en dat dit sekerlik gevaarlik was om met 'n lyk deur 'n padblokkade te ry. Hy glo dat die sedasiemiddel vir die ander drie seker deur Dave Drew aan Pretorius gegee is. Nadat die lyke gelaai is, het Matie van der Linde gevlieg. Hy weet nie wie nog saamgevlieg het nie. Hy wil nie toegee dat die beskuldigde nie aan hierdie voorval gekoppel kan word nie. Hulle het verskeie kere met lyke oor Botswana gevlieg.

[871] Hy en Bothma was betrokke by die Dukuduku voorval. (Aan klagte 39- 44) Dit was die jaar was die beskuldigde op stafkursus was en nie naby Spesmagte gekom het nie. Hy gee toe dat dit waarskynlik Bothma was wat die Tuberine en Scoline vir hom gegee het. Hy gee toe dat hy aanvanklik gesê het dat daar vyf

mense betrokke was. Hy en Bothma het met aparte kombi's gery. Hy het gedink dat hy ook mense vervoer het terwyl dit net Bothma was. Dit was soos wat sy geheue hom gelei het. Die voertuig was 'n Spesmagte voertuig wat altyd beskikbaar was en wat nie getrek hoef te geword het nie. . Hy het eers gedink dat gedurende 1984 geskied het maar het dit later herlei na November 1983 toe die referendum plaasgevind het.

Hy weet dat hulle gaan stem het. Hy het dit nie uit die getuienis van ander getuies afgelei nie.. Daar was wel ander bewysstukke. Hulle het eers salf aan die mense gesmeer met die doel om hulle te dood. Die idee het van Bothma gekom. Hulle het hulle aan hulle bene en lywe gesmeer. Uiteindelik moes hulle hulle inspuut. Die vliegtuig het die volgende dag gekom en hulle het die lyke opgelaai. Bothma het saamgevlieg. Hy het die voorval met Bothma bespreek. Hulle het gaan stem voordat die vliegtuig gekom het en het die mense daar vas aan die bome gelos, alhoewel die een amper ontsnap het. Hyself het met die vliegtuig teruggekom en hy het gereël dat sy voertuig vanaf die militêre basis gehaal word. Hy kan nie onthou wie van hy of Bothma hoeveel mense ingespuut het nie. Die Scoline was uit sy voorraad. Hy het dit saamgery. Daar was sprake daarvan dat daar van die mense in Bothma se kombi hom probeer aanval het en hulle het daaroor gelag. Hy gee toe dat die beskuldigde niks met hierdie voorval te doene gehad het nie.

[872] Hy word gevra oor aanklagte 47 tot 50, die Lanseria voorval. Hy gee toe dat volgens K se vlugrekordboek dit gedurende Julie 1981 plaasgevind het. Dit was onbekende persone wat van Phalaborwa af gekom het. Hy dink dat Floyd hulle gebring het. Dit word aan hom uitgewys dat mn. K gesê het dat Floyd hom na die lughawe vergesel het om die vliegtuig vol brandstof te maak en om die sitplekke uit te haal. Hy sê dat hyself nooit mense vervoer het van die eenhede af nie. Hulle was nog lewendig en is op Lanseria gesedeer. HY het hulle daar voorberei deur hulle daar met Scoline in te spuit. Hulle was reeds dood toe hulle in die vliegtuig gelaai is. Hy word gekonfronteer met K se getuienis dat hulle nie op Lanseria doodgemaak is nie omdat dit 'n risiko ingehou het om met lyke oor Botswana te vlieg. Hy gee toe dat hy in sy verklaring gemeld het dat hulle reeds dood was en dat die klag nou is dat hulle aangerand is. Met sy tweede verklaring het hy gemeld dat hulle nog lewendig was toe hulle op Eros lughawe aangekom het. Soos hy dit nou het was hulle dood. Dan getuig hy dat een, vir wie daar 'n stoel was, nog lewendig was terwyl die ander drie dood was. Hy kan nie sê dat die spesifieke middels wat in hierdie geval gebruik is deur die beskuldigde verskaf is nie.

[873] Oor aanklag 51 (die verbranding van die lyk) getuig hy dat hy onder die indruk was dat dit 'n Swapo of 'n Unita soldaat was wat in die hospitaal gesterf het. Hy kan nie ontken dat dit offisiële SAW beleid was om nie sulke sterftes te rapporteer nie en dat sulke lyke soms teruggestuur is sonder rapportering. Hy weet nie waaraan die persoon dood is nie. Hy weet nie waar hy gesterf het nie. Hy weet nie of die sterfte dalk gerapporteer is nie. Hy weet nie watter reg verydel is nie.

[874] Hy ontken dat hy by die de Fonseca aangeleentheid betrokke was. Phaal het met hom daaroor gepraat.. Hy onthou skielik dat die beskuldigde vir hom gesê het dat hy by sy dood betrokke was. Hy gee toe dat hy dit nog nooit vantevore in enige verklaring gemeld het nie. Hy gee ook toe dat hy tydens hoofgetuienis juis beweer het dat de Fonseca ook weens enige ander oorsaak kon gesterf het. Dit word aan hom gestel dat Phaal se getuienis juis van hom verskil omdat Phaal beweer dat hy vir hom 'n middel gegee het om de Fonseca te dood. Hy ontken dat Phaal die waarheid praat. Hy weet nie van 'n middel wat met 'n spuit in lemoensap ingespuut is nie. Hy weet nie waar die bewerings dat Thalium gebruik is vandaan kom nie. Hy kan nie ontken dat de Fonseca se liggaam later opgegrawe is nie en dat die nadoodse ondersoek geen abnormale dosisse Thalium aangetoon het nie. Hy kan ook nie ontken dat de Fonseca in ieder geval eers dood is meer as 'n week nadat die substans na bewering in die lemoensap gespuut is nie. Hy weet nie waarvan hy dood is nie en dat hy ook van die breinkanker kon gesterf het. Hy kan nie ontken dat Phaal juis beweer dat dat die beskuldigde nie betrokke was nie. Hy het nog altyd die vermoede gehad dat die beskuldigde vir sy dood verantwoordelik was.

[875] Oor aanklag 53 (die Barberton voorval) ontken hy nie dat hy dit nie in enige vorige verklaring vermeld het nie. Hy kan ook nie sê dat die spuitmiddel van die beskuldigde afkomstig was nie. Die enigste basis waarop die beskuldigde geïmpliseer kan word is dat hy die spuitmiddels voorsien het.

[876] Ook wat aanklag 56 (die Phalaborwa voorval) aanbetref is die enigste basis waarop die beskuldigde verbind kan word, is as hy verantwoordelik was vir die verskaffing van die middels. Hy het die slagoffer

ingespuut voordat hy hom in die vliegtuig gelaai het. Hulle het geland. Hy het hom nie in die vlug uit die helikopter uitgegooi nie. Dit word aan hom gestel dat volgens Potgieter die persoon nog gelewe het. Hy meen dat dit Potgieter se waarneming was. Dit word verder aan hom gestel dat volgens Potgieter se verklaring hy juis bevestig het dat die persoon nog lewe. Hy bevestig dat oor die algemeen al die slagoffers in die see gegooi is. Die een persoon is in Mosambiek gelos. Hulle het ook 'n lyk op die Brandberg uitgegooi. Een persoon is uit 'n Casper gegooi en daar was een vlug met 'n Caravan vliegtuig. Dit word dan aan hom gestel dat as die getalle wat die vlieëniers beweer uitgegooi is gekontroleer word dan kan sy getuienis dat daar honderde mense so gedood is nie waar wees nie. Hy beweer dat hy ook gedurende 1988 by 'n ander voorval betrokke was. Hy het vir gen. Serfontein gevra om vir hom die middel te kry. Dit is gereël en hy het dit van 'n dokter af gekry.

[877] Hy word gevra oor die vergiftigde bier (aanklag 62). Dit het plaasgevind tussen Augustus 1991 en Februarie 1992. Die beskuldigde het ingestem tot sy voorstel, tydens 'n gesprek tussen hulle. Hy was toe al uit die SAW. Hy was 'n sekerheidsoffisier wat sekerheidsklarings gedoen het. Die gesprek was informeel en die beskuldigde het aangedui dat hy nie weet wat die effek van die floccolant in die bier is nie. Hy het toe voorgestel dat hulle dit na die Oos Kaap neem en onder die swart taxi bestuurders versprei. Daar was 12 bottels Black Label kwarte. Danie Phaal was reeds uit die Weermag. Hy was in 'n stryd met die Weermag gewikkel oor sy uittredingspakket. Dit was nadat daar onthullings oor die BSB was. Dit word aan hom gestel dat Phaal die SAW gedreig het dat hyself onthullings gaan maak. Hy bevestig dat gen. Liebenberg na hom gevlieg het. Dit word aan hom gestel dat dit onwaarskynlik is dat die beskuldigde onder daardie omstandighede vir Phaal by so 'n projek sou betrek het.

[878] Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde hom hoegenaamd nie in sy vertrouë geneem het oor projek Coast nie. Dit word aan hom gestel dat gen. Liebenberg vir die beskuldigde gesê het dat hy uit die SAW moet kom, dat daar vir hom 'n pos geskep moet word en dat dit is soos wat hy die aanstelling gekry het. Hy word gevra hoe presies Phaal die biere by die taxi bestuurders moes gekry het. Sy antwoord is dat hy

Phaal vertrou het omdat hy ondernemingsgees het. Dit word aan hom gestel dat dit onmoontlik was om so 'n sending deur te voer. Enigiemand kon die biere optel. Volgens hom was daar samesprekings tussen hom en Phaal nadat daar besluit is op die sending. Phaal het na Johannesburg gekom en in die hotel gebly. Hy kan nie onthou watter hotel dit was nie. Hy was onwillig want hy was bang dat dit 'n lokval was. Hy word gevra hoekom hulle soveel moeite gedoen het en hoekom hulle dit nie sommer na 'n taxi staanplek in Pretoria geneem het nie. Sy antwoord was dat dit 'n bietjie te naby aan die bron was. Phaal het toe toestemming gegee dat hulle weer bymekaar kan kom. Phaal was nog nie oortuig dat dit nie 'n lokval was nie. Phaal het die gesprek op band gesit. Hy is toe saam met sy boekhouer Oos Kaap toe. Phaal wou nie voor Truter praat nie. Dit word aan hom gestel dat dit alles in stryd was met die moet-weet beginsel. Volgens hom het die beskuldigde nie die detail gehad nie. Phaal het onderneem om die bier te ontvang en te versprei. Hy sou nie vergoeding kry nie. Hy sou bloot vir hom (Theron) 'n guns doen. Hyself het nie vir Phaal sulke gunste gedoen nie. Hy het vir Truter saamgevat Oos Kaap toe om hom tevrede te stel dat die fondse behoorlik spandeer is. Truter was tevrede dat die fondse behoorlik spandeer is. Hulle het teruggevlieg. Dit was so twee weke nadat hy vir Phaal in die hotel gesien het. Hy is toe met die motor na die Oos Kaap. Dit was so twee weke later. Dit word aan hom gestel dat dit in stryd met die moet-weet beginsel is om vir die dame in die kantoor van dieplan te vertel. Hy was bang sy drink daarvan en hy het nie 'n kluis gehad om dit te beveilig nie. Hy wou dit nie huistoe neem nie omdat hy kinders by die huis gehad het. Die bier het toe nie by Phaal uitgekom nie en hy het dit in die Karoo weggegooi. Wanneer dit aan hom gestel word dat hy nie geweet het wat in die bier was nie is sy antwoord dat die beskuldigde vir hom meegedeel het dat dit toksies is. Indien daar mense sou doodgaan sou hulle besef het dat dit effektief was. Die situasie sou deur Phaal gemoniteer word. Dit word aan hom uitgewys dat Phaal nie meer die vermoë gehad het om dit te moniteer nie omdat hy uit die Weermag was en sy antwoord daarop is dat daar polisiedossiere sou wees waaruit die inligting verkry kon word. Hy hou vol dat die projek aanvaarbaar en funksioneel sou wees. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy hoegenaamd daarby betrokke was. Hy het nooit vir die beskuldigde ingelig dat Phaal nie die bier in ontvangs geem het nie en dat hy dit vernietig het nie. Hy het vir die beskuldigde gesê dat hy die bier afgelewer het. Hy kan nie verduidelik hoekom hy daarvoor vir die beskuldigde 'n leuen vertel het nie. Daar was nie verdere terugvoering nie en daar is nie weer daarvoor gepraat nie.

[879] Phaal was ontsteld nadat hy by die beskuldigde was en by hom aangekom het omdat die beskuldigde aangebied het om hom van dwelms te voorsien om te verkoop. Daar was 'n goeie verhouding tussen hom en Phaal, tussen hom en die beskuldigde en tussen Phaal en die beskuldigde. Dit was die dag voordat hulle na die VSA vertrek het dat hierdie gesprek oor die dwelms tussen die beskuldigde en Phaal plaasgevind het. Dit was 'n ontnugtering. Hy het dit nie van die beskuldigde verwag nie. Moord is in orde, nie dwelms nie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat daar so 'n gesprek plaasgevind het.

[880] Hy word gevra oor die eerste geleentheid toe hy die persoon verwurg het oor wat met die klere en die boeie gebeur het en sê dat dit of in die see gegooi is of verbrand is. Dit is wat altyd gebeur het. Die boeie is egter teruggebring. Die middels wat hy by die beskuldigde gekry het was Vesperacs, Game met 'n susmiddel in of bier met 'n susmiddel in. Die dodelike middels was Scoline, Tuberine en Sianiedkapsules. Die Sianied was bedoel vir eie magte wat in vyandelike gebiede ingaan. Hyself was altyd betrokke by die inspuit van die slagoffers. HY het dit nooit aan ander voorsien nie. Die enigste ander geval was die Dukuduku voorval toe Bothma ook ingespuut het. Daar was verskeie middels by EMLC. Daar was skokmasjiene, pistole wat met Ammoniak geskiet het en die pyl wat hy die eerste keer gebruik het. Dit word aan hom gestel dat op sy weergawe dit baie beter vir die beskuldigde sou gewees het om liewers vir hom 'n groot voorraad van die middels te gee as om met ander dokters te reël om hom ook daarvan te gee. Sy antwoord is die standaard antwoord wat hy altyd gee naamlik dat dit is soos wat dit gebeur het.

[881] Hy word gevra na die sekerheidsaal by 1 Militêre hospitaal waartoe hy beweer die beskuldigde eksklusiewe toegang gehad het. Hy verduidelik dat Unita soldate wat nie in die land behoort te gewees het nie daar behandel is. Die publiek het nie vrye toegang tot die saal gehad nie en slegs medici is daar toegelaat. Dit word aan hom gestel dat gedurende die tagtiger jare daar nie so iets was as chemiese ondervraging was nie en dat dit 'n mite was. Hy sê dat wat inderdaad by Vofal gebeur het is dat daar gevegte tussen die faksies was wat gelei het tot die besering van 'n klomp mense en dat van hulle toe in die hospitaal behandel is. Een van die persone het toe katetonies geraak. Wanneer dit aan hom gestel word dat dit nie net die beskuldigde

was wat die mense behandel het nie is sy antwoord dat die ander dokters ook by chemiese ondervraging betrokke was. Hy noem Mijburgh en Bothma. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy betrokke was by die verbranding van 'n lyk. Die beskuldigde is bewus van die volgende middels wat beskikbaar gestel is. Vesperacs wat voorgeskryf is vir slaaploosheid en persone wat bang was om te vlieg. Daar was 'n middel om angstigtheid weg te neem. Derdens was daar sedeermiddels wat in gryperasies gebruik is om persone wat in die buiteland gevang is en nie beseer moes word nie te verhoed om alarm te maak terwyl hulle die land binnegebring word. Dit kon ingespuut word en is ook in koeldrank verskaf. Dit word aan hom gestel dat dit al opsigte is waarby die beskuldigde by die verskaffing van middels betrokke was. Dit word aan hom gestel dat daar kursusse aangebied is oor watter kos en drank 'n persoon met veiligheid kon inneem en hy praat van navorsing oor sjokolade. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy ooit enige middels aan hom gegee het, dat hy onbewus was van besluite om mense te dood of dat hy by ander aksies betrokke was. Hy gee toe dat hy slegs in beheer van die toegang tot die laboratoria was tot in 1987. Gedurende 1990 en 1991 het hy slegs personeelklarings gedoen. Sy salaris was meer as toe hy 'n lid van die SAW was en dink dat dit R130 000 of R7 200, na belasting kon gewees het.

[882] Gedurende herverhoor getuig hy van 'n geleentheid toe hyself, sy gade en die beskuldigde in 'n voertuig was vanaf Phalaborwa, wat deur die beskuldigde bestuur is en wat in 'n botsing betrokke was. Sy vrou is beseer en die beskuldigde het oor haar navraag gedoen. Hy word verwys na bewysstukke 31E1 en 31E2 synde sy eerste en tweede verklarings en sê dat die tweede verklaring 'n uitbreiding van die tweede verklaring is. Hy het nie drie verklarings gemaak nie. Hy het die ketelaar as narkosemiddel van die beskuldigde ontvang. Die sedeermiddels is ook deur die beskuldigde verskaf. Toe hy die laboratoria by Speskop vir die beskuldigde gewys het was hulle al funksioneel. Hy korrigeer homself en beweer dat hy nog by die Zanza gebou was, die beskuldigde onder by die pad ontmoet het en toe gaan kyk het na die laboratorium. Die beskuldigde was gedurende die laat sewentigs in die operasionele gebied. Phaal of Kenelly sou nie aan 'n operasie kon deelneem sonder sy toestemming nie. Die verbranding van die lyk was 'n abnormale gebeurtenis wat eenmalig was en waarby daar nie ander mense betrokke was nie. Wat aanklagte 32 tot 35 aanbetref het hy bloot die V-pille en die Game koeldrank aan sy ondergeskiktes oorhandig. Hy

koppel sy vlug na die Oos Kaap aan dagboekinskrywings van 1 en 2 Augustus 1991 en 16 en 21 September 1991. Hy moes steeds by teeninligting rapporteer nadat hy op vervroegde pensioen gegaan het. Hierdie laaste stellings is by wyse van stellings in verdere kruisverhoor betwis.

[883] **Danie Jooste Phaal** is gewaarsku ingevolge artikel 204 van die Strafproseswet mbt aanklagte 32 tot 35, 45, 52 en 53. Die staat vra nie dat hy ivm aanklag 62 gewaarsku word nie aangesien die staat nie meen dat hy vervolgt kan word op die klag nie omdat hy homself daaraan onttrek het. Hy het verskeie gevorderde Weermagkursusse geloop. Hy het onder andere 'n mediese kursus gedoen wat hom in staat gestel het om steke in te sit, 'n drup aan te sit en om hartaandoenings te hanteer. Hy is opgelei om die vyand met 'n wapen met 'n knaldemper te elimineer. Hy het aan die einde van 1980 by Spesmagte aangesluit. Hy het by teeninligting gewerk. Mense wat saam met hom gewerk het was Johan Theron, kol. Du Toit, Eric Kenelly, Pine Pienaar, gen. Engelbrecht en Matie vander Linde.

[884] Hy het bewus geword van Barnacle. Hulle het in siviele drag gewerk en nie direk vanaf Speskop nie. Hy het klapmusse, boeie en sulke dinge in die instapkluis waargeneem. Daar was bloed aan die boeie. Hy het die eerste bevelvoerder en vir Floyd geken. Hy het ook van die swart personeel geken. Hyself het betrokke geraak maar terugspoorbare voeling moes uitgeskakel word. Aangaande aanklagte 32 tot 35 is die posisie dat hy gevra is om van 'n lid ontslae te raak. Die lid het 'n sekerheidsrisiko geword. Hy wou die land verlaat onder die dekmantel van verlof. Hy moes Floyd en die lid ontmoet. Daar was 'n dekstorie dat hulle na Messina op pad was en dat hy kon saamry. Sy naam was Christopher. Sy vrou het hom geneem na die plek waar hulle ontmoet het aan die noorde van Pretoria. Die lid was netjies aangetrek en hy het bagasie by hom gehad. Floyd het vir hulle iets te drinke aangebied en die lid het 'n bier gevra, wat Floyd aan hom verskaf het. Hy het dit gedrink en aan die slaap geraak. Hulle het stilgehou en hy het hom ingespuut en toe het hulle omgedraai in die rigting van Zeerust. Hy het die spuitstof by Theron gekry. Dit was Ketelaar. Hy het dit binne-aars ingespuut. Hulle moes die vliegtuig die volgende oggend teen dagbreek ontmoet. HY het agtergekom dat hy nie meer asemhaal nie. Theron het hom aangeraai om in sulke omstandighede hom so klein soos moontlik te maak voordat *rigor mortis* intree. Hy was senuweeagtig oor die weer want dit het nie

gelyk of die vliegtuig sal kan land nie. Hy het naer geword. Daar het 'n eks-Rhodesiër met 'n groen bakkie met gevangenes in van Phalaborwa af opgedaag. Die weer het gelig en Theron en van der Linde het geland. Hy het vir Theron help inspuit. Die inspuitings was tussen die nek en die skouer en self in die hart waar daar 'n krisis was. Hulle is in die vliegtuig gelaai en Theron het hulle met 'n kombers of 'n seiltjie bedek. Op pad terug het hulle die klere en bagasie by 'n stortingsterrein in Prertoria verbrand. Hy dink dit was vroeg in 1983 want dit was die eerste keer dat hy by so-iets betrokke was. Die bier het iets ingehad. Dit word so gedokter by Spesmagte. Gaatjies word daarin geboor en later toesoldeer. Hy het hom met Ketelaar ingespuit om te verhoed dat hy wakker word. Hy sou wakker geword het van 'n susmiddel.

[885] Hy is aangesê om iets te gaan toets. Hy het 'n substans ontvang wat hy Ondangwa toe moes neem. Hy het die beskuldigde wat in 'n pak klere geklee was by die Waterkloof lughawe ontmoet. Hy het gesê om die middel saam te neem en met Jungle Juice te meng. Dit het gelyk soos 'n klein botteltjie oogdruppels. Die beskuldigde het dit uit sy baadjiesak gehaal. Hy moes homself voordoen as 'n dokter en hy moes die man tgerugbring. In Ondangwa het hy die middel deur middel van lemoensap vir die betrokke Swapo lid ingegee. Hy het die lemoensap in twee gedeel en die een gedeelte gedokter met die lemoensap en toe die skoon lemoensap gedrink terwyl die lid die gedokterde lemoensap gedrink het. Die volgende oggend het hy geweldig gebloei en hy het hom met 'n vragvliegtuig oor Grootfontein na Pretoria gebring. Toe hulle geland het was daar 'n ambulans en hy is na die hospitaal geneem. Hy het later van die beskuldigde verneem dat die persoon oorlede is. Hy kan glad nie sê wanneer dit plaasgevind het nie.

[886] De Fonseca was 'n opgeleide Spesmag soldaat. Hy het breinkanker gekry en het 'n sekerheidsrisiko geword omdat hy los gepraat het, nie net met soldate nie maar ook met siviele persone. Hy is gewaarsku en is selfs in die detensie selle te Phalaborwa aangehou. Hy het hom gaan haal en in die gat ('n spesiale afdeling by Speskop) saam met hom gewerk. Johan Theron het hom ingeroep en hom opdrag gegee om goed in sy tee te gooi. Hy het die goed by Theron of by Bothma gekry. Hy het dit in sy tee gegooi en geroer en hom na sy kantoor geroep. Hy was so ontsteld dat hy die teelepel gebuig het. (Bewysstuk 52(1)). Dit het egter nie 'n uitwerking gehad nie. Theron het hom toe opdrag gegee om die substans in sy koeldrank in te spuit. Hy het

hom stad toe geneem en hom so 'n gedokterde koeldrank gegee maar weer eens het die substans nie enige sigbare uitwerking getoon nie. Hy het met die beskuldigde gepraat en het by hom of by Theron gehoor dat die man dood is.

[887] Oor aanklag 53 getuig hy dat hy 'n man by sersant-majoor Pretorius ontvang het, te Phalaborwa, 'n susmiddel laat inkry het en met hom na Barberton gery het in 'n kombi. Teen 7 uur die oggend het van der Linde en Theron opgedaag met 'n Cessna Caravan. Hulle het hom in die vliegtuig gelaai en na Noord Zoeloeland gevlieg. Hulle het geland by Dukuduku, die vliegtuig se deur verwyder, dit in 'n bos gebêre en hom daarna in die see gaan gooi. Hulle is terug na Dukuduku en vandaar na Hluhluwe. Die volgende oggend het die loods vir hom en Theron op Barberton afgelaai van waar hy die kombi terug bestuur het na Pretoria. Hy koppel dit aan die datum 13 Augustus 1986 in van der Linde se vlugrekordboek.

[888] Barnacle is opgevolg deur 'n interim organisasie, wat net bekend gestaan het as "die organisasie" en wat later bekend was as die BSB. Dit is destyds gesê dat die vul gebore moet word terwyl die merrie galop. Hy is gewerf. Dinge is vanuit die gat gedoen. Dit was belangrik dat dinge nie terug gespoor moes kon word na die staat nie. Hy was betrokke by teeninligting. Daar moes afsny- en sekerheidspunte wees. Lede het soms gebruik gemaak van vals of alternatiewe name. Dit was meer professioneel as Barnacle. Hy het kursusse aangebied. Hy het gespesialiseer in terugspoorbaarheid en misleiding. Die hooftaak was eliminasië. Die streeksbestuurder was Pieter Botes. Slang van Zyl en Calla Botha was lede. Daar was goeie kontrole. Hy was later in die buiteland gestasioneer. Wat die dood van die vyand aanbetref was daar verskeie metodes en die aanwending van gifstof was aanvaarbaar. Wat mediese substansie aanbetref het hy met die dokters geskakel. As 'n persoon gif wou hê moes die generaal dit voorstel. Die mediese koördineerder het geskakel met die mediese afdeling. Dit was die beskuldigde se afdeling. Een van daardie afdeling werk nouer saam as 'n koördineerder. Daar was 'n Gerrie Odendaal en 'n Frik Botha. Hyself het nie meer nou saamgewerk nie. Daar was afsnypunte. Die beskuldigde en Joe Verster was vriende. Hulle moes seker geskakel het want hulle was albei direkteure. Hy het vir Jan Lourens geken en het met hom geskakel. Hy het

“gadgets” en meeluisterapparaat verskaf. Dit was hier by 1985/86. EMLC was verbonde aan Krygkor en hulle wou ‘n stap verder beweeg. Hy het ook goed aan Jan Lourens oorhandig te wete springstof, slagdoppies en mikroskakelaars. Dit was vir plofmeganismes vir klein dingetjies soos bv. ‘n pakketbom. Mnr. Q was by Lourens. Hy het baie items aan die magte gelewer soos knaldempers, nie-terugspoorbare kleefmyne en bomme. Hy glo nie daar was chemiese substansie by EMLC nie. Hy het vroeg in 1990 as lid van die BSB uitgetree. Sy pakket is in 1993 afgehandel maar daar was dispute oor die pakkette. Hulle was omtrent 20 lede wat daarby betrokke was. Die staat het nie hulle kontrak nagekom nie. Dit is so dat gen. Liebenberg hom self besoek het. Hy het beloftes gekry wat nie nagekom is nie. Hy sou die eerste getuie vir die staat gewees het. Hy wou homself losmaak van die BSB. Hy het tog aan die einde reg gekom en in die proses het hy aan die einde die regspraak gaan sien.

[889] Hy is deur Theron genader om vergiftigde bier in die Oos Kaap te versprei. Theron het hom geskakel en gevra of hy belangstel om weer ‘n taak te onderneem. Hy het gedink dit was ‘n manier om hom onder beheer te kry en af te pers. Hy het gemaak of hy belang stel en Johan Theron en sy ouditeur het vir hom op sy tuisdorp (Jeffriesbaai) kom kuier. Hy het met Theron alleen gepraat want hy het gevra dat die ouditeur nie by moet wees nie. Hulle het toe weer op ‘n ander plek ontmoet. Dit was in Pretoria. ‘n Bandopname is gemaak. Hy het dit aan sy besturende direkteur gegee. Johan Theron was oorywerig. Hulle wou die bier in sy kantoor los. Hy het aan hulle verduidelik dat hulle Cradock om moes ry. Hy wou hulle vermy en hulle het mekaar misgery.

[890] Hy het die beskuldigde op ‘n laat stadium ontmoet net voordat hulle Amerika toe is. Hy was in sy kantoor in Centurion. Dit was net hy en die beskuldigde. Dit het gegaan oor die Amerika toe ganery. Die beskuldigde was simpatiek oor sy finansiële posisie. Hy het gevra of daar mense is wat van dwelms gebruik maak en hy het aangedui dat daar wel sulke mense is. Die beskuldigde het toe aangedui dat daar 100 000 Mandrax tablette is en dat hy R10 per tablet daaruit kan maak. Hy was geskok en ontsteld en het dit vir sy besturende direkteur vertel. Hy het gerapporteer van die biewrvoorval, die dwelms en die reis na Amerika. Hy was bang in Amerika en het nie die vrede vertrou nie. Sy taak was om Theron te beskerm terwyl hy besig was

met 'n opdrag. Hy was wel by 'n spioenasie kongres maar Theron het ander mense gaan sien. Theron se firma het vir die reis betaal.

[891] Hy het nie aansoek gedoen vir amnestie nie. Die polisie het by hom aangekom en hom ingelig dat Theron sy hart oopgemaak het. Hulle het hom meegedeel dat hy twee keuses het. Hy gaan of aangekla word of hy kan 'n staatsgetuie word. Hy het met sy prokureur gepraat en besluit om verklarings te maak. Daar was gedurende 1992 'n inbraak by sy huis en sy dokumente is gesteel. Hy het wel gedokterde Game hanteer. Hulle opdrag was om te konsentreer op die verkieding in Namibië Hy het teikenlyste gesien. Die lepel wat hy gebruik het om de Fonseca se tee te roer het hy dubbeld gevou. Hy het migraine gekry en het homself by een geleentheid met Ketelaar ingespuut. Hy glo dit was oor van die wat hy vir Christopher ingespuut het. Sy vrou kon die beskuldigde geskakel het omdat hy snaaks opgetree het. Die bandopname wat hy gemaak het, het hy vir Joe Verster gegee maar hy dink dat dit aan Nasionale Intelligensie gegee is.

[892] Tydens kruisverhoor bevestig hy dat hy sy opdrag van Theron gekry om vir Christopher na Zeerust te neem. Theron het vir Floyd die bier met die susmiddel ingegee en vir hom die Ketelaar. Theron het hom laat verstaan dat die persoon sou sterf as hy hom inspuut. Sy opdrag was nie spesifiek om die persoon te dood nie maar dit is as 'n moontlikheid voorsien. Wanneer dit aan hom uitgewys word dat Theron ontken dat hy aan enigiemand anders van die spuitmiddels gegee het is dit sy reaksie dat Theron nie goed kan onthou nie. Hy wil nie toegee dat hy oneerlik is nie. Dit word aan hom gestel dat volgens Theron hy Vesperacs van Theron ontvang het. Dit is duidelik dat hy nie weet wat Vesperacs is nie. Ten spyte van die moet-weet beginsel het hy geweet waar die middels vandaan kom. Theron het vir hom gesê. Dit word aan hom gestel dat Theron dit ontken. Dit word verder aan hom gestel dat hy dit nooit in sy verklaring vermeld het nie. Hy verduidelik dan dat as hy 'n geweer en patrone van Theron kry hy sal weet dit kom uit die geweerstoor. Daar was 'n vertrouwensverhouding tussen hom en Theron. Dit word gestel dat Theron ontken dat hy bier voorsien het. Dit word ook gestel dat hy nie in sy verklarings gemeld het waar die middels vandaan kom nie. Dit word aan hom gestel dat Theron sê dat hy gesê het dat die Vesperacs die persoon gedood het. Hy bevestig dat tot die beste van sy wete die beskuldigde niks met die voorval te doene gehad het nie.

[893] Oor de Fonseca getuig hy dat die opdrag om 'n substans toe te dien by beide geleenthede van Theron gekom het. Die substans het hy of van Theron of van Bothma gekry. Wanneer hy gevra word wie hom ingelig het dat de Fonseca dood is, is hy seker dat dit die beskuldigde was. Wanneer dit dan aan hom uitgewys word dat sy vroeëre getuines was dat dit of Theron of die beskuldigde was gee hy toe dat hy nie weet wie hom ingelig het nie. Dit word aan hom gestel dat hy oneerlik was omdat hy 'n behoefte het om die beskuldigde te inkrimineer. Uiteindelik gee hy toe dat de Fonseca aan breinkanker dood is. Hy gee toe dat hy opleiding het in misleiding. Dit word aan hom gestel dat hy baie lank vat om vrae te beantwoord en hy antwoord dat hy 'n stadige denker is.

[894] Wat die Barberton geval aanbetref bevestig hy dat die susmiddel in Coca Cola was. So ver hy weet het die beskuldigde niks met die voorval te doen gehad nie. Hy beweer dat hy die Coca Cola by Theron gekry het en dan word dit aan hom uitgewys dat dit nie strook met Theron se getuienis nie. Hy gee toe dat hy wel geldelike probleme gehad het maar ontken dat Theron hom geld aangebied het om vergiftigde bier te versprei. Hy trap klei oor sy verwysing na sy finansiële posisie. Theron en Truter het hom in die Oos Kaap kom sien. Hy het met Theron gepraat oor die verspreiding van bier onder Zulu's by die taxi's. Wanneer dit aan hom gestel word dat dit 'n onsinnige opdrag was gee hy toe dat hy probleme gehad het om te volg wat moes gebeur. Hy sou dit sommer net neersit en wie ook al opdaag kon 'n bier vat. Daar was mense wat sou moes monitor wat die effek daarvan was. Daar was 'n krat of twee. Dit word aan hom gestel dat in sy verklaring hy praat van beide bier en Coca Cola. Theron het die vergiftigde bier by sy werkplek afgelaai, nadat hy hom doelbewus vermy het. Sy vader het hom ingelig en hy het vir sy vader gevra om hulle aan te sê om dit te verwyder. Wat hom aanbetref het die beskuldigde niks met die voorval te doen nie. Theron het hom wel gekonfronteer omdat hy hom nie ontmoet het nie maar so 5 of 6 maande later het hy hom gevra om saam met hom Amerika toe te gaan. Hy het met sy tas in Pretoria opgedaag en dit is toe hy die beskuldigde gaan sien het. Hy was toe nog in 'n dispuut met die SAW en daar was dreigemente oor en weer. Hy wou net gehad het waarop hy geregtig was en nie noodwendig 'n groot gratifikasie nie. Daar was 'n bedrag wat hom toegekom het en die SAW geweier het om te betaal en hulle het kat-en-muis met hom gespeel. Hy het volgehou dat hy by

sensitiewe operasies betrokke was, iets waarvan die SAW bewus was, terwyl die mense wat onderhandel het dit nie geweet het nie. Van die jonger manne wou na die pers toe gaan en hulle het hulle hande vol gehad met hulle. Hy gee toe dat daar dreigemente was en wanneer dit aan hom gestel word dat as die beskuldigde gedoen het, wat hy sê hy gedoen het, dit vir hom skietgoed teen die SAW sou gee is sy antwoord dat hy na sy seniors gegaan het. Hy het by Theron bevestiging probeer kry oor die dwelms en die biervooral. Hy het gesukkel om 'n behoorlike bandopname van die gesprek gemaak te kry.

[895] Oor aanklag 45 getuig hy dat hy glad nie kan onthou wanneer dit plaasgevind het nie. Dit was iewers tussen 1983 en 1986. Hy wou dit uit sy gedagtes weer. Theron se opdrag was dat hy na Ondangwa moes vlieg en dat hy die goed by die beskuldigde moet kry omdat dit iets is wat hulle wil toets. Dit word aan hom uitgewys dat volgens die nadere besonderhede daar aan hom opdrag gegee is om die man te gaan doodmaak met 'n toksiese substans. Sy reaksie is dat hy nie so ver sou gery het om vir hom hoegood te gee nie. Dit word aan hom gestel dat as die persoon gedood moes word dit onsinnig sou wees om dit daar te doen en dat dit baie beter sou wees om hom na die Republiek te bring en hier dood te maak. Hy weet nie wat die posisie was nie en weet net dat sy opdrag was om hom terug te bring. Dit word uitgewys dat hy na 'n hospitaal hier gebring is terwyl daar 'n goeie hospitaal was waar hy was. Wanneer dit aan hom gesuggereer word dat die beskuldigde dalk net 'n koerier was wat die botteltjie vir hom gegee het is dit sy reaksie dat die beskuldigde vir hom verduidelik hoe om dit toe te dien. Hy gee toe dat volgens die moet-weet beginsel dit verkeerd was dat die beskuldigde die middel vir hom gegee het en dat Theron juis moes vermy het dat dit gebeur. Volgens die klagstaat het die voorval in 1985 plaasgevind, toe die beskuldigde op 'n stafdienskursus was. Hy verduidelik dat hy onseker was by die de Fonseca geval oor wie die substansie vir hom gegee het omdat Theron dit een keer vir hom gegee het en Bothma dit die ander keer vir hom gegee het en hy nie weet wie dit by watter geleentheid gegee het nie.

[896] Oor aanklag 45 bevestig hy dat hy na Ondangwa gevlieg het en die persoon teruggebring het na die Republiek. Nadat hy hom afgelewer het, het hy hom nie weer gesien nie. Hy weet nie wie dit was nie, en of hy dood is nie en indien hy wel dood is waaraan hy dood is nie of waar hy dood is nie. Hy sê dat hy later

gehoor het dat hy dood is maar hy weet nie hoe lank later nie. Dit kon drie weke later of selfs 'n maand later gewees het. Hy wil nie toegee dat dit verkeerd sou gewees het om terug te rapporteer aan die beskuldigde nie en voer aan dat dit 'n baie klein situasie gewees het en gevolglik nie so erg was nie. Hy gee toe dat eigste manier waarop hy die beskuldigde met die voorval kan verbind is deur die oorhandiging van die botteltjie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy so 'n botteltjie aan hom oorhandig het of dat hy vir hom sou gesê het dat die man dood is.

[897] Wanneer hy gevra word of hy geskakel het met die mediese manne by die BSB antwoord hy dat daar later afsnypunte was as 'n veiligheidsmaatreël. Hy het aanvanklik met die dokters geskakel maar later het hy ook nie meer met hulle geskakel nie. Hy weet nie van snaakse toksiese stowwe wat voorsien is nie. Oor de Fonseca sê hy dat die eerste middel nie gewerk het nie. Wat die tweede middel aanbetref het hy die lemoensap gedrink, teruggegaan na sy kantoor, van daar af huis toe is en die volgende dag gesond teruggekeer het werk toe. Dit word aan hom gestel en hy bevestig dit dat daar nooit snaakse middels deur die dokters verskaf is nie maar bloot alledaagse medisyne. HYself is 'n opgeleide mediese operateur. Dit word aan hom gestel dat Tuberine, Scoline en Ketelaar deel gevorm het van die mediese sakke. Hy bevestig dat Ketelaar wel in daardie sakke was. Daar is 'n debat oor die vraag of die stoorman van die mediese stoor op instruksies van die generaal stowwe kan voorsien en die getuie hou vol dat selfs in so 'n geval dit met die persoon in beheer uitgeklaar moet word. Die beskuldigde was nie 'n lid van die BSB nie. Daar was 'n ander Wouter Basson wat lid was. Hy was ook nie 'n lid van Barnacle nie. Hy was die bevelvoerder van die mediese span wat Spesmagte ondersteun het. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde aan die einde van 1981 by Spesmagte aangesluit het en dat hy gedurende die bgin van 1982 vir hom 'n kort oorlewingskursus op 'n een-tot-een basis gegee het. Hy bevestig dit.

[898] Hy bevestig dat die staat vir hom aangedui het dat hulle hom kan aankla van misdade waarvoor hy waarskynlik lewenslank na die gevangenis gestuur sal word of dat hy gevrywaar sal word van vervolging indien hy teen die beskuldigde getuig. Dit word verder met hom uitgeklaar dat hy besef dat hy die beskuldigde moet impliseer. Hy voer aan dat dit nie sy hoofoorweging was nie maar na 'n hewige debat blyk dit dat dit sy

hoofoorweging was om te getuig. Hy beweer dat hy geheel-en-al openhartig was. Dit word egter aanhom uitgewys dat in sy eerste verklaring nie van die Nietverdiend 10 gepraat het nie en dit eers ongeveer 'n jaar later vermeld het. Dit was toe dit op die lappe gekom het en hy besef het dat hy daarvoor sal moet praat. Hy voer aan dat die rede waarom hy dit nie geopenbaar het nie was omdat dit 'n binnelandse operasie was. Ondangwa was wat hom aanbetref toe nog in die binneland. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde sy getuienis ontken insoverre dit hom inkrimineer. In verdere kruisverhoor is dit ook aan hom gestel dat die beskuldigde enige gesprek met hom oor dwelms of pille ontken.

[899] **Trevor Ian Floyd** is gewaarsku ingevolge artikel 204 van die Strafproseswet mbt aanklagte 32 tot 35, 47 tot 50 en 63. Hy was vir 30 jaar in die SAW en is gedurende 1969 gewerf om klandestiene werk te doen. Hy het opleiding verskaf aan Nigeriërs in Biafra. Gedurende 1979 is hy deur gen. Loots gewerf om meer klandestiene werk te doen. Nadat hy dit met sy vrou uitgeklaar het dat hy voortaan 'n siviele bestaan sou voer het hy by Barnacle aangesluit. Hulle hoofdoel was die eliminering van die vyande van die staat.

[900] Hy was by verskeie operasies betrokke en het dit gekontroleer aan die hand van die vlugrekordboeke van die vlieëniers. Gedurende November 1980 het mnr. K hom gevra om hom te vergesel. Daar was 'n lid wat wat 'n sekerheidsrisiko geword het en wat wou terug gaan na Zambië. Hy is na Lanseria. Die persoon het gekla oor kopseer. K het hom 'n pil gegee om te drink en aangedui dat hy nie gou gaan wakker word nie. Hulle het die vliegtuig gevul met Brandstof te Windhoek en toe gevlieg na Kamanjab. Daar het hulle vir Theron of Dave Drew ontmoet. Theron het die persoon ingespuut. Daar is ook ander persone ingespuut.

[901] Daar was insidente in Namibië. Mense is ingespuut. Die vliegtuig se deure is afgehaal. Die mense se klere is uitgetrek. Hy weet nie hoe daarvan ontslae geraak is nie. Volgens hom het mnr. K mense ingespuut. By een geleentheid was daar drie eks-Rhodesiërs. K het vergeet om pille te bring. Hulle het hulle met hamers doodgeslaan. Hulle het gepraat van dr. Basson se medisyne. By 'n geleentheid het hulle na Namibië gevlieg. Die beskuldigde en Theron het op Windhoek afgeklim. Hulle het later weer by hulle aangesluit.

[902] Oor die voorval toe die mense van Lanseria af geneem is sê hy dat hy opdrag van K gekry het om mense by Settlers brug te gaan kry by Pretorius. Hy het hom by die brug ontmoet. Hy het Game koeldrank aan hulle gegee. Dit was nie normale drank nie. Hy en Pretorius het koffie gedrink. Die smaak van die middel kon nie in die Game geproe word nie. Die persone is in sy voertuig geplaas. Die mense het geslaap en K en Theron het opgedaag by Lanseria. Daar was nog iemand. Die mense is in die vliegtuig gelaai en Theron het hulle ingespuut met nog 'n middel. Hy het aanvanklik geskryf dat dit gedurende die middel van die 80's gebeur het maar hy en dit later gekontroleer en vasgestel dat dit plaasgevind het op 28 Julie 1981. Hy het bloot gehelp met die inlaai van die mense.

[903] Hy bevestig dat hy betrokke was by die voorval wat die onderwerp vorm van aanklagte 32 tot 35. Daar was 'n persoon met die naam van Christopher. Hy wou met verlof teruggaan Zimbabwe toe. Hulle was bang dat hy nie weer sou terug kom nie. Aan hom is opdrag gegee om vir Christopher te neem tot op 'n punt waar hulle vir Phaal sou ontmoet. Bier is aan hom verskaf. Hy dink dat hy dit by Theron gekry het. Hy het ander bier saamgevat in die voertuig wat voorheen 'n ambulans was. Hy het gemaak asof hy op pad was na Messina. Christopher het van die bier gedrink en aan die slaap geraak. Phaal het hom ingespuut met middels uit 'n mediese tas. Hy is dood en hulle het hom in 'n sittende posisie vas gemaak. Daar was nog 'n voertuig waarby Chris Pretorius betrokke was. Hy het nie gesien presies wat gebeur het nie. Hulle het sy klere in Pretoria Noord kom verbrand.

[904] Hy ken die beskuldigde. Die beskuldigde het hom behandel. Hyself het gedurende 1985/86 'n gifstof ontvang. Gen. Liebenberg was nog die bevelvoerder. 'n Persoon in Ondangwa se naam is aan hom verstrekk. Hy is aangesê om sy motor se handvatsel, waar dit geparkeer is, met 'n substans te smeer. Hy is meegedeel dat hy 'n gifstof by die beskuldigde kon kry. Hy is aangesê om hom by 'n meenthuis te besoek vir die doel. Hy het destyds gedink dat dit in Sunnyside is maar hy kan nie sê nie en dit kan ook in 'n ander voorstad wees. Die beskuldigde was nie alleen nie en daar was ook 'n dame wat by Spesmagte hoofkwartier gewerk het. Die beskuldigde het aan hom die gifstof, rubberhandskoene en 'n teenmiddel oorhandig. Hy het hom verduidelik hoe om dit aan te wend. Die middel het soos ghries gelyk. Hy het aanvaar dat as dit aan 'n persoon se vel

kom dit die dood sou veroorsaak. Hy is met die items na Tsumeb waar hy die nag geslaap het.

[905] Die volgende dag is hy na Ondangwa. Hy het by die parkeerarea ingery en aan die regterkant van die voertuig geparkeer. Daar was 'n wag by die hek toe hy ingery het. Hy wou vinnig die stof aan die handvatsel smeer en dan na die gebou gaan. Op pad daarheen wou hy sy handskoene uittrek. Wanneer hy sou terugkom wou hy 'n ent daarvandaan parkeer om te kyk wat die resultaat was. Dit was 'n wit of roomkleurige Mercedes Benz voertuig. Hy identifiseer die boom en drie garages op bewysstuk 46A as die plek waar die operasie uitgevoer sou word. Die wag het egter nadergekom en dit was nie moontlik om die gifstof aan te smeer nie. Hy het toe maar later gery. Die operasie is afgelas.

[906] By die middel van 1980 het Barnacle verander in 'n nuwe organisasie. Dit was die BSB. Die doelstelling van eliminasie was steeds dieselfde. Die hoof van Barnacle was toe kol. Joe Verster. Hulle is opgedeel in ses streke en hy was by streek 5. Hy word gevra oor buitelandse operasies. Die moet-weet beginsel het gegeld maar dit sou afhang van die hoeveelheid persone wat betrokke sou wees. Indien daar 20 persone betrokke sou wees sou al 20 ingelig gewees het. Al die lede van die BSB het skuilname gehad en wanneer hulle in die buiteland was het hulle onder vals name met vals dokumente geopereer. Daar was bewuste lede en onbewuste lede wat deur lede gewerf is om iets onder een of ander voorwendsel te doen. Indien hulle opdrag gekry het om 'n persoon te teiken het hulle hom dopgehou en dan 'n plan voorgelê hoe om hom te elimineer. Hyself het sy planne voorgelê aan die hoofdirekteur, Joe Verster, maar ander lede sou hulle planne aan streeksdirekteure voorgelê het, wat dit weer aan Verster sou voorgelê het. As Verster tevrede was sou hy dit weer aan die generaal voorgelê het vir goedkeuring. Indien dit finaal goedgekeur sou gewees het sou daar 'n aansoek vir die nodige finansies gevolg het. 'n Blou plan was die deks storie wat die lid aan sy familie vertel het van hoe hy sy bestaan maak terwyl 'n rooi plan die deks storie was, wanneer hulle in die buiteland was, van wat hulle daar gedoen het. Daar was nie 'n verbod teen die gebruik van gif nie en hy het aanvaar dat gif gebruik kon word.

[907] Hy word gevra oor teikens wat met 'n sambreel gedood sou word. Hy was in Engeland en het 'n plan

voorgelê. Hy het gemeen dat 'n meganisme vervaardig moes word wat in 'n sambreel gesit moes word wat dan middels kon inspuit, soos wat daar in CBO middels toegedien word. Deur dit onder aan 'n sambreel te sit kon dit dan aangewend om naaltjies in 'n persoon se vel in te skiet wat 'n dodelike gifstof sou vrylaat. Hy het so 'n meganisme ontvang en is Engeland toe daarmee. Hy het die sambreel van Engeland af saamgebring om terugvoering oor die tipe sambreel uit te skakel. Hy het opdrag gekry om 'n persoon op 'n trein te ontmoet. Hulle het onder hulle kodename ontmoet en te Ascot van die trein afgeklim. Hulle is per motor na 'n kroeg en vandaar met 'n ander motor na 'n huis op 'n plaas. Hy is meegedeel dat daar 'n deks storie was oor die gebruik van die huis.

[908] Die persoon wat hy ontmoet het was Lourens. Lourens het die apparaat aan hom gedemonstreer en het dit ook gelaai. In die proses het daar van die gifstof aan sy vinger gekom. Hy het geskrik en het dit toe gelek. Lourens was baie bekommerd. Omdat hyself nie geweet het hoe die gifstof werk nie het hy vir Lourens gesê om 'n bietjie melk te drink en te gaan lê. Lourens het dit gedoen en na 10 minute was hy doodreg. Hulle het toe teruggery en hy het agtergekom dat die sambreel te lank was. Hy het van die haartange wat vroue gebruik gekoop en die kap daarvan oor die punt gesit om te verhoed dat dit onverwags afgaan. Die een teiken het getrek en die ander een het nie so gereeld huis toe gekom nie. Die operasie is gekanselleer en hy het die apparaat in die Teems gegooi. Die apparaat was so 15cm lank. Die teikens was mnre. Pallo Jordan en Ronnie Kasrils. Dit was mnr. Pallo Jordan wat getrek het.

[909] By geleentheid het die beskuldigde hom gevra om hom by sy kantoor te kom sien. Die beskuldigde het vir hom gesê dat hulle nie behoorlike pakette gekry het by die sluit van hulle afdeling nie. Hy het hom toe gevra of hy nie kontakte in die buiteland het wat betrokke is by die verkoop van dwelms nie. Hy het aangedui dat hy nie sulke kontakte het nie en dat hy nie aan so 'n operasie sal deelneem nie. Hy was 'n gekwalifiseerde duiker wat toegerus was met 'n Rolex horlosie. Toe die BSB ontbind het het hy dit teruggehandig.

[910] Met die aanvang van sy kruisverhoor is dit aan hom gestel dat volgens sy verklaring hy by twee geleenthede van K verneem het dat die beskuldigde die gifstowwe maak. Dit blyk dan dat wat hy eintlik probeer aantoon het was dat by die tweede geleentheid hy reeds geweet het dat die gifstof deur die beskuldigde gemaak word. Hy gee toe dat hy verkeerd is en dat K hoegenaamd nie by Zeerust geval betrokke was nie. Dit het gegaan oor die susmiddel wat in die Game was en waarvan hy by K gehoor het. Hulle het dit bespreek en het gedink dat 'n ander tipe vloeistof meer aanvaarbaar sou wees. Dit word aan hom gestel dat hy nie werklik 'n onafhanklike geheue het nie en dat hy hoofsaaklik staatmaak op die interpretasie van vlugrekordboeke. Oor die Zeerust voorval sê hy dat hy nie seker is wie die loods was nie en dat hy daarom gesê het dat die persone aan K oorhandig is. Hy het gedink dat kol. Van der Linde ook daar was. Hy het die aantekeninge in die vlugrekordboek gebruik om die datum vas te stel, nie die name nie. Dit word aan hom gestel dat hy juis verkeerd was oor K. Hy gee toe dat hy die indruk geskep het dat K in die middel 80's by die Lanseria betrokke was en dat K nie betrokke kon gewees het nie. Dit word ook aan hom uitgewys dat hy vermeld het dat K by 'n voorval in Grootfontein betrokke was wat ook nie kon geskied het nie. Verder word hy daarop gewys dat hy ook in sy verklaring vermeld het dat K hom in 1983 opdrag gegee het om iemand te gaan doodskiet en in die Limpopo rivier te gooi en dat dit ook nie korrek was nie. Hy hou voet by stuk dat alhoewel die datum nie korrek was nie hy sy opdrag van K gekry het. Hy gee nie toe dat K 'n voorraad van die middels gehad het nie. Hyself kan nie onthou of hy middels gaan het of nie. Hulle het nie plek op die plaas gehad om die middels te stoor nie. Dit word aan hom gestel dat hulle wel 'n kluis gehad het om wapens te stoor.. Hy sê dat hy en K wel Messina toe is toe hy die persoon geskiet het wat hy in die Limpopo gegooi het.

[911] 'n Persoon het vir hulle 'n middel van Pretoria af gebring wat hulle gebruik het. K het vir die persoon wat oor die kopseer gekla het 'n pil gegee wat hy uit sy hemsak gehaal het. Hy het nie geweet waar K dit gekry het nie. Dit word aan hom gestel dat sy getuienis verskil van dié van K omdat K baie definitief was dat hyself nooit middels toegedien het nie en dat dit ook nie versoen kan word met K se getuienis wanneer hy (Floyd) beweer dat K die middels vergeet het en dat hulle hulle toe tot hamers moes wend nie. Hy hou vol dat daar drie persone was en dat hulle die eerste dag een gedood het en die volgende dag die laaste twee.

[912] Hy bevestig dat Theron en die beskuldigde by Eros lughawe afgelaai is en weer daar opgelaai is en dat hy en van der Linde na die noorde gevlieg het. Hulle het daar lyke ontvang en dit in die see gegooi. Wanneer dit aan hom gestel word dat die vlug van Windhoek na Oshievelo was ontken hy dit nie of dat hy en van der Linde 'n pient olifant gesien het nie. Hy weet nie wat die beskuldigde en Theron van 4 Mei tot 7 Mei gedoen het nie, maar hulle was nie betrokke by die operasie in die noorde nie.

[913] Wat aanklagte 47 tot 50 (die Lanseria voorval) aanbetref sê hy dat dit in die middel 80's was. Hy kan nie self sê dat die beskuldigde betrokke was nie. Dit was hoorsê getuienis wat afkomstig was van K. Hy het wel met Theron en Phaal gepraat oor die koeldrank met die susmiddel in. Dit is gesê dat die koeldrank van die beskuldigde kom en dat Game gebruik is omdat die smaak nie opgespoor kan word nie maar dat hulle nie daarmee tevrede was nie. Benewens die praatjies wat hy, Theron en Phaal gehad het oor die geskiktheid van Game weet hy nie waar die Game vandaan gekom het nie. Volgens sy verklaring is al waaroor gepraat sou gewees het dat die smaak nie maklik in die Game herkenbaar sou gewees het nie. Hy kan egter nie die gesprek of die inhoud daarvan onthou nie.

[914] Verder oor aanklagte 47 tot 50 getuig hy dat hy sy opdrag van K gekry het. Hy het altyd sy opdragte van K gekry behalwe dat hy later opdragte direk van gen. Liebenberg gekry het. Hy het nie opdragte van eliminاسie van K se opvolgers gekry nie. Hy het dit direk van gen. Liebenberg gekry. Toe hy die mense by die Settlersbrug gaan oplaai het het hy die koeldrank by K gekry. Hy word verwys na K se getuienis dat K en hy saam na Lanseria is en die vliegtuig voorberei het. Wanneer hy gevra word of hy by baie operasies betrokke was sê hy dat toe hy sy verklaring gemaak het hy die enigstes wat hy kon onthou gemeld het. Dit was 'n vreeslike tyd in sy lewe en hy het 'n klomp daarvan vergeet. Wanneer dit aan hom uitgewys word dat K nie by die Zeerust voorval betrokke kon gewees het nie sê hy dat hy dit weens die lang tydsverloop en die baie operasies kon vergeet het. Dit word aan hom gestel dat K se getuienis was dat hy nie met lyke oor Botswana wou vlieg nie. Hy sê dat hy twee maal saam met K oor Botswana gevlieg het en dat die een geleentheid was toe K die pil vir die persoon gegee het. Oor die Lanseria voorval hou hy vol dat hy eerste daar aangekom het en dat hy nie kan onthou of Theron en K saam daar aangekom het nie. Die passasiers het nog geslaap en hy

het vir Theron gehelp om hulle uit die voertuig te laai en na die vliegtuig te neem. Theron het hulle in die are ingespuut. Hy weet nie of hulle dood is of nie. Hy kan nie lig werp op die feit dat Theron aanvoer dat hulle dood was en K sê dat hulle nie dood was nie. K kan reg wees want hy was die loods en sy beslissing het gegeld.

[915] Oor aanklagte 32 tot 35 sê hy dat hy die bier by Theron of Phaal gekry het. Phaal het bestuur. Hulle het stilgehou en Phaal het hom ingespuut. Hy het die middel uit sy mediese sak gehaal. Hyself het sy mediese kursus in 1970 geloop. Hy kan nie sê hoe en met wat Phaal hom ingespuut het nie. Die persoon wat hy in die Limpopo gegooi het het hy Coca Cola gegee wat hy by K gekry het. Dit het egter nie gewerk nie. Hy het hom aan die RSA kant geskiet. Daar was onrus in Zimbabwe. Die Noord Koreane het hulle troepe opgelei. Hy meos hom aan die Zimbabwe kant in die rivier gooi sodat dit moes lyk of hy van daardie kant af in die rivier geland het. Die Game het nie behoorlik gewerk nie. Dit is waarom hulle bier gekry het in Christopher se geval. Hy weet nie waar dit vandaan gekom het nie.

[916] Wanneer hy gevra word oor die Ecstasy voorval kan hy nie ontken dat dit gedurende 1991/92 gebeur het nie en hy sê dat hy alreeds uit die BSB was. Hy het gewag vir 'n pos te Langebaan. Hy was nie betrokke by Joe Verster se groep, wat ontevrede was met hulle uittredingspakkette nie. Hy het vir 'n artikel 10 pos gewag. Hy weet nie van maatskappye wat in Engeland of Wes Europa deur Gerry Brand gestig is nie. Hy het sy eie maatskappy gestig op die Isle of Man. Hy het in 'n koerant gelees dat daar 'n drom Ecstasy in 'n hawe gevind is. Hy dink hy het dit gedurende 1993 gelees maar hy weet nie watter inligting die topstruktuur gekry het nie. Die Ecstasy was in poeiervorm. Dit wou lyk of dit vanaf Durban verskeep is. Daar was 'n amptelike ondersoek. Hy kan nie ontken dat die beskuldigde opdrag gekry het om te bepaal of die mense wat by Coast betrokke was nie betrokke was by die uitvoer van die Ecstasy nie. Dit word aan hom gestel dat Brand en Pithey die hoof verdagtes was. Hy verstaan dat die BSB geskakel het met Brand. Hy self was aanvanklik die enigste BSB lid in Europa. Daar was nie meer as 4 BSB lede in totaal nie. Hy het uit Engeland en Wes Europa gewerk. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde opdrag gehad het om ondersoek in te stel na die BSB lede wat nie ingeskakel het by Joe Verster se groep nie. Die beskuldigde het probeer vasstel of hy

kontakte het om Ecstasy oorsee te verkoop. Dit word gestel dat as die beskuldigde self Ecstasy wou uitvoer hy dit met die vliegtuig kon doen.

[917] Hy bevestig dat hy kontantgeld vanaf Zimmer ontvang het wat hy in 'n rekening inbetaal het. Dit was voordat die BSB tot stand gekom het en tussen Barnacle en die BSB. Mense wat nog betrokke was, was Sybie van der Spuy en Mijburgh. Hy dink dat hy by die beskuldigde se huis was toe K nog by Barnacle was. Hy gee toe dat sy verklaring en sy konspeverklaring verskil. In die getekende verklaring het hy gemeld dat hy met die sambreelvoorval van die goed aan sy vinger gekry het. Alhoewel Lourens paniekerig was het hy nie gedink dat Lourens iet sou oorkom nie. Daar was 'n Portugese span wat die operasie moes uitvoer. Hy het hulle die inligting gegee maar het nie presies vir hulle gesê wat om te doen nie. Hy het hulle dopgehou, verkenningswerk gedoen en voorstelle gemaak. Hy het die reëlins met die tussengangers getref en hy sou die sambreel oorhandig. Hy het die identiteit van die slagoffers geken. Die mense in Suid-Afrika sou nie hulle identiteit geken het nie. Die beskuldige was, wat hom aanbetref, nie by die voorval betrokke nie. Die enigste manier waarop hy hom verbind was met die huis in Ascot. Hy praat van Wouter se gif. Dit word aan hom gestel dat Lourens sê dat dit 'n skroewedraaier is. Sy kodenaam was Richard Chalmerson. Hy het nie die operasie met Lourens bespreek nie. Hy weet nie wie die sambreel gemaak het nie. Hy sê dat die gif "comes from dr. Basson". Hy kan dit onthou. As hy dit in sy verklaring gesê het is dit reg. Dit word aan hom gestel dat Lourens getuig het dat hy die gif by Mijburgh gekry het. Lourens het hom Trevor genoem. Wanneer dit aan hom gestel word dat hy nie die slagoffers se name in enige verklaring genoem het nie sê hy dat hy nie gedink het dat dit nodig is nie. Dit word dan aan hom gestel dat hy net genoem het wat hy gedink het nodig is. Sy verklaring is op 19 Maart 1999 onderteken. Hy het nie toe gedink dat dit nodig is om die name te noem nie. Hy bevestig dat hy nie in een geval die slagoffers geken het nie en dat sy optrede in die buiteland was.

[918] Phaal het hom ingelig dat die polisie by hom was en dat hy met hulle gepraat het. Hy het altyd gedink dat die storie sou uitkom. Toe hy in Sedgfield was het Phaal teruggekom van Pretoria en hom ingelig van die ondersoek. Hy probeer die indruk skep dat hy nie bekommerd was oor die polisie ondersoek nie omdat hy die voorvalle sou kon tuisbring onder 'n aansoek om anmestie mbt Pieter Ntuli wat hy ingedien het. Dit blyk

egter dat hy dinge bekend gemaak het soos wat dit op die lappe gekom het en dat hy moes besef het dat hy een of ander vorm van vrywaring benodig.

[919] Dit is op rekord geplaas dat op 11 Mei 2000 die staat die notas van die onderhoude met Floyd aan die verdediging beskikbaar gestel het sonder om te erken dat die staat verplig was om dit te doen. Daarna word hy steeds gekruisverhoor oor sy gemoedstoestand toe hy met Phaal gepraat het en toe hy sy verklaring gemaak het. Dit blyk dat hy rede tot kommer gehad het en dat hy een of ander vorm van vrywaring nodig gehad het. Hy gee toe dat Joe Verster vir Phaal kwaad was en ook dat die meeste van die dinge wat gedoen is geskied het voor die BSB. Hy getuig dat hy nie belang gestel het in wat Phaal vir die polisie gesê het nie. Dit klink nie baie oortuigend nie. Hy gee toe dat vanweë dit wat hy in die koerante gesien het hy bewus was dat die ondersoek teen die beskuldigde was. Dit word aan hom gestel dat daar vir hom slegs twee opsies oop was naamlik dat hy vervolgt kon word met ernstige gevolge of dat hy teen die beskuldigde kon getuig. Hy antwoord dat daar nie vir hom 'n uitkoms was nie. Dan getuig hy weer dat hy die amnestie aansoek kon uitbrei. Verder is dit so dat hy nie onthullings wou maak wat ander mense sou inkrimineer nie. Hy het net onthul wat hy gereken het nodig was. Dit word aan hom gestel dat sy onthulling wel die beskuldigde benadeel en hy kan nie verduidelik waarom hy in daardie opsig 'n uitsondering gemaak het nie. Dit word aan hom gestel dat gen. Knipe en gen. Verbeeck wel betrokke was by die ondersoek.

[920] Oor die middel wat hy in Ovamboland moes aanwend getuig hy dat daar aan hom verduidelik is hoe om by die plek te kom waar hy die middel in ontvangs moes neem. Sy vrou het saamgery. Hy gee toe dat hy gesê het dat dit in Sunnyside was en dat die polisie hom rondgery het en dat hy glad nie die plek kon identifiseer nie. Hy het geweet waar die beskuldigde woon en het dit nie by sy huis gaan haal nie. Hy gee toe dat hy aanvanklik in sy verklaring gesê het dat hy dit in Waterkloof gekry het en dat hy dit toe doodgetrek het en gesê het dat hy dit in Sunnyside gekry het. Hy het voorheen ook gifstof van hom ontvang. Dit word aan hom uitgewys dat hy gesê het dat hy alleen na die beskuldigde se huis en hy sê dat sy vrou definitief saam was. Sy het ook ingegaan en met die dame gesels. Hy het nie vir haar gesê wat hy gaan doen nie en het ook nie geweet wat hy gaan kry het nie. Hy kon nie sy verklaring verander nie. Dit is waarom hy nie die

bewering dat hy alleen was verander het nie. Hy is nou oortuig dat sy by was want sy het dit met hom bespreek en hom meegedeel dat sy by was. Hy sê egter dat sy nie van die gifstof geweet het nie en kan dan nie verduidelik hoekom sy vrou nie by 'n ander geleentheid by kon gewees het nie.

[921] Dit word aan hom gestel dat as dit gedurende 1985 was, die beskuldigde op 'n stafdienskursus was. Sy antwoord is dat sy datum verkeerd kan wees en ook dat hy wel kontak gehad het met mense wat op stafdienskursus was. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde nie 'n sekretaresse by Spesmagte gehad het nie. Hy sê dat hy die beskuldigde se vrou op televisie gesien het en dan word dit aan hom gestel dat die beskuldigde met 'n ander vrou getroud was. Dit word aan hom uitgewys dat hy in sy verklaring gepraat het van "an ANC member who I do not remember." Hy sê dat Rolex horlosies slegs aan duikers uitgereik is en dit word dan aan hom gestel dat die Rolex wat aan Meerholz uitgereik was, 'n weermag uitreiking was en dat dit juis die rede was waarom hy daaraan uitgeken kon word. Dit word aan hom gestel dat volgens die moet-weet beginsel die gif deur gen. Liebenberg aan hom oorhandig moes gewees het en hy gee dit toe. Hy gee ook toe dat die beskuldigde nie behoort te geweet het wie die teiken was nie en waar en wanneer dit toegedien sou word nie en hy gee dit toe. Dit word dan aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy enige gif aan hom gegee het.

[922] Gedurende herverhoor verduidelik hy dat hy geld in Europa nodig gehad het omdat hy langer as wat verwag is met 'n opdrag besig was. Hy moes skakel maar daar het niks van gekom nie. Toe hy later weer skakel het die beskuldigde hom meegedeel om met Zimmer in verbinding te tree. Hy het dit gedoen en Zimmer het vir hom geld gegee. Hy het dit in 'n bankrekening inbetaal. Hy het geweet wie die teikens in London was.

[923] **Martin van der Linde** is ingevolge artikel 204 gewaarsku mbt aanklagte 32 tot 35, 39 tot 44, 53 en 63. Hy is 'n afgetrede lugmagvlieënier. Hy was by Spesmagte onder gen. Loots. Sy kantoor was langs dié van Johan Theron. Hy moes reël vir die vliegtuie wat gebruik sou word. Hy het geweet van D40 en dat hulle besig was met koverte optrede. Hy het K geken. Hulle het 'n vliegtuig gehad wat te Lanseria gestoor is. Hy het

nooit saam met K gewerk nie. Hy het sy vlugrekordboeke korrek ingevul behalwe dat hy minute afgerond het na kwartiere vir maklike optel. 'n Mens vul dit in sodra jy inkom maar jy kan dit ook van jou vlugrekordkaart af invul. Toe gen. Liebenberg by Spesmagte gekom het, het K bedank. Hyself is deur gen. Liebenberg ingelig dat daar take was wat hy moes uitvoer en dat Theron hom daarvan sou inlig. Hy het Wes Afrika toe gevlieg en lyke by Oshievelo opgetel. Hy het die vliegtuig gevlieg. Hy het die opdrag uitgevoer. In die meeste van die gevalle is die lyke in die Buiteland ontvang maar hy moes ook met lyke oor Botswana vlieg. Sy vlugrekordboek is nie volledig nie in die sin dat hy soms net "ops" ingevul het en nie gespesifiseer het wat die operasie was nie. Op 4 tot 7 Mei 1982 is hy, Floyd, Theron en die beskuldigde na Windhoek waar Theron en die beskuldigde afgeklim het. Daarvandaan is hy en Floyd na Brandberg Wes. Floyd het lyke gekry en hulle het dit oor die see gaan afgooi.

[924] Johan Theron en Kobus Bothma was by die Matubatuba voorval betrokke. Hy het hulle op 2 November 1983 opgelaai. Hulle het oor die see gevlieg. Hulle was albei in die vliegtuig. Hy identifiseer die voorval in sy vlugrekordboek. Bewysstuk 39A is 'n foto van die aanloopbaan. Dit was die eerste keer dat hy so 'n opdrag oor die Indiese oseaan uitgevoer het. Daar was 'n geval waar hyself die lyke toegemaak het omdat hy by die lughawe moes land en dit hom kon kompromiteer. Daar was ook Russiese vistreilers wat hulle genoodsaak het om verder oor die see tevlieg voordat hulle die lyke uitgegooi het. Op 13 Augustus 1986 hwt hulle met 'n Cessna Caravan gevlieg. Hulle het op Barberton geland. Hy kan nie onthou wie teenwoordig was nie. Hulle het die lyk in die see gestort en op Hluhluwi geslaap. Daar kon iemand van Barberton af saamgevlieg het. Hy is mettertyd weg na hoofkwartier. Daar was toe nog die Cessna Caravan en 'n helikopter. Die opdragte was nie vir hom aangenaam nie.

[925] Gedurende kruisverhoor skat hy dat hy betrokke was by die storting van tussen 15 en 25 lyke. Hy het geen inligting oor die mense nie. Hy het bloot die vliegtuig gevlieg. Hy het die beskuldigde net een maal in die vliegtuig gehad en dit was toe hy hom in Windhoek afgelaai het. Toe hulle teruggekeer het, het hulle vir hom en Theron by die hotel gekry.

[926] **Abraham (Slang) van Zyl** is ingevolge artikel 204 van die Strafproseswet gewaarsku mbt aanklagte 59, 60 en 63. Hy was tot in 1988 verbonde aan Brixton se Moord en Roof afdeling van die polisie. Hy, Staal Burger, Chap Marais en Kalla Botha is gewerf om aan te sluit by die BSB. Hulle het almal gelyk bedank en by die BSB aangesluit, op 6 Mei. Hulle het bedank omdat daar verplasings was waaroor daar ongelukkigheid was. Staal Burger het 'n gesprek met Joe Verster gehad. Sy salaris was beter as by die SAP. Polisiemanne is vir die BSB gewerf omdat hulle kundigheid gehad het oor die ondersoek van misdadertonele en die laat van misleidende leidrade. Hulle moes vir ses maande onaktief wees. Hulle het gewerk by Matthysen Busdiens. Hulle het 'n salaris, 'n motorkar en voordele gehad. Hulle het 'n kort opleiding ondergaan en is toegesprek deur Joe Verster en 'n ander Wouter Basson as die beskuldigde. Hulle moes maksimum ontwigting van die vyande van die staat bewerkstellig. Daar sou eliminاسies wees en daar moes ook inligting ingewin word om te bepaal wie die vyande van die staat is. 'n Gewone persoon wat teen die staat was is nie geteiken nie as hy nie aan 'n organisasie behoort het wat die staat kwaadgesind gewees het nie.

[927] Hulle het met die koördineerders geskakel het wat weer met EMLC geskakel het. Hulle het binnelands geopereer en hy was verder net bewus van Botswana en Namibië. Die moet-weet beginsel het gegeld. Daar was skuilname. Syne was Andries Rossouw. Staal Burger was Bert Brummer en Chap Marais was Stefan le Roux. Nadat 'n teiken geïdentifiseer is moes 'n voorstudie gedoen word. Daar is dan 'n inhuus voorlegging gemaak wat deur die streeksdirekteur aan die generaal voorgelê is. Die eerste generaal was gen. Joep Joubert en later het Eddie Webb die generaal geword. Geheime projekte is projekte waaromtrent die staat nie betrokkenheid ontken nie. By klandestiene projekte ontken die staat betrokkenheid. Daar is van operasionele pseudo name gebruik gemaak en hulle is logisties deur EMLC ondersteun. Daar was verskillende maniere om die vyand te dood. Daar kon gebruik gemaak word van wapens, chemiese wapens of gesofistikeerde middels. Produksie spanne het projekte uitgevoer. Daar was goeie kontrole.

[928] Hy het 'n projek in Kaapstad gehad om die bussie van 'n Swapolid uit te brand. Chap Marais het in Natal gewerk en Kalla Botha het in Transvaal gewerk. Hy het drie mense in die Kaap gewerf. Hulle was Peaches Gordon, Ismael en Isaac Rabien of Sakkie. Peaches Gordon was werkloos en betrokke by

bendebedrywighede in die Kaap. Daar was verskillende teikenlyste. Almal was nie noodwendig vir eliminاسie nie. Hy is gearresteer gedurende Mei 1990. Dit was omdat Kalla Botha en Ferdie Barnard ook toe gearresteer is. Hy was betrokke by die Dullah Omar geval, by die bom by die Early Learning Centre, by die Gavin Evans geval, by die aapfetis en by 'n brand in 'n drukkery. Hy het 'n volledige verklaring gemaak toe al die datums en getalle nog vars in sy geheue was.

[929] Minister Dullah Omar moes aabvanklik met 'n Makarov pistool geskiet gewees het. Hy het vir Peaches Gordon gekry. Hy het twee voorleggings gemaak wat aanvaar is. Hy het 'n Makarov pistool ontvang. Hy het dit gedurende April 1989 vir Peaches in Bellville gegee. Die projek het gesloer. Die operateurs wou elk R2 500 hê. By Julie 1990 was dit nog nie uitgevoer nie. Hy het Ferdie Barnard na Kaapstad gestuur om homself te vergewis en aanbevelings te maak. Hyself was gedurende Julie 1989 ook in die Kaap en is meegedeel dat mnr. Omar ongereeld huis toe kom en altyd saam met andere. Daarom het hy vir Barnard gedurende Augustus na Kaapstad gestuur. Dit het aan die lig gekom dat mnr. Omar 'n hartaanval gehad het, in die hospitaal was en toe huis toe is. Peaches het hom toe versoek om van die hartpille te kry. Hy het dit bespreek met Burger en met die ander Basson. Hy het opdrag gekry om van die pille te kry en teen die einde van Augustus het hy twee pille gekry. Daar was 'n vergadering met 'n onbekende persoon, Staal Burger en die ander Basson. Die pil is vir 'n mediese persoon gegee.

[930] Hy het op 13 Mei 1989 Johannesburg toe gevlieg. Hy het vir Nic by 'n hotel by die lughawe ontmoet. Dit is die persoon wat by was toe hy die pille ontvang het. Hy het verrekening gedoen en daar is poeier aan hom oorhandig wat oor mnr. Omar se kos gestrooi moes word. Dit sou 'n verdere hartaanval presipiteer en dit sou dan lyk of hy aan natuurlike oorsake gesterf het. Nic was betrokke by die finansiële kant van die BSB. Hy is terug Kaapstad toe en het die poeier vir Peaches gegee. Omtrent 5 dae later het hulle telefonies geskakel en het Peaches hom meegedeel dat hy nie die poeier kan strooi nie. Hy het hom toe opdrag gegee om die poeier en die pistool te vernietig. HY bevestig dat hy by die Lubovski geval betrokke was en dat hy vir Isaac Rabien na Namibië gestuur het.

[931] Oor die aapfetus bevestig hy dat hy en Ferdie Barnard daarby betrokke was. Hulle is na biskop Tutu se woonhuis om dit op te hang. Hy het die fetus aan 'n boom opgehang en Barnard het spykers weerskante van die oprit ingeslaan. Dit was agt spykers. Hy weet nie wat die doel daarvan was nie. Hy het die fetus vanaf Staal Burger ontvang gedurende die tweede helfte van 1989. Hy word verwys na bewysstuk 63B, 'n lys afkomstig van RNL waarvolgens 'n aapfetus op 27 Julie 1989 deur RNL gelewer is. Hy skat dat hulle optrede omtrent 14 dae later was.

[932] Hy het die BSB gedurende Oktober 1989 verlaat. Die rede daarvoor was dat al hulle projekte afgehandel moes gewees het voor die einde van September 1989. Die rede hoekom hy die BSB verlaat het was drieledig. In die eerste plek was mnr. F W de Klerk nie ingelig oor die bedrywighede van die BSB nie. Dit moes gevolglik gestaak word. Tweedens was dit duidelik volgens mnr. de Klerk se toespraak dat hulle optrede nie meer nodig sou wees nie en derdens wou hy met onderzoekwerk begin. Daar was 'n onbekende persoon, ene Jaco, wat gifstof sou aanvra. Hy was 'n koördineerder.

[933] Gedurende kruisverhoor word hy gevra wat die doel was met die ophang van die aapfetus en dit blyk dat hy nie weet nie. Wanneer hy bevestig dat die spykers in die grond ingekap is en nie sigbaar was nie word dit aan hom gestel dat dit moes gewees het om hom te toor en nie om hom te intimideer nie. Hy verduidelik dat hy die fetus in 'n bottel opgehang het. Hy weet nie hoe dit as 'n toormiddel sou gewerk het nie. Hy gee toe dat dit so drie na vier weke nadat dit verskaf is opgehang is.

[934] Oor mnr. Omar gee hy toe dat as hy met 'n Makarov pistool geskiet sou gewees het dit 'n duidelike moord sou gewees het en dat die daad nie verbloem sou kon word nie. Die hele opdrag is by Peaches gelaat netsoos wat die poeier by hom gelaat is. Dit is so dat Peaches dood is en dat hy 'n swak karakter was, wat onbetroubaar was. Hy sê dat dit juis die soort van persoon was wat hy wou gehad het. Hy het 'n ongure karakter nodig gehad. Die ander Basson se kodenaam was Christo Brits. Lede het net noodsaaklike inligting ontvang. EMLC sou logistieke steun verskaf soos wapens, gesteelde voertuie en ploffstof. Kalla Botha was ook by die BSB. EMLC het ook oor chemiese middels en gifstowwe beskik. Gedurende herverhoor dui hy

aan dat toe die poeier vir mnr. Omar aan hom oorhandig is dit net hy en Nic was en dat Kalla Botha hom by die lughawe opgelaai het.

[935] **Petrus Jacobus Botes** is gewaarsku ingevolge artikel 204 ten opsigte van aanklag 63. Hy was 'n ervare soldaat wat aan die valskerm bataljon verbonde was. Hy is gedurende 1987 voorgestel aan gen. Joubert. 'n Pos is hom aangebied. Die gen. se woorde was: "Jy het 'n pos. Hoeveel geld wil jy hê? Joe Verster sal jou inlig wat jy moet doen." Hy is aangestel as 'n majoor en het by die gat by Speskop gewerk. Hy het hulle gesien as 'n geheime deel van Spesmagte se weksaamhede. Hy het nie 'n kantoor gehad nie en het gewerk saam met Vorster, Phaal, Dawie Fourie, Meerholz en Pelser. Na 'n maand is hy ingelig hoe die organisasie werk. Dit was net bekend as die organisasie. Daar was vyf streke en Zimbabwe is aan hom toegeken. Daar was bewuste lede en onbewuste lede. Daar was 'n bevelvoerder en 'n koördineerder. Die moet-weet beginsel het gegeld. Almal het skuilname gehad. Hy was nie lank in Zimbabwe nie. Hy was deel van die binnekring, dws. die bestuur, wat weekliks, op Maandae, by die grasdak vergader het. Hy was teenwoordig toe die naam BSB gekies is. EMLC is bekend aan hom. Die stowwe is gekry deur óf Joof Booysen óf Danie Phaal. Goedere is oorhandig teen 'n handtekening. Daar was duidelike afsnypunte. Hulle is aangesê om geen kontak met hulle vriende in die SAW te hê nie. Later is die stof wat benodig is gekry óf deur Danie Phaal óf deur die mediese koördineerder.

[936] Die doelstelling van die BSB was die maksimum ontwigting van die van die vyande van die RSA. Dit het eliminasië van mense ingesluit. Die skakeloffisier was Henry van der Westhuizen wat lêers van teikens gehou het. Dit is deur hom voorgelê aan Joe Verster en uiteindelik is dit geteken deur die generaal wat die uitreiking van toerusting magtig en die begroting hanteer. Van die gat af het hulle getrek na die grasdak. Dit was die skakelentrum. Elke streek het sy eie kantoor gehad. Hy het 'n kantoor gehad in Verwoerdburgstad. Die wyse van doodmaak is bespreek en gif was 'n opsie. Dit is genoem dat Wouter se span medisyne het. Sommige gif is uiters dodelik. Ander het 'n langer werking gehad. Party kon selfs die dood eers laat intree na twee of drie maande. 'n Versoek vir gif word aan die mediese koördineerder gerig met die finale voorlegging. Een man was de Wet. Hy weet nie of hy 'n mediese dokter was nie. Twee van die ander was

dokters, Gerrie Odendaal en Frans Brink. Hyself was betrokke by Mosambiek en Corrie Meerholz was die leier toe hy daar was. Hy was by beide streek 2 en streek 4 betrokke.

[937] Die oorskakeling na die BSB het behels dat hulle soldate was wat moes bedank. Die generaal van Spesmagte was egter nog hulle oorhoofse leier. Hulle moes persoonlik hulle wapens aankoop en onafhanklik opereer. Die binneland was die polisie se verantwoordelikheid. Daar in 'n reaksiespan gestig waarvan die streekkoördineerder J C Erasmus was en waarby Staal Burger en Christo Brits, wat ook bekend was as Klein Bass, betrokke was. Die binnelandse streek is direk gekoppel aan die buitelandse streke. Daar is van binnelandse operateurs gebruik gemaak om in die binneland te opereer. Die BSB het nie teikenlyste gegenereer nie. Die generaal is geken. Hy het steeds die finale voorleggings vir uitvoer geteken. Hyself moes kontakte in streek 2 en 4 opbou.

[938] Hy was by gif betrokke. Dit het die eliminasië van 'n teiken behels. Om hom te skiet was te riskant. Gif het hulle 'n beter kans gebied om weg te kom. Hy het vir gif gevra by drie geleenthede. Een keer het hy 'n bruin bottel met 'n swart prop ontvang waarin daar 'n deurskynende substans was. Sy inligting was dat een druppel genoeg was om 'n persoon te dood. By 'n tweede geleentheid het hy mediese ampules wat kleurloos was gekry. Die mediese koördineerder het dit by die grasdak aan hom oorhandig. 'n Ander keer is hy na Verwoerdburgstad. Ddie koördineerder het hom gevra om te wag en het so 10 tot 15 minute weggebly. Hyself het so 5 minute van die GG se kantoor af gewag. Hy het ook cholera gekry. Hy weet nie waar dit vandaan gekom het nie. Sy inligting was dat die beskuldigde se span dit kon ontwikkel.

[939] Hyself het die beskuldigde slegs vir 5 minute ontmoet toe hy 'n klein leeutjie aan hom oorhandig het. Hy was betrokke by die BSB bedrywighede in Namibië. Hulle is aangesê om voor die verkiesing te konsentreer op Namibië. Hy is daarnatoe. Hy het gevlieg en het ook per pad gegaan. Hy het vasgestel waar Swapo se kantore was en hoeveel voertuie hy gehad het. Daar was vlugtelingkampe by Windhoek. Hy is meegedeel dat dit beoog word om cholera en geelkoors daar te versprei. Hy moes kyk na die water. Hy het die cholera oorhandig aan Charlie Krause en Jose Daniels. Daniels moes dit in die water gooi. Hy was

skepties daaroor want daar was chloor in die water. Die botteltjie het na een van die ouer laboratorium bottels gelyk. Die toediening is uitgevoer en die bottels is vernietig. Hy word verwys na bewysstuk 63B en sê dat die datum, Augustus 1989, wat daarop voorkom baie naby aan die datum is waarop hy opgetree het.

[940] Daar het moeilikheid tussen hom en Joe Verster gekom oor dokumente wat hy aan Jaco Black of Mike Swart oorhandig het en waarvoor hy geteken het. Verster het nie aanvaar dat hy die dokumente vir hom gegee het nie. Verster het gedreig om hom dood te maak. Sy blou plan kantoor is gebombardeer. Hy is na die destydse minister mnr. Adriaan Vlok. Twee polisie generaals oa generaal Joubert het die aangeleentheid ondersoek. Hy het by die pers geëindig. Die situasie tussen hom en Joe Verster was onherstelbaar.

[941] Onder kruisverhoor het hy bevestig dat hy 'n voorlegging afgekeur het omdat dit nie binne die streek geval het nie. Hy het dit as 'n binnelandse projek beskou en die veiligheidspolisie moes dit hanteer. Alhoewel hy op Maandae kontak gehad het met die reaksiespan het hulle nie oor en weer op mekaar se streeksoperasies nie. Hy weet nie of die veiligheidspolisie oortree het nie. Hulle het oor sterk magte beskik en kon persone vir lank toesluit. Hy het geen van hulle detail geken nie. Hy weet nie oor watter stowwe EMLC beskik het nie want hy het nie toegang tot hulle gehad nie. Daar het 'n klemverskuiwing plaasgevind toe hulle die gat verlaat het aan die einde van 1987 of begin 1988. Sabotasiestowwe is verskaf tydens die optrede in Namibië gedurende 1989. Dit word aan hom gestel dat EMLC 'n privaatorganisasie was wat nog in die bedryf was en dat hulle toerusting beskikbaar gestel het. Hy gee toe dat hy nou getuig het oor twee bottels terwyl hy in sy verklaring van vier bottels gepraat het. Diue tenks waarin die cholera gegooi moes word was so omtrent 7 meter by 'n hoogte van 2 meter. Hy het nie 'n keuse gehad nie en moes 'n opdrag uitvoer. Dit word aan hom gestel dat dit nie doenlik was om cholera op die wyse te versprei nie en dat geelkoors net deur muskiete versprei word.

[942] Hy het sy verklaring op 14 Maart 1999 aan adv. Prertorius gemaak. Hy het toe geweet van die vervolging teen die beskuldigde. Die staat se span het vir hom gesê om met hulle te praat en dat hulle nie vir hom 'n bedreiging is nie. Hy het hom net beperk tot chemiese stowwe. Dit word aan hom gestel dat in sy

verklaring hy nooit van Dok Wouter se span gepraat het nie soos wat hy in sy hoofgetuienis gesê het nie. Hy sê dat die eerste keer dat hy daarvan bewus geword het was toe klein Wouter vir hom gesê het dat Dok Wouter hulle die middels voorberei. Die verwysing na die gifstowwe wat deur Dok Wouter se span gemaak word het ter sprake gekom by die beplanning en die beskrywing van die vermoë. Hy skep die indruk dat hy nie teen die beskuldigde getuig nie maar gee toe dat hy weet dat die saak teen die beskuldigde is. Wanneer hy gevra word wie die mededeling oor Dok Wouter gemaak het antwoord hy dat dit een van sewe persone kan wees en dat hy dit nie kan onthou nie. De Wet het die ampules verskaf en hy kan nie onthou wie die ander stof gegee het nie. Hy is bewus van grypoperasies in die buiteland en was by drie betrokke. Dit was baie riskant omdat alarm gemaak kon word en medewerkers kon terugveg. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy betrokke was by die verskaffing van enige middels. In herverhoor het hy getuig dat daar 'n verskil is tussen sabotasiestowwe en gifstowwe. Sabotasiestowwe is dinge soos plofstowwe.

[943] **Magrieta Magdalena Engelbrecht** is ingevolge artikel 204 gewaarsku tov. aanklag 62. Sy was in diens van die SAW en was betrokke by die Coast keurings. Dit was baie intensief. Die mense moes onbesproke wees. Sy het gehoor dit het gegaan oor CBO. Sy het veldwerk gedoen en dit oorhandig aan die toesighouer wat dit op sy beurt weer aan die komitee voorgelê het. Sy het in 1987 in Infladel se kantoor gewerk onder die beskuldigde. Sy is gevra of sy by RNL wou gaan werk en het daar gaan werk. Sy het keurings gedoen vanaf 1989 tot Februarie 1991. Johan Theron het 'n kantoor in Centurion geopen. Infladel het Medchem geword.

[944] Sy word gevra of sy betrokke was by 'n voorval toe bier gaan haal is. Sy sê dat dit gebeur het teen die einde van 1991 of die begin van 1992. Sy het gehoor dat die goed in die beskuldigde se kantoor is en daar gehaal moes word. Dit sou iewers onder 'n "culvert" neergesit word. Nicky Smit het gebel en gesê dat dit gehaal moes word. Hulle het met 'n wit Monza om die meer gery. Theron het die goed gaan haal en dit in die kattebak gesit. Hy het dit na die kantoor gedra en hulle het dit in die kombuisie gesit. Hulle het dit met koerantpapier toegedraai. Hy het gesê dat haar vingerafdrukke daarop is en hulle het dit weer oopgemaak en met 'n nat doek afgevee. Sy weet nie wat daarvan geword het nie. Sy het later gehoor dat hy dit na die Oos

Kaap wil vat. Dit was bruin bottels van verskillende grootte. Die proppe was nie eenders nie. Dit is in die koerantpapier in 'n kartondoos gesit. Sy weet nie wat Theron alles gedoen het nie maar hy het met haar oor die werk gepraat. Hy het vir haar gesê dat sy nie moet glo dat 'n persoon wat gewurg word somer dadelik doodgaan nie, dit vat tot 15 minute. Hy het vir haar gesê dat hy terroriste oor die see uitgegooi het en dat die beskuldigde hom leer inspuit het. Sy het later kommer gehad oor Coast en dit geopper aan gen. le Roux. Hulle het gehoor dat daar nog ander maatskappye is. Hulle het die ander maatskappye ondersoek. Sy het inligting by die Registrateur van Maatskappye gekry en 'n groot tabel opgestel. Sy het 'n diagram geteken en by KEEM getuig oor die vermorsing van fondse. Daar is mense afgedank toe daar aanbouings was. Sy was betrokke by Viljoen se keuring maar nie by die van Bosch nie. Die beskuldigde het een dag vir haar gesê dat dit onnodig is om Bosch te keur. Sy het observasie gehou oor Tjaart Viljoen se plek vir 'n week.

[945] Tydens kruisverhoor word sy breedvoerig oor die bier ondervra en dit is duidelik dat sy nie veel van bier weet nie behalwe dat haar getuienis definitief nie Theron se getuienis oor die kis met Black Label kwarte staaf nie. Dit word verder aan haar gestel dat haar getuienis drasties verskil van haar verklaring omdat daar nie in die verklaring melding gemaak word van die "'culvert'" by Witbank nie en dat die beskuldigde se naam nie genoem word nie. Sy weet nie wat van die bier geword het nadat Theron dit na sy kantoor geneem het nie. Wanneer dit aan haar gewys word dat sy in haar verklaring gemeld het dat sy nie bewus is van enige kriminele optrede nie is dit haar antwoord dat sy onderskei tussen kriminele dade en dade in opdrag uitgevoer. Sy gee toe dat sy nie in haar verklaring gemeld het dat daar gif in die bottels was nie en sy weet nie hoekom sy nou die inkriminerende getuienis onthou nie. Sy kan ook nie sê waarom sy nie die Oos Kaap vermeld het nie. Alhoewel sy toegee dat Theron se mededelings aan haar ernsige sekerheidsbreuke was regverdig sy dit deur te onderskei tussen mededelings voor en na 'n operasie. Sy is terggeroep en dit is aan haar gestel dat die verdediging in kontak was met Nicky Smit en dat sy ontken dat daar so 'n telefoongesprek was as waaroor sy getuig het. Dit word verder aan haar gestel dat Smit sê dat sy tot aan die begin van 1991 vir die beskuldigde gewerk het en daarna vir Mijburgh gaan werk het.

[946] **Jan Anton Nieuwoudt** was verbonde aan die S A Militêre Inligtingsdiens. Sy lessenaar was die tuisfront wat die evaluasie van die PAC, die ANC en die SAKP behels het en in besonder die identifisering van teikens na die Kerkstraat bom. Individue, basisse en deurgange is geïdentifiseer en die inligting is opwaarts deurgegee. Mettertyd het hy gewerk as 'n inligtingsbeampte by Spesmagte en later ook saam met Barnacle. Hy bevestig die doelstellings en werkwyse en sê dat hy ook lid geword het van TREVETS (Teen-Revolutionêre Taakspan.). Hy het op 'n stadium te Fontana gewoon en het van Bomba geweet. Hy het met die ondervragings te doen gehad. Hy getuig van chemiese ondervraging deur wat hy glo 'n dokter was.

[947] Hy is oorgeplaas na DKI (Direktoraat Kovert Inligting gedurende 1986. Hy het met teikenoffisiere geskakel. Daar was 15 hanteerders onder hom. Hy het Henry van der Westhuizen en Dirk Booysen geken. Gedurende 1989 het hy 'n opdrag van At Nel ontvang. Hy was toe waarnemende bevelvoerder. 'n Lid van die veiligheidsmagte is in die LM Restaurant doodgeskiet. Die opdrag het betrekking gehad op Swaziland se polisiestreek en het onder die polisie geresorteer. Hy het oopdrag gegee aan Henry van Rensburg om bier in Swaziland te koop. Dit is oorhandig aan Spesmagte en dit is aan hom terugbesorg deur Dirk Booysen. Daar was soldeermerke aan die blikkies wat hy afgevyd het. 'n Agent het opdrag gehad om die bier te oorhandig aan Enoch Dhlamini. Hy het mettertyd 'n rapport aan Spesmagte gemaak. Die res van die bier is in sy kabinet toegesluit. Daar is 'n verskil tussen Suid Afrikaanse en Swazilandse bier. Dit lyk dieselfde maar daar is 'n ander beskrywing op die blikkie. Toe hy later weg is het hy die bier aan Henry van Rensburg oorhandig. Daar was ook wyn van Eugene de Kock.

[948] Tydens kruisverhoor sê hy dat die bier aan Dave Drew of Mielies Prinsloo oorhandig is en na hom gebring is deur Dirk Booysen. Die opdrag het gekom van At Nel. Dit word aan hom gestel dat al drie daardie persone sy bewerings weerspreek. Gedurende 1989 het hulle nie meer openlik by Spesmagte gekom nie. Die moet-weet beginsel is streng toegepas en los praatjies sou 'n sekerheidsbreuk wees. Hy was vanaf 1983 betrokke by Barnacle en het vir 'n jaar saam met Floyd gebly. Hy het aanvaar dat die persoon wat betrokke was by die chemiese ondervraging 'n dokter was omdat hy 'n spuitnaald hanteer het. Hy gee toe dat daar nie so iets bestaan as effektiewe chemiese ondervraging nie en dat hulle nie toegelaat was om chemiese

ondervraging toe te pas nie. Die persoon wat die inspuiting gegee het moes 'n dokter of iemand gewees het.

[949] **Henry van der Westhuizen** is gewaarsku ingevolge artikel 204 van die Strafproseswet aangaande aanklag 63. Hy was verbonde aan Militêre Inligting se Direktoraat Suider Afrika en ook aan TREVETS. Hy was gedurende 1986/87 te Speskop en het gewerk onder Mielies Prinsloo. ANC verwante teikenlêers is saamgestel en aan Pieter Botes gegee. Hy was later by DKI en het gewerk onder At Nel. Nieuwoudt het vir hom gesê om Swazi bier te kry. Dit was in Nieuwoudt se kabinet. Meeste van sy dokumente was ook daar. Daar was 12 biere en twee bottels wyn. Die opdrag was dat die bier met gif voorberei moes word. Die bier is nooit oorhandig nie en het nooit uit sy kabinet gegaan nie. Daar was ses Suid Afrikaanse biere. Die verskil tussen die Suid Afrikaanse en die Swazi Castle kannetjies is dat daar RSA staan op die wat in Suid Afrika vervaardig is en SB op die wat in Swaziland vervaardig is. Hy is ook opdrag gegee om die wyn voor te berei maar ook dit het nooit geskied nie. Dirk Booysen was 'n skakel offisier wat onder Mielies Prinsloo gewerk het.

[950] Hy was nie in die gebou toe die Goldstone kommissie 'n klopjag uitgevoer het nie. Die kabinet met die artikels is verwyder. Hy het Verne Lange wat verbonde was aan koverte insameling en afkomstig was van die BSB geken. Chris Smit was die veiligheidshoof van die SAP en Gert Otto was die hoof van die Veiligheidspolisie te Ladybrand.

[951] Tydens kruisverhoor dui hy aan dat die teikenlyste betrekking gehad het op individue, basisse en deurgange buite die Republiek. Die doel van TREVETS was om die aktiwiteite van die ANC te boekstaaf. Daar is voorheen persone ge-elimineer wat nie 'n bedreiging was nie en daar is besluit dat voortaan net persone wat 'n bedreiging was geteiken moes word. As 'n persoon sou sê dat die Swazi bier wat hy verskaf het aan 'n persoon oorhandig is om te drink is dit nie die waarheid nie. Daardie bier het nooit uit sy besit gegaan nie en is nie vergiftig nie. Hy weet nie wie biere vergiftig het nie. Beide TREVETS en Spesmagte het op die buiteland gekonsentreer.

[952] **Mnr. Q** is ook gewaarsku ooreenkomstig artikel 204 van die Sstrafproseswet aangaande aanklag 63 en ivm. die Game koeldrank. Hy is self werksaam en is in Australië gebore. Hy was voorheen in Zimbabwe en was verbonde aan die Selous Scouts. Hy is 'n self opgeleide wapenkundige. Hy het in 1980 na die RSA gekom en in 'n burgerlike hoedanigheid 'n werk by EMLC gekry. Die werkswinkel was by Speskop en die bevelvoerende offisier was Sybie van der Spuy. Hy het spesiale apparate (applicators) gemaak en op 'n moet-weet basis gewerk. Hy is deur Krygkor betaal. Hy het die mense by Speskop geken. Daar was Laboratoriums wat nie deur EMLC beman is nie. Hy het die beskuldigde by Speskop gesien as 'n militêre mediese man. Hy het 'n swart mamba in 'n hok gehad.

[953] Hy het met wapens gewerk. Hy het knaldempers ingesit, ammunisie beveilig, lope verkort en sulke dinge gedoen. Philip Mijburgh het hom gevra om 'n gat in 'n Game koeldrank blik te boor. Hy het Game koeldrank geneem omdat dit gasloos was. Hy het dit in Mijburgh se kantoor gedoen. 'n Substans is daarin gespuut. Dit is toe soldeer. Die gaatjie was nie maklik sigbaar nie. Hy het daar gewerk tot aan die einde van 1987. Generaal Liebenberg het hom gevra om verlof te neem en om spesifieke instruksies van die beskuldigde te verkry. Hy is gevra om 'n kiere te maak wat 'n klein balletjie kon uitskiet. Hy sou dink dat dit gebruik kon word om iemand te skiet en te vergiftig. Hy het dit nie toe klaargemaak nie maar het dit wel later klaargemaak.

[954] In 1988 het hy by SRD begin werk. Die beskuldigde het hom meegedeel dat hy met 'n klein onderneming soos EMLC te Strydom Park begin het. Lourens was die bestuurder. Hy het spesiale "applicators" gemaak. Hy het die kiere klaargemaak en skroewedraaiers gemaak. Die handvatsels was hol. Daar was suigmeganismes waarmee vloeistof daar ingesuijg kon word en 'n persoon kon ingespuut word deur hom daarmee te steek. Hy het 'n briefbom gemaak. Syt instruksies het hy van Lourens en die beskuldigde gekry. Die beskuldigde het hom opdrag gegee om 'n sambreel te maak. Daar was 'n inspuitaapparaatjie op die punt van die sambreel. Toe hy dit klaargemaak het, hethy dit of aan die beskuldigde of aan Lourens oorhandig. Hulle het dit op 'n bobbejaan te Roodeplaat uitgetoets. Hulle is met die beskuldigde se motor daarnatoe. Toe hulle daar opgedaag het het hulle ontdek dat hulle die "applicator" vergeet het en die

bobbejaan is met 'n vloeistof behandel. Bewysstuk 54B is die oorblyfsel van 'n ring wat hy aan Lourens oorhandig het. Hy moes toestelle maak soos op F1 en F2. Hy is nie seker wanneer hy by SRD begin het nie. Hy het aangesluit by Joe Verster by die BSB.

[955] Tydens kruisverhoor getuig hy dat hy tuis net aan die voertuie van die BSB lede gewerk het en dat hy nie vir hulle toestelle gemaak het nie. Daar is wel chemiese proewe by EMLC gedoen. Oor die kerie bevestig hy dat dit gen. Liebenberg is wat voorgestel het dat hy verlof moes neem en wat hom ingelig het dat die instruksies van die beskuldigde sou kom. Dit is die beskuldigde wat die ring wou hê. Hy weet waarvoor nie. Die skroewedraaiers wat in die hof is, is al die skroewedraaiers wat hy gemaak het. Daar mag ween of twee verlore gegaan het. Daar is sewe voor die hof. Die skroewedraaiers is nooit teruggebring met 'n klagte nie. Hy kan nie ontken dat gen. Liebenberg die apperate wou gebruik vir die beskerming van eie magte nie. Hy weet nie waarom hulle gemaak en getoets is nie. Daar was net een kerie, een ring, een sambreel en een sigaretdoos met 'n mes in. Hy het net die briefbomme op die foto gemaak. Hy aanvaar dat hy die kerie vir die beskuldigde gegee het. Hy het SRD gedurende 1988 verlaat. Mijburgh het 'n mamba in sy kantoor gehad vir ongeveer twee of drie maande. By SRD het hy min met wapens te doen gehad. Hy is 60 jaar oud. Die spesifikasies was die idees wat aan hom verskaf is en hy moes self die detail uitwerk.

[956] **Dirk Johannes Booysen** is ook gewaarsku ingevolge artikel 204 ten opsigte van aanklag 63. Hy was by DKI in Pretoria tot in 1987. Hy is oorgeplaas na Spesmagte as 'n skakelpersoon. Hy het EEI (essensiële elemente van inligting) opdragte gekry. Hy het Mielies Prinsloo en Dave Drew geskakel. Hy het te doen gehad met vals kameras en het gereël vir onderhoude met Hekkies van Heerden. Hy was die skakeloffisier van 1987 tot 1989. Anton Nieuwoudt het hom gevra om bier te dokter. Hy kan nie onthou met wie hy geskakel het nie. Die bier het gearriveer. Hy dink daar was ses. Hy dink dit was blikkies. Dit was gewone bier. Hekkies het nie gesê van waar die bier kom nie. Nieuwoudt het met Hekkies gepraat. Toe die pakkie arriveer het Nieuwoudt hom in kennis gestel en hy het die bier gehaal. Nieuwoudt het later gesê dat die bier gewerk het en die ou omgekap het. In kruisverhoor het hy gesê dat hy glo dat kol. Hekkies met EMLC geskakel het om die bier te dokter. Daarna het hy in herverhoor gesê dat hy die skakel was tussen

Spesmagte en DKI.

[957] **Erasmus Johannes Smit** is ook ingevolge artikel 204 gewaarsku aangaande aanklagte 60 en 63. Hy was betrokke by die sekerheid van die BSB. Hy is oorgeplaas na streek 6. Streek 6 was die binneland van Suid Afrika. Sy operasionele naam was Lawrence en sy administratiewe naam was Niek Nienaber. Hy het onbewuste lede hanteer. Hy was vir 8 maande by die BSB. Hy was betrokke toe Slang van Zyl moes verreken. Hy het hom in die hotel by die lughawe gesien. Kalla Botha het ook daar verrekening gedoen en hy het toe vertrek. Nadat hy en Slang verrekening gedoen het, het hy vir hom 'n botteltjie gif gegee. Hy het vir hom gesê dat dit 'n kapsule moes gewees het maar dat die persoon wat dit gemaak het nie 'n kapsule kon maak nie. Hy het die botteltjie by Christo Brits gekry. Hy het geweet dat die BSB oor die vermoë beskik om vyande met gif te elimineer. Die BSB se mediese skakelpersoon was dr. Frans. Die administratiewe logistiese offisier was ene Barries wie se regte naam Joof Booysen was.

[958] In kruisverhoor het hy toegegee dat hy in sy verklaring gesê het dat hy niks vir Slang van Zyl gegee het nie. Die feit is egter dat die polisie hom bang gemaak het. Daar het ses mense by sy vrou opgedaag en gesê dat hy verdink word van 8 moorde en een poging tot moord. Dit is duidelik dat hy die polisie in sy verklaring om die bos probeer lei het of dat hy in die hof nie die waarheid praat nie want beide weergawes kan eenvoudig nie waar wees nie. Hy het die dag voordat hy getuig het bersluit om die waarheid te praat. Hy was voor 'n keuse gestel om te getuig en nie vervolg te word nie of om vervolg te word. By die BSB was daar voorsiening vir 'n dokter wat bv. nie moes gaan rapporteer as hy skietwonde moes behandel. Hy het gesien dat Slang gesê het dat hy die gif voorsien het. Hy is nie seker waarvan hulle hom wou aankla nie.

[959] **Daniël Jacobus Goosen** is ooreenkomstig artikel 204 gewaarsku tov aanklagte 38 en 63. Hy is 'n gekwalifiseerde veearts wat bedrewe is in kliniese patologie en toksikologie. Hy was by verskeie navorsingsprojekte betrokke en was die hoof van die H Grove Proefdiersentrum by die destydse H F Verwoerd hospitaal. UP en die hospitaaldienste van die provinsie het saamgewerk. Hy was daar vanaf 1 Januarie 1978 tot 31 Oktober 1983. Hy was betrokke by die beplanning en bou van Roodeplaat.

[960] Hulle is in 1983 genader deur die mense van Delta G. Hulle het proefdiere benodig en hy het hulle geadviseer. Hy het die beskuldigde ontmoet teen die einde 1982, begin 1983. Hulle het gekommunikeer oor navorsing en ook oor middels en wapens in oorlogsverband. Daar is chemiese wapens teen die Republiek gebruik. Daar het 'n vertrouensverhouding tussen hom en die beskuldigde ontstaan. Daar is geopper dat hy letale dosisse moet toets en dat dit regverdigbaar is. Kundigheid was nodig om dit te evalueer.

[961] Augustus/September 1983 het die beskuldigde 'n mamba met mambagif benodig. Toe hy gevra was vir watter doel het hy gesê dat hulle toegang het tot vyande van die staat en dat die dood met 'n gesimuleerde mambabyt bewerkstellig kan word. Hy het die beskuldigde 'n groot swart mamba, mambagif wat op sigself 'n letale dosis of 'n dosis en-'n-half was en 'n paar muise gegee. Die moet-weet beginsel het gegeld. Die voordeel daarvan is dat die wetenskaplike nie blootgestel word nie maar die nadeel is dat hy nie insae in die detail het nie. 'n Mamba soortgelyk aan die een wat hy aan die beskuldigde gegee is is deur Philip Mijburgh teruggebring. Sy naam was Fielies en hy is later deur van Niekerk doodgeskiet.

[962] By RNL is daar ook navorsing gedoen met clostridium perfringens. As 'n mens daarmee ingespuet word word sy bloedvate aangetas en kan hy longontsteking opdoen en daaraan doodgaan. Hy het daarvan aan die beskuldigde gegee. Mike Odendaal het dit voorberei. Dr. Davies is aangestel omdat hy 'n veearts, by Spesmagte was en mettertyd kursusse in toksikologie ondergaan het. Die laboratorium het uit verskillende dissiplines bestaan en die kern daarvan was evaluering. Delta G moes chemiese substansie voorsien. RNL het mettertyd ook 'n chemiese analitiese vermoë en 'n chemiese sintetiese vermoë ontwikkel. Die beskuldigde het gepraat oor die toename in die swart bevolking en die moontlikheid van die ontwikkeling van 'n middel om dit te beperk.

[963] Hy, Immelman, Spamer en van Rensburg het aandele in RNL gekry maar hulle moes blanko oordragdokumente teken. Hulle het geweet dat dit nie werklik hulle aandele is nie. Behalwe vir die werk wat hulle vir die staat gedoen het het hulle ook voorgehou dat hulle navorsingswerk op kontraktbasis gedoen het

en verder is die wetenskaplikes toegelaat om 15% van hulle tyd te gebruik vir eie navorsing. Hulle het begin as Interlab. In Sinoville. Later het hulle geskuif na Roodeplaat. Hy was die besturende direkteur. Spamer was die direkteur van personeelsake, administrasie en finansies. Immelman was die direkteur wetenskap en onder hom was daar Davies en Psotta. Van Rensburg was ook 'n direkteur wetenskap wat met die diere gewerk het en onder hom was daar Meltzer, Odendaal en Riana Bornman. Daar was hoë vlak sekuriteit. Die ontwikkeling het in fases geskied. Daar was verskeie laboratoria en onder andere 'n P4 laboratorium. Die skakelwerk met die SAW is deur die beskuldigde gedoen. Hulle het probeer om gesamentlike maandelikse vergaderings met die SAW te reël. Die besturende direkteur se magte was beperk en hy kon nie vryelik besluite neem nie. Hy moes wag vir goedkeuring. Daar is toe 'n sentrale kantoor by Infladell gestig wat beman is deur van der Berg en Mijburgh. Dit het die posisie vergemaklik. Pierre Theron is aangestel as ouditeur. Hulle het gepraat van stof wat jy aan 'n handvatsel kan smeer en 'n persoon se dood kan veroorsaak. Dit is perkutane vergiftiging. Gifstowwe moes gemaak word wat nie terugspoorbaar en opspoorbaar was nie. Paraokson is opspoorbaar. Leiersfigure soos Joe Slovo en Nelson Mandela is genoem en dat dit goed sou wees as hulle aan kanker sterf. Die bouwerk by RNL het gedurende 1984 en 1985 plaasgevind en die werksaamhede daarin kon in 1986 begin.

[964] Hy het sy pos verloor en hy weet nie hoe dit gebeur het nie. Die beskuldigde was gedurende 1985 op 'n stafdienskursus en daar was nie gereelde kontak nie. Daar het 'n vertrouwensbreuk ontstaan. Hy het gehoor dat daar 'n ondersoek teen hom was wat gegaan het oor R25 000 kommissie. Hy ontken dat hy kommissie ontvang het en sê dat dit 'n blote afslag was wat beding is en dat hy toe sy pos verloor het. Hy het in 1986 betrokke geraak by die teling van die sekuriteitshonde in samewerking met die besturende direkteur nadat hy ontslaan is as besturende direkteur. Hy was toe die besturende direkteur van Roodeplaat Teelondernemings (RTO). Hy het die projek in 1989 verlaat omdat hy nie sy probleme met die bestuur kon oplos nie. Dit is genoem dat daar 'n sekerheidsbreuk was aan die einde van 1988. Dit was vir hom 'n stresvolle ervaring. Hy het nie toegang tot die borge, die GG, gehad nie en hy het nie rigting gehad nie. Hy wou hoë standaarde handhaaf. Hy was ongelukkig toe dit nie met hom goed gegaan het met sy boerdery nie. Hy het met die ombudsman probeer praat. Alhoewel die advokaat-generaal aanvanklik simpatiek was het hy hom later gebel

en geê dat hy onbehoorlik opgetree het. Hy het weer met die GG gaan praat. Hy het vir hom gesê dat hy hom jammer kry maar ongelukkig nie kan help nie.

[965] Daar was vier trommels met dokumente waardeur hy gewerk het. Daar was nie minder as 203 oorspronklike navorsingsprojekte. Hy het 'n analise van die trommels gemaak. Daar was baie inligting oor CBO en oor Delta G en RNL. Hy het 'n probleem om te onderskei tussen offensiewe en defensiewe CBO. Hulle moes 'n defensiewe vermoë skep maar dit is soos 'n geweer. Jy kan dit defensief gebruik maar jy kan dit ook offensief gebruik. Hulle ondersoek was gemik op die skep van wapens. Daar was 177 projekte wat met wapens te doene gehad het en die ander was sagte projekte. Omtrent 34 van die 177 projekte het te doene gehad met behandeling. Daar is nie iets by RNL geproduseer wat prolifereerbaar was nie. Die navorsing was van hoogstaande gehalte en kort paaie is geskep om dinge te sintetiseer. Die ionofoor waaroor hulle navorsing gedoen het kan veroorsaak dat 'n persoon hartversaking kry. Hy weet nie hoe dit defensief gebruik kan word nie. Hy word gevra oor toksiese middels en oor bewysstuk 63B en sê dat net die formalien skadeloos was.

[966] In kruisverhoor blyk dit dat daar ook ander redes vir sy ontslag was nl. dat hy sielkundig onstabiel was, fondse tensy die bouery wanaangewend het en ook 'n subsidie ontvang het waarop hy nie geregtig was nie. Hy sê dat hy verkeerd getuig het voor die WVK omdat hy in Engels getuig het en dit sy tweede taal is. Dit word ook aan hom gestel dat hy privaatwerk verrig het wat hy nie geregtig was om te doen nie. Hy gee verder toe dat gen. Knobel hom meegedeel het dat hy nie van sy bestuurstyl gehou het nie. Hy gee toe dat daar toe ook later bestuursprobleme by RTO ontstaan het. Viljoen het toe by hom oorgeneem. Daar is ook 'n debat oor die vraag of sy optrede 'n sekerheidsbreuk veroorsaak het waarin hy daarop wys dat hy sielkundige behandeling ontvang het. Hy hou egter vol dat hy onbillik behandel is. Dit word ook aan hom gestel dat hy ongelukkig was toe die ander mense wat nog by RNL was geld ontvang het en dat hy die SAW probeer afpers het deur te dreig dat hy sal openbaar dat die beskuldigde by ongerymdhede betrokke was. Hy het nie die ongerymdhede met gen. Knobel bespreek voor die negentiger jare nie. Hy het nie voor dit geweet van die ongerymdhede nie. Hy het gaan kla by KEEM en die WVK nadat hy meegedeel is dat hy kan gaan kla by

wie hy ookal wil.

[967] Hy gee toe dat in sy tien bladsy lange verklaring hy nie die name Joe Slovo en Nelson Mandela genoem het nie. Hy het die name genoem omdat hy spesifiek vir name gevra is. Wanneer name so genoem is was dit nooit ernstig as teikens bedoel nie. Hy het nie in sy verklaring na die stof wat jy aan handvatsels kan smeer verwys nie. Hy gee toe dat hy gelees het van die getuie wat daaroor getuig het en dat dit toevallig is dat hy dit nou vir die eerste keer meld. Gedurende 1985 het hy bloot by een geleentheid die beskuldigde gaan sien oor sy dreigende afdanking. Dit word aan hom gestel dat by die ontwikkeling van 'n CBO vermoë daar 'n rooi en 'n blou plan moet wees. In die eerste plek moet 'n aanvalsplaan bedink word en dan moet daar weer 'n verdedigingsplan uitgewerk word om eie magte teen so 'n aanval te beskerm. Hy stem saam dat jy die aanvalstowwe moet ontwikkel en hê om 'n verdedigingsplan te kan uitwerk.

[968] Hy gee toe dat by CBO ontwikkeling baie toksienes nodig is, dat letale dosisse bepaal moet word en dat daar niks sinistors daarin geleë is dat hulle gifstowwe by RNL vervaardig het nie. Dit word aan hom gestel dat hy onnodiglik 'n negatiewe konnotasie aan paraoxon gaan heg het en dat clostridium nodig is sodat borde kos getoets kan word. Vir landboudoeleindes kan paraoxon nie gekoop word nie maar parathion. Dit was egter baie duur om paraoxon in te voer. Daarom is dit gesintetiseer. Wat mambatoksin aanbetref gee hy toe dat dit nie net gebruik word om serums te vervaardig nie maar dat dit ook aangewend kan word om antistollingsmiddels te skep. Hy sou egter rinkhalse en pofadders vir die doel verkies. Hy gee egter toe dat 'n neuro-reseptor proef baie belangrik is en dat daar navorsing gedoen is oor emosiebeheer. Hy gee toe dat vir peptiedsintese 'n baie gesofistikeerde model sintetiseerder nodig was. Hy sê dat dit vir R250 000 in Amerika gekoop kon word. Dit word egter aan hom gestel dat dit streng beheer is omdat dit verrykende navorsing is wat tot geweldige gevolge kan lei. Hy gee toe dat CBO nie meer gaan oor middels soos mostertgas waarmee mense gedood word nie maar dat dit gaan oor inkapasitante en middels om emosies te beheer. Hy gee toe dat mambagif 'n proteïnbasis het en dat dit, netsoos melk, gou sleg word.

[969] Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde by meer as een geleentheid mambagif by hom gekry het. Hy gee toe dat die toksiteit van mambagif gou afneem. Dit blyk dat volgens sy verklaring die beskuldigde die

mamba vroeg in 1983 ontvang het en dat Mijburgh dit 'n paar weke later teruggebring het. Hy sê dat hy onseker is oor die datum maar die mamba is teruggebring nadat hulle reeds by Roodeplaat was dws. na 31 Oktober 1983. Dit word aan hom gestel dat hy sy getuienis aanpas om in te pas by die staat se aanklag van 'n sameswering om vir Hunter te vermoor. Hy gee toe dat navorsing met mambatoksiene geen rariteit was nie. Dit was ook nie snaaks dat die beskuldigde 'n lewendige slang wou hê nie. Hy gee toe dat die beskuldigde nooit die moet-weet beginsel geskend het nie en dat die mededeling oor die sameswering 'n verbreking daarvan was. Dit word dan aan hom gestel dat die beskuldigde dit ontken. Dit word ook aan hom gestel dat dit onwaarskynlik is dat is dat Mijburgh, toe hy die slang terugbring, vir hom sou gesê het dat die slang sy werk gedoen het, want as die sameswering was om 'n slangbyt te simuleer en die slang te dood, die plan nie uitgevoer kon gewees het nie omdat die slang nog gelewe het. Hy gee toe dat daar nie ongerymdhede was met die 203 harde projekte waarna hy verwys het nie. Dit word aan hom gestel dat anonieme scenarios geskets is en dat toedieningsmoontlikhede bespreek is en dat dit bloot scenarios was.

[970] **Stiaan Wandrag** is nie ingevolge artikel 204 gewaarsku nie en het oor aanklag 59 getuig. Hy is 'n veearts, toksikoloog en farmakoloog wat by RNL gewerk het. Hy het 'n tandartsboor in James Davies se kantoor gesien. Hulle het navorsing gedoen oor agense wat teen belangrike persone gebruik kon word. Immelman het dit vir hom vertel. Daar was 'n hoë veiligheidslaboratorium wat toegerus was met lugfilters, wat deur Jan Lourens ontwerp is, om vergiftiging te voorkom.

[971] Die moet-weet beginsel het gegeld. Hulle het gekompartementiseer gewerk. Hy het byvoorbeeld nie geweet waaraan Davies gewerk het nie. Hy was agterdogtig dat dit 'n frontmaatskappy was en later was hy seker daarvan. Sy skakelpersoon was Immelman. Hulle het van diere modelle gebruik gemaak. Hy het gewerk met Sarin en tabunvx. Dit is chemiese en biologiese substansie om in gevegssituasies te gebruik. Dit is hoogs toksies. Hy het ook met mostertgas gewerk. Sy proewe het gegaan oor beskermingsmeganismes om eie magte te beveilig. Hy het beskermingsrome gemaak en getoets op proefdiere. Om dit te doen moet jy die simptome verstaan en dan moet jy kyk of jy beskerming kan gee. Hy het ook met Vitamine D, of kolikalseferol, gewerk. In 'n oordosis is dit dodelik. Hy het 'n teenmiddel probeer ontwikkel. As iemand

daarmee gedood sou word sou dit moeilik wees om dit op te spoor omdat dit 'n natuurlike stof is. Twee gram daarvan soos dit voorkom op bewysstuk 63B is baie. Daar is twee gram gelewer op 7 April 1989 en twee gram op 15 Mei 1989. Vitamine D is aangekoop en in 'n yskas in 'n kluis bewaar. LD50 is 'n letale dosis wat 50% van die bevolking kan dood. Hulle het nooit na opspoorbaarheid gekyk nie. Hulle het gekyk nas middels en teenmiddels. Hy is gevra om twee bobbejaanfetusse op ys te verskaf vir navorsing in die Ooste. Hy het een verskaf, waarskynlik in 'n plastieksak, op ys in 'n polistereenhouer. Hy het later berigte geles van 'n aapfetus wat by biskop Tutu se huis in Kaapstad opgehang is. Hy is gevra daarvoor maar kan niks bevestig nie. Na sluiting van RNL het hy giftige stowwe afgebreek en onskadelik gemaak. Hy het die dokumente aan Immelman terugbesorg. Hy het 'n 3.3% aandeel in RNL gehad en hy het later 'n besigheid saam met Davies en 'n ander in die privaatsektor begin.

[972] Tydens kruisverhoor het hy aangedui dat hy kom aflei dat hy vir die SAW werk en dat dit te doen het met die beskerming van baie belangrike persone. Dit het te doene gehad met beskermingsmeganismes. Modelle word in proefdiere ontwikkel. Die projek moes goedgekeur word. Die etiese komitee moes goedkeur dat diere gebruik word. Van Rensburg was die voorsitter daarvan. Gif moes aangekoop word, ge-ekstraheer word uit voormengsels of vervaardig word. Om teenmiddels te kon ontwikkel moes die werking en simptome bepaal word. Wat die tandepasta aanbetref moes hy kyk of dit dodelik is omdat 'n middel sy toksiteit kan verloor as dit met 'n ander middel gemeng word. Eerstens moet daar dus bepaal word of die middel nog toksies is en dan moet die simptome van die slagoffer bepaal word. Verder moet gekyk word of die middel identifiseerbare is. Daarna moet 'n teenmiddel en behandelingsmeganismes ontwikkel word. As dit op 'n groot skaal teen jou gebruik kan word moet jy kyk na die waarskynlike toedieningsroetes om verdere toediening te vermy. As dit byvoorbeeld met drank gemeng word kan dit sy toksiteit of kleur verloor. Daar moet nagegaan of sjokolade in hotelkamers vergiftig kan word. Sjokolade verander nie van kleur nie en die gifstof verloor nie sy toksiteit nie. Omvattende toetse is nodig. Soms kan toedieningsroetes via die simptome bepaal word.

[973] Hy weet nie wie die vermenging gedoen het nie maar mense is getaak om dit te doen. Daar is ook

gewerk op gifstowwe wat in Angola gekry is. Die middels wat geskep is kan misbruik word. Wanneer met 'n agens gewerk word, word gekyk na die simptome, die behandeling en die nie-opspoorbaarheid daarvan. Die bepaling van LD50 was nooit werklik nodig nie want dit was in die literatuur bekend. Twee van die verslae wat ingehandig is is in ooreenstemming met sy styl. Hy weet nie hoe lank nadat hy die fetus verskaf het, hy in die koerant daarvan gelees het nie. Dit kan minder as drie weke wees. As die berig korrek was kan dit nie die fetus wees wat hy aan Swanepoel verskaf het nie. Teenmiddels teen organofosfate is deur die mikrobiologiese afdeling ontwikkel. 'n Dier is blootgestel en dan met die teenmiddels behandel. Vitamine D is in die yskast gehou om dit langer te bewaar. Dit is in die handel beskikbaar in kapsules wat so ontwikkel is dat dit by kamertemperatuur stabiel sal bly. Dit kan oor die toonbank gekoop word.

[974] **Michiel Wilhelm Odendaal** is ooreenkomstig artikel 204 gewaarsku oor salmonella in suiker, anthrax in sigarette, gifstowwe in sjokolade en die vriesdroog van bloed wat met die HIV virus besmet is. Hy is 'n veearts wat 'n meestersgraad en 'n doktorsgraad oor die ontwikkeling van entstof vir voerkraalbeeste gekry het. Hy was by die H A Grove Proefdiersentrum en het die beskuldigde die beskuldigde daar leer ken. Hy het navorsing oor clostridium op 'n bobbejaan gedoen omdat dit een van sy belangstellings was. Hy is deur Goosen gewerf vir RNL en was die hoof van mikrobiologie. Dit was eers immunologie. Hy het geweet dat RNL 'n frontmaatskappy was. Aanvanklik was daar net defensiewe navorsing. Organismes is geïdentifiseer. Hulle het later meer offensief geword en hulle getal het gegroei van 8 na 15. Daar was baie literatuur oor die biologiese oorlogsveld nie. Dit het te doen met organismes wat mens en dier kan aantast. Daar was laboratoria by die plaasopstal maar later het die laboratoria meer gesofistikeerd geraak.

[975] Hy het gewerk met patogene organismes. Dit is organismes wat mens en dier kan siekmaak en doodmaak. Aan die begin is daar nie veel leiding verskaf nie en het hulle gewerk op entstof vir beeste. Sy opdragte het hy van Immelman en van Rensburg gekry, wat weer hulle instruksies van die beskuldigde gekry het. Daar was harde en sagte projekte. Immelman het die harde projekte hanteer. Dit het te doen met die ontwikkeling van bakterië en virusse. Dit is nie werklik effektief nie omdat dit met antibiotika behandel kan

word. By die dieremodelle is daar ook gevind dat al die diere nie aangetas word nie. Daar is 10 diere met anthrax besmet maar net 2 is dood. Hy het die patogene organismes en bakterië aan Immelman oorhandig.

[976] Daar was salmonella in suiker om 'n vergadering van die ANC te ontwig. Hy het later verneem dat dit gewerk het. Daar was 'n navraag na lamsiekte. Dit is clostridium botulinum A, B, C en D. Ses molekules daarvan is dodelik. Hy het dit gevriesdroog aan Immelman gegee. Die toksisiteit kan in water, melk, whisky en bier getoets word. Dit is in muise gespuut. Hy bevestig dat die dood intree tussen 2 en 24 tot 36 uur. Botulinum veroorsaak wit vlokkes in vloeistof. Hy het sigarette gaan koop en een of twee in 'n pakkie met miltsiekte behandel. Hy glo dat dit vir terroriste gegee is. Hy het sjokolade met sagte vulsels besmet, teruggesit in die omhulsel en aan Immelman oorhandig. Hy het bloed gevriesdroog want hulle wou dit aan iemand gaan toedien. Bakterië wat longsiektes veroorsaak is miltsiekte. Met verwysing na 63B sê hy dat hy spore van miltsekte op 'n brief gesit het.

[977] Hy het toksien in bier in 'n bottel gesit. Hy het vitrio cholera aan Immelman gegee. Hy kan nie sê presies hoeveel nie. Hy het ook die organismes vir militensis en typhi murium verskaf. By nabetraging was hy bewus van die poging op eerwaarde Frank Chikane. Vanaf 1992 het die klem verskuif na kommersiële projekte.

[978] Tydens kruisverhoor het hy bevestig dat hy sy inligting van Immelman gekry het. Wanneer hy gevra word of die projek nie slegs defensief was nie is sy reaksie dat dit aanvanklik defensief was maar later ook offensief. Die P4 laboratorium is beplan en hy het slegs op 'n klein skaal geproduseer. Die salmonella is gebruik om die vyand tydelik te inkapasiteer. Soos blyk uit sy verklaring moes hulle nie gedood word nie. Dit word aan hom gestel dat as jy gedurende 1987 'n ANC vergadering wou ontwig jy doodeenvoudig die mense toegesluit het. Hy hou voet by stuk dat dit sy opdrag was. Hulle het 'n informant gehad wat die salmonella gaan plant het. As jy dit inkry kan dit jou selfs twee tot drie dae in die bed laat deurbring. Hy gee toe dat dit afleidings is wat hy maak. Hy gee toe dat hy ook afleidings gemaak het oor waarvoor dit wat hy gemaak het gebruik is. Hy het aanvaar dat dit op terroriste in Angola en Mosambiek gebruik is. Hy gee toe dat al sy

getuienis gebaseer is op afleidings.

[979] Hy bevestig dat hy voor die WVK getuig het oor wetenskaplike toetse. Hy het getuig dat hulle van die filters wat Lourens gemaak het by protechnik sou toets. Hy het 'n gerug gehoor. Dit word aan hom gestel dat hy sy getuienis uitgebrei het en hy gee toe dat hy nie die waarheid vertel het nie en vra om verskoning. Dit word aan hom uitgewys dat volgens sy verklaring Immelman nie die botulinium gebruik het nie omdat dit lank later nog in die vrieskas was. Dit strook nie met sy getuienis in hierdie saak nie. Sy antwoord is dat hy nie elke dag die botteljies getel het nie. Hy het nie elke dag in die vrieskas gekyk nie. Sy persepsie was dat Immelman dit gebruik het. Dit word aan hom uitgewys dat sy verklaring juis aantoon dat Immelman dit nie gebruik het nie. Hy word gevra of hy die indruk probeer skep dat die navorsing oor miltsiekte gedoen was om 'n offensiewe vermoë te skep en hy antwoord dat dit nie sy getuienis is nie. Dit word dan aan hom gestel dat navorsing daarvoor noodsaaklik was ter beskerming van eie magte en inwoners. Navorsing as sulks beteken nie noodwendig die ontwikkeling van 'n opffensiewe vermoë nie. Immelman het nooit die aksieplan aan hom verduidelik nie. Dit word aan hom gestel dat hy nie besef het wat die breë spektrum van chemiese en biologiese oorlogvoering behels het nie. Hy gee toe dat bloot maar 5% van hulle tyd aan harde projekte bestee. Die SAW het nie opdragte aan hulle gegee nie en hulle het volgens die moet-weet beginsel gewerk. Die projek het groot potensiaal gehad maar op die ou end was dit 'n niksseggende mislukking. As dit nie in 1993 toegemaak het nie kon dit nog baie verder ontwikkel het. Wanneer hy gevra word of hy massas wou doodmaak is sy antwoord ontkennend. Wanneer hy gevra word of hy gedeel het aan die privatisering is dit sy standpunt dat hy 'n miljoen rand verloor het. Dit blyk dat hy nie in sy verklaring van gevriesde bloed wat met HIV besmet was gepraat het nie maar hy sê dat hy wel sulke bloed van die beskuldigde ontvang het. Hy weet nie hoe dit effektief teen die vyande van die staat aangewend kan word nie. As 'n persoon die virus inkry kan hy vir jare daarna nog leef.

[980] Hy gee toe dat die geval rondom eerwaarde Chikane niks met hom te doen gehad het nie. Dit word aan hom gestel dat daar geen rede was vir dr. Immelman om dit met hom te bespreek nie. Hy is uitgevra oor die geval toe hy sy verklaring afgelê het. Hy gee toe dat hy nie met paraoxon gewerk het nie. Wanneer hy

substansie aan Immelman gegee het is daar nooit name genoem nie en is daar ook nie toedieningsmetodes bespreek nie. Chemiese middels is meer doeltreffende doodmaak middels as biologiese middels. Dit word aan hom gestel dat baie van die navorsing gedoen is juis om te bepaal volgens welke roetes die vyand die organismes in die land kon inbring. Dit sou byvoorbeeld onsinnig wees om anthrax in 'n deoderant te sit behalwe as jy dit op daardie wyse die land wil inbring. Hy wil dit nie toegee nie en sê dat hy dit in 'n bottel sou ingebring het. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy betrokke was by enige wanaanwending van fondse.

[981] **James Henry Davis** is ook 'n veearts wat aan die HA Grove Proefdiersentrum verbonde was. Goosen het hom eendag gevra om saam met hom na die dieretuin te gaan om 'n slang te kry. Daar was pofadders en 'n apparaat om die gif uit te suig. Hy het gedurende 1985 by Roodeplaat in 'n plaashuis begin. Hulle het volgens die moet-weet beginsel gewerk. Hy was die hoof van toksikologie onder dr. Immelman. Hy het ook later die hoof van die proefdiersentrum geword onder dr. Goosen. Hy het met harde en sagte projekte gewerk. Hy het met paraoxon gewerk. Hy het ook met kolikalseferol (Vitamine D) en brodifacum gewerk. Dit is 'n uiters giftige stof wat 'n neurogene uitwerking het. Die absorpsie en effektiwiteit vir diere is getoets. Hy het dit alles gedoen vir defensiewe navorsing.

[982] Wat die projekte aanbetref het hy en Immelman beskuit. Die hoofklient was die SAW. Hy het Jan Lourens tydens dienspog ontmoet en hulle was huisvriende. Daar was 'n laboratorium met 'n tandartsboor. Dit was by die plaashuis. Daar was beperkte toegang. Hy het gaatjies in bottels en blikke geboor en paraoxon, miltsiekte en brodifacum daarin gesit. Hy het dit reggekry deur vinnig te boor, die minimum temperatuurverandering te bewerkstellig en dit binne 'n minuut te voltooi. Hy het die skroewedraaiers getoets en ook die projektiele en die kiere. Hy het die kiere later verbrand. Dit was naby aan die ontbinding van die besigheid. Hy herken die skroewedraaiers voor die hof en glo dat die deursigtige perspex een die een is waarop hy kon gewerk het omdat dit so gelyk het. Hy het 'n varkboud gevat en die skroewedraaier daarin gedruk. Die kiere het met 'n loskruit .22 patroon gewerk. Hy het dit op 'n kartondoos getoets. Wat bewysstukke 63D en 63E aanbetref het hy aanvaar dat dit is soos wat die vyand dit op ons mense sou

gebruik. Hy het gewerk met aldicarb in lemoensap, asiet in whisky, botulinium in blikke, thalium in bier, paraquat in whisky en sigarette met anthrax. Hy het sjokolade bewerk en dit aan Immelman oorhandig. Hy het ook met typhimurium in 'n deodorant gewerk.

[983] Hy het geweet waarmee hy gewerk het. Hy het dit weer later teruggekry vir evaluasie. Hy was nooit teenwoordig by sintese nie. Hy was gevra om 'n bobbejaanwyfie aan Stiaan Wandrag te gee. Die kerie kon met toksiese substans gebruik word. Hy het ook op silatrane gewerk. Dit is goed vir die groei van hare, tot by 'n punt waar dit hoogs toksies is. Hy het dit by Immelman gekry. Dit is plaaslik gesintetiseer of aangekoop. Bewysstuk 63N handel met nikotien en paraoxon en in besonder die toksiteit daarvan. Na die beskuldigde se arrestasie het Immelman hulle versoek om by prokureur Malan se kantoor bymekaar te kom, hyself, Wandrag, Immelman, Nieuwenhuis en die beskuldigde. Hulle is versoek om die dokumente wat nog daar was te vernietig.

[984] Onder kruisverhoor was hy uitgesproke daarvoor dat sy navorsing slegs gegaan het om 'n defensiewe vermoë te skep. Al sy verslae is op daardie grondslag opgestel. Dit was egter vir hom nodig om die aangeleentheid ook uit die opposisie oogpunt te bekyk. Dit is gevaarlik om afleidings te maak sonder die nodige agtergrond. Hy praat nie namens ander nie. Daar is gevrees dat daar aanvalle op eie magte en belangrike persone geloods kon word. Daar moes gekyk word of die stof waarin die substans geplaas is verkleur en of die substans se toksiteit verander. Daar kon dan waarskuwings uitgereik word. Hy kan nie bevestig dat die beskuldigde 'n film gemaak het om mense te waarsku teen sjokolade nie. Wat die vernietiging aanbetref het hy bloot opdragte uitgevoer. Dit het nie vir hom vreemd voorgekom nie.

[985] Hy het net een skroewedraaier getoets. Hy kan nie onthou wanneer dit gebeur het nie. Daar is nie daarna 'n verbeterde model voorgelê nie. Dit was nie effektief nie en hy het die foute uitgewys. Wat brodifacum aanbetref kan daar beide uitwendige en inwendige bloeding wees. Uitwendige bloeding sal voorkom by die mond, neus, slymvliese en anus. Dit is nie 'n akute toestand wat geskep word nie en dit is maklik behandelbaar. Hy was net by die een slangepisode betrokke. Hy het dit by die dieretuin gaan haal.

Navorsing op slangtoksien was baie algemeen. As jy paraoxon op iemand se klere sit sal dit opgespoor kan word en sal daar 'n oliekol wees. As die Amerikaanse Geheime Diens die klere ondersoek het en daar was paraoxon op behoort hulle dit op te gespoor het. Bloedmonsters behoort ook die paraoxon of die metaboliete, wat afbraakprodukte daarvan is, aan te getoon het. As daar niks was nie is dit onwaarskynlik dat paraoxon gebruik is. Hy het twee slange in 'n kussingsloop aan Immelman verskaf. In herverhoor het hy aangedui dat as daar voldoende tyd verloop het na toediening die metaboliete van die paraoxon in die urine uitgeskei sal word.

[986] **Schalk Jansen van Rensburg** is ook 'n veearts wat in voortplantingsfisiologie spesialiseer. Die beskuldigde en Goosen het gedurende 1983 met hom gepraat oor chemiese en biologiese oorlogvoering in Angola. Hy het nie 'n probleem gehad om betrokke te raak nie omdat hy gehoor het van allerhande gemene handelinge deur die vyand. Weens die sanksies was hy tevrede dat 'n frontmaatskappy gestig kon word om toegang tot toerusting te verbeter. Dit was om eie magte te beskerm. Daan Goosen het 'n goeie span as besturende direkteur bymekaar gekry. Die beskuldigde het hulle besoek en die rigting aangedui. Hy het hulle informeel ingelig hoe hulle in klein groepies en ook individueel behoort op te tree. Hyself was nie verantwoordelik vir die projek nie. Hy het 'n entstof probeer ontwikkel en het ook gewerk aan 'n agens wat kanker veroorsaak. Hy het nie baie ver gekom daarmee nie en het dit gestaak.

[987] Hy was nie deel van die binnekring nie. Hy was met 'n Engelse vrou getroud. Netsoos sy vader was hy ook nie ten gunste van die Broederbond nie. Hy dink nie dat daar enige defensiewe werk gedoen is nie. Toe die beskuldigde vir Goosen met Swanepoel vervang het was hy baie ongelukkig want hy het geweet dat Swanepoel nie hulle dekking sou kon handhaaf nie. Hy was gevolglik daar teen. Hy was een keer by 'n bespreking waar daar gepraat is oor hoe om 'n persoon in 'n kamer so te affekteer dat hy hospitaal toe moet gaan. Die plan was dat 'n klein gaatjie in die muur gemaak moes word en dat gas in dsie vertrek ingevoer moes word. Daar het niks van die bespreking gekom nie. Hy weet net dat die persoon in Zimbabwe was.

Die beskuldigde het gesê dat hy die handboeke oor toksikologie kon herskryf. Daar was byvoorbeeld 'n

rottegif wat kleurloos, smaakloos en reukloos was maar waarteen mense 'n groot weerstand gehad het. Swanepoel het gesê dat Spesmagte lafaards was wat nie in 'n oorlogsituasie hulle opdragte uitgevoer het nie. By RNL moes daar substansie ontwikkel word wat kon dood maar wat natuurlik gelyk het. Dit moes nie opspoorbaar wees nie. Hy was voorsitter van die etiese komitee maar hy het gersukkel om in die keldervloer in te kom nie en ook by die ou plaaswoning. Hy het nie toegang tot die laboratoriums gehad nie. Hy was betrokke by die bobbejaanfetis en het vir Swanepoel gevra wat hy daarmee moes maak en is meegedeel dat hy dit moes vries. 'n Besigheidsman van Amerika het RNL besoek. Daar was 'n peptied wat baie onstabiel was. Daar was mislukkinge. Dr. Immelman moes die operateurs voorlig. Een van hulle se kodenaam was Willem. Hyself was by die finansiële kant betrokke. Daar moes eenstemmigheid wees. Hy het daarop gewys dat daar vermorsing was. Daar is maatskappye geskep om die winste af te skep. Daar was 'n maatskappy in Switserland wat deur Chu bestuur is en waarvan die beskuldigde en Swanepoel lede was. As jy net na Chu kyk sal jy besef dat hy 'n rampokker is.

[988] Hy het RNL op 30 Julie 1992 verlaat. Hy het probleme met die besturende direkteur gehad. Hy wou 'n volle salaris hê vir deeltydse werk. Hyself het op 28 Augustus 1991 geweier om sy salaris goed te keur. Swanepoel het toe aangedui dat hy van hom ontslae sou raak. Daar was 'n dissiplinêre ondersoek op 8 November 1991. Hyself het die moontlikheid van vroeë aftrede ge-opper. Daar was verskeie bedrieglike handelinge en verleenthede. Hy wou R200 000 hê en het 'n boodskap van Marlow ontvang dat die GG geweier het om dit goed te keur. Swanepoel het aangedui dat hy die geld van iewers sou kry. Hyself was deel van 'n Tegniiese Werkekomitee. Die finansiële steun wat RNL van die SAW gekry het was goed. Die toksien laboratorium van Speskop is na RNL verskuif. Dit is met Immelman bespreek. Hy is nie oor spesifieke projekte ingelig nie. Hy het 'n suspisie oor eerwaarde Chikane gekry en het Immelman gekonfronteer wat hom neegedeel het dat die operasie 'n gemors was. Die gif is in 5 verskillende onderbroke gesit. Dit is nie behoorlik aangesit nie. Die hele ding was 'n mislukking.

[989] Tydens kruisverhoor is dit aan hom gestel dat sy ingesteldheid is dat sy aandele gesteel is. Hy dink Immelman het R3miljoen gekry. Dit word aan hom gestel dat hy kwaad was waarop hy antwoord dat hy nie

geld wou gehad het nie. Wanneer hy dan gevra word waarom he aksie ingestel het antwoord hy dat hy 'n verskoning wou gehad het. Bewysstuk 63Q word aan hom gestel waarin hy verskoning vra vir aantygings wat hy gemaak het. Hy ontken egter dat hy dit geteken het. Die brief wat voor die hof is, is nie geteken nie. Dit word aan hom gestel dat as almal geweet het dat hy nie die regering ondersteun nie hy nie vertrou sou gewees het nie.

[990] Hy bevestig dat dit onsin is om te praat van 'n entstof wat die vrugbaarheid van swart mense kan inhibeer. Wat kankernavorsing aanbetref bevestig hy ook dat daar nie sprake kan wees van 'n rassistiese benadering daartoe nie. Dit word aan hom uitgewys dat in sy verklaring hy net praat van dinge wat hy toevallig in die verbygaan gehoor het. Hy bevestig dat hy twee fetusse versoek het. Hy was onder die indruk dat dit met die Amerikaner te doen gehad het wat aangedui het dat daar 'n peptied benodig is. Hy sê dat tydens 'n naweek byeenkoms hulle met die BSB lede gemeng het want daar was 'n man wat soos Slang van Zyl gelyk het. Hy was baie vriendelik met Swanepoel. Hy het van die aapfetus geles binne omtrent 'n week later. Dit word aan hom uitgewys dat Slang van Zyl nie oor so 'n byeenkoms getuig het nie en die verdediging nooi die staat uit om hom te herroep om daaroor te getuig. Hy sê dat Staal Burger ook daar was. Hy het sy foto in die koerant gesien. Hy kan nie onthou wanneer nie. Oor die informele gesprek tussen die beskuldigde en Swanepoel sê hy dat die beskuldigde gesê het dat hulle bang is om gif te gebruik en dat die jong operateurs "chicken" is. Hy gee voor dat die ander mense by RNL hom vertrou het wat verskil van wat hy vantevore gesê het. Volgens hom het die beskuldigde hom gekonfronteer en toe het hy vir hom gesê dat hy 'n lid van die progressiewe party is. Hy bevestig dat hy dit nie in sy verklaring vermeld het nie of dat die jong operateurs "chicken" is nie. Hy het baie gou besef dat al die navorsing van 'n offensiewe aard was.

[991] **André Immelman** is ingevolge artikel 204 gewaarsku tov aanklagte 57, 60 en 63. Hy is 'n veearts met 'n M. Med in farmakologie. Sy belangstellings is farmakologie en toksikologie. Hy het sedert 1970 vir Bayer begin werk en was vanaf 1971 'n dosent in interne geneeskunde. Hy was 'n professor en was vir 13 jaar verbonde aan UP se fakulteit Veeartsenykunde. Hy was vanaf Januarie 1984 verbonde aan RNL. Hy is genader deur James Davis wat 'n student van hom was en gevra of hy nie voltyds navorsing wil doen nie.

Nadat hy ingestem het is hy deur Goosen genader. Hy vertel die hele verhaal hoe hulle fasiliteite moes oprig, in Sinoville begin het en daarna geskuif het na die plaashuis by Roodeplaat, hoe die eerste laboratoria gebou is en voorsiening gemaak is vir proefdiere. Hulle het mediese steun gehad van 1 Militêre hospitaal. Hoë standaarde is gehandhaaf en dit was 'n uitstaande proefdierfasiliteit.. Hy het geweet dat dit 'n frontorganisasie was. Daar is egter ook private kontrakwerk gedoen, eerstens om eie fondse te genereer, tweedens om te dien as rookskerm en derdens om wetenskaplikes 'n kans te gee om in hulle eie belangstellingsrigtings navorsing te doen. Daar is kommersiële entstowwe vervaardig en daar is ook middels vervaardig waarop farmaseutiese maatskappye tantieme moes betaal. Hulle kon egter nie self medisyne vervaardig of bemark nie.

[992] Eers wat dit net hy, Goosen en Spamer maar van Rensburg het later bygekom. Die moet weet beginsel het gegeld. Selfs by privaat kontrakteurs is geheimhoudingsklousules in kontrakte ingebou. Die kom-laboratorium was in die kompleks en daarin is met baie gev aarlike stowwe gewerk. Persone moes opgelei wees om daar te werk en het in ruimtepakke daar gewerk. Die pakke was verbind met vars lug buite. Daar was lugfilters beide vir die lug na binne en die wat uitgesuig is. Daar was 'n noodknop en radiokoppeling met 'n verpleegster.

[993] James Davis is na die proefdiersentrum. Daar was later 'n tandartsboor. Hy het verstaan dat die SAW 'n verdedigings behoefte gehad het teen chemiese en biologiese aanvalle van die vyand. Daar moes 'n volledige biblioteek voorberei word. Hy het die beskuldigde geken. Hy is aan hom voorgestel as die kontakpersoon wat leiding sou gee vanaf SAW-kant. Hy, as direkteur van navorsing, was die enigste skakel vanaf RNL met die SAW aangaande die werk wat gedoen is. Die beskuldigde het hulle van tyd tot tyd besoek. Daar was vergaderings gewees. Hy het die beskuldigde gevra of hulle nie van tyd-tot-tyd met die navorsers kon praat nie sodat hulle nie hulle opdragte tweedehands kry nie. Die beskuldigde kon vra vir besondere projekte of die ontwikkeling van besondere tegnieke of hy kon ook voorgestelde projekte afkeur.

[994] Hy het baie kontak gehad met die beskuldigde en hy het baie opdragte en goedkeurings gekry wat hy

oorgedra het aan die hoofde van afdelings. Hyself moes projekte evalueer en die koste bepaal en dan verslag doen. Hy het skriftelike verslae ingedien. Hy het 'n program oor die ontwikkeling van 'n orale entstof teen miltsiekte, wat stadig gevorder het, stopgesit. Hy was daar toe Swanepoel oorgeneem het van Goosen. Hyself het nie fisiese navorsing gedoen nie maar het wel literêre navorsing gedoen. Die beskerming van belangrike persone het ter sprake gekom. Dit was duidelik dat nie net die massas beskerm moes word nie maar ook individue.

[995] By die begin het die beskuldigde gesê dat hy projekte sal noem en identifiseer en dat hulle ook projekte moet identifiseer. Hulle moes inligting inwin oor hoe substansie aangewend kan word en hoe stabiel hulle is. Wat toedieningsroetes aanbetref beteken dit dat die middel per mond aangeneem kan word, ingesam kan word, op die vel aangesmeer kan word, binnears of binnespiers ingespuut kan word. Daar was 'n versoek van 'n mn. Coetzee of 'n bord kos gekontroleer kan word vanuit die kombuis tot by die staatspresident se sitplek. In die VSA is daar 'n metode om poeier, wat verkleur weens die teenwoordigheid van baie gifstowwe, oor kos te strooi.

[996] Die beskuldigde het hom thalium en monofloorasetaat gegee vir veilige bewaring. Die SAW projekte is aanvanklik almal geklassifiseer as H (harde projekte). Dit is later gewysig na R. Hy getuig oor navorsing met alherhande hoogs toksiese stowwe en sê ook dat daar baie bakteriële en giste vergader is. Daar was wat hom aanbetref 'n wêreld deurbraak met die skep van 'n middel uit paraoxon wat feitlik alle organofosfate afgebreek het, behalwe microtox. Daar was studies oor absorpsie deur die vel, lipbalsem, aanrol reukweerders, haarsjampoe, tabak en drank. Paraoxon is 'n dun oliege substansie wat ook in lipbalsem ingevoeg is en in salwe. As parathion afbreek word dit omskep in paraoxon dmv metaboliete. Dan is dit hoogs toksies. Paraoxon word deur die liggaam afgebreek en lewer dan paranitrofinool, wat afgeskei word deur die speeksel en die urine.

[997] Vitamine D kan die bloedvate kalsifiseer en dit kan lei tot belemmering van die bloedsomloop en hartversaking. Omdat dit 'n natuurlike middel is, is die opspoorbaarheid baie swak. Hy getuig oor natrium

asiet en silatrane, wat onopspoorbaar is. Oor die S insident getuig hy dat Jan Lourens aan hom 'n rapport gemaak het oor hoe hy gifstof in sy mond gekry het maar geen nadelige gevolge oorgehou het nie. Die silatrane het hulle van Delta G gekry. Daar was toksiese stowwe soos thalium in bier en in whisky. By enkele geleenthede is goed teruggebring vir verdere toetse en vernietiging.

[998] Gedurende die tweede helfte van die tagtigs het hy begin twyfel oor die wettigheid van die projek. Hy het die beskuldigde gekonfronteer en die beskuldigde het vir hom gesê dat dit deur staatsveiligheid goedgekeur is. Spamer het dit onder sy aandag gebring dat die beskuldigde aangedui het dat jy nie 'n wapenfabrikant aanspreeklik kan hou vir die nalatige gebruik van wapens wat hy vervaardig het nie. Dr. Swanepoel het gesê dat goeie verhoudinge met die beskuldigde gehandhaaf moet word. Hyself het die moontlikheid van dood met hierdie stowwe voorsien en hom daarmee versoen.

[999] Hy word verwys na bewysstyk **63B**, die verkopelys. Hy herken dit. Die letters JKCK is deur hom daar op aangebring. Hy het die lys her opgestel. Dit is hy wat geskryf het dat die mambatoksien teruggebring is. Daar is nie skriftelike rekords gehou oor die verkoop van die goed nie. Hy het besluit om dat hy boek moes hou sodat hy dit vir die beskuldigde kon wys en vergoeding kon kry vir die lewering daarvan. Die beskuldigde het hom voorgestel aan drie persone wat hy geken het as Chris, Manie en Gert. Hy is voorgestel as Willem die boer. Geheimhouding was van groot belang. Hy is gevra hoekom hy as boer so baie inligting het en sy antwoord was dan dat hy baie goeie kontakte het. Hy het aanvaar dat hulle aan die mediese bataljon betrokke was. Hy het middels verskaf. Dit was omdat die beskuldigde so 'n aanduiding aan hom gegee het. Later het daar 'n persoon Koos gekom. Hy het die indruk gevorm dat hy mediese opleiding het. Hy het middels aan Koos verskaf. Hulle het ontmoetings gehad. Dit is gereël deur die bemiddeling van die beskuldigde se sekretaresse. Hy, Chris, Gert en Manie het in restaurante ontmoet. Hy het besef dat hulle nie kundige medici is nie. Hulle het byvoorbeeld vrae gevra oor watter stowwe deur klere versprei kan word. As hulle geïnteresseerd geraak het is hy gevra of hy dit kan voorsien en hy het dan gelew. Hy was onder die indruk dat Chris 'n kolonel was en die leier van die drie. Hy het Koos in die mediese hoofkwartier ontmoet. Die

beskuldigde het hom 'n kaart gegee om in die gebou te kom. Hy het seker so nege maal met Chris, Gert en Manie ontmoet. Hy dink Manie kom van Nylstroom af.

[1000] Op 4 April 1989 is daar paraoxon aan Chris gegee. Hulle het gepraat van klere as 'n roete van toediening. Daar is aangedui dat daar noue kontak met die vel moes wees en dat die area bokant die oogbanke en die skrotum besonder vatbaar was vir absorpsie. Hy het geles van 'n mn. Chikane wat die simptome getoon het en byna oorlede is. Hy het gewonder wat gebeur het en het die beskuldigde gevra. Die beskuldigde het vir hom gesê dat niemand weet nie, selfs nie die Amerikaners nie. Op 21 Junie 1989 is drie blikke met botulinium aan die beskuldigde gelewer. Dr. Davis het dit gemaak. Daar was ook drie bierblikke met thalium in. Hy het nie vir Mielies geken nie. Op 27 Julie 1989 is 'n bobbejaanfetus oorhandig. Die beskuldigde het gesê dat hy dit benodig vir weefselkultuurontwikkeling. Dit is 'n tipe van navorsing wat baie gedoen word. Hy wou dit nie gepreserveer gehad het nie. Dit is op ys verpak. Hy weet nie presies hoe dit verpak is nie. 'n Paar dae later het hy geles van 'n aapfetus by eerwaarde Tutu se huis. Hy het gewonder of dit nie dié fetus was nie. Hy het vitrio cholera afgelewer op 4 Augustus 1989 by die beskuldigde se kantoor. Dit was in bottels met sterk glas en goeie proppe verpak. Wat die digoksien aanbetref het hy vir Koos ontmoet wat hom versoek het om 'n pil te maak. Hy kon dit nie maak nie. Dit is 'n middel wat 'n mens se hartfunksie kan verbeter. 'n Oordosis kan die dood veroorsaak. Op 19 Maart 1989 is daar sjokolade met phensiklineen en thaliumasetaat aan Chris gelewer maar dit is teruggebring.

[1001] Daar is aldicarb in lemoensap geplaas wat dodelik was. Daar was ook asiet in wisky geplaas. Hy het Vitamine D aan Chris gegee. 'n Letale dosis is 250mm(mikrogram). Per kilogram gewig. Daar is later weer twee gram gegee. Op 15 Mei is katharadien gegee. Dit werk op die niere in. Op 19 Mei 1989 is thalium-asetaat oorhandig. Op 30 Mei is fosfiet tablette oorhandig wat gebruik word vir molle in silo's. Op 9 Junie was daar spore in 'n brief. Hy het dit vir die beskuldigde gegee. Hy het natriumsianied aan Koos gegee. Dit is baie giftig. Hy het vir Koos ook Salmonella in suiker gegee. Wat die paraquat in whisky aanbetref is paraquat 'n middel wat op bome gebruik word. Dit tas ook die longe en niere aan. Daar is 4 gram sianied verskaf op 20 Mei 1989. Op 10 Augustus is arsiet oorhandig en op 11 Augustus is daar 'n klomp sjokolade

oorhandig wat gekontamineer was met giftige stowwe soos miltsiekte, botulinium, aldicarb, brodifacum, katharadien en sianied. Op 16 Augustus 1989 is daar 7 kapsules sianied aan Koos verskaf. Daar is ook formalien en piridien verskaf. Op 5 September is katharadien poeier in 'n sakkie oorhandig. Op 8 September is metanol oorhandig. Daar is ook twee slange oorhandig. Davis het die slange gevang. Hulle was Mosambiekse spoegkobras. Op 18 September is colchicine wat goed is vir jig maar wat diarrhee kan veroorsaak oorhandig. Dit kan ook nierversaking veroorsaak. Op 6 Oktober 1989 is demilitensis oorhandig. Dit veroorsaak chroniese effekte wat sal lyk soos griep. Typhimurium is maklik behandelbaar. Dit was in 'n deodorant. Dit moet per mond ingeneem word. Wat die briewe aanbetref was dit kulture wat na hulle gebring is vir ontleding.

[1002] Die ondersoekspan het foto's na hom gebring. Hy het een persoon geïdentifiseer. Dit is bewysstuk 63D en hy dink dit was Chris. Hy is nie baie seker daarvan nie. Hy glo dat hy ongeveer 'n jaar nadat die lys gesluit is koeldrank met salmonella in aan die beskuldigde gelewer het. Dit was drie literbottels. Hy het 'n gesprek met van Rensburg gehad oor die geval van eerwaarde Chikane. Hy het gesê dat hy 'n vermoede gehad het dat paraoxon gebruik kon gewees het. Dit het die vraag laat ontstaan of daar een groot kol moes gewees het en of daar 'n aantal kleiner kolle moes gewees het en volgens welke metode die absorpsie die beste sou gewees het. Wat die salmonella in suiker aanbetref het hy vir Odendaal gevra om dit voor te berei. Hy het vir hom gesê dat dit nodig was vir 'n vergadering. Hy het foutiewe inligting aan van Rensburg verskaf omdat hy hom nie vertrou het nie en wou sien waar die storie uitpeul. Hy het vir hom gesê dat hulle vir Bico vergiftig het en dat hulle beplan om vir mnr. Mandela in die tronk te elimineer. Die herskrywing van die toksikologie handboeke het wel ter sprake gekom.

[1003] Hy eien bewysstuk 54.1 as die skroewedraaier wat hulle gesien het. Bewysstukke 63D,E en F1 en 2 gaan oor die bamboeskierie en ander navorsing. Hy het die kierie by Jan Lourens gekry. Hy moes kyk of die meganisme werk. Hulle het oa 'n vark gekoop en geslag en in die boud geskiet. Davis het dit getoets. Hulle het geweet dat in 'n vorige oorlog mense met sulke wapens ge-elimineer is. Hy het al voor Chris, Gert en Manie 'n probleem met veiligheid gehad. Toe hy oorsee was het hy in 'n laboratorium gewerk. Hy is daar

ondervra deur 'n persoon wat hy glo van die CIA was. Hy is in 'n klein biblioteke gesit waar alles net met CBO te doene gehad het. Hy het maar dom gespeel maar terug in Suid Afrika het hy baie ernstig beswaar gemaak. Van die baie giftige goed is nie by RNL gemaak nie en hy het soms daarmee in sy motor gery.

[1004] Hy het met Jan Marais gepraat oor Chris, Gert en Manie en vir hom gesê dat Chris se van Smit is. Hy het nie vir Marais gesê dat hy kontak gehad het met Mielies nie. Die beskuldigde se sekretaresse was Sarie Jordaan. Hy word verwys na die volgende paragraaf in Marais se verslag (bew.63A) waarin hy aantoon dat daar uiteenlopende opdragte was, dat die beskuldigde vir lang tye nie beskikbaar is nie en dat daar geleenthede verlore gaan. Die eerste twee stellings nl. die uiteenlopende opdragte en die feit dat die beskuldigde nie vir lang tye beskikbaar is nie kom ooreen met mededelings wat hy aan Marais gemaak het. Hy verstaan nie die stelling oor die geleenthede wat verlore gaan nie. Hy het bewysstuk 60 V opgestel en dit is in sy handskrif. Dit was die produkte wat beskikbaar was en dit was in sy kluis. Dit is mikrobiologiese middels. Daar was HIV gevriesdroogte bloedmonsters. Daar is nie toetse daarop uitgevoer nie. Die giftige substansie is in sy instapkluis, wat toegegerus was met yskaste en vrieskaste, gestoor.

[1005] Die verslae is by hom gelaat. By ontbinding het hulle die kliente vir wie hulle op kontrakbasis gewerk het geskakel en aangebied om hulle materiaal te bewaar. Die wat nie belang gestel het nie se goed is verbrand en die ander s'n is aan die kliënte oorhandig. Die kiere was, volgens skating, vir 'n jaar-en -'n-half by hulle. By privatisering het hy en Spamer elkeen 13% van die aandele gekry. Swanepoel het 52% gekry en die ander mense het die balans gekry so 2%, 3% en 4%. Hy was ongelukkig daaroor dat een persoon 52% van die aandele gekry het en het na gen. Knobel toe gegaan daaroor. Gen. Knobel het gesê dat dit om sekuriteitsredes so gedoen is. Hy was nooit op 'n tegniese werkekomitee nie. Die begrotings is opgestel deurdat afdelingshoofde behoeftes aangedui het en dit aan die direksie voorgelê het, wat dit dan weer aan die SAW voorgelê het. Hy ken nie die KBK nie.

[1006] Hy is deur die prokureur Malan aangesê om nie met die staat te praat nie. Hy het 'n oproep ontvang van adv. Pretorius. Hy is uitgenooi om 'n staatsgetuie te word. Hy het adv. Pretorius saam met sy

regsverteenwoordiger gaan sien. Daar is gepraat daaroor dat daar latere konsultasies sou wees. Daar het niks van gekom nie. Later het hy in sy motor geklim en met adv. Pretorius gaan praat. Daar was 'n polisieman teenwoordig wat notas geneem het. Hy is meegedeel dat die notas vernietig gaan word maar na die samesprekings het adv. Pretorius hom meegedeel dat hy hom as 'n getuie gaan gebruik.

[1007] Hy gee, onder kruisverhoor, toe dat hy rekonstrueer op sterkte van dokumente oor wat gebeur het. Hy gee toe dat hy sy verklaring moes verander oor die aantal kere wat hy met Chris, Gert en Manie gepraat het, nadat hy die verkopelys gesien het. Hy gee toe dat hy nie sê dat die middels gebruik sou word nie. Hy het egter besef dat die middels wanaangewend kon word en in die geval van eerw. Chikane het hy 'n suspisie gehad dat dit gebeur het. Toe die staat hom genader het is hy meegedeel dat hulle hom kan verbind aan 'n aantal aanklagte van moord en die Chikane geval is genoem.

[1008] Hy word gekruisverhoor oor die werking van paraoxon. Hy sê dat Psotta daarmee gewerk het. Suiwer paraoxon is gesintetiseer. Daar is 'n onderskeid tussen DETP en DMP. Dit word gesuggereer dat beide paraoxon en parathion afbreek na DETP. Hy sê dat as paraoxon op klere gesit word dit in 'n laboratorium opgespoor behoort te word en dat hy sou reken dat die FBI dit behoort op te spoor. Hy meen dat die FBI dit ook in die bloedontleding behoort op te spoor. Dit word dan aan hom gestel dat eerw Chikane se klere so ondersoek is en dat die resultate negatief was oor paraoxon en dat die bloed ook negatief was. Dit word dan verder gestel dat daar 'n urine monster ontleed is, die oorsprong waarvan nie bewys is nie, en dat dit net DMP bevat het en nie DETP nie. Hy word gevra of dit enigsins moontlik is dat daar suiwer paraoxon vergiftiging plaasgevind het. Hy wil weet of daar paranitrofenool is die urine gevind is en wanneer dit blyk dat dit wel die geval was wil hy nie die moontlikheid van paraoxon vergiftiging uitskakel nie. Hy word gevra of daar werklik 'n suspisie by hom kon ontstaan het oor die paraoxon met verwysing na die datum waarop dit verskaf is. Hy gee nie toe dat daar geen rede vir suspisie was nie. Oor die afbraakprodukte dui hy aan dat sy kennis verroes is aangesien hy nou reeds vir ses jaar boer.

[1009] Daar was verskeie gesprekke by direksievergaderings. Daar was ook gesprekke in ligte luim waar

hy aangedui het dat die salmonella in die suiker vir 'n vergadering bedoel was. Hy het nie geweet waarvoor die besmette suiker benodig was nie. Daar was die geval toe hy doelbewus waninligting aan van Rensburg gegee het oor Biko en mn. Mandela en dan was daar gesprekke waarin hulle gespekuleer het oor die aanwending van paraoxon en of dit in een groot kol aangewend is of in 'n aantal kleinere kolletjies. Hy bevestig dat hy waninligting gegee het en dat Odendaal by hom gehoor het van die vergadering. Dit word aan hom uitgewys dat van Rensburg voor die WVK getuig het dat Biko met thalium vergiftig is en dat dit beplan was om mn. Mandela op Robben eiland te vergiftig.

[1010] Oor die bobbejaan fetus sê hy dat die beskuldigde dit vir hom gevra het vir weefselkultuurontwikkeling. Dit is normaal by navorsing. Die weefsel moes behoue bly en daarom is dit op ys gesit. Dit word aan hom uitgewys dat van Rensburg getuig het dat Swanepoel hom gevra het vir twee fetusse en dat dit die fetus is wat hy voorsien het wat by eerw. Tutu se huis opgehang is. Wat hom aanbetref het hy geweet die fetus is verskaf en toe het hy geles van die voorval by eerw. Tutu se huis. Dit word aan hom uitgewys dat die verdediging aanvoer dat van Rensburg 'n doelbewuste leuen vertel het oor 'n spanboubyeenkoms te Heidelberg waar hy vir Slang van Zyl gesien het en die getuie se antwoord is dat hy nie bewus is van enige spanboubyeenkoms te Heidelberg nie. Dit is moeilik om te onderskei tussen 'n aap fetus en 'n bobbejaan fetus. Met die fetus op ys sal dit seker vir so 'n dag behoue bly buite 'n yskas en vir so drie tot vier dae binne 'n yskas. Dit sou begin verrot na twee of drie weke. Vir weefselkultuurontwikkeling is vriesdroog of preserving in formalien nie moontlik nie. Indien die fetus in formalien gepreserveer moes word het hulle daarvan gehad. As die beskuldigde doodmaakmiddels wou verskaf, was daar meer effektiewe middels as die wat hy gelewer het. Van die middels is egter baie effektief. Hy gee toe dat daar 'n spesifieke projek was om te bepaal hoe 'n belangrike persoon vergiftig kon word en daar moes veral nagegaan word wat hy in sy hotelkamer kon kry en op welke wyses hy vergiftig kon word. Op sommige van die doodmaakmiddels het hulle nie gekonsentreer nie omdat dit onwaarskynlik was dat die vyand sulke middels tot hulle beskikking sou gehad het. Salmonella is nie 'n dodelike middel nie.

[1011] Hy gee toe dat 'n mens nie werklik kan onderskei tussen offensiewe en defensiewe CBO nie. Daar

ontstaan 'n debat oor die vraag of 4gram Vitamine D 'n letale dosis kan wees en dit blyk dat dit wel kan wees as aanvaar word dat mm. mikrogram is, wat 'n duisenste van 'n milligram is.

[1012] Die beskuldigde het aanvanklik vir hulle gesê dat thalium en miltsiekte gebruik is. Hulle het probeer oplees om stowwe te identifiseer. Hulle moes kyk of stowwe by sekere temperature stabiel bly en of dit oplos in water of drank. Hulle moes die stowwe waarop hulle gewerk het óf aankoop óf sintetiseer. Indien 'n mens thalium in bier sou sit en dit sou die bier verkleur sou dit ongeskik wees. Hy sê dat as 'n mens sê dat 'n middel bruikbaar is dit objektief bedoel word soos byvoorbeeld dat die knal nie te hard is nie of dat dit verkleur nie of dat dit onstabiel is nie. Wat mikrobioloë aanbetref is dit deel van hulle uitrusting om bakterië te hê omdat hulle die verskillende middels moet toets en dit moet aanwend teen die verskillende bakterië om te kyk of dit effektief is. Die uitwerking op die verskillende bakterië moet ook vergelyk word. Wat chemiese stowwe aanbetref sê hy dat hy 'n groot hoeveelheid organofosfate in sy kluis gehad het. Hy is bewus daarvan dat daar vrese was dat 'n persoon met sjokolade in 'n hotelkamer vergiftig kon word. Dit is so dat daar mengsels in sjokolade ingeplaas is. Dit word aan hom gestel dat dit gedoen is om effektief te illustreer dat dit gevaarlik kan wees om sjokolade te eet. Dit kan met 'n demonstrasie gedoen word. Hy gee toe dat indien daar 'n substans in bier of koeldrank geplaas word die gas ook 'n afbrekende uitwerking op die substans kan hê. Hy gee toe dat die tandartsboor niks snaaks was nie en nodig was. Dr. Davis het dit nodig gehad.

[1013] Oor die inskrywing op bew. 63B van 6 Oktober 1989 van die B-militensis en die salmonella typhymurium sê hy dat as 'n persoon die deodorant onder sy arms gespuit het, met sy hande onder sy arms gevryf het en dit in sy mond ingekry het, hy homself dalk so kon vergiftig het. Hy gee toe dat dit nie 'n goeie metode is om 'n persoon te probeer vergiftig nie. Dit kan selfs wees dat so 'n persoon net siek geword het. Indien daar bakterië in was en die persoon het bakterië ingekry, kon die bakterië dalk vermeerder het. Hy kan nie ontken dat cholera 'n aanmeldbare siekte is nie en hy gee toe dat in water wat vir drinkdoeleindes gesuiwer is, dit nie veel kans op oorlewing het nie. Dit sal bloot vermeerder waar daar gekontamineerde water is. Hy gee egter nie toe dat dit 'n dom plan was om cholera in gesuiwerde water te gooi nie maar gee toe dat daar nie cholera rondom die verkiesing in Namibië aangemeld is nie. Dit word aan hom gestel dat daar net

gedurende 1986 in die destydse Oos Transvaal naby Swaziland 'n geval van cholera was. Dit word verder aan hom gestel dat ivm die Chikane voorval, die persoon Chris, met wie die staat gekonsulteer het ontken dat hy paraoxon aangewend het. Wat minister Omar aanbetref was dit sy suspisie dat die digoksien daarby betrokke kon gewees het. Hy weet nie wat die toksisiteit van digoksien is nie en kan nie ontken dat dit 'n skedule 3 medisyne is nie, wat oor die toonbank gekoop kan word nie. Hy ontken nie dat 5mg. digoksien enige plek gekoop kan word nie en nie noodwendig by Roodeplaat gekry moes word nie. Hy erken dat dit 'n swak keuse vir 'n moordwapen sou wees. Die pasient sal in 99% van die gevalle deurgehaal kan word. Daar sal 'n ritme-versteuring van die hart ontstaan maar die pasient sal op 'n drup geplaas word met kalsium daarin en anti-ritme behandeling sal toegepas word. Bowendien is die liggaamsfunksie sodanig dat 'n persoon wat 5mg. daarvan inkry waarskynlik die grootste gedeelte daarvan sal uit fomeer. Dit is wel opspoorbaar maar as die persoon dit vantevore gebruik het sal dit nie maklik aan die latere dosis toegeskryf kan word nie. Hy kan nie ontken dat daar by Speskop 'n apteker was wat beide tablette en kapsules kon produseer.

[1014] Hy gee toe dat daar in die algemene landbou effektiewe gifstowwe is. Hy sê egter dat hoe gevaarliker die gifstof is hoe groter is die hoeveelhede wat 'n mens moet aankoop. Temik kan bv. net in 25kg houters gekoop word. Dit is wel so dat parathion in kleiner houters beskikbaar is. Dit is moeilik om sianied en strignien aan te koop en arseen is hoegenaamd nie meer beskikbaar nie. Die beskuldigde wou vasstel hoe gekontamineerde water gedekontamineer kon word en dan wou hy ook hê dat hulle moes ondersoek of hidrolase by vliegtuie gebruik kon word deur poeier in die vliegtuig te spuit en te verhoed dat die vliegtuig buite aksie gestel word terwyl daar tog dekontaminasie kon geskied. Wat spoorwegtrokke en voertuie aanbetref kon hulle gedekontamineer word met hidrolase in water. Wat hom aanbetref was die gesprekke wat hy met die beskuldigde gehad het tot die effek dat die projek wettig was en dat wat hulle gedoen het goedgekeur is. Hy meen nie dat as iemand wat die goed wat hulle gesintetiseer of gemaak het, wanaangewend het dat dit hulle verantwoordelikheid was nie. Die verdediging wil suggereer dat die storie wat dr. Lourens vertel het dat sy sig belemmer is en dat hy naartoe geword het nie waar is nie maar die getuie wil nie daaraan byt nie en sê dat al wat hy probeer sê het is dat Lourens nie 'n permanente letsel oorgehou het nie. Hy ontken dat Goosen se

getuigenis dat hy 'n "kick-back" van R15 000 gekry het by die aankoop van Roodeplaat. Hy ontken dat hy op die stoepe van Onderstepoort verkondig het dat hy dr. Goosen uitgeskop het uit RNL en sê dat hy nie met hom moeilikheid gehad het nie. Hy bevestig egter dat hy gevra is om te bedank weens sy psigiese onstabiliteit, die wan-aanwending van fondse en die sekerheidsbreuk. Daar was ook privaatwerk betrokke wat hy nie behoort te gedoen het nie. Dit was 'n hoër besluit as die van RNL wat tot Goosen se ontslag gelei het. Hyself het nie met hom of met van Rensburg moeilikheid gehad nie. Hy het wel vir van Rensburg gewantrou omdat hy nie wou hê dast sy vrou moes uitvind wat hulle by RNL doen nie en omdat van Rensburg hom so baie uitgevra het oot die Chikane voorval. Toe die P4 laboratorium gebou is was hy nie op die boukomitee nie maar hy het later uitgevind dat van Rensburg konsultante vanuit Engeland ingekry het en in besonder van Portanddown. Hy het vir hom gesê dat dit 'n sekerheidsbreuk kan veroorsaak en dat hy met vuur speel en dit het nie vir hom gelyk asof van Rensburg verstaan het wat aan die gang is nie.

[1015] Oor die vraag of die beskuldigde sou gesê het dat hy die toksikologie handboeke kan herskryf sê hy dat die beskuldigde dit skertsenderwys rondom die teetafel gemaak het. Dit is baie gesê maar dit was juis waarmee RNL besig was. Daar was koeldrank wat met dermbesmetting gekontamineer was wat juis teruggebring is vir analise en vernietiging. Wat analise aanbetref was dit om te bepaal of die stof nog stabiel is en of daar ander reaksies ingetree het soos verkleuring. Daar is ook ondersoek ingestel na goed wat van vyandelike magte afgeneem is. Daar was 'n geval van stof wat uit die veld gekom het waaroor die beskuldigde hom versoek het om dit saam met 'n chemikus en 'n bakterioloog te ondersoek. Hulle het ook opdrag gekry om te gaan luister wat die nuutste oor CBO verkondig het. Die beskuldigde het hom gevra wat hy daarvan gedink het en sy antwoord was dat hy die persoon nie geglo het nie. Daar was tydskryfte en penne wat na bewering met chemikalië gevul was en hulle moes dit ontleed. Hulle het baie moeite gedoen maar kon geen bakterië vind nie.

[1016] Wanneer hy gevra word oor die wyse waarop bakterië in die land ingebring kan word is dit sy reaksie dat dit baie maklik is en dat dit regtig nie nodig is om dit in 'n deodorant te doen nie. Hy gee toe dat die beskuldigde vir Chris, Gert en Manie op 'n stadium aan hom voorgestel het en dat en hom meegedeel het

dat hulle met versoeke na hom sal kom en dat hy daaraan kan voldoen. Hy was nie weer daarna met die beskuldigde daaroor in verbinding nie en die beskuldigde was ook nooit teenwoordig waar hy met hulle gepraat het nie. Hy kan nie betwis dat die beskuldigde onder die indruk gewees het dat hulle bloot vra vir inkapasitante of susmiddels. Die verkopelys (bew, 63B) kom uit die trommel. Daar was nie 'n van tyd tot tyd terugvoering nie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy enige middels wan-aangewend het of beskikbaar gestel het vir wanaanwending. Hy kan nie daarop kommentaar lewer nie want hy dra nie kennis van enige wanaanwending nie. Sy suspisie was 'n blote gevoel. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy geweet het wat Chris, Gert en Manie van hom gevra het. Volgens hom het die ongemerkte items op die verkopelys na die beskuldigde gegaan. Wat eerwaarde Chikane aanbetref bevestig hy dat hy vir die beskuldigde gevra het of paraoxon gebruik is en dat die beskuldigde vir hom gesê het dat hy nie weet nie en dat die Amerikaners ook nie weet nie.

[1017] Tydens herverhoor word hy verwys na bew. 63X1-63X6 en dit word aan hom voorgehou dat die analise daar aantoon dat paraoxon verantwoordelik kan wees vir die toestand van die urine. Hy word gevra of dr. van Rensburg van die proefdiersentrum sou geweet het as hy 'n versoek vir 'n fetus gekry het en sy antwoord is dat hy nie kan dink dat daar enige rede is waarom van Rensburg dit moes weet nie. Die keisersnee op die wyfie sou uitgevoer gewees het deur dr. Davis, bygestaan deur dr. Wandrag. Jy kan nie 'n fetus vriesdroog vir die ontwikkeling van weefselkulture nie. Hy was nie 'n groot spanbouer nie maar waar hy by was was daar nooit lede van die weermag of die polisie nie. Hy kan Heidelberg glad nie onthou nie. Daar was effektiewe middels soos VX, tabun of sarin waarmee 'n persoon binne minute gedood kon word. Dit sou opspoorbaar wees en sou in 'n laboratorium gevind kon word. Dit geld ook vir soman. Dit is egter nie maklik verkrygbaar nie en die gebruik daarvan sou dadelik lei tot suspisie. Hy weet net van een keer wat sjokolade besmet is. Daar was nie 'n navorser wat net op sjokolade gewerk het nie. Daar was navorsingsverslae. Die mikrobioloë kon gekyk het of die middels waarmee die sjokolade besmet is stabiel is. Hy kan nie onthou dat daar 'n projek was om met bier te werk nie. Wat hy wel kan glo is dat bier besmet is met verskillende bakterië om te kyk wat die effek daarvan is. 'n Oordosis digoksien sal moeilik geïdentifiseer word as vergiftiging. Die gebruik van landbouprodukte by vergiftiging sal maklik opspoorbaar wees. Hy het geen probleem gehad om

homself te vereenselwig met die vestiging van 'n defensiewe CBO vermoë nie. Goosen se ontslag was die gevolg van 'n SAW besluit. Die stof wat in die veld gevind is was sout met vermoedelik thalium in. Die beskuldigde het nie 'n beperking op hom geplaas oor wat hy aan Chris, Gert en Manie kon lewer nie. Wat hulle geneem het was nie inkapasiteermiddels nie. Hy het self die verkopelys opgestel. Dit was in die trommel nadat hy dit uit die kluis geneem het.

[1018] **Eric Ingles Kennelly** is ingevolge artikel 204 gewaarsku ivm aanklagte 47-50. Hy het saam met Johan Theron by Speskop gewerk. Theron het hom opdrag gegee om na 'n vliegtuigloods te Lanseria te gaan. Daar het hy vir Theron, Floyd, mnr. K en 'n ander persoon gekry. Daar was twee swart mans in nutria klere. Theron het aan hulle verduidelik dat daar lugsteurings sou wees en dat hulle verdoof moes word. Toe hy die eerste persoon ingespuut het het hy teruggeval en daarna het hy die tweede persoon ingespuut.. Hulle klere is uitgetrek. Hulle is in die vliegtuig geplaas. Theron het hom 'n spuit, 'n naald en twee ampules gegee en hom gesê om dit te vernietig. Hy is terug na Speskop en agter die gebou het hy die voorwerpe stukkend getrap. Hy het 'n houer met ampules in die kluis gesien. Hy het die woord "dual" gehoor. Hy het eers gedink dit was "jewel". Hy het gedink dit was die kodewoord vir die eliminاسie van individue. Theron het hom gesê dat die lêer nie sy kluis sou verlaat nie.

[1019] Onder kruisverhoor sê hy dat hy dink dat hy na Lanseria is om die artikels te vernietig. Hy dink dat Theron hom miskien getoets het. Hulle was definitief in nutria gekleed. Dit was in die vroeë tagtigs, hy sou reken Julie 1981. Dit is aan hom gestel dat niemand anders van die lêer gepraat het nie.

[1020] **Stefanus André Redelinghuys** was die administratiewe direkteur van Delta G. Hy was eers by EMLC. Hulle het Spesmagte ondersteun. Hulle was aanvanklik in Lyttelton maar by Augustus/September 1980 het hulle na Speskop geskuif. Daar was 'n dr. Coetzee en later het Sybie van der Spuy daar aangekom. Hulle het werksinkels gehad. Hy kan nie van laboratoriums onthou nie. Hy dink nie dat hulle met gifstowwe gewerk het nie. Hy weet nie van chemiese navorsing nie. Projekte het kodename gehad. Hy was nie ingelig nie. Hy het gedurende 1982 gehoor dat die beskuldigde aangestel was as die bevelvoerder van die mediese

eenheid. Die beskuldigde het hom meegedeel dat 'n nuwe eenheid gestig sou word en dat die landbou en chemie weggeneem sou word. Hy is vanaf EMLC na Delta G.

[1021] Tydens kruisverhoor het hy toegegee dat daar wel chemici by EMLC was, soos dr. Coetzee, Ian Joubert en ene du Preez. Daar mag laboratoria gewees het. Die moet-weet beginsel is streng toegepas. Die beskuldigde was op die agtergrond en het later al hoe minder by Delta G gekom. Dit is so dat Delta G spesifiek gestig is vir die CBO projek. Daar is as 'n rookskerm met landbou produkte gewerk. EMLC was die logistieke ondersteuning van Spesmagte. Daar is nie projekte oorgedra vanaf EMLC na Delta G toe nie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat landbou en chemie van EMLC weggeneem is en oorgeplaas is na Delta G. Hy kan nie onthou wanneer Joubert en du Preez weg is by EMLC nie.

[1022] **Mnr. C** is ingevolge artikel 204 gewaarsku tov aanklag 63 vir die vervoer van cholera na Namibië. Hy was voorheen verbonde aan die destydse Rhodesiese magte. Hy was 'n lid van die BSB totdat dit ontbind het. Hy het die beskuldigde gedurende die laat sewentigs in Zimbabwe ontmoet, toe 'n groep Suid Afrikaners na Zimbabwe gegaan het. Dit was by 'n plek buite Harare. Hy was betrokke by pseudo operasies en het ook by Fort Rev. gewerk. Daar was 'n vertrek met 'n eenrigtingspieël. Hy het vir Theron en Phaal by Fort Rev gesien. Hy het 'n lid van die BSB geword. Hy verduidelik weer eens hulle doelstellings. Hy was 'n koerier wat pakkies ontvang het en afgelewer het. Hy het vir Corrie Meerholz geken en vir Pieter Botes wat 'n koördineerder was. Hy is saam met Botes Windhoek toe. Hy het met 'n bakkie gery. Hy het 'n pakkie gehad wat Botes vir hom gegee het. Hy het Botes in Windhoek ontmoet, die pakkie vir hom gegee en hy het dit vir ene Daniels gegee. Hy is later vertel dat dit cholera was wat nie gewerk het nie. Dit was met die voorbereiding vir die verkiesing in Namibië.

[1023] Tydens kruisverhoor word dit aan hom gestel dat hy 'n fout maak as hy sê dat hy die beskuldigde gedurende die sewentiger jare in Zimbabwe ontmoet het omdat die beskuldigde toe nog 'n mediese student was. Hy bevestig, soos wat blyk uit sy verklaring, dat hy met 'n chemiese toestel na Maputho is. Hy het dit gekry van iemand by EMLC. Dit was ongeveer 1983, na die Kerkstraat bom. Hy kan nie ontken dat EMLC 'n

chemiese vermoë gehad het nie.

[1024] **Carl Casteling Botha** is ook ingevolge artikel 204 gewaarsku tov aanklag 63. Vanaf 1988 was hy saam met Staal Burger, Slang van Zyl en Chap Marais verbonde aan die BSB. Dit het onder Spesmagte geresorteer en Joe Verster was die bevelvoerder. Hulle het 'n weermagkursus ondergaan. Hy verduidelik weer die doelstellings en die werking van die BSB en hoe hulle eers by Matthysen busdiens gewerk het.. Hy was in beheer van streek 6. Die binneland van die RSA. Daar was mediese koördineerders. Hy het een by geleentheid ontmoet. Name wat aan hom toegeken is wat Bruce White en eerwaarde Chikane. Hy was ook betrokke by die Early Learning Centre in Kaapstad. Dit was einde Augustus begin September 1989. Sowat 'n week later het hy saam met Slang van Zyl na die Holiday Inn gery, nadat hy hom by die lughawe ontmoet het. Hulle het vir Niek Nienaber ontmoet. Hy het verrekening van Slang van Zyl geverg en nadat dit geskied het is 'n botteltjie aan van Zyl oorhandig. Hy was gedurende 1988 in Suid Wes Afrika. Hy het gerapporteer dat Swapo die verkiesing gaan wen. Toe hy gearresteer is het hy 'n verklaring gemaak.

[1025] Onder kruisverhoor het hy bevestig dat hy logistiese hulp van EMLC sou verwag het. Wat hom aanbetref kon hulle enige hulpmiddel vervaardig. Daar was afsnypunte en dit was belangrik. Hulle was verbied om sommigevriendskappe voort te sit. Hulle hoof het geskakel met die hoof van Spesmagte. Beide wat Bruce White en eerwaarde Chikane aanbetref was hy slegs by die eerste fase betrokke nl. om inligting te kry. Hy het inligting oor White ingewin maar daar het niks verder gebeur nie. Hy het nie eers inligting oor eerwaarde Chikane ingewin nie. Hy het die beskuldigde nog nooit gesien nie. In herverhoor verduidelik hy dat daar 'n aanvraag vir 'n substans moes wees en dat hy nie direkte toegang tot EMLC gehad het nie. Hy het nie gifstof afgehaal nie maar het een maal plofstof by Christo Brits gekry. Daar was 'n afsnypunt tussen Christo Brits en EMLC.

[1026] Die staat het nie die getuie **Pretorius** geroep nie. Hy was betrokke by die vervoer van die slagoffers wat vanaf Phalaborwa na Zeerust en na Lanseria vervoer is en vandaar af per vliegtuig in die see gegooi is. (Aanklagte 32 –35 en 47-50). Op versoek van die staat is dit egter genotuleer dat daar nie 'n nadelige afleiding teen die staat gemaak sal word vanweë die feit dat hy nie geroep is nie.

[1027] **Hendrik Andres Petrus Potgieter** is 'n generaal in die SAW. Hy het in 1987 vir kol. van der Linde opgevolg as vlieënier en was gestasioneer te Speskop. Vander Linde het hom meegedeel dat hy verantwoordelik is vir die lugmag operasies en dat daar onortodokse opdragte is wat hy mag kry. Van der Linde het gesê dat hy opdrag gekry het om mense oor die see uit te gooi. Hyself het dit duidelik gemaak aan die bevelvoerder van Spesmagte dat hy nie so 'n opdrag sal uitvoer nie. Daar was twee vliegtuie nl. 'n vaste vlerk vliegtuig en 'n helikopter.

[1028] Hy het die beskuldigde in Maart 1987 ontmoet. Hy wou toe 'n vliegtuig wat onder sy beheer was gebruik en het sodanige toestemming gekry. Hy het vir Theron gedurende 1983 ontmoet. Hy het vir Theron gehelp om twee mense wat onvas op hulle voete was in 'n vliegtuig te laai. By 'n latere geleentheid het hy opdrag gekry om Theron by Phalaborwa te ontmoet. Theron het hom gehelp om die helikopter te herbunker. Hulle het saam gaan eet en het toe gevlieg tot agter 'n skietwal waar Dave Drew en 'n ander 'n persoon aangebring het. Dit was 'n Mosambieker wat moes teruggaan Mosambiek toe. Die persoon het vir hom grys voorgekom. Hy was bekommerd oor sy toestand en het vir Theron gevra of hy lewendig was, waarop Theron bevestigend geantwoord het. Hulle het na 'n plek gevlieg wat vooraf afgespreek was en Theron het die persoon afgelaai. Hulle het teruggevlieg Phalaborwa toe. Hulle het die nad in die Coach house geslaap. In sy vlugrekordboek het hy die vlug bloot as 'n vlug na die Phalaborwa omgewing aangeteken.

[1029] Tydens kruisverhoor het dit geblyk dat hy later betrokke geraak het by klandestiene verkenning en dat hy 'n vliegtuig klandestien moes verkry. Hy het dit gedoen en die vliegtuig in Amerika laat registreer. Dit is gedurende 1990 deur Webster gedoen. Die betrokke maatskappy was 'n front van die SAW. Hy het vir Webster ontmoet en was by toe die maatskappy gestig is. Dit was een van die metodes wat die SAW gebruik het om klandestiene operasies te laat werk. Indien 'n vliegtuig in Amerika geregistreer is, is die toegang tot vreemde lughawens makliker en dit maak ook die hantering van die vliegtuig deur plaaslike personeel makliker. Hy het bankrekenings vir amptelike weermag bedrywighede in Europa geopen met die hulp van die beskuldigde en Zimmer. Wanneer dit aan hom gestel word dat Zimmer se rekening gebruik is ontken hy dit maar hy gee toe dat die aanvanklike deposito dalk uit Zimmer se rekening na daardie rekening kon gewees

het. Webster was die aandeelhouer in die Amerikaanse maatskappy. Oor die Phalaborwa voorval sê hy dat dat as Theron sê dat die persoon dood was toe hy hom in die helikopter gelaai het dan praat hy nie die waarheid nie want hy het hom spesifiek gevra en Theron het hom verseker dat die persoon nog lewe. Dit was die beskuldigde wat hom na Webster verwys het. In herverhoor sê hy ook dat hy saam met die beskuldigde in 'n plek in Engeland gebly het en deur die beskuldigde aan 'n bankbeampte in Ascot voorgestel is. Die aanvanklike bedrag wat in sy rekening inbetaal is was R280 000.

[1030] **Gert Jacobus Muller** is 'n toksikoloog met 'n indrukwekkende *curriculum vitae*¹. Hy is die stigter en hoof van die Tygerbergse Gif Inligtingsentrum. Hy spesialiseer veral in plant- en addervergiftiging. Hulle hanteer jaarliks tussen 4 000 en 5 000 gevalle. Hy werk saam met die Tygerberg hospitaal waar daar jaarliks ongeveer 'n duisend gevalle van akute vergiftiging toegelaat word. Hy beskou homself as 'n kliniese toksikoloog. Hy het 'n verslag, bewysstuk 63Z voorberei. Hy het die middels op die verkopelys alfabeties gerangskik. Tubarine en scoline moet binnespiers toegedien word word en twee ampules van elk sal 'n persoon doodmaak. Dit verlam alle spiere ingeslote die asemhalingspiere. Die persoon kan nie asemhaal nie maar is bewus van wat om hom aangaan. Dit is 'n wrede manier om iemand dood te maak. Hy het 'n probleem om inligting te kry oor silatrane en sal dit probeer regkry.

[1031] Oor aldicarb (4 April 1989) sê hy dat dit 'n pesbestryder en gifstof is wat supertoksies is. 'n Baie klein hoeveelheid kan die dood veroorsaak. Antraxis (miltsiekte) (11 Augustus 1989) word veroorsaak deur *bacillus antraxis* 'n baie aansteeklike virologiese mikro-organisme. Mense word besmet deur velkontak, inaseming en mondelinge opname daarvan. Asied-sout (4 April 1989) word in die nywerheid gebruik vir die vervaardiging van polofstof en preserveermiddels. Dit veroorsaak selvergiftiging en kom ooreen met sianiedvergiftiging. Die is kleurloos, reukloos en baie toksies, 5 op 'n skaal van 1 tot 6. Oor die botulinium in bier (21 Junie 1989) verduidelik hy dat botulinium toksien die giftigste toksien is wat bekend is. Dit veroorsaak voedselvergiftiging. 'n Letale dosis is omtrent 1 pikogram per kilogram massagewig. Dit is ongeveer 1 miljoen maal giftiger as arseen.

¹ **Bewysstuk 63Y**

[1032] Brodifacum (11 Augustus 1989) is 'n superwaferin. Dit is 'n antistollingsmiddel wat bloedklonte verhoed en wat aangewend word as rottegif. Dit is supertoksies, 6 op 'n skaal van 1 tot 6. B-militensis (6 Oktober 1989) is 'n patogene mikro-organisme wat brucellosis (maltakoors) veroorsaak. Katharadien (15 Mei 1989) is 'n biologiese gif wat van die Spaanse vlieg afkomstig is. Dit is 'n inherente selgif wat bestaan uit kleurlose reuklose kristalle. Dit is super toksies, 6 op 'n skaal van 1 tot 6. Colchicine (18 September 1989) is 'n anti inflammatoriese middel wat gebruik word vir jig en artritis. Dit is liggeel en amper reukloos. Dit is uiters giftig, 6 op 'n skaal van 1 tot 6.

[1033] Digoksien (13 September 1989) is 'n hart glukoside. Dit word gebruik vir die behandeling van hartabnormaliteite. Dit is 'n reuklose wit kristal. Dit het 'n nou terapeutiese indeks en moet noukeurig dopgehou word. 'n Terapeutiese dosis wissel tussen ,125mg en .25mg per dag. Dodelike dosise wat tot hartversaking lei is gewoonlik groter as 10mg. 2mg. in die geval van pasiente wat op langtermyn terapie geplaas is kan dodelik wees. Die dood word veroorsaak deur hartritmeversteuring wat lei tot hartversaking. Persone wat asma of afwykings van die harttoestand het is meer vatbaar vir die giftige effek van digoksien Inderal en theodur word toegedien om asma en hartritmeversteurings teen te werk. Persone wat sulke behandeling ontvang is dus meer vatbaar vir digoksienvergiftiging.

[1034] Dormicum (medazolam) is 'n bekende bensodiasepien. Daar is meer as twintig van hierdie middels op die mark soos valium en ativan. Dit word gebruik vir angsaanvalle en as slaapmiddels. Dit is relatief veilig selfs by oordosering. Binne-aarse toediening kan lei tot asemhalingsverlies. Ketaclaar of ketamine is 'n algemene narkotiese middel wat verkrygbaar is onder die naam ketalaar. Dit kan binne-spiers, deur selfs 'n leek, toegedien word. Fosfiet tablette (30 Mei 1989) word gebruik as 'n rookmiddel teen rotte en molle. Sodra dit met klammigheid in aanraking kom stel dit 'n giftige gas fosphine vry. Dit is giftig, 5 op 'n skaal van 1 tot 6.

[1035] Mamba toksien (8 September 1989) is afkomstig van 'n gevaarlike giftige slang. Die gif werk op die senuweestelsel. Dit kan die dood veroorsaak binne 5 tot 10 minute. Gewoonlik egter word die spraak en die

slukvermoë ge-afekteer binne 30 tot 120 minute. Asemhalingverlamming tree ook in binne 'n uur tot drie uur na toediening. Dit moet binne-spiers of binne-aars toegedien word. Orale opname is nie effektief nie. Hg-sianied (20 Julie 1989) is 'n kwiksilwer oksisianied. Dit word as 'n ontsmettingsmiddel gebruik. Dit is baie giftig, 5 op 'n skaal van 1 tot 6. Metanool (11 September 1989) is 'n giftige alkohol en 'n inherente selgif. Dit word omskep in die lewer tot giftige metaboliete. Dit veroorsaak versmoring en selmembraan skade. Dit kan tot blindheid en die dood lei. Paraoxon (4 April 1989) is 'n organofosfaat en pesbestrydingsmiddel. Dit is 'n senuwee gifstof en baie toksies, 6 op 'n skaal van 1 tot 6. Inname geskied deur die neus of deur velkontak. 'n Vyftigste van 'n teelepel is voldoende om 'n 70 kg. persoon te dood. Die dood word veroorsaak deur spierswakheid, opeenhoping van vloeistof in die longe, asemhalings- en hartfunksieverlies, epileptiese aanvalle en 'n koma. In die praktyk word gekyk na koli-esterase. Dit het te doene met ensieme en kan deur bloed-analise bepaal word. Die middel word deur die liggaam afgebreek en daar sal metaboliete in die urine wees.

[1036] Paraquat (27 Junie 1989) is 'n onkruidodder. Dit is 'n baie sterk selgif en veroorsaak meervoudige orgaanversaking en longskade. Dit is 'n reuklose geel sout wat egter soms 'n matige ammonium reuk kan hê. Dit is giftig, 5 op 'n skaal van 1 tot 6. Phensiklidien (23 Maart 1989) het 'n psigidelliese uitwerking en word sedet 1987 misbruik as 'n dwelmmiddel. Dit is oorspronklik ontwikkel as 'n algemene verdowingsmiddel. Die uitwerking daarvan is ongeveer dieselfde as die van ketalaar. Die gebruiker daarvan kan in 'n katatoniese toestand beland. Silatrane is 'n super toksiese stof (6 op 'n skaal van 1 tot 6). Die koolstof atome in die molekules word vervang met silikon. Dit word bestudeer om geneesmiddels te vervaardig.

[1037] Salmonella typhimurium (met suiker 22 Junie 1989 en in deodorant 21 Oktober 1989) is 'n patogene mikro-organisme wat verskillende siektes soos tifus en voedselvergiftiging kan veroorsaak. Dit kan behandel word. Natriumsianied kapsules (21 Junie 1989) kan die dood binne minute veroorsaak. Dit veroorsaak selversmoring. Dit is reukloos as dit droog is maar mag 'n amandelgeur hê. Dit is uiters giftig, 6 op 'n skaal van 1 tot 6. Tussen 220 en 300mg ('n vyf-en-twintigste van 'n teelepel) is 'n dodelike dosis wat per mond, neus of deur die oë of vel opgeneem kan word. Scoline is 'n kort werkende spierverslapper wat by narkose gebruik word. Totale spierverlamming tree binne 30 tot 60 sekondes in en duur voort vir so 2 tot 5 minute. Totale spiervlamming afekteer die asemhalingsproses. Die pasiënt moet dus kunsmatig

geventileer word. Dit is 'n hulpmiddel by narkose en vir spierverslapping tydens operasies. Dit kan egter nie deur die bloedbreinskans dring nie en daarom is die persoon bewus van wat om hom aangaan. Tubarine is ook 'n spierverslapper. Dit het egter 'n langer werking as Scoline en is effektief vir 'n driekwart uur tot 'n uur. Dit werk soos mamba gif. Hy kan nie die dosis onthou nie omdat dit nie meer gebruik word nie. Dit kan totale respiratoriese versaking veroorsaak.

[1038] Thalium asetaat (19 Maart 1989) is 'n sout en word as insekte- en rotmiddels gebruik. Omdat dit so giftig is is dit reeds vir 'n geruime tyd in baie lande verban. Dit is 'n selgif wat bestaan uit wit syagtige kristalle. Dit is reukloos, kleurloos en smaakloos en kan maklik in voedsel en drank versteek word. Dit is baie toksies, 5 op die skaal 1 tot 6. 'n Vyfde van 'n teelepel is 'n letale dosis. Simptome word vertraag vir 12 tot 24 ure en mag slegs die toppunt bereik twee tot drie weke na toediening. Cholera (16 Augustus 1989) veroorsaak 'n akute infeksie van die ingewande wat lei tot diarree, braking, spierkrampe, ontwatering en nierversaking. Dit kan gebruik word in biologiese oorlogvoering. Vitamine D (kolikalseferol – 7 April 1989) kan deur die vet opgeneem word. Die voorgeskrewe dosis vir dieetkundige doeleindes is 400 internasionale eenhede. Een miligram is gelyk aan 40 000 internasionale eenhede. Een internasionale eenheid is 25 mikrogram. Dit word ook gebruik as rotgif. Dit veroorsaak 'n verhoging van die bloed kalsium en kan lei tot senuwee beskadiging, hart ritme versteuring en hartversaking. Een gram is 'n potensiele dodelike dosis.

[1039] Hy kan nie inkapasitante definieer nie. Dit is belaglik om te sê dat jy die toksikologiese handboeke kan oorskryf. Daar is nie 'n sentrum in die land wat werk met botulinium toksien nie. Daar sal baie groot veiligheidsmaatreëls nodig wees. Die Instituut van chemiese navorsing naby Johannesburg sal werk met patogene organismes. Dit sal maklik wees om botulinium in die land in te bring want 'n groot hoeveelheid kan in 'n klein houertjie, soos 'n pen se dop, ingebring word. Hy kan hom nie uitspreek oor 'n balletjie wat uit 'n sambreel geskiet word nie. Hy is nie bewus van 'n belangrike persoon wat al vergiftig is nie en ook nie van iemand wat met behulp van preperate vergiftig is nie.

[1040] Tydens kruisverhoor het hy toegegee dat verskillende kosse en drankte gifstowwe verskillend sal

affekteer en dat die werklike effek slegs by wyse van navorsing bepaal sal kan word. Hy gee verder toe dat, hoewel die meeste van die stowwe wat hy beskryf het baie toksies is, daar van die stowwe is wat nuttig is vir navorsingsdoeleindes, soos Vitamine D, katharadien en digoksien. Hy word gekonfronteer met 'n stelling van ene prof. Sommers tot die effek dat digoksien gewoonlik nie by oordosering tot die dood lei nie omdat braking plaasvind. Hy wil nie daarmee saamstem nie en se dat dit 'n onverantwoordelike stelling is. Wat organofosfate aanbetref gee hy toe dat dit bepaal kan word of dit van 'n etiel of 'n metiel organofosfaat afkomstig is. Fisiologies sal etiel organofosfate veroorsaak dat daar etiel afbraakprodukte uitgeskei word soos DEP of DEPT. DMP is 'n tipiese afbraakproduk van 'n metiel organofosfaat. Hy gee toe dat koli-esterase feilbaar is maar sê dat dit tog gebruik word en gebruik behoort te word.

[1041] Tydens herverhoor het hy weer gesê dat 'n oordosis van digoksien nie maklik diagnoseerbaar sal wees nie. Die teenmiddels daarteen is maar so 5 tot 10 jaar op die mark. Hy is toe later weer deur die staat teruggeroep. Hy sê dat hy eerwaarde Chikane se getuienis deurgelees het en dat hy waarskynlik akute vergiftiging gehad het, wat waarskynlik 'n organofosfaat vergiftiging was. Paraoxon sal inpas. Daarna is hy voorsien van 'n doodsertifikaat van Enoch Dhlamini en van Victor de Fonseca. Wat de Fonseca aanbetref meen hy dat die voorkoms van thalium so gering was dat daar nie sprake kan wees van thaliumvergiftiging nie. Hy stem ook nie saam dat haemmorargiese pankreatitis, soos waaraan Enoch Dhlamini dood is, versoen kan word nie.

[1042] **Jacobus Stephanus Bothma** is ingevolge artikel 204 gewaarsku aangaande aanklagte 39 tot 44. Daar is ook 'n bevel uitgereik dat 'n foto van hom nie gepubliseer mag word nie. Hy het by Spesmagte aangesluit nadat hy die beskuldigde 'n lesing oor malaria hoor gee het. Die beskuldigde was die bevelvoerder van die mediese afdeling. Saam met hom was Hennie Bester, Frans Coetzer en Frans Claassens. Hy het ook vir Philip Mijburgh en Wynand Swanepoel geken. Ben Steyn het later by die beskuldigde oorgeneem. Hy was betrokke by logistiek. Hulle het eerstehulp kursusse gedoen. Hulle het by hospitale gewerk en het saam met Spesmagte op operasies gegaan. Daar was net een tikster. Hy dink dit was Nicky Smit.

[1043] Gedurende 1982 het hulle op roetine spesiale magte kursusse gegaan. Hulle is van module na module. Daar was 'n basiese infanteriekursus, 'n ken-jou-vyand kursus, 'n valskermkursus en 'n lugsamewerkings kursus. By een kursus het hy sy enkel geswik en kon hy nie die kursus voltooi nie. Hulle was gestasioneer te Pretoria en het mediese steun aan die operasies gegee. Alle operasies was buite die grense van die Republiek. Vanaf 1983 het hy 'n kantoor gehad. Hy wys die kantore uit op bewysstuk 54A. Daar was laboratoriums waarby hy ingeloer het. Hy het nie werklik geweet wat daar aangaan nie. Hy het nooit saamgewerk met EMLC nie. Hy het 'n swaar-industrie werkswinkel daar gesien. Kol. van der Spuy was die aanvoerder van EMLC.

[1044] Hy was betrokke by die pak van medisyne in doktersakke vir die mense van die weerstandsbewegings. Dit het ter sprake gekom dat die sakke kleiner behoort te wees en hy en Hennie Bester het prototipes gemaak. Hy het vir Johan Niemoller en Steven Beukes geken. Hy dink Steven Beukes het die voorrade oorgeneem. Daar was 'n massastoor in Pretoria Wes. Daar was egter ook store agter Speskop. Hy ken tuberine en scoline. Dit is spierverslappers. Ketalaar is 'n narkosemiddel en medazolam is 'n susmiddel. Die handelsnaam daarvan is dormicum. Daar is nie tuberine en scoline in die mediese sakke nie maar daar is wel ketalaar daar in. Hy kon nie sommer net instap om 'n wapen by EMLC te kry nie. Hy kon nie scoline of tuberine sommer net kry nie. Hy was bewus van navorsing oor CBO maar was nie daarby betrokke nie. Philip Mijburgh het Delta G vir hom gewys en hy was een maal by RNL om 'n skootrekenaar te kry. Hy het nie toegang gehad tot die kantoor waar sintetisering gedoen is nie. Daar was 'n mamba in die beskuldigde se kantoor vir so drie of ses maande.

[1045] Johan Theron was die teenintelligensie offisier. Hy het nie vir Danie Phaal goed geken nie. Joe Verster was in die gebou en daar was 'n jong dokter, ene Gerrie Odendaal. Hy dink nie dat dit onwaarskynlik is dat Johan Theron toegang sou gehad het tot tuberine en scoline nie. Gedurende 1983 het die beskuldigde hom gesê dat daar drie mense is wat gedood moes word en dat hy moes saamgaan om hulle te seeder. Die beskuldigde het aan hom 'n bottel met 'n jellie-agtige substans gegee. Hy het vir hom gesê dat dit nie

gevaarlik is nie en dat hy dit op een se vel moes smeer en moes kyk wat die reaksie is. Hy is toe na Theron en het hom vertel van die opdrag. Theron het hom meegedeel dat die opdrag die volgende dag uitgevoer moes word. Hulle het met Theron se voertuig van Spesmagte hoofkwartier af gery. Hy dink dit was 'n Ford sedan voertuig. Nie ver van Pretoria het hulle ander mense met 'n Kombi ontmoet. Daar was drie swart mense in. Hy moes hulle 'n sedasiemiddel gee. Hy is deur die beskuldigde aangesê om medazolam te gebruik. Theron het aan hom koeldrankblikkies aangegee. Hy dink dit kon Game gewees het. Hy het die medazolam daarin gespuit. Dit is 'n kortwerkende susmiddel wat die spanning breek en mense lomerig maak. Die drie mense was in hulle laat twintigs of vroeë dertigs. Hulle was aan voetboeie gewees.

[1046] Theron het vir hom gesê om die kombi te bestuur. Hy het agter hom aangery tot op Dukuduku. Die persoon links agter het van die stoel afgeval en gelê en slaap. Hy het hom weer in die sitplek ingehelp. Hulle het op Dukuduku aangekom en Theron het hulle uit die voertuig uitgelaai. Hy het hulle aan bome vasgesluit. Daar was 'n huisie. Hulle het in of naby die huisie gebly. Hulle het die volgende oggend gaan kyk en gesien dat die een die boom met sy ketting geskaaf het. Hulle was nie angstig nie. Die vliegtuig het oorgekom. Theron het vir hom gesê om die goed aan te smeer. Hy het dit gedoen en dit het later droog geword maar niks het gebeur nie. Theron het toe vir hom gesê dat dit nou tyd geword het om hulle te groet. Hy het weggeloop omdat hy dit nie kon vat nie. Hy het na so 10 minute teruggekom en gesien dat Theron hulle in lyksakke sit. Dit is 'n wrede manier om mense dood te maak en hy het vir Theron ketelaar gegee om hulle in te spuit. Hulle het die drie toe in die kombi gelaai, na die vliegveld geneem en daar in die vliegtuig gelaai. Toe hy gevra is of hy wil saamvlieg het hy ja gesê omdat hy nie die indruk wou wek dat hy nie die situasie kon hanteer nie. Hulle het hulle toe oor die see gaan uitgooi en teruggekeer. Daarna het hulle gaan stem. Hulle het toe van Matubatuba af gery na St. Lucia, waar hulle by 'n gastehuis gebly het.

[1047] By sy terugkeer het hy die beskuldigde raakgeloop en hom meegedeel dat die stof nie 'n effek gehad het nie. Die beskuldigde het hom niks gevra nie. Hy eien foto 5 op bewysstuk 39A en sê dat dit die gebou is. Hy meen dat dit iewers in die somer van 1983 was en nadat hy na van der Linde se vlugrekordboek

verwys is bevestig hy dat dit op 2 November 1983 plaasgevind het. Hy loop nou al vir die afgelope 18 jaar met 'n wroeging rond.

[1048] Hy het vir Gerrit Viljoen geken. Hy was deel van die Oosrandse Moord en Roof afdeling. Hulle het hulle in opdrag van die beskuldigde op 'n bankroofoperasie medies ondersteun. Hy het die beskuldigde een keer by Viljoen se huis gesien. Hy was deel van die Skyline Squad. Dit was voertuie wat toegerus was vir noodsituasies ingeval van 'n CBO aanval. Dit was hyself, Bester, die beskuldigde, Mijburgh en later ook Erasmus. Hy het nie ondersoek ingestel na Renamo nie. Hy kan nie voorvalle onthou by Kloppersbos of Fontana nie. Hy kan ook nie 'n voorval by Louis Trichardt onthou nie. Hy was ook nie betrokke by 'n Renamo verslag nie. Hy het 'n pakkie, op versoek van die beskuldigde, afgelewer aan iemand by die klein kaserne buite die heining van Speskop. Dit was 'n bruin papiersakkie en die man was langerig met langerige hare in siviele klere.

[1049] Hy het gaan spesialiseer in ortopedie. Dit was by die S A Akademiese hospitaal, Kalafong en 1 Militêre hospitaal. By 1 Militêre hospitaal was daar 'n saal waarin daar Unita en Renamo mense was. Dit was in die noord-oostelike gedeelte van die hospitaal. Hy dink dit was saal 15. Alle dokters het toegang tot die saal gehad. As iemand in daardie saal sou sterf kon hy nie in 'n hoogoond veras word nie.

[1050] Hy het die graad M Med ontvang. Hy het nie toerusting aangekoop nie. Hy is deur Mijburgh genader om te help met 'n persoonlike rekenaarbesigheid. Hy het aangedui dat hy nie seker was dat hy die tyd sou hê nie. Op daardie stadium het die maatskappy nog nie 'n naam gehad nie. Dit het later Data Image geword en hy het wel gehelp. Mijburgh wou dokumente inskandeer. Die uitrusting het opgedaag en die dokumente het in dose daar aangekom. Dit was moeilik om eers die regte sagteware te identifiseer. Dr. Klaus Psotta het hom gehelp. Daar was ook 'n dame. Hulle het die dokumente versnipper. Hy kan 'n dokument onthou waarop daar groot "sensitief" op gestaan het. Dit het gelyk soos 'n literatuur data-basis. Daar was 'n stapel skywe wat hy getoets het. Hy het instruksies geskryf hoe om dit te herwin. Hy dink daar was so 5 of 6 skywe.

[1051] Hy het so R2 000 tot R3 000 per maand ontvang. Hy bevestig dat hy waarskynlik die kommandant Bothma is na wie daar in paragraaf 4 van bewysstuk NN verwys word. Hy was nie toe betrokke by 7 Mediese bataljon nie. Hy kon wel die skandering gekoördineer het. Hy het self die toerusting aangekoop van 'n oorseese maatskappy. Hy het gedink dat jy dit goedkoper sou kon kry in die Republiek. Hy dink die goed is aangekoop vanaf Medchem Forchungs. Hy is in 1994 na Kanada. Aanvanklik wou hulle nie permanent daar bly nie. Later het hulle tog aangebly. Hy weet nie wat 'n peptiedsintetiseerder is nie. Hy het saam met Koortzen van Lifestyle Management gewerk. Hy het besluit om 'n staatsgetuie te word nadat hy besef het dat hy vervolg kan word. Hy het regsverteenvoerders gehad, beide in Kanada en in die Republiek.

[1052] Tydens kruisverhoor verduidelik hy dat hulle in Kanada aangebly het omdat die kinders Kanadese geword het. Hy is deur KEEM genader om 'n verklaring te maak. Hy gee toe dat in die verklaring hy ontken het dat hy bewus was van enige chemiese of biologiese oorlogsvoeringstoetse. Die verklaring is in konsep deur Fouche aan hom gestuur. As hy eerlik wou wees behoort hy in die verklaring te geskryf het van die aansmeer van die substans op die man in Dukuduku se vel. Op 'n later stadium het aanklaers Ackermann en Pretorius in Kanada opgedaag. Hulle het aan hom uitgewys dat hulle hom kan verbind met die voorval. Hy het gedink dat hulle op 'n visvang ekspedisie was. Hy het vir kol. van der Linde gebel en dié het hom meegedeel dat die dinge op die tafel is. Hy het nie toe al gesê dat hy sal getuig nie maar hy het besef dat hy in 'n groot penarie was. Hy gee toe dat hy gedreig is dat die staat sal toesien dat hy uit Kanada geskop sal word en dat hy by die mediese raad aangegee sal word. Daarna het dr. Pretorius weer geskakel en gevra wat sy antwoord is. Hy het toe gesê dat hy 'n verklaring sou maak. Hy gee toe dat hy gee toe dat hy geweet het dat hy die beskuldigde moet impliseer en dat dit behels het dat hy of moes getuig of uit Kanada geskop word, by die mediese raad aangegee word, tot 'n lang termyn gevangenisstraf gevonnissen kon word en van die mediese rol geskrap kon word. Hy was in 'n hoek en moes die beskuldigde impliseer. Indien hy sou getuig dat die opdrag van enigiemand anders as die beskuldigde gekom het sou hy hom nie geimpliseer het nie. Hy bevestig dat die opdrag van die beskuldigde gekom het en dat hy aan hom teruggerapporteer het. Hy gee toe dat hy nie in sy verklaring gesê het dat hy aan die beskuldigde terug rapporteer het nie. Hy kan nie sê hoekom hy dit nie gedoen het nie. Hy gee toe dat dit 'n polisieman was wat die verklaring opgestel het. Hy

gee toe dat hy geadviseer was om alles te vertel en dat hy gevra was of dit 'n volledige verklaring is. Dit word aan hom gestel dat die terug rapportering een van slegs twee aspekte is waarop hy die beskuldigde impliseer en dat dit snaaks is dat hy dit nie vermeld het nie. Hy sê dat dit onthou moet word dat die voorval 17 jaar gelede plaasgevind het.

[1053] Dit is so dat hy vir Theron gesien het. Dit was in opdrag van die beskuldigde. Dit was ook die beskuldigde se opdrag dat hy moes saamgaan. Hy gee toe dat die beskuldigde 'n kantoor by die GG se hoofkantoor gehad het en dat hy net nou en dan by Speskop gekom het. Hy bevestig dat Swanepoel die tweede in bevel was en die plasings gedoen het. Hy het nie geweet wie die persone is wat vervoer moes word nie en het ook nie geweet waarheen hulle vervoer moes word nie. Hy het net geweet dat iemand 'n opdrag gegee het dat die mense gedood moes word. Theron het later vir hom gesê wat moes gebeur. Hy het nie 'n militêre vrypas gehad nie maar Theron het voor gery en sou die reëlings tref. Die staat het goed aan hom gesuggereer en hy het dan bevestigend geantwoord. Dit word aan hom gesuggereer dat die staat vir hom sou gesê het dat dit Game koeldrank was. Hy word gevra oor die feit dat hy gesê het dat hy die blikkie oopgemaak het soos wat die beskuldigde vir hom gesê het. Hy gee toe dat om die blikkie oop te maak nie moeilik is nie en dat dit nie nodig is om voorgesê te word om dit te doen nie.

[1054] Dit word aan hom gestel dat Theron getuig het dat hy van die persone ingespuut het. Hy ontken dit. Hy word gevra of hy aan 'n rede kan dink waarom hy moes saamgaan en kan nie die vraag antwoord nie. Dit word aan hom uitgewys dat Theron toe al reeds vele mense sedeer het en nie mediese hulp nodig gehad het nie. Hy word gewys op sy verklaring waarin hy gesê het dat hy moes saamgaan om die mense dood te sertifiseer. Hy kan nie betwis dat dit 'n belaglikheid is omdat hulle in die see gegooi is. Hy noem die moontlikheid dat hy dalk gekompromitteer is omdat hy saam met die veiligheidsmagte gewerk het. Hy bevestig dat hy die beskuldigde die dag voor die tyd gesien het en weer die dag daarna.

[1055] Hy weet dat Theron 'n kantoor daar naby gehad het. Hy word daarop gewys dat Theron sê dat hy scoline en tuberine by hom gekry het. Dit word dan aan hom gestel dat Theron getuig het dat die beskuldigde

hoegenaamd nie by hierdie voorval betrokke was nie omdat hy glad nie daar was nie. Hy het van die substans aan homself gesmeer en dit het geen effek gehad nie. Hy het geweet wat om te verwag. Dit word aan hom gestel dat hy saam met Theron is omdat hy avontuurlustig was. Hy wil nie toegee dat Theron nie geweet het dat hy die substans aan die mense moes smeer nie en sê dat hy goed geweet het wie die opdrag gegee het. Hy het aan Theron se deur geklop en vir hom gesê dat die beskuldigde vir hom 'n opdrag gegee het. Hy ontken dat hy mense ingespuet het. Dit word aan hom gestel dat hy sy getuienis plooi om sy deelname te versag. Dit word aan hom gestel dat dit is waarom hy sê dat die beskuldigde die opdrag gegee het, waarom hy sê dat hy na die skietbaan gestap het, waarom he sê dat hy die ketalaar beskikbaar gestel het en waarom hy Theron se getuienis, dat hy gelag het daaroor dat die persoon in die kombi hom wou aanval, ontken.

[1056] Hy word daarop gewys dat in sy verklaring hy gemeld het dat Theron vir hom gesê het dat die drie mense gedood moes word en dat hy in sy getuienis in hoof gemeld het dat die beskuldigde dit gesê het. Hy gee toe dat hy 'n fout kon gemaak het nie soseer vanweë die lang tydsverloop nie maar omdat hy onder druk verkeer. Hy gee toe dat sy getuienis is dat Theron geweet het dat hy die mense moes sedeer en dat hy dit by die beskuldigde moes gehoor het. Theron het ook geweet dat daar 'n middel aangesmeer moes word en hy moes dit by die beskuldigde gehoor het. Hy gee toe dat daar net nie ruimte daarvoor is dat Theron nie sou geweet het dat die beskuldigde die opdrag gegee het nie. Hy kan nie verstaan hoekom Theron sê dat die beskuldigde nie betrokke was nie. Dit word aan hom gestel en hy gee dit toe, dat 'n CBO aanval op 'n stad 'n terreuraanval is en hy gee verder toe dat die voertuie toegerus was om so 'n aanval te beveg. Hy gee toe dat die "Ops Medics" goed opgelei was en dat hulle mense kon intubeer. Daar was selfs 'n "Ambobag" in die sakke. Dit word aan hom gestel dat dit makliker is om 'n buis in die lugkanaal in te druk met behulp van 'n spierverslapper. Hy gee dit nie toe nie en sê dat die sakke wat hy ontwerp het nie spierverslappers bevat het nie. Dit word dan aan hom gestel dat die beskuldigde ontken dat hy die opdrag aan hom gegee het en hy hou vol dat hy dit wel gedoen het.

[1057] Daarna het die staat hom weer gevra oor die rekenaartoerusting en hy bevestig dat met die aankoop hy in die privaatvliegtuig Switserland toe is. In herverhoor sê hy dat hy nie geweet het oor watter

inligting die staat beskik het nie. Hy en die beskuldigde het 'n goeie verhouding gehad. Die beskuldigde was 'n goeie baas en 'n dinamiese man. Hy het nie toegang tot draerstowwe gehad nie. Hy is genader omdat die staat inligting oor die laboratoriumtoerusting wou hê. Hy word uitgelok om te sê dat hy saam is Dukuduku toe omdat 'n dokter moes waarneem wat die effek van die substans op die vel was maar hy wil dit nie doen nie en sê dat enige siende persoon dit kon waarneem. Hy meen dat die beskuldigde geweet het dat die persone per pad vervoer sou word en dat hy derhalwe nodig was om hulle te sedeer. Hy kan nie sê hoe intensief die "Ops Medics" se opleiding was nie.

[1058] In verdere kruisverhoor gee hy toe dat hy nie kan sê dat daar nie ook ander goed op die vliegtuig was, toe hulle die rekenaartoerusting van Switserland af teruggebring het nie. Dit word aan hom gestel dat sy aanname dat 'n dokter nodig sou wees omdat die mense per pad vervoer is nie werklik sin maak nie omdat presies dieselfde geld as hulle per vliegtuig vervoer sou word. Hy gee dit toe.

[1059] **Ben Pieter Steyn** is 'n geneesheer en 'n narkotiseur. Hy was vanaf Januarie bevelvoerder van 7 mediese bataljon. Hy het ook oorgeneem as projek offisier by die beskuldigde. Hy ken die beskuldigde goed. Hy het hom in 1978 ontmoet toe hy 'n huisdokter was en die beskuldigde 'n kliniese assistent. Aan die begin van 1980 was hulle deel van die mediese element in Zimbabwe. Dit was voor die verkiesing. Gedurende 1981 was hy betrokke by operasie Protea en die beskuldigde was ook in Namibië en Angola. Hyself was gedurende 1980 fisies in Zimbabwe maar hy kan nie onthou of hy die beskuldigde daar gesien het nie. Hy het gedurende 1983 by Speskop begin. Die beskuldigde was toe daar. Hy was die tweede senior. Mijburgh, Bester en Bothma het aangesluit en dan was daar ongeveer sewe dienspligtige dokters. Hulle was bekend as die afdeling spesiale take. Daar was nie 'n werklike struktuur nie. Jimmy May was deel van die mediese element. Hyself was verantwoordelik vir die beplanning en beheer van spesiale magte se medies. Die meeste dokters het spesiale opleiding gehad. Daar was ook ondersteuning aan Unita en Renamo. Medisyne is aan hulle verskaf en die etikette moes verander word.

[1060] Hy het vir die eerste paar maande in die ops-kamer gewerk. Later het hy 'n kantoor in die oostelike

hoek op die grondvloer gekry. Daar was laboratoria aan die oorkant van die gang. Daar was ook 'n ander laboratorium. Toe hy gespesialiseer het was hy tog drie maal op operasies saam met Spesmagte. Die weermag moes verlof by sy professor kry. Hy verduidelik weer oor die werking van tubarine en scoline en sê dat ketalaar 'n narkose is wat intraveneus toegedien word en goed is vir borsoperasies. Scoline moet in 'n yskas gestoor word. Hierdie middels was beskikbaar. Hy het al gehoor van 'n middel, pentotal, wat na die tweede wêreldoorlog as 'n waarheidserum gebruik is. As dit stadig toegedien word en die persoon is semi-bewusteloos, dan is die gedagte dat hy spontaan praat. Dit sou oefening verg om dit reg te kry. Die probleem is dat dit moeilik voorspelbaar is hoe lank 'n persoon semi-bewusteloos sal bly en sinvol kan antwoord.

[1061] Daar was beheer oor die mediese store. Hy het die Viljoen broers een maal by 'n braaivleis ontmoet. 7 Mediese bataljon is formeel in 1987 gestig. Dit het egter reeds in 1984 sy beslag gekry toe hy en die beskuldigde sekere voorstelle gemaak het. By die SA Geneeskundige dienste was hulle bekend as spesiale take terwyl by Speskop hulle bekend was medies. Tussenin was daar aspekte wat verlore gegaan het. Die beskuldigde was bevelvoerder tot in 1985, toe hy op sstafdienskursus gegaan het. Swanepoel het toe waargeneem as bevelvoerder. Daarna het Deon Erasmus oorgeneem en uiteindelik het hy oorgeneem. Hy is weer deur ander opgevolg.

[1062] 7 Mediese bataljon se kantore is tans in Centurion. Vanaf 1990 was hy SO1, navorsing en ontwikkeling. Hy moes 'n opleidingstelsel vir CBO vestig en doktrine en beleid bepaal. Daar was kantore in Centurion by die meer. Die beskuldigde het ook daar 'n kantoor gehad. Hyself was Direkteur Navorsing. Beskuldigde se sekretaresse was Sarie Jordaan. Hy het egter ook oorkant die meer 'n kantoor gehad by Medchem. Daar was 'n algemene ontvangsdame by name Nicky Smit. Hy het homself ingestudeer in die CBO veld. Daar was toe nog nie doktrine nie. Hy het literatuur wat hy by die beskuldigde gekry het bestudeer. Daar was groot probleme met logistiek aangesien daar nie 'n logistieke offisier was nie. Baie van die goed was nie op rekening nie en hy het begin om dit op rekening te plaas. Daar was chemiese beskermende klerasie, CAM's en voertuie. Daar was 10 CAM's by 7 Medies en 2 by Protechnik. Die nat deteksiestelle is nie op rekening geplaas nie omdat hulle nie meer goed gewerk het nie. Daar is van die goed gestoor in

spoorweghouers. Daar is goed gekry by 1 lugmagdepot. Dit was dekontaminasie uitrusting. Hy weet nie deur wie dit aangekoop is nie. Hy het aanvaar dat die lugmag dit aangekoop het. Item-beheer moes geskep word. Krygkor het 'n rol gespeel met projek "academic". Dit het te doen gehad met die aanskaf en finansiering vir die SAW en alle dele daarvan. Dit is in 1993 gesluit weens besnoeiing aan die begroting. Dit is altyd afsonderlik van Coast hanteer. Coast was by beide navorsing en aanskaffing betrokke terwyl academic net by aanskaffing betrokke was. Daar was oorvleueling. Hulle glo dat hulle die aanskaffing van Coast wou oorneem. Daar was logistieke persone.

[1063] 7 Medies was verantwoordelik vir die opleiding en die gebruik van die CAM's. Opleiding was nodig om dit te kon gebruik en te onderhou. Die gebruik daarvan is nie moeilik nie nie. Die aanwending verg spesifieke kennis as dit by 'n dekontaminasie stasie gebruik word. Hy was nie betrokke by Modulêr, Hooper en Packer nie. Toe hy in Windhoek was, was hy wel in Angola. Hy het nie CAM's in Angola gesien nie. Die CAM's word uitgereik teen 'n handtekening. Indien daar nalatigheid was word dit ondersoek. Die logistieke vleuel van 7 Medies was in Potgieterstraat. Alle medisyne en toerusting was daar. Die boeke is gedoen deur die logistieke vleuel in Voortrekkerhoogte.

[1064] Hy het nie die mense in die laboratorium geken nie. Die laboratoriums het so by 1984 begin werk. Hy het in April 1993 by die beskuldigde oorgeneem nadat hy reeds in Januarie meegedeel is dat hy dit sou moes doen en nadat hy die voorligting van minister Eugene Louw bygewoon het. Bewysstuk F19.6 is 'n notule van die vergadering. Daar was drie aanbevelings: in die eerste plek is besluit dat slegs met defensiewe projekte voortgegaan sou word; tweedens dat dit nie geopenbaar sou word dat die SAW oor die nuwe generasie traanrook beskik nie en derdens dat alle werk tov inkapasiteermiddels gestaak sou word en dat die middels vernietig sou word. Dokumente moes ook vernietig word. Hy was by die KBK vergaderings waar daar terugvoering was oor vernietiging. Hy was een of twee maal in die vertrek waar die vaslegging van dokumente op laserskywe plaasgevind het. Die beskuldigde het hom daarheen geneem en daar was twee dames en 'n dr. Bothma. Dit word veilig bewaar. Hy is deel van die veilige bewaring want hy het die skywe in ontvangs geneem. Hy weet van 'n tegniese werkekomitee alhoewel hy nie by so 'n vergadering was nie. Hy

het voor KEEM getuig en het die trommels gesien waarop beslag gelê is. Hy en gen. Knobel het dit ontvang en moes dit ontleed. Daar was persoonlike dokumente van die beskuldigde in. 'n Verslag is opgestel. Die inhoud het gegaan oor die verdediging van die Republiek, veiligheid en krygstuig. Daardie dokumente behoort in 'n kluis toegesluit te gewees het. Hy was deel van 'n span wat in 1992 in Mosambiek was. Hulle het 'n CAM van 7 Medies saamgeneem.

[1065] Toe hy in April 1993 oorgeneem het was sy eerste taak om die bestaande projekte afgehandel te kry en om die frontorganisasies afgesluit te kry. Dit het onder andere D J Truter behels. Daar was nie vir hom tyd om voor te berei nie. Die beskuldigde het hom nie van Truter vertel nie. Die enigste buitelandse kontrak waarvan hy bewus was het gegaan oor maskers. Hy het nie geweet van Libiërs, Oos Duitsers en Russiese verskaffers nie. Die beskuldigde het wel vir hom gesê dat hy Merton huis namens Webster hanteer. Hy het nie geweet van die WPW maatskappye nie of van die trusts in Jersey nie. Hy het ook nie van die woonstelle in België en Amerika geweet nie.

[1066] Hy het in 1990 geweet dat die SAW beskermende klerasie het maar hy het nie geweet hoeveel nie. Gedurende 1991 was hy by 'n vergadering waar besluit is dat beskermende klerasie aan die SAW gelewer moes word. Hy word in die verband verwys na BS1 maar kan nie bevestig dat al die persone wiese name daarop voorkom wel by die vergadering was nie. Hulle het onderhandel vir verbeterde pakke. Hy weet nie wie die behoefte bepaal het nie maar weet dat daar aan die behoefte van 'n divisie voldoen moes word. 'n Divisie bestaan uit 25 000 mense. Hy weet nie van 'n skenking van 32 000 pakke deur 'n onbekende donateur wat nie verwesenlik het nie. Hy weet nie dat pakke aan die Irakese verkoop is tydens die golfoorlog nie. Daar was min pakke by 7 Mediese bataljon. Die pakke is in 'n ander stoor, wat deur die beskuldigde gereël is, gestoor. Hy was nie bewus van bewysstuk 65A vir die verskaffing van 45 000 pakke nie. Hy weet nie of dit gelewer en betaal is nie. Hy weet nie van Intramex nie of van 'n stoor in Pretoria Wes nie.

[1067] Hy weet dat die beskuldigde in die buiteland gearresteer is. Hy was by toe die verduideliking aan gen. Knobel gegee is. Hy weet nie of wat hy vir hulle gesê het ooreenstem met wat hy vir die Switsers gesê het nie. Gedurende 1990 het die beskuldigde hom geneem om Delta G te besoek. Dit het gegaan oor die

nuwe generasie traangas. Delta G was reeds geprivatiseer. Hy was ook ingelig oor RNL. Hy was op daardie stadium besig met navorsing oor room wat senu-agense kon bevorder. Hy was slegs bewus van nuwe generasie traangas en van inkapasiteeragense maar nie van toksiese middels nie. Hy was nie bewus van 'n proliferasie gevaar nie. Hy glo dat van die verslae wat opgestel is totdat hy by die beskuldigde oorgeneem het deur die beskuldigde opgestel is. Hy word gevra of daar aankope vir die projek was uit ander fondse as die begroting en sê dat daar wel aankope was deur academic. Hy se dat 'n apparaat wat chemikalieë identifiseer en analiseer, 'n massaspektrometer deur Krygkor aangekoop is. Hy weet nie of die beskuldigde navorsing gedoen het nie en weet nie van 'n peptied sintetiseerder nie.

[1068] Toe hy oorgeneem het was daar min pakke. Hy weet nie wat toe in die store was nie. Die pakke was groen. Dit was oefenpakke. Die nuwe pakke is bruin. Hy weet nie van 'n brand waarin pakke beskadig is nie. Hy ken ene Philip Tromp en weet van 'n verskuiwing van pakke. Tromp het onder hom gewerk. Hy was gedurende Januarie 1991 in Israel. Hy weet nie of daar verskuiwing was deur die persoon wat in sy plek waargeneem het nie. Hy word gevra oor BZ en metakoloon. Daar word gepraat oor die plaaslike vervaardiging daarvan. Bewysstuk 19B is 'n notule, gedateer 31 Maart 1991, waaruit dit blyk dat van die stowwe vernietig is en dat 'n vernietigingssertifikaat beskikbaar is. Dit is die sekerheidsoffisier wat die inligting op die sertifikaat verstrek het en nie die beskuldigde nie. Hy het die monsters na die laboratorium geneem en 'n ontvangserkenning ontvang.

[1069] Tydens kruisverhoor het hy toegegee dat die beskuldigde hom nie hoef voor te stel het oor afgehandelde dinge nie. Hy moes bloot die projek finaal afwentel en die voorligting was beperk tot aktuele sake. Die inkapasiteermiddels is vernietig en die dokumente is vasgelê. Hy hoef nie te gewet het van die Barcelona rekening nie. Vir die tydperk 1984 tot 1989 was hy uit die weermag sisteem. Hy was eers in 1990 weer terug in die sisteem. Dit het hom 'n aantal maande geneem om homself in te studeer. Die oorlog was toe reeds verby. Hy het nie 'n chemiese aanslag verwag nie. Hy het ook nie gedink dat CAM's benodig was nie. Hy het nie te doen gehad met die opleiding van Unita nie.

[1070] Toe hy in 1991 oorneem was die logistiek chaoties. Daar was chemiese toerusting wat nie op lyste was nie. Daar was ook deteksie-apparaat en beskermende klerasie. Van die goed is nie op sterkte geplaas nie en vernietig. Daar is ook by ander eenhede CBO toerusting gevind. Hulle het nie eers geweet wat dit was nie. Hy het van die goed gevind by die lugmag en by Wahlmansthal. By die lugmag was dit dekontaminasie uitrusting. Daar was ook pakke wat teruggekom het. Daar kan selfs nou nog pakke wees. Van die pakke was onbruikbaar. Wat paragraaf 27 van BS2 aanbetref bevestig hy dat dit die derivaat is wat plaaslik vervaardig is en nie die grondstof nie. Hy bevestig dat toe die projek tot 'n einde gekom het dit 'n hoogstaande vermoë gehad het. Hy was net by die laaste geleentheid teenwoordig toe die Amerikaners en die Engelse toeligting geverg het. Die beskuldigde het hom meegedeel dat die polisie nie by die vernietiging betrokke wou raak nie en dat die beskuldigde aangedring het dat 'n buite instansie betrokke moes raak. Hy weet nie wie betrokke was by die verkrygingsaksies nie, wat gekoop is en hoeveel betaal is nie. Behalwe vir die aankoop van klerasie was Krygkor nie betrokke nie. Die massa spektrometer was bekend as "Fox". Dit word aan hom gestel dat Jan Lourens verdink is van onderhandse kommissie. Hy bevestig dat dit 'n weermagaankoop was en nie 'n Coast aankoop nie. Hy was wel betrokke by die skoonmaak van die laboratorium. Die rede was dat die volgende gebruikers daarvan se oë gebrand het van die nuwe generasie traangas. Daar was wel dokumente wat 'n proliferasie potensiaal gehad het. Die ontwikkeling van nuwe generasie traangas se dokumente was nie weermag dokumente wat spesiaal gebêre hoef te geword het nie. Hy bevestig dat alle dokumente by die WVK beskikbaar was. Selfs die, waaroor ooreengekom is dat dit nie beskikbaar gestel sou word nie, was vanweë praktiese oorwegings in die lokaal en verslaggewers het dit wel ter insae gekry. Hy kan nie sê watter navorsing in die projek gedoen is nie.

[1071] Met betrekking tot die vernietiging van dokumente aanvaar hy dat tegniese data vernietig moes word. Die administratiewe dokumente van DJ Truter is nie vernietig nie. Die vaslê van inligting op laserskywe is uitgekontraakteer aan Data Image. Wanneer dit kom by die klassifikasie van 'n dokument word dit gedoen deur die opsteller daarvan. HY gee toe dat die opsteller self kan besluit of dit op of af gegradeer moet word maar sê dat daar tog verdere instansies is wat finaal daarvoor sal besluit. Hy gee toe dat enige dokter toegang gehad het tot scoline, tuberine en ketalaar. Dit kon ook deur werkers in die store gekry gewees het. Hy kan

nie ontken dat Theron toegang gehad het en wel daarvan kon kry nie. Hy kan nie betwis dat daar nie 'n effektiewe metode is om 'n chemiese ondervraging te doen nie.

[1072] In herverhoor het hy weer eens gesê dat hy drie maal tydens die tydperk wat hy besig was om te spesialiseer op kursusse was. Die CAM's het nie rondgelê nie en die pakke wat hy gesien het was minder as 100. Jimmy May en sersant Ross was betrokke by die skoonmaak van die laboratorium. Daar was 'n sertifikaat dat die Delta G dokumente vernietig is. Die goed van RNL in die blou trommel behoort vernietig te gewees het.

[1073] **James Edward May** is 'n opgeleide "Ops Medic" en oud Rhodesiër wat aan operasie Protea deelgeneem het. Hy het die beskuldigde by die opleidingsarea ontmoet en bevestig dat hy in Angola was. Na Protea het hyself by Speskop aangemeld. Die beskuldigde was 'n hoë offisier. Hy moes 'n kliniek uitrus. Hy het sakke waaaruit voorraad geneem is weer volgemaak. Hy was in beheer van die mediese stoor. Hy het dokters, Unita en Renamo hervoorsien. Steven Beukes het daar opgedaag. Hy weet van ketelaar en scoline. Dit vorm deel van die mediese sakke. Hy het 'n register gehou wat nie gereeld gekontroleer is nie. Wanneer hy daar was kon 'n persoon nie voorraad vat nie. Hy het sy instruksies van dokters gekry. Die beskuldigde het die laboratoria gebruik. CR is daar geproduseer. Dit was 'n afgesonderde gebied. Hy het die apparaat vernietig. Dit het hoofsaaklik uit glasware bestaan. Hy het vir Steven Beukes gehelp om mandrax tablette te maak. Beukes was ongelukkig daaroor.

[1074] Toe hy die laboratoria skoongemaak het het hy allerhande apparaat daar gevind. Daar was 'n brand. Dit het groot ontwigting veroorsaak. Hy weet van CAM's. Die SAW het CAM's gehad. Majoor Davey was in beheer daarvan. Hy het die spesiale saal by 1 militêre hospitaal besoek. Dit was nie vir almal toeganklik nie. Hy moes stysel en suur vernietig. Hy het die suur in die stromwaterriool gegooi en die stysel vir 'n troep wiese pa met varke geboer het gegee. Hy het volgens die moet-weet beginsel gewerk.

[1075] Onder kruisverhoor het hy as sersant majoor aangedui dat 'n kolonel 'n senior offisier is. 'n Dokter

is ook 'n senior offisier. Hy kan nie bevestig dat Theron in bevel van sekuriteit was nie. Hy ontken egter nie dat hy die store kon inspekteer nie. Hy kan nie onthou dat hy wel die store besoek het nie maar onthou dat hy sy ondergeskiktes soos Phaal gestuur het.

[1076] **Eerwaarde Frank Chikane** is die direkteur-generaal in die Staatspresident se kantoor. Hy is 'n pastoor van die Apostoliese geloofsending te Naledi. Hy is die voorsitter van die Internasionale Raad van Kerke. Hy is 'n lid van die "Soweto Civic Association". Hy was 'n lid van die United Democratic Front en algemene sekretaris sedert 1987. Hy is gedurende 1985 in Pietermaritzburg aangekla van hoogverraad maar is onskuldig bevind. Hy was polities baie aktief. Die Raad van Kerke het sedert 1988 die stem van die Volk geword. Hy was betrokke by demonstrasies en in 1988 was daar 'n opmars na die parlement. Daar was briefwisseling tussen hulle en die destydse Staatspresident. Laasgenoemde was baie ontsteld.

[1077] Toe Gotso House gebombardeer is het hy geen twyfel gehad dat dit die veiligheidsmagte was wat dit gedoen het nie. Hy het 'n verklaring uitgereik. Daar is baie publisiteit daaraan verleen. Hy het sanksies teen Suid Afrika voorgestaan. Daar was 'n byeenkoms met president Bush gedurende 1988 in die vooruitsig gestel. Dit was voorsien dat die toepassing van sanksies die destydse regering sou forseer om te onderhandel. Die mense wat na die VSA sou gaan sou hy, biskop Tutu, dr. Boesak en dr. Beyers Naude wees. Hulle wou verseker dat daar nie 'n herskedulering van staatslenings sou wees nie.

[1078] Toe die VSA besluit het om na Namibië te gaan het hulle ook besluit om daarheen te gaan en om die kerke daar te ondersteun. Dit was nie 'n geheim nie en almal het geweet wat hulle doel was. Sy sekretaris het sy reisreëlings hanteer. Op daardie stadium het daar omtrent 350 mense in die S A Raad van Kerke se kantoor gewerk. Daar was 'n bevel wat hom verbied het om Namibië te besoek. Hulle was egter van mening dat nadat die Verenigde Volke betrokke geraak het in Namibië, die verbod nie meer sou geld nie. Hy het 'n huis in Pimville gehad maar sy vrou was toe besif om in Wisconsin te studeer. Hy en sy broer het in die huis gebly. Sy broer was 'n goeie kok en huishouer en hulle het die huishouding saam hanteer. Daar was nie enige inbrake in die huis nie. Hy pak altyd self, self al is sy vrou by die huis, en het toe ook self gepak. Hy

sou met 'n swart sak gereis het. Hy en eerwaarde Manas Buthelezi is gedurende die derde week in April 1988 Namibië toe. Daar is 'n klein ontvangs gereël vir hulle en daarna is hulle na 'n gastehuis. Hulle het vroeg wakker geword. Hulle het hulle bagasie gelos en na die noorde van Namibië vertrek. Voordat hulle vertrek het, het hy gewas en 'n skoon onderbroek aangetrek. Hulle was vir 'n aantal ure in die voertuig. Hulle het ontbyt by 'n onderwyser se huis gehad. Hulle het almal dieselfde kos geëet. Teen tien uur het hy begin sleg voel. Hy het begin sweet. Sy lyf het seer geword en hy het gebraak. Hy is terug na die voertuig en hulle het hom na die Lutherse hospitaal geneem. Hulle moes soek na die hospitaal. Hy was toe al baie swak. Hy moes uit die voertuig geneem word om te braak. Twee Duitse dokters het hom behandel en hy het sy bewussyn behou. Hulle het 'n verslag opgestel, bewysstuk 57A1.

[1079] Daardie aand was hy terug in die Nightingale kliniek in Johannesburg waar dr. Mohamed sy dokter was. Hy het asemhalingsprobleme gehad en is op ventilators gesit. Dit was ook die geval op pad na Johannesburg. Daar is toetse gedoen. Sy suster het vir hom klere en toiletware gebring. Vier dae later was hy beter. Die moontlikheid van voedselvergiftiging in Namibië is ondersoek maar hulle kon nie vasstel of dit so was of nie. Hy was in 'n swak toestand en sy gestel was baie af. Hy is ontslaan maar dr. Mohamed het gereken dat hy oorwerk en baie moeg was. Dit is toe besluit dat hy sou rus in Tutu huis in Kaapstad. Hy het informele klere in sy tas gepak. Hy het daar aangesterk en daar is toe besluit dat hy voor die res van die deputasie na die VSA sou vertrek sodat hy sy vrou kon ontmoet.

[1080] Hy het gedurende die oggend in die VSA aangekom. Daar was 'n reëling vir 'n ontvangs. Hy het toe weer die reistas gehad wat hy in Namibië gehad het. Hy het slegs informele klere ook daar ingepak. Hy het gestort en het skoon klere, oa 'n onderbroek, aangetrek. Hy het begin sweet en bewe. Hy het trekkings gekry en naar geword. Hy is na 'n toilet waar hy gebraak het. 'n Ambulans is ingekry en hy is na die St. Mary's Private Hospital geneem. Die eregas het die geselligheid verlaat voordat die verrigtinge begin het. Hy het sy bewussyn verloor. Toe hy wakker word het daar 'n aartsbiskop langs sy bed gestaan en hy het gedink dat "dit is klaar". Hy was op 'n lewensondersteuningstelsel. Hy is oorgeplaas na 'n onderrig hospitaal. Dit was

goedkoper as die kliniek en die gevoel was dat daar beter fasiliteite was. Hulle het hom hospitaal klere gegee om te dra. Sy toestand het verbeter en hy is ontslaan na die huis van prof Hayward.

[1081] Nadat hy gewas het en weer klere aangetrek het, het hy 'n tweede aanval gehad. Hy is weer in die hospitaal opgeneem maar onder 'n alias as Frank Hayward. Hy is na twee dae ontslaan met 'n diagnose van waarskynlike pancreatitis. Dit kom so voor op bewysstuk 57C3. Op daardie stadium was daar 15 dokters en het dit soos 'n laboratorium gelyk. Hy is toe oorgeplaas na die huis van die rektor van die universiteit. Sy vrou het klas gekry by die rektor se vrou. Hy het by die huis gebly. Hy het gestort en skoon klere aangetrek en is op 'n motorrit na die buitewyke van die stad geneem. Dieselfde simptome het weer hulle verskyning gemaak. Hy is terug hospitaal toe. Sy lyf was weer eens seer. Hy het binne twee of drie dae herstel. Baie spesialiste het hom ondersoek. Urine monsters is geneem en ander toetse is gedoen. Toe hy ontslaan is, is hy na die huis van Donna Sahlala geneem. Haar huis is baie veilig. Daar is toe ook besluit dat as die aanval weer begin dr.Smit onmiddellik in kennis gestel moes word sodat hy toetse kon doen. Die aanval het omtrent 'n uur voordat hy met die ambulans weggeneem is begin. Hy was toe baie swak. Toetse is gedoen en monsters is geneem.

[1082] Hulle het alles wat hy van die huis af gebring het weggeneem. Hulle het die plek waar hy gebly het ondersoek. Nuwe klere is gekoop. Hy het monsters voorsien. 'n Ander dokter het opgedaag en gesê dat hy dink hy weet wat aan die gang is. Nadat al sy klere verwyder is het hulle die situasie gemonitor en gesê dat as hy vir 36 uur kan oorlewe sy prognose goed is. Na die derde aanval het hy gedink dat hy gaan doodgaan. Die medici was seker wat die oorsaak was maar hulle kon nie sê watter item van sy klere dit was nie. Hulle kon nie die substans identifiseer nie. Hy het toe teruggekeer na Suid Afrika en het 'n verklaring gemaak. Hy is drie of vier maande later terug na Wisconsin waar daar weer deeglike toetse gedoen is. Daar is 'n artikel geskryf deur dr. Bjorndottir. Die simptome het nie weer gemanifesteer nie. Hy het toe tot die slotsom gekom dat daar CBO in Suid Afrika was en dat daar laboratoria moet wees. Alhoewel hy die aangeleentheid aan die S A Polisie gerapporteer het was hulle nie geïnteresseerd nie en die saak is eers na 1994 behoorlik ondersoek.

[1083] **Dr. Daniel Smit** is 'n spesialis internis wat in Wisconsin praktiseer. Hy spesialiseer in ingewandsiektes en die lewer en die uitwerking van sommige toksienes daarop. Hy is bekend met sommige aspekte van toksikologie. Eerwaarde Chikane se geval was uniek. Hy was net een keer tevore betrokke by organofosfaat vergiftiging en dit was toe 'n werker geaffekteer is deur 'n pesbestrydingsmiddel. Hy verwys na bewysstukke 57A1, 57C1 en 57D1. Hy verwys ook na dr. Bjorndottir se artikel. Sy was in 1989 in Wisconsin.

[1084] Aanvanklik het hulle gedink dat die pasient pancreatitis het. Hy was die dokter van rekord. Die pasient is opgeneem as Frank Hayward. Hy het gemeld dat die toets vir gifstowwe negatief was maar dit is gedoen omdat hulle die pasient gevra het of hy met gifstowwe in verbinding was en toe hy negatief geantwoord het het hulle vergiftiging as 'n moontlikheid uitgeskakel. Die bloedtoetse is in die hospitaal laboratorium gedoen en as monsters weggestuur is na ander plekke sal dit blyk uit die verslag. Die kolinesterase was ,02, wat baie laag is. Dit is versoenbaar met organofosfaat vergiftiging. Hy is tevrede dat die pasient organofosfaat vergiftiging ondergaan het.

[1085] Tydens kruisverhoor het hy bevestig dat die konstellasie van simptome aandui dat daar organofosfaat vergiftiging plaasgeving het. Hulle kon dit nie vroeër diagnoseer nie omdat daar geen aanduiding van kontak met 'n organofosfaat was nie. Hulle het by Donna Sahlala se huis bevestig dat daar nie gifstowwe in die tuin gebruik is nie. Hy gee toe dat die simptome nie uniek is net vir organofosfaat vergiftiging nie maar sê dat selfs sonder laboratorium toetse hy dit as waarskynlik sou gediagnoseer het. Dan sou atropien as 'n middel voorgeskryf gewees het. Daar was nie so 'n diagnose en voorskrif nie omdat hulle deurmekaar gewees het. Hulle het nie medikasie voorgeskryf nie omdat die pasient vanself gesond geword het. Wanneer hy gevra word of hulle nie spontane soortgelyke aanvalle ongeveer 'n week later verwag het nie antwoord hy dat dit nie beleid in Amerika is om by voorbaat medisyne voor te skryf as die simptome nog nie gemanifesteer het nie. Hy gee toe dat hy nie 'n deskundige chemikus is nie en ook nie deskundig op die gebied van organofosfaat vergiftiging nie..

[1086] **Thomas B Lynch** het 'n doktersgraad in chemie verwerf in Connecticut. Hy het 'n FBI agent geword en is 'n gesertifiseerde laboratorium ondersoeker. Daar het 'n doos met bewysstukke opgedaag. Deskundigheid oor chemie is benodig. Die doos is aan hom toegewys. Die items in die doos, die oorsprong waarvan bekend is, het hy genommer K1–K12. Die waarvan die oorsprong onbekend was, soos 'n buisie room, is gemerk Q met nommers daarby. Daar was niks opsigteliks, soos 'n oliekol, nie. Daar was 'n anti kolien-esterase. Daar was paranitrofenool en 'n metaboliet van parathion wat omskep kon word in paraoxon. Hulle het die klere probeer toets. Hy kan nie onthou of hulle stukke daarvan uitgesny het nie en of hulle dit verhit het om die stowwe te laat verdamp nie. Sonlig en hitte breek van die stowwe af. Hy het later besef dat die klere vroeër getoets is. Die laboratorium toets het paranitrofenool in die urine monster aangetoon.

[1087] Wanneer dit in kruisverhoor aan hom gestel word dat hy die monsters van die persson in bevel ontvang het antwoord hy dat hy 'n verseëlde doos ontvang het. Die items in die doos was gemerk. Daar is nie gepeuter met die doos tussen die veldbeampte van die FBI en homself nie. Hy kan nie onthou of daar kaartjies aan die items was nie. Die flesse met bloed en urine was apart gepak om se verhoed dat daar kontaminasie sou intree indien dit sou breek. Die flesse en die urine monster was gemerk. Daar was ook hospitaal kaartjies. Hy weet nie wie dit gemerk het nie. Hy word verwys na bewysstuk K3 waarin dit gesê word dat die oorsprong van die monster onbekend is. Hy word gevra of dit sy gevolgtrekking was en hy antwoord dat na die positiewe resultaat vir organofosfaat daar 'n poging aangewend is om die ketting te bewys maar dat dit nie gedoen kon word nie. Hy kan nie sê watter organofosfaat betrokke is nie. Hy het die klere ondersoek maar kon niks daarop kry nie. Hy wil nie toegee dat parathion 'n olierige substans is nie en sê dat dit gedroog kan word en met ander stowwe gemeng kan word. Hy gee toe dat daar nog van die substans op die klere behoort te gewees het as in ag geneem word hoe relatief kort na die voorval hulle die ondersoek gedoen het. Die substans is baie sterk en alhoewel hulle dit nie opgetel het nie kon daar tog daarvan in die klere gewees het. Hy gee egter toe dat 'n baie deeglike toets gedoen is. Dit word aan hom uitgewys dat volgens die verslag items Q2-Q66 negatief was maar hy antwoord dat dit bloot maar hulle manier is om te sê dat hulle nie positief was nie en dat dit nie noodwendig aantoon dat daar glad nie enige sweem van die agens

teenwoordig was nie. In herverhoor beweer hy dat hy die items K1-K16 gemerk het en dat party gemerk was “Chikane” en ander “Hayward”.

[1088] ‘n Beëdigde verklaring van ene **Jacobus Francois Coetzee** word ingevole artikel 113 van die Strafproseswet as bewysstuk 57 J by ooreenkoms tussen die partye ingehandig. Hy was in die Suid Afrikaanse polisie en is oorgeplaas na die veiligheidstak op die internasionale lughawe. Gedurende 1987/88 het hy ‘n ondersoekspan gestig waarin ene Burger en Reynecke was. Die bevel is oorgeneem deur majoor Truter. Hy het Chris Smit, Manie van Staden en Gert Otto ontmoet. Hulle was verbonde aan die intelligensie diens. Truter het hom opdrag gegee om vir hulle A-permitte te kry. Dit het vir hulle toegang tot enige afgeslote deel van lughawe verleen selfs tot die bagasie van die passassiers. Chris Smit was die bevelvoerder van die veiligheidstak in Bloemfontein. Gert Otto was betrokke by die Administrateur-Generaal in die destydse SWA. Manie het hy geken omdat hy die ander twee vergesel het. Die deursoekingskamertjie se sleutel is by skofte geplaas in ‘n koevert en as iemand dit wou gebruik moes hy die toestemming van die skofte-bevelvoerder kry. Hy weet nie van ‘n ander deursoekingskamer nie. Daar kon een gewees het

[1089] Daar word ook twee verklarings van **Marthinus Gert Thomas Swart**, wat onderskeidelik op 23 Oktober 1997 en 17 Augustus 2000 geteken is, by ooreenkoms ingehandig. In die eerste verklaring verklaar hy dat hy vanaf die einde 1987 skofte-bevelvoerder by die veiligheidstak te Jan Smuts lughawe was. Een van sy pligte, wat soms ook na ure uitgevoer is, was die deursoeking van verdagtes se bagasie. Dit is gedoen met die medewerking van doeane en aksyns aangesien hulle die wetlike magtiging gehad het om dit te doen. Hy en sy personeel was soms daarby betrokke. Dit is gedoen deur die veiligheidstak. Militêre Intelligensie en Nasionale Intelligensie het ook sulke operasies op hulle eie gedoen. Hy dra geen kennis van die beweerde vergiftiging van eerwaarde Chikane nie. Hy het in die koerante daarvan gelees. Hy en die lede van sy personeel was nie daarby betrokke nie. Die lede van die ondersoekspan was luitenant Slosh, AO P J J Burger, kapt. Bothma en lt. Van Dyk. Hulle is bygestaan deur AO Kobus Kotze. Hy weet van geen onwettige dade nie. Die bevelvoerder majoor Truter was baie streng ingestel teen onreëlmatighede en hy sou nie ‘n projek om iemand te vergiftig goedgekeur het nie. Die lêer wat sou kon aantoon wie by ‘n deursoeking van eerw.

Chikane se bagasie betrokke was is voor 1994 vernietig. Sy tweede verklaring toon bloot aan dat foto's van Chris, Gert en Manie aan hom getoon is en dat hy vir Manie as kolonel Manie van Staden geëien het.

[1090] **Charles Alfred Zeelie** is volgens artikel 204 gewaarsku tov aanklagte 57 en 63. Hy was by die veiligheidspolisie en was betrokke by die beveiliging van BBP's. Gotso huis was 'n straatkom. Dit is 'n aksie deur die veiligheidsmagte om die ANC in 'n slegte lig te stel. Dit moes lyk of hulle 'n misdaad gepleeg het. Daar was ontploffings by Joubertpark en by die J G Strijdom hospitaal. Hy het vir Gert Otto en Manie van Staden geken en ook vir Nannie Beyers. Hy het 'n slotsteek kursus gedoen. Hy en Beyers het saam by John Vorsterplein gewerk. Beyers was betrokke by kerkmag. Hy en Beyers het vir Otto en van Staden ontmoet. Hulle moes 'n straatkom aksie verrig om gif in eerw. Chikane se klere te sit. Hy het eerw. Chikane geken maar was bereid om behulpsaam te wees. Hy het vir Otto en van Staden gesê om saam met Burger te werk. Hy en Beyers is na die lughawe. Hulle het Burger ontmoet en hy het 'n tas aan hulle oorhandig. Hy en Beyers het die tas oopgemaak en dit weer aan Burger oorhandig. Otto en van Staden het later in die kantoor gekom. Hy het geweet dit was eerw. Chikane se tas. Die algemene publiek het nie toegang tot die kantoor gehad nie. Hy het niks verder met die voorval te doen gehad nie. Dit het nie lank geneem om die slot oop te maak nie. Hy het in die media kennis geneem dat eerw. Chikane siek geword het. Hy eien vir Chris, Gert en Manie volgens bewysstukke 63W1A, 63W2 en 63W3.

[1091] In kruisverhoor gee hy toe dat hierdie nie 'n normale straatkom aksie was nie omdat die ANC nie vir die dood van eerw. Chikane geblameer sou word nie. Die idee was dat dit nie terug herlei moes kan word na die veiligheidsmagte toe nie. Hulle het opdrag gekry om vir Otto en van Staden te ontmoet. HY het aansoek gedoen vir amnestie vir 'n hele klomp dade maar hy het nie vir pogings tot moord nie. Sy rol was baie gering. Hy het dit later vergeet. Hy het nie die gif geplant nie. Hulle was onder baie druk en het die name vergeet. Wanneer dit aan hom gestel word dat eerw. Chikane 'n baie prominente persoon was en dat 'n mens nie maklik van die voorval sou vergeet nie antwoord hy dat toe inspekteur Diedericks hom kom spreek het, hy hom herinner het en dat hy toe weer die voorval kon onthou. Hy kan nie onthou wanneer die ondersoekbeampte by hom opgedaag het nie en dit kan enigiets tot so veel as 'n jaar wees voordat hy sy

verklaring begin skryf het. Hy sê dat hy aan die Prokureur-generaal gesê het dat hy sal saamwerk as hy ander voorvalle onthou. Hy het self sy verklaring uitgeskryf en die ondersoekbeampte het dit laat tik. Hy het hom vergewis dat dit reg was en dit toe geteken en aan die ondersoekbeampte gegee. Dit word aan hom gestel dat die klagstaat toe al reeds opgestel was. Sy antwoord daarop is dat hy nie eers weet van die aanklag nie en wie aangekla word nie. Dit word aan hom uitgewys dat Otto en van Staden A-permitte gehad het en dat hulle nie sy en Beyers se hulp nodig gehad het nie.

[1092] Dit word aan hom gestel dat die ondersoekbeampte nie voor Meimaand met hom kon gepraat het nie. Dit word verder aan hom gestel dat dit strydig met die moet-weet beginsel sou gewees het om te sê dat die tas benodig word om die klere te vergiftig. Wanneer dit aan hom gestel word dat sy hulp nie nodig was nie antwoord hy dat hy ervare was met die oopmaak van slotte en dat hy dalk daarom nodig was. Hy besef dat as dit vasstaan dat hy betrokke was by die Chikane geval dat hy in die mopeilikheid kan wees en dit word dan aan hom gestel dat 'n maklike oplossing dan is om bloot die twee persone te koppel wat die staat met die beskuldigde koppel. Wanneer die moet-weet beginsel weer ter sprake kom gee hy toe dat Gert en Manie nie sy vriende was nie. Die mense wat betrokke was, was Gert, Manie, hyself, Beyers en Burger.

[1093] **Roelof Abraham Beyers** was by die veiligheidstak te John Vorsterplein. Hy het die ANC lessenaar gekry en was betrokke by kerke. Hy het veral aandag gegee aan die SA Raad van Kerke. Hy het baie te doen gehad met eerw Chikane. Sy bronne was telefone, fakse en pos. Hy het sy reisreëlings aan die veiligheidspolisie verskaf. Hy het ook 'n slotsteek kursus gedoen. Hy het Zeelie weer na 1987 ontmoet. Hulle het baie ondersoeke saam gedoen, ook by Gotso huis. Hy het net slotte by die lughawe saam met Zeelie oopgemaak. Sodra hy die slot oopgemaak het het hy die tas gestuur na die kamer langsaan. Hy weet nie wat met so 'n tas gebeur het nie. Hy herken die persoon op bew. 63W3. Die naam Otto kom terug. Hy kan van Staden nie onthou nie. Hy het kennis geneem van eerw. Chikane se ongesteldheid. Hy was saam met Charles en 63W3. Hy moes die slot oopmaak. Daar kon met die tas gepeuter gewees het. Hy was egter nie daarvan bewus nie. Boela Burger was teenwoordig maar hy kan nie sê dat hy die hele tyd daar was nie. Hy weet nie wiese tasse Burger oorhandig het nie. Hy het van baie reisreëlings van eerw. Chikane kennis

geneem, meer as 'n honderd. Die persone in 63W2 en 63W3 het hom nadat hy uit die polisiemag is genader en gevra of sy politiek verander het

[1094] Onder kruisverhoor was dit sy getuienis dat hy nie enige slot-oopmaakaksies met eerw. Chikane kan verbind nie. Niemand het vir hom gesê dat hulle gaan probeer om vir eerw. Chikane te vergiftig nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat as iemand anders dit beweer so 'n persoon dan nie die waarheid praat nie, gee hy dit nie toe nie en sê hy dat so 'n mededeling hom dalk kon ontglip het. Dit word dan uitgewys dat dit net 'n paar mense was wat om 'n ronde tafel gesit het en dat hy dit behoort te onthou. Hy kan dit nie onthou nie. Hy sê dat 'n ruk na een van die kere wat hulle by die lughawe was iemand gesê het dat hulle nie 'n goeie "job" gedoen het met eerw. Chikane nie. Hy het so 3 tot 14 dae nadat hulle by die lughawe was deur die media verneem dat eerw. Chikane siek geword het en dat daar waarskynlik organiese stof aangewend is. Dit word aan hom gestel dat daardie inligting eers gepubliseer is nadat hy van Amerika af teruggekom het.

[1095] Die moet-weet beginsel is streng toegepas. Wanneer hy daarop gewys word dat volgens sy getuienis hy net vir Gert Otto onthou en volgens sy verklaring hy ook Manie van Staden se naam noem, antwoord hy dat die ondersoekbeampte die foto's aan hom getoon het en die name genoem het toe hy sy verklaring gemaak het. Hy is gevra of hy saam met Zeelie tasse oopgemaak het maar dit was lank gelede. Hy kan nie onthou of daar ander persone was nie. Hy kan nie sê wie dit was nie. As dit die persone op die foto's was sou hy hulle herken het. Hy kan nie onthou dat hy hulle daar gesien het nie. Hy was 'n hele paar maal op die lughawe. Daar het hy bloot tasse oopgemaak. Dit was nogal moeilik om hulle oop te kry. In herverhoor hou hy vol dat hy ongeveer 'n week nadat hulle op die lughawe was gehoor het van eerw. Chikane se ondervinding in die pers. Sy geheue is egter vaag daaroor.

[1096] Zeelie is toe teruggeroep vir verdere kruisverhoor. Hy het van die Chikane vergiftiging gehoor ongeveer 'n maand tot 'n maand-en-'n half of selfs langer na die besoek aan die lughawe.

[1097] **Pieter Jacobus Johannes Burger** was verbonde aan die veiligheidspolisie vanaf 1985 en was by die lughawe, waar hy met BBP's se bagasie te doen gehad het. Hulle het die bagasie ondersoek om te kyk met wie so 'n persoon kontak het. Hy was nie deel van die skofte nie. Hy het saam met Reynecke, van Dyk en luitenant Botha gewerk. Majoor Truter het by die vorige bevelvoerder oorgeneem. Hulle het ook na ure gewerk. Dit was klandestiene ondersoeke vir of die Pretoria-tak of die John Vorster-tak of die hoofkantoor. Sy funksie was om die tas van die vervoerband af te haal en vir die veiligheidspolisie te gee. Hy het baie deursoekings gedoen en kon slotte oopmaak. Hy het fotostate van passassiers se dokumente gemaak. Nannie Beyers en Zeelie het hom op 'n dag gevra om hulle behulpsaam te wees met eerw. Chikane se tas. Hy weet nie wie teenwoordig was nie. Na die voorval het niemand weer vir 'n tas gevra nie. Hy het in die pers gelees dat die eerwaarde siek geword het. Dit was 'n swart sak. Hy het dit voor die voorval baie nagegaan. Hy herken vir Chris Smir (63W1), Gert Otto (63W2) en Manie van Staden (63W3). Hy was een maal in die transito afdeling. A-permitte het toegang gegee tot enige beperkte gebied. Hy ken Beyers goed. Hy het omtrent 'n maand later van die vergiftiging gehoor.

[1098] Toe hy gekruisverhoor is het hy aangedui dat hy nie gesien het wat die mense met die tas gemaak het nie. Die deursoekingskamer was twee vertrekke. Hy weet nie na watter kantoor hulle is nie. Beyers en Zeelie het hom persoonlik op die lughawe genader. Hulle sit altyd in onopsigtelike kamers. Hy het die tas gaan haal, aan die deur geklop en aangegee. Na 'n rukkie het hulle die tas vir hom gegee en het hy dit op die vervoerband gaan sit. Hulle het toe uitgestap. Hy kan nie ander mense onthou nie. Hy is nooit deur Otto of van Staden oor hierdie voorval genader nie. Hulle kon dit self gedoen het.

[1099] Daar is verder 'n verklaring van ene **Wyand Johannes Pretorius** wat gedurende 1986 die rang van kaptein gehad het. Hy was werksaam in afdeling M. Dit het te doen gehad met die oorgrens beheer van houe. Hulle het dit geïnspekteer, beide by die hawens en op lughawens. Hy het min by die lughawens gekom omdat hy meer by die hawens gewerk het. Chris Smit het die bevel oorgeneem en hy en Gert Otto en Manie van Staden het altyd saam beweeg. Hyself het 'n A-permit gehad. Hy dra nie kennis van onreëlmatighede nie.

[1100] By ooreenkoms is daar op 3 November 2000 die volgende erkennings genotuleer:

1. 'n Verklaring van **biskop Tutu** word as getuienis aanvaar. Dit lui:

"A monkey foetus was hanged in a jar at the gate of my residence in Bishop's Court when I was archbishop of Cape Town. The foetus was discovered by a gardener, removed and buried. At the time the gardener did not tell me what he had found, nor what he had done with the foetus. I later learnt of this incident when the police themselves came and advised me of it and questioned the gardener. At no time did I feel intimidated by the actions of those acting on behalf of the state." Dit is geteken op 16 Oktober 1988.

2. 'n Verklaring deur **Abdullah Mohamed Omar** word as bewysstuk 60A aanvaar en vorm deel van die stukke. Die verklaarder verklaar dat hy tans die minister van vervoer is en voorheen die minister van justisie was; dat hy betrokke was as 'n advokaat by 'n saak van die Staat v. Yengeni and Others waarin hy 'n staatsgetuie, ene Jonas, wat nie wou getuig nie verdedig het; dat hy baie betrokke was by politieke optrede; dat hy gedurende 1979 'n hartaanval gehad het; dat hy tablette geneem het naamlik inderal en theodur en dat hy in 1989 siek geword het toe hy in die stadsaal te Durban opgetree het. Daar was groot media belangstelling in die insident. Hy was baie versigtig en selfs suspisieus, wanneer dit gekom het by sy tablette. Hy is nie bewus van enige aanval op sy lewe nie of dat daar met sy tablette gepeuter is nie.

3. Die staat erken dat die inderal tablette pienk was.
4. Dit word ingevolge artikel 220 erken dat die verklaring van 'n veiligheidspolisierman, **Paul Erasmus** aanvaar word as bewysstuk 57 M. Hy was verbonde aan die Johannesburgse

veiligheidstak en het die bronne hanteer in die SA Raad van Kerke. Hy het deursoekings gedoen van die hoofkantoor en hy het ook eerw. Chikane se pos onderskep en gesprekke afgeluister en op band geplaas. Hy het ook verslae aan dieveiligheidskantoor oor die onderwerp bevorder. Hy het die naam van eerw. Chikane in die middel tagtiger jare, nadat hy oorleg gepleeg het met Nannie Beyers, aan kolonel Venter van die veiligheidstak verskaf, sodat hy op 'n teikenlys geplaas kon word.

[1101] **Mnr. T** was ook betrokke by die BSB, wat die maksimum ontwigting van die vyande van die staat ten doel gehad het. Hy was gedurende Desember 1987 betrokke by operasie Hooper. Hy was mediese taakbevelvoerder. Hy weet nie of daar enige CAM's was nie en ook nie of daar enige nat deteksiestelle was nie. Hulle toerusting het bestaan uit gasmaskers en reënjasse. Sy laaste werksdag was in November 1988, toe hy "bedank" het om by die BSB te kan aansluit. Hy was die koördineerder van streek 9. Hy bevestig paragrawe 2.1 tot 2.17 van die opsomming van die wesenlike feite maar maak een regstelling deur te sê dat 'n koördineerder nie 'n operasie kon goedkeur nie.

[1102] Streek 9 het te doen gehad met die ontwigting van die vyand op 'n sielkundige en psigologiese wyse. Daar was onder andere antropoloë. Hulle het aanvaar dat daar 'n gedeelte van die bevolking was wat 'n geloof in die toorkuns gehad het. Daar is gemeen dat die geloof uitgebuit kon word om mense van mening te laat verander. Streek 9 het nie te doen gehad met die doodmaak van mense nie. Die idee was om 'n persoon met een of ander vorm van die magiese te konfronteer, wat hom so sou beïnvloed dat hy van mening verander. Sy BSB naam was Theo Otto. Hy was die skakel tussen die koördineerders van die ander streke en die stelsel. Indien daar mediese middels nodig was het hy dit verkry. Hy het getuig dat hy die vorige dag in die teenwoordigheid van prokureur van der Hoven 'n persoon uitgewys het wat hy as Frans geken het en van wie hy middels ontvang het. Dit is 'n groot man met ligte hare en 'n baard. Hy sou buite langs die pad, of in 'n motorkar, 'n versoek wat gewoonlik geskrewe was ontvang. Hy het dit later oorhandig. Hy het nog later die middel in ontvangs geneem en op sy beurt aan die koördineerder gelewer. Hy dou nie geweet het welke stowwe benodig is nie maar reken dat vir die maksimale ontwigting van die vyand daar skadelike stowwe kon

gewees het. Daar is gepraat oor 'n fetus projek en daar was 'n idee dat biskop Tutu vatbaar sou wees vir so 'n projek. Wanneer hy gevra word waar hulle so 'n fetus sou kry getuig hy dat hulle gemeen het om 'n bobbejaan te gaan skiet, in die hoop dat dit 'n dragtige wyfie sou wees. Hy sê dat biskop Tutu se seun aangekondig het dat sy vader hom vir 'n tydperk aan die samelewing gaan onttrek en dat hulle gereken het dat die operasie suksesvol was. 'n Projek kan wel in fases ontwikkel as dit nie die eerste keer slaag nie. Wat die Omar geval aanbetref was hy wel 'n koerier. Hy het pille ontvang van Slang van Zyl en dit aan iemand by die kantoor oorhandig. Hy het voorsien dat dit dalk gevaarlik kon wees. Hy was betrokke by die vernietiging van Henry van der Westhuizen se kabinet. Daar was bier en wyn in. Hy dink dit was ses biere en Roodeberg rooiwyn. Hy deel die hof by wyse van geheime briefie mee dat A du Randt met wie hy geskakel het se naam Stefanus van der Walt was.

[1103] In kruisverhoor word hy gevra om te bevestig dat Frans bloot medisyne verskaf het. Hy bevestig dit. Hy word gevra wat quadriderm is en dui aan dat dit salf is wat 'n mens aan jou vel smeer. Hy het die pille by Slang van Zyl gekry om dit aan iemand te oorhandig. Daarna het hy verwys as om die pille "in die stelsel in te voer." Dit word aan hom gestel dat inderal 'n pienk pil was en dat die ander pil theodur nie 'n hartpil was nie maar gebruik is vir behandeling van 'n longprobleem. Hy bevestig dat hy die beskuldigde geken het en dat die beskuldigde nie by die BSB ingeskakel het nie. Dit word aan hom gestel dat digoksien wit is en dat dit moeilik sou wees om die wit pil in die plek van 'n pienk pil toegedien te kry. Dit word aan hom gestel dat die skrikmaak van die biskop 'n absurde projek was. Sy antwoord is dat hy nie die antropoloog was nie. Hy kan nie betwis dat dit meer lyk asof iemand iemand anders wou toor nie. Hy sê dat hulle wel met toormedisynegewerk het in die sin dat hulle goed in motorkarre opgehang het om te verhoed dat motors getseel word. In herverhoor sê hy weer dat wat hy gekoerier het skadelik kon gewees het.

[1104] Op 8 November 2000 het die verdediging oor hierdie aspek 'n aantal erkennings ingevolge artikel 220 van die Strafproseswet gemaak. Die erkennings is vervat in bewysstuk 36. Die effek daarvan is dat Boavenrura Bomba, 'n lid van Renamo, saam met sy familie en ander Renamo lede sedert 1982 op die plaas Fontana, buite Pretoria gehuisves was. Na die sluipmooraanval op die sekretaris-generaal van Renamo,

Orlando Christina, op 17 April 1983, is Bomba weggeneem van die plek waar hy gehuisves was. Sy vrou kinders en suster asook ander Renamo lede is verskuif na 'n ander basis totdat hulle op 26 Junie 1983 na die Renamo hoofkwartier in Mosambiek geneem waar hulle vir elf jaar gebly het. Hulle het aan die einde van 1994 na hulle permanente wonings teruggekeer. Hulle het nie vir Bomba weer gesien na April 1983 nie. Dit is voorts dat George Machava op 2 Mei 1983 verwyder is en nooit weer deur sy familie gesien is nie en dat John Makokola ook nooit weer sedert April 1983 deur sy familie gesien is nie.

[1105] Daar is 'n soortgelyke erkenning, bewysstuk 56D, tot die effek dat korporaal Mac Anderson, ook bekend as Fernando Anderson, wat oorspronklik afkomstig was van Beira in Mosambiek 'n lid was van 5 verkenningsregiment, Phalaborwa; dat hy gedurende 1987 in die detensiebarakke aangehou is onder bevel van sersant-majoor C Pretorius; dat hy op 11 Desember 1987 daaruit verwyder is en na die skietbane by die gemelde basis geneem is; dat hy ingespuut is en dat hy dood is en dat hy of sy liggaam in Mosambiek afgelaai is met behulp van 'n helikopter. Die amptelike SAW rekords dui aan dat hy sedert 12 Desember 1987 afwesig is met verlof.

[1106] **Klaus Psotta** het 'n doktersgraad in chemie en is selfwerksaam. Hy was sedert 1982 by Delta G. Hy het in die sintetiese afdeling gewerk. Hy is van daar af verskuif na RNL. Hy het opdragte van die beskuldigde gekry onder andere om metakoloon te vervaardig. Hy is gevra om 500gr te maak maar het agtergekom dat dit ook by Delta G gedoen word en het dit toe gestaak. Hy het ook op ander substansie gewerk. Hy het die effektiewe stowwe uit cannabis ge-ekstraheer en dit probeer suiwer. Hy het gevind dat dit baie onstabiel was. Hy was betrokke by datavaslegging nadat hy 'n tweede keer by Delta G was. Hy is toe oorgeplaas na data Image waar hy, Kobus Bothma en Karin Swanepoel die vaslegging gedoen het. Dit was hoofsaaklik literatuur maar ook dokumente wat deur die beskuldigde in sy omswerwinge bymekaar gemaak is. Kobus Bothma het die dokumente versnipper. Hy was betrokke by die sintese van paraoxon. Hy was vier maal daarby betrokke en het sy resultate aan dr. Immelman gegee. Hy het die stabiliteit daarvan probeer bepaal en tot die slotsom gekom dat dit baie stabiel is. Hy het tot die slotsom gekom dat dit in whiskey en jenewer gegooi kan word en het hom versoen daarmee dat dit teen vyande van die staat gebruik kon word.

[1107] Uitgelok, onder kruisverhoor, om te sê dat hy niks meer kan onthou nie antwoord hy dat hy wel kan onthou dat hy die paraoxon gesintetiseer het maar dat die detail vervaag het. Daar was nooit 'n versoek dat hy paraoxon moes ekstraheer dat dit gebruik kon word nie. Daar was gerugte maar hy weet nie van wangebruike nie. Dit word aan hom gestel dat wanneer navorsing vir eie verdediging gedoen word dit nodig is om te kyk wat vervaardig kan word. HY gee toe dat as die enigste doel van RNL was om mense te vergiftig dit onsinnig was om so 'n duur projek aan te gaan. Hy het vir 'n maand-en-'n-half, toe daar nie fasiliteite beskikbaar was nie, by die polisie se forensiese laboratorium gewerk. Die beskuldigde het dit met gen. Neethling gereël. Cannabis is nie geskik vir skarebeheer nie. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde se opdrag aan hom om 500gr metakoloon te maak bloot vir kontrole was. Hy wou bevestig dat die gehalte van Delta G goed was en dat die koste binne perke was. Hy gee toe dat dit die doel kon gewees het en sê dat hy vir Immelman kon gesê het dat die beskuldigde sy tyd mors. Hy gee verder toe dat die persentasie paraoxon in metiel parathion en etiel parathion baie hoog moet wees. Indien daar soveel daarvan op klere gesmeer is dat dit 'n persoon sal siekmaak dit verwag kan word dat vanweë die stabiliteit daarvan dit lank daarna nog op die klere sal wees. Hy gee egter in herverhoor toe dat wanneer die klere gestoom word daar afbreking kan plaasvind.

[1108] Daar word erkennings ingevolge artikel 220 van die Strafproseswet gemaak:

Ingevolge bewysstuk 52 A erken die verdediging dat korporaal Victor de Fonseca van Mosambiek afkomstig was, verbonde was aan 5 verkenningsregiment van die SAW, breinkanker ontwikkel het en chirurgie daarvoor ondergaan het. Verder was hy werksaam by Spesmagte hoofkwartier, het hy ongesteld geraak op 10 April 1986 te 1 Militêre hospitaal en is hy oorlede. Die verkorte doodsertifikaat is vervat in bewysstuk 52B1-5. Hy is op 19 April 1986 in Saulsville begrawe en gedurende 1998 vanuit dieselfde graf opgegrawe. Sy liggaam is verwyder deur ene Marius Wolmarans en het geland by by kaptein Dreyer van die Forensiese Wetenskap Laboratorium. Dr. Rossouw, 'n patoloog, het 'n lykskouing gehou en die oorsaak van dood soos volg bewoord:

“Die opgegraafde skelet van ‘n volwasse man is ondersoek met die spesifieke doel om die thaliumvlakke te bepaal. Tekens van neurochirurgie is aan die skedel teenwoordig maar verder toon die skelet nie opvallende afwykings nie. Met toksikologiese ondersoek is die teenwoordigheid van thalium maar die konsentrasie wat gevind is was so laag dat dit op sigself nie met toksisiteit geassosieer kan word nie.

Dat as gevolg van my waarnemings waarvan ‘n lys hieronder volg ek besluit het dat die oorsaak van dood die volgende was Nie naderby met lykskouing alleen bepaalbaar nie.”

[1109] Die erkenning behels voorts dat die femurkoppe van de Fonseca verwyder is en deur inspekteur Venter per hand geneem is na die skeikundige laboratorium en dat C M Kriek, ‘n analis, toe ‘n ondersoek ingestel het en bevind het dat daar 2,2ug/kg thalium in die femurkoppe was. Dit is gemene saak dat dr. Rossouw die oorsaak van dood na aanleiding daarvan geformuleer het.

[1110] Die staat erken dat mnre Pithey en Jordaan tot in 1995 toegang gehad het tot Delta G se perseel omdat hulle daar gewerk het en dat dit toe aan Sentrachem behoort het.

[1111] Die beskuldigde erken dat hy gedurende 1978 vir \pm 2 maande gedurende 1978 te Katimo Mulilo hospitaal en Mapatcha militêre siekeboeg diens gedoen het as deel van sy praktiese werk vir spesialisasie as ‘n internis en as deel van ‘n proses waaraan al sy medestudente tydgenote deelgeneem het.

[1112] Bewysstuk 57N is ‘n beëdigde verklaring is ‘n beëdigde verklaring van **Frederick Christoffel Truter** tot die effek dat hy wel vir Chris Smit, Gert Otto en Manie van Staden geken het en dat veral Boela Burger betrokke was by die ondersoek van tasse by die internasionale lughawe. Hyself weet nie van enige ongerymdhede nie. Hy heg sy dagboek aan wat aantoon dat hy wel by geleentheid gepraat het met Chris, Gert en Manie maar dit toon nie aan dat hulle betrokke was by die voorval oor eerw. Chikane nie.

[1113] Bewysstuk 46B is 'n verklaring deur **Pieter Kalangula** wat aantoon dat hy gewerk het by Oshakati en dat hy later ongelukkig geword het oor die wyse waarop Ovambo's gearresteer is en *persona non grata* geword het. Hy het altyd sy motor parkeer buite die administrasie kantore en hy het die gebou later uitgewys aan superintendent de Lange.

[1114] Bewysstuk 31G is 'n beëdigde verklaring deur **Septimus Serfontein**, 'n bestuurskonsultant. Hy moes ondersoek doen aangaande bestuursdienste vir die SAW en het gevind dat daar 'n hoof was: "die voer van chemiese operasies". Hy het nie voorgestel dat so 'n hoof geopen moes word nie en glo dat dit afkomstig was van gen. Loots.

[1115] Bewysstuk 63DD is 'n beëdigde verklaring deur **Johannes Paulus Bothma** wat by EMLC gewerk het. Hy het die beskuldigde van tyd tot tyd gesien. Hy het ook by Speskop gewerk en was verantwoordelik vir demolusieladings. Mnr. Q en Bill Grieves het onder hom gewerk. Hy het allerhande meganismes gemaak, onder andere briefbom-meganismes, 'n domkrag wat haelgeweerkoeëls kon afvuur en 'n kruk waaruit 'n koeël afgevuur kon word. Hy het nie met die beskuldigde geskakel nie. Toe die werkswinkel toegemaak het is van die goedere aan die personeel aangebied. Hy het net ware van sowat R10 aangekoop maar Greaves het 'n mikroskoop aangekoop.

[1116] Bewysstuk 63EE is 'n beëdigde verklaring van **Jozua Francois Booysen**. Hy was tot 1989 verbonde aan die SAW as 'n luitenant-kolonel. Hy was die logistieke offisier. Hy het nooit gif of enige sodanige middel aan enige eenheid uitgereik nie.

[1117] Bewysstuk 58A is 'n beëdigde verklaring deur **Vusi Pearl Dhlamini**. Sy is die dogter van wyle Knox Dhlamini wat op 28 Julie 1989 in Manzini in Swaziland dood is. Haar vader is deur William Vilakazi en Ace Kunene geneem na 'n plek "Kasipho" in Machava. Sy weet dit omdat hy dit vir haar op 'n stuk papier in 'n hospitaal geskryf het. Hulle het daar gebraai en 'n paar biere gedrink. Hy was vir omtrent twee weke in die

hospitaal en het haar van die bier en die braaiery vertel, net voor sy dood. Sy het hom daagliks gaan sien. Hy het aanhou praat daaroor totdat hy naderhand so swak geword het dat hy net op 'n papier kon skryf. Hy is in Mpuluzi in 'n grot begrawe. Op 14 Augustus 2000 het sy 'n sterftesertifikaat van haar vader aan superintendent de Lange oorhandig. Dit toon aan dat hy gebore is op 10 Augustus 1943 en dat hy dood is op 28 Julie 1989 en dat die oorsaak van dood "acute haemorrhagic pancreatitis" is.

[1118] Bewysstuk 2K is 'n beëdigde verklaring van **Danie du Toit**. Hy is 'n mediese dokter wat sy diensplig gedurende 1986 begin doen het. Hy was by 7 Mediese bataljon. Hy het gewerk onder dr. Brian Davey. Hulle het leerplanne opgestel en mediese ordonnanse opgelei. Dit het ook opleiding in maskers en noodbehandeling behels. Hulle was 'n selektiewe groep en was betrokke by dekontaminasie prosedures. Hy was betrokke by 'n verifikasie operasie in Januarie 1987. Hy het Davey vergesel en Les Rudman ontmoet. Daar is op die toneel opleiding verskaf wat bestaan het uit die aantrek van beskermende klerasie en die gebruik van gasmaskers. Daar was ook Unita soldate betrokke. Dit was warm is die klerasie. Dr. Davey was in beheer van die operasie en die resultaat van die ondersoek was negatief. Die defensiewe sel tydens operasie modulêr het bestaan uit homself en hy is ondersteun deur dr. Davey uit Pretoria. Hy het min met Unita te doen gehad. Die basis was in Angola. Hulle rol was om advies te verskaf en behandeling toe te pas ingeval van 'n aanval. Daar was nie tydens modulêr beskermende klerasie beskikbaar nie. Daar is gebruik gemaak van maskers en poncho's. Hy is opgevolg deur Etienne Kruger. Daar was 10 tot 20 pakke beskikbaar. Hy was ongeveer 6 weke op die grens. Vandaar is hy na Suidwes Afrika, waar hy betrokke was by inligtingssessies. Sy kontak met CAM's was baie beperk. Daar was ook 'n deteksiestelle. Hy het nie opleiding aan Unita gegee oor CAM's, 'n deteksiestelle en beskermende klerasie nie. Gewone troepe het nie tydens modulêr beskermende klerasie in hulle besit gehad nie. Die deteksie-apparaat was net by die 7 Mediese groep. Hy was bewus van CAM's maar kan nie die hoeveelheid sê nie.

[1119] **Rein Botha** was verbonde aan Nasionale Intelligensie vanaf 1 Julie 1987 tot in 1997. Hy was die afdelingshoof by teenspioenarie. Sy hoof mnr. Kennedy het hom op Sondag 2 Februarie 1997 opdrag gegee om die dokumente wat in die tromele wat by Bosch se huis gevind is te lys. Hy moes kyk watter

frontmaatskappye betrokke was, wie die direkteure was, watter individue betrokke was en daar moes nagegaan word of daar nie 'n gevaar van proliferasie van wapens van massa vernietiging bestaan het nie. Hy het die tromele genommer en die dokumente gelys. Op daardie stadium was dit tromele 1 en 2 en later het tromele 3 en 4 ook bygekom. Daar was ander mense wat ook saam met hom gewerk het. Die dokumente is aanvanklik deur KEEM genommer. Hy het 'n opsomming gemaak van wat elke dokument behels het. Daar was lasbriewe wat via die minister van Justisie vanaf regter Gordon gekom het. Hy het 'n afspraak gehad met gen. Knobel. Hy het twee interim rapporte opgestel vir onderskeidelik die SAW en vir die minister van verdediging en die minister van justisie.

[1120] Daar is geskakel met dr. Immelman maar hy kon hulle nie veel help nie. Hulle het later met dr. Goosen geskakel en dr. Odendaal en later ook met buitelandse intelligensie. Teen middel Maart 1998 het hulle die inhoud van die kluis aan die verdediging beskikbaar gestel, nadat hy tevrede was dat daar behoorlike kluis was waarin die dokumente weggesluit kon word. Tromele 3 en 4 het hy op 3 Mei 1997 vanaf prokureur Penzhorn gekry. Net die eerste bladsye is genommer. In tromele 1 en 2 is daar van die beskuldigde se persoonlike besittings gekry. Daar was ook SAW papiere en 'n kartondoos waarin daar whisky en jenewer was. Van die dokumente was gemerk, Geheim, Uitsers Geheim en Sensitief. In die derde trommel was die name van die persone wat by die frontmaatskappye betrokke was. Die name van die persone by Krygkor wat betrokke was, was ook daarin.

[1121] Gedurende 1989 het die Engelse probeer om by Rooideplaas inligting in te win. Hulle het hulleself voorgedoen as diplomate. Hy handig bewysstuk 64A in. Alhoewel dit 'n bewysstuk is word dit nie 'n openbare dokument nie. Dit bevat 'n lys van al die dokumente wat in tromele 1 en 2 was. In trommel 2 was daar eksperimente van RNL wat in kategorieë verdeel was en wat in geel blou en pienk omslae was. In trommel 3 was daar dokumente van Delta G en ook 'n biblioteeksoek. Die meeste van die dokumente was gemerk "top secret". Daar is 'n inventaris daarvan opgestel wat gemerk is 64B. Trommel 4 het bestaan uit handboeke en tydskrifte en 'n register daarvan is opgestel as bewysstuk 64C. Hy word verwys na bewysstukke 29A, 29B en 29C, wat betrekking het op die dwelmaanklag oor dwelms wat uit die trommel kom en bevestig dat dit in die

tommel was, saam met bewysstuk 63B. Bewysstuk 36B, die verslag en fotos van die moordtoneel van Orlando Christina was ook in die trommel. Hy identifiseer 'n hele aantal verdere bewysstukke wat uit die trommel uit kom, soos onder andere verslae wat handel met navorsing by RNL, Brand se eis vir betaling namens Organochem en 'n faks van ene Bill, gedateer 12 Desember 1996. Hy verwys na verslag wat handel met 'n bamboeskierie wat ooreenstem met bewysstuk 63D. Gedurende Augustus 1998 is hy weer deur die trommels en het hy op 'n inventaris afkomstig van Worldwide Removals afgekom. Hy het 'n lasbrief gekry en is na Midrand waar hy beslag gelê het op 20 trommels. Daar was 'n trommel met BSB dokumente. In een is daar gepraat oor die suksesse in die verskillende streke.

[1122] Gedurende kruisverhoor het hy bevestig dat toe hy die trommels ontvang het ander mense dit reeds ter insae gehad het. Hy kan nie bevestig wat in die trommels was toe daardie mense dit ontvang het nie. Hy word verwys na bewysstuk 63FF en gedaag om te sê dat dit in die trommel was toe dit aanvanklik oopgemaak is omdat nie genommer is nie en Mijburgh die trommel reeds in 1995 vir Bosch gegee het en die dokument gedurende Desember 1996 gefaks is. Hy bevestig dat die beskuldigde onder 'n beskermingsprogram was. Hy weet van ene Bull wat die beskuldigde behulpsaam was met die vestiging van 'n CBO-vermoë, wat in Switserland vermoor is. Hy word verwys na bewysstuk 63FF waarin dit gemeld word dat die beskuldigde "pressurised" sal wees en daar word aan hom gesuggereer dat aangesien die beskuldigde op 27 Januarie 1997 gearresteer is, die hele arres bekook is. Hy kon nie met Grieves kontak maak nie en Kennedy en Fouche kon hom nie help met wat wel in die trommels was nie. Hy gee toe dat die trommels getuig van 'n wye CBO projek. Hy bevestig ook dat daar by die WVK dokumente beskikbaar geword het, wat hulle nie wou gehad het beskikbaar moes word nie. Hy bevestig dat die beskuldigde gedwing is om voor die WVK te getuig terwyl die staat nie wou gehad het dat Immelman moes getuig nie omdat dit die saak teen die beskuldigde kon benadeel. Dit word aan hom gesuggereer dat die staat die beskuldigde doelbewus probeer benadeel het. Gedurende herverhoor sê hy dat daar 'n ooreenkoms met die WVK was dat sommige dokumente nie beskikbaar gestel sou word nie en teruggehou sou word. Wat Bull aanbetref getuig hy bloot oor wat hy in die pers gelees het.

[1123] **Cornelis Alwyn Johannes Botha** is 'n fabrieksbestuurder by Sinteta. Hy werk vanaf 1984 by Delta G. Hy was betrokke by die aanleg. Hy het wel by Speskop gekom. Hy weet van die brand en was kort na dit daar. Die laboratorium is ontruim en verskuif na Midrand. Hy het agter gekom dat Mandrax gemaak word onder die kodenaam "Mosrefcat". Daar is omtrent 'n ton Mandrax gemaak. Die formule is uitgewerk deur dr. Gert Lourens. Die formule verskyn in bewysstuk 30A vanaf p. 124 en dit werk soos 'n koekbakresep. Na vervaardiging is die goed na 'n stoor gestuur. Hy weet nie wat daarvan geword het nie. Die opdrag om dit te maak het van Mijburgh af gekom. Hy het nie met kliënte geskakel nie. Daar is ook Ecstasy gemaak. Hy was betrokke by die maak van die PMK in Barry Pithey se motorhuis omdat Pithey hom gevra het. Daar het 'n brand ontstaan. Die finale produk was 'n swart teer massa. Dr. Koekemoer het dit probeer distilleer maar hy kon nie. Dit was, wat hom aanbetref, 'n ramp. Afdeling 3 was opgedeel in twee afdelings waarvan die een ontoeganklik was en vir 'n tyd deur Steven Beukes gebruik is.

[1124] Tydens kruisverhoor verduidelik hy dat hy aanvanklik nie geweet het waarvoor die Mandrax gemaak word nie hy later verneem het dat dit was om deur die SAW opgeneem te word in granate. Met die PMK is dit so dat hulle probeer het om die grondstof te maak en dit aan Delta G te verkoop om so geld te maak. Die feit dat dit nie gewerk het nie is omdat hulle van ontoereikende toerusting gebruik gemaak het. In herverhoor sê hy dat omdat die moet-weet beginsel gegeld het dit moontlik is dat hy dalk eers 'n jaar of twee later kon gehoor het dat daar Mandrax gemaak is.

[1125] **Jan Christiaan Smuts Maree** was vanaf 1987 by Coast betrokke. Hy was die kontakpersoon tussen die afdeling militêre inligting en die projek. Sy voorganger was kolonel Cloete. Hy het met Mijburgh en Swanepoel saamgewerk. Hy het enkele besoeke by hulle afgelê. Een so 'n besoek was 'n ete afspraak by Swanepoel. Hy is nie ingelig oor oorseese besoeke nie. Swanepoel het hom geskakel en hom gevra om hom oor Goosen te kom sien. Hy het hom meegedeel dat by 'n kongres Goosen dinge kwytergemaak het oor die betrokkenheid van die SAW wat skadelik was vir die projek. Goosen is toe ingeroep en het dit erken en het aangedui dat hy nie meer kan saamleef met die projek nie. Hy het Goosen weer later op sy plaas by Tzaneen

besoek. Hy was nie self deel van 'n sekerheidswerkgroep nie maar is bewus daarvan dat daar wel so 'n groep bestaan het uit notules wat hy gesien het. Dit moes voor 1987 gewees het.

[1126] Na 1988 het hy weer vir Swanepoel en Mijburgh besoek. Swanepoel was bekommerd omdat hy probleme gekry het van organisasies wat bekommerd was oor die behandeling van die diere. Hy het toe bedank uit die SAW en het voltyds as sekuriteitsbestuurder by RNL gaan werk. Ten spyte daarvan het hy by Liberty Life gaan rapporteer aan brig Basie du Preez. Hy was nooit betrokke by die sekerheid van Coast as sulks nie. Hy het gevra maar is meegedeel dat vanweë die moet-weet begindél hy nie genader sou word nie. Hy word verwys na bewysstuk 63A en sê dat hy dit nie opgestel het nie. Terwyl he by RNL was het Immelman hom gevra om hom te ontmoet en hy het vir hom gesê dat die beskuldigde gereël het dat hy operateurs van die BSB moet ontmoet. Hy het gedink dat dit afrikaanse mense was met kort name soos Jan en Piet. Hy glo dat Immelman bekend gestaan het as Willem die boer. Hy het aan Immelman voorgeskryf om nie met hulle in openbare plekke te praat nie maar eerder in voertuie. So ver as wat hy weet sou hulle in Centurion ontmoet. Swanepoel het hom 'n koerantberig met betrekking tot eerwaarde Frank Chikane gegee. Dit het gegaan oor 'n aanslag op sy lewe en hy het dit op die Coast lêer geplaas. Sy dienste is in 1991 beëindig.

[1127] Hy gee toe dat hy nie 'n deskundige was oor Europese bankstelsels nie en dat hy nie vir die beskuldigde daaroor sou kon adviseer het nie. Johan Theron was in dieselfde posisie. Volgens die notules wat hy gesien het was gen. Hennie Roux een van die sekerheidswerkgroep. Hy kan nie ontken dat hy wel saam met die beskuldigde, Mijburgh en Swanepoel by vergaderings was wat gegaan het oor sekerheid nie. Hy word in herverhoor uitgelok om te sê dat daar nie so 'n ding kon gewees het as 'n sekerheidswerkgroep nie maar hy hou vol dat daar by militêre inligting wel so 'n groep kon gewees het.

[1128] **Mnr H** werk by die afdeling inligting met buitelandse sake. Hy het gewerk met B-kategorie projekte wat nie noodwendig sensitiewe projekte was nie. Gedurende 1991 het ge. Verbeeck hom ingeroep en gesê dat hy moet kyk na projek Coast omdat daar 'n kommunikasieprobleem tussen hom en die projek is. Hulle was aanvanklik twee. Die een lid is Durban toe. Daar was nie 'n volledige ondersoek nie. Hy het sy pad

oopgevoel. Hy is terug na gen. Verbeeck om te sê dat hy die finansies nie verstaan nie. Hy is nie deur die interne ouditeur gehelp nie en op die ou end het hy die aangeleentheid geneem na mn. van Heerden by die ouditeur-generaal. In opdrag van gen. Verbeeck is hy ook na mn. Swanepoel by KEEM. Hy weet nie van 'n sekerheidswerkgroep by Coast nie maar nadat kol. Steyn oorgeneem het was daar wel 'n sekerheidswerkgroep. Rita Engelbrecht het vir hom gesê dat Johan Theron met items uit 'n brandkas Oos Kaap toe is. Hy het gehoor dat hy vir Phaal gaan sien het.

[1129] Hy was by die vernietiging van die Coast dwelms op versoek van die beskuldigde. Hy het bewysstuk F19.39 opgestel en getik. Hy het vantevore van die dromme gehad want die lugmag wou weet hoe hulle lyk. Die vlug is aangedui as 'n opleidingsvlug. Hy het die beskuldigde by 7 medies gekry. Die trok was gelaai. Hulle het gery na 28 eskader. Dit was hy, kaptein du Plessis, die beskuldigde, Swanepoel, Mijburgh, die drywer van die voertuig en die lugmagbemanning. Hy het notas gemaak. Daar was 112 dromme. F19.39 is 'n uiteensetting daarvan. Die dromme is op palette gesit. Hy kan nie onthou of die gewig geneem is nie en of die gewig geskat is nie. Die beskuldigde het vier monsters geneem en dit vir hom gegee. Die beskuldigde het toe rubberhandskoene aangehad. Die monsters is in pilhouers geplaas. Dit het bo uit die blou plastiekdromme gekom. Dit was ewekansige monsters. Die dromme het deurmekaar geraak. Die dromme was geseël met 'n band en die inhoud en die inhoud daarvan was in 'n geseëldde plastieksiek. Hy het die monsters in sy sak gesit. Hy het die beskuldigde gevra wat die substansie was maar die beskuldigde het hom nie gesê nie. Hy het bloot na die letters van die alfabet verwys. Daar was so 20 tot 30 bomme. Hulle het dit suid van Port Elizabeth in die see gegooi. Hulle was teen 15:00 tot 15:30 terug. Daar was gasmaskers beskikbaar. Die inhoud van die blou dromme is uitgegooi en die ander dromme is in geheel uitgegooi. Na die tyd is hulle na 7 medies waar daar drankies gedrink is en die beskuldigde en die ander was danig beteuterd omdat soveel jare se werk tot niet gegaan het. F19.39 is op 30 Maart 1993 opgestel. Sy opdrag van gen. Verbeeck was om nie monsters te neem nie omdat dit 'n sensitiewe projek was en die monsters opsigself probleme kon veroorsaak. Op 30 Maart 1993 is drie verdere monsters deur die beskuldigde aan hom oorhandig. Dit was BC en BX. Later het hy kol. Steyn ontmoet en dit na Forensies geneem. Hy weet nie van

enigiets wat gedeaktiveer is nie. Die beskuldigde het hom die inligting oor die dromme gegee maar hy weet nie waar die gewig verskaf is nie.

[1130] Gedurende kruisverhoor word dit aan hom gestel dat hy aangedui het dat hy nie monsters wil neem nie maar dat die beskuldigde aangedring het dat hy die monsters moet neem. Hy kan nie betwis dat die KBK wou hê dat die polisie die vernietiging moet verifieer nie, naardat die polisie nie betrokke wou raak nie en dat dit is waarom militêre inligting gevra is om by te wees. Dit word aan hom gestel dat hy inderdaad soos wat hy by KEEM getuig het die monsters geneem het. Dit word aan hom gestel dat hy nie van die ander monsters kon neem nie omdat dit gevaarlik was en deur die vel opgeneem kon word. Hy sê dat die KEEM rekords verkeerd is. Dit word aan hom gestel dat die houers waarin die monsters geplaas is skoongemaak is. Hy bevestig egter dat die monsters nie geneem sou gewees het as die beskuldigde nie daarop aangedring het nie. Hy gee toe dat die lugmag die dromme kon geweeg het en so die gewig gekry het. Dit word dan aan hom gestel dat die goed geweeg is en die gewigte neergeskryf is. Dit is so dat dinge wat bymekaar gehoor het bymekaar gepak is. Hy het egter nie geweet wat gevaarlik was en wat nie. Die blou dromme was voor. Die agterste goed kon eerste uitgegooi word. Sy ondersoek was 'n onderafdeling van die SAW ondersoek. Hulle het in 1991 begin nog voordat Merton huis in die pers gerapporteer is. Hulle het tydens hulle ondersoek bewus geword van die persberigte. In herverhoor sê hy dat daar nie ander monsters as die metakoloon monsters geneem is op die oggend van die vernietiging.

[1131] **Heinrich Frededrik Strauss** is 'n dokter in chemie en was die hoof van forensies vanaf 1985 tot 1990. Hy het houers van kol. Steyn ontvang. Hy weet nie van de-aktivering van 'n stof soos Ecstasy anders as om dit heeltemal van karakter te laat verander nie. Hy sou nie metakoloon uit quinasoline maak nie. Daar is makliker maniere om dit te maak. Delta G was 'n chemiese laboratorium. Hulle laboratorium was analities. Hulle het wisselwerking aangemoedig. Hy kan nie onthou dat hulle toksiese substansie aan Delta G verskaf het nie. Die konsentrasie gif in die gifstowwe wat 'n mens by die koöperasie kan koop is maar maar laag. Hy het die beskuldigde geken omdat hy gen. Neethling besoek het ivm 'n groot strafsak (Haveman of Hanekom). Daar is verdowingsmiddels oorgeneem na Delta G. Hy is nie vertrou met CBO nie en die

menings wat hy uitgespreek het is leke menings. Traangas affekteer verkillende mense verskillend. Maar hy beweer dat dit 'n goeie skarebeheermiddel is. Hy is nie bedrewe in CBO nie en die menings wat hy uitgespreek het is leke-menings. Traangas werk verskillend in op verskillende mense. Dit is egter 'n goeie skarebeheermiddel. Alhoewel traangas 'n verskillende uitwerking op verskillende mense het beteken dit nie dat dit nie 'n goeie skarebeheermiddel is nie.

[1132] **Roland Mark Hunter** het sy verpligte militêre diens gedoen gedurende 1982 en 1983. Hy was verbonde aan die hoof van staf intelligensie by die Zanza gebou. Hy het verslag gedoen aan kol. van Niekerk en later aan brigadiers Hamman en van Tonder en ook aan 'n ander brigadier. Hy het Renamo lede betaal. Daar was opleidingskampe te Zobo en Sawong in die omgewing van Phalaborwa en dan was daar die een te Vofal noord van Pretoria wat bekend was as ops Mila. Daar was ook opleidingskampe vir Angola Zimbabwe en Lesotho. Die een vir Zimbabwe was bekend as ops Drama. Bomba was een van die mense wat betaal is. John Makokola was verbonde aan ops Drama. Renamo is logisties ondersteun en 40 tot 60 ton militêre toerusting is maandeliks aan hulle gelewer. Hy het ook bande met propaganda op na Vofal geneem waar dit gekopiëer is en dan uitgesaai is.

[1133] Orlando Christina is vermoor gedurende die naweek van 16 en 17 April 1983. Hyself is die Maandag na Vofal gestuur om die pers weg te hou. Hy het gesien dat lede van die vweiligheidsmagte in Ford Sierra voertuie daar opdaag. Hy het nie die liggaam gesien nie. Daar was ondervragings en onder andere is Boaventura Bomba ondervra. Hy het geluide gehoor en sy eie afleidings gemaak. Hy moes 'n pyp vind en later het hy 'n pyp met bloed op gesien. Vofal is toegemaak en hulle is verskuif na Drama toe. Later is hulle na Fontana verskuif. Een van die verdagtes, Makokola se gesig is oopgesny. Hy het nie weer vir Bomba, Makokola en Machava ooit weer gesien nie.

[1134] Hy het die loods van 'n DC10 vliegtuig geken en betaal. Hy was Joao Quental. Die vliegtuig is gebruik om plofstof vanaf Middelburg te vervoer. Hyself het vir die ANC gespioeneer. Hy het dokumente gesteel en dit aan die ANC oorhandig. Hy het dit tydens die naweek aan mnr. en mev. Hanekom oorhandig. Die regering het ontken dat Renamo ondersteun word. Hy is gedurende Desember 1983 gearresteer. Hy is

aanvanklik aangekla van hoogverraad. Daar is egter 'n ooreenkoms bereik en hy het skuldig gepleit op mindere aanklagte en is gevonnissen tot 5 jaar gevangenisstraf. Die vervolging wou nie die sensitiewe dokumente wêreldkundig maak nie. Hy identifiseer bewysstuk 36B as 'n tipiese weermag dokument.

[1135] Tydens kruisverhoor sê hy dat die feitlike bewerings in die dokument korrek is. Hy weet nie wie dit opgestel het nie. Daaar mag detail wees waarvan hy verskil. Hy hou vol dat dit na 'n militêre dokument lyk en waarskynlik deur iemand in die SAW opgestel is. Hy dink nie dat dit 'n saamgeflansde dokument is nie. Die opsteller moes waarskynlik verbonde gewees het aan militêre intelligensie of aan die direktoraat spesiale take. Hy is nie 'n deskundige oor militêre dokumente nie. Dit word aan hom gestel dat volgens kol. van Niekerk se verklaring hy nie van mening is dat dit opgestel is deur iemand wat met die militêre ondersoek te doene gehad het nie. Die polisie wat betrokke was kon nie van Moord en Roof gewees het nie.

[1136] **Charles Marthinus Lotz** was 'n adjudant offisier verbonde aan die Oos-Randse moord en roof afdeling. Gerhard Viljoen was die bevelvoerder en sy broer Peet was die onderbevelvoerder. Hy is gevra om saam met hulle en ene Prinsloo 'n moordsaak in die Pretoria omgewing te ondersoek. Hulle het in Voortrekkerhoogte stilgehou. 'n Persoon is in. Hy was lank in die militêre hospitaal. Daarna is hulle na die toneel waar Orlando Christina vermoor is. Daar was 'n ondervraging met behulp van 'n Portugese tolk. Hyself het net mense ondervra wat niks geweet het nie. Peet Viljoen het die man ondervra wat die sneller getrek het en die mense se name gegee het. Die ondervraging het twee dae geduur. Die mense was normaal en kalm. Daar was drie verdagtes. 'n Vierde een was weg maar het ook weer daar opgedaag en erken dat hy betrokke was. Die beskuldigde was ook op die toneel. Hy het gehelp met die ondersoek en het gelyk soos iemand wat aan hoër gesag moes rapporteer. Hy het toe na 'n militêre kamp naby Pretoria geskuif, waar daar nie veel gebeur het nie totdat daar na twee nagte 'n ontploffing was nie. Een van die verdagtes het 'n vuurwapen uitgewys wat ballisties met die misdaad verbind is. Die beskuldigde het gesê dat hulle nie moes bekend maak dat die ondersoek plaasgevind het nie en dat die verdagtes na Renamo gestuur sou word.

[1137] Van Pretoria af is hulle na Louis Trichart waar hulle bo-op 'n berg was. Daar het hy Bomba vir die eerste keer gesien. Hy was vasgeboei en is losgemaak, in 'n kamer ingeneem en weer geboei. Die beskuldigde het hulle aan 'n man voorgestel wat hulle van etes sou voorsien. Sy swart assistent het vir hom gesê dat hy met Bomba gepraat het en dat hy erken het. Hyself het toe met hom gepraat en hy het erken dat hy by die moord betrokke was. Die beskuldigde het gesê dat hulle verdere inligting moes kry om te hoor of hy by die Johannesburg groep betrokke was. Hy het die beskuldigde daarna een of twee maal by hulle kantore in die Oos-Rand gesien. Hy het nie geweet dat die beskuldigde 'n dokter was nie. Bewysstuk 36B word met hom onderhandel en hy bevestig baie van die inligting daarin.

[1138] Tydens kruisverhoor kan hy nie bevestig dat daar spanning onder die verskillende faksies was oor die dood van die leier nie. Hy kan nie betwis dat Bomba geaspireer het om leier te word nie. Alhoewel hy aanvanklik nie so wil toegee nie gee hy tog later toe dat daar ook ander dokters by die ondersoek betrokke was en meer spesifiek Mijburgh en Bothma. Hy het nie gesien dat daar 'n persoon was wat erg beseer was en wiese keel amper afgesny was nie. Hy weet nie van 'n binneband wat gebruik is nie. Daar kon dalk 'n paar klappe uitgedeel gewees het. Die beskuldigde was by toe die Viljoens van die verdagtes ondervra het. Daar is 'n ondervraging oor wat presies hy gesien het en dit blyk dan dat dit te Louis Trichardt was waar Bomba op die bed was. Daar is wel braaivleise deur die ondervraers gehou en daar is gedrink alhoewel hy nie drink nie. Hy ontken dat die binneband gebruik is. Nadat die verdagtes erken het was die ondersoek wat hom aanbetref afgehandel. Indien iets onbehoorliks plaasgevind het sou hy daarvan gehoor het. Dit word aan hom gestel dat die beskuldigde nie deelgeneem het aan die ondervraging of die inwin van inligting nie. Hy het later 'n dokument geteken waarin hy onderneem het om stil te bly.

[1139] Oor hierdie aspek het **Robert Fox** getuig dat hy Orlando Christina se lyk aanvanklik na H F Verwoerd hospitaal toe geneem het en vandaar na 1 Militêre hospitaal. Die volgende dag het hulle die gesinne geskuif na die Entambeni Bosboustasie naby Louis Trichardt en ongeveer 'n maand later is hulle terug geneem na Mosambiek.

[1140] **Cornelius Johannes van Niekerk** was betrokke by die direktoraat spesiale take en sy funksie was inligtingsinsameling. Hulle het steun aan weerstandsbewegings gegee. Toe hy in 1992 afgetree het was hy 'n brigadier. Gedurende 1986 was direktoraat spesiale take opgedeel in die oostelike en die westelike teater. Hyself was hoof van die oostelike teater. Daar was jaarliks 'n bedrag van tussen R12 en R15 miljoen aan Renamo toegeedeel. Hyself was die skakel tussen die SAW en Renamo. Die steun aan Renamo was polities, militêr en sosio-ekonomies. Renamo was nie 'n surrogaat-mag nie. Die idee was dat dit moes ontwikkel in 'n selfstandige mag wat 'n goeie buurman sou wees. Daar was kampe by Sawong en Zobostad naby Louis Trichardt. Daar was ook St Mielie in die noordwes Transvaal en Entambeni naby Louis Trichardt. Laastens was daar Vofal naby Pretoria op die plaas Kloppersbos. By Vofal het die politici en die personeel van The Voice of Free Africa gewoon. Die naam is 'n akroniem vir die Portugees vir "The Voice of Free Africa". Daar het ook omroepers, programmeerders en lyfwagte gewoon. Hy het 'n klomp van die mense geken soos Alfonso Dhlakama, Orlando Christina, Boa Bomba, Toera Bomba en John Makokola. Makokola het oorgeloop vanaf Frelimo en was 'n lid van die staande mag.

[1141] Hy het luitenant Hurter geken. Hulle het 'n groep mense opgelei wat selle in Mosambiek moes stig om Renamo te ondersteun en sabotasie te pleeg. Daar was egter 'n groep wat bekend was as die Johannesburg groep wat Renamo se naam gebruik het om hulleself te verryk. Die steun aan Renamo was bekend as ops Mila. Hy sê dat bewysstuk 36B 'n redelike getroue weergawe is van wat gebeur het. Toe Christina geskiet is was hy met verlof maar is hy inderhaas gekontak. Daar was 'n gas uit Portugal wiese teenwoordigheid, indien dit aan die lig sou kom, 'n verleentheid kon skep. Hy het gereël vir die terugneem van die persoon na Portugal. Verder het hy krisisbestuur toegepas en gereël dat die steun aan Renamo voortgaan. The Voice of Free Africa moes ook voortgaan. Hy het ook gereël dat Christina se Portugese familie die begrafnis kon bywoon. Hy was nie self betrokke by die ondersoek nie. Hy was omtrent 'n halfuur daar en het kol. Greyling, die mense van die Oos-Randse moord en roofteenheid en die beskuldigde daar aangetref. Hy weet nie wat die beskuldigde se rol gewees het nie. Hy was nie verantwoordelik om verslag te doen nie.

[1142] Hy het vir Brigadier Botha gehelp om kriptiese notas te maak in die vorm van 'n aide memoire wat gebruik is by 'n vergadering met HSAW. Hyself, kol Greyling, brigadier Botha, HSI, wat hy dink gen. van der Westhuizen was, en HSAW was by die vergadering. Daar is besluit dat daar geen dokumente oor die voorval moes wees nie omdat dit van 'n sensitiewe aard was. Hy het 36B gedurende 1997 vir die eerste keer gesien. Dit kom ooreen met dinge wat hy weet maar daar is ook inligting in waarvan hy onbewus is. Dit is so dat 'n DC3 vliegtuig gebruik is. Daar was steun aan Renamo deur vliegtuie. Die vliëniërs was van 28 eskader. Twee van hulle was Frayne en Dunning. Toelae is aan verskeie Renamo lede betaal. Roland Hunter het die betalings gedoen. Die opsteller van bewysstuk 36B is nie vertrouwd met die militêre wyse van dokumente opstel nie. Die uitleg en skryfwyse is nie die van 'n militêre dokument nie. Alhoewel die verwysingsnommer korrek is is dit onvolledig. Hulle was te alle tye bewus dat die verdagtes aan Renamo uitgelewer sou word en waarskynlik tereggestel sou word. Die verslag is nie deur die SAW opgestel nie.

[1143] Renamo was ontevrede. Sommiges het geglo die SAW smeer dinge toe en andere het weer gedink dat die ondersoek te volledig was omdat Orlando Christina 'n blanke was. Die president van Renamo wou hê dat die hele groep na Mosambiek gestuur moes word sodat 'n ondersoek aldaar gedoen kon word maar hulle het voorsien dat hy die hele groep sou uitwis. Hy het toe voorgestel dat die ondersoek hier gedoen word en dat die verdagtes uitgelewer sou word. Hulle het die ondersoek van Pretoria na Louis Trichardt geskuif omdat die Johannesburg groep betrokke wou raak by die ondersoek. Hy weet nie of hy die beskuldigde by Entambeni gesien het nie. Hy het nie gedink dat dit normaal is om dokters by Fontana te hê nie maar by Entambeni was dit in ooreenstemming met SAW beleid omdat dit 'n spesiale operasie was.

[1144] Die reg het nie sy normale gang gegaan nie. Die aangeleentheid is stil gehou omdat die teenwoordigheid van Christina in die land vir die regering 'n verleentheid was. Daar sou 'n oppervlakkige polisie ondersoek wees en ook 'n diepgaande ondersoek met 'n verslag aan Renamo. Hy het die bekentenisse aan Fernandes van Renamo oorhandig. Renamo het besluit dat daar 'n krygsraad moet wees. Dit sou in Angola wees en nie op Suid Afrikaanse grondgebied nie. Hy was betrokke by die reëlings. Daar is vooraf beplan vir 'n moontlike teregstelling. Kettings seile en handskoene is saamgeneem. Daar was ook

beplanning vir ingeval van vryspraak. Die kettings sou om die lyke gedraai word voordat hulle in die see gegooi sou word. Hy het die Krygsraad bymekaar gekry. Sommiges het van Europa gekom en andere van Mosambiek. Hulle het eers by St. Mielie gebly en daarna by Wonderboom lughawe. Hulle is na Bloemfontein om die verdagtes te kry en vandaar na Grootfontein. Toe is hulle na die plek waar die krygsraad sou plaasvind. Hulle het die krygsraad en die verdagtes in 'n hut gelaat en weggestap. Hulle het koffie gemaak en vleis gebraai. Hy was daar en brigadier Botha, ene Oelschig, die twee vliëniërs en hy dink dr. Mijburgh. Baie gouer as wat hulle verwag het, het hulle skote hoor klap. Die lyke is in seile toegemaak en na die vliegtuig geneem. Dit was vir hom 'n traumatiese ervaring. Die krygsraad is by Mapatsha afgelaai en die lyke is in die Atlantiese oseaan gegooi.

[1145] Dit het bekend geword dat Roland Hunter inligting aan die ANC verskaf het. Stappe moes geneem word. 'n Hoogverraadsaak sou vir die regering 'n verleentheid wees. Advokaat Bruinette het voorgestel dat daar 'n vergelyk getref word en dat hy op mindere aanklagte skuldig pleit om te verhoed dat sensitiewe inligting bekend word. Hy het ander opsies, soos om Hunter te laat verdwyn, ook oorweeg. Hy het 'n teoretiese vraag aan die beskuldigde gevra van hoe om 'n persoon te laat verdwyn. Dit was toe hy hom as dokter gaan sien het. Die beskuldigde het gesê dat dit met mambagif gedoen kon word. Die plan is nie voortgesit nie.

[1146] Tydens kruisverhoor het hy getuig dat toe hy op die toneel gekom het daar reeds 'n versoek was vanaf die president van Renamo dat die verdagtes aan Renamo uitgelewer moes word. Die versoek was aan 'n hoër rang as syne. Hy glo dat dit HSI was in samewerking met HSAW. Die beskuldigde was nie in die bevelslyn nie. Die beskuldigde het nie 'n rol gespeel in die beplanning van 'n krygsraad nie. Dit was heeltemal normaal om te vra dat 'n dokter saamgaan. Die beskuldigde het geen rol gespeel by die besluit van hoe die ondersoek moes geskied nie en of dit geheim gehou moes word of nie. Renamo was ongeduldig. Daar is aan hulle versoeke voldoen voordat bewysstuk 36B opgestel is. Niemand het met die direksie spesiale take geskakel om die mense dood te maak nie. 'n Kommandant kon nie vir HSI aanstig nie. Die dokument het geen oorredingsvermoë gehad nie omdat dit nie 'n militêre dokument was nie, hy nie daarvan

kennis gedra het nie en 'n persoon in die SAW met stafkwalifikasies nie so 'n dokument sou opstel nie. Verder was dit direk in stryd met 'n bevel. Hy het nie saamgesweer om moord te pleeg nie. Hulle sou die verdagtes uitlewer maar Renamo moes besluit wat met hulle sou gebeur. Dit was 'n hoë vlak krygsraad. Die SAW het nie daaraan deelgeneem nie.

[1147] By die ondersoek by Fontana was daar 'n ernstig beseerde persoon gewees. In so 'n geval moes 7 medies uitkom. Hy kan nie ontken dat die GG opdrag aan die beskuldigde gegee het om mediese bystand te gee nie. Met sy verskillende besoeke aan die basis was daar verskillende dokters. Wat Hunter aanbetref was dit vir hom 'n nuwe situasie en hy het nie geweet hoe om dit te hanteer nie. Hy kon in ieder geval nie 'n besluit neem om hom dood te maak nie. Hy het gedink aan die moontlikheid om hom te laat verdwyn. Hy glo nie dat hy die naam aan die beskuldigde genoem het nie. Hy kan nie die inhoud van die gesprek onthou nie. Hy kan nie onthou aan wie hy verslag gedoen het nie. Daar was nie 'n sameswering om Hunter te vermoor nie. As daar een was sou hy geweet het. Hy kon die vraag so hipoteties gestel het dat die beskuldigde dit as 'n interessantheidsvraag gesien het. Hy weet nie hoe lank daarna Hunter gearresteer is nie maar dit kon kort daarna gewees het.

[1148] **Petrus Johannes Krugel Viljoen** was gedurende 1983 by moord en roof Brakpan. Sy broer het op 18 April 1983 opdrag gegee dat 'n span gemobiliseer moes word om na Vofal militêre basis te gaan. Die militêre polisie het hulle na Vofal geneem. Hy identifiseer die fotos en die moordtoneel. Hy het met die oorledene se vrou gepraat. Hulle het die gebruikelike ondersoek gedoen en 'n 9mm doppie gekry. Dit was die enigste fisiese leidraad. Hulle het die wapen gesoek. Hulle het 'n wapen wat hulle verbind het in 'n karavaan gevind en dit gekoppel aan Renamo lede wat na Mosambiek ontplooi is. Hulle is teruggebring vir ondervraging. Tydens die ondervraging het luitenant Hurter een van die verdagtes met 'n gespemes beseer. Hy het hom van sy nek tot by sy ken verwond. Hulle het Hurter onder bedwang gebring en van die basis af verwyder. Mediese personeel is ontbied en van toe af was daar permanent medici betrokke. Daar was 'n ontploffing. Hulle kon nie vasstel wat die oorsaak daarvan was nie. Vir hulle eie veiligheid het hulle geskuif na Entambeni. Die verdagtes is saam met hulle.

[1149] Hulle het gevind dat die verdagtes die blaam op ander persone wat in Mosambiek was probeer plaas het. Die ander is ook teruggeroep om die ondersoek te finaliseer maar hulle het nie teruggekom nie. Hy wou die ondersoek vanuit die Oos-Randse kantoor verder voer. Hy het dit uitgeklaar met die speurhoof, gen Zietsman. Hy is egter kort daarna oorgeplaas na voertuigdiefstal en het die lêer aan adjudant offisier Prinsloo oorhandig. Daar was nie bekentenisse nie maar wel verklarings en notas. Hulle het 'n moordsaak ondersoek. Daar was vraag en antwoord dokumente. Hy kan nie onthou dat hulle vrouens ondervra het nie. Die mans was in bewaring. Hulle gemoedstoestand was redelik normaal. Hy weet nie dat hulle pimpel en pers geslaan is nie. Hy het gedink dat die beskuldigde, wat na die besering by hulle aangesluit het, 'n koördineerder was. Daar was inmenging deur SAW lede. Daar was van hulle met eie agendas. Die Bomba groep het uit 6 of 7 lede bestaan en 4 of 5 van hulle is terug na Mosambiek. Daar was 'n beseerde persoon wat aan 'n drup gekoppel was en 'n bloedoortapping gekry het.

[1150] Hy dink nie dit was regtig nodig dat hulle na Entambeni gaan nie. Die beskuldigde het dit voorgestel. Hulle het in militêre voertuie gery. By die ondervraging te Entambeni was die mense nie histories nie. Die beskuldigde was die koördineerder. Hy het deel gehad aan die ondervraging. Daar was belangstelling in die wapen. Hulle het vis gevang. Holmes het navraag gedoen. Die militêre mense het agter gebly en sou die verdagtes terugneem. Hy het die lêer gehou. Bweysstuk 36E is die polisieverslag in sy handskrif. Daar was verklarings in 'n sublêer wat hy vir Prinsloo gegee het. Hy weet nie wat daarvan geword het nie. Bewysstuk 36B is nie 'n polisie dokument nie.

[1151] Hy het in kruisverhoor gesê dat hy nie weet wat die beskuldigde se betrokkenheid was nie. Daar was nie altyd dieselfde dokters nie. Hy kan nie bevestig dat daar 'n persoon was wat katetonies geword het nie. As dit gebeur het was dit nie in sy teenwoordigheid nie. Die beskuldigde was daar as medikus maar hy was hulle ook behulpsaam met die verkryging van dinge wat hulle bebodig het soos kos. In herverhoor het hy gesê dat hy nie weet wat katetonies beteken nie.

[1152] **Gerhardus Rudolph Viljoen** was in 1983 'n kaptein in die Suid Afrikaanse polisie en die bevelvoerder van die Oos-Randse moord en roofeenheid. Hy het 'n radioboodschap van gen. Zietsman gekry. Daar was 'n aantal weermag offisiere in sy kantoor waaronder die beskuldigde. Daar is besluit dat die weermag moes terugstaan. Die oorledene was reeds in die hospitaal met skietwonde. Hy het gereël vir 'n geregtelike doodsondersoek en 'n lykskouing. Die beskuldigde het die post mortem bygewoon. Hy weet nie wie die koeël gekry het nie.

[1153] Daarna is hy na die basis. Hy gee ongeveer dieselfde verslag van die verloop van die ondersoek as sy broer, die vorige getuie. Die Bombas was gewone mense en nie militêre mense nie. Hy weet nie van iemand wat katetonies was nie. Hy en sy personeel het die moordondersoek gedoen. Militêre intelligensie en die veiligheidspolisie was ook daar. Hy weet van die Johannesburg groep. Een van sy personeel het dit ondersoek. Daar was ongekontroleerde ondersoeke. Die SAW geneeskundige dienste kon ook 'n ondervraging gehad het. Daar was 'n ontploffing en hulle het verskuif na Entambeni. Die verdagtes se stories is getoets. Die beskuldigde was daar en Mijburgh en Kobus was ook daar. Hy het gevoel dat almal vroe soos militêre intelligensie en die veiligheidsgroep. Hy het die SAW gevra om die twee wat hulle het aan te hou en die ander te vind. Hy het die Bombas weer na die Kerkstraatbomontploffing gesien. Hy erken nie bewysstuk 36B nie. Dit is nie 'n polisiedokument nie. Hy het die beskuldigde by sy huis besoek. Die beskuldigde en sy personeel en hy en sy personeel het by 'n geleentheid saam 'n braaivleis gehou.

[1154] In kruisverhoor stem hy saam dat die outeur van bewysstuk 36B 'n leuenaar was wat optrede aan persone toegedig het wat nie daarby betrokke was nie. Hyself was nie betrokke by wederregtelike of onbehoorlike optrede nie. Hyself was nie besonder bekommerd oor sensitiwiteit nie. Hy was nie betrokke by enige komplotte nie. Hy was in beheer van die ondersoek en die beskuldigde het gehelp met kos en visstokke. Die beskuldigde was in beheer van die mediese komponent. Hy kan nie bevestig dat daar faksies onder die Renamo lede was nie en dat daar struwelinge was nie. Hy bevestig dat Hurter sy selfbeheer geheel-en-al verloor het. Hulle het gesê dat hy bossies is. Hy kan nie ontken dat van die ondervraagdes gespanne kon gewees het nie en selfs beseer kon gewees het nie.

[1155] **Paul Heyns** het sy diensplig gedurende 1982 en 1983 gedoen. Hy het by Speskop onder Johan Theron gewerk. Hy, Theron en die beskuldigde het 'n persoon by die hospitaal gaan haal. Hy was in een van die sale en het nie geloop nie. Hy was lig van kleur en was aan die getuie vasgeboei tot by die lughawe. Hy was onkoöperatief en het die boeie stywer vasgedruk. Hy het nie verbande om sy nek gehad nie. Hulle is na Swartkops lughawe. Die persoon was by sy volle positiewe. Die beskuldigde het hom gevra watter dag dit was. Hy sou aanvanklik saamgevlieg het maar die loods het gesê dat dit onnodig was en hulle het die persoon agter in die vliegtuig vasgeboei. Daar was 'n kluis by Speskop, waarvan Theron die sleutel gehad het. Daar was bier en koeldrank in en hulle is aangesê om nie daarvan te drink nie. Tydens kruisverhoor kon hy nie 'n nader datum as 1982 of 1983 gee nie. Hy kan ook nie onthou in watter taal gepraat is nie maar dink dat dit in Engels was.

[1156] Voordat die volgende getuie geroep is moes die hof beslis of 'n mededeling deur die beskuldigde aan die getuie oor chemiese ondervraging toelaatbaar was of nie. Die verdediging se beswaar was daarop gegrond dat die staat se saak in aanklag 37 duidelik was dat die beskuldigde Mijburgh en Bothma so 'n ondervraging gehou het en dat al die getuies dit weerspreek het. Behalwe vir die mededeling waaroor Theron getuig het is daar geen getuienis om die aanklag te staaf nie. Dit slaan dus net op karakter. Die staat voer aan dat dit ter weerlegging van 'n verweer van die beskuldigde is naamlik dat daar nie so iets soos chemiese ondervraging is nie en die verdediging antwoord daarop dat dit nie beskuldigde se verweer is nie maar bloot dat dit nie gebeur het nie. Ek het gereël dat die getuienis nie toelaatbaar was nie

[1157] **Phillip Jacobus Meyer** is 'n gekwalifiseerde mediese dokter. Hy was vanaf 1981 tot 1984 in 1 Militêre hospitaal. In 1985 was hy by Spesmagte hoofkantoor en vanaf 1986 tot 1989 was hy by HSI. In Angola was sy taak administrasie van die lugvoorsiening aan Angola en ondersteuning aan Unita. Hy is na HSI hoofkwartier te Rundtu. Hy het nou geskakel met Unita en het weekliks met hulle vergader. Hy was soms in Angola vanaf Mavinga. Hy was ook by plekke waar opleiding gegee is langs die Quandorivier. Hy het in Mei 1989 teruggekeer. Hy het die basis opgeruim. Hy was daar tydens Modulêr, Packer en Hooper.

Daar was geleenthede wanneer daar beskermende pakke deur eie magte ingebring is. Dit was wanneer daar verifikasiespanne aangestel is. Dit was nie 'n groot hoeveelheid pakke nie. Hy het nie Unita met beskermende klerasie gesien nie. Dokters moes aan hom terug rapporteer en daar is nooit gerapporteer dat daar 'n soldaat met 'n snaakse pak aangekom het nie. Hy weet nie van CAM's nie. Hy dink dat dit aan hom gewys sou gewees het. Hy het nie nuwe nat-deteksie stelle gesien nie. Hy het ook nooit 'n verslag daaroor gesien nie. Wanneer 'n Unita persoon in Angola gesterf het is hy aan Unita gegee om begrawe te word. Eie magte is teruggevoer na die Republiek.

[1158] Dit blyk uit kruisverhoor dat hy sy verklaring in November 2000 afgelê het. Daar het 'n persoon by hom ingewoon wat op 'n trommel met dokumente afgekom het en dit onder die aandag van die polisie gebring het. Daar was toe 'n ondersoek. Hy was van middel 1986 tot Mei 1987 in die noorde. Hy was altyd veilig agter Unita magte. Hy het van tyd tot tyd oor die vyandelike gebiede gevlieg. Daar was spesifieke instruksies dat chemiese insidente gerapporteer moes word. Daar was nooit 'n pasient met so 'n pak nie. Hy gee toe dat so 'n pak uiters warm is en anders lyk as 'n gewone uniform. Hy gee toe dat as 'n persoon beseer sou gewees het dat sy makkers hom sou moes help om uit die pak te kom maar toon aan dat hulle tog baie uniforms moes stukkend sny. Hy gee toe dat hy nie die CAM's of nat-deteksiestelle sou gesien het nie.

[1159] Tydens herverhoor het hy aangetoon dat hy 'n regsverteenvoerder het en dat daar geen beloftes aan hom gemaak is nie. Die grootste ondersteuning vir Unitamagte het van Suid Afrika gekom. Daar was egter skenkings van Europese lande. Hulle is nie altyd in kennis gestel van skenkings deur die Europeërs nie omdat Unita nie wou hê dat hulle bystand uit Suid Afrika beoerk word nie. Hy het nie CBO opleiding gegee nie maar het mediese ordonnanse opgelei.

[1160] Hy is later weer geroep om te getuig. Hy sê dat daar 'n ondervragingskursus by Sterrewag aangebied is. Dit was 'n twee tot drie weke kursus en verskillende ondervragingstegnieke is aan hulle verduidelik. By die hospitaal was hy eers by oor, neus en keel en is toe na ongevallen toe. Daar was 'n saal waar sensitiewe gevalle aangehou is. Daar was pasiente van Unita en van ander lande. Daar was nie

toegang tot daardie saal gewees nie. Aandie einde van 1985 is hy verplaas na Spesmagte. Die bevelvoerder was die beskuldigde. By Augustus/September 1985 is hy aangesê om 'n ondervraging by te woon. Dit is gedoen deur die beskuldigde en Deon Erasmus in 'n privaat kamer. Die pasient was op 'n drup. Hy was by sy positiewe en het slaperig geraak. Een persoon het die middel toegedien en die ander het vrae gevra. Dit was nie suksesvol nie en is die volgende dag herhaal. Dit was weer nie suksesvol nie. Die pasient kon hulle wel sien. Daar was toe 'n gesprek dat die pasient uitgesorteer moes word. Hy het verstaan dat hy gedood moes word. Hy was ontsteld en het dit met gen. Knobel bespreek en is daarna verplaas Rundtu toe.

[1161] Onder kruisverhoor het hy getuig dat hyself niks gedoen het nie en nie weet wat ingespuut is nie. Hy bevestig egter dat by 'n mediese ondervraging in 'n konfliktsituasie daar van pentotal gebruik gemaak word en dat dit heeltemal 'n normale manier is om 'n pasient te ondervra. Hy gee toe dat hierdie so 'n situasie kon gewees het. Dit word aan hom gestel dat dr. Erasmus nie staaf wat hy sê nie. Dit word aan hom uitgewys dat in sy November verklaring hy niks meld van die pasient wat uitgehaal moet word nie. Hy sê dat daar 'n breedvoerige konsultasie met hom was waar dit hom bygeval het. Dit word aan hom gestel dat gen. Knobel ook nie bevestig wat hy sê nie. In herverhoor sê hy dat die tipe vrae wat aan die pasient gevra is operasioneel van aard was.

[1162] **Mnr S** is 'n vlieënier wat saam met ene Fred Frayne vir 'n frontmaatskappy van die SAW gevlieg het. Die maatskappy was Wonder Air en het kantore gehad te Wonderboom lughawe en het behoort aan ene Gert de Klerk. Hy het ook in Poyntons gebou en in die Zanza gebou gewerk. Met die dood van Orlando Christina was hy en Frayne vlieëniers. Hulle het gehoor dat hy vermoor is. Hy het vir Dhlakama in Mosambiek gaan haal. Hy het gereeld in en uit Mosambiek gevlieg en het vir Dhlakama ook by 'n ander geleentheid gaan haal. Hulle is by geleentheid aangesê om na die Caprivi te vlieg. Hulle is van Wonderboom na die Vrystaat. Kol. Van Niekerk was in die vliegtuig. Hy was onder bevel van Frayne en hy glo dat Frayne sy opdragte van van Niekerk en van Tonder gekry het.

[1163] By Tempe in Bloemfontein is 5 of 6 swart mans wat geboei was aan hulle oorhandig. Hy het gedink dat dit Christina se moordenaars was. Hulle het gevlieg tot by 'n lughawe naby aan die grens van Angola.

Hulle het die middag geland en die verdagtes is oor die grens geneem. Oelschig moes gaan want hy het met Unita geskakel. Hulle het brandstof in die vliegtuig laat sit en hy en Frayne het in die vliegtuig gewag. Hy dink dat daar ook 'n logistiese offisier was. Hulle het teruggekeer met die lyke van die 5 of 6 mense. Hy kan nie onthou of hulle toegedraai was nie. Hulle was op 'n hoop agter in die vliegtuig. Hy het gehoor dat hulle net een of twee skote moes geskiet het maar dat hulle, hul magasyn leeggeskiet het. Hulle het die volgende oggend opgestyg en na die Weskus gevlieg waar die lyke in die see gegooi is.

[1164] Bewysstuk 36G is 'n verklaring deur **Frederick William Frayne**. Hy was 'n lugmagvlieënier wat wat onder die dekmantel dat dit privaatvliegtuie was vlugte gedoen het met 'n King Air, 'n Lear Jet en 'n Cessna 421. Hulle het byvoorbeeld verslaggewers na die operasionele gebied in Angola vervoer, offisiere van militêre inligting vervoer en vir Jonas Savimbi met die Lear Jet na die buiteland gevlieg. Daar was baie vlugte na baie Afrika lande. Hulle het gevlieg onder die naam Wonder Air. Hy het vir Dhlakama in Mosambiek gaan haal. Dit was kort na die sluipmoord op Christina. Hy en brigadier van Tonder, wat brigadier Botha opgevolg het, het gereeld na Mosambiek gevlieg. Hy het 'n paar vlugte gedoen na Entambeni. Dit het ongeveer een maal per week geduur vir so 5 of 6 weke. Hulle het gewoonlik daar oornag en hy het elke keer die beskuldigde en 'n klompie polisiemanne daar aangetref. Hy het nie geweet wat aan die gang was nie. Hy het gedink dit hou verband met Christina se dood. Hy het vir Dhlakama en 15 van sy mense in Renamo uniforms opgelaa in Mosambiek. Hy is meegedeel dat die mense wat verantwoordelik was vir Christina se dood verhoor sou word. Hy sit uiteen hoe hulle vir van Niekerk, Swart en Oelschig op Wonderboom lughawe opgelaa het, na Bloemfontein gevlieg het en daarvandaan na die Angolese grens. Hy bevestig ook dat die lyke in die see gegooi is.

[1165] In bewysstukke 36H1 tot H5 stel **Ernest Michael Holmes** 'n aantal aangeleenthede te boek. Hy was betrokke by die ondersoek na die moord op Christina. Hy verduidelik wie betrokke was. Die beskuldigde was ook daar en het een van die verdagtes in 'n vertrek wat soos 'n klinieksaal ingerig was medies behandel. Hy het na 'n wapen gaan soek by kleurligseuns in Eldorado Park. Hy was vanaf 26 April met verlof. Hy het later gesien dat die dossier afgesluit is as onopgespoor. Relevante vrae wat hy geantwoord het was bloot dat

hy nie weet wie die verdagte was wat die binne-aarse middels ontvang het nie en hoekom dit toegedien is nie.

[1166] 'n Verklaring deur die beskuldigde, gemerk 30X, is ook by ooreenkoms ingehandig. In die verklaring gee hy die geskiedenis van die CBO projek. Twee aspekte wat uit die verklaring blyk is dat hy daarin sê dat hy gedurende 1980 versoek is om op te tree as projek offisier en dat hy bloot beweer dat die handeling met betrekking tot die dwems in opdrag van die SAW gedoen is en binne 'n goedgekeurde projek.

[1167] **Wouter Jacobus Basson** is ingevolge artikel 204 gewaarsku ten opsigte van aanklagte 60 en 63. 'n Verklaring wat hy opgestel het word as bewysstuk 60B ingehandig as 'n bewysstuk en in die rekord ingelees. Dit blyk dat hy betrokke was by Spesmagte en die BSB. Hy het geweet dat Slang van Zyl 'n projek gehad het wat te doen gehad het met mnr. Omar. Hy het geweet van die Makarov pistool en dat mnr. Omar aan 'n hartsiekte ly. Hy het gehoor dat sy hartpille omgeruil moes word. Hy was nie betrokke by die verkryging daarvan nie. Dit was bekend dat die BSB die vermoë en die toerusting gehad het om die vyande van die staat te ontwig. Hy was nie bewus van gifstowwe of die infra-struktuur waardeur dit verskaf is nie. Tydens die Omar projek het hy wel daarvan bewus geword. Hyself was nie daarby betrokke nie en meen dat dit deur mnr. T hanteer is. Hy is nie bewus van die kanale waardeur dit verkry is nie. Hy het mnr. R geken gedurende sy tyd by 1 verkenningsregiment. Hy weet nie of hy betrokke was by die verkryging van toksiese substansie nie. Hyself was nie betrokke by die oorhandiging van die pille vir mnr. Omar nie. Hy weet nie watter BSB lede daarmee te doen gehad het nie maar die streeksbestuurder, Staal Burger, die besturende direkteur, Joe Verster en generaal Webb behoort daarvan te geweet het. Hy het nie familiekontak met die beskuldigde nie, alhoewel hulle neefs is. Hy weet nie of die beskuldigde betrokke was by die lewering van gif nie.

[1168] Daar is 'n verklaring van **Ferdinand Staal Burger**, by ooreenkoms ingehandig as bewysstuk 59C. Hy is ook gewaarsku ingevolge artikel 204 ten opsigte van aanklag 59. Hy was bewus daarvan dat die BSB metodes gehad het om die vyand maksimaal te ontwig. Met die Omar geval het dit tot sy kennis gekom dat gif of toksiese substansie ook aangewend kon word. 'n Versoek moes aan die mediese koördineerder gerig

word. Hy was mnr. T. Hy het geweet dat Slang van Zyl mnr. Omar om die lewe moes bring. Hy het met Peaches Gordon saamgewerk. Hulle kon nie tot finaliteit kom nie. Hy weet nie waar die substans vandaan gekom het nie aangesien hy slegs by die beplanning betrokke was en die koördineerder Niek en vir mnr T gevra het om dit te bekom.

[1169] Hy was slegs oppervlakkig ingelig oor die bobbejaan fetus. Dit was 'n projek van streek 9 en van Anton du Randt, ook bekend as Stefaans van der Walt. Die fetus het van du Randt af gekom. Hyself moes die fetus na die Kaap neem maar kon dit op die ou einde nie doen nie en het dit vir Slang van Zyl gegee. Voor die verkiesing in Suidwes Afrika het die BSB opdrag gekry om op Suidwes Afrika te fokus. Hy het nooit van die beskuldigde geweet gedurende sy diens tydperk nie. Hy weet nie wat die doel met die ophang van die fetus was nie.

[1170] **Michael Smuts-Muller** het in 1977 by die SAW aangesluit. Hy ken die beskuldigde vanaf 1978/79 by Katimo Mulilo. Die beskuldigde was toe in uniform. Hyself het by D40 aangesluit. Hy was 'n majoor en stoomman te Broederstroom. Hulle het uiteindelik die BSB geword. Hy het baie BSB lede geken. Die beskuldigde het die BSB by een geleentheid besoek. Hyself het die bestittings van die BSB lede gestoor. Tydens die Goldstone kommissie het iemand opgedaag met 'n lasbrief. Hy waa vir trommels gevra en het dit verskaf. Hy het die beskuldigde se meubels gestoor.

[1171] **Mnr. R** is gewaarsku ingevolge artikel 204 mbt aanklagte 59, 60 en 63. Hy was deel van Spesmagte en ook van die BSB. Hy was 'n geneesheer wat sy diensplig gedoen het. Hy was by die BSB betrokke vanaf die einde van 1987 tot aan die einde van 1989 of begin van 1990. Hy het met Joe Verster geskakel. Die stryd het verander van 'n bosoorlog na 'n stedelike oorlog. Hy het sy opdragte as wettige opdragte beskou. Hy het besef dat hulle besig was met die maksimale ontwigting van die vyande van die staat. Normale mediese advies en behoeftes was nodig en hy het dit verskaf. Wanneer dit benodig is, is hy gekontak dmv 'n "beeper". Hy was die geleibuis vir die produkte. Die behoefte is deur 'n kontakpersoon gestel en hy het dit weer aan die SAW gestel. Hy het dit gestel aan Theo en hyself was bekend as Frans

Brink. Wanneer 'n behoefte aan hom gestel is het hy dit aan die formele struktuur gestel. Dit was die beskuldigde en Willem. Hulle het die produkte in die beskuldigde se kantoor gekry dmv Sarie Jordaan. Sy was die beskuldigde se sekretaresse. Hyself het van 'n kodenaam gebruik gemaak. Die voorraad is in verskillende houters gelewer.

[1172] Soms het hy geweet wat die inhoud was. Hy het 'n versoek vir hartpille ontvang van Theo. Hy het baie keer gewonder wat die doel was. Nadat hy dit gekry het, het hy dit aan Theo oorhandig. Hy het gewoonlik langs die pad met Theo gepraat. Die beskuldigde en Willem was in Centurion gewees. 7 Medies het nie geweet dat hy vir die SAW gewerk het nie. Die beskuldigde het dit wel geweet. Hy het nie geweet waar die produkte vandaan kom nie. Die versoeke was soms skriftelik en soms mondelings. Hy het niks met EMLC te doene gehad nie. Hy het geen onafhanklike geheue van of hy 5 of 6 keer by Willem was nie. Die beskuldigde het ook produkte gelewer. Niemand anders het produkte gelewer nie. Die mense wat dit sou ontvang sou operateurs gewees het en nie wetenskaplikes nie. Die BSB was 'n spesialis eenheid mbt stedelike operasies. Hy het geweet dat die bobbejaanfetis wel aangewend kan word om die vyand te ontwig. Sy versoek is aan die beskuldigde of Willem oorgedra. Daar is daaraan voldoen en dit is in 'n koelhouer aan hom oorhandig. Hy het dit nie oorgemaak nie en aan Theo gelewer. Wanneer hy verwys word na bew. 63B sê hy dat die datum wel kan ooreenkom met wat hy in die koerante gelees het. Hy het die hartpille in die sisteem ingevoer. Theo het die versoek gerig. Hy kan nie onthou hoeveel pille nodig was nie. Dit was wit pille. Hy het aanvaar dat dit vir 'n oorkoepelende doel aangewend kan word. Hy het van die pille gelees. Dit kon tydens die Harms kommissie gewees het. Hy kan nie van digoksien onthou nie. Hy bevestig dat hy aan Willem vertoon is en dat Theo saam met 'n persoon wat hy nie kon sien nie aan hom vertoon is. Hy is 1,96 meter lank.

[1173] Onder kruisverhoor het hy aangedui dat hy nie weet watter middels hy aan Theo oorhandig het nie. Dit word aan hom gestel dat Theo se getuigenis was dat hy by doodgewone medikasie betrokke was. Hy gee egter toe dat hulle nie betrokke was by enigiets wat iemand kon benadeel nie. Hy sê dat die uitdrukking dat "iets in die sisteem ingevoer is" bloot maar beteken het dat hy iets ontvang het en aan iemand oorhandig het.

Hy ken nie hartmedisyne nie. Hy kan nie bevestig dat Inderal 'n pienk pil is nie. Hyself het met wit pille gewerk. Hy ontken nie dat hy ook voor ander mense geparadeer is nie. Dit het vir hom gelyk asof Willem hom nie erken het nie. Dit word aan hom gestel of dat die BSB wel normale mediese hulp benodig het en ook spesiale mediese hulp soos byvoorbeeld wanneer 'n persoon gewond is dat so 'n persoon medies behandel kon word sonder om dit aan die polisie te rapporteer. Hy het nie kennis gehad van die streke nie. Hy het nie geweet waarvoor die fetus benodig is nie en is nie seker aan wie hy dit gelewer het nie. Hy het wel 'n van der Walt geken.

[1174] In herverhoor is hy uitgelok om te sê dat wanneer hy gewone mediese middels, soos panado, ontvang het hy dit nie in die sisteem ingevoer het nie. Hy doen dit nie en sê dat alle middels wat benodig is aangevra moes word. Alle voorrade is kovert verkry. Hy het getwyfel of alle medisyne gewone medisyne was.

[1175] **Hendrik Jacobus Bester** is 'n ortopeed wat sy diensplig in die SAW gedoen het, vir 5 jaar aangesluit het en dus op weermagkoste kon spesialiseer. Hy was op 'n stadium verbonde aan die spoorwegpolisie se afdeling spesiale take en moes mediese dekking gee vir die anti-kapings eenheid. Hy was vir 'n dag of twee verbonde aan die Orlando Christina ondervragings. Hy weet nie wat sy rol was nie maar omdat hy baie in Mosambiek gekom het en die Mosambiekers geken het is daar gereken dat hy dalk 'n bydrae kon lewer. Hy het nie self aan die ondervragings deelgeneem nie. Die Oos-Randse polisie het dit in kamers gedoen. Hy het geen bydrae gelewer nie. Daar was nie histerie of katatonie nie. Hy het ook by Entambeni mediese dekking gegee. Hy dink dat dieselfde mense daar ondervra is as wat hier by Pretoria ondervra is. Hy was vir twee of drie dae die enigste dokter daar. Hy was in die laat tagtiger jare by 2 militêre hospitaal by die Angola grens. Hy was gedurende einde 1987 en begin 1988 daar en het nie beskermende klerasie of deteksie-apparaat gesien nie.

[1176] Onder kruisverhoor sê hy dat nóg hy nóg die beskuldigde by die ondervragings betrokke was. Hy weet nie wat die rede was waarom mediese bystand nodig was nie. Volgens hom was daar in Mosambiek mense wat so beïnvloed is deur hulle geloof in voorvadergeeste dat hulle in 'n toestand van konversie verval

het en alle gevoel van werklikheid verloor het. Dit het redelik dikwels voorgekom. Hulle het dan vir die persoon gesê dat hulle sy bloed gaan trek en die bloed van die duiwel gaan bevry. Daar word dan 'n skynoperasie uitgevoer deurdat bloed getrek word, voor die pasient geplaas word en met behulp van een of ander substans laat bruis. Terselfdertyd word die pasient ingespuut en kom gewoonlik reg. Hy kan nie ontken dat scoline en tuberine beskikbaar was nie en alhoewel dit beter is om dit in 'n hospitaal te gebruik kan dit operasioneel met behulp van 'n handventilator gebruik word. Dit was nie skaars of onbekombaar nie. Hyself het dit nooit gebruik nie.

[1177] **Dawid Schalk Venter** is 'n senior ondersoeker by die direktoraat spesiale ondersoek. Hy het besoek afgelê by KEEM en die dokumentew in die trommels besigtig. Hy het 'n dokument gekry wat gemerk was "Uiters Geheim" asook 'n foto album. Kaptein Mike Holmes het ook aan die saak gewerk maar die ondersoekbeampte was eintlik Rosenthal. Hy het 'n verklaring by Wentzel geneem wat hy nie aan Ehlers oorhandig het nie omdat Wentzel 'n 204 getuie was en die versekering gegee is dat dit nie teen hom gebruik sou word nie. Hy het op 'n stadium na Steve Martin gesoek en het 18 maande later weer na hom gesoek maar hy kon hom nie kry nie. Hy het Johan Theron se verklaring geneem. Hulle het hom by die kantoor ondersoek op 'n stadium toe hulle nog net van die Oos Kaap geweet het en nie van die ander voorvalle nie. Theron het spontaan gepraat. Hy was nie bekommerd oor vrywaring nie maar sy verklaring is nie aan die WVK openbaar nie. Theron het dit so versoek en om daardie rede het hy Theron nie die verklaring laat teken nie. Theron het van die verskillende plekke aan hom gaan uitwys soos die stadsaal op Matubatuba en die murasiemuur by die landingstrook waar die lyke opgelaa is. Hy het ook die vlieënier van der Linde na die *recce* basis geneem waar hy hom die plek gewys het waar die vier mense aan die bome vasgeketting was. Hy identifiseer die plek op die foto album bewysstuk 39 A.

[1178] Hy het ook Floyd se verklaring geneem. Hy het aanvanklik ontken maar het later 'n handgeskrewe verklaring aan hom oorhandig. Hy het bewysstuk 31 F laat beëdig en het later nog ander verklaringe van Floyd gekry. Hy het ook Phaal se verklaring geneem. Hy het visenteringslasbriewe gekry en het ondersoek ingestel na de Fonseca se dood, die persoon wiese lyk verbrand is, 'n Swapo aangehoudene wat gedurende

1983 in 1 Militêre hospitaal dood is, M Anderson, P Mabena, Dave Drew en die lêers wat daarop betrekking het asook op 1 Militêre hospitaal, die beskuldigde en Barnacle. Hy het met die ANC en Matthews Posa gepraat. Hy het ook kontak gemaak met Swapo en Renamo en het met Alfonso Dhlakama gepraat. Alhoewel hy hom by drie geleenthede gesien het wil hy nie getuig nie. Hy was teenwoordig toe mnr. R en dr. Immelman in adv. De Vos se kantoor by mekaar gebring is. Immelman het nie vir R erken nie. Hy was ook betrokke by die ondersoek by Around the World. Die ondersoek in die saak was nie 'n normale ondersoek nie omdat baie getuies regsverteenwoordigers gehad het. Hulle het nie spontaan gepraat nie. Die ondersoekers het hulle nie met die WVK bemoei nie. Daar was wel lede wat Derde Mag optrede ondersoek het. Hulle het nie inligting aan die WVK gegee nie maar het gereël dat hulle die skroewedraaiers en dokumente in Kaapstad kry. Hy dink nie dat daar beloftes aangetuies gemaak is nie of dat daar onbehoorlike druk op getuies uitgeoefen is nie. Dit was nie as 'n vereiste gestel dat die getuies die beskuldigde moes impliseer nie. Daar was wel twee getuies wat gewetenswroeging gehad het maar hulle het nie die beskuldigde geïmpliseer nie.

[1179] Tydens kruisverhoor het hy aangedui dat dit nie snaaks was om na die ANC te gaan nie. Mnr. Posa het die mense wat hom van hulp kon wees se name geken. Daar is 'n debat oor die vraag of Theron en Phaal geweet het dat hulle die beskuldigde sou moes impliseer om 'n 204 vrywaring te kry. Alhoewel hy dit nie wil toegee nie word hy na hulle getuienis verwys waarin hulle erken het dat hulle dit besef het. Hy weet nie van 'n verklaring wat van van der Walt verkry is nie. Dit word aan hom gestel dat van der Walt, ook bekend as A du Randt, 'n volkekundige is wat te doen gehad het met operasie Apie. Volgens sy verklaring was die doel van die operasie nie om vir biskop Tutu te intimideer nie. Hy kan nie betwis dat die staat nie beplan om vir van der Walt te roep nie. Hy het nie gedink dat dr. Immelman die waarheid praat toe hy nie vir R erken het nie. Hy gee toe dat Floyd omgeswaai het. Hy kan nie betwis dat daar 'n spesifieke reëling was dat Immelman nie voor die WVK sou getuig nie terwyl die beskuldigde verplig is om te getuig.

[1180] Dit word op rekord geplaas by ooreenkoms dat van der Walt se prokureur 'n verklaring vir hom voorberei het en aan die staat oorhandig het. In paragraaf 5 daarvan verklaar van der Walt dat die doel van die plasing van die fetus was dat biskop Tutu se ondersteuners hulle van hom moes onttrek.

[1181] **Cornelius Petrus de Lange** is 'n lid van die direktoraat spesiale ondersoeke. Van der Linde het die vliegveld by Zeerust aan hulle gaan uitwys.¹ Hy was betrokke by die neem van die verklaring van Phaal. Die span wat gegaan het was hyself, superintendent Venter en advokate Pretorius en Ramoorthy. By die vliegveld het Phaal vir hulle gesê dat hy met sy prokureur wil praat. Daarna het hy hulle teen ongeveer 15:00 kom sien by die woonstel waar hulle gebly het. Hy het die voorval genoem van die middel wat hy by die beskuldigde gekry het. Hy was bekommerd oor sy optrede in die buiteland. Hy het hulle weer die volgende dag kom sien. Daar was baie onderhandelinge oor goed wat hy nie in sy verklaring opgeneem wou hê nie. Hulle kon nie 'n verklaring by Henk Coetzee kry nie.

¹ Bewysstuk 32B

[1182] Hy was ook by toe hulle Floyd gaan sien het. Floyd het gedreig dat hy die “pants off” hulle sou dagvaar. By die volgende geleentheid het hy tog aan hulle ‘n skriftelike verklaring gegee. Venter het dit aangevul met verduidelikings ter opheldering. Pieter Kalangula het aan hom uit gewys waar hy parkeer het² en Floyd het dieselfde plek aan hom uitgewys. Daar was ‘n geringe verskil deurdat die een gesê het dat dit regs van die boom was en die ander dat dit links van die boom was. Daar was niks oor by Fort Rev. nie. Hy het ook voorvalle wat in Mosambiek plaasgevind het ondersoek. Hulle het gesukkel om name te kry. Hulle het toe met die ANC en Swapo geskakel. As gevolg daarvan het hulle met mn. Phosa gepraat. Hy wou by Swapo uitvind wie vermis is. Hy het verder oor die ondersoek getuig maar behalwe dat hy met generaal Loots gepraat het en dat dié geweier het om ‘n verklaring te maak en dat die mense by die WVK strydig met hulle afspraak sy dossier gedupliseer en gebruik het neem daardie getuie nie die saak veel verder nie.

[1183] Onder kruisverhoor bevestig hy dat Coetzee nie Phaas se verklaring gestaaf het nie. Sy getuie suggereer dat Coetzee wel vir Phaas kon gestaaf het as hy wou. Die feit dat die advokate ook by die ondersoek as sulks betrokke was was iets nuuts. Hy kan nie beaam dat dit was slegs omdat dit die beskuldigde was wat aangekla is nie. Phaas se prokureur was ervare. Hulle het vir hom gesê dat Phaas genader word as ‘n staatsgetuie ingevolge artikel 204 en dat hy vrywaring sal kry. Hy dink dat dit aanvanklik by die lughawe verduidelik is. Hy gee toe dat Phaas se indruk kon gewees het dat hy óf die inligting gee en getuig óf die gevolge sal moet dra. Hy gee toe dat die enigste wyse waarop Phaas die beskuldigde aan die misdade kon verbind was met die botteltjie goed wat hy by die lughawe gekry het. Hy het staving vir daardie voorval probeer kry maar kon nie. Hy kon ook nie staving kry daarvoor dat Phaas iemand by Fort Rev uitgeneem het nie.

[1184] Adv. Pretorius handig die notule van die eerste borgaansoek by ooreenkoms in as bewysstuk 30Y. Dit word geboekstaaf dat enige verwysing na die KEEM getuie wat moontlik nog daarin voorkom geskrap behoort te word. Adv. Bouwer handig kennisgewings ingevolge artikel 212B van die Strafproseswet in. Daarin word erkenning van sekere dokumente, veral bankdokumente, van die verdediging geverg.

² **Bewysstuk 46A**

[1185] Sonder dat die vedinging toegee het dat haar getuie relevant is en ingevolge 'n ooreenkoms dat die relevantheid van haar getuie later geargumenteer sou word het die staat vir **Mary Rook** as 'n getuie geroep. Sy is 'n spesiale agent van die CIA wat by die Chikane aangeleentheid betrokke geraak het gedurende Augustus 1989. Sy handig 'n aantal dokumente in wat aantoon dat sy 'n soort van 'n skakelpersoon was wat monsters en bewysstukke tussen staatsdepartemente ontvang en versend het. Tydens kruisverhoor het sy bevestig dat sy 'n blote geleibuis was en dat sy nie die hof kan help oor die oorsprong van die monsters nie of oor die uitslae van die toetse nie.

[1186] **Jan Adriaan van Schoor D'Oliveira** is 'n senior advokaat en adjunk direkteur by die direkteur van openbare vervolgings. Vanaf 1993 tot 1998 was hy die Prokureur generaal van Transvaal. Hy moes die bewerings wat na die Goldstone kommissie aan die lig gekom het ondersoek en was aan die hoof van 'n spesiale ondersoekspan. Daar was dire staatsadvokate, twee internasionale waarnemers, die huidige hoofregter, toe nog adv. Chaskelson, en 'n polisie generaal. Die ondersoek was vervolgingsgerig maar daar was nie 'n poging om die integriteit van die ondersoek aan te tas nie. Die advokate se funksie was om advies te gee en die ondersoek te lei. Dit is so dat daar uit die staanspoor advokate teenwoordig was maar dit het nie moontlike getuies verhoed om deur hulle eie regsverteenwoordigers bygestaan te word nie.

[1187] Die WVK was 'n statutere liggaam. Dit het uitgebreide ondersoek-bevoegdhede gehad. Teoreties kon dit in die PG se kantoor inkom en al sy dokumente neem. Daar was 'n mate van wrywing tussen sy kantoor en die WVK. Hy het onder andere sy ondersoekers belet om die WVK se sittings by te woon. Hy het gevoel dat dit nie in belang van die vervolging in hierdie saak sou wees as die getuies voor die WVK getuig nie en wou van die getuies beskerm. Dit word aan hom uitgewys dat die verdediging beweer dat hulle met die WVK saamgewerk het op 'n wyse wat die beskuldigde benadeel het. Die feit dat Immelman nie voor die WVK getuig het nie word genoem. Hy noem dat hy 'n dossier gehad het oor die maak van metakolon by Delta G, dat Fouche besig was met 'n finansiële ondersoek en dat die beskuldigde toe gearresteer is. Dit het hom laat dink dat die goed nou bymekaar uitgekom het en het opdrag gegee dat daar 'n groot vervolging moes wees.

Oor die posisie van die ondersoekbeamptes by die ondervraging van Theron, Phaal en Floyd sê hy dat hy net die waarheid gesoek het en dat in die proses moontlike artikel 204 vrywaring ter sprake gekom het.

[1188] Daar was 'n mate van oorvleueling tussen hulle ondersoek en die WVK ondersoek. Alhoewel hy geweier het dat van sy getuies voor die WVK moet getuig het hy tog soms voldoen aan versoeke om stawende inligting beskikbaar te stel. Hy het byvoorbeeld die skroewedraaiers beskikbaar gestel. Hy het ook in 'n geval waar daar amnestie geëis is vir 'n moord wat op 'n ander wyse gepleeg sou gewees het opdrag aan die ondersoekers gegee om voor die WVK te bewys dat die dood deur 'n skietwond veroorsaak is. In die geheel was daar 'n afstand gehandhaaf tussen sy kantoor en die WVK. Die verdediging se prokureur was daarvan bewus. Daar was nie samewerking nie. Die WVK het 'n bevinding uitgebring dat daar nie voldoende samewerking van sy kantoor was nie.

[1189] Tydens kruisverhoor gee hy toe dat die beskuldigde nie voor die WVK behoort te getuig het nie. Hy was bang dat die bewys van skuld daardeur onmoontlik gemaak kon word. Hy gee toe dat die KEEM ondersoeker die SAW versoek het om die beskuldigde se regshulp op te skort na konsultasie met homself. Hy het nie geweet dat daar toe direk daarna 'n lasbrief uitgereik is nie. Hy het gemeen dat daar 'n *mala fide* ontneming van staatsgeld sou wees. Hy het 'n diskresie uitgeoefen en meen dat hy dit behoorlik gedoen het. Hy gee toe dat normaalweg 'n persoon in die posisie van die beskuldigde 'n vrywaring moet teken dat hy die staat sal vergoed as hy skuldig bevind word. Dit was die eerste keer in die geskiedenis dat die staat opgetree het soos Fouche dit gedoen het. Dit word aan hom gestel dat sy en Fouche se gesamentlike optrede skokkend was en hy verweer homself deur te sê dat hulle gevind het dat die veiligheidsmagte die stelsel gebruik om getuienis te verdoesel. Hy gee toe dat die beskuldigde hom nie self kan verdedig in 'n saak van hierdie omvang nie en hy gee ook toe dat hy nie self sal kan reël vir die betaling van die regskostes nie. Daar ontstaan 'n debat oor die vraag of die Regshulpraad voldoende regsverteenvoording kon verskaf en hy verwys na die Boesak saak waar daar verdediging deur senior advokate was. Adv. Cilliers stel dit aan hom dat hy een van die advokate was wat namens dr. Boesak opgetree het, dat hulle vir groot gedeeltes *pro amico* opgetree het omdat hulle nie hulle klient in die steek wou laat nie en dat baie van die regshulpfooie nie betaal

is nie. Hy word verder gevra of daar nou werklik 'n verskil sou gewees het, indien hy *bona fide* gemeen het dat die beskuldigde behoorlike verteenwoordiging moes kry, of dit nou via die Regshulpraad of die SAW sou kom.

[1190] Dit word aan hom gestel dat die getuies getuig het dat 'n span verteenwoordigers van die staat opdaag, aan die getuie uitwys dat daar inkriminerende getuienis teen hom beskikbaar is, dat as die staat hom vervolg hy waarskynlik die res van sy lewe in die gevangenis sal moet deurbring en dan voor die keuse gestel word om 'n verklaring wat die beskuldigde inkrimineer te maak en 'n 204 vrywaring te ontvang of om vervolg te word. Hy sê dat hy nie dit in gedagte gehad het nie en dat hy nie opdrag gegee het dat die ondersoekers met 'n gelaaide geweer na die getuies moes gaan nie. Daar ontstaan 'n verdere debat oor die behoorlikheid van die staat se optrede om oor 'n lang tydperk verklarings van 'n getuie soos Theron te neem, veranderings aan te bring en dan aan die einde slegs een finale verklaring aan die verdediging beskikbaar te stel. Die staat betwis dat dit Theron se getuienis was maar op die hipotese dat dit wel sy getuienis was gee hy toe dat dit onbehoorlik van die staat sou gewees het om nie al die verklarings aan die verdediging beskikbaar te stel nie. Dit word aan hom gestel dat daar wel samewerking tussen sy kantoor en die WVK was oor Immelman omdat Immelman se verklaring beskikbaar gestel is sodat die beskuldigde na aanleiding daarvan gekruisverhoor kon word. In herverhoor verduidelik hy dat hy wel met Theron, Phaal en Floyd gepraat het, dat een se gewete hom gepla het maar dat hy nie gedink het dat hy met 'n gelaaide geweer teen sy kop getuig nie. Dit is egter so dat Theron se verklaring oor 'n lang periode opgestel is en dat Theron nie graag voor die WVK wou getuig nie.

[1191] **Wentzel Christoffel Johannes Diedericks** het getuig oor aanklag 57. Hy was eers vanaf 2000 betrokke by die ondersoek en slegs omdat Mike Holmes siek geword het. Hy was betrokke by die uitwysing van Zeelie Beyers en Burger. Hulle het vrywillige verklarings gemaak wat aan die aanklaers oorhandig is. In kruisverhoor het hy toegegee dat hy nie waterdigte sake teen hulle gehad het nie.

[1192] **Gen. Ernst Hendrik Wolvaard Nieuwoudt** het na 38 jaar in die SAW afgetree. Behalwe vir vier jaar

was hy betrokke by teen-inligting. Dit het te doen met die ondersoek van vermeende spioenasie. Gedurende 1983 was hy 'n brigadier en gestasioneer in die Poyntons gebou. Dit het vir hulle duidelik geword dat iemand inligting aan die ANC gee. Gen van der westhuizen het aan hom opdrag gegee om uit te vind wie die inligting verskaf en by 'n proses van eliminasië het hulle bepaal dat dit Roland Hunter moes wees. Hy kon die saak toe aan die veiligheidspolisie oorhandig het maar het dit toe met gen. van der Westhuizen bespreek. Hy het hom versoek het om die aangeleentheid met die beskuldigde te bespreek want die beskuldigde het 'n plan. Dit het te doen gehad daarmee dat Hunter na 'n grenspos gestuur moes word en 'n slangbyt nageboots moes word. Voordat enigiets gebeur het het hulle opdrag gekry om na die veiligheidspolisie te gaan

[1193] Tydens kruisverhoor het hy toegegee dat dit 'n dringende aangeleentheid was, dat dinge vinnig gebeur het en dat Hunter kort nadat hy geïdentifiseer is gearresteer is. Dit word aan hom dat dit binne 'n dag of twee was maar hy sê nie dit kon selfs drie dae gewees het. Dit word aan hom uitgewys dat volgens sy getuigenis Hunter op 8 Desember gearresteer is. Hy bevestig dat beplanning van 'n nagebootste slangbyt gedurende Augustusmaand of omstreke nie iets met Hunter te doen kon gehad het nie. Hy gee toe dat wanneer dit kom by 'n sameswering om Hunter deur middel van 'n nagebootste slangbyt te vermoor daar duidelik nog nie ooreenstemming was nie. Hy sou nie met so 'n sameswering saamgestem het nie en daar was nie so 'n sameswering in die SAW nie. Hy gee toe dat as daar so 'n gesprek was die persoon wat by moes gewees het waarskynlik van Niekerk sou gewees het. Dit word aan hom gestel dat beide die beskuldigde en van Niekerk ontken dat daar so gesprek plaasgevind het. Hy hou vol dat daar wel so 'n gesprek gewees het en dat hy dit nie uit sy duim uit suig nie.

[1194] **Mr Z** was voorheen, toe hy in Zimbabwe was, 'n lid van die Britse Suid Afrikaanse polisie. He was betrokke by pseudo operasies. Hy was verbonde aan Barnacle te Broederstroom. Hy ken die beskuldigde. Hy het hom op die plaas gesien. Hy het hulle na die grens vergesel. Sersant van Blerk was ook in die D40 eenheid. Hy het gif gesien. Dit was in 'n botteltjie soos die waarin vrouens se gesigsroom is. Dit was veronderstel om op 'n deur handvatsel gebruik te wees. Daar was ook 'n teenmiddel bestaande uit 'n klein inspuiting. Hy word gevra of hy gehoor het wat die bron van die gifstof is

[1195] Die verdediging het beswaar gemaak teen die toelaatbaarheid van die vraag en antwoord op die basis dat die persoon, van Blerk wat die gifstof gehad het ontken het dat hy vir die getuie gesê het wat die oorsprong van die gifstof was. Die ander persoon wat ook saam met hulle was het ook ontken dat van Blerk aangedui het wat die oorsprong van die gifstof was. Die staat het geargumenteer dat die getuienis toegelaat moes word as 'n uitsondering op die hoorsê-reël op die basis dat dit moontlike medesamesweerders kan identifiseer. Die staat argumenteer dat daar 'n verskil is tussen hoorsê van 'n verhalende aard en hoorsê van 'n uitvoerende aard en dat hierdie hoorsê van 'n uitvoerende aard is. By navraag deur die hof deel die staat die hof mee dat die staat nie vir van Blerk kon opspoor nie maar toegee dat die verdediging hom opgespoor het en die staat ontken nie dat hy ontken dat hy vir mnr. Z gesê het wat die oorsprong van die gif was nie. Die staat bevestig dat die ander persoon wat teenwoordig was nie die staat wil ondersteun nie en nie die getuienis van Mnr. Z dat van Blerk aangedui het wat die oorsprong van die gifstof was kan bevestig nie. Ek het die vraag en antwoord nie toegelaat nie op die basis in die eerste plek dat die mededeling nie van 'n uitvoerende aard was nie maar van 'n verhalende aard. Verder was ek van oordeel dat dit heeltemal te spekulatief was om 'n mededeling, van 'n persoon wat ontken dat hy die mededeling gemaak het, toe te laat waar die persoon in wiese teenwoordigheid dit na bewering gemaak is ook nie kan bevestig dat dit gemaak is nie.

[1196] Onder kruisverhoor bevestig hy dat die beskuldigde verplig was, as lid van die mediese personeel, om mediese bystand aan hulle te verleen. Die substans waaroor hy getuig sou buite die Republiek gebruik word. Sy verbintenis met die beskuldigde was suiwer sosiaal. Wat hom aanbetref was die beskuldigde nie betrokke by Barnacle nie.

[1197] **Ernst Michael Holmes** was 'n kaptein in die speurdiens maar is medies ontslaan vanaf 4 Mei 2000. Hy het op 1 Oktober 1998 opdrag gekry van mnr. Ackermann om betrokke te raak. Hy het die Ehlers dossier opgespoor en die Rustenburg hofrekord gekry. Hy was betrokke by die opstel van die foto albums en die vesending van die veskillende monsters van dwelms. Die beskuldigde bly so 80 tot 'n 100 meter van waar hy op 27 Januarie 1997 gearresteer is. Hy het die mikrokasset van die beskuldigde en Wentzel se gesprek

gedupliseer en aan die verdediging beskikbaar gestel. Wentzel het Steers restaurant in Brooklyn aan hom uitgewys. Daar was voorheen 'n Greenfields restaurant. Na 'n gesprek met Steven Beukes is hy na Freeman se Capsugel in Germiston. Hy het die verdediging na prof Len Jansen en na die forensiese laboratorium geneem. Hy het Koch gevra om die kapsules te vergelyk. Die kapsules is onder vergroting afgeneem. Hy kon nie vir Steve Martin opspoor nie. Hy is selfs na die kriminele rekordsentrum maar kon geen leidrade vind nie.

[1198] Oor die vervaardiging van Mandrax het hy 'n dossier van inspekteur Venter wat dateer uit 1993 ontvang. Dit het te doene gehad met wat by Delta G gebeur het. Hy het waarskuwingsverklarings oor die sameswering om moord te pleeg op minister Omar geneem van Joe Verster, gen Webb en mnr R. Daar was 'n verklaring van Peaches Gordon maar omdat hy reeds oorlede was kon hy nie 'n verdere verklaring van hom kry nie. Op 30 September 1999 het hy opdrag gekry om die Chikane aangeleentheid te ondersoek. Hy wou weet wie Chris, Gert en Manie was en het albums van die BSB saamgestel. Dit het geblyk dat hulle nie aan die BSB verbonde was nie. Hy het inligting ontvang dat hulle polisiemanne was wat aan die veiligheidstak verbonde was. Hy het hulle lêers aan die hande gekry. Chris was Christoffel Lodewikus Smith was die polisie in 1995 as 'n generaal verlaat het. Gert was Gert Johannes Hosia Otto wat 'n luitenant-kolonel was en Manie was Hermanus Johannes van Staden. Dr. Immelman het Chris uitgeken op bewysstuk 63B1. Hy het waarskuwingsverklarings gekry van Otto en van Staden. Smith was te ver. Hy het probeer naspoor oor 'n persoon wat doodgebloei het as gevolg van vergiftiging in 1 Militêre hospitaal. Hy het die registers vanaf 1981 tot 1988 nagegaan maar kon niks daarin vind nie. Hy het op 11 November 1999 opdrag gekry om aanklagte 65, 66 en 67 te ondersoek. Hy het mnr. Bruwer gespreek en sy voorlopige verslag ontvang. Hy het met Viljoen gepraat. Hy het fotos van die stoor in Pretoria Wes laat neem, TV28. Hy het met It-kol van der Linde gepraat. Sy het die store by Dequarweg aan hom uitgewys. Dit het gegaan oor 9 000 groen pakke. Hy het Ueckermanns, wat verbonde was aan Bachman, in Isando gesien. Hy het met Linda van Niekerk gepraat en sy het oorspronklike dokumente aan hom oorhandig. Hy is terug na die store. Hy het fotos van die pakke en die verpakking geneem. Hy het probeer vasstel wie in beheer van die sleutel was maar kon nie. Hy het met

kaptein van der Westhuizen gepraat oor die pakke. Hy het van Remoortere gaan sien en dié het hom van 'n verklaring voorsien. Hy het Herman Bezuidenhout na Babelegi geneem. Die plek se naam was nog National Tents & Sails. As gevolg van gesprekke met Berzuidenhout is hy na kolonel van Zyl. Hy het met hom gepraat oor die groen pakke en hy het hom geneem na Radio Uitkyk. Dit is die gebou op die foto EVL2. Hy het ook met Willem du Plessis van National Tents & Sails gepraat. Van hom het hy 'n groen pak ontvang, bewysstuk 65.1. Hy het met me. Wasserman wat by die vervaardiging betrokke was gepraat en vasgestel hoe die nommering geskied het. Hy het ook verklarings van Theron en Slabbert gekry. Op 4 April 2000 was hy by verdedigingshoofkwartier. Daar het hy die groen pakke probeer tel en het hy 420 gekry. Die laagste nommer was 216/87 en die hoogste 15479/88. Dit was in dose verpak. Elke houer het ook 'n KT nommer op gehad. Daar was 'n KT 201951. Hy het gesoek na KT216751 maar kon dit nie kry nie. Sommige van die houters was toe. Daar was baie houters met nutria pakke, wat dit nie nodig was om oop te maak nie. Hy het 'n verklaring oor die pakke by kol Theron gekry. Hy het dr. Ben Steyn gaan sien en met ene Daan du Toit by Delareyville gaan praat. Dié het 'n rapport aan hom gemaak oor die gebou op EVL2. Die pakke wat in die dose was was nie in volgorde nie. Die jaartal was gewoonlik 1987.

[1199] Tydens kruisverhoor is dit aan hom gestel dat hy net verklarings geneem het van mense wat die beskuldigde impliseer. Daar vind 'n debat daaroor plaas en hy verduidelik dat hy nie vir Smit, Otto en van Staden geglo het nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat hy nie 'n verklaring van gen. Joubert geneem het nie sê hy dat die aanklaer met gen. Joubert gepraat het. Op 'n soortgelyke vraag oor 'n beweerde sleutelgetuie, gen. Loots, ontken hy ook dat hy met hom gepraat het. Wat hom aanbetref was daar staving daarvoor dat Chris, Gert en Manie aan dr. Immelman voorgestel is en hy het aanvaar dat hulle nie die waarheid gepraat het toe hulle dit ontken het nie. Dit word aan hom gestel dat hy nie behoorlik ondersoek ingestel het oor die hoeveelheid groen pakke nie. Volgens hom is die jaar van vervaardiging baie belangrik omdat daar nie meer groen pakke na 1988 gemaak is nie. Hy beweer dat hulle alles oopgemaak het. In herverhoor het hy weer verduidelik hoekom hy nie vir Chris, Gert en Manie geglo het nie.

[1200] **Dorothea Maria Elizabeth du Plooy (nee Wilken)** was die tikster wat die bande van die gesprekke met die tussen die beskuldigde en die amptenare van Nasionale Intelligensie getik het. Sy het 'n effense gesigsgebrek en lees met behulp van 'n leesapparaat. Sy het egter al 5 jaar ondervinding gehad toe sy begin het om die transkripsies te maak. Sy sê dat sy na die band luister en neerskryf en terugdraai en dit weer speel totdat sy tevrede is dat sy dit reg het. Hoe presies sy die transkripsie maak hang af van wat sy versoek word om te doen. As sy gevra word om dit *verbatim* te doen dan doen sy dit *verbatim* en wanneer sy gevra word om op te som som sy op. Sy gee toe dat wanneer daar herhalings was sy terugverwys het na haar vorige transkripsies. Sy is op 16 Februarie 2 000 weer oor die transkripsies gevra deur ene de Lange. Sy herken haar handskrif. Sy kan nie onthou wat sy in 1994 gehoor het nie. Sy glo dat daar gedeeltes is wat sy *verbatim* afgeneem het. Dit het haar lank gevat om die transkripsies te maak.

[1201] Gedurende kruisverhoor het sy toegegee dat sy nie 'n *verbatim* transkripsie gemaak het nie. Sy kan nie onthou wat gesê is nie. Soms praat hulle nie in die mikrofone nie en dan is die bande so onduidelik dat sy glad nie kan hoor wat gesê word nie. Soms het sy foute gemaak. Plek-plek het sy nie vrae genotuleer nie maar bloot antwoorde. Somtyds was dit moeilik weens agtergrondsgeluide om te bepaal wie geantwoord het. Sy gee toe dat haar transkripsie van die drie dae gesprek nie een keer aantoon dat iemand in iemand se rede geval het nie. Sy dink dit is maar soos sy die gesprek geïnterpreteer het. Sy gee toe dat haar transkripsie 'n skewe beeld kan gee. In herverhoor is sy uitgelok om te sê dat sy vryheid gehad het oor hoe om die vrae uit te druk maar dat die antwoorde *verbatim* moes wees en sy doen dit.

[1202] **Henry Johan Alberts** is die hoofdirekteur van sekerheid by Nasionale Intelligensie. Hy was by die gesprek by Engelbrecht se huis waar die beskuldigde hulle toegelig het. Hy was die junior lid en wou die maksimum hoeveelheid inligting in die minimum tyd inwin. As junior lid moes hy die tee reël en die kos gaan kry. Hy het die gesprek opgeneem vir latere verwysing op 'n lowa opnemer. Daar was seker so tussen 15 en 20 bande. Soms is die masjien afgeskakel en soms was die band vol en het hulle dit nie agtergekom nie. Hy het die bande vir die vorige getuie gegee. Sy is onkreukbaar. Die beskuldigde of die CBO program was nooit die onderwerp van die bespreking nie.

[1203] Die transkripsies het oor maande teruggekom. Hy het dit vir Kennedy gegee. Die bande is nie doelbewus skoongegee nie maar is hergebruik en so is die gesprek uitgewis. Die oorspronklike bande bestaan nie meer nie. Die transkripsies is vir persoonlike konsumpsie gemaak. 'n Hofsaak is nie gekontempleer nie. By latere navrae deur intelligensiedienste van ander lande het hy met die beskuldigde geskakel en daar het 'n goeie werksverhouding tussen hulle tot stand gekom. Daar is goed in die transkripsie wat hy erken het. Daar is ander dinge wat hy nie kan onthou nie. Uit 'n teen-spioenasie oogpunt gee die transkripsie 'n opsomming van die gesprek. Hy kan nie sê dat dit woord vir woord is nie. Daar is wel 'n deeglike uithaal van die relevante gedeeltes.

[1204] Toe hy gekruisverhoor is het hy gesê dat dit nie die opdrag was dat daar 'n woord-vir-woord transkripsie moes wees nie. Later het die doel van die opnames verval en hy het nie die juistheid van die bande getoets nie. Dit was nooit die idee dat dit in 'n hof gebruik sou word nie. Die gedeeltes wat hy kon lees was nie *verbatim* nie. Die transkripsie van die eerste band was omtrent 45 bladsye. Indien daar 15 bande gewees het moes die transkripsie van die orde van 700 bladsye gewees het terwyl dit baie minder was. Die transkripsie was 'n uithaal en opsomming van belangrike inligting uit 'n teen-spioenasie oogpunt.

[1205] In herverhoor het hy weer herhaal dat die vorige getuie goeie transkripsies gemaak het. Dit was haar werk. Sy het nie ander werk gehad nie. Sy moes egter haar intelligensie gebruik. Op 'n vraag van die hof het hy aangedui dat sy bloot 'n transkribeerder was en nie betrokke was by spioenasie en teen-spioenasie nie.

[1206] **Magdale Jäckel** is verbonde aan die SAW en was betrokke by ondervraging en teeninligting. Sy was een keer by 'n ANC ondervraging betrokke. Sy was in Namibië en het vir Dave Drew geken asook vir Fort Rev. By Fort Rev. was daar eenrigting spieëls. Daar was paneel ondervragings. Sy weet van Fontana. Daar was karavane. Een was 'n blote dop terwyl die ander toegerus was met apparaat om 'n ondervraging te kon monitor. Daar is gebruik gemaak van mense se geloof in toorkuns by ondervragings. Sy het 'n groep

dokters opgelei. Sy ken die beskuldigde. Die beskuldigde het die persone wat 'n kursus bygewoon het kom toespreek. Gedurende 1987 het sy 'n ANC oorloper ondervra. Daar was onsekerheid oor of hy werklik oorgeloop het of nie. Sy het gevoel dat as hy onder narkose ondervra kon word dit die dooiepunt kon oplos. Sy het die beskuldigde gevra of dit nie gedoen kon word nie en hy het gesê ja maar dan sal hulle hom moet groet.

[1207] Onder kruisverhoor het sy toegegee dat sy self nooit by 'n chemiese ondervraging betrokke was nie. Sy het ene Nieuwoudt geken. Sy het nie geweet dat hy 'n kenner van chemiese ondervraging is nie en 'n boek daaroor geskryf het nie. Sy het self 'n Swapo ondervra. Sy het 'n lêer gehad en het die ondervraging gedoen volgens die inligting in die lêer. Sy het nie chemiese middels gebruik nie. Wanneer dit aan haar gestel word dat daar nie so iets soos chemiese ondervraging bestaan nie wil sy dit nie toegee nie. Wanneer dit aan haar gestel word dat die beskuldigde ontken dat daar so 'n gesprek plaasgevind het soos sy in hoofgetuigenis oor getuig het hou sy vol dat sy vir die beskuldigde gewag het buite die GG-opleidingskollege, waar hy 'n spreker was. Daar ontstaan 'n debat oor hoe goed sy die beskuldigde geken het en dit blyk dat sy hom by twee geleenthede gesien het. Sy sê egter dat hy wel geweet het wie sy was.

[1208] Die verdediging het bewysstuk AAA ingehandig. Daarvolgens erken die verdediging, ingevolge artikel 220 van die Strafproseswet, dat daar bankrekenings by banke was in ooreenstemming met 'n skedule wat aangeheg is; dat die rekenkundige rekords van daardie instellings korrek gehou is en dat die dokumente in die normale loop van die werksaamhede van die instellings tot stand gekom het. Verder erken die verdediging dat die beskermende klerasie numeries genommer is en dat aan die einde van 'n jaar die jaartal bloot verander het maar dat die nommers aangegaan het waar dit die vorige jaar opgehou het.

[1209] Die verdediging erken ook dat ene Smit, wat 'n stoorman was by Delta G vanaf 1985 tot 1993, Delta G se store ondersoek het en nie inskrywings van die produk M of quinsoline kon vind nie. Dit is egter gemene saak dat die rekords gebrekkig is. Die verdediging erken verder dat die aandeelhouding in die verskillende maatskappye, soos uiteengesit in Bruwer se verslag, korrek weergegee is vanaf die brondokumente. Dit word egter duidelik gestel dat die verdediging nie toegee dat dit die werklike toedrag van sake was nie.

[1210] Ten einde die getuienis van Swanepoel wat aan KEEM verbonde was uit te skakel erken die verdediging dat Swanepoel sou getuig het dat daar 'n behoorlike gestruktureerde proses was om die dokumente wat in die tromele gevind is te nommer. Die verdediging sou egter aan hom gestel het dat dit in die praktyk nie geskied het nie. Die verdediging erken verder dat die beskuldigde op 14 Oktober 1992, in die Krygkor ondersoek nr. 20 van 1992, gedagvaar is om te getuig oor die aspekte wat blyk uit die dagvaarding en bewysstuk 29B. Dit is gemene saak dat die beskuldigde op 16 Oktober 1992 getuig het. Die state van die beskuldigde se sel-telefoon word ingehandig as bewysstukke 27U1 tot 27U38.

[1211] Die staat het ook 'n lys ingehandig wat al die bewysstukke saamvat. Die staat handig verder ook 'n samevatting in van die oorseese en Suid Afrikaanse rekenings wat uit tien kolomme bestaan waarin die naam van die betrokke maatskappy voorkom, die bank, die tipe rekening, die rekeningnommer, die name van die tekengemagtigdes, die datum van die opening of sluiting van die rekening, die verwysing na die rekening in Bruwer se verslag, die bewysstuknommer, die aanklag waarop dit betrekking het, en die basis waarop die staat beweer dit toelaatbaar is. Die doenlikheidsstudie oor RNL wat dr. Chu gedurende 1991 gedoen het word ingehandig en gemerk 3A.

[1212] Hierna is die staat se saak gesluit. Dit was op 1 Maart 2001, bykans 17 maande nadat die saak die eerste keer in die hof geroep is. 'n Uitgebreide aansoek ingevolge artikel 174 van die strafproses wet het gevolg. Dit is in afsonderlike stadia gedoen. Dit het aangehou tot byna die einde van Junie 2001. Die rede waarom dit so lank geneem het was omdat die staat daarop gewys het dat dit 'n lang oorkonde is en groot voorbereiding verg om sinvol op die aansoek te antwoord. Daar is gevolglik tyd aan die staat verleen om behoorlike argumente voor die hof te plaas. Dit was egter uit my oogpunt waardevol omdat daar 'n sistematisering van die getuienis, wat deurmekaar was, plaasgevind het. Die beskuldigde is ontslaan op 'n aantal aanklagte. Die redes vir ontslag is destyds verwoord en sal later hierin opgeneem word. Die beskuldigde het daarna op 23 Julie 2001 begin getuig. Sy hoofgetuienis het omtrent 6 hofdae geduur en hy is vir 34 dae gekruisverhoor, 6 daarvan deur adv. Pretorius en 28 deur mnr. Ackermann. Soos met die ander

getuienis het ek ook die beskuldigde se getuienis elke aand opgesom deur dit te dikteer en te laat tik. Ek het die opsommings nou tot 'n geringe mate verander deurdat ek die datums en verdagings laat uithaal het, maar wat volg is daardie opsommings.

[1213] Hy is gebore op 6 Julie 1950 en hy matrikuleer te Milnerton Hoërskool aan die einde van 1967. Hy was ingeskryf by die Universiteit van Kaapstad maar het toe aan die begin van 1968 na Pretoria gekom waar hy ingeskryf het vir M.B. Ch.B. Hy het dit voltooi aan die einde van 1973 en het sy huisdokterjaar gedoen in 1974 by die destydse HF Verwoerd hospitaal. Hy is in 1975 opgeroep en moes sy diensplig doen by 5 SAI Infanterie te Ladysmith. Deur bemiddeling van familie is besluit dat hy nie na Middlesex sou gaan waar hy in ginekologie sou spesialiseer nie maar dat hy vir twee jaar by die Staande Mag sou aansluit en daarna vrygestel sou wees van diensplig. Hy het aanvaar dat hy by 1 Militêr in die ginekologie sou kon spesialiseer. Hy het toe op 1 Januarie 1975 by die SAW aangesluit maar het ontdek dat die ginekologie komponent vol was. Hy het betrokke geraak by interne geneeskunde en was vir die grootste deel betrokke by die intensiewe sorg afdeling. Hy het aan die begin van 1977 begin spesialiseer. Hy het toe 'n kliniese assistent geword en het gespesialiseer in interne geneeskunde by UP. Hy was die eerste nagraadse student wat deur die SAW opgelei is. Die SAW het in daardie tyd gebruik gemaak van kliniese assistente en van konsultante om diens te lewer by die verskillende grensgebiede. Toe het hy vir kort rukkie in geïdentifiseerde probleemgebiede gewerk. Hy was by gebiede waar daar minder trauma was maar meer infeksie. So was die Caprivi bekend as 'n gebied waar die grootste konsentrasie van tropiese siektes voorgekom het. Sy werk vir die weermag is beskou as deel van sy kliniese opleiding. Hy was geïnteresseerd in biochemie en het 'n M-graad in chemie gekry. Sy opleiding is voltooi aan die einde van 1980. Tydens sy opleiding was hy ook gevra om by Zimbabwe betrokke te wees en dit het gegaan oor infeksie siektes. Hyself het gespesialiseer in kardiologie, pulmonologie en infeksie siektes. Daar was 'n paar duisend Suid-Afrikaanse troepe aan die Suid-Afrikaanse kant van die Zimbabwese grens en ook aan die Zimbabwese kant. Daar het voedingswangebreke ontstaan. Hy was vir 'n dag in Zimbabwe en het die diagnose gemaak en die siekte geïdentifiseer en voorskrifte gegee. Hy het sy graad gekry in April 1981. Sy M.Sc het hy gekry in April 1979. Sy finale eksamen het hy gedoen in

Oktober 1980.

[1214] Gevra of hy betrokke was by militêre aksies sê hy dat hy en andere opdrag gekry het om Suid-Afrikaanse krygsgevangenes wat in Angola was en vrygelaat is te ondersoek. Hulle is op 'n Saterdag per vliegtuig na die operasionele gebied en het die Sondagaand teruggekom. Wanneer hy so betrokke was het hy die rang van majoor gedra en hy het ook 'n uniform gedra. Om aan te toon hoe gering sy betrokkenheid by militêre operasies was dui hy aan dat hy sy Pro Patria medalje eers in 1982 gekry het en dat die rede daarvoor is dat jy dit slegs kry nadat jy drie weke diens op die grens gedoen het. In die begin van 1981 moes hy 'n junior stafdienskursus volg. Dit was vir tien of twaalf weke en hy was gevolglik nie alleen medies nie maar ook militêr gekwalifiseer vir die rang wat hy gedra het. Net daarna is hy deur die geneesheer-generaal na sy kantoor ontbied. Daar is aan hom uitgewys dat daar 'n behoefte ontstaan het vir die ontwikkeling van 'n CBO program. Dit is aan hom uitgewys dat daar 'n wesenlike bedreiging was en dat die moontlikheid van besmetting deur die vyand nie uitgesluit kon word nie. Dit is verder aan hom gestel dat die Angolese van die metode gebruik gemaak het en dat hulle hulle middels sou gekry het van die Kubane, die Oos-Duitsers en die Russe en dat dit reeds op Unita magte aangewend was. Hy is toe gevra of hy belang sou stel daarin om so 'n vermoë te vestig en het dit aanvaar. Hy glo dat hy gevra is omdat hy as 'n internis gekwalifiseer was, gespesialiseer het in infeksies en ook chemiese bekwaamhede gehad het. Op daardie stadium het hy ook militêre opleiding ontvang alhoewel hy niks geweet het van wapentuig en ammunisie nie. Hy het eers later so 'n kursus deurloop. Hy was bereid om betrokke te raak. Hy was ook betrokke by hulpverlening aan Iran tydens sy opleiding. Daar het 'n aartappel-siekte uitbreek op die noordelike grens van Iran en as gevolg van die giftige swam is 'n paar duisend mense dood. Die enigste ander land waar jy nog daardie swam gekry het was in die koue Bokkeveld. Hy is deur die geneesheer-generaal gevra om na Iran te gaan. Hy het na die pasiënte gekyk en hy het na die aartappels gekyk en voorstelle gemaak. Daar was ook 'n geleentheid toe daar bloedingskoors in Zaïre uitbreek het onder die Amerikaanse navorsers daar. Hulle is met 'n groot vliegtuig na die geheime laboratorium en het die Amerikaners na 1 Militêre hospitaal gebring waar hulle gesond gemaak is en later teruggestuur is.

[1215] Kort nadat hy versoek is om betrokke te raak en ingestem het is hy na 'n vergadering waar generaal Viljoen (HSAW), generaal Niewoud (GG) en generaal P W van der Westhuizen (HSI) teenwoordig was. Hy het hulle as pasiënte geken. Die brigadier van spesiale magte generaal Frits Loots was ook daar. Hom het hy toe nog nie geken nie. Die probleem is bespreek. Dit is uitgewys dat die SAW geen vermoë het om sigself te verdedig nie en dat daar 'n behoefte aan 'n projek is. Daar is toe stappe geïdentifiseer. In die eerste plek moes inligting ingesamel word. Daar moes nagegaan word wat beskikbaar is en wat gedoen moes word. Dit was duidelik dat die SAW totaal in die duister was. Daar was niemand beskikbaar om inligting in te samel nie en hy het toe tot sy verbasing gehoor dat hy dit sal moes doen. Hy was nie 'n opgeleide agent nie. Hy het gevra vir riglyne en beperkings en hulpmiddels. Dit was duidelik dat die ondersoek koevert moes wees en nie openlik kon wees nie en die opdrag was dat die SAW sigself kan distansieer van wat hy doen. Origens was daar geen beperking nie. Die geld was beskikbaar en hy kon bloot as 'n noodmaatreël met missies oorsee skakel (militêre attachés). Die hele ondersoek is aan sy inisiatief oorgelaat. Hy het besef dat hy inligting die maklikste in die VSA sou kry. Daar is organisasies wat dit moeilik maak vir die regering soos bv The Physicians for Human Rights. Hulle wil die regering embarrasseer en het baie inligting. Daar is ook verregses wat wapentuig beskikbaar wil hê en wat wil hê die regering moet dit maak. Hy is omtrent in April 1981 na die VSA en hy het hom voorgedoen as 'n dienspligontduiker. Deur vriendskappe het hy toegang tot databasisse verkry. Hy het ook die name van staatsamptenare verkry. Hy het inligting gekry met betrekking tot hierdie aspekte uit die kongresbiblioteek. Hy het besef dat daar drie ideologieë is wat hy moet uitbuit - die een was die politieke ideologie, die tweede was die finansiële sy om mense te betaal en die derde was die tegnologiese aspek waar mense wat wel daarin geslaag het om goed te ontwikkel baie geredelik daaroor gepraat het. Hy vermoed dat hy so twee maande in die VSA was.

[1216] Hy kan nie onthou tot watter mate hy terugvoering gegee het by sy terugkeer nie maar hy het besef dat daar 'n behoefte was dat 'n soortgelyke ondersoek in Europa gedoen moes word en hy is kort daarna Europa toe op 'n soortgelyke sending. In Europa egter is dit moeiliker omdat vrydenke nie so toegelaat word soos in Amerika nie. Hy het wel toegang gekry tot front-organisasies wat deur die Russe geskep is soos bv die Stockholm International Peace Reservation Institute. Dit is 'n instansie wat deur die Russe befonds word

met die doel om die Amerikaners te embarrasseer. Dan was dit moontlik om afgetrede navorsers en bestuurders in Engeland aan die praat te kry. Hulle is nie ryklik beloon deur hulle regering nie en hulle was maklik bereid om te praat. Een so 'n man was in die Marconi span by die ontwikkeling van 'n radio.

[1217] Hy het toe teruggekeer na Suid-Afrika. Hy het die inligting gegee aan HSAW, GG, HSI en die bevelvoerder van spesmagte. Kort daarna het hy opdrag gekry om die bevel oor te neem oor die mediese hulpverlening aan operasie Protea. Dit was omtrent in Augustus 1981 en hy en artse is na Oshivello. Die voorbereiding het omtrent drie na vier weke geduur en die totale oorlog was omtrent twee weke.

[1218] Hy word onderbreek om aan te toon dat wat die voedingsprobleme in Zimbabwe aanbetref toe hy nog 'n kliniese assistent was hy net vir die dag na Zimbabwe was en die werk gedoen het in die kantoor van die GG.

[1219] Hy word oorgeplaas na spesmagte se kantoor en wat later 7 Medies geword het is daar begin. Hy het as sy handlanger gekies sersant-majoor Jimmy May. Hy was betrokke by ops Protea. Hy was ook betrokke by die koördinering van alle mediese steun aan gevegseenhede. Hy het drie kantore gehad te Speskop - een het hy beset, een is deur Jimmy May beset en een was die hoekkantoor wat 'n stoorkamer was. Hy het Johan Theron nie voor die tyd geken nie. Generaal Loots het vir hom gesê dat hy Theron moes ontmoet wat hom sou wys waartoe en waar hy toegang sou hê. Dit was 'n gewone weermagprosedure. Hy het Theron toe leer ken toe hy hom deur die gebou geneem het. Hy het kantore gehad te Speskop tot 1993. Hy het projekkantore gehad. Hy het ook by militêre inligting kantore gehad en ook by die polisie. Hy dink dat die terugvoeringsvergadering gedurende Julie 1981 was. Daar is besluit na aanleiding van sy mededelings dat daar 'n bedreiging was vanuit die Oos-blok.

[1220] Daar was 'n neiging in die verskillende lande om navorsing op drie vlakke te doen. Hy onderbreek homself om te sê dat chemiese en biologiese oorlogvoering is die gebruik van chemiese energie en nie kinetiese- of brand energie nie om die sintuie van troepe te belemmer sodat hulle nie in staat is om hulleself

sinvol te verdedig of om 'n aanval te loods nie. In hierdie verband is daar drie tipes: daar is in die eerste plek dodelike middels soos mosterdgas; in die tweede plek inkapasiterende wapens wat die persoon nie kan waarneem nie of nie kan interpreteer nie en wat bewustelik of onbewustelik kan wees. 'n Voorbeeld van 'n bewustelike inkapasitering is die geval waar 'n persoon se bloeddruk afgedwing word sodanig so dat hy nie kan staan nie en val maar wanneer hy val daar genoeg bloed in sy kop is dat hy weer behoorlik kan dink. Hy kan egter net nie opstaan nie. Hy besef dan dat daar fout met hom is maar hy kan niks daaraan doen nie. Die gedagte is dat as 30% van 'n vyandelike mag so geïnkapasiteer word dat die mag geïnkapasiteer is. Die onbewuste inwerking werk in op die breinfunksie en op die sentrums wat 'n persoon normaal laat funksioneer. Hy kan bv onbewus wees daarvan dat hy geïnkapasiteer is of hy kan beangs raak of hy kan psigoties raak. As hy beangs is kan hy nie behoorlik optree nie en psigoties kan hy sy eie mense seermaak. Daardie middels is chemiese middels. In die derde plek is daar irriteermiddels. Dit irriteer die sintuie soos traangas. Die slagoffer is altyd bewus daarvan. Die resultaat is dat hy homself moontlik uit die gevegsterrein moet verwyder. Hulle klassifiseer alle middels as chemiese middels, ook die chemiese middels wat afkomstig is uit clostridium. Dit kan ook as 'n biologiese middel beskou word. Die verspreiding van chemiese middels is belangrik. Dit kan kineties versprei word soos deur wind en water of by wyse van wapens terwyl die biologiese middels inwerk op die organismes en mense siek maak. Lewende organismes word gebruik en dit word óf deur direkte besmetting toegepas óf deur middel bv van besmetting van water, ens. Biologiese agente kan versprei word sonder direkte kontak. Dit het bv gebeur met die SAW dat 20% van die troepe hepatitis ontwikkel het.

[1221] In die vroeë jare was die klem op dodelike middels. Deur die jare het dit egter verander en dit is bepaal dat daar op inkapasiteer- en irriteermiddels gekonsentreer sou word. Die middels moes ontwikkel word. By 1980 was dodelike middels reeds dodelik genoeg, dit is nou mosterdgas. Ofskoon die idee nie is om daarvan gebruik te maak nie bestaan die bedreiging van dodelike middels steeds. Indien daar bv 'n rookwolk oor jou troepe sou kom moet jy onmiddellik die troepe beskermende klerasie laat aantrek. Daardeur verminder die gevegseffektiwiteit met 60%. Jy weet nie wat die middel presies is nie. Die vyand weet dit en die vyand hoef nie sy troepe so te inkapasiteer nie. Gevolglik het die vyand dan 'n voorsprong op jou. Om die

veld gelyk te maak moet jy dan iets kan teruggooi wat die vyand in dieselfde posisie plaas. In daardie opsig was die dreigement van dodelike middels noodsaaklik. Wat middels aanbetref is die middels net so effektief as wat die verspreiding is. By dodelike middels hoef die verspreiding nie so effektief te wees nie en hy noem as voorbeeld die geval waar die Irakese dodelike middels in dromme op 'n palet gesit het, uit 'n vliegtuig oor die Iranese gegooi het en laat ontplof het bokant hulle as gevolg waarvan baie van hulle dood is. Die verspreiding daarvan kan op drie maniere plaasvind. In die eerste instansie kan dit in 'n bom geplaas word en deur die bom versprei word. Dan is daar die tweede metode by wyse van 'n aerosol. Dit is middels wat pirotegnies aan rook vasgeheg is. Dit word dan deur die rook versprei. Daar is ook 'n verdere metode waar die Irakese 'n fyn stof geneem het en dit in klein partikels verdeel het en dan 'n giftige gas soos mosterdgas daaraan geheg het. Wanneer die slagoffers ondersoek word is daar nie brandwonde soos jy by mosterdgas kry nie maar die diagnose is tog mosterdgas en dit blyk dan dat die mosterdgas ingeasem word. By Valapjar is sianied op hierdie wyse in die lug losgelaat en is 'n groot aantal soldate dood. Die neiging was egter om weg te beweeg van dodelike middels. Dan is daar ook aanvalle op uitrusting bv op die aanloopbaan van vliegtuie waar die teeroppervlakte onbruikbaar gemaak word en ook die onbruikbaarmaak van elektronika soos bv in vliegtuie. Daar is ook maniere waarop brûe of brandstofopslagplekke vernietig kan word. Die navorsing was gerig teen die vyand maar die doktrine was dat dit defensief was. Ons buurstate het bv nie opslagplekke gehad wat vernietig sou word nie.

[1222] In al die lande word die navorsing en ontwikkeling op drie vlakke gedoen. In die eerste plek is dit die innoverende terrein en dit is koeverte fronte wat nie aan die weermag verbind word nie, soos universiteite en in Suid-Afrika sou dit plekke wees soos Delta G en Roodeplaat. Die middelvlak is dan instansies wat in die een kant skakel met die eerste groep van instansies en in die tweede plek met die weermag om beskermende klerasie bv te vervaardig. In Suid-Afrika is Protechnik 'n voorbeeld daarvan en dan is daar die heeltemal militêre gedeeltes soos Krygkor en die Speskop laboratorium.

[1223] Hy het hierdie inligting soos hy dit hier aan die hof verduidelik het by die terugvoeringsvergadering

aan sy hoofde gegee. As gevolg daarvan het hulle Krygkor genader om te hoor of hulle betrokke wou raak by CBO. Krygkor was nie geïnteresseerd nie. Hulle het gesê dat hulle nie soortgelyke inligting het nie en dit wil lyk of hulle ook moreel eties nie hulle weg oopgesien het nie. Daar is weer voorligting gegee en daar was 'n konsultasie met die minister (Malan). Krygkor sou die weermag steun. Hierdie was aan die einde van 1981. Coast is formeel gestig vroeg in 1982. Tot op daardie stadium is sy ondersoeke en reise befonds deur Vampire. Dit is 'n geheime fonds wat deur die HSAW bestuur word. Hy het aangedring daarop dat die projek op 'n baie hoë vlak bestuur word. Brigadier Huyser het die bestuur daarvan bepaal en dit is in die 1982/1983 begroting opgeneem. 1982, 1983 en 1984 is voordat hy op stafdien was. Hulle het begin om Delta G te ontwikkel. Hy het die sleutelpersone geïdentifiseer en sekerheidsklarings is gedoen. Hulle is ook sielkundig ondersoek. Dit was mense soos Willie Basson, Gerrie Rahl en Barry Pithey. Daar is ook aangestel as 'n administratiewe beampte Ben van der Berg en André Redelinghuys. Hulle het gewerk by 'n huis in Breggerstraat. Daar moes beplanning geformuleer word en daar was twee en later drie laboratoriums by Speskop tot beskikking gestel. Die res van 1982 en 1983 is gebruik vir beplanning. Hy is oorsee om verkrygings te doen en agente te sien. Hy is nie beperk nie. Daar was 'n wesenlike bedreiging en daar was internasionale sanksies. Verkryging kon nie langs normale handelsweë verkry word nie. Hy kon mense omkoop en afpers. Hy is ook meegedeel dat hy kon uitruil vertroulike inligting mits hy meer kry as wat hy weggee. Wat terugrapportering aanbetref het die kwessie van selfverryking nie werklik pertinent geopper geraak nie maar hy moes sê wanneer hy 'n staatsgevaarlike situasie geskep het en origens kon hy sy eie diskresie gebruik. In daardie tyd het hulle bv die geval van Gerard gehad. Die beskuldigde is trots daarop dat hy nie van Coast geweet het nie en die rede daarvoor was dat daar baie min kennis van die projek in die weermag was. Hy het bv elke keer 'n plan A voorgelê aan die KBK en dit later verander. Die rede was om homself te beskerm teen lekkasies.

[1224] Wat Delta G aanbetref was die aanvanklike gedagte dat die middels daar vervaardig moes word. Dit kon nie daar verwapen word nie. Die probleem was dat die middels van die begin af gemaak moes word want die makers daarvan bv die VSA het ook waninligting versprei en indien jy hulle resep sou gebruik het kon jy met 'n waardelose middel gesit het. Alles is gevolglik gesintetiseer en die produksie op 'n groot skaal is

begin. Daar is besluit om eers met die irriteermiddels te begin sodat die mense bewus sou word daarvan dat hulle met gevaarlike middels werk. Indien daar bv met kleurlose, reuklose en smaaklose middels gewerk sou word en daar vind 'n fout plaas kon van die navorsers sterf sonder dat hulle dit agterkom. Die laboratorium by Speskop het te klein geword. Daar was 'n analitiese laboratorium later te Val de Grace maar die beplanning by Delta G het voortgegaan en aan die einde van 1985 is Delta G betrek. Hy reken dat hy so tien maal per jaar na Europa was. In 1984 het hy vir Heyndrycx en Blücher ontmoet. Op daardie stadium was hulle besig met die produksie van basiese chemie.

[1225] Kort nadat Delta G begin is het RNL gevolg. Aanvanklik was die gedagte dat die biologie ook by Delta G gedoen sou word maar dit het duidelik geword dat daar baie wetenskaplikes by Delta G werk en dit het baie aandag gevestig op Delta G. Dit is besef dat as daar ook nog ander wetenskaplikes daarna toe moet gaan dit die internasionale aandag op Delta G sou vestig. Daar is gevolglik vanaf die einde van 1983 of 1984 begin met RNL. Hy het dokter Goosen geïdentifiseer deurdat hy baie ervaring met proefdiere gehad het. Dr Goosen het ook die getuie gehelp om Krygkor behulpsaam te wees met die toets van 'n nuwe brandblusstelsel. Sleutelpersoneel is geïdentifiseer en hulle is getoets vir sekerheidsklarings en sielkundig. Dr Immelman is bv geïdentifiseer deur dr James Davis en dr Schalk van Rensburg is geïdentifiseer deur dr Goosen nadat dr Goosen 'n onderhoud met iemand anders moes gaan voer in Kaapstad en nie daarmee suksesvol was nie. Die inwerkingstelling was min of meer dieselfde as in die geval van Delta G. Daar is 'n kantoor geopen in Sinoville. Daar is 'n maatskappy Interlab gestig en later aan is die naam verander na RNL. Die werk is intussen steeds by die proefdiersentrum gedoen omdat die opvolger van dr Goosen by die proefdiersentrum hulle goedgesind was. By RNL is daar biologiese navorsing gedoen en daar was ook 'n wisselwerking met Delta G. In die eerste instansie was die werk by RNL die proefdiersentrum. Daar is die produkte wat by Delta G ontwikkel is getoets. Daar is navorsing gedoen vir teenmiddels en behandeling. Verder was daar by Delta G 'n chemiese afdeling wat eintlik groter ontwikkel het as wat verwag was. Dordens is daar navorsing in genetiese ingenieurswese gedoen. Die genetiese samestelling van bakterieë in virusse is verander om 'n sel wat aanvanklik nie 'n siekte sou veroorsaak nie te verander om wel 'n siekte te veroorsaak

en om dit ook so te verander dat dit nie vatbaar is vir die normale behandeling teen die siekte nie. Dit is geplaas by Roodeplaat Teelondernemings omdat daar teling gedoen is en genetiese deskundiges daar nie aandag sou trek nie. Daar was dan ook die mikrobiologiese ontwikkeling. Ook daar is genetiese veranderinge aan selle gedoen. RNL is gekoördineer deur dr Immelman. Daar was geen amptelike wisselwerking tussen Delta G en RNL nie. Dr Immelman was egter toegelaat om in samewerking met óf dr Swanepoel óf die beskuldigde met van die personeel van Delta G te konsulteer. Die beskuldigde het dikwels wat chemiese ontwikkeling aanbetref dieselfde opdrag gegee aan Delta G as aan RNL en hy het dan die resultate vergelyk en die instansie met die swakste resultaat reggehelp. Dit was 'n soort van 'n in-huis kontrole. As gevolg daarvan het die chemiese afdeling by Delta G buite verhouding groot gegroei. Omdat hulle egter ook te doene gehad het met landbou-chemie het dit nie onnodige suspisie gewek nie.

[1226] In die praktyk het dit gebeur dat wanneer Delta G 'n nuwe chemikalie geproduseer het die getuie dit na Immelman toe geneem het om dit te toets. Wanneer dit 'n middel was wat in die literatuur beskryf is, is Immelman meegedeel en het hy dit dan getoets vir dodelikheid, letsels, teenmiddels en behandeling. Toe Delta G egter later nuwe middels geproduseer het, het Immelman nie geweet wat dit was nie en moes hy dit nogtans toets. Op daardie wyse het hy 'n vermoë met betrekking tot toksiese stowwe ontwikkel wat by min plekke in die wêreld beskikbaar was.

[1227] Hy word gevra oor middels wat die breinfunksie aantast en beduie dat 'n middel 'n persoon bv kan vaak maak maar dat die persoon betyds sal agterkom dat daar fout is en dat hy teen-optrede kan volg soos om alarm te maak of 'n bom te gooi of iets te doen. Dit word gevolglik gekombineer met 'n disoriëntasie-middel sodat die persoon nie besef dat hy geïnkapasiteer is voordat dit te laat is nie.

[1228] Die getuie sê dat dit baie moeilik is om 'n lyn te trek tussen defensiewe en offensiewe oorlogvoering. Hy vergelyk dit met boks en sê dat 'n vegter net kan aanval om homself te verdedig of hy neem die voorbeeld van die vrou wat 'n pistool het om haarself teen 'n verkrachter te verdedig waar dit duidelik is dat die gebruik van die wapen ter verdediging is en vergelyk dit met die geval van die bankrower wat die vuurwapen gebruik

duidelik met 'n aanval-bedoeling. Hy wys verder daarop dat volgens die vorige Geneefse protokol oor chemiese wapens die gebruik van chemiese wapens verbied is behalwe wanneer dit reeds teen 'n moontheid aangewend is en ter verdediging van daardie moontheid. Hy sê verder dat indien daar bv 'n wolk van blou rook met 'n knoffelreuk ontstaan dan weet niemand wat dit is nie en sê dat dit so gebeur het in Angola dat daar by meerdere geleenthede rookwolke versprei is deur die vyand maar dat daar net een keer 'n giftige gas by was - ten spyte daarvan het die Unita soldate gevlug elke keer wanneer die rook verskyn het. Die enigste antwoord in so geval is om self rook te versprei want dan weet die vyand nie waaruit dit bestaan nie.

[1229] Die doel van die navorsing was om 'n effektiewe defensiewe stelsel te vestig om die Suid-Afrikaanse troepe te beskerm. Dit kan óf in konvensionele oorlogvoering gewees het óf in geval van terroriste aanvalle. Hy noem die voorbeeld van die kleurlose, smaaklose, reuklose gas wat bv in 'n kettingwinkel versprei word en wat daar kan bly hang en almal wat ingehardloop kom om te help in die proses ook kan dood. 'n Bree defensiewe plan is geformuleer na aanleiding van voorbeelde uit die Oos-blok lande en hulle doktrines. Volgens die getuie is die hele basis van CBO, misleiding en die wek van vrees. So is daar gerugte versprei oor projektele uit penne en die vergiftiging van water. Hy vertel dat die Russe dit uitgelek het dat hulle 'n chemiese middel gemaak het wat alle maskers penetreer. Hulle het dit in die hande gekry en dit is ontleed en hulle het tot die slotsom gekom dat dit in veertien stappe vervaardig is. Die resultaat daarvan was dat die grootskaalse aanwending daarvan net doodeenvoudig nie kon plaasvind nie.

[1230] Hy word gevra oor die bestuur van Delta G en RNL en begin by Delta G. Hy sê dat wetenskaplikes moeilike mense is wat verwaand is, wat nie erkenning gee aan mekaar nie en met andere se idees op loop gaan. Dr Willie Basson kon dit nie hanteer nie en hy het ook kant gekies. Hy sê verder dat 'n ander probleem van wetenskaplikes is dat hulle nie behoorlike bestuursopleiding kry nie. Die resultaat was dat Delta G se direksie vir die geneesheer-generaal gevra het om dr Basson af te dank en uiteindelik is hy toe in 1985 gevra om te bedank. Dr Mijburgh was 'n diensplig-dokter by 7 Medies. Hy was egter nie baie geïnteresseerd in medies as sulks nie. Hy het by die SAW begin en hy het gewerk aan 'n B.Com waar onder andere rekenaarwetenskap een van sy hoof vakke was. Vanaf 1984 en vanweë daardie opleiding wat hy gehad het, het hy betrokke geraak by Infladel. Hy was betrokke by die finansies en die administrasie van Delta G en RNL.

toe dit gekonsolideer is onder Infladel. Gedurende 1985 was daar min tegniese insette in Delta G en dr Mijburgh was intens betrokke. Die KBK het gevolglik besluit om hom aan te stel as die besturende direkteur.

[1231] By RNL was daar dieselfde probleem. Die wetenskaplikes het onmin gehad onder mekaar. Daar was 'n gebrek aan bestuursondervinding. Die direksie het dit onder sy aandag gebring. Daar was terselfdertyd 'n verslag oor 'n sekerheidsbreuk deur dr Goosen. Daar was ook gerugte van 'n ongemagtigde bouery met RNL fondse by Goosen se huis en boonop het hy 'n embryo-spoel onderneming van sy eie gehad wat nie te versoen was met sy werk by RNL nie. Aanvanklik was besluit om Goosen nie af te dank nie maar 'n bestuurshulp in die vorm van dr Swanepoel te gee. Die getuie was nie ten gunste daarvan nie want hy het nie geglo dat twee bestuurders die onderneming sou kon bestuur nie. Toe daar later weer 'n versoek gekom het vir Goosen se afdanking is daar besluit om hom na Roodeplaat Teelondernemings te stuur.

[1232] Die beskuldigde het in 1985 sy stafdiens jaar gehad. Hy sê dat dit seker vergelykbaar is met MBA. Ofskoon hy in Pretoria gewoon het moes hy inwoon by Voortrekkerhoogte. Dit was van die middel van Januarie tot aan die begin van Desember. In die middel van die jaar was daar 'n breuk in die kursus van twee weke. Dit was nie moontlik om weg te bly van die kursus nie. Hy verduidelik dat hy een van sy eksamens moes aflê met 'n drip omdat daar nie tyd was vir hereksamens nie.

[1233] 1985 was 'n jaar van konsolidasie by Delta G en RNL. Op daardie stadium het hulle middels gehad maar nie wapens nie. In 1986 is hy na die genie-korps vir 'n kursus in ammunisie. Hy het ook 'n ammunisie-opruimingskursus gevolg. Daar was ook 'n gepraakseerde ammunisie-opruimingskursus. Toe die irriteermiddels gemaak is, is begin met inkapasitante. Dit was vanaf 1986. Die CR is vervaardig by Delta G maar dit is verkoop via Intramex en Organochem. Dit het dan by Swartklip uitgekom in die waan dat dit ingevoer is. Die chemiese vermoëns van CR en CS is naby aan mekaar. Enslin Smit van Swartklip is ingelig en ook iemand van Krygkor oor die werklike oorsprong van die CR. Die skyn is gewek asof dit ingevoer is vanuit die buiteland. Brand was later die skyn middelman. Die enigste polisiemanne wat bewus was van die

werklikheid was die kommissaris (hy is nie seker of dit generaal Coetzee of De Wit was nie), generaal Neethling en die minister. Delta G het egter verkoop aan Intramex en Krygkor het dan weer gekoop van Intramex en verkoop aan Swartklip.

[1234] Swartklip kon volgens 'n ou resep rook maak. CS is daarmee verbind. Die getuie en generaal Neethling het gekyk na die rook. Die formule is effens aangepas en Swartklip het toe die CR daarmee verbind. Daar is toe weer klein aanpassings gemaak maar op die ou end is die projektiële daarvan gemaak. Dit is een keer operasioneel gebruik met operasie Modulêr, Hooper en Packer. Daar was van die SA magte wat deur ondeurdringbare mynvelde moes terugval en daar is besluit dat daar in daardie geval van CR gebruik gemaak kon word. Die wapens is toe vervaardig op 'n wyse waarop dit nie teruggespoor kan word nie met Brasiliaanse staal en ander bestanddele van elders in die wêreld. Hy het destyds die 7 Mediese groep saamgevat. Hulle was betrokke by die operasie en alhoewel daar 'n bestaande CR projek was is hierdie handeling steeds klandestien uitgevoer en het die projek-offisier van die weermag nie eers daarvan geweet nie.

[1235] Nadat RNL tot stand gebring is, is Infladel geskep sodat die finansiering en inligting gekoördineer kon word. Ben van der Berg is onttrek by Delta G en geplaas by Infladel en hy het later vir Viljoen by gekry om hom te help. Mijburgh was betrokke en hy het vir Lourens aangewys. Dit is hoe Infladel hanteer is vanaf 1984. Van die ander lede van 7 Medies was ook daarby betrokke. Intramex is 'n bietjie later geskep as 'n front vir die Suid-Afrikaanse weermag. Dit is gebruik vir die verkoop van die CR en ook later vir die skuif van klerasie. Intramex was veronderstel om te werk op 'n koste-plus basis en daar was nie 'n winsmotief nie. Tot op daardie stadium was daar geen meganisme vir buitelandse aankope nie. Hulle het gewoonlik kontant gewerk en in 'n paar gevalle met behulp van skakelpersone van die SAP in die buiteland. Daar was egter nie baie groot buitelandse aankope nie. Die vestiging van Delta G en RNL was vir die grootste gedeelte gewone aankope op die ope mark. Daar was egter glasbelynde reaktore maar dit is deur Jerry Brand ingevoer vanaf die Oos-blok lande. Die RNL se P4 laboratorium is ook heimlik met die bemiddeling van Jerry Brand toegerus.

[1236] In 1986 het dit duidelik geword dat wapens gemaak sou moes word. Daar was nie 'n vermoë om

pirotegniese wapens te maak nie. Daar was nie bars-ladings beskikbaar nie want die wande van die projektile was te dik. Hy sê dat 'n pirotegniese blik of 'n propaganda bom wel in 'n projektiel geplaas kon word maar die chemiese middels wat ontwikkel is kon nie via so blik versprei word nie. 90% van die ontwikkeling was nodig vir pirotegniese ontwikkeling en die aankope het in laat 1987 ter sprake gekom.

[1237] In 1984 het hy vir Herr Blücher ontmoet. Hy was 'n verskaffer van verskeie aspekte beskermende uitrusting aan soldate, onder andere pantsering en CBO, ens. In 1984 het die getuie 'n konferensie in België bygewoon waar hy en generaal Neethling vir ene Derrick Griffiths ontmoet het. Hulle het toe vir Blücher ontmoet via Griffiths. Blücher was bewus daarvan dat hulle geïnteresseerd was in die aanskaffing van wapens en hy was self betrokke by die verbreking van sanksies. Hy het 'n organisasie gehad wat bekend gestaan het as die CBO mafia wat bestaan het uit Russe, Chinese, Amerikaners en allerhande mense. Daar was groot belangstelling en die aanduidings was dat Angola as 'n toetsterrein gebruik sou word. As gevolg van hierdie kontak het hy baie mense ontmoet. Heyndrycx was nie betrokke by Blücher nie. Hy glo dat Heyndrycx deur die Russe gebruik is om propaganda te versprei. Hy het ook Unido Thiaft geskep en hy het 'n man met die naam van Marsk gehad wat by hom gewerk het. Dit was eintlik alles bluf. Hy het vir Jean-Pierre Seynaeve ontmoet. Daar was ook 'n Duitser Dreier en nog 'n ander Duitser die van waarvan hy vergeet het. Daar was 'n Noord-Koreaan met die naam van Chong wat baie goed ingelig was. Daar was 'n Oostenrykse dokter en 'n Arabier Abdul Razzak. Daar was ook Italianers. Buffham het hy in 1986 deur Dreier ontmoet. Hy het ook vir Simon Pura saam met Dreier ontmoet en hulle het oor 'n man in Engeland gepraat, wat Buffham was. In Suid-Afrika is daar opdrag aan die militêre attaché gegee om kontak te maak met Buffham maar hy het toe aangedui dat Buffham reeds kontak met hulle gehad het vir die moontlike lewering van sy Medusa sisteem. Die beskuldigde het toe die voorstelling by die Royal Airforce Club bygewoon. Dr Chu het hy so in 1988/1989 ontmoet toe Dreier vir hom gevra het of hy kan help om \$250 miljoen in die sisteem in te bring. Hy het geglo dat dit die was van geld, wat uit die Oos-blok gekom het was. Hy het vir Jacomet in 1986 ontmoet. Jacomet het vir generaal Neethling geken en hulle het dan saam met mense gepraat. Generaal Neethling wat baie slim was het die inligting ingewin en hy wat die beskuldigde is het gedink.

[1238] Met betrekking tot die kontrole maatreëls tussen Delta G en RNL verduidelik die getuie dat in die weermag dit baie keer gebeur dat daar van 'n blou plan en 'n rooi plan gepraat word en hy verwys na getuienis wat gegee is deur lede van die BSB maar sê dan verder dat in die weermag beplanning deur middel van 'n scenario skets gedoen word waar 'n teiken aangeval word en sekere resultate verlang word. Tradisioneel word die weermag dan verdeel in twee spanne - 'n blou span en 'n rooi span. Die rooi span is gewoonlik die vyand wat die teiken moet verdedig en die blou span is eie magte wat aanval. Aan die einde kry die bevelvoerder dan die planne van beide spanne en dan gaan hy na of die spanne al die stappe van die ander spanne voorsien het en op die manier kom die beste beplanning tot stand. Wat Coast aanbetref het hy dieselfde gedoen en bv vir Delta G geskets dat 'n persoon by 'n sekere plek woon en dat hy vergiftig moet word terwyl hy dan weer aan RNL sou geskets het dat die persoon by die plek woon maar dat hy beskerm moet word en uit daardie resultate het hy dan sekere afleidings gemaak. Daar is ook met van die produkte oorlogspeletjies gespeel in die sin dat dit vir 'n maand of twee in die veld gehou is onder gewone klimaatsomstandighede en dat hy dit dan later gebruik het wanneer hy klas gegee het aan spesmagte om uit te vind hoe effektief die middel is bv of die sjokolade nog eetbaar is, ens. Hy glo dat meeste van die wetenskaplikes 'n wanpersepsie gehad het van waarmee hulle besig was.

[1239] Wat frontmaatskappye aanbetref sê hy dat die eerste frontmaatskappye is maatskappye soos Delta G en RNL wat totaal deur die staat befonds is en waarvan net sekere mense dit weet. Hierdie maatskappye het later geblyk baie riskant te wees eerstens wat betref sekerheid en ook wanneer dit kom by die afwenteling daarvan. Dan is daar gedeeltelike fronte waar die eienaarskap in die individu vestig maar die aktiwiteite 90% van die staat kom. Dit is bv soos Organochem.

[1240] Hy bevestig ook dat daar later onbewuste fronte was waar privaat maatskappye gebruik is of misbruik is. Later is gevind dat die beste front 'n gekaapte front is. Iemand word gekry om sekere besigheid te doen. Die persoon benodig finansiële hulp. Dit word verleen maar die maatskappy word geswaai. Op daardie basis is daar geen terugvoer na die oorspronklike voorsiener van die geld nie. Die getuie bevestig ook dat dit maklik is dat twee inligtingsorganisasies kan saamwerk. Daar het 'n stadium gekom waar die SAW

nie weer betrokke wou raak by fronte soos Delta G en RNL nie.

[1241] 'n Frontmaatskappy kan nie koste-effektief wees nie. Normale besigheidsverwagtinge kan nie verwesenlik word nie. Dit is baie keer 'n geleentheidskoste wat betaal word. Dit word betaal in die verwagting dat iets bereik kan word maar as dit nie bereik word nie is die koste geheel en al verniet gewees. As 'n voorbeeld daarvan is daar 'n maatskappy wat in 'n buurland gestig word om sekere inligting in te win oor die vyande van die staat. Daar word baie geld spandeer om die maatskappy opgerig te kry in die hoop dat die inligting bekom sal kan word. Indien die mense sou wegtrek was dit totaal verniet. Die maatskappy kan ook nie sonder meer toegemaak word nie anders kan dit dalk aandag vestig en moet uitgefaseer word. Wat Delta G aanbetref is daar R30 miljoen geïnvesteer in die verwagting dat iets nuuts geskep sou word. Dit was 'n blote inligtingsverwagting. Ook die afwenteling daarvan was duur. Sekerheidsoorwegings kom ter sprake en dit is ook nie moontlik om die personeel sommer net af te dank nie. Verder ontstaan daar probleme met nuwe leierskap soos bv 'n nuwe eerste president of 'n nuwe hoof van die weermag of 'n direkteur van buitelandse sake. Bowendien geld vryemark-beginsels nie. Die kurwe is monopolisties maar dit is nog erger omdat daar nie net een verskaffer is nie. Die koper is verplig om te koop. Die voorbeeld is die geval van die kind wat gebyt word deur 'n slang en 'n persoon slangserum het en R150 wil hê terwyl dit by Onderstepoort beskikbaar is vir R1,50.

[1242] Die getuie sê dat hy by was tydens 'n transaksie waar antitenkmissiele aangekoop is. Nadat die transaksie so te sê beklank was is daar aangedui dat om die transaksie te beklank dit nodig is dat daar R60 miljoen se RPG buise aangekoop moes word. Dit was op 'n stadium toe Suid-Afrika self die buise vervaardig het en uitgevoer het. Op die ou end is besluit dat die transaksie moes deurgaen en dat die buise tog maar aangekoop moet word. Die prys is wat die koper bereid is om te betaal.

[1243] Na sy ondersoek oorsee het die getuie aanbeveel dat die projek op hoë vlak bestuur moes word. In Rusland bv is dit top siviele mense en top militêre mense wat soortgelyke projekte beheer. In die VSA is dit die hoofde van staf. By die begin van 1982 het generaal Huyser opdrag gekry om so komitee saam te stel.

Die lede is geïdentifiseer en die funksies is betaal. Die voorsitter was die hoof van die Suid-Afrikaanse weermag. Daar was ook die geneesheer-generaal as projek leier, HSI, HSF, bevelvoerder spesmagte en die beskuldigde as projek offisier. Daar was ook voorsiening vir gekoöpteerde lede soos wat nodig is, wat gewoonlik was die hoof van die leër, die lugmag of die vloot soos wat iets benodig word. Die getuie verduidelik dat die aanwending van die CR waaroor gister getuig is in die operasionele gebied so 'n geval was toe daar inderdaad projektele vervaardig is met Brasiliaanse staal. Die KBK was veronderstel om maandeliks byeen te kom. Dit was egter moeilik om hulle bymekaar te kry aangesien dit besige mense was. Daar is bepaal dat drie 'n kworum sou daarstel. Notules is gehou deur 'n lid wat deur militêre intelligensie aangewys is. Later van tyd het die getuie self die notules gehou. Dit is gebêre op 'n sentrale punt. By die volgende vergaderings is dit goedgekeur. Die generaals het mekaar egter baie meer dikwels gesien en het inligting uitgereik en dit is bv so dat die beskuldigde gebel is deur van die lede van die KBK wat nie by 'n vergadering was nie en waar daar voorgestel word dat daar kommentaar bygevoeg word of dat 'n nuwe punt op 'n volgende agenda geplaas behoort te word. Daar was ook gevalle waar die KBK meer as een vergadering in een gehad het. Dit het geskied wanneer generaal Liebenberg bv vir sommige lede gevra het om die vergadering te verlaat en dan met die ander lede verdere gesprek gevoer het. Van so 'n vergadering is ook notule gehou en by 'n volgende vergadering het net daardie lede die notule bespreek.

[1244] Volgens die oorspronklike struktuur sou daar 'n sekerheidswerkgroep wees, 'n tegniese werkgroep, die bestuur- en finansiële werkgroep en ook 'n propaganda werkgroep. Die stuk wat generaal Huyser opgestel het was 'n blote voorstel en dit is op die ou end deur die stafhoofde verander. Daar het niks gekom van die propaganda werkgroep nie. In die vroeëre jare is maandelikse vergaderings gedoen. Dit was tydens die groeiproses en die terugvoering was opleidingssessies aan die generalestaf. Later is die tempo verminder en was daar drie-maandelikse vergaderings. Daar was 'n hele reeks informele gesprekke tussen hom en die geneesheer-generaal en ook met HSAW. Wat die tegniese werke-komitee aanbetref was hy die voorsitter en lede daarvan was die bestuurders van die frontmaatskappye en ook van die wetenskaplikes. Daar was Goosen en ook een of twee maal Immelman. Hulle het nie noodwendig geweet dat hulle lid van die tegniese werke-komitee is nie. Daar was baie sulke vergaderings, ook met mense van Protechnik. Dit was 'n

dinamiese komitee. Op 'n later stadium is die leër betrek en die genie-korps het insette gelewer op die tegniese werke-komitee. Op 'n stadium het Charles van Remoortere 'n voorlegging aan die KBK gemaak. Hy het nie besef hy praat met die KBK nie maar die KBK het wel geweet van die voorlegging. Die wetenskaplikes het vir generaal Knobel geken en kon hom spreek.

[1245] Wanneer 'n behoefte geïdentifiseer word, word dit aan die KBK gestel met min detail. Indien dit dan goedgekeur word, word dit ontwikkel en word dit weer voorgelê. Die voorbeeld wat gestel word is ons weet ons het 'n sekere apparaat nodig en dit word goedgekeur dat X-rand daarvoor betaal word. Naderhand word die konsep goedgekeur en word die geld op die begroting geplaas of geteiken. Wat die sekerheidswerkgroep aanbetref was dit hyself, die hoof van teen-inligting en sekerheidsoffisiere. Hulle het hy gereeld gesien tot omtrent 1989 maar daarna was dit meestal secundi. Dit het gegaan oor meeluisterapparaat, wat gebruik is by telefone van fronte.

[1246] As bevelvoerder van 7 Medies het hy baie te doen gekry met generaal Liebenberg wat langer as enigiemand anders met die projek saamgeloop het. Hy was aanvanklik hoof van spesiale magte, het later hoof van die leër geword maar toe was die leër betrokke by die KBK en toe hy later hoof van die SAW geword het was hy uit die aard van die saak voorsitter. Hy het die KBK hanteer asof dit sy eie komitee was. Hy het opdragte van generaal Liebenberg persoonlik gekry. Hy noem die geval van die 120mm mortiere waar hulle nie geweet het watter "fuses" gebruik sou word nie en dan ook die geval van die verkoop van projek-toerusting aan die weermag, die sogenaamde Karko betaling. Dit was te geldemaking van projek fondse sodat die fondse vir ander doeleindes aangewend kon word. 'n Ander opdrag wat hy gekry het was die speelgoed van generaal Liebenberg dit wil sê die skroewedraaiers en ander apparaat wat gebruik is.

[1247] Wat die WPW groep van maatskappye aanbetref het hy aanvanklik vir Mole ontmoet. Hy het noodvoertuie aangekoop om beskikbaar te wees by Delta G. Daar was ook gesofistikeerde radio-uitrusting benodig wat Mole verkoop het. Mijburgh het dit aangekoop en Bothma het dit tegnies aangewend. Hy het ook aan die polisie goedere verskaf. Daar was 'n paar etes waar hy en generaal Neethling was en dit het geblyk

dat Mole betrokke was by die verbreking van sanksies vir Zimbabwe. Baie gou het hy vir hulle gehelp in Europa met die verskaffing van visitekaartjies asof hulle lede van sy maatskappy was. In 1986 het die SAP af luisterapparaat gesoek wat met laser werk. Mole het gereël dat daar 'n vergadering sou plaasvind in Duitsland. Die beskuldigde het belanggestel in die apparaat bloot vir die laser gedeelte daarvan. Na die vergadering in Duitsland het Mole hom genooi na Engeland en hy het hom baie goed leer ken. Hy het ook kantoorfasiliteite beskikbaar gestel. Deur middel van die chemiese mafia het hy mense ontmoet wat hom geken het as 'n sakeman en 'n sanksieverbreker en 'n smokkelaar. Daar was groot bedrae geld wat gewas moes word. Hierdie mense wou vermoëns vir hulself skep. Hy is gevra of hy bereid sou wees om te help en hy het aangedui dat hy sou. Hy het dit toe ook tentatief uitgeklaar met generaal Niewoud en andere. Daarna is hy terug na Engeland en het hy sy probleem aan Mole verduidelik. Daar was basies drie groepe mense ter sprake naamlik die Libiërs, die Oos-Duitsers en die Russe. Toe hy vir Mole hiervan vertel het Mole vir hom gesê dat die enigste persoon wat dit behoorlik sal kan doen Webster is. Mole het onmiddellik gereël dat hulle vir Webster op die Cayman eilande sien. Die rede daarvoor is dat Mole waarskynlik gereken het dat hy hier groot bedrae geld kon maak. Die getuie weet nie hoekom hulle nou juis Cayman eilande toe is nie. Hy sê dat Webster geweet het dat dit "funny money" is. Hulle is toe na die Cayman eilande toe. Webster was daar. Hy en Webster het 'n gesprek gehad. Hy het vir Webster gesê wat hy vir Mole vertel het. Hy het nie vir Webster gesê dat hy vir die SAW aankoop nie. Hy het hom voorgestel as 'n dokter. Hulle het gepraat oor wapens. Hy sê dat Webster moes geweet het dat hy verbonde is aan die weermag toe hy hom voorgestel het aan generaal Niewoud maar as hy dit toe nog nie geweet het nie dan moes hy dit geweet het toe hy sy bevorderingsparty tot brigadier bygewoon het. Hy sê ofskoon hy nie in uniform was toe hy hom aan generaal Niewoud voorgestel het nie is hy deur een en almal gestrek en gesalueer en moes dit duidelik wees dat hy wel in die weermag is.

[1248] By die Cayman eilande het Webster baie vinnig met 'n basiese konsep vorendag gekom en daarna is hulle na prokureurs Maples en Calder toe. Hy moes die maatskappy- name kies. Mole het betaal vir die vliegtuig en hy het ook geld daar gelaat. Die beskuldigde het nie die fondse gehad om dit te befonds nie.

[1249] Die getuie bevestig weer dat hulle na die prokureur is, dat hulle die Holding maatskappye tot stand gebring het. Webster het gesê dat daar goeie koördinasie moet wees en goeie dekstories en hy het ook een persoon gesoek om deurgaans mee te handel. Hy het aangedui dat hy ampsdraers wou aanwys maar dat daar iewers 'n naam moet wees van 'n persoon en die persoon moet verkieslik aansien hê. Hy het homself as president aangewys en die beskuldigde as aandeelhouer. Sy front op daardie stadium was mediese dokter, sakeman en smokkelaar. Webster het hom na die bank geneem. Daar het hy 'n kort kursus in internasionale bankwese gekry en hy is vertel hoe kontant hanteer moes word. Hy het toe die name gekies. WPW is 'n siekte bekend as Wolf, Parkinson & White syndrome wat elke medikus van weet. Medchem was 'n naam wat hy iewers gesien het en PCM staan vir Pharmaceutical Chemical Medicines. Kort daarna is hy na die RSA. Hy kan nie onthou presies langs watter weë nie. Hy het gekom om goedkeuring en bevestiging te kry en hy het teruggerapporteer. Hy glo dat net sy kaartjie betaal is en dat daar nie betaal is vir Mole se ander uitgawes nie maar hy dink dat die prinsipale vir Mole betaal het. Daar is toe in Suid-Afrika besluit om die skema te skaal. Op daardie stadium was dit duidelik dat dit baie moeilik was om Delta G en RNL te verduidelik. 'n Defensiewe arm moes geskep word. Indien die maatskappy gekaap word dan kon dit vir hom enersyds 'n beeld skep en tweedens kon dit ter bevordering van die projek gebruik word. Hy bevestig dat generaal Niewoud aan die reserwe bank geskryf het van die WPW groep van maatskappye.

[1250] Die prinsipale wou 'n navorsingsfasiliteit in 'n neutrale land skep. Webster het ook voorgestel dat daar 'n Europese arm van die groep sou wees. Dit sou goed wees om dit as 'n tussenganger in Europa te gebruik. Dit was vir hom duidelik dat Webster bang was om kontantgeld in ontvangs te neem. Dreier, 'n Oos-Duitser, wou fasiliteite in Luxembourg hê. Daar was lang gesprekke met Jean-Pierre Seynaeve. Hy het toe Charles van Remoortere se naam genoem. Beskuldigde het hom gekontak en hy was geïnteresseerd om in die defensiewe verskaffing betrokke te wees. Hy het met Seynaeve geskakel en op die ou end het ooreenkomste gerealiseer. Hulle was in Desember 1986 in Luxembourg. Seyntex maak ook liggaamspantser (koeëlvaste materiaal). Hy het vir Zimmer ontmoet en Luft is toe gestig vir die prinsipale se Europese bedrywighede en Charburn wat 'n samevoeging van Charles en Bernard is vir die projek se doeleindes. Hulle is van Luxembourg na Seynaeve in 'n klein motor. Daar was ook kaas agter in die voertuig. Hy dink by

Seynaeve was dit Zimmer, Van Remoortere, Seynaeve, hy en generaal Neethling maar hy is nie seker of Zimmer daar was nie. Daarna is hy terug na die RSA en is die projek goedgekeur. Zimmer sou 'n rekening beskikbaar stel. Die rekening was in Van Remoortere se naam. Hy het altyd gedink dat dit Van Remoortere se pa se naam was. Baie gou het spesmagte ook van die rekening gebruik gemaak. Dit was die Barcelone rekening.

[1251] Luft is geopen met die prinsipale se geld. Die eerste miljoen franke was hulle geld. Wat Charburn aanbetref was die eerste geld ook die prinsipale s'n want die aankope was op daardie stadium nog te klein gewees. Die prinsipale het ook ander geld ingepomp. Hy verwys na gelde wat deur die Arzi bank en BHF is en hy sê dat dit groot bedrae geld is wat op die manier verskuif is. Aankope wat deur die prinsipale gemaak is was die Lynnwoodrif woning, die SRD belegging, die Aeromed belegging en die Pear Tree House aankoop. In 1987 is Amfra gestig. Hy was klaar met sy stafdienskursus in 1985. Toe was hy met die wapen- en ammunisie kursus besig vir ongeveer twee en 'n half maande tot by Maart.

[1252] Dit was toe 'n uitgemaakte saak dat daar verwapen moet word en dat dit op die pirotegniese gebied moet geskied. Op daardie stadium was daar reeds van die grondstowwe op klein skaal geproduseer en getoets. Hulle was gereed om met die produk te begin. Swartklip was nie in staat om die pirotegniese ontwikkeling te doen nie. Die eerste behoefte was om 'n fasiliteit te skep. Swartklip was nie in staat om te help nie en die Technikon kon ook nie die tipe van ontwikkeling doen nie. Toe hy later moes vertel watter vermoëns ontwikkel is was die Amerikaners en die Engelse geïnteresseerd in hulle aerosol ontwikkeling. Sonder daardie ontwikkeling kan daar nie op 'n groot skaal versprei word nie. Hy het nie geweet hoe so 'n laboratorium lyk nie. Dit was nie in die oop mark beskikbaar nie. Dit was suiwer militêr vir wapens of kernwapens. Dit was onderhewig aan sanksies. Wat Suid-Afrika aanbetref was alles wat moontlik vir wapens gebruik kon word onderhewig aan sanksies - selfs rekenaars deur IBM. Hy is toe na Europa. Hy het met 'n paar mense gepraat. Dreier het hom laat praat met 'n tegniese persoon in Leipzig. Daarna ook na Buffham. Hy het by Buffham inligting oor ammunisie gekry. Die hele proses het 'n aantal maande geneem. Die ontwerp van die laboratorium was klaar by die einde van 1987 en hy het besef dat hy 'n groot deel van die toerusting

sou kry by Dreier.

[1253] Daar is besluit dat die laboratorium by Speskop geplaas moes word. Dit kon nie by Delta G of by Protechnik geplaas word nie. Wat Speskop aanbetref is dit 'n militêre instansie en wapendeskundiges kon daarna toe kom. Buitendien was daar wapendeskundiges soos generaal Engelbrecht en Hekkies van Heerden en was daar masjiniste by EMLC wat kon help met die masjinerie. Daar was ook 'n laboratorium beskikbaar in blok C. Wat aanklag 5 aanbetref het dit betrekking op die ploffalarmstelsel. Toe daar navorsing by Delta G gedoen is met betrekking tot die CR het daar 'n rook uitgebreek en die bevelvoerder van spesmagte moes sy kantoor bokant die laboratorium ontruim. Hy was bitter kwaad en het as 'n vereiste gestel dat daar 100% betroubare brandbeheer in die nuwe laboratorium moet wees. By 'n normale brandalarm word die stelsel geaktiveer deur 'n partikel wat deur die rook deur 'n lig gaan. By chemiese ontbranding is die hitte by daardie stadium wanneer die rook ontstaan al so hoog dat dit nie meer omgekeer kan word nie. Gevolglik is daar 'n soort van 'n micro chip wat die samevoeging van gasse soos waterstof, nitriet, metaangas, koolstofmonoksied kan waarneem, ander gas invoer en dit verdun. Daardie ploffalarmstelsels het eers twee jaar gelede kommersieel op die mark gekom. Alhoewel die hele pakket vir die laboratorium een pakket was het dit geblyk dat die alarms gouer beskikbaar geraak het en die ingenieur wat dit ontwerp het wou sy geld hê. Daarom is dit vroeër betaal. Hy het gedink dat Buffham vir die Duitsers werk vir geld en ook vir die Russe. In die laboratorium was daar kaste en generators. Deel daarvan het uit Oos-Duitsland gekom en 'n deel uit Engeland en daar het glas uit Rusland gekom. Die bestelling was by die middel of laat 1987 gereed. Dit is by 'n neutrale opslagplek gestoor, een met behulp van Mole en een met behulp van Van Remoortere. Toe hy tevrede is dat die toerusting daar is, is dit betaal. Mole het 'n gedeelte vervoer en Krygkor het dit in ontvangs geneem.

[1254] Pirolitiese toetse het te doen met die studie van 'n chemiese substans en by watter temperatuur veranderinge intree en uitskei produkte afgeskei word. Pirotegniese ontwikkeling is iets anders en dit het te doen met die maak van resepte wat veroorsaak dat rook na 'n sekere tydperk sal ontstaan en vir 'n sekere tydperk sal duur en 'n sekere digtheid het. Laktose en kaolin word gebruik. Wat PM44 wat by Swartklip

gemaak word aanbetref bevat dit kaliumperchloraat. Dit is nie moontlik om dit met baxil of BZ te laat verbind nie. Wanneer jy klaar 'n resep ontwikkel het in 'n pirotegniese laboratorium word dit aan Swartklip gegee wat dit dan maak en die toetse wat hulle doen is bloot wat jy met jou oog waarneem en met 'n stophorlosie. So 'n laboratorium is ook geskik vir biologiese toetse en die rookgenerator word dan vervang met 'n vloeistof generator. Die aerosol word dan maak uit óf vaste stof óf vloeistof. Die sukses van chemiese bewapening hang af van die verspreiding van die gasse. 'n Laboratorium is 'n absolute vereiste. Baie van die goed is by Speskop getoets en daar het hulle die voordeel gehad dat hulle digtheidsmeters en termometers kon saamneem. Hy was betrokke, Hekkies van Heerden was betrokke, Bill Grieves was betrokke en assistente van Van Heerden. Hulle het gevorder tot op 'n stadium waar daar voor-produksie modelle was. Dit kan dalk later in die fabriek verander word.

[1255] Met betrekking tot die laboratorium was die voorlegging aan die KBK nie noodwendig eenmalig nie. Daar was aanvanklik 'n voorlegging. Dit is later uitgebrei en goedgekeur. Dit was ook nie altyd dieselfde lede van die KBK wat teenwoordig was nie. Soms was daar bv die bevelvoerende generaal van spesmagte teenwoordig en by ander geleenthede HSF. Daar is egter net een keer gevra vir geld en dit is ook net een keer gegee. Met betrekking tot die vraag of die geld vir die laboratorium nie dalk via die hoof van die leër of via Krygkor verkry kon gewees het nie is die getuie se houding dat die persone almal betrokke was by die KBK en dat hulle bewus sou gewees het daarvan dat die laboratorium reeds deur 'n ander bron befonds is.

[1256] Toe hy aan die einde van 1981 betrokke geraak het, het generaal Loots gereël dat drie van die laboratoria vir Coast beskikbaar sou wees. Delta G het die drie beset tot in 1985. Die een in blok C is eers ontruim in 1986. Daardie laboratorium is vir 'n ruk na 1983 nie gebruik nie omdat daar 'n dolomiet-ineenstorting was. In 1986 is al die laboratoria skoongemaak. Toe die Coast laboratorium goedgekeur word vir pirotegniese toetse is dit in 1986 herbou en hertoegerus. In die een laboratorium was die peptiet sintetiseerder en in die ander een was die pirotegniese apparaat. Na sy ontslag in 1993 het hy opdrag gekry om die laboratoria te ontruim. Die een met die peptiet sintetiseerder was maklik want dit was leeg en hulle het bloot die teëls afgebreek en die goed verwyder. Wat die pirotegniese laboratorium aanbetref is die apparaat

uitmekaar gehaal en stuk stuk aan 'n skroothandelaar gegee wat dit vernietig het. Die afhandeling het geskied gedurende 1993, 1994 en 1995.

[1257] Daar is ook fondse van ander weermag dele deur die geheime rekeninge gekanaliseer. Wat die betaling vir uitrusting aanbetref was die posisie doodeenvoudig dat betaling nie geskied het voordat hy nie beheer oor die uitrusting gehad het nie. Hy wou normaalweg hê dat die uitrusting in 'n neutrale stoorplek moes wees. Die fondse kon nog in die RSA gewees het soos by Infladel, D John Truter, HSI of HSF. Daarna is dit oorgeplaas na 'n deurgangsrekening en die Barcelona rekening of Medchem Forchungs en betaal aan die verskaffers. Hy het self die opdrag gegee om uit te betaal. Aanvanklik was dit op 'n weeklikse basis maar met die tyd was daar 'n behoeftebepaling gemaak en die bestuur was deel van sy opdragte. Hy het opdrag gegee aan Zimmer bv om vir Buffham te betaal. Aanvanklik is die besluite deur die prinsipale gedoen maar soos wat die tyd ontwikkel het, het hy meer en meer vryheid gekry. Daar was verskaffings nie deur die prinsipale nie soos deur Heyndrycx met betrekking tot die reis na Iran en daar was ook betalings aan Buffham. Buffham was 'n vrederegter. Hy kon dokumente waarmerk. Hy het bv vir spesmagte operateurs geboortesertifikate gewaarmerk as gevolg waarvan hulle paspoorte kon kry. Buffham het op sy eie stoom vir hulle elektroniese apparaat laat kry en ook bloudrukke van die CAMS. Die beskuldigde het opdrag gegee dat betalings in Buffham se rekening gemaak sou word. Wat werkskapitaal aanbetref het Buffham altyd gepraat van "venture capital" en dokumente is gegenereer tussen hom en Webster. Hy moes self ook somtyds sulke dokumente gee. Wat Buffham aanbetref moes hy egter ook die ware situasie faktureer en dit is dan voorgelê aan die KBK vir bekragtiging en aan die ouditeur vir bevestiging.

[1258] Hy verklaar dat wat gesê is deur Van Remoortere dat "sanction busting is a lie" inderdaad so is en dat die meeste van die dokumente geskep is juis om 'n rookskerm te maak. Elemente van die dokumente kan waar wees maar daar is ook baie ander dokumente wat nie beskikbaar is nie sodat 'n paar paragrawe uit een dokument die hele posisie uit verband uit ruk. Die dokumente wat voor die hof is, is seker maar omtrent 'n honderste van die dokumente wat inderdaad gegenereer is. Baie van die dokumente het hy glad nie

ontvang nie of het hy nie geskryf nie. Hy sou bv nie die dokumente tussen Webster en Buffham noodwendig ontvang het nie en ook nie die dokumente tussen Webster en Zimmer nie ofskoon Webster in baie gevalle dokumente ook gestuur het na ander partye toe. Hy kan nie presies onthou van wat hy ontvang het nie. Hy gee toe dat hy ook dokumente geskep het. Hy kan nie alles onthou nie. Hy bevestig dat hy in 'n dokument vir Webster gevra het "to do your usual thing". Hy sê dat wat Zimmer aanbetref hy state kon laat klop selfs al het dit nie geklop nie binne 'n week. Hy was wonderlik met finansies. Webster kon papier genereer wat die CIA besig gehou het vir lank. Chu kon enige chemiese middel kry. Van Remoortere het vir Zimmer vertrou. Hy het bv nie eers die A63 dokument bevraagteken nie. Die getuie ontken nie dat hy die dokumente ontvang het nie, hy kan dit net nie onthou nie. Hy sê dat daar briewe sou wees wat suggereer dat hy maatskappye in die WPW groep beheer. Dit was inderdaad die voorstelling wat gemaak is en hy het dit so aanvaar. Dit het vir hom bewegingsvryheid gegee. Hy was bv twintig tot dertig keer per jaar in die Verenigde Koninkryk. Hy sê dat aanvanklik was die bewoording van dokumente meer versigtig. Toe is daar gepraat van "our colleagues in Europe". Soos wat hy vertrou gekry het, het hy al meer die maatskappye beheer asof dit syne was. Dit was 'n skyn styl en hy het hom daarin ingeleef. Hy was dalk te lank in die fassade. Hy sê weer eens dat die dokumente nie al die dokumente is nie en dat dokumente uit verband uit geruk word. Dit is moeilik om die verloop in konteks te plaas. Hy sê dat Zimmer, Van Remoortere, Chu en Webster almal baie goed geweet het wat hulle gedoen het. Hy sê dat die Blackdale kontrak 14.9A en 14.9B die duidelikste bewys is dat al hierdie mense goed geweet het dat dit 'n skyn transaksie was, van die R12 miljoen wat na Europa gegaan het en weer teruggekom het na Suid-Afrika. Daar kan nie sprake wees daarvan dat daar 'n werklike kontrak was soos die Blackdale kontrak nie. Aan die ander kant egter het die banke van sulke papier gehou. Hy bevestig dat Zimmer geweet het dit is 'n skyn dokument, dat Van Remoortere geweet het dit is 'n skyn dokument en dat Chu dit ook geweet het. Die dokument het egter vir die bank gemoedsrus gegee. Die beskuldigde het die vryheid van die hantering van die fondse van die prinsipale gehad maar Zimmer en Webster kon ook fondse skuif soos en wanneer dit nodig was. Die verskuiwing van die geld na die Kroatiese transaksie was 'n blote opdrag aan Zimmer en hoe die fondse van die een rekening na die ander geplaas is was Zimmer se gedagte. Die opdrag was doodeenvoudig dat hy die geld in 'n sekere rekening verlang. Daarna het Zimmer die verskuiwing gedoen. In die proses wil hy homself beskerm. Hy is goed betaal. Hy het 'n maandelikse

retensiefooi gekry asook kommissie en daardie gelde is afgeskryf as koste van die projek. As Zimmer skyn dokumente wou hê sou hy dit teken. Die beskerming van medewerkers was belangrik gewees. Dit was van belang vir die projek dat hulle beskerm sou word en hulle is inderdaad so beskerm tot op die einde. Die KBK het inderdaad so gedoen tot in 1995. Daar was bv 'n notule wat aangedui het dat sekere inligting nie aan die minister van buitelandse sake geopenbaar moet word nie. Verder het Knobel in 1.68 gesê dat sekere inligting te sensitief is en nie geopenbaar sou word nie. Die getuie ontken dat hy 'n persoonlike belang gehad het in enige WPW maatskappy en dat hy enige voordeel uit hulle gekry het. Hy het ook nie 'n salaris gekry van die prinsipale nie maar hy is vergoed vir sy uitgawes.

[1259] Wat die cottage in Engeland aanbetref het hulle vir hom gevra om vir hulle 'n "safe house" te kry. Dit het hom gepas. Hy het vir BG spesmagte gesê dat hulle daarvan gebruik kon maak. Die plek in Fairclough is aangekoop. Dit was op 'n riviértjie in 'n stegie en was moeilik om dop te hou. Dit is onder andere gebruik deur Potgieter, deur Corrie Meerholz en deur Dave Scales. Die prinsipale het ook daar gebly. Aanvanklik was hulle skrikkerig maar hy het hulle voorgestel aan die bure en later het hulle daar gebly. Die Engelse regering was die Suid-Afrikaanse regering nie so goedgesind nie. Hy het egter nie terroriste ondersteun nie. Hy het inligtingsinstansies ondersteun. Hulle was besig met wapentransaksies maar nie die soort van wapentransaksies waar wapens aan terroriste verskaf word nie. Met betrekking tot die CAM's het die Engelse bv verbied dat 'n CAM aan Suid-Afrika verkoop kan word ofskoon CAM's nooit anders as net defensief gebruik kan word nie.

[1260] Hy word gevra om te verduidelik wat hy onder die prinsipale verstaan. Hy sê dat dit 'n proses is wat ontwikkel het. Eerstens was dit die geldverskaffers. Dit was 'n dinamiese groep. Mense soos Dreier en Pura was die hoof. Dan was daar ook 'n Rus, Vorovioff en Abdul Razzak. Vanaf omtrent 1990 het Abdul Razzak die aangeleentheid beheer. Die versoeke is aan hom gerig. Van die operasionele prinsipale was later die SAW. Voorbeelde van wat gekoop is was bv die huis in Engeland en die woonstel in België. Dit is geskep en in stand gehou met die prinsipale se geld. Die vliegtuig is ook so 'n voorbeeld. Die prinsipale het 'n behoefte gehad aan 'n veilige huis en ook aan 'n vliegtuig. Die SAW weer het 'n behoefte gehad aan 'n vliegtuig - hulle wou Jonas Savimbi na die VSA vervoer. Chemikalië is ook vanaf Europa ingevoer met die vliegtuig. Wanneer

die SAW van die vliegtuig gebruik gemaak het, is dit op 'n direkte koste-basis gedoen. Die oorspronklike SRD is ook deur die prinsipale gestig en die voorgangers daarvan was Protechnik. Hulle wou navorsing oor defensiewe oorlogvoering doen. Dit kon nie by Delta G gedoen word nie. Coast sou so 'n Protechnik gestig het. SRD is opgerig met die geld van die finansiële prinsipale. Die voordeel vir die SAW was dat die SAW inligting gekry het. Dit is waarom hy sê dat die WPW groep gekaap is en gebruik is deur die SAW. Die vliegtuig was 'n baie groot bate. Hulle het in Amerika geland op die Brookes Air Force Base en in Engeland op militêre lughawens. Dit was baie gerieflik vir die uitsmokkel van dokumente.

[1261] Razzak het hom in laat 1988 voorgestel aan Murgam. Dit was kort nadat Aeromed gestig is. Razzak het altyd die republiek deur die Transkei besoek. Die Seneca is gebruik in die Transkei. Daar is opleiding verskaf aan vlieëniers wat 'n goeie bron van inligting was omdat die vlieëniers praat. Daar is ook meteorologiese studies gemaak van die rookwolke wanneer die bomme ontplof is. Razzak was een van die eerste persone wat na die RSA gekom het. Daar was meer en meer versoeke vir die gebruik van die vliegtuig. Later het hy indruk gekry dat Murgam tweede in bevel in die streek was. Hy sê dat Libië, net soos in die republiek, 'n direktoraat spesiale take het en Murgam was die streeksverteenvoerder daarvan. Razzak was die streeksverteenvoerder van die VSA, Suid-Amerika en dele van Europa terwyl Yussuf Suider-Afrika onder hom gehad het. Hulle was verbonde aan die Libiese geheime diens. Hy self het Libië besoek maar ook baie by Gerba vergaderings gehou. Dit was makliker om in Gerba in te kom as in Libië. By geleentheid het Chu 'n vliegtuig in Switserland gehuur en toe is hulle na Gerba. Daar het hy gepraat met Razzak en Yussuf. Chu en Razzak het ook gepraat. Hy was onder die indruk dat Chu 'n werknemer was van Dreier en Pura. Buffham was nie een van die prinsipale nie. Hy sou bv nie opdragte van Buffham geneem het nie behalwe waar Buffham persoonlik die verskaffer was nie. Heyndrycx was nog op 'n laer vlak. Hy het ook maar net vir hulle gewerk. Aanvanklik toe hy met Dreier, Pura en Blücher gepraat het was hy onder die indruk dat daar 3 roetes nodig sou wees. Op die ou end is daar feitlik net van WPW gebruik gemaak. Hulle kon hom ook mislei het. Daar het geld van die Oos-Duitsers gekom. Die mense in beheer was gewoonlik Dreier, Pura en Razzak. Hulle was 'n eenheid. Hulle het gesamentlik en afsonderlik opgetree. Daar was nooit 'n botsing van belange nie. Hy glo dat hy gebruik is en aanvaar is op Blücher se aanbeveling. Hy weet nie presies wat

Blücher se posisie was nie maar hy glo dat hy alles georkestreer het.

[1262] Hy word verwys na die A1 dokument. Hy kan nie onthou dat hy die dokument ontvang het nie. Dit was Webster se besluit. Hy sou die dokument moes hou, dit sou hom in ieder geval nie ontstel het nie. A20 is Webster se skrywe waarby A1 ingesluit is. Hy kan ook nie onthou dat hy dit ontvang het nie. Hy verduidelik dat in Switserland die banke wel dokumente oor verskillende maatskappye aanvaar het maar op die ou end wou hulle 'n natuurlike persoon hê. Die dokument A6 is die agtergrond. Dit lyk asof dit van Webster af kom. Hy glo nie dat hy dit gesien het nie. Daar is duidelike foute in maar daar is ook korrekte inligting. Hy sou reken dat dit Webster se "usual thing" is. Die getuie se kommentaar oor A10 - A19 word gevra. Hy sê dat hy nie die dokumente kan onthou nie. Hy het dit waarskynlik opgestel vir Webster om volle inligting oor die fronte te hê. Webster het vanuit die staanspoor aangedring op behoorlike koördinasie. Daar kon probleme ontstaan het as Webster nie ten volle ingelig gewees het nie. Hy weet nie wat die motief was waarom die dokumente verskaf is nie maar dit sou waarskynlik gewees het omdat Webster navraag gedoen het of nadat daar 'n gesprek gevoer is en daar besluit is om Webster op hoogte te hou. Wat A19 aanbetref en die belang in MCI is dit duidelike misleiding. Dit was egter vir hom gerieflik want dit het hom toegang gegee tot die chemiese wêreld. Die WPW groep het egter nooit belang gehad in Delta G nie. Mijburgh het korrespondensie gevoer met Webster. Mijburgh het 'n probleem gehad om die befondsing van Delta G te verduidelik. Webster moes die indruk skep van 'n buitelandse belegger of van 'n potensiële belegger. Dit is waarskynlik 'n skyndokument wat aangevra is deur Mijburgh. Ook by RNL is Webster en Chu gebruik as buitelandse beleggers. Roodeplaat was egter makliker verklaarbaar as Delta G. Dit was 'n nuwe veld en daar was nie soveel kompetisie nie. Wat Delta G aanbetref was daar kompetisie van Sentrachem, AE & CI en Sasol.

[1263] Wat die fronte aanbetref is die posisie dat jy die maatskappye vir 'n paar jaar kan besig hou. Aanvanklik brei die bedrywighede uit, daarna bereik dit 'n hoogtepunt en plat dit af. Generaal Niewoud wou hê dat die fronte meer privaatwerk moet doen. Generaal Knobel het besluit dat die twee instansies oorgedra moet word na privaat hande. Hy het dit genoem aan die beskuldigde, Wally van Heerden en Theron. Die eerste stap wat bekend was is die bate-herrangskikking. Die vaste bates is in een maatskappy geplaas en

die ander bates in 'n ander. Dit is bewerkstellig dat die oordrag sonder koste kon geskied. Dit is gedoen deur Theron met die goedkeuring van die KBK. In die geval van RNL het dit 'n bietjie langer gevat omdat die grond nog nie onderverdeel was nie. Die verskillende mense is aangewys om voorleggings te maak. Die ministers is toegelig. Mijburgh en Swanepoel het ook voorleggings gemaak. Die beskuldigde moes al die beskikbare inligting in een dokument saamstel en voorlê aan almal. Die "put" opsies is ingevoeg in die kontrakte om te verseker dat daar wel 'n oorname sou wees van die grond. Die getuie was nie betrokke by die prysbepaling nie. Dit is gedoen deur Mijburgh, Swanepoel, HSF en Wally van Heerden. Hy was by van die vergaderings en van andere het hy die notules gekry. Hy het dit geïnkorporeer in die dokument wat hy moes opstel. Gevra oor die wanvoorstelling wat hy na bewering sou gemaak het oor sy belange in die maatskappye en sy vriendskap met Mijburgh en Swanepoel en Mijburgh se verwantskap aan Malan, die minister, is die getuie se reaksie dat hy nie 'n belang gehad in die maatskappye nie, dat sy vriendskap met Mijburgh en Swanepoel kollegiaal was en dat dit alombekend was dat Malan Mijburgh se oom was. Hy sê sy kodenaam was inderdaad "Oompie". Hy sê dat hy geen belang gehad het of beoog het nie. Hy sê verder dat hy nooit 'n voordeel ontvang het nie en dat hy deur die WPW groep vergoed is vir uitgawes. Hy het ook nie 'n belang beoog nie. Wat Delta G aanbetref word hy gevra oor die waarde daarvan en sê hy dat generaal Malan probeer bepaal het wat die kommersiële waarde daarvan was. Hy het toe opdrag gegee aan ene Van der Walt en 'n ander persoon, wat kennise van hom was en verbonde was aan Sentrachem. Die slotsom was dat Sentrachem sou vir Delta G oorneem sonder om te betaal daarvoor op voorwaarde dat die staatskontrakte vir langer periodes sou wees. Die rede daarvoor is dat Delta G juis vir veiligheidsdoeleindes so ontwerp is dat dit onprakties was in die kommersiële veld. Die KBK en die ministers het besef dat die enigste manier om ontslae te raak van Delta G sou wees 'n bestuursuitkoop. Hy wys daarop dat selfs jare later toe Delta G aan Sentrachem verkoop is na die privatisering dit maar vir 'n baie klein bedrag was. RNL kon makliker omskakel. Die P4 laboratorium kon ook omgeskakel word met iets anders. Hulle het beplan om kort na die privatisering in vrywillige likwidasië te gaan. Hulle wou die laboratorium en die grond verkoop en die hoogste offer was R850 000,00. Daarna het die departement van landbou besluit om 'n laboratorium te koop en is die eenheid oorgeneem vir R8 of R9 miljoen.

[1264] Wat die kontrakkansellasië aanbetref sê hy dat hy in Julie 1991 ingeroep is deur generaal Liebenberg. Daar is toe aan hom meegedeel dat alle kontak met Delta G en RNL verbreek sal moet word. Hy het aan hulle uitgewys dat daar bestaande kontrakte was en hy is meegedeel dat daardie kontrakte gekanselleer sal moet word. Teenwoordig was Knobel, Murray, hyself en Wronsley. Toe hulle by Wronsley was het Wronsley gesê dat dit minder kos as die BSB, hy kan nie verstaan wat die probleem is nie. Hy het die dokument opgestel na aanleiding van die verskillende insette. Dit is voorgelê en goedgekeur.

[1265] Gevra oor spesifieke maatskappye getuig hy soos volg: Wat die Kaaiman maatskappye aanbetref is daar filiale geskep wanneer 'n bate of entiteit gehuisves moes word. Die filiaal is deur Webster geneem na bespreking met homself of deur ander belanghebbendes. Wat herlewing aanbetref (die kondominiums in Amerika) het die versoek gekom van Abdul Razzak. Luft was 'n filiaal van die Kaaiman eilande maatskappye vir die prinsipale se bedrywighede in Europa. Genavco is gestig vir die Libiërs. Hulle wou vliegtuie van België koop. Dit is deur die Belgiërs op die mark geplaas. Dit was Boeings. Daar was aanvanklik 2 en later nog 4. Die pryse was hier van \$6 tot \$7 miljoen per vliegtuig en van die duurderes selfs \$12 miljoen. Die totale prys was tussen \$40 en \$50 miljoen. Biscarra is in Engeland gestig. Dit is gebruik vir die invoer van elektroniese elemente. Dit is in CD spelers en TV's verpak en dit is na Suid-Afrika gebring. Later is die CD spelers (van die eerstes wat ingevoer is) en TV's diensbaar gemaak en verkoop. Me Lourens het sulke apparaat gekoop. CSD is in opdrag van Dreier gestig. Die getuie is gevra om vir Buffham te help om 'n deks storie uit te werk. Hy het vir Webster betrek. Daar is 'n buitelandse arm AMFRA geskep. Hy het nogal 'n voordeel gehad deurdat hulle gedink het dat hy 'n Belg is. Blackdale was 'n filiaal van Charburn. Aanvanklik sou die tegnologie na Suid-Afrika versprei word deur Charburn. Later is die tegnologie-oordrag gedoen deur middel van Blackdale. Zimmer en Van Remoortere het Charburn ook vir hulle eie doeleindes gebruik. Dreier het ook versoek dat Medchem Forchungs gestig moet word. Chu het een of ander finansiële probleem gehad soos dat hy gesekwestreer was of een of ander lastige hofspraak. Daar moes vir hom 'n opset geskep word dat hy kon opereer. Die beskuldigde het hom na Amerika laat kom en daar is 'n gesprek gevoer tussen hom en Webster. Webster het toe met Medchem Forchungs gestig. Biscarra is beheer deur Zimmer en Patricia Leeson. Zimmer was nie beperk om net projektransaksies te doen nie. Die beskuldigde moes die

projekuitrusting beskerm. Van Remoortere en Zimmer het kerse en glasdiertjies uit Swaziland ingevoer. Dit het invoer en uitvoer vergemaklik.

[1266] Wat homself aanbetref was daar geen beperking op die wyse waarop hy die finansiering gereël het nie. Sodra die projek tevrede was dat 'n produk benodig is en daar 'n prys bepaal is het hy verlof gekry om die geld oor te betaal en is dit oorbetal. In die republiek was daar ook verskeie filiaal maatskappye. SRD was die voorloper van Protechnik. Dit was defensiewe chemiese navorsing. Daar was egter ook terugvoering na die finansiële prinsipale. Daar is toetse op Russiese maskers gedoen en teruggerapporteer en daar is ook toetse op Israeliese maskers gedoen. Aeromed is gestig met die prinsipale se geld. Hulle het vir 'n vliegtuig gesoek, eers is die Seneca aangekoop, daarna het die King Air gevolg en nog later het die Jet Star gevolg. As gekyk word na die spesifikasies en modifikasies van die King Air dan is dit duidelik dat dit nie net vir kommersiële doeleindes gekoop is nie. Die romp is so verstewig dat kameras onder in aangebring kon word en dit is ook so gebruik. Die Jet Star was een van die eerste vliegtuie wat 'n JPS sisteem gehad het. Daar was ook versterkings in die romp en die ruim en die stert is ook verstewig vir verdere vrag. Die vliegtuig is gebruik en die projek het voordeel daaruit gekry. Aeromed was 'n finansiële fiasko. Dit is maar soos fronte bedryf word. Die groot probleem het gekom toe die fronte afgewentel moes word.

[1267] Toe die eerste moratorium lening in die land inkom is daar besluit dat al die prinsipale se fondse deur een rekening gekanaliseer sal word. Wisdom Finance is verander na Profincor. Op 'n latere stadium toe ander maatskappye gestig is, is dit gedoen met lenings van Profincor. Dit was op instruksies van die KBK en Theron. In die laaste instansie het Viljoen Profincor gebruik om dit te probeer afwentel. Waag-'n-Bietjie Boerdery was 'n plaas wat aan De Jager behoort het. Hulle was van tyd tot tyd daar. Op 'n stadium wou hy ook graag betrokke raak by boerdery en hy wou saam met Swanepoel, Viljoen en De Jager betrokke raak. Hy het geld ingesit maar het gou agtergekom dat dit nie kan werk nie en wou toe onttrek. Daar het toe 'n versoek gekom dat daar van Profincor se geld gebruik gemaak kon word. Die opdrag van sy prinsipale was buitendien dat daar belê moes word in landbou omdat daar sekere swamme en dinge is wat in die landbouveld ontstaan en wat in die CBO gebruik word. Hy verwys na dikkopsiekte by skape wat iewers in die Kaap te vinde is. Die Amerikaners het bv die swamme wat hierdie dikkopsiekte veroorsaak tot hulle beskikking gekry op een of

ander manier. Deur 'n belang in boerdery te hê sou dit makliker toeganklik wees. Dit sou ook makliker wees om plantmonsters die wêreld in te stuur en konferensies met betrekking tot plantdoders kon makliker bygewoon word.

[1268] Merton huis sou aanvanklik 'n hoë klas gastehuis gewees het. Dit was veronderstel as 'n veilige plek vir lede of gaste van die finansiële groep. Later is dit verander na 'n ambassade. Die getuie was betrokke by die oprigting as 'n koördineerder totdat Bosch op die toneel verskyn het. Hy het nie 'n finansiële belang gehad of beplan om by te woon nie. Op 'n stadium toe hulle besig was om te verhuis het Bosch voorgestel dat hulle tydelik daar sou bly. Dit is duidelik dat dit nie vir sy vrou aanvaarbaar was nie en hulle het nie daar gebly nie. Wat die ontwerp van die kroeggedeelte aanbetref is dit belangrik om te onthou dat Moslems nie alkohol gebruik in hulle eie lande nie maar dat hulle dit wel in hulle lande op ambassade grond van ander lande sal toelaat. Ingeval die gebou in Moslemland gekoop sou word moes die kroeg so ingerig word dat dit 'n behoorlik versteekte kroeg was met rakke wat kon omswaai. Dit is dan ook inderdaad so opgerig.

[1269] Hy bevestig die getuienis van me Lourens dat aandeelhoudings verskuif is sonder betaling vir aandele. Hy het aanvanklik aangedui hoe die aandele toegedeel moes word. Later is dit deur die persone wat daarmee te doene gehad het soos Bosch, Swanepoel, Viljoen en Marlow gedoen en het sy rol verminder. Hy moes egter aanhou sorg vir die sekerheid. Hy het geweet waarom al die verskillende maatskappye bestaan en hoe hulle inskakel by die breëre opset. Hy het nie finansiële vergoeding gekry nie maar hy is slegs vir uitgawes vergoed.

[1270] By CBO is een van die velde waarin navorsing gedoen word swaar metale en ferromone. Ferromone is chemiese substansie wat deur diere afgeskei word om sekere emosies te identifiseer soos bv angs of as die dier wil vlug of ook in geval van seksualiteit. Wat die CBO aanbetref is daar besef dat ferromone dalk aangewend kan word by skarebeheer. Wat skares aanbetref is dit belangrik dat die kohesie gebreek kan word. Indien angs opgewek word kan sommige van die mense huis toe gaan en dit kan die hele

verloop van so byeenkoms verander. In die dieretuin kon daar dus rustige navorsing oor ferromone gedoen word. Verder is dit so dat dit voorgestel is by die aankoop van die dieretuin dat dit deur die veeartse van Roodeplaat gedoen sou word. Dit sou ook die navorsing vergemaklik. Belangrike werk is toe te Stellenbosch gedoen. Die inligting is vrygestel aan die prinsipale. Swartklip was die betalingskanaal aan die universiteit alhoewel die fondse gevloei het vanaf Krygkor.

[1271] Die behoefte was aanvanklik vir die finansiële prinsipale maar die weermag het dit mettertyd gekoop. Die reisagentskap is gekoop. Die getuie het besluit op PIT omdat me Grant met kaartjies kon toor. Sy sou bv in geval van 'n kaartjie wat kontant gekoop is 'n kredietkaartnommer daarop sit. Dit het ook die projek gepas om so 'n fasiliteit te hê en dit is dikwels gebruik. Hy sê weer eens dat hy geen vergoeding gekry het nie. Wat dokument A61 (die "super deal") aanbetref kan hy dit nie spesifiek onthou nie. Hy weet dat Zimmer bekragtiging verlang het om sy boeke af te handel. Hy ontken dat hy geld verskuldig is aan Van Remoortere se suster. Hy sê dat sy betaal is deur die republiek. Hy sê dat die huwelik nodig was om 'n behoorlike paspoort te kry. 'n Belgiese paspoort was baie werd. Jy kon bv sonder 'n visa na Rusland gaan. Hy het so 'n paspoort gekry met die samewerking van die RSA regering. Hy het 'n ander identiteitsdokument met 'n ander identiteitsnommer gekry en hy het ook 'n ander belastingaanslag gekry. Volgens sy gewone belastingaanslag was hy 'n persoon wat 'n salaris verdien het maar die nagmaakte of vervalste belastingaanslag het hom nie as 'n gesalarieerde aangetoon nie.

[1272] Hy sê dat Webster van die mense ontmoet het. Hy het Dreier in Orlando ontmoet en hy het Chu en Dreier ook in Orlando ontmoet. Hy het Razzak in 'n hotel in Londen aan Webster voorgestel. Hy het gewet dat Dreier en Razzak van die finansiële prinsipale is. Webster het generaal Nieuwoudt ontmoet. Kort na die stigting van die Cayman eilande maatskappy het Webster gesê dat hy wel die RSA gaan besoek. Hy wou die skakeling van die verskillende fronte verder neem en hy wou 'n senior persoon ontmoet. Die aangeleentheid is bespreek deur die sekerheidsgroep en verlof is toe verleen dat generaal Nieuwoudt hom wel kon ontmoet. Hy het daarna die operasionele gebied besoek. Die beskuldigde het die besoek gereël en Mole was saam. Hy kan onthou dat Webster nie kon glo dat die soldate elke oggend hulle stewels gepolitoer het nie.

7 mediese mense het vir Webster en Mole vergesel.

[1273] Wat aanklag 2 aanbetref sê hy dat dit in belang van die projek was dat soveel as moontlik operasionele gebiede besoek word. Die kliniese beeld van CBO het verander. Die plekke waar chemiese en biologiese oorlogvoering geskied het was in Afghanistan, Laos, Kambodja, Jemen en dan op daardie stadium slegs nog in Iran en Irak. Hy het aansluiting gevind met Duitse en Oostenrykse dokters en het toe later verneem dat Heyndrycx Iran toe gaan en dat hy kan saamgaan. Dit was Marsk wat hom so meegedeel het. Hy sou dan deel van 'n groep mense wees wat as VN waarnemers gaan. Hy het inderdaad so 'n dokument gekry met sy Belgiese paspoort. Die besoek het plaasgevind vroeg in 1988. Hy kan onthou dat hy laat was en dat hy sy vliegtuigkaartjie by me Wouters moes kry. Hulle het pret gehad oor die name wat dieselfde was. Hy het met Lufthansa gevlieg na Teheran en daar is hy deur die Iranese veiligheidsdienste geneem na Heyndrycx. Daar was twee gedeeltes van die besoek. In die eerste gedeelte het die Iranese wapentuig ten toon gestel en daar het hy 'n veiligheidspolisieman ene Hashemi ontmoet. Toe hy aan hom uitgewys het dat hy nie tevrede is met die skerwe wat hy ontvang het nie het hy vir hom ander gebring. Die wat hulle aanvanklik ontvang het, het teer op gehad. Indien die bom afgevuur was sou dit verbrand het en sou daar 'n ander afbraakproduk in die vorm van roet gewees het. Hy was onder die indruk dat daardie skerwe spesiaal vir propaganda doeleindes met mosterdgas besmet is. Daar is toe verneem dat die Irakese die Kurde aanval. Hy, Hashemi en 'n Duitser is toe na Valapjar. Hulle kon inderdaad die aanval afneem en foto's neem en hy het daar besef dat die Duitser 'n baie goeie waarnemer was. Hulle het toe agtergekom dat daar sianied in die bom was. 1.68 is 'n rekonstruksie maar dit is steeds sy herinnering van die rede waarom die bedrag betaal is. Hy het Iran besoek en hy het dit nie gratis meegemaak nie. Die geld is slegs een keer aangevra en een keer voorsien. Hy het aan die KBK teruggerapporteer. Hy het ook 'n lesing gegee aan die lessenaar en hy het die foto gebruik as 'n inligtingsles en hy het duidelik probeer uitwys watter leidrade gevolg moet word om te besef dat dit nie 'n gewone ontploffing is nie. Hy het ook vir generaal Knobel skyfies gegee. Hy verduidelik dat Hashemi die seun is van 'n ander Hashemi wat by die Tagell transaksie ook betrokke was. Wat aanklagte 3

en 4 aanbetref verduidelik hy dat in 1987 daar reeds aantygings was van chemiese oorlogvoering teen Unita. Coast was toe al 'n entjie gevorder maar het nog nie oor toerusting beskik nie. Daar is toe 'n vergadering gereël van generaal Nieuwoudt en Liebenberg te Windhoek. Daar is besluit dat daar met spoed deteksie-apparaat gekry moes word. Daar is ook besluit dat daar gepoog sal word om skenkings vir Unita te kry. Die apparaat was te vinde in Europa en in Rusland. In Europa was die probleem dat daar in linie verdedig word. In die RSA was die prentjie een van beweging. Die enigste apparaat op daardie stadium wat effektief sou wees sou die CAM wees en dan natuurlik ook nat-deteksie sakke. Daar is besluit om 25 CAM's en 150 nat-deteksie sakke aan te koop. Hy het opdrag gekry om dit te probeer koop. Hy het toe vir Marsk en Heyndrycx genader. Heyndrycx werk vir die finansiële prinsipale. Hy het gepraat met die prinsipale. Hy is later in kennis gestel dat die uitrusting beskikbaar is (hy dink dat die prinsipaal waarmee hy gepraat het Dreier was). Die prinsipale het die prys genoem en hy moes die oorbetalings reël. Hy glo dat die eerste geld oorbetaal is aan ABC Import & Export. Daar was twee lewerings gewees omdat daar 'n probleem met die eerste gedeelte gewees het. Die tweede stel het hy afgehaal in Engeland in Buffham se stoor. Die eerste besending het hy in Luxembourg op die vliegtuig gelaai. Die tweede besending is in TV's versteek en die nat-sakke is as "agricultural test kits" oorgestuurd. Hy weet dat daar van die CAM's na 7 Medies sou gaan, na Protechnik sou gaan en twaalf van die stelle is saam met Corrie Meerholz na Unisa. Dreier het 'n tegniese man gereël wat hom vertel het hoe die goed werk. Hy het opleiding gegee aan spesmagte se mense en ook aan Corrie Meerholz en twee sersante. Daar was drie van die CAM's by Protechnik. Hy het dit nie self afgelewer nie. Die verwysing na 'n vroeëre CAM meen hy dat dit aankoop van 'n lugbesoedelingsapparaat was wat hulle gekoop het in die hoop om te kyk of dit nie die wetenskaplikes op 'n spoor kon sit nie. Hy glo dat die betalings in aanklagte 3 en 4 vir die CAM's was. Aanklag 6 sê hy het te doene met die "reverse engineering". Met die oopmaak van die CAM's was daar probleme met die kernbron en ook met die elektriese stroombane. Hy het vir Buffham vir inligting oor die stroombane gevra want hy het geweet Buffham het kontakte. Buffham het dit toe verskaf. Die geld is gevra en gegee. Die nat-deteksiestelle is verbruik-items. Die twaalf CAM's is geskenk aan Unita. Hy het nie geweet wat die prys is waarteen 'n CAM gekoop kan word nie. 'n Prys is aan hom genoem. Dan sou die prinsipale talm en uiteindelik sou daar ingestem word tot 'n prys. Hy bevestig dat daar 'n versoek van die Israeli weermag was vir die aankoop van 'n CAM. Dit toon net aan dat dit nie vryelik

beskikbaar was nie.

[1274] Heyndrycx is 'n toksikoloog. Hy het as toksikoloog goeie werk gedoen. Hy het egter 'n swakheid vir geld gehad. Hy sou goed doen teen vergoeding. Hy het bv die Russe gehelp met die sogenaamde nylon bom waarin die Russe aan hom nie die werklike apparaat gegee het nie maar apparaat wat doelbewus anders was en hy het toe die Russe ondersteun en gesê dat daar nie fout was nie. As gevolg daarvan is hy internasionaal gediskrediteer. Die Oos-Duitsers het in die vyftiger jare sterfgevalle in 'n fabriek gehad. Dit het 'n gebruik laat ontstaan waar 'n rookbom gemaak word met 'n klein hoeveelheid ortochrosole in, dan word daar 'n bom gemaak waar die hoeveelheid chrosole aansienlik opgeskuif word wat daarvan 'n chemiese wapen maak. Die chemiese wapen word egter as 'n fabrieksfout geklassifiseer. Wat aanklag 7 aanbetref sê hy dat een van die belangrikste aspekte van CBO is om te weet wanneer om die klere aan te trek. Daar was navorsing met behulp van rekenaars waarby 'n voorspelling gemaak kon word wat die uitwerking van die ontploffing is deur bv die windspoed, die temperatuur, die tyd en die topografie aan die rekenaar beskikbaar te stel. Intussen het daar in Suid-Afrika 'n topografiese kaart van Suid-Afrika en van die buurstate geskep geraak en die SAW het toe vir 'n databasis gesoek om daarmee te kombineer sodat sulke voorspellings gemaak kon word. Buffham het so iets by sy kollegas gekry en hy wou £65 000 daarvoor hê. Die rekenaarprogram is aangekoop. Die getuie het self dit in ontvangs geneem en het ook daarmee gespeel. Hy ontken dat hy die KBK mislei het en sê dat dit 'n deel van die defensiewe stelsel was.

[1275] Wat aanklagte 8 en 9 aanbetref het dit betrekking op £10 000 en £30 000 aan Buffham. Hy kan nie spesifiek onthou waarvoor Buffham die betaling gekry het nie maar dit was inligting wat van Buffham afkomstig was of dokumente wat hy beskikbaar gestel het of vervals het. Hy bevestig dat Patricia Leeson kontant aan Buffham gegee het. Dit was vir spesmagte. Hy sê weer eens dat hy geen voordeel gekry het uit hierdie betalings nie en dat hy geen wanvoorstelling gemaak het nie. Wat aanklag 10 aanbetref bevestig hy dat die dienste deur Mole gelewer is.

[1276] Wat aanklag 11 tot 13 aanbetref (die Tagell transaksie) het hy van Mole inligting gekry dat hy radiotoerusting vanuit Iran gekry het. Iran het toe vir hom gesê dat hy beskermende klerasie soek. Mole was

bewus van SRD omdat hy 'n oorspronklike belegger daarin sou wees. Hy wou toe weet of die beskuldigde met die Iranese sou praat. 'n Onderhoud is gereël en een van die mense was die jong Hashemi. Daar het hy gehoor van sy pa se maatskappy Tagell. Hulle het hulle behoeftes geïdentifiseer. Hy kom agter tydens die gesprek dat hulle navorsing doen in nikotoksien peptiedes en dat hulle groot peptied navorsing doen. Die peptied veld is een van die belangrikste in die CBO. Die mens is die slaaf van sy emosies en van die peptiede. Die peptiedes aktiveer chemikalieë. Jy kan 'n persoon beheer as jy sy peptiedes kan beheer. Daar word in die wêreld navorsing gedoen oor peptiedes maar een ding was duidelik en dit is dat jy kan nie 'n peptied insluk nie, dit moet ingespuut word, maar daar is in die laat tagtiger jare gevind dat dit deur die neus slymvlies ingekry kon word. Daar is thymus peptiedes en groei hormoon peptiedes. Delta G het nog nie die vermoë gehad of die tyd of die kennis om die tipe van navorsing te doen waarin hy belanggestel het nie. Die militêre navorsing was die privaat navorsing by vyftien jaar vooruit. Die veeartse was nogal ver gevorderd met peptied navorsing en wat mamba-toksien aanbetref was dit baie nuttig om dit op te breek. Ofskoon een gedeelte daarvan baie giftig was, was die ander gedeelte baie nuttig by bloedstolling. Maar die veeartse het reeds so lank gelede as aan die einde van die sestiger jare geweet van aapvigs en van katvigs. Dit was voordat die medici dit in mense ontdek het. Daar was gedurende daardie tyd 'n verbod op die bekendmaking van peptied navorsing. Met peptiedes kan die breinfunksies verander word. Hy het 'n vergadering met die tegniese mense van Hashemi gevra. Hy het gepraat met 'n Rus wat klaarblyklik oorgeloop het van Rusland en later ook met 'n Sjinees. Die beste peptied stelsel is biologies. Hy vertel van 'n groei hormoon wat hom in Rusland aangebied is wat uit die lyke van duisende mense moes kom maar by die skepping van peptiedes word die peptied eers geskep in die laboratorium en daarna biologies in 'n vat ontwikkel. Wat hulle benodig het was 'n groot apparaat wat 'n hele aantal peptiedes gelyktydig kon maak en wat dan ook kon voortgaan met die biochemiese prosesse in die vat. Die rekenaarvermoë in die algemeen in 1981 was klein in die oop mark maar die militêre rekenaars was sterker.

[1277] Hy het spesifikasies van so stelsel gekry maar betaling moes verdoesel word. Mole het toe vir hom gesê dat met Webster se hulp hy by geleentheid meerdere ooreenkomste saamgegooi het en dit as 'n

prestasieverband verbloem het. Die getuie self sou nie 'n groot rol by die klerasie speel nie behalwe dat hy dalk 'n eindverbruikersertifikaat sou moes verskaf. Dit beteken bloot dat daar gesertifiseer sou word dat die eindverbruiker van 'n land sou wees wat aanvaarbaar was. Die verskillende lande word opgedeel in A tot D en Iran was in die D groep wat hoegenaamd nie aanvaarbaar sou wees nie. So 'n sertifikaat sou in die naam van 'n ander land uitgereik moes word. Hy was nie self betrokke by die opstel van die ooreenkoms nie. Hy het niks met die klere transaksie te doen gehad nie. Hy het nie vir Zimmer of Van Remoortere ingelig oor presies waarvoor die prestasieverband nodig was nie maar hulle het geweet dat dit nie verband gehou het met die klere nie. Hy het Webster na Engeland laat kom omdat Webster by die vorige geleentheid vir Mole gehelp het en hy wou seker maak dat die kontrak reg bewoord is. Hy sou betaal sodra as wat die sintetiseerder gelewer is. Hy was bang dat die klerasie transaksie sou sloer en dat die sintetiseerder beskikbaar sou word en betaal moes word. Daarom is die prestasieverband so ingeklee dat daar in so geval wel vrystelling sou wees van die gelde. Op die ou end is die sintetiseerder nie gelewer nie. Dit het geblyk dat daar van die betrokkenes geld in Iran van die regering gesteel het. Van hulle is teruggeroep en een is tereggestel. Ou Hashemi was beskerm gewees omdat hy vantevore 'n rol gespeel het onder andere by die Oliver North aangeleentheid. Hy weet nie presies hoe die klerasie transaksie verloop het nie. Ron Wildman het gewerk vir Mole en hy het betaling van die \$325 000 vir die "DNA probes" gefasiliteer. Dit is 'n bakteriële proses en dit kon in die weefsel kultuur navorsing te RNL gebruik word. Die geld is eers 'n paar maande later teruggeroeteer na Suid-Afrika (dit is die balans van die \$3,2 miljoen wat vir die peptied sintetiseerder oorbetal is). Hy het intussen ook met Chu gepraat en Chu het met die Russe gepraat en dit het geblyk dat die thymus peptied wat uitgesmokkel word deur die Russiese wetenskaplikes aangekoop kon word. Die aankoop hiervan was deur die prinsipale maar in hulle opdrag is dit betaal aan Medchem Forchungs in Chu se rekening. Hy ontken Zimmer en Chu se getuienis tot die effek dat Zimmer ontken dat hy geweet het dat die \$325 000 nie vir die klere was nie en dat Chu wel geweet het dat dit vir die thymus peptied was en nie vir werkskapitaal nie. Wat die terugroetering van die \$101 000 aanbetref stem hy saam met Bruwer dat dit duidelik rente was en dat dit nie 'n terugbetaling was soos wat Zimmer probeer voorgee nie. Hy sê daar was geen terugbetalings nie omdat daar nie 'n lening was nie. Die getuie ontken dat hy 'n voordeel ontvang het uit die \$325 000 of uit die \$450 000. Daar was nie 'n belegging in enige van die maatskappye nie en daar was ook nie 'n wanvoorstelling nie.

[1278] Aanklag 14 het te doen met die was van geld deur middel van Chu. Na die kommersialisering was daar steeds 'n voortsetting van die chemiese navorsing. Geld is na die buiteland gestuur. Die ooreenkomste was skyn-ooreenkomste. Die getuie is nie aangesê om die skema so uit te werk soos wat hy dit uitgewerk het nie. Dit is aan sy diskresie oorgelaat. D John Truter en Zimmer het mekaar ontmoet. Van Remoortere en Truter het die masker-ooreenkoms bespreek. Truter het Zimmer in Suid-Afrika ontmoet en Zimmer is aan hom voorgestel as die "paymaster". Zimmer het geweet dat Truter 'n regeringsverteenvoerder is. Nadat hy die opdrag ontvang het, het hy besef dat Chu se maatskappy die logiese maatskappy was. Hy het dit met Zimmer en Chu bespreek. Zimmer sou die kontrak so reël dat Medchem die geld sou ontvang in Switzerland. Daar was 'n ooreenkoms met Blackdale. Die getuie weet nie wat Van Remoortere geweet het nie. Blackdale kon verseker nie R12 miljoen se goedere lewer nie. Blackdale het uit 'n kantoor van die helfte van die hofsaal bestaan en dan was daar ook 'n ander kantoor wat in Ierland was wat met 5 000 ander maatskappye gedeel het. Die ooreenkoms is met die bank bespreek en die ooreenkomste is oorhandig. Die geld is eers in Chu se privaat rekening en toe na Medchem Forchungs. Aanvanklik sou Delta G gelyke paaiemente gekry het. Later was daar 'n wysiging van die kontrak omdat betalings teen prestasie sou geskied. Theron was Medchem se ouditeur en hy en Theron was tevrede dat alle bedrae oorbetal is saam met die rente. Hy kan nie onthou hoekom die rente aan Medchem betaal is nie maar daar was so besluit en dit is aanvaar. Volgens Chu was daar nie net een kontrak met Delta G nie. Die rede daarvoor was dat dit 'n drie jaar kontrak was en dat die kontrakte tussen Blackdale en Medchem Forchungs duplikasies was. Die geld is toe vir 'n tyd gebruik as sekuriteit vir 'n lening. Hulle was steeds besig om 'n peptied sintese sisteem te koop. Daar was nie fondse beskikbaar nie. Die balans van die \$3,2 miljoen was terug in die begroting. Daar was 'n prysverskil omdat hulle reeds die "probes" gehad het en die thymus peptiede. Hy het met Mijburgh gekontroleer dat die geld net vir 'n kort tyd gebruik sou word. Hy het goedkeuring gekry en hy het nooit vir 'n oomblik geglo dat die fondse nie betyds beskikbaar sou wees nie. Die projek het gevolglik by homself geleen. Wat aanklag 15 aanbetref is dit \$154 000 wat oorgeplaas is na Chu se rekening. Hy het nooit daarvan agtergekom nie. Al wat hy weet is

dat alles wat uit is terug is met rente. Wat die geld wat vir die Jetstar aangewend is aanbetref is die aankoop van die Jetstar bespreek met die prinsipale. Hulle het toe gesê dat die geld vir die peptied sintetiseerder gebruik sou word vir die Jetstar. Wat die betaling van die peptied sintese sisteem aanbetref was die sisteem beskikbaar en die mense wou betaling hê en dit is waarom hy gereël het dat die betaling geskied. Die toerusting is na die RSA gebring en geïnstalleer in die onderste twee laboratoria. Delta G en RNL was hoogs geheim geklassifiseer. Wanneer ander inligtingsdienste na Suid-Afrika gekom het is die mense na 'n militêre opset geneem en die wetenskaplikes het onder skuilname met hulle ontmoet. Die sintetiseerder kon gevolglik nie daar geïnstalleer word nie. Die getuie self het later meer vertrouwd geraak met die proses maar niemand in die land het die werklike kennis gehad nie. Deel van die ooreenkoms was dat 'n wetenskaplike vir omtrent 'n jaar sou werk aan die sisteem. Die Russe deur middel van Mais spesialiseer in die verskaffing van wetenskaplike kennis. Dit is gedoen in die vorm van 'n Bulgaar wat in Sunnyside in 'n woonstel gebly het vir die volle duur wat die sintetiseerder hier was. Een keer het die sintetiseerder gebreek en is hy saam met hom terug na Europa. Die tweede keer het dit weer gebreek maar was hy nie daar saam nie. By een geleentheid het die weerlig die beheerbord stukkend geslaan en by die tweede keer was daar 'n probleem met die prosesseeerder. Die getuie het nie vir Jordaan en Steenkamp betrek by die projek nie omdat hulle 'n vol program gehad het en hulle vlak van ervaring nie voldoende was nie. Die peptied sintetiseerder is vir ongeveer twee jaar gebruik maar in 1992 het dit duidelik geword dat die fondse gesny is. Die peptied navorsing was nie meer 'n prioriteit nie. Hy het met die prinsipale gepraat. Jacomet het die peptied sintetiseerder oorgeneem en 'n substans M is verskaf. Die rede was dat die substans wat in 1986 vervaardig was gebruik is in die ontwikkeling en feitlik op was en daar was 'n behoefte aan nog 'n ekstra ton. Dit kon nie meer deur Delta G vervaardig word nie omdat die privatisering reeds voltooi was. Die 500 kilogram is toe in ontvangs geneem en daar is begin met die verwapening maar slegs 'n paar kilogram is gebruik. Dit is deel van die stowwe wat vernietig is. Die getuie word verwys na bewysstuk 19.39. Daar is ook 500 kilogram bekom vanuit Kroasië en dit het betrekking op klagte 18 en 19. Die getuie ontken dat hy enige voordeel of belang gehad het of homself skuldig gemaak het aan misleiding. Wat die R130 000 in aanklag 17 aanbetref is daar min dokumente maar die getuie glo dat dit was vir die aankoop van prostaglandien. Die rede waaroor dit benodig is, is omdat die inkapasiteermiddels die bloeddruk van mense aangetas het. Daar is gehoor dat die

Duitsers 'n nuwe prostaglandien ontwikkel het wat kon help in die proses. In soverre as wat Chu sê dat hy prostaglandien E1 sou gelewer het ontken die getuie dit want dit was beskikbaar in Suid-Afrika en kon by 'n apteek gekoop word. Die getuie sê dat hulle vir omtrent 'n middag by die hoofkwartier van die SAW met 'n X-straalmasjien geëksperimenteer het om elektroniese apparaat so te verpak dat dit nie opgetel sou word by 'n lughawe nie. Die getuie ontken dat hy enige voordeel of belang gehad het in die \$130 000 of dat hy hom skuldig gemaak het aan misleiding.

[1279] Wat aanklag 22 aanbetref sê die getuie dat die Aries trust gestig is vir hom en sy vrou se nakomelinge. Waterson Trust en Waterson Master Trust was ontwerp deur Webster. Hy wou die bates van die prinsipale daar huisves. Die beskuldigde sou die front wees. Die Aries Trust het geld geleen. Dit is met die prinsipale bespreek en die lenings is afgelos met rentebetalings. Daar was 'n lening van \$250 000 deur Aries Trust - \$100 000 in Junie 1993 en \$150 000 in September 1993. In die vorm E is gesê dat dit tegnologie-verkope is. Die getuie was nie bewus van die vorm E se opstelling nie en hy aanvaar dat die inligting verskaf is deur Mijburgh. Hy het 'n skrywe gerig aan die reserwe bank 22.3. Hy weet nie waar hy gehoor het dat die bron van die geld tegnologie-verkope was nie. Wat Waterson trust aanbetref sê hy dat dit nie 'n Suid-Afrikaanse entiteit was nie en dat hy maar bloot 'n skyn eienaar was. Die bevoorreedes was ander mense. Die fondse het gekom vanaf die VSA en Switserland. Aries Trust het geld geskuld aan BRCI. Hulle het druk uitgeoefen en hy het dit toe met die prinsipale bespreek en ook met Webster. Webster het toe gesê dat Bosch geld het in Switserland. Die geld was 'n terugbetaling. Bosch het gereël vir die terugbetaling volgens die reserwe bank rentekoers. Die getuie sê dat hy die geld by WPW geleen het en dat Bosch en Webster die aangeleentheid bespreek het en dat hy daarmee Aries Trust se skuld gedelg het teenoor BRCI. Hy was nie betrokke by die herrangskikking van Bosch se gelde nie en hy het nie 'n wanvoorstelling gepleeg nie. Die geld was nooit in die Waterson trust nie of is ook nooit terugbetaal aan die Waterson trust nie. Die getuie is skepties oor die moontlikheid dat hy met die KEEM ondersoek verneem het dat daar ondersoek ingestel word na die lening want hy glo dat hy eers later voor KEEM getuig het. Hy ontken dat hy bedoel het om enigiemand te bedrieg.

[1280] Aanklagte 18 en 19 handel oor die aankoop van 500kg van produk M. Daar was 'n versnellingsopdrag deur die KBK. By die einde van 1991 begin 1992 het dit duidelik geword dat die verwapening van die substansie moet geskied en dat van die substansie aankoop sou moes word. Dit was voorsien dat dit gedurende 1993/94 aankoop sou word maar gedurende 1992 het dit duidelik geword dat dit gouer aankoop moes word. Die getuie het toe opdrag gekry om wel met die aankope aan te gaan en in die eerste plek is BZ aankoop en dan ook produk M. Baxil is destyds plaaslik vervaardig. Hy het begin met onderhandelinge met die Russe. Dit was ook duidelik dat die biologiese gedeelte van die projek geskrap moet word en afgewentel moet word. BZ is 'n soort van 'n alkohol verbinding wat 'n persoon se persoonlikheid verander om irrasioneel te dink. Dit kan hom óf uiters passief maak óf uiters aktief maar in beide gevalle is hy 'n probleem in 'n leër. Daar was besluit dat drie produkte verwapen moes word en nie net een nie omdat verskillende skares verskillend beheer moet word maar ook omdat daar nie altyd van dieselfde produk gebruik gemaak moet word nie.

[1281] Die beskuldigde, 'n Duitse en 'n Oostenrykse dokter was in 1991 betrokke by 'n ondersoek in die Golfoorlog. Daar was 'n stadium waarop die Irakiese elite wag oorgegee het. Hulle het sommer uitgestap uit hulle bunkers uit terwyl hulle gekwyl het. Wat insiggewend was, was dat hulle pupille geweldig groot was wat die teenoorgestelde is van wat 'n mens sou verwag het. Dit het geblyk dat daar wel afbraakmiddels van BZ in hulle urine was. Die getuie glo dat die Amerikaners 'n variant van BZ gebruik het, iets wat hier getoets is maar wat nie mee verder gegaan is nie omdat dit skadelik is. Hy het met Abdul Razzak gepraat en 500kg daarvan is by hulle gekoop gedurende 1992. Hy het dit in ontvangs geneem in Basel in die bonded warehouse. Dit is gaan haal met die Jet Star en die finansiële prinsipale was betrokke by die aankoop hiervan. Toe die goed vernietig is was daar nog 1000kg oor. Die ander is gebruik in die verwapening. Wat produk M aanbetref het onderhandelinge begin aan die einde van 1991 by die Academy of Sciences. Hy en Jacomet het dit as 'n goeie aanknopingspunt beskou. In 1992 het dit duidelik geword dat die aankoop nie uit Rusland uit sou geskied nie maar dat dit na Kroasië verskuif het. Hy het geglo dat dit nog steeds die Russe se middels is. In September 1992 was daar bevestiging van die versnelling van die verwapening en was daar ook 'n tydbeperking op hom geplaas om die produk voor die einde van die jaar in die Republiek te hê. Hy is toe terug

na Europa. Die transaksie is bevestig. Hy sou monsters geneem het en indien hy tevrede was sou dit geskuif word na Graz in Oostenryk. Dit sou dan betaal word. Die getuie is na Kroasië en hy het die middels ontvang net buite Zagreb. Daar het hy dit geseël met loodseëls nadat hy monsters geneem het. Die monsters is na Basel na 'n vriend van Chu en toe hy tevrede was met die kwaliteit is hulle terug na Zagreb. Hulle het per pad gery en toe hulle in Graz aankom het hy aan Jacomet toestemming gegee vir die betaling daarvan. Daar was padvervoer gereël tot in Basel en van daar af is dit met die Jet Star vervoer. Hy het op 23 Desember in Pretoria aangekom. Daar was reëlings getref met generaal Verbeeck oor die vervoer en oor moontlike beveiliging. Hy het die oggend hier in Suid-Afrika geland, hy het die voorraad afgelaai en hy is huis toe. Hy het 'n aparte stoor gehad by die weermag waar hierdie produkte gestoor is. Die volgende oggend is hy ingeroep en meegedeel dat hy ontslaan is. Hy sou George toe vlieg waar hy deur die hoof van die weermag volledig ingelig sou word.

[1282] Die minister van verdediging was op daardie stadium oningelig. Dit was minister Louw. Hy is vroeg in Januarie by die leërkollege in George ingelig. Hy het toe opdrag gegee dat alle inkapasiteeragense vernietig moet word behalwe vir CR. Die inligting moet so gebêre word dat dit op 'n kort kennisgewing weer herstel kan word. Die bestaan van CR moet ontken word totdat die teendeel bewys sou word deur iemand anders. Daar was opdrag dat alle offensiewe wapens vernietig moes word. Die kannetjies en die wapens is uitmekaar uit gemaak. Die beskuldigde het opdrag gekry om die projek af te bestuur en om geen inligting te openbaar nie. Hy verwys na bewysstuk WB1 par 3 waarin die opdrag is dat die offensiewe chemiese vermoë deur almal ontken moet word totdat die projek afgehandel is. Teenwoordig by daardie vergadering was generaal Liebenberg, generaal Knobel, vise-admiraal Malherbe, vise-admiraal Murray, generaal Hamman, generaal-majoor Verbeeck, brigadier Sonnekus, brigadier Basson, mnr Van Heerden en kolonel Steyn. Die datum van daardie vergadering was 31 Maart 1993. Hy verwys voorts na 'n notule van die KBK gedateer 9 Januarie 1995 waarin daar vermeld word dat die proliferasieraad nou 'n deklarasie van die SAW verag oor sy chemiese vermoë. Daar word besluit dat dit nie nodig is om dit nou al bekend te maak nie. Dit word uitgewys dat indien houers uit granate gehaal word dit nie teenstrydig met die internasionale konvensie sal

wees nie (par 13 WB2). Op 3 Januarie 1993 is daar opdrag gegee dat alle produkte vernietig word. Daarna was daar 'n KBK vergadering waarin dit bevestig is. Nadat verskillende opsies oorweeg is, is dit besluit dat dit die maklikste sou wees om dit in die see te gooi. Die lugmag het opdrag gekry om behulpsaam te wees. Aanvanklik wou die SAW hê dat die Suid-Afrikaanse Polisie moet meedoen met die vernietiging en sertifisering daarvan maar die kommissaris van polisie was nie geïnteresseerd nie en hy het gesê dat generaal Neethling ook nie betrokke sou wou wees nie. Hy het vir Wally van Heerden van die ouditeur-generaal gevra maar hy het ook nie belanggestel om saam te gaan nie. Op die ou end is generaal Verbeeck se man kommandant De Bruin aangesê om betrokke te wees. Dit was omdat die beskuldigde daarop aangedring het want daar was 'n algemene houding dat die goed maar sommer vernietig moet word sonder sertifisering. Die goed is deur die beskuldigde en andere by die weermagstoorplek gehaal en geneem na die vliegtuigloods in Waterkloof. Daar was 7 mediese lede teenwoordig en dr Mijburgh was ook teenwoordig. Die beskuldigde het vir De Bruin versoek om monsters te neem. Volgens die beskuldigde was hy bang om handskoene aan te trek en het die beskuldigde en dr Mijburgh die monsters in houers geplaas. De Bruin was geregtig om uit enige plek uit monsters te neem. Hy het vir hom die metakoloonmonsters gegee en later is van die ander monsters ook vir hom gegee. Die goed is toe oor die see afgelaai. Volgens die getuie was dit vir hom 'n groot teleurstelling dat sy werk vernietig word want hy het gevoel dat dit 'n tegnologiese uitdaging was en hy was ook kwaad en depressief omdat hy in die proses nog afgedank is.

[1283] Wat die betaling van produk M aanbetref beduie hy dat dit 'n gesamentlike Suid-Afrikaanse en Switserse transaksie was. Die Switsers was met 'n baie groter transaksie besig en hy het vermoed dat dit dalk met kernwapens te doen het. Coast moes die bedrag beskikbaar stel en onder beheer van die Switserse militêre laat. Daar sou 'n waarborg wees en die mense sou betaal word wanneer gesertifiseer was. Dit is nie die soort van geval waar normale kredietbriewe gegee kan word nie en die geld moes iewers in 'n rekening wees. Daar was egter chaos in Kroasië en daar was bv 'n geskil tussen die leër, die grenswagte en die veiligheidswagte. Daarna het Jacomet die beskuldigde meegedeel dat die mense in Kroasië betaal wil word. Teenwoordig by 'n vergadering was verteenwoordigers van die leër, van die grenswagte en van die spesiale magte asook die minister van energiesake. Hulle het kontant gesoek in Zagreb. Hy het Jacomet vertrou want

hy het hom van die vroeë tagtigerjare geken. Jacomet was betrokke by die verskaffing van maskertegnologie aan Suid-Afrika. Hy vertel dat hy en generaal Neethling gereeld deur Jacomet in Switserland op die lughawe gehaal is sonder om deur doeane te gaan. Hy het ook vir generaal Regli ontmoet deur Jacomet. Op 'n stadium het die RSA 'n behoefte gehad om te praat met die Switserse krygkor oor die aankoop van sekere wapens wat hulle gehad het. Hy het deur Regli ook later kontak gemaak met die Switserse CBO navorsing. Wat hom aanbetref was Regli die senior inligtingsbeampte. In die tyd van president Vorster was die hoof van nasionale intelligensie die senior inligtingsbeampte. In die tyd van president Botha was die hoof van militêre intelligensie die senior inligtingsbeampte. Niemand weet wie die senior inligtingsbeampte was in die tyd van president De Klerk nie.

[1284] Hy het van hierdie moontlike aankoop bewus geword omdat hy by Jacomet uitgevind het dat hy onderhandel met die Russe en Regli het vir hom gesê dat hulle die transaksie saam moet doen. Hy het sy reëlins bevestig met generaal Knobel en generaal Liebenberg. Hy is nie seker met presies wie nie. Die betalings moes deur Jacomet gedoen word. Die verskuiwing van die geld was die normale manier vanaf Blackdale na D J Truter na Jacomet in Zurich. Toe hy tevrede was met die kwaliteit van die middel het hy opdrag gegee aan Jacomet om te betaal en die waarborggeld los te maak. Hy het toe vir Zimmer gesê om \$2 miljoen te verwag. Hy het opdrag gegee aan Jacomet om dit na die republiek terug te stuur. Zimmer se opdrag was om toe te sien dat die bron van die fondse nie gekompromitteer was nie en dat dit onnaspeurbaar teruggevoer moes word. Toe hy in die republiek aankom het dit geblyk dat die geld nog nie teruggestuur is nie. Hy het Jacomet gesoek, hy het met Regli gepraat, op die ou end het hy 'n telefoonnommer van Jacomet gekry waar hy in die swart woud in Duitsland in 'n veilige huis was. Die getuie glo dat die \$2 miljoen uit die waarborg uit kom. Teen die einde van Desember is daar toe net \$900 000 terug na die republiek. Hy het gerapporteer aan die KB wat gebeur het. Hy was amptelik in diens tot 31 Maart. In die begin was hy besig met die afbreek van die laboratoria, hy is terug na Switserland, hy wou vir Jacomet sien. Jacomet het aan hom verduidelik dat die Kroatiese regering die bates bevries het maar dat hulle die aangeleentheid sal ondersoek en dat die geld later terug sal kom. Hy het dit aanvaar. Generaal Knobel het ook gepraat oor 'n besoek van generaal Regli en dit blyk dat Regli op 'n stadium vir Knobel gevra het om die ondersoek te laat

vaar omdat dit die Switsers in 'n verleenheid sou stel (1994). Hy sê dat daar 'n proses van afwenteling was maar hy wou die \$1,5 miljoen terugkry.

[1285] Hy sê daar was 'n slap Deen ene Thompson wat 'n inligtingskarminkel was. Hy was nog nie vantevore betrokke daarby dat geld verlore geraak het nie maar hierdie was die eerste werklike armlengte transaksie waar hy nie baie nou by betrokke was nie en dan was hy nog verder onderhewig aan 'n tydsbeperking. Hy het later van tyd vir Theron ook net vir 'n baie kort rukkie hieroor gesien. Dit was algemeen bekend dat die Kroatiese regering die vatikaan gebruik het vir die befondsing. Die oorlog in Kroasië was 'n godsdienstige oorlog met Rooms katolieke synde die Kroate aan die een kant en Russiese ortodokse Serbe aan die anderkant en die Moslems in die middel. Dit is waarom die vatikaan steun aan die Kroasiërs gegee het. Thompson het toe vir hom gesê dat hy waardepapiere van die vatikaan ter waarde van \$100 miljoen het en dat hy dit moet gebruik om die Kroatiese regering af te pers vir die teruggawe van die geld. Op die ou end het hy \$5 miljoen se papiere gehad en was die idee dat hy \$1,5 miljoen wou uithê sodat hy dit kon terugbring na Suid-Afrika. Die voorwendsel waaronder die uitbetaling moes geskied was vir die golfbaan in België. Op 'n stadium sou hulle bank toe gaan maar Jacomet sê toe vir hom dat hy besig is en hy wat die beskuldigde is het toe die dokumente na die bank geneem. Toe hy terugkeer na Jacomet se kantoor het die hel losgebreek en was daar baie polisie. Hy is gearresteer maar hy is middag vrygelaat en hy was toe terug in die republiek. Hy was nie lank hier nie toe is hy teruggestuur na Europa en hy was toe onder die indruk gewees dat hy gesoek word deur die inligtingsdienste van ander lande. Hy het nie toe besef dat die Banco di Napoli papiere vervals is nie en dat hy gesoek word vir 'n handelsmisdaad. Hy het vir Knobel klandestien ontmoet maar teen die einde Desember was hy ten einde raad. Hy het toe die vliegtuig geneem na Basel. Op die lughawe is hy gearresteer en toegesluit. Hy was vir 'n naweek in Basel en toe is hy na Zurich geneem. Na omtrent 14 dae is daar 100 000 frank borg aan hom toegestaan. Hy het gehoor dat die Britte en die Amerikaners hom in die tronk wou ondervra. Die SAW het sy borg betaal. Daarna het die ondersoekregter gevra dat Truter in die republiek ondervra word. Daar is gereël dat Truter na Switzerland sou gaan en persoonlik daar sou ondervra word en twee weke later is die beskuldigde ook na Switzerland en is hy daar ondervra en aan die einde van

die ondervraging is die saak teen hom laat vaar. Die getuie sê dat toe hy die navraag oor die Kroatiese transaksie beantwoord het hy nie kan onthou presies wanneer dit was nie maar dit lyk vir hom asof dit was net na die terugkoms in Suid-Afrika gedurende Julie 1993. Dit kon ook aan die einde van die jaar gewees het. Volgens daardie mededeling blyk dit of die \$900 000,00 van Kroasië af kom. Hy sê dat hy dit werklikwaar geglo het en dat die geld wat moes terugkom na die republiek uit die waarborg uit moes kom. Dit was die storie wat Jacomet hom vertel het. Hy sê dat generaal Regli ook bevestiging van sy storie aan generaal Knobel gegee het en dat daar blyke daarvan is in dokument 1.68. Die rede hoekom Regli na Suid-Afrika gekom het was omdat hy wat die getuie was vir Regli gedreig het dat hy sal openbaar van die transaksie en dat Regli toe onderneem het dat hy sal toesien dat die Amerikaners en die Engelse hom nie ondervra nie en dat hy self na Suid-Afrika sal kom en sal kom bevestig. Die getuie sê weer dat dit moeilik was om *ex post facto* die vrae te beantwoord. Hy het nooit die finale dokumente wat deur generaal Knobel voorberei is en aan KEEM verskaf is, gesien nie.

[1286] Hy sê dat hy eers tydens die verhoor agtergekom het dat die \$900 000,00 van Zagreb af gekom het en nie uit die waarborgfonds nie. Hy ontken dat hy enige misleiding gepleeg het. Wat aanklag 64 aanbetref sê hy dat daar opdrag van die KBK gekom het vir die vernietiging van die dokumente. Daar was 'n bespreking tussen hom en Van Heerden en hy het 'n brief gesien wat van die departement buitelandse sake gekom het. Hy het 'n voorlegging gemaak waarby dié brief aangeheg was en daar is besluit dat die vernietiging so sou geskied. Sy herinnering is dat hy en Mijburgh by Mijburgh se huis twee trommels gaan haal het en dit na Data Image geneem het waar dit vasgelê sou word en die oorspronklike dokumente dan vernietig sou word. Hy het daarna nooit weer die dokumente gesien nie. Hy sê dat daar 'n misverstand was tydens sy eerste borgeansoek omdat hy onder die indruk was dat hierdie dokumente, dokumente kon wees wat van sy huis af gekom het toe sy vrou in 1993 vir Bosch gevra om sekere dokumente na sy huis toe te neem. Hy sê dat Data Image moes sertifiseer dat die dokumente vernietig is en dat hulle toe eers betaal is en dat hy hoegenaamd nie besef het dat daardie dokumente nie vernietig is nie. Van die dokumente kom vanaf Roodeplaat, ander kom vanaf Delta G, ander kom uit sy kantoor uit en van sy persoonlike goed lyk dit vir hom of dit uit sy kantoor uit kom. Hy was nie bewus dat dit na Bosch geneem is nie. Hy het wel vir Bosch gevra vir stoorplek soos wat

hy by baie ander plekke ook gevra het vir stoorplek toe hy op kort kennisgewing sy huis moes ontruim. Hy het egter op die ou end sy goed in Midrand gestoor en sy vrou was betrokke by die verpakking daarvan.

[1287] Hy sê dat 'n moontlike skenking van uitrusting ter sprake gekom het baie vroeg in die verloop van Hooper, Modular & Packer. Daar was beroepe vanaf Unita vir beskermende klerasie. Daar was 'n vergadering in Suidwes-Afrika waar die bevelvoerder van die leër en van die weermag teenwoordig was en die aangeleentheid is bespreek en dit was gevoel dat Unita meer bedreig is as die Suid-Afrikaanse troepe. Opdrag is aan die beskuldigde gegee om skenkings te soek. Daar is iets soos 9 000 tot 12 000 pakke aan Unita geskenk maar dit was nie genoeg nie want Unita het 50 000 soldate onder wapen gehad. Hy sê dat die soek na skenkers gedokumenteerd is en hy verwys na dokument 18.130. Hy wys daarop dat CBO 'n oorlog van misleiding is en 'n sielkundige oorlog en hy wys daarop dat omdat in die eerste geval 'n dodelike gas saam met 'n geel rook toegedien is later 'n blote loslating van geel rook chaos veroorsaak het. Suid-Afrika het nie genoeg pakke gehad om Unita te voorsien nie en het ook 'n eie behoefte gehad. Hy het nie 'n rol gespeel in die verspreiding van die pakke nie. Daar is 'n vergadering gereël met die geneeskundige dienste en die behoeftes is gestel. Die leër was verantwoordelik vir die verspreiding van die pakke. Hy sê dat hyself gesien het dat klerasie ontplooi is. Die gemeganiseerde bevelvoerders het gekla dat die troepe stofbrille maak en dat hulle brille maak van die maskers en dat hulle baadjies maak vir warmte en ook vir motorfietspakke. Dit is besef dat daar nommers vir elke pak gegee sou moes word en dat elke so nommer aan 'n troep uitgereik sou moes word. Troepe het bv gaatjies in die bedekking gestee. Daar is besluit dat die leër op sterkte gebring moes word. Daar is pakke gestoor by 10 Lugmag depot in Voortrekkerhoogte. Die leër het die pakke getrek en vervoer na die operasionele gebiede. Daar is wel 'n skenking bewerkstellig. Hy het Jean-Pierre Seynaeve saam met Van Remoortere na Angola geneem om vir Savimbi te ontmoet. Hy weet nie of Seynaeve vir Savimbi ontmoet het nie maar hy was wel in Jamba. In laat 1989 het Razzak laat weet dat hy 'n aantal pakke sal skenk. Dit was óf laat in 1989 óf vroeg in 1990. Die pakke is per see afgelewer en is deur Krygkor vervoer. Dit is gestoor by Radio Uitkyk en by die Court Street Warehouse in Van Remoortere se deel

daarvan. Van die pakke is verwyder maar dit het nie almal na Unita toe gegaan nie. Daar is besluit om Unita nie meer te steun nie en dat daar bloot humanitêre hulp aan hulle verleen sou word. 'n Ander rede waarom die pakke nie meer aan Unita gelewer kon word nie is omdat Namibië onafhanklik geword het en die weermag nie meer daarmee deur kon ry nie. Ook het die chemiese bedreiging tot 'n mate afgeneem. Van Remoortere het die ontvangs hanteer behalwe vir die wat by Radio Uitkyk was. Die wat aan Van Remoortere gelewer is, is later verskuif na Babelegi. Die pakke is deur Seyntex vervaardig. Daar is toe 'n posisie gewees dat die weermag gesit het met 'n skenking wat nie sinvol gestoor kon word nie. Die wat by Radio Uitkyk was, was gerieflik beskikbaar vir verspreiding. Generaal Liebenberg het hom opdrag gegee om dit terug te gee vir die skenkers. Hy het dit aan Razzak genoem en Razzak wou dit nie aanvaar nie. Intussen het Van Remoortere navrae gehad van oor die wêreld. Dit was die tyd van operasie Desert Storm. Hy is later aangesê om reëlins te tref om daarvan ontslae te raak. Dit was nie 'n Coast operasie nie. Dit was ook nie 'n weermag operasie nie. Dit het op versoek van die hoof van die Suid-Afrikaanse weermag tot stand gekom, bloot toevallig. Hy was wel betrokke by die versoek vir die skenking. Die geld wat ge-in is was die prinsipale se geld. Hy is aangesê om dit in die WPW groep in te betaal. Die eerste gedeelte is in die Rits rekening betaal en die tweede gedeelte is na die buiteland. Hy het met HSAW uitgeklaar om die Rits rekening te gebruik. Wat die tweede verkoping betref is hy meegedeel dat die fondse nie vermeng moet word nie. Die getuie was nie self by die verkoop betrokke nie. Hy het wel vir Viljoen opdrag gegee om vir Van Remoortere en Zimmer te help. Hy het ook op 'n stadium 'n faktuur onderteken. Hy kan nie onthou waarom die Rits rekening gebruik is nie maar daar moes destyds 'n goeie rede gewees het. Intramex is omtrent in 1990 aan Viljoen gegee en dit mag wees dat omdat daardie rekening toe nie gebruik kon word nie die Rits rekening gebruik is. Daardie rekening was nooit 'n Coast rekening nie.

[1288] Die Karko situasie: Die Suid-Afrikaanse weermag het 'n wapen projek gehad, wapens is aan Unita verskaf. Dit was 120mm mortiere. Die getuie het van hulle met CR gevul. Dit sou aan Savimbi beskikbaar gestel word as 'n laaste uitweg om weg te kom. Dit was 'n klein wapen met nie 'n baie groot dra-lading nie. Om tegniese redes moes daar van nabyheidsbuis gebruik gemaak word. Alhoewel dit nie altyd gebruik word nie is dit wenslik by klein wapens. 'n Bron is opgespoor van die Sjinese. Daar moes geld gevind word en daar

is besluit dat Coast se uitrusting verskuif sou word na die SAGD. Dat nabyheidsbuis gebruik sou word is gedokumenteer in bewysstuk 65.26, 65.27 en 65.28. Kaptein Orffer het egter die eerste R2 miljoen te gou oorgeplaas. Hy het vir Orffer gewaarsku dat daar geld sou kom en dat dit oorgeplaas moet word. Hy het ook vir hom gesê dat dit in twee fases sou geskied maar Orffer het dit verkeerdelik uit Coast fondse oorgeplaas. Die eerste gedeelte was gou afgehandel gedurende Julie maar wat die tweede gedeelte aanbetref is daar lank gewag eers tot omtrent in Oktober en die werklike oordrag het eers hier by November plaasgevind. Intussen het Orffer bedank en was dit onduidelik wat plaasgevind het. Zimmer het wel die geld ontvang maar hy het nie gerapporteer nie want hy was ook vooruit meegedeel dat hy die geld sou ontvang. Nadat Orffer verduidelik het is die geld via die Karko rekening terugbetaal. Van hierdie gelde is 'n bedrag van R50 000 betaal aan A Versluis. Dit was ter vergoeding daarvan dat vier van die prinsipale by haar aan huis gewoon het vir omtrent 'n maand en 'n half. Hulle het daar geëet, vervoer is vir hulle gereël en klere is vir hulle gekoop. Daar was 'n ooreengekome bedrag van R50 000. Wanneer kontant bedrae onttrek is was dit op versoek van die prinsipale. Een oggend het hy by Bosch 'n bedrag gaan haal want dit moes na Windhoek gaan. Elke keer wanneer hy 'n kontant bedrag getrek het, het hy 'n kontantstrokie geteken. Met betrekking tot Viljoen se getuienis dat hy die lenings van Marlow en Erasmus afgelos het ontken die getuie dat hy so 'n opdrag aan Viljoen gegee het. Hy ontken dat hy 'n persoonlike voordeel uit die geld gekry het.

[1289] Dit word aan die getuie gestel dat die staat beweer dat die pakke wat deur Van Remoortere verkoop is SAW pakke was. Die getuie sê dit is onmoontlik. Dit sou wees soos wanneer iemand besluit dat al die gewere in die weermag verkoop word. Hy word verwys na aanklag 21, die rekening van D J Truter. Hy sê daar was nie projek geld in die rekening nie. Hy het die aangeleentheid bespreek met HSAW en hy was gevra om dit in uitvoering van sy plig teenoor die prinsipale in daardie rekening te hou en om dit nie te vermeng nie. Hy bevestig weer eens dat Karko 'n amptelike front rekening was. Die R1,8 miljoen en die R2 miljoen is deur daardie rekening of 'n soortgelyke rekening wat amptelike fonds rekening was. Hy ontken dat hy vir Van Remoortere bedrieg het want Van Remoortere was deurgaans bewus van wat gebeur het. Wat die persone aanbetref wat hier was waarvoor die R50 000 betaal is sê hy dat die Lynnwood huis reeds verkoop was. Wat die sambreel klag aanbetref, aanklag 20, sê hy dat bloot by Aries trust en Waag-'n-Bietjie Boerdery hyself 'n

belang gehad het. Daar was egter geen verpligtinge tot openbaring nie en waar hy verplig was om te openbaar het hy openbaar aan generaal Nieuwoudt. Die agtergrond en werking van die WP groep was bekend maar daarna wou die weermag nie werklik terugvoering hê nie. Die gelde in Aries trust en Waag-'n-Bietjie Boerdery was nie projek geld nie. Wat die losie by Loftus aanbetref was dit aan hom genoem deur Viljoen en was hy geïnteresseerd. Hy het vir sy gedeelte betaal. Dit was ses sitplekke. Hy het jaarliks ook vir die drank betaal. Hy was nie werklik betrokke by die finansiering nie maar hy het op 'n stadium in die stukke gesien dat Intramex se naam ook voorkom. Wat Intramex aanbetref sê hy dat die SAW geld daarin was en dat dit hanteer is op 'n koste-plus basis. Daar was nie projek fondse in Intramex nie. Dit is wel gebruik om die projek af te skerm en aankope vir ander weermag dele en die Suid-Afrikaanse Polisie te doen.

[1290] Met betrekking tot aanklagte 32 tot 35 sê hy dat hy eers by Spesmagte aangesluit het na 1981. Hy het Theron as die sekerheidsoffisier ontmoet. Hy was nie die sekerheidsoffisier van meer as bloot die hoofkwartier nie. Hy was nie betrokke by enige vergadering met generaal Loots nie soos wat Theron getuig het nie. Hy was wel na 1981 van tyd tot tyd in verbinding met Loots. Hy ontken dat daar 'n vergadering was oor oorbevolking van die Swapo krygsgevangenes. Hy ontken dat hy genader is om middels aan Theron te verskaf. Hy het wel aan spesmagte onder verskillende omstandighede middels verskaf. Mense is behandel. Hy was betrokke by operasies se beplanning. Wanneer operateurs met vals dokumente deur grensposte is het hy hulle van middels voorsien soos valiums en inderil. Wanneer operateurs bang was vir vlieg of op 'n skip ry is hulle ook voorsien van angswerende middels. Die middels wat 'n vlieënier sou gebruik sou anders wees as die middels vir 'n persoon wat op 'n skip ry. Dit het wel gebeur dat hy disoriëntasie-middels voorsien het. Dit sou gebeur het by operasionele beplanning waar daar besluit is om 'n terroris te vang. Dit is 'n peperadien derivaat. Dit is die soort van ding wat jou onmiddellik buite aksie stel en nie 'n kans gee om 'n lawaai te maak nie. Hy ontken dat hy ooit versoek is om doodmaakmiddels te verskaf of verskaf het. Wat die reis saam met Van der Linde en Floyd en Theron na Windhoek aanbetref is sy herinnering dat hy gesoek het vir vervoer, dat hy gehoor het dat hulle vlieg en dat hy na Windhoek is waar hy, die gebiedsbevelvoerder en die hoof van mediese dienste samesprekings gehad het. Hy ontken dat hy saam met Theron na die

operasionele gebied is. Theron het bloot die sekerheid by Speskop hanteer. Daar was sulke benamings soos 'n ops-sekuriteitsoffisier wat betrokke was by die beplanning van operasies. Theron was nie so 'n offisier nie. Net soos daar ook ops-misleidingsoffisiere was en ops-teenmisleidingsoffisiere. Theron was betrokke by die fisiese sekerheid van die gebou. Hy is geen opdrag gegee om tuberine of scoline of ketelaar aan Theron te verskaf nie. Hy sê dat indien mense gedood moes word sianied 'n baie meer effektiewe gif sou wees. Daar was sianied in die weermag. Hy het wel voorraad daarvan gelewê en dit is dan aan senior spesiale magte operateurs gegee by baie moeilike sendings waar daar aan hulle 'n keuse gegee is om daarvan gebruik te maak indien hulle in vyandelike hande sou val. Wat aanklagte 32 tot 35 aanbetref wat gedurende 1984 was en vanaf Zeerust gedoen is ontken hy dat hy enige middels aan Theron gegee het. Hy ontken dat hy aan Phaal middels gegee het en hy sê dat ketelaar wel 'n roetine uitreiking in 'n mediese sak was. Wat aanklagte 39 tot 44 aanbetref, dit het betrekking op November 1983, ontken die getuie dat hy vir Bothma opdrag gegee het om by Theron te rapporteer. Theron was wat hom aanbetref nooit 'n operateur nie. Hy sê dat as iemand uit 'n vliegtuig gegooi word so 'n persoon sal sterf. Wat aanklag 45 aanbetref ontken hy dat hy vir Phaal so middel gegee het. Hy sê dat daar wel middels is wat op die trombien stelsel inwerk maar dat so 'n middel nie binne 'n dag sal inwerk nie. Hy gee toe dat brodifacum so anti-stolmiddel is en dat dit dieselfde is as warfarin. Dit word aan baie mense toegedien om trombose te keer.

[1291] Wat aanklagte 47 tot 50 aanbetref is dit die voorval vanaf Lanseria waar Theron, Floyd en Phaal betrokke was. Hy ontken dat hy enige substansie aan Theron gelewê het. Wat aanklag 51 aanbetref ontken hy dat hy betrokke was. Hy sê dat die militêre hospitaal wel 'n manier gehad het om van lyke ontslae te raak op reëlmatige wyse deur middel van lykbesorgers. Buitendien was Speskop 'n hoë sekuriteitsgebied waar spesmaglede in opleiding juis moes toesien dat daar nie 'n verbreking van die sekerheid is nie. Wat aanklag 53 aanbetref en ook aanklag 56 dit wil sê die Barberton en die Phalaborwa voorvalle ontken hy dat hy die middels aan Theron gelewê het.

[1292] Wat aanklag 59 aanbetref sê hy dat wat middels in die algemeen aanbetref hy wel middels verskaf

het aan operateurs maar hy het gewoonlik dit in 'n glashouer gegee met 'n drupper. Hoe presies dit toegedien is naamlik of dit in koeldrank of in koffie of oor die pap gegooi sou word sou hy nie weet nie want dit was operasionele besluite wat deur die operateur geneem moes word. Hy sê dat hy nie die konsep van 'n Mickey Finn ontdek het nie. Dit is al baie oud. Wat biskop Tutu aanbetref ontken hy dat hy daarby betrokke was. Hy sê dat hy wel van tyd tot tyd fetusse gebruik het. Die materiaal is baie goed vir weefselkultuur-ontwikkeling omdat dit primordeaal is en maklik groei en dit is gebruik as deel van die peptiet sintese. Dit was binne in 'n steriele plastiese sak en dit is verkoel maar nie gevries nie. Hy ontken dat hy 'n versoek ontvang het vir 'n fetus. Hy sê dit is so dat mnr R wel 'n fetus vir hom kon afhaal. Hy dink dat mnr R wel Koos was. Wat aanklag 62 aanbetref, die bier in die Oos-Kaap, het hy geen idee waarvan Theron praat nie. Hy was bewus van die ontbinding van die BSB en hy het geweet dat Phaal in stryd was met die weermag. Wat Niekie Smit aanbetref sê hy dat sy vanaf 1989 tot 1990 vir Mijburgh gewerk het en hy glo nie sy was ooit in sy diens nie. Wat aanklag 63 aanbetref, dit is die aanklag van die oorhoofse sameswering om vyande van die staat naamlik Swapo, die ANC of ander vyande van die staat te dood. Hy ontken dat hy ooit betrokke was by so sameswering. Sover hy bewus was, was die SAW se amptelike beleid dat binnelandse operasies deur die polisie gevoer is omdat dit onderhewig was aan die howe. Teikens in die buiteland was militêre teikens. Hy het nie geweet van enige planne om enigiemand te dood nie. Hy ontken dat hy ooit vir Floyd in Sunnyside 'n middel gegee het. Wat die verskillende apparate aanbetref sê hy dat HSAW hom gekonfronteer het, gesê het dat hy gehoor het dat sulke wapens gemaak kan word, dat hy toe opdrag gegee het en dat die goed getoets is. Die opdrag was aan Mnr Q wat dit by sy huis gemaak het. Daar was skroewedraaiers, kieries en sambrele. Dit is getoets by RNL en dit is deurgevoer na generaal Liebenberg. Tot sy kennis is daar nooit van gebruik gemaak nie. Hy sê dat dit nie anders is as enige ander wapen soos 'n geweer of 'n chemiese of biologiese wapen nie. Dit hang af van die doel waarvoor dit gebruik is en die benadering waarmee dit aangewend is. Wat Chris, Manie en Gert aanbetref het hy hulle voorgestel aan Immelman. Hy is geroep na HSAW. Hy is meegedeel dat hulle probleme het met oorgrens operasies en dat hulle inkapasiteer-agense nodig het. Dit kan wees van mae wat moet werk tot susmiddels. Aangesien Immelman die volle spektrum van daardie goed by hom gehad het, het hy hulle voorgestel aan Immelman en is daar gereël dat vergaderings by sy kantoor gehou sou word omdat hy baie kere nie beskikbaar was nie. Daar was geen terugrapportering

aan hom nie. Hy het die inkope lys nie gesien nie en hy is nie bewus van die bestaan daarvan nie. Indien Koos wel mnr R was kon hy toksiese middels wat die beskuldigde nodig het by Immelman gaan verkry het. Die middels sou deur die beskuldigde gebruik gewees het by Speskop.

[1293] Met betrekking tot die drie aanklagte van die verskaffing van Ecstasy aan Wentzel kan hy nie presies onthou wanneer hy met Wentzel die eerste maal ontmoet het nie. Hy weet dat hy betrokke was by die invoer van alkoholvrye bier in die land in. Hy het gehoor van sy arres in die VSA. Hy is deur Brand meegedeel dat hy familie is van Wentzel. Hy was gewoond om geld aan te ry vir die ANC vanaf Libië. Hulle wou saam met Pienaar maatskappye begin wat met die Libiërs handel en almal het geld gehad om in die maatskappye te sit behalwe Wentzel. Wentzel het by hom geld geleen want hy het geld gehad nadat hy sy pakket by die weermag ontvang het. Wat hy nie geweet het nie is dat Pienaar op die ou end die geld vir homself sou neem. Wentzel het hom periodiek geskakel en terugbetaal. In 1996 het hulle kontak gehad oor 'n transaksie. Hy het gevra vir raad oor 'n wapentransaksie en hy het aan Wentzel beduie watter wapens die beste sal wees. Dan het hy hom ook gevra oor finansiële transaksies met die AAA-waarborges en hy wat die beskuldigde is het vir Wentzel meegedeel dat hy hom nie daarmee moet besig hou nie. Wentzel het toe vertel dat hy besig was met 'n transaksie met Pakistan om 40mm granaat-werpers aan hulle te lewer. Dit is gemaak by Swartklip. Hy was bewus daarvan want een van Swartklip se werknemers is daar dood en van sy troepe is beseer. Die granaat-werper het ontplof pas nadat dit uit die werper geskiet is. Hy het tegniese advies gegee daaroor.

[1294] Hy sê Wentzel het as in- en uitvoerder goeie kontakte gehad en hy het vir hom KWV wyn verskaf. Hy sê wat die situasie wat tot sy arres gelei het aanbetref is die aanloop nie ongewoon nie. Gedurende die maand daarvoor het Wentzel hom 'n paar maal gebel. Op 'n dag het Wentzel hom gebel na die HF Verwoerd hospitaal en hom meegedeel dat die transaksie goed vorder en dat hy hom graag by Brooklyn sirkel wil ontmoet. Wentzel het aangedui dat hy moontlik wapens van Suid-Amerika wil kry. Hy het vir hom gesê dat dit nie 'n goeie proposisie is nie omdat die Suid-Amerikaners en die Jode saamwerk en dit aan die lig sal kom en

hulle was in die parkeerarea en die drie bokse is agter in sy kar se katterbak gelaai. Hy is daarvandaan na die hospitaal. Hy het laat by die huis aangekom en die volgende oggend het hy gesien dat die bokse nie verseël was nie. Uit een van hulle is drie bottels verwyder en daar was 'n swart sak in. Hy het gaan werk en is weer gebel deur Wentzel. Wentzel het nie na sy selfoon gebel nie maar na die hospitaal-foon. Hy het vir hom gesê dat hy sy geld gekry het. Hy het toe vir hom meegedeel dat een van die bokse nie syne is nie en Wentzel het vir hom gesê dat dit maar net 'n fout was, dit was syne, maar hy moet vir hom die sak bring en dat hy hom die middag sal sien. Later het hy hom gebel en gesê dat hy hom 7:00 die volgende oggend sal sien en nog later het hy hom gebel dat hy hom 9:00 sou sien. Dit het hom beter gepas omdat hy 7:00 'n afspraak met Alberts gehad het. Toe het hy gery na Magnoliadal. Hy wou kyk of sy seuntjie al by die skool is. Hy het gekom van die News Café. Terwyl hy verby ry om te kyk of hy sy seun sien het hy 'n probleem gehad omdat hy toilet toe wou gaan. Hy het uitgeklim en toilet toe gegaan. Van toe af het hy teruggekom na sy motor en aangery in Brooklyn om te kyk of sy seun daar was. Hy kon hom nie sien nie en het beseft dat hy al by die skool was en toe het die foon gelui. Dit was toe Wentzel. Hy het hom ontmoet. Wentzel het vir hom snaaks gelyk. Hy het die geld in die kar gesit nadat hy vir hom die deur oopgemaak het. Die beskuldigde het die katterbak oopgemaak en het die plastiese sak vir hom gegee. Hy het na die gesprek geluister en die staat het 'n duplikaat van die band aan hulle gegee. Hy weet dat daar 'n vergadering was tussen die regsvertegenwoordigers en die deskundiges. Hy het die transkripsie gesien. Dit was vir hom moeilik om te rekonstrueer wat presies die gesprek was. Hy het wel foute opgetel. Dit was nie 'n sinvolle gesprek nie. Die beskuldigde ontken dat hy met hom gepraat het oor dwelms. Hy het ook nie dwelms aan hom verskaf nie. In sy kontak met Wentzel het hy nooit Delta G met hom bespreek nie maar hy weet dat Brand toe hy besig was om vir Knobel af te dreig wel voor Wentzel gepraat het van wat by Delta G gebeur het. Wentzel, Brand en Pithey was vir jare sakevennote. Die getuie ontken dat hy ander geld as terugbetalings van Wentzel ontvang het. Wat sy bystand aan Brand aanbetref was daar 'n potensiële sekerheidsbreuk en hy het beseft dat hy sy pad kan oop onderhandel. Daar is toe gou kontak gemaak in opdrag van die KBK. Daar is onderhandel deur middel van 'n prokureur en hy het toe teruggekom na Suid-Afrika. Die beskuldigde het toe besluit dat hy moet teruggaan om die gevolge te dra. Wat afdreiging van generaal Knobel aanbetref het ook dr Goosen en Schalk van Rensburg dit gedoen - Goosen toe hy afgedank is en meer geld wou hê en Van Rensburg toe hy met

afdanking gedreig is. Goosen is na regter Van der Walt en Van Rensburg het aan die ouditeur-generaal geskryf dat die beskuldigde BSB konneksies het. Hy weet van 'n brief van Viljoen aan generaal Knobel wat mede-onderteken is deur Viljoen se vrou. Hy het eers in die hof kennis geneem daarvan.

[1295] Onder kruisverhoor word die beskuldigde word gevra om aan te dui watter persone betrokke by die projek hy mislei het. Hy sê dat hy nie mag mislei het nie maar dat hy van sommige persone inligting weerhou het maar sy opdrag was om dit te weerhou. Dit word aan hom gestel dat hy vir Viljoen mislei het. Beskuldigde antwoord dat Viljoen geweet het hy is deel van 'n projek. Hy het nie geweet wie die prinsipale is nie, hy kon gedink het dat dit Webster was. As hy daardie indruk gehad het sou hy hom nie reggehelp het nie. Hy, wat die beskuldigde is, het 'n front geskep. Webster was egter nie die prinsipaal nie. Bosch se posisie sou presies dieselfde gewees het as dié van Viljoen - ook dié van Marlow. Me Lourens sou minder geweet het. Dr Chu, Zimmer, Webster, Jane Webster, Van Remoortere, Swanepoel, Mijburgh, Buffham, Pat Leeson, Jan Lourens, Sol Pienaar en die chemiese mafia is almal mislei. Dit word aan hom gestel dat namens hom gestel is dat die grootste intelligensie-agentskappe mislei is met behulp van die Suid-Afrikaanse regering. Hy bevestig dit. Ook die Europese intelligensie-agentskappe is mislei. Ook so die Oos-Europese agentskappe. Ons nasionale intelligensie is mislei totdat dit aan die lig gekom het dat die projek bestaan (die projek geblaas is). Hy sou die hoof van die Suid Afrikaanse weermag ingelig het oor Libië. Dit was eers Liebenberg en later generaal Meiring. Daar was misleiding oor Libië. Meiring het geweet daarvan. Hy het ook opdrag gegee. Hy was bv betrokke by die oorhandiging van Gadaffi se brief toe John Major Suid-Afrika besoek het. In 1981 was hy 'n groentjie in spioenasie. Hy was nie opgelei nie. Hy moes inligting inwin en hy moes hom eers inwurm by linkse groepe en toe by regse groepe. Hy het hulle oortuig dat hy regs is. Hy het inligting gekry by die kongresbiblioteek. Dit is nie danig moeilik nie want jy kan daar inloop maar hy het met behulp van 'n persoon wat in die tegnologie belangstel en wat hy aan gewerk het wel geheime inligting gekry het. Daardie persoon het dit nie vir geld gedoen nie. Hy sê dat die militêre attaché in die VSA na Suid-Afrika berig het dat hy wat Basson is 'n dienspligontduiker is en dat daaroor gelag is. Hy sê dat wanneer jy koeverte inligting wil kry jy nie dadelik die indruk skep dat jy inligting wil hê nie, jy kultiveer die mense. Jy kan inligting direk of indirek kry. Aanvanklik het hy met 'n ompad gewerk. Hy is veilig uit die VSA en hy is toe na Europa. Daar het hy te doen

gekry met die Sweedse Peace Association wat deur die Russe bedryf is. Hulle het vasgestel dat die Russe daarby betrokke was. Hy weet dat Heyndricx betrokke was. In Engeland het hy “ingezoom” op die afgetredenes. Hulle kon gedink het dat hy ‘n Suid-Afrikaanse polisieman is wat terreur beveg. Hy het baie inligting van hulle gekry. Hy het nie opleiding ontvang in misleiding nie. Hy het wel goeie leermeesters gehad soos Webster en Zimmer. Hy het nie boeke gelees nie. By die leer is daar ‘n kursus in misleiding en teen-misleiding. Daar was baie dekstories gewees. Hy gee toe dat ‘n dek storie realisties moet wees en die toets is dat dit ‘n ondersoek moet kan weerstaan. Hy weet nie van projek Novex nie.

[1296] ‘n Dokument word aan hom voorgelê en hy kan dit nie onthou nie maar dit lyk asof dit lank is nadat hy uit die weermag is. Daar word algemene instruksies oor dekstories aan hom gestel en hy stry nie werklik daarmee nie behalwe dat hy sê dat dit waarskynlik was vir amptenare wat oorsee gegaan het met ‘n spesifieke opdrag. Hy sê dat hy hom voorgedoen het as ‘n sakeman, hom voor die tyd instudeer het daarin om op te tree soos ‘n sakeman. Hy sê dat hy harder gewerk het as ander mense en daarom goed gevaar het. Dit word aan hom gestel dat wanneer ‘n mens ‘n dek storie het en jy weet dat ‘n feit vasgestel sal kan word dat jy dan jou moet aanpas rondom daardie feit. Daar vind ‘n argument plaas en die beskuldigde se verduideliking is dat as daar iets vasgestel kan word wat nie in ooreenstemming met jou voorstelling is nie, jy sal toesien dat daardie ding nie gebeur nie. Wanneer dit kom by tekenmagte sê hy dat hy tekenmagte gehad het omdat die bankamptenare dit vereis het maar ook in die tweede plek is ‘n veiligheidsmaatreël omdat die ander tekengemagtigdes dalk iets kon oorkom of sterf. Dit was ‘n kontrole maatreël. Hy is nie seker op watter rekenings hy tekenmagte gehad het nie. Hy sê dat sommige dokumente skyndokumente was. Sommige van die elemente mag waar wees. Hy sê dat van die dokumente wat voor die hof is hy reken hy nie meer as 2% is van wat opgestel is nie. Daar kan onwaarhede voorkom. Hy het ook aan regterlike beamptes onware inligting verskaf. Hy het besef dat die projek gekompromitteer is hier van 1997 af. Sy eerste aanhouding van Junie-Julie 1993 toe hy by Jacomet se kantoor was en hy het geglo dat Jacomet saam met die Switserse polisie gewerk het. Hy was na die polisiestasie in Rumlang. Hy het later die afleiding gemaak dat dit ‘n skynarres was en dat hulle hom net wou skrikmaak. Daar was drie polisiemanne wat hom na die polisiestasie geneem het. Hy is toe weer gearrester hier rondom 29 November 1993. Hy was die naweek in Basel en toe is hy

met die tronktrein na Zurich. Daar is hy deur 'n ondersoekregter ondervra. Dit het gegaan oor die Banco di Napoli bonds. Hy het Coast nie gekompromitteer nie. Hy kan nie die deks storie onthou nie - sou seker gesê het hy is 'n brigadier.

[1297] Hy word gevra oor die ondervraging van 22 Maart 1994 toe hy teruggekeer het na Switserland. Hy was toe verteenwoordig deur Battegay. Hy was vergesel van Mijburgh en Marlow. Briewe was geskryf aan die geneesheer-generaal. Die transaksie was nie toe bekend nie. Dit is besluit dat D John Truter en hyself liewers na Switserland sou gaan omdat in Suid-Afrika die ondervraging nie in die geheim in 'n landdroshof sou kon geskied nie. Hy is aanvanklik vir vier dae ondervra en hy het toe teruggegaan vir 'n volledige ondervraging. Dit word aan hom gestel dat hy by vorige ondervragings dokumente sou gelees het voordat hy in 1994 weer gegaan het. Hy sê dat hy nie weet of hy dit gedoen het nie. Dit word aan hom gestel dat dit lagwekkend sou wees dat hy dit nie sou gedoen het nie. Wat Truter aanbetref sê hy dat 'n lys van vrae aan Truter gestuur is en dat hy seker daardie vrae geantwoord het. Wat hom aanbetref was projek Coast nog operasioneel aan die gang. As Truter gevra is om te sê van chemiese wapens sou dit 'n sekerheidspreek gewees het. Sou hy gesê het dat die Switserse intelligensie betrokke is - hy sê nee. Hy word gevra of Jacomet ook ondervra is en hy sê dat hy gehoor het hy is. Dit word aan hom gestel dat hy en Jacomet ooreengekom het oor wat om vir die regter te sê. Hy sê dat daar 'n vroeëre deks storie kon wees maar dat daar nie so 'n ooreenkoms was nie. Wat hom aanbetref het Jacomet vroeg gedurende die ondervraging getuig. Hy weet nie wat die regter tevrede gestel het nie. Hy weet nie wat sy weergawe gewees het nie. Daar word stukke aan hom voorgelê gedateer 29 November 1993, 1 Desember 1993, 8 Desember 1993 en 22 Maart 1994. Hy sê dat sover hy kan onthou die ondervragings in Duits was en dat daar 'n tolk gewees het wat met hom Engels gepraat het en dan teruggetolk het na Duits. Hy sê dat die regter goed kan Engels praat maar die ondervraging was langdradig weens die vertaling. Hy het nie gemeld van die dwelms nie en hy het nie gemeld van Regli nie. Hy het wel gevra dat hulle met Regli in verbinding tree. Hy sê dat dit die laaste keer was wat hy vir 'n voorsittende beampte leuens vertel het.

[1298] Met betrekking tot die vergiftiging van Bosch sê hy dat Mijburgh en Bosch in Pole was. Hy was in Basel. Bosch het teruggekom. Hulle was inbespreek by 'n hotel. Hulle het nie noodwendig na die regte kamers gegaan. Bosch het psigoties geword. Hy het goed begin breek. Hy het vir die getuie en vir Mijburgh geslaan. Hy het gedink dat hy 'n peperidien derivaat ingekry het. Hy het besef dat hy hom na Engeland moet neem. Hulle het hom na die cottage geneem. Hy het urinemonsters geneem wat hy deur 'n vriend in Brussel laat toets het. Hy het gaan slaap en Mijburgh moes hom oppas. Sam het buite rondgeloop. Hy was lateraan weg. Hulle het hom toe by die polisiestasie gekry waar dit aan die lig gekom dat hy 'n huis met 3 miljoen lotti wou koop. Dit is omtrent £100. Hy is toe gearrester. Dit word aan hom gestel dat die storie wat hy aan generaal Knobel vertel het verskillend is. Hy stem nie daarmee saam nie en sê dat generaal Knobel wel die afleiding kon maak dat dit is as gevolg van die sjokolade wat Bosch vergiftig is.

[1299] Hy sê dat hy en Mijburgh in dispuut was met Engelse oor safrool. Hy gee toe dat hy lesings aan mense van Spesmagte gegee het oor die eet van sjokolade. Dit is dan wanneer die sjokolade aan 'n proefdier gegee word en dat die proefdier sterf. Hy gee toe dat dit 'n potensiële wyse van eliminasië is. Hy glo nou nog dat Bosch wel gif ingekry het. Bosch is steeds nie normaal nie en as hy nie medikasie neem nie dan word hy psigoties. Hy sê dat in die spioenasiebedryf baie dinge dikwels oor geld gaan. Hy het wel verlede week vir Bosch geskakel oor 'n verband wat hy nie kon kry nie. Hy sê dat Bosch se situasie nie die gevolg kan wees van stres nie maar dat dit klinies meer voorkom asof hy vergiftig is. Dit word aan hom gestel dat Bosch reeds op die vliegtuig na België snaaks opgetree het. Daar word onderbreek deur die advokaat vir die verdediging wat daarop wys dat Bosch se getuie is dat hy te veel van 'n wit drank gedrink het en die lugwaardin gevra het om met hom te trou. Die getuie sê dat hy nie kan sê dat Bosch dronk was toe hy op die vliegtuig aangekom het in België nie maar hy was toe nog nie psigoties nie. Hy het dit geword in die hotel. Dit word aan hom gestel dat groot bedrae geld oorgeplaas is voordat hulle na Wavskou is en hy gee dit toe. Dit word aan hom gestel dat dr Matthy nie gepraat het van die vergiftiging nie. Hy sê dat dit nie vir hom snaaks is nie omdat dit nie vasgestel is nie. Dit word daar gesê dat dit 'n A-tipiese bipolêre afwyking is en hy sê dit is maar net 'n ander woord om te sê dat hy psigoties is en dat hy steeds by die diagnose bly. Hy sê dat L2 is 'n

dokument wat hy opgestel het en dit vir die aanvraag van die Jet Star. Bosch moes na die republiek, hy kon nie opgeneem word in Engeland nie en dit is waaroor hy na die republiek geneem is. Hy word gevra oor die VABN rekening. Hy sê dat hy tydelik betrokke was. Dit is deur Corrie Meerholz as 'n veiligheidsmagte-operateur bedryf. Die kode vir die naam was plus plus plus minus. Hy weet nie veel van die transaksie nie. Hy dink dat dit gedurende ongeveer 1984 was. Hy het bloot die tjekrekening gebruik omdat hy vir Viljoen gehad het en die geld is teruggegee aan Meerholz. Hy sê hy het vuil sakke vol geld gekry. Blücher het 'n siekte gehad wat Wolf Parkinson White was. Hy het vir hom 'n opinie gegee. Dit word aan hom gestel dat VABN kan wees Versluis A en Basson N. Hy ontken dit. Hy sê dat die VABN 'n vertroulike operasie was en dat generaal Liebenberg en generaal Joubert daarvan geweet het. Hy word verwys na die A10 Dokument en hy word daarop gewys dat die VABN naam daarop voorkom onder die hofie Offshore Financing. Hy kan nie onthou waarom hy die dokument aan Webster gegee het nie maar dit sou destyds vir een of ander doel gewees het om te koördineer. Hy sê dat A10 'n skyndokument was.

[1300] Die getuie is redelik seker dat die VABN voor 1987 was. Dit word aan hom uitgewys dat Viljoen getuig het dat die rekening geopen is in 1989/90. Hy sê hy mag verkeerd wees maar dit klink vir hom onwaarskynlik. Wat GEK aanbetref gee hy toe dat volgens die getuienis dit lyk asof dit Garsfontein Ekonomiese Konsultante is. Hy ontken dat dit tot stand sou gekom het gedurende Oktober 1989 ofskoon dit in werklikheid toe nooit tot stand gekom het nie en hy word verwys na bewysstuk 20KK. Hy bly daarby dat VABN in die vroeë 80's gestig is en sê dat dit op die laaste in 1987 sou wees. Hy sê die bedrae was klein. Dit is gerieflik in kontant gebank. Bedrae word aan hom gestel van R4 190,00; R7 000,00; R20 000,00; R30 000,00 en R40 000,00. Hy dink dat laasgenoemde bedrae dalk groot was maar hy ontken dit ook nie. Dit was in ieder geval nie sy geld nie en hy het hom nie daarvoor moeg gemaak nie. Hy kan nie sê of Webster geweet het van RITS nie. Dit word aan hom gestel dat KR staan vir Krugerrande en hy sê dat hy wel op versoek van die prinsipale met Krugerrande gewerk het. Hulle het soms vir hom gevra om Krugerrande te koop wat hy gedoen het en hy het ook Krugerrande van hulle ontvang om te verkoop. Hy het gewoonlik met so 100 of 200 Krugerrande gewerk. Hy het dit óf in Europa gekoop waar dit goedkoper was óf vir Zimmer gevra om te koop.

Hy het dit oorhandig aan Razzak. Sam Bosch het die opbrengs daarvan ontvang nadat dit verkoop is en dit in die Wisdom groep gebruik. Hy kan nie onthou dat hy Krugerrande in die Barcelona rekening inbetaal het nie. Hy sê dat daar was 'n poging om \$250 miljoen te was in die Cayman eilande in 1989. Dit word aan hom gestel dat Viljoen gesê het dat hy so 30 - 40 sakkies Krugerrande gehad het wat tot soveel soos 500 kan wees. Die getuie wil dit nie toegee nie en sê dat hy nie so baie gehad het nie. Hy sou dink dat VABN rekening deur die hoof van finansies geoudit word. Hy weet nie presies wat Hein Pfeil by Spesmagte gedoen het nie. Hy sê dat Viljoen wel 'n in- en uitrekening gehad het en dat hy dit aan Meerholz teruggegee het. Hy word gevra oor die klandestine wyse van reis en hy sê dat die groot idee was dat mense wat bv van Libië of Malta of enige plek wat in Amerika onaanvaarbaar was wou reis na Suid-Afrika kon dan hier 'n kaartjie kry wat nie sy oorspronklike reis sou aantoon nie sodat hy dan in die VSA sou aankom asof vanuit Suid-Afrika. Hy sê dat Razzak wel so gery het en hulle werkers ook. Hy sê die stelling wat namens sy advokaat gemaak is nie heeltemal reg is nie, daar is 'n fout daarin. Hy hou vol dat Cecilia Grant kon toor met kaartjies. Sy het ook kontant gebruik. Hy het vir haar die kontant gevat. Hy word gevra oor vliegtuigkaartjies wat goedkoop verkry kon word en hy sê dat dit wel so is dat lugrederye vliegtuigkaartjies goedkoop kry en dat Cecilia Grant nie kaartjies vir 100% aangekoop het en vir 10% verkoop het nie. Die rede waarom die redery bankrot gegaan het is omdat sy geld gesteel het. Daar is 'n argument daaroor maar hy hou voet by stuk dat reisagente kaartjies teen afslagpryse kry. Hy word gevra oor Merton huis en hy sê dat daar wel 'n bomskuiling was in die sin dat die ruimte onder die jacuzzi net bloot versterk moes word. Hy het opdrag gegee dat dit so versterk sou word. Dit is nou die wynkelder. Die mense en veral Eittel Kruger en Fismer was ontsteld oor die bomskuiling in Arcadia. Dit word aan hom gestel dat almal daarvan geweet het behalwe die bouer en die argitek. Hy sê dat hy nie spesifiek vir hulle gesê het dit is 'n bomskuiling nie maar dit was wel 'n geheime toegang. Daar is 'n argument oor of dit 'n geheime toegang was of nie en hoekom dit gestel is dat dit 'n geheime toegang is en hy sê dat die advokate wel die afleiding kon maak uit wat hy vir hulle vertel dat dit 'n geheime toegang is. Hy weet dat aanvanklik die Libiese diplomatieke diens die huis wou hê vir 'n ambassade maar dat daar later besluit is dat Zimbabwe dit kon koop. Hy weet nie of Marlow geweet het van die bomskuiling nie. Hy weet ook nie of hy vir Webster of Bosch daarvan gesê het nie. Hy hou vol dat die golfbaan in België vol tonnells was. Dit was eintlik die groot aantreklikheid. Kort nadat jy jou eerste bier gedrink het is jy in die tonnells

ingeneem. Die kasteel het behoort aan 'n Arabier. Hy is later daar weg. Die Suid-Afrikaanse regering sou graag die golfbaan wou kaap. Dit was in die Ardenne en dit was baie gerieflik indien jy geheime agente daar sou hê. Dit is naby aan 5 lande. Wat Merton huis aanbetref is hy uitgevang omdat daar 'n vrou is wat 'n dokter was wat saam met hom gestudeer het wat hom herken het. Hy gee toe dat hy daar met 'n weermagvoertuig kon wees. Hy glo nie dat hy in uniform daar was nie. Die kroeg is nie iets sinisters nie.

[1301] Die staat vra vir inligting. Hy het die chemiese mafia eers in 1984 ontmoet en in 1985 was hy op kursus. Die ontmoetings in diepte was in 1986. Hy het homself voorgedoen as 'n sakeman, 'n sanction buster en 'n smokkelaar. Hy het vir Blücher ontmoet, hy is toegelaat tot die binnekring. Hy het by Blücher ook Russe, Duitsers en Chinese ontmoet. Hy is nie seker dat die name wat hy daar gekry het altyd korrekte name was nie. Hy het klerasie gesoek. Die eerste vergadering waar hy by was, was by die hotel Barolac in Zurich. Hy was ook by Blücher se huis in Muren. Daarnatoe het jy opgerey met 'n treinspoor. Hy was in sy kantoor in Dusseldorf, ook in Frankryk en Spanje. Hy het ook vir Dreier, Pura, Razzak, Chong en Verobioff ontmoet. Hy is aanvaar omdat hy deur Blücher voorgestel is en hy 'n belang gehad het by CBO navorsing. Blücher was 'n vooraanstaande industrialis. Hy het baie geld. Sy voorgeslag het Napoleon verslaan by Waterloo. Hy het aanvanklik gedink dat hy die groot beheerder van alles is maar dit het nie so uitgewerk nie. Hy het hom aanvanklik ontmoet saam met generaal Neethling en die twee van hulle het laat in die nag Duits gepraat. Razzak was 'n kolonel in die Libiese intelligensiediens. Hy het hom in Indonesië en in Libië ontmoet. Hy het hom gehelp met die verkryging van chemiese stowwe en die peptiedsisteem. Die meganiese goed het altyd van die Duitsers gekom. Hy weet nie of Razzak 'n landsverraaier was nie. Hy het hom wel in Tripoli gesien en Gadaffi het hom nie as 'n verraaier beskou nie. Hy sou nooit gesê het dat hy goedere koop vir die republiek nie. Blücher het wel sy militêre verbintenis geken maar hy dink nie iemand anders het dit geweet nie. Hy ontken dat daar 'n knipoogverhouding was tussen hom en Blücher. By Blücher was daar ook mense van die Amerikaanse lugmag. Dreier het geweet dat hy van Suid-Afrika af gekom het. Hy het gedink hy is 'n sakeman wat smokkel. Hy het die indruk gehad dat die Oos-Duitsers besig was om hulle land uit te verkoop. Die vergadering was gewoonlik in die Weste. Chu het gewoon in Switserland en wat Dreier aanbetref het hy Chu gesien as 'n lakei. Jacomet het Dreier geken. Buffham het vir die mafia gewerk. Hy was 'n ex-

geheimediensman. Hy het Buffham se naam by Dreier gekry. Jacomet het Dreier geken. Hy het hom ontmoet deur generaal Neethling. Sy eerste takie vir Dreier was 'n klein verkrygingsaksie.

[1302] CBO is baie sensitief. Die verspreiding daarvan na volkere wat dit offensief aanwend is verbode. Die groot moonthede monitor die bewegings. Die intelligensie agentskappe van lande is daarvan bewus. Nasionale Intelligensie het daarmee in Suid-Afrika begin nadat hulle met die beskuldigde gepraat het. Blücher was bewus van die gevare. Die persone waarmee hy vergader het, het hy met die hand gekies. Daar was spioene onder hulle. Volgens die getuie was Dreier 'n spioen en hy ook, ook Razzak. Die vergaderings by Blücher het gegaan oor die tegnologiese ontwikkeling. Die verspreiding was nie daar ter sprake nie. Dit word aan hom gestel dat die ander lede sou probeer uitvind het wie hy was en hy gee dit toe. Hy aanvaar dat sy beeld goed oorgekom het. Hy weet nie wat Blücher vir Dreier gesê het nie. Blücher het geweet dat hy verbonde was aan die veiligheidsmagte. Dit is Blücher wat die WPW sindroom gehad het - dit is Wulff, Parkinson & White. Hy het aanvanklik gedink dat Blücher 'n prinsipaal was maar later het hy dit nie meer geglo nie. Vanaf 1988 het hy nie meer die vergaderings gereeld bygewoon nie. Hy kan nie sê wanneer hy nie meer onder die indruk was dat Blücher die organiseerder van die mafia was nie. By 1992 was Blücher al dood. Die prinsipale was persone wat finansiële instruksies aan hom gegee het. Die mense wat instruksies gegee het was Dreier, Razzak en Verobioff.

[1303] Hy weet nie watter voordeel Blücher uit die vergaderings gekry het nie. Hy kan spekulêr daaroor in die sin dat hy dit kon gedoen het vir die CIA of vir die KGB. Hy kon dit gedoen het bloot omdat hy 'n magsbeheer daaroor wou gehad het. Daar kon die begeerte gewees het om geld te maak. Blücher het gestaan in die defensiewe CBO. Seynaeve was nie deel van die mafia nie. Die getuie word uitgelok om te sê dat Seynaeve baie eerlik was en wil nie daaraan byt nie en wys uit dat hy sy land en sy regering bedrieg het wanneer dit gekom het by die maak van die nutria klerasie. Hy verduidelik dat as so vergadering verby was almal 'n spreekbeurt gekry het. Die getuie wil nie toegee dat hy sou instorm by Blücher en vir hom sou vra om klerasie te koop nie. Aankope is nie by die vergaderings bespreek nie. Hy sê dat hy het honderd pakke by Blücher gekoop en dit is geëvalueer deur SRD en die Suid-Afrikaanse weermag. Jan Lourens by SRD het dit

gedoen en 'n vrou met lang hare. Hy kan nie onthou wie die ander mense was nie. Ook spesiale magte het die pakke fisies getoets. Hy het Lourens aan Blücher voorgestel. Hy kan nie onthou wanneer dit was nie. Die toetse het ook plaasgevind deur die Suid-Afrikaanse weermag en spesiale take. By SRD is unieke navorsing gedoen. Dit het nie gegaan alleen oor Blücher se saratoga pakke nie maar ook die pakke van Seyntex, van die Franse, van die Russe en van die Sjinese. Die penetrasie daarvan en die koolstof gehalte is getoets. Die ontstaan van SRD en die behoefte van die weermag en van die prinsipale het seker omtrent in dieselfde tyd ontstaan. Delta G het toe al bestaan en daar was 'n tweede vlak wat geskep moes word waar daar toegang deur die weermag nodig was. Aanvanklik sou Mole 'n 30% aandeelhouer gewees het in SRD. Die weermag het 'n behoefte gehad en die prinsipale ook. Die navorsing was nie gunstig vir Blücher nie. Hy het vir Blücher so meegedeel. In ieder geval was die hoeveelheid pakke wat hulle wou aankoop in Blücher se opset nie 'n groot hoeveelheid nie. Seyntex se tegnologie is gekoop. Hy dink dat Van Remoortere vir Blücher ontmoet het. Blücher was nie ontsteld omdat hulle nie klerasie by hom gekoop het nie.

[1304] Persone verbonde aan die Libiese groep was Abdul Razzak, Achmet Hasnave, Abdul Tawel, Ramadin Interest en later ook Murgam. Daar was ook 'n Abdul Mullah wat langs die pad uitgeval het. WPW, PCM en Medchem is vir die drie groepe gestig. Wat die Libiese groep aanbetref was hulle verbonde aan die geheime diens en hulle front was dieselfde as syne. Die getuie herhaal dat Razzak wel na die Transkei gekom het en dat hy met die seneca KFG van daar af na plekke in die land geneem is. Toe Razzak vir Murgam aan die getuie voorgestel het was dit as 'n sakeman. Dit was later duidelik in die praktyk dat hy nie 'n sakeman was nie. Hy het Razzak in Tunisië ontmoet en later in Libië. Die sakeman storie was 'n front. Hy sê weer dat Razzak se verantwoordelik-sfeer en sy inligting-sfeer Noord-Amerika en Europa was. Hy het hulle gesien as inligtingsmense. Hulle wou nie die geld terugneem na hulle lande nie. In die praktyk was daar toe nie drie aparte groepe nie ofskoon daar drie kanale geskep was. Dit kon gewees het om hom te mislei. Hy dink toe Merton huis in aanbou was, was Nasionale Intelligensie geïnteresseerd en het hy vir hulle die planne gegee. Hy het dit gegee aan 'n persoon met die naam van Sid. Hy het dit genoem nadat hulle duidelik verkenning gedoen het op die perseel.

[1305] Die hof verdaag sodat die staat kan uitvind wie in die hof is.

[1306] Hy was aanvanklik onder die indruk dat dit 'n gastehuis sou wees. Later het hy gedink dat die Libiërs dit moontlik sou betrek. Hy het saam met die staatsdepartement gewerk en vir hulle die plan gegee. Hy kan nie woord vir woord onthou wat hy vir hulle gesê het nie. Hy kan nie onthou dat hy voor 1994 deur NIA ondervra is nie. Hy weet nie watter inligting Knobel gehad het nie. Dit is nie duidelik of hy toegee dat hy in 1992 spesifiek deur Knobel genader is oor Merton huis nie. Hy sê dat hy nie verslag gedoen het aan die prinsipale oor die boekhouding nie. Aanvanklik was daar redelik gereeld kontak tussen hom en die prinsipale maar mettertyd het hy meer en meer vryheid gekry en was daar minder skakeling. Die Libiërs was betrokke by die chemiese oorlogvoering. Daar was dikwels gesamentlike pogings. Die BZ was uitsluitlik die Libiërs. Die peptiet sintese sisteem het gekom vanaf die Libiërs, die Oos-Duitsers en die Russe. Aanklag 1 was gedoen deur die Libiërs, die Oos-Duitsers, die Russe en Buffham. Die CAM's is voorsien deur die Duitsers en Buffham. CSD is geskep in opdrag van Dreier. Die "proximity fuses" is verskaf deur die Duitsers deur bemiddeling van die Sjinese. Gelde is verskaf om fasiliteite en vermoëns daar te stel. Wanneer die beskuldigde so 'n versoek gekry het, het hy die nodige toerusting of inligting verkry en dit dan betaal. Wat aanklag 1 aanbetref het hy opdrag gekry van die prinsipale wat om met die geld te maak en het hy dit gedoen. Wanneer Buffham saam met die prinsipale opgetree het was hy 'n blote werknemer. Die opdrag oor die vliegtuig gedeelte was Razzak. Die BZ was Razzak al die pad. Die \$325 000 is betaal aan die Iraniërs. Dit was betaal as teen prestasie en die geld is uit die groep uit. Die getuie word gevra of hy nie opdrag gekry het om plekke soos Graceby's of so te betaal nie en hy sê dat hy het nooit so 'n opdrag gekry nie. Hy het bloot aan die groep betaal. Wat die fondse in die Arzi bank aanbetref het hy dit in kontant vanaf Engeland vanaf Razzak na Chu geneem. Daar het ook fondse per koerier by Chu uitgekom. Hy weet nie hoeveel geld die gesamentlike groep in die republiek belê het nie. Dit kan R20 miljoen wees. Hy word gevra oor 'n betaling aan dr Blom en hy sê dat dr Blom sy vorige eggenote was maar ook 'n farmakoloog wat werk gedoen het en daarvoor betaal is. Dit word aan hom gestel dat hy in 'n posisie was waar hy geld kon vat vir homself en hy antwoord daarop deur te sê dat indien hy dit sou gedoen het kon hy baie teëspoed opgetel het. Hy is nooit

deur die prinsipale gevra hoeveel geld hulle in die republiek belê het nie. Hy het namens hulle betalings gemaak tot so ± 1993 maar die heel laaste betaling was die belegging in Tub Master in Amerika. Daar was ook versoeke vanaf Murgam so laat selfs as 1996 en in 1997 het hy 'n bedrag betaal aan Pura.

[1307] Hy sê dat daar was wel 'n beheerstelsel in die sin dat Marlow, Viljoen en Bosch die boeke gedoen het. Hy kan nie die spesifieke fondse onthou nie. In die RSA was al die geld in die Wisdom groep. Daar was op stadiums tekorte. Hy het dan geld aangevra. Hy het ook vir Webster gevra. Hy onthou 'n vergadering by die groen huis. Hy het daar vir Bosch, Viljoen en Marlow gesê om die boeke bymekaar te kry en 'n verslag op te stel wat aan Keem gelewer kon word oor wat met die fondse gebeur het. Hulle het nie die prinsipale geken nie. Hy het inligting aan die prinsipale gegee en van die inligting het gekom van SRD en Protechnik. Die navorsing by Protechnik was uniek. Hy het ook ander inligting aan hulle verskaf. Wat die vliegtuig in die Transkei aanbetref dink hy dat die Libiese intelligensiediens dit gebruik het in Afrika en Suider-Afrika. Gevra waaroor hulle die Transkei sou besoek sê hy dat die ANC die antwoord daarop sou hê. Hy wys daarop dat in internasionale kringe die Suid-Afrikaanse regering bekend was as een van die grootste terreur organisasies. Hy het wel vir generaal Roux vertel van die groep. Hy sê dat die Libiërs hom geskakel het en dat hy dan 'n vlieënier gekry het en opdrag gegee het om te ry soos wat hy vra. Die vlieënier was Snyders. Wanneer Aeromed se vliegtuig gebruik is, is betaal die bedryfskoste plus enjin ure. Hy glo dat die behoefte vir die vliegtuie seker maar omtrent dieselfde tyd ontstaan het. Hy kan nie nou meer die detail onthou nie. Hy word gevra of hy getuig het dat Savimbi op Brooks Airforce lugmagbasis geland het en hy sê dat hy 'n fout gemaak het want dit is in Texas terwyl Savimbi geland het op Andrews Airforce base in New York. Hy weet van minstens drie keer wat Savimbi na New York is. Hy het nie met generaal Badenhorst oor die vliegtuig onderhandel nie. Hy het onderhandel met generaal Joubert.

[1308] Wat hom aanbetref was Murgam 'n senior man. Hy kon bv sonder dokumente in Libië inbeweeg en hy kon ministers op kort kennisgewing bymekaar kry. Wat hom aanbetref het Murgam nie welgesteld gelyk nie. Hy het selfs die indruk geskep dat hy eenvoudig is. Hy word verwys na bewysstuk 30Y waar die vraag

aan hom gevra is of hy vir Yousuf Murgam ken en hy sê dat hy hom goed ken, dat hy 'n Libiër is wat in Harare woonagtig is en dat hy nie eers dink dat hy 'n kar het nie. Daar is 'n argument oor wat hy bedoel het en hy gee toe dat hy geweet het dat dit gaan oor die vraag of daar 'n moontlikheid was dat hy kon ontvlug indien hy borg kry. Hy ontken dat hy die hof wou mislei. Hy sê dat gedurende 1997 die SAW beleid verander het en dat hy daarna anders gepraat het oor Coast as voor daardie tyd. Hy bevestig dat hy vir Pienaar in die begin van 1993 ontmoet het en dat die idee was dat daar besigheid gedoen sou word tussen Brand, Wentzel en Pienaar. Hy wil nie toegee dat hy vir Pienaar in Mei 1992 ontmoet het nie. Hy sê dat Murgam vir 'n visa uitreikingsamptenaar te veel by Mnr Mandela se huis was. Die keer toe hy die garnale gaargemaak het was toe Graca Machel daar was. Pienaar was betrokke by die verkoop van sy huis. Hy ontken dat Pienaar die persoon was wat hom meegedeel het van die moontlike bou van 'n spoorlyn. Hy sê hy en Murgam het daarvoor gepraat. Hy sê dat toe hy deur Pienaar aan Murgam voorgestel is het hulle gemaak asof hulle mekaar nie ken nie want hulle het Pienaar nie vertrou nie. Hy sê kort daarna het Murgam na Suid-Afrika toe gekom en vir twee weke by hom gebly. Murgam het die buitelandse minister hier in die land aangebring en hy het hulle geneem na mnr Mandela. Dit word aan hom gestel dat Pienaar hom voorgestel het aan die minister van buitelandse sake. Hy bevestig dat daar in 1994 onderhandelings was met Moolman van Spoornet. Hy sê dat Murgam hom aan mnr Mandela voorgestel het. Hy kan nie onthou wanneer Pienaar elke keer teenwoordig was nie. Hy sê dat militêre inligting wel geweet het dat hy kontak het met die Libiërs. Hy sê dat daar 'n brief deur generaal Meiring was om te reël met die Libiërs vir die skryf van 'n brief aan eerste minister Major van Engeland. Hy glo nie Knobel was ingelig daarvan nie. Hy sê dat hy in 1994 terugrapporteer het aan generaal Nieuwoudt en dat generaal Roux moontlik daar was. Die weeklikse vergadering is gerapporteer. Daar is 'n besluit geneem om die groep te kaap. Hy kan nie onthou dat hy weer met generaal Knobel daarvoor gepraat het nie. Hy het wel met generaal Liebenberg gepraat. Hy het nie gerapporteer aan generaal Knobel nie omdat generaal Knobel nie wou weet nie. Dit word aan hom gestel dat Murgam nie die persoon is wat hy sê nie en dat hy bloot by besigheidstransaksies betrokke was. Hy sê dat hy en Murgam met die Libiërs gepraat het oor die spoorlyne en oor hospitale waar Pienaar nie by was nie. Hy sê dat Wentzel vir Pienaar voorgestel het as 'n internasionale besighheidsman. Hy het toe gesê dat hy Murgam ken. Toe hulle na Botswana is het hy 'n tas vol pamflette van Krygkor gehad van goed wat uitgeveil is deur Murgam aan Libië.

Hy sê dat Engelbrecht van NI Murgam by hom kom ondervra het. Dit was in sy huis. Murgam was verbaas dat mense wat met sulke groot motors ry so min van hom weet. Hy sê dat die hoof doel van die ondervraging van hom deur NI was om vas te stel wat sy Libiese konneksie was. Dit word aan hom gestel dat hy Murgam ontmoet het deur Sol Pienaar en dat dit 'n besigheidskonneksie was. Hy gee toe dat hy Pienaar mislei het oor sy vorige kontak met Murgam. Murgam was vir hom 'n paspoort tot die Libiese regering. Hy glo nie dat mnr Mandela 'n rol sou gespeel het by sy betrokkenheid by Libië nie. Dit is wel so dat daar pogings was om mnr Mandela en Gadaffi by mekaar te kry. Die hele ding het gegaan oor Lockerbie. Die brief is in 1995 vir Major gegee. Wat besigheid met Libië aanbetref was die bou van die spoorlyn aan die orde van die dag asook die aankoop van olie en vrugtesap. Hy het nie vir Murgam gesê van sy SAW agtergrond nie. Hy het geweet dat Engelbrecht die afdelingshoof teen-spioenasie was. Hy het in opdrag van die hoof van die SAW eers Liebenberg en later Meiring inligting weerhou. Die rede was omdat dit nog te sensitief was en hy verwys ook na 1.68 waarin Knobel dieselfde houding ingeneem het. Dit word aan hom gestel dat generaal Knobel vir hom gesê het dat hy moet gaan oop kaarte speel. Daar is 'n debat daaroor maar daar is nie uitsluitel nie. Dit word aan hom gestel dat hy briljant is met dekstories. Hy ontken dat hy 'n opdrag by die minister van verdediging gekry het. Hy weet ook nie dat minister Kobie Coetzee vir hom gesê het dat hy moet oop kaarte speel nie. Dit was in ieder geval op daardie stadium weermag beleid om inligting terug te hou.

[1309] Hy het nie vir Sol Pienaar gesê dat hy 'n weermag offisier is nie, of 'n eks-weermag offisier nie, en hy het dit ook nie vir mnr Mandela gesê nie. Hy sê dat hy die Libiërs by hom uitgebring het. Hy sê dat hy niks vir hom gesê het nie. Hy het in die wagkamertjie gewag. Hy het geen doel gehad om na mnr Mandela se huis te gaan behalwe om die mense daarna toe te neem nie. Mnr Mandela was nie 'n paspoort nie. Murgam was 'n paspoort. Hy kan nie onthou watter ANC lede op die vliegtuig opgelaai is nie. Hy ontken dat hy Engelbrecht mislei het oor die doel van sy besoek aan Libië. Hy was wel daar vir besigheid. Hy ontken dat Pienaar hom vir die eerste keer aan Murgam voorgestel het. Hy kon Pienaar mislei het. Hy sê dat hy verskeie mense mislei het voor sy amptelike ontslag in Maart 1993. Hy word verwys na vrae wat by Geeskor gevra is. Hy word daarop gewys dat daar in daardie antwoorde aan die parlement gesê is dat hy Libië bloot in 'n privaat

hoedanigheid vir sake doeleindes besoek het. Hy sê dat hy was hoofsaaklik betrokke by die vrae oor die privatisering. Die ander lede van die KBK wat daar was het tog geweet wat sy posisie was. Hy word gevra oor sy getuienis tydens die borgeansoek oor Libië. Daar is 'n hewige debat oor die feit dat hy 'n klomp name op 'n sekere stadium genoem het en nie Libië nie. Dit blyk dat op 'n verdere stadium in daardie oorkonde hy ook Libië genoem het. Hy sê dit moet onthou word dat hy betrokke was by die afdek van die fronte en dat dit twee jaar geneem het. Hy sê dat tydens die komitee wat die Geeskor vrae beantwoord het se sitting generaal Raubenheimer HSF was. Hy dink generaal Knobel was ook teenwoordig. Hy sê hy het goeie kontakte in Libië gehad onder die intelligensie-personeel. Hy sê dat Marlow in Libië was en dat hy gepoog het om bedrywe daar te vestig en hy sê dat die gedeelte uit die oorkonde wat aan hom gestel word 'n verduideliking was van wat Marlow gedoen het. Hy sê hy is voorgestel in Libië deur Muchta. Razzak het nadat dit duidelik geword het van projek Coast opgehou om kontak te maak. Webster het wel vir Razzak geken as sy Europese "associate". Razzak het nie sover hy weet kontak gehad met Zimmer nie. Hy het wel met Buffham kontak gehad. Mole was 'n vertroueling van homself. Razzak het kontak gehad met Chu. Chu was 'n ondergeskikte van Dreier. Chu en Zimmer het geweet dat hy 'n lid is van die weermag. Van Remoortere het dit ook geweet. Mole het sy rang geken. Toe hy hom ontmoet het was hy 'n luitenant-kolonel. Hy dink dat Mole gedink het dat hy in die SAW was. Hy word verwys na p1240 waar hy gepraat het oor Mole wat 'n vertroueling van die groep was en hy sê dit was Coast. Hy sê hy het hom altyd gaan vra as hy probleme gehad het. Mole was die man wat hom uit die staanspoor uit vertel het wat om te maak. Toe die Iranese beskermende klerasie nodig gehad het, het hulle met Mole geskakel want daar was twee mense in sy diens wat Iranese was en Mole het die Iraniërs na hom verwys. Aan Webster is hy voorgestel as dr Basson. Hy het vir hom gesê dat hy 'n kardioloog was. Die drie maatskappye is gestig. Webster moes 'n aanduiding gekry het dat hy aan die weermag verbonde was toe hulle by generaal Nieuwoudt was en definitief na die bevorderingspartytjie. Hy sê dat as Webster sê dat hy nie geweet het dat hy aan die weermag verbonde is nie dan is dit eenvoudig nie waar nie. Webster het hom gehelp om sy front te hou. Hy sê Webster het geweet wat hy doen. Hy het nie 'n morele probleem gehad om sanksies te verbreek nie. Hy het ook geweet dat hy klas gee. Hy ontken dat hy PW Botha se dokter was. Hy sê dit is so dat hy op 'n kommissie van die minister van gesondheid gedien het. Hy sê DA145 is hy nie seker of dit 'n skyn dokument is of nie maar baie van die inligting daarop is waar en

alles oor sy familie is waar. Hy sê dat daar tog inligting is wat hy nie aan Webster gegee het nie soos bv wat aangekoop is nie. Hy het hom aan Razzak voorgestel as "European associate". Dreier het wel opdragte aan Webster gegee. Dreier glo hy het vir Webster twee maal ontmoet en Webster het besef dat hy en Razzak prinsipale is. Hy word verwys na p166 van die borg aansoek. Hy sê dat hy nie tans enige aktiewe sakebelange het nie. Hy sê dat Wentzel tydens sy omswerwinge een van sy medewerkers was. Hy het by die borg-aansoek nie die identiteit van die prinsipale openbaar nie. Hy het na Webster verwys as verteenwoordiger van die prinsipale. Wat die beleggings is wat gemaak moes word was dit deur die Wisdom groep. Wanneer dit kom by die sake van Webster wat hanteer moes word is dit in sy hoedanigheid as verteenwoordiger van die prinsipale.

[1310] Hy word gevra oor Webster se kennis mbt die prinsipale en verwys na p821 van Webster se getuienis. Hy sê dat hy wel vir Webster gesê het dat hy namens prinsipale optree en dat daar geld is wat gewas moet word. Hy weet nie of die prinsipale hom persoonlik gekontak het of nie. Dreier het hom tweemaal gesien, eenkeer saam met Chu in Amerika en eenkeer net hy en Dreier. Razzak het hom gesien in London. Daar was ook die geval van die \$250 miljoen geldwasskema. Webster het nie vir hom gesê dat die prinsipale hom gekontak het nie. Hy het dit ook nie verwag nie. Hy het nie vir Webster ingelig oor CSD nie. Aanvanklik het hy die prinsipale baie gereeld gesien. Later nie meer so baie nie. Die hele idee van die fronte was om die prinsipale te isoleer. Webster het hom nooit gesê wat die prinsipale gesê het nie.

[1311] Hy weet nie waarom Webster privilegie opgewerp het nie. Hy het dit nie met hom bespreek nie. Hy weet nie van korrespondensie tussen mnr Malan en Webster tov privilegie nie. Webster het nie kennis gehad van die aankope nie. Hy het wel geweet van die vliegtuig want hy moes dit administreer. Hy sou hom nie van die laboratoriums, die CAMS, die proximity fuses, die substansie en die peptiet sintese sisteem vertel het nie. Dit sou 'n sekerheidsbreuk gewees het.

[1312] Hy dink dat hy Blücher met hom bespreek het. Hy weet nie of Blücher en Webster kontak gehad het nie. Hy het aanvanklik gedink dat Blücher alles reël maar later het hy besef dat dit nie so is nie. Hy word

verwys na bewysstuk 1.66 en dit word aan hom uitgewys dat daar vroe gevra is oor die betrokkenheid van die individue. Hy sê dat hy sekerlik insette gelewer het maar dat hy nie kan onthou presies wat hy gesê het nie en dat die finale produk in ieder geval nie sy poging was nie. Na 'n vergadering en met notas het generaal Knobel self die finale antwoord voorberei.

[1313] Hy sê dat die dokument M1 vroe is wat gevra is na aanleiding van die Krygkor ondersoek. Hy weet nie wie by die vergaderings geskryf het nie. Hy sê weereens dat die weermag nog nie oop kaarte gespeel het oor Coast nie en hy verwys na paragraaf (a) op p6 van 1.68 waar daar verwys word na die sensitiwiteit van die projek waarom die inligting nie gegee word nie. Hy sê weer dat hy nie weet presies wat generaal Knobel geweet het nie. Hy sê dat hy oorgedra het wat hy moes oordra aan Nieuwoudt en Roux en dat dit vir hulle was om hulle opvolger in te lig. Sy funksie was om die befondsinskanale van die verskaffers te hanteer. Hy word gevra wie die vroe anders as hyself kon antwoord en hy antwoord dat enigiemand van die KBK moontlik kon insette gelewer het. Hy word verwys na DAW86 en hy word gevra waarom daar staan in 'n brief van Webster aan Zimmer dat hy kontak met die prinsipale in die huidige omstandighede moet "minimize". Dit blyk ook dat die kruisverhoor in Amerika tot die effek was dat Webster gevra is om toe te gee dat hy nie na die beskuldigde verwys het nie omdat hy na die "principals" in die meervoud verwys het. Hy sê met verwysing na die brief van 27 Januarie 1993 dat hy nie bewus is van welke probleme dit was nie en dat hy nie kan sê wat die "current situation" was nie. Hy word verwys na Webster se getuienis op p861 en dit word aan hom gestel dat Webster gesê het dat dit óf hy óf Mijburgh was. Dit word aan hom gesuggereer dat dit sy probleme was en sy antwoord daarop is dat daar nie toe 'n ondersoek teen hom was nie. Hy word verwys na p1182, 83 en 84 van Webster se getuienis en sê dat Webster daar verwys onder andere na "exchange control issues". Die getuie sê dat hy nie weet nie. Met betrekking tot Webster se getuienis op p1186 sê hy dat daar in 1992 'n Merton huis ondersoek gewees het. Hy sê hy het geweet van die ondersoek en hy het die vlugte van Aeromed nagegaan en besonderhede daaroor gegee. Daar was vlugte na Moskow. Dit word aan hom gestel dat hy 'n verpligting gehad het om te openbaar dat Aeromed 'n front was en hy ontken dat dit sy verpligting was. Hy word verwys na bewysstuk PT4A wat 'n aanhangsel tot 'n skrywe van Theron is. Theron is daarop versoek

om 37 instansies te ondersoek. Dit word aan hom gestel dat hy sentraal gestaan het in die ondersoek en hy gee toe dat hy betrokke was by 'n klomp van die maatskappye. Hy ontken dat hy die maatskappye beheer het. Daar was mense wat dit beheer het. Hy het dit oorhoofs gekontroleer. Hy sê dat Viljoen kontak gehad het met Murgam. Dit kon selfs in 1995 gewees het. Hy weet van 'n geval waar Murgam in die republiek was waar Marlow daarby betrokke was. Hy sê dat daar wel besluite geneem is tussen homself en die finansiële prinsipale en herhaal weereens dat hy wel vir Viljoen mislei het. Hy sê toe Viljoen vrae gevra is het hy vir hom gesê om die vrae te antwoord. Hy sê dat Viljoen geweet het hy besit nie Aeromed nie. Daar vind 'n interessante stukkie kruisverhoor plaas oor die Aeromed fakture waarin die beskuldigde die staat meedeel dat die fakture almal deur Theron geoudit is en dat hulle selfs die drank wat hulle gedrink het op die vliegtuig moes betaal. Die staat bevestig dat hulle wel aanspreeklik gehou is vir drank. Hy word gekruisverhoor oor Wisdom Liquor Land en sê dat hy wel aandele kon gehad het, dat hy dit nooit gekoop het nie en nooit verkoop het nie, dat hy nooit enigiets uit Liquor Land gekry het nie. Hy sê dat dit 'n front was van die weermag. Dit was naby Marabastad. Daar was 'n dokter Thiart wat 'n spreekkamer bokant die bottelstoor gehad het. Dit is waar swart veiligheidsmagte operateurs medies behandel is. Hy sê dat dr R ook gefinansier is om 'n praktyk in Brakpan te open. Hy ontken dat hy of Viljoen in werklikheid 'n belang gehad het. Hy word verwys na bewysstuk A10 waaruit dit blyk dat hy 'n 50% belang gehad het in Liquor Land. Hy kan nie sê vir watter doeleindes daardie dokument opgestel is nie. Wat bewysstuk A12 aanbetref word hy gekruisverhoor oor Liquor Land wat in kolletjies voorkom en hy sê dat as 'n mens kyk na 'n organigram en jy sien kolletjies dan lyk dit na iets wat nog nie 'n werklikheid is nie. Hy sê dat die kwessie van aandeelhoudings alles fiktief was, dat daar nooit geld betaal is daarvoor nie en daar nooit voordeel gekry is uit enigiets nie.

[1314] Daar is 'n gesprek oor wanneer wé hoof van die weermag was. Generaal Liebenberg was hoof van die weermag van 1 November 1990 tot 30 Oktober 1993. Op daardie datum het generaal Meiring hoof van die weermag geword. Hy was hoof van die leer van 28 Februarie 1990 tot 26 Oktober 1993. Die beskuldigde verduidelik dat generaal Liebenberg voordat hy HSAW geword het ook hoof staf SAW gewees het. Dit is

eintlik tweede in bevel en net onder HSAW en koördineer al die weermag hoofde. Hy het verskeie privaat gesprekke met generaal Liebenberg gehad. Hy het probeer om meer inligting te kry as wat hy gegee het. Die getuie bevestig dat dit sou vir hom goed gewees het as generaal Liebenberg kon getuig het. Dit word aan hom gestel dat generaal Knobel hom nie gestaaf het nie. Hy sê dat dit vir hom lyk asof hy goed vergeet het. Hy hou voet by stuk dat hy nie 'n verpligting gehad het om hom in te lig nie. Hy sê dat sy opdragte nie net van Razzak gekom het nie maar van Dreier, Razzak en Verobioff. Hy wil vir hom voorstel dat Razzak die huis in Engeland wou gehad het. Wat Herlewning aanbetref kan dit Razzak of Dreier wees - hy kan nie onthou nie. Daar was vereistes sodat dit in die VSA moes wees, in die suide. Dit is meer waarskynlik dat Razzak die versoek gehad het maar dit kon Dreier gewees het. Met betrekking tot die lughawe by Washington sê hy dat hy steeds onder die indruk is dat dit die Andrews lughawe is maar hy is nie seker daarvan nie. Hy kan nie sê presies wie gevra het dat die plek in Brussels gekoop moes word nie. Merton huis en Waag-'n-Bietjie was Razzak terwyl die Lynnwood huis Dreier was. Hy sê dat hy 'n versoek kry, dit evalueer, seker maak dat dit in orde is en dan voer hy dit uit deur navraag te doen oor moontlike aankope of iemand te vra om dit vir hom te doen. Hy sê dat die oogmerk van so 'n aankoop nie is om wins te maak nie maar as daar wins gemaak word is dit groot pret. Die doelwit is ook nie noodwendig om 'n verlies te maak nie. Wat Merton huis aanbetref sê hy hy glo dat generaal Liebenberg geweet het dat daar 'n gastehuis aangekoop is. Hy hoef nie noodwendig te geweet het dat dit Merton huis is nie. Hy sê verder dat die front maatskappye voorgehou sou gewees het as belegging. Hy kon tog nie vir die wêreld verkondig dat dit front maatskappye is nie. Vir daardie doel sal Partners in Travel as 'n belegging voorgehou gewees het. Hy reken dat die aankoop van Fancourt 'n redelike belegging was. Die huis in Arcadia was 'n belegging. Hy sê dat al die maatskappye van die WPW groep nie noodwendig gekaap is deur die SAW nie. Hulle het slegs dit gekaap waar hulle daarvan gebruik kon maak. Hy sê dat hy en Webster na Merton huis gekyk het en dat Webster daarvan gehou het. Hy spekuleer dat daar ook 'n dokument voor die hof is tot die effek dat Webster skryf dat die huis in Arcadia ontwikkel moet word. Webster was betrokke by die uitkies van die huis omdat hy daarin belanggestel het en dit vir hom lekker was. Hy kan nie al sy beweegredes onthou nie. Aanvanklik sou dit 'n gastehuis wees, later het hy agtergekom dat dit 'n ambassade sou wees maar hy dink dit was hier in die vroeë negentigerjare. Wat Razzak aanvanklik wou hê was 'n gastehuis. Hy word verwys na L6. Dit is 'n dokument wat uiters geheim is. Dit was nadat Fismer en

Eitel Kruger 'n brief aan die regering geskryf het oor die ontwikkeling by Merton huis. Sy beëdigde verklaring was gemaak met drie doeleindes: (1) om aan te toon dat projek fondse nie gebruik is nie; (2) om aan te toon dat weermag geld nie aangewend is nie; en (3) om aan te toon dat hy self nie bevoordeel is nie. Daar het egter steeds die beginsel gegeld dat sensitiewe inligting nie geopenbaar moes word nie en met dit as agtergrond is L6 opgestel. Hy sê dat Webster wel betrokke was. Hy was betrokke by die goedkeuring van die planne. Hy het die planne na hom in Amerika geneem en twee maande later teruggebring en Webster het ook veranderinge voorgestel. Die versoek vir die aankoop was aan hom deur die prinsipale en hy het Webster betrek. Para 7 van die beëdigde verklaring is tot die effek dat hy geen belang het nie en hy toon aan dat die taal wat daar gebruik is iets is wat hy uit 'n dokument van mnr Theron geneem het. Hy wil nie toegee dat die leser sal dink dat Webster self die eienaar is nie en hy verwys na para 2 waar hy juis aantoon dat Webster 'n verteenwoordiger van andere is. Hy gee toe dat generaal Liebenberg, HSI en HSF betrokke was by die ondersoek en sê dat die hele ondersoek het ontstaan as gevolg van skinderpraatjies deur me Engelbrecht en De Bruin en Theron. Dit kon hom kompromitteer. Die weermag moes 'n ondersoek hou en kon dit nie sommer net doodsmoor nie. Dit sou tot reperkussies lei. Hy word verwys na die getuienis van generaal Knobel tot die effek dat hy gekonfronteer is deur HSAW, HSI en HSF en dat hy gevoel het hy is in die beskuldigdebank. Die beskuldigde sê dat hy is op 'n latere stadium ook na die koepel geroep en dit was nadat hy reeds met Jacques Pauw gepraat het en waar dit duidelik was dat daar nie 'n berig daaroor in die Vrye Weekblad sou verskyn nie. Dit word aan hom gestel dat Knobel in 1992 nie bewus was van Merton huis nie en hy antwoord dat hy nie weet waarvan Knobel bewus was nie. Hy word verwys na Knobel se getuienis K44.2014 en sê wat daarin voorkom wel deur hom aan Knobel gesê kon gewees het. Dit was in ieder geval die dek storie. Daar is 'n argument daaroor of die beëdigde verklaring L6 gemaak is op versoek van Knobel en of dit reeds gemaak was op versoek van die ouditeur-generaal. Hy sê dat daardie ondersoek afgehandel was in 1992 en nie meer hangende was in 1993 nie. Hy word verwys na JVH1 aanhangsel "H" - dit is 'n skrywe van die ouditeur-generaal waarin die GG versoek word om te beduie waar sekere gelde vandaan kom. Dit is ondersoek deur HSAW, HSF en HSI. Die beskuldigde sê dat hy meen dat die volgorde van die ondersoek was eers die departement staatsbesteding, dan die ouditeur-generaal en dan HSI. Hy sê dat daar in Oktober 1992 'n ondersoek na Krygkor gewees het. Dit word aan hom gestel dat hy die ondersoek vertraag

het en hy sê dat hy niemand gestop of vertraag het nie; dat generaal Liebenberg presies geweet het wat die posisie was en dat hy baie slimmer as die beskuldigde was.

[1315] Hy wys daarop dat hy gevra was om die projek af te bestuur vanaf 1993 en dat hy deur die weermag betaal is daarvoor. Hy ontken dat hy vir Webster ingelig het oor 'n ondersoek teen hom. Hy sê dat hy bewus was daarvan maar dat hy nie dink dat hy dit vir Webster sou gesê het nie. Hy word verwys na JVHJ; dit is geskryf in September 1992 en het te doen met die beëdiging van p1 van L6. Die Keem ondersoek het betrekking gehad op die aankoop van die pakke en dit het aan die lig gekom dat hy vir 'n ruk 'n direkteur van Intramex was. Hy weet ook dat Wisdom Erf 82 ter sprake gekom het en ook Pretokon. Hy sê dat niemand kennis gedra het van die verband tussen die Libiese prinsipale en Merton huis nie. Daar word 'n lys van maatskappye uiteengesit maar hy onthou net die drie wat so pas gemeld is. Hy kan nie die ander maatskappye onthou nie. Hy gee toe dat Webster 'n belang in van die maatskappye gehad het. Hy sê dat die antwoorde op M1 opgestel was op die basis dat die vrae gegaan het oor die maatskappye wat in M1 uiteengesit is - dit is nou in M2. Hy ontken dat hy enige inligtingsplig teenoor generaal Knobel gehad het. Hy gee toe dat hy aanvanklik betrokke was by Wisdom Investment & Properties. Hy ontken weer eens dat hy die antwoorde wat vanaf generaal Knobel afkomstig was ingestuur het. Met betrekking tot para 61 van bewysstuk M2 is hy nie bewus van 'n ondersoek van twee jaar voor Desember 1992 of vroeg in 1993 nie. 01 is vrae gedateer 17/8/1994 en 02 gedateer 7/9/1994 is die antwoorde daarop. Hy word verwys na F1.66 en F1.68 en die debat gaan weer daaroor of dit die beskuldigde self se verduidelikings is en of dit generaal Knobel se verduidelikings is. Hy verduidelik vir die soveelste keer dat generaal Knobel 'n werkswyse gehad het waar hy ingeligte persone met hom laat vergader het waar die aangeleenthede bespreek is waar daar nota's gemaak is gewoonlik deur die mees junior offisier en waar generaal Knobel daarna met dit wat hy tot sy beskikking gehad het die antwoorde opgestel het. Hy het nie insae in die finale antwoorde gehad nie. Hy word gevra oor of daar besluit was dat die Keem mislei moet word en sê dat daar nie 'n spesifieke besluit tot daardie effek was nie. Hy sê egter dat Coertzen insette kon lewer oor finansiële aspekte. Steyn het niks van die operasionele sy van Coast geweet nie en hy het bloot die defensiewe gedeelte wat betrekking het op die klere

en maskers, ens oorgeneem. Hy kon nie inligting gee oor die operasionele gedeelte nie. Hy gee toe dat hy sentraal gestaan het tot al die vrae wat gevra is. Dit word aan hom uitgewys dat generaal Knobel getuig het dat hy die hoof van die weermag gevra het of hy oop kaarte kon speel met die Keem en bevestiging gekry het. Hy sê dat hy nie weet wat generaal Knobel se afspraak met die hoof van die weermag was nie. Hy bevestig weer eens dat generaal Knobel geweet het dat daar fronte is en prinsipale. Dit word aan hom gestel dat hy 1.68 opgestel het en dit word ontken. Dit word aan hom gestel dat hy opdrag gehad het om Nasionale Intelligensie ten volle in te lig oor die projek en hy ontken dit. Dit word aan hom gestel dat generaal Knobel net die dekbrief geskryf het en dit word ontken. Die dekbrief is op een tipe van papier en met een tikmasjien terwyl die aanhangsel op ander papier en 'n ander tikmasjien is. Die beskuldigde het nie kommentaar daaroor nie. Hy gee toe dat wanneer dit kom by insette oor Blücher en Webster hy insette kon lewer, ook generaal Knobel en HSAW en hy beduie dat generaal Knobel wel ook by 'n verdagting met ander lede van die KBK kon gepraat het. Coertzen kon insette lewer oor oorbetalings. Hy onthou dat hy geskryf het wat deur Knobel gedikteer is by geleentheid.

[1316] Die beskuldigde word gevra oor die vraag of hy bewus was daarvan dat Webster privilegie opgewerp het. Hy sê dat hy nie weet wat dit beteken nie, dat hy nie kan onthou dat hy vir hom instruksies gegee het nie, dat hy dink dat sy prokureur Malan met hom gekommunikeer het. Hy sou by Malan gehoor het daarvan. Hy word gevra of hy hom nie behulpsaam was nie en kan nie onthou nie maar word dan verwys na WB3. Dit is 'n beëdigde verklaring gedateer Julie 1998 waarin die beskuldigde sy verhaal uiteensit. Hy lees die verklaring deur en sê dat hy dit nie kan onthou nie maar dit lyk vir hom asof Webster vrae gevra het en verduidelikings wou hê. Hy sê dat daar twee redes was om nie die name van sy prinsipale te vermeld nie en die eerste rede was dat 'n dekstorie nie somer verdwyn nie en dat jy gevolglik nie die prinsipale se name openbaar nie. Die tweede en ander belangrike rede is sy eie veiligheid. Hy gee toe dat daar nie 'n verwysing in die dokument is na die prinsipale nie. Daar word verduidelik dat die KEEM ondersoek in 1992 begin het. Hy sê dat daar ongekwalfiseerde ouditeursverslae was en hy sê dat selfs wat die 1993 verslag aanbetref Theron in 1994 aanbeveel het dat die weermag die geld as 'n verlies moes aanvaar en dat hy toe aanvaar het

dat die aangeleentheid afgehandel was. Hy word gevra of binnelandse inkomste 'n verhoogde bedrag inkomste aangetoon het in die dokument waaroor hy getuig het wat soms aan hom verskaf is om hom te help om paspoorte te kry. Sy antwoord is dat bloot die kategorie van die inkomste verander het en dat die bedrag nie verander het nie. Hy word gevra oor watse soort van geld hy kon verdien het uit 'n privaat praktyk en sê dat dit so R6 000,00 tot R7 000,00 per maand kon gewees het. Dit was van die omgewing van 1990 en kon ook 'n bietjie vroeër gewees het. Hy sê dat hy verskeie bankrekenings gehad het by Nedbank, by Volkskas en by Saambou. Die gelde sou in een van die rekenings inbetaal wees. Dit was goeie sakgeld. Dan was daar ook 'n konsultasiebesigheid in die chemiese bedryf. Dit sou ook in sy rekenings inbetaal gewees het. Hy kan nie onthou wanneer dit begin het nie. Hy gee toe dat in sy Coast hoedanigheid hy ook privaat kontrakte kon gekry het. Hy het wel vir Mijburgh kontakte gekry. Hy het onderhoude gehad met Bristol Myers en Mead Johnson. Dit was ook in sy persoonlik hoedanigheid. Hy was gedurende 1993 min in Suid-Afrika. Hy het aanbevelings gemaak oa oor beta-blokkering. Dit was aan 'n oorsese maatskappy met Suid-Afrikaanse kantore. Hy word verwys na paragraaf 11 van WB3 en sê dat hy dink dit was 'n poging om die RITS rekening te verklaar. Hy het wel rekenskap gegee aan sy prinsipale. Wat par 11.2 aanbetref sê hy dat die stelling korrek was en hy gee toe dat Nieuwoudt vroeg in 1988 afgetree het. Dit mag so wees dat die maatskappy eers teen Juliemaand geregistreer is. Hy verduidelik weer eens dat hy 'n direkteur van van die maatskappy was omdat die prinsipale hom so versoek het en dat die afspraak was dat sodra dit dienlik is, hy sou ophou om 'n direkteur te wees. Dit word aan hom uitgewys dat van Wisdom Holdings Tjaart Viljoen by die stigting 'n direkteur was en dat me Lourens by hom oorgeneem het en dat die beskuldigde toe van September 1989 tot Junie 1990 'n direkteur was. Hy kan nie onthou of hy daarvan bewus was op die stadium toe hy die verklaring gemaak het nie. Hy sê dat Webster voorgehou is as WPW en dat dit 'n deks storie was. Hy sê dat dit so uiteengesit word in 11.6 behalwe dat in 11.6 Webster voorgehou word as agent vir andere. Dit is nie vir hom snaaks dat Viljoen of Marlow geglo het dat Webster WPW is nie. Hy het nooit vir hulle anders ingelig nie en as hulle daardie idee gekry het het dit hom gepas. Hy kon hulle selfs positief so meegedeel het.

[1317] Wat die herstrukturering aanbetref sê hy dat hy nie daadwerklik deelgeneem het aan die herstrukturering nie. Hy het dit wel gekoördineer. Hy het seker gemaak dat die doel wat bereik moes word

bereik is en dat die sekerheid nie kompromitteer word nie en hy het ook seker gemaak dat Webster tevrede is asook die prinsipale. Hy sal aanvaar dat Marlow se getuienis ooreenstem met dié van Viljoen. Die feit dat Webster WPW was is 'n persepsie wat oorgedra is aan Nasionale Intelligensie. Hy weet nie wat generaal Knobel geweet het nie. Hy sê dat die herstrukturering nodig geword het omdat op grondvlak daar struwelinge was tussen Viljoen, Marlow, Swanepoel en Bosch en die situasie opgelos moes word. Hy het na elkeen van hulle geluister en dan het hy dit weer met Webster en met die prinsipale bespreek. Hy bevestig dat hy notas geskryf het wat die stigting van BRCI in konsep weergee. Hy sê dat Swanepoel en Mijburgh nie geweet het van die finansiële prinsipale nie. Hy sê dat daar verskeie houermaatskappye was soos Wisdom Investments and Property, Wisdom Holdings en Profincor. BRCI was nie anders nie. Hy kon selfs die naam gekies het omdat hy beïndruk was met die storie. Hy bevestig dat hy die man is wat aan die prinsipale mense soos Bosch, Swanepoel en Viljoen geïdentifiseer het. Hy word gevra oor die werkskontrakte met die groep en hy sê dat hy dit met die prinsipale uitgeklaar het en toe met Webster. Die mense het uitgawes gehad oorsee en moes reis en is om daardie rede oorsee in dollars betaal. Hy bevestig dat volgens die oorkomste die beslegtingsprosedure in Florida was en die betaling sou in die buiteland geskied. Webster het daadwerklik met hulle onderhandel. Hy gee toe dat hy die kontrakte vir hulle kon gegee het alhoewel sy herinnering is dat hulle wel per faks die ooreenkomste gekry het voordat hy die oorspronklikes vir hulle sou gegee het. Die bedrae van die vergoeding is op ooreengekom deur besprekings tussen homself en die prinsipale en homself en Webster. Wat A183 aanbetref sê hy dat Marlow briewe geskryf het aan Webster en dat Webster vrae gevra het. Webster het leiding gevra. Hy sou detail met hom bevestig het. Wat par 5 aanbetref sê hy dat daar probleme van die begin af was tussen die onderlinge operateurs hier naamlik Viljoen, Bosch, Swanepoel en Marlow. Hy sê hy het kontrole gehou oor beleid en sekerheid en hy het alles gekoördineer. Webster het die rekenings geopen te Merrill Lynch. Hy weet nie of Swanepoel betaal is nie. Hy kan opdrag gegee het dat Swanepoel betaal moes word. Die besluit oor hoe betaling sou geskied het sou van Webster gekom het. Hy word verwys na bewysstuk 20TT wat 'n dokument in sy handskrif is aan Zimmer. Daarin gee hy aan hom opdrag om 'n bedrag in Contresida Holdings in te betaal. Hy sê dat voordat hy daardie opdrag aan Zimmer gegee het hy dit met Webster moes bespreek het. Hy sê dat die kanalisering van WPW fondse geskied het

deur die Barcelona rekening en die Blackdale rekening. Hy het geglo dat die Barcelona rekening Van Remoortere se vader se rekening was.

[1318] Hy sê dat Viljoen PCM gekry het omdat dit 'n dormante maatskappy was as gevolg van die omstandighede en dit beskikbaar was. Hy word verwys SB11 en gee toe dat dit dieselfde soort van dokument is as A1 waarin Webster die aandele as nomineer vir Bosch hou en hy bevestig dat Bosch die vise-president geword het. Hy word ook verwys na DAW16 wat dieselfde is as A1 en dat dit ten gunste van Mijburgh is. A123 toon aan dat Mijburgh op 15 September 1990 vise-president van Medchem geword het. Dit word aan hom gestel dat die vise-presidente in elke geval die voordelige eienaar was. Hy word verwys na 22.9 en 22.10 en sê dat daar 'n rekening geopen is vir GCI en dat Bosch die voordelige eienaar was. Hy sê dat as Bosch kon gesterf het dan is dit goed denkbaar dat die \$150 000 by hom kon uitgekom het. Hy sê wat Viljoen en Marlow aanbetref dit hulle fondse was. Hy sê dat jy nie die hele werklike posisie kan uiteensit nie dan is dit nie meer 'n deks storie nie. Daar is sekere risiko's wat 'n mens in hierdie omstandighede moet neem en dit is geneem. Dit kon uitgeloop het op 'n verlies vir die prinsipale. Hy word verwys na DAW4 en sê dat dit betrekking het op die opening van die rekening. Hy sê die rede is dat die mense vergoed is vir hulle werk en uitgawes. Hy word gevra waarom al die ander mense vergoed is en hy nie vergoed is nie terwyl hy die meeste werk gedoen het maar die debat eindig betreklik stil. Hy sê dat dit nie so moeilik is om Boeings aan te koop vir R50 miljoen nie, jy stel 'n expert aan om 'n verslag uit te bring. Hy het dit beskou as deel van sy verpligtinge teenoor die projek. Wat BRCI aanbetref sou Marlow aan die hoof van die projek gewees het. Dié besluit is geneem deur Webster na gesprekke tussen homself en Webster. Wat die uiteensetting van die maatskappye aanbetref het hy die uiteensetting gegee, die prinsipale het nie met daardie besluit te doen gehad nie. Hy gee toe dat CBM1 in sy handskrif was en dit het insette van almal verteenwoordig. Hy gee toe dat dit geskryf moes gewees het voor 13 Februarie 1991 omdat CBM2 'n terugrapportering was. Hy gee nie toe dat die herstrukturering 'n baie groot omwenteling was nie. Hy ontken dat die Aries Trust hom lank besig gehou het. Hy sê dit het hom seker nie meer as 10 minute geneem het nie en dat sy vrou die ontwikkeling gedoen het. Behalwe vir wat by Merton huis gedoen is het hy geen bouwerk gedoen nie. Hy sê dat Marlow baas gemaak is van die maatskappye sonder om 'n sent daarvoor te betaal. Hy sê dat Bosch, Viljoen en

Marlow almal geweet het dat hulle vir fronte werk. Dit was 'n dekstorie gewees om te sê dat Webster die baas is.

[1319] Hy bevestig dat daar 'n moratorium-lening was. Hy bevestig ook dat daar sprake was van 'n £1 miljoen moratoriumlening maar dat dit nie is wat die land ingekom het nie en dat daar op die ou end \$980 000 die land ingekom het. Hy sê dat daar moes geld inkom in BRCI van WPW af. Hy gee toe dat op CM1 daar 'n blokkie is waarvolgens Marlow aangedui het dat Mijburgh betrek kon word by BRCI. Dit word aan hom uitgewys dat Marlow besig was met 'n egskeiding en dat sy vrou toe in woede die dokumente vir die staat gegee het. Hy word gevra oor die R3,5 miljoen wat sou gaan aan Wisdom Holdings aan Profincor en aan 'n ander instansie. Dit word aan hom uitgewys dat die staat nie die dokument by Webster gekry het nie, alhoewel die staat nie toegee dat dit dalk by hom kon gewees het maar dat die staat dit net nie gekry het nie. Hy gee toe dat hy die koste van die inkorporasie van BRCI sou dra en dat hy weer deur die WPW groep vergoed sou word. Hy dink dat die meeste van die goed deur Marlow gedoen is. Hy sê dat hy vir Marlow offisieel kon genader het oor BRCI maar dat hy eintlik dink dat dit in die gesprekke uitgekóm het. Die herstrukturering was nie Marlow se besluit nie. Dit kon Webster se besluit gewees het. Hy het die probleme wat hier op die grondvlak was met Webster bespreek en daar is besluit om te herstrukturer. Dit word aan hom gestel dat die herstrukturering eintlik was omdat daar groot bedrae aan RNL en Delta G beskikbaar geword het en omdat Wisdom Holdings 'n geaffekteerde maatskappy was. Hy word gesê dat daar kontantvloeiprobleme was en hy word verwys na die notules van Waag 'n Bietjie boerdery. 'n Notule van 2 Mei 1991 PWD3 op p20, dan een op p24 van 23 Mei 1991. Dit blyk daaruit dat daar kontantvloeiprobleme was en dat Wisdom Holdings vir Waag 'n Bietjie boerdery vrygeskeld het van die betaling van rente en dat die rente gekapitaliseer is. Hy sê dat die prinsipale die geld moes voorsien, dat die geld later gekom het en dat geen Suid-Afrikaanse krediteur nie betaal is nie. Dit word aan hom gestel dat die herstrukturering was sodat BRCI by die plaaslike maatskappye kon leen. Hy sê dit was nie nodig om BRCI te stig vir daardie doeleindes nie, hulle kon bloot doodeenvoudig die aandele in Wisdom Holdings aan Marlow oorgedra het. Hy word daarop gewys dat daar geld geleen is van MCI en RNL. Dit word aan hom uitgewys dat daar net \$980 000 die land ingekom het. Hy sê dat jy op enige stadium die projek kon beëindig deur bloot die besondere maatskappy

te laat ophou opereer. Hy bevestig dat hy nie kan ontken dat daar groot bedrae geld soos uiteengesit op p305 van Bruwer se verslag F1 geleen is nie. Hy kan nie sê hoe groot die lenings was nie.

[1320] Hy bevestig dat BRCI nooit 'n geaffekteerde maatskappy was nie. Hy sê dat Marlow se aandeelhouding alles skyn was. Hy sê dat Swanepoel geweet het dat hy nie 'n aandeelhouer was nie. Hy bevestig dat Swanepoel 'n notule geteken het as sekretaris. Hy was wel bewus van die lenings aan BRCI vanaf RNL en MCI. Hy sê Theron bewus was van die lenings, dat Theron nie tevrede was dat die lenings behoorlik gemagtig was nie en dat daar behoorlike bewys was nie. Wat hom aanbetref wou Theron sekuriteit gehad het. Dit word aan hom gestel dat die gevolg van die kontanttekort was dat Merton huis verkoop moes word en hy sê nee dit was nie die situasie nie, die posisie was dat die oorspronklike prinsipale dit kon gebruik het vir die Libiese ambassade en dan die uitgawes moes betaal het of dat dit verkoop kon word of dat hulle gemaak het soos wat hulle gemaak het naamlik om dit vir 'n verminderde bedrag wat net die uitgawes sou dek aan die Zimbabwese regering te verkoop. Dit word aan hom gestel dat daar 'n brief van 'n prokureur was wat hy in Engeland gesien het en dat dit die rede was vir die verkoop. Hy ontken dit. Hy sê dat 'n ander rede waarom die verkoop wel goed was, was omdat daar publisiteit rondom die huis was en rondom homself. Die in die mark sit van die huis was ook skyn. Hy bevestig dat in die brief van 15 Julie 1993 wat Marlow aan Pam Golding geskryf het dit uitdruklik gestel word dat Luft ook betrokke was. Dit word aan hom gesuggereer dat dit net hy kon wees wat dit vir Marlow gesê het en hy sê dat hy dit waarskynlik sou gesê het maar dat Marlow ook vir Luft geken het. Hy kan nie onthou dat die Japanese ambassade betrokke was nie. Dit dink hy was 'n laat ontwikkeling. Dit word aan hom uitgewys dat volgens die verdediging Marlow gesê het dat Viljoen vir hom gesê het om aan te dui dat Luft betrokke moet wees. Die getuie antwoord dat Viljoen wel by die 5 Nations Golfklub was. Hy weet nie wat presies Viljoen alles geweet het nie.

[1321] Hy sê dat dit nie nodig was om Webster in te lig oor die ondersoek gedurende vroeg 1993 nie. Hy het sy eie dekstorie gehad. Die staat keer terug na A10 tot A19. Hy word gevra wat nou sou gebeur het as KEEM of Price Waterhouse in die VSA opgedaag het. Hy sê dat Webster sy dekstorie gehad het. Dit word

aan hom gestel dat A10 die werklike weergawe is en hy ontken dit. Daar ontstaan 'n debat oor wat sou gebeur het as Lloyds uitgevind het dat Webster die 100% aandeelhouer van WPW is en nie hy nie en hy sê dat Webster dan aan Lloyds kon wys dat hy bloot as 'n nominee hou. Hy bevestig dat die dekstorie was dat hy 33_% van die aandele in Charburn gehad het. Hy sê dat dit toonderaandele was wat Zimmer gehou het behalwe vir twee wat deur die bank gehou was sodat hulle 'n direkteursfooï kon kry en dat hy glo dat Zimmer 50% daarvan vir Van Remoortere gehou het. Wat dokument A10 aanbetref sê hy dat WB Consulted nie bestaan nie. Hy sê dat die doel met Profincor was om vir Viljoen in staat te stel om 'n kantoor te hê om die fronte se finansiering te kon doen. Hy sê dat Medchem Consolidated Investments 'n front was. Daar was 'n embleem teen die kant van die vliegtuig. Toe hulle die vliegtuig in Amerika sien was die vliegtuig wit en dit het baie vaal gelyk en toe het hulle besluit - hy en Mijburgh - om dit met daardie embleem te versier. Mijburgh het baie ander aktiwiteite gehad. Hy het gereeld met die vliegtuig gery teen betaling. Hy weet nie wanneer AL opgestel is nie. Hy sê weereens dat Webster se belangstelling in Delta G sou gewees het omdat Mijburgh vir hom gesê het dat hy 'n probleem het en dat daar 'n plan gemaak moes word sodat dit sou lyk asof daar 'n oorsese eienaar of moontlike oorsese verkoper is. Hy kan nie onthou waarom A19 opgestel is nie. Hy sê as hy die dokument deurlees dan kan hy sien dat baie daarvan onsin is. Hy sê dat Marlow sou daarvan gehou het as mense dink hy is verbonde aan die Rembrandt groep maar dit is onsinnig om te dink dat 'n buitestaander so sou dink. Dit is wel so dat MCI WPW se belang oorgeneem het. Hy sê dat die eienaars van die grond inderdaad die staat was maar dat Webster dit nie sou geweet het nie. Dit word aan hom gestel dat waar hy sê dat MCI kleiner maatskappye nodig dit inderdaad gebeur het. Hy ontken dat daar sulke maatskappye aangekoop is en hy sê dat Medchem Pharmaceuticals inderdaad gestig is, maar hy gee toe dat daar altyd waarheidsmomente in 'n dekstorie is.

[1322] Hy word verwys na TV31A. Dit is 'n dokument gedateer 30 Augustus 1990 van Mijburgh aan Viljoen waarin Mijburgh bevestig dat Wisdom Finance bereid sal wees om 'n lening van R1,4 miljoen toe te staan. Hy sê dat Mijburgh dit wel deeglik met hom sou bespreek het. Hy weet nie of Viljoen dit met Webster bespreek het nie. Dit word aan hom uitgewys dat Viljoen gesê het dat hy nie die R1,4 miljoen teruggekry het nie.

[1323] Die beskuldigde word gevra oor bewysstuk A3 en sê dat hy geen onafhanklike geheue het nie. Hy ontken dat hy dit opgestel het. Hy sê dat dr Mijburgh en ene Scholtz Fancourt wou aankoop. Hy was op die periferie betrokke. Hy het finansierings-moontlikhede bespreek met die Royal Bank of Scotland en met die bank Generaal de Luxembourg. Daar was 'n moontlikheid dat daar deur Trans American Securities finansiering gereël kon word. Marlow sou sekerlik ook betrokke gewees het omdat sy skoonpa betrokke was. Zimmer was ook betrokke toe onderhandelinge met Trans American Securities plaasgevind het. Daar is 'n groot verskil tussen die Fancourt aankoop en die aankoop in Fancourt Lodge. Die losie is aangekoop in die naam van Medchem Sport International maar dit was ook 'n veiligheidshuis op versoek van die finansiële prinsipale en dit was ook 'n belegging. Die naam van Medchem Sports International is gekies deur Mijburgh en Marlow. Hy weet dat Marlow gesê het dat hy en Mijburgh sou gaan praat met die likwidateurs en dat Fancourt aangekoop kon word teen R40 miljoen terwyl dit aan die orde van R150 miljoen werd was. Finansiering was 'n probleem en dit is wat gereël moes word. Dit kon nie deur die finansiële prinsipale gedoen word nie. Sy navrae oor die Banco di Napoli verhandelbare dokumente was bloot om te sien of dit inderdaad ekonomiese waarde gehad het en of hy die staat se geld kon terugkry. Zimmer en Mijburgh kon onder 'n ander indruk gewees het. Dit is nie ongewoon om twee verskillende soort verhandelbare dokumente as finansiering te gebruik nie. Hy het vir Mijburgh vertel van die Trans American Securities. Hy weet nie of hy hom vertel het van die Banco di Napoli bonds nie. Dit word aan hom gestel dat volgens Marlow se getuienis hy vir Thompson gesien het by die Meridien hotel in London. Hy is baie skepties daaroor want hy sê dat dit 'n Deen was wat kontakte in die Oekraïne gehad het en hy twyfel of hy na London sou gekom het. Hy het wel die man van die bank Generale Luxembourg of van die Royal Bank of Scotland by die Meridien gesien. Hy sê dat toe hy ondervra is in Switserland hy gepraat het van Martin Stevens. In werklikheid was die man se naam Steven Martins. Hy sê dat hy vir sy regsadviseur in Switserland genoeg inligting gegee het. Hy bevestig dat Zimmer bewus was daarvan dat daar 'n poging was om die landgoed aan te koop. Hy ontken egter dat GGI die eienaar sou word en hy sê dat GGI bloot op die beste as 'n tussenganger gebruik kon word. Die lening kon daardeur gefasiliteer geword het. Hy bevestig dat daar sprake was van 'n bedrag van R52 miljoen wat benodig was en hy sê dat Mijburgh ook persoonlik met Zimmer in verbinding was. Hy bevestig dat die skema

om Fancourt Lodge te koop uiteengesit is in BZ10 maar hy hou voet by stuk dat GGI nooit die koper kon gewees het nie. Hy bevestig dat dit omtrent April 1993 was wat hy probeer kyk het hoe ver hy met die Banco di Napoli bonds sou kom. Hy bevestig dat hy 'n afskrif van so 'n dokument aan Zimmer laat kry het en hy bevestig dat dit te vinde is in BZ11A en BZ11.1. Die brief kom van die cottage af en die reeksnommers is gegee. Hy bevestig dat in dokument BZ12 die faksnommer identies is. Hy bevestig ook dat Zimmer vir hom kon gesê het dat die dokumente nie veel werd is nie en dat hulle met ander dokumente gekombineer moet word. Hy sê dat BZ12 wat 'n skrywe aan die banke is wat aantoon dat hy dokumente sou teken waarskynlik gegee is op versoek van Zimmer. Hy kan nie die detail onthou nie. Hy kan nie betwis dat Zimmer die Fancourt projek met Mijburgh bespreek het nie. Hy word verwys na BZ13 en hy word gevra of Mijburgh nie dalk vir hom kon gevra het dat GGI gebruik sou word vir die aankoop van Fancourt nie. Hy ontken dit ten sterkste. Hy kan nie ontken dat daar sprake was van 'n assignment of shares nie maar hy ontken dat GGI ooit gebruik sou gewees het om Fancourt aan te koop en sê dat dit bloot as 'n beginpunt sou gewees het om banke geïnteresseerd te kry en dat daar lateraan 'n ander reëling getref sou word. Hy bevestig dat BZ16 'n brief is van die bank Generale Luxembourg aan Mijburgh. Wat BZ17 aanbetref gee hy toe dat dit in Frans was en dat hy dit kan lees en hy kry die indruk dat Lloyds bank inligting wou hê. Hy weet nie waar die dokument vandaan kom nie en kan nie betwis dat die staat dit by Webster gekry het nie. Wat A3 aanbetref word dit aan hom uitgewys dat Webster sê dat dié dokument van die republiek af kom - hy weet nie van wie af nie. Die beskuldigde sê dat hy dit gewis nie opgestel het nie. Hy gee toe dat die persone deeglike kennis van die WPW groep gehad het. Hy sê dat dit Webster se usual thing kon gewees het. Wat daarin voorkom kom ooreen met sy dekstorie. Die inligting in par 1 van A3 kon deur hom verskaf gewees het of deur Mijburgh of deur Webster se dekstorie. Hy het nie vir Webster gesê dat Delta G 'n Suid-Afrikaanse weermagfront was nie en hy hoop definitief nie dat die banke dit sou kon uitvind nie. Daar vind 'n debat plaas oor par A3 en die staat stel voor dat indien daar 'n paar veranderinge plaas sou vind soos dat dit nie die WPW groep was nie maar spesiale magte en dat dit nie in die tuislande was nie maar vir presidensiële wagte in Afrika dan is dit korrek. Die beskuldigde ontken dit en dit is redelik duidelik dat daar drastiese aanpassings gemaak sou moet word om dié paragraaf te versoen met die werklikheid. Hy sê dat die propagandawerk wat in Afrika gedoen is gedoen is deur lessenaaroffisiere oa Cor van Niekerk en dat HST generaal Hamman of generaal Van Tonder

was. Met betrekking tot paragraaf 1 van A3 wys hy aan dat daar nie medisyne vervaardig is by Delta G nie en dat daar ook nie medisyne versprei is daarvandaan nie. Hy sê dat Webster in ieder geval daardie dokument kon opstel as hy dokument A80 gehad het. Hy sê dat Webster ook die inligting gehad het. Hy weet nie van immuno stimulant wat gemaak is nie. Hy sê dat daar seker 120 verskillende immuno stimulant is. Hy sê dat sy front was 'n navorser wat produkte ontwikkel en verkoop. Hy het dit nodig gehad.

[1324] Hy word verwys na Chu11 en sê dat dit 'n infame leuen was en dat dit so was om behulpsaam te wees met die geldwas van die \$250 miljoen. Hy word verwys na BZ19 gedateer 20 Julie 1993 - 'n brief van Zimmer aan homself. Dit was duidelik dat daar probleme was met die Banco di Napoli bonds en hy het toe vir Webster gesê daar is 'n probleem en dat hy dit daar moes laat. Hy bevestig dat Zimmer onder die indruk was dat hy mislei is oor die waardepapiere en dat hy inderdaad mislei is. Hy sê dat hy niks betaal het vir die dokumente nie maar hy sê dat toe hy ondervra is in Switserland hy wel as deel van sy verduideliking gesê het dat hy £5 000 betaal het aan 'n koerier. Hy sê dat in Switserland hulle geweet het wie hy was en dat hy inligting so na soos moontlik aan die waarheid moes gee om nie uitgang te word nie. Hy sê dat hy die dokumente so goed soos wat hy kon probeer verklaar het en dat hy dink dat sy storie geloofwaardig geklink het en dat dit is waarom hy vrygelaat is.

[1325] Na die skynarres word dit aan hom gestel was dit die einde van die aanbieding van die "bonds". Hy sê dat hy wel met Jacomet gepraat het op 'n later stadium en dat Jacomet gesê het dat dit opgeklaar is maar dat hy niks verder gedoen het nie totdat hy gearresteer is aan die einde van 1993. Hy is nie kategories daaroor dat niks verder gebeur het nie en hy sê dit kon nog deur iemand anders geopper gewees het maar hy dink nie dat hy meer betrokke was by die aankoop van Fancourt nie. Hy word verwys na BZ20 van 10 Augustus 1993 waaruit dit blyk dat die aankoop deur GCI nog steeds ondersoek word. Hy sê dat dit bloot 'n aanknopingspunt sou wees vir finansiering. Hy sê dat hy hulle moontlik sou gehelp het om die lening deur GGI te doen. Hy word verwys na 18.53 en BZ21 waar daar na hom verwys word as die actual beneficial owner van die WPW groep. Hy sê dat hy dit nie kan onthou nie maar dit is nie snaaks nie omdat hy in operasionele beheer was. Volgens bewysstuk DAW119 gedateer 19 Augustus 1993 was daar nog steeds

aanduidings dat hy besig was met die finansiering van Fancourt want dit is in sy eie handskrif net soos bewysstuk 20EEE 'n brief van 24 Augustus 1993 waarin hy ook nog verwys na die Fancourt aankoop. Hy word verwys na p3650 waar daar stellings aan Bruwer gemaak is en dit word daarop gewys dat die prinsipaal die hele Fancourt wou koop. Die getuie sê dat hy onder die indruk was dit Mijburgh en Scholtz was en nie dat dit die prinsipale was nie.

[1326] Hy word gevra oor Antoinette Lourens. Hy weet nie wanneer sy aangestel is nie maar hy gee toe dat sy tekenmagte gehad het op die RITS rekening, Infladel en ook ander rekeninge en dat sy 'n uiters geheime klaring gehad het. Hy sê Tjaart Viljoen het so aanbeveel en hy het dit aanvaar. Sy was bewus en betrokke by 'n hele groep van die Wisdom maatskappye soos WPW Inc, Wisdom Holdings, Aeromed, Widsom Idle Winds en so aan. Hy weet nie hoekom Viljoen nie 'n direkteur was nie. Daar sou 'n rede gewees het maar hy kan nie meer die rede onthou nie. Hy sê dit is Viljoen wat voorgestel het dat Antoinette Lourens aangestel word as 'n direkteur en hy het dit so aanvaar. Hy kan nie sê hoekom die aandeelhoudings geskuif is nie maar daar was redes voor soos wat die posisie verander het. Sy het ook tekenmagte op oorsese rekenings gehad. Hy weet van een waarvoor hy gevra het en Webster het ook een gevra. Dit was in Grantham. Daar was ook 'n persoonlike rekening in sy naam in Zurich. Sy het tekenmagte gehad. As sy sê dat hy vir haar gesê het dat hy 5% of 10% kommissie kry op wat hy die staat bespaar dan weet hy nie waar sy daaraan kom nie. Die Lynnwood huis was 'n meenthuis. Hy dink nie dit was 'n dubbelverdieping nie. Dit is gekoop as 'n verblyfplek vir die prinsipale. Hy dink Dreier het met versoek gekom. Dit mag Razzak gewees het. Hy is onder die indruk dat toe sy ingetrek het die huis al aangekoop was en dat dit vir 'n rukkie leeggestaan het. Dit word aan hom gestel dat haar getuienis was dat sy en sy ma die plek uitgesoek het. Hy sê dat sy mooi was en dat hy mal was oor haar. Dit word aan hom gestel dat sy sê dat hy vir haar gesê het dat hy 'n vriend op die grens het wat wil belê in die woonstel en dit is waarom die woonstel beskikbaar is. Hy sê hy kan nie onthou wat die storie is wat hy vir haar vertel het maar hy twyfel of dit die storie sou wees. Hy sê indien die plek leeg sou staan sou dit aandag trek. Hy word verwys na haar getuienis dat sy moeder haar na 'n aantal meenthuise geneem het waaruit sy moes kies. Hy sê dat volgens wat hy kan onthou sy ma en hy die

huis gekies het. Hy kan nie onthou wat hy vir Antoinette Lourens gesê het nie. Hy het wel vir haar geskenke gekoop soos 'n goue ketting en 'n Cartier horlosie. Dit is so dat sy eersteklas gevlieg het maar as sy saam met hom gevlieg het was dit normaal. Hy het haar saamgeneem vir werk. Sy moes administratiewe werk doen en skakeling doen. Sy het bv vir Buffham opdrag gegee. Wat die horlosie aanbetref wou hy dit vir haar koop. Dit was sy persoonlike aankoop. Die huis se aankoop was vir die prinsipale. Dit mag so wees dat sy daar gebly het van middel 1987 tot begin 1989 en dat die prinsipale nooit daar gebly het nie. Dit kan wees omdat die behoefte verander het. Hy wys daarop dat hy ook aan haar kennis kon gee en dat daar 'n reëling was ivm kennisgewing. Hy bevestig dat die dokumente en skrywes gegenereer is om die front in stand te hou en om dekstories te bevestig om werknemers te beskerm.

[1327] Hy word verwys na A62 en hy sê dat die Winford klub 'n plek in Johannesburg was wat beoog was as 'n deurgangshuis omdat daar verskillende kamers was met 'n gemeenskaplike kombuis. Hy is aan die plek voorgestel deur Jan Lourens. Hy het aan die prinsipale voorgestel dat dit aangekoop word en hulle was geïnteresseerd daarin maar die ontwikkeling het nooit tot stand gekom nie. Hy dink nie dat hy vir Webster mislei het oor die huis in Lynnwood nie. Hy word verwys na A65 en sê dat hy wel vir die huis in Lynnwood uit private fondse betaal het maar dat hy vergoed sou word. Sy moeder moes ook toesien dat die plek gemeubeleer word en dit was die rede waarom die balans van die bedrag wat oorgeplaas is na die prokureurs aan sy ma uitbetaal moes word. Hy word gevra hoekom hy die aankoop dmv Webster gedoen het en hy sê dat dit was omdat Webster die front bestuur het en al die koördinering is deur hom gedoen. Hy bevestig dat hy die opdrag vir Webster gegee het en dat Webster dan weer aan die prokureur opdrag gee. Later is hy gedwing om 'n direkteur te word. Hy bevestig dat in die buiteland was hy WPW en het hy hom ook voorgehou as WPW. In die binneland het hom so ver soos moontlik probeer dissosieër van die WPW groep maar sy betrokkenheid was nooit 'n geheim nie. Wat bewysstuk A68 aanbetref bevestig hy dat Webster opdrag gegee het aan Kraut, Wagner & Hutchinson na bespreking tussen hom en Webster. Hy bevestig dat volgens DAW106 Webster opdrag gegee het dat sy moeder 'n tjek vir die balans moes kry. Volgens A63 blyk dit dat die fondse van die prinsipaal gekom en dat dit uit Medchem Inc se rekening kon wees. Hy sê wat Medchem

Inc aanbetref was daar verandering maar hy kan nie die verandering onthou nie. Hy word gesê dat teen die einde van 1986 daar groot dinge gebeur het soos dat die Kaaiman maatskappy gestig is en dat daar rekenings geopen is in Zurich. Hy bevestig dat Antoinette Lourens tekenmagte gehad het. Hy sê dat wanneer rekenings geopen is daar baie keer twee rekenings geopen is omdat die bankbestuurders vereis het dat daar 'n rekening in die naam van die maatskappy geopen moet word en dan 'n persoonlike rekening. Op daardie manier het hulle ekstra geld gemaak en het hulle 'n mate van sekerheid gehad. In die rekening in sy naam sou daar van die prinsipale se geld gewees het. F8 het betrekking op 'n persoonlike bankrekening. Dit is so dat hy nie wou hê dat die korrespondensie oor daardie rekenings na sy huis in Ariestraat gestuur moes word nie. Dit was te gevaarlik. Hy het gesê dat die pos na Engeland gestuur moes word óf na die cottage óf na Mole. Hy wou nie gehad het dit moet na Suid-Afrika kom nie. Hy word gevra hoekom hy nie vir Zimmer gevra het om die rekenings te open nie en sê dat hy nie kan onthou nie. Die rekening was die gevolg van Webster se stelsel. Dit word aan hom gestel dat sy weergawe onwaarskynlik is dat die prinsipale hom sou gebruik het om geld te was terwyl hulle 'n vernuftige geldwasser soos Chu gehad het. Hulle was, so gaan die stelling, internasionale industrialiste. Hy is 'n jong Suid-Afrikaner. Hy sê dat in werklikheid hy baie bewegingsvryheid gehad het en dat hy maklik visas gekry het. Hy sê dat in Engeland hy 'n rekening geopen het by Barclays bank in Ascot en dat daar vir WPW ook 'n rekening geopen is daarna het die bestuurder verplaas geraak na Bracknell en is die twee rekenings oorgeplaas na Bracknell. Hy gee toe dat die cottage bedryf is deur die WPW rekening maar daardie rekening is in Ascot geopen. Hy word daarop gewys dat die verkoop van die huis aan Antoinette Lourens was, dat sy 'n R100 000,00 lening by Wisdom Finance gekry het, dat sy R50 000,00 lening by die Trust Bank gekry het en dat sy sê dat hy vir haar 'n tjek van R30 000,00 gegee het. Hy sê dat hy dit nie kan onthou, dat hy nie weet waar die geld vandaan kom nie maar dat dit nie sy geld was nie. Hy word daarop gewys dat sy moeder met Morris gepraat het oor die oordrag en hy sê dat hy dit nie kan onthou nie maar hy sekerlik vir haar sou instruksies gegee het om met Morris te gaan praat.

[1328] Hy word verwys na A70B gedateer 20 Februarie 1989 wat 'n brief van Webster is en dit word aan hom gesuggereer dat die "principals" wat daarin voorkom hy moet wees. Uit die omstandighede is dit nie onmoontlik dat dit ook Viljoen kan wees nie. Hy word verwys na 20III. Dit is 'n brief van homself aan Webster

gedateer 20/2/1989 wat aantoon dat hy die opdrag aan Webster gegee het. Volgens par 3 daarvan word daar verwys na die verkoop van die grond en word daar gesê dat daar “some confusion” was en dat die “money repatriated” moet word.

[1329] Met betrekking tot Rolex horlosies sê hy dat hy syne gekry het in die vroeë 1980's by Spesmagte. Hy word daarop gewys dat dit gestel is dat die uitreik in die laat 1970's was en sê dat die gebruik vir 'n paar jaar aangehou het. Hy sê dat hy in opdrag van die prinsipale Rolex horlosies gekoop het vir mnr en mev Viljoen en vir Bosch. Hy ontken dat Spamer 'n horlosie gekry het. Razzak was die man wat dit gegee het want dit is 'n kenmerk van Arabiere om geskenke te gee. Hy sê dat Viljoen kon gedink het dit kom van hom maar hy kon net so wel gedink het dit kom van hulle prinsipale want Viljoen het geweet dat hy werk vir 'n front, Bosch dieselfde, maar as hy onder die indruk was dat dit van homself gekom het sou hy hom nie reggehelp het nie. Hy sê dat hy die horlosies in Basel gekoop het met 'n kredietkaart. Hy bevestig dat indien sy kredietkaarte nagegaan sou word dit dalk daar gekry kon word maar hy kan nie onthou met watter kredietkaart hy dit gekoop het nie. Die aankoop vir sy eie vrou was 'n privaat aankoop. Antoinette Lourens se horlosie is aangekoop lank voordat hy sy vrou s'n gekoop het. Hy word verwys na p4952 en hy sê dat wat daar bedoel word is dat hy nooit vir homself 'n Rolex horlosie gekoop het nie. Hy ontken dat hy vir Van Remoortere 'n Rolex aangebied het. Hy was verbaas oor daardie getuienis. Dit word aan hom gestel dat die prinsipale nie vir Viljoen en sy vrou 'n Rolex horlosie sou gee nie en hy sê dat hulle deeglik bewus was van die werk wat hy gedoen het en dat hulle dit gedoen het. Hy bevestig dat op 2 Januarie 1990 hy en me Lourens na Europa was. Sy het skakelwerk daar gedoen. Sy het vertel van sy suster en hy het vir haar gesê dat sy moet saamkom. Die rede waaroor hy dit gedoen het is omdat daar 'n privaat vlug gereël was en dat dit beter sou lyk indien daar mense saam met hom op die vlug was. Sy was sy baie persoonlike assistent en sy suster was sy baie persoonlike assistent se suster gewees. Hy sê dat hy vir Zimmer ontmoet het deur Van Remoortere. Dit was met die besoek van hom en Neethling toe hulle na Seynaeve toe was. Hy wys daarop dat hulle vir

Seynaeve ontmoet het voordat hulle Van Remoortere ontmoet het en dat juis op aanbeveling van Seynaeve hulle vir Van Remoortere ontmoet het. Hy bevestig dat die finansiële prinsipale nie betrokke was tussen Van Remoortere en Seynaeve nie. Charburn was verantwoordelik vir die invoer van tegnologie na die republiek. Luft was die finansiële prinsipale s'n. Zimmer is betrek om behulpsaam te wees met sanksieverbreking en verskuiwing van fondse. Luft is wel gestig op 3/12/1986 en Charburn in Desember 1986. Daar is nie met hulle handel gedryf nie, dit was houermaatskappye. Daardie maatskappye het standaard doelstellings. Biscara was 'n maatskappy in Engeland. Dit het aankope gedoen vir die finansiële prinsipale. Dit is so dat Luft geld geleen het aan GGI. Hy sê dat Zimmer vir Murgam ontmoet het. Hy glo nie dat Zimmer sou geweet het dat Murgam 'n finansiële prinsipaal is nie. Hulle het maatskappye nodig gehad. Hy het vir Zimmer gesê dat maatskappye geskep moet word en hulle het wel by Zimmer uitgekom. Hy was nie saam met hulle by Zimmer nie. Hy sê dat Zimmer die Webster van Europa was. Wat verskuiwing van fondse aanbetref is die detail in sy diskresie gelaat en hy kon ook indien nodig fondse van een rekening na 'n ander skuif. Hy word verwys na F1.68 en dit word aan hom gestel dat daar nie volledige inligting oor Zimmer gegee is nie. Sy antwoord daarop is dat die vraag soos wat hulle dit verstaan het, beantwoord is. Hy bevestig weer eens dat hy aanvanklik opdragte gekry het van die prinsipale, later versoeke en nog later sy eie inisiatief aangewend het. Hy word verwys na BZ dokumente. BZ1 is 'n leningsooreenkoms tussen ABC Export & Import en WPW. Hy kan nie die transaksie onthou nie. Hy gee toe dat Zimmer dit met hom sou bespreek het. Hy sou dit weer met die prinsipale bespreek het en indien hulle tevrede was sou hy so gerapporteer het aan Zimmer. Hy weet nie hoekom Marlow geteken het nie, daar moes 'n rede voor gewees het wat hy nie nou kan onthou nie. Hy weet ook nie waarvoor die lening benodig was nie. Hy het aanvaar dat as Zimmer sou sê dat hy dit sal terugbetaal, dat hy dit sou terugbetaal. Hy word daarop gewys dat Zimmer sê dat dit verreken is in die super deal (A61) en hy sê dat die super deal 'n blote versinsel was om die projek af te dek. Dit word aan hom gestel dat Zimmer daarin sê dat hy aan WPW nog geld skuld. Hy sê dat hy nie destyds die dokument gelees het nie. Hy word verwys na BZ5 waarvolgens dit blyk dat Charburn 5 miljoen Belgiese frank skuld. Dit sou met hom bespreek gewees het maar ook met Webster en Webster het die kontrak opgestel. Hy word verwys na bewysstuk DAW188 en bevestig dat Webster nie tevrede was met die hantering van die lenings nie en meer dokumentasie daaroor wou hê. Hy kan nie ontken dat die bedrag van \$150 000 gekom het van Medchem Inc

se rekening in Luxembourg nie. Dit kan net hy of Webster wees wat die opdrag gegee het. Hy word verwys na DAW191 gedateer 9 April 1992 en bevestig dat Webster by hom leiding gesoek, dat dit standaard prosedure was, dat Webster opsies voorgestel het, dat dit bespreek is en dat daar dan besluit is en Webster dit uitsorteer het. Wat bewysstuk DAW192 aanbetref word dit aan hom gestel dat Webster nie ten volle op hoogte was van die lening nie. Hy antwoord egter dat Webster op hoogte was van die lening maar dat die administrasie soms deurmekaar was. Hy bevestig dat daar 'n promesse was wat gemerk was "paid" en mbt bewysstuk BZ52 bevestig hy dat mnr en me Zimmer 'n bedrag van 'n miljoen Belgiese frank geleen het. Hy het dit aan hom geleen omdat hy onderneem het om dit terug te betaal en hy aanvaar het dat hy dit sou terugbetaal. Wat bewysstuk A16 aanbetref bevestig hy weer eens dat Wisdom Finance gebruik is as 'n voertuig om die geld te kanaliseer na die verskillende fronte in Suid-Afrika, dat dit lenings moes toestaan en dat dit 'n front was vir Viljoen.

[1330] Die debat gaan verder oor die feit dat die beskuldigde toegelaat het dat WPW lenings aan Zimmer en sy maatskappye verskaf. Die beskuldigde bevestig dat dit gebeur het. Hy word verwys dat hy ook toegestem het oor 'n Marcus lening en in besonder na paragraaf 1 van A61. Die beskuldigde wys daarop dat as dit 'n lening was dit 'n krediet ten gunste van WPW moes gewees het in A61 en dat dit deur Zimmer daar verantwoord is as 'n debiet. Hy sê dat dit maar deel van Zimmer se "financial engineering" was. Dit word aan hom gestel dat dit 'n deel van die lening is wat nog nie uitbetaal is nie. Daar ontstaan 'n argument oor die vraag of 'n lening wat goedgekeur is en nog nie uitbetaal is nie 'n skuld is deur die uitlener. Die beskuldigde hou voet by stuk dat hy op aanbeveling van Mole met Webster uitgeklaar het dat daar 'n "performance bond" van R3,2 miljoen in die Blackdale Copperdale transaksie moet wees en dat dit betrekking sou gehad het op die peptiet sintetiseerder. Hy hou vol dat dit later verminder is na \$325 000. Dit word aan hom gestel dat Zimmer inderdaad die R325 000 aan WPW terugbetaal het. Hy word verwys na F11.11 en F11.18 waar daar sulke bedrae is - ook na F17.5 en F17.8 wat aantoon dat daar oorplasings was op 25 Augustus 1993 van \$115 000 vanaf Blackdale na WPW rekening en weer op 21 Desember vanaf Blackdale na WPW. Die

beskuldigde hou voet by stuk dat hy dokumente geteken het om vir Zimmer in staat te stel om sy boeke te balanseer en dat dit was wanneer hy besig was met "financial engineering". Dit word verder aan hom gestel dat Zimmer toe voorsiening gemaak het vir rente ten gunste van WPW en dat hy op 'n stadium erken het dat Blackdale 'n bedrag van \$306 000 aan WPW verskuldig was; dat indien die 115 000 en die 85 000 daarteen in verrekening gebring word daar 'n bedrag van \$106 400 oorgebly het en dat so 'n bedrag vanaf Blackdale in die Luxembourg rekening inbetaal is. Die beskuldigde hou voet by stuk dat daar nie 'n lening vir die bedrag van R325 000 vanaf WPW aan Blackdale gewees het nie. Die beskuldigde sê dat dit hom sal help indien nagegaan word wat in die Blackdale rekening was en hoe die gelde daaruit gekom het waaruit die betalings gemaak is. Die staat dui aan op 'n vraag van die hof dat die staat aanvaar het dat dit Zimmer se persoonlike geld was. Dit word aan die beskuldigde uitgewys dat hy opdrag gegee het dat 'n bedrag van £40 000 op 29 April 1991 oorbetal moet word na Barclays Bank Bracknell. Hy aanvaar dat so oorplasing gemaak is en sê dat dit sou gebruik gewees het vir die onderhoud van die "cottage" en dat dit ook gebruik is wanneer die prinsipale geld nodig gehad het en dit aan hulle verskaf is. Hy aanvaar ook dat 'n bedrag van R50 000 oorgeplaas is na Van Remoortere se Barcelona rekening. Daar ontstaan 'n debat oor 'n bedrag van R230 000 wat oorgeplaas is na die Rits rekening. Die beskuldigde sê dat dit 'n dek-storie moet wees en dat nadat hy die dokumente bestudeer het die enigste verklaring wat hy daarvoor het is dat die bedrag van R170 000 en R60 000 wat uit die Rits rekening na sy persoonlike rekening gegaan het was om 'n waarborg oorsee te versekureer vir 'n soortgelyke bedrag en dat toe die geld los gekom het dit weer teruggekom het na die Rits rekening toe. Die beskuldigde kan nie glo dat die bedrag van R100 000 vir die aankoop van die Aries straat erf uit die Rits rekening gekom het nie en die verdediging plaas op rekord dat die aankoop volgens Bosch deur Aries straat self betaal is. Die beskuldigde word verwys na aanklag 18 en meer in besonder Bruwer se verslag op p203 en hy sê dat sover hy kon rekonstrueer dit die BZ geld is. Daar ontstaan 'n vraag oor hoekom die geld in een rekening inbetaal is in Blackdale, dit as sekuriteit gehou is in daardie rekening en die bank op 'n ander rekening aan Blackdale geld geleen het. Die beskuldigde sê dat dit standaard prosedure by Zimmer was om soveel soos moontlik transaksies tussen die oorspronklike transaksie en die finale transaksie in te werk. Die beskuldigde ontken nie dat van die \$115 000 wat op 25 Augustus vanaf Blackdale oorgeplaas is daar \$100 000 oorgeplaas is op die volgende dag na Luft se rekening en dat daar ook 'n kontant onttrekking

was van \$15 000 nie. Hy sê dat hy die aankope na Luft gemagtig het maar dat dit deur Zimmer en Marlow gedoen is. Dit word aan hom uitgewys dat die bedrag van \$85 000 wat op 20 Desember 1993 uitbetaal is ook in die golfbaan inbetaal is en hy neem kennis daarvan en bevestig dat hy of die besluit geneem het dat hy dit moes doen of dit later goedgekeur het. Met betrekking tot die \$106 000 wat van Blackdale af in die WPW Luxembourg rekening betaal is word dit aan hom gestel dat \$32 000 gebruik is om Belgiese frank te koop, dat \$36 000 op 3 Augustus 1994 oorgeplaas is na GGI en \$35 000 op 12 September 1994 na GGI. Die beskuldigde ontken dit nie maar opper die vraag hoe die fondse in Blackdale se rekening gekom het. Dit word aan hom gestel dat projek Coast vir ABC Import & Export as 'n kanaal gebruik het en hy gee toe; hy sê ook dat Exipro Van Remoortere se besigheid in Swaziland was en dat Van Remoortere 'n konsultasiefooi gekry het wat deur die weermag betaal is en geoudit is. Wanneer dit kom by die bedrae waarmee die aankope opgemerk is, is dit sy getuienis dat daar 'n marge van 20% was. Hy sê dat hy gesien het dat daar dividende betaal is aan Charburn wat gekom het vanaf Protechnik en Technotek. Hy word gevra oor sy huwelik met Claudine van Remoortere en sê dat dit 'n suiwer besigheidstransaksie was omdat hy, Van Remoortere en Zimmer daardie aand gaan drink het terwyl sy by die huis gebly het. Dit was vir hom om 'n reisdokument te bekom om 'n vaste hawe te hê en om ook blyplek en woonplek vir die WPW prinsipale te hê. Hy sê dat die aankoop gefinansier is deur WPW terwyl die maandelikse bedrae deur die SAW betaal is. Die weermagbetalings en salaris vir Claudine van Remoortere is betaal deur die direkteur koeverte operasies, brigadier Tolletjies Botha. Hy sê dat daar twee woonstelle was - dat Claudine van Remoortere in die een gebly het en dat die ander een wat bestaan het uit drie slaapkamers, twee badkamers, 'n eet- sitkamer en 'n kantoortjie beskikbaar was vir die WPW groep. Hy het nie 'n probleem daarmee dat daar aanvanklik 'n woonstel gehuur is, dat daar toe besluit is dat die woonstelle aangekoop moet word en dat op die ou end die woonstel weer verkoop is nie. Dit kan wees dat die woonstel in Junie 1989 aangekoop is en dat dit is toe hy per motor na Brussels gery het. Hy sê dat hy die plek gekies het omdat dit gerieflik was naby aan 'n woud waar hy kon gaan draf en omdat die prinsipale hom vertrou het. Hy kan nie ontken dat dit 11 miljoen Belgiese frank gekos het nie. Dit word aan hom gestel dat die geld afkomstig is van die fondse wat vermeld word in aanklagte 1, 3 en 4 en hy sê dat daar waarskynlik gekyk sou gewees het na waar daar fondse beskikbaar is en dan sou die fondse aangewend gewees het.

[1331] Die beskuldigde word gevra oor BZ48 wat 'n brief van Zimmer was dat hy 'n bedrag van 6 000 Switserse frank moes oorbetaal na die rekening van Naomi Basson. Hy sê dat dit sy dogter is, dat sy by 'n afrondingskool in Switzerland was, dat die bedrag betaal is deur die prinsipale, dat die rede waarom dit gedoen is, is omdat sy 'n chaperone was vir 'n dogter van 'n familielid van een van die prinsipale en dat die prinsipale om daardie rede vir haar verblyf betaal het. Sy het ook die klere van die kind gewas. Hy sê dat die verkoop van die woonstelle deel was van die afbestuur van die projek. Dit word aan hom gestel dat Van Remoortere en Zimmer met hom wou breek as gevolg van sy ontmaskering en hy sê dat die projek afbestuur is. Dit blyk dat hy die ooreenkoms geteken het as verteenwoordiger van die WPW groep, dat die bedrag wat ontvang is van die orde van 8,7 miljoen Belgiese frank kon wees en dat hy daarna in sy persoonlike naam 'n huurkontrak ten opsigte van een van die woonstelle met die nuwe koper aangegaan het. Hy kan nie onthou hoe lank die huurkontrak was nie en hoekom dit nou juis in sy naam was nie. Hy word gevra hoe die fondse aangewend is en hy sê hy het gedink dat dit by wyse van skuldvergelyking uitgewis is in A61. Hy sê die koop was vir die prinsipale en dat Webster geweet het dat dit 'n fasiliteit vir hom en sy prinsipale was. Wat die "cottage" in Engeland aanbetref sê hy dat Jane Webster die "cottage" ontruim het as dit vir ander mense benodig is en in die hotel gaan bly het. Sy het 'n groot voorliefde gehad vir Sloane Square. Hyself het gebly by die Churchill Hotel en later by Selfridges. Hy hou voet by stuk dat A61 'n skyn dokument is en dat nóg hy nóg Van Remoortere dit gelees het.

[1332] Hy word verwys na dokumente BZ43A en BZ49. Dit is state wat Zimmer opgestel het wat deur die beskuldigde geteken of geparafeer is. Hy sê dat dit wel so is en dat in die begin dit gedoen was sodat hy kon kyk dat daar nie oormatige op-fakturering was nie, dat hy kon kennis neem hoe die geld geskuif is en dat Zimmer dit benodig het sodat hy sy ouditeur of boekhouer kon tevrede stel. Hy gee toe dat BZ43A vier maal geteken is maar wys daarop dat dit oor 'n lang tydperk was. Hy gee toe dat op bewysstukke BZ43B daar 'n inskrywing is "money for Dr Mijburgh" en sê dat daar 'n rede daarvoor sou gewees het maar dat hy nie nou kan onthou wat dit was nie.

[1333] Tekenmagte op bankrekenings. Hy sê dat wanneer dit gekom het by weermag rekeninge in die buiteland hy tekenmagte sou hê as 'n veiligheidsmaatreël maar dat hy nie van die magte gebruik gemaak het nie. Dit was 'n blote veiligheidsmaatreël. Hy wys daarop dat geld wat in die Barcelona rekening inbetaal is vanaf die weermag by inbetaling reeds WPW geld kon wees of afhangende van die omstandighede nog projek geld kon wees. Hy sê dat Medchem is veronderstel om WPW geld te wees en hy het ook tekenmagte op daardie rekening gehad. Hy word verwys na aanklag 3 en na bewysstuk F92. Hy sê dat alhoewel hy nie self tekenmagte gehad het op die Barcelona rekening nie Van Remoortere dit gehad het en dat Van Remoortere onder beheer was. Hy wys daarop dat dit toe oorgeplaas is na die Medchem rekening waar hy wel tekenmagte gehad het. Hy sê dat Van Remoortere inderdaad die stelsel ontwerp het. Wat aanklag 4 aanbetref blyk dit dat die geld oorbetaal is na Buffham se rekening. Hy word verwys na p165 van bewysstuk F en bevestig dat die fondse oorbetaal is in Chu se persoonlike rekening. Hy gee toe dat hy nie tekenmagte gehad het nie. Dit is die aankoop van die fondse vir Delta G en hy sê dat hy tevrede was dat daar voldoende veiligheid bestaan het deurdat die kontrakte by die bank ingedien was en dat die bank geweet het daardie geld is eintlik geld wat na Blackdale moet gaan en van daar na Medchem. Dit word aan hom gesuggereer dat Chu 'n spioen vir die Oosblok was en dat dit 'n groot risiko was om van hom gebruik te maak en die getuie sê dat almal geweet het dat hy van hom gebruik maak en dat in daardie tipe van besigheid 'n mens nêrens sal kom indien jy met absolute sekerheid werk nie. Hy word daarop gewys dat daar 'n tweede kanalisering was na die rekening van Chu PM Trading en dit blyk dat dit was by die UBS bank waarvan Rittman die direkteur was. Die fondse is oorgeplaas na Truter. Daar ontstaan 'n debat oor projek Piesang en die beskuldigde word daaroor uitgevra en hy sê dat hy 'n chemiese substans in Suid-Amerika aangekoop het en dat dit per skip vervoer is na Europa. Op die skip was ook piesangs en die piesangs word met karbiet gespuit. Dit maak dit derhalwe onmoontlik vir honde om die chemiese substans uit te ruik. Die chemiese substans was kokaïen. Dit kom vanaf Peru. Hy het dit gekoop deur bemiddeling van 'n kontak daar. Die aankoop was tot die kennis van die KBK en geoudit deur Theron. Hy glo dat dit óf by Rotterdam óf Antwerpen in die hawe aangekom het en vanaf Ostend met die Jetstar na Suid-Afrika vervoer is. Die doel daaragter was om 'n ander derivaat te gebruik. Daar ontstaan 'n debat oor wat die doel van hierdie kruisverhoor is aangesien die beskuldigde nie aangekla is van enigiets onreëlmatigs nie. Dit word aan hom gestel dat dit gevaarlik was om die BZ geld in

Chu PM Trading se rekening in te betaal aangesien hy 'n wasser van geld was. Beskuldigde sê dat in sy besigheid dit maar gedoen is. Daar ontstaan 'n debat oor bewysstuk F1.66 en F1.68 en oor die feit dat dit nie uitgewys is dat hy tekenmagte gehad het op die rekening wat geopen is in die Banque Indosuez nie. Hy sê dat daar inderdaad twee rekeninge was - een was in die Banque Indosuez en die ander een was 'n rekening wat deur Regli hulle beheer is en waarop hy en Jacomet tekenmagte gehad het. Hy sê dit is duidelik volgens die antwoord dat die vraag misverstaan is dat dit 'n fout is en hy kan nie verdere lig daarop werp nie

[1334] Hy word verder gevra oor handtekeninge en bevoegdhede en daar is 'n debat oor op welke Blackdale rekenings hy tekenmagte gehad het. Dit word aan hom gestel dat mnr Theron onder die indruk was dat hy nie handtekeningbevoegdhede gehad het nie en hy word verwys in hierdie verband na bewysstuk F23.78 en meer in besonder bylaag C par B(ii). Hy wys daarop dat dit gedateer is 1993. Hy gee toe dat hy Theron onder die indruk kon gebring het maar sê dat die KBK dit ook kon gedoen het. Die feit van die saak is dat hy 'n fout gemaak het. Die getuie sê ook dat Theron soms onafhanklik met Zimmer gepraat het. Met betrekking tot subparagraaf (iv) van dieselfde bewysstuk word dit aan die beskuldigde gestel en hy betwis dit nie dat hyself, Morris Tam, Van Remoortere en Zimmer tekenmagte gehad het by die bank Indosuez Luxembourg. Hy sê dat Tam 'n klerk was by Blackdale se kantoor in Ierland. Hy weet nie hoekom Theron 'n fout gemaak het nie maar verwys na sy vorige antwoord. Hy sê dat sy handtekening wel nodig was omdat hy toestemming moes gee vir die uitbetaling van die R3,2 miljoen. Hy sê verder dat hy glo dat die maatskappy al vir 'n jaar of twee bestaan het voordat hy wel vir dié besondere doel handtekeningbevoegdhede gekry het. Hy word verwys na Bruwer se verslag p228 en 'n betaling wat in die Blackdale Credit Lyonnais se rekening betaal is vanwaar die fondse na D J Truter finansiële konsultante is en vandaar na J Jacomet in die Zagrebaca Banka in Zagreb. Dit word aan hom uitgewys dat hy nie tekenmagte gehad het nie. Hy sê dat hy onder die indruk was dat Van Remoortere tekenmagte gehad het en as hy dit nie gehad het nie dan is hy verbaas en was dit 'n fout. Hy word verwys na bewysstuk N2 par 22 waar dit blyk dat hy nie tekenmagte gehad het nie en hy sê dat dit betrekking het op maatskappye in Suid-Afrika omdat hy geen tekenmagte op enige maatskappy in Suid-Afrika gehad het nie. Hy word verwys na L5 en die algemene beleid en prosedures. Hy sê dat daar 'n misverstand was want die vrae het gegaan oor die maskerrekening. Dit word aan hom gestel dat op

amptelike rekeninge hy nie tekenmagte gehad het nie of gemaak het of hy nie tekenmagte het nie maar dat hy op al die ander rekeninge wel tekenmagte gehad het en dat hy gevolglik vir KEEM vir Theron en vir SAW mislei het.

[1335] Hy word verwys na bewysstuk M1 oor direkteurskappe en hy gee toe dat die vrae rondom sy persoon gewentel het. Hy word verwys na paras 25, 26 en 27 en dit word aan hom gestel dat hy vals inligting gegee het omdat daar nie 'n verwysing was na Wisdom Investment & Properties en Wisdom Holdings nie. Hy sê dat wat hierdie maatskappye aanbetref hy 'n stigtersrol gespeel het en dit word uitgewys dat die eerste direkteur Antoinette Lourens was en dat hy eers **op 1 September 1989** 'n direkteur geword het. Hy sê dat nagegaan moet word wanneer Viljoen siek gewees het en of sy aanstelling nie daarmee verband hou nie. **Hy sê dat hy buitendien daardie tyd vir drie maande wat later vyf maande geword het in Amerika was en dat sy aanstelling waarskynlik die gevolg was van blanko dokumente wat vooraf geteken is.** Dit word aan hom gestel dat hy 'n aktiewe rol gespeel het in Wisdom Holdings en hy word verwys na die notuleboeke van Wisdom Holdings en PWD3 wat aantoon dat hy op 12 April 1990 'n vergadering bygewoon het as die voorsitter en dit word verder aan hom uitgewys dat ofskoon hy nie 'n direkteur was nie dit aangestip was dat hy 'n aandeelhouer moes wees. Dit word verder aan hom gestel dat hy by omtrent 8 of 10 geleenthede tussen April 1990 en September 1991 wel vergaderings so bygewoon het as voorsitter. Hy gee toe en sê dat onthou moet word dat hy die Suid-Afrikaanse koördineerder van die hele projek was, dat hy die enigste persoon was wat geweet het waaroor dit gaan, dat hy in baie gevalle 'n versoening moes bewerkstellig tussen die operateurs op die grond. Hy moes ook die vergaderings bywoon om op hoogte te bly met wat aangaan. **Hy kan Namibië Air Space** nie onthou nie **maar Lanseria Airoospace was iets soos Aeromed.** Hy word verder gekruisverhoor oor Intramex en die strekking van die vrae is tot die effek dat hy vir generaal Knobel mislei het deur nie vir hom te sê wat sy rol in Intramex gewees het nie. **Die getuie is bitter verontwaardig en sê dat Intramex nie 'n projekrekening was nie maar 'n SAW front en dat generaal Knobel dit baie goed geweet het.** Hy sê dat Intramex gebruik is as 'n soort van 'n skans tussen Coast en die weermag en dat die CR bv deur Intramex aangekoop is en aan die leër verkoop is. Hy sê dat Intramex se rekenings deur HSF geoudit is. Dit word aan hom gestel dat hy Theron by al die frontmaatskappye wou betrek en hy gee dit toe maar hy gee ook toe dat hy nie daarin geslaag het om hom by Intramex betrek te kry nie. Wat Merton huis aanbetref word dit aan hom gestel dat Intramex bedrae van **R80 000,00** (R800 000?) en R42 405,00 betaal het tov die aankoop van die erf en dat daar ook 'n bankwaarborg gegee is (TV13) in 'n bedrag

van R720 000,00. Hy sê dat hy nie daarvan bewus was nie en dat as hy daarvan bewus sou gewees het hy dit sou laat regstel het maar dat daar **nie enige weermaggeld vir Merton huis gebruik is nie**. Hy sê as Viljoen dit reggestel het glo hy nie hy sou eers vir generaal Knobel gesê het dat daar aanvanklik 'n bedrag van die weermag aangewend is nie. Hy sê die feit dat Merton huis aandag getrek het was omdat die inwoners van sy persoonlike teenwoordigheid bewus geword het. Dit word aan hom gestel dat hy generaal Knobel mislei het en hy ontken dit.

[1336] **Hy sê dat Razzak die eienaar van die 31 000 pakke was.** Hy sê dat die KBK wel die bevoegdheid gehad het om Intramex aan Viljoen te gee. Viljoen het reeds vir die projek gewerk vanaf 1986 by Infladel en hulle het ook RTO so oorgedra. Dit is so dat die ouditeur-generaal skepties was daaroor. Hy word verwys na bewysstuk M2 par 30 p8 en hy wys daarop dat Viljoen namens Intramex die CR by Delta G moet koop. Hy ontken dat hy vir generaal Knobel onder die indruk gebring het dat Intramex 'n Coast front was. Generaal Knobel was baie goed bewus van wat die posisie was. Die fondse, sê hy, is deur HSF geoudit en dit was in 1990 admiraal Bekker. Volgens par 59 was Viljoen betrokke by Infladel en Intramex. Hy kan nie sê hoekom hy nie VABN se naam of Aeromed se naam genoem het nie behalwe dat Aeromed nie met SAW fondse gekoop is nie.

[1337] Daar ontstaan 'n debat oor wat met Patricia Leeson gebeur het. Die beskuldigde sê dat sy op die lughawe aangehou is, dat sy ondervra is vir 'n paar uur en dat daar toe aan haar 'n keuse gestel is. Sy kon Engeland binnegaan of sy kon terugkom na Suid-Afrika. Sy het verkies om terug te kom na Suid-Afrika en sy is later onder 'n vals naam teruggestuur. Hy sê dat sy goed bewus gewees het daarvan dat die Britse inligtingsdiens haar gemonitor het. Dit word aan hom gestel dat haar getuienis was dat sy ondervra is omdat sy nie 'n werkpermit gehad het nie en hy antwoord daarop dat as dit die enigste probleem was daar geen rede was waarom sy met 'n vals paspoort teruggestuur moes gewees het nie. **Dit word aan hom gestel dat sy antwoord misleidend was omdat daar staan dat sy gedeporteer is en sy antwoord is dat sy Engeland wou ingaan en dat sy gekies het om terug te keer wat daarop neerkom dat sy gedeporteer is.** Dit word

verder aan hom gestel dat die feit dat sy die woonstel verkoop het verkeerd voorgestel word want sy het later 'n ander woonstel gekoop en dit kon tog nie haar finansiële verbeter nie. Sy antwoord daarop is dat sy was in 'n finansiële verknorsing, die woonstel is gekoop om haar te help en sy het eers 'n ruk later 'n ander woonstel gekoop maar toe het daar ook iemand anders by haar gebly wat gehelp het met die aankoop van die woonstel. **Hy sê dat daar wel kontak tussen hom en die prinsipale was oor die aankoop van die woonstel en dat hy vir Viljoen opdrag gegee het om dit te koop. Dit was ook 'n veilige vesting.** Dit word aan hom gesuggereer dat dit nie waarheid is nie omdat daar alreeds die Lynnwood huis was en hy sê dat dit nie noodwendig 'n goeie argument is nie omdat beide plekke gebruik is. Hy sê hy het ook die plek gebruik en hy wys daarop dat vir die tydperk wat hy dit gebruik het hy inderdaad huur betaal het. Hy sou dit nie gedoen het as dit sy plek was nie. Dit word aan hom uitgewys dat daar 'n hele klomp goed gebeur het op **30 Junie 1988** soos dat Wisdom Finance tot stand gekom het en ook dat Wisdom Erf 219 gestig is en ook dat Wisdom Investment & Property op daardie dag gestig is. Hy sê dat hy 'n direkteur geword het omdat hy gevra is om die risiko te verdiskonteer. Indien daar allerhande mense sou gebly het sou hy moes verduidelik. Dit word aan hom gestel dat hy nie by die beginfase direkteur was nie en dat me Lourens dit was. Hy sê dit is goed moontlik en dat hy dit sou goedgekeur het nadat dit voorgestel is deur Viljoen. Hy sê dat op 1 September 1989 sy opgehou het om 'n direkteur te wees omdat sy toe weg is en na die WINR toe is. Hy ontken dat die woonstel aangekoop is as 'n belegging en sê dat dit aangekoop is vir verblyf deur die projek en die prinsipale. Dit word aan hom gestel dat die verkoop van die projek nie daarmee versoen kan word nie en hy antwoord dat so 'n tipe van plek nie te lank gehou kan word nie want dan kan dit aandag trek en hy sê dat indien daar na die verkoop van die woonstel wel van die mense sou wou kom bly daar maklik reëlins getref kan word. Hy sê hy het mense gehuisves by sy ma en by sy vrou. Hy word verwys na bewysstuk 65.93.2 waaruit dit blyk dat die tekort met die verkoop van die woonstel uit die RITS rekening aan Wisdom Erf 82 terugbetaal is. Hy wys daarop dat op die uiteensetting in Viljoen se handtekening dit aangestip word dat hy meubels aangekoop het wat in die woonstel was vir R6 760,65. Hy sê dat as dit sy maatskappy was hy seer sekerlik nie die meubels sou aangekoop het nie. Dit word aan hom gestel dat die oorname van die woonstel nie verband hou met die projek nie maar dat hy dit vir sy persoonlike behoeftes gedoen het en hy ontken dit.

Hy sê dat hy **geskei is in 1985 en weer getroud is in 1991** en dat hy toe sy Ariestraat huis aan sy nuwe vrou verkoop het.

[1338] Hy word verwys na bewysstuk M2 par 38 op p10 en hy sê dat hy die koördineerder van die projek in Suid-Afrika was en dat Technotek ontstaan het uit SRD en dat Charburn, Van Remoortere en Zimmer daarin 'n belang gehad het. Die buitelandse groep was Zimmer, Van Remoortere en hy het gereken dalk ook Seynaeve. Die binnelandse groep was Van Remoortere. Hy kan nie verduidelik hoekom hy nie gesê dat Zimmer nie betrokke is nie. Vervolgings ontstaan daar 'n debat oor Waag 'n Bietjie. Hy word verwys na par 31 op p9 van M2 waarin dit aangedui word dat hy in sy persoonlike hoedanigheid daarby betrokke was en dat daar geboer is en nie SAW geld gebruik is nie. Dit is later deur die prinsipale aangekoop om landbou chemikalië te kan verkry om inligting te kry en konferensies by te woon. Aanvanklik is daar geboer. Hy sê toe hy gesien het hoe die boerdery loop het hy besef dat hy nie daarby betrokke wil wees nie, hy het sy geld teruggekry en hy het aan die prinsipale die behoefte verduidelik en hulle was heeltemal tevrede. Dit kon ook 'n veilige vesting gewees het. Die plaas het met die projek niks te make gehad nie. Hy weet nie wat hy vir generaal Knobel daarvoor gesê het nie maar erken nie dat daar enige verpligting was om enigiets te sê nie. Die mense wat ingelig moes gewees was ingelig en hy sê dat generaal Liebenberg gewet het en dat **hulle by twee geleenthede monsters vir generaal Liebenberg vervoer het deur daardie kanaal. Die prinsipale het nooit die huis gebruik nie. Hulle het dit wel vir ander doeleindes gebruik.** Dit word aan hom uitgewys dat daar R2,3 miljoen in die plaas gesteek is en die staat probeer aantoon dat dit nie die koopprys daarvan insluit nie.

[1339] Met betrekking tot 'n notule van 'n vergadering van 26 September 1991 sê hy dat dit duidelik was dat daar 'n breuk was wat herstel moes word, dat hulle ontslae moes raak van De Jager, dat hy die vergadering gelei het en hy sê dat dit nou nie snaaks in inligtingsoperasies om geld te verloor nie. Wins maak is nie die doel nie en hy bevestig weer dat hulle landbou chemikalië aangekoop het en konferensies bygewoon het. Dit word aan hom gestel dat De Jager getuig het dat by 'n gesprek hy vir hulle gesê het dat indien hulle

weet van besigheidsmoontlikhede hulle dit aan hom moet noem en dat hy wat De Jager is toe 'n voorstel oor die plaas gemaak het. Die beskuldigde sê nie dit is nie korrek nie. Hy het De Jager geken van weermag dae af. De Jager was by die SAUK se afdeling veiligheid en hy wou hom as 'n veiligheidsbeampte by SRD betrokke kry. Dit is hoe hy hom gevra het oor die besigheid en nadat De Jager reeds betrokke was by SRD het hy met die idee van die boerdery vorendag gekom. Dit word aan hom uitgewys dat die plaas eers op 26 September 1991 die eiendom geword het van die prinsipale. Hy sê dat Waag 'n Bietjie boerdery 'n bedryfmaatskappy was, dat De Jager die plaas wou hou en net geld in die plaas inbetaal wou hê. Dit word aan hom gesuggereer dat hulle die plaas met 'n landbanklening wou koop en hy ontken dit. Hy sê dat dit juis deel was van De Jager se plan om die plaas te hou en dat dit die rede is waarom De Jager op die ou end moes gaan. Daar is eenstemmigheid tussen die advokate dat De Jager op sy eie naam aansoek gedoen het vir 'n landbanklening as koper. Hy bevestig dat op 23 Mei 1991 een van die plaas op De Jager se naam geregistreer is en dat dit gedurende Junie verkoop is aan Waterson Trust. Op 26 September was daar die vergadering waarin die opsies was of dat die boerdery gelikwideer moes word of dat De Jager moes gaan en die plaas moes verkoop of dat De Jager die plaas moes vat en die skuld en twee dae later is die plaas aangekoop. Die prinsipale was bewus daarvan dat sy swaer op die plaas was. Hulle was gelukkig daaroor. Die plaas was deel van een boerdery eenheid. Hy sê dat Bosch se indrukke nie noodwendig korrek was nie en waar hy gevra word oor bystand wat hy wou gee sê hy dat hy gevra is deur Bosch oor 'n moontlike kommunikasiemiddel en dat hy gesê het hy sal probeer reël vir 'n radio telefoon. Hy is per slot van rekening oorhoofs aangestel oor alles. Hy word gevra oor wat die prinsipale te sê gehad het en sê dat hy nie werklik kan onthou nie behalwe dat hulle gelukkig was. Hy word verwys na C3.44 wat die verkoop van die plaas Wag 'n Bietjie is. Die koopprys was R340 000,00 en die vee is verkoop vir R120 000,00. Dit is gekoop deur 'n familie trust van sy swaer. Sy twee susters het vir hom die R340 000,00 voorgeskiet en om daardie rede was die trust so opgestel om hulle te beveilig. Die R120 000,00 vir die aankoop van die vee het hy geleen by die Landbank en die aankoop van die aandele in SB25 was alles wat nog op die plaas was nadat die vee verkoop was. Dit word aan hom gestel dat daar geboer is vir 'n wins en dat hy die voordelige eienaar was. Hy ontken dit. Hy sê dat Webster wel bewus was van die plaas en dat hy selfs een of twee maal daar kon gewees het en hy wys daarop dat die state later in Engels opgestel is sodat Webster dit kon lees. Dit blyk dan uit 'n notule

dat daar inderdaad besluit is dat die state voortaan in Engels opgestel moes wees. Hy sê dat Swanepoel wel ook direk met Webster geskakel het en dit word uitgewys dat by die vergadering waar Swanepoel gesê het dat Big Daddy ongelukkig was oor die verliese hy nie teenwoordig was nie. Hy sê dat Swanepoel wel geweet het van prinsipale maar nie wie die prinsipale was nie. Hy bevestig weer dat projek Piesang geoudit is deur Theron en dat Bruwer dit later bevestig het. Dit word aan hom gestel dat Theron ook al die fondse in aanklagte 1, 2, 3, 4, 5 tot 10 geoudit het en goedgekeur het. Dit aan hom gestel dat dat daar nie behoorlike kontrole was nie, dat die enigste kontrole was die eksterne ouditeur Theron, dan die interne ouditeur D J Truter wat fisiese kontrole, glo hy, uitgevoer het en ook dat die ouditeur-generaal in die vorm van mnr Van Heerden nou betrokke was. Hy sê dat daar behoorlike kontrole gewees het, dat elke bedrag geskuif is met die toestemming van die Reserwe bank en die generalestaf. Daar ontstaan 'n debat oor hoekom HSI aanvanklik die fondse gehad het en dat dit later direk vanaf HSF na Truter se rekening is. Hy sê dat wat plaasgevind het was dat HSI nie bewus was van die aard van die transaksies nie omdat hulle nie bewus moes wees nie, dat dit gelei het tot misverstande en dat daar foute gekom het, dat daar 'n vergadering was en dat daar toe besluit is en aanbeveel is deur generaal Badenhorst dat HSI onthef moet word van daardie verpligting. Hy wys daarop dat Briers was die direkteur finansies by HSI. Dit word aan hom gestel dat dit aan Truter gestel is dat hy nie 'n belangrike rol gespeel het nie en dat hy maar eintlik 'n klerk se werk gedoen het. Ek nooi die beskuldigde uit om kommentaar te lewer oor die vraag of hy al hierdie miljoene rande kon skuif sonder om bevredigend verslag te doen aan die KBK en hy sê dat dit onmoontlik was dat hy seer sekerlik 'n pirotegniese laboratorium moes saamstel dat hy 'n demonstrasie gegee het met van die wapens wat in die laboratorium gemaak is en dat daar van daardie wapens vernietig is toe die wapens vernietig is in Januarie 1993. Volgens hom was die lede van die KBK geharde soldate wat hom seer sekerlik nie sou toelaat om miljoene rande te verdoesel sonder enige teenwaarde nie.

[1340] Die beskuldigde verduidelik dat die persoon van HSI en HSF wel op die KBK was en kontrole gehad het oor die projek. Die amptenare wat onder hulle gewerk het het nie geweet wat gebeur nie. Die beskuldigde

sê verder dat dit baie belangrik is om daarop te let dat die vloei van fondse en die kontrole twee verskillende aspekte was. Hy sê dat die projekteier bewus behoort te wees van die laboratorium alhoewel die aankoop van meeste van die artikels voor sy tyd was. Dit word aan hom gestel dat Theron nie die uitrusting en substansies fisies bevestig het nie. Hy aanvaar dit maar sê dat daar nie 'n rede was hoekom hy dit nie kon doen nie. Dit word aan hom gestel dat hy hom net op die kontantvloei kon verlaat en hy antwoord dat dit nie so is nie, dat daar besprekings gewees het en dat daar fakture voorgelê was. Die beskuldigde hou vol dat hy vir Theron die besluite van die KBK en die fakture gewys het en dat hy tevrede was. Dit word aan hom gestel dat Van Heerden hom verlaat het op Theron. Beskuldigde sê dat Van Heerden besonder nuuskierig was en baie uitgevra het en teenwoordig was by ouditvergaderings. Dit word aan die beskuldigde uitgewys dat op p7688 dit aan Van Heerden gestel is dat hy na November 1987 nie meer geoudit het nie en dat sy antwoord was dat hy toe die ouditkontroleur geword het. In kruisverhoor het hy verder toegegee dat hy gesteun het op Theron se ouditmening. Die beskuldigde bevestig weer dat hy vergaderings bygewoon het. Die beskuldigde betwis dat daar nie 'n kontrole was nie. Hy sê dat wat wel gebeur het is dat Murray 'n probleem gehad het met Technotek en die maskers en op daardie stadium wou hy die aanskaffing van daardie tipe goed in die Republiek normaliseer. Hy wou bevestiging hê van aanskaffings en hy wou vooruitskouings hê van fondse benodig. Dit word aan hom uitgewys dat daar 'n lys van 37 maatskappye was wat Murray ook bekommer het en dat generaal Verbeeck ook 'n ondersoek gedoen het. Daar is 'n debat oor die rol van die inspekteur-generaal wat presies aan die inspekteur-generaal gesê is. Die beskuldigde sê dat hy aan Jacobs behoorlike voorleggings gegee het oor die projek, dat hy vir hom beduie waar die laboratorium is en dat hy hom bloot verbied het om nie Delta G of RNL by te woon nie. Verder was daar geen beperking op hom nie. Hy het die volle geloof gehad dat die inspekteur-generaal volle toegang tot die hele projek gehad het met die uitsondering van Delta G en RNL en dat daar 'n behoorlike oudit was. Hy glo nie hy sou hulle gesê het dat Intramex 'n deel van die projek is nie want **Intramex was 'n weermagmaatskappy** en nie 'n projekfront nie, maar daar was wel voorraad van Coast in die Intramex-storie. Hy gee toe dat daar baie geld bestee is aan die laboratorium by Speskop. Hy sou die inspekteur-generaal ingelig het oor die pakke wat gekoop is deur die weermag. Wat Botha aanbetref sê hy dat Botha hom nie gesien het nie. Hy weet nie wat die opdrag aan Botha was nie. Hy lewer kommentaar op 'n stelling wat Botha gemaak het dat hy graag Delta G wou besoek en dat hy verbied

was en dat hy nuuskierig was. Dit word aan hom gestel dat daar nie 'n Speskop laboratorium was nie. Dit word verder aan hom gestel dat generaal Hanekom getuig het dat hy nie betrokke was by die projek nie en dat hy nie geweet het van die sekerheid of enigiets daarvan nie. Dit word aan hom gestel dat dit nie betwis is in kruisverhoor met generaal Hanekom nie. Hy bevestig weereens dat Hanekom op die teeninligtingwerkgroep was en dat hy later die inspekteur-generaal was en hy hou voet by stuk dat Hanekom betrokke was. Dit word aan hom gestel dat Jacobs getuig het dat hy deur die beskuldigde ingelig is oor die laboratorium by Delta G en by RNL en dit word gestel dat hy nie bewus was van enige laboratorium van Coast nie. Beskuldigde sê dat hy nie weet wat Jacobs geoudit het nie. Dit word weer aan hom gestel dat daar nie so 'n laboratorium was nie en hy hou voet by stuk dat daar wel een was. Hy word verwys na L1 en die vrae wat daar gevra word oor die aankope deur die projek en dit word aan hom gestel dat in L3 daar nie 'n verwysing is na die Speskop laboratorium nie. Hy sê dat L3 nie 'n volledige terugvoer van die projek was nie.

[1341] Hy sê dat navorsingverslae beskikbaar was, dat Hekkies van Heerden 'n gekwalifiseerde ammunisie-offisiërskursus gedoen het, dat hy 'n wetenskaplike was en dat hy kon werk op die verwapening. Dit blyk dat die konvensionele produkte waarvan daar gepraat word CR (NGT) is. Hy wys daarop dat daar nie 'n verwysing is na baxil nie. Mbt F1.66 sê hy dat in 1994 daar nie meer produkte was om te sien nie.

[1342] Daar ontstaan 'n debat oor die vraag of hy nie sy familie blootgestel het aan die chemiese en biologiese mafia nie. Beskuldigde sê dat hy berekende risiko's geneem het. Dit word aan hom gestel dat die Libiërs juis teikens sou gewees het deur die Engelse en die Amerikaners en dat dit dom sou wees om saam met die Libiërs 'n cottage te hê in Engeland. Die beskuldigde sê dat dit heeltemal goed gewerk het. Dieselfde word gestel oor die Oos-Duitsers en die beskuldigde hou voet by stuk. Hy sê dat die Spesmagte mense wat in die cottage gebly het daar gebly het vir inligting. Een van hulle het gewerk by Mole en het in die cottage gebly met sy vrou en kinders. Hy word gevra oor wie van sy familie almal daar gebly het en hy bevestig dat sy vrou daar was, dat sy ma en broer ook daar was, dat Analise Sutherland 'n niggie van sy vrou daar was. Sy dogter was een of twee maal daar, Marlow het daar geboer en die beskuldigde self was saam met Antoinette Lourens daar. Viljoen en Bosch was daar. Swanepoel was seker drie of vier maal daar en Mijburgh nie so

baie nie. Kirstein was eenmaal 2 dae daar en eenmaal 1 dag. Me Lourens was seker drie of vier maal daar. Webster en sy vrou en seun was ook daar. Wat die Lynnwood huis aanbetref het Antoinette Lourens en haar kind daar gebly. Hy sê dat daar niks fout mee was daarmee om sy moeder by Lynnwood huis te betrek nie. Wat Merton huis aanbetref was dit 'n fasiliteit van die aard wat so was dat mense daar kon bly sonder om aandag te trek. Sy vrou het nie belanggestel om in Merton huis te bly in die opsigterswoonstel nie. Hy weet nie of Marlow van plan was om in Merton huis te bly nie maar daar was nie so 'n besluit nie. Dit word aan hom gevra of hy nie bang was vir 'n aanslag deur die Mossad nie omdat hy met die Libiërs deurmekaar was en hy sê hy het risiko's geneem. Hy ontken dat Estelle Sutherland in Amerika was. In Brussels het geen van die familie of vriende gebly nie. **Razzak en sy vennote het by sy vrou gebly asook sy vrou en kinders.** Hy dink dit was in 1991 maar dit kon ook in 1992 gewees het. Hy ontken dat dit eers na 1993 was. **Die mense wat by sy moeder gebly het was drie van Razzak se kollegas.** Hy glo dat hy vyf of ses keer op Waag 'n Bietjie was. Die Libiërs was nooit daar nie. Sy oom was die grondeienaar van die dieretuin maar die dieretuin self het aan 'n trust behoort. Die prinsipale het nie 'n probleem gehad met die Waterson Trust nie. Die trust sou verander word wanneer die prinsipale dit eers gebruik. Die RITS is die opbrengs van die geskenkte klerasierekening. Die bedrag van R50 000,00 is aan Annette betaal vir die verblyf van die Libiërs en die R500 000,00 en R400 000,00 was lenings wat deur BRCI aan Aries trust gemaak is en wat terugbetaal is. **Marie Blom was 'n farmakoloog.** Estelle Sutherland het eenkeer reisigerstjeks gekry maar die rede was dat sy vir hom dokumente vervoer het. Hy sê dat Viljoen 'n stresvolle werk gedoen het.

[1343] Chu het omgesien na sy dogter. Sy was een naweek by hom gewees en sy kon selfs sonder sy wete weer na hom toe gegaan het. Hy was die peetpa van Chu se **dogter**. (eintlik sy seun) Hy word gevra of Chu nie 'n skarminkel is nie en hy sê dat hy van hom gehou het. Hy het dieselfde tipe werk gedoen as wat die beskuldigde gedoen het. Hy word gevra na watter van sy familie na die VSA was. Hy sê hy en Annette was tweemaal na Jane Webster maar sy en Jane het nie goed reggekom nie. Sy moeder en sy stiefpa was ook daar gewees. Dit word aan hom gestel dat Jane se familielid uit WPW Aviation vergoed is vir wat sy gedoen

het. Hy sê dat hy nie bewus was van so 'n reëling nie en dat dit nie met sy goedkeuring gedoen is nie. Hy sê dat bewysstuk DAW45 wat 'n uitnodiging aan Estelle Sutherland was 'n tipiese brief was wat vir visumdoeleindes geskryf is. Wat JW110 aanbetref word dit aan hom gestel dat Jane Webster sê dat sy beskuldig is deur sy vrou dat sy Basson se geld gesteel het. Hy sê hy weet nie wat sy vrou gesê het nie maar dat hy haar nie onder daardie indruk gebring het nie. Wat herlewing aanbetref sê hy dat Dreier en Razzak 'n veilige plek wou hê. Daar ontstaan 'n debat oor hoekom nou juis in Orlando want dit is 'n uur se vlieg van Miami af. Die beskuldigde se argument is dat hy aan die prinsipale voorgehou het dat dit beskikbaar is en dat hulle tevrede was en dat 'n verdere rede waarom daarop besluit is was omdat Webster daarna kon kyk. Hy kan nie sê of hy eerste van die behoefte gehoor het en of hy eerste gehoor het van die beskikbaarheid van die woonstelle nie, dit kon by dieselfde tyd gewees het. Dit word aan hom gestel dat dit snaaks is dat hulle so baie veilige huise het en hy sê dat toe hy onder Nasionale Intelligensie beskerming was hy in Pretoria in vyf veilige huise gebly het. Hy sê dat Webster geweet het die aankoop is vir die prinsipale. Hy het Razzak een maal in Engeland ontmoet. Hy gee nie toe dat dit 'n sekerheidsrisiko vir Webster was nie. Hy sê as Jane Webster gedink het dat hy WPW is sou hy haar nie van indruk verander het nie. Hy het vir haar gesê dat WPW staan vir Wulff Parkinson & White. Hy word gevra oor die finansiering van die kondominium en sê dat hy nie werklik weet nie. Hy word verwys na DHW120-DHW122 en dit word vir hom daarop gewys dat Mijburgh betrokke was. Hy ontken dit nie. Dit blyk ook dat daar verwysings is in die briewe van Mijburgh na "our friend". Dit word aan hom gestel dat daar 'n groot tekort aan fondse was en hy sê dat dit nie snaaks was in 'n projek soos hierdie dat daar kontantvloei-probleme was nie. Dit word uitgewys dat by Merton huis hulle gesukkel het en dat daar lenings geneem moes word. Hy hou voet by stuk dat die kondominium betaal is en dat dit verkoop is. Hy sê as die prinsipaal later nie meer vir jou geld gee om die heffings te betaal nie dan bestuur jy dit doodeenvoudig toe. In DHW124 sê hy dat hy dink die "friend" hy kan wees. Hy kan nie 'n rede gee hoekom hulle nie sy naam genoem het nie. Hy sê dat indien Mijburgh vra dat die eiendom nie op die mark gesit moet word nie, dit waarskynlik hy is wat dit vir Mijburgh gesê het omdat die prinsipale vir hom gesê het dat dit nog nie gedoen moet word nie en dat hulle moontlik nog geld sou stuur. Hy sê dat hy nie betrokke was by die verkoop van die King Air nie. Mijburgh het nie beheer gehad oor die King Air fondse nie. Hy word gevra waarvoor Chu PM Trading staan en sê dat dit nie staan vir Chu Phillip Mijburgh Trading nie maar vir Chu

Precious Metals en wys daarop dat Chu inderdaad getuig het dat hy ook handeldryf in edel metale. Hy gee toe dat hy in 1994 in Libië was, dat hy gedink het dat sy loopbaan by die weermag tot 'n einde gekom het en dat hy ook vir homself geleenthede moes soek indien dit sou gebeur. Dit word aan hom gestel dat herlewing sy persoonlike eiendom was en hy ontken dit. Dit word aan hom uitgewys dat volgens A136 hy die vise-president was en dat dit tog altyd die voordelige eienaar was. Hy neem kennis daarvan. Hy word verwys na DAW84 gedateer 17 November 1992 en gevra waarom Jane Webster vir Webster skryf dat hy opdrag gegee het dat die cottage oorgeplaas moet word na Luft nie en dat alle bates moet skuif na Luft nie. Hy kan nie dink dat daar werklik 'n rede gewees het nie. Hy wys daarop dat die "Bill of Sale for the Jet Star" duidelik 'n dekstorie was vir geld wat verskuif moes word vir die aankoop van substansie. **Wat herlewing aanbetref sê hy dat sy vrou nie geweet het van die werklike prinsipale nie. Sy kon wel daar gebly het. Dit is selfs moontlik dat sy die verf gekies het.** Me Webster het die cottage versier. Sy vrou het hoogstens twee weke daar gebly. Hy word verwys na p1156 van Jane Webster se getuienis waar sy die indruk skep dat die beskuldigde se vrou vir Jane Webster gesê het dat Carol Grey nie daar moet wees nie. Hy sê dat dit net eenvoudig nie moontlik was nie omdat **Carol Grey in diens was van die prinsipale en van die SAW** en daar kon bly en van die kar gebruik kon maak. Hy gee toe dat sy vrou by Merton huis gesê het dat die kaste nie vir haar mooi was nie maar sy het nie van Merton huis gehou nie

[1344] Die eerste moratorium lening: **Die prinsipale het die vestigings van vermoëns versoek.**??? Hy het vasgestel hoe die fondse die land ingebring kan word. Die beste wyse met die minste rompslomp was om 'n moratorium lening te kry. Viljoen het kontak gemaak met familie wat handel gedryf het in die tipe van transaksie. Hy gee toe dat daar besluit moes gewees het dat WIP die houermaatskappy sou wees. Die stelsel is later verander en is die fondse versprei deur Wisdom Finance. In Junie 1988 is Wisdom Finance geïnkorporeer. Wat gedoen moes word met die fondse was die vestiging van fasiliteite soos versoek en wat in die latere jare inderdaad bereik is. Hy kan nie onthou hoe die bedrag bepaal is nie.

[1345] Met betrekking tot Merton huis word hy gevra hoekom besluit is dat daar nie van 'n Finrand transaksie gebruik gemaak moes word nie. Hy sê dat hy nie kan onthou nie. Dit word aan hom gestel dat Viljoen die finansiering deur Intramex met hom bespreek het en hy ontken dit. Dit word aan hom gesê dat die finansiering uiteengesit word op A16. Hy word verwys na TV3 en dit word aan hom gestel dat die lenings met hom bespreek is en hy gee toe dat sommige met hom bespreek is. Hy gee dit toe maar sê dat dit beplanning was. Hy gee toe dat daar ook 'n tweede lening is en hy gee toe dat dit nie al fondse was wat die land binnegekom het nie. Daar was bv die geld vir Lynnwood huis en die twee moratorium lenings het 'n bedrag van tussen R8 en R9 miljoen verteenwoordig. Die R10 miljoen wat daarop voorkom is nie korrek nie. Hy ontken nie dat die totale betaling vir Merton huis R12 miljoen was nie. Wat Waag-'n-Bietjie aanbetref gee hy toe dat hy gesê het dat daar 'n verlies van R2,3 miljoen was. Wat Partners in Travel aanbetref sê hy dat daar baie miljoene rande verlies was. Hy sê dit was nie baie lank om die geld binne die land te kry nie maar daar was administratiewe aangeleenthede wat afgehandel moes word. Hy word verwys na bewysstuk 3.29 en gee toe dat daar 'n kommersiële transaksie was ingevolge waarvan WPW Inc 4 000 aandele aangekoop het vir R850 000. Hy word verwys na Bruwer se verslag op p93 en gee toe dat die £1 miljoen gebruik kon gewees het vir die moratorium lening. **Hy sê dat hy 'n ander proses geskep het met die prinsipale, dat hy uitklaring van hulle gekry het en dat dit soos 'n mini KBK was.** Hy bevestig dat die CAM's deur Buffham aangekoop is en dat dit na ABC Export & Import gestuur is. Die prinsipale het die behoefte vervul. **Die aandeelhouders in WPW is die Libiërs en Oos-Duitsers en Russe. Hulle wou nie net in SA belê nie, hulle wou party dinge in SA belê en ander in Europa.** Dit word aan die beskuldigde gestel dat dit onnodig was om 'n moratorium lening te gebruik en dat Infladel die koste direk aan WPW kon betaal het. Die getuie ontken dit ten sterkste en sê dat die hele idee juis was om dit nie terugspoorbaar te maak na die weermag nie. Dit is nie hy wat die stelsel gestruktureer het nie. Hy sê dat die KBK bewus was van SRD en hy bevestig dat in daardie gevalle waar daar goedere hier vervaardig is dit hier betaal is. Hy weet nie of die KBK geweet het van die Sunnyside woonstel nie. Die feit van die saak is dat die fondse die land ingebring is om die indruk te skep dat dit buitelandse fondse is. Die getuie gee toe dat dit presies is wat die doel was. Hy ontken dat hy enige SAW fondse gesteel het.

[1346] Wat Wisdom Finance aanbetref was die doelwitte drieledig: (1) om die fondse te kon versprei; (2) om lenings van Infladel af te los; en (3) om aan Viljoen 'n basis te gee om te kon opereer.

[1347] Hy **erken dat hy betrokke was by Liquor Land**. **maar die regter vermy alle verwysing na die verduideliking t.o.v. die toegang tot die BSB-dokter se spreekkamers deur LL.** Hy word verwys na DAW161 en sê dit lyk asof dit betrekking het op die eerste moratorium skuld. DAW162 is 'n brief van Haynes Smart aan Webster. Webster was bekommerd oor Haynes Smart se bewoording omdat dit 'n geleentheid geskep het vir hom (Haynes Smart) om geld te kon steel. F3.44 word aan hom voorgehou en hy sê dit kon sy aanbeveling aan Webster gewees het. Hy weet nie of dit 'n dekstorie was of nie. Hy weet nie hoekom Luft 'n brief moet skryf nie. Webster was in ieder geval nie onkundig nie. Hy gee toe dat F3.32 wat volg op 3.31 'n voorbeeld is daarvan dat Webster uitvoering gee aan opdragte wat hy gee. Hy sê dat wat hierdie aangeleentheid aanbetref Luft geen seggenskap in die fondse gehad het nie. Hy word verwys na Webster se uiteensetting van die vloei van die fondse op p165 en sê dat die 80/20% wat daar in die een plek voorkom maklik kon geslaan het op die skyn aandeelhouding. Die getuie wys daarop dat hy nie 'n verwysing na Luft sien nie. Hy sê dat die prinsipale nie 'n beperking aan hom gestel het oor wat die Merton huis sou kos nie. Hulle het belanggestel in 'n huis en die ontwikkeling het gegroei. Toe hulle dit gekoop het, het hulle geweet dat daar veranderings aangebring sou word. **Hy gee toe dat nadat die huis voltooi was hy 'n dokter van spesmagte daar laat bly het.**

[1348] Hy kan nie onthou dat 'n vaste bedrag genoem is nie. Wat TV14 aanbetref sê hy dat daar beplanning kon gewees het en dat op daardie stadium voorsien is dat die verbeterings R340 000 sou kos en dat die totale koste R1,2 miljoen sou wees. Wat A17 aanbetref sê hy dat dit 'n dekstorie is en dat die verwysing na Wisdom Erf 1218 'n fout is. Dit kan so wees dat daar bedryfskoste kort was. Dit kan so wees dat daar nie geld in die binneland was nie en dat die geld in die buiteland kon wees. Hy sê egter dat Viljoen eerder vir hom sou sê dat daar 'n gebrek aan geld was as wat hy dit vir Viljoen sou gesê het. As daar 'n tekort

was sou hy dit vir die prinsipale vra. Hy word gevra hoekom daar nie 'n moratorium lening was nie en hy sê dat hy nie weet nie. Hy word verwys na F1.57. Dit het betrekking op die bedrag van R850 000. Hy weet nie of dit gebruik is vir verbeterings of nie. F1.58 is 'n bevestiging van die betaling van die bedrag. Hy kan onthou dat daar 'n oordrag van die huis van een maatskappy na 'n ander was en ofskoon hy aanvanklik sê dat hy TV6 geteken het as 'n getuie gee hy toe dat hy dit kon geteken het namens die koper. Hy kan nie onthou presies hoe die transaksie plaasgevind het nie. WPW Inc was die eienaar van baie maatskappye. Antoinette Lourens het aandeelhouer geword. Daar was magtigings om vir Viljoen magtiging te gee om namens die maatskappye op te tree. DAW109 is 'n voorbeeld daarvan. Die besluit sou geneem gewees het deur homself, Webster en Viljoen. Die finale uitvoering sou deur Webster gewees het. Dit word aan hom gestel dat hierdie 'n groot besluit was en hy sê dat dit 'n blote skuif was. Hy sê dat Viljoen ook so 'n besluit kon neem. Hy bevestig dat Viljoen Merton huis as 'n gastehuis beskou het vir Webster en die prinsipale. Hy bevestig dat die volgende maatskappye in Junie 1988 tot stand gekom het: WPW Investments, Wisdom Erf 1219, Wisdom Finance, Wisdom Idle Winds en Aeromed. Hy weet nie of dit verband gehou het met die moratorium lening nie. Dit word aan hom uitgewys dat daar op 3 Augustus 1988 geld vanaf Medchem Inc oorgedra is uit die Banque Indosues Luxembourg nadat Webster so opdrag aan Zimmer gegee het. Hy sê dat wat Medchem Inc aanbetref óf hy óf Webster die opdrag sou gegee het. Dit word aan hom gestel dat in die verklaring L6 aan HSAW hy gesê het dat hy geen rol gespeel het in die befondsing nie. Hy hou voet by stuk dat hy nie 'n rol gespeel het in die befondsing nie want dit was nie sy geld of weermag geld nie. Hy bevestig dat dit in Mei 1988 aangekoop is as 'n veilige huis (Merton huis). Hy sê as me Larsen getuig het dat die oorspronklike doel van die aankoop was om dit te omskep in 'n ambassade dan kan hy nie daarmee saamstem nie. Hy sê dat die doel het verander. Hy sê dat in November 1991 Bosch op die toneel gekom het. Hy kan nie presies sê wanneer dit verander het nie. Op 'n latere stadium is die erf langsaan gekoop en daar is 'n blad gegooi. Toe was dit redelik duidelik dat dit nie 'n blote gastehuis was nie. Hy sê dat dit logies klink dat die verandering in doel op daardie stadium kon ingetree het. Buitendien is die oppasser se woonstel toe opgerig. Hy dink dat die Libiërs besluit het om dit nie te neem nie hier by omtrent 1994. Hy sê dat Eitel Kruger 'n persoonlike vete met hom gehad het. Die Libiese ambassadeur het wel van Namibië gekom maar daar was 'n polemiek rondom die huis en dit mag 'n rede wees, die politiek kon ook 'n rede wees. Hy glo nie dat die Libiërs hom in

hulle vertrouwe sou neem nie. Hy kan nie sê wanneer die besluit verander nie. Hy word verwys na bewysstuk JJ, dit is 'n gangbaarheidstudie deur 'n plek Grapple oor Merton huis en Ariestraat as moontlike gastehuisse. Hy sê hy kon dit met Kirstein bespreek het maar Kirstein sou dit gedoen het omdat hy moontlik op die wyse mense wat gastehuisse ontwikkel het kon betrek en 'n kommissie kon maak. Hy kan nie sê wat Bosch gedink het nie. Dit word aan hom gestel dat Bosch en Marlow sê dat hy in Merton huis wou gaan bly en hy hou voet by stuk dat Bosch 'n voorstel gemaak het dat hy vir 'n tyd in die oppasser-woonstel moes gaan bly maar dat sy vrou glad nie daarin geïnteresseerd was nie. Hy sê verder dat daar op 'n stadium gedink is daaraan om 'n kantoor daar te beman en dat dit dan befonds sou word deur middel van Careen wat huur sou betaal. Careen is 'n WPW maatskappy. Dit word aan hom gestel dat HSI kon sien dat Careen 'n WPW maatskappy is. DAW119 is gedateer 19 Augustus 1993. Hy meen dat dit betrekking het op die oprigting van 'n kantoor in Merton huis. Hy sê dat sy woonhuis toe in Ariestraat was. Hy weet nie wat Marlow gedink het nie. Dit is so dat Careen twee bedrae van \$15 000 naamlik \$30 000 ontvang het. Dit was juis om Merton huis se onkoste te betaal. Hy kan nie saamstem dat Marlow sê dit was somer net omdat geld nodig was nie. Hy sê dat Careen bloot die instandhouding van Merton huis geadministreer het. Hy sê die Waterson Trust geld van \$250 000 is verkry om die Ariestraat lening terug te betaal. Hy sê dat die indruk wel geskep is dat Webster in beheer was en dat hy verteenwoordig word deur Marlow. Met betrekking tot die getuienis op p4871 sê hy dat Marlow die uitvoerende bestuurder van BRCI was en dat Bosch dit geweet het. Hy gee toe dat hy die meeste met Merton huis te doene gehad het maar dat Bosch toe by hom oorgeneem het en dat Marlow weer by Bosch oorgeneem het. Dit word aan hom gestel dat Bosch sê dat hy die bouheer is en dat hy die hele afwerking beplan het. Hy wys daarop dat daar 'n **oorkonde** is waar daar gepraat word van 'n bouheer en van homself. Hy hou voet by stuk dat almal geweet het dat hy partymaal goedkeuring moes kry. Hy word deur 'n aantal notules geneem in bewysstuk 20DD - notule 10, 12, 17 en andere - en dit word aan hom gestel dat hy al die afwerking moes goedkeur. **Wat die yskaste aanbetref sê hy dat hy geweet het hoe dit moet lyk omdat hy weet hoe die Moslems hulle voedsel voorberei. Wat die badkamers aanbetref het hy spesifiek voorgestel dat daar nie toilette in die badkamers moet wees nie. Hy het ook gesien dat die argitek onprakties was en deursigtige glas vir die jacuzzi beplan het.**

[1349] Dit word aan hom gestel dat Marlow niks van die roerende afwerkings gekies het nie. Hy wys weer daarop dat Marlow vir Bosch opgevolg het en dat hy nouliks kan glo dat Bosch en Marlow nie van dag tot dag besluite geneem het nie. Dit word aan hom gestel dat hy betrokke was by die projek tot in Junie 1993 en dat hy betrokke was by die naamplaat. Hy sê hy dink dit was eintlik by die hekke en by die yskaste. Hy bevestig nie die datum nie en sê dat dit so kon gewees het maar ontken nie dat hy tot op 'n laat stadium daarby betrokke was nie. Dit word aan hom gestel dat daar op 29/8/1993 vermeld is dat alle toebehore met hom uitgeklaar is. Hy gee toe dat die huis gemeubileer moes word en hy sê dat me Pieterse in samewerking met die argitek dit behoort te gedoen het. Hy bevestig dat hy vir die argitek sou gesê het dat hy hou van die ambience van Fancourt. **Daar was niks in die meubilerings van Fancourt wat aanstoot sou gegee het aan Moslems nie.** Hy sê dat hy wel dinge moes uitklaar met die prinsipale en hy wil nie toegee dat hy die Stadsraad mislei het deur te sê dat dit 'n gastehuis was terwyl daar beplanning was dat dit 'n ambassade moes wees nie. Hy sê dat buitelandse sake moet goedkeur of dit 'n ambassade was en dat dit nog nie seker was watter ambassade dit sou wees nie. Hy word gevra of die argitek Larsen nie gesukkel het om betaling te kry nie en hy word verwys na betalings wat gemaak is maar sê dat in gedagte gehou moet word dat daar ook bouwerk by Aries Trust was. Hy bevestig dat 'n brief 20GG op 16/8/1993 deur die argitek aan hom gerig is tot die effek dat Bosch haar ignoreer. Dit word verder aan hom gestel dat in 1991 'n groot klomp rekenings na hom gestuur is. Dit word aan hom gestel dat Merton huis verkoop moes word as gevolg van die baie skuld en dat Marlow onder daardie indruk was. Hy sê hy weet nie wat Marlow se indruk was nie maar hy wys daarop dat die verkoopprijs bepaal is deur die bedrag van die skuld. Dit word aan hom gestel dat hy en dr Mijburgh die prinsipale mislei het deurdat Mijburgh 'n skuld oorgeneem het wat tot gevolg gehad het dat die opbrengs van Merton huis aan RNL betaal kon word en dat Mijburgh toe nie betaal het nie. Hy sê wat hom aanbetref was hy onder die indruk dat Mijburgh wel betaal het. Hy bevestig dat MSI 'n filiaal is van BRCL. Indien dr Mijburgh gesê het dat hy sou betaal wanneer Fancourt verkoop word dan kan hy nie dink dat dr Mijburgh daardie bevoegdheid gehad het nie. Dit word aan hom gestel dat Mijburgh en hy en Swanepoel 'n eienaarsbelang gehad het en hy ontken dit. Hy word verwys na bewysstuk A61 en dit word aan hom gestel dat die Marcus lening in para 1 'n promesse was. Sy reaksie is dat Zimmer gesê het dit was 'n lening en dat

dit terugbetaal moes word. Wat para 2 aanbetref is dit moontlik dat Zimmer 2 miljoen Belgiese frank aan Luft geleen het. Dit kon wees dat dit gemaak is om solank die gholfbaan te befonds. Hy weet dat die prinsipale later belang verloor het in die gholfbaan en dat daar later nie meer fondse sou kom nie. Dit is goed denkbare dat Zimmer die geld aan Luft kon geleen het. Dit word aan hom gestel dat dit is hoekom daar 'n "super deal" was. Sy reaksie is dat hy opdrag gekry het om die projek af te bestuur en dat hy vir Zimmer gevra het om die goed te finaliseer. Hy sê dat die prinsipale miskien R1,5 miljoen verloor het met die gholfbaan projek. **Hy sê dat Zimmer later houermaatskappye vir Murgam gestig het.** Wat para (ii)B aanbetref sê hy dat daar dienste gelewer is en hy hou voet by stuk dat **Investment Global een van die prinsipale se maatskappye** was. Hy sê **daar was meerdere maatskappye wat deur Zimmer gestig is onder andere Ylopon. Daar was nog drie of vier ander.** Hy word verwys na V9 waarin daar 'n bedrag inbetaal is in WPW se rekening en dit word aan hom gesê dat Zimmer se getuienis was dat die gelde inbetaal is vir die aankoop van Protechnik se aandele. Hy sê dat Charburn Zimmer en Van Remoortere se maatskappy was en dat hy nie 'n belang daarin gehad het nie. Die inbetaling in V9 was Belgiese frank 2 053 100. Hy sê dat Zimmer dit kon geskuif het om sy boeke te balanseer. Hy sê dat hy agtergekom het dat WPW nog \$55 000 in Switzerland het. Hy sê die prinsipale en sy paaie het geskei. Hy het vir hulle 'n verleenheid geword. As hulle hom sou vra om daardie geld te onttrek sal hy dit doen. Hy het wel vir hulle gesê van die \$55 000. Dit word aan hom gestel dat dit nie die prinsipale se geld is nie maar sy geld wat hy ontken. Hy sê dat dit wel so is dat daar 'n poging aangewend is om **Hazmed** te verkoop maar hy ontken dat Van Remoortere se gesondheid agteruitgegaan het en dat hy slegs wou konsentreer op die boerdery en op Exipro. Wat Exipro aanbetref sê hy hy weet nie hoe lank Exipro bestaan het nie. Van Remoortere het dit gehad toe hy hom leer ken het en hy kan dit nou nog hê. Hy hou vol dat A61 'n skyn dokument is en nie 'n werklike dokument nie. Hy sê dat in die WPW Luxembourg rekening daar nie 'n inbetaling was van 'n derde van Charburn se verkoopprijs nie.

[1350] DJ Truter Finansiële Konsultante Bk was gestig om projek-fondse te hanteer. Gedurende 1988 of 1989 het dit duidelik geword dat die inligtingsfunksies en die finansiële funksies geskei moet word. Die finansiële funksies is geskuif na Sefmed en die inligtingsfunksies na DJ Truter Finansiële Konsultante. Dit was goedgekeur deur die weermag en ook deur die ministerie onder andere die minister van finansies. Die

SAW het die werknemers van die front-maatskappye betaal. Daar was 'n goeie verhouding tussen hierdie front-maatskappye en die Reserwe Bank. By die Reserwe Bank was daar eers kontak met 'n man met 'n bleskop wat mnr Spies se baas was en lateraan mnr Spies. Hy het geweet dat dit geheime projekte van die SAW is en hy was nogal nuuskierig. Later het generaal Badenhorst 'n brief geskryf aan die Reserwe Bank en was dit nie meer nodig om die goedkeuring van HSI te kry nie. Die transaksies is toe gemagtig deur die beskuldigde, Truter en die geneesheer-generaal. Hy dink dat daar elke keer 'n getekende magtiging van generaal Knobel saam was wanneer hy en Truter aansoek gedoen het vir oorplasing van fondse. Hy gee toe dat projek-rekeninge aan mnr Theron geopenbaar moes gewees het. Dan was daar die een rekening van Truter wat uiters sensitief was. Truter het dit 'n projek-rekening genoem. Dit was magtiging wat hy gekry het van die HSAW om die prinsipale se geld uit die land uit te skuif vir die beskermende klerasie wat 'n geskenk was en wat toe nie meer geskenk kon word nie. Hy het aan Truter gesê om 'n rekening oop te maak waarvoor hy nie aan mnr Theron kennis van hoef te gee nie. Die rede was dat dit nie projek-fondse was nie. Truter kon aanvaar het dat dit vir 'n bepaalde projek was en hy kon om daardie rede dit geopen het as 'n projek-rekening. Hy word verwys na bewysstuk F21.3 en bevestig dat dit die rekening was. Die magtiging wat hy gekry het van die HSAW was om van die Coast kanale gebruik te maak maar om seker te maak dat die fondse nie vermeng word nie. Hy het dit nie aan generaal Knobel openbaar nie maar niks het vir Truter verbied om dit met generaal Knobel te bespreek nie.

[1351] Daar ontstaan 'n debat oor hoekom Intramex van een vloer na die volgende geskuif het en die beskuldigde se verduideliking is dat daar gedurig mense met uniforms aangekom het en dat dit 'n sekerheidsbreuk was en dat dit die rede was waarom Intramex moes skuif. Hy kan nie onthou dat hy 'n bankbestuurder Hitchcock ontmoet het nie maar hy sê dat hy by 'n geleentheid sy gratifikasiegeld in kontant gekry het omdat die weermag dit nie terugspoorbaar aan hom wou betaal nie. Hy word verwys na bewysstuk 21.7 en dit word aan hom gestel dat dit Coast fondse was. Hy ontken dat dit so was en sê dat dit die Coast kanaal was. Die brief was nie die waarheid nie en Truter was nie behoorlik ingelig nie. Indien Theron navraag sou doen sou hy hom van die werklike feite in kennis gestel het soos in die geval van Intramex. Hy het vir Zimmer gesê dat daar geld sou kom en hy sou vir hom instruksies gee wat om daarmee te doen. Soos hy

kan aflei spekulêr Bruwer dat die geld oorgeplaas is vir die tweede moratorium rekening. Wanneer hy verwys word na bewysstuk 21.8 wat gerig is aan die Reserwe Bank gee hy nie toe dat para 2 heeltemal verkeerd is nie. Hy sê dat dit is so dat die aankope nie deur die gewone kanale was nie. Para 3 was 'n deksorie. Hy word gevra oor hoekom hulle nie die waarheid gepraat het nie en hy sê dat dit is soos wat dit gebeur het en dat dit destyds aanvaar was as 'n goeie metode. Dit word aan hom gestel dat hy namens die geneesheer-generaal geteken het en hy sê dat hy altyd so geteken het. Hy word gevra hoekom die gelde vooruit betaal is en die lewering eers later sou geskied en sê dat hy nie kan onthou nie. Die feit van die saak is dat dit nie die waarheid was nie en dat dit gedoen is om die prinsipale se fondse oor te betaal. As Truter 'n wanindruk gehad het sou dit hom regtig nie gepla het nie. Para 21.9 is Truter se versoek tot magtiging. Hy het niks geteken nie want sy handtekening is benodig. Hy is die enigste persoon betrokke by die "cheques and balances".

[1352] Hy erken dat hy **R52 000 in kontant** ontvang het van Truter op **21/7/1992** en hy sê hy het dit **vir Murgam gegee**. Die balans, blyk dit, is na Truter om 'n rekening by Standard Bank te open. Die rekening het nooit aktief geraak nie en is later gesluit. Hy kan nie ontken dat dit weer in die projek se naam geopen is nie. Hy sê dat hy verslae van Truter gekry het oor die verskillende rekenings maar nie state nie. Hy sou ook nie dokumente oor die rekenings aan die prinsipale oorhandig het nie want dit sou 'n sekerheidsbreuk daargestel het. Hy sê dat Mijburgh hoogstens sydelings betrokke was by Fancourt. Dit word aan hom gestel dat die ware doel vir die ongemagtigde rekening was omdat die **WPW groep in Mei 1991 kontantvloei probleme gehad het** en dat die tweede moratorium lening die land sou binnekom. Hy word gevra oor waar die prinsipale geld sou gekry het en hy sê dat hy nie weet nie. Hy wys daarop dat daar vanaf 1989 'n voorneme was dat 'n bedrag van R10 miljoen by wyse van moratorium lenings die land sou binnekom. Dit word aan hom uitgewys dat op 13 Februarie Technotek R3 941 700 in die Rits rekening inbetaal het. Hy sê dat hy daarvan bewus sou gewees het. Aanvanklik moes die geld in die land bly volgens die prinsipale. Later was die idee dat dit na die buiteland moes gaan en nog later moes 'n gedeelte weer terugkom na die republiek. Hy kan nie ontken dat op 17/5/1991 daar R5,5 miljoen beskikbaar was in die Rits rekening nie. Op 28 Mei is daar R3 miljoen na DJ Truter en op 27/6/1991 is R2,865 miljoen oorgedra na Van Remoortere se rekening.

Daarna het Van Remoortere R910 000 oorgedra na WPW. Dit word aan hom gestel dat hierdie gelde die tweede moratorium gelde was.

[1353] Hy sê dat Truter wel gesprekke met generaal Knobel gehad het en dat hy nie verbied was om dit met hom te bespreek nie. Wat die Rits rekening aanbetref was dit die aanvanklike rekening wat vir die projek gebruik is maar mnr Theron het gevoel dat die rekening gesluit moes word. Dit is toe gedoen en die Bk het dormant geraak. Die breë funksies van Rits is oorgeneem deur Intramex in 1990 toe laasgenoemde maatskappy aan Viljoen geskenk is. Die aankoop van die 45 000 pakke teen 15 000 per jaar word deur hom bevestig vanaf 1987 maar hy sê dat die produksie seker altyd so ietwat agter was maar dat by 1990 die pakke reeds gelewer was. Daar ontstaan 'n vraag of Van Remoortere geweet het dat hy met die weermag handel dryf en hy sê dit is so en dat die twee instansies waarvan hy fakture gekry het en aan wie hy geld betaal het was Intramex en Rits. Dit word aan hom gesuggereer dat hy hierdie Rits rekening laat herleef het om vir Van Remoortere om die bos te lei. Hy ontken dit en hy sê dat hy nie Van Remoortere direk met die Wisdom groep wou verbind nie om hom om sekerheidsredes van die prinsipale te skei. Hy sê dat hy geweet het dat Rits toe is. Hy sê dat dit hy en Viljoen was wat besluit het om van die Rits rekening gebruik te maak omdat **hy niemand in Suid-Afrika by die Wisdom groep wou betrek nie. Dit sou 'n sekerheidsbreuk wees.** Dit word aan hom gestel dat sy misleiding van Van Remoortere daarin geleë was dat hy mislei was oor waarheen die goed sou gaan en ook oor wie die eienaar van die pakke was. Hy sê dat die stelling gedeeltelik reg is en gedeeltelik verkeerd is. Dit is wel so dat Van Remoortere nie geweet het waarheen die goed gaan nie. Wat die eiendomsreg van die pakke aanbetref het Van Remoortere goed geweet dat dit **nie die weermag se pakke** was wat hy gestoor het nie. Dit word aan hom gestel dat **by Junie 1991 geld nodig was vir die twee plase en vir die aankoop van Fancourt.** Hy sê dat hy nie van die detail weet nie maar hy kan dit nie ontken nie. Hy kan nie ontken dat die plaas Witbank aangekoop is in Junie 1991 nie en dat Waag-'n-Bietjie in September aangekoop is nie. Dit word aan hom gestel dat dit omslagtig was om die geld eers die buiteland te laat uitgaan en hoekom is dit nie sommer direk oorbetaal na die Wisdom groep nie en hy sê dat dit 'n **sekerheidsbreuk** sou wees. Hy kan in ieder geval nie sê watter geld gebruik is om wat te betaal nie. Dit

word aan hom gestel dat 'n moratorium lening omslagtig was en duur en hy wys daarop dat 'n moratorium lening juis teen 'n diskonto aangekoop is en dat indien die makelaar vernuftig is dit ook nie omslagtig is nie. Hy sê dat indien hy die gelde wou steel hy dit nie na die RSA sou teruggebring het nie. Dit word aan hom gestel indien hy nie wou emigreer na die buiteland nie hy die geld moes terugbring en dat dit dan die korrekte manier was. Hy gee toe dat die hele idee was dat dit moes lyk of die geld van die buiteland af gekom het. Hy bevestig dat Bosch 'n kontantbedrag van R100 000 ontvang het en dat daarvoor geteken is en hy sê dat dit goed moontlik is dat hy dit kon gekry het en dat hy dit weer vir die prinsipale sou gegee het. Hy ontken nie dat hy opdrag gegee het dat die R3 miljoen na DJ Truter Finansiële Konsultante oorgeplaas word nie. Daar ontstaan 'n debat oor wie se handtekening op bewysstuk 21.32 voorkom en hy ontken dat dit Niekie Smit se handtekening was. Hy sê dat dit Bosch se sekretaresse se handtekening was wat ook 'n Smit was. Hy bevestig wat die moratorium lening aanbetref dat daar beplanning was en dat daar 'n gesprek was tussen hom en Marlow. Hy sê dat óf hy óf Webster betrokke sou gewees het by die besluite daarvoor en dat daar voorstellings sou wees maar dat Bosch en Marlow ook betrokke was daarby. Hy sê dat as Marlow sê dat die inligting net van hom gekom het hy dit nie kan bevestig nie want hy was nie vertrouwd met die detail nie en hy sou die detail van Marlow en Bosch gekry het maar dit sou 'n gesamentlike poging gewees het. Dit word aan hom gestel dat Fancourt gekoop is met MCI fondse en hy sê dat hy **nie** werklik dit **kan onthou nie**. Hy word verwys na bewysstukke DAW169, 170, 171, 172 wat Webster ingedien het tydens sy getuienis, met ander woorde DAW bewysstukke, maar dit blyk nie dat daar enigiets daaruit voortvloei nie behalwe dat hy, wat die beskuldigde is, aangedui het dat die lening voorgestel moes word as 'n harde lening en nie as 'n vriendskaplike lening nie. Hy word verwys na dokument DAW172 gedateer 4/10/1991 en ofskoon Niekie Smit se naam daarop voorkom reken hy dat sy toe al by Mijburgh kon gewees het. Wat bewysstukke DAW173, 174, 175 en 176 aanbetref het hy nie werklike kommentaar nie. Wat bewysstuk DAW181 aanbetref sê hy dat dit vir hom lyk asof Webster sy dokumente wou opdateer. Dit is so dat Bosch planne gemaak het om die rekening afgeskryf te kry. Hy was die kontak persoon. Hy ontken dat daar navrae van die Reserwe Bank was en sê bloot dat die Reserwe Bank aan die skuldeiser laat weet het dat hy geregtig is om rente die land uit te neem. Dit is so dat Bosch met hom gepraat het en dat dit weer met Webster uitgeklaar is en dat Webster niks

sou gedoen het sonder dat die beskuldigde dit goedgekeur het nie en dat Bosch sy handtekening op dokumente sou gekry het.

[1354] Hy word ondervra oor die lenings wat deur Viljoen afgeskryf is, onder andere dié aan Marlow, aan me Lourens en aan Griffiths. Wat die rekening aan me Lourens aanbetref is dit duidelik dat ofskoon Viljoen voorgegee het dat hy die lening afgeskryf het hy haar steeds laat terugbetaal het. Wat Griffiths aanbetref is dit duidelik dat die sogenaamde lening uitgewis sou geraak het as gevolg van die teruggawe van die kleinhoewe. Die beskuldigde se verduideliking vir waarom die bedrag van R564 000 aan Profinkor betaal is, is dat Viljoen vir hom gevra het vir werkskapitaal en dat hy dit goedgekeur het. Dit kan wees dat die bedrae spesifieke bedrae was maar hy ontken dat hy bewus was daarvan dat dit was met die doel om rekenings af te skryf. Wat P&S Engineering aanbetref bevestig hy dat hy vir Bosch gevra het om 'n rekening te open om geld die land in te bring. Hy kan nie ontken dat dit gedoen is op 28/4/1992 nie. Hy kan nie ontken dat die geld op 29 April oorbetaal is aan Profinkor nie. Hy kan nie ontken dat Bosch by hom magtiging gekry het om die bedrag oor te betaal nie. Hy sê dat Viljoen hom sou gevra het en dat hy dit dan vir Bosch sou gesê het. Hy gee toe dat daar 'n bedrag van R454 011,50 aan D Konstruksie betaal is en dat dit in sy opdrag sou gewees het. Hy sê hy het nie 'n probleem as Bosch gedink het dat die rekening 'n spesiale rekening is nie. Hy word gevra waar die R1 100 000 vandaan kom en hy sê dit het van die prinsipale gekom. Hy word gevra oor die voorstelling aan die Reserwe Bank vir die inkom van die fondse as tegnologiese verkope en sê dat dit 'n breinkind van Bosch en Marlow was en dat hy dit nie gedoen het nie maar hy sou ook nie daarteen beswaar gemaak het nie. Hy weet nie wat se rol Marlow sou gespeel het in P&S Engineering nie. Hy kan nie erken of ontken dat die R1,4 miljoen wat aan MSI betaal is 'n terugbetaling is nie. Dit kan van DJ Truter af kom. Hy gee toe dat dit van die **BZ rekening** ??? af kan kom. Hy wys egter daarop dat indien MSI aanvanklik die aankoop gedoen het MSI in ieder geval sekuriteit gehad het in die vorm van die eiendom.

[1355] Hy word daarop gewys dat DJ Truter sê dat hy die drie betalings gemaak het en dat wat Medchem Consolidated Investments aanbetref die beskuldigde hom gevra het om 'n banktjek uit te maak. Hy sê dat hy

dit nie kan onthou nie. Dit word aan hom gestel dat die tjeks aan hom oorhandig is en hy sê dat dit moontlik is. Daar is 'n debat oor hoekom die prinsipale dan nou geld sou leen wat nie tot enige **verskriklike resultaat** lei nie. Ook wat bewysstuk 18.41.2 aanbetref is daar weer sprake van tegnologie verkope. Hy gee toe dat hy opdragte gegee het in dokument 18.24.1 dat 'n bedrag van \$100 000 in kontant aan hom gegee moet word. Hy word gevra wat hy daarmee sou gemaak het en hy sê dat hy dit vir die prinsipale kon gegee het of dat dit 'n terugbetaling aan hom kon gewees het of dat hy dit kon gebruik het. Hy verduidelik dat indien jy die Jetstar vol petrol gegooi het jy ten minste \$20 000 nodig gehad het om hom vol te kry en dat in die Afrika lande dit noodsaaklik was om dollars te hê omdat hulle nie 'n ander geld-eenheid wou aanvaar nie. Hy sê dat hy aan die vlieëniers kontant bedrae gegee het juis om die vliegtuie vol te maak en hulle moes boek hou daarvan en verslag doen daaroor. Daar is 'n debat oor 'n bedrag van R1 miljoen wat Bosch deur middel van die P&S Engineering rekening uit die land uit geneem het. Die beskuldigde ontken dat hy hoegenaamd daarby betrokke was. Hy word verwys na bewysstuk 16.47 gedateer 15/10/1992 waarin daar 'n opdrag is dat \$360 000 van die prinsipale se fondse na die land sou kom en dat dit onder andere sou dien ter betaling van Viljoen se salaris. Hy gee toe dat die oorspronklike bron die projek was.

[1356] **Fancourt sou dien as 'n veilige plek, 'n blyplek en 'n vergaderplek vir die prinsipale. Hulle het nie spesifiek Fancourt voorgeskryf nie. Die voorstel is gemaak, dit was vir hulle aanvaarbaar en dit was vir "ons" lekker. Die Suid-Afrikaners het later Amerikaners daar ontvang. Dit was met die verkiesing toe die kwessie van geheime ink ter sprake gekom het. Die getuie kan nie ontken dat die prinsipale 'n belang in McDonalds wou koop of selfs in 'n VSA rugbyspan nie. Hy sê dat die Libiërs 'n departement gehad het wat ontwikkeling gedoen het. Hy kan nie die naam van die departement onthou nie en ook nie die naam van die persoon nie maar sê dat die naam EL Boucari bekend klink. Hy sê verder dat wanneer dit by inligtingsorganisasies kom dit onprakties is om te 'n groot besigheid te koop en klein besighede wel kan voldoen aan die vereistes. Hy was nie by so-iets betrokke nie. Sy raad kon gevra gewees het.**

[1357] Hy sê dat gedurende 1994 hy vir Webster gevra het of daar hospitaaltoerusting van die VSA na Libië uitgevoer kon word. Webster het hom meegedeel dat dit teen die sanksiewetgewing is en dit was die einde daarvan. Die aankoop van Fancourt sou begin het hier by 1989/1990. Op daardie stadium was Merton huis gekoop maar nog nie klaar gebou nie. Wat die dieretuin aanbetref was daar blyplek alhoewel hulle nie daar gaan bly het nie. Webster het belanggestel om 'n wildplaas te koop toe hy by 'n prokureurvriend van hom in Johannesburg daarvan gehoor het. Hy het 'n ondersoek vir hom laat doen. Hy het die aankoop van 'n wildsplaas met die prinsipale geopper maar hulle het nie belanggestel nie. **Hy sê dat die prinsipale by 'n paar geleenthede tussen 2 of 5 keer by die woonstel Erf 82 kon gebly het maar hulle kon ook by hom of by sy moeder gebly het. Hy sou reken dat die prinsipale meer as tien maal in die land was.** Hy sê dat Fancourt met WPW geld gekoop sou word. Dit is nie vir hom snaaks dat in CBM9 die aankoop van die "lodge" aan homself en Mijburgh voorgehou word nie. Hy sê Marlow sou dit gedoen het en hy het kommissie daarop verdien. Hy dink dat hy eerste gehoor het van Fancourt en dit toe bespreek het met die prinsipale. Hy word daarop gewys dat Viljoen gesê het dat hy op die vliegtuig van Sun City gehoor het van die belegging by Fancourt. Hy sê dat hulle juis in twee vlugte na Sun City was om vir Yousuf te gaan haal. Die eerste groep het gevlieg tot daar en Yousuf het daar op die vliegtuig geklim tot by Lanseria en daarna het die tweede groep gevlieg. Hy twyfel of enigiemand van die groep vir Yousuf sou gesien het. Hyself het die eerste vliegtuig beheer en Mijburgh het die tweede. Wat Fancourt aanbetref het Mijburgh die meeste van die praktiese werk gedoen. Dit het hom nie gepla as die personeel van Fancourt gedink het dat hy 'n ryk sakeman is nie. Hy erken dat Fancourt gekoop is deur MSI en gee toe dat die woord sports in MSI van pas was as jy in aanmerking neem dat daar sportfasiliteite by Fancourt was. Hy sê die **Medchem in die maatskappynaam was om aan te dui dat Mijburgh 'n belang daarin het.** Hy word verwys na CBM10 van Maart 1990 en ook na SB30 gedateer Julie 1993 waarin hy as die organiseerder van die groep aangewys word. Hy sê dat Bosch dit reggestel het omdat Bosch die projek geadministreer het en betaal is om dit te doen. Hy het Fancourt met Webster bespreek. Webster het geweet dat die koop namens die prinsipale is. Die sogenaamde golfidmaatskappe is gekoppel aan die losie en dit het doodeenvoudig die koopprys verminder. Hy bevestig dat die geskenkte klere verkoop is hier by Februarie 1991. Hy word verwys na CBM8 gedateer 31 Januarie

1991 en sê dat dit aantoon dat hy 'n direkteur sou wees. Dit was 'n besprekingsdokument en dit was ook vir Webster se inligting. Dit is niks snaaks dat die lening rentevry was totdat die losie beskikbaar gewees het nie. Dit was soos hulle gemaak het by Fancourt. Dit was duidelik dat daar 'n bedrag van R37 600,00 gegeneer moes word per jaar. Die dokumente dien as afdekking. Die lening moes van Profinkor gekom het. Dit mag so wees dat P&S 'n bedrag betaal het aan MSI. Wat die sogenaamde "memberships" aanbetref is daar bekendes soos Van Remoortere se Tecnotech, Wisdom Holdings en Swanepoel se maatskappy Van Zyl & Partners as lede benoem. Dit was omdat dit vertroueling was. Dit is so dat BRCI op 'n stadium 'n belang gehad het in Technotech. Dit was vir die beheer van hulle kostebepalings. Dit was 'n 8% belang om Marlow in staat te stel om die vergaderings by te woon. Hy glo nie dat Marlow dit wel bygewoon het nie. Dit is so dat daar 6 lidmaatskappe aan MCI was. Hy sê dat daar onderskei moes word tussen die lidmaatskappe wat gekoppel is aan die losie en die jaarlikse inskrywingsgelde. Die inskrywingsgelde het hy self betaal en hy het betaal vir sy verblyf daar. Die aankoop het behels dat daar iemand moes lede wees en mense wat vertrou is is so as lede benoem. Swanepoel was in sy eie hoedanigheid 'n lid van BRCI. Hy gee toe dat hy en Mijburgh gebruik gemaak het van die lodge en dat hulle verskeie kere daar was. Die Jet Star het daar geland en die King Air het ook daar geland. **Mbt die vlug van George na Durban toe hy en Bosch vir Viljoen gaan kuier het sê hy dat dit in opdrag van die weermag was en dat daar foto's van die lughawens en landingsplekke van die Transkei gedoen is. Hulle het laag gevlieg en 'n film was geneem en in Durban ontwikkel.** Hulle het die aand teruggekeer. Hy word gevra of hy die King Air kon gehuur het en hy sê dat hy dit nie kan onthou nie maar hy kan wel onthou dat hy die Seneca gehuur het. Hy word gevra waarnatoe en sê dat hy dit nie kan onthou nie maar dit kon Margate toe of Wildtuin toe gewees het. **Hy het verskeie kere na Margate gevlieg omdat die Suid-Afrikaanse polisiehoofkwartier in Desember na Margate geskuif het. ...en watse belang sou die CBO projekteier by die SAP se lede op vakansie gehad het? Hy was dan in die diens van die Weermag, nie waar nie?** Fancourt is gekoop vir die prinsipale en dit is vir hulle verkoop. As Bosch van die geld gekry het was dit wat hy en Webster uitgeklaar het. Dit is so dat die groter lodge verkoop is en dat 'n kleiner een gekoop is. Die rede daarvoor was dat daar 'n besondere goeie aanbod vir die groter lodge was en die omstandighede het verander. Die onderhoudskoste was hoog. Hy het wel van die

kleiner lodge gebruik gemaak. Hy glo nie Bosch het baie daarvan gebruik gemaak nie want hy het 'n huis op George gehad.

[1358] Hy sê die rit met die Jet Star glo hy was hyself, Kirstein en Viljoen en hulle gades. Die vliegtuig moes gediens word en dit is goed as daar mense en hulle vrouens op so 'n vliegtuig is. Dit skep die indruk dat dit 'n vliegtuig is wat normaal gebruik word. Hy het werk gehad in Brussels en in London. Hulle het gaan kyk na die golfbaan. Dit skep die beeld dat hy 'n ryk sakeman was en dit het hom gepas. Hy kon aan die bestuurders van die golfbaan vertel het van aspekte by Fancourt wat gewerk het ten einde hulle van raad te bedien. **Hy sê dat die golfbaan vir die finansiële prinsipale aangewend sou word maar ook vir die Suid-Afrikaanse weermag.** Hy word daarop gewys dat hulle na York gevlieg het en sê dat York die industriële hartland van Engeland is en dat hy werk gehad het in York.

[1359] Hy sê dat Buffham 'n vergadering in York gereël het, dat hy daar met die persoon gepraat het en dat hulle die aand daar geslaap het. Tydens hierdie rit was hy in Luxembourg en toe in Brussels. Hy was ook in Tangiers. **Hy het altyd in Spanje aangedoen omdat hy die prinsipale daar ontmoet het. Dit is ook 'n goeie herbunkerings. Hy glo dat daar in Spanje 'n vergadering was maar hy kan nie onthou spesifiek met wie en met hoeveel mense nie. Die vergaderings het ook nie op dieselfde plek plaasgevind nie. Sy vergadering sou waarskynlik gewees het met Razzak en van sy mense.**

[1360] Hy gee toe dat SRD gestig is op 11 Desember 1986. Daar was 4 filiale en elkeen moes verskillende aspekte hanteer. Dit is so dat Lourens geld by Infladel geleen het. Die filiale was in die eerste plek Phoenix diensstasie. Dit was 'n projek van die SA Weermag om hulle voertuie te diens en in stand te hou en ook die lewensreddingsuitrusting. Die projek het die kontrak gehad. Dit is goedgekeur deur die KBK en daar is maandeliks betaal. Later is Spesmagte se **koeverte** voertuie ook daar gediens. Dit is aan die prinsipale verduidelik wat sou gebeur en hulle het dit so aanvaar. Hy weet nie of Phoenix 'n wins gemaak het nie. Hulle het wel Trek petrol verkoop. Die volgende filiaal was SRD Electronics. Dit is gestig in Januarie 1987. Dit het

na elektronika en radiostelsels omgesien asook kommunikasiestelsels en meeluistering en teenluistering apparaat. Dit is goedgekeur deur die KBK en betaal deur Infladel. Die oudits is gedoen deur mnr Theron. SRD sou waarskynlik fakture gelewer het aan Medresco. QB Laboratories is gestig op 29 Mei 1989 in samewerking met ene Hetema wat 'n kenner van aerosols was. Hulle het werk gedoen vir die SA Polisie, die SA Weermag en die finansiële prinsipale. Die polisie was 'n groot klant en hulle het van hierdie blikkies met aerosol wat die polisie by hulle dra gemaak. Hy het eksperimentele modelle vir die beskuldigde gemaak in opdrag van die weermag. Hy weet nie wanneer Lourens die geld gehad het nie. Hy gee toe dat WPW Inc 'n 71% belang gehad het in SRD en dat Jan Lourens 'n 29% belang gehad het. Hy sê dat daar primêre vlak navorsing is soos Delta G en RNL wat suiwer wetenskaplik is en waarby die weermag nie betrek kan word nie. Dan is daar 'n tweede vlak in navorsing waar die weermag noodsaaklik is en waar mense met uniforms wel by jou projek sal kom. Hy ontken dat dit Lourens se idee was dat Protechnik weggeneem word sodat die kwaliteitsbeheer deur hom gedoen kon word. Die beskuldigde sê dat SRD gestig is om defensiewe stelsels te ontwikkel. Hy sê dat die aankope gemonitor is deur die weermag en dat die kostebepalings gemaak is. Hy gee toe dat daar 45 000 pakke gemaak is en dat RITS betrokke was daarby. Hy gee toe dat Lourens die kwaliteitsbeheer moes doen. Hy sê dat kwaliteitsbeheer 'n baie klein onderafdeling van SRD was. Hy erken dat SRD groot geld gemaak het maar gee toe dat SRD se naam verander is na WPW Investments op 1 April 1988. Hy sê die rede hoekom die opset verander is is omdat Jan Lourens 'n moeilike persoon was en met baie mense moeilikheid gehad het. Hy sê dat die name aan hom voorgestel sou gewees het deur die mense op die grond soos De Jager, Swanepoel, Viljoen en selfs ook Koortzen. Hy sê dat SRD aangegaan het met die elektronika met Phoenix en met die aerosols. Die beskermde klere het verskuif na Protechnik.

Protechnik was steeds beheer deur die finansiële prinsipale. Hyself het besluit watter inligting aan die prinsipale beskikbaar gestel sou word. Hy sê dat in Oktober 1990 het MCI die aandele in Protechnik verkry. Hy ontken dat daar enige dividende aan WPW betaal is deur SRD of deur Protechnik. Hy bevestig dat Charburn wel aansoek gedoen het vir die oorplaas van dividende na die buiteland ofskoon hy steeds glo dat daar minder uit die land uit is as waarvoor die aansoek gedoen is. Hy word gevra of hy dit oorweeg het om die 100% aandeelhouding in Protechnik aan Viljoen te gee en sê dat hy dit nie oorweeg het nie. As daar winste was was dit in Medchem of Charburn se tyd. Dit was nie in WPW se tyd nie. Daar het wel uniformsoldate by

SRD in en uit geloop van tyd tot tyd. Daar was egter nie 'n sekerheidsbreuk nie. Daar was nie fondsskakeling tussen SRD en die SAW nie. Dit is so dat Swanepoel later 'n direkteur geword het by SRD. Ander direkteure was De Jager en Viljoen. Koortzen het later gekom. **Die prinsipale het belanggestel in alle beskermende toerusting. Sulke goed soos klere, deteksie-apparaat en dekontaminasie-toerusting. Dit word aan die beskuldigde gestel dat dit onwaarskynlik is dat die Europeërs hom in Suid-Afrika sou nader om die navorsing hier te doen en hy sê dat Suid-Afrika baie neutraal was en dat Suid-Afrika reeds by daardie tyd deur 'n kernbom beskik het en dat dit glad nie so onwaarskynlik was nie.**

[1361] Hy sê dat hy De Jager genader het. Hy het hom geken van sy weermagdae. De Jager was by die SAUK. Hy was 'n aangename kêrel en hy het baie ondervinding met meeluistering gehad. By Protechnik kon hy insette lewer oor die militêre vereistes vir apparaat. **Lourens was 'n kundige mbt materiale maar nie 'n militaris nie.** Ontwikkeling moes aanpas by die SAW vereistes. **De Jager kon bv vir Lourens aandui dat 'n besondere masker nie in die operasionele area sou werk nie.** Swanepoel is na die WPW groep gestuur vir sy bestuursvaardighede. Hy is by RNL betaal deur die weermag en is nie weer betaal deur die WPW groep nie. Hy het dit so aanvaar. De Jager is aangestel by ander maatskappye soos Aeromed, Partners In Travel, Wisdom en Idle Winds om betrokke te wees by die beheer daarvan. Hy het aan die beskuldigde gerapporteer. Die prinsipale het nie 'n rol gespeel by daardie aanstellings nie. Hy kan nie onthou of Viljoen aangestel is nie. Hy gee toe dat daar 'n herargie was, dat hy die baas was en dat Swanepoel en Mijburgh 'n leidende rol gespeel het. Dit is so dat volgens bewysstuk "TV26" Swanepoel vir Viljoen aangestel het om 'n direkteur te word. Daardie briefhoof het hy óf by die beskuldigde óf by Webster gekry. Om die brief te skryf moes hy by Webster magtiging kry omdat Webster die direkteur was. Die beskuldigde was nie self 'n direkteur nie. Ofskoon daar sprake is van 'n direkteursfooi van R2 000,00 betwyfel die beskuldigde of Viljoen dit sou kry. Bewysstukke "DAW12" en "DAW13" onderskeidelik gedateer 20 Julie 1988 en 22 Julie 1988 is verslae wat Swanepoel aan Webster lewer. Hy sê dat Webster RNL aan Delta gegee het as privaarmaatskappye maar dat hy geweet het dat die beskuldigde daarvan gebruik maak en dat dit deel van sy front was. Dit was 'n dekstorie. Hy gee toe dat volgens DAW14 gedateer 12 Junie 1989 Swanepoel 'n faks vanaf RNL gestuur het aan Webster. Hy bevestig dat op 'n stadium WPW Inc 55% van WPW SA se aandele

sou kry. Hy gee toe dat dit sy opdrag kon gewees het aan Swanepoel om verslae aan Webster te gee. Die bewysstuk "DAW15" 'n brief van Baker & Hostetler aan Swanepoel gedateer 13 Julie 1989 lyk soos 'n antwoord op 'n verslag wat self 'n dekstorie is. Hy sê dat Webster geweet het dat daar militêre navorsing gedoen word. Hy vind dit nie snaaks dat die oorspronklike ooreenkoms vir Protechnik 'n 3-jaar ooreenkoms was en dat die RITS kontrak ook 'n 3-jaar kontrak was nie. Hy wys daarop dat ook die kommersialiseringskontrak by Delta G 'n 3-jaar kontrak was en dat daar baie 3-jarige kontrake was. Wanneer daar **vir die soveelste keer** aan hom gesuggereer word dat groot geld gemaak is met kwaliteitsbeheer, vergelyk dit met 'n fabriek wat Volkswagens maak in die Oos-Kaap. 'n Onderafdeling is die vervaardiging van katalitiese omsetters. Dit is nie die hoofdoel van die maatskappy nie. Hy sê dat dit hy kan wees wat aangedring het op kwartaalverslae. Die rede daarvoor is dat hy moet weet hoe lyk die finansies. Dit gaan nie noodwendig oor wins nie. Swanepoel het geweet dat dit frontmaatskappye is

[1362] Hy hou voet by stuk dat Swanepoel geweet het dat die maak van wins nie so belangrik was nie. Dit was nie primêre doel nie. Hy word gesê dat as daar gekyk word na Swanepoel se Waag 'n Bietjie notules dit duidelik was dat hy net 'n winsmotief sou gehad het. Die beskuldigde verduidelik dat De Jager 'n salaris betaal is, dat dit gegeneer moes word uit die verkope op die plaas en dat De Jager geweet het dat hy genoeg moet genereer om sy salaris te regverdig. Hy sê dat Swanepoel De Jager geïnspireer het om nie onnodige uitgawes aan te gaan nie. Hy sê dat hy reëlins getref het vir konferensies vir die prinsipale, dat hy monsters versorg het en dat Viljoen ook geweet het dat wins nie 'n oogmerk kon wees nie.

[1363] Protechnik het van die werk van SRD oorgeneem. Hy ontken steeds dat die hoofsaak kwaliteitsbeheer was. **Hy sê dat hy verslag gelewer het aan die prinsipale tot in 1995 oor die navorsing wat gedoen is mbt geaktiveerde koolstof.** Die mense by Protechnik was Phillip Coleman en iemand van Krygkor. Dit word aan hom gestel dat hy verslag gedoen het omdat hy moreel verplig gevoel het om terug te rapporteer en hy sê dat sy opdrag was om die projek af te bestuur en dat dit die wyse was waarop hy dit

gedoen het. **Dit word aan hom gestel dat dit onwaarskynlik is dat hy verslae aan die Libiërs sou oorhandig het tot in 1995. Hy hou voet by stuk dat hy dit wel gedoen en hy noem name van plekke soos Basel en Spanje.** Hy sê dat Protechnik voortgegaan het met SRD se navorsing. Hy gee toe dat MCI aandele in Protechnik gekoop het en gehou het vanaf 4 Oktober 1990 tot 26 November 1992. Die aankoopprys was R550 000,00. Viljoen en Mijburgh het waarskynlik daarop besluit en hy het die finale besluit geneem. Dit is so dat volgens bewysstuk "DAW130" Webster in kennis gestel is van die aankoop teen 'n prys van naasteby R550 000,00. Die betaling het geskied in 'n Nedbank rekening wat Viljoen by Bosch oopgemaak het. Hy kon die opdrag gegee het. Hy word verwys na "DAW201" 'n brief van die beskuldigde aan Webster gedateer 18 Mei 1990 waarin hy hom vra om 'n Nedbank-rekening te laat open en waarin hyself, Viljoen en Webster tekenmagte het. Dit word aan hom aangedui dat die 55% aandele aangedui word op bewysstuk "A15" en hy ontken dat "A15" 'n korrekte dokument was. Ook "A18" is nie korrek nie want Technotek en Protechnik het nie saamgesmelt nie. Technotek het die aandele in Protechnik gekoop. Later nadat Mijburgh geld by Delta G verloor het het hy Technotek aan Van Remoortere verkoop vir 'n appel en 'n ei. Dit word aan hom gestel dat daar dividende aan Charburn betaal is soos volg: In 1990 R240 000,00 en in 1991 R700 000,00 en dat as MCI 55% van die aandele gehad het daar 'n groter dividend betaal moes geword het. **Die beskuldigde sê dat hy dit nie kan bevestig nie, dat daar nie sulke getuienis was nie maar moes die Regter dan nie maar gaan kyk het nie???** en dat hy nie 'n geheue het daaroor nie. Hy sê in ieder geval dat dit ook afhang van wat deur so 'n aandeelhouer in die projek ingesit is. Hy aanvaar dat die projek R4,3 miljoen aan Protechnik betaal het. Dit is geoudit deur Theron en die kosteberekeninge is deur HSF gedoen. Hy het nie belang gehad daarby nie. Dit is so dat Lourens geld geleen het by Infladel. Dit was sodat hy 'n belang kon kry in Protechnik. Protechnik kon wel geld geleen het om grondstowwe aan te koop. Hy word verwys na L5 en hy sê dat hy nie wou hê dat die Belgiërs en die Duitsers die hele beheer moes hê nie. Die bedrag wat WPW ingebring het was vir WPW en nie vir Charburn nie. Charburn het dividende ontvang. Hy weet nie of die gelde aan WPW betaal is nie. Dit is moontlik dat Zimmer fondse kon oorplaas vanaf Charburn na 'n WPW rekening. Dit was nie vir dividende nie. Hy sê dat hy nie Zimmer se getuienis verstaan het dat hy net geld geskuif het as die beskuldigde vir hom opdrag gegee het nie. Hy sê dat hy geen belang in Technotek gehad of beoog het nie.

[1364] Wat Intramex aanbetref word hy gevra waarom Hein Pfeil nie daarvan geweet het nie en hy antwoord dat Hein Pfeil in die laat tagtigerjare afgetree het en dat hy waarskynlik al weg was toe Intramex ter sprake gekom het. Die ouditeure vir die WPW groep van maatskappye was Cloete en Du Toit en ook 'n persoon van Kestell Feinstein. Die weermag frontmaatskappye is geoudit deur Theron. Hy gee toe dat Intramex deur Cloete en Du Toit geouditeer is. Wat die blanko oordrag- sertifikate aanbetref sê hy dat hy nie bewus was daarvan dat hy 'n aandeelhouer geword het op 1 September 1989 nie want hy was in Amerika. Hy sê blanko aandeesertifikate geteken noodsaaklik was om te verhoed dat as 'n persoon doodgaan, wegloop of die weermag kwaad maak dat daar nie beheer oor die aandele wou wees nie. Intramex is deur die staat aan Viljoen gegee. Hy sê dat die boeke van Intramex aan hom oorhandig is en dat hy dit dan weer vir HSF wat 'n vise-admiraal was gegee het. Daar ontstaan 'n lang debat oor die jaareindes van die verskillende maatskappye en dit word aan die beskuldigde uitgewys dat daar 'n versoek was dat Intramex se jaareinde verander sodat dit die finansiële jaar sal wees vanaf 1 Julie tot 30 Junie. Hy word verwys na bewysstuk "KK7" gedateer 4 Oktober 19... waarin die motivering gegee word sodat dit kon inskakel by die groep van maatskappye. Dit word aan hom gestel het dat dit niks te make gehad het met die finansiële prinsipale nie en dat die rede was omdat Intramex vir die WPW groep gefinansier het. Hy bevestig dat die prinsipale en die weermag Barcelona gefinansier het. Dit word uitgewys dat volgens "TV3" Profincor 'n bedrag van R71 965,00 aan Intramex geleen het en dat dit betaal is in Junie 1990. Beskuldigde hou voet by stuk dat Viljoen nooit kan verduidelik dat Intramex 'n privaat maatskappy was nie. Hy sê dat hy die boeke gekry het en dat hy dit aan HSF oorhandig het. Hy word gevra oor die Vampire fonds en sê dat dit is waaruit hy in die vroeë tagtigerjare gefinansier is vir die projek. Intramex het geskuif na Garsfontein. Die Wisdom groep was geadministreer deur Viljoen, Swanepoel, Marlow en Bosch. Dit is so dat weermagpersoneel in en uit geloop het by Viljoen se kantoor. Hy word gevra of daar nie 'n sekerheidsrisiko was soos by Merton huis nie en hy sê dat alles wat hy gedoen het 'n veiligheidsrisiko was maar dat daar gelukkig nie 'n sekerheidsbreuk was nie. Die verandering van die naam van Intramex na Pretokon was deur Viljoen. Dit kan in Maart 1990 gewees het. Daar ontstaan weer 'n debat oor Intramex se fondse en die aankoop van Merton huis en die Loftus losie en die beskuldigde se weergawe is wat hom aanbetref Profincor se gebruikers, en Intramex indien dit iets betaal het, terugbetaal

is. Hy glo dat die ooreenkoms met Profincor was vir die aankoop van die losie. **Daar was oorweging gewees om 'n weermagkantoor in die Loftus Versveld gebou te open maar daar het niks van gekom nie.** Daar ontstaan 'n vraag oor hoe lank gelede Profincor ontstaan het en of Profincor in staat kon wees om die Loftus losie te koop en dit wil blyk asof Viljoen alreeds in 1990 in Profincor se naam besigheid gedoen het.

[1365] Dit word aan die beskuldigde uitgewys dat Profincor se naam verander het volgens bewysstuk "KK" op 7 Maart 1991. Die beskuldigde is onder die indruk dat Profincor vroeër begin opereer het. Dit word aan die beskuldigde gestel dat Viljoen op p4070 gesê het dat die losie gekoop is nadat die moratoriumfondse die land ingekom het en nadat die beskuldigde gesê het dit moet ondersoek word. Die beskuldigde sê dat op p4193 Viljoen toegegee het dat die aankoop deur Profincor gewees het. Dit kon ook Wisdom Finance gewees het.

[1366] Die beskuldigde sê dat hy eers in 1992 agtergekom het dat hy 'n direkteur van Intramex was en dat dit vir hom 'n verassing was. Dit word aan hom uitgewys dat hy 'n **dokument** geteken het **gedateer 12/3/1990** ingevolge waarvan die aandele oorgedra word aan Viljoen. Die **beskuldigde se antwoord** daarop is dat dit 'n getikte dokument is waarop sy handtekening voorkom en sy vermoede **is dat dit 'n dokument is wat hy in blanko geteken het voordat hy Amerika toe is.** Maar hy is in 1989 na die VSA vir drie/vyf maande, en reeds lankal terug teen maart 1990 – waarom sou 'n dokument wat hy dus voor sy vertrek geteken het, gebruik word, terwyl hy seker maar beskikbaar was om 'n ander een te teken??? Hy gee toe dat sy handtekening voorkom op die dokument waarop die naam van Intramex verander na Pretokon. Hy meen dat hy ook in hierdie geval 'n blanko dokument kon geteken het.

[1367] Met verwysing na dokument M2: Hy hou voet by stuk dat Intramex gebruik is vir die aanskaf van CR van Delta G en die verkoop daarvan aan Krygkor. Hy kan nie al die redes onthou hoekom dit so was nie.

[1368] Hy gee toe dat hy in **1986 op ammunisiiekursusse gewees het om behulpsaam te wees by die verwapening van die inkapasitante.** M.a.w. hy het die kursus waar hy moes leer oor bewapening,

bygewoon TWEE JAAR voordat CR eers deur die projek vervaardig is!!! Dit sou hom help om die regte besluite te neem oor hoe die substansie versprei moet word. Tot op daardie stadium is CR in klein hoeveelhede by Delta G gekoop vir eksperimentele doeleindes. Dit is vervaardig by Speskop deur Cadwell & Van Jaarsveld voor 1987 en daarna is dit in grootmaat vervaardig in 1987.

[1369] 'n Debat ontstaan daaroor of die WPW groep wins wou maak deur fondse uit te leen. Dit word aangevoer dat Protechnik 'n filiaal van SRD was. Die beskuldigde sê dat die prinsipale fondse kon verskaf of nie afhange van die behoefte. Dit word aan hom gestel dat hulle tog nie SRD sou wou toemaak nie en hy wys daarop dat die kontrakte deur die weermag gegee is en dat die idee was dat die instansies hulleself moes dra. Hy weet nie van 'n lening deur Intramex aan YCBM nie maar hy sê dat dit ook 'n voorskot kon gewees het. Hy word verwys na JLL8 - dit was 'n lening van R244 529,53 deur Intramex aan Protechnik. Die beskuldigde meen dat dit 'n voorskot sou gewees het. Die beskuldigde wil ook weet of die geld inderdaad uitgeleen is. Hy sê dat Lourens geld geleen het by Infladel en dat hy en Lourens dit sou bespreek het. Hy weet nie van 'n WPW lening nie.

[1370] Hy word verwys na JLL9. Dit is 'n korttermynlening van R145 000,00. Hy vermoed dat dit 'n voorskot was vir noodsaaklike aankope. Hy sê dat Protechnik baie laboratoriums gehad het. Hy gee toe dat WPW minstens 'n 45% aandeelhouding in Protechnik gehad het en dat as daar 'n wins was dit na WPW behoort te gegaan het. Hy gee toe dat JLL10 die finansiële state van Protechnik was tot op 31 Maart 1990. Hy bevestig dat daarvolgens daar dividende uitbetaal is. Hy word ook gewys daarop dat Intramex rente gekry het vanaf Protechnik. Die beskuldigde hou vol dat voorskotte gemagtig was.

[1371] Hy word verwys na PL7A en hy sê dat die fondse voorgeskiet is aan YCBM. Hy kan nie nou onthou hoekom nie. Hy kon dit dalk destyds geweet het. Dit blyk dat 5% van hulle fakture aan Krygkor die koste sou wees. Die beskuldigde gee toe dat dit gaan oor beskermende klere en hy bevestig dat dit Coast voorraad is wat verkoop is om fondse te genereer. Hy bevestig dat die volgorde dan is Technotek, Intramex, Krygkor maar dit kan ook wees Intramex, Technotek, Krygkor.

[1372] Daar ontstaan 'n debat oor of die WPW groep 'n winsbejag beoog het. Die beskuldigde wys daarop dat beide De Jager en Grant se inkomste afhanklik was van die hoeveelheid inkomste hulle onderskeidelik vir Waag 'n Bietjie boerdery en vir Partners In Travel kon genereer. Viljoen het geweet dat winsbejag nie beoog word nie. Hy gee toe dat Webster sou voorhou dat wins gemaak moet word. Daar ontstaan 'n debat oor die vraag of Viljoen Profincor kon bestuur op 'n basis dat Profincor 'n wins sou maak as hy vir homself 'n salaris van R25 000,00 per maand sou toe-eien. Die staat hou voor dat Viljoen se salaris heeltemal geregverdig was omdat die verwagting was dat daar meer geld beskikbaar sou wees om uit te leen. Die beskuldigde hou vol dat 'n salaris nie gestruktureer kan word net bloot op 'n belofte van geld nie.

[1373] Dit word aan die beskuldigde gestel dat Wisdom Finance tot stand gekom het op 30 Junie 1988. Profincor het tot stand gekom in Maart 1991. Die beskuldigde word verwys na die Wisdom Finance notules en hy verduidelik dat hy voorsitter was om geskille te besleg en om homself voor te lig oor die stand van die Wisdom groep in Suid-Afrika. Wat Lanseria Aerospace aanbetref sê hy dat dit ondersoek moes word sodat hulle nie vir hulleself 'n kat in die sak wou koop nie. Die filiale moes rente betaal aan die maatskappy. 'n Aandeelhouderssooreenkoms was belangrik en daar word dikwels verwys na aandeelhouderssooreenkomste. Hy wys daarop dat daar 'n besluit was dat Lanseria Aerospace nie gekoop sou word nie. Hy vermoed dat hy en Swanepoel die moontlike aankoop daarvan ondersoek het. Hyself het meer gekonsentreer op die sekerheidsaspek. Dit word aan die beskuldigde gestel dat hulle graag wou wins maak maar dat die rede waarom hulle nie wins gemaak het nie was omdat onbevoegde persone aangestel is om Aeromed te bedryf. Die beskuldigde ontken dit. Beskuldigde hou verder vol dat dit nie vir hom nodig was om óf aan die finansiële prinsipale óf aan die operasionele prinsipale verslag te doen van elke sent van die geld nie. Die beskuldigde is van mening dat Wisdom Idle Winds homself onderhou het. Hy bevestig dat daar wel navorsing gedoen is. Daar is feromoonnavorsing gedoen op grysbokke en navorsing ivm swaar metale is gedoen op cheetas. Hy ontken dat hy ooit vir enigiemand gesê het dat dit sy dieretuin was. Hy kan onthou dat die gedagte ondersoek is om 'n kantoor in Europa vir Partners In Travel te open. Dit sou wees om die Libiese en ander prinsipale te akkommodeer. Hy sê dat dit duidelik blyk volgens die notules dat daar fout was met Partners In Travel in dié

sin dat die omset gestyg het maar daar steeds 'n kontantvloeiprobleem was. Hy ontken dat die doel was om nie 'n wins te maak nie. Hy sê dat 'n mens maak soos wat jy kan met wat jy het.

[1374] Dit blyk dat volgens die notule van 21 November 1990 daar sprake was van ondergrondse steenkoolregte en dat daar besorgdheid was om geld te genereer. Wat Wisdom Idle Winds (Edms) Bpk aanbetref was daar 'n herorganisasie deur die mense op die grond. Wat Partners In Travel aanbetref was daar 'n kontantvloeiprobleem. Hy sê dat daar kommer was daaroor dat Partners In Travel nie wins gemaak het nie. As daar 'n wins sou gewees het sou dit wel kon gewees het. Hy sê dat 'n mens maak soos wat jy kan met wat jy het. Hy kon oor Partners In Travel met die prinsipale gaan praat het. Volgens die notule van 21 November 1990 blyk dit dat daar ondergrondse steenkoolregte was wat hulle wou verkoop het om geld te genereer. Wat Wisdom Idle Winds (Edms) Bpk aanbetref was daar 'n herorganisasie deur die mense op die grond. Volgens die vergadering van 5 Februarie 1991 was daar steeds 'n kontantvloeiprobleem in Partners In Travel. Die voorstelle wat gemaak is was seker Cecilia se voorstelle. Hy kon nie dink aan 'n wyse waarop die maatskappy geherkapitaliseer kon word nie. Wisdom Finance se naam het verander na Profincor. Dit word aan die beskuldigde gestel dat hulle rondgeskarrel het om geld in die hande te kry by die finale stadia van die ontwikkeling van Merton huis. Hy word verwys na 'n dokument waarin dit uiteengesit is dat as daar meer privaat ure was waarop die Jet Star kon ry dit meer ekonomies aan die weermag verhuur kon word.

[1375] Hy word verwys na die vergaderingsnotule van 2 Mei 1991 en hou voet by stuk dat dit noodsaaklik was dat 'n marginale wins gemaak sou word. Dit was ook die posisie mbt Partners In Travel. Dit beteken dat die verskillende afdelings van die besigheid ondersoek word en dat daar vasgestel word watter gedeelte van die besigheid die beste wins maak. Hy word verwys na 'n notule van 'n vergadering van 26 Junie 1991 en sê dat daar altyd wrywing was tussen Swanepoel en De Jager vanaf 1987. Dit word aan hom gesuggereer dat aangesien sy swaer teen 'n wins boer op die plaas daar winsbejag was en hy ontken dit. Hy sê dat sy betrokkenheid was om namens die prinsipale op te tree. Dit word aan hom gestel dat wat Aeromed aanbetref die idee was om wins te maak maar dat dit swak bestuur was en hy ontken dit. Hy sê dat daar duidelik op die plaas kontantvloeiprobleme was en ook hoë spandering. Hy sê dat Wisdom Erf 82 'n klein verlies gemaak het

maar dat daar baie gebruik gemaak is van die fasiliteit beide deur die projek en deur die prinsipale. Hy word gevra oor Koen wat betrokke geraak het by Protective Management Services en hy sê dat Koen uit die weermag is na Krygkor en daarna na Delta G en dat Koen aangebied het om 'n maatskappy te stig.

[1376] Dit word aan die beskuldigde gestel dat Grant ontken het dat daar enige vry kaartjies was. Terug na Protective Management Services bevestig die beskuldigde dat Koen uitrusting gesoek het, dat hy die persoon in kontak gebring het met Buffham en dat die idee was dat daar van Buffham se artikels verkoop sou word. Hy word gevra of Protective Management Services 'n frontmaatskappy was en sy gevoel is dat dit bedryf was as 'n privaatmaatskappy. Daar is 'n debat oor of die beskuldigde vir Koen genader het en of Koen deur iemand anders genader was. Die beskuldigde gee egter toe dat hy finaal sou besluit het oor die aanstelling. Hy sou hom waarskynlik verwys het na Viljoen vir die nodige finansiering.

[1377] Hy herhaal dat **SRD Electronics onder beheer was van 'n ingenieur wie se naam hy vergeet het**. Hy gee toe dat hy oorhoofs in beheer was van SRD Electronics. Hy kan nie ontken dat SRD se naam verander kon gewees het na Protective Management Services nie. Die beskuldigde sê dat hy die finale besluit sou gehad oor Protective Management Services. Hy sou Koen verwys na Viljoen vir finansiering. Sy werkskapitaal sou gekom het uit Wisdom Finance. Hy word verwys na TV3 en bevestig dat bedrae van R60 000,00 en R70 000,00 aan Koen geleen is. Die beskuldigde sê dat as hy in beginsel goedgekeur het dat 'n lening aan 'n instansie toegestaan sou word kon Viljoen daarna sy eie diskresie gebruik oor die bedrag van die lening.

[1378] Die beskuldigde weet nie of Koen die 100% aandeelhouer van Protective Management Services was nie. Dit word aan hom gestel dat dit nie ooreenstem met A12 nie. Hy wys daarop dat op A12 daar nie 'n verwysing is na Protective Management Services nie maar dat die verwysing is na Security Management Services. Dit word aan hom gestel dat Protective Management Services daarmee bedoel word maar hy wil dit nie erken nie. Hy word verwys na bewysstuk PW3. Hy gee toe dat daar 'n verwysing is na Partners In Travel

en dit word aan hom gestel dat hy Protective Management Services daar voorstel as 'n filiaal. Hy sê dat dit moontlik is dat Viljoen die aandele in Protective Management Services kon gehou het solank soos wat daar 'n lening was en dat hy in daardie opsig wel 'n filiaal kon gewees het. Hy word verwys na die notule van 21 Junie 1990 waar daar weereens verwysing is na Protective Management Services en wys daarop dat die aanduiding is dat dit vir die aandag van Viljoen was. Hy sê dat hy probeer dink wat die primêre en wat die sekondêre funksie was. Een van die funksies was die honde en een van die funksies was die verkryging van tegnieke vanaf Buffham. Dit het te doen gehad met die bemarking van sekuriteits-uitrusting van afluisterapparaat van vee-apparaat ens. Hy kan nie onthou of Protective Management Services uitrusting in motorvoertuie geïnstalleer het nie. Hy sê dat daar wel so ding was soos 'n bomopspoorer wat te doen gehad met die magneetveld. Hy bevestig dat daar wel meeluisterkabels deur Koen ingevoer is wat na Nasionale Intelligensie gegaan het. Hy gee ook toe dat daar Medusa apparaat was wat 'n teenkapings apparaat was wat die polisie gebruik het en wat van Buffham afkomstig was. Hy sê ook dat 'n Centaur 'n voertuigrobot was wat in geboue gebruik is om bomme op te spoor. Hy sê dat die eerste apparaat wat deur SRD in die voertuie geïnstalleer is seker in omtrent 1984 was. Hy dink dit was gekoop van Mole. Dit was toe die laboratoriums gebou is en die gevaarlike werk gedoen is. Hy gee toe dat Koen besoeke gebring het aan Buffham en dat hy dit kon gereël het óf namens die projek óf namens die polisie óf namens die weermag. Hy kan nie sê hoe goed Koen gedoen het nie maar hy dink dat sy lening afgeskryf is en dat sy motor teruggegee is volgens Viljoen se getuienis. Dit sou Viljoen se besluit wees om die lening af te skryf. Hy gee toe dat Viljoen dan sou besluit het om die Libiërs se geld af te skryf. Die getuie sê sy opdrag aan Koen was om die CSD produkte te leer ken en te bemark. Hulle het in elke geval onderdele gekry "printed circuits" en dit kon vervaardig word. Sy belangstelling was om die tegnologie te vestig en by EMLC uit te bring. Wat van die apparaat aanbetref sou Coast se behoefte gewees het vir omtrent 5, 6 of 7 daarvan. Hy sou reken dat Buffham 'n wins sou maak. Wat die goed wat Koen ingevoer het aanbetref sê hy dat dit oopkanaalinvoere was en dat daar geen rede was om sanksies te verbreek nie. Jy kon dit by die "Spy shop" koop. Dit word aan hom gestel dat Koen gedink het dat hy gaan ryk word en die beskuldigde ontken dit nie. Hy word gevra wat Koen se winspersentasie was en wat die winspersentasie van Buffham was en hy sê dat hy dit nie weet nie. Daar word 4 dokumente ingehandig - bewysstuk F1.68A, F1.68B, C en D. Dit is fakture van Buffham oor deviners asook opdragte

deur die weermag vir die oorbetalings van die geld na Buffham wat onderteken is deur generaal Knobel. Dit word aan die beskuldigde gesuggereer dat Koen hierdie goed ingevoer het en dat hy valslik voorgehou het aan Coast dat Coast dit moes koop. Die beskuldigde ontken dit en dring daarop aan dat die staatsadvokate die dokument wat afgehaal is van die faktuur inhandig wat inderdaad die opgetekende opdrag deur generaal Knobel is. Die beskuldigde verduidelik dat dit gevorderde apparaat was wat gewerk het met 'n digitale en skripsiestelsel en koderingstelsel en dat dit nie vryelik ingevoer kon word nie en op 'n klandestiene wyse ingevoer is en dat Buffham so daarvoor betaal is. Wat F1.68.C en D aanbetref het dit betrekking op **papier wat elektronies geïmpregneer is en wat 'n kol laat indien dit gefotostateer word en alarm maak indien dit uit die vertrek geneem word waar die deur van 'n sensor voorsien is**. Die aankoopprys vir die goedere volgens F.68.A en F.68.C is dan onderskeidelik £100 000 en £95 000. Dit kom nie presies ooreen met die fakture nie en is in die een geval 'n bietjie hoër en in die ander geval 'n bietjie laer. Die beskuldigde kan nie verduidelik hoekom nie.

[1379] Daar is 'n argument oor die vraag of Wisdom Holdings 'n 60% aandeel in Protection Management Services gehad het. Die beskuldigde word verwys na organigram TV2 waar dit op voorkom. Die beskuldigde se standpunt is dat die woord aanhangsel nie op daardie dokument voorkom nie en dat hy in ieder geval geglo het dat die maatskappy Koen s'n was. Hy gee toe dat hy betrokke was by die manier waarop die maatskappy tot stand gekom het. Hy ontken egter dat Wisdom Holdings en hy 'n finansiële belang daarin gehad het. Daar is 'n gesprek oor of hy 'n belang in CSD gekry het. Dit word aan hom gestel dat hy die voordelige eienaar daarvan was en hy ontken dit. Dit word aan hom gestel dat hy uit sy pad gegaan het om te sorg dat die weermag besigheid doen met CSD. **Hy sê dat die aanvanklike verkryging van aandele in CSD 'n opdrag van Dreier was en dat hy gehelp het om CSD af te bestuur toe Buffham in onguns geraak het by die finansiële prinsipale. Die rede daarvoor was dat hy Moskou besoek het en dat hy 'n veiligheids-risiko geword het. Dit word aan hom gestel dat as Buffham 'n vertroueling van die prinsipale was hulle baie eerder vir hom kon gevra het om die cottage te koop. Die antwoord wat hy daarop gee is dat Buffham**

dalk vir hulle 'n veilige huis kon gekoop het en dat hy nie daarvan sou geweet het nie. Hy sê dat Buffham in ieder geval nie geweet het van die cottage nie. Hy sê dat hy nie vir Buffham ten volle in sy vertroue geneem het nie. Wat hy van Buffham wou hê is tegnologie vir die SA Weermag en ander regeringsinstansies. Hy was ook aan Buffham voorgehou as 'n smokkelaar van dié tipe van kommoditeit 'n dokter en 'n sakeman. Hy het 'n groot hoeveelheid uitrusting gekry ook vir die polisie. Hy sê dat die vraag oor of hy 'n Belgiese sakeman was ter sprake gekom het wanneer hy Buffham se fabriek besoek het en van die mense daar hom hoor praat het met 'n vreemde aksent. Hulle het gedink dat hy 'n Belg is. Buffham het hulle onder daardie indruk gebring en hy het hulle nie reggehelp nie. Daar was verskeie kommunikasiekanale partymaal het hy dmv Viljoen met die beskuldigde geskakel en by ander geleenthede dmv Webster. Die behoefte om AMFRA te stig was die prinsipale s'n. Die werklike stigting daarvan en die manier waarop dit gestig was, was waarskynlik deur homself, Webster en Buffham uitgewerk. Dit word aan die beskuldigde gesuggereer dat AMFRA slegs fondse gehad het wat vanaf die projek Coast gekom het en die beskuldigde antwoord dat dit nie so is nie. Hy glo dat die eerste £155 000 van die prinsipale af gekom het van heeltemal 'n ander oord. Hy sê dat Webster aanvanklik kon gedink het dat dit 'n werklike aankoop is maar dat hy al gou sou besef het dat dit nie so is nie. Hy sou moes gesien het hoe die kontrole oor die maatskappy is en hy het hom buitendien meegedeel dat hy hom nie verder moet bekommer oor CSD nie want hulle het gekry wat hulle wou hê. Wat Viljoen aanbetref sê hy dat hy nie eers geweet het van AMFRA nie. Hy sou wel geweet het dat die beskuldigde betrokke is en ook Webster maar die beskuldigde betwis sy getuienis dat hy vir hom gesê het dat dit sy maatskappy is. Viljoen moes finansiële inligting kry en hy wou graag 'n behoorlike boekhoustelsel installeer wat sou ooreenstem met Wisdom en die Coast stelsel. Hy bevestig dat Viljoen vir 'n derde keer na Grantham is. Dit was toe hy vir Buffham gehelp het om dit af te bestuur. Sy herinnering is dat Koen in 1991 daar was. Toe hy Viljoen vir 'n derde keer gestuur het wou hy inligting insamel om te kyk oor hoe hy die projek kan afbestuur. Die idee was dat Buffham finansiering uit 'n ander oord moes kry. Mole was selfs op 'n stadium geïnteresseerd. Hy kon vir Buffham gesê het om kontak te maak dmv Viljoen. Hy sê dat Buffham het altyd so drie tot vier maande voordat hy fondse verwag het begin voorbrand maak deur die skryf van briewe. Die doel daarvan was om te kon verduidelik waarom fondse in die maatskappy inbetaal is. Dit word aan hom gesuggereer dat sulke briewe eintlik meer die aandag

sou vestig op die fondse. Die beskuldigde se antwoord daarop is dat dit gewerk het en dat daar nie 'n probleem opgeduik het nie. Dit word aan die beskuldigde gesuggereer dat Buffham nie CAMs kon verskaf nie omdat hy 'n brief aan Lourens geskryf het tot daardie effek. Die beskuldigde sê dat hy kennis dra van die brief dat Lourens heeltemal ongemagtig en op 'n oop kanaal met 'n faks probeer het om CAMs aan te koop van Buffham, dat Buffham kwaad was en dat hy kwaad was. Dit word aan hom gestel dat CSD handel gedryf het en hy ontken dit nie maar dat die openlike handel was met produkte wat nie probleme verskaf het nie. Hy glo dat die eerste transaksie met Buffham waarskynlik uitrusting sou wees wat die polisie wou hê. Hy het Lourens aan Buffham voorgestel maar Lourens was 'n ingenieur wat die detail sou hanteer. Hy word verwys na 'n inbetaling in CSD se bankrekening op 19 November 1986. Mbt bewysstuk "JL5A" gedateer 24 April 1987 sê hy dat dit betrekking het op bomopruimingspakke. Dit blyk dat Buffham 'n lisensie moes kry om dit uit te voer. Hy glo dat party daarvan by die projek gebly het en dat ander aan die polisie gelewer is en dat die polisie daarvoor sou betaal het. Dit word aan die beskuldigde gestel dat daar bankrekenings geopen is by 'n bank in Luxembourg op 1 Junie 1987 en ook 'n AMFRA-rekening op 1 Junie 1987 voordat AMFRA nog geïnkorporeer is. Sy reaksie daarop is dat hy dit nouliks kan glo omdat hy nie kan glo dat 'n bank 'n rekening sal oopmaak as daar nie behoorlike dokumente vir die maatskappy is nie. Dit blyk dat Antoinette Lourens tekenmagte gehad het op 'n rekening van Webster in Grantham. Hy sê dat Webster dit verlang het en dat daar 'n rede was waarom sy dit moes teken. Dit was belangrik vir Buffham dat die indruk geskep moes word dat hy buitelandse geld ingekry het. Hy word verwys na DAW19 wat 'n uittreksel uit Webster se dagboek is gedateer 18 Desember 1987. Daar is die skema uiteengesit dat AMFRA 'n 51% belang kry in CSD. Daar is ook die kwessie van voorkeuraandele wat deur Webster uitgedink is.

[1380] Hy kan nie ontken dat AMFRA gestig is rondom Junie 1987 nie. Die beskuldigde sê dat AMFRA gestig is om fondse in CSD te kry. Daar was wel 'n diensooreenkoms tussen Buffham en CSD. Hy kan nie die detail daarvan onthou nie. Antoinette Lourens het wel tekenmagte gehad op Webster se rekening in Grantham - dit blyk uit F5.13. Die beskuldigde word gevra waarom Antoinette Lourens tekenmagte kry en nie hy nie en hy sê dat sy seker makliker bereikbaar was. Dit word aan hom gestel dat Buffham finansiële probleme gehad het via CSD en hy sê dat onthou moet word dat Buffham ook 'n scenario geskets het dat hy

'n finansiële tekort het sodat wanneer daar geld by wyse van werkskapitaal of kapitaal inkom dit verduidelik kan word. Hy verduidelik verder dat Buffham nie alleen met hom kontak gehad het nie maar ook met die prinsipale. Dit blyk uit DAW20 dat op 2 Julie 1987 Webster aan die beskuldigde geskryf het oor 'n kapitaalbydrae aan CSD omdat Buffham bekommer is. Dit is nie vir die beskuldigde snaaks nie. Dit blyk dan dat op 9 Julie 1987 die balans van die kapitaal inbetaal word. Dit blyk uit F5.14 gedateer 6 Julie 1987 dat Antoinette Lourens wel kennis neem daarvan dat die kapitaal ontvang is. Dit blyk dan uit DAW23 wat gedateer is 13 Augustus 1987 dat Webster in Augustus van mening is dat CSD nou befonds is en wil weet hoe die werking daarvan sal wees. Hy stel voor dat hy jaarliks state kry en dat hy ook die plek eenmaal jaarliks besoek. Beskuldigde sê dit het vir hom goed gelyk. DAW14 is 'n dokument gedateer 10 September 1987 waarin Webster aan die beskuldigde skryf dat Buffham fondse soek. Hy word gevra **watse fondse** Buffham sou wou bemark en hy sê dat dit die goed is waarmee hy gewerk het soos sekerheidsprodukte.

[1381] Met betrekking tot aanklag 5 word die beskuldigde verwys na F5.17 gedateer 7 Oktober 1987 wat 'n brief van CSD aan Webster is. Buffham vra daar vir fondse en die beskuldigde glo dat hy dit doen om latere fondse te kan verklaar. Dit word aan die beskuldigde gesuggereer dat CSD te klein was en dat Buffham dit wou uitbrei en dat dit inderdaad uitgebrei het. Die beskuldigde se reaksie daarop is dat daar wel uitbreiding was maar nie massief.

[1382] Daar word gepraat oor video link en video shield. Die beskuldigde sê dat die video link wel deur die polisie gebruik is. Dit blyk dat daar 'n brief is waarin Buffham aan Webster skryf "to inform our principals". Daar is 'n argument daaroor of dit 'n verwysing na die beskuldigde is en die beskuldigde sê dat dit moontlik is maar dat dit ook na die prinsipale kan verwys. Dit blyk dat hy 'n major-general Iles wou aanstel teen 'n maandfooi van £10 000. Die beskuldigde sê dat hy nie weet of hy hom aangestel het of nie. Daar ontstaan 'n debat oor Buffham se gekla oor 'n tekort aan fondse en die uiteindelijke oorbetalings van £100 000. Die beskuldigde sê dat dit waarskynlik is omdat hy nog nie gelewer het nie en dat die inbetaling waarskynlik as aandele gereflekteer is. Die beskuldigde ontken nie dat hy opdrag gegee dat plus minus £1,5 miljoen

oorgeplaas moet word nie. Hy sê dat dit verband hou met die laboratorium en dat dit in opdrag van Dreier was. Hyself het gevoel dat hy meer beheer oor die rekening sou hê in Engeland. Hy kon wel druk uitoefen op Buffham in Engeland. Dreier het ook opdrag gegee dat hy 1% in die rekening sou los. Hy weet nie presies hoe Buffham vergoed is vir die gebruik van die rekening nie. Hy word gevra hoekom hy nie die geld direk na Medchem Inc betaal het nie en hy sê dat hy dit gedoen het in opdrag van Dreier. F1.9 is 'n brief van me Lourens vanuit die Glockenhof hotel waarin Buffham opdrag kry om die geld oor te dra. Hy sê dat hy vir Antoinette Lourens so moes meegedeel het. Hy sê dat op 29 April daar £100 000 oorgeplaas is na die Banque Indosuez. Wat aanklag 5 aanbetref sê hy dat daar 'n deposito op 9 Mei 1988 in Buffham se rekening was. Hy sê dat hy wel brosjures by Buffham kon gekry het. Wat bewysstuk "F5.19" aanbetref, 'n brief van CSD aan Webster, blyk dit dat Buffham bedrae ontvang het. Hy kan nie sê waar en waarvoor nie. Dit word gesê dat daar 'n brief is gedateer 21 Desember 1988 waarin Buffham skryf dat hy bly was om die beskuldigde op 20 Desember te sien en waarin hy sê dat hy die ontwikkeling van apparaat met hom wil bespreek en hy wil ook die fakture stuur na ABC Export & Import. Die beskuldigde sê dat dit moontlik is dat hy met hom kon gepraat het op daardie geleentheid en dat daar niks snaaks daaraan was nie. Wat F6.5 aanbetref word die beskuldigde gevra oor wat 'n bestedigingsmagtiging is en hy sê dat dit by 'n plek soos Infladel gegeld het. Wanneer fondse benodig was dan moes daar 'n bestedigingsmotivering geskryf word. Wanneer dit bevredigend uiteengesit is, is daar dan 'n bestedigingsmagtiging gegee. Dit sou afhang van omstandighede. Hy kon dit gee, Truter kon dit gee of as dit vir groter bedrae was sou dit voorgelê gewees het aan generaal Knobel of aan die KBK. Hy het wel bestedigingsmagtiging vir CSD gegee. Hy sê dat daar was 'n probleem met die ioonmobiliteitsdetektor van die CAMs. Hulle wou dit verder verfyn en die kontrak is toegeken aan Protechnik. Die rede was dat daar 'n probleem met die kernbron was.

[1383] **Hy sê dat hy tweemaal in Iran was, eenmaal in 1988 en dan eenmaal in die middel 90's. Die eerste keer was hy so 10 tot 14 dae daar en die tweede keer 2 dae.** Die beskuldigde word verwys na bewysstuk 5.19 gedateer 13 Junie 1988 waaruit dit blyk dat Buffham vra vir nog £100 000 en dit blyk dat Webster dit oorplaas op 18 Junie. Die beskuldigde sê dat dit die prinsipale se fondse was. Hy glo nie dat

enigiets wat vir Coast nodig was daarmee betaal is nie. Die beskuldigde sê dat die oorplasing was om die skynkontrak te voltooi. Dit word aan hom gevra waarom Buffham smeeke vir fondse en hy sê dat hy berei was vir die ontvangs van verdere fondse. Hy bevestig dat hy R27 000,00 per maand vir drie jaar bestedigingsmagtiging by Infladel goedgekeur het vir 'n kontrak met Exipro. Dit was vir Van Remoortere. Hy sê dit is goedgekeur deur die KBK en geoudit deur mnr Theron. Hy sê dat Biscara 'n rekening van Luft was en hy weet nie by watter bank hy was nie maar dit kon by Picadilly gewees het. Hy sê **Biscara is gestig in opdrag van Dreier en Razzak**. Hy word verwys na sy vliegplan wat op 12 Junie 1998 deur Niekie Smit aan Webster gestuur is en hy sê dat hy vir Buffham kon gaan sien het. Hy het hom baie kere besoek. Daar ontstaan weereens 'n debat oor of van die goedere wat hy sê die projek aangekoop het nie deur Koen aangekoop is nie. Die beskuldigde sê dat volgens DAW27 gedateer 14 Julie 1989 dit blyk dat CSD 'n bedrag van £45 000 leen van AMFRA. Hy sê dat dit 'n variasie is op die kwessie van voorkeuraandele maar dat dit 'n manier is om die invloed van fondse te verklaar. Op 14 November 1989 skryf Webster aan die beskuldigde dat Buffham nie skreeu vir nog geld nie. Op 7 Desember egter ingevolge DAW150 is Buffham weereens bitter in die moeilikheid. Hierdie brief gaan oor 'n hele aantal aangeleenthede soos die moontlike aankoop van 'n vliegtuig van Vermaas, sy eie sportuitrusting wat hyself bestel en betaal het en dan 'n Medchem kontrak wat 'n kontrak is wat Chu wou gehad het. Dit blyk volgens Koen 1A dat Buffham hom 'n soort van 'n agentskap aangebied op 25 Januarie 1990 in Suider-Afrika. Beskuldigde gee toe dat Buffham en Koen mekaar voor dit moes gesien het. Hy sê Mole ook betrokke was raak by CSD en dit word aan hom uitgewys dat in 'n brief van Mole aan hom Mole aandui dat die maatskappy in ernstige finansiële probleme is. Hy word verwys na DAW144 en sê dat hy baie met Buffham gepraat het. Dit word uitgewys aan hom dat in DAW145 dit blyk dat Buffham probleme het met die prinsipale. Hy sê dat dit toe is dat hy vir Mole aan hom bekendgestel het omdat hulle vir Buffham wou help sodat daar nie 'n sekerheidsbreuk sou plaasvind nie. Die beskuldigde bevestig dat hy vir Koen gesê het dat hy vir Koen moontlik kon help om kliënte te kry maar dat Koen toe nooit van sy hulp gebruik gemaak het nie. Dit word aan hom gestel dat gedurende hierdie tyd Wisdom Holdings vergaderings hou en dat PMS toe voorgehou is as 'n filiaal. Hy hou voet by stuk dat PMS Koen se maatskappy was. DAW32 is 'n brief van Buffham aan Webster gedateer 26 Maart 1990. **Hy sê dat hy nie van dié brief weet nie. Wat DAW33 aanbetref sê hy dat dit deel was van die afbestuur.** Hy sê dat

AMFRA se aandele moes oorgaan na Buffham sodat hy met nuwe beleggers kon onderhandel. Die aandele is inderdaad oorgedra en hy het nie daarvoor betaal nie (DAW34). Op 18 Junie 1990 is daar 'n verwysing na kables (pads). Die beskuldigde neem kennis daarvan. Hy aanvaar dat daar 'n briefwisseling was tussen Koen en Buffham. Hy word verwys na betaling 23 F1.68.C gedateer 2 Augustus 1990 en dit is net 'n maand na Koen se besoek. Die beskuldigde sê dat hy nie weet of Buffham vir Koen sou ingelig het oor die geheime tegnologie wat hy van Buffham verkry het nie. Hy gee toe dat dit swaar gegaan het met Buffham. Dit word aan hom gestel dat by Oktober 1990 Buffham groot finansiële probleme gehad het. Hy word verwys na skrywes deur Buffham aan Viljoen waarin hy smee vir nog geld en hy sê dat hy wel die R100 000,00 vir die diviners en die R95 000,00 vir die papier oorbetal het. Daar ontstaan weer 'n debat oor die faktuur en die beskuldigde hou voet by stuk dat Theron daardeur tevrede gestel was en dat hy nie deur 'n onvolledige faktuur tevrede gestel sou gewees het nie. Dit word dan aan hom gestel dat die weermag reeds in 1988 deteksiepapier ontvang het en die beskuldigde wys uit dat daar hoegenaamd geen verband is tussen deteksiepapier en elektronies geïmpregneerde papier nie.

[1384] Hy bevestig dat daar in baie gevalle die volgende volgorde was: CSD verskaf aan ABC Export & Import wat verskaf aan YCVM en wat weer verskaf aan óf RITS óf Intramex. 'n Ander kanaal was byvoorbeeld aan Blücher. Oorplasing is soms gemagtig deur HSF en soms gemaak vanaf HSF en soms vanaf Infladel. Hy word verwys na TV21B gedateer 19/11/1990 waarin Buffham skryf dat hy groot probleme het met sy bankiers. Die beskuldigde word uitgenooi om bewysstuk Q2 te gaan lees en te sien hoe benard Buffham se finansiële posisie was. Hy word ook verwys na TV21C, 'n brief van 3 Desember 1990, waarin Buffham vir hom vra dat as hy "business from within the group" kan kry, dit baie waardeer sal word.

[1385] Beskuldigde word verwys na DAW35 Baker & Hostetler en Oliver Wareham. Hy sê dat hy nie die naam kan onthou nie maar dat hy wel die prokureursfirma kan onthou. Die aangeleentheid kon deur Webster na hom verwys gewees het. Dit gaan oor die stigting van drie nuwe maatskappye in Londen. Dit is nie gestig nie maar dit kon beplan gewees het. DAW36 was 'n brief van Buffham aan Webster gedateer 10/1/1991 en dit gaan oor die verkoop van die CSD. Hy meen dat Buffham op daardie stadium in die moeilikheid was

omdat die prinsipale al aangedui het dat hulle nie meer geïnteresseerd was nie. Wat homself aanbetref het hy opgetree beide namens die prinsipale en namens die SA regering en hy het probeer om 'n sekerheidsbreuk te vermy. Dit is seker moontlik gewees om die maatskappy te likwideer maar 'n mens wil nie Buffham se broek uittrek nie. Hy kon gehelp word deur dokumente te verskaf. Hy kon bv op 'n manier beheer oor die aandele gekry het wat hom in staat sou stel om met 'n moontlike finansierder te onderhandel. Die beskuldigde sê dat hy het gereël dat Viljoen en Webster die oorname van CSD reël. Hy was nie werklik daarby betrokke nie. Hy sou wel besluite neem. Sy aandag word daarop gevestig dat daar 'n voorstel deur Webster is dat Earnings Out verdeel sou word deur Amfra en Buffham. Hy sê dat dit 'n manier van Webster is om aandele oor te dra sonder om geld hande te laat verwissel. Hy sê die wins wat so 'n maatskappy maak is absoluut manipuleerbaar en niksseggend. Wat homself aanbetref was sy opdrag aan Webster en Viljoen dat die oorname ordelik en sinvol moet verloop. Hy bevestig dat hy "our principal" kan wees.

[1386] Met betrekking tot DAW37 neem hy kennis daarvan dat Buffham sê dat daar opgetree moet word voordat die bank en die prokureurs optree. Hy beskou dit as 'n moontlikheid dat Buffham en Webster die briewe geskryf het as 'n deksorie. Wat DAW38 aanbetref **sê hy dat hy nie wil kommentaar lewer op para 1 nie**. Dit blyk uit DAW38 dat Buffham verontwaardig is dat daar sprake is daarvan dat Amfra enigiets wil kry uit die verkoop van CSD want hy sê dat hy "intellectual property" aan Wouter gelewer het. Dit blyk verder dat hy nie die verhouding met die beskuldigde wou kompromitteer nie. Met betrekking tot DAW39 is dit so dat Webster na die Verenigde Koninkryk gevlieg het op WPW se koste. **Hy sê dat hy self toe hy inligting gegee het aan die Engelse en die Amerikaanse inligtingsdienste in opdrag van generaal Meiring sensitiewe inligting weerhou het**. Met betrekking tot DAW40 hou hy vol dat dit maar steeds die skema is om aandele oor te dra sonder om geld uit te ruil. DAW41 en 42 beskou hy as 'n papier-aksie om die aandele aan Buffham te oorhandig. Die ooreenkoms lui dat Buffham die Molyneux aandele kry wat hy aan Amfra moet oordra. Hy het dit nooit gedoen nie. Die beskuldigde hou vol dat hy vir Webster gesê het dat hulle gekry het wat hulle wil hê. Dit word aan die beskuldigde gestel dat Webster vir WPW ekonomie so goed as moontlik wou doen. Die beskuldigde ontken dit. Met betrekking tot DAW45 sê die beskuldigde dat die behoefte aan £85 000 wat daar geopper word moontlik 'n deksorie kan wees omdat hy verwag het dat geld sou inkom. Dit

kan projekgeld gewees het maar hy sê dat as dit projekgeld was dan was dit in ruil vir iets wat gelewer was. Hy word gevra waar die 15 deteksie-apparate geïnstalleer is en hy beantwoord dit en hy sê ook dat twee daarvan aan die SAP verskaf is omdat hulle 'n diens vir Coast moes lewer. **Hy verduidelik dat die SAP bv Leeson moes monitor en dat Coast dit nie self kon doen nie.** Wat DAW46 aanbetref blyk dit dat Molyntx somtyds geïnteresseerd was en somtyds nie. Daar ontstaan 'n debat oor of CSD verkoop moes word of nie en die beskuldigde sê dat dit moes met so min risiko vir 'n sekerheidsbreuk as moontlik afbestuur word. DAW47 stel dan drie opsies voor. Die beskuldigde bevestig dat hy die finale besluit sou neem. Dit blyk dat Viljoen Engeland toe is om te probeer uitvind wat aangaan in CSD want niemand het geweet wat die posisie is nie. Dit word aan hom gestel dat dit baie tyd en geld gekos het en sy antwoord is dat sekerheid nie 'n prys het nie. Dan blyk dit dat daar drie opsies deur hom geopper word naamlik 'n oorname van CSD, 'n herkapitalisasie daarvan met Buffham en 'n herkapitalisasie sonder Buffham. Hy word gevra hoe hy gedink het dit sou kon geherkapitaliseer word en hy sê dat hy reken Mole sou dit gedoen het. Hy noem ook 'n handelsbank op vir 'n tydelike basis. Dit word aan die beskuldigde gesuggereer dat hy Koen aan Buffham voorgestel het sodat dit Buffham aan die lewe kon hou en hy sê dat hy nooit voorsien het dat SA op 'n groot skaal van Buffham sou kon aankoop nie. Hy sê dat hy onthou Koen se getuienis dat PMS se verkope nie baie goed was nie. Die kontrak tussen Buffham en Amfra gedateer 5/4/1991 is tot die effek dat Buffham van die aandele aan Amfra moes oordra. Die beskuldigde sê dat Webster die transaksie so sinvol moet struktureer as wat 'n mens kan wanneer dit blyk dat £500 000 weggegee moet word.

[1387] Daar ontstaan 'n debat oor 'n brief wat Buffham aan Webster geskryf het en ook aan Viljoen waarin hy aandui dat sy prokureur 'n bedrag van £24 000 van hom eis vir die onderhandelinge met die Molyntx oorname. Dit word gesuggereer deur die staat dat die oorbetalings van £10 000 op aanklag 8 en die oorbetalings van £30 000 op aanklag 9 op onderskeidelik 13/8/91 en 25/11/91 aan Buffham gemaak is om daardie koste te dek. Die beskuldigde ontken dit en sê dat Buffham dienste gelewer het. Wanneer hy gevra word wat se soort dienste dit kan verteenwoordig sê hy dat dit inligting kan wees, dat dit agente hantering kan wees, dat dit verifikasie van dokumente kan wees, dat dit uitvoer dokumente kan wees. Hy wys daarop dat

die bedrae goedgekeur is en geoudit is. Hy wys verder daarop dat Buffham diskrete werk verrig het en dat Leeson en Lourens kontant betalings aan Buffham gemaak het.

[1388] Daar ontstaan 'n debat oor Medchem Forchungs. Die beskuldigde bevestig weer eens dat hy vir Chu deur middel van Dreier en Jacomet ontmoet het en dat die heel eerste plan was dat hy en Chu sou betrokke raak by 'n geld-was skema van \$250 miljoen. Hy sê dat hy dit genoem het aan die KBK en met HSF gerapporteer het en dat hulle na die Reserwe Bank gegaan het en goedkeuring gekry het om so 'n bedrag vir 'n paar jaar hier te laat lê teen 'n redelike rentekoers. Hy glo nie dat Webster geweet het dat dit uit en uit 'n geld-was transaksie was nie alhoewel Webster besef het dat dit nie gewone besigheid was nie. Hy het egter ook geweet dat die transaksie in SA op hoë vlak goedgekeur is. Met verwysing na DAW134 en DAW135 vind daar kruisverhoor plaas op die basis dat die beskuldigde Delta G voorhou aan Opals as 'n fabriek wat opgerig is en gekoop kan word en dat sy hele plan was om Delta G te koop. Dit word aan hom gestel dat daar buitendien onderhandelinge was tussen Webster en Mijburgh vir die aankoop van Delta G. Die beskuldigde se reaksie daarop vir die soveelste keer is dat Mijburgh dokumente benodig het wat hy kon voorlê aan entiteite waarmee hy te doene gehad het soos Sasol en die banke om aan te toon dat daar belangstellende buitelandse beleggers is. Hoe hy dit gebruik het weet hy nie. Hy het 'n versoek van Mijburgh gekry om dokumentasie te genereer en tussen hom en Webster het hulle dit gedoen. Hy wys daarop dat Delta G onmoontlik verkoop kon word tot tyd en wyl die KBK daartoe toegestem het.

[1389] Daar ontstaan 'n debat dat hy vir Graeme Gibson aangewend het om vir Medchem Forchungs kliniese toetse te doen in SA. Die beskuldigde verduidelik dat Graeme Gibson aangestel was en betaal was deur Infladel, dat hy toetse in SA gedoen het, dat die resultate aan Medchem Forchungs gelewer is en dat dit geoudit was en goedgekeur was en dat die resultate deur middel van Medchem Forchungs die eiendom van Coast was. Hy sê as Gibson gedink het dat Medchem Forchungs 'n SAW front was dan was dit reg. Hy sou hom in ieder geval nie so ingelig het nie. Hy sê dat Gibson, Steenkamp en Jordaan nie van mekaar geweet het nie en dat hulle nie op dieselfde goed navorsing gedoen het nie. Hy sê Vigs navorsing is 'n baie wye veld.

Hy gee toe dat hy deur middel van 7 Medies wel betrokke was by klinieke. Hy verduidelik dat Contresida letterlik beteken teen Vigs - sida is die Franse woord vir Vigs - en hy sê daar was 'n aanbeveling van madam Mitterand, hy was baie in sy skik daarmee gewees. In bewysstuk DAW135 is daar 'n versoek van hom om uit te vind watse rentekoers 'n bank in die Kaaiman eilande sou betaal vir 'n belegging van \$100 000 oor vyf jaar. Dit word aan hom gestel dat hy die geld daar wou belê en hy sê dat hy die navraag bloot gedoen het om die Reserwe Bank te kon inlig oor wat se soort van mededingende koers gevra moes word. Op daardie stadium was beleggers nie bereid om in SA te belê nie behalwe teen geweldige hoë koerse. Hierdie mense sou 'n laer koers aanvaar het. Hy gee toe dat daar weer sprake was dat Contresida op 'n later stadium aangepak sou word en hy word verwys na bewysstukke WB5, WB6, WB7 en WB8. WB8 is 'n brief gedateer 1988. Hy sê dat hy bloot maar aan Chu se versoek voldoen het. Dit word aan hom gestel dat die tweede kanalisering van fondse in 1991 plaasgevind het en dat hierdie weer eens 'n poging was om Delta G te koop. Hy word weer eens gevra of daar nie risiko's verbonde was daaraan om saam met Chu te belê nie en hy antwoord dat daar natuurlik risiko's verbonde aan was. Hy sê dat die aandele in Medchem Forchungs in Chu se naam was. Hy sê dat Medchem Forchungs in opdrag van Dreier gestig is vir Chu. Die aankoop van die thymus peptiet het bekend geword en Dreier het gesê dat die opbrengs daarvan in Chu se persoonlike rekening betaal moes word. Hy sê die 250 000 Switserse frank wat aandele kapitaal verteenwoordig het toevallig uit aanklag 1 se fondse gekom wat toe alreeds WPW geld was. Hy sê dat die \$460 000 vir maande in Chu se persoonlike rekening gelê het terwyl hy aan die ander kant gevra het vir geld. Hy kan nie betwis dat Chu wel die \$460 000 kon gebruik het vir die vestiging van infrastruktuur vir Medchem Forchungs nie. Met betrekking tot bewysstuk 13.8 en die "impending contracts" met Seyntex sê hy dat dit vals was en blote oëverblindery. Wat Image Solve aanbetref sê hy dat Chu het jong Switsers in Medchem Forchungs gehad wat besig was met rekenaars en hy het gevoel dat daar 'n sekerheidsrisiko was en dat hulle daar uit moes kom en dit is waarom daar 'n skeiding was. Hy sê voorts dat daar nie 'n akkreditasie stelsel vir laboratoriums in SA was nie en dat dit gevolglik tyd gevat het voordat RNL geakkrediteer kon word. Hy sê Viljoen was betrokke by Medchem Forchungs om die beeld te skep van buitelandse kapitaal en omdat hy wou hê dat Viljoen moes probeer kyk wat Chu aanvang. Hy sê dat Rittmann van die bank La Roche wou hê dat hy betrokke moes wees by Medchem Forchungs en dat om daardie rede hy 'n hele paar van die vergaderings bygewoon het. Hy bevestig

ook dat daar 'n besluit geneem is dat helfte van die aandele oorgedra moes word na hom toe. In werklikheid het dit nooit geskied nie. Hy wou gehad het dat Webster dieselfde beheer kon uitoefen by Medchem Forchungs as by CSD maar die Switsers het nie daarin belanggestel nie. Hy word gevra waarom Chu 'n promesse van 500 000 Switserse frank gegee het en sê dat dit omtrent twee jaar na die stigting van Medchem Forchungs was toe Chu sy boeke moes laat audit en daar dokumentêre bewys nodig was vir die skuld van R500 000. Hy sê dat Chu nooit die bedrag terugbetaal het nie omdat hy nie veronderstel was om dit terug te betaal nie. Daar is ook ander gelde aan Chu betaal soos £80 000 sogenaamd vir penicillin en ook ander geld vir insulien. Hy sê dat Chu wel by RNL betrokke was, dat hy aanvanklik vir hom 'n opdrag gegee het om 'n ondersoek te doen en dat hy hom 150 000 Switserse frank betaal het - betaalbaar as 'n eerste bedrag van 75 000 Switserse frank, daarna 37½ 000 Switserse frank en toe 38 600. Dit word aan hom uitgewys dat Chu gesê het dat die ekstra 1 100 Switserse frank was vir prostaglandien. Die beskuldigde beduie dat die prostaglandien wat Chu sê hy gekoop het vryelik beskikbaar was by 1 Militêre hospitaal en dat dit nie waar is nie. Hy sê dat Chu wat hierdie aspek aanbetref 'n carsinogene stof vir RNL aangekoop het omdat Swanepoel hom daarom gevra het en hy is toe betaal. Hy sê dat daar wel 'n gevorderde prostaglandien is wat gekoop is maar teen 'n baie baie hoër prys. Hy gee toe dat die 150 000 Switserse frank in Chu se persoonlike rekening inbetaal is. Wat die tweede verslag aanbetref waar daar 'n bedrag van 230 000 Switserse frank by betrokke was wys die beskuldigde daarop dat dit na privatisering van RNL was, dat dit aangevra was deur RNL en dat dit betaal is deur RNL. Hy aanvaar dat die bedrag inbetaal is in Medchem Forchungs se rekening.

[1390] Verdere kruisverhoor oor Medchem Forchungs: Daar is 'n debat oor die vraag of die doel waaroor Medchem Forchungs gestig is was vir Chu om RNL te bemark of dit was vir die prinsipale soos wat die beskuldigde sê. Dit is gemeensaak tussen die ondervraer en die ondervraagde dat die eerste ondersoek voltooi was in 1989, dat RNL kontrak eers 1991 ter sprake gekom het. Die beskuldigde sê dat hy, Dreier, Chu en Webster in Florida ontmoet het en dat hulle sekerlik nie sou gesê het dat die maatskappy vir Dreier opgerig

word nie. Die aanvanklike plan was dat WPW 'n 50% belang in Medchem Forchungs sou hê. Die beskuldigde sê die beeld sou gewees het dat Chu nie geld het nie omdat hy al die fondse by wyse van lenings verkry het. Die lenings is eers gefinaliseer hier by 1991. Die beskuldigde sê dat Webster geweet het dat hy onderhandel vir die aankoop van produkte (dit is mbt die 450 000 Switserse frank). Dit word aan die beskuldigde gestel dat Chu 'n goeie fooi gekry het vir sy gangbaarheidstudie en hy gee dit toe behalwe dat hy sê dat hy nie weet wat sy uitgawes gewees het nie. Die beskuldigde sê dat die Switserse prokureurs en Webster nie oor die weg gekom het nie en dat die Switserse prokureurs niks van Webster wou geweet het nie. Dit blyk ook so uit die dokumentasie. Hy word weereens verwys na dokument F13.9 waarin daar 'n maatskappybesluit is 250 van die aandele in sy naam oorgedra moet word en bevestig weereens dat ofskoon so 'n besluit geneem is, dit nooit gedoen is nie. Hy sê dat dit 'n dekstorie was om met behulp van RNL navorsing te doen. Die beskuldigde sê dat as 'n mens kyk na Chu3 dit eintlik 'n sterker dokument is wat aantoon dat hy die Switsers moes in kennis stel as die aandeelhouding van die Kaaiman maatskappy verander het. Hy sê dat die Switsers daarop aangedring het om hulleself te beskerm. Hy weet nie of hy op 19 Desember 1989 in Switzerland was of nie en sê dat hy daar kon gewees het. Hy hou voet by stuk dat Medchem Forchungs se lenings nooit terugbetaal is nie aan WPW. Hy sou vir Chu nog in 1996 gesien het en het hom ook in Januarie 1996 gesien en het hom ook in Januarie 1997 saam met Pura in Namibië gesien. Hy hou voet by stuk dat Medchem Forchungs kliniese navorsing kon doen met wie hulle wou en dat Chu inderdaad ooreenkomste aangegaan het waarvan hy nie kennis gedra het nie. Hy sê dat Roodeplaat vóór-kliniese navorsing gedoen het op diere en dat daardie navorsing verwerk is deur Medchem Forchungs. Dit word aan hom gestel dat Webster vir hom skryf dat daar vooruitsigte is dat sanksies gelig gaan word en dat daar goeie beleggings-geleenthede oorsee sou wees. Hy gee dit toe maar hy wys daarop dat Webster ook verwys na hom met sy staatskonneksies. Die Good Laboratory Practice Certificate (GLPC) het 'n vertraging veroorsaak en is dikwels deur hom en Chu bespreek. Indien die sertifikaat vroeër uitgereik was kon hulle beter inkomste gekry het. Dit word aan hom gestel dat teen die einde 1990 Chu raadop was en hy word verwys na Chu5 wat 'n revision of strategy dokument is gedateer 5 Desember 1990. Hy sê dat hy nie weet of hy die dokument gekry het nie maar soos hy dit lees lyk dit ook of daar 'n aanduiding is dat die maatskappy van rigting verander in die sin dat dit meer wil konsentreer op die rekenaars. Medchem Forchungs het vir

Data Images 'n stelsel ontwikkel, Coast het dit betaal, later het Mijburgh dit van Coast oorgeneem. Die rekenaars is in Basel aanmekaar gesit. Dr Bothma het gegaan, dit uitmekaar uitgehaal, op die vliegtuig gesit en teruggebring na Suid-Afrika toe. Die getuie weet nie wat Chu se winsgrens was en hy weet ook nie wat Mijburgh gemaak het deur die stelsels te gebruik nie. Dieselfde stelsel op 'n kleiner skaal het hy ook probeer installeer in CSD in Engeland. Op die ou end het hy gesê dat die rekenaars uitgeneem moet word uit Medchem Forchungs. Chu het altyd in kruie belanggestel. Daar was 'n malariamiddel Arthemetrim geïdentifiseer in China. Hy gee nie toe dat Medchem Forchungs 'n verbintenis gehad het met MCI nie. Hy word verwys na SB4 en hy gee ook nie toe dat dit is wat blyk uit SB4 nie ofskoon daar in 'n paragraaf 'n verwysing is deur MCI na hulle handelsverbintenis met Medchem Forchungs. Hy ontken dat hy vir Lourens gesê het dat Chu Protechnik se tegnologie kon bemark want Protechnik het nie tegnologie gehad om te bemark nie. Dit het aan die weermag behoort. Wat Partners In Travel aanbetref was die idee dat Chu dalk vir Cecilia Grant kon voorstel aan iemand wat haar kon help om 'n kantoor in Europa te vestig. Dit blyk uit 'n notule van 'n vergadering in PWD3 gedateer 2 Mei 1991. Dit word aan hom gestel dat nog 'n rede waarom dit duidelik is dat hy eintlik die voordelige eienaar van Medchem Forchungs was is omdat hy vir Chu gesê het om die aandele te verpand. Hy sê nie dit was 'n dekstorie gewees en dat hy soveel name as moontlik genoem het, ook dié van generaal Regli en van Rittman. Chu het in sy persoonlike hoedanigheid 26 000 Switserse frank bymekaar gekry. Hy wou dit as 'n deposito gebruik. Op die ou end het die Suid-Afrikaanse regering sy borg betaal. Hy erken dat hy die peetpa van Chu se kind is en dat sy dogter by Chu tuisgegaan het. Chu se plek was maar klein en hyself mag eenkeer daar gebly het maar hy het origens maar in hotelle gebly. Wat Viljoen aanbetref was sy opdrag aan hom om die front van 'n buitelandse belegging voor te hou en om uit te vind wat presies aangaan in Medchem Forchungs. Hy het nie vir Pura gesien as betrokke by Medchem Forchungs nie. Dit is so dat hy gereeld by Chu gekom het. Wat hom aanbetref het hy geglo dat Dreier Duits is. Behalwe vir 1997 glo hy dat Chu gedurende 1993/94 laas in Suid-Afrika was. Hy glo dat Chu gedink het dat D John Truter die gelde hanteer wat nodig is vir sanksieverbreking. Hy kon gedink het dat Truter betrokke was by die weermag want die tipe van goed wat verkry is was vir die gebruik deur die veiligheidsmagte maar hy glo dat dit alles plaasgevind het voor die einde 1992. Hy ontken dat die £80 000 vir penicillin 'n geldige kontrak was en sê dat dit 'n blote skynstorie was om die direkteure van Medchem Forchungs om die bos te lei

en om die £80 000 daar in te kry. Hy sê dat die insulien kontrak ook so 'n soort van 'n kontrak was. Daar ontstaan 'n debat oor die vraag of hy vir Chu kon mislei met sy voorstelling dat dit 5 miljoen eenhede was wat eintlik 'n botteltjie is wat \$7 kos en hy sê dat dit is wat hy bedoel het dat dit gewerk het. Wat die weermagkontrakte aanbetref is dit korrek dat Medchem Forchungs die paymasters was maar die idee was nog steeds dat volgens die kontrakte hulle 'n diens moes lewer aan MCI en dat Blackdale weer op sy beurt aan hulle die diens moes lewer. Hy sê dat die fondse in Chu se private rekening oorbetaal is maar dat madam Suter vertrouwd was met die werklikheid en dat die geld sonder probleme oorbetaal is in die volgende rekening en dat die kanalisering afgehandel is. Hy sê daar was 'n tweede kanalisering wat bestem was vir MCI maar dat die omstandighede verander het deurdat daar privatisering plaasgevind het en dat projek Piesing van stapel gestuur is en die gelde wat toe nog beskikbaar was is terug na die projek en geoudit. Hy word verwys na Chu13, 'n rekening vir 62 168 Switserse frank. Hy sê dat hy niks daaraan gedoen het nie en dat Chu dalk deur Dreier verwys is, dat Chu kon gedink het dat hy die agent is vir WPW. Hy ontken dat Chu kon gedink het dat hy die voordelige eienaar is.

[1391] Met betrekking tot klagtes 11 tot 13 ontstaan daar 'n debat oor die peptiet sintese sisteem. Hy sê dat dmv die tegniese werkekomitee die behoefte geïdentifiseer is en die persone betrokke was Jordaan, Koekemoer, Mijburgh en Goosen. Dit is mense wat bydraes gelewer het en hy het dit afgeskryf. Hy het die besluit aan die KBK voorgedra en hy sê daar was nie 'n enkele persoon in die land wat heeltemal vertrouwd was met die sisteem nie. Hy dink die persoon wat die beste toegerus was, was 'n persoon by die universiteit van Kaapstad. Hy gee toe dat by Delta G Lucia Steenkamp met die hulp van Van Jaarsveld en Jeff Candy navorsing gedoen het. Jordaan het leiding gegee maar het nie self navorsing gedoen nie. Hy sê daar was ook 'n groep mense by die Vrystaatse universiteit wat navorsing gedoen het in peptiet sintese. Hy sê dat hy reeds in 1990 geskryf het van die thymus peptiet terwyl Lucia Steenkamp en Jordaan dit eers uitgevind het in 1997. Daar was navorsing gedoen op groeihormone en breinpeptiede. Hy het nie met Steenkamp en Jordaan spesifiek daaroor gepraat nie. Die peptiet navorsing kon die brein beïnvloed. Daar is twee nuwe breinpeptiedes. Hy sê dat hy self later 'n molekuul gemaak het. Hy sê hy het baie goed geweet wat aangaan

by Delta G. Hy was bewus van die aankoop van hulle peptiet sintetiseerder en hy het dit self gemagtig. Hy sê dat dr Jordaan nie in 1990 'n thymus peptiet kon maak nie. Hy het gereeld met hom gepraat en het geweet wat sy vermoë was. Die Bulgaar was ene Georgev en die Engelsman was ene Cadwell - nie Jeffrey Cadwell nie. Hy sê dit het omtrent 9 maande gevat om die thymus peptiet te produseer en daarna is daar nog variante gemaak. Hy sê dat Cadwell gewerf is deur die Mais Corporation. Hulle betaling was ingesluit in die globale prys behalwe dat hier in Suid-Afrika die projek vir hulle voorsien het van kos, water en klere. Hy sê as die omstandighede nie verander het nie en die masjien nie gebly het nie, daar 'n nuwe kontrak onderhandel sou moes word. Die Bulgaar het in 'n aparte woonstel in Sunnyside gebly. Dit word aan hom gestel dat dit nie gestel is dat die Bulgaar navorsing gedoen het nie en hy sê dat dit wel gestel is dat hy die masjien moes kalibreer en dat hy daarmee bedoel het dat hy hom moes kalibreer tot op die stadium waar die peptiet gesintetiseer was. Daar ontstaan 'n kruisverhoor oor ene John Bull wat hy sê wat 'n kanonmaker gewees het en wat nie by Speskop in die laboratorium was nie. Daar ontstaan 'n debat oor sy vermoë en hy sê dat hy 'n MSC gedoen nadat die professor tevrede was dat hy sodanig onderlê was in chemie dat hy gelykstaande was aan Chemie 3. Hy sê dat hy sy tesis gedoen het op die menochemie en dat hy 'n biochemies-sintetiker is. Hy gee geredelik toe dat hy nie 'n gewone chemiese sintetiker soos Koekemoer is nie. Dit word aan hom gestel dat generaal Neethling gesê het dat hy absoluut niks weet van chemiese sintese nie en hy betwis dit.

[1392] Hy ontken dat Jordaan betrokke was by pirotegniese toetse. Mbt bewysstuk "13.10" sê hy dat hy vir meer as 3 maande in die VSA was en dat hy nie weet waarvoor die R750,00 rekening van Annette Versluis vir Chu was nie maar dit lyk asof hy dit verhaal het van die projek en dat dit wel geoudit is. WB11 is inderdaad 'n bestedigingsmagtiging vir die bedrag op WB10 wat die rekening is. Hy sê dat Chancellor was 'n subprojek maar hy kan nie onthou waarvoor nie. Daar is 'n lang debat oor die Tagell ooreenkoms waarin daar 'n prestasiewaarborg was en hy verduidelik weereens dat hy gepraat het met die Iranese dat hy agtergekom het dat hulle dalk 'n peptiet sintese sisteem kan voorsien, dat hy wou geweet het wat hulle behoefte was want dit was in sy soort van besigheid belangrik gewees en dat hulle die peptiet sintese-aankoop wou wegsteek in 'n ander ooreenkoms. Hy sê dat Mole vir hom ene May gegee het om hom behulpzaam te wees. Hy sê dat

Webster, Van Remoortere en Zimmer geweet het dat daar 'n ander transaksie was. Hy het aangedring dat daar 'n prestasiewaarborg moes wees wat so gewerk het dat wanneer hy die peptiet sisteem gekry het hy kon opdrag gee dat die bedrag uitbetaal word. Hy stem nie saam met Webster se ontkenning dat daar 'n verskuilde transaksie was nie. Dit word aan hom gestel dat 'n peptiet sintetiseerder nie so 'n groot geheim was soos 'n atoombom nie en hy sê dat dit wel verreikend was en baie meer sensitief as bv die verskaffing van beskermde klerasie. Hy sê dat ene Willman saam met Zimmer die probes in stikstof verpak in ontvangs geneem het. Hyself het die thymus peptiede gekry. Daar ontstaan 'n vraag oor waarvoor Chu alles vergoed is en die beskuldigde hou voet by stuk dat in par xi van F1.68 sy konstruksie destyds was dat dit was vir Chu se mediasie met die Tagell ooreenkoms en hy sê hy het nou geen rede om van daardie mening te verander nie. Dit blyk dat daar deur Knobel verwys word na dokumente in sy kantoor om dit te staaf. Die beskuldigde gee toe dat Chu nie tekenmagte gehad het op die Blackdale Luxembourg en Blackdale Genève rekenings nie en dat dit Zimmer was wat die geld teruggestuur het en vir homself die rente teruggehou het. Hy sê dat Van Remoortere en Zimmer nie sou geweet het van Chu se betrokkenheid nie. Hy sê die probes is molekules wat jy koppel aan organismes om hulle eienskappe te bepaal en om dan te help om die gene te ekstraheer. Hy word verwys na F11.1 van 29 Mei 1989 wat aantoon dat op daardie stadium die aankoop van die peptiet sintetiseerder baie dringend was en dat daar net die volgende dag opdrag gegee is dat die \$3,2 miljoen ook oorbetal moet word. Die beskermde klere het nie gerealiseer nie. Hy sê dat die DNA probes aangewend kon word vir vigsnavorsing aangesien met 'n modifikasie jy met behulp van hulle reseptore kon identifiseer. Hy hou voet by stuk dat hy vir Zimmer gesê het dat hy hom nie oor die Tagell kontrak moet bekommer nie. Hy word verwys na bewysstuk 11.1C en daar is 'n verwysing na Medalfa waarin die naam uitgewis is. Hy weet nie wat die naam was wat daar was nie. Hy sê dat generaal Knobel wel die peptiet sintetiseerder gesien het en dat Immelman die resultaat van Jordaan se proewe moes toets. Hy sê die prys vir die thymus peptiet was 'n redelike prys en hy wys daarop dat Steenkamp gesê het dit was baie duur terwyl Jordaan gesê het dit was baie goedkoop. Hy dink dit was 'n goeie prys.

[1393] Die beskuldigde word verwys na bewysstukke 14A en 14B, die Blackdale kontrakte en hy word gevra of die ouditeur Theron en generaal Knobel dit sou gesien het. Hy sê dat hy nie weet of hulle dit gesien

het nie. Hy reken dat daar sulke kontrakte by Truter sou gewees het. Die masker kontrakte sou wel by Truter gewees het. Theron was bewus daarvan en het dit geoudit. Alhoewel Tagell 'n dekking vir Coast was, was daar geen nodigheid dat hy dit moes openbaar nie. Die KBK het geweet dat daar \$3,2 miljoen betrokke was maar het nie die fyn detail geweet nie en wou dit nie weet nie. Hy sê dat die \$3,2 miljoen alleen uitbetaal kon word deur Zimmer maar nadat hy 'n opdrag van die beskuldigde gekry het. Die beskuldigde sê dat hy nie kon weier om 'n opdrag uit te voer nie en dat dit gestaaf word deur die feit dat hy inderdaad die \$325 000 uitbetaal het. Die 38 600 Switserse frank wat ter sprake kom in F1.68(xi) sê die getuie dat generaal Knobel die brief geskryf het en dat dit op daardie stadium die konstruksie was. Hy word verwys na WB12 wat sy opdrag was vir die oorbetal van die geld. Hy sê dat daar selfs 'n fout kon gewees het maar hy hou voet by stuk dat daar wel koste verbonde was aan die afbestuur van die eerste peptiet sintetiseerder kontrak.

[1394] Daar moes ook ander dokumente in generaal Knobel se kantoor gewees het. Hy gee toe dat die oorplasing geskied het deur Global Capital Investments wat 'n frontmaatskappy was. Dit is moontlik dat daar identiese oorbetalings kon wees. Met betrekking tot die doel waarvoor Medchem Forchungs gestig is sê die beskuldigde dat WPW dit wou hê maar dat dit in die buiteland gebruik kon word deur die projek en dit kon ook vir RNL 'n beeld in die buiteland skep. Die beeld sou wees dié van 'n privaat maatskappy. Hy sê dat die kommersialisering geskied het hier by Maart/April 1990 en hy sê dat hy nie weet wanneer die beeld van Medchem Forchungs verander het na dié van 'n bemarker van RNL se produkte nie. Hy word verwys na bewysstuk 23B en sê dat dit 'n besprekingsdokument was ter voorbereiding van die kommersialisering en dat die agente wat hy daar in gedagte gehad het Medchem Forchungs, 'n Oostenrykse professor en ook 'n paar ander agente. Aanvanklik was die beeld van die agent waarskynlik Chu en het dit verander toe die naam Medchem Forchungs was om 'n konnotasie te maak met Medchem Industries en 'n Engelse maatskappy met die naam van Medchem. Hy word verwys na para 32 van die dokument en dit word aan hom gestel dat hy daar voorbrand maak vir latere fiktiewe trekkings. Hy word ook verwys na para 45 van die dokument wat gaan oor beskermende klerasie en dit word aan hom gestel dat hy daar verwys na CSD. Hy sê dat die verwysing is na Technotek en Protechnik. Hy ontken dat dit 'n voorbrand is vir latere fiktiewe onttrekkings.

[1395] Die Jetstar. Die prinsipale het 'n behoefte vir 'n vliegtuig geopper gedurende 1988/1989 en die SA weermag het ook so 'n behoefte gehad. Die Jetstar was ideaal vir die behoefte gewees. Hy was op daardie stadium betreklik bekend met vliegtuie. Die begroting was iets tussen \$3 en \$4 miljoen. Dit word aan die beskuldigde gestel dat die prinsipale alleen kon koop as die weermag gekoop het en hy antwoord dat dit nie so is nie en dat ook volgens Bruwer se verslag daar groot bedrae geld deur die WPW rekenings is wat nie van Coast afkomstig is nie. Dit word aan hom gestel dat hy en Mijburgh met dwelms gesmokkel het. Hy word gevra oor dromme wat by Medchem agtergebly het en hy toon aan dat die SAP uitgangstowwe by Medchem gelaat het en dat na privatisering dit nog steeds daar was. Met betrekking tot die besending van stowwe wat in Ierland aangekom het sê die beskuldigde dat dit in deurgang was in Durban hawe en dat hy gevra is om te help met 'n ondersoek.

[1396] Die prinsipale was nie dringend op soek na 'n vliegtuig nie. Die behoeftes is bespreek en verfyn en bevredig oor 'n periode van maande. Die C123 was 'n klein vragvliegtuig en dit was die vliegtuie van Vermaas. Hy is ook gevra om daarna te kyk maar daar het nie 'n koop plaasgevind nie. Dit is so dat 'n bedrag van \$150 000 oorgeplaas is. Hy het ook na Boeing 727 gesoek in België. Net soos die vragvliegtuig was dit nie vir SA bestem nie. Hy glo dat hy nie die enigste persoon is wat gesoek het vir vliegtuie vir die prinsipale nie. Hy word gevra hoe 'n mens 'n Jetstar koop en hy sê dat die prys bepaal is op \$3,2 miljoen, dat hy meegedeel is dat hy die \$800 000 wat in die WPW rekening is moes neem en dat die \$2,4 miljoen van die peptiet sintetiseerder gebruik moes word. Hy sê die aankoop moes geskied het hier by April of Mei 1990. Die peptiet sintetiseerder is eers gelewer voordat die \$2,4 miljoen betaal is. Purvis was die eerste aangestelde vlieënier. Hy kan nie ontken dat WPW Jetstar Investment Inc gestig is in Februarie 1989 in Florida nie. Hy kon toe geweet het hoe die koop gefinansier sou word. Hy sê dat jy die aankoop van die Jetstar seker as 'n gedeeltelike ruil-transaksie kan beskou in die sin dat die WPW groep 'n peptiet sintetiseerder verkoop het en die opbrengs verruil het vir 'n gedeelte van 'n Jetstar. Hy word verwys na bewysstuk FA7, 'n brief van Webster gedateer 2/3/1990 gerig aan John Miles wat gaan oor die finansiering van die Jetstar en die soek vir 'n lening. Hy sê dat dit 'n deksorie kan wees. Hy was nie bewus van die brief nie en hy glo dat dit Webster was wat

besig was om sy ding te doen. Bewysstuk F1.63 is die aankoop kontrak van die Jetstar gedateer 14/3/1990. Dit word aan hom gestel dat die geld verskaf is deur Coast en hy sê dat dit nie so is nie. Wat Coast gedoen het was om 'n peptiet sintetiseerder te koop. Dit word aan hom uitgewys dat toe die peptiet sintetiseerder betaal moes word daar 'n gebrek aan fondse was en hy gee toe dat dit so is maar sê dat die KBK en HSF toe gesê het dat daar fondse in Switserland is en dat dit intussen gebruik moes word om vir die peptiet sintetiseerder te betaal. Hy word verwys na F14.1 waarin hy aan die Reserwe Bank aandui dat geld oorgeplaas moet word. Hy sê dat dit plaasgevind het na samesprekings met die KBK, Chu en Zimmer. Dit word aan hom gestel dat volgens brigadier Coertzen daar nie vroeg in die finansiële jaar 'n probleem kan wees met fondse nie. Die beskuldigde sê dat dit juis die tyd is wanneer daar 'n probleem is. Aan die einde van die finansiële jaar dit wil sê gedurende Maart is daar fondse wat deur almal gegryp word maar in die begin van die finansiële jaar dit wil sê April en verder is daar 'n staatsbestedings departement wat probleme het. Hy sê dat daar ook doelwit-bereikings is en dat een van projek Coast se doelwit- bereikings peptiet sintese was. Hy sê dat toe daar 'n aanbod gemaak is vir die Jetstar op 2/3/1990 hy geweet het dat die peptiet sintetiseerder op pad was. Dit blyk dat die MCI fondse op 20/4/1990 oorgeplaas is na Europa. Dit word aan hom gestel dat daar reeds werknemers-ooreenkomste gedurende Maart gesluit was. Hy erken dat daar 'n ooreenkoms met Purvis was maar ontken dat daar een met Snyders was en hy sê dat dit nie snaaks was nie en as die vliegtuig nie gekoop sou word nie sou daar wel beëindigings-ooreenkomste gewees het en boetes sou betaal word. Hy moes die vlieëniers kies. Hy bevestig dat toe die MCI fondse in Chu se rekening betaal is daar stappe geneem is vir die betaling van die peptiet sintetiseerder. Hy bevestig dat DAW79, 'n brief van Webster aan die Banque National de Paris, geskryf is in sy opdrag. Dit is gedeeltelik 'n deksorie om die sekerheid van die projek te beskerm en ook om die bankbestuurder tevrede te stel. Hy word gevra oor die navorsingskontrak tussen Delta G en D John Truter en ofskoon dit blyk dat die kontrak eers op 30/4/1990 onderteken is deur Truter en Mijburgh, sê hy dat as 'n mens kyk na die kommersialiseringskontrakte dit duidelik is dat die kontrakte reeds op 1 April in werking getree het. Daar is 'n debat oor hoekom die lening vir die Jetstar net vir ses maande was en die beskuldigde sê dat dit maar wanpraktyk was. F14.13 is 'n brief van Baker & Hostetler aan madam Suter van die Banque National de Paris en hy sê dat die "my principal" waarna Webster daarin verwys 'n verwysing is na hom in sy hoedanigheid as agent vir die prinsipale. Die persone wat betrokke was

by die aankoop van die peptiet sintetiseerder was Chu, Dreier en Russe en daar was die apparaat asook een "body" vir die implementering en nog 'n "body". Hy sê dat Chu veilige bewaarplek verskaf het, dat hy die koördinerings gedoen het en dat die tweede sintetiseerder al met kapulêre ekstraksie kon werk. Hy word gevra hoeveel keer hy en Chu onderhandel het en sê dat hy nie kan onthou nie maar dat dit iets tussen 1 en 6 kan wees. Hy sê dat Chu geskakel het met Medalfa. Hy was soms saam en soms was dit net Chu. Hulle het die mense in hotelle ontmoet. Hy weet nie waar hulle kantoor was nie.

[1397] Hy sê dat hy wel die beswaring van die MCI fondse met Chu bespreek het en dat hy vir hom gesê het dat hy 'n vliegtuig wou koop en dat hy die nodige fondse sal kry. Hy sê dat hy nie vir Theron daarvan vertel het nie. Toe Theron dit geoudit het was die bedrag alreeds terugbetaal met rente. Dit word aan hom gestel dat Theron sê hy daarvan sou wou geweet het maar hy sê dat hy dit nie aan hom hoef te vertel het nie. Hy sê dat generaal Knobel daarvan geweet het en die KBK daarvan geweet het. Dit was die staat se geld wat verskuif is en vervang is. Hy sê dat hy gemagtig is deur HSF. Wat hy wel gedoen het was om die MCI geld vir Theron te rekonsilieer. Hy ontken dat hy vir Theron mislei het. Hy word verwys na para (xxvii) van F1.68 en hy sê dat sy antwoord daar korrek is want dit het betrekking op die tweede poging om 'n peptiet sintetiseerder aan te koop. Hy word gevra oor die prestasie verband en hy sê dat daar in die algemeen verwys is na prestasie verbande. Dit was wanneer daar 'n lening teen 'n deposito gemaak is om te betaal vir uitrusting of dienste. Die koper neem kennis dat die geld beskikbaar is en hy lewer dan.

[1398] Met betrekking tot aanklag 16, die oorplasing van \$2,4 miljoen, word dit uitgewys dat die rente gereflekteer word op p92 van Bruwer se verslag. Die beskuldigde sê dat hy vir Zimmer gesê het om die bedrag oor te betaal en om die rente te diens. Hy sê dat hy wel op hoogte gehou is van die stand van lenings. Net hy of Zimmer kon die rente diens. Hy word daarop gewys dat in plaas van \$2,4 miljoen daar net \$2,25 miljoen oorbetal is na die MCI rekening. Die beskuldigde sê dat Zimmer opdrag gekry het met elke bedrag wat in die Barcelona rekening inbetaal is hoe hy daarmee moes handel en dat hy nie sou geweet het of 'n besondere bedrag Coast geld was of WPW geld nie. Hy gee toe dat die Jetstar teen 'n verlies bedryf is en hy gee toe dat daar baie spandeer is aan die opgradering van die Jetstar. Hy sê dit is duidelik dat die

aankoop daarvan en die opgradering daarvan op sodanige basis was dat dit nie winsgewend bedryf kon word nie. Hy bevestig dat daar groot bedrae oorgeplaas is na Merrill Lynch en dat dit waarskynlik te doen gehad het met die onderhoud en opgradering van die Jetstar. Hy sê die volle verantwoordelikheid vir die Jetstar was syne. Hy word verwys na DAW82 en bevestig dat Webster wil weet of hy die Medchem geld kan gebruik. Hy sê dat die Jetstar uit 'n operasionele oogpunt baie belangrik was en dat hy gevolglik deeglik toesig moes hou daaroor. Wat die kontrak tussen Aeromed en WPW Aviation Investment Inc aanbetref sê hy dat dit 'n metode was om die geld wat in SA gegenereer is uit die land uit te kry. Daar moes 'n huurkontrak wees en dit moes verduidelik word dat die geld die Amerikaanse maatskappy se geld is. Hy bevestig dat die Jetstar teen 'n verlies bedryf is.

[1399] Daar word aangedui dat daar gedebatteer sal word daaroor dat die WPW groep ernstige finansiële probleme gehad het van 1993 af. Die beskuldigde se reaksie daarop is dat daar wel kontantvloei probleme was, selfs vroeër, en dat dit afhang van die prioriteite van die prinsipale wat gebeur - óf daar word verdere geld beskikbaar gestel óf die bates moet te gelde gemaak word. Hy bevestig dat die Jetstar groot uitgawes veroorsaak het. Hy sê dat in 1992 daar die eerste keer sprake was van die verkoop van die Jetstar toe daar gepoog was om 'n FAR129 lisensie te kry. Dit is die soort van lisensie wat ook vervoer in Amerika van passasiers sou magtig. Dit het lank gevat om so 'n lisensie te kry en Webster het voorgestel dat die vliegtuig verkoop word. Hy sê dat dit belangrik is dat daar nie eksterne skuld aangegaan word nie want as hofaksies ter sprake kom moet daar blootlegging geskied en dit kan embarrasserend wees. Hy sê dat Webster uit die staanspoor geweet het dat die aankoop van die Jetstar nie vir 'n wins-motief was nie. Dit word aan die beskuldigde gestel dat hy wou wins maak en die beskuldigde sê dat hy Webster se korrespondensie en optrede nie anders verstaan as bloot dat daar inkomste moes wees sodat daar nie buite krediteure sou ontstaan nie. Hy sê dat die brief JW28 se datum verkeerd is en dat dit 3/1/1994 moet wees want hy het op 23/12/1992 in SA geland met die Jetstar en substans M en in 1993 is president Mandela nog heen en weer gevlieg. Hy sê dat die prinsipale se houding in 1993 was dat hulle die vliegtuig nog wil gebruik. Hy het nie vir die prinsipale vertel dat hy afgedank is uit die weermag nie, nie voor in 1995 nie. Die beskuldigde sê dat in soverre die staat die indruk probeer skep dat hy die prinsipale se enigste bron van inkomste was dit verkeerd

is. Wat wel gebeur het is dat hy 'n opdrag gekry het om die projek af te bestuur en dat generaal Knobel inderdaad gereël het dat die weermag sy salaris betaal. Hy sê dat hy waarskynlik vir die prinsipale laat verstaan het dat hy minder betrokke gaan wees.

[1400] Hy verwys na 'n skrywe van 24/3/1993 waaruit dit blyk dat ene Charlie Sterns sê dat die Jetstar verkoop kan word teen \$3,6 miljoen. Hy sê dat daar wel sprake was omtrent teen daardie tyd om die Jetstar te vervang met 'n Falcon vliegtuig en hy en Zimmer het nog na die Franse lugmag gegaan. Dit sou egter baie duurder gekos het. Die rede daarvoor was dat president Mandela in die kapasiteit wat hy toe was 'n vliegtuig benodig het en 'n langer vliegafstand wou hê. Hy ontken dat Pienaar die vliegtuie gehuur het. Dit word vir hom gesê dat Razzak maar net bloot moes besluit om in die groter vliegtuig te belê en hy sê dat Razzak nie self so 'n besluit sou geneem het nie. Dit word aan hom gestel dat Razzak 'n fiksie is. Hy ontken dit en sê dat dit die man is wat hy mee saamgewerk het. Hy sê dat Webster geweet het dat Mandela met die Jetstar vlieg omdat hy state gekry het met 'n nil opgawe. Hy word verwys na DAW86 geskryf 27/1/1993 en gee toe dat daar uiteengesit word dat die situasie kritiek is en dat al die beskikbare fondse uitgeput is. Dit word aan hom gestel dat die prinsipale net die nodige geld moes oorplaas en hy sê dit hang af van die prinsipale se prioriteite. Hy word vir die soveelste keer gevra oor DAW84 ingevolge waarvan daar bates oorgedra sou word aan Luft te wete die Condo in Amerika en die "cottage". Hy sê dat hy nie die werklike beplanning daar rondom onthou nie maar hy gee toe dat hy betrokke sou gewees het daarby. Hy wys egter uit dat dit nie plaasgevind het nie.

[1401] Hy sê dat hy vir Webster gevra het om dokumente te skep wat vir Zimmer sou help om geld te skuif. Dit het te doen met die sogenaamde verkoop van die vliegtuig in Genavco. Hy sê Webster het geweet dat dit nie 'n werklike kooptransaksie was nie. Met verwysing na Webster se aanduiding dat as daar 'n kontrak opgestel word dit moet wees dat die vliegtuig verkoop word "as is" (voetstoots). Hy sê egter dat die verkoop 'n skyntransaksie was. Hy word verwys na DAW85 en hy gee toe dat daar beplanning kon gewees het om die vliegtuig te verkoop. Dit kon óf wys wees om dit te vervang met die Falcon of nie. Dit word aan hom gestel met verwysing na bewysstuk 14.44 dat die "hassles" wat hy beweert dat hy wou uitsorteer te doene het met die

Keem ondersoek. Hy ontken dit ten ene male en hy sê dat die HSF ondersoek afgehandel was. Dit word aan hom gestel dat wat hy daarin skryf in sy handskrif naamlik om 'n valse spoor te lê ("false trail") te doen gehad het met die ruil-transaksie van die Jetstar. Die beskuldigde se reaksie daarop heeltemal tereg is dat die Jetstar aangekoop is in 1990 en dat die sogenaamde "bill of sale" gedateer was Augustus 1992 en dat die twee goed nie soos wat die staat aanvoer by mekaar uitkom nie.

[1402] Volgens bewysstuk 20DDD gedateer 24/6/1993 lyk dit asof sy besluit op daardie stadium was om die vliegtuig te verkoop. Hy sou dit met die prinsipale bespreek het. Dit is egter nie verkoop nie en die rede daarvoor kan een van twee wees: óf was daar nie 'n realistiese aanbod gewees nie óf het die prinsipale intussen van gedagte verander. Daar ontstaan 'n debat oor of 'n inligtingsoffisier betrokke is by politieke besluite. Die beskuldigde voer aan dat Razzak wat 'n inligtingsoffisier in Libië was afhanklik was van wat die politici en die president besluit het. Met betrekking tot DAW91 sê hy dat hy stappe kon geneem het om die vliegtuig te verkoop of hy kon die bemaking bespreek het. Hy word verwys na DAW92 gedateer 23/8/1992 waar dit duidelik is dat Webster fondse soek. Die beskuldigde sê dat dit vir hom lyk asof dit te doene het met die Waterson Trust en die lening aan die Aries Trust. Dit is so dat die trust nog nie gestig was nie maar dat die leningsooreenkoms reeds opgestel was. Met betrekking tot bewysstuk 20EEE waar dit blyk dat die WPW groep geld verwag het sê hy dat die prinsipale seker geld belowe het. DAW53 'n brief van Webster aan Basson gedateer 12/10/1993 is 'n verdere soek na fondse deur Webster as gevolg van 'n fondse vloei probleem. Die beskuldigde sê dat daar drie besoeke aan die wildduin was maar dat die 93 besoek uitgestel is tot in 94. DAW74 gedateer 25/10/93 toon weer eens 'n fondse vloei probleem aan. JW28 gedateer 3/1/94 is 'n aanduiding dat daar nou sprake is om fondse teen die vliegtuig te leen. Die beskuldigde sê dat daar toe al berigte was oor die oorsprong van die vliegtuig en dat sy persoonlike posisie ook 'n rol kon gespeel het. Op daardie stadium het hy reeds aan die prinsipale aangedui dat hy hom geleidelik gaan onttrek.

[1403] Die beskuldigde dui aan dat hy verskeie gesprekke met Swanepoel gehad het oor die vliegtuie. Dit word aan hom genoem dat daar 'n sogenaamde "debt forgiveness agreement" was. Hy sê dit is inderdaad so.

Die posisie was dat die Kingair hier in SA geregistreer was en dat gelde verskuldig was aan die Amerikaanse maatskappy. Om die Kingair weer oor te plaas na Amerika sou baie gekos het en op die ou end moes die boeke afgesluit word by wyse van 'n "debt forgiveness agreement" soos wat Webster dit gereël het. Wat die opbrengs aanbetref het die prinsipale gesê dat die geld gehou moet word vir die SA operasies. Hy sê dat Swanepoel wel betrokke was by die administrasie van die vliegtuie en dat hy die breë riglyne gegee het. Dit word aan hom gestel dat in 'n brief Mijburgh vir Webster gesê het dat hy nie bekommerd moet wees oor geld nie omdat die Kingair se geld veilig was en beskikbaar was. Hy sê dat in daardie opsig Mijburgh bloot 'n boodskapper sou gewees het. Mijburgh het niks te doen gehad by die administrasie of beheer van die vliegtuie nie. Hy gee toe dat daar 'n tydstip was waarop baie entiteite van die prinsipale finansiële probleme gehad het. Hy gee toe dat die GGI projek deurgeval het. Hy sê dat bewysstuk 18.61 waarin Zimmer bitter ongelukkig is omdat daar nie fondse kom nie en dit die gevolg het dat die GGI projek deurval waarskynlik gevolg het nadat daar deur die prinsipale beloftes aan hom gemaak is wat nie gestand gedoen is nie en daar net nie geld was nie. Hy word verwys na 14.48 gedateer 31/10/94 wat 'n brief is van Zimmer aan Webster. Volgens daardie brief sê Zimmer dat WPW Aviation 'n bedrag van \$830 000 skuld aan Genavco vir die koop van die Jetstar. Die beskuldigde sê dat Zimmer besef het dat daardie nie 'n wettige ooreenkoms was nie. Hy word dan verwys na bewysstuk 18.63 wat ook 'n brief is van 31/10/1994 van Webster op sy beurt aan Zimmer en dit blyk dat Webster daar by Zimmer geld soek vir WPW. Beskuldigde sê dat altwee van hulle het seker by hom probeer soek maar hy het weggekrui. Hy meen dat Webster verbaas was oor die aanspraak deur Zimmer namens Genavco vir die \$830 000 vir die verkoop van die Jetstar. Hy word verwys na 14.58. Dit gaan oor die verkoop van die vliegtuig en die belegging by Tub Master. Dit word aan hom gestel dat dit onwaarskynlik is dat die Libiërs daarin sou belê. Hy sê dat daar 'n Libiër is wat 'n verblyfsertifikaat gekry het. Hy sê dat enige inligtingsoffisier geleenthede soek. Die persoon wat die groen kaart gekry het was een van Razzak se kollegas. Hy moes oor een of ander tegniese vermoë beskik het wat hom in staat gestel het om by Tub Master te werk en wat tot gevolg gehad het dat hy die groen kaart gekry het. Wat Niel Kirstein aanbetref sê hy dat Niel Kirstein wou emigreer; dat hy vir Niel Kirstein gesê het dat hy na Tub Master toe moet gaan waar hy by Jane Webster en Webster kon uitvind wat die vereistes is om 'n besigheid te begin en dat hy ontken dat Kirstein deur hom verwys is na Tub Master as 'n moontlike plek waar hy kon werk. Hy wys ook

daarop dat Kirstein later by 'n graniet besigheid in Georgia was. Wat Tub Master aanbetref het hy vir Mijburgh gevra om somme te doen. Hy sê dat 'n mens moet weet wat die vooruitsigte van 'n besigheid soos daardie is want dit help nie as jy bv in twee jaar se tyd 'n verblyfpermit kry dat die plek waarby jy jou tegniese vermoë ten toon stel na 'n jaar onder gaan nie. Hy sê dat Mijburgh hom meegedeel het dat die syfers reg gelyk het. Hy word verwys na SB42A, dit is 'n brief van Webster aan Bosch, en hy sê dat hy dink dat Bosch dit met hom bespreek het en hy het elke bladsy geteken. Die belegging het plaasgevind. Hy het dit gemagtig. Hy gee toe dat sy handtekening voorkom op die oorspronklike van SB42A.

[1404] Kruisverhoorder dr Pretorius. Die getuie sê dat hy nie die hipokratiese eed geneem het nie omdat Pretoria dit nie vereis nie maar hy het wel 'n onderneming wat ooreenkom daarmee geneem. Dit is om om te sien na die welstand van pasiënte. Hy het nie 'n probleem met ontvoering as deel van 'n militêre operasie nie. Hy het wel middels vir daardie doel verskaf. Hy het hom daarmee versoen omdat dit in belang van die bevolking as 'n geheel was. Hy sê dat hy dit wel gedebatteer het met 'n persoon en dat die SA regering bekend was as 'n terreur organisasie. Dit was nie sy persoonlike idee nie. Hy word gevra of hy besef het dat die aanval na die binneland geskuif het. Hy sê dat die politici so gepraat het maar dat dit nie die weermag se standpunt was nie. Wat die weermag aanbetref was die polisie verantwoordelik vir die polisiëring van die binneland. Daar was selfs sprake dat die polisie aangesê is om op te hou met para-militêre optrede. Hy was bewus daarvan dat die veiligheidspolisie in die buiteland geopereer het. Hy het 'n opdrag van generaal Liebenberg gekry om die mense in die buiteland te help. Hy sê dat hy nooit gevra is om gif te verskaf nie. Hy sê as daar gepraat is oor maag-aandoenings dan het hy dit nie aanbeveel nie. Hy het ook nooit middels verskaf wat dit kon veroorsaak nie.

[1405] Hy gee toe dat die militêre opset gereguleer is. Hy gee toe dat dit presies is waarom Theron hom in 1981 gewys het waar hy in Speskop mag ingaan en wat die reëls en regulasies in verband met die toegang tot die gebou is. Daar was inderdaad plekke waar hy nie kon kom nie soos by sekere afdelings van EMLC en van die magasyn. Dit is so ofskoon hy 'n goue kaart gehad het. Wat hom aanbetref het EMLC tegniese ondersteuning aan die weermag gegee. Dit is so dat hy later saamgewerk het met Bill Grieves. Hy

sê dat hy nie die chemici wat in EMLC gewerk het leer ken het nie want hulle is later iewers elders en hy het nuwe personeel vir Delta G gewerf. Hy sê dat Sybie van der Spuy nie na Delta G is as 'n sekerheidsoffisier nie maar as 'n effektiewe ingenieur. Hy word gevra wat 'n militêre doktrine is en hy sê dat dit soort van 'n voorskrif is waarvolgens jy optree in 'n bepaalde situasie. Hy ontken dat daar 'n gif doktrine is. Daar is duidelike bevelskanale. Daar is ses van hulle. Die hoogste daarvan is dat jy onder bevel van iemand is. Daardie persoon kan aan jou iedere opdrag gee. Dan is daar 'n ander situasie wanneer jy onder operasionele bevel is. Dit is waar jy as dokter bv optree onder bevel van 'n aanvoerder. Die aanvoerder kan vir jou sê waar om te opereer maar hy kan nie vir jou sê hoe om te opereer nie.

[1406] Hy sê dat kwaliteits kontrakte belangrik is veral wanneer dit kom by ammunisie. Dit het te doen met effektiwiteit en doelmatigheid. Hy gee toe dat goeie beplanning is 'n deel van effektiewe oorlogvoering. Wat operasie Protea aanbetref was hy vir 'n week lank in Pretoria. Hy sê die onderdele van die gevegsmagte het op 'n gesimuleerde basis geoefen. Hy was nie so lank daarmee besig dat hy sy Propatria medalje gekry het nie. Dit kry 'n mens as jy drie maande front diens gedoen het. Hy verduidelik dat taktiek is dit wat 'n soldaat op die grond doen soos bv hy het 'n magasyn wat 20 rondtes ammunisie het - wanneer hy 19 geskiet het haal hy die magasyn uit en sit 'n nuwe een in omdat hy weet dat daar nog een in die loop is. Strategie kom van die hoogste vlak. Dit word op politieke vlak bepaal. Doktrine is meer 'n gevegssituasie soos bv 'n besluit om die Soutpansberg lyn te hou. Dit word aan hom gestel dat hy vir PW de Jager in diens geneem het as 'n strateeg en hy sê nee meer op die taktiek vlak. Hy verduidelik dat as 'n soldaat 'n opdrag kry 'n waardering gedoen word. Jy vind uit wat jy moet doen, wat jou riglyne en beperkings is en watter hulpmiddels tot jou beskikking is. Na aanleiding daarvan stel jy dan 'n plan op wat jy voorgelê het. Daar is meer as een pyl. Gewoonlik is daar 'n dik rooi pyl wat die plan is wat jy voorstel. Dit word baie male afgeskiet. Wanneer dit kom by spesiale operasies dan is dit 'n bietjie anders. Hy het wel by beplannings konferensies ingesit waar mediese steun nodig is. Dit sou nie 'n skending wees van die moet-weet beginsel nie omdat hy moes weet hoe die aanval sou verloop om behoorlike dekking op mediese gebied te kan verskaf. Die mediese afdeling was 'n ondersteuningsafdeling (jam stellers). Hy het egter nie by elke operasie ingesit nie en daar kan nie veralgemeen word oor presies watter inligting hy gehad het nie.

[1407] Hy word gevra oor afdekking en hy sê dat wat die wetenskaplikes wat by Speskop gewerk het aanbetref die posisie eenvoudig is dat dit maklik was om die mans daar te laat werk - hulle was dienspligtiges en is uniforms aangetrek en moes hulle wetenskaplike navorsing doen. Wanneer dit egter by vrouens gekom het was dit moeiliker en moes daar 'n dekstorie uitgedink word oor hoekom hulle dan nou daar werk. Dit sluit in misleiding en teen-misleiding. Dan is daar ook opspoorbaarheid en terugspoorbaarheid ofskoon hy nie werklik kan sê wat die verskil daar tussen is nie. Hy sê dat daar 'n verskil is tussen koeverte en klandestine operasies. Wanneer dit kom by 'n koeverte operasie dan weet niemand dat dit 'n operasie was nie. 'n Klandestine operasie is net nie terugspoorbaar na 'n besondere persoon nie. Hy word gevra na sy verwysing na die BSB se optrede en hy sê dat hy dit bloot as 'n voorbeeld gebruik het om te illustreer dat geleentheidskoste in groot bedrae betaal word sonder dat daar iets in ruil daarvoor gekry word. Hy sê dat die rooi en die blou planne is 'n klassieke militêre begrip en hy het nie enige kennis van die werking van die BSB nie. Wat hom aanbetref is afskerming en afdekking dieselfde. Daar was staande operasionele prosedure wat uitgevoer moes word. Hy kan glo dat die BSB ook so 'n prosedure gehad het en dat hulle seker ook 'n organogram gehad het. Daar is so ding soos 'n opsek-offisier, 'n operasionele sekerheidsoffisier en dit is so dat daar misleidings en teenmisleidings is. Afskerming word ontwerp vir elke besondere transaksie. Dit word aan hom gestel dat sy voorbeeld van die mortiere van Israel en die kannetjies van Brasilië 'n voorbeeld daarvan is en hy sê dat dit so is en die feit dat Organochem geskep is 'n ander voorbeeld van sodanige fragmentasie is. Die situasie is eenvoudig dat as jy nie inligting nodig het nie dan behoort jy dit nie te hê nie. Hy gee toe dat die konvensionele militêre magte baie gestruktureerd is. Hy is seker daarvan dat die BSB ook sou werk op die basis van nie-terugspoorbaarheid.

[1408] Dit word aan hom gestel dat 'n hofsaak met militêre presisie beplan kan word. Hy sê dat sy advokate nie baie militêr paraat lyk nie. Dit word dan aan hom gestel dat dit eintlik hyself is wat dit beplan het en hy sê dat hy nie regskenis het nie en dat hy bloot maar dieselfde storie van die begin af vertel. Dit word aan hom gestel dat hy 'n ekspert is in strategie en beplanning. Hy gee toe dat die staat se masjinerie tot sy beskikking was toe hy met projek Coast besig was. Hy ontken dat dit 'n strategiese keuse was om vir

Battegay (die Switserse regsgeleerde) te kies. Hy sê dit is Chu wat hom gekies het en dat hy toevallig 'n baie goeie man gekry het. Wat hom aanbetref was sy optrede in die Switserse hof 'n operasionele gebeurtenis en was hy heeltemal geregtig om daardie hof te mislei. Daar is 'n argument oor wat die woord "verguis" beteken en die beskuldigde sê dat hy nie seker is wat dit beteken nie. Hy gee toe dat hy met De Wet Potgieter gepraat het, dat hy met 'n Britse joernalis Mangold koffie gedrink het maar hy sê dat hulle nie sy omstandighede bespreek het nie. Hy het met Freek Swart gepraat. Hy het nie met Hans Knoop gepraat nie. Hy het wel met Andrew Jones oor sy persoonlike lewe gepraat. Hy het gehoor dat die staat op soek is na Jones se bande. Hy sê dat hy vir Joseph Abrahams gebel het. Wat Ralph G Edens aanbetref sê hy dat dit 'n Amerikaner is met wie hy oor chemiese en biologiese oorlogvoering gepraat het. By die borgaansoek het hy kort en kragtig getuig. Hy is geforseer om voor die WVK te getuig en daar is deur die WVK aangedui dat sy getuienis nie in die hof teen hom gebruik sou kon word nie. As die advokaat na daardie getuienis wil verwys moet hy vir die WVK gaan vra.

[1409] Hy word gevra oor propaganda, bevelskommunikasie en strategiese kommunikasie. Hy bevestig dat Ferdi van Heerden een van die 23 persone is wat afgedank is toe hy afgedank is. Hy glo dat hy verbonde was aan HSI. Wanneer hy gevra word of hy self by propaganda betrokke was dan sê hy dat jy seker so kan sê as jy bv die geval neem waar aan die soldate verkondig is dat die geel rook wat vrygelaat word nie gifstowwe is nie. Hy word gevra oor die speelgoed van generaal Liebenberg en in besonder die reënjassies. Hy sê dat hy nie die reënjassies kan onthou nie. Hy word dan verwys na WB13A en hy sê dat hy nie dit vir Freek gesê het nie. Hy ontken ook dat daar van 'n verset-mag sprake was. Dit is so dat die plaas naby die pad was. Wat WB13B aanbetref sê hy dat hy aan die Britse inligtingsdiens inligting gegee het oor waar Saddam Hussain se opslagplek is. Wat WB13C aanbetref sê hy dat hy saam met die Switsers en die Oos-Duitsers by Filluja was. Dit was saam met die Blücher groep. Hy erken dat hy drie maal getrou het. Behalwe met Claudine van Remoortere het hy ook met 'n Rus en 'n Bulgaar getrou. Al drie die vrouens is deur die weermag (direkteur koeverte inligting) betaal. Hy verwys nie na Ecstasy as 'n vrolikheidsmiddel nie. Hy gee toe dat as soldaat hy teen die ANC en die SAKP was. Hy word gevra wat sy stokperdjie is en hy sê dat hy 'n

goeie geneesheer en 'n goeie soldaat is en dat hy dit moes wees om sy werk te kon doen. Hy ontken dat hy gesê het dat hy trots was om 'n spesmagte lid te wees maar hy gee toe dat hy gesê het dat dit 'n eer was toe hy gevra was om die projek-offisier te word. Hy word gevra oor sy das en of dit nie 'n spesmagte das is nie en antwoord dat dit 'n das is wat hy by 'n dame persent gekry het. Hy word gevra oor spesmagte en die Britse SAS en hy sê dat spesiale magte voer oorlog terwyl spesiale take reël dat ander mense oorlog voer. Spesmagte het allerhande operasies uitgevoer. Hy word verwys na bewysstuk 31 wat te doen het met die stigting van Barnacle. Hy sê dat hy nie bewus was van daardie dokument nie en hy sê dat sy werk was om die leiers te beskerm. Hy weet nie wie die teikens was nie. Daar was nooit 'n spesiale operasionele element in Coast nie. Daar was wel 'n verskil tussen junior en senior spesmagte operateurs. Met betrekking tot para 16 sê hy dat daar wel 'n staatsveiligheidsraad was wat byna soos die huidige een van president Mbeki is en uit die senior ministers bestaan. Hyself het dit nooit gesien of toegesprek nie. Hy word verwys na p9 para (e) en hy wys daarop dat dit gedateer is 1980 voordat daar nog 'n CBO program was. Dit het niks met hom te doen nie. Wat WB14 aanbetref gee hy toe dat hy gesê het dat inligtingsorganisasies minder mense doodmaak as wat algemeen aanvaar word. Die wat wel doodgemaak word, word om finansiële of ander persoonlike redes doodgemaak. Hy het nie die dokument opgestel nie. WB15 het te doen met projektele wat uit allerhande apparaat geskiet word en 'n teorie oor Kennedy se dood en hy sê dat dit 'n tydskrif-artikel is en dat hy nie daarvan weet nie.

[1410] Hy word gevra oor sy loopbaan by die weermag. Hy sê dat hy in 1975 aangesluit het, dat hy twee jaar later 'n luitenant geword het en dat hy toe 'n majoor kon geword het. Dit word aan hom gestel dat by 1980 hy 'n gesoute mediese offisier was. Hy sê dat hy eers voltyds betrokke geraak het nadat hy gespesialiseer het. Hy sê dat hy wel die staatspresident drie, vier of vyf keer of selfs meer keer kon vergesel het. Hy weier egter om toe te gee dat hulle 'n goeie verhouding gehad het. Hy sê een van die kere was in die laat 70's en die ander was in die 80's. Dit was deel van 'n amptelike beleid dat senior staatsamptenare deur die weermag medies versorg sou word.

[1411] Wat die filosofie van 7 Medies aanbetref was die idee dat 'n persoon wat op die slagveld gewond raak binne vyftien minute deur 'n dokter behandel sou kon word. Hy gee toe dat hy in 1978 in die operasionele gebied was. Dit was toe Swapo 'n aanval geloods het op Katima Mulilo. Hy was ook by Mapatcha en twee ander basisse. Hy was nie toe meer in Mildent nie. Hy was nagraads, hy was wel in uniform. Dit is so dat hy vroeg in 1980 lid was van Konsep. Dit word aan hom gestel dat in trommel 1 en 2 daar dokumente is waaruit baie goed nagevors kan word en hy antwoord dat hy dit nie bestudeer het nie omdat hy dit as irrelevant beskou het. Dit word aan hom gestel dat hy vir PW de Jager as 'n leier van 'n gegroep vir Rhodesië ontmoet het en hy sê dat hy hom wel ontmoet het maar hy ontken dat hy 'n leier was.

[1412] Hy gee toe dat hy die bevelvoerder was van die mediese komponent voor die verkiesing in Zimbabwe. Een van die ander mense was Rinus van Rensburg. Hy sê dat daar was 'n in-oefening gewees, daar was beplanningskamers by die lêer hoofkwartier en by die geneesheer-generaal. Hy sou 'n week gewerk het aan die beplanning en hy was een naweek na die operasionele gebied. Die magte het gelê by die lughawens te Louis Trichardt, Pietersburg en Messina. Sy groep was die veg groep Charlie en dit het by Messina gelê. Hy was ook by 'n geleentheid by Buffalo Range in Rhodesië. Hy word gesê dat mnr C wat hy nie toe kon onthou nie getuig het dat hy betrokke was by pseudo-operasies in Rhodesië. Hy ontken dit en hy ontken dat hy by die Selous Scouts se barakke was. Hy is in 1981 geroep deur die destydse direkteur van teen-inligting. Hulle het toe by 'n ANC opslagplek in 'n trommel stowwe gekry. Hy het gehoor dat dit deur die ANC by die Rhodesiese magte gekry is. Hy het daarna gekyk en in die hospitaal geland. Hy word gevra of hy weet van fenolftalien in pap en hy sê dat hy nie dink dat dit geweldig effektief kan wees nie omdat dit die pap sal verkleur. Hy sê dat die goed wat in die trommel was insektegifstowwe was. Dit is deur Willie Basson getoets. Hy sê dat hy tot aan die einde van Oktober sy eksamen gedoen het en dat hy toe tot die einde van daardie jaar gewerk het by 1 Militêre hospitaal. Hy gee toe dat Mijburgh by die voorloper van 7 Mediese bataljon was. Hy was in 1984 bevelvoerder van 7 Medies. Dit word aan hom gestel dat hy probeer om die datum van sy betrokkenheid te skuif sodat Theron se getuienis nie moontlik kan wees nie. Dit word aan hom

gestel dat volgens WB15 hy in 1980 verbonde was aan spesmagte hoofkwartier. Die datum is egter 1/3/1981 en die getuie wys daarop dat volgens dieselfde bewysstuk hy sy mediese opleiding gedoen het vanaf 26/1/1981 tot 3/4/1981 toe hy sy junior stafdienskursus gedoen het. Hy sê dat dit vir hom onmoontlik was om dan by spesmagte te gewees het. Dit word aan hom gesê dat hy ook vir Charles Villa Vichenzio gesê het dat hy vanaf 1981 betrokke was. Dan word daar aan hom 'n beëdigde verklaring getoon waarin hy in 1984 gesê het dat hy in 1980 betrokke geraak het by spesmagte. Hy hou voet by stuk dat hy nie by spesmagte was voor operasie Protea nie. Hy hou verder voet by stuk dat hy op 1/3/1981 nog op stafkursus was. Hy ontken Theron se getuienis dat Theron hom die laboratoria gewys het voordat die gebou nog klaar was. Hy sê dat by die eerste vergadering oor die projek generaal Viljoen, generaal Nieuwoudt, HSI (Van der Westhuizen) en die bevelvoerder spesmagte generaal Loots teenwoordig was. Die eerste opvolgvergadering was daarna. Sy herinnering is dat daardie vergadering plaasgevind het gedurende April 1981. Hyself was nie betrokke by die voorligting aan president Mandela nie. Hy ontken dat Van der Linde reg kan wees dat toe hy op 12/1/1981 by Speskop aangekom het die beskuldigde reeds daar was en hy ontken Sybie van der Spuy se getuienis dat hy by November 1980 op en af in die gang geloop het by Speskop. Dit word aan hom gesê dat hy vir Bothma geworf het in 1981 gedurende die eerste drie maande. Hy ontken dit en sê dat hy wel 'n lesing kon gegee het. Dit blyk dan dat die getuienis van Bothma tot die effek is dat nadat hy die beskuldigde se lesing gehoor het en omdat hy avontuurlustig was hy besluit het om aan te sluit by spesmagte.

[1413] Wat Phaal aanbetref het Phaal gedurende 1982 vir hom opleiding gegee. Dit was eenrigting opleiding en hy het nie vir Phaal opleiding gegee nie. Die laboratoria was sy empire maar hy het hulle eers betrek in 1982 omdat dit is toe hy wetenskaplikes aangestel het. Hy weet nie van enige gif wat Gerald Cadwell gesien het nie. Hy ontken dat hy met die LC van EMLC voortgegaan het soos wat Sybie van der Spuy getuig het want hy sê weer dat die chemiese gedeelte van EMLC het verskuif vanaf Speskop en hy weet nie wat van daardie chemici geword het nie. Hy het sy eie mense aangestel. Hy gee toe dat hy die

verskaffing van medisyne aan weerstandsbewegings gekoördineer en gereël het en dat mense soos May en Steven Beukes daarby betrokke was. Daar was ook skenkings. Daar was nuwe medisyne, daar was ou medisyne, daar was selfs beddens wat deur die provinsies geskenk is en wat andere moes reël om op die regte plekke te kry. Die voorraad wat by spesmagte was, was net wat per lug afgegooi kon word. Daar kon skeepsvraghouers gewees het. Daar was sakke wat getrek kon word by die stoormanne en dit sou afhang van 'n persoon se posisie watter tipe van sak hy kon kry. Hy gee toe dat daar skedules van medisyne is en hy sê die rede daarvoor is in die eerste plek omdat daar spesialis-aanwending van sommige medisyne nodig is en andersins dat daar 'n gevaar van verslawing of 'n ander gevaar daaraan verbonde kan wees. Dit word aan hom gestel dat die gevaar van dood een so 'n gevaar is en hy antwoord dat dit nie soseer so is nie en dat een van die middels wat baie mense doodmaak paracetamol is ofte wel panado. Hy sê dat hy reeds voor 1985 die bevelvoerder van 7 Medies moes gewees het omdat Mijburgh tydens sy stafkursusjaar die waarnemende bevelvoerder van 7 Medies was. Hy kan nie sê watter skedule tuberine en scoline is nie. Medezolam (ketalaar) was wel beskikbaar en Davey het 'n toekenning gekry. Vesperacs was veilig vir enige gebruiker en dit was beskikbaar in enige apteek. Hy gee toe dat 'n leek nie bewus sou gewees het van die werking van tuberine of hoe dit toegedien moet word nie of wanneer are sou platval en wat dan gedoen moet word nie. 'n Operasionele mediese offisier is 'n dokter wat operasies kan ondersteun. Hy was nie bewus van Vlakplaas nie. Hy sê dat hy vryelik toegang gehad het tot klostoglandien E1 by 1 Militêre hospitaal. Hy gee toe dat hy tuberine en scoline kon kry - hy was 'n dokter. Hy sê dat sy eerste peptiet navorsing omtrent in 1988 was. Sy leeswerk het egter begin saam met die projek maar ook as student het hy reeds daarmee te doen gehad. Dit word aan hom gestel dat hy ook 'n profiel geskryf het van moontlike spesmagte lede en hy verduidelik dat hulle gevind het as 20 dokters spesmagte opleiding kry 80% of meer van hulle slaag terwyl as daar 30 gewone troepe die kursus deurgaans slaag slegs sowat 4 of 5. Sy teorie daarvoor was toe gewees dat dit makliker is om 'n slim persoon sterk te maak as om 'n sterk persoon slim te maak en generaal Liebenberg het toe vir hom gesê dat hy 'n keuringsprofiel moet skryf wat hy toe ook gedoen het en daarna was die slaagsyfer aansienlik hoër. Hy sê dat hulle ook saamgewerk het met die polisie se spesiale eenheid wat hierdie opleiding aanbetref. Dit word aan hom gestel dat hy nie vermeld het in sy getuienis dat hy ook na die republiek van China was nie. Hy sê dat hy dit nie as relevant beskou het nie maar hy gee toe dat hy dit gedoen het en hy sê dat hy hulle

militêre chemiese biologiese program bygewoon het en baie interessant gevind het. Die persoon wat met hulle gepraat het kon nie Engels praat nie maar hy het sy voordrag aan hulle uit sy kop geleer en vir 15 minute voorgedra. Dit is so dat hy vanaf San Francisco na Tapei is. Hy hou vol dat toe hy sy stafdienskursus gedoen het hy nie ander take in die weermag kon uitvoer nie maar dit word aan hom gestel dat dit was toe Steven Beukes plasebo's gemaak het. Hy sê dat om dit te doen 'n kwessie van twee telefoonoproepe gewees het. Hy gee toe dat hy die mediese offisier by die atoomkrag navorsing was. Hy gee toe dat hy 'n mamba slang gehad het wat Fielies was maar hy sê dat hy baie slange gehad het en gif ontvang het en dat hy dit gebruik het vir navorsing. Hy gee toe dat hy uitgereik was met 'n AK47 geweer wat 'n standaard operasionele wapen was vir spesmagte lede en hy sê verder dat hy ook 'n AK47 privaat gehad het wat omskep is in 'n semi-outomatiese wapen en waarvoor hy 'n lisensie het en wat hy as 'n persent gekry het. Hy sê dat hy wel vir Charl Naude by Broederstroom gaan kuier het. Hy het vir mnr K een of twee maal ontmoet. Vir Trevor Floyd het hy geken as sersant-majoor Floyd. Hulle was nie persoonlike vriende nie en hulle was nie by Labanta aan dieselfde kant gewees nie. Hy kon wel iets by hom kom haal het in Ariestraat, hy kan nie onthou wat nie. Hy het bloot hom gepols oor dwelms omdat hy opdrag gekry het om ondersoek in te stel na die dwelm posisie. Sy verhouding met Johan Theron was kollegiaal. Hy dink nie Theron was ooit by sy huis nie. Daar was 'n geleentheid wat hy saam met Theron en sy vrou na Phalaborwa was. Hy dink Jakkals de Jager was saam. Wat Danie Phaal aanbetref sê hy dat hy hom soms gebruik het as 'n lyfwag toe hy nog kontantgeld in die middestad moes trek. Hy was kollegiaal met Phaal maar hy glo nie hy en Phaal het ooit oor en weer by mekaar gekuier nie. Sy opleiding het hy ontvang by Fort Doppies. Hy het dit gedoen in opdrag van die bevelvoerende generaal van spesmagte omdat hy moes verstaan hoe 'n spesmagte lid se gevegstruktuur daar uitsien om die nodige mediese dekking te kon gee. Toe Theron na die VSA moes gaan het Theron gevra dat Phaal kon saamgaan. Dit was om Gerry Brand te ondersteun. Die getuie het toe gesê dat dit reg is. Hy bevestig dat hy betrokke was by opleiding oor teen-ondervragingstegnieke tot 1987. Hy gee toe dat hy vir Matie van der Linde geken het. Hy sê dat as Matie van der Linde se vrou hom geskakel het dit was omdat hy Matie van der Linde se dokter was. Hy het vir Mielies Prinsloo geken maar hy het hom jare laas gesien. Hy het nooit enige operasionele versoeke van hom gehad nie. Cor van Niekerk was die direkteur van spesiale take. Bester was nie in Van Niekerk se afdeling nie. Hy het vir R Niewoud geken. Hy het nie vir Pieter Botes

geken nie. Vir Magdele Jæckel het hy by 'n kursus ontmoet. Hy het nie enige besondere probleem met haar nie behalwe dat hy haar man in die pad gestee het.

[1414] Die beskuldigde word gevra oor Nicky Smit en sê dat sy 'n tikster in die poel by Speskop was. Dit word aan hom gestel dat daar 'n bewustelike verkleining van Johan Theron is en sy getuie in hoof word met hom behandel. Hy bly daarby dat wat hom aanbetref hy in beheer was van die sekuriteit van die hoofkantoor. Die beskuldigde sê dat hy en Theron nooit saam was waar teeninligtingsprosedure ter sprake gekom het nie. Hy gee toe dat hulle wel saam by operasie Labanta was maar nie aan dieselfde kant nie. Hy bevestig dat hy vir Theron gevra het om hom te help om 'n gewelddadige pasiënt te vervoer maar sê dat hy eintlik vir Phaal gesoek het. Hy neem kennis daarvan dat bewysstuk 56 'n krypto-berig oor Mac Anderson was. Die beskuldigde hou voet by stuk dat hy die mediese offisier met 'n lynfunksie was en dat Theron bloot 'n sekerheidsoffisier was. Hy het wel vir Dave Drew geken. Die beskuldigde ontken nie dat daar by die Spesmagte-eenhede sekerheidsoffisiere was wat aan Theron moes rapporteer nie maar soos wat dit hom aangaan was Theron nie betrokke by operasionele sekerheid nie. Hy het hom nooit gesien by geleenthede waar hy was nie. Dit word aan hom gesuggereer dat dit slegs 'n vertroueling was wat na Amerika gestuur sou word om vir Brand by te staan om te verhoed dat daar 'n sekerheidsbreuk sou kom. Hy gee toe dat daar 'n goeie kans was dat daar 'n sekerheidsbreuk kon kom maar hy ontken dat dit 'n verskriklike moeilike opdrag was. Hy word gevra of hy vir ene Maier van Switserland gehelp het om die lyke van 3 Switsers na Switserland te vervoer en antwoord bevestigend. Hy sê dat die MPLA aangevoer het dat Unita 'n rooikruisvliegtuig afgeskiet het. Die Angolese regering was bereid om die lyke te verskaf maar niks verder nie. Hulle het toe gesê dat deur middel van die verkryging van skrapnel uit die lyke daar vasgestel kan word wie die vliegtuig afgeskiet het en dit is toe later bevestig dat die vliegtuig deur 'n Sam 3 missiel afgeskiet is en dat die MPLA dit gedoen het.

[1415] Hy was betrokke by mediese ondersteuning vir Spesmagte-operasies. Hy het middels verskaf by so 3 of 4 geleenthede by omtrent 1983 of 1984. Die bevelvoerende generaal van Spesmagte was eers generaal Liebenberg en toe generaal Joubert. Hy was nooit bewus wie presies die teikens was nie. Hy sê dat daar 'n

beskrywing sou wees van hoe die teiken daar uitsien en dat daarvolgens beplanning kon geskied. Dit kon bv gesê gewees het dat die wag 'n opgeleide terroris is wat buite aksie gestel moes word.

[1416] Hy sê Kuhn van Nasionale Intelligensie het hom genader in die tagtiger jare vir mediese steun. Dit was om mense wat siek geword het in die buiteland te dokter. Hy sê dat die middel wat in grypoperasies gebruik is fensiklidien en pipiridien derivate was. Hy sê dat die middels by Delta G gemaak is. Aanvanklik was dit gemaak by die Universiteit van Pretoria. Na die tyd sou hy gehoor het dat 'n operasie suksesvol was. Hy wys uit aan die advokaat vir die staat dat Scoline 'n skedule 4 medisyne is. Die stowwe is altyd in digte glashouers wat verseël was verskaf. Dit is die soort van botteltjies waarin jy oogdruppels of neusdruppels sou kry. Daar het ook 'n drupper daarmee saamgegaan. Die toedienings-metode was in die diskresie van die operateur. Hy sê die ideaal sou gewees het om te weet wat presies die teiken se gewoontes is maar dit het hulle nie geweet nie. Hy sê hulle kon vir EMLC daarvoor gevra het. Theron het nooit vir hom sulke middels gevra nie. Hy sou dit vir hom gegee het indien hy so 'n opdrag gekry het van die bevelvoerende generaal. Hy sê dat hy nie koeldrank of drank verskaf het nie. Hy sê egter dat hy weet dat dit in koeldrank gebruik is maar hy was nie daarby betrokke nie.

[1417] Wat aanklag 53 aanbetref sê hy dat hy nooit aan Theron operasionele medisyne verskaf het nie. Hy het wel aan hom pynmedisyne gegee. Hy sê ook dat hy wel aan Theron self Vesperex verskaf het. Hy het wel aan operateurs middels gegee om angstigtheid weg te neem bv 'n beta-blokker en valiums. Hy kry dit by die apteek. Wat die Vesperex aanbetref is die voordeel van die wat gebruik is, is dat dit nie 'n retrograde amnesie gegee het want dit het operateurs ongemaklik gemaak as hulle amnesie gehad het oor die laaste uur voordat hulle aan die slaap geraak het. Daar ontstaan 'n argument oor wat die betekenis van 'n "lethal" minimum dose in W18 en 19 is. Die beskuldigde sê vir die advokaat dat dit beteken dat dit is die kleinste dosis wat nog ooit in die geskiedenis iemand doodgemaak het maar dat 'n dodelike dosis van die orde van 6 gram is en nie die 2 wat die minimum lethal dose is nie. Hy sê dat hy wel vir Theron Vesperex gegee het en dat hy vir operateurs wat tussen sonsopkoms en sonsondergang moes slaap daarvan gegee het. Vlieëniers het ander slaapmiddels gebruik omdat die Vesperex hulle vaardighede aangetas het.

[1418] Wat sianied aanbetref wys hy uit dat Spesmagte operateurs nie alleen verskillende vlakke van sensitiewe operasies gehad het nie maar dat hulle ook verskillende grade van moeilikheid mbt operasies gehad het. Indien 'n persoon diep agter vyandelike linies moes ingaan was dit miskien nie so sensitief nie maar definitief moeilik. Wat kleinspantaktiek aanbetref is die posisie dat 'n groep van 4 'n klein span is. Hy sê dat daar operateurs was wat betrokke was by vliegoperasies, by see-operasies en by pseudo-operasies. Hy sê dat hy wel sianied gelewer het op versoek. Hy weet nie waar dit vervaardig is nie maar hy dink iewers in die VSA of in Europa. Hy sê dat daar geteken moes word vir sianied omdat dit iets is soos 'n geweer wat terugspoorbaar was. Hy het sianied kapsules verkry. Sover hy kan onthou was die laaste kleinspanverkenning by 1990. Dit is so dat by Labanta die honde geblaf het en dat hulle sianied ingekry het. Dit is met hom uitgeklaar. Wat die sianieddeure by Speskop aanbetref was dit Jan Coetzee wat dit so ontwerp het. Indien 'n persoon met sy kaart by die eerste van die dubbeldeure sou ingaan sou die deur wel oopgaan ofskoon die kaart nie die korrekte kaart was nie maar wanneer hy dan daar deur is sou die deur toegaan en as hy die tweede deur probeer en die kaart is nie die korrekte kaart nie sou daar sianied by die dak uitkom wat sou tot gevolg hê dat die persoon sou sterf. Hy sê dat voordat hy die Delta G wetenskaplikes daar laat werk het hy die sianiedkontrepsie laat uithaal het. Wat die aerosol kannetjies aanbetref was daar wel 'n inkapasiteeragent s'n. Dit was 'n anhidriese ammoniak. Hy sê dat die deurwag se benadering oor die anhidriese ammoniak was dat dit defensief was en dat hy self betrokke was by 'n voorval waar hy dit aan sy liggaam gedra het en dat dit verhit het waar die houer gebars het, die bevelvoerende generaal se kantoor ontruim moes word en hyself in die hospitaal was vir drie dae.

[1419] Hy word gevra oor 'n outo-injector en hy sê dat dit doodeenvoudig 'n inspuit-apparaat is waar jy nie eers die naald hoef aan te sit en dan die spuitstof uit 'n houer moet trek in die spuit in nie. Jy stamp bloot die spuit in jou been wat beteken dat die naald outomaties uitkom en jy gespuut word voordat jy agterkom dat dit seer is. Hy sê hulle het 'n groot klomp daarvan gekry deur Van Remoortere en daar was duisende in die store. Dit maak definitief 'n verskil of 'n middel in 'n gashoudende drank geplaas word of nie. Hy weet nie waar

Theron sy inligting gekry het nie. Hy sê dat as dr Gibson by Speskop bier gedrink het, hy dit in die kroeg gekry het.

[1420] Hy sê dat Medazolam en Ketalaar dieselfde ding is. Dit is beskikbaar en sover hy weet word dit gebruik by "date rape". Hy is nie 'n ekspert mbt die uitgooi van lyke oor die see nie. Hy het wel gesien dat mense wat probeer valskerm spring het en die valskerm nie oopgegaan het nie se liggame gedisintegreer het beide op land en op see. Hy sê in die Irak-Iran oorlog het Irak gebruik gemaak van sianied, mostertgas en organo-fosfate. Dit word bepaal deur 'n monster van die wapen te kry en 'n kliniese beeld. Jy sou dit ook in die afbraakprodukte kon kry. Wat sianied aanbetref beteken dit bloot maar dat die persoon dood is aan versmoring en dat die blou onder die naels dieselfde is by sianied as by versmoring. Hy sê dat om te bepaal of 'n persoon dood is aan sianied 'n monster binne 24 uur na die dood geneem moet word en goed geneem moet word. Hy ontken dat sianied meer opspoorbaar is as Scoline of Tubarine.

[1421] Wat die rit na Namibië aanbetref herhaal hy weer dat 'n front nie soos 'n gewone maatskappy funksioneer nie. Generaal Liebenberg het die bevelvoerende generaal van Spesmagte geword in die begin van 1982. Hy sien nie enige verband teen die rit van 4 tot 7 Mei 1982 na die operasionele area nie. Hy was nie toe daar nie. Dit het hom redelike rekonstruksie gevat om uit te werk wat gebeur het maar daar was nie 'n ander alternatief nie. Hy was baie op die grens maar dan vlieg hy vanaf Waterkloof na Ondangwa. Hy het egter samesprekings in Namibië gehad. Die enigste keer wat hy saam met Floyd gevlieg het moet op daardie besondere vlug gewees het. Hy word gevra oor 'n vraag wat in kruisverhoor gevra is naamlik oor hoe laat hulle by die hotel ontmoet het. Hy sê dat die posisie in Namibië gewoonlik was dat die menasie vol was en dat hulle in die Safari motel geslaap het. Hy word gevra of hy die KBK offisiere mislei het en sê dat hy net nie vir hulle 'n volledige reisplan voor die tyd gegee het nie om sekerheidsredes. Dit word aan hom gestel dat as daar doodmaakoperasies was moes daar groot sekerheid gewees het maar hy sê dat hy nie bewus was van

doodmaakoperasies nie. Hy was nie by Vlakplaas nie. Hy sê dat hy van die mees sensitiewe goed wat hy vervoer het saam met burgerlikes vervoer het. Mense wat hy oa in Namibië gesien het was minister Van Niekerk en generaal Badenhorst nie Witkop nie. Wat die mediese aspek met Namibië aanbetref was daar raakvlakke op alle epidemiese siektes. Hy was dikwels by Fort Rev maar hy het mediese offisiere by die fort gehad. Hy gee toe dat 'n mens inligting kon kry uit soldate maar hoofsaaklik uit Unita soldate. Daar is 'n debat oor die kwessie van die waarheidserum en sy standpunt is dat dit nie effektief is nie in die sin dat jy nie seker is of die persoon die waarheid praat nie maar dié besondere middel was handig wanneer jy bv 'n histerie, verlamming of 'n blindheid gekry het wat met persone gebeur - dan spuit jy hom daarmee in, hy is buite aksie en slaap vir 'n tyd en wanneer hy wakker word is hy weer normaal. Indien hy bv 'n verlamming het en so ingespuut word en in sy verdoofde toestand sy hand kan gebruik en hy word wakker en sy hand is weer lam dan weet 'n mens dat die persoon malingeer. Hy word gevra oor krygsgevangenes wat hy sou gesien het en hy sê dat hy hulle in Pretoria gesien het. Dit was mense wat Suid-Afrikaners was wat gaan haal is en wat hy gesond verklaar het. Wat RNL aanbetref gee hy toe dat hy die tegnologiedrywer was, dat daar voorstelle aan hom gemaak is en dat hy wanneer dit aanvaar is dit laat uitvoer het. Hy was nie betrokke by RNL se bestuur nie. Hy sou homself die leier noem maar die KBK was die baas. Infladel was wel betrokke by RNL en by Delta G. Hy kon literatuursoeke by Infladel doen maar dit is later verskuif na Sefmed. Infladel staan vir *inflagranto delincto*. Hy sê dat daar wel 'n P4 laboratorium by Roodeplaat was maar daar was ook drie daarvan by Delta G wat behels dat jy moet stort voordat jy in die laboratorium gaan en weer wanneer jy uitkom en spesiale klere moet aantrek. Hulle het nooit met virusse geëksperimenteer nie en dit was uitgekontrakteer aan die universiteite. Die inkapasitante is getoets deur Immelman en sy span. Dit het van die vroegste tye af gebeur. Hulle het nie Ecstasy getoets nie maar hulle het wel kokaïen soos dit vermeng was met die BZ getoets. Hy sou waarskynlik die persoon wees wat dit na RNL geneem het. Dit kon Mijburgh gewees het. Die produkte by RNL en Delta G was soms toksies. Hy gee toe dat thalium moeilik naspeurbaar is. 'n Persoon wat brodifacum inkry sal na 'n paar dae baie bloei. Tot en met 1900 is daar meer mense dood met brand en gif in oorloë as met koeëls. Die ontwikkeling van dodelike chemiese wapens sou waarskynlik by 1986 afgehandel gewees het. Daar is nog van tyd tot tyd navorsing gedoen om op hoogte te bly. Hy het uit die staanspoor geweet dat dodelike gifstowwe nie gebruik sal word nie. Dit is egter groot bangmaakmiddels.

Hy verduidelik dat wanneer in 'n gevegsituasie die vyand bv 'n blou gas loslaat die bevelvoerder verplig is om sy troepe beskermende klerasie te laat aantrek. As gevolg daarvan is hulle sig beperk tot 40% en kan hulle nie voel of ruik nie en is hulle absoluut 'n teiken vir die vyand. Om die posisie reg te kry moet jy nou 'n teenmaatreël tref wat die vyand dwing om ook beskermende klerasie aan te trek soos bv om 'n geel rook los te laat. Wat die jongste konvensie aanbetref het die VSA vir sigself die reg voorbehou om hulle te beskerm teen teen-terreur. Wat dit aanbetref beskou hulle Irak as 'n terreur organisasie. Hy word gevra wat kleinskaalterreur is en verduidelik dat die geval in Tokio waar 'n senugas in 'n treinstasie losgelaat is, 'n geval daarvan is. Die Markoff geval word ook genoem waar 'n persoon met 'n apparaat met 'n gifballetjie geskiet is. Hy sê dat wanneer dit kom by insurgensie hy nie heeltemal seker is dat hy weet waaroor nie maar soos hy dit het is dit meer as 10 mense teenoor die kleinskaalterreur wat minder is. Hy bevestig dat daar wel inkapasitante is dmv laser en klanktegnieke en hy sê dat by Lancaster house daar van dié metode gebruik gemaak is. Dit is dat daar wat die liggaam betref anderste golwe uitgestuur word. Jou eie mense oefen hulleself om daaraan gewoond te raak en die teenkant raak moeg en wil net klaarkry. Hy sê dat hulle nie navorsing gedoen het op klank inkapasitante nie maar dat die polisie dit wel gedoen het. Hy bevestig weereens dat die verwapening van die inkapasiteeragense noodsaaklik was. Hy het nie moreel etiese besware gehad oor die navorsing nie. Daar het wel operateurs sielkundige probleme gehad maar wanneer hulle ondersoek is het dit geblyk dat die probleme persoonlike probleme was en nie veroorsaak was deur die werksituasie nie. Hy word verwys na DPK2B en M2 p3. Hy word gewys daarop dat hy gesê het dat die meeste van die wetenskaplikes 'n wanpersepsie gehad het en nie 'n militêre agtergrond nie. Dit is so dat die operateurs deur mini-kursusse gesit is in farmakologie en fisiologie. Hy word gevra oor die vraag of daar 'n opdrag kon gewees het dat die ANC vergaderings sou hou en hy sê dit is 'n tipiese geval waar hy so 'n opdrag sou gee maar dat om die gifstof in suiker te sit heeltemal verkeerd sou wees omdat suiker higroskopies is en die middel eintlik minder effektief maak. Hy bevestig dat hy baie gifstowwe ontvang het. Hy het by Delta G goed gekry by Mijburgh, by Koekemoer en by Lourens. By RNL het hy dit gewoonlik by Immelman gekry maar ook by Davey. Hy het wel gebruik gemaak van kantharidien om blase op die vel te veroorsaak. Hy het digoksien ook gebruik en cholera by watersuiweringsaanlegte. Hy het nie ingangsroetes bestudeer nie. Hy het wel die meganismes bestudeer soos bv of dit in blikke, bottels, sakke, deoderante of koeverte ingevoer

kon word. Hy sê dat Riana Borman gewerk het op die antigene van die menslike sperme en om dit te identifiseer. Hy het nie wegsteekplekke in België gehad nie. Hy het wel 'n paar operasionele dokumente ivm die Kroatiese transaksie in Basel gebêre. Hy word gevra oor die super-toksiese stof,, wat die Russe laat uitlek het hulle het en hy sê dat hy nie seker is hoe hulle dit verkry het nie, of dit die stof self was of bloot die formule nie. Hulle het dit wel gesintetiseer. Die stof het nie 'n naam gehad nie maar 'n kodenommer. Dit was een of ander polifluor verbinding. Daar moet gerugte versprei word en die defensiewe modum moet gelek word. Hy weet nie van kontaminasie van watgate in Namibië nie. Hy sê baie van die gerugte wat versprei is was onuitvoerbaar en is nie gedoen nie. 5% was dalk uitvoerbaar.

[1422] Hy sê dat die BSB van sy betalingskanale gebruik gemaak het. Dit was 'n bekende feit in weermagkringe dat die afbestuur van die BSB die land R400 miljoen gekos het. Corrie Meerholz was tweede in bevel by die BSB en was 'n vriend van hom. Hy het nooit vir Staal Burger ontmoet en het hom vir die eerste keer in die hof gesien. Freddie Odendaal was die eerste medikus wat aangestel was om Spesmagte se behoeftes te koördineer. Hy was wel vriende met Joe Verster. Hy sê dat Spesmagte wel gekyk het na 'n teiken van tyd tot tyd. Hy word gevra oor sy posisie met HSAW en sê dat hy wel 'n bevelskanaal was. Wat die appaarte wat deur Q vervaardig is aanbetref sê hy dat hy wel idees vir Q gegee het. Dit is so dat Q dit by sy huis gedoen het op versoek van generaal Liebenberg. Hy gee geredelik toe dat hierdie apparaat soos die skroewedraaiers en die sambrele wel gevul moet word met een of ander substans om effektief te wees. Hy word verwys na bewysstuk 54E waarin daar skynbaar uiteengesit word wat gemaak is deur Q. Hy sê dat hy kan 'n kerie met 'n bal onthou. Hy kan nie ventilasie-asse onthou nie. Hy kan skroewedraaiers onthou. Hy kan onthou van 'n ring en van 'n sambreel. Hy weet nie van 'n mes en sigarette nie en hy kan goed onthou dat daar navorsing was oor wat vure veroorsaak. Daar was ook gevegshelmets vir spesiale magte. Hy het die apparaat van Jan Lourens ontvang wat dit op sy beurt van Q ontvang het. Die appaarte is op diere getoets. Die maak van die verskillende apparaat sou waarskynlik 'n jaar of meer geneem het. Dit is gedoen

in opdrag. Hy het gehoor wat Floyd sê maar hy was nie daarby betrokke nie. Hy gee toe dat silatrane nie 'n bekende produk is nie maar hy sê dat daar 'n hele paar ander produkte by RNL was wat ook nie bekend was nie. Hy weier om te aanvaar dat hy die ring van Leslie Lesia herken maar hy sê dat Q wel 'n ring gemaak het met 'n pennie bo-op. Hy sê dat die doel daarvan sou wees dat as jy wou onttrek kan jy 'n persoon aan die slaap maak en wegkom. Dit word aan hom gestel dat jy dit ook offensief kan gebruik en hy gee dit toe. Hy weet nie wat generaal Liebenberg met die ring met die pennie gemaak het nie. Hy sê dat Q later oor is na SRD. Hy sê soos hy dit het die afdeling van EMLC waarby Q betrokke was toegemaak het toe hy saam met Lourens daar weg is. Hy sê dat hy die BSB mense nog by die gat by Speskop gesien het. Wat Phaal aanbetref het hy hom geken want Phaal het aan hom opleiding gegee. Hy kan nie 'n gesprek met Lourens onthou oor 'n moreel-etiese standpunt oor die besondere apparaat nie. Hy gee toe dat hy vir generaal Liebenberg goed geken het en dat hy 'n kragdadige leier was. Hy sê dat daar ook skakeling was met ander magte en dat hy inderdaad die skakeling met die Franse groep gereël het. Hy is gestuur na die Comores waar hy gewag het totdat mense hom kom spreek het en hy het toe die boodskap oorgedra. Daar was ook skakeling met 'n Portugese groep. Hy sê dat Joe Verster 'n skakeloffisier was. Hy sê dat hy nie 'n probleem gehad het met die buitelandse aanwending van hierdie apparate nie. Hy hou voet by stuk dat die hele chemiese program defensief was. Hy glo nie dat Jan Lourens iets giftig ingekry het nie. Dit word aan hom gestel dat hy geweet het hy werk nie met engeltjies nie en hy sê dat die advokaat sy getuienis uit konteks neem. Hy het gesê dat die chemiese mafia nie engeltjies was nie. Hy gee toe dat die Spesmagte mense wat in Engeland gebly het sambrele sou nodig gehad het. Hy sê dat in soverre hy verwys het na die KBK korrelkoppe dit maar 'n grappie was. Hy het 'n goeie werksverhouding met Lothar Neethling gehad ofskoon Neethling hom gedurende 1983 vir die eerste keer by sy kantoor uitgejaag het. Hy sê dat hy nietemin 'n tegnologiese adviseur was. Die ink vir die Namibiese verkiesing is bespreek met inligtingsagente van Amerika. Hy was inderdaad 'n lid van die International Forensic Toxicologists. Hy sê dat baie van die forensiese werk analities was. Hy het vir Eddie Webb geken. Hy sê dat Lothar Neethling nie ten volle ingelig was nie. Hy sê dat hy nie die dokument WB20 ken nie, dat dit vol foute is. Hy sê dat hy baie optredes gemagtig het en versoeke gerig het. Die psigologiese profiele van die Spesmagte operateurs het hy geskryf op aanbeveling van generaal Liebenberg. Die middels wat aangevra was (inkapasiteer-middels) is gevra óf

deur generaal Liebenberg óf deur generaal Joubert. Dit is so dat die dokters nogal inligting oor buitelandse troepe kon gee wanneer hulle van die gewondes verpleeg het. Daar is 'n debat oor die vraag wat Dirk Coetzee te sê gehad het oor gif. Die beskuldigde sê dat dit nie van enige wesenlike belang was nie. Hy gee toe dat hy vir R aan Immelman voorgestel het en dat hy vir Immelman gesê het dat hy die middels vir R kon gee vir Spesmagte. Hy het vir Immelman voorgestel as Willem die boer. Hy was soms 'n boodskapper en hy het ook goedere vir die beskuldigde gekry. Hy het vir R 'n toegangs-kaart gereël om by sy kantoor in te kom. Hy gee toe dat dit 'n afsnypunt was. R sou die koerier gewees het. Hy gee toe dat die BSB kon reël vir inkapasitante deur mnr R maar hy ontken dat daar ooit so 'n versoek was. Hy sê dat Infladel lank R se spreekkamers betaal het en dat hy ook maandeliks betaal is en hy word verwys na tjeks wat dit aantoon. Die beskuldigde sê dat net hy en sy kollegas soos Thiar en de Bruin wat by Spesmagte gewerk het geweet het dat hy verbonde was aan Spesmagte. Die beskuldigde sê dat hy dan inderdaad vir hom sy blou plan gemaak het, in dié sin dat hy vir hom 'n front geskep het. Hy het toe deelgeneem aan strooptogoperasies in Afrika state en hy was later bekommerd oor sy aandeel. Die ontmoeting tussen R en Immelman was in sy kantoor. R was 'n skakel tussen hom en Immelman maar hy was ook 'n skakel tussen BG Spesmagte en Immelman. Dit word aan die beskuldigde gestel dat hy sy weergawe verander omdat dit nooit vantevore gestel is nie. Hy sê dat hy geen kennis dra van inderil nie en hy sê dat hy 'n aantal fetusse gehad het waarmee hy weefselkultuurnavorsing gedoen het. Dit word aan hom gestel dat as hy van Augustus tot middel November 1989 in Europa was daar 'n aantal dinge was wat deur Immelman aan R verskaf is wat net nie vir hom kon gewees het nie. Hy sê dat hy nie die giflys probeer verdedig nie maar dat hy wel anthrax in sigarette getoets het, dat hy wel slange gesoek het. Daar ontstaan 'n argument oor of Chris, Gert en Manie dodelike stowwe van Immelman ontvang het en die beskuldigde sê dat sover hy kan onthou is die band van Chris, Gert en Manie se gesprek tot die effek dat hulle inkapasitante gevra het en nie altyd gebruik het nie. Die stowwe wat aan hulle gegee is, is gegee in sy kantoor by die Suid-Afrikaanse Geneeskundige Dienste hoofkantoor waar sy tikster hulle waarskynlik by die deur sou gaan haal het.

[1423] Die beskuldigde bevestig weer eens dat daar na 1986 nie 'n nodigheid was om te spesialiseer met betrekking tot die vervaardiging van dodelike middels nie. Hy bevestig dat die veiligheidsmagte van die

verskillende dissiplines saamgewerk het. Hy bevestig dat hy in 1976 voor die uitbreek van ebola in Zaïre was. Dit was toe daar hemorargiese siekte uitgebreek het onder die Amerikaners. Hy het gegaan en hy was in uniform. Dit was nie die ebola insident nie. Met die ebola insident is die pasiënt na SA gebring, het die pasiënt vir 'n dag hier gebly en is toe na Amerika. By die geleentheid waarvan hy praat is die mense met 'n baie groot vliegtuig uit Zaïre deur die Amerikaners tot hier in SA gevlieg en was hulle in die militêre hospitaal tot hulle gesond geword het. Hy sê dat hy klinies vir hulle verantwoordelik was terwyl die patologie gedoen is deur dr Prosesky van UP. Wat die geval in Iran aanbetref waar die persone dood is as gevolg van swamvergiftiging is die posisie dat dieselfde swamme ook te vind is in die koue Bokkeveld. Dit is die enigste ander plek in die wêreld. Op daardie stadium het ons nog militêre attachés gehad in Iran.

[1424] Hy bevestig weer dat hy middels van Immelman verkry het om operasioneel te toets. Daar is bv pakkies met bier in wat vir 6 tot 8 uur op 'n roete-mars was. Hy word gedaag om name van persone wat sulke goed gedra het te gee en sê dat hy dit nie kan onthou nie. Hy word verwys na bewysstuk 63BB en dit blyk op p8 dat paraoxon stabiel is. Op p12 blyk dit dat Psotta toetse oor 13 maande gedoen het wat dit bevestig. Die beskuldigde sê dat in die praktyk enige laboratorium toets opgevolg word deur veldtoetse. Hy sê dat dit so was met die beskermende klerasie en met die gifstowwe. Hy word gevra of daar van die hoogs toksiese stowwe getoets is deur ander instansies as RNL en hy sê ja, onder andere deur 'n professor van UP die naam waarvan hy nie kan onthou nie. Hy sê dat by RNL daar enkapsulering moes plaasgevind het want die sianied het daarvan gekom. Dit was egter iets soos 50 tot 100 kapsules en dit was nie nodig dat hulle oor die apparaat hoef te beskik het nie.

[1425] Hy word gevra of hy Coca Cola met 'n substans in aangevra het en sê dat hy dit nie kan onthou nie maar hy ontken dit ook nie. As hy dit gedoen het sou dit gewees het om te kyk of die bakterieë vernietig word deur die Coke en of die besondere substans nie dalk die Coca Cola aantast en bv bitter maak nie. Hy sê dat hy 'n goeie vriend van G Viljoen was maar dat hy later berig gekry het dat hy betrokke is by nasionale intelligensie. Hy herken op bewysstuk 63B vir Chris, ook op 63W1C wat hy die akkuraatste foto van hom noem. Die ander twee persone kan hy nie herken nie. Hy sê dat dit hy is wat vir Immelman gesê het om

onder 'n skuilnaam met hierdie mense kontak te maak. Hulle het nie geweet van RNL nie en was nie veronderstel om uit te vind van RNL nie. Hy het wel kennis geneem van die geval van eerwaarde Frank Chikane. Hy is gevra daaroor deur Immelman en hy het vir Immelman gesê dat hy niks daarvan weet nie en soos hy kan sien lyk dit ook nie of die Amerikaners iets daarvan weet nie. Teenoor hom het Immelman nie enige bedenkinge geopper nie. Hy het ook nie 'n vrees oor die middels uitgespreek nie. Hy kan nie onthou dat hy gesê het dat hy die toksikologiese handboeke kan herskryf nie maar hy kan ook nie eintlik dink hoekom hy dit sou doen nie. Hy gee toe dat daar nuwe inligting was oor bv silatrane. Hy ontken dat hy vir Immelman gesê het van die staatsveiligheidsraad. Hy sê hy wonder of Immelman nie die staatsveiligheidsraad en die KBK verwar nie. Die hoogste beplanning waarmee hy te doen gehad het is gedoen met die toestemming van HSAW. Die staatsveiligheidsraad skakel nie in by die SA weermag nie. Dit gee opdragte. Daar is direkteurs-generaal daarop en onder andere ook HSAW. Hy sê dat monofluorasetaat die senustelsel aantast, die derms tot stilstand bring en ook die breinfunksie aantast.

[1426] Hy hou voet by stuk dat Immelman wel van die stowwe wat hy gekry het teruggekry het en dit weer moes toets. Hy word verwys na bewysstuk 63A en sê dat daar 'n navraag gewees het van HSI. Dit mag ook HDTI gewees het. Hy het nie vir Coetzee geken of van hom geweet nie. Hy sê dat as teen-inligting 'n probleem gehad het hulle dit met hom sou bespreek.

[1427] Dit is so dat Goosen teruggekom het met Van Rensburg. Hy sou die ander veearts verkies het. Van Rensburg was 'n moeilike persoon gewees wat personeelprobleme veroorsaak het. Die getuie het na die KBK gegaan en gesê Van Rensburg soek 'n verdere R200 000 as 'n skeidingspakket en dit is aan hom uitgewys dat dit 'n RNL aangeleentheid was omdat dit na privatisering was.

[1428] Hy word verwys na bewysstuk 63V. Dit is 'n lys van gifstowwe wat skynbaar beskikbaar was by RNL. Die beskuldigde sê dat hy waarskynlik sou navraag gedoen het watter gifstowwe beskikbaar is en dat dit is waarom die lys opgestel is en waarom daar 'n klein opsomming is van die eienskappe van elkeen van die gifstowwe. Hy sê dat hy van daardie produkte gebruik het vir opleiding by spesmagte hoofkwartier of by

die opleidingsentrum by die koepel. Die tema van so 'n lesing was altyd oorlewing. Hy sou sê hy het dit so vyf of ses keer per jaar gedoen. Hy het dit nogal grafies geïllustreer deur van 'n proefdier gebruik te maak.

[1429] Hy sê dat muise gebruik is as proefdiere en dat hy dit by die "petshop" gekoop het. Hy sê dat hy van tyd tot tyd van slangtoksien gebruik gemaak het. Hy word verwys na getuienis wat hy gegee het oor dooie katte in 'n posbus en hy sê hy het gedink aan die film Fatal Attraction. Hy sê as jy 'n dooie kat in 'n persoon se posbus sit dan is dit met een of ander doel en sekerlik ook om vrees by hom op te wek. Hy het min kennis van toordokters en die maniere waarop hulle te werk gaan. Hy hou vol dat daar 'n dame was by RNL wat weefselkultuur navorsing gedoen het maar hy sê dat die fetusse wat hy gekry het van RNL nie by RNL gebruik is nie maar in die laboratorium by Speskop. Daar word 'n gedeelte soos bv weefsel uit die brein geneem of uit die hart of uit die lewer en dit word dan op weefsel oorgeplant en gemaak groei en daar word dan toetse daarop gedoen. As die BSB hom vir 'n fetus versoek het sou hy wou geweet het waarom maar hy is nie deur hulle so versoek nie. Hy kan nie onthou waarom hy formalien nodig gehad het nie. Hy het wel gehoor dat daar 'n aap fetus by Tutu se huis opgehang is maar hy was verbaas daaroor want hy kan nie dink waaroor dit gedoen is nie. Hy word weer eens verwys na bewysstuk 63B, noem twee moontlike inkapasitante en sê dat hy geen ander inkapasitante kan uitwys nie. Hy word gevra oor die dokument 36B en dit word aan hom gestel dat hy dit opgestel het. Hy ontken dit. Hy wys daarop dat in die 1982 eksamen hy 98% gekry het vir militêre skryfwyse. Hy sê dat daardie nie 'n militêre dokument is nie, dat hy dit nie sou opgestel het nie en dat hy niks daarvan weet nie. Hy het mediese steun gegee aan ene Alfonso wat sy pasiënt was. Hulle het ook mediese steun gegee aan Phil Meyer maar hy is deur die GG na Angola verplaas en nie deur die beskuldigde nie. Hy is deur Mijburgh teruggestuur omdat hy nie sy werk behoorlik gedoen het nie. Hy sê dat hy 'n mediese verslag oor Orlando Christina opgestel het. Die foto-albums is op 'n lêer geplaas. Hy het die eerste keer by Fontana uitgekom toe Christina al 'n dag of twee dood was. Hy was nie die Sondag betrokke nie. Daar vind ondervraging plaas oor die term KOD en hy sê dat sy pa 'n polisieman was en dat hy die term gesien het. Dit staan vir Kriminele Onderzoek Departement. Die Engels is CID. Hy sê dat hy in kennis gestel is dat daar

mediese steun nodig was by Fontana omdat daar 'n bakleiery onder die inwoners was en daar van hulle is wat messteke gehad het en wonde gehad het wat op gewone mediese wyse behandel moes word. Daar was ook van hulle wat katatonies was, dit beteken dat hulle histeriese verlamings gehad het. Hy gee toe dat daar ook een kon wees wat deur een van die polisiebeamptes daar met sy mes beseer is. Hulle is verskillend behandel afhangende van hoe ernstig die toestand was. Daar was van hulle was selfs intraveneuse toedienings gekry het. Daar was 'n siekeboeg. Hy sê dat hy nuuskierig was en dat hy dikwels geluister het na die ondervragings. Daar is 'n persoon opgeneem wat erg katatonies was en psigoties. Hy kan nie onthou wanneer dit was nie - of dit was kort na die moord of toe hulle al na Entambeni verskuif het nie. Met die verskuiwing het hy 'n lorrie bestuur. Hy gee toe dat daar van die verdagtes in die lorrie kon gewees het en dat hulle vasgemaak kon gewees het. Hy sê dat Hennie Bester bloot maar een van die dokters was wat betrokke was by die mediese steun tydens hierdie ondersoek. Dit was 'n voordeel dat hy die kultuur van die Portugese inwoners geken het. Hy weet nie waarom Charles Lotz hom aan iets sou verbind nie. Dit is so dat hy vriende geword het met Viljoen by hierdie operasie maar hulle het eers later saamgewerk toe hy spesiale wapens en taktiek aan die SAP verduidelik het. Hy onthou dat hy meegedeel is dat die persoon nou verwyder kan word maar dat hy nog steeds baie moeilik was om te hanteer en omdat Heyns toe aan diens was het hy hom gevra om hom te help om hom op die vliegtuig te laai. Hy het bloot 'n opdrag gekry om te reël dat hy op die vliegtuig gelaai sou word. Hy het nie geweet waarna toe nie. Hy kan nie onthou of Theron saam was nie. Hy sê dat uit die stukke uit hy kan aflei dat dr Mijburgh saam was toe die "krygsraad" in Angola gehou is. Hy self het nie vir Mijburgh daarna toe gestuur nie en hy glo dat die direkteur spesiale take dit sou gedoen het. Wat hy wel gedoen het was om aanvanklik toe hy gevra was om mediese steun te verleen by Fontana al die senior dokters aan te sê om daarna toe te gaan. Dit was dr Bothma, dr Bester. Hy hou vol dat by Speskop daar 'n tikpoel was en dat hulle nie sekretaresses gehad het nie. Hy sê dat daar nie sprake was van chemiese ondervraging nie, dat Magdale Jæckel nie sê dat sy betrokke was saam met hom by chemiese ondervraging nie en wat Phil Meyer aanbetref ontken hy dat daar so ondervraging was en sê hy dat dr Erasmus dit ook ontken. Hy ontken dat hy pasiënte in daardie saal laat opneem het. Hy kon toegang gehad het tot Roland Hunter se lêer maar wat die kwessie van 'n slang aanbetref het Cor van Niekerk by sy huis op 'n hipotetiese basis vir hom gevra hoe 'n persoon by wyse van onopspoorbare gif gedood kan word en hy het toe gedink aan

slanggif. Wat vir hom baie snaaks is, is dat hy sou gesê het dat die persoon vasgedruk moet word en dat 'n dooie slang dan daar gelaat moet word. Hy sê dat daar wel 'n chemiese aanval in Mosambiek was in 1992, dat daar 'n Engelsman betrokke was ene dr Thomson, dat die Mosambiekers toe wou gehad het dat die Suid-Afrikaners die ding moes ondersoek, dat hy opdrag gegee het aan dr Davey en Lombaard om ondersoek in te stel en dat hulle monsters geneem het. Wat Iran aanbetref het hy sy gevolgtrekkings gemaak op die kliniese beeld wat hulle gekry het by wyse van video materiaal en as gevolg van die bloedtoetse wat deur die Oostenrykers gedoen is.

[1430] Hy sê dat ketalaar in verskillende sterktes te vinde is. 'n Persoon sonder opleiding sal sukkel om binnearse toediening te doen omdat hy nie sal weet waar om die are te kry nie en hy sal ook nie weet wat die korrekte dosis is nie. Hy word gevra oor wat hy in 1983 gedoen het en sê dat hy gewerk het en dat hy in Europa was en dat hy oorlog gemaak het.

[1431] Hy word gevra oor anti-stolmiddels en sê dat jy eerste bloeding onder die vel sal kry, dan onder die slymvliese soos by die oë en dan op plekke waar daar beserings is soos wanneer jy bv 'n maagsweer het sal die maagsweer aan die bloei gaan. Hy word ondervra oor pivaniel 63V en heparin en die doel van die kruisverhoor is om aan te toon dat hy nie die waarheid gepraat het oor anti-stolmiddels nie toe hy gesê het dat bloeding eers 'n paar dae later sal intree. Die getuie antwoord dat heparin iets is wat ingespuut moet word en nie oraal geneem kan word nie en dat sy getuienis betrekking gehad het op die bewerings in verband met Phaal en dat dit ter weerlegging daarvan was. Dit word aan hom gestel dat sy adres op een van sy vals paspoorte Karina woonstel 2, Sunnyside was. Hy ontken dit nie maar sê dat hy nie daar gebly het nie. Hy sê dat Patricia Leeson gebly het in Troycourt woonstelle in Kotzestraat. Daar vind 'n ondervraging plaas oor verbranding van diere met anthrax en wat die gebruik in die leër was wanneer 'n persoon dood is wat van die buiteland af gekom het. Hy erken dat hy toegang gehad het tot ambulanse. Hy verduidelik wat die prosedure was wanneer 'n persoon dood is en begrawe moes word en hy kan nie veel sê oor die verbranding van diere wat miltsiekte het nie. Hy dra nie kennis van die liggaam van ene Garth Bailie wat veras moes word nie.

[1432] Hy weet wel van die afbraakprodukte in die bloed maar hy sê dat die smeermiddel wat na bewering gebruik is saam met paraoxon nie opgeneem sou word deur die bloed nie en dat die afbraakprodukt wat die staat voorstel nie sal voorkom nie. Tolletjies Botha was direkteur koeverte inligting. Hy het hom nooit ondersteun nie behalwe dat hy van sy agente behandel het. Hy sê dat inderal 'n betablokker is

[1433] Hy het seker so 40 tot 50 operateurs voorligting gegee oor gifstowwe. Hy onthou vir Corrie Meerholz en Bruce McGiver, hy dink ook Tolletjies Botha. Hy word gevra oor die slang wat die muis eet en sê dat as die muis nie doodgaan nie die mengsel nie reg was nie en dan kan die slang maar die muis eet. Hy weet nie waar Theron aan die idee kom of die stof nog van so 'n gehalte is dat die teiken dit sal inneem nie. Hy het dikwels met Theron geskakel. Dit was óf by DJ Truter óf by SAGD hoofkantoor. Daar was nie 'n noodigheid vir 'n militêre persoon om by MCI te wees nie. Hy het vir Phaal ontmoet. Dit was toe hy 'n ondersteuningsrol vir Theron sou verrig het in hulle reis na die VSA. Hy weet nie of hy gedink het dat dit 'n lokval was nie. Theron en Phaal was die hele tyd saam by hom. Dit is so dat sommige stowwe 'n flokulant probleem het. Dit is waarom hulle juis vir mense gesê het dat as hulle dan wil drink hulle whisky moet drink omdat enige stof omtrent 'n flokulant in whisky veroorsaak. Paraquat is 'n plantdoder wat onder andere gebruik word om waterplante uit te roei. Oor die bier na die Oos-Kaap sê hy dat hy geen idee het waaroor Theron praat nie. Dit word aan hom gestel dat dit vermeld is in die Pierre Steyn verslag en hy sê dat hy onder die indruk was dat daar nie so skriftelike verslag was nie. Hy ken vir Nicky Smit sedert 1981. Sy het vir hom tikwerk gedoen maar sy het vir Infladel en Sefmed gewerk en sy was die sekretaresse van die baas van Infladel en van Sefmed. Sy het wel vir hom take verrig op sy versoek. Hy meen dat sy na Mijburgh verskuif het einde 1989/begin 1990. Hy word na 'n hele aantal dokumente verwys beginnende in 1989 en eindigende in 1992 waar daar dokumente is wat generaal Knobel geteken het wat hy opgestel het en waar haar voorletters op voorkom. Hy gee 'n verduideliking dat die blokke op die rekenaar dieselfde kon gebly het. Dit word aan hom uitgewys dat op een van die briewe die NS nie in hoofletters is nie maar in kleinlettertjies. Hy gee toe dat hy vir Nicky Smit elke jaar op haar verjaarsdag uitgeneem het vir ete en dat hy dit tot vanjaar nog gedoen het. Hy hou egter voet by stuk dat sy nooit sy sekretaresse was nie. Daar vind 'n gesprek plaas oor

bewysstuk 23B tot die effek dat daar onheilighede in die projek plaasgevind het en die beskuldigde verduidelik al die aspekte soos dat dit te doene het met offensiewe koeverte operasies waar daar defensiewe apparaat verskaf is soos maskers en handskoene. Hy verduidelik ook dat dit te doene het met die mortiere en die CR. Hy word verwys na bewysstuk B en sê dat dit opgestel is op versoek van HSAW. Hy sê dat hy beskerming nodig gehad het. Hy gee toe dat hy kontakte in die SAW gehad het. Hy sê dat hulle epidemiese inligting uit Afrika ingewin het, dat jy hom wel 'n dubbel-agent kan noem. Hy sê dat hy verbaas was dat Krygkor nie betrokke wou raak by chemiese biologiese oorlogvoering nie terwyl hulle betrokke was by die maak van kernbomme. Hy gee toe dat op die stadium toe Bosch vergiftig is dit gegaan het oor die verskaffing van safrool en dat hy in 'n geskil betrokke was met die Engelse mafia. Dit word aan hom gestel dat die BSB wel van gif gebruik gemaak het en dat dit eienaardig is dat hulle dit nie vir hom gevra het nie. Hy word gevra wat die name was van die twee sersante wat saam met Corrie Meerholz was en hy sê dat hy nie kan onthou nie, dit is lank gelede. Hy ontken dat hy vir 'n Charl Naude wat die direkteur van ammunisie was geken het. Hy ontken dat generaal Van der Merwe en generaal Smit skakeloffisiere was.

[1434] Oor die algemeen hoef die inkapasitante nie geënkapsuleer te word nie. Hy glo dat dr Andre Immelman wel op 'n klein skaal by Delta G enkapsulering met die hand gedoen het. Dit was bloot wanneer proefdiere nie die middels wou inneem nie. Inkapasitante waarop navorsing gedoen is was metakoloon, BZ, BZ met byvoeging van kokaïen en MBMA(Ecstasy). Die fisiologiese ontwikkeling van hierdie substansie is reeds elders gedoen en dit is nie in Suid-Afrika op mense gedoen nie. Daar is literatuur daaroor. Life Style Management kon uitwerk wat die fisiologiese effek van beskermende klerasie was. Wanneer dit by enkapsulering kom was Steven Beukes moontlik in die vroeë stadium daarby betrokke. Dit het gegaan oor die vervaardiging van medikasie vir weerstand-bewegings. Dit was presies dieselfde wat betref tablettering en toe die plasébo's was die masjien aangekoop maar ook vir die maak van pille vir die weerstandbewegings. Hy sê dat versoeke vir enkapsulering kon gekom het vanaf Immelman en deur hom oorgedra gewees het aan Beukes of deur homself. Hy word gevra oor die verskillende variante waarop geëksperimenteer is en hy sê dat daar 24 was en sit dit uiteen. Hy word gevra oor sy vingerafdrukke en hy sê dat wat gebeur het is dat daar 'n vingerafdruk-deskundige gekom het om sy vingerafdrukke te neem na sy arrestasie. Hy het toe vir

vingerafdrukdeskundige gevra om vingerafdrukke te neem van die pakkie met die kapsules waarop beslag gelê is. Hy sê dat hy 'n vergadering met Johan Alberts gehad het by die News Café, dat hy toe gery het, dat hy 'n nood gehad het, dat hy by die Magnoliadal kompleksie in is, dat hy toe uitgery het om te kyk wat met sy seuntjie gebeur het, dat hy toe alreeds by die skool was, dat sy selfoon gelui het, dat hy toe van die pad afgetrek het en gepraat het en toe hy die telefoon doodmaak het Wentzel gebel. Dit word gesuggereer dat daar 'n snaakse rede is waarom die verdediging die transkripsie reggestel het. Die beskuldigde sê dat hy nie glo dat dit hy is wat dit opgetel het nie maar dat die transkripsie duidelik verkeerd was en dat dit die rede is waarom dit reggestel is. Hy gee toe dat meeste van die inkapasitante tot soveel soos 70% dwelms kan wees.

[1435] Hy gee toe dat hy in beheer was van Delta G en dat die navorsingsresultate aan hom voorgelê is. Hy was egter nie in finansiële beheer nie. Hy het egter die begroting hanteer. Hy het gereeld toegang gehad tot 1986/87 en daarna het hy by minder geleenthede toegang gekry. Die moet-weet beginsel het gegeld. Hy sê dat Sybie van der Spuy na Delta G was omdat daar ingenieursprobleme was. Hy moes die ingenieursdepartement stabiliseer en rasionaliseer. Wanneer daar middels ontwikkel is het hy toegesien dat hy in die aanvanklike ontwikkelingspan is want hy het nooit verwag van enige van die mense wat gewerk het om goed te doen wat hy nie bereid was om te doen nie. Dit is wat bedoel word met sekerheidsgevaarlike opdragte. Hy het die navorsingskontrakte bestuur. Dit het gegaan oor inkapasiteermiddels. Die navorsingskontrakte was gesluit met Medchem en daar was subkontrakte tussen Medchem en Delta G. Dr Mijburgh was in 'n goeie posisie dat hy goed wat by Medchem ontwikkel is kon toepas by Protechnik. Die substansie is aan die beskuldigde self gegee en hy het dit geberg in 'n stoorkamer van die weermag in Dequarweg waar daar wagte was en hy die enigste sleutel gehad het. By Delta G is daar 17 tot 18 ton CR ontwikkel. Die kenmerke van die inkapasitante blyk uit publikasies oor baie jare. Die beskuldigde gee toe dat hy die persoon is wat met die verskaffers van hierdie substansie moes skakel en dat dit 'n gevaarlike werk was. Wat Ecstasy aanbetref gee dit 'n gevoel van euforie. Metakoloon veroorsaak afstomping en lei tot stupor en 'n persoon slaap. BZ lei tot 'n situasie waar 'n persoon nie meer sy persepsies kan koördineer nie en hy drogbeelde kry. In dié proses

kan hy óf uiters aggressief raak óf ook uiters passief. Kokaïen is baie soos Ecstasy en het ook 'n verlies van aggressie tot gevolg. Daar is op hierdie middels besluit omdat daar besluit moes word wat pirotegnies aangewend kan word. Wat skarebeheer aanbetref is die posisie dat 'n mens die kohesie van die skare wil breek. Daar word gepraat van die Leibsig fenomeen. Wanneer dit kom by derivate en variante dan is dit bloot eenvoudig die besondere stof se molekules waarby sekere stowwe gevoeg word of weggeneem word wat dan 'n ander uitwerking het. Daar is monsters van dwelmmiddels deur die SA Polisie aan die projek verskaf. Daar was 'n reëling in dié verband met die kommissaris en hy noem al die kommissarisse op. Toe daar later 'n sintetiese vermoë ontwikkel het is daar minder daarvan van die polisie ontvang. Hy het dit self by die forensiese laboratorium gaan haal en in uitsonderlike gevalle het dr Mijburgh dit gaan haal. Hy glo dat tot soveel soos 500 000 metakoloon tablette voorsien is tot soveel as 9 ton dagga. Die metakoloon is dan verpoeier en die mandrax tablette is verpoeier en die metakoloon is daaruit geëkstraere. Hy sou die stof óf vir Mijburgh gegee het óf vir 'n ander wetenskaplike. Om metakoloon te deaktiveer moet suur bygegooi word. Dit is 'n baie komplekse proses.

[1436] Daar is 'n argument oor of die minister 'n permit gegee het en dit word aan die beskuldigde gestel dat hy onwaarheid vertel as hy sê dat daar so 'n permit gewees het. Hy hou voet by stuk dat daar wel so 'n permit gewees. Hy word verwys na dokument 30X p2 para 5 en dit word aan hom uitgewys dat by die besoek aan generaal Zietsman daar beginselgoedkeuring was. Dit word weer eens aan die beskuldigde gestel dat as daar werklik goedkeuring was dan sou dit in daardie dokument vermeld gewees het. Die beskuldigde hou voet by stuk dat daar wel goedkeuring was en dat hy ook verdere verklarings gemaak het.

[1437] Wat die voorligting aan die minister aanbetref D9A van 7/1/1993 sê die beskuldigde dat hy wel betrokke was by die opstel daarvan. Hy sê dat die wetenskaplikes bekommerd was oor die aantygings in verband met die BSB en dat hulle ook bekommerd was oor hulle werk. Hy word gevra of die lys wat hy opgestel het in verband met wetenskaplikes wat regshulp mag nodig kry opgestel was na sy arres en sy herinnering is dat dit voor die arres was. Hy sê dat Mosrefcat was die vervaardiging van metakoloon. Dit was nie die ekstrahering daarvan uit die pille wat die polisie verskaf het nie. Gerry Brand het omtrent 1000g rou

materiale verskaf vir die maak van metakoloon. Wat bewysstuk 30X p3 para 3 aanbetref die substans wat daar gemeld word as 100g moes 1000g gewees het. Daar ontstaan 'n argument oor of die staat geregtig is om die beskuldigde se KEEM getuienis teen hom te gebruik en ek reël dat die staat dit nie mag doen nie. Die beskuldigde sê dat daar aartappel- en mieliestylsel gebruik is in die maak van die plasebo's. Die beskuldigde bevestig dat die grondstowwe wat gelewer is na die Havenga saak omtrent 840kg metakoloon was.

[1438] 'n Derivaat is iets wat van 'n substans afgelei is maar die molekule se struktuur word verander. Die verwapening van die eerste metakoloon was afgehandel hier by 1988 maar as gevolg van die nuwe-effekte is daar na 'n ander variant gesoek. Hy word gevra wie vir hom die grondstof na die laboratorium sou gebring het en hy sê dat hy óf vir ene Viljoen óf vir Lourens sou gevra het. Dit was in verband met grondstowwe wat gestoor was by Protechnik. Daar was twee slotte wat albei oopgesluit moes word en waarvan hy een sleutel gehad het.

[1439] Hy sê dat hy op die eerste toetse gewerk het saam met Hekkies van Heerden en Bill Grieves en mense van die ammunisie korps. Hy verduidelik dat daar 'n kompressor was waarmee jy die poeier saamgepers het voordat dit in die pirotegniese oond geplaas is. Die masjien by Swartklip was anders omdat dit gemaak was vir groot maat vervaardiging terwyl hulle geëksperimenteer het en gestel het aan die masjien. Die hoeveelheid van 'n grondstof wat in 'n mortier geplaas word is omtrent 'n kilogram en wat in 'n handgranaat geplaas word is omtrent 350g. Die CR is gebruik by Tumpu. Daar is nie fisiologiese toetse gedoen nie. Dit is net gedoen op bobbejane. Daar is wel gedoen op spesmagte taakmagte by die SAP kollege. Daar is gevind dat die nuwe-effek aggressie was. Kontrole van hoeveelhede is gehou deur die voorraad te vergelyk met dit wat verbruik is en wat oorgebly het. Van die metakoloon wat afkomstig was van die polisiekollege en gemaak was en geëkstraheer was is die totale voorraad verwapen. By die einde van 1991 was daar 'n versnelling in die verwapening. Beskuldigde het die opdrag gekry en hy wou graag toesien dat sy projek afgehandel word. Hy ontken dat hy 'n gesprek met Hennie Jordaan gehad het oor die PMK. Brand het hom onder die indruk gebring dat die PMK oorsee geproduseer sou word en hulle het dit met die jetstar aangery. Wat die BZ aanbetref het hy al die verskaffers wat hy geken het gevra. Die kokaïen het hy in

Suid-Amerika aangekoop. Alhoewel hy nie 'n permit gehad het nie het generaal Neethling geweet. Hy sê dat die piesangs toe verkoop is en dat daar 'n bedrag geld vir hulle verkry is. Daar is meer as honderd variante van BZ geproduseer. Psotta het daarop gewerk. Dit was in verskillende store onder andere ook by Speskop. Daar is pirotegniese toetse daarop gedoen en dit is verwapen. Hulle het nie by die verwapening van die metakoloon en die ecstasy uitgekóm nie. Dit was in 81mm mortiere en in handgranate. Die doel was skarebeheer

[1440] Die verwapening het plaasgevind in die pirotegniese laboratorium. Na beëindiging van die projek is die masjiene vernietig en die pirotegniese laboratorium is uitmekaar uit gehaal. Om die BZ te verwapen was moeilik omdat daar van 'n hars gebruik gemaak word. Daar is seker 'n ton daarvan in blikkies. Generaal Neethling was op hoogte van wat gedoen is. Hy sê dat hy nie glo dat BZ op daardie stadium beheer is deur die SA wet nie. Die saffrool is gelewer óf deur die Sjinese mafia óf deur die Engelse mafia. Hy kan nie onthou wat hy betaal het nie en hy dink nie daar was 'n kredietbrief nie.

[1441] Op 27 Januarie 1993 was daar 1000kg metakoloon - 500 wat geruil is vir die peptiet sintetiseerder en die ander 500 wat in Kroasië verkry is. 'n Dokument WB23 word aan hom gestel en dit word daarop gewys dat hy praat van voorraad in die "pyplyn" en hy sê dat dit nie te doen het met enige dwelms nie. Dit was die Kroatiese regering wat die SA regering in 'n swak lig wou stel en dit het te doen gehad met die dokumente wat saam met wapens gegaan het. Hy het sy vriende Chu en Buffham gebel en hulle het die wapens verwyder en ook 'n klomp pelsjasse. Na aanleiding van bewysstukke 271(i) en (ii) wat fakture is deur Beukes vir die enkapsulering van stof word dit aan die beskuldigde gestel dat dit ecstasy is wat geënkapsuleer is. Die beskuldigde ontken dit en sê dat daar medikasie vir die soldate geënkapsuleer is. Dit kon 'n middel teen malaria gewees het, antibiotika of 'n swam of fungusdoder. Hy wys daarop dat die dokument geoudit is. Hy sê dat die mortiere getoets is. Hy sê die mortiere is getoets by Speskop. Hulle is nie afgevuur in die sin dat hulle deur die lug moes trek nie maar die tweede slagpen is wel geaktiveer sodat die substans vrygestel is. Die mense wat hom gehelp het by Speskop was juis die direkteur van plofstowwe. Die 155mm projektele

was bestem vir CR. Skarebeheer geskied by wyse van handgranate en geweer granate. Krygkor het nie 'n pirotegniese vermoë gehad nie.

[1442] Die beskuldigde sê dat daar 'n CR demonstrasie by Speskop was. Hy kan nie onthou wie almal daar was nie. Hy sê dat daar honderde mortiere is wat verwapen was. Die BZ variant is omskep by Delta G. Die molekule is verander. DPK30 is Brand se eis. Hy gee toe dat hy in Januarie 1993 ontsteld was toe alles vernietig moes word. Hy het dit egter gevrees omdat hy geweet het dat die politici dit op enige stadium kon stop. Hy glo dat daar voorligting aan die minister sou gewees het en dat daar ook transpirante was. Hy het aanvanklik die agtergrond geskep en generaal Knobel het die opsies vir die minister gegee. Dit is so dat nadat hulle teruggekom het na die uitgooi van die substansie in die see hulle gaan drink het om van die spanning ontslae te raak. Hy sê dat dit spanningsvol is om met die oop vliegtuigdeur oor die see te staan en werk. Wat die vernietiging aanbetref het die KBK die riglyne gegee maar generaal Neethling en ook generaal Van der Merwe van die SAP wou nie betrokke raak nie. Hy het toe vir Van Heerden gaan sien. Dié wou ook nie betrokke raak nie. Generaal Verbeeck het gesê dat die goed weggegooi moes word en op die ou end het hulle besluit om vir De Bruin te kry. Die bemanning het geweet dat dit gevaarlike stowwe was. Daar was 'n opdrag gegee aan die loods om indien daar navraag sou wees oor die doel van die vlug te verduidelik dat dit 'n roetine vlug is. De Bruin het monsters geneem van die metakoloon. Hy en Mijburgh het handskoene aangetrek en monsters van die BZ en die ecstasy geneem. Hy word gevra of daar 'n sekerheidsbreuk was en hy sê dat hy 'n storie gehoor het van radioseine maar dat hy dit nie werklik glo nie. Hy word gevra of kapsules met 'n masjien geënkapsuleer nie meer homogeen sal wees as kapsules wat met die hand gevul word nie. Sy antwoord daarop is dat hy glad nie sal weet nie maar dat hy weet dat handgelaaide ammunisie meer betroubaar is as masjiengelaaide ammunisie.

[1443] Hy word gevra of Grant Wentzel 'n chemikus is en hy antwoord dat hy nie is nie maar dat hy enigiets kon organiseer. Hy gee toe dat hy afgeskerm was van Delta G. Hy ontken dat Sam Bosch enige dwelms vernietig het en sê dat dit kunsmis was. Hy gee toe dat hy sy eie sakebelange hier in 1993 bevorder het. Hy het R60 000 vir Wentzel geleen en R30 000 vir Brand en Pienaar elk. Hulle moes hom 20% rente per jaar

betaal of prima plus 4%. Hyself het ook 'n bedrag inbetaal maar hy het dit in die eerste jaar met een of ander besending van vis teruggekry. Daar word 'n reeks dokumente WB25A tot WB25D aan hom gestel en dit word aan hom gesê dat die besigheidstransaksies reeds in 1992 begin het en dat hy nog nie sy gratifikasie kon gekry het nie. Sy antwoord is dat hulle wel in 1992 rondgery het en gekyk het na geleenthede maar dat hy eers die geld vir hulle geleen het nadat hy sy uittree-pakket gekry het. Hulle het almal persoonlik by hom geleen. Wentzel het nog betaal tot in 1994 R12 000 per jaar. Hy sê dat daar wel 'n maatskappy Libgro was wat 'n maatskappy van hom en Mijburgh was waar hulle sakebestuursvaardighede wou verkoop. Hy sê dat sy eerste reis na Libië hy self voor betaal het maar dat die finansiële prinsipale later daarvoor betaal het. Hy was nooit by Shell House nie. Sy vorige tikster Sarie Jordaan het by Global gewerk. Dit is so dat daar 'n ondersoek was vir die uitvoer na Libië van klerasie en maskers. Dit was Pienaar. Hy was nie daarby betrokke nie. Louis Bezuidenhout was betrokke by 'n wapentransaksie. Deats was verbonde aan spesmagte en hy moes sekere toerusting in Afrika gaan kry en terugbring. Hy moes ook dekstories hê oor waarom hy in Afrika was. Grant Wentzel het wel vir hom advies gevra, ook oor wapentransaksies, en hy het hom altyd in die Brooklyn omgewing en een keer by Magnoliadal ontmoet. Hy het hom nie by sy huis ontmoet nie. Hy sê dat hy seker is dat Pakistan nie dwelms verkoop deur die regering vir wins nie. Wentzel het sy nommer by die hospitaal gekry omdat hy sy selfoon omgelei het.

[1444] Die beskuldigde herhaal dat sy verspreidingskanale beter sou wees as wat Floyd kon aanbied agv sy kontakte. Hy sê dat daar in die Oosbloklande chemikalië aangekoop kon word wat nie suiwer was nie en dat hier gesuiwer kon word en weer verkoop kon word. Delta G het dit wel gedoen - hy was nie daarby betrokke nie. Delta G het ook resiesbrandstof aan die Sasol rensan gelewer. Hy weet nie of generaal Knobel bewus was van die applicators nie. Die mortiere is met CR gevul by Swartklip. Hulle het nie 'n pirotegniese vermoë gehad nie en het dit bloot getoets deur mortiere af te skiet. Dit is gebou in 1987 of 1988 en daar was 'n paar honderd of miskien 'n duisend. Die aanval op Tumpu was hier in 1988. Die finale afhandeling in Angola was hier by 1989. Hy sê dat die aankoop van inkubators en ander apparaat vir

weefselontwikkeling in die peptiet sintese laboratorium was. Wat die maskers na Libië aanbetref was dit Sol Pienaar wat dit wou uitvoer. Hy het nie vir Brand aan- of afgeraai nie. Hy word verwys na WB26 in sy handskrif wat 'n agenda van die KBK was en hy sê dat die offensiewe program en verdere aksies geslaan het op die inkapasiteer agense. WB27 is 'n dokument wat betrekking het met die voortsetting van projek Jota en gedateer is 31 Oktober 1992. Hy praat daar van geweer en handgranate en ook van 155mm mortiere. Wat Wentzel se wapentransaksie aanbetref sê hy dat sy standpunt deurgaans was dat dit Pakistan was wat wou koop. Hy het dit nie noodwendig geglo nie en het gedink dat dit dalk Irak kan wees. Hulle het gepraat van 'n hoeveelheid wat gekoop sou word om getoets te word en hy het gepraat hier van tussen 3 000 en 5 000 eenhede. Hy het gekyk na Suid-Amerika wat 'n verskaffer kon wees. Hy het gesê dat hy 'n beter "deal" by die Suid-Amerikaners kon kry. Sy kommissie sou hoër wees. Hy was egter bekommerd daaroor dat hulle die Jode sal inlig en dat dit 'n probleem vir Wentzel se veiligheid sou wees. By die toetse van transaksies is daar 'n klomp kanse wat gedek moet word. Daar is ook 'n grootskaalse rugstekery en informasie word teen vergoeding verkoop. Hy sê dat hy vir Wentzel gekrediteer het met R360,00 per houer vir die wyn wat hy vir hom gelewer het. Hy gee toe dat hy nie geweet het hoeveel wyn gebring sou word nie maar toe hy die houters uithaal het hy gesien dat hulle nie verseël was nie. Hy het toe gekyk en twee van die dose wat vol was het hy gaan bêre. Die laaste een het 'n swart sak ingehad en hy het dit net daar gelaat. Hy het nooit vantevore houters gekry wat nie vol was nie. Die vorige week wat hy in Windhoek was, was toe Chu en Simon Pura die Jet Star gestuur het omdat hulle wou praat oor plase in Windhoek. Hy sê daar was drie soorte gesprekke tussen hom en Wentzel en dit het gegaan oor die tipe van wapens, oor die verspreiding daarvan en oor die pryse en kommissie. Hy het gewaarsku teen die Suid-Amerikaanse ammunisie wat van swak gehalte was. Die wyn het hy weer gaan bêre nadat hy met Wentzel gepraat het en die swart sak het hy in die katebak gesit. Hy het nie in die swart sak gekyk nie. Hy suggereer dat Wentzel dalk beangs was toe hy gearresteer is maar dat hy seker hier by Saterdag 'n plan begin uitwerk het en dat hy toe seker meer op sy gemak was. Hy was nie dikwels by Delta G nie. Dit is so dat die moet-weet beginsels gegeld het. Die man op straat sou nie geweet het dat die finale produk wat by Delta G gemaak word aan hom gelewer word nie. Dit is so dat Medchem 'n vermoë gehad het om te enkapsuleer. Die beskuldigde sê dat Wentzel sou geweet het dat die Ecstasy aan hom gelewer is omdat Brand dit geweet het. Wat die gesprek aanbetref het hy aanvaar dit gaan

oor 'n wapentransaksie omdat hy die kodewoorde gehoor het. Dit was Louis, Denel en Demstones. Hy sê dat in die SAW gepraat word van ammunisie as hot rock. Hy sê dat hy nie 'n duisend gesê het nie. Beskuldigde was onder die indruk dat hy die swart sak uitgehaal het. Sy herinnering is dat hy die katebak oopgemaak het en dat Wentzel die sak uitgehaal het net soos wat hy die deur oopgemaak het toe Wentzel die koevert daarin gesit het. Dit word aan hom gestel dat hy sekerheidsbewus was en dat hy nie vingerafdrukke op die Ecstasy kapsules sou laat nie. Hy verduidelik wat sy roetine in die oggende is - dat hy opstaan, ontbyt maak, gaan stort, die seun skooltoe vat en dat hy by die hospitaal tussen 07:00 en 08:00 lesings gee, dan na intensiewe sorg toe gaan en dan om 08:30 na die teater gaan. Wanneer hy by 1 Militêre hospitaal werk neem hy sy seun na die kleuterskool, dit is die Swaan en die Flaminke. Hy ontken dat hy sy toeter gedruk het vir Wentzel. Hy kon sy toeter gedruk maar seer sekerlik nie vir Wentzel nie. Hy sê dat hy die gesprek nie werklik kan onthou nie. Hy sê dat hy nie huistoe kon gaan nie omdat sy nood groot was. Sy huis is oorkant die straat. Dit word aan hom gesuggereer dat hy sou kon gesien of sy seun en die bediende daar stap en hy sê dat dit nie so is nie. Hy ontken dat hy 'n verweer uitgedink het. Hy ontken dat die korrekte konstruksie van die gesprek is dat hy vroegtydig gekom het om te kyk of alles in orde is. Hy sê daar is van sy dokumente weg soos sy identiteitsdokument en belastingrekords, dat hy geskryf het na die kantoor van die Prokureur-Generaal en dat hy nog niks gekry het nie. Die saak word verwys na SANAB en hulle sê hulle het dit nie. Dit is in reaksie daarop dat die vorm wat hy gehou het wat aantoon wat Wentzel nog aan hom verskuldig was nie beskikbaar is nie. Hy sê dat hy aanvanklik beangs was omdat hy gedink het hy gaan geskiet word, dat daar toe verligting was toe hy besef het dit is die polisie en dat hy toe lateraan weer ontstel is omdat hy besef het dat hy aangekla word. Hy sê dat Wentzel disleksies praat en gedagtespronge maak. Hy het aan hom advies gegee omdat hy sy geld wou kry..

[1445] Hy sê dat toe hy Kaapstad gehoor het hy aanvaar dat dit gaan oor Swartklip en oor granate. Hy sê dat hy aanvaar het Louis is betrokke by die wapentransaksie en dat Louis hom gebel het en gevra het om terug te skakel, dat hy tweemaal probeer het maar hom nie op sy selfoon kon kry nie en dat hulle nie met mekaar gepraat het nie. Hy was bekommerd oor Wentzel se veiligheid. Hy het gedink dat die 30 wat daar

genoem word 30% is. Hy het gedink dit is 'n baie hoë persentasie kommissie. Dit word aan hom gestel dat die transkripsie inpas by Wentzel se weergawe en hy gee dit nie toe nie. Met betrekking tot bewysstuk 63FF - die faks wat van Bill Grieves gekom het sê hy dat hy goed sou uitgetipeks het omdat hy nie sou wou hê dat sy vrou dit moes sien nie. Daar was dreigemente teen hom en Nasionale Intelligensie het gereël vir observasie by sy huis. Hy is gekontak om Floyd en ander lede van die BSB te nader oor die verspreiding van die ecstasy. Hy dink dit was in 1992. Dit is so dat hy toe gesoek het na PMK. Hy word verwys na bewysstuk BB28 wat 'n koerantberig is en hy wys daarop dat volgens die koerantberig dit wat in Ierland gekry is BMK was en nie PMK nie. Hy het onderhoude gevoer met Joe Verster, ene Latham en Floyd. Alles was op dieselfde basis dat hy hulle gevra het of hulle nie dalk weet van verspreidingskanale van ecstasy in Europa nie. Hy sê dat hierdie met die BSB te doen gehad en nie met Pithey nie. Hy erken dat hy vir Floyd gevra het om vir hom ecstasy te versprei. Hy ontken dat hy dit vir Danie Phaal gevra het. Dit word aan hom gestel dat hy in die aansoek vir die beslaglegging op sy bates vir die hof gelieg het toe hy gesê het dat toe die projek in 1981 begin is, dit was met die doel om 'n defensiewe vermoë te probeer bereik. Hy sê dat dit deurgaans die situasie was en definitief so was in 1981 en ontken dat daar enigiets foutiefs was in die beëdigde verklaring. Hy gee toe dat 99% van Organochem se werk deur die staat aan hulle verskaf word. Dit kan so wees dat alle verskaffingsdokumente verwyder is uit hulle kantore. Koen kon daarby gebruik gewees het. Hy sê dat sy paspoorte deur die polisie verwyder is. Hy ontken dat dit ingehandig is as 'n borgvoorwaarde. Hy kan nie name van die ander twee vrouens, behalwe Claudine van Remoortere, waarmee hy in die buiteland getrou het nie, onthou nie.. Hy ontken dat hy as sulks enige ander burgerskap aanvaar het. Die mense met wie hy getrou het het met hom onder 'n vals naam getrou en hy meen nie dat hy burgerskap elders gehad het nie. Dit is so dat die weermag gesê het dat die offensiewe vermoë nie bekend gemaak moet word nie. Hy word verwys na WB29 par 55. Hy sê dat daar geen besluit was om CBO toerusting offensief aan te wend nie.

[1446] Hy gee toe dat hy dwelms moes aankoop. Hy sê egter dat die enigste dwelms kokaïen was wat hy van privaat instansies gekoop het. Die ander substansie is van regerings gekoop. Dit is so dat die finale produk, wat afkomstig was vanaf Delta G, aan hom gelewer moes word. Dit is so dat verdere pirotegniese toetse gedoen moes word. Die ecstasy was van 'n baie hoë gehalte. Hy is nie so bedrewe dat hy kan sê dat

die glisidiese ester metode uniek is nie. Hy ontken dat Koekemoer kapsules gekry het. Die enkapsulering was vir medikasie. Die fisiologiese enkapsulering was soos wat nodig was. Hy kan nie sê Gerry Brand kapsules van Freedman gekry het nie. Hy het sy afleggingspakket vroeg in 1993 ontvang. Hy ontken dat die transkripsie 'n behoorlike transkripsie is. Dit word aan hom gestel dat hy vindingryke verweere het om sy verdagte optrede te probeer verduidelik en hy hou voet by stuk dat hy nie dwelms aan Wentzel verskaf het nie.

[1447] Hy word verwys na bewysstuk 29M. Hy sê dat daar van sy dokumente verwyder is en dat hy sommige van die dokumente in die trommels herken. Hy weet nie wat alles verwyder is nie. Hy het nie weermagdokumente by sy huis gehou nie. Hy glo dat die foto-album van Orlando Christina op kantoor was, ook die skedules oor die huurvlugte. Dit kon óf by Medchem gewees het óf by Data Image. Hy betwis nie dat dit sy dokumente is nie. Hy sê egter dat daar ook dokumente is wat hy nie herken nie. Hy sê dat hy na 1993 nie meer 'n kantoor by Medchem gehad het nie. Hy het kort na die dreigement deur die CIA vertrek na Libië. Hy word verwys na bewysstuk 64B en sê dat hy kort daarna weg is - dit is hier by April 1993. Sy vrou het alleen getrek. Dit word aan hom gestel dat bewysstuk 64B die lys van goedere wat gestoor is in die trommel was en dat dit gevolglik nie voor April 1993 gestoor kon gewees het nie. Dit word aan hom gestel dat hy 'n proliferasie-seminaar volgens bewysstuk WB30 bygewoon het. Hy sê dat hy 'n paar van daardie seminare bygewoon het maar dat hy nie seker is of hy daardie een bygewoon het nie. Die agenda sou in sy kantoor gewees het. Hy gee toe dat al die inligting van projek Coast na hom teruggekom het. Hy was die sentrale figuur. Hy was nie bewus van die bestaan van die trommels nie. Hy hou voet by stuk dat dit maklik is om CD roms te vernietig met behulp van soutsuur. Hy betwis nie dat daar militêre dokumente in die trommels was nie. Wat WB31 aanbetref sê hy dat hy dit gehou het by sy kantoor. Hy sê daar was 'n duidelike bevel dat die dokumente mettertyd vernietig moet word. Hy was saam met Knobel en Steyn by die minister. Die argivering het reeds vroeg begin. Dit het alreeds in 1984 begin toe me Lourens by die projek gewerk het. Hy gee toe dat hy verskeie kantore gehad het. Hy het nie alles self beman nie en party is deur van sy ondergeskiktes beman. Hy het nie by Infladel in Hatfield 'n kantoor gehad nie maar wel by die Tulleken Forum. Hy het aansoeke vir literatuur gedoen vanaf die vroegste tye. Een van die voorwaardes van privatisering was dat dokumente by

die sentrale kantoor gestoor moet word. Tegnieise dokumente sou by hom op kantoor gewees het. Dit is later verander want toe is daar besluit dat dit op optiese skyf bewaar moes word. Hy sê dat daar 'n verwarring by die borgeansoek was en dat hy net geweet het dat dokumente by Bosch afgelewer is. Hy sê dat hy nie meeste van die dokumente wat in die trommels by die huis sou gehou het nie. Die opdrag oor vernietiging het van hoër as die KBK gekom. Daar was 'n staande reëling dat dokumente vernietig word na oudit. Wat WB33A, B en C aanbetref gedateer 21 November 1989 sê hy dat dit gegaan het oor die staande opdrag van die vernietiging van dokumente. Hy gee toe dat hy die skakel was tussen RNL en die weermag. Hy het wel die vernietiging gekoördineer maar kon nie elke dag daar sit nie. Sy indruk is dat hulle die RNL dokumente by Mijburgh se huis gaan haal het. Na privatisering kon hulle nie eintlik meer by RNL kom ni

[1448] Die trommels is by Immelman se huis gaan haal. Dit is hier by Kameeldrif. Dit sou 'n deel wees van hulle rekords wat nog nie vasgelê was nie. Die beskuldigde kan nie sê of dit bokse of geel lêers was nie. Hy betwis nie Immelman se getuienis oor die trommels nie. Hy was die skakelpersoon met RNL. Die dokumente moes vir hom gegee gewees het. Immelman het egter op daardie stadium alreeds dokumente gegee wat al vasgelê gewees het. Dit word aan hom gestel dat dit verbasend is dat dit by Bosch opgeëindig het en hy sê dat hy dit nie kan verklaar nie. Hy het egter vir verskeie mense vir stoorplek gevra. Sy vrou het die reëlings getref met Around The World. Hy sou vir mense soos Mijburgh wat plek gehad het gevra het vir stoorplek en sy vrou sou ook mense gevra het. Hy kan nie nou onthou wie almal gevra was nie. Dit word aan hom gestel dat daar soveel dokumente was wat weggeraak het dat hy dit behoort agter te gekom het. Sy antwoord daarop is dat wat sy persoonlike dokumente aanbetref daar van sy persoonlike goed steeds gestoor was by Around The World en wanneer dit by die projek dokumente kom kon dit gekom het vanaf Data Image en sou hy onder die indruk gewees het dat daardie dokumente reeds vernietig was.

[1449] Dit word aan hom gestel dat as die dokumente uit sy kantoor uit verwyder is die CSD alarmstelsel hom moes gewaarsku het. Sy antwoord daarop is dat toe hy in 1993 afgedank is hy sy kantoor moes ontruim en dat hy by 1995 nie meer bedien was van 'n CSD alarmstelsel nie. Wat sy kantoor aanbetref het beide Mijburgh en Steyn asook die sekerheidsbestuurder sleutels gehad en toegang gehad daartoe. Hy erken dat

hy vir Immelman geskakel het en hy sê dat hy vir hom gesê het dat hy hom nie moet wend na die Centre For Conflict Resolution nie. Hy het nie met hom oor hierdie saak gepraat nie en hy het ook nie met Mijburgh oor die saak gepraat nie. Hy gee toe dat volgens kontrak die dokumente op optiese skyf geplaas moet word en dat Bothma nie die volle prentjie gehad het nie. Hy sou bloot dokumente by Mijburgh gekry het. Hy moes dit inskandeer en in die proses sou hy van dames gebruik gemaak het. Hy kon dalk vir Ben Steyn na Data Image geneem het. Beskuldigde sê dat hy nie al die dokumente deurgelees het nie en dat toe hy weer 'n permanente aanstelling gekry het hy sy kantoor by die geneesheer-generaal hoofkwartier moes ontruim. Hy het egter sy persoonlike dokumente saamgeneem.

[1450] Sefmed is toegemaak in 1993. Hy sê dat hy nie afskrifte gehou het vir latere gebruik nie. Hy word verwys daarna dat Jan Lourens dokumente weggesit het maar hy ontken dat hy so iets gedoen het. Hy word gevra na sy cache in Basel en hy sê dat dit bloot 'n plek was waar hy van geopereer het toe hy in 1993 in Europa gewees het. Dit word gesuggereer dat hy die bevolkingsvrugbaarheidstudies van Riana Borman sou gebêre het en hy ontken dit. Hy sê dat by die geneesheer-generaal hy die kantoor op die 5de vloer ontruim het en afgetrek het na die 3de vloer; dat hy troepe gekry het om hom te help om te trek. Hy sê dat hy en sy vrou ongeveer ses maande voor die borgaansoek getrek het want hulle het uit Ariestraat getrek in April 1995 na Erasmusrand en toe het hulle in 1996 getrek. Die persoonlike dokumente waarna hy verwys het in die borgaansoek is goed soos sy klere en boeke en foto's en albums. Daar was wel dokumente in sy kantoor en Mijburgh kon daarvan verwyder het, onder andere sy persoonlike dokumente. Hy word verwys na sy getuienis in die borgaansoek op p312 reël 29 en sê dat wat hy probeer sê het was dat hy nooit met Bosch oor die trommels gepraat het nie. Dit is so dat die dokument wat betrekking gehad het op John Major se besoek in die trommels was. Hy gee toe dat dit lyk of trommels 2 en 4 dokumente is wat vanaf RNL afkomstig was. Trommel 2 het baie te doen met die chemie van RNL. Hy word verwys na WB34 en sê dat dit handel met substans HI. Hy kan nie ontken dat dit dokumente is wat Immelman aan Mijburgh en homself oorhandig het nie. Dit is so dat sommige van die dokumente 'n proliferasie gevaar ingehou het. Sommige van die inligting daarop is egter vryelik beskikbaar. Dit is so dat beide Roodeplaat, Delta G en Protechnik belang sou gestel

het in dodelike gifstowwe. Dit is so dat Riana Borman ook by RNL was. Die "applicators" is ook by RNL getoets. WB35 is 'n bundeltjie dokumente wat betrekking het op dokumente wat hy aangevra het vir die voorbereiding van sy stafkursus in 1987 en dit is duidelik dat dit presies is waarmee die bundel handel. Hy gee toe dat dokument 186 handel oor geldhantering en dat dokument 109 handel oor die toets van 'n bamboes kiere. Hy kan nie onthou dat hy in Junie 1986 'n simposium in Swede bygewoon het nie.

[1451] Hy sê dat die dokumente wat in trommel 1 voorkom van baie plekke kon gekom het. Van daardie dokumente kon uit die geneesheer-generaal se kantoor gekom het. Hy ontken dat hy enige van die monsters gehou het en sê dat alles in die see gegooi is. Hy word verwys na WB21 en na 'n mededeling deur generaal Knobel tot die effek dat dit is "possible that some documents in possession may be in the possession of Wouter Basson". Hy weet nie waarna dit verwys nie. Hy sê dat die dokumente vernietig moes word en is. Hy het nie vir Bosch versoek om dokumente vir hom te bewaar nie en hy het nie vir Mijburgh opdrag gegee om dokumente na Bosch te neem nie. Dit word aan hom gestel dat hy 'n meester van operasies was en dat hy Theron verkleineer en dat hy sy toetrede tot spesmagte probeer later skuif om Theron se getuienis onwaarskynlik te maak. Hy ontken dit alles en ontken al die bewerings deur die staat gemaak.

[1452] In verdere kruisverhoor deur advokaat Ackerman word dit aan hom gestel dat BRCI by die einde van 1992 'n ernstige fondse-vloei probleem gehad het en hy gee dit toe en dan word hy verwys na bewysstuk CBM3 wat 'n dokument is wat aantoon dat Careen 'n lening van \$1,5 miljoen sou aangaan met Luft en dat Careen 50% van die aandele kapitaal in MCI sou kry; dat Careen terselfdertyd vir MCI R2 miljoen sou leen. Die beskuldigde ontken dat hy ooit probeer het om aandele in Medchem of Delta G te bekom. Hy sê dat Mijburgh wel van sy aandele kon vervreem as hy wou. Hy sê dat Mijburgh hom gedurig as 'n klankbord gebruik het maar dat daar nie sprake was daarvan dat hy aandele probeer bekom het nie. Hy weet ook nie of Zimmer so 'n kontrak namens Luft gehad het nie. Hy word daarop gewys dat die aansoek aan die Reserwe Bank aantoon dat Marlow 'n lang verwantskap met Zimmer gehad het. Dit word aan hom gestel dat dit lyk of daar 'n leningsooreenkoms was tussen Luft en Careen. As Luft die geld wou leen aan Careen moes dit van

die finansiële prinsipale gekom het en hy was die enigste persoon wat kontak gehad het met die finansiële prinsipale. Hy kan nie onthou dat hy ooit so 'n lening met hulle bespreek het nie. Dit word aan hom gestel dat MCI daarna R4,5 miljoen aan BRCI geleen het. Dit word aan hom gestel dat volgens Marlow se getuienis Luft toe nie die lening van \$1,5 miljoen kon kry nie en dat daardie hele transaksie toe deurgeval het. Hy word verwys na bewysstuk 19.27 gedateer 1 Desember 1992. Dit was 'n opdrag van hom aan Jacomet om \$2 miljoen in die waarborgrekening oor te dra na die Barcelona rekening. Die geld moes oorbetaal word na die Banque Indosuez. Hy ontken dat nóg Zimmer nóg Mijburgh met hom gepraat het oor die Careen lening. Hy kan ook nie onthou dat Luft 'n bedrag sou leen nie. Hy weet nie hoekom Marlow die dokumente opgestel het nie. Hy sê dat Marlow kon wel sulke goed opstel maar dit sou nooit uitgevoer geword het sonder sy goedkeuring nie. Hy sê dat as Luft geld sou leen dit alleenlik van die finansiële prinsipale afkomstig moes gewees het. Wat hom aanbetref was die aankoop van Delta G nooit 'n gesonde finansiële proposisie nie. Dit word aan hom uitgewys dat die voorgestelde lening deur Careen sonder sekuriteit sou wees. Hy word gevra of hy dink die prinsipale het genoeg geld gehad en sy antwoord daarop is dat die prinsipale altyd genoeg geld gehad het vir wat hulle wou doen uit hulle eie bronne. Dit word aan hom gestel dat die prinsipale net geld gehad het as die projek aangekoop het en hy ontken dit en sê dat daar 'n bedrag van £1,5 miljoen was wat nie van die projek afkomstig was nie en wat deur die prinsipale aangewend is. Hy gee toe dat hy navrae gedoen het van tyd tot tyd oor die fondse wat beskikbaar was in die Coast begroting.

[1453] Hy word verwys na bewysstuk F19.13. Hy sê dat hy dit nie spesifiek kan onthou nie maar hy kan onthou dat 'n prys van \$2,5 miljoen gevra is vir die BZ. Dit word aan hom gestel dat MCI nie fondse gehad het om aan BRCI te leen nie en toe geld by RNL geleen het. Dit word aan hom gestel dat dit is waaroor Theron ongelukkig was en hy ontken dit. Hy sê Theron was ongelukkig omdat daar nie behoorlike sekuriteit was nie en omdat daar nie behoorlike direkteursbesluite was nie. Dit word aan hom uitgewys dat die derde rotasie-fonds in 1992 was. Die beskuldigde ontken dit en sê dat dit het betrekking gehad op die aankoop van die BZ. Hy kan nie onthou watter fondse oorgebly het nie. Die bedrag van R17,5 miljoen is bepaal deur die KBK. Op daardie stadium moes hy al geweet het dat die BZ gelewer sou word. Hy sê dat daar 'n paar Van Remoortere

rekenings was wat ekwivalent was aan die Barcelona rekening. Daar is vier ton BZ aangekoop. Hy word verwys na bewysstuk L3 en sê dat die substans B wat daar vermeld word 'n BZ variant was. Hy sê dat wat hom aanbetref die feit dat die substans vernietig is aanduidend is daarvan dat dit aangekoop is. Hy gee toe dat wat hy ook al vir die KBK gesê het die prys was die enigste aanduiding was vir hulle wat die prys is. Dit was daarna vir hulle om te besluit of die KBK bereid was om die prys te betaal. Hy sê dat Organochem rou materiale aangekoop het vir Delta G. Hy word verwys na bewysstukke WB36 en WB37 wat fakture is van Andwer Freight. Dit het te doen met die produk metiel ACPA en wel 40 x 25 liter daarvan 1000 liter. Hy dink dat dit deur Brand aangekoop is in Duitsland vir Delta G en dit is betaal deur die projek. Hy ontken nie dat aanklag 19 se fondse oorgeplaas is op 20 Oktober 1992 nie. Hy word verwys na die Bruwer verslag en meer in besonder na pp200, 203, 209 en 214 daarvan. Hy is van mening dat die verdeelbare waarborg tot stand gekom het voor die BZ. Die ruil van die peptiet sintetiseerder was ook voor dit. Wat die lening van WPW vanaf Blackdale aanbetref sê hy dat dit is soos Zimmer dit vanaf die vroegste tye gedoen het. Daar was deposito's en lenings daarteen. Webster het vir Zimmer dit geleer en Zimmer het dit vervolmaak. Blackdale was 'n filiaal van Charburn. Hy kan nie verstaan hoekom Zimmer gesê het dat hy nie die eienaar van die fondse is nie. Hy sê dat wat hom aanbetref hy die fondse beheer het en dat Zimmer die boekhoudstelsel beheer het. Hy ontken dat hy die dokumente laat maak het om vir Theron om die bos te lei. Hy het vir Theron 'n bundel dokumente gegee wat hy gekry het vanaf Zimmer wat die vloei van die \$450 000 en die \$400 000 vanaf Kroasië na Truter se rekening moes verduidelik. Hy het nie dokumente gehad om die verdeelbare waarborg te bewys nie. Hy word verwys na p200 van die Bruwer verslag en sê dat op 'n stadium toe die fondse in die Blackdale lopende rekening was dit opgehou het om projekfondse te wees. Hy word verwys na bewysstuk 18.109 en sê dat dit betrekking het op die vloei van fondse na die DJ Truter rekening. Wat bewysstuk 18.128 aanbetref sê hy dat para 2 daarvan of punt 2 die BZ bedrag is. Hy dink nie dit is produk M se geld nie. Hy sê dat daardie dokument nie 'n opsomming van al die betalings is nie maar dit bloot 'n opsomming is van die BZ fondse. Hy ontken dat hy vir Theron onder enige wanindruk gebring het. Hy word verwys na bewysstuk 19.31 en sê dat dit vir hom lyk asof dié betrokke brief betrekking het op die Kroatiese transaksie. Hy word daarop gewys dat Theron getuienis gegee het dat die datum van 1 Maart wat daarin voorkom behoort te wees 24 April en die getuie wil dit nie erken nie. Hy sê dat die twee bedrae van

\$2,460 miljoen toevallig dieselfde kon gewees het of dat Theron 'n fout kon gemaak het en onbewustelik die bedrae verander het. Dit word aan hom gestel dat die Blackdale rekening beskikbaar is en dat Theron nie 'n ander oorplasing van R2,460 miljoen kon vind nie. Die getuie hou voet by stuk dat daar wel 'n bedrag oorbetaal is vir die aankoop van produk M. Dit word aan hom gestel dat Bruwer nie 'n bedrag van daardie orde kon vind wat uit die projek uit is nie. Die getuie hou voet by stuk dat daar wel 'n oorplasing was na die verdeelbare waarborgrekening

[1454] Hy bevestig weer dat bewysstuk F18.109 deel van 'n groep dokumente was wat hy van Zimmer gevra het om die vloei van fondse te verduidelik en hy sê dat hy dit vir generaal Knobel gegee het wat dit aan Theron moes gegee het. Hy sê dat vanaf die einde van 1992 hy vir Theron slegs by een geleentheid gesien het en dit was tydens 'n vergadering in Julie 1993 toe daar 'n klomp mense was en hy wys daarop dat generaal Knobel vir Theron geskryf het dat as hy 'n onderhoud met die beskuldigde verlang dat dit gereël kan word. Hy bevestig verder dat hy nie dokumente van die waarborg-rekening kon bekom nie aangesien die rekening deur Jacomet hulle beheer was. Hy gee toe dat hy nie vir Theron gesê het van die vloei van die fondse soos per p220 van Bruwer se verslag nie. Wat Zimmer aanbetref was sy funksie in die eerste plek om te kyk waar die geld vandaan kom en of die projek nie deur die wyse van oorbetalings gekompromitteer kon word nie. In die tweede plek moes hy die verloop van die fondse van daar af op so 'n manier organiseer dat dit nie terugspoorbaar was na die projek nie. Hy sê dat hy oorbetalings met Zimmer sou uitgeklaar het. Hy het baie gedoen om Theron op hoogte te hou maar hy sê dat daar 'n onderskeid moet wees tussen die kanalisering van fondse deur die buiteland vir die jare 1990/1991, 1991/1992 en die latere R17,5 miljoen. Die eerste twee kanaliserings was uit en uit staatsgeld en hy moes volledige rekenskap gee waar die geld heen is en dat dit ten volle terug is in die republiek. Hy word verwys na WP38 en hy bevestig dat dit 'n bundel bank dokumente is wat hy beskikbaar gestel het en waarop sy handskrif voorkom. Dit word aan hom gestel dat hy 'n openbaringsplig teenoor Theron gehad het en dat hy dit doelbewus nie nagekom het nie en Theron mislei het deur nie vir hom te sê dat die \$2,5 miljoen beswaar was nie.

[1455] Hy word verwys na bewysstuk 19.31 en dit word aan hom gestel dat Theron die uitstaande bedrae behandel maar hy verwys na bewysstukke 19.27 en 19.28 en sê dat Theron 'n fout gemaak het toe hy onder die indruk was dat daardie geld eers in April oorbetaal is. Hy ontken dat hy aan Theron gesê het dat daar 'n betaling was uit die Switserse rekening of dat hy die indruk probeer skep het wat die balans was. Dit is met verwysing na die bedrag van \$1,68 miljoen. Hy sê dat hy nie weet wat in die Switserse rekening oor was nie. Hy word verwys na bewysstuk 18.11 en sê dat die BZ geld op 24/4/1992 opgehou het om projek geld te wees en die geld van WPW geword het. Dit was die dag waarop die geld gedeponeer is by die Banque Indosuez.

[1456] Hy sê dat hy nie kan onthou dat hy Theron se brief 19.31 gehad het nie. Dit word aan hom gestel dat generaal Knobel die brief vir hom sou gegee het en sy antwoord daarop is dat generaal Knobel gebruiklik uittreksels uit dokumente gemaak het en dit beskikbaar gestel het. Dit word aan hom gestel dat dit onwaarskynlik is.

[1457] Hy word gevra of die BZ fondse nie ook bewaar is tot Oktober 1992 nie en sy antwoord daarop is dat dit nog later bewaar is. Hy sê dat Regli se naam vir die eerste keer in Mei 1993 geopenbaar is. Die dokument wat die aanhangsel tot Theron se brief was is gedateer Maart 1993, toe was dit nog weermagbeleid om nie Regli se naam te openbaar nie. Daar word aan hom gesuggereer dat hy in die besondere skrywe gesê het dat die dokumente in veilige bewaring is maar hy wys daarop dat die brief duidelik sê in veilige bewaring by die Switserse inligtingsdiens. Dit word aan hom gestel dat generaal Knobel nie bewus was daarvan dat daar 'n gesamentlike transaksie was tussen hom en die Switserse inligtingsdiens met die Kroatie nie.

[1458] Hy sê dat daar magtigings was wat hy aan Jacomet gegee het om betalings of kansellasië van die waarborg-rekening te bewerkstellig. Dit word aan hom gestel dat hy die dokumente by Regli moes gekry het dan kon hy vir Theron tevrede gestel het. Sy argument is dat hy hom nie gevra het nie maar dat Regli vir generaal Knobel tevrede gestel het. Hy verwys na bewysstuk 23.38 en wys daarop dat uiteindelik Theron

aanvaar het dat die geld wat verlore geraak het in Kroasië 'n verlies vir die projek was wat hy as 'n "hiccup" beskryf het. Dit word aan hom gestel dat Theron hom nou nog nie glo nie. Hy word gevra presies hoe die uitbetaling op die waarborg-rekening sou gewees het en sê dat hy die detail nie kan onthou nie maar uitbetaling sou geskied aan die partye teen handtekeninge - die verskaffer se handtekening en sy handtekening - maar hy het op sy beurt 'n volmag aan Jacomet gegee om namens hom te teken. Hy word gevra oor die verloop van die transaksie en sê dat hy agtergekom het dat die Switsers betrokke was by die Russe, dat hy in 1991 saam met Jacomet in Rusland was en hy bevestig dat dit omtrent Februarie 1991 was. Hy het gesoek na substans M. Op die ou end het die Russe hulle verwys na Kroasië. Hy is nie seker of wat die Switsers aanbetref hulle transaksie 'n amptelike transaksie was nie. Hy word gevra wanneer die fondse oorgeskuif is na die Switserse rekening en hy sê dat hy dink dit kan aan die einde van 1991 of die begin van 1992 wees - dit kan in 1992 wees. Hy dink dat die Switserse transaksie 'n geheime transaksie was en nie openlik nie. Hy bly daarby dat hy saam met die Switsers onderhandel het. Hy sê hy en Jacomet het onderhandel en daar was Kroate. Hy is beskou as 'n aankoper en 'n smokkelaar. Hulle wou ook aan hom wapens verkoop. Hy word gevra oor die vervoer van die goedere vanaf Kroasië na Switserland en hy sê dat hy drie maal dekking moes neem en dat daar een maal selfs gevuur is. Hy sê dat sy transaksie 'n nietige deeltjie was van die Switserse transaksie. Dit word aan hom gesuggereer dat hulle hulself blootstel deur die twee transaksies te koppel. Hy sê dat dit wel so gebeur het en dat hy dankbaar was. Hy word verwys na F1.66 en die antwoorde daarop 18.133. Hy sê dat Jacomet 'n lid van die Switserse lugmag was wat sy oog beseer het in 'n skietongeluk en toe aangesluit het by die Switserse geheime diens, dat hy hom voorgedoen het as 'n sakeman, dat hy die eerste keer wat hy vir Regli ontmoet het gesien het dat Regli vir Jacomet kaptein noem, dat Jacomet in staat was om helikopters te reël om hulle te vervoer en dat hulle elke keer wanneer hulle by die lughawe gehaal is deur Jacomet afgehaal is sonder om deur doeane te gaan omdat Jacomet oor 'n besondere pas beskik het. Hy sê wat hom aanbetref is dit 'n duidelike bewys dat Jacomet 'n inligtingsbeampte was. Dit word aan hom gestel dat Jacomet eintlik 'n skelm "wheeler dealer" was en hy word daarop gewys dat Jacomet kommissie gekry het op die Huber & Söhner transaksie. Hy sê dat hy nie self bewus was van die detail van die ooreenkoms nie maar dat generaal Knobel dit wel geweet het en die kontrakte gesien het. Hy sê dat Jacomet ook betrokke was by onderhandelinge in Beiroet vir die vrylating van

sekere Switsers wat gevange geneem is. Hy gee toe dat Jacomet betrokke was by die "Napoli bonds". Hy word verwys na bewysstuk 19.13 (Jacomet se kwotasie vir produk M) en sê dat hy nog nooit die maatskappy wat die kwotasie gegee het se naam gestuur het nie. Hy word daarop gewys dat Jacomet 'n faks na hom gestuur het in Centurion en hy bevestig dit en hy sê dat dit gebeur het omdat hy dit aangevra het. Hy het dit nodig gehad om die bal aan die rol te sit. Hy sê op die ou end was dit 'n bestiering dat hy dit gedoen het want hy kon daardie dokument gebruik om Regli te oortuig om na die RSA te kom om te verduidelik wat gebeur het. Op die einde het hy besef dat Jacomet bedrog gepleeg het. Wat 19.29A aanbetref sê hy dat hy vir Jacomet vir 'n dokument gevra het en dat hy gedink het dit was korrek. Hy het later agtergekom dat die inligting daarin nie korrek was nie. Die brief wat hy by Jacomet gekry het, het hy aan generaal Knobel oorhandig en hy het ook vir Jacomet oorreed om hom te bel. Op daardie stadium het hy lankal die transaksie verduidelik.. Hy word verwys na 19.29B (Jacomet se beëdigde verklaring). Hy sê dat advokaat Swanepoel van KEEM hom gebel het en gesê het dat hy 'n verklaring van Jacomet wil hê. Hulle het toe 'n afspraak gemaak in die buiteland en Jacomet het nie opgedaag nie. Daarna het Jacomet gesê dat hy 'n verklaring sou maak by die ambassade in Munchen. Dit is die verklaring wat gemaak is. Die beskuldigde sê dat hy dit nie op daardie stadium besef het nie maar Jacomet het in die beëdigde verklaring gelieg oor waar die geld betaal is. Hy het verder gelieg daaroor dat hy gemaak het of hy nie weet waaroor die transaksie gegaan het nie. Soos hy daardie verklaring lees het Jacomet hom so ver as moontlik gedistansieer van produk M maar die wese van die verklaring was in ooreenstemming met wat gebeur het. Hy ontken dat hy en Jacomet saamgestaan het om die weermag te mislei.

[1459] Wat die "Napoli bonds" aanbetref sê hy dat daar 'n subrekening onder Jacomet se "inter magnum" rekening oopgemaak is waarop hy tekenmagte gehad het. Daarin sou 'n bedrag van \$1,5 of \$1,6 miljoen inbetaal word indien die bank 'n lening op die 5 miljoen "bonds" aan Jacomet sou toestaan. Sodra daardie geld in daardie rekening gekom het sou hy dit oorplaas na die republiek en sou dit wat hom aanbetref die einde van die transaksie wees. Hy word verwys na bewysstuk 19.30 en wel para 15 daarvan waarin daar staan dat hy reeds in September besig was met die Kroatie en hy wys daarop dat soos hy dit bedoel het was dat by September daar alreeds onderhandelinge met die Kroatie was. Dit word aan hom gestel dat in daardie

dokument hy die indruk geskep het dat die betaling deur die waarborg-rekening geskied het en dat hy saam was en hy ontken dit. Wat para 28 aanbetref sê hy dat hy nie vir 'n maand pal in Kroasië gebly het nie, dat hy samesprekings gehad het op diverse plekke nie noodwendig in Kroasië nie en dat hy van tyd tot tyd ook na Engeland is. Hy sê dat die verklaring foutief is in die sin dat dit sê dat hy van 26 tot 28 Junie in Zagreb was omdat hy op 27 Junie van Zagreb af oor is na Zurich. Hy word gevra of hy fakse gestuur het in daardie tyd en hy bevestig dat hy fakse gestuur het en sê dat daardie fakse waarskynlik van Zurich af gestuur sou wees.

[1460] Hy sê dat die "bonds" het hy gekry vanaf Jacomet en die Deen. Al wat hy wou hê was die \$1,5 of \$1,6 miljoen om die SAW te vergoed. Hy kon vir Zimmer onder die indruk gebring het dat daardie dokumente gebruik kon word om Fancourt aan te koop maar dit was 'n blote toets. Zimmer kon vir Marlow onder daardie indruk gebring het. Die dokumente wat bestem was om vir Fancourt te betaal was die Trans American Securities. Webster was daarby betrokke. Hy bevestig weer eens dat die finansiële prinsipale nie 'n rol gespeel het by die Kroatiese transaksie nie. Hy word gevra of hy nie hulle front openbaar het nie en hy sê dat hy nie bra dit kan sien nie. Hy word verwys na BZ12 wat 'n skrywe van 29 April 1993 was van homself aan Zimmer om te bevestig dat WPW verantwoordelik is vir sekere "bonds". Hy dink dat dit die Trans American Securities is maar dit kan ook die Banco di Napoli "bonds" wees. Hy is nie seker nie. Hy herhaal weer dat hy nie betrokke was by die aankoop van Fancourt nie. Hy ontken dat die Banco di Napoli "bonds" op die lughawe aan hom oorhandig is en sê dat dit in Zurich aan hom oorhandig was. Hy ontken dat Thompson betrokke was by die verdeelbare waarborg. Hy was wel betrokke by die onderhandelinge. Hy was onder die indruk dat hy van die Deense inligtingsdiens was. Hy gee toe dat hy na hom verwys het as 'n slap Deen en 'n skarminkel. Dit was sy persoonlike indruk. Hy het egter saam met Jacomet gewerk. Wat Jacomet aanbetref het hy hom nie destyds as 'n skarminkel beskou nie maar nou beskou hy hom as 'n bedrieër. Dit is so dat Thompson die Oekraïne gedeelte van die Switserse transaksie hanteer het. Hy het familie of konneksies in Oekraïne gehad. Dit was baie later dat hy agtergekom het dat Jacomet die geld gesteel het. Hy sê hy het nie geweet of die Kroate skelm of eerlik was nie. Hy dink dat Thompson die Napoli dokumente by die Kroate gesteel het en hy

het vir hom gesê hulle moet dit afpers. Hy sê hy het kans gesien om dit te doen. Al wat hy wou hê is hulle moes sy geld wat na die projek moes terugkom loslaat. Hy sê dat die persoon van die Kroatie wat daar was die persoon van hulle spesiale magte was. Hy word gevra hoekom hy nie doodeenvoudig die dokumente gaan verdiskonteer het nie en hy sê dat hy nie persoonlike verantwoordelikheid vir die dokumente wou hê nie en dat dit hom gepas het dat dit in Jacomet se rekening was en dat Jacomet verantwoordelikheid daarvoor sou hê. Hy sê dat hy nooit self die dokumente (die "Napoli bonds") gehad het nie. Dit was in Thompson se besit. Hy het 'n magtigingsbrief gekry om met die dokumente te handel maar hy het dit nie gebruik nie. Hy het later 'n brief van Jacomet gekry wat aantoon dat dit Jacomet se dokumente was en dit is die brief waarmee hy na die bank was en dit is ook die brief wat hy later gebruik het toe hy gearresteer is om aan te toon dat dit nie sy dokumente was nie. Hy gee toe dat die gholf subrekening op 19 Mei reeds geopen kon gewees het en dat dit vyf of ses weke was voordat hy by die bank aangekom het. Hy sê hy het gewroeg oor die transaksie. Jacomet moes in ieder geval die bedrag terugbetaal indien die Vatikaan die dokumente sou opgeëis het. Hy sê die gholf storie was 'n ou dekstorie en dit is gebruik. Dit was nie sy gholfbaan nie maar hy was 'n gholf ontwikkelaar. Hy gee toe dat hy op 'n stadium vir Webster geskryf het dat die "Fancourt deal is still on". Dit was toe Mijburgh dit nog wou aankoop. Hy bevestig dat bewysstuk OOO die subrekening se opening is. Dit word aan hom gestel dat hy nooit gearresteer is in Junie 1993 nie en hy bevestig dat hy wel by die Ruemlang polisiestasie aangehou was en dat hy vrygelaat is toe hy aangetoon het dat dit Jacomet se dokumente was. Hy was onder die indruk dat hy gearresteer is vir gesteelde "bonds". Hy sê dat hy op daardie stadium uiters moeg en gefrustreerd was en dat hy toe aan Jacomet opdrag gegee het om die geld aan die Kroatie uit te betaal. Hy het toe afstand gedoen van die geld. Dit word aan hom gestel dat hy in Julie opdrag aan Zimmer gegee het om die \$1,68 miljoen oor te betaal. Hy sê dat sy indruk is dat dit vroeër was, dat hy in ieder geval toe die projek wou afbestuur en dat hy vir Zimmer gesê het om alles na te gaan en uit te sorteer. Dit was die begin van die afwenteling. Dit word aan hom gestel dat hy die "bonds" nie verniet gekry het nie en hy antwoord dat hy het. Dit word aan hom gevra of hy toe hy in November 1993 gearresteer is daarop gewys het dat hy reeds in Junie gearresteer is en gevra het hoekom hy nou weer gearresteer word en hy sê hy het dit gedoen. Daar is 'n argument daaroor of hy die oorkonde van die verrigtinge gedurende Desember beskikbaar gehad het toe hy voorberei het vir April en die beskuldigde se antwoord is dat hy nie weet of hy dit gehad het

nie behalwe dat hy onder die indruk was dat hy dit eers gekry het toe hy finaal losgelaat is in April. Hy sê hy weet dat sy dekking ongedaan gemaak is deur KEEM want toe hy in die ondervraging inkom is hy gegroet "good morning brigadier". Hy ontken dat hy daar gesê het dat hy die eienaar was van Medchem Forchungs maar hy het wel gesê dat hy vir Chu ken en dat hy betrokke is by Medchem, dat hy vir Zimmer ken en dat hy vir Mijburgh en Swanepoel as besigheidsvennote het. Dit is deel van die ou dekstorie. Hy sê dat transaksies gestruktureer is om nie terugspoorbaar te wees nie. Wat die geld wat van Jacomet af kom aanbetref, sou Zimmer geweet het dat dit van hom af kom maar hy sou nie vir hom gesê het dat dit betrekking het op dwelms nie. Dit word aan hom gestel dat dit onnodig was vir Zimmer om die geld wat van Jacomet af kom langs 'n omweg terug te roteer na Truter se rekening en dat hy dit direk vanaf die Barcelona rekening na Truter se rekening kon oorplaas. Die getuie sê dat dit Zimmer se gebruik was en dat hy nie vir Truter wou kompromitteer nie, dat dit om sekerheidsredes was. Daar ontstaan die normale debat oor hoekom Genavco gestig is en die beskuldigde hou voet by stuk dat daar nooit bedoel was dat Genavco die jetstar sou koop nie. Hy word daarop gewys dat die Tagell fondse direk vanaf Barcelona na Truter se rekening oorbetal is en hy sê dat dit maklike fondse was en nie 'n probleem sou oplewer nie terwyl die metakoloon

fondse 'n dwelm konnotasie gehad het. Die BZ aankoop was weer nie 'n dwelm aankoop nie. Hy ontken dat Genavco gestig is om die jetstar te koop. Webster het dit nooit gedink nie en Zimmer het dokumente gesoek om sy boeke af te sluit. Hy word verwys na 18.137 en hy sê dat Webster duidelik geweet het dit is 'n dekstorie veral as 'n mens kyk na die derde paragraaf. Hy word weer eens gevra of Luft nie in November 1992 al die bates van WPW sou oorneem nie en hy sê dat hy dit nie kan onthou nie maar dat hy dokumente sien tot daardie effek, dat as dit so was daar 'n rede voor moes gewees het, dat hy die rede nie meer kan onthou nie en dat dit in ieder geval nie plaasgevind het nie. Weer eens met verwysing na Zimmer se eise in 1994 vir die bedrag wat as 'n deposito op die jetstar betaal is sê hy dat dit bloot was om sy papierwerk reg te kry. Hy kyk na bewysstuk F18.157 en gee toe dat Zimmer daarin vir Webster dreig met prokureurs. Hy sê dat op die ou end het hy vir Zimmer gesê om nou op te hou. Dit word aan hom gestel dat Zimmer gedink het dit was 'n werklike koop en hy ontken dit.

[1461] Daar ontstaan 'n debat oor die beskuldigde se getuienis gister oor para 8 van bewysstuk 19.30 waarin hy gesê het dat die jaartalle met een aangeskuif is en dat die verkryging van substansie aan die einde van 1992 voltooi moes gewees het en dat daar 'n vervroeging was van die fondse vanaf die 1992/1993 jaar na die 1991/1992 jaar en nie vanaf die 1993/1994 jaar na die 1992/1993 jaar nie. Die beskuldigde hou voet by stuk dat die verkrygings teen die einde van 1992 voltooi moes wees en dat die fondse toe oorgeplaas was.

[1462] Hy sê dat hy vir lank ondervra is in Switzerland. Hy sê hy is die Saterdag in Basel gearresteer en is die Maandag met 'n trein na Zurich geneem. Van die Dinsdag af is hy elke dag ondervra. Dokumente wat in die trommels gevind is wat betrekking het op die ondervraging word ingehandig as WB39. Dit word aan hom gestel dat hy net homself probeer beskerm het en hy sê dat hy gebly het by sy dekstorie maar dat dit vir hom duidelik was dat dit deur KEEM aan die Switsers bekend gemaak is dat hy verbonde was aan die weermag en dat hy gevolglik sy storie moes aanpas. Hy sê dat hy die weermag so min as moontlik gekompromitteer het en hy het wel verduidelik aan die Switsers van Truter, van Chu en van Zimmer maar wat belangrik was, was om nie bekend te maak watter substansie hy gekoop het nie. Hy moes ook nie die Switserse transaksie openbaar nie. In die gevolg het hy gesê dat hulle na modelle gesoek het want hy mag nie sê dat hulle wapens

gekoop het nie. Verder moes hy die herkoms van die Napoli "bonds" verduidelik en hy sê dat hy dit gedoen het deur doodeenvoudig die Trans American bonds se storie daarby aan te pas. Waar hy dit verniet gekry het, het hy toe gesê dat hy 'n deposito van £5 000 betaal het en hy het verduidelik dat dit in Londen plaasgevind het. Stevens was betrokke by die Trans American bonds. Hy sê dat hy baie gesprekke met Stevens gehad het maar hy was alleen. Hulle het die voorwaardes opgestel. Hy was onder andere in die Thistle hotel.

[1463] Hy word gevra waarom hy op die ou end die verdeelbare waarborg laat uitbetaal het en hy sê dat daar wel druk op hom uitgeoefen was. Die Kroate wou hulle geld hê en hy kon nie geld elders kry nie. In retrospek spekulêr hy dat hulle wel al betaal kon gewees het.

[1464] Dit word aan hom gesuggereer dat hy die tweede helfte van 1993 in Europa was vir sy eie belange. Hy ontken dit en vra waaroor die weermag sy salaris sou betaal om die projek af te bestuur en waaroor die weermag sy borggeld sou betaal toe hy borg gekry het. Hy ontken dat hy betrokke was by die aankoop van Fancourt en sê dat hy die reëlings getref het vir Mijburgh. Die staat gee toe dat Jacomet voorgegee het dat hy verbonde was aan die Switserse intelligensiediens.

[1465] Die beskuldigde sê dat hy wel betrokke geraak het by die Mean gholfklub omdat Marlow dit aan hom genoem het. Hy het dit toe aan die prinsipale genoem en hulle het belanggestel. Hy sê dat daar kon 'n vergadering gewees het waar hyself, Marlow, Webster en Zimmer teenwoordig was. Hy het nie presies geweet wat die bedrag was nie maar daar was 'n orde grootte en dit is genoem aan die prinsipale en hulle het gesê dit is reg. Hy gee toe dat die lenings deur Luft aan die maatskappy GGI gemaak is. Hy word verwys na 18.52 en gee toe dat dit 'n brief van homself aan ene Wenning was en dat dit gegaan het oor die finansiering van die gholfklub. Hy sê dat Webster en Marlow wel uitvoerende besluite kon neem nadat hy riglyne aan hulle voorgehou het. In die brief word daar gepraat van finansiering van \$1 miljoen en die beskuldigde sê dat hy nie glo dat dit so min was nie en dat dit meer sou gewees het. Dit word aan hom gesuggereer dat dit die sogenaamde BZ geld was wat hiervoor aangewend is. Hy gee toe dat daar fondse vloei probleme was. Dit word aan hom uitgewys dat R535 000 aan BSI betaal is en hy sê wat plaasgevind het is dat BSI gestig is om

die administrasie van Delta G en RNL te doen maar dat Bosch eintlik meer Delta G se administrasie gedoen het en veral die Wisdom groep s'n. Swanepoel was daaroor ongelukkig en hy het sy geld teruggesoeek. As gevolg daarvan het hy wat die beskuldigde is opdrag gegee dat die bedrag van R535 000 aan Swanepoel betaal word. Hy word verwys na 18.65 wat 'n skrywe van Zimmer aan homself is en hy sê dat die belegging in die gholfklub moontlik as 'n belegging gesien kon gewees het maar dit was eintlik 'n WPW projek van die prinsipale. Hy word gevra oor Ylopon en hy sê dat dit 'n houermaatskappy is wat Zimmer gestig het vir die Libiërs.

[1466] Daar ontstaan 'n vraag oor of hy vir Zimmer kon onder die indruk gebring het dat Truter se maatskappy 'n front is vir die weermag. Die beskuldigde sê dat Zimmer baie goed geweet het dat Truter verbonde is aan die weermag. Hy moes dit geweet het. Hy gee toe dat daar 'n brief is op 'n briefhoof van Sefmed ingevolge waarvan hy vir Zimmer opdrag gee om Krugerrande te koop. Hy sê dat hy het vir spesmagte Krugerrande gekoop maar hoofsaaklik vir WPW. Hy gee toe dat Sterns die persoon was wat werk aan die vliegtuie en dat BZ31A op die Sefmed briefhoof 'n opdrag aan Zimmer was om vir Sterns te betaal. Hy sê dat dit heeltemal in orde is want dit was wat hom aanbetref 'n dekstorie en wat Zimmer aanbetref het dit nie saak gemaak nie. Hy word verwys na F21.15 en gee toe dat dit die tweede moratorium lening kan wees. Hy ontken dat hy Truter gebruik het as 'n WPW front. Hy kon wel voorgehou gewees het as 'n privaat maatskappy. Hy het verskillende briefhoofde gebruik bloot maar wat beskikbaar was. Hy het wel van Sefmed dokumente gebruik gemaak. Hy word dan verwys na F10.21 wat 'n handskrif dokument is uit die grootboek van Mole RF Telecommunications. Dit is die huur van die perseel in Londen waar die huurder Sefmed was en die betalings deur Sefmed gemaak is maar waar in Mole se boeke Sefmed se naam aangedui word en ook WPW. Die beskuldigde sê dat hy nie 'n idee het waarom Mole dit gedoen het nie omdat Mole baie goed geweet het dat sy kontrak met Sefmed was.

[1467] Daar is 'n lang debat oor die beplanning van die oordrag van die bates aan die einde van 1992 vanaf verskillende maatskappye na Luft. Dit word aan die beskuldigde gestel dat die rede daarvoor was omdat Jacomet se geld beskikbaar sou word en dat dit nie kon deurgaen nie omdat Jacomet die geld gesteel het. Hy word verwys na DAW85 en die brief van Webster waarin daar gepraat word van die oordrag. Hy was bewus daarvan dat Luft se aandele kapitaal verhoog moes word indien hulle beleggings wou maak. Hy sê dat die finansiële prinsipale nie betrokke was by aanklag 19 nie. Hy sê dat WPW nie werklik 'n belang in Medchem Forchungs gekry het nie. Die aandele was tot aan die einde in Chu se naam. Global en Ylopon is deur Zimmer gestig vir die Libiërs. Hy word verwys na WB40 wat gedateer is 17 November 1992 waaruit dit blyk dat Luft die bates sou oorneem. Dit word aan hom uitgewys dat Jacomet se fondse oorgeplaas is op 10 November. Hy word verder verwys na DAW84 'n skrywe van Jane Webster waarin sy inligting verstrek oor die bates. Die beskuldigde gee toe dat dit lyk asof hy vir Jane opdrag gegee het om besonderhede te verstrek aangaande die "condo" en die "cottage". Hy sê dat hy glo dat Zimmer die ooreenkoms sou opgestel het nadat daar 'n gesprek was tussen homself, Webster en Zimmer. Hy sê dat indien daar 'n werklike beplanning van die oordrag was hy dit met die prinsipale sou bespreek het, as dit blote papieraksie was sou hy dit nie gedoen het nie. Hy gee toe dat hy die eerste bladsy gekorrigeer het. Hy hou vol dat dit dom sou wees om die Jet Star deur 'n Luxemburgse maatskappy te laat koop. Dit was baie moeilik om aan die vereistes in Europa te voldoen en intussen het die Jet Star reeds 'n registrasie gehad in die Verenigde State. Hy kry die indruk dat hierdie dokument deel van 'n dekstorie kan was om die sogenaamde Genavco transaksie te dek. Hy word verwys na bewysstuk "LLL" en dit word aan hom gestel dat daarvolgens Genavco gestig is om te vlieg. Hy sê dit staan so geskryf. Dit blyk dat die goed wat oorgeneem moes word in die eerste plek is die "condo", die Brusselse woonstelle en die "cottage". In die tweede plek is dit die Medchem Forchungs aandele (50% daarvan) en die leningsrekening en dan ook 40% van die aandele van IBS. Hy sê daar was twee IBSse, die een was Zimmer s'n en die ander een was Chu s'n. Hierdie lyk asof dit die een in Switserland van Chu kan wees. Dan is daar ook 20% van die aandele van BRCI. Hy kan ook glad nie onthou van 'n lening van 140 000 Switserse frank in IBS nie. Wanneer dit kom by die terugbetaling van die lenings dan is die beskuldigde baie seker daarvan dat daar geen verband was tussen Ylopon of Global en dat daar enige sprake kon gewees het om hulle te verkry nie. Hy gee toe dat die opskortende voorwaarde is dat die Luft aandeelhouding moet

vergroot met \$2,3 miljoen maar hy kom tot die slotsom dat dit lyk soos 'n dekdokument hoe meer hy daarna kyk. Dit word bevestig toe hy kyk na par 7 waarvolgens daar \$2,1 miljoen in die rekening sou kom. As dit 'n dekstorie was sou hy dit wel met Webster en Zimmer bespreek het. Dit word aan hom gestel dat dit onwaarskynlik is dat hy die transaksie nie kan onthou nie. Hy gee toe dat Marlow was die eienaar van BRCI aandele. Nou blyk dit dat 'n regstellende brief alle BRCI aandele verwyder word. Die beskuldigde ontken die onwaarskynlikheid. Dit word aan hom gestel dat die \$2,3 miljoen oorgeplaas was om GGI te befonds of om 'n Careen lening te bewerkstellig of om die oordrag van die bates te befonds. Die beskuldigde ontken iedere en elkeen van daardie bewerings en sê dat die GGI fondse daar was, dat dit onsinnig was om die bates oor te dra. Dit word aan hom gestel dat hierdie kontantvloeiprobleem die oorsaak daarvan was dat admiraal Murray aangedring het op 'n ander wyse van oordrag. Die beskuldigde ontken dit en verwys na WB22 en sê dat daarvolgens dit duidelik is dat daar 'n ander beleid gegeld het met die voorskiet van fondse in staatsdepartemente en dat om daardie rede daar nie op daardie stadium fondse was nie. Dit word aan hom gestel dat almal onder die indruk was dat die verdeelbare waarborg in die Banque Indosuez in Genève was. Die beskuldigde sê dat hy niemand onder daardie indruk gebring het nie en dat hy gesê het dat dit in 'n Blackdale rekening was en vandaar na die Switserland. Dit word aan hom gestel dat die BZ fondse was vir die eerste keer in hierdie hof geopenbaar is en hy sê dat dit is soos hy dit gerekonstrueer het nadat hy al die dokumente ter insae gehad het. Dit word aan hom gestel dat in 1993 in die RSA hy die bouprojek wou afhandel. Dit is sy persoonlike bouprojek. Die bouwerk wat hy by betrokke was was verbeterings aan sy huis en aan 'n projek in Collegestraat. Hy kan nie onthou hoe groot die bedrae was nie maar daar was groot bedrae. Dit was die Aries Trust wat die bouwerk gedoen het en die trustees daarvan was hyself, Bosch en Marlow. Sy vrou het die werklike werk gedoen. Die fondse is aangewend om die projek af te handel. Hy sê dat hy het gevoel dat daar druk op hom was omdat BRCI 'n kontantvloeiprobleem gehad het en omdat voorsien was dat hy alreeds op daardie stadium die geld aan BRCI sou terugbetaal het. Verder wou hy die situasie formaliseer. Deur toe 'n lening met WPW aan te gaan het hy twee goed reggekry - hy het BRCI se kontantvloeiprobleem opgelos en hy het die posisie formeel reggestel. Hy kan nie sê hoe dringend die nood na fondse was nie. Dit word aan hom gestel dat BRCI toe later geld geleen het by MCI en RNL. Hy sê dat dit duidelik was dat die projek besig was om tot 'n end te kom en dat die stelling aan hom dat daar 'n verandering

was die oorsaak van die kontantvloei probleme is, nie reg is nie want almal het geweet dat die projek tot 'n einde kom. Dit word aan hom gestel dat die bedrae van die Arzi bank afgekom het. Hy gee toe dat die fondse wat van die Arzi bank afgekom het twee bedrae van ongeveer R1,4 miljoen gebruik is om skulde te betaal.

[1468] Met betrekking tot die Ariesstraatlening sê hy dat hy glo dat hy dit eerste met Webster bespreek het en toe met die finansiële prinsipale uitgeklaar het. Hy is nie seker wat presies die syfer was nie. Hy het geglo daar behoort genoeg geld te wees. Daar was toe genoeg vir \$150 000 en daar is toe 'n tydelike maatreël getref met Bosch vir geld. Hy sê wanneer dit kom by die bedrae geld beskikbaar was hy afhanklik van Webster en Zimmer se insette. Die WPW groep het wel finansiering gedoen. Dit help enige front om fondse op daardie manier te genereer. Wat die werklike aanmeekaarsit van die leningsgeld aanbetref sê dat hy glo dat hy vir Webster gevra het om dit uit te sorteer en dat hy dit toe so uitsorteer het soos wat dit plaasgevind het. Hy sê die posisie was dat Bosch het 'n lening in Switserland gehad maar hy wou dit verander en wat toe plaasgevind het is dat WPW die geld by Bosch geleen het en hy toe op sy beurt weer die geld van WPW af geleen het. Bosch se geld was by die bank La Roche. Hy sou aanvanklik teen sy deposito leen maar later is daar besluit om die lening te gelde te maak. Hy word verwys na WB42A, B en C wat 'n skrywe deur homself is en instruksies in sy handskrif oor die te geldemaak van hierdie lening. Hy sê dat hy die bankvoorsitter, Rittmann, goed geken het. Hy sê dat daar niks snaaks is in die opdrag dat die oordrag moet kom "from one of our customers". Dit is soos die Switserse banke dit doen en dit maak terugspoorbaarheid moeiliker. Hy sê daar was 'n leningsooreenkoms met die Waterson trust. Daar is ook 'n Waterson Master trust geskep maar dit was die ondergeskikte trust. Hy sê Webster het 'n idee gehad van 'n "moving beneficiary roving jurisdiction trust" beginsel wat hom in staat gestel het om fondse na willekeur van entiteite te verskuif. Die Arabiere het nie 'n trust geken nie. Hulle het dit met hom bespreek en hy het dit weer met Webster bespreek en Webster het die hele konsep saamgestel. Die enigste geleentheid wat hy van weet waar die trust gebruik is, is met die lening tussen Aries trust en Waterson trust. Hy wys daarop dat die leningsooreenkoms in 1993 was en dat die trust eers in 1994 gestig is. Hy hou voet by stuk dat die trust was die idee van die finansiële prinsipale en dat dit nie vir hom gewees het nie. Hy sê dat hy nie glo dat hy vir Webster gesê het dat hy uit die weermag uit

was nie. Wat hy wel gedoen het is dat hy vir die prinsipale en vir Webster gesê het dat hy hom gaan onttrek. Hy sê jy kan nie dan sommer net alles los nie, jy bou 'n vertrouensposisie op en dan moet jy dit mettertyd te gelde maak. Beide wat die "cottage" en die Jet Star aanbetref en wat die ander eiendomme aanbetref het hy mettertyd opdrag gegee dat dit verkoop moes word. Wat "Tubmaster" aanbetref weet hy nie wat daarmee aangaan nie. Hy glo dat Webster dit nog het. Hy weet nie of die trust nog bestaan nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat trust in 1993 gestig is sê hy dat die leningsooreenkomste in 1993 was en teruggedateer is maar dat hy glo dat die trust eers uiteindelik in 1994 gestig is. Wanneer hy gevra word hoekom die leningsooreenkoms vanaf September terugdateer is na Julie toe sê hy dat dit was om voorsiening te maak vir die betaling van rente. Daar ontstaan 'n debat oor die regstelling van die lening by die Reserwe bank waar dit blyk dat Marlow en Bosch die indruk geskep het dat die \$250 000 die land ingekom het vir die verkoop van tegnologie. Die beskuldigde sê dat hy nie betrokke was by die voorstelling aan die Reserwe bank nie. Hy ontken dat hy in Desember 1993 reeds deur KEEM ondervra is..

[1469] Dit word op rekord geplaas dat die verdediging toegee dat 'n beampte van KEEM dit aan die beskuldigde kon uitgewys het dat die bedrag van \$250 000 die land ingekom het as die verkoop van tegnologie. Hy het toe 'n brief geskryf en het aan die Reserwe bank verduidelik dat dit 'n lening was want dit is al manier waarop so 'n lening terugbetaal kan word. Wat Bosch se bates aanbetref het die verskuiwing eers in 1996 plaasgevind. Hy gee toe dat Bosch beheer gekry het oor bates van BR Admin. Hy word gevra wanneer Bosch vir hom gedreig het en hy sê dit moes hier in Maart 1997 gewees het en dat dit suiwer afpersing was toe Bosch gesê het dat hy nog geld wil hê en dat hy trommels het wat hy sal beskikbaar stel. Hy gee toe dat daar 'n tweede Fancourt "lodge" was en dat hy daarin gebly het en betaal het daarvoor. Dit is toe later verkoop en Bosch is hieruit betaal. Iemand sou die prinsipale meegedeel het. Die feit van die saak is dat die prinsipale nie meer belang gestel het nie en dat dit te gelde gemaak moes word. Hy word weer gevra oor die voorstelling aan die Reserwe bank en sê dat dit die formule is vir 'n narkosemiddel vir olifante. Hy sê dat die ander bedrae wat op daardie basis in die land ingebring is, ingebring is as een of ander ontsmettingsmiddel. Hy sê dat die chemiese formule vir Dettol omtrent 'n sin en 'n half lank is as jy dit sou uitskryf. Hy word verwys na bewysstuk 22.29 waarin dit voorkom dat daar vantevore onderhandelinge oor die

verkoop van tegnologie was en sy verduideliking is dat alhoewel daardie transaksies klaarblyklik skyntransaksies was dit gedoen is met die medewete van die SAW en dat die indruk wat hy gehad het was dat Marlow en Bosch daardie omstandighede gelykgestel het aan die lenings. Hy sê dat Bosch moes geweet het dat die inligting foutief is want hy het met banke gewerk. Hy ontken dat hy die Reserwe bank mislei het.

[1470] Die staat vra vir 'n wysiging van die klagstaat en die klagstaat word gewysig deur die invoeging na die woorde Waterson trust van "alternatiewelik Waterson Master trust". Hy sê dat Waterson trust die voertuig was waardeur die lening gemaak is en dit is so gebruik deur WPW. Dit word aan hom gestel dat sy "letter of wishes" die werklikheid was. Hy ontken dit. Daar ontstaan 'n vraag oor waar die naam Waterson vandaan kom en hy word verwys na Viljoen se getuienis tot die effek dat hy wat Viljoen is dit uitgedink het en gesê het dit is "Wouter s'n". Hy sê dat hy dink dit is 'n vindingryke storie maar dit is nie waar nie omdat hyself die naam oorsee gesien het en 'n plakkaat teruggebring het. Wat Waterson trust aanbetref was Waterson Properties by daardie stadium reeds vir twee jaar of langer bekend.

[1471] Daar is 'n debat oor die laboratorium by Speskop. Die beskuldigde sê dat daar 'n brand was omtrent in 1984 en dat daar ook 'n insinking was. Dit was alles voor Oktober 1985. Generaal Viljoen was betrokke by die herbou van die laboratorium as gevolg van die insinking. Dit blyk dat Delta G aanvanklik by Speskop was en daarna al die apparaat verwyder het. Die beskuldigde toon aan dat in 1990 Kirstein betrokke was by die omskepping van die laboratoriums na kantore. Hy beduie ook dat daar 'n stadium was waarop die twee klein laboratoriums omskep moes word in een groot laboratorium. Hy sê dat hy vir Gerald Cadwell goed ken en dat ofskoon hy geen formele opleiding gehad het nie hy baie bedrewe was met die aanmekeer sit van pype en dinge. Dit is nie die Cadwell wat twee jaar later met die peptiet sintetiseerder gewerk het nie. Hy gee toe dat daar 'n dampkas vermoë gewees het en ekstraksie waaie ofskoon nie formidabel nie. Hy sê dat mettertyd was daar in die peptiet laboratorium 'n kleinerige dampkas maar in die pirotegniese laboratorium was daar 'n baie groot dampkamer wat toegerus was met glas wat van Rusland afkomstig was. Hy meen dat Sybie van der Spuy Speskop verlaat het gedurende 1990. Dit word aan hom gestel dat daar nie 'n

laboratorium was nie en dit word ontken. Die beskuldigde bevestig weer eens dat daar drie inkapasiteer agense ontwikkel is. Hy kan nie sê of daar dokumentasie is wat dit aantoon nie. Hy het voorleggings gedoen aan die KBK. Die Engelse was beïndruk gewees met die navorsing. Hy sê dat die peptiet sintetiseerder saam met die twee mense uit Europa gekom het en dat die ander koste verbonde aan die laboratorium by Speskop bloot die aankoop van chemikalië was wat nie baie meer as R100 000 kon wees nie. Hy word verwys na K2 en sê dat hy dit opgestel het. Hy sê daar was navrae daaroor en hy sê dat die vraag nie so ingeklee is dat die Speskop laboratorium juis vermeld moes word in para 4 nie. Hy sê dat die aanhangsel 'n lys van die navorsingskontrakte is en dat die werk wat in die Speskop laboratorium gedoen is nie daarop betrekking gehad het nie. Bowendien was dit beplanning in Julie en het dit mettertyd verander. Hy word gevra oor Marlow se navorsing en sy terugvoering en sê dat hy nie kan onthou hoe dit was en hoe dit verander het nie en dit word aan hom gestel dat die projek aangewend is om 'n WPW beampte te betaal. Die beskuldigde ontken dit en hy sê dat indien 'n mens kyk na aanhangsel E van K2 dan kan jy sien dat daar drie bedrae is, onder andere 'n bedrag van R1 miljoen en R400 000 wat gebruik kon word vir die bedryf van die Speskop laboratorium. Hy word verwys na BS2 wat opgestel is deur kolonel Steyn en dit word aan hom gestel dat op p2 para 4D daar nie melding gemaak word van die Speskop laboratorium nie. Hy gee toe dat Swartklip CR verwapen het. Hy hou egter voet by stuk dat hy Steyn nie volledig ingelig het oor die offensiewe CBO nie. Dit was sy werk om dit af te bestuur. Wat die metakoloon aanbetref sê hy dat daar in 1988 metakoloon verwapen is maar dat daar ook besluit is om nie voort te gaan met die verwapening daarvan nie omdat dit gelei het tot aggressie. Dit was die metakoloon van Mosrefcat wat gebruik is. Hy sê dat die persone wat saam met hom en Hekkies van Heerden in die laboratorium gewerk het jong kinders was.

[1472] Hy word verwys na WB43 en dit word aan hom gestel dat die stappe by die verwapening van inkapasitante in die eerste instansie is die verkryging van die inkapasitante, dan die omskrywing van die eienskappe en dan die verspreiding en disseminasie. Dit word aan hom gestel dat in Oktober 1991 daar nog net CR versprei is en dit word aan hom gestel dat daar geen pirotegniese toetse gedoen is voor daardie dokument nie. Die beskuldigde ontken dit en sê dat die dokumente verkeerd geïnterpreteer word en dat daar

nie sulke definitiewe afsnypunte was nie. Hy sê dat die inkapasitante ontwikkel was en dat die idee was dat die blou drukke op die rak moes wees. Hy ontken dat Swartklip 'n pirotegniese vermoë gehad het.

[1473] Hy word weer eens verwys na WB43 en sê dat dit 'n voorlegging aan die verkleinde bestuursraad was. Hy sê dat op daardie stadium die peptiet sintetiseerder reeds hier behoort te gewees het en dit word aan hom gestel dat dit nie genoem word in WB43 nie. Hy word verwys na bewysstuk 30X en dit word aan hom gestel dat daar ook geen verwysing is na die peptiet sintetiseerder of na die pirotegniese laboratorium nie en hy verduidelik dat dit te doen gehad het met 'n polisie ondersoek oor die wettigheid al dan nie van die navorsing oor die substansie. Hy bevestig dat Swartklip 'n Krygkor filiaal was en hy word verwys na WB44 en bevestig dat para 26 daarvan verwys na Delta G. Hy hou egter vol dat daar meerdere Krygkor filiale was. Hy sê dat mnr Laubscher van Swartklip 'n B.Sc graad het met chemie en fisika. Hy sê dat by Swartklip daar toetse gedoen is oor die ontbranding maar dat dit nie pirotegniese toetse was nie. Die ontwikkeling van die pirotegniese gedeelte van die inkapasitante was gedurende 1988 tot 1992. Hy word verwys na WB45 gedateer 18September1991 en na paras 11 en 12 waar dit gaan oor die skadebeheerprogram en hy bevestig dat die enigste substans wat daar genoem word metakoloon is behalwe vir CR. Hy sê dat die oorspronklike pirotegniese toetse vir die CR op 'n baie primitiewe skaal gedoen is by Speskop en dat dit later oorhandig is aan Enslin Smit. Hy sê dat drs Bester, Mijburgh en Bothma heen en weer gery het van Voortrekkerhoogte na die Kaap by die ontwikkeling van die CR. Hy hou vol dat dodelike middels nie verwapen is nie. Hy word verwys na WB1 en dit word aan hom gesuggereer dat para 1 daarvan nie beteken dat die hele CBO program verswyg moes word nie. Die beskuldigde hou voet by stuk dat dit presies is wat die weermag bedoel het. Dit word aan hom gestel dat dit nie so is nie. Dit word aan hom gestel dat die kruisverhoor van generaal Knobel vaag was aangaande die vraag of daar 'n laboratorium was by Speskop. Dit word verder aan hom gestel dat generaal Knobel nie bewus was van enige laboratorium by Speskop nie. Hy hou voet by stuk dat hy vir generaal Knobel die laboratorium gewys het. Daar vind 'n onsinnige ondervraging plaas oor hoekom die persone van Speskop nie op bewysstuk P voorkom nie en die beskuldigde wys uit dat dit 'n spesifieke navraag was deur die hoof van die weermag oor wetenskaplikes wat by front organisasies gewerk het. Hy hou verder

vol dat Brian Davey nie behoort te geweet het van die laboratoria by Speskop nie. Daar vind 'n ondervraging plaas oor wanneer Modulêr, Hooper & Packer was en die beskuldigde sê dat die oorlog in Angola nie na Packer opgehou het nie. Hy beduie dat die eerste besending CAM's aan Davey oorhandig is. Hy gee toe dat Buffham se besending ontvang is na 16 Mei. Dit word aan hom gestel dat die meeste wat met die CAM's gebeur het is dat Davey een saamgeneem het in 1990. Die beskuldigde sê dat die tweede besending ontvang is vanaf Krygkor en dat hy dit vir Corrie Meerholz en twee sersante gegee het. Daar was 'n dringende aanvraag daarvoor. Hy het nie 'n probleem gehad om dit vir Meerholz te gee nie want die gebruik van 'n CAM is nie so moeilik nie en hy het die opleiding self gekry en toe aan Meerholz gegee. Spesmagte operateurs het allerlei gesofistikeerde apparaat en hierdie was maar net een van nog. Hy kan nie onthou wie die sersante was nie. Hy het gehoor dat die CAM's aan Unita oorhandig is van Meerholz en ook van generaal Bok, ook van Schutte die logistieke offisier in Angola. Hy weet nie of die CAM's opgeskryf was in die spesmagte se boeke nie. Hy het nie 'n poging aangewend om dit na te gaan nie. Hy het opdrag aan Davey gegee om die CAM's te toets op 'n hele klomp substansie. Hy dink dat die CBO opleiding begin het in 1987. Hy was betrokke by die ontplooiing van die tweede groep CAM's. Hy het dit aan Meerholz oorhandig. Die doel daarvan was nie dat dit sou terugkom na die weermag toe nie. Die moment as dit uitgestuur word was dit reeds afgeskryf. Dit word aan hom gestel dat hy gepraat het van 'n operasionele verlies van CAM's en hy sê dat hy 'n vae geheue daaroor het dat 'n troep dit kon verloor het

[1474] Hy word gevra oor verwapening en sê dat dit dieselfde is by CR as by inkapasitante en dat dit die oorhandiging is van blou drukke aan die fabriek waar die goed gedoen sou word. Die beskuldigde sê verder dat die Heyndrycx CAM's nie noodwendig voor die Buffham CAM's in die land aangekom het nie. Daar is 'n polemieks daaroor of dit die beskuldigde se taak is om die ontvangsboek van Krygkor na te gaan. Die beskuldigde sê dat hy die goed sou gekry het van Krygkor en in die transito stoor sou stoor. Die CAM's was gepak in 'n swaar houtkas. Hy het toe by Infladel 'n kartondoos gekry. Hy glo dat die eerste CAM's na Davey is en dat die ander na Meerholz is. Hy hou vol dat almal 'n dringende behoefte gehad het. Davey was

aanvanklik betrokke by opleiding aan Unita maar hy was egter te besig om later ook daardie soort van opleiding te behartig. Hy was betrokke by die tweede besending en het dit vir Meerholz gegee en aan hom verduidelik hoe om dit aan te wend. Wanneer dit kom by wat in Angola plaasgevind het sê hy dat hy nie by die logistiek betrokke was nie. Hy bevestig dat daar wel chemiese aanvalle in Angola was en daar was ook 'n Duitser betrokke. Hy sê dat daar meer chemiese aanvalle was na wat berig is maar dat dit moeilik was om dit te bevestig. Daar was bewerings dat mense dood is as gevolg van die CBO. Hy sê dat wat Angola aanbetref Davey 'n verslag uitgebring het tot die effek dat daar persone in Angola vergiftig is met cresido fosfaat en dat niks bevestig kan word nie behalwe dat daar 'n gedagte was dat die persone dood is as gevolg van die toediening van 'n senu toksien. Die beskuldigde sê dat hy saam met 'n vrou van WEDA (Western European Defence Alliance) in Angola was en dat daar wel verifikasie van vergiftiging was. Hy sê dat hy vir Hendrycx ontmoet het en toe vir Marsk. Hy glo egter dat Marsk die senior was. Hendrycx het van hom gedink dat hy 'n mediese dokter was en 'n lid van TIAFT. Hy het nie aan hom voorgehou dat hy 'n welgestelde besigheidsman was nie. TIAFT is die International Association of Toxicologists. Hy word verwys na F18.130 en sê dat nóg Hendrycx nóg Marsk geweet het wat hy gedoen het. Hy sê dat hulle beide ondervra is deur die VN en dat beide gevra is om te bedank. Hy bevestig dat Unido Tiaft deur Hendrycx gebruik is om geld te ontvang. Hy sê dat die hele top struktuur van die weermag geweet het van die CAM's en dat Lourens teen alle instruksies in opgetree het toe hy vir Buffham gevra het vir CAM's by wyse van 'n faks. Buffham moes dit ontken maar Buffham was wel betrokke by die tipe van lewering en het ook die tekening van die CAM's beskikbaar gestel. Die beskuldigde kan nie sê wanneer Hendrycx probleme gehad het nie. Die beskuldigde blyk nie te weet waarom Hendrycx gekompromitteer is nie. Daar ontstaan 'n debat oor Hendrycx se bestelling van dertien CAM's gedurende Julie 1987 by Graceby's in Engeland en wanneer CAM's bestel is deur die beskuldigde en die beskuldigde verwys na F3.50 en sê dat dit die gouste is waarop hy CAM's kon bestel het en dit is hier by die einde van 1987. Daar was wel 'n versoek vir lugbesoedelingsapparaat vroeg in 1987 maar dit was 'n enkele toestel. Die beskuldigde sê dat dit in 1988 duidelik was dat daar 25 stukke vermis was by Graceby's. Hy bevestig dat Buffham die CAM's wat hy gelewer het op 'n onwettige manier moes verkry het en hy wys daarop dat Tim Otter se getuienis duidelik tot die effek was dat die goed waaroor hy getuig het eintlik plaasgevind het voordat hy daar gekom het. Dit word aan die beskuldigde gestel dat dit onwaarskynlik is dat

Buffham betrokke sou raak by die lewering van CAM's nadat Hendrycx probleme gekry het. Beskuldigde lewer geen kommentaar daarop nie. Hy word gevra hoekom daar inbetaal is in Buffham se persoonlike rekening en hy sê dat hy dit gedoen het in opdrag van Dreier. Hy hou vol dat die inligtingsdiens ondersoek ingestel het na 25 CAM's. Dit word aan hom gestel dat Heyndrycx met £48 100 betaal het vir die CAM's en dit net so gelewer het. Die beskuldigde ontken dit en sê dat hy nooit vir Heyndrycx betaal het nie. Wat bewysstuk F2.1 aanbetref gedateer Januarie 1988 hou hy vol dat dit te doene het met sy reis reëlings na Iran. Hy sê dat die reis vooruit betaal was.

[1475] Die beskuldigde dui aan dat hy Davey se getuienis gelees het en dat Davey werklik erken het dat daar adamsiet betrokke was in Angola.. Hy het gaan kyk na die dokumente in trommels 1 en 2 en dokumente 60, 101 en 129 toon aan dat Davey in verbinding was met die Duitsers oor die vergiftiging. Hy sê dat dit vergelyk moet word met Davey sy getuienis op p. 8567. Hy word weer gevra waarvoor die R220 00 betaal is vir die reis na Iran en hy dui aan dat dit was vir die reiskoste, omkoopgeld en projektielstukke. Dit word dan aan hom gestel dat dit onwaarskynlik is dat daar vooruit betaal sou gewees het vir die projektielstukke. Sy antwoord daarop was dat daar op daardie stadium gereeld aanvalle deur Irak op Iran was en dat die projektielstukke nie in Valapjar self gekry is nie maar by 'n ander dorpie in Iran. Valapjar self was in Irak maar beheer deur die Kurde en ondersteun deur Iran. Hy kan nie groter detail oor die samestelling van die prys gee nie maar ontken dat die bedrag vir enigiets anders betaal is. Hy ontken dat 13 CAMs met die R220 000 betaal is. Hy word gevra wat die dekstorie was vir die oorbetalings van die geld aan Buffham en sy antwoord daarop is dat hy waarskynlik gevra het of Buffham die geld in deurgang kan hanteer teen betaling van 1% hanteringskoste. Hy het altys aan risiko's gedink, voorsorg getref en dit verdiskonteer.

[1476] Die bedrag vir die verkoop van die klere aan Krygkor was R3,8 miljoen. Dit was saamgestel uit twee bedrae van R2 miljoen en R1,8 miljoen. Die beskuldigde sê dat dit verkeerdelik deur Orffer oorgeplaas is na die Barcelona rekening. Dit is later herwin uit die RITS rekening, oorbetal aan Karko en daarna oorbetal aan D J Truter van waar dit terugbetaal is aan die projek. Daar vind 'n debat plaas oor die hoeveelheid pakke beskermende klerasie en die beskuldigde dui aan dat wat deur die vertdediging gestel is rekonstruksie was

gebaseer op die gewig van die pakke en wat Schutte gesê het vervoer is en ook die feit dat die pakke na verskillende depots geneem is. Hy sê dat hy gehoor het van 'n brand en dat hy 'n teorie gehad het van koolstof partikels wat binne in die hars beweeg het. Teen die regte hitte kon dit ontbrand. Hy word verwys na Lourens se getuienis wat dit weerspreek en sê dat Lourens sy doktersgraad gekry het in medisyne wat te doen gehad het met heupvervangings waarin koolstof samestelings gebruik is. Hy ontken dat Lourens 'n deskundige is op die gebied van koolstof ontbranding. Oor logistiek sê hy dat daar standaard voorskrifte aan stoormanne was en wat hy oorgedra het aan die logistieke offisier. Omdat dit 'n logistieke aangeleentheid was sou hy dit nie aan Steyn oorgedra het nie. Hy weet nie hoeveel pakke verbrand het nie, hoeveel beskikbaar was nie aangesien hy geen beheer daaroor gehad het nie. Sy funksie was bloot om die pakke aan Coast gelewer te kry.

[1477] Oor die geskenkte klerasie sê hy dat daar 'n vergadering in die destydse Suidwes Afrika was en dat daar generaals teenwoordig was soos generaal Badenhorst en generaal Nieuwoudt. Hy het opdrag gekry om daarna te soek. Wanneer dit aan hom gestel word dat dit onwaarskynlik is dat iemand Unita sou geondersteun het is sy antwoord daarop dat daar skeepsvragte vol medisyne van Amerika af na Unita gestuur is. Hy voer aan dat in inligtingskringe dit nie snaaks is dat 'n onwaarskynlike moondheid hulp verleen aan 'n beweging nie en sê dat Amerika aan beide die MPLA en aan Unita hulp verleen het. Dit was met die oog op wat in die toekoms kon gebeur of om brandstof of ander grondstowwe te verkry. Hy sê dat hy vir Seynaeve na Angola geneem het. Seynaeve het onder andere kamoefleurnette vir die Russe gemaak. Hy het vir Seynaeve vir skenkings gevra. Van Remoortere het geweet dat skenkings gesoek word. Hy het ook by die CBO mafia gesoek na skenkings. Hulle het gesê dat hulle sou kyk. Die motiewe vir skenkings aan weerstandsbewegings is nie altyd maklik om te begryp nie. Die pakke is afgelewer teen die einde van 1989 of die begin van 1990. Hy weet nie of Razzak terugvoering gevra het nie. Hy het geweet hoe dit werk en het nie detail gevra nie. Dit word aan hom gestel dat gedurende 1989 daar verskeie moondhede was wat beskermende pakke gesoek het en hy word in die besonder na die Tagell kontrak verwys. Hy glo dat Razzak ook bewus was van Iran se behoefte. Wanneer dit aan hom gestel word dat dit onwaarskynlik is dat Libië vir Unita sou ondersteun is sy antwoord bloot dat dit gebeur het.

[1478] Hy bevestig dat hy 'n klomp entiteite vir Razzak bestuur het en dat hulle hom vertrou het. Hy sê dat dit goed denkbaar is, dat as Razzak 'n baas gehad het, dié nie vir hom sou gesê het waarvoor die klere gelewer sou word nie. Hy was onder die indruk dat hy 'n groot wapen- en kleretransaksie gehad het. Hy glo dat hy die idee by 'n vergadering van die mafia gekry het. Hy het vir Lourens na Blucher se laboratorium gestuur om te gaan leer. Dit is nie hyself wat die geskenk gekry het nie. Die klere, glo hy, is deur Seyntex gemaak. Hy ontken dat dit 'n verbeeldigsvlug is. Hy het vir twee jaat gesoek vir klere. Die vervoerkoste was ingesluit. Krygkor het dit in Durban gaan haal. Krygkor was nie onnodig nuuskierig nie. Dit was nie projek aangeleenthede nie en hy het dit met generaal Liebenberg bespreek. Hy kan nie onthou dat hy dit met gen. Knobel bespreek het nie maar dit was nie nodig om dit te doen nie. Hy het dit as ontvangste beskou en mag dit met BG Spesmagte of die hoof van spesiale take bespreek het. Dit word aan hom gestel dat daar baie nutria pakke was en hy sê dat dit nie snaaks is nie omdat, alhoewel die SAW dit aanvanklik spesiaal bestel het, daar daarna ook vir ander moondhede sulke pakke gemaak is. Daar was niks wat Seynaeve verhoed het om sulke materiaal vir homself te maak nie. Sy probleem met die pakke was dat daar nie kwaliteitsbeheer of kontrole oor die pakke was nie. Hy het gehoor dat daar etikette op die pakke was en het aanvaar dat dit daarop geplak is. Dit was nie op al die pakke nie.

[1479] Van Remoortere en Seynaeve het geweet dat dit geskenkte pakke was. Die pakke het van Durban gekom en is gestoor by Radio Uitkyk en in die Court Street warehouse in van Remoortere se gedeelte. Dit was nie SAW uitrusting nie. Hy weet nie of gen Knobel geweet het van die Court Street warehouse nie. Hy kan nie sê hoeveel weermag pakke na logistiek verwyder is nie. Hy wou nie hê dat die weermagpakke en die geskenkte pakke moes vermeng raak nie. Van Remmoortere het geweet dat dit 'n skenking was en wasar dit vandaan gekom het. Hyself het nooit vir hom gesê dat dit van Razzak gekom het nie. Die beskuldigde was nie baie bekommerd daaroor dat van Remoortere en Seynaeve oor die pakke kon gepraat het nie.

[1480] Die klere kon nie meer na Unita versprei word nie omdat daar 'n politieke besluit was dat net humanitêre hulp verleen sou word. Die logistieke kanaal was baie lank omdat dit per pad vervoer moes word.

In die derde plek het die bedreiging begin afneem. Hy glo dat die pakke na Resolusie 435 hier opgedaag het. Hy weet glad nie hoeveel pakke die weermag gehad het nie. Sy taak was bloot om die pakke aan die SAW gelewer te kry. Hy weet nie van 20 000 pakke in die S A Geneeskundige Dienste se store nie. Hy het nie vir die SAW gevra hoeveel pakke hulle het nie. Hy weet dat Leeson betrokke was by aflewering aan die SAW. Hy het die aangeleentheid met gen Liebenberg bespreek en uitgewys dat daar nie kwaliteitsbeheer was nie en dat steekproewe sou behels dat 'n persentasie van die pakke vernietig sou word. Hy sou aan Liebenberg vertel het wat die opsies was en kwaliteitsbeheer was nie werklik 'n opsie nie. Hy was per slot van rekening die ekspert. Hy ontken dat hy dit met gen Knobel moes bespreek het en gen Verbeeck kon niks doen om die probleem op te los nie. Die pakke kon so lank as 'n jaar in die store gelê het.

[1481] Daar is 'n debat oor die vraag of die Golfoorlog gedurende 1991 was, soos wat die beskuldigde se herinnering is, en of dit gedurende die tweede helfte van 1990 was soos wat dit aan hom gestel word. Dit word aan hom gestel dat daar toe 'n groot behoefte aan pakke was. Hy ontken dit nie en sê dat daar ook pakke uitgereik is en dat die Israeli's 25 burgerlikes verloor het tydens oefeninge. Razzak wou nie die pakke terughê nie en HSAW het hom opdrag gegee om die pakke te verkoop. Dit was projek inkomste. Generaal Murray het die papiere geteken en het ook bevestig, tydens getuienis dat daar sulke inkomste was. Hy sou dalk nie geweet het waar die inkomste vandaan gekom het nie.

[1482] Die Coast pakke is aan Intramex verkoop. Daar moes kommissie aan van Remoortere betaal word. Hyself het na Krygkor gegaan en hulle verwys na Technotek om uit te vind of daar pakke beskikbaar was. Wanneer van Remoortere aangedui het dat daar pakke was het Krygkor 'n brief geskryf. Dit is opgevolg met 'n kwotasie van Technotek. Die eerste helfte is na Intramex en die tweede helfte na RITS. Technotek faktureer Krygkor en Krygkor lewer aan SAGD. Die betaling was egter aan Intramex. Nadat Intamex toegemaak is, is dit in die RITS rekening inbetaal. Met die besondere betaling was daar 'n vertraging. Die R2 miljoen is na Orffer geneem en hy het die R1,8 miljoen verkeerdelik oorgeplaas. Die R2 miljoen is gedurende Julie betaal en die R1,8 miljoen is later betaal maar Orffer het die volle R3,8 miljoen dadelik oorgeplaas. Hy weet nie hoekom daar 'n Standard Bank tjek uitbetaal is nie maar het gehoor dat Viljoen dit aan Orffer

oorhandig het. Die reëlins is gemaak deur Viljoen en van Remoortere. Die geld is deur Karko oorgeplaas na Barcelona. Die R1,8 miljoen het by Rits gelê vanaf Oktober 1990 tot Februarie 1991. Hy ontken nie dat Van Remoortere op 14 Augustus 1990 R1 miljoen aan RITS betaal het nie en op 19 Oktober 1990, R827 000. Die R3,8 miljoen is reeds op 3 Augustus deur Orffer oorgedra. Hy was nie met die detail vertrou nie. Die geld was bestem vir die "proximity fuses". Dit word aan hom gestel dat Orffer reeds in Oktober geweet het dat hy die geld sal terugkry maar die beskuldigde sê dat Orffer bedank het, langverlof geneem het en net nie daar was nie. Dit word aan hom gestel dat die rente van R91 438 weermag fondse was. Hy sê dat Viljoen daarmee gewerk het. Dit word aan hom gestel dat die bedrag van R1,8 miljoen bloot terugbetaal is gedurende Februarie 1991 om te verhoed dat daar 'n tekort op die begroting ontstaan.

[1483] Hy word verwys na BZ31A waar hy aangedui het hoe die R3,8 miljoen aangewend moes word en ook na BZ32A wat sy handgeskrewe instruksies is. Hy sê dat hy bloot aan Zimmer aangedui het dat daar 'n groot bedrag geld aan die kom was en dat hy twee betalings moes maak, een aan Sterns en een vir Krugerponde, en die balans moes oorbetal aan WPW Amerika. Die bedrae wat aan Sterns betaal moes word en vir die Krugerponde aangewend moes word was minder as R2 miljoen en daar was gevolglik, op die basis dat net R2 miljoen by Zimmer sou opdaag, steeds 'n balans wat oorgeplaas moes word na Amerika. Hy word verwys na F1.68 en in besonder na subparas. (xxii) en (xxiv) waarin hierdie aangeleentheid verduidelik is. Daarin is gemeld dat dit nie projekfondse was nie. Daar is gepraat van kansellasië en herwinning. Met kansellasië het hy bedoel dat daar op 'n stadium 'n vertraging was, dat daar onsekerheid was oor die R1,8 miljoen dat dit oorweeg is om die lewering van die nabyheidsbuis te kanselleer en dat daar toe duidelikheid gekom het en dat hulle toe voortgegaan het met die verkryging. Met herwinning het hy bloot bedoel dat die fondse uit RITS uit terug gekanaliseer is na Coast toe en dat Coast dit dus herwin het.

[1484] Hy hou vol dat die dat die mortiere met die nabyheidsbuis wel na Savimbi gestuur is. Wanneer dit aan hom gestel word dat die klerasië nie gestuur is nie en dit snaaks is dat hierdie artikels gestuur is is sy antwoord dat dit aan Savimbi persoonlik gestuur is vir persoonlike beskerming ingeval van nood. Dit was noodsaaklik vir die SAW om toe te sien dat die nabyheidsbuis nie teruggespoor kon word nie. Dit was ook

die posisie met die aanval op Tumpu. Toe die Switserse vliegtuig in Angola afgeskiet is het Unita en die MPLA mekaar oor en weer beskuldig dat die ander een daarvoor verantwoordelik was. By CBO sal daar ontkenning wees deur beide kante en dan sal daar ondersoek en navorsing gedoen word om te bepaal waar die projektile vandaan kom. Dit was dus noodsaaklik dat dit nie na die RSA teruggespoor moes kon word nie. Hy sê dat beide besluite, die een om nie die geskenkte klerasie aan Unita te lewer nie en die een om wel die projektile te lewer nie sy besluite was nie en dat hy bloot opdragte gekry het wat hy uitgevoer het. Wanneer Coast klere gekry het is dit aan die weermag verkoop en het die fondse teruggekom in Coast in. Krygkor en Intramex was by daardie verkrygings betrokke. Dit was heeltemal normaal en ook projek Academy het sulke aankope gemaak. Die persone wat op die KBK gesit het was ook betrokke by daardie verkrygings.

[1485] Die beskuldigde sê dat hy graag die indruk wat dalk geskep kon gewees dat CR nie die mees effektiewe wapen was wat aan Savimbi verskaf was nie wil regstel. Dit was vir hom die mees effektiewe manier om wanneer hy in 'n noodsituasie vasgedruk sou gewees het uit te kom. Daar is 'n klein debat daaroor of 'n persoon werklik daarmee sou uitkom en die beskuldigde is oortuigend wat dit aanbetref wanneer hy sê dat dit wel genoegsaam was om te kan uitkom.

[1486] Wat die RITS rekening aanbetref sê hy dat daar twee keer gelde van die beskermende klere daardeur is. Die eerste keer was die R3 800 000,00 en dan was daar ook die verkoop van die geskenkte pakke klere. Die beskuldigde sê dat die groen pakke wel Coast se pakke was. Die 9 568 groen pakke was deel van die pakke wat uitgevoer is deur Van Remoortere. Dit is ingevoer in die verdedigingsvoorraad. Wat die tweede transaksie aanbetref het die beskuldigde nie 'n probleem nie dat dit is soos uiteengesit deur Bruwer op p316. Hy sê dat die gelde vir 3 of 4 tipes van skulde gebruik is. In die eerste geval is dit aangewend vir die Wisdom groep, dan is dit aangewend vir dienste wat by die prinsipale gelewer is, dan was dit kontant vir die prinsipale en dan was dit gebruik vir die lening vir Aries trust. Wat die Wisdom groep aangebetref gee hy toe dat dit ook die moratorium lening kon behels het. Wat die R100 000,00 aan Swanepoel aanbetref sê hy dat Swanepoel vir die prinsipale 'n huis wat as kantore kon gebruik word in Pretoriusstraat sou koop. Wat die

12 000 pakke aanbetref was die posisie dat die geld oorsee moes gaan. Dit word aan die beskuldigde gestel dat dit 'n ingewikkelde strukturerings van die transaksie was en hy ontken dit en sê dat dit baie eenvoudig was. Hy sê dat dit die maklikste manier was om die geld in die buiteland te hou. Hy kan nie onthou wat die prinsipale met die geld in die buiteland wou maak nie. Hy wys egter daarop dat daar iets soos twee maande verloop het tussen die eerste verkoping en die tweede verkoping. Dit word aangetoon dat die geld inbetaal is die Banque Indosuez in Genève en hy sê dat hy nie weet waarom die rekening geopen is nie. Aanvanklik moes die geld in die land gebly het maar later was die versoek dat dit na die buiteland uitgevoer moes word. Kowalski was 'n maatskappy wat deur Mijburgh gebruik is en waardeur daar baie goed ingevoer is vir Delta G.

[1487] Die beskuldigde gee toe dat Intramex tussen Krygkor en Delta G geplaas word en dat Roelf Louw nie eers moes geweet het dat die goed van Delta G af kom nie. Van baie van die goed het hy gedink dat dit ingevoer was. Later is Intramex bloot gebruik vir die kanalisering van die fondse. Die drie rekeninge wat gebruik is by die weermag vir die aanskaf van voorraad was Academic, Galvanized en Fenor. Bewysstuk "TL2" word aan hom getoon, dit was 'n kwotasie van YCVM. Hy sê dit lyk nie vir hom na 'n weermagaankoop nie want hy sien "tank driver masks" en dit lyk of dit die polisie kan wees wat dit aangekoop het. Hy gee toe dat Intramex 'n wins van R48,00 op elke eenheid maak en sê dat dit is vir die versekering, die vervoer en die stoorkoste. Hy gee toe dat Van Remoortere wel 'n deel van die Court Street warehouse gehuur het. Dit word aan hom gestel deur mnr Ackerman op versoek van mnr Bouwer dat Krygkor die vervoerkoste betaal het en die beskuldigde ontken dit ten sterkste. Die Technotek-pakke is gelewer aan die projek en is vandaar versprei. Die enigste persone wat geweet het hoeveel pakke die projek gehad het sou Viljoen en Pat Leeson gewees het. Hy het nie daarby 'n belang gehad nie. Die ouditeur Theron moes ook geweet het hoeveel pakke daar in die projek was. Dit word aan hom gestel dat die spesifikasies van die ou kontrak dieselfde was as dié van die nuwe kontrak (dit is die maak van die beskermende pakke). Die beskuldigde ontken dit en sê dat daar 'n ander tipe materiaal was en dat hulle anders aanmekaargesit was. Dit word aan hom gestel dat in 1993 die enigste pakke wat oor was die pakke van die tweede kontrak was en daar is 'n debat daaroor en dit blyk dat daar ook ander pakke kon gewees het.

[1488] Daar is weer 'n debat oor die kanalisering van die fondse na die buiteland deur Medchem Forchungs en Chu PM Trading en die beskuldigde hou voet by stuk dat hy vir Theron genoegsame informasie gegee het sodat hy kon vasstel dat alles wat uit die land is terug is tesame met die rente. Daar is 'n verwysing na bewysstuk "20FFF" en 'n handskrif-nota van die beskuldigde waarin daar verwys word na die rente en dit nie na die projek gekanaliseer word nie. Die beskuldigde se antwoord daarop is dat daar baie transaksies was en dat hy nie kan toegee dat dit dié transaksie is waarna die staat verwys nie. Dit word aan hom gestel dat die bedrae verband hou maar hy gee dit nie toe nie. Hy sê dat indien net daardie bewysstukke aan Theron verskaf was hy nie tevrede sou gewees het nie en hy ander bewysstukke sou wou hê. Hy sê dat as bewysstuk "20FFF" verband gehou het hy dit vir Theron sou gegee het.

[1489] Dit word aan hom gestel dat die enigste beheer oor die Coast begroting was deur HSI en dat hy binne die begroting moes wees en dat daar SA Reserwe Bank magtigings moet wees. Die beskuldigde ontken dit en sê dat hy reeds die kontroles verduidelik het. Hy gee toe dat Infladel 'n kanaliseringkanaal was vir oorplasing van fondse na Delta G en RNL. Dit het ook kontrakbetalings gereël met maatskappye soos Lifestyle Management, Phoenix, ens. Hy sê dat alle betalings geoudit is. Hy gee toe dat daar ook betalings aan die ou RITS rekening was. Dit was kontrak betalings. Hulle kon dit aan RITS betaal het wat weer aan YCVM betaal het. Hulle kon ook aan ABC Import & Export betaal het. Medicorp was 'n naam wat deur die weermag gebruik is en meer in besonder deur Infladel. Dit is gebruik om betalings aan mense te maak. Alle betalings is eweneens geoudit. Sefmed was 'n geregistreerde front. Die beskuldigde weet nie of Sefmed kontrakbetalings gedoen het nie. Hy sê ofskoon Delta G en RNL aanvanklik globale begrotings gehad het, het hulle later doelwit begrotings gehad. Delta G het reaktore aangekoop met behulp van Sefmed. Delta G het wel aankope vanaf die buiteland gemaak. RNL het dit ook gedoen waar hulle kon, anders het hulle vir hoofkantoor gevra. Protechnik het min sensitiewe aankope gehad. Hulle het bloot maar uitrusting aangekoop. 'n Verdere kanaal vir invoere was die Rits kanaal van Van Remoortere. Hy was onder die indruk dat Charburn gebruik is vir die aankoop van materiaal vir Protechnik maar Zimmer en Van Remoortere het ook hulle eie projekte gehad. Charburn is nie uitsluitlik vir die projek gebruik nie. Hulle het via Exipro diertjies

en kerse, ens uitgevoer. Dit was nie noodwendig 'n maatskappy om sanksies te omseil nie. Bronne waaruit aankope gedoen is was Academic, Galvanised en Fenor maar die projek-beheerkomitee het bestaan uit KBK lede. Hy kan nie bevestig dat generaal Knobel van elke betaling geweet het nie. Daar is vergaderings gehou oor behoeftes en daar was terugvoering. Hy sê dat daar seker so drie tot vier formele KBK vergaderings per jaar was. Informeel met 'n aantal lede was daar seker minstens een keer per maand so 'n vergadering en in generaal Liebenberg se tyd kon daar tot drie tot vier per maand gewees het. Hy het wel gerapporteer oor reise maar die KBK sou nie van elke reis geweet het nie. In die begrotings is daar bv 'n bedrag van R1 miljoen vir salarisse begroot en dan was daar 'n bedrag vir uitrusting. Die KBK lede sou ook van die begroting gesien het waarvoor gelde aangewend word. Hy sê dat hy wel magtiging gehad het om vir kleinere bedrae aan te koop en eers later daaroor te rapporteer. Hy sê dat as hy bv R5 000 betaal het vir inligting wat hy verkry het dan sou hy nie gevra het vir goedkeuring daarvan nie, hy sou bloot lateraan daaroor gerapporteer het en *ex post facto* goedkeuring gekry het. Hy gee toe dat die alarmstelsels £100 000 gekos het. Dit sou die operateurs waarsku wanneer plofbare gasse opbou. Toe hierdie stelsels aangekoop is was Jannie van Jaarsveld nie meer by Speskop nie. Dit was nie nodig om sulke alarms in Delta G te installeer nie. Hulle het brandalarmstelsels gehad. Dit was nie so goed soos dié by Speskop nie maar dit was goed genoeg vir hulle doeleindes. Daar was nie ooit oorweeg dat hierdie navorsing in Delta G gedoen sou word nie omdat hulle nie oor 'n pirotegniese vermoë beskik het nie. Die beskuldigde weet nie waar Delta G se stelsel aangekoop is nie. Dit word aan hom gestel dat daar verskeie kanale was waardeur die stelsels aangekoop kon word en hy ontken dit en sê dat die plofbare gasalarms spesiaal gemaak moes word. Hy word verwys na RL2 en sê dat dit 'n lys van aankope van CBO uitrusting is deur die SAW vanaf Coast. Hy word gevra oor die rekenaar data basisse en hy sê dat dit op klandestine wyse verkry is deur Buffham. Dit het te doen met 'n topografiese model wat geïntegreer word met 'n voorspellingsmodel wat dan 'n voorspelling maak van 'n wolkbeweging. 'n Model moes vir die bevelvoerder beskikbaar wees in 'n draagbare rekenaar. Dit word aan hom gestel dat daar atmosferiese analitiese toerusting verkry is vanaf ABC Import & Export en hy word verwys na CVR35. Hy sê dat hy nie weet wat dit is nie. Hy word verwys na RL2 en meer in besonder item 41 en hy sê dat dit 'n rekenaar is maar dat dit nie die sagteware het nie ("excluding software"). Hy word dan verwys na RL3 item 18 wat praat van 'n rekenaar met sagteware en die beskuldigde se antwoord is dat nadat hulle die

model van Buffham gekry het hulle dit by Lifestyle Management verfyn het, dat die weermag daarvan uitgevind het en dat die weermag dit wou hê. Hy word verwys na PL4 p3 para 3 en hou voet by stuk dat dit is wat gebeur het. Hy word gevra hoekom op PL4 dit nodig was om asblikke deur Intramex te bestel en hy sê dat hy nie weet nie maar dat hy ook nie weet of die transaksie plaasgevind het nie. Dit sou gerig gewees het aan Leeson en as sy nie geweet het waaroor dit gegaan het nie sou sy vir hom gevra het. Hy kan die dokument nie onthou nie. Hy word verwys na CBO waarderingsmodelle. Hy sê dit is dieselfde soort van ding maar hy weet nie of dit die een is wat op RL3 voorkom nie. Hy word verwys na WB47 wat 'n brief is gedateer 3 Julie 89 vanaf Protechnik Laboratories en faktuur 110 verwys na 'n CBO waarderingsmodel.

[1490] Hy sê dat die CAM's gelewer moes wees voor Junie 1988. Dit moes net na die betalings gewees het. Hy word verwys na RL8 waarin daar 'n behoefte vir drie CAM's aangetoon word op 9 Junie 88. Hy sê die persoon wat die dokumente opgestel het Hilton Zeeman was. Navraag kon by hom gewees het. Hy kan dit egter nie onthou nie. Hy kan nie onthou dat hy aansoek gedoen het vir ekstra CAM's nie. Wat dr Lourens en die "reverse engineering" aanbetref sê hy dat Delta G wel aan 'n deteksiestelsel moes werk en dit is later verskuif na SRD. Die CAM's was een van die sit projekte. Een van die bestanddele van 'n CAM is 'n ioon mobiliteitspektrofotometriesse apparaat. Daar is ook 'n battery maar dit is nie te erg nie maar verder is die elektriese kringloop van groot belang. Buffham het die stroombane voorsien en die Oos-Duitsers het die kernstelsel voorsien. Laaste wat hy gekry het was 'n CAM. Wat RL3 aanbetref sê hy dat item 43 deur Technotek ingevoer is vanaf Blücher of deur bemiddeling van Blücher. Hy sê dat hy onderhandel het met Blücher en dat RITS dit sou betaal het. Dit was nie so sensitiewe produk nie. Hy sê dat daar nie in Februarie 1987 'n CAM was nie. Hy sê dat 150 nat deteksiesakke deel was van die totale bestelling en dit het saam met die tweede hoeveelheid goed hier aangekom. Hy sê dat daar wel Kanag en Drager stelle was. Dit werk soos 'n swembad toets. Monsters word in 'n spuit opgetrek en daar word dan chemikalieë bygevoeg en as daar kleurverandering is dan gee dit 'n aanduiding van wat se gasse daar is. Technotek kon wel van die Kanag en Drager stelle aangekoop het maar nie baie nie en deur sy bemiddeling. As sulke stelle in groot hoeveelhede aangekoop is raak dit sensitief. RL3 was bloot 'n voorraad lys en die ICN wat daarop staan is bloot 'n "item

control number" wat aantoon waar in die weermag dit gevind kan word. Wat RL8 aanbetref sê hy dat hulle na tien chemiese deteksiestelle gesoek het. Hy weet nie met betrekking tot RL7 wat die 49 "gas detectors" was nie. Sy probleem is dat meeste van die Drager en Kanag stelle vloeistowwe toets en nie gasse nie. Hy weet nie wie by Krygkor dit bestel het nie, hy sien die naam Zeeman. Hy word verwys na F1.68 en meer in besonder betalings (xiv) en (xvi) vir onderskeidelik R24 000 en R20 000. Hy sê dat hy nie nou kan onthou waarvoor dit betaal is nie. Hy weet dat dit nie deel van die klagstaat is nie en dat hy hom nie daaraan gesteur het nie. Hy bevestig dat Zimmer aan agente gelde betaal het vir inligting. Hy sê dat hy wel in Luxembourg gewees het en dat Andre Pierre die skuilnaam van 'n agent was. Die betaling kon deur die RITS rekening gegaan het. Hy word verwys na CVR18 en dit word aan hom gesê dat dit 'n faktuur was en hy word dan gevra wat word van die dokumente wat hy ontvang het. Sy standpunt is dat hy geen stelsel gehad het nie maar dat daar persone was wat aangestel was wat verslag moes doen soos Zimmer, Webster, Bosch en Viljoen. Party dokumente sou hy versnipper het, ander sou hy gelewer het aan Theron. Hy het nie 'n sentrale plek gehad waar hy die dokumente gehou het nie. Hy glo ook nie dat hy al die dokumente wat aan hom gestuur was geantwoord het nie.

[1491] Daar ontstaan 'n lang gesprek oor WB20, 'n verslag van luitenant-generaal Van der Westhuizen vir die geneesheer-generaal. Hy glo dat dit is na aanleiding van die ondersoek insake projek Coast. Die SAW se kennis word uiteengesit. Hy sê dat hy verbaas sou wees indien daar melding gemaak sou gewees het van die Libiërs of die Oos-Duitsers en Russe. Hy sê dat hy met junior beamptes gewerk het en dat hy nie vir hulle ten volle ingelig het nie. As daar enige verdere inligting benodig was moes hulle base dit gedoen het en dat hy tevrede is dat die weermag soveel inligting uitgegee het as wat dit bereid was om uit te gee. Hy sê dat BR Holdings bedryf is deur Marlow en Bosch. Die mense met wie hy gepraat het was Langman van Deventer en De Bruin. Hy hou voet by stuk dat Blücher sy vriend was want hy het by hom gekuier. Hulle het saam geëet. Hy het sy vrou geken. Hy sou aanvanklik aandele besit het in SRD. Hy het aanvanklik gedink dat Blücher die groot baas was. Hy hou steeds voet by stuk dat Webster die prinsipale se agent via homself was. Hy sê dat generaal Swart of generaal Joubert of generaal Webb die BG van spesmagte was. Die Rus Evstigneev het vir Mais gewerk. Hy en die Bulgaar was vriende.

[1492] Hy word verwys na para 19 en betalings aan Koen en sê dat hy betaal is deur die weermag vir SA Working Dogs. Hy kon by twee frontmaatskappye betaling gekry het.. P & S was 'n ander frontmaatskappy en daar het hy vir die prinsipale gewerk of vir nasionale intelligensie. Hy word gevra of die finansiële prinsipale betrokke was by Jota en hy sê nee. Hy sê Coast was die offensiewe program en Jota die defensiewe program. Steyn is bloot ingelig in verband met Jota. Dit word aan hom gestel dat die onderskeid van offensief en defensief nooit voorheen genoem is nie. Hy sê dat dit het met die normalisering te doen. Hy hou voet by stuk dat WB20 die inligting is wat teen-inligting vir Knobel gegee het. Theron het nie noodwendig meer geweet nie. Hy word gevra oor sy bankrekenings by Nedbank Arcadia tak en hy word verwys na bedrae in kontant wat daar inbetaal is of wat betaal is vanaf Intramex. Hy sê dat dit geoudit is deur Cloete, die ouditeur en deur HSF en dat dit was vir dienste wat hy gelewer het en somtyds was dit vooruitbetalings gewees. Hy sê dat nadat hy ontslaan is uit die weermag aan die einde van Maart 1993 hy R20 000 per maand ontvang het wat inbetaal is in 'n Volkskas rekening waar hy dit in kontant gaan trek het en in hierdie rekening inbetaal het, daarom sal daar kontantbetalings wees. Hy sê verder dat sy persoonlike salaris nie altyd maandeliks inbetaal is nie juis om te verhoed dat daar afleidings uit gemaak kon word. Soms is dit twee-maandeliks of selfs drie-maandeliks gedoen. Hy ontken dat hy fondse vanuit die VABN rekening gekry het. Hy sê dat daar groot bedrae in kontant na sy rekening by Nedbank Centurion betaal kon gewees het omdat hy toe sy gratifikasie gekry het en hy daardie bedrae getrek het en in kontant daar inbetaal het. Hy het wel vergoeding gekry van BRCI vir dinge wat hy vir hulle gedoen het. Hy het drie soorte fondse van BRCI gekry - in die eerste plek uitgawes wat hy aangegaan het wat terugbetaal is; in die tweede plek fondse wat hy vir die prinsipale moes gee en in die derde plek lenings. Hy kan nie onthou wat die laaste betaling is wat hy aan die prinsipale betaal het nie. Hy word gevra waarom daar so baie ronde bedrae is en hy sê dat hy sommige bedrae na bo afgerond het en ander na onder. Wat 22 Januarie 97 aanbetref sê hy dat hulle met 'n jetstar kom haal is, dit wil sê Simon Pura en Chu het vir hom, Bosch en Mijburgh kom haal. Daar was sprake van die aankoop van 'n plaas. Pura het reeds een gehad in Namibië naby die Botswana grens. Hy glo dat Bosch saam is omdat hy administratiewe reëlins sou kon tref indien dit nodig was en wat Mijburgh aanbetref is hy saam vir die kuier

Dit word aan hom gestel dat daar geen dokumente by Webster was oor Dreier en Razzak nie en hy word 'n staat getoon oor die stigting van Medchem Forchungs waarin daar lang konsultasies was met hom en Chu waar daar nie melding is van Dreier nie. Dit word aan hom gestel dat Chu sê Dreier was 'n tweedehandse motorhandelaar. Dit word aan hom gestel dat dit vroeër gestel is dat by daardie geleentheid daar 'n kontantbedrag oorhandig is en hy ontken dit. Hy sê dat die kontantbedrag wat na Namibië is 'n bedrag is wat hy by Bosch getrek het gedurende 1991 wat hy aan 'n taakmag offisier gegee het en wat dit weer op sy beurt vir die Libiese ambassadeur in Windhoek gegee het. Dit was 'n anti-kapings polisieman wat gereeld vlugte vergesel het. Dit word aan hom gestel dat dit aan Chu gestel is dat die besoek was vir die stigting van 'n intelligensie netwerk en hy wys na die getuienis wat hy pas vantevore gegee het waar hy presies dit gesê het maar dit blyk dan dat waarom hy dit sê is omdat hy die indruk gekry het uit Pura se optrede dat dit is wat hy beplan het onder die dekmantel daarvan dat dit 'n jagplaas was. Hy sê dat hy nog steeds glo dat dit was vir die stigting van 'n intelligensie netwerk. Wat hom aanbetref sou Bosch net geweet het van die aankoop van die plaas as 'n jagplaas

[1493] Die Pretex lening: Die beskuldigde ontken enige kennis van die lening en sê dat hy onder die indruk was dat dit geld is wat Viljoen verkry het vir die aankoop van Villastraat 14. Hy word verwys na TV25 en dit word aan hom gestel dat Viljoen se getuienis was dat hy die fondse gekry het en dat dit geëindig het in Partners In Travel. Hy reken dat hy gedink het dat dit vir Viljoen se voordeel was of moontlik vir die prinsipale s'n. Hy word verwys na SARB17 waarin daar 'n lang uiteensetting is van 'n verbintenis tussen Viljoen en Chu en hy word uitgenooi om te sê dat dit 'n wanvoorstelling van die feite is. Sy antwoord daarop is dat hy nie daarvan weet nie en dat hy nie die transaksie onthou nie. Dit word aan hom gestel dat hy die transaksie georkestreer het. Hy ontken dit en sê dat hy dit nie onthou nie en dit word aan hom gestel dat daar nie ruimte is vir hom om so 'n transaksie te vergeet nie. Daar is 'n lang debat oor die verkryging van die King Air vanaf 1987 tot in 1988 en daar word onder andere verwys na DAW55-DAW77. Dit word aan hom gestel dat die vliegtuig aangekoop is op 24 Mei 1988. Die beskuldigde sê dat hy nie briewe sal onthou nie maar dat hy baie goed kan onthou dat daar modifikasies moes wees omdat hierdie vliegtuig nie 'n gewone "air taxi" was maar

omdat dit vir 'n spesifieke doel benodig was. Hy kan nie die vloei van die fondse onthou nie maar aanvaar dat Bruwer se uiteensetting op p93 en F3.8 tot die effek dat hy op 3 Junie opdrag gegee het vir die oorplasing van \$950 000 korrek is. Hy gee toe dat daar later ook korrespondensie was tussen hom en Webster oor die vliegtuig. Hy sê die bedryf van 'n vliegtuig verg baie administratiewe reëlins. Hy word gevra of Lourens gemagtig was om betalings te magtig en hy kan nie dit werklik onthou nie en wanneer 'n spesifieke geval genoem word is sy reaksie daarop dat Jane Webster hom moes gevra het. Hy gee toe dat Jane Webster die vliegtuig aan die einde van 1989 geadministreer het en dat sy met hom geskakel het oor die belangrike administratiewe besluite. Hy sê dat operasionele besluite hyself geneem het en dat iets soos die vervanging van 'n enjin 'n operasionele besluit is. Hy word gevra oor die moontlike registrasie van die vliegtuig in Namibië en hy kan onthou dat Swanepoel en Gerhard Botha betrokke was by 'n ondersoek na lugvaart in Namibië maar kan nie die detail onthou nie. Hy sê dat wat die aankoop van die vliegtuig in Suid-Afrika aanbetref die ooreenkoms aanvanklik ingestel is daarop dat die vliegtuig hier aangekoop sou word maar dat die besluit later verander het en dat daar toe besluit is dat die geld nie betaal hoef te word nie maar die prinsipale het toe besluit dat die opbrengs hier in Suid-Afrika gebruik moes word. Na aanleiding van 'n brief van Webster gedateer 7 Januarie 1993 waarin hy skryf dat hy 'n brief van Swanepoel ontvang het om die King Air terug te gee en die skuld om te swaai sê hy dat Swanepoel self die besluit kon geneem het. Hy gee egter toe dat Webster briewe na hom toe geadresseer het na allerande plekke soos p/a Mijburgh, na die "cottage" in Engeland, na Basel ens omdat hy van mening was dat hy daar te vinde sou wees. Hy sê verder dat wat die King Air se versekering aanbetref en vanweë die feit dat dit na oorlogsgebiede gegaan het daar altyd 'n probleem met versekering was. Hy word gevra oor rekenaars en hy word verwys na sy getuienis dat Medchem Forchungs hulle eie rekenaar betaal het, dat hy een gekry het wat geïnstalleer is by Sefmed en dat daar 'n kleiner een was wat in Engeland geïnstalleer was. Hy word verwys na WB53 wat 'n bestedingsmagtiging is ten bedrae van R180 000,00 vir 'n rekenaar in Basel en WB54 wat 'n bestedigingsmagtiging is vir 'n rekenaarstelsel teen R180 000,00 by Sefmed. Die beskuldigde verduidelik dat Medchem Forchungs 'n stelsel ontwikkel het en dat hy een aangekoop het vir Sefmed, een in Engeland en ook een in Basel omdat hy dit geïsoleer het van Medchem Forchungs en nie 'n risiko wou neem nie. Dit was vir hom dus moontlik om sonder dokumente wat hom kon kompromitteer te ry en bloot met 'n skyf. Dit word

aan hom gestel dat hy Medchem Forchungs se stelsel betaal het. Hy ontken dit en sê dat hulle hulle eie stelsel betaal het. Dit word aan hom gesuggereer dat daar onnodig baie geld aan die stelsel spandeer is en hy sê dat Coast baie fondse daarvoor begroot het en betaal het. Hy hou vol dat daar op die harde skywe niks was nie en dat als op optiese skywe was. Die rede is dat hy nie kanse gevat het nie.

[1494] Hy verwys na 'n penicillin transaksie ingevolge waarvan daar R730 000,00 verkoop is aan Medchem Technology en waaroor Zimmer getuig het dat die penicillin nog altyd in 'n stoorplek staan. Hy sê dat hy nie die detail van die transaksie kan onthou nie maar dat daar nie probleme verbonde aan die transaksie kon gewees het nie en dat dit moontlik 'n skyntransaksie was.

[1495] Hy sê dat ofskoon hy vir die prinsipale Krugerrande aangekoop het hy ook vir homself 'n paar aangekoop het. Hy sê dat hy in totaal seker so 30 of 40 kon aangekoop het. Twee daarvan het hy vir sy kinders gegee, elkeen met dié se geboortedatum daarop. Daar word 'n dokument aan hom getoon wat aantoon dat hy 19 Krugerrande verkoop het. Hy kyk na die dokument en bevestig dit en sê dat daar ook twee halwe Krugerrande is wat verkoop is. Die Krugerrande was vir R14 000,00 verkoop. Hy word gevra oor kredietkaarte en hy sê dat hy seker 3 in Suid-Afrika gehad het, 2 in Europa en dalk 3 by Merrill Lynch. Hy sê dat daar ook sub-kaarte uitgereik is, 1 aan Razzak, 1 aan Lourens en 1 aan die dame van Partners In Travel.

[1496] Hy glo dat die sub-kaarte by die visa kaart wat in Europa was uitgereik is. Hy dink die kredietkaarte was by Merril Lynch in America, Barclays bank in Europa asook Credit Suisse. Hy word gevra oor die Corbier trust waaruit 'n bedrag van R89 000,00 in sy rekening inbetaal is. Hy sê dat dit te doen het met advies wat hy en Mijburgh het aan Libiese ondernemers wat sigarette wou maak gegee het. Daar is toe 'n bedrag in 'n trust wat Mijburgh vir hulle geskep het in Jersey aan hulle oorbetal.. Hulle het geen verbintenis meer met daardie mense nie en daardie mense het geen verbintenis met die prinsipale nie. Sover hy weet maak hulle nog sigarette. Hy word verwys na WB55 en gevra of daar 'n moontlike belegging in die uitvoer van volstruiseiers was en sê dat hy dit nie kan onthou nie. Die dokument lyk meer na 'n navraag as enigiets anders. Hy word verwys na WB56 en sê dat hy dit baie goed onthou. Dit het te doen met 'n kleiner formaat voetbal wat gouer

ook afgehandel word en waar die spelers wat nie top bereik nie, betrek word. Hy is gevra om die moontlikheid daarvan in hierdie land te ondersoek. Hy het dit voorgelê aan Louis Luyt en is meegedeel dat daar nie 'n toekoms is nie. Hy word verwys na WB57- 'n brief van Webster gedateer 14 Julie 1994 waarin hy uiteensit wat die effek van die sanksiewetgewing van Amerika is. Die beskuldigde sê dat hy wel navraag gedoen het by Webster en dat dit alles te doen gehad het om sanksie-omseiling. Hy word gevra oor PVM Financing en dit blyk dat 'n bedrag geld geleen is aan projek Marcus deur Zimmer. Hy sê dat hy dit nie kan onthou nie, dat sover hy weet hulle vitamienverrykte pap verkoop het en dat volgens Zimmer se getuienis daar 'n bedrag aan hulle geleen is en weer terugbetaal is.

[1497] Dit word aan hom gestel dat die Russe nie vir hom na die Kroatse sou verwys het nie. Sy antwoord is dat die Kroatse eers onder mekaar geveg het, daarna met die Serbe en dat die Serbe en die Kroatse daarna teen die Bosniërs geveg het. Op die stadium toe hy besig was met die verkryging van die metakoloon was dit nog Joegoslavië en was Kroasië nog nie onafhanklik nie.

[1498] Hy word gevra oor 'n dokument wat 'n faktuur is van Biscara na ABC Export & Import en waarop die beskrywing van sekere tegniese apparaat voorkom. Dit word aan hom gestel dat sy getuienis dan juis is dat die goed in televisiestelle uitgevoer is na Suid-Afrika. sy antwoord daarop is dat hy nie weet waar hulle die fakture gekry het nie en dat dit moontlik die oorspronklike fakture uit Engeland na ABC Export & Import kan wees en dat daar ook ander fakture kan wees. Hy sê dat hy nie die papierwerk gedoen het nie en kan onthou nie maar dat hy kan onthou is dat die uitvoer gedoen is deur Star Freight. Hy sê ook dat Patricia Leeson nie sou geweet het wat in die kartonne is nie.

[1499] Die dokumente ivm die tweede kanalisering deur Chu PM Trading wat hy aan Theron gegee het word ingehandig as WB58 en hulle dra Bateman stempels van 277 tot 361. Hy word gevra oor die klerasie wat hy aangekoop het met behulp van Jane Webster en hy sê dat sy vir Merrill Lynch daarmee gedebiteer het maar dat hy dit terugbetaal het en dat hy nog dokumente het.

[1500] Gedurede herverhoor het hy getuig dat die televisiestelle waarna verwys is die stelle is wat weer aan lede van die projek verkoop is en die gelde is inbetaal terug in die projek. Daar word ingehandig 'n reeks inlegstrokie as WB59-1 tot WB59-0 wat almal inbetalings in sy Nedbank rekening is van òf kontant òf kontant tjeks of 'n tjek van D J Truter. Dit verteenwoordig terugbetalings vir reiskaartjies, sy pensioengelde en hy sê dat daar 'n pensioen aan hom betaal is van omtrent R320 000,00 plus nog verlofuitbetalings, dan ook sy salaris en hy verduidelik dat die weermag hom nie openlik kon betaal nadat hy heimlik ontslaan is nie en dat hy gevolglik die gelde op 'n onderugspoorbare wyse in sy eie rekening moes inbetaal. Dit was so lank nadat hy reeds ontslaan was. Die rede was dat sy bestaan is weggesteek en die sekerheid moes behou word.

[1501] Dit was die verdediging se saak.

DIE ARTIKEL 174 AANSOEK

[1502] Die beskuldigde is aan die einde van die staatsaak op 15 aanklagte ontslaan. Die redes vir die ontslag is destyds verwoord en word nou hierin opgeneem:

DIE BEDROG AANKLAGTE:

[1503] Wat die bedrog aanklagte aanbetref is dit so dat die normale patroon is dat die Staat beweer dat die beskuldigde sekere bedrieglike voorstellings gemaak het waarom fondse benodig is en wat daarmee verkry is. In aanklag 2 bv beweer die Staat dat die beskuldigde voorgegee het dat R220 000 benodig is vir 'n reis na Iran, die vestiging van inligtingskanale in Iran en die verkryging van projektielstukke. Die Staat beweer dat die fondse nie gebruik is vir 'n reis na Iran nie maar ter betaling van die CAMs wat in aanklag 3 ter sprake kom. By elkeen van die aanklagte is daar dan 'n byvoeging van 'n reeks versuime deur die beskuldigde en 'n bewering dat daar 'n verpligting op hom was om die werklike posisie te openbaar aan die Geneesheer-Generaal, en/of die KBK en/of die Ouditeur-Generaal en/of die SAW en/of persone betrokke by die bestuur en/of finansiële administrasie van die projek en/of die Staat. Die bewering is dan dat dit bedrieglike versuime was. Tydens die aansoek ingevolge artikel 174 het dit geblyk dat, behalwe in die geval van aanklag 20, wat 'n oorkoepelende aanklag is, die doel van laasgenoemde bewerings is dat die Staat aanvoer dat in elke geval waar daar fondse in 'n WPW rekening geland het die Staat aanvoer dat die fondse wederregtelik aangewend is en dat daar 'n verpligting op hom gerus het om die wederregtelike aanwending te rapporteer ten einde die Staat in staat te stel om die aangeleentheid behoorlik te ondersoek en te waak daarteen dat daar nie verdere wanbesteding plaasvind nie. Verder is die bewerings baie wyd, in die sin dat dit beweer word dat die beskuldigde tussen 1988 en 1994 versuim het om te openbaar dat die fondse nie aangewend is soos wat dit veronderstel was om aangewend te word nie. Die doel was dat die antwoorde wat die beskuldigde beweerdelik aan KEEM verstrek het, in soverre dit nie korrek was nie, bedrieglike versuime was.

[1504] Wanneer die verdediging in die aansoek aangevoer het dat die Staat nie die positiewe wanvoorstelling bewys het nie en dat die beskuldigde derhalwe ontslaan moes word was dit dit Staat se reaksie dat daar 'n bedrieglike versuim was en dat daar derhalwe genoegsame getuienis was waarop 'n redelike hof skuldig kon bevind. Die bedrieglike versuim is dan daarin geleë dat in elke geval hy sy wanbesteding moes rapporteer het en verder dat toe die aangeleentheid ondersoek is hy nagelaat het om te openbaar wat hy verkeerd gedoen het. Die argument is dat die omslagtige ondersoek van die saak daardeur verkort kon gewees het en dat die Staat daardeur benadeel is. Dit is ook geargumenteer dat Generaal Knobel byvoorbeeld van die bedrieglike latere verduidelikings onderteken het en dat hy sy reputasie daardeur tot sy nadeel kon skaad. . Die getuienis van gen. Knobel is egter onbetwis dat daar juis opdrag gegee is aan die beskuldigde om nie verslag te doen aan sy seniors van die besteding van die gelde nie. Dit is verder so dat die staat nie kon bewys watter voorstellings aan die KBK en ander instansies gemaak is nie. Gen. Knobel het getuig dat daar voorleggings aan die KBK was en dat daar na aanleiding van sodanige voorleggings besluite geneem is en fondse bewillig is. In die geval van verkrygings in die buiteland is daar dan 'n niksseggende opdrag aan 'n beampte van HSF se personeel gegee om die nodige fondse oor te plaas na die buiteland. Die KBK wou daarna nie weet wat met die fondse gebeur het nie. Sy getuienis was verder dat die beskuldigde die fondse kon manipuleer soos wat hy goed gedink het, so lank as wat daar nie selfverryking geskied het nie. Dit beteken dan dat in hierdie saak die staat moet bewys dat daar 'n wanvoorstelling was, dat daarop gehandel is en dat dit tot die nadeel van die staat was. Wat laasgenoemde vereiste aanbetref sal die staat dus moet bewys dat daar inderdaad selfverryking was. Teen die agtergrond dat die beskuldigde magtiging gekry het om 'n bepaalde besteding te maak, opdrag gehad het om nie terugvoering oor die besteding te gee nie en dit wat verkry moes word verkry het, is daar nie werklik ruimte vir 'n bevinding dat daar wanvoorstellings was of wanbestedings wanneer dit objektief vasstaan, volgens die staatsaak dat die verkrygings wel geskied het nie. Daar is dan terselfdertyd ook hoegenaamd geen basis vir 'n hof om te bevind dat die beskuldigde versuim het om iets te openbaar, wat hy behoort te geopenbaar het nie. As hy sy opdrag uitgevoer het was daar

geen plig op hom om enige verdere inligting te verstrek nie. As daar nie so 'n regsplig op hom was nie is daar nie 'n grondslag vir 'n aanklag van bedrog nie.

[1505] 'n Verdere aspek wat ook van belang is vir die beregting van die bedrog aanklagte is die feit dat die Staat se saak, tot 'n baie groot hoogte gebaseer is op die verslag, en die getuienis na aanleiding daarvan, van die forensiese deskundige Bruwer. Sy verslag het die lig gesien na 'n jare lange ondersoek. Dit het hom na vele lande geneem en het tot gevolg gehad dat hy duisende dokumente onder oë gehad het en ontleed het en baie van sy gevolgtrekkings daarop gebaseer het. Hy het naamlik aanvaar dat die WPW groep van maatskappye gestig is met die oogmerk om die Staat te bedrieg en ook so gebruik is. Alle fondse wat op een of ander wyse in 'n WPW maatskappy geland het, het hy aanvaar was wanaangewend. Toegewings wat Bruwer in kruisverhoor gemaak het is dus relevant vir die doeleindes van die artikel 174 aansoek.

AANKLAG 2:

[1506] Dit word beweer dat die beskuldigde gedurende die tydperk Januarie 1988 tot Mei 1994 valslik en met die opset om te bedrieg voorgegee het dat 'n bedrag van 3 841 740 Belgiese Frank (R 220 000) synde projekfondse betaal is aan prof. Heyndrycx as reiskoste vir 'n reis van die beskuldigde na Iran, die verkryging van projektielstukke uit Iran of die vestiging van inligtingskanale in Iran. Die Staat beweer verder dat die fondse nie betaal is vir sodanige doeleindes nie maar inderdaad betaal is vir die CAM's wat in aanklag 3 ter sprake kom. Die Staat steun nogal sterk daarop dat in die standaard dokument waarin fondse aangevra is vir oorplasing na die projek (die 2.1. dokument) die doel vir die oorplasing aangegee is as vir "*aankoop van wetenskaplike uitrusting vir operasionele aanwending*". Dit blyk dat die eerste keer dat die reis na Iran ter sprake gekom het was toe KEEM navraag gedoen het oor die besteding van die R220 000 en die Geneesheer-Generaal so 'n verduideliking verskaf het, in die F1.68 dokument.

[1507] Die bewering namens die Staat is dat Heyndrycx 13 CAM's aangekoop het vir die projek vanaf GRACEBY IONICS in Engeland. Op daardie stadium het hy reeds een CAM gehad. Dit word beweer dat hy £48100 betaal het vir die 13 CAM's en dat die R220 789,00 wat in Januarie 1988 uit die projek na sy bankrekening gemaak is gedien het om vir die CAM's te betaal. **Daar is 'n geskil of daar 25 CAM's of slegs 13 CAM's aangekoop is maar daar is geen geskil daaroor dat daar inderdaad 13 CAM's tot voordeel van die projek verkry is nie.**

[1508] **Die enigste getuienis waarop die Staat staatmaak is die van Bruwer.** Wat hom aanbetref is die ooreenkoms tussen die £48100 en die R220 000 so merkwaardig dat dit die afleiding regverdig dat dit die betaling van die CAM's was. Daardie afleiding laat geen ruimte vir enige kommissie aan Hendrycx vir sy hulp om sanksies te omseil nie. Die Staat argumenteer dat die kommissie in kontant aan hom betaal kon gewees het. Die feit van die saak is dat Bruwer toegee dat die enigste mense wat kan sê of daar wel so 'n reis plaasgevind het, die beskuldigde en Heyndrycx is. **Heyndrycx is volgens die lys van getuies een van die getuies wat die Staat sou roep. Hy is nie geroep nie en die rede daarvoor is waarskynlik, soos blyk uit dokumente voor die hof, dat hy ernstiglik gediskrediteer is in België oor sy betrokkenheid by CAM's.**

[1509] Die gevolg is dat die enigste getuienis voor die hof dié is van Generaal Knobel en Bruwer. Knobel het bevestig dat die beskuldigde hom reeds in 1988 meegedeel het dat hy saam met Heyndrycx in Iran was. Hy het verder aangedui dat die SAW 'n groot belangstelling gehad het in watter chemiese wapens deur Irak teen Iran gebruik is omdat dit die tipe van wapens is wat verwag kon word om teen die SAW en in Angola gebruik te word. Verder het hy getuig dat die beskuldigde fotos aan hom oorhandig het wat in Iran geneem is en dat hy die fotos later gebruik het by 'n lesing wat hy gegee het. Hy was ook bewus daarvan dat Heyndrycx die projek behulpzaam was in ander opsigte as slegs vir die verkryging van die CAM's. Volgens hom was Heyndrycx destyds 'n hoogs aangeskrewe wetenskaplike in diens van die Verenigde Nasies en 'n baie gepaste persoon om die beskuldigde te help om Iran te besoek. Verder het hy ook bevestig dat dit destyds bekend was dat

Irak chemiese wapens teen Iran aangewend het en dat Iran die plek was om waar te neem en te evalueer wat gedoen is..

[1510] Volgens Bruwer, wat 'n onderhoud met Heyndrycx gehad het, het Heyndrycx ontken dat die geld betaal is vir die CAM's. Hy het ook aangedui dat hy nie in sy forensiese ontleding van die projekbesteding enige ander bedrag kon vind wat moontlik vir so 'n reis betaal is nie. In kruisverhoor betwis hy nie dat die beskuldigde na Iran gegaan het nie maar hy hou vol dat die R220 000 waarskynlik gebruik is om vir die CAM's te betaal. Hy beroep hom daarop dat die voorstelling was dat dit vir operasionele aanwending nodig is. Wanneer hy gekonfronteer word met die feit dat Generaal Knobel aangedui het dat die sg. voorstelling juis vaag was sodat afleidings nie daaruit gemaak kon word nie gee hy toe dat sy benadering juis was dat dit 'n voorstelling was wat nie gestrook het met die latere verduideliking nie. Hy gee toe dat hy nie kan sê dat die beskuldigde nie 'n besoek aan Iran afgelê het nie. Hy aanvaar inderdaad dat die beskuldigde wel in Iran was!

[1511] Die resultaat van die getuienis is dat die Staat nie by benadering daarin geslaag het om aan te toon dat die beskuldigde nie die bedrag van R220 000 aangewend het vir die reis na Iran en die ander oogmerke hierintevore vermeld nie. Die staat het nie daarin geslaag om te bewys dat daar nie magtiging aan die beskuldigde was om 'n bedrag van R220 000 aan te wend vir so 'n reis en die meegaande oogmerke nie. Die staat het bewys dat hy wel so 'n reis onderneem het. Die gevolg is dat dit aanvaar moet word dat R220 000 bewillig is vir die bevermelde oogmerke en dat die opdrag uitgevoer is. Daar is nie 'n grondslag om te bevind dat daar enige openbaringsplig aan enigiemand gewees het nie. Die beskuldigde is gevolglik op aanklag 2 ontslaan.

AANKLAG 6:

[1512] Wat hierdie aanklag aanbetref beweer die Staat dat die beskuldigde vanaf Februarie 1989 tot Mei 1994, met die opset om te bedrieg, voorgegee het dat 3 204 000 Belgiese Frank (R200 000) aan CSD betaal

is as teenprestasie vir die ontwikkeling van uitrusting vir die voordeel van die projek. Die Staat beweer verder dat die fondse inderdaad aan Buffham oorbetaal is as finansiering van die werkskapitaal van CSD.

[1513] Die geld is aangevra “*vir die ontwikkeling van sekere uitrusting*”. In antwoord op ‘n navraag deur die Ouditeur-Generaal het die beskuldigde aangedui dat die geld aan CSD betaal is om elektroniese planne te kry wat nodig was vir die ontwikkeling van “*reverse engineering*” wat ten opsigte van die CAM’s gedoen is. Die Staat het dus ‘n positiewe wanvoorstelling beweer tesame met die gebruikelike reeks van bedrieglike versuime.

[1514] Bruwer het ‘n wanaanwending van die fondse baseer daarop dat die gelde in Buffham se maatskappy, CSD, geëindig het as werkskapitaal en omdat die WPW groep van maatskappye ‘n belang in CSD verkry het. Hy gee dan ook uitdruklik in kruisondervraging toe dat die gelde wel aan Buffham betaal kon gewees het vir “*reverse engineering*” en dat hy geen onafhanklike dokumente het om die teendeel aan te toon nie. Verder het Bruwer ‘n dokument by Zimmer gekry wat ‘n verkooptransaksie vanaf CSD aan ABC Import-Export aangedui het. **Hy het die dokument toevallig by Zimmer gekry en die bedrag is baie naby aan die bedrag in hierdie aanklag ter sprake. Buffham aan die ander kant het hom glad nie ingelig oor hierdie transaksie nie.**

[1515] Webster was onder die indruk dat die WPW groep ‘n belang in CSD verkry het. **Dit blyk egter uit sy getuienis dat die WPW groep nooit dividende van CSD ontvang het nie, nie rente op enige bedryfskapitaal wat verskaf is ontvang het nie, nie enige geld ontvang het toe CSD verkoop is nie en op geen ander stadium geld van CSD ontvang het nie.** Hy het bevestig dat hy die beskuldigde gekonfronteer het dat hy ‘n swak belegging in CSD gemaak het en dat die beskuldigde toe vir hom gesê het dat hy hom nie daarvoor moet bekommer nie omdat “*we received what we wanted*”.

[1516] Generaal Knobel het getuig dat daar ‘n behoefte was om CAM’s plaaslik te vervaardig. Hy kon nie veel oor die ontwikkeling daarvan onthou nie maar het getuig dat hy terugvoering ontvang het dat daar wel inligting bekom is wat behulpzaam kon wees met sodanige ontwikkeling. **Voorts het die Staat dr. Leuschner**

as 'n getuie geroep. Hy was in beheer van die navorsing wat gedoen is om die CAM's plaaslik te vervaardig. As daar een persoon is wat sou kon getuig of inligting bekom is om die ontwikkeling aan te help dan is dit juis hy. In kruisverhoor het hy spesifiek getuig dat hulle dokumente verkry het m.b.t. stroombane om hulle in hulle navorsing te help. Hy het dus die Staat se primêre standpunt weerlê.

[1517] Alhoewel die gelde deur die WPW groep van maatskappye by CSD aangekom het, is die aanduidings oorweldigend dat die verduideliking wat die beskuldigde gegee het korrek kan wees. In die omstandighede was daar net eenvoudig nie 'n saak vir die beskuldigde om te ontmoet op aanklag 6 nie.

AANKLAG 10:

[1518] Dit word beweer dat die beskuldigde valslik voorgegee het gedurende April 1990 tot Junie 1991 dat maandelikse betalings van £1 100, wat aan R F Telecommunications/ Mole gemaak is, betaal is as vergoeding vir die beskikbaarstelling van kantoarafasiteite vir die gebruik van werknemers van die projek. Dit word beweer dat dit nie vir daardie doel oorbetaal is nie maar oorbetaal is aan Buffham en Baker and Hostetler.

[1519] Generaal Knobel het positief bevestig dat die kantore gehuur is en dat die bedrae maandeliks oorbetaal is. Die KBK was daar bewus van. Bruwer het ook bevestig dat die kantore gehuur is. Sy enigste probleem was dat van die gelde by Buffham en in Baker and Hostetler se rekenings geland het. Hy gee spesifiek toe dat hy nie kan sê dat die geld nie huurgeld was nie. Hy gee ook toe dat daar wel huurgeld vir die kantore betaal is. Sy finale antwoord in kruisverhoor oor hierdie aspek toon duidelik aan dat hierdie aanklag net nie lewensvatbaar is nie. Dit lui so:

[1520]Uit dit wat u gevind het in u sewe jaar ondersoek, is daar geen rede hoegenaamd om eers 'n suspisie te hê dat dr. Basson iets wanaangewend het hier nie. –Dit is korrek. Ek het nie inligting om dit te staaf nie.”

[1521] Toe hy gekonfronteer is om te verduidelik waarom die Staat besluit het om die beskuldigde van hierdie aanklag aan te kla was sy lakoniese antwoord dat hy nie die klagstaat opgestel het nie en bloot maar die inligting weergegee het.

[1522] In my oordeel het die Staat sy eie saak op hierdie aanklag weerlê. Die beskuldigde is gevolglik ontslaan op aanklag 10.

DIE DWELM AANKLAGTE

AANKLAGTE 28 EN 29

[1523] Aanklag 28 is ook 'n aanklag van besit, gebruik of verkryging van ecstasy. Die tydstip wat deur die Staat vermeld word is vanaf einde 1994/begin 1995 tot 30 Januarie 1997. Die hoeveelheid wat ter sprake is is in totaal 38.6 gram. Aanklag 29 beweer dat die beskuldigde gedurende dieselfde tydperk artikel 5(b) van die Wet op Dwelmmiddels en Dwelmsmokkelary, No 140 van 1992, soos gewysig , en saamgelees met ander bepalings van die wet , oortree het deurdat hy handel gedryf het met 96,9 gram metakoloon en 14 gram kokaïen. Daar is 'n alternatief tot die aanklag naamlik dat hy gedurende dié tydperk artikel 4(b) oortree het deurdat hy die betrokke stowwe besit het. Volgens die opsomming van die wesenlike feite beweer die Staat dat die beskuldigde vir ene Bosch versoek het om vier trommels, wat aan hom (die beskuldigde) behoort het, vir hom te bewaar gedurende die gemelde tydperk. Die Staat het op 30 Januarie 1997 op die vier trommels beslag gelê. Die genoemde dwelms is tussen talle dokumente in die trommels gevind. Die Staat beweer verder dat hy gedurende 1992 vir ene Floyd gevra het of hy nie kontakpersone oorsee het nie omdat die beskuldigde ecstasy oorsee wil verkoop.

[1524] Wat hierdie aanklagte aanbetref is dit die Staat se benadering dat omdat dit uit die getuienis van baie van die getuies, en in besonder van Genl. Knobel, blyk dat die beskuldigde as projekoffisier 'n baie sentrale rol gespeel het in Projek Coast 'n afleiding gemaak kan word uit die tipe van artikels wat in die trommels gevind is tot die effek dat, wat ookal in die trommels gevind is, slegs aan die beskuldigde en die beskuldigde alleen gekoppel kan word. Dit word gesê dat 'n "holistiese" benadering en 'n blik op die "geheelprent" so 'n afleiding regverdig. In hierdie verband word dit gesê dat nie alleen was daar 'n hele aantal persoonlike dokumente en artikels van die beskuldigde in die trommels nie maar ook was daar Projek Coast dokumente wat aan die beskuldigde gerig was in die trommels. Verder is die argument dat alles wat in die trommels gevind is, wat nie persoonlike items van die beskuldigde was nie, na die projek herlei kan word

en dat vanweë die beskuldigde se sentrale rol hy die enigste persoon is wat by al die dokumente betrokke kon gewees het.

[1525] Behalwe vir bogemelde omstandighedsgetuienis is die enigste direkte getuienis wat tot die effek is dat die beskuldigde bewus was daarvan dat die trommels by Bosch gestoor is en vir hom gestoor is, die getuienis van dr. Immelman en van die getuie Bosch self. Die Staat steun voorts op getuienis wat die beskuldigde gegee het toe hy aansoek gedoen het vir borg en gekruisverhoor is.

[1526] Dr. Immelman het getuig dat na die privatisering van RNL (Roodeplaat Navorsingslaboratoriums (Edms.) Bpk.) hy meegedeel is dat die Weermag die Coast dokumente wil hê. Hy getuig nie spesifiek wie die mededeling gemaak het nie maar dit sou seker nie verkeerd wees om te aanvaar, in die lig van sy getuienis oor die gesagsposisie van die beskuldigde by RNL, dat dit die beskuldigde was wat so gesê het nie. Hy getuig dan dat hy twee blou staaltrommels met slotte laat aankoop het en dat hy die Weermag dokumente uitgesoek en daarin gepak het. Die beskuldigde en dr. Mijburg het dit by hom kom haal. Hy weet nie waarnatoe dit finaal gegaan het nie. Dit blyk nie uit sy getuienis wanneer die trommels van RNL af verwyder is nie. Die privatisering van RNL was gedurende 1992 gefinaliseer. Dit blyk ook oorfloediglik uit ander getuienis dat die dwelms wat in uitvoering van Projek Coast verkry is, hetsy deur vervaardiging of aankoop daarvan, gedurende Januarie 1993 vernietig is deurdat dit in die see gegooi is.

[1527] Bosch het nie geweet wat in die trommels was nie. Hy was egter dogmaties dat dit die beskuldigde se trommels was en het dit meer as een maal gesê. Hy het gesê dat die trommels by sy huis afgelaai is nadat hy so met die beskuldigde ooreengekom het. Volgens hom wou die beskuldigde trek en het hy stoorplek gesoek. Hy het getuig dat dit vier trommels was wat Mijburg daar aangebring het omdat sy (die beskuldigde se) voertuig nie die kapasiteit daarvoor gehad het nie. Hy het twee trommels by sy huis gestoor en twee na Sunnyside geneem. Vir duidelikheid is hy gevra wie hom gevra het om die trommels te stoor en sy antwoord was soos volg:

[1528] *“Dr. Basson. Dit is voor daardie stadium, ek weet nie of ons bymekaar was, hoe dit gewerk het presies in detail nie, maar dit was sy trommels en hy het ‘n spasieprobleem”*

[1529] In kruisverhoor het hy nie ontken dat toe Mijburg die trommels daar aangebring het die beskuldigde in Libië kon gewees het nie. Hy het egter bevestig dat hy wel in Libië was. Dit is dan ook aan hom gestel dat die beskuldigde in Libië was toe die trommels by hom aangebring is. Hy het dit nie bevestig of ontken nie. Hy het getuig dat daar geen afspraak was van presies wat by hom gestoor sou word nie en dat dit net sowel kartondose kon gewees het.

[1530] Die Staat beweer egter dat die holistiese beeld van die beskuldigde se betrokkenheid by Coast, die inhoud van die trommels, Immelman en Bosch se getuienis en dan veral beskuldigde se getuienis tydens die borgeansoek dit duidelik maak dat die twee houertjies met ecstasy en kokaïen vir die beskuldigde gestoor is op ‘n stadium toe die projek al beëindig is en hy dit nie meer regmatiglik kon besit het nie. Tydens die borgeansoek is hy gevra of hy twee trommels vol ander dokumente gehad het wat op ‘n ander plek was. Sy antwoord was dat hy ses maande vantevore getrek het en dat van sy goed gestoor is. Hy het toegegee dat dit moontlik is, en dat dit by Bosch kon gewees het. Later in kruisverhoor het hy getuig dat vroeg in 1993, na die Steyn verslag, sy vrou onveilig gevoel het en vir Bosch gevra het om dokumente “vir my in veilige bewaring te neem”. Hy het getuig dat sy lewe toe in ‘n warboel was en in besonder dat die dokumente in die vroeë 1993’s uit sy woning verwyder is. Hy word dan gevra of dit in twee blou trommels kon wees en antwoord dan bevestigend. M.b.t. dokumente wat uit die trommels gekom het het die beskuldigde erken dat hy sommige daarvan erken.

[1531] Op ‘n later stadium tydens kruisverhoor word die beskuldigde die volgende gevra:

[1532] *“Goed ons gaan aan. Ons het ook gesien dat tussen die dokumente wat aan u behoort het en wat u na die Pierre Steyn ondersoek by u vriend, mnr. Bosch gaan bêre het, daar ‘n artikel oor ecstasy was, is dit korrek?”*

[1533] Die vraag was, soos ek sal aantoon, op 'n verkeerde premisse gebaseer en gevolglik misleidend.

Die beskuldigde het egter soos volg daarop geantwoord:

[1534] *“Dit is nie korrek nie. Ek het nie dokumente by Bosch gaan bêre nie, mnr Bosch het die dokumente by my verwyder sonder dat ek daarvan bewus was. Ek was nie in die land toe die dokumente by my verwyder is nie. Op punt 2, dat daar so 'n dokument sekerlik onder oë sou gehad het, is moontlik. Ek het duisende dokumentasie oor verskillende chemiese middels gedurende my loopbaan as projekoffisier gelees.”*

[1535] Daarna is dit aan die beskuldigde gestel dat die aanklaer nie dokumente oor ander dwelms as slegs ecstasy gesien het nie en die beskuldigde het geantwoord dat dit bloot is omdat hy nie die volle dokumentasie oor chemiese oorlogvoering gesien het nie. Die beskuldigde het gesê dat die aanklaer 'n geselekteerde gedeelte van die dokumente, wat per ongeluk vanaf sy huis verwyder is, deur mense wat dink hulle doen goed, in sy besit het. Dit is toe aan hom gestel dat dat dit sy dokumente is wat verwyder is. Sy antwoord daarop was dat hy dit nie gesien het nie maar dat aan hom berig is dat daar van sy dokumente verwyder is.

[1536] Vervolgens is dit aan hom gestel dat daar ook botteltjies was, waaop hy geantwoord het dat hy geen idee het nie omdat hy nie daar was nie. Daarna is hy gekonfronteer daarmee dat sy getuienis vaag is omdat hy aanvanklik getuig het dat daar dokumente by Bosch kan wees en dat hy by daardie geleentheid gesê het dat die dokumente na die Pierre Steyn ondersoek by Bosch beland het. Die beskuldigde se reaksie was dat hy herhaal wat hy gesê het en dat hy nie in die land was nie. Hy het ook gesê dat hy nie na 19 Desember 1992 dokumente by Bosch gaan haal het nie en dat Bosch hom ook nie daarvan vertel het nie. Die aanklaer het hom toe gevra hoe hy dan weet dat daar dokumente by Bosch was en sy antwoord daarop was dat die aanklaer die dokumente aan hom getoon het en dat hy dit erken het. Hy het ook gesê dat sy eggenote onlangs vir hom meegedeel het dat daar dokumente na Bosch verwyder is nadat hy van die aanklaer gehoor het dat daar blou trommels gevind is en hy van die dokumente herken het. Hy sê dat hy reconstrueer.

[1537] Hy word dan gekonfronteer daarmee dat daar geseëde botteltjies in die trommel was en gee toe dat dit moontlik is. Gevra of hy chemikalieë by die huis gehad het antwoord hy soos volg:

[1538] *“..ek het op daardie stadium van my loopbaan terwyl ek nog met die projek besig was, het ek ‘n baie veilige kluis by die huis gehad. Daar was dikwels chemikalieë in vervoer van een laboratorium na ander laboratoriums toe, van een navorsingsperseel na ‘n ander, en dit is moontlik dat daardie chemikalieë tydelik in my kluis gestoor kon geword het afhangende verdere navorsing of verdere optrede.”*

[1539] ‘n Aspek waarom daar baie getuienis voor die hof is, is dat nadat die ontwikkeling van ‘n chemiese en biologiese oorlogsvermoë gestaak is daar besluit is dat die inligting wat wel verkry is op optiese skyf bewaar sou word op ‘n veilige plek en dat Mijburg en Bothma dit fisies sou doen by kantore wat Mijburg gehad het en waar beskuldigde ook ‘n kantoor gehad het naamlik te Centurion. Soos ek die getuienis verstaan is die dokumente wat Immelman in die twee trommels gepak het so op optiese skyf bewaar.

[1540] Alhoewel die beskuldigde die projekoffisier was en Projek Coast gekoördineer het was hy nie by benadering die enigste persoon wat by die projek betrokke was nie. Sy vriende Swanepoel en Mijburg was onderskeidelik aan bewind by RNL en Delta G. By RNL is gekonsentreer op biologiese navorsing en by Delta G op chemiese navorsing. Daar was baie top navorsers betrokke by hierdie instansies. Daar is ecstasy en metakoloon gemaak by Delta G. Klein houertjies met dwelmmiddels in was sekerlik nie ‘n eienaardigheid of seldsaamheid by Delta G nie, toe die projek nog in swang was.

[1541] Wat van baie groot belang is in hierdie saak is dat daar in die trommels dokumente gevind is wat gedateer was 1995. Dit volg dus dat as daar vroeg in 1993 dokumente uit die beskuldigde se huis verwyder is, deur Bosch, en na sy huis geneem is, dit nie die dokumente is wat in die trommels was nie. Tydens die borgondervraging was die aanklaer nie bewus daarvan dat daar twee geleenthede was waarop dokumente na Bosch geneem is nie en is bloot aanvaar dat alle dokumente wat na Bosch se huis geneem is in die trommels

was. Die beskuldigde was vaag want volgens sy antwoorde was dit duidelik dat hy ook nie bewus was daarvan dat die dokumente in die trommels nie voor in 1995 by Bosch kon aangekom het nie. M.b.t. houters met chemikalieë in sy kluis is sy getuienis duidelik dat tydens die bestaan van die projek daar wel sulke houters kon gewees het. Hy het geen verdere toegewing gemaak nie.

[1542] As al die getuienis nou ontleed word dan blyk die volgende:

1. Die beskuldigde het vir Bosch gevra vir stoorplek toe hy beplan het om te trek.
2. Bosch het toegestem en het nooit geweet wat gestoor sou word nie.
3. Mijburg en die beskuldigde het die dokumente van RNL by Immelman gaan haal. Dit was in twee trommels gepak. Dit is onseker wanneer dit was.
4. Op die vroegste gedurende April 1995 het Mijburg vier trommels met dokumente by Bosch aangebring. (Die een dokument is 'n kontrak van die beskuldigde wat gedateer is April 1995)
5. Alhoewel Bosch dit nie weer met die beskuldigde bespreek het nie, het hy aanvaar dat die trommels in opdrag van die beskuldigde by hom gestoor word.
6. Daar is geen getuienis oor waar die ander twee trommels vandaan kom nie.
7. Dit blyk nie of die houters met dwelms uit Immelman se trommels kom of uit die ander twee nie.
8. Mijburg en Bothma het die resultate van Projek Coast se navorsing op optiese skyf geplaas.
9. Die beskuldigde was vir 'n groot gedeelte van 1993 in die buiteland.
10. Mijburg en Swanepoel was goed vertrouwd met baie van die bedrywighede van Projek Coast.
11. Die beskuldigde het nooit toegegee dat die dwelms wat in die trommels gevind is by sy huis gevind is nie. Trouens hy het bloot getuig dat toe hy nog by die projek betrokke was hy soms houters in sy kluis gehad het wanneer dit na ander laboratoriums geneem moes word.
12. Daar moes 'n geruime tyd verloop het tussen die tydstip toe die trommels wat die beskuldigde en Mijburg by Immelman gekry het in Centurion aangekom het en die tydstip toe Mijburg vier trommels by Bosch afgelewer het.

13. Die tromele wat van Immelman af gekom het moes uitgepak gewees het sodat die dokumente op optiese skyf gestoor kon word.
14. Daar is geen getuie nis of 'n suggestie waar die ander twee tromele vandaan kom en wat daarin gepak was nie. Daar is ook geen getuie nis oor wie dit gedoen het nie. Dit is goed denkbaar dat Mijburg en Bothma daarby betrokke kon gewees het. Bothma is egter as 'n getuie deur die Staat geroep en is nie daaroor gevra nie.
15. Daar is nie getuie nis wat aantoon dat die twee houe rs uit die tromele kom wat vanaf Immelman ontvang is nie. Dit kon net sowel uit een van die ander twee tromele gekom het. Behalwe vir Bosch se vaste geloof dat al vier die tromele die beskuldigde sin was en die feit dat daar van die beskuldigde se persoonlike artikels en projek dokumente in van die tromele was (Dit is glad nie duidelik of die beskuldigde se persoonlike items in 'n trommel wat van Immelman af gekom het of nie was nie.) is daar absoluut niks wat aantoon dat die beskuldigde betrokke kon gewees het by die aankoop van en inpak in die ander twee tromele nie.
16. Die persoonlike items van die beskuldigde kon baie maklik in sy kantoor gewees het en in die tromele geplaas gewees het deur diegene wat die tromele gepak het. Hy is breedvoerig gekruisverhoor by die borgverrigtinge en dit was sy standpunt dat hy nie betrokke was by die verwydering van items vanaf sy huis, na die Steyn verslag nie (einde 1992), of by die verpakking van die tromele wat by Bosch gestoor is nie (vermoedelik gedurende 1995).

[1543] Om te bevind dat die beskuldigde bewus was van die twee houe rs in een of twee van die vier tromele en dat dit deur Bosch vir hom gestoor is sal suiwer bespiegeling wees. Dit is seer sekerlik nie die enigste moontlike afleiding uit die getuie nis wat voor die hof geplaas is nie. Trouens, in die lig van die beskuldigde se kruisverhoor by die borgverrigtinge, is dit onwaarskynlik dat hy betrokke kon gewees het by die pak van die tromele. Daar is geen aanduiding dat hy kon of moes geweet het van die houertjies met die dwelms in die tromele nie.

[1544] In my oordeel is daar nie voldoende getuienis deur die Staat voor die hof geplaas om die beskuldigde op hierdie twee klagte op sy verdediging te plaas nie. Hy word gevolglik op aanklagte 28 en 29 ontslaan.

AANKLAG 30

[1545] Aanklag 30 is 'n aanklag van handel en in die aletrnatief besit van Metakoloon. In die klagstaat beweer die Staat dat die beskuldigde gedurende die tydperk 1985 tot 1992 handel gedryf het in 100 000 pille en 1200kg Metakoloon.. In die opsomming van die wesenlike feite word uiteengesit dat die beskuldigde vir ene Steven Beukes, 'n apteker wat diensplig gedoen het, opdrag gegee het om 'n masjien aan te koop wat tablette kon saampers. Beukes het dit gedoen, 'n grondstof van die beskuldigde ontvang en 100 000 tablette vervaardig en aan die beskuldigde oorhandig. Gedurende 1988 het Delta G 1200kg Metakoloon vervaardig. Die beskuldigde was die projekoffisier. Die Metakoloon is in 'n stoor bewaar en aan die beskuldigde oorhandig. Gedurende 1992 het die beskuldigde 100 000 Mandrax tablette aan Phaal aangebied om te verkoop teen 'n wins van R10 per tablet.

[1546] Wat die 1200kg Metakoloon aanbetref is daar getuienis voor die hof dat dit in Januarie 1993 in die see gegooi is. Daar is in ieder geval geen getuienis dat die beskuldigde daarmee gehandel het, anders as ter bevordering van die projek nie. In hierdie aansoek gaan dit suiwer oor die 100 000 tablette wat Steven Beukes vervaardig het. Namens die beskuldigde is betoog dat die klag slegs betrekking het op die 100 000 tablette en die antwoord van die Staat handel ook net met die 100 000 tablette.

[1547] Beukes het getuig dat die beskuldigde hom gedurende 1985 te Speskop genader het om 'n masjien aan te koop waarmee pille gemaak kan word, dat hy die nodige navrae gedoen het en 'n masjien aangekoop het wat deur die S A Weermag betaal is. Hy sê dat hy toe gevra is om Mandrax tablette te vervaardig. Die ponsse en die snyblokke van die masjien is toe gebruik om 'n vorm te skep met MX aan die een kant van die tablet en RL aan die ander kant van die tablet. Volgens hom het hy toe 100 000 van die tablette vervaardig. Hy sê dat die beskuldigde hom 'n soort van 'n formule gegee het waarin daar diphenhidramien, antihistamien, mieliestysel en aartappelstysel voorgekom het. Hy is verwys na 'n artikel afkomstig van Rochelle Laboratories waarin die formule vir Mandrax beskryf word. Hy het gesê dat wat hy gemaak het baie dieselfde gelyk het. Hy

sê dat hy die stysel gekoop het en dat die aktiewe bestanddele deur die beskuldigde in dromme aan hom verskaf is. Die tablette is vervaardig oor 'n periode van ongeveer 3 maande..

[1548] Gedurende kruisverhoor het hy toegegee dat dit belangrik was dat die tablette soos Mandrax tablette moes lyk, met die klem op die “moes lyk”. Dit is aan hom gestel dat in opdrag van die bevelvoerder van Spesiale Magte tablette wat soos Mandrax tablette lyk vervaardig moes word ten einde operateurs van Spesiale Magte in staat te stel om MK te infiltreer ten einde die infiltrasie roetes te bepaal. Dit is aan hom gestel dat die tablette nie 'n aktiewe bestanddeel bevat het nie. Hy is gevra of hy dit wil weerspreek en het soos volg geantwoord:

[1549] *“I never analyzed the ingredients so I do not know if the ingredient was methaqualone”*

[1550] Die hof het Speskop tydens die verhoor op inspeksie besoek. Dit is 'n groot kompleks met 'n baie gesofistikeerde sekuriteitstelsel. 'n Hele groep mense werk daar en het sekerlik ook gedurende 1985 daar gewerk. Die beskuldigde was destyds die projekoffisier maar ook verbonde aan 7 Mediese Bataljon. Behalwe dat hy opdrag gegee het aan Beukes om pille te maak wat lyk soos Mandrax tablette, is daar niks wat aandui wat in 1985 met die pille gedoen is nie. Dit is nie baie waarskynlik dat hy die pille laat maak het om in 1992 vir Phaal te vra om dit van die hand te sit nie, veral nie as in ag geneem word dat Phaal toe in 'n bitter stryd met die S A Weermag betrokke was nie oor sy uittreepakket. Hy het juis gedreig om klandestine optrede van die verlede aan die media te openbaar. Dit sou gewis water op sy meul gewees het by sodanige openbaarmaking.

[1551] Ek het die Staat se saak verstaan om te wees dat die beskuldigde nie aangekla word vir optrede wat hy in opdrag as projekoffisier uitgevoer het nie. Hy word aangekla vir onregmatige optrede buite sy opdrag. Hy het openlik vir Beukes opdrag gegee om 'n masjien aan te koop en dit deur die Weermag laat betaal. Beukes het sy opdrag binne die Weermag kompleks uitgevoer. Daar is nie die geringste suggestie dat enigiemand in die Weermag ontevrede was met wat geskied het nie. Dit is moeilik om te dink dat die

beskuldigde die opdrag aan Beukes gegee het anders as binne sy diensbestek. Die Staat probeer nie aantoon dat die beskuldigde enige geld vir dwelms verdien het gedurende die bestaan van die projek nie.

[1552] Daar is nie 'n enkele van daardie pille voor die hof om aan te toon wat die inhoud daarvan was nie. Daar is nie getuienis dat daar 'n skielike oorfloed van Mandrax op enige mark was nie. In die lig van Beukes se erkenning dat hy nie geweet het wat die samestelling van die pille gewees het nie is daar werklik niks om die Staat se saak te ondersteun nie. Die argument dat die beskuldigde vir Beukes moes gesê het dat die pille skadeloos is gaan eenvoudig nie op nie omdat die "moet weet"-beginsel gegeld het. Dit was onnodig om vir Beukes te sê dat die pille skadeloos was, indien hulle wel skadeloos was. Ons weet dat Grant Wentzel onskuldig bevind is omdat die deskundige wat die Ecstasy ontleed het nie 'n volledige beskrywing gegee het van presies watter metode gevolg is om te bepaal watter substans betrokke was nie. Dit ten spyte daarvan dat die bevinding was dat die substans Ecstasy was. By sake van hierdie aard is daar sonder uitsondering betroubare deskundige getuienis nodig om aan te toon dat die substans 'n verbode substans was. In hierdie geval is daar hoegenaamd geen sodanige getuienis nie. Die Staat se saak is blote bespiegeling. Die beskuldigde is geregtig op sy ontslag op aanklag 30.

DIE SAMESWERING- EN AANVERWANTE AANKLAGTE

AANKLAGTE 36 en 37

[1553] Aanklag 36 is 'n aanklag van aanstigting. Dit word beweer dat die beskuldigde gedurende 1983 die SAW, en meer spesifiek die bevelstruktuur van die Direktoraat Spesiale Take uitgelok en/of aangestig en/of bevel het en/of verkry het om die volgende Renamo lede te wete B BOMBA, J MAKAKOLA, DOMINGOS, FELICIO en KATITA dood te maak. Die eerste alternatiewe aanklag is een van sameswering om die vermeldde persone dood te maak en die tweede alternatiewe aanklag is een van regsverdeling deurdat dit beweer word dat die beskuldigde met C J Van Niekerk en andere ooreengekom het om:

1. Die ware feite t.o.v. die ondersoek van die moord op ORLANDO CHRISTINA te verbloem; en/of

2. Nie die voorgeskrewe regsprosedure te volg in die geval van 'n onnatuurlike dood nie; en/of
3. Nie al die relevante feite in die Geregtelike Doodsondersoek te openbaar nie; en/of
4. Nie alle relevante bewysmateriaal aan die SAP beskikbaar gestel het nie, alternatiewelik met die SAP ooreengekom het om nie alle bewysmateriaal aan die geregshowe te openbaar nie; en/of
5. Die identiteite van die hoofverdagtes in die aangeleentheid nie aan die SAP te openbaar nie en deur aan te bevel dat die hoofverdagtes geëlimineer word; en/of
6. Nie die stappe te neem om die verdagte binne die voorgeskrewe datum voor die hof te bring nie.

[1554] In aanklag 37 beweer die Staat dat die beskuldigde en drs. Mijburgh en Bothma vir BOMBA en die ander vier persone in aanklag 36 vermeld aangerand het deur hulle met behulp van chemiese middels te ondervra. 'n Verdere bewering is dat een van die persone wat so ondervra is oordoseer is en in 1 Militêre Hospitaal opgeneem moes word. Dit word beweer dat hy vandaar deur J Theron en ene skutter Heyns geneem is en per vliegtuig vervoer is na Bloemfontein.

[1555] Op 17 April 1983 is die destydse Sekretaris-Generaal van Renamo, Orlando Christina, buite Pretoria vermoor deurdat hy geskiet is. Hy en 'n hele aantal Renamo lede is deur die SAW gehuisves by 'n plek bekend as Vofal. Daar is o.a. propaganda materiaal wat in Mosambiek uitgesaai sou word vervaardig. Die mense is deur die SAW betaal en gehuisves. Die top bestuur van Renamo wou hê dat die SAW alle persone op die basis na Mosambiek moes stuur. Die SAW was onder die indruk dat dit sou lei tot die uitwissing van al die persone wat teruggestuur word en het 'n ooreenkoms met Renamo gemaak dat 'n ondersoek hier gedoen sou word om te bepaal wie verantwoordelik was vir die sluipmoord en dat die skuldiges dan aan Renamo oorhandig sou word om voor 'n krygsraad verhoor te word. Die Staat het o.a. twee broers Viljoen wat speurders en kapteins van die SAP verbonde aan die Oos Randse Moord en Roofteenheid was geroep om te getuig. Dit blyk uit hulle getuienis dat hulle versoek is om 'n ondersoek na die moord in te stel en ook dat die hele ondersoek in die geheim gedoen is. Hulle het getuig dat die beskuldigde en ander dokters van 7 Mediese Bataljon by die ondersoek betrokke was maar het toegegee in kruisverhoor dat hulle funksie bloot was om normale mediese bystand te verskaf. Die Staat het gepoog om getuienis uit hulle te kry tot die effek

dat die beskuldigde aktief betrokke was by die ondervraging en in besonder deur die gebruik maak van chemiese middels. Dit is uitdruklik ontken deur almal wat deur die Staat geroep is op hierdie aanklagte. In besonder het die Staat dr. Bothma geroep wat een van die betrokke dokters was wat in die klagstaat vermeld word. Op versoek van die Staat is hy ooreenkomstig artikel 204 van wet 51 van 1977, die Strafproseswet, 'n vrywaring teen vervolging aangebied op hierdie aanklagte en ander aanklagte waaroor hy getuig het mits hy bevredigend getuig. Ook hy het ontken dat daar hoegenaamd van chemiese ondervraging gebruik gemaak is.

[1556] Verder steun die Staat op 'n dokument Bewysstuk 36B. Dit gee voor om 'n verslag te wees aangaande 'n ondersoek na die moord op Orlando Christina en om gedoen te gewees het deur vier groepe nl. o.a. die SAP, soos verteenwoordig deur lede van die Oos Raandse Moord en Roofteenheid, en die Suid Afrikaanse Geneeskundige Dienste. Alhoewel dit ongeteken is, is dit so opgestel dat dit onderteken moes word deur die twee kapteins Viljoen, deur kol. Van Niekerk en deur die beskuldigde as mede outeurs daarvan. Onder aan die dokument kom die letters "WB" voor. Daar is getuienis voor die hof dat die SAW tiksters die opsteller van 'n dokument se voorletters onder aan 'n dokument aangebring het. Die dokument is boonop gevind in die trommels waarmee breedvoerig in aanklagte 28 en 29 en ook weer in aanklag 64 gehandel word. Soos uit die bespreking van daardie aanklagte blyk is dit die Staat se saak dat die beskuldigde die dokumente in die trommels geplaas het en by Bosch gestoor het. Wat van belang is, is dat die dokument vermeld dat die S A Geneeskundige Dienste by die ondersoek **betrokke** was. Dit beveel ook die eliminasië van die vyf persone in die aanklagte vermeld aan. Dit gee ook die indruk dat die ondersoek wat na die moord gedoen is 'n hele aantal Mosambiekers as onderwerp gehad het, ook die Johannesburg groep wat klaarblyklik 'n soort van 'n mafia was. Die Staat wys ook daarop dat die beskuldigde volgens getuienis voor die hof wel 'n mate van beheer oor die Portugese taal gehad het.

[1557] Aan die ander kant egter is die dokument met die ander drie mede outeurs daarvan bespreek. Die Viljoens ontken dat hulle ooit die dokument gesien het en ontken dat dit 'n polisie dokument is. Kolonel van Niekerk ontken ook dat hy die dokument gesien het. Hy is weer doodseker dat dit nie 'n militêre dokument is nie. Sy getuienis is egter verder dat die beskuldigde se posisie sodanig was dat hy nie enige invloed in die

SAW besluitneming oor hierdie aangeleentheid gehad het nie en verder dat op die stadium toe die dokument opgestel kon gewees het nl 8 Mei 1983 die besluite in verband met die skuldiges reeds geneem was. Hy getuig verder dat indien die beskuldigde of enigiemand sodanige aanbevelings wou maak dit deur hom, in sy hoedanigheid as beampte by teeninligting gedoen sou moes gewees het en dat dit nie gedoen is nie anders sou hy dit onthou het. Dit is namens die beskuldigde gestel dat hy nie iets weet van die dokument nie.

[1558] Verdere relevante getuienis oor hierdie twee aanklagte is die getuienis van Theron oor 'n mededeling aan hom, toe hy met die hulp van skutter Heyns en die beskuldige 'n pasient vanuit 1 Militêre Hospitaal na die lughawe geneem het, vanwaar hy vervoer is na Bloemfontein. Hy het naamlik gesê dat die beskuldigde hom meegedeel het dat die pasient oordoseer is tydens 'n chemiese ondervraging t.o.v. die Orlando Christina moord. Heyns het getuig dat hy diensplig gedoen het en dat 'n persoon by die hospital gaan haal is, aan hom vasgeboei was en na die lughawe geneem is. Die Staat het probeer getuienis ontlok dat die persoon Potugeessprekend was maar was nie suksesvol in die poging nie.

[1559] Van Niekerk se getuienis maak dit duidelik dat die persone wat Orlando Christina vermoor het in die ondersoek geïdentifiseer is. Hulle is per vliegtuig vanaf Bloemfontein na die suide van Angola geneem. Daar was 'n hut wat sou dien as krygsraadlokaal waarin 'n krygsraad van Renamo gewag het. Die persone is aan die krygsraad oorhandig en die lede van die SAW het in die vliegtuig gewag. Die getuienis was dat hulle gedink het dat die sitting 'n tyd in beslag sou neem maar dat daar feitlik onmiddellik skote geklap het en dat die lyke na die vliegtuig gebring is. Hulle is toe in die see gegooi.

[1560] Hierdie aanklag illustreer baie mooi wat in hierdie reeks van aanklagte gebeur het. In sommige gevalle het die Staat 'n teorie gevorm van wat die Staat meen gebeur het. Die Staat het dan getuies geroep om die teorie te bewys. In plaas daarvan om die teorie te bewys het die getuies die teorie weerspreek. Dit het egter nie die Staat afgesit daarvan om steeds te vra dat die beskuldigde skuldig bevind moet word nie. Dit is doodeenvoudig geargumenteer dat insoverre die getuies die teorie weerspreek die hof na die geheelbeeld moet kyk en die direkte verontskuldigende getuienis moet verwerp. Daar is nie in een geval gepoog om 'n

getuie as 'n vyandige getuie te verklaar nie, na aanleiding bv. van 'n vorige weersprekende verklaring nie. Dit is nie vir my duidelik volgens welke beginsels dit vir die hof moontlik sou wees om direkte verontskuldigende getuienis te ignoreer en op omstandighedsgetuienis te steun nie.

[1561] Wat aanklag 36 aanbetref is dit essensieel vir die Staat se saak dat die beskuldigde aktief betrokke was by die ondersoek na die moord. Die getuienis is egter tot die teendeel. Elke getuie wat betrokke was by die ondersoek insluitende Bothma getuig juis tot die teendeel en sê dat 7 Mediese Bataljon betrokke geraak het omdat een van die ondervraers een van die persone ernstig beseer het tydens die ondervraging en dat hy mediese behandeling moes ontvang en dat die teenwoordigheid van die dokters verder bloot was om, indien nodig, mediese hulp te verleen. Verder wesenlik vir die Staat se teorie was 'n bevinding dat die beskuldigde en die ander dokters van chemiese ondervraging gebruik gemaak het. Ook dit is deur iedere en elke betrokke getuie weerspreek. Die enigste vraag is nou of die hof moontlik aan die einde van die saak sal kan bevind, na aanleiding van 'n ongetekende dokument, die oorsprong waarvan in die lug hang en die beweerde erkenning aan Theron dat die direkte getuienis wat die Staat voor die hof geplaas het nie redelik moontlik waar kan wees nie. As daar bygevoeg word dat volgens van Niekerk se getuienis die dokument nie 'n militêre dokument is nie, dat die beskuldigde as kommandant geen invloed op die besluitneming kon hê nie, dat enige aanbeveling deur die beskuldigde deur hom moes geskied het en dat daar nie so 'n aanbeveling was nie dan kan ek nie sien dat daar die geringste moontlikheid bestaan dat die beskuldigde skuldig bevind kan word deur enige redelike hof nie. Hy is gevolglik ontslaan op aanklag 36.

[1562] Wat aanklag 37 aanbetref is die posisie dieselfde. In hierdie geval egter is, indien moontlik, die Staat se saak nog meer gekompliseerd. Ten einde 'n skuldigbevinding te kan kry moet dit bevind word dat die betrokkenes chemies ondervra is. Die direkte getuienis is oorweldigend dat daar nie chemiese ondervraging toegepas is nie. Behalwe vir al die polisie en ander getuies wat direk met die ondersoek gemoeid was en wat ontken dat daar sodanige ondervraging was word dit ook deur 'n beweerde mede oortreder, Bothma, wat 'n 204 vrywaring ontvang het, ontken. Verder het die Staat nie vir Mijburgh die ander mede oortreder geroep nie.

Hoe die hof hierdie getuienis sal kan verwerp ten gunste van die beweerde erkenning aan Theron is nie vir my duidelik nie. Die beskuldigde is gevolglik ook ontslaan op aanklag 37.

AANKLAG 38

[1563] Hierdie is 'n aanklag van sameswering. Dit word beweer dat gedurende November/Desember 1983 te Spesmagte en die H. A. Grove Navorsingssentrum, Pretoria die beskuldigde, D Goosen en P Mijburgh saamgesweer het om ene Roland Mark Hunter te vermoor. Die bewerings namens die Staat, volgens die klagstaat en die opsomming van die wesentlike feite, is kortliks soos volg: Hunter was 'n dienspligtige verbonde aan die Direktoraat Spesiale Take van die SAW. Hunter was polities gekant teen die SAW se betrokkenheid by Renamo en in Mosambiek. Hy het inligting aan die ANC verskaf. Hy is geïdentifiseer as die spioen. Van Niekerk het van die beskuldigde verneem of daar nie 'n metode is om die aangeleentheid te hanteer sonder die blootstelling van 'n openbare verhoor in die hof. nie. Die beskuldigde se voorstel was dat hy met slanggif ingespuut word en dat 'n lewendige slang dan by hom gelaat word om die indruk te skep dat hy deur die slang gebyt is. Die beskuldigde het vir Goosen gesê dat 'n vyand van die staat geïdentifiseer is en dat slaggif en 'n slang nodig word om van hom ontslae te raak. Goosen het vir die beskuldigde mambagif en 'n lewendige mamba gegee om die operasie uit te voer.

[1564] Hunter se getuienis is bloot dat hy wel vertroulike informasie aan die ANC verskaf het en dat hy op 8 Desember 1983 gearresteer is. Dit blyk ook dat hy kort daarna skuldig gepleit het en tot 'n termyn gevangenisstraf veroordeel is. Goosen se getuienis is dat die beskuldigde hom gevra het vir mambagif en 'n lewendige mamba. Hy sê dat die beskuldigde hom meegedeel het dat hulle dit wil gebruik op 'n vyand van die staat en dat hulle hom in die veld sal vasdruk, met mambagif inspuut, die tande van die mamba in sy vel druk, die mamba doodslaen en dan sal sê dat hy van slangbyt dood is. Volgens hom het dit gebeur gedurende Augustus/ September 1983. Hy het toe mambagif en 'n mamba aan die beskuldigde oorhandig. Hy het nie geweet wie die teiken was nie. Maande later het Mijburgh die slang teruggebring en gesê dat Fielies

(klaarblyklik die slang se bynaam) sy werk gedoen het. Daar is ook getuienis dat die mamba vir 'n geruime tyd in 'n glashok in een van die kantore by Speskop aangehou is.

[1565] Kolonel van Niekerk was Hunter se hoof. Hulle het agter gekom dat inligting uitlek. Hulle het uiteindelik vir Hunter geïdentifiseer as die betrokke persoon en hom laat arresteer. Omdat 'n hoogverraadverhoor vir die staat 'n verleentheid kon wees het die Prokureur-Generaal 'n aanvaarbare alternatief voorgestel nl. dat Hunter in ruil van 'n pleit van skuldig vir 'n mindere aanklag aangekla sou word. Hy bevestig ook dat Hunter in Desember 1983 gearresteer is en dat hy baie kort voor dit geïdentifiseer is. Hy het getuig dat hy by geleentheid 'n teoretiese vraag aan die beskuldigde gevra het oor hoe 'n persoon gedood kon word op 'n nie-terugspoorbare wyse, sonder om 'n spesifieke persoon te noem. Volgens hom was dit die beskuldigde se antwoord dat dit met mambagif gedoen kan word. Hy het die beskuldigde gevra omdat hy een die dokters was wat mediese steun verleen het aan die eenhede waarby hy betrokke was. Hy wys daarop dat hy in ieder geval nooit 'n persoon sou identifiseer aan die beskuldigde nie omdat dit nie vir die beskuldigde nodig was om die persoon se identiteit te ken nie. Hy ontken dat daar enige sameswering tussen hom en die beskuldigde was om vir Hunter te vermoor.

[1566] Generaal Nieuwoudt het ook m.b.t. hierdie aanklag getuig. Volgens hom is daar gedurende die tweede helfte van 1983 vasgestel dat daar 'n lekkasie was en is daar mettertyd vasgestel dat dit Hunter was. Die aangeleentheid is nie onmiddellik aan die Veiligheidspolisie rapporteer nie. Hy het opdrag van sy hoof, Generaal van der Westhuizen ontvang om na die beskuldigde te luister oor 'n moontlike plan om die probleem op te los. Die beskuldigde het 'n plan aan hom voorgehou naamlik dat Hunter na 'n grenspos in Suidwes-Afrika geneem moes word waar 'n slangbyt nageboots moes word. Voordat hy die plan aan sy hoof kon voorlê het lg. hom in kennis gestel dat aan die Veiligheidspolisie gerapporteer moes word sodat Hunter gearresteer kon word. Hy het in kruisverhoor aangedui dat Hunter binne twee tot drie dae nadat hy geïdentifiseer is gearresteer is deur die Veiligheidspolisie. Volgens hom kon die beskuldigde nie geweet het van Hunter voor baie kort voor sy arrestasie gedurende Desember 1983 nie. Hy sê dan ook dat hulle eerste geweet het dat Hunter die spioen is en dat Goosen se suggestie dat die verskaffing van die slang in

September vir Hunter was, nie waar kon wees nie. Hy is ook baie beslis dat daar in die SAW geen sameswering was om Hunter te vermoor nie.

[1567] Dit is duidelik dat van Niekerk en Nieuwoudt nie die Staat se saak dat daar 'n sameswering was om vir Hunter te vermoor tot stand gekom het nie, steun nie. Volgens van Niekerk het hy 'n blote hipotetiese vraag aan die beskuldigde gestel en het die beskuldigde definitief nie geweet of daar 'n slagoffer sou wees, en indien wel, wie die slagoffer sou wees nie. Volgens Nieuwoudt was daar 'n mening van die beskuldigde ingewin op 'n stadium toe daar nog geen vaste plan was om Hunter te vermoor nie. Voordat sy mening nog voorgelê kon word vir oorweging was dit reeds besluit dat Hunter gearresteer moes word en aangekla moes word. Daardie getuienis is verdoemend teen die Staat. Aan die ander kant is daar Goosen se getuienis dat hy die slang aan die beskuldigde voorsien het tesame met mambagif en die beskuldigde se mededeling dat 'n vyand van die Staat vermoor gaan word.

[1568] Die vraag is dan of hierdie drie getuies se getuienis nie tog op 'n manier versoen kan word op die basis dat die twee weermagdele hulle betrokkenheid by die voorval onderspeel nie en dat die plan al 'n gevorderde stadium van uitvoering bereik het voordat dit geabandoneer is nie. In hierdie verband is dit nodig om na een van mnr. Pretorius se argumente te verwys. Dit is duidelik dat die mamba wat in Augustus/September 1983 deur Goosen aan die beskuldigde verskaf is nie vir Hunter bedoel kon gewees het nie omdat Hunter eers in Desember 1983 geïdentifiseer is. Mnr. Pretorius het dit nie as 'n probleem gesien nie. Hy wys daarop dat Kennedy van Nasionale Intelligensie getuig het dat hulle oor 'n periode van maande met ander instansies geskakel het en dat hulle bewus was van die lekkasie. Hy stel dan voor dat Hunter reeds by Augustus/ September geïdentifiseer kon gewees het maar dat van Niekerk en Nieuwoudt en sekerlik ook Generaal van der Westhuizen in die duisternis gehou is. Dit beteken dan dat die beskuldigde se seniors in die duister gehou is, deur ongeïdentifiseerde werkers van die destydse Staat, terwyl die beskuldigde en Goosen besig was om 'n moordplan te smee, nadat die beskuldigde op een of ander onverklaarbare wyse bewus geword het dat Hunter die spioen was en hierdie eliminاسie sonder die kennis van sy seniors probeer orkestreer het. Dit is klaarblyklik 'n drogredenاسie wat van alle realisme ontbloot is. Dit is ondenkbaar dat as Hunter in September reeds aan die kaak gestel was dat die Veiligheidsmagte sou toelaat dat sy afdeling

waaruit hy inligting aan die vyand oordra netso kon voortgaan om inligting te lek, tot in Desember. Daar kan tog geen rede gewees het om nie sy seniors in te lig dat hy die spioen was nie. Dit was boonop hulle getuienis dat hulle ontdek het deur vals inligting aan Hunter te verstrek dat hy die persoon was wat die inligting gelek het, kort voor sy arres in Desember 1983. Waarom sou ander afdelings wat saamwerk die betrokke afdeling in die duister laat en met 'n ondergeskikte in die betrokke afdeling heul om daardie afdeling se probleem op te los. Die feit van die saak is dat Goosen die mamba aan die beskuldigde verskaf het lank voordat Hunter geïdentifiseer is. Dit kon dus nie vir Hunter bedoel gewees het nie. Daarby moet Mijburgh se beweerde mededeling kom dat Fielies sy werk gedoen het. Watse werk? Daar was geen aanslag op Hunter se lewe nie. Fielies se werk kon netsowel gewees het dat eksperimente gedoen is met gif wat van hom afkomstig was. Daar was myns insiens net hoegenaamd nie enige getuienis waarop 'n redelike hof die beskuldigde kon skuldig bevind aan die beweerde sameswering nie. Die beskuldigde is gevolglik ontslaan op aanklag 38.

AANKLAGTE 39,40 en 41

[1569] Hierdie drie aanklagte saam met aanklagte 42, 43 en 44 het betrekking op een voorval wat gedurende November 1983 plaasgevind het. Theron en Bothma het met Kombi's vanaf Pretoria na Dukuduku gereis. In die Kombi waarin Bothma was was daar drie persone. Bothma het hulle met 'n susmiddel gesedeer. Op Dukuduku is hulle deur Theron aan bome vasgeketting en is hulle met 'n substans gesmeer deur Bothma. Hulle is deur die nag so vasgeketting aan die bome gelaat. Die volgende dag was hulle steeds lewendig en is hulle ingespuut. Dit wil lyk of hulle eers ingespuut is met Ketelaar en daarna met Tubarine en Scoline. Hulle het gesterf en is in lyksakke gesit. Hulle is in 'n vliegtuig gelaai wat deur van der Linde geloods is. Theron en Bothma was albei in die vliegtuig en die drie lyke is in die Indiese oseaan gestort.

[1570] In die klagstaat beweer die Staat dat die beskuldigde skuldig is aan poging tot moord op aanklagte 39-41 en aan moord op aanklagte 42-44. Dit word aangevoer in die Opsomming van die Wesenlike Feite dat die beskuldigde vir Bothma opdrag gegee het om Theron te vergesel op 'n sending waar drie mans gedood sou word. Dit word verder beweer dat hy 'n jellieagtige self aan Bothma gegee het wat aan die aangehoudenenes gesmeer moes word alvorens hulle om die lewe gebring sou word. Bothma moes ook aan die beskuldigde terugrapporteer watse effek die self gehad het. Dit is verder aangevoer dat Bothma en Theron toe die drie persone na Dukuduku vervoer het en die volgende oggend jellieagtige self aan hulle gesmeer het met die doel om hulle om die lewe te bring. Dit was 'n proefneming. Die self het hulle egter nie gedood nie. Die oorledenes sou daarna gedood word deur hulle met Tubarine en Scoline in te spuit maar op aandrang van Bothma is hulle eers met Ketelaar verdoof. Hulle is dood, in die vliegtuig gelaai en in die see gegooi. Die Staat beweer dat die middels deur die beskuldigde of deur bemiddelling van die beskuldigde verskaf is.

[1571] Wat aanklagte 42-44 aanbetref vorm dit deel van die Staat se saak dat die beskuldigde deel was van 'n sameswering om vyande van die Staat met middels in te spuit en te dood. Die Staat se saak was dat die beskuldigde die middels of direk aan Theron verskaf het of gereël het dat dit aan hom verskaf word. Die

jellieagtige salf wat aangewend is en welke aanwending die grondslag van aanklagte 39-41 vorm is egter nie in daardie kader nie. Die getuienis is ontleed slegs vir die doeleindes van die die artikel 174 aansoek m.b.t. aanklagte 39-41.

[1572] Van der Linde se getuienis bewys onteenseglik dat mense by Dukuduku gedood is, op die vliegtuig gelaai is en in die see gestort is. Dit is egter nie van enige hulp vir die beantwoording van die vraag of die beskuldigde direk of indirek betrokke was by die grusame operasie nie. Die ander twee relevante getuies was Bothma en Theron en hulle getuienis verskil wesenlik van mekaar. Albei van hulle was gewaarsku ingevolge artikel 204 en is op hulle eie getuienis medepligtiges by die operasie.

[1573] Volgens Bothma het die beskuldigde hom opdrag gegee om by Theron te rapporteer en hom behulpsaam te wees by 'n operasie waar mense gedood sou word. Hy moes die persone sedeer tydens die rit, salf aan een smeer om die uitwerking daarvan op die vel te evalueer en hulle dood sertifiseer nadat Theron hulle vermoor het. Hy het getuig dat hy die beskuldigde gevra het of die stof gevaarlik is maar die versekering ontvang het dat die stof nie gevaarlik is nie en bloot 'n draerstof was. Volgens hom het die beskuldigde nie geweet waar die voorval sou plaasvind nie. Hy het ook getuig dat toe Theron aangedui het dat die mense nou om die lewe gebring moet word hy ontsteld was en weggestap het in die rigting van die skietbaan. Toe hy terugkeer was Theron reeds besig om hulle in lyksakke te sit. Volgens hom was hy dus nie betrokke by die doodmaak van die mense nie en het hy dit ook nie waargeneem nie. Hy sê dat by sy terugkeer na Pretoria hy die beskuldigde meegedeel het dat die salf wat hy aan die een persoon gesmeer het geen effek gehad het nie en dat die beskuldigde hom nie verder daaroor uitgevra het nie. Hy het egter ook getuig dat toe Theron aangedui het dat hy die mense met Tubarine gaan inspuit hy vir Theron gesê het dat dit onmenslik sou wees en aan hom 'n ampule Ketelaar gegee het om hulle te sedeer voor die inspuiting met Tubarine.

[1574] Gedurende kruisverhoor het hy toegegee dat in 'n verklaring aan KEEM hy nie gemeld het van chemiese toetse waarby hy betrokke was nie. Hy gee ook toe dat hierdie voorval op 'n spesifieke vraag gemeld behoort te gewees het. Hy gee ook toe dat in sy volledige verklaring oor die voorval hy nie gemeld het

dat hy aan die beskuldigde terugrapporteer het nie. Hy kon nie verduidelik waarom nie. Behalwe vir die jellieagtige self wat hy beweer hy by die beskuldigde gekry het, het Bothma nie getuig dat hy opdrag van die beskuldigde gehad het om middels aan Theron te verskaf nie.

[1575] Theron het getuig dat die beskuldigde hoegenaamd nie by die voorval betrokke was nie. Hy was vir 'n lang tyd nie by Spes magte nie. Die getuie se indruk was dat hy of op Stafdienskursus was of oorsee. Hy het na die beskuldigde gaan soek maar hy kon hom nie kry nie. Volgens sy getuienis kon die beskuldigde nie by die voorval betrokke gewees het nie. Hy het verder getuig dat dit die tyd was wat Bothma hom van Tubarine en Scoline voorsien het en dat die oorledenes waarskynlik met van daardie middels gedood is.

[1576] Die twee mense se getuienis is doodeenvoudig nie versoenbaar nie insoverre die Staat poog om daardeur aan te toon dat die beskuldigde betrokke was by die operasie, of selfs net kennis gedra het daarvan nie. Volgens Bothma het Theron geweet dat die beskuldigde vir hom (Bothma) na Theron gestuur het. Volgens Theron was die beskuldigde nie betrokke nie en kon hy nie betrokke wees nie omdat hy vir so 'n lang tyd glad nie by Spes Magte was nie. Die argument namens die verdediging is korrek nl dat die enigste basis om die beskuldigde aan hierdie drie aanklagte skuldig te bevind is om Theron se definitiewe getuienis te verwerp en dié van Bothma te aanvaar en dan weer vir 'n skuldigbevinding aan die moordaanklagte Theron se getuienis te aanvaar en Bothma s'n te verwerp. Bothma se getuienis dat hy drie persone, wat in die see gegooi moes word, moes dood sertifiseer het hoegenaamd geen oortuigingskrag nie. Ek kan nie sien dat 'n redelike hof ooit sal kan bevind dat Bothma se getuienis 'n redelike twyfel waar moet wees en dat die getuienis van Theron op hierdie aspek verwerp moet word nie.

[1577] Daar is 'n verdere probleem met die Staat se saak en dit is dat volgens Bothma se getuienis die beskuldigde hom die versekering gegee het dat die middel nie gevaarlik is nie en dat hy ook nie gedink het dat die middel gevaarlik is nie. Hy het van die middel aan hom laat kom en het niks daarvan oorgekom nie. Die persoon aan wie hy daarvan gesmeer het, het ook niks oorgekom nie. Die aanklag is een van poging tot

moord. Dit klink onlogies om te aanvaar dat 'n persoon iemand wou doodmaak deur 'n skadelose salf aan hom te smeer.

[1578] In al die omstandighede was ek van oordeel dat daar geen vooruitsig bestaan het dat 'n redelike hof die beskuldigde sou kon skuldig bevind aan hierdie drie aanklagte nie, en het ek hom daarop ontslaan.

AANKLAG 52

[1579] Dit word beweer dat die beskuldigde, Phaal en Theron gedurende Maart/April 1986 en te Pretoria vir ene VICTOR M DE FONSECA vermoor het. In die Opsomming van Wesenlike Feite word vermeld dat De Fonseca, 'n Spes Magte lid, breinkanker ontwikkel het en begin uitpraat het oor klandestiene operasies. Daar is besluit dat hy uit die weg geruim moes word omdat hy 'n sekerheidsrisiko daarstel. Dit word beweer dat die beskuldigde, Phaal en Theron die aangeleentheid bespreek het en dat voorgestel is dat de Fonseca soos die SWAPO lede geëlimineer moes word maar dat Theron geweier het en voorgestel het dat hy in die hospitaal moes sterf.. Dit word beweer dat Phaal hom eers tee, wat met 'n gifstof gekontamineer was, gegee het en ongeveer 'n week later lemoensap wat 'n toksiese substans bevat het laat drink het, en dat hy 'n week later siek geword het en op 10 April 1986 in 1 Militêre Hospitaal oorlede is.

[1580] Theron se getuienis is soos volg. Hyself het nie met die voorval te doene gehad nie. Hy en Phaal het die geval bespreek maar hy het geweier om de Fonseca in sy sisteem in te bring. Hy het die geval ook met die beskuldigde bespreek. Die beskuldigde het vir hom gesê dat de Fonseca moeilik dood is en dat sy vrou baie ontsteld was. Die beskuldigde het vir hom gesê dat hy by die doodmaak van de Fonseca betrokke was. Hy ontken dat hy enige middels aan Phaal verskaf het of enige opdragte aan hom gegee het. Hy het ook in sy getuienis in hoof gesê dat hy nie weet waaraan de Fonseca oorlede is nie. Hy sê ook dat hy altyd 'n vermoede gehad het dat die beskuldigde by de Fonseca se dood betrokke was.

[1581] Phaal het getuig dat Theron die dood van de Fonseca georkestreer het. Hy (Theron) het aan hom opdrag gegee om vir de Fonseca te vergiftig. Hy het eers 'n middel van of Theron of Bothma ontvang wat hy in

in de Fonseca se tee gegooi het. Dit het nie gewerk nie. 'n Week later het hy 'n middel van Theron ontvang met 'n opdrag om dit vir de Fonseca in te gee. Hy het dit gedoen deur dit op 'n heimlike manier in sy lemoensap in te spuit en hom dit laat drink maar ook dit het oënskynlik nie vir de Fonseca nadelig aangetas nie. Phaal se getuienis is nie baie oortuigwend oor wie van die beskuldigde of Theron hom meegedeel het dat de Fonseca oorlede is nie.

[1582] As jy die twee getuies se getuienis ontleed dan is daar baie ernstige verskille. Volgens Theron was hyself glad nie by die voorval betrokke nie. Al wat hy daarvan weet is dat hy niks daarmee te doen wou hê nie en die mededeling dat de Fonseca oorlede is en dat sy weduwee baie ontsteld was. Phaal aan die ander kant sê dat Theron hom opdrag gegee het om vir de Fonseca te vergiftig. Dit blyk uit sy getuienis dat wat hy ook al vir de Fonseca ingegee het hom nie op die oog af aangetas het nie. Nog Theron nog Phaal kon enige lig werp op die oorsaak van die oorledene se dood.

[1583] 'n Onoorkomentlike probleem vir die Staat is in die volgende geleë. Ten einde die saak teen die beskuldigde te beklink het die Staat vir de Fonseca laat opgrawe en opnuut 'n lykskouing op hom laat uitvoer. 'n Verslag is uitgebring en daarvolgens was die oorsaak van dood longontsteking. Die Staat het boonop die getuienis van 'n bekwame toksikoloog dr. Muller gelei. Hy het die beskikbare feite onder oë geneem en was baie definitief dat die oorledene nie aan Thaliumvergiftiging gesterf het nie. 'n Mens sou dink dat in daardie omstandighede die Staat sou besef het dat daar net eenvoudig nie enige getuienis is waarop 'n redelike hof die beskuldigde aan moord kan skuldig bevind nie. Dit was egter nie die geval nie. Mnr. Pretorius het jou werklikwaar geargumenteer dat de Fonseca aan Thaliumvergiftiging dood is. Hy het geargumenteer dat die beskuldigde en die personeel van RNL daarin gespesialiseer het om mense op onnaspeurbare wyse te vergiftig en dat dit ook hier moes gebeur het. Omdat die lykskouing baie jare later eers gedoen is voer hy aan dat die Thalium uitgelooë het. Dit is 'n naïewe argument, direk in stryd met oortuigende getuienis wat deur die Staat voor die hof geplaas is en klaarblyklik gebaseer op 'n subjektiewe bekouing dat daar niks is waaraan die beskuldigde nie skuldig is nie. Die beskuldigde is gevolglik op hierdie aanklag ontslaan.

AANKLAG 57:

[1584] Hierdie is 'n aanklag van poging tot moord. Die Staat beweer dat die beskuldigde gedurende 1989 met andere saamgesweer het om Eerwaarde Frank Chikane te vermoor. Die ander persone wat genoem word is A Immelman, Chris Smit, Gert Otto en Manie van Staden. Die Staat beweer dat die beskuldigde aan Immelman opdrag gegee het om gifstowwe aan operateurs en medewerkers van die SAPD nl. die voormelde Chris Smit, Gert Otto en Manie van Staden, te gee. Dit word beweer dat Immelman paraoxon op 4 April 1989 aan die drie persone gegee het ingevolge die opdrag. Die SAPD het toegang tot die bagasie van passassiers by die Johannesburgse Internasionale lughawe gehad en kon toegang tot die bagasie van spesifieke passassiers verkry. Die drie persone het die paraoxon wat hulle van Immelman ontvang het aan die klere van eerwaarde Chikane gesmeer, met die doel om hom te vermoor, nadat hulle heimlik toegang daartoe verkry het.

[1585] Dit is duidelik dat die Staat o.a. moet bewys dat die beskuldigde opdrag aan Immelman gegee het om gifstowwe aan die drie persone te gee en dat hulle daardie paraoxon aan Eerwaarde Chikane se klere gesmeer het. Vir die doeleindes van die artikel 174 aansoek is daar hoegenaamd nie gekyk na die vraag of die Staat se getuienis aantoon dat Eerwaarde Chikane inderdaad siek geword het weens paraoxonvergiftiging nie. Dit is egter so dat die getuienis aantoon dat hy elke keer wanneer hy klere wat uit sy tas, waarmee hy aanvanklik na Namibië gevlieg het, aangetrek het, siek geword het. Dit is ook so dat 'n afleiding dat daar met sy klere gepeuter is baie waarskynlik is.

[1586] Die verdediging het geargumenteer dat die Staat nie daarin geslaag het om te bewys dat die beskuldigde 'n opdrag aan Immelman gegee het om gifstowwe aan die drie persone te gee nie. Die argument is gevolglik dat dit nie vasstaan dat die gifstof met die beskuldigde verbind kan word nie. Alhoewel 'n groot aantal staatsgetuies artikel 204 vrywarings ontvang het en getuig het, het die Staat nie een van die drie persone geroep om te sê wat hulle afspraak met die beskuldigde was nie. Dr. Immelman het in kruisverhoor bevestig dat die beskuldigde bloot vir hom gesê het dat hy die drie persone kan help met middels indien hulle

hom daarvoor vra. Uit die aard van die saak kon hy nie ontken dat hulle vir die beskuldigde gevra het om te reël dat hulle inkapasiteermiddels kry waarmee hulle persone in oorgrensaksies kon buite aksie stel nie. Hy het dit ook nie ontken nie en het ook nie getuig dat hy nie uitvoering aan so 'n versoek sou kon gee nie. Dit is namens die beskuldigde aan hom gestel dat dit die reëling was wat die beskuldigde gemaak het. Dit is origins belangrik dat Immelman se getuienis bloot was dat die beskuldigde aanvanklik gereël het dat hy aan die drie persone se versoeke moes voldoen en dat die beskuldigde daarna nie betrokke was by enige van die ontmoetings wat hy met hulle gehad het nie. Daar is geen getuienis wat as 'n moontlikheid weerlê dat die beskuldigde net gereël vir die verskaffing van inkapasiteermiddels en dat hy onbewus was van die verskaffing van paraoxon aan die drie mense nie.

[1587] Dit is egter nie die Staat se enigste probleem nie. 'n Groter probleem lê daarin opgesluit dat die Staat probeer het om te bewys dat RNL se paraoxon op die lughawe aan Eerwaarde Chikane se klere gesmeer is. Van die deskundige staatsgetuies nl. drs. Davies, Psotta en Immelman het getuig dat paraoxon 'n olierige substans is en dat die teenwoordigheid daarvan vir lank daarna nog op klere gevind sou word. Daar is toetse op Eerwaarde Chikane se klere gedoen en geen paraoxon is daarop gevind nie. Dit veroorsaak nog 'n leemte in die Staat se saak. Dan het die Staat drie getuies nl. Zeelie, Beyers en Burger geroep om te bewys hoe die drie persone die paraoxon op die lughawe aan die klere gesmeer het.

[1588] Zeelie het getuig dat hy en Beyers vir Otto en van Staden by 'n restaurant te Jan Smuts lughawe ontmoet het en dat hy en Beyers meegedeel is dat 'n aksie uitgevoer gaan word waartydens gifstof aan Eerwaarde Chikane se klere gesmeer gaan word. Hy sê dat hy en Beyers gevra is om 'n persoon aan te beveel om behulpsaam te wees met sodanige aksie en dat hulle vir Burger aanbeveel het. Op 'n aand is hy en Beyers na die lughawe en was Otto en van Staden ook daar. Burger het die tas na hom en Beyers gebring. Hulle het dit oopgemaak en teruggegee aan Burger. Hy (Zeelie) het nooit die tas aan Otto en van Staden gegee nie maar aanvaar dat Burger dit gedoen het. Hy het niks verder met die aangeleentheid te doen gehad nie maar kan onthou dat 'n rukkie later (vanaf 'n paar dae tot so lank as 'n maand en 'n half later)

Hy in die koerante gelees het dat Eerwaarde Chikane vergiftig was en baie ernstig siek geword het terwyl hy oorsee was.

[1589] Volgens Beyers is hy van tyd tot tyd saam met Zeelie na die lughawe om tasse oop te maak. Hy dra nie kennis daarvan dat hy betrokke was by die oopmaak van Eerwaarde Chikane se tas nie maar sê dat een van die tasse wat hy oopgemaak het dalk Eerwaarde Chikane se tas kon gewees het. Hy het soms ander mense by sulke deursoekings opgemerk insluitende Otto. Hy ontken dat hy ooit meegedeel is dat hy betrokke sou wees by die deursoeking van Eerwaarde Chikane se tas. Indien so iets wel gesê sou gewees het sou hy dit definitief onthou het. Volgens hom het Burger by 'n geleentheid 'n tas vir hom en Zeelie gebring om oop te maak. 'n Paar dae later het hy in die koerante gelees dat Eerwaarde Chikane vergiftig is. Hy kon nie onthou dat Otto en van Staden toe op die lughawe was nie.

[1590] Burger het getuig dat Zeelie en Beyers hom op 'n stadium genader het en gevra het om behulpsaam te wees met die tas van Eerwaarde Chikane. Hy het die tas van die vervoerband gaan afhaal en aan hulle oorhandig in 'n vertrek. Hy het buitekant vir hulle gewag. Na 'n tyd het Beyers weer die tas vir hom teruggegee en het hy dit teruggeplaas op die vervoerband. 'n Tyd na die voorval het hy oor die nuus kennis geneem van die vergiftiging van Eerwaarde Chikane. Ofskoon hy aanvanklik onseker was oor die vraag of Otto en van Staden op die lughawe kon gewees het is hy baie definitief dat net Beyers en Zeelie daar was. Volgens hom het hy Otto en van Staden baie goed geken en het hulle A-permitte gehad, wat hulle vrye toegang tot enige plek op die lughawe verleen het. Sy getuienis is ook dat Otto en van Staden hom nooit genader het om hulle behulpsaam te wees met die tas van Eerwaarde Chikane nie.

[1591] Dit is duidelik dat hierdie drie weergawes op geen wyse met mekaar versoen kan word nie. Zeelie het nie gesien dat die tas aan Otto en van Staden oorhandig word nie. Hy het dit bloot aan Burger oorhandig. Hy lei af dat Burger dit aan hulle oorhandig het. Nog Burger, nog Beyers het vir Otto en van Staden op die lughawe gesien en volgens Beyers was hulle nie by die plek waar die tas oopgemaak is nie. Beyers weerspreek Zeelie direk oor die beweerde ontmoeting tussen hulle twee en Otto en van Staden op die

lughawe. Verder voer die verdediging aan dat dit onwaarskynlik is dat Otto en van Staden wat A-permitte het soveel ander mense sou betrek by 'n optrede soos hierdie. Volgens die argument is dit heeltemal onduidelik waarom Zeelie en Beyers hoegenaamd betrek is. Otto en van Staden het immers vir Burger goed geken.

[1592] Die Staat het besef dat daar hierdie probleme in die Staat se saak is en het geargumenteer dat die werklikheid soms tog snaakser as fiksie is. Die argument is dat daar nie paraoxon aan Eerwaarde Chikane se klere gevind is nie omdat al sy klere toe al opgebruik was en seker gewas was. So 'n moontlikheid is nie met hom as getuie geopper nie. Wat die beskuldigde se opdrag aan Immelman was argumenteer die Staat dat hy moes geweet het dat Immelman gifstowwe aan die drie persone oorhandig het. Dit word egter nie gestaaf deur Immelman se direkte getuienis nie. Trouens hy weerspreek dit. Verder het die Staat gevra dat 'n afleiding gemaak word uit die beskuldigde se antwoord op 'n vraag wat Immelman aan hom gestel het. Hy het naamlik geantwoord dat niemand weet nie, ook nie die Amerikaners nie. Die Staat het die vraag verstaan om te wees of dit nie dalk **RNL se paraoxon is** wat vir die vergiftiging verantwoordelik is nie. Dit was egter nie die vraag wat Immelman gevra het nie. Hy het gevra of Eerwaarde Chikane nie dalk met paraoxon vergiftig is nie. Die antwoord daarop was dat niemand weet nie. Dit regverdig nie die afleiding wat die Staat trag te maak uit die antwoord nie, veral nie waar Immelman se getuienis juis nie aantoon dat die beskuldigde hoegenaamd bewus was daarvan dat Immelman paraoxon aan die drie persone verskaf het nie. Die Staat het ook 'n hoofstuk geskryf oor Burger se getuienis en die hof versoek om dit as leuenagtig te verwerp. Die probleem daarmee is dat die Staat vir Burger geroep het as 'n getuie en nie 'n poging aangewend het om hom as vyandig verklaar te kry nie of om hom te diskrediteer nie. Sy getuienis vernietig die verband tussen Immelman se paraoxon en Eerwaarde Chikane se klere as daar ooit so 'n verband was. Hierby moet gevoeg word dat die Staat wel met Otto, van Staden en Smit konsulteer het en dat hulle ontken het dat die beskuldigde gereël het dat hulle gifstowwe by Immelman kry. Die Staat het aanvaar dat hulle nie die waarheid praat nie, nie verklarings van hulle geneem nie en gevolglik nie die verdediging in kennis gestel van wat die strekking van hulle getuienis is nie.

[1593] Alles in ag genome is dit duidelik dat die Staat se saak teen die beskuldigde berus op bespiegeling en afleidings maar dat dit deur die direkte getuienis wat deur die Staat aangebied is weerspreek word. Dit is vir my onduidelik op watter grondslag die hof die direkte getuienis sal kan verwerp en ek het gevolglik tot die slotsom gekom dat daar nie voldoende getuienis voor die hof was waarop 'n redelike hof moontlik skuldig sou kon bevind nie. Die beskuldigde is op aanklag 57 ontslaan.

AANKLAG 60:

[1594] Die aanklag is een van sameswering met andere om ABDULLAH MOHAMED OMAR, die destydse sekretaris van die United Democratic Front, te vermoor. Die bewering is dat dit gedurende Augustus/September 1989 geskied het en dat die mede-samesweerders P J Verster, W J Basson ('n neef van die beskuldigde), D F du Toit Burger, E J Smit, A van Zyl, F Barnard, E Gordon, A Immelman en ander persone onbekend aan die Staat was. Dit word beweer dat Omar polities aktief was en krities van die toenmalige regering. Hy het gedurende 1979 'n hartaanval gehad en moes daarna daaglik Theodur en Inderal tablette gebruik. Sy hartprobleem was bekend. Van Zyl het 'n geregistreerde BSB projek gehad om Omar d.m.v 'n sluipmoord aanval te vermoor. Die sluipmoord sou deur ene Peaches Gordon uitgevoer word. Toe dit bekend word dat Omar 'n hartprobleem het is die projek aangepas en is versoek dat voorbeelde van sy hartpille bekom moes word. Gedurende Augustus 1989 het van Zyl twee klein wit tablette ontvang as sou dit sodanige tablette wees. Van Zyl het die pille aan 'n BSB lid oorhandig. Deur bemiddeling van die beskuldigde is die pille aan Immelman oorhandig met 'n versoek of hy sulke pille kon vervaardig. Hy het rapporteer dat hy dit nie kon doen nie maar het Digoksien aan 'n mediese koördineerder van die BSB "Koos" (Mnr. R.) oorhandig. Indien 'n sekere dosis toegedien sou word sou dit fataal wees vir 'n persoon met 'n hartprobleem. Van Zyl vergesel van ene C C Botha het by die Johannesburgse Lughawe witkleurige poeier van Smit ontvang. Die opdrag was dat dit oot Omar se kos gestrooi moes word. Van Zyl het die poeier in ontvangs geneem, na Kaapstad gevlieg en dit aan Gordon oorhandig met die opdrag om dit oor Omar se kos te strooi. Die projek is geabandoneer.

[1595] Die getuienis wat wel voorgelê is is die volgende. Ingevolge 'n verklaring van Omar, wat deur die verdediging as getuienis aanvaar is, blyk dit dat hy wel 'n hartprobleem gehad het en *Inderal* pille gebruik het. Van Zyl het getuig dat hy by die operasie betrokke was en in opdrag van S Burger en W Basson (nie die beskuldigde nie) van Omar se hartpille bekom het. Hy het die pille aan 'n onbekende persoon oorhandig tydens 'n selvergadering tussen homself, die onbekende persoon, Burger en die gemelde Basson. Dit is mnr. T wat die vierde persoon op die vergadering was. Van Zyl het getuig dat hy 'n botteltjie poeier van Nick (Smit) ontvang het, aan Gordon oorhandig het en later meegedeel is dat dit onmoontlik is om dit toe te dien. T het getuig dat hy wit pille ontvang het en dit aan 'n onbekende persoon oorhandig het. Immelman het getuig dat hy 'n tablet van Koos ontvang het met 'n versoek of hy so 'n tablet kon maak. Hy kon nie so 'n tablet maak nie en het bloot digoksien in poeiervorm aan Koos verskaf. R het getuig dat hy soms voorraad van die beskuldigde of van ene Willem ontvang het. Hy het nie getuig oor enige bespreking, ooreenkoms of ontmoeting tussen hom en die beskuldigde oor die verskaffing van gifstowwe nie of van middels wat deur die bemiddelling van die beskuldigde aan hom beskikbaar gestel sou word nie wat die dood van enigiemand ten doel gehad het nie. Sy getuienis is dat gewone medisyne deur hom hanteer is. T se getuienis was dat hy nie by 'n streek van die BSB betrokke was wat ten doel gehad het om enigiemand te dood nie. Smit het getuig dat hy 'n botteltjie poeier van die ander Basson ontvang het terwyl Basson ontken het dat hy betrokke was by die verkryging of oorhandiging van 'n botteltjie poeier.

[1596] Dit is gemene saak dat die *Inderal* tablette wat Omar gebruik het pienk was en nie wit nie. Verder verstaan ek nie die Staat se saak om te wees dat die beskuldigde *bewustelik* betrokke was by die sameswering om Omar met hartmedisyne te vermoor nie. Die getuienis wat voor die hof is toon dit in ieder geval nie aan nie. Dit is boonop onwaarskynlik dat hy as hartspesialis homself met die projek kon vereenselwig het. Hy was bewus daarvan dat *Inderal* tablette pienk was. Hy sou onmiddellik geweet het dat die wit tablette nie bruikbaar sou wees in die skema nie.

[1597] Die enigste moontlike basis waarop die beskuldigde dus skuldig kan wees aan die aanklag is dat hy deel was van 'n sameswering om vyande van die Staat met gifstowwe te vermoor. Dit is soos ek die Staat se saak verstaan. Die probleem egter met hierdie argument is dat daar geen getuienis voor die hof is dat

digoksien 'n gifstof is nie. Trouens dit is duidelik dat dit hartmedisyne is. Al word aanvaar dat 'n oordosis daarvan dodelik kan wees kan ek nie sien hoe die verskaffing daarvan, sonder die kennis van die beskuldigde, kan deel vorm van 'n komplot om mense met gifstowwe te vermoor nie. Indien die beskuldigde byvoorbeeld bewustelik slaappille aan die BSB verskaf het, terwyl hy onder die indruk was dat dit vir normale doeleindes gebruik sou word, en ander persone sou daarin slaag om op een of ander wyse 'n dodelike oordosis aan 'n slagoffer toe te dien, kan hy sekerlik nie van moord bekuldig word nie, onder die vaandel van betrokke by 'n komplot om mense met gifstowwe te vermoor nie. Verder is dit baie duidelik dat dit sekerlik prakties onuitvoerbaar gewees het om die digoksien toegedien te kry. Hoe Gordon vir Omar om die bos gelei sou gekry het om kos met poeier bestrooi te eet sou ek graag wou weet, veral as in ag geneem word dat die betrokke tablette pienk is en die poeier wit. As daar so 'n plan was, was dit duidelik doodgebore. Wat die beskuldigde aanbetref, en op die getuienis voor die hof, is daar geen verskil tussen die BSB se plan om vir Omar met 'n pistool te laat doodskiet en die wysiging daarvan om hom met hartmedisyne te vermoor nie. Dit val albei buite die beweerde komplot waarby die beskuldigde betrokke was naamlik om gifstowwe te verskaf om mense dood te maak. Hy is net so min daarby betrokke as wat hy betrokke sou gewees het as iemand die slagoffer met 'n motor omgery het. In die omstandighede is die beskuldigde op hierdie aanklag (aanklag 60) ontslaan.

'N BONDIGE SAMEVATTING VAN DIE GETUIENIS

DIE DWELM AANKLAGTE

[1598] Gedurende Januarie 1997 het Superintendent Ehlers van SANAB inligting ontvang dat ene Grant Wentzel handel dryf in dwelms. Met behulp van ene Steve Martin is daar 'n proefkoop gereël en op 21 Januarie 1997 en te Bryanston het Martin 100 ecstasy kapsules van Wentzel gekoop. Nadat die polisie forensies bevestig het dat dit wel ecstasy was is gereël dat 'n polisie reservis, ene Fred Scherf, vir Wentzel sou nader vir 'n groot bestelling en dat hy in 'n lokval gelei sou word. Dit was die eerste keer dat die polisie met ecstasy kapsules te doen gekry het.

[1599] Scherf en Wentzel het afgespreek dat Scherf 2 000 kapsules van Wentzel sou koop teen R100 000, te Rustenburg, op Vrydag 24 Januarie 1997. Nadat hulle mekaar ontmoet het en die ecstasy en die geld geruil is het die polisie toegeslaan en vir Wentzel gearresteer. Wentzel is geadviseer dat dit tot sy voordeel kan wees om samewerking aan die polisie te gee. Hy het gedurende die naweek met 'n prokureur gekonsulteer en dié se advies was dat hy moet saamwerk. Die polisie wou hê dat hy die identiteit van sy verskaffer moes bekend maak en dat hy hulle moes help om die verskaffer in 'n lokval te arresteer. Hy het aangedui dat hy dit sal doen en op Maandagoggend is sy aansoek om borg nie geopponeer nie. Op Dinsdagoggend die 28ste Januarie 1997 was daar 'n vergadering by die kantoor van 'n prokureur wat toe vir Wentzel opgetree het, ene Van Vuuren van Krugersdorp, tussen lede van die SANAB en Wentzel en sy prokureur en een of ander ooreenkoms is daar bereik. Wat presies die voordeel vir Wentzel sou wees is nie heeltemal duidelik nie. Daardie middag is Wentzel en die polisie na Pretoria met die plan om die lokval nog daardie middag te laat geskied maar uiteindelik is dit uitgestel tot die volgende dag, die Woensdag.

[1600] Op die Woensdagoggend, 29 Januarie 1997 het Wentzel en die polisie by die Fonteine in Pretoria ontmoet. Wentzel was toegerus met twee mikrofone wat aan sy liggaam versteek is sodat hy inkriminerende mededelings deur die beskuldigde op band kon laat vaslê. Twee polisiebeamptes is vooruit na 'n parkie regoor die beskuldigde se woning, bekend as Magnolia dal, waar Wentzel en die beskuldigde sou ontmoet. Hulle het daar oorkant 'n spruitjie stelling ingeneem. Daar was 'n polsieman in die kattebak van Wentzel se voertuig. Wentzel het R60 000 by hom gehad en hy is gevolg deur twee ander lede van SANAB na Magnolia dal. Hy het in die parkeerarea gestop en 'n rukkie later het die beskuldigde langs sy voertuig gestop. Daar was 'n kort gesprek en Wentzel het 'n koevert met R60 000 in die beskuldigde se motor geplaas. Die beskuldigde het 'n plastiese sak uit sy kattebak gehaal en dit is in Wentzel se motor geplaas. Direk daarna het Ehlers toegeslaan. Die beskuldigde het weggehardloop en in die spruit geduik. Hy is egter gearresteer en was merkbaar verlig om te verneem dat dit die dwelmpolisie was.

[1601] Sy huis is deursoek en daar is beslag gelê op van sy dokumente. By die Brooklyn polisiestasie is sy vingerafdrukke geneem asook 'n waarskuwingsverklaring. Hy het die polisie versoek om vingerafdrukke te neem van die pakkies met kapsules wat geblyk het in die plastiese sak te gewees het. Forensiese getuienis het bevestig dat die 100 kapsules van Bryanston, die 2018 kapsules van Rustenburg en die 1040 kapsules van Magnolia dal almal ecstasy bevat het en aan mekaar verbind is. Die gesprek op die band was nie baie duidelik nie maar 'n deskundige, prof Jansen, het 'n transkripsie daarvan gemaak. Die transkripsie bevat heelwat onduidelikhede.

[1602] Kort hierna het Ehlers 'n klopjag uitgevoer by Delta G. In 'n houer wat in dr. Koekemoer se kantoor gevind is was daar onder andere kapsules wat ook ecstasy bevat het. Dr. Koekemoer het vertel dat ecstasy by Delta G vervaardig is. Verder het Nasionale Intelligensie observasie gehou by die beskuldigde se woonhuis en toe sy eggenote die aand van 29 Januarie 1997 die perseel verlaat is sy gevolg tot in Sunnyside waar sy 'n plastiese sak met tuinplante in by Bosch se motor gelaat het. Bosch is gevolg tot by sy huis. Die volgende dag is 'n klopjag by sy huis uitgevoer. Die polisie het beslag gelê op twee trommels wat Coast dokumente en persoonlike dokumente en items van die beskuldigde bevat het. Dit het groot belangstelling uitgelok by KEEM, Nasionale Intelligensie en die WVK. 'n Tyd later het KEEM nog twee soortgelyke trommels van Bosch ontvang en ook daarin was Coast dokumente. Die getuies Lambrechts, Maree, Minnaar Kennedy en R Botha het getuig oor die inhoud van die trommels en die opstel van 'n indeks daarvoor. In een van die trommels was daar klein houertjies met 'n klein hoeveelheid ecstasy in en ook een met 14gram kokaiene..

[1603] Ook dr. Lourens het getuig dat hy betrokke was by die maak van ecstasy te Delta G. Ene Steven Beukes, 'n apteker het getuig dat hy, gedurende 1985, by Speskop in opdrag van die beskuldigde 'n tableteringsmasjien gekoop het en omtrent 100 000 tablette wat die letters MX aan die een kant het en RL aan die ander kant hetgemaak het uit bestanddele wat vir hom na Metakoloon gelyk het. Hy het die vermoede uitgespreek dat dit Mandrax tablette is wat hy gedruk het. Hy is later na samesprekings met die beskuldigde na Delta G waarhy steeds tabletering en ook enkapsulering gedoen het. Dr. Koekemoer het getuig dat hy kapsules gekry het waar Beukes gewerk het nadat Beukes weg is. Die ecstasy wat by Delta G gemaak is, is

aan die beskuldigde gelewer of as hy nie beskikbaar was nie aan die besturende direkteur van Delta G, dr. Mijburgh. Dit het uit die getuienis as 'n geheel geblyk dat die beskuldigde as projek offisier van Coast se funksie was om inkapasitante, waaronder ecstasy en metakoloon, te laat vervaardig by Delta G en navorsing te doen om dit te verwapen met die oog op skarebeheer en CBO. Brand die eienaar van Organochem het die grondstowwe vir die maak van die ecstasy aan Delta G verskaf in opdrag van die beskuldigde en is daarvoor betaal deur die projek.

[1604] Wentzel het getuig. Hy is 'n besigheidsman en betrokke by bemerking. Hy het al wapentransaksies probeer doen maar dit is baie moeilik. Op 'n stadium is hy deur die FBI arresteer en het hy skuldig gepleit. Ongeveer 20 jaar gelede is hy in Kaapstad skuldig bevind aan aanklagte van bedrog wat verband gehou het met die ontduiking van doeane belasting. Hy het vertel dat sy finansiële posisie bedroef was en dat hy 'n besigheidsgeleentheid gesien het deur die verkoop van ecstasy. Hy het ecstasy probeer aan die hande kry en die beskuldigde het aangebied om hom te voorsien van ecstasy. Hy het die 100 kapsules so in Pretoria by die beskuldigde gekry. Daarna het hy die beskuldigde geskakel en die beskuldigde versoek om hom van 2 000 kapsules te voorsien. Die beskuldigde het hom van kapsules voorsien. Hulle het ooreengekom op 'n prys van R30 per kapsule. Toe hy gevang word het hy die beskuldigde gerus gestel en laat weet dat die transaksie goed afgeloop het, dat hy 'n probleempie moet uitstryk en dat hy nog 1000 kapsules benodig. Hy het die getuienis oor die lokval in der brede bevestig en aangedui dat hy met die beskuldigde oor die transaksie gepraat het te Magnolia dal.

[1605] Tydens die staatsaak het die volgende aspekte, hoofsaaklik onder kruisverhoor, aan die lig gekom:

1. Wentzel het teen die einde van 1996 met dr. Lourens in verbinding gekom en die formule om ecstasy te maak van hom probeer kry. Lourens het geweier om dit vir hom te gee.
2. Ofskoon hyself dit ontken het, het Brand bevestig dat Wentzel teen ongeveer daardie tyd by hom navraag gedoen waar hy kapsule doppies kon kry.

3. Hy het op 19 Januarie 1997 vir die eerste keer met die beskuldigde gepraat oor ecstasy, die 100 kapsules gekry op 20 Januarie en dit die volgende dag gaan verkoop. Hy het die beskuldigde sedert 1992/93 gereeld gesien ivm beleggings, uitvoer van produkte, kommoditeitsbemarking en ru-olie. Daar was 'n persoon met die naam van Louis Bezuidenhout betrokke by die transaksies.
4. Sersant de Villiers het reeds op 13 Januarie inligting ontvang dat Wentzel handel dryf in ecstasy. In sy polisieverklaring, wat deur sy prokureur opgestel is, het Wentzel aangedui dat hy in 'n voorafgaande gesprek vir Martin ingelig het dat hy 'n bron het wat hom voorsien. Hy het aangedui dat dit 'n fout was.
5. Die voordeel vir Wentzel om saam te werk met die polisie sou wees dat die polisie borg in 'n hoë bedrag sou vasstel en dit dan nie sou opponeer nie maar met die aanklaer sou reël dat dit toegestaan word en dan sou Ehlers in strafversagting vir hom getuig. Volgens Wentzel was die voordeel daarin geleë dat die Staat die aanklagte teen hom sou laat vaar.
6. Op die Vrydag 24 Januarie, kort na sy arres, en terwyl Wentzel en Scherf gesels het, het Wentzel se selfoon gelui. Hy het na die gesig daarvan gekyk en vir Scherf meegedeel dat dit sy verskaffer is. Hy het hom meegedeel dat die transaksie goed afgeloop het. Op daardie stadium het slegs die nommers van selfone op die gesig van selfone verskyn. Die uitdrukke van die beskuldigde se selfoon toon aan dat hy glad nie vir Wentzel geskakel het op die Vrydag nie.
7. Volgens Ehlers se getuienis het Wentzel die Saterdag, op sy versoek, sy verskaffer, in sy teenwoordigheid, geskakel en meegedeel dat die transaksie goed afgeloop het. Wentzel het hom meegedeel dat die verskaffer 'n hoë profiel persoon is. Volgens Wentzel het hy die beskuldigde die Saterdag meegedeel dat hy steeds onderhandel oor die prys en dat daar 'n bietjie van 'n probleem is maar dat hy dit die volgende dag sal uitsorteer.
8. Wentzel is aangekla in Rustenburg tov die transaksie waarby die 2018 kapsules betrokke was, verdedig deur van Vuuren, en vanweë 'n gebrekkige forensiese verslag op 'n tegniese punt onskuldig bevind. Hy is nooit aangekla van die transaksie ivm die verkoop van die 100 kapsules te Bryanston nie.

9. Die polisie het nooit Wentzel se huis deursoek nie, omdat Ehlers nie gevoel het om sy huis te deursoek nie en ook nie sy adres gehad het nie.
10. Ehlers sê dat hy vir Wentzel gesê het om so normaal as moontlik op te tree tydens die lokval en nie aan hom voorgeskryf het wat om te sê nie. Wentzel aan die ander kant het getuig dat Ehlers hom opdrag gegee het om vir die beskuldigde leuens te vertel.
11. Die gesprek wat tydens die lokval plaasgevind het is uiters onsamehangend. Wentzel het egter verwys na "Louis" en na "Denel". Hy het bevestig dat hy die beskuldigde teen daardie tyd raad gevra het oor 'n wapentransaksie met Pakistan en het verduidelik dat hy na "Louis" en "Denel" verwys het as 'n deksorie van sy eie. Hy gee toe dat woorde soos "*drugs, ecstasy, capsules of pills*" nooit tydens die gesprek gebesig is nie en kan nie verduidelik waarom nie, waar die hele doel van die opname van die gesprek juis was dat die beskuldigde homself moes inkrimineer.
12. Hy kan nie onthou of hy die beskuldigde ooit vir die 100 kapsules betaal het nie. Die beskuldigde het hom nie vir die geld vir die verkoop van die 2 000 kapsules gevra nie voordat hy moontlik die Maandag met die beskuldigde in verbinding was en die beskuldigde toe verneem het of die transaksie goed afgeloop het. Die rede is dat hierdie soort van transaksies berus op "*trust*".
13. Hy is in Amerika skuldig bevind, en is voor vonnis op sy eie verantwoordelikheid vrygelaat. Hy het toe doodeenvoudig verdwyn. In die hof het hy 'n begeerte uitgespreek om die posisie een dag te gaan regstel.
14. Hy het bevestig dat sy transaksies van so 'n aard is dat hy soms onregmatig optree, maar hy het die hof die versekering gegee dat hy sy transaksies "*as legal as possible*" hou.
15. Hy het bevestig dat hy KVV wyn belastingvry gekry het en by twee vorige geleenthede, voor 29 Januarie vir die beskuldigde daarvan laat kry het.
16. Hy het bevestig dat hy geld aan die beskuldigde skuld. Alhoewel hy gesê het dat dit net so R2 000 of R3 000 was het Brand bevestig dat dit 'n substansiele bedrag was. Hy het nie ontken dat dit so veel soos R93 000 kon wees nie.

[1606] Die beskuldigde se weergawe was dat hy vir Wentzel vir 'n geruime tyd geken het en hom geadviseer het oor wapentransaksies. Wentzel het vantevore vir hom KVV wyn belastingvry laat kry en het ook geld aan hom geskuld. Op die Maandag het hy vir Wentzel by Brooklyn gesien, het hulle oor Wentzel se voorgenome transaksie gepraat, het Wentzel drie dose wyn in sy motor se katebak gesit en het Wentzel belowe om hom binnekort te betaal. Hy het eers laat by die huis gekom en ontdek dat een van die dose nie verseël was nie. Hy het dit oopgemaak en gevind dat daar drie bottels wyn te min was en dat in die plek waar dit moes gewees het daar 'n plastiese sak met goed in was. Wentzel het hom die Dinsdag geskakel en hom meegedeel dat hy sy geld gekry het en dat hulle die middag moes ontmoet. Hy het toe vir Wentzel meegedeel dat die een doos nie vir hom bedoel kon gewees het nie. Wentzel het gesê dat hy die wyn moes hou maar dat hy net die plastiese sak moes saambring wanneer hy hom die middag sou ontmoet. Wentzel het later geskakel en die afspraak verskuif na die volgende oggend. Die volgende oggend is hy na die hospitaal en het toe by die News Café saam met Alberts van Nasionale Intelligensie ontbyt geëet. Vandaar is hy na Magnolia dal waar die ontmoeting sou plaasvind. Hy het 'n nood ontwikkel en is na die toilet. Hy het toe gery en gekyk of sy seuntjie al op pad was skool toe, en op sy selfoon gepraat. Wentzel het gebel net toe sy gesprek eindig en hy het toe langs hom by die parkeerarea gestop. Hy was onder die indruk dat Wentzel met hom oor die wapentransaksie praat want hy het verwys na Louis Bezuidenhout en Denel. Alhoewel die gesprek onsamehangend was is dit so dat Wentzel disleksies praat en gedagte spronge maak. Toe die polisie toeslaan was hy benoud dat dit 'n aanslag op sy lewe was en hy was verlig om te verneem dat dit die dwelmpolisie was. In die transkripsie van die gesprek verwys Wentzel na "one" en "two".

[1607] Oor die tromele is sy getuigenis dat toe hy en sy vrou besig was om te trek hy vir Bosch en ook vir andere gevra het vir stoorplek. Hy het nie geweet dat die tromele gepak is nie. Hy het ook nie geweet dat die tromele by Bosch was nie. Hy was onder die indruk dat al die verslae deur Data Image inskandeer is en vernietig is. Hy kan hoegenaamd nie onthou van enige dwelmonsters nie.

DIE SAMESWERING- EN AANVERWANTE AANKLAGTE

[1608] Hierdie aanklagte teen die beskuldigde is hoofsaaklik tweeledig van aard. In die eerste plek is daar 13 gevalle waar Theron mense uit vliegtuie in die see gegooi het nadat hy hulle ingespuut het. Die Staat wil die beskuldigde aan hierdie gevalle koppel op sterkte van Theron se getuienis dat die beskuldigde deel was van 'n komplot om hom van die nodige spuitmiddels te voorsien om die mense buite aksie te stel. Die Staat voer aan dat die beskuldigde óf self die middels aan Theron verskaf het óf gereël het dat hy dit kry.

[1609] Die ander aanklagte is een van 'n wyer sameswering. Die Staat voer aan dat dit begin het by die gevalle waar Theron die mense in die see gegooi het. Theron het dit gedoen in samewerking met mnr. K, wat toe die bevelvoerder van Barnacle was met hoofkwartier te Broederstroom. Barnacle het onheilige sensitiewe operasies uitgevoer o.a. eliminerings van vyande van die Staat, wat o.a. lastige persone verbonde aan organisasies soos die ANC, SAKP, PAC en SWAPO sou insluit. Die naam Barnacle het verander na, aanvanklik "Die Organisasie" en later na die BSB, maar die doelstellings het hoofsaaklik dieselfde gebly maar was spesifiek ingestel op die maksimale ontwrigting van die vyande van die Staat. Die groep was veronderstel om in die buiteland te opereer. In die tyd van die BSB, en meer spesifiek rondom ongeveer 1989 is daar 'n spesifieke groep, of streek, geskep wiese bedrywighede was om die vyande van die Staat in die binneland maksimaal te ontwig. Dit word aangevoer dat hierdie organisasies ook saamgewerk het met die Veiligheidspolisie en dat hulle doelstellings ook bereik kon word deur gebruik te maak van gifstowwe. Dit word aangevoer dat die beskuldigde as projek-offisier van Coast 'n infra-struktuur van gifstowwe daargestel het wat tot die beskikking van die organisasies was en wat aangewend is vir hulle optrede. Dit word beweer dat die beskuldigde bewus was van die doelstellings van die organisasies en hom daarmee vereenselwig het en dat hy gevolglik skuldig is aan 'n sameswering in der brede en aan elkeen van die individuele optredes van hierdie organisasies.

[1610] Alhoewel ek aanvanklik gereël het dat sameswerings om misdade in die buiteland te pleeg nie in hierdie hof beregbaar is nie en 'n aantal aanklagte dus ge-elimineer het, het dit nie 'n verskil gemaak aan die getuienis wat die Staat gelei het nie omdat die Staat die getuienis wat ter ondersteuning van daardie klagtes sou voorgelê word, buitendien voorgelê, ter bewyse van die wyere sameswering (aanklag 63) waaraan die beskuldigde hom sou skuldig gemaak het. Die feit dat van die aanklagte verval het het dus nie tot gevolg gehad dat daar minder inkriminerende getuienis gelei is nie.

[1611] Sekerlik die belangrikste getuie namens die staat was Johan Theron. Hy was verbonde aan teen-inligting. Hy was betrokke by eliminasies nie net van SWAPO lede nie maar ook van eie magte wat Zimbabwiers, Angolese en Mosambiekers ingesluit het. Dit was sy idee dat die gevangenes wat 'n sekerheidsrisiko geword het ge-elimineer moes word. Hy het aangedui dat daar 'n probleem opgeduik het toe hy en mnr. K die eerste maal op sending was om mense in die see te gooi. 'n Pyl, wat gebruik word om olifante te verdoof, en wat deur dr. Coetzee van EMLC aan hom oorhandig is, was oneffektief. Die slagoffer het hom verset en daar het 'n baie gevaarlike situasie ontstaan. Daarna het hy die aangeleentheid met gen. Loots bespreek. Op 'n stadium was hy, gen Loots en die beskuldigde in gen. Loots se kantoor en is daar afgespreek dat hy die mense met Tubarine en Scoline moes inspuit en dat die beskuldigde dit aan hom sou verskaf of sou reël dat hy dit kry. Hy sê dat die beskuldigde wel sulke middels aan hom verskaf het en dat ook van die ander dokters sulke middels verskaf het. Hy beweer ook dat die beskuldigde vir hom gewys hoe om iemand in te spuit waarvan die are platgeval het. Hy sê dat daar ook gebruik gemaak is van susmiddels soos "Diep V" tablette en van bier en Game koeldrank wat gekontamineer is met sulke middels.

[1612] Ofskoon hy 'n probleem ondervind het om die voorval volgens van der Linde se vlugrekordboek te identifiseer het hy getuig dat hy en die beskuldigde na Fort Rev is saam met van der Linde. Hy het aangedui dat hulle gevangenes deur eenrigting glas dopgehou het, pille probeer ingee het en uiteindelik aan die slaap gekry het. Volgens hom het beide hy en die beskuldigde daar mense ingespuut en is hulle as gevolg daarvan dood. Hulle is in die see gegooi. Hy sê dat die beskuldigde later aangedui het dat die beter sou wees om die mense eers met ketelaar in te spuit.

[1613] Op 14 Februarie 1983 was hy en van der Linde in 'n vliegtuig by Zeerust lughawe. Hulle het een persoon van Phaal ontvang en drie persone wat vanaf Phalaborwa gekom het. Die een wat Phaal aangebring het was reeds oorlede. Die mense is in die Seneca vliegtuig gelaai. Hulle het oor Botswana gevlieg en by Eros lughawe brandstof ingegooi. Hulle is toe in die see gegooi.

[1614] Volgens hom het die beskuldigde hom meegedeel dat een van die verdagtes wat ondervra is na die moord op Orlando Christina oordoseer is met chemiese middels en in 1 Militêre hospitaal geland het. Hy sê dat hy die beskuldigde en skutter Paul Heyns by geleentheid in die hospitaal in is. Die beskuldigde het 'n persoon uitgewys. Hy is aan Heyns vasgeboei en na die lughawe geneem vir vervoer na Bloemfontein. Dit het betrekking op aanklagte 37.

[1615] Aanklagte 39 tot 44 het betrekking op die Dukuduku voorval. Hy en Kobus Bothma is met Kombi's met drie mense in na Dukuduku. Hulle wou eksperimenteer met die mense met salf. Hulle het hulle daar aan bome vasgeketting en met die salf gesmeer. Van die salf het aan hulleself gekom en hulle het niks oorgekom nie. Ook die persone het niks oorgekom nie. Die volgende dag het hulle die mense ingespuut en in die see (Indiese oseaan) gegooi vanuit 'n vliegtuig wat deur van der Linde geloods is. Dit was op 3 November 1983. Hy het in kruisverhoor aangedui dat die beskuldigde definitief nie betrokke was by die voorval nie omdat hy óf op stafdienskursus was óf glad nie in die land nie.

[1616] Oor aanklagte 47 tot 50 getuig hy dat mnr.K die vlieënier was. Dat daar persone van Phalaborwa by Lanseria aangebring is asook vanaf Barnacle en dat Floyd en Kenelly ook daar was. Die mense is met Scoline en Tuberine ingespuut en in die vliegtuig geplaas. Almal was nie dood nie. Hulle het oor Botswana gevlieg tot by Eros lughawe en vandaar na die Skedelkus waar hulle in die see gegooi is.

[1617] Oor aanklag 51 het hy getuig dat die beskuldigde hom gevra het of 'n persoon in die hooggoond verbrand kan word. Die beskuldigde het een aand 'n persoon in 'n ambulans by Speskop aangebring. Toe almal van EMLC weg is het hulle hom na die hooggoond geneem. Omdat sy liggaam reeds styf was het hulle gesukkel om hom in die oond te kry. Die as is in 'n houer geplaas en hy het dit weggegooi.

[1618] Oor die Victor de Fonseca geval (aanklag 52) getuig hy dat hy en Phaal gereken het dat hy 'n sekerheidsrisiko geword het, nadat hy 'n kankergewas op die brein ontwikkel het en onverantwoordelik begin praat het. Hulle wou hom nie op die vliegtuig metode elimineer nie en het gedink dat die beskuldigde dit moet doen. Die beskuldigde het hom meegedeel dat sy vrou onbeheersd hartseer was na sy dood.

[1619] Aanklag 53 het te doene met 'n persoon wat deur Phaal vanaf Phalaborwa na Barberton vervoer is op 13 Augustus 1986. Op Barberton het hy en van der Linde die persoon op 'n Caravan vliegtuig gelaai, vervoer na Dukuduku, waar hy hom met Tuberine en Scoline ingespuut het en vanwaar hy oor die see uitgevlieg is en uitgegooi is.

[1620] Aanklag 56 het te doene met 'n verkenningsoperateur, Anderson, wiese liggaam in Mosambiek gelaat is. Hy het 'n handgranaat in 'n sjebeen gegooi en 'n verleentheid geraak vir die veiligheidsmagte. Volgens Theron het hy hom ingespuut en is hy, te Phalaborwa, in 'n helikopter, wat deur Potgieter geloods is, gelaai en in Mosambiek gelaat.

[1621] Toe Alfred Mofomela gedurende 1989 onthullings gemaak het wat opgevolg is deur Dirk Coetzee se onthullings het hy 'n verslag bewysstuk 63A opgestel. Dit het basies te doene gehad met skakeling tussen dr. Immelman en persone soos mnr. R en Chris, Gert en Manie en gee voor om verwys te wees na die direkteur van teeninligting vir bespreking met die beskuldigde.

[1622] Oor aanklag 62 sê hy dat daar bottels Black Label bier, wat gekontamineer was, in die beskuldigde se kantoor was en dat hy v oorgestel het en dat die beskuldigde ingestem het dat dit in die Oos-Kaap onder taxi-bestuurders versprei sou word. Hy en Rita Engelbrecht het dit in haar motor by die beskuldigde se kantoor gaan haal. Hulle het die bottels afgegee om die vingerafdrukke te verwyder. Hy en Truter het daarmee na die Oos-Kaap gery om dit vir Phaal te gee. Hulle kon dit nie vir Phaal gee nie omdat hy hulle vermy het en het dit uiteindelik vernietig.

[1623] In kruisverhoor het dit geblyk dat hy sy verklaring oor 'n lang tydperk ontwikkel het en verander het daaraan. Toe hy aangebied het om 'n staatsgetuie te word het hy geweet dat hy skuldig bevind kan word aan baie moorde en vir die res van sy lewe kan tronk toe gaan. Hy het geweet dat hy slegs 'n vrywaring as 'n artikel 204 getuie sdal kry as hy getuienis gee wat die beskuldigde impliseer. Die posisie met mnr. K, Phaal en Floyd was identies.

[1624] Hy het die vlieënier K se getuienis weerspreek. K het gesê dat hy te Speskop vir die beskuldigde gesê het, in Theron se teenwoordigheid, dat die beskuldigde moet toesien dat sy middels in die toekoms werk. Hy en K het mekaar ook weerspreek oor die feit dat K getuig het dat hy altyd 'n spuit met 'n rooi drukker (plunger) gehad het waarmee hy die mense gespuut het terwyl hy getuig het dat hy net by die eerste geleentheid die spuit wat van EMLC afkomstig was gehad het. 'n Verdere geskilpunt met hom was die feit dat hy getuig het dat die beskuldigde reeds met die oprigting van die Speskop hoofkwartier by die beplanning van die laboratoria betrokke was, terwyl dit aan hom gestel is dat die beskuldigde gespesialiseer het tot aan die einde van 1980 en eers daarna betrokke kon raak. Dit is dus gesuggereer dat die gesprek tussen homself, gen. Loots en die beskuldigde eenvoudig nie kon plaasgevind het nie.

[1625] Oor die beweerde besoek aan Fort Rev. het hy aangedui dat dit van 4 tot 7 Mei 1982 moes geskied het. Die vlugrekordboek van van der Linde het egter aangedui dat die beskuldigde en Theron albei in Windhoek afgelaai is en weer later daar opgelaai is. Hy meen dat hulle per voertuig na die operasionele gebied kon gery het en gee toe dat hy verkeerdelik in sy verklaring gesê het dat die beskuldigde in die vliegtuig was, waaruit die slagoffers gegooi is.

[1626] Dit het aan die lig gekom dat sy getuienis en dié van Phaal verskil oor wie aan Phaal die middel verskaf het om de Fonseca te dood. Dit is aan hom gestel dat Phaal sou kom sê dat hy die middel verskaf het. Hy het dit ten sterkste ontken. Hy het toegegee dat hy nie weet waaraan hy dood is nie en dat dit ook aan breinkanker kon gewees het. Verder het dit geblyk dat sy getuienis verskil van dié van Potgieter oor die vraag of die persoon wat op Phalaborwa in die helikopter gelaai is nog gelewe het of nie.

[1627] Phaal het saam met Theron gewerk en het later 'n lid van die BSB geword. Oor aanklagte 32 tot 35 het hy getuig dat hy gevra is om van 'n lid wat 'n sekerheidsridiko vgeword het ontslae te raak. Hy en Floyd het voorgegee dat hulle op pad was na Messina. Die lid (Christopher) wou na Zimbabwe en hulle het hom 'n reisgeleentheid aangebied. Floyd het aan hom bier met 'n slaapmiddel in verskaf en hy het aan die slaap geraak. Hy het hom toe met ketelaar wat hy by Theron gekry het ingespuut en hy is weens die inspuiting oorlede. Op Zeerust het hy vir Theron gehelp om die ander slagoffers in te spuit. Die klere van die man wat hulle geneem het, het hulle op pad terug by 'n stortingsterrein verbrand.

[1628] Hy het opdrag gekry om iets in Ondangwa te gaan toets. Hy het 'n substans van die beskuldigde ontvang by die Waterkloof lughawe. Dit het gelyk soos 'n klein botteltjie oogdruppels. Hy is aangesê om dit te meng met Jungle Juice. Hy moes hom voordoen as 'n dokter en die man terugbring. In Ondangwa het hy die middel in lemoensap aan die SWAPO lid toegedien. Die volgende oggend het hy geweldig gebloei en hy het hom in 'n vragvliegtuig teruggebring na Pretoria. Toe hulle geland het was daar 'n ambulans en hy is na die hospitaal geneem. Hy het later van die beskuldigde verneem dat hy dood is.

[1629] De Fonseca, 'n opgeleide spesmag soldaat het breinkanker gekry. Vanweë los praatjies het hy 'n sekerheidsrisiko geword. Hy is gewaarsku en selfs in Phalaborwa in die selle aangehou. Hy het hom gaan haal en hy het by Speskop saam met hulle gewerk. Johan Theron het hom ingeroep en opdrag gegee om goed in sy tee te gooi. Hy het goed by Theron of Bothma gekry. Hy het dit in die tee gegooi en geroer en vir de Fonseca die tee laat drink. Hy was so ontsteld dat hy die teelepel, bewysstuk 52.1 gebuig het. Die goed het nie 'n uitwerking gehad nie. Theron het hom toe opdrag gegee om dit in koeldrank toe te dien. Hy het dit gedoen en weer eens het dit nie 'n sigbare uitwerking gehad nie. Hy het met die beskuldigde gepraat en by hom of by Theron gehoor dat de Fonseca dood is.

[1630] Oor aanklag 53 getuig hy dat hy die man in Barberton gaan haal het en met 'n susmiddel wat hy van Theron ontvang het, verdoof het. Theron en van der Linde het op Barberton opgedaag. Die man is in die vliegtuig gelaai en hulle het na Noord-Zoeloeland gevlieg. Hulle het daar geland en die vliegtuig se deur verwyder en toe die man in die see gaan gooi. Hy koppel die voorval aan 'n inskrywing van 13 Augustus in van der Linde se vlugrekordboek.

[1631] Hy is deur Theron genader om vergiftigde bier in die Oos-Kaap te versprei. Hy het gedink die SAW is besig met 'n skema om hom af te pers. Hy het gemaak of hy belang stel. Hy het egter vir Theron vermy, toe hy en die ouditeur in die Oos-Kaap aankom. Net voordat hy saam met Theron na Amerika is, gedurende 1992 het hy met die beskuldigde gepraat. Die beskuldigde was simpatiek oor sy finansiële posisie en het hom uitgenooi om 100 000 Mandrax tablette te verkoop. Hy het aangedui dat hy 'n wins van R10 per tablet kon maak.

[1632] Tydens kruisverhoor het hy ontken dat Theron se getuienis dat hy geen middels aan andere verskaf het korrek kan wees. . Theron het die middel waarmee hy vir Christopher ingespuut het aan hom verskaf. Wanneer hy gevra word wie hom ingelig het oor de Fonseca se dood is hy seker dat dit die beskuldigde is. Hy gee egter ook toe dat hy nie weet wie hom ingelig het nie.

[1633] Oor die Ondangwa voorval dui hy aan dat Theron die opdrag aan hom gegee het. Wanneer dit aan hom uitgewys word dat volgens die nadere besonderhede sy opdrag was om 'n man te gaan doodmaak met 'n toksiese substans, is sy antwoord dat hy nie so ver gery het om vir hom hoegood te gaan gee nie. Hy weet nie of hy dood is nie en indien wel, waaraan nie.

[1634] Floyd het volgens K se vlugrekordboek aangedui dat hy gedurende November 1980 saam met K vanaf Lanseria na Kamanjab is. Hulle het 'n lid wat 'n sekerheidsrisiko geword het by hulle gehad. Hy was verdoof met 'n pil wat K hom laat drink het. By Kamanjab het Theron hom ingespuut. Daar is ook ander persone ingespuut. Hulle is in die see gegooi. Daar was meerdere voorvalle in Namibië. Die vliegtuig se deure is afgehaal en die mense se klere is uitgetrek.. Volgens hom het K ook mense ingespuut. By een so 'n geleentheid het K vergeet om pille tebring en het hulle die mense met hamers doodgeslaan. Volgens hom het hulle gepraat van die beskuldigde se medisyne. Hy vertel ook dat hulle een maal na Namibië gevlieg het en dat Theron en die beskuldigde op Windhoek afgeklim het en dat hulle toe weer later by die beskuldigde hulle aangesluit het. Oor die Lanseria voorval (aanklagte 47 tot 50) getuig hy dat dit op 28 Julie 1981 geskied het, dat hy mense mense by Settlers brug gaan kry het en Game ingegee het wat hulle laat slaap het. By Lanseria het Theron hulle ingespuut.

[1635] Hy bevestig Phaal se getuienis dat hulle vir Christopher na Zeerust geneem het. Hy het vir Christopher geneem tot waar hulle vir Phaal gekry het. Hy het bier vir Christopher gegee wat hy by Theron gekry het. Phaal het hom ingespuut met middels uit 'n mediese tas. Hy sê dat hy gedurende 1985/6 hy aangesê is om 'n gifstof aan 'n persoon in Ondangwa se deur te gaan smeer. Hy is ingelig dat hy die stof by die beskuldigde kon kry en is na 'n meenthuis in Sunnyside waar hy dit by die beskuldigde gekry het. Die beskuldigde het die middel, rubberhandskoene en 'n teenmiddel aan hom oorhandig.

Daar was 'n ander dame wat by spesmagte hoofkwartier gewerk het. Hy is na Tsumeb en die volgende dag vandaar na Ondangwa. Weens die teenwoordigheid van 'n wag kon hy nie die middel aansmeer nie. Die operasie is afgelas.

[1636] Toe die BSB tot stand gekom het het hy 'n lid daarvan geword. Gif was 'n moontlike moontlike middel om eliminasië mee te bewerkstellig. Toe hy in Engeland was het hy 'n plan voorgelê. Hy het gemeen dat 'n meganisme vervaardig moes word. Deur dit aan 'n sambreel te sit kon die gifstof toegedien word. Hy het Lourens ontmoet in Engeland. Lourens het 'n apparaat aan hom oorhandig. Hulle het dit by die cottage gelaai. Daar het van die gifstof aan Lourens se vinger gekom. Hy het daaraan gelek. Hy was bekommerd maar Floyd het hom aangeraai om 'n bietjie melk te drink en te gaan lê. Hy het dit gedoen en was na 10 minute doodreg. Die sambreel was te lank. Hy het dit met 'n haartang probeer beveilig. Die een teiken het egter getrek en die ander het ongeregeld huistoe gekom. Die operasie is gekanselleer en die apparaat is in die Teems gegooi. Die teikens was mnre. Ronnie Kasrils en mnr Pallo Jordan

[1637] By geleentheid het die beskuldigde hom na sy kantoor ontbied. Nadat hy aangedui het dat hulle nie behoorlike pakette gekry het by die ontbinding van die BSB nie, het hy hom gevra of hy nie kontakte in die buiteland het om dwelms te verkoop nie. Floyd het hom meegedeel dat hy nie sulke kontakte het nie en ook nie aan so 'n operasie sal deelneem nie. In kruisverhoor het dit geblyk dat sy herinnering van datums en van betrokkenes nie baie betroubaar is nie. Hy het egter bevestig dat die beskuldigde en Theron nie, die keer toe hulle in Windhoek afgeklim het, betrokke was by die operasie in die noorde nie. Phaal het hom ingelig dat die polisie by hom was en 'n verklaring van hom wou hê. Hy het Phaal in Sedgefield besoek. Hulle het die aangeleentheid bespreek. Oor die middel wat hy na Ondangwa moes neem het hy toegegee dat hy geweet het waar die beskuldigde se huis was en dat dit nie daar geskied het nie en dat die polisie met hom rondgery het en dat hy nie die plek kon vind nie. Dit blyk dat volgens sy verklaring hy alleen die gifstof gaan kry het terwyl in getuienis hy doodseker is dat sy vrou saam met hom was.

[1638] Die vlieëniers, K, Van der Linde en Potgieter het die getuienis oor die stort van die lyke in die see en elders bevestig. Hulle getuienis was basies dat hulle vlugrekordboeke betroubaar was oor die datums en die tydsduur van die vlugte. Dit is duidelik dat hulle rekords onvolledig is, minstens wat die passassiers waarvan ontslae geraak is aanbetref.

[1639] Dr. Kobus Bothma het getuig dat die beskuldigde gedurende 1983 vir hom gesê het dat daar drie mense is wat gedood moet word en dat hy moet saamgaan om hulle te sêdeer. Verder het hy getuig dat die beskuldigde 'n jellie-agtige substans aan hom gegee het, hom meegedeel het dat dit nie gevaarlik is nie maar dat hy dit aan een van die mense se vel moes smeer en moes kyk wat die reaksie is. Hy is na Johan Theron en het hom vertel van die opdrag. Nie ver van Pretoria het hulle mense met 'n Kombi ontmoet. Daar was drie swart mense daarin. Die beskuldigde het gesê dat hy hulle met medazolam moet verdoof. Hy het Medazolam in koeldrank gespuut. Hy dink dit was Game. Die mense wat in hulle laat twintigs of vroeë dertigs was was in voetboeie. Hy het gery tot by Dukuduku waar hulle die mense aan bome vasgeketting het. Die volgende dag het Theron vir hom gesê om die substans aan te smeer. Hy het dit gedoen en niks het gebeur nie. Theron het aangedui dat dit nou tyd was om die mense te groet. Hy het vir Theron ketelaar gegee omdat dit 'n wrede manier is om mense dood te maak en het weggestap. Tien minute later het hy teruggekeer en die mense was reeds dood en is in lyksakke gesit. Toe hy gevra is of hy wil saamvlieg het hy ja gesê omdat hy nie wou lyk of hy nie die situasie kon hanteer nie. Die mense is in die see gegooi. Hulle het gaan stem en by sy terugkeer het hy die beskuldigde meegedeel dat die substans nie 'n effek gehad het nie. Die beskuldigde het hom niks verder gevra nie.

[1640] Hy was deel van die Skyline Squad. Hy en ander dokters was betrokke by voertuie wat toegerus was vir noodsituasies in geval van 'n CBO aanval. Hy kan nie die voorvalle by Kloppersbos, Fontana of Louis Trichardt onthou nie. Dit is nou die ondervragings na die moord op Orlando Christina. Op versoek van die beskuldigde het hy 'n pakkie aan iemand buite die heining by Speskop oorhandig.

[1641] Tydens sy kruisverhoor het dit geblyk dat daar nie werklik 'n goeie rede was waarom hy moes saamgaan nie. Hy het toegegee dat die rede wat hy in sy verklaring aangevoer het nl. dat hy die mense moes dood sertifiseer geen sin maak nie. Vir die waarneming van die effek van die substans op die vel was daar ook nie werklik 'n dokter nodig nie. Hy kon nie verduidelik waarom daar verskille is tussen sy getuieis en die van Theron nie oor of hy ook van die oorledenes noodlottig ingespuut het nie, oor of hy weggestap het toe Theron hulle ingespuut het en oor of die beskuldigde hoegenaamd by die opdrag oor die voorval betrokke was. Netsoos met die ander getuies was hy in 'n penarie en het hy 'n keuse gehad

van of om die beskuldigde te impliseer of om self die gevolge te dra wat sy professionele loopbaan kon verongeluk en tot langtermyn gevangenisstraf kon lei. Hy het nie Theron se getuienis bevestig dat hy in opdrag van die beskuldigde Scoline en Tubérine aan Theron verskaf het nie.

[1642] Mev. Engelbrecht was betrokke by 'n voorval toe bier gaan haal is. Sy het gehoor dat die goed in die beskuldigde se kantoor was en daar gehaal moes word en iewers onder 'n 'culvert' naby Witbank geplaas moes word. Nicky Smit het gebel en gesê dat dit gehaal moes word. Hulle is met 'n wit Opel Monza om die meer by Centurion. Theron het die goed gaan haal en in die katebak gesit. By hulle kantoor het hulle, hulle vingerafdrukke afgevee. Sy weet nie wat daarna daarvan geword het nie.

[1643] Toe dr. Goosen nog by die H A Grove Proefdiersentrum by H F Verwoerd hospitaal was het die beskuldigde 'n mamba en mambagif benodig. Dit was omtrent Augustus/September 1983. Volgens hom het die beskuldigde hom meegedeel dat hulle toegang het tot vyande van die staat en dat die dood met 'n gesimuleerde mambabyt bewerkstellig kan word. Hy het die beskuldigde voorsien van 'n groot swart mamba, Fielies, en 'n letale dosis van mambagif. Die slang is 'n tyd later deur dr. Mijburgh teruggebring met 'n mededeling dat hy sy werk gedoen het. Daar is gepraat van stof wat jy aan 'n handvat sel kan smeer en so 'n persoon se dood veroorsaak. Dit is perkutane vergiftiging. Paraoxon is opspoorbaar en daar is gepraat van van gifstowwe wat nie opspoorbaar of terugspoorbaar moet wees nie.

[1644] Hy het getuig dat die laboratorium by RNL verskillende dissiplines moes hanteer maar dat die kern daarvan evaluering was. Die chemiese stowwe moes deur Delta G verskaf word. RNL het egter ook later 'n chemiese analitiese en sintetiese vermoë ontwikkel. Dit het geblyk dat hy bitter ongelukkig was omdat sy dienste by RNL beëindig is en dat hy nie gedeel het aan die meevaller wat die ander werknemers van RNL te beurt geval het met die privatisering nie. Hy was meer as een maal by die GG en ook by die advokaat-generaal en het dreigemente geopper om die hele projek Coast openbaar te maak. Hy het toegegee dat die toetse op hoogs toksiese stowwe by RNL gedoen moes word in die ontwikkeling van die CBO projek en dat daar niks sinistres daaraan verbonde was nie. Van belang vir die beregting van die bedrog klagtes is sy getuienis dat die beskuldigde meermale mambatoksien by hom gekry het en dat dit goed

aangewend kon word by peptiedsintese wat gedoen word met die oog op emosiebeheer. Hy het ook toegegee dat hipotetiese situasies geskets is en dat die navorsing dan op die basis gedoen is asof dit 'n werklike situasie was. Verder het hy bevestig dat die beskuldigde die moet-weet beginsel baie sterk toegepas het en dat 'n mededeling dat 'n vyand van die staat met 'n gesimuleerde slangbyt geelimineer moet word definitief 'n verbreking daarvan sou gewees het.

[1645] Dr. Andre Immelman was die direkteur van die navorsing by RNL. Hy het baie kontak met die beskuldigde gehad. Hy het opdragte van hom gekry wat hy weer aan die ander navorsers oorgedra het. Navorsing is gedoen oor substansie wat 'n rol kan speel by CBO, toedieningsroetes daarvan en teenmiddels en behandeling daarteen. Die SAW projekte was aanvanklik geklassifiseer as harde projekte (H). Dit is later gewysig na R. (Daar was 'n beduidende persentasie privaatwerk by RNL.). Hy het op 'n stadium bekommerd geraak oor die wettigheid van die projek en het dit met die beskuldigde bespreek. Dié het hom meegedeel dat dit deur die Staatsveiligheidsraad goedgekeur is en dat jy in ieder geval nie die wapenfabrikant aanspreeklik kan hou vir die misbruik van een van sy produkte nie.

[1646] Hy het bewysstuk 63B, die verkopelys, begin byhou. Daar is nie boek gehou oor die verskaffing van substansie nie en hy het so 'n lys gehou om later vir die beskuldigde te wys en vergoeding te eis vir lewerings wat geskied het. Die beskuldigde het hom voorgestel aan mense wat hy net geken het as Chris, Gert en Manie. Hyself is voorgestel as Willem die boer. Hy het middels aan hulle gelewer en ook aan ene Koos. Hy het gedink dat Koos mediese opleiding het. Op bewysstuk 63B het hy met letters aangetoon presies aan wie substansie gelewer is. Chris, Gert en Manie wou weet of jy 'n substansie kan kry wat deur aanwending op die vel die dood kan veroorsaak. Hy het paraoxon aan hulle verskaf met 'n aanduiding dat dit aan die kraag of die onderbroek aangesmeer moet word. Hy het later gelees dat eerwaarde Chikane byna dood is en het gewonder of dit nie van daardie paraoxon gewees het nie. Hy het die beskuldigde gevra waaraan hy dood is en die het hom meegedeel dat niemand weet nie, selfs nie eers die Amerikaners nie.

[1647] Op 27 Julie 1989 is 'n bobbejaanfetus oorhandig. Die beskuldigde het aangedui dat hy dit vir weefselkultuurontwikkeling benodig. Dit was op ys verpak omdat hy dit nie gepreserveer wou gehad het nie. 'n Paar dae later het hy gelees van die aapfetus by Aartsbiskop Tutu se woning. Hy het gewonder of dit nie dalk daardie fetus kon

gewees het nie. Hy het vibrio cholera aan Koos gelewer by die beskuldigde se kantoor. Koos het hom gevra om 'n pil te maak. Die een wat aan hom verskaf is het digoksien bevat. Hy het nie 'n pilmasjien gehad nie en het toe 'n houer met poeier aan Koos oorhandig. Dit is 'n middel wat die hartfunksie kan verbeter maar 'n oordosis kan die dood veroorsaak. Hy het allerhande toksienes aan Chris gegee. Sommiges is weer teruggebring. Hy het ook die skroewedraaiers en aanwenders gesien en het toetse daarmee laat doen. Hulle het 'n vark geslag en met die meganisme in die boud geskiet.. Hy bevestig dat hy vir Marais (oënskynlik die opsteller van 'n verslag 63A) gesê het dat hy uiteenlopende opdragte van die beskuldigde gekry het en dat die beskuldigde vir lang tye nie beskikbaar was nie. Hy verstaan nie die verwysing na geleenthede wat verlore gegaan het in die verslag nie. Met die privatisering het Swanepoel 52% van die aandele en hy en Spamer het elk 13% van die aandele gekry. Die balans is tussen die ander werknemers teen so 2% en 3% verdeel. Hy het by gen. Knobel daaroor gaan kla maar is meegedeel dat om sekuriteitsredes dit so gedoen is.

[1648] In kruisverhoor het hy aangedui dat hy nie aanvaar het dat die middels noodwendig gebruik sou word nie. Hy het egter besef dat hulle wel wan aangewend kon word. Hy was van mening dat as daar paraoxon aan klere gesmeer was dit deur die FBI opgespoor behoort te gewees het. Dit behoort ook die bloedontleding te geblyk het. Hy gee toe dat hy sommer gesê het dat die salmonella in suiker benodig is vir 'n ANC vergadering. Hy het nie geweet waarvoor dit benodig is nie. Weefselkultuurontwikkeling is normaal by navorsing. 'n Fetus sal seker vir so 'n dag op ys behoue bly. Op ys in 'n yskas sal dit seker so drie of vier dae hou. Dit sal begin verrot na twee of drie weke. Vir weefselkultuurontwikkeling is vriesdroog of gepreserveer in formalien nie moontlik nie. Hy bevestig dat 'n deel van die navorsing daarop gemik was om te bepaal hoe 'n belangrike persoon in sy hotelkamer vergiftig kan word.

[1649] Hulle moes allerhande toetse doen. Hulle moes byvoorbeeld bepaal of stowwe by sekere temperature stabiel bly en of dit oplos in water of drank. Hulle moes die stowwe of aankoop of sintetiseer. Hulle moes kyk of dit verkleur en of die stof waarin dit vermeng word verkleur. Die aanduiding dat 'n stof geskik is, is 'n objektiewe een met geen sinistere bedoeling nie, soos bv. dat die knal nie te hard is nie of dat dit nie verkleur nie. Hy gee toe dat cholera 'n aanmeldbare siekte is en dat cholera nie veel kans het op oorlewing in water wat vir drinkdoeleindes gesuiwer is nie. Hy gee toe dat digoksien 'n baie swak keuse vir 'n moordwapen sou wees omdat die pasient in 99% van die gevalle deurgehaal sal kan

word. Hy sê dat hy en die beskuldigde dit wat hulle gedoen het bspreek het en aanvaar het wat hulle gedoen het goedgekeur is. As iemand dit wat hulle gemaak het wan aangewend het was dit nie hulle verantwoordelikheid nie. Hy het toegegee dat hy nooit wat hy aan Chris, Gert en Manie verskaf het met die beskuldigde bspreek het nie of enige terugvoering aan die beskuldigde gegee het nie. Hy betwis dit ook nie dat die beskuldigde onder die indruk kon gewees het dat al wat hulle wou hê inkapasitante was om hulle te help by oorgrensaksies nie.

[1650] André Redelinghuys was eers by EMLC in Lyttelton. Hulle het ongeveer Augustus/September 1980 verskuif na Speskop. Daar was toe 'n dr. Coetzee aan bewind. Later het Sybie van der Spuy by hom oorgeneem. Hy het gedurende 1982 gehoor dat die beskuldigde aangestel is as die hoof van die mediese eenheid.

[1651] Dr. Muller is seker die grootste gifkenner in die land. Hy het 'n baie interessante lesing gegee oor die gifstowwe op die verkopelys en oor die werking van Tubarine en Scoline. Dit het geblyk dat die meeste van die gifstowwe super toksies is. Hy het egter ook toegegee dat verskillende kosse en drankie die verskillende kosse verskillend sal affekteer en dat daar gevolglik navorsing op daardie gebied nodig is. Hy is later teruggeroep en het aangedui dat hy eerwaarde Chikane se getuienis gelees het en dat die simptome vir hom as kliniese toksikoloog dui op paraoxon vergiftiging. Hy het egter ook aangedui dat Victor de Fonseca definitief nie aan thaliumvergiftiging dood is nie en dat die haemmorargiese pankreatitis waaraan Enoch Dhlamini oorlede is ook nie met thaliumvergiftiging te versoen is nie.

[1652] Eerwaarde Frank Chikane het getuig dat hy polities baie aktief was en baie uitgesproke teen die destydse regering. Hy het bv. 'n verklaring uitgereik oor die bombardering van Khotso huis en het sanksies teen die RSA gepropageer. Hy, biskop Tutu, dr. Boesak en dr. Beyers Naude sou gedurende 1988 na die VSA gaan om te verseker dat daar nie 'n herskedulering van die staatslenings sou wees nie. Sy vrou het toe in Wisconsin in die VSA studeer. Voordat hulle egter na die VSA is, is hy en eerw. Manas Buthelezi na Namibië. Hulle het die aand in 'n gastehuis oornag en vroeg die volgende oggend na die noorde vertrek. Hy het die oggend 'n skoon onderbroek aangetrek en teen tien uur begin sleg voel. Sy lyf het seer geword en hy het begin braak. Hy is na 'n hospitaal geneem. Dieselfde dag is hy teruggebring na 'n hospitaal in Johannesburg. Hy het geleidelik herstel en is na Kaapstad om aan te sterk. Daar is toe ook besluit dat hy voor die ander lede van die afvaardiging na die VSA sou vertrek sodat hy saam met sy eggenote kon wees.

[1653] Op daardie stadium was die tas wat hy na Namibië geneem het nog steeds gepak met dieselfde klere. Hy het net informele klere by ingepak en is daarmee uit die land uit. In Wisconsin is daar 'n geselligheid vir hom gereël. Hy het skoon aangetrek en tydens die geselligheid het dieselfde simptome as in Namibië sigself weer gemanifesteer. Hy is weer in die hospitaal opgeneem en toe hy bykom kyk hy in 'n biskop vas. Hy vermoed toe dat dit sy einde is. Hy is oorgeplaas na 'n onderrig hospitaal. Hy het hospitaal klere gedra en herstel. Hy is na die huis van prof Frank Hayward. Nadat hy gewas het en skoon klere aangetrek het, het hy weer 'n aanval gehad. Hy is as Frank Hayward in die hospitaal opgeneem. Hy het na twee dae herstel met 'n diagnose van waarskynlike pankreatitis. Hy is toe na die baie veilige huis van die rektor. Nadat hy gestort het en skoon klere aangetrek het, is hy op 'n rit na die buitewyke van die stad geneem. Weer eens het die simptome gemanifesteer. Hy is terug hospitaal toe. Hy het weer eens na 'n paar dae herstel. Urine monsters is geneem en toetse is gedoen. Hy is toe geneem na die huis van Donna Sahlala, wat baie veilig was. Daar is toe ook besluit dat as daar weer 'n aanval begin dr. Smit onmiddellik in kennis gestel sou word sodat toetse gedoen kon word. Dit het gebeur. Alles wat hy van die huis af saamgebring het is toe weggeneem. Die dokters kon nie die substans identifiseer nie.

[1654] Dr. Smit van Wisconsin het aangedui dat hy nie die substans kon identifiseer nie. Hy het vergiftiging as 'n moontlikheid uitgeskakel omdat die pasient aangedui het dat hy nie met gif in aanraking was nie. Die cholien-esterase was laag en hy is tevrede dat die pasient organofosfaat vergiftiging ondergaan het.

[1655] Dr. Thomas Lynch, 'n FBI agent met 'n PhD in chemie, het getuig dat hy 'n doos met bewysstukke ontvang het en getoets het. Die oorsprong van die bewysstukke was onbekend. Daar was niks opsigteliks soos 'n oliekol nie. Hulle het ook die klere probeer toets maar kon niks daarop kry nie. In die urine monster was daar paranitrofenool en 'n metaboliet van parathion wat in paraoxon omskep kan word.. Indien daar paraoxon op die klere gewees het, behoort dit nog daar te gewees het toe hulle die klere getoets het. Hulle het die ketting van die bewysstukke probeer bewys maar kon dit nie doen nie.

[1656] Die Staat het met behulp van beëdigde verklarings en die mondelinge getuienis van Zeelie, Beyers en Burger gepoog om te bewys dat Chris, Gert en Manie eerwaarde Chikane se reistas op die lughawe onderskep het en sy klere met paraoxon gesmeer het. Hulle getuienis is nie versoenbaar nie. Burger wat moes aantoon dat hy die tas vir Chris, Gert en Manie gegee het, het getuig dat hulle glad nie by die lughawe was nie. Hy is nie gediskrediteer as 'n getuie nie.

[1657] Volgens 'n beëdigde verklaring wat deur biskop Tutu afgelê is, het sy tuinier 'n fetus in sy tuin gevind, dit verwyder en begrawe. Die tuinier het hom nie daarvan ingelig nie. Hy het later uitgevind toe die polisie hom van die voorval meegedeel het. Hy is nooit deur die optrede geïntimideer nie.

[1658] Minister Omar het ook 'n verklaring afgelê. Dit blyk dat hy ook baie polities aktief was en baie teen die destydse regering. Hy het gedurende 1979 'n hartaanval gehad. Hy het inderal en theodur tablette geneem vir sy toestand. Toe hy in 1989 in die stadsaal in Durban opgetree het, het hy weer siek geword. Daar was groot media belangstelling. Hy is versigtig en suspisieus oor sy tablette en is nie bewus van 'n aanval op sy lewe of dat met sy tablette gepeuter is nie.

[1659] Die Staat het formeel erken dat inderal tablette pienk is.

[1660] Mnr T was verbonde aan die BSB. Hy was die koördineerder van streek 9. Hulle het gekonsentreer op die ontwigting van die vyand op psigologiese wyse. Hulle het geglo dat 'n gedeelte van die bevolking aan toorkuns glo. Hulle wou dit aanwend om mense van mening te laat verander. Hulle het nie te doen gehad met die doodmaak van mense nie. Hy was ook die koördineerder van die ander streke en die stelsel. Indien daar mediese middels nodig was het hy dit verkry. Hy het dit van mnr. R gekry. Hy het versoeke ontvang. Dit was gewoonlik skriftelik. Hy het die versoek aan mnr. R oorhandig en dan weer later die middels ontvang. Hy sou nie geweet het watter middels aangevra is nie maar vir maksimum ontwigting van die vyand kon daar skadelike stowwe gewees het.

[1661] Daar is gepraat van 'n fetus projek. Daar was 'n idee dat biskop Tutu vatbaar sou wees vir so 'n projek. Daar is gedink daaraan om 'n bobbejaan wyfie te gaan skiet in die hoop om 'n fetus te kry. Hy was 'n koerier by die Omar geval.

Hy het pille van Slang van Zyl ontvang en dit aan iemand by die kantoor oorhandig. Hy het in kruisverhoor bevestig dat mnr. R slegs medisyne verskaf het. Hy het die beskuldigde geken en die beskuldigde het nie by die BSB ingeskakel nie.

[1662] Mnr. Q het by EMLC gewerk vanaf 1980. Hy het spesiale aparate gemaak en is deur Krygkor betaal. Hy het met wapens gewerk soos om knaldempers in te sit, ammunisie te beveilig en lope is verkort. Op versoek van dr. Mijburgh het hy 'n gaatjie in 'n Game koeldrankblik geboor. 'n Substans is daarin gespuut en hy het dit toe soldeer. Aan die einde van 1987 het hy op instruksies van generaal Liebenberg bedank en is hy aangesê om instruksies van die beskuldigde te kry. Hy is gevra om 'n kerie te maak wat 'n klein balletjie kon uitskiet. Jy sou dit kon gebruik om iemand te vergiftig. Vanaf 1988 het hy by SRD onder dr. Lourens gewerk. Hy het die kerie klaargemaak en skroewedraaiers met hol handvatsels gemaak waarmee inspuittings toegedien kon word. Hy het ook in opdrag van die beskuldigde so 'n sambreel gemaak. Dit is op 'n bobbejaan by Roodeplaat getoets. Hy het later by die BSB aangesluit en aan die lede se voertuie gewerk.

[1663] Ook drs. Wandrag, Odendaal, Davis, van Rensburg en Psotta wat navorsing gedoen het by RNL het oor hulle werk getuig. Dat hulle bewus geword het daarvan dat hulle met CBO navorsing besig was is duidelik. Dr. Odendaal het gemeen dat daar met die tyd baie aandag aan die offensiewe sy van CBO spandeer is. Dr. van Rensburg wat een van die direkteure was, was nie 'n vertroueling van die top bestuur nie. Dr. Immelman het getuig dat hy hom nie vertrou het nie. Hy was die hoof van die etiese komitee. Dr. Swanepoel het hom vir 'n bobbejaanfetus op ys gevra. Daar was 'n Amerikaner by RNL wat in peptiede belanggestel het. Hy het gedink die fetus word vir navorsing daarvoor benodig. Toe hy van die Chikane voorval gelees het was hy baie suspisieus. Drs Wandrag en Davis het die keisersnee op die bobbejaanwyfie. uitgevoer en die fetus verskaf. Dr Davis het ook proewe met die spesiale aparate uitgevoer. Dr. Psotta het navorsing op paraoxon gedoen en bepaal dat dit stabiel is. Hy het ook metakoloon op 'n klein skaal gesintetiseer maar toe hy hoor dat dit op groot skaal by Delta G gesintetiseer word het hy die beskuldigde daarvan beskuldig dat hy sy tyd mors. Hy was verder betrokke by die inskandering van al die verslae op optiese skyf by Data Image. Hy het saam met dr. Bothma gewerk.

[1664] Mnr. K het getuig dat gedurende Februarie 1979 hy vanuit Zimbabwe na Suid Afrika gekom het en op versoek van gen. Loots 'n spesiale eenheid tot stand gebring het. Hy was die eerste bevelvoerder van Barnacle. Hulle het met die toestemming van gen. Malan 'n eiendom by Broederstroom aangekoop het. Hulle aanvanklike doelstelling was diep verkenning. Dit het mettertyd oorgegaan in identifikasie en eliminasië van die vyand. Bewysstuk 31 B1 is 'n dokument wat van hoër gesag gekom het waarin o.a. die volgende funksies uiteengesit word: eliminerings, hinderlae teen persone van strategiese belang, die bedryf van super sensitiewe operasies, insameling van gevegsinligting en inligting en spesiale take. Hulle het op 'n streng moet-weet basis gewerk. Hy was nooit by chemiese optrede betrokke nie. Hy het wel saam met Johan Theron gewerk. Volgens hom het Theron altyd 'n spuit met 'n rooi drukker (plunger) gehad en het hy uit die staanspoor geweet dat die spuitstof deur die beskuldigde voorsien word. Hy het na die voorval in die vliegtuig vir die beskuldigde gekonfronteer omdat die spuitstof nie gewerk het nie. Hy het Barnacle in Maart 1982 verlaat en is opgevolg deur ene Charl Naude.

[1665] Hy het dit duidelik gemaak dat hulle soldate was en buite die land geopereer het. Die polisie is verantwoordelik vir die binnelandse veiligheid. Die eerste keer wat hulle liggamte in die see gegooi het was gedurende Julie 1979. Die tweede keer was in Augustus 1980 en daarna in November 1980 en Februarie 1981. So lank as wat hy 'n lid van Barnacle was was die beskuldigde nie daaraan verbonde nie. Sy gesprek met die beskuldigde was voor November 1980. Hy het nie voor die WVK getuig nie en het homself in dieselfde penarie as van die ander staatsgetuies bevind. Die aanbod om 'n 204 getuie te word was vir hom so veel werd as 'n kruik vol goud.

[1666] Phaal het bewus geword van Barnacle. Hy het betrokke geraak maar terugspoorbare voeling moes uitgeskakel word. Dit is opgevolg deur 'n interim organisasie wat net bekend was as "die organisasie". Dit het later die BSB geword. Dit is gesê dat die vul gebore moet word terwyl die merrie galop. Hy het 'n lid geword. Soos al die ander BSB lede het hy getuig oor die doelstellings wat identifikasie en eliminasië van die vyande van die staat insluit en ook die moontlikheid van die gebruik van gif om die doel te bereik. Volgens hom moes die generaal dit voorstel. Die ander BSB getuies het gesê dat die lid 'n plan voorstel en aan die streeksdirekteur voorlê. As die streeksdirekteur dit goedkeur word dit aan die generaal voorgelê vir goedkeuring. Daarna word die plan uitgevoer. Die BSB lede het skuilname en dekstories gehad om

hulle posisie aan hulle families te verduidelik en ook om hulle werksaamhede te verduidelik. Dit was blou planne en rooi planne.

[1667] Slang van Zyl, Staal Burger, Calla Botha en Chap Marais was almal lede van Brixton se Moord- en Roof afdeling wat bedank het, vir 'n tyd kamma by Matthysen busdiens gewerk het en toe by die BSB aangesluit het. Van Zyl was betrokke by die volgende projekte: die Dullah Omar projek, die bom by die Early Learning Centre, die Gavin Evans geval, die aapfetus en by 'n brand in 'n drukkerij. Hy het 'n medewerker ene Peaches Gordon gehad. Dit was goedgekeur dat mnr. Omar met 'n Makarov pistool geskiet moes word. Gordon het moeilikheid ondervind om 'n gepaste geleentheid te kry om die plan uit te voer. Dit het toe geblyk dat hy hartmoeilikheid het. Hy is versoek om van die hartpille te kry. Hy het twee bekom. Daar was ene Niek by toe hy die pille ontvang het. Die pille is vir 'n mediese persoon gegee. Op 13 Mei 1989 is hy Johannesburg toe. By die lughawe het hy vir Niek ontmoet. Daar het geldelike verrekening plaasgevind en hy het poeier ontvang wat oor mnr. Omar se kos gestrooi moes word. Dit sou 'n hartaanval presipiteer. Hy het Gordon die poeier laat kry maar dié het na 5 dae laat weet dat dit nie moontlik is om dit oor mnr. Omar se kos te strooi nie. Hy het hom toe opdrag gegee om die pistool en die poeier te vernietig.

[1668] Hy en Ferdie Barnard was betrokke by die aapfetus geval. Hulle is na biskop Tutu se huis. Hy het dit aan 'n boom opgehang en Barnard het agt spykers weerskante van die oprit in die grond ingeslaan. Hy het die fetus gedurende die tweede helfte van 1989 van Burger ontvang. Volgens hom het alle BSB bedrywighede teen die einde van September 1989 tot 'n einde gekom.

[1669] Botes was ook verbonde aan die BSB en redelik senior. Hy het getuig dat as gif deur die BSB aangevra sou gewees het daar skakelpersone was. Hy noem de Wet, Odendaal en Brink (mnr.R). Hy het ook genoem dat Phaal goed by EMLC gekry het. Daar is gesê dat dok Wouter se span gif het. Hy het gif ontvang en het ook cholera gekry. Hy het gereël dat die cholera in die water by 'n vlugtelingkamp, naby Windhoek in Namibië gegooi word. Hy was skepties omdat daar chloor in die water was. Hy en Joe Verster het 'n groot uitval gehad en hulle verhouding met mekaar kan nie herstel word nie. Sy kantoor is gebombardeer. Hy het die beskuldigde net vir 5 minute gesien toe hy 'n klein leeutjie aan hom

oorhandig het. Tydens kruisverhoor het hy aangedui dat hy bewus was van grypoperasies in die buiteland en dat hyself by drie betrokke was.

[1670] J A Nieuwoudt het getuig van chemiese ondervraging by Fontana (na Orlando Christina se dood.). Hy het Swazilandse bier aan spesmagte verskaf en dit later teruggekry vanaf Dirk Booysen. Daar was soldeermerke wat hy afgevyt het. 'n Agent het opdrag gehad om die bier aan Enoch Dhlamini te oorhandig. Die res van die bier het hy gehou en later aan Henry van Rensburg oorhandig.

[1671] Henry van der Westhuizen het getuig dat in opdrag van Nieuwoudt hy 12 Swazi biere gekry het. Daar was 'n opdrag dat die bier met gif voorberei moes word. Die bier was in sy kabinet. Dit is nooit daaruit nie en is nie oorhandig nie. Hy is ook opdrag gegee om wyn voor te berei. Dit het ook nooit geskied nie. Hy was nie in die kantoor toe die Goldstone kommissie 'n klopjag uitgevoer het nie. Die kabinet met die inhoud is verwyder.

[1672] D J Booysen het getuig dat hy opdrag gekry het van Nieuwoudt om bier te dokter. Dit was gewone bier. Nieuwoudt en Hekkies van Heerden het met mekaar gepraat. Hy het die bier by Hekkies van Heerden gekry en glo dat hy met EMLC gereël het om die bier te dokter.

[1673] E J Smit se BSB skuilnaam was Niek Nienaber. Hy was by die lughawe toe Slang van Zyl moes verreken. Hy het vir hom 'n botteltjie gif gegee. Hy het vir hom gesê dat dit 'n kapsule moes gewees het maar dat die persoon nie kapsules kan maak nie. Hy het dit by Christo Brits (Wouter Jacobus Basson) gekry. Die mediese skakelpersoon was mnr. R. Die logistiese offisier was Joof Booysen.

[1674] Mnr. C was 'n lid van die BSB. Daar was 'n eenrigtingspieël by Fort Rev. Hy is saam met Botes Windhoek toe en het 'n pakkie van Botes ontvang wat hy aan Daniels gegee het. Hy het later gehoor dat dit cholera was wat nie gewerk het nie.

[1675] C C (Calla) Botha was by toe die botteltjie poeier deur Smit aan Slang van Zyl oorhandig is. Hy het onder kruisverhoor gesê dat hy logistiese hulp van EMLC sou verwag het en dat hulle enigiets kon vervaardig.

[1676] J E May was in beheer van die mediese stoor by Speskop. Hy het dokters, Unita en Renamo voorsien van mediese voorrade. Ketelaar en Scoline het deel van die mediese sakke gevorm. Hy het 'n register gehou wat nie gereeld gekontroleer is nie. Wanneer hy egter daar was kon 'n persoon nie sommer voorraad vat nie. Hy het sy instruksies van dokters gekry. Die beskuldigde het die laboratoria gebruik. Dit was 'n afgesonderde gebied. Hy het die apparaat vernietig. Beukes was ongelukkig omdat hy mandrax moes maak. Johan Theron kon die store inspekteer. Hy kan nie onthou dat hy die store besoek het nie maar het wel van sy ondergeskiktes soos Phaal gestuur.

[1677] Volgens R Botha se getuienis was een van die dokumente in een van die trommels 'n inventaris afkomstig van Worldwide Removals. Hy het dit opgevolg en beslag gelê op 20 houers met goedere van die beskuldigde. Een was 'n trommel met BSB dokumente.

[1678] J C S Maree was 'n sekuriteits bestuurder by Roodeplaat. Hy het steeds aan kol. du Preez gerapporteer. Hy ontken dat hy bewysstuk 63A opgestel het. Immelman het hom meegedeel dat die beskuldigde operateurs aan hom voorgestel het en hy het vir Immelman gadviseer om nie met hulle in openbare plekke te praat nie, eerder in voertuie. Swanepoel het hom 'n koerantberig oor eerw. Chikane gegee en hy het dit op sy lêer geplaas.

[1679] R M Hunter het sy verpligte militêre diens gedurende 1982/83 gedoen. Hy was verbonde aan die hoof van staf intelligensie by die Zanza gebou. Hy het verslag gedoen aan kol van Niekerk. Hy was die Maandag na Orlando Christina se dood by Vofal. Hy het gehoor hoe die ondervraging geskied het en het sy eie afleidings gemaak. Hy het later 'n pyp met bloed op gesien. Hy het vir die ANC gespioeneer en oor naweke dokumente vir mn. en mev. Hanekom gegee. Hy is gedurende 1983 gearresteer. Hy is aanvanklik aangekla van hoogverraad. Hy het later skuldig gepleit op mindere aanklagte en is gevonnissen tot 5 jaar gevangenisstraf..

[1680] Die getuies C M Lotz, P J K Viljoen en C R Viljoen was betrokke by die Oosrandse Moord- en Roofafdeling en het die ondersoek na die moord op Christina gedoen. Hulle het getuig dat hulle eers van een plek na 'n ander geskuif het en toe na Entambeni naby Louis Trichardt is. Hulle getuienis is dat die beskuldigde en ander dokters mediese bystand aan hulle gegee het maar hulle het ontken dat daar chemiese ondervraging plaasgevind het. Hulle bevestig meeste van die bewerings in bewysstuk 36B ('n verslag oor die moord op Christina en die daaropvolgende ondersoek en optrede) maar ontken dat dit 'n polisieverslag is.

[1681] Brigadier van Niekerk was betrokke by spesiale take. in besonder was hy gemoeid met Vofal ('n Akroniem vir the Voice of Free Africa in Portugees.). Hy het al die reëlins getref oor Christina se begrafnis en die ooreenoms oor wat met die skuldiges moes gebeur. Renamo wou naamlik hê dat die hele groep by Vofal na Mosambiek gestuur moes word maar hulle het besef dat dit sou lei tot die uitwissing van die hele groep. Hulle het toe ooreengekom dat hulle sou ondersoek instel wie die skuldiges is en hulle sou uitlewer aan Renamo vir 'n behoorlike Krygsraad. Daar is besluit dat daar nie dokumente oor die voorval moes wees nie. Hy ontken dat bewysstuk 36B 'n militêre dokument is. Hy het dit nooit vantevore gesien nie. Die hele episode was 'n verleentheid vir die regering omdat Christina heimlik in die land was en daar geen erkenning van ondersteuning aan Renamo was nie. Nadat die ondersoek afgehandel is het hulle die verdagtes en die krygsraad per vliegtuig na die Angola grens geneem. Die krygsraad het die verdagtes na 'n hut aan die Angola kant geneem en na 'n kort rukkie doodgeskiet. Hulle is toe in lyksakke geplaas en in die see gegooi.

[1682] Dit het bekend geword dat Hunter 'n spioen was en hy is gearresteer. Hy het 'n teoretiese vraag aan die beskuldigde gevra oor hoe om 'n persoon soos Hunter te laat verdwyn. Dit was toe hy die beskuldigde as pasient gaan sien het. Die beskuldigde het gesê dat dit met mambagif gedoen kan word. Baie kort nadat dit bekend geword het dat Hunter die spioen is, is hy gearresteer en daar het niks van die plan gekom nie. Hy het tydens kruisverhoor toegegee dat die besluit dat die verdagtes oor die Christina aangeleentheid uitgelewer moes word deur 'n baie hoër rang as syne geneem. Daar was geen aanstigting nie. Die besluit is vroegtydig geneem. Die beskuldigde het nie 'n rol gespeel nie. Daar was geen sameswering om moord te pleeg nie. Oor Hunter was dit sy getuienis dat hy nie glo dat hy die naam aan die beskuldigde

genoem het nie. Daar was nie 'n sameswering om hom te vermoor nie. As daar so 'n sameswering was sou hy daarvan geweet het.

[1683] Paul Heyns was saam met die beskuldigde en Theron toe 'n pasient by 1 Militêre hospitaal gehaal is. Die pasient is aan hom vasgeboei tot by die lughawe. Hy sou aanvanklik saamgevlieg het maar die loods het aangedui dat dit onnodig was en die pasient is agter in die vliegtuig vasgeboei. Hy dink hy het Engels gepraat.

[1684] Dr. Meyer het getuig dat hy gedurende 1985 by ongevalle was. Daar was 'n saal waar sensitiewe gevalle gehou is. Hy is aangesê om 'n ondervraging by te woon. Die beskuldigde en dr. Erasmus het dit in 'n privaatkamer gedoen. Die pasient was op 'n drup. Hy was by sy positiewe en het slaperig geraak. Dit was nie suksesvol nie en is die volgende dag herhaal. Daar was 'n gesprek dat die pasient uitgesorteer moes word. Hy het verstaan dat h gedood moes word. Hy was ontsteld en het dit met gen. Knobel bespreek en is toe verplaas Rundtu toe. Tydens kruisverhoor het hy toegegee dat hy nie weet watter middel toegedien is nie. Hy het egter toegegee dat dit heeltemal normaal is om 'n mediese ondervraging tydens 'n konfliktsituasie te doen deur gebruik te maak van pentotal. Hy het toegegee dat dit so 'n situasie kon gewees het. Hy gee toe dat in sy November verklaring (kort voordat hy getuig het) hy niks vermeld het van die pasient wat uitsorteer moet word nie. Hy sê dat tydens 'n breedvoerige konsultasie dit hom bygeval het. Dit word aan hom gestel dat gen. Knobel nie sy getuienis gestaaf het nie en ook nie dr. Erasmus nie.

[1685] Die twee vlieëniers, mnr S en F Frayne het bevestig per verklaring dat hulle betrokke was by die neem van die verskillende rolspelers na Angola vir die krygsraad waarin Bomba-hulle verhoor en gedood is. Wouter Jacobus Basson het ontken dat hy die hartpille wat vir mnr. Omar bedoel was hanteer het. Ene Smuts-Muller het getuig dat hy 'n stoorman by die BSB was. Later het hy 'n besigheid in Kempton Park gehad waar hy op 'n stadium die beskuldigde se meubels gestoor het. Daar is 'n verklaring van Staal Burger wat aantoon dat hy bewus was van die fetus projek en van die Omar projek maar hy verbind nie die beskuldigde daarmee nie. 'n Verklaring van een van die ondersoekbeamptes Holmes toon aan dat hy vir 'n tyd by die Christina ondervraging was en dat die beskuldigde iemand medies behandel het.

[1686] Mnr. R, was verbonde aan die BSB tussen einde 1987 tot einde 1989/begin 1990. Hy is 'n mediese dokter wat mediese bystand verleen het. Hy is dmv. 'n beeper gekontak. Hy het versoeke van Theo gekry en het ook die benodighede aan hom gelew. Hy het versoeke aan die formele struktuur, die beskuldigde of Willem, gerig. Hy het hartpille aan Theo oorhandig. Hy weet nie wat inderal se kleur is nie. Hy het gewonder waarvoor. Hy het 'n fetus in 'n koelhouer ontvang. Aanvanklik het hy gesê dat hy dit aan Theo oorhandig het maar later was hy nie seker aan wie hy dit oorhandig het nie. Hy weet nie wat hy alles aan Theo oorhandig het nie. As Theo sê dat hy niks skadeliks oorhandig het nie aanvaar hy dit. Hy het bv. persone wat beseer is behandel.

[1687] Dr. Bester het mediese bystand by die ondervragings na die moord op Orlando Christina verleen. Hy was nie self by enige ondervraging betrokke nie, ook nie toe hy by Entambeni vir 'n paar dae die enigste dokter was nie. Ook die beskuldigde was nie by die ondervraging betrokke nie. Scoline en Tubarine was operasioneel beskikbaar en is soms met behulp van handventilators gebruik.

[1688] Inspekteur Venter het verklarings van Wentzel, Theron en Floyd geneem. Wentzel se verklaring het hy nie aan die ondersoekbeampte in die dwelmsaak in Rustenburg oorhandig nie omdat hy 'n 204 getuie was en hy hom belowe het om dit te doen. Theron wou nie voor die WVK getuig nie. Om daardie rede het hy hom nie sy verklaring laat teken nie. Floyd het om een of ander rede omgeswaai. Hy het onder kruisverhoor erken dat hy nie verklarings van Chris, Gert en Manie geneem het nie omdat hulle ontken het dat hulle paraoxon van Immelman ontvang het. Hy het hulle nie geglo nie. Hy kan ook nie ontken dat die Staat beskik oor 'n verklaring van van der Walt waarin hy ontken dat die oogmerk was om biskop Tutu te intimideer maar dat dit was om sy aanhangers te kry om hulle lojaliteit teenoor hom te verloor.

[1689] Dit is dan by ooreenkoms op rekord geplaas dat paragraaf 5 van van der Walt se verklaring inderdaad tot daardie effek is

[1690] Inspekteur de Lange was betrokke by die neem van Phaal se verklaring. Hy het ernstig onderhandel want daar was baie goed wat hy nie in sy verklaring opgeneem wou hê nie. Die enigste manier waarop hy die beskuldigde kon

impliseer was met die botteltjie gif op die lughawe. Hy het staving vir daardie bewerings probeer kry maar kon nie daarin slaag nie. Floyd en Peter Kalangula het byna die identiese plek aan hom uitgewys waar Kalangula sy motor parkeer het. Die een het aan die een kant van die boom gewys en die ander een aan die ander kant van die boom.

[1691] Die Staat het 'n getuie Mary Rook van die VSA geroep. Sy moes aantoon dat daar toetse op die klere en monsters van eerw. Chikane gedoen is. Sy het egter aangetoon dat sy 'n blote geleibuis was en nie enige positiewe aanduiding kan gee van waarop die toetse gedoen is nie.

[1692] Gen Nieuwoudt het getuig dat toe Hunter aan die kaak gestel is gen van der Westhuizen hom aangesê het om met die beskuldigde te praat. Die beskuldigde het 'n voorstel van 'n gesimuleerde slangbyt gemaak. Hunter is baie kort daarna gearresteer. Daar was geen sameswering om Hunter te vermoor nie.

[1693] Magdale Jäckel het getuig dat die beskuldigde haar meegedeel het dat jy iemand chemies kan ondervra. Hy het egter ook gesê dat hy dan ge-elimineer moet word. Sy self was nooit by chemiese ondervragings betrokke nie.

[1694] Die beskuldigde het getuig dat hy vir Johan Theron eers na 1981 ontmoet het. Hy het ontken dat daar 'n gesprek in gen. Loots se kantoor was of dat hy middels aan Theron voorsien het of aan ander dokters. Hy het wel soms aan spesmagte operateurs middels soos Valiums, angswerende middels of disorientasie-middels verskaf vir oorgrens aangeleenthede. Oor Theron se getuienis dat hulle saam by Fort Rev. was is sy getuienis dat hy op Windhoek afgeklim het omdat hy samesprekings moes hê met die gebiedsbevelvoerder en met die hoof van mediese dienste. Hy was nie na die operasionele gebied nie. Hy sê dat Ketalaar 'n roetine uitreiking in 'n mediese sak was.

[1695] Hy het ontken dat hy enigsins enige opdrag aan Bothma gegee het ivm die Dukuduku voorval. Hy ontken dat hy 'n substans aan Phaal gegee het. Hy sê dat antistolmiddels eers 'n paar dae vat om te werk. Oor aanklag 51 sê hy dat daar 'n normale manier was om van lyke ontslae te raak deur lykbesorgers. Hy ontken dat hy enigiets te doene gehad het met aanklagte 53 en 56. Hy sê dat fetusse gebruik is vir weefselkultuurontwikkeling en dat daar navorsing daarmee

gedoen is op die gebied van peptiedsintese. Hy glo dat mnr. R Koos kon gewees het en dat Koos die fetus vir hom afgehaal het. Oor aanklag 62 ontken hy dat hy enige idee het waaroor Theron praat. Nicky Smit het gedurende 1989/90 vir Mijburgh gewerk. Hy glo nie dat sy ooit in sy diens was nie. Oor aanklag 63 ontken hy dat hy by enige aanklag betrokke was. Soos hy dit verstaan het moes die polisie die situasie in die binneland hanteer en was die SAW se optrede gerig op die buiteland.

[1696] Hy ontken dat hy 'n middel aan Floyd gegee het. HSAW het hom ingeroep en gesê dat hy hoor dat aparate gemaak word. Hy het aan hom opdrag gegee om sulke aparate te laat maak. Hy het dit gekoördineer en mnr Q het skroewedraaiers, kieries en sambrele gemaak. Dit is getoets by RNL en so ver as wat hy bewus is was dit nooit gebruik nie. Hy het wel vir Chris, Gert en Manie aan dr. Immelman voorgestel maar dit was nadat gen. Liebenberg hom versoek het om hulle te help met disorientasie-middels vir oorgrensaksies. Vergaderings sou by sy kantoor geskied omdat hy so baie weg was. Daar was geen terugrapportering aan hom nie. Koos kon vir hom toksiese middels by Immelman gekry het.

DIE BEDROG AANKLAGTE

[1697] Gen. Knobel het die aanloop tot projek Coast en die begin daarvan, soos in die inleiding uiteengesit, verduidelik. Gedurende 1981 het die minister goedkeuring verleen dat 'n ondersoek gedoen kon word. Die beskuldigde is aangestel omdat hy oor baie goeie kwalifikasies beskik het. Na aanvanklike navorsing is die projek goedgekeur. Dit sou deur die GG as projekteier bestuur word omdat daar van frontmaatskappye gebruik gemaak sou word. Dit moes voldoen aan internasionale konvensies omdat die RSA lid was van die Geneefse konvensie van 1925 en die biologiese wapenkonvensie van 1975.

[1698] Hy het verduidelik hoe die frontmaatskappye gewerk het en het o.a. genoem dat S A Working Dogs 'n frontmaatskappy was. Enige konneksie met die SAW moes verbloem word. Daarom moes die maatskappye soos privaatmaatskappye met direkteure en aandeelhouders lyk. Aandele is uitgereik maar daar moes blanko oordragvorme geteken word te beveiliging van die SAW. Daar moes jaarliks verslag gedoen word en 'n begroting opgestel word.

Bedrywighe van die projek was ook navorsing oor defensiewe materiaal by Protechnik Laboratorium, Fisiologiese navorsing by Lifestyle Management, bedryfstegniese stelsels, die inwin van wetenskaplike publikasies en die ordening daarvan in 'n databasis en die verkryging van defensiewe uitrusting soos klerasie, maskers, skoene en sportskoene. Baie van die goedere moes klandestien verkry word. Die beskuldigde moes die verskaffers identifiseer en die pryse en wyse van betaling reël. Jaarlikse voorleggings oor behoefte is deur HSF aan die minister gemaak. Die chemiese navorsing was by Delta G en die biologiese navorsing by RNL waar daar gekonsentreer is op teenmiddels teen biologiese agense. Daar was 'n grys area van middels wat biologies gekweek kon word en chemies aangewend kon word.

[1699] Die hele projek was 'n geheime projek. Aanvanklik was die lede van die KBK HSAW, die GG, HSF en HSI en die beskuldigde. *Secundi* lede is nie eers by vergaderings toegelaat nie. Aanvanklik was net die veiligheidsmagte by die KBK betrokke maar soos wat behoefte aan uitrusting en fasiliteite by die ander afdelings van die SAW ontstaan het is hulle van tyd tot tyd betrek by die KBK. Die beskuldigde het direkte skakeling met die frontorganisasies gehad en hy het wye verpligtinge gehad. Hy moes behoeftes bepaal, verskaffers bepaal en met hulle onderhandel en die wetenskaplikes koördineer. Hy moes op die swartmark onderhandel indien kommoditeite nie beskikbaar was nie. Die pryse wat hy voorgestel het is aanvaar. Hy moes die vervoer van goedere wat in die buiteland aangekoop is na die RSA reël en daarvoor betaal.

[1700] Daar was 'n interne en eksterne ouditeur. Die eksterne Ouditeur was mnr. Pierre Theron van Theron van der Poel. Hy en die beskuldigde het gewoonlik die GG besoek en hom tevrede gestel oor die reëlmatigheid van die spandering van die fondse. Die interne ouditeur was Truter in samewerking met HSI. Die direktoraat inligting wou 'n kontrole ondersoek daarstel maar op aanbeveling van die beskuldigde het die KBK besluit dat dit 'n sekerheidsrisiko sou inhou en dat die audit deur Theron gedoen moes word. Theron was betrokke by 'n hele aantal geheime projekte en baie ervare.

[1701] Oor aanklagte 23 en 24 (die privatisering) sê hy dat toe die doelwitte bereik is daar besluit is om met die privatisering voort te gaan. Dit het omtrent in 1988 in die KBK begin. Die beskuldigde is gevra om voorleggings te maak en het dit gedoen. Die GG was bewus daarvan dat dr. Mijburgh 'n susterskind van gen. Malan was. Die frontorganisasies

moes na privatisering steeds dienste lewer aan die SAW maar is aangemoedig om so ver as moontlik privaatwerk te doen om selfstandig te kan bestaan. Dit sou beter wees om aan die bestaande bestuur te verkoop as om aan 'n buite instansie soos Sentrachem te verkoop. Daar was 'n waardasie. Aanvanklik is die besigheid en die vaste bates geskei. Die aanvanklike idee was om die besigheid te verkoop en die vaste eiendom te behou. Dit was bekend as die kommersialisering. Daar moes egter 'n beperking wees dat die besigheid vir drie jaar bedryf moes word. MCI, 'n maatskappy wat deur Mijburgh beheer is sou 'n 75% belang in die besigheid kry en die personeel 'n 25% belang. MCI moes egter die skuld van R12 miljoen oorneem en verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Die werknemers se belang kon vergroot tot 49%. Die besigheid moes die vaste eiendom van die 'n frontmaatskappy Randjiespark Property Holdings huur met 'n opsie om te koop. Die Staat moes egter navorsingsooreenkomste met die besigheid aangaan vir drie jaar teen R12 miljoen per jaar. 30% daarvan was vooruitbetaalbaar en die balans moes in maandelikse paaielemente betaal word. Die ooreenkoms bevat 'n boeteklousule in geval van kontrakbreuk deur die Staat. Die oënskynlike partye tot die ooreenkoms was MCI en die frontmaatskappy DJ Truter Financial Consultants. Alhoewel die OG en die Staatsprokureur aanvanklik skepties was oor die transaksie het hulle tog aanvaar dat die bedrae redelik was vanweë die eiesoortigheid van die situasie. Dit is in Kaapstad bespreek met die minister van verdediging en die minister van finansies. Hulle het dit goedgekeur. Die navorsingsooreenkomste is geïmplementeer.

[1702] Bew. F23.6 is omtrent 'n jaar later en 'n voorlegging deur die beskuldigde aan die minister. Die doel is om 'n totale kontraktuele verbreking tussen die MCI groep en die SAW te bewerkstellig. Die volgende goedkeurings word van die minister gevra:

1. Dat Coast se chemiese navorsingsprojek gestaak word.
2. Dat 'n kansellasiebedrag van R37 miljoen weens die eensydige kansellasie deur die SAW aan die Medchem groep betaal word.
3. Dat 'n afslag van 33% op die lening van R12 miljoen wat nog deur Medchem aan D J Truter Financial Consultants verskuldig is verleen word sodat net R8 miljoen betaal sal word.

4. Dat 'n afslag van 33% verleen word tov die vaste eiendom sodat in plaas van R20 miljoen net R14 miljoen betaal moet word.
5. Dat die uitstaande skulde teen die kansellasiebedrag verreken word.
6. Dat Delta G die vaste eiendom met die kansallasiebedrag kan aankoop
7. Dat die huurooreenkoms tussen Randjiespark Property Holdings en Delta G gekanselleer word.
8. Dat die beheer wat die SAW oor die Phillip Mijburgh Familietrust uitgeoefen het opgehef word. Dié trust was die eienaar van die aandele in M CI toe MCI 'n 75% belang in Delta G bekom het

[1703] Die reëling sou tot gevolg hê dat die beheer wat die SAW oor Delta G gehad het sou verval, maar dat daar tog nog navorsing ivm. skarebeheer, inkapasiteermiddels en Vigs gedoen sou word. Die politieke klimaat het toe reeds verander. Hy was van mening dat die afkoopbedrag billik was. Hy en Pierre Theron het dit bespreek. Toe daar later navraag gedoen is by Theron oor die redelikheid van die bedra was sy reaksie dat hy nie opgedra was om so 'n ondersoek te doen nie maar dat as daar feite tot sy kennis gekom het dat dit ooglopend tot nadeel van die Staat was hy dit onder die aandag van die Staat sou gebring het. Daar was haas verbonde aan die privatisering omdat die minister van verdediging teen die einde van Augustus 1991 sou aftree. Formele ooreenkomste is weer eens aangegaan.

[1704] F23.8 en 23.9 is ooreenstemmende voorleggings ivm die kommersialisering en privatisering van RNL. Waar die kommersialisering van Delta G reeds gedurende Maart 1990 geskied het en die privatisering gedurende Augustus 1991, het beide kommersialisering en privatisering van RNL geskied gedurende Augustus 1991. Daar is egter getuienis dat alhoewel die kommersialiseringsooreenkoms van Delta G eers in Augustus 1991 geteken is dit tog reeds vroeër geïmplementeer is. 'n Maatskappy Van Zyl and Partners het 75% van die aandele gekry en 'n werknemerstrust 25% daarvan. Die 25% kon vergroot tot 50% minus een aandeel. Die relevante ooreenkomste was tussen Infladel en Van Zyl and Partners.

[1705] Dr. Goosen was die besturende direkteur van RNL tot 1986, toe hy deur dr. Swanepoel vervang is. Daar was klagtes oor sy bestuursvaardighede, oor die veroorsaking van sekerheidsbreuke en moontlike wanaanwending van

projektfondse. Daar was ook probleme met die bestuursvaardighede van dr. Willie Basson, wat die besturende direkteur van Delta G was tot in 1986, toe hy deur dr. Mijburgh vervang is.

[1706] Gen. Knobel was nie bewus van die bestaan van die WPW groep van maatskappye of die Wisdom groep van maatskappye nie. Indien die beskuldigde 'n privaat belang daarin gehad het moes hy dit geopenbaar het. Die nie-proliferasie van chemiese middels was belangrik. Marlow is aangestel om die regsaaangeleenthede in verband daarmee te ondersoek.

[1707] Hy moes vanaf Julie 1992 tot in 1997 antwoorde verskaf aan KEEM. Daar was ook navrae deur HSI, die OG en die Gesamentlike Spesiale Komitee van Openbare Rekeninge (GSKOR). Alle staatsdepartemente met geheime fondse moes 'n uiteensetting van bedrywighede aan GSKOR gee. Die WVK het ook vrae gevra. Daar was ook 'n interne ondersoek gedurende 1992. Daar is toe besluit dat spesiale rekenings voortaan anders hanteer sou word. Daar was 'n navraag deur HSAW oor die uitstaande aanskaffingskontrakte, die duur en datum van lewering ingevolge daarvan, kontantvloei projeksies, kontant behoeftes en die relevante finansiële state. In bewysstuk K2 wys die beskuldigde uit dat die finansiering tot op daardie stadium deur D John Truter Finansiële Konsultante gedoen is, dat daar allerhande ondersoeke is, soos bv die Goldstone kommissie, en dat daar 'n groot moontlikheid is dat die wapentuig wat tot beskikking van die SAW is mag uitlek.

[1708] Om veiligheidsredes tree Truter op as agent vir buitelandse maatskappye en plaas namens hulle bestellings vir navorsing, ontwikkeling en produksie. Truter beheer die proses in die RSA, neem ontvangs van gelewerde produkte en sorg vir die uitvoer daarvan deur die SAW. Projektfondse word verskuif na 'n rekening in die buiteland met die goedkeuring en onder die toesig van die Reserwe bank en deur bemiddelling van Nedbank. Daar word nie RSA frontmaatskappye vir die doel gebruik nie. Die fondse word in die buiteland deur 'n aantal rekenings geskuif om die "herkoms" te verdoesel en dan na 'n bepaalde projekrekening, wat vir die doel geskep is, oorgedra.

[1709] Gen. Knobel weet nie waarvan Theron alles bewus was nie. Hy is nie onnodig bekommerd dat 'n bedrag van R250 000 aan Marlow betaal is nie. Filters klere en maskers is gekoop. In die begroting word voorsiening gemaak vir frontaktiwiteite in die VSA en in Europa. Die feit dat die RSA oor CR beskik het is geheim gehou omdat slegs die groot moondhede daarvoor beskik het en die SAW nie wou hê dat dit bekend moes word dat die SAW daarvoor beskik nie.

[1710] Hy as lid van die KBK is uitgeroep na Sterrewagkop. Hy het hom aan die ander kant van die tafel bevind. Hy is gevra om te antwoord oor Merton huis en Aeromed.. Die vergadering het geëindig op die basis dat formele vrae aan kom gevra sou word en dat dit beantwoord sou word. Bewysstuk L1 is die vrae en L2 is die antwoorde. Daarvolgens was daar drie soorte vlugte nl. moniteringsvlugte om wolkbewegings te bepaal en kontaminasieproewe te doen. Sulke vlugte was noodsaaklik. Daar was klandestiene vervoer. Dit was ook aanvaarbaar. Daar was 'n derde tipe van vervoer van personeel op roetes waar daar nie van ander vervoer gebruik gemaak kan word nie. Op een noodvlug moes 'n siek projekbeampte, Bosch, vervoer word. Daar is beweer dat hy vergiftigde sjokolade in 'n hotel in Europa geëet het toe hy in 'n kamer geslaap het wat vir die beskuldigde bestem is. Gen. Knobel weet nie of Bosch toe al voltyds by die SAW ingeskakel het nie. Daar is aan die begin van elke jaar beramings van verwagte vlugte gemaak. Vlugte moes deur die hoofdirekteur teeninligting goedgekeur word. Van die missies was saam met privaatorganisasies en dan is die koste verdeel. Operasionele buitelandse missies moes deur hoof van weermagstaf uitgeklaar word. Hy is tevrede dat die aangeleenthede so vertroulik was dat daar nie van openbare vervoer gebruik gemaak kon word nie. Die begroting is jaarliks goedgekeur en die beskuldigde het die vlugte uiteengesit en goedgekeur. Daar is klandestiene stowwe vervoer.

[1711] Met betrekking tot L3 verduidelik hy soos volg: Coast het ten doel gehad om produkte binne die SAW te lewer. Verbruikbare produkte is tydens opleiding op gebruik. Daar is konvensionele produkte tydens die Angola oorlog gebruik. Daar was ook defensiewe uitrusting wat ingevolge kontrakte met Technotek gelewer moes word. Die SAGD het opgetree as kommoditeitsbestuurder van die SAW tov die CBO uitrusting. Daar was 1000 kg van produk B. Dit is die substans BZ. Daar was 500 kg van produk M. Daar was later nog 500 kg metakoloon. Daar was 30 kg van produk C. Dit is kokaiene. Ecstasy moes nog gelewer word.

[1712] Gen. Knobel bevestig dat R60 000 aan dr. Lourens geleen is toe hy by Technotek en Protechnik betrokke geraak het. Bewysstuk L6 is 'n beëdigde verklaring wat die beskuldigde gemaak het nadat prokureur Eittel Kruger aandag gevestig het op Merton huis. Die beskuldigde het die situasie met hom bespreek en gevra om die verduideliking by wyse van beëdigde verklaring voor die komitee te laat kom. Hy sê: "Ons het aangedring dat hy minder opsigtelik optree." Dit was noodsaaklik om aan die mense wat navraag gedoen het die versekering te gee dat die SAW geen fondse in die bouprojek gehad het nie. Hy was bewus van Waterson Properties maar weet nie of Bosch by die bouprojek betrokke was nie.

[1713] Sy aanvanklike verhouding met KEEM was goed maar dit het later suur geword. Hy het by die SAW uitgevind of hy wel kan saamwerk. Die ministers het vinnig verander. Weens die Steyn verslag is mense afgedank. Nasionale Intelligensie het geïnteresseerd geraak. Hy wou alle inligting aan hulle gee. KEEM wou nie hê dat hy met die beskuldigde moes praat nie. Op die ou end het hy tog maar die vrae met die beskuldigde bespreek voordat bewysstuk M2 tot stand gekom het. Daarvolgens was die beskuldigde die projek-offisier van Coast, was die personeel van frontmaatskappy nie altyd ingelig oor waarmee hulle besig was nie, het die beskuldigde bepaal hoe fronte gestig en bedryf moes word en welke sekerheidsdekking daaraan verleen moes word, was hy betrokke by die fisiese vestiging van die fronte en die aanstelling van personeel, het hy bestuursverantwoordelikhede tov die fronte gehad, vergaderings met bestuurslede gehou en geskakel met die KBK. Verder dui dit aan dat hy 'n nie militêre beeld geskep het, nie vergoed is deur frontmaatskappye nie, alhoewel sy reisreëlings deur frontmaatskappye getref is. Daarvoor is begroot in die sentrale projekfonds. Hy was nie geregistreer as 'n SAW werknemer nie en sy salaris is in 'n frontbankrekening inbetaal vanwaar dit geskuif is na 'n ander frontrekening en in sy persoonlike rekening inbetaal is. Daarin word verduidelik dat die beskuldigde vir etlike maande 'n direkteur was van Wisdom Erf 82, nadat Patricia Leeson in die VK gearresteer is en gedeporteer is na die RSA. Sy het sielkundige probleme ontwikkel en daar is besluit om die eiendom te koop om haar finansiële te steun. Daarvolgens het die SAW nie 'n belang in Pretokon gehad nie, was Intramex 'n frontmaatskappy wat CR van Delta G moes aankoop omdat Krygkor nie daarvan moes weet nie, was Waag-'n-Bietjie boerdery 'n plaas naby Ermelo wat in privaathoedanigheid deur die beskuldigde, dr Swanepoel en mnre. Viljoen en de Jager bedryf is, was Sefmed en Infladel frontmaatskappye,

Medchem Consolidated Investments Mijburgh se maatskappy, Organochem Brand se maatskappy en is Technotek deur 'n buitelandse groep waarin van Remoortere 'n belang gehad het beheer.

[1714] Gen Knobel het getuig dat hy nie bewus was daarvan dat die losie by Loftus Versfeld en Merton huis deur Intramex aangekoop is nie. Die verwantskap tussen gen. Malan en dr. Mijburgh was welbekend. Na sy ontslag is die beskuldigde in burgermag hoedanigheid gebruik om die fondse in Europa te herwin. By die beantwoording van F1.68 het hy 'n probleem gehad omdat van die vorige lede van die KBK "swak geheues" ontwikkel het. Hy is tevrede dat Bosch die privatiseringsfondse na die buiteland kon oorplaas en bekla hom nie oor die R52 000 kommissie wat hy gekry het nie. Daar is besluit om Intramex oor te dra aan Viljoen omdat hy op pensioen moes gaan, nie pensioen kon kry nie en harde werk virdie projek gelewer het.

[1715] Daar moes o.a. metakoloon ingevoer word. Groot hoeveelhede van die stowwe wat ingevoer is, is vernietig. Hy het van Blucher en Webster geweet. Daar is nie projekfondse aan Webster betaal nie. Zimmer se bankrekening in Luxembourg is gebruik vir die oorplasing van fondse. Die rekeninghouer van die CB van Remoortere rekening is of van Remoortere se vader of oom.

[1716] Teen die einde van 1992 het die beskuldigde gesê dat hy 'n produk in Kroasië kon kry. Hy het 'n skema voorgestel. Daar moes 'n verdeelbare waarborgrekening wees en oorplasing van 'n soortgelyke bedrag. Die verskaffers moes met die tweede bedrag betaal word en daarna sou die waarborgrekening onthef word en die geld weer beskikbaar word. Twee van die verskaffers is betaal en die waarborg is gedeeltelik vrygestel en die geld gerepatrieer. Die ander twee verskaffers en die middelman, Jacomet, is gearrester en die fondse kon nie gerepatrieer word nie. Die beskuldigde is na Kroasië. Hy het Vatikaan toonderaandeel aan die hande gekry en dit as afpersingshefboom probeer gebruik om die geld vrygelaat te kry maar is self in die proses gearrester. Mense is oorgestuurd om hom te help. Toe hy terugkom was hy siek. Hy is weer later na Europa. Gen. Knobel het 'n oproep uit Bonn gekry vanaf 'n persoon wat homself as Jacomet geïdentifiseer het. Hy het verskoning gemaak vir die probleme wat hy veroorsaak het. Pierre Theron het stawende dokumente gesoek. Daar was nie 'n bewys van vervoerkoste nie maar hy glo dat die substans met 'n huurvlug in die land

ingebring is. Hy is bewus daarvan dat die beskuldigde beweer dat hy by gen. Verbeeck toestemming gekry het om die metakoloon met die Jetstar in die land in te bring. Hy het geen twyfel dat die substans wel gelewer is nie. Daar was presidensiële goedkeuring vir die ontwikkeling van die inkapasitante omdat daar baie onluste was en skarebeheermiddels noodsaaklik was. Die beskuldigde het 'n kronologiese uiteensetting gegee van hoe die fondse oorgeplaas is en verlore geraak het. Later het gen. Regli van die Switserse inligtingsdiens na die RSA gekom en die getuie aangeraai om op te hou soek na die geld omdat dit 'n sensitiewe aangeleentheid was in Switserland. Hy het aanvaar dat die fondse verlore geraak het en dat die betalings uit die waarborg rekening gemaak is.

[1717] Op 7 Januarie 1993 het die minister goedgekeur dat die inkapasitante vernietig word en die vernietiging het geskied op 27 Januarie 1993. 'n Sekerheisoffisier het ewekansige monsters geneem en die dromme met die substans is vernietig. Die monsters is ontleed en die aard van die substans is bevestig. Hy moes 'n bestelling vir Ecstasy by Delta G plaas omdat een van die navorsers daarop aangedring het. Hy meen dat die polisie 'n vrywaring aan die SAW gegee het om met hierdie tipe substans te werk. Dit is waarskynlik in sy voorganger se tyd gegee.

[1718] Daar is besluit dat die tegniese inligting op CD-ROM skywe gestoor moes word en dat die lêers vernietig moes word. Die beskuldigde was daarvoor verantwoordelik want hy was die mees kundige persoon. Dit was egter 'n groot werk en het 10 jaar se navorsing behels. Hy het van dr. Bothma se dienste gebruik gemaak en dit is gedoen by Data Image. Toe die vaslegging afgehandel is het hy die skywe ontvang. Die dokumente moes versnipper of verbrand word. Die skywe is in 'n kluis binne in 'n kluis bewaar. Hy het een sleutel gehad en kol. Steyn die ander een. Die skywe is so veilig bewaar omdat dit 'n strategiese nasionale bate was. Die beskuldigde het aan hom bevestig dat die dokumente vernietig is. Van die dokumente wat in die trommels was moes vernietig gewees het. Hy het na sy arres, en met verlof van iemand, met die beskuldigde gepraat wat hom toe meegedeel het dat hy die trommels aan Mijburgh oorhandig het met 'n opdrag om die inhoud te vernietig en dat hy onder die indruk was dat dit vernietig is.

[1719] Hy was nie bewus van die rekening wat Truter by Volkskas Menlyn oopgemaak het wat nie 'n projekrekening was nie. Hy glo dat daar wel CAM's gebruik is. Tesouriegoedkeuring is nie gevra vir die oordrag van die Intramex

aandele aan Viljoen nie. Dit is ook nie gedoen by die verkoop van Roodeplaat Teelondernemings nie. Daar was 'n behoefte aan die aankoop van beskermde klerasie. Die beskikbare klerasie was topkwaliteit. Daar was steeds 'n behoefte alhoewel die ergste bedreiging afgeneem het. Hy is nie bewus van 'n besluit om van die klerasie te verkoop nie. Indien die SAW wou verkoop was formele toestemming nodig. Na aanleiding van bewysstukke F65.59 en F65.60 kan hy nie verstaan dat daar op 7 Februarie 1991 31342 stelle klere deur Rits aan Technotek verkoop is nie. Daar was steeds 'n behoefte. Die antwoord wat aan KEEM verstrekkend is in F1.68 (par.xxii) het hy by die beskuldigde gekry en hy het aanvaar dat dit nie 'n Coast bedrag was nie. Hy het gedurende 1994 'n voorlegging aan president Mandela gemaak en aangedui dat daar 25 000 stelle beskermende klerasie beskikbaar was.

[1720] Oor aanklag 1 sê hy dat die bedrag na Buffham oorgeplaas is ter betaling van laboratorium toerusting. Hyself weet nie presies watter toerusting dit was nie. Daar was 'n brand en daar het 'n sinkgat geval. Hy het nie geweet dat Buffham 1% kommissie gehou het of dat £1,3 miljoen oorgeplaas is na New York nie. Hy het ook nie geweet dat Buffham van die geld oorgeplaas het na MCI in Luxembourg nie en dat £100 000 oorgeplaas is na 'n WPW rekening nie.

[1721] Oor aanklag 2 bevestig hy dat die beskuldigde na Iran is saam met Heyndrycx. Hy het foto's gesien en by 'n seminaar gebruik. Hy het nie die projektielstukke gesien nie. Hy bevestig voorts dat hy onder die indruk was dat daar 25 CAM's en nat deteksie stelle aangekoop is met die fondse in aanklagte 3 en 4. Die beskuldigde het aan hom bevestig dat 25 CAM's aangekoop is. Dit is onmiddellik ontplooi by operasies Modulêr, Hooper en Packer. Hy het 'n CAM gesien. Daar moes "reverse engineering" daarop gedoen word. Hulle het blou drukke daarvoor benodig en geld daarvoor betaal. Heyndrycx was die regte persoon om 'n reis na Iran te reël en om CAM's aan te koop. Die afspraak met Heyndrycx sou gewees het om te ontken dat hy die CAM's gelewer het. Hy het nie geweet dat die geld as werkskapitaal in Buffham se rekening geëindig het nie. Hy weet nie persoonlik van die chemiese plofalarmstelsels nie. Hy het tydens die KEEM ondersoek daarvan gehoor. Hy het nie geweet dat van die fondse betaal is om 'n belang te kry in Buffham se besigheid nie.

[1722] Hy bevestig dat geld uit die Coast begroting bewillig is vir die aankoop van rekenaar sagteware rekenaar apparaat en 'n databasis.(Aanklag 7) Die SAW het dit nodig gehad. Hy het nie geweet dat dit sou eindig as werkskapitaal in CSD nie. Hy kan nie onthou waarvoor die bedrag van £10 000 van aanklag 8 na Buffham oorgeplaas is nie. Die beskuldigde kon dit gedoen het as dit reeds gemagtig was. Die £30 000 van aanklag 9 het hy geglo was tot voordeel van die projek. Daar was huurgeld betaalbaar aan medewerkers ten opsigte van kantoorruimte. Dit was 'n gesamentlike projek met militêre inligting. Mole was daarby betrokke. Hy het verder bevestig dat Libië, Oos-Duitsland en Rusland 'n groot rol gespeel het by die verskaffing van die benodighede.

[1723] Hy bevestig dat daar 'n behoefte aan 'n peptiedsintetiseerder was omdat daar Vignavorsing en ook kankernavorsing op die Hypoxis plant gedoen is. Die opdrag was dat die inkapasitante nie permanente breinbeskadiging tot gevolg mog gehad het nie. Indien die peptiedsintetiseerder gebruik is vir navorsing daarvoor sou dit direk binne die beskuldigde se opdrag geval het. Hy het nie van die Tagell transaksie geweet nie. Die transaksie het

nie na wense gevorder nie. Hy bevestig dat DNA en RNA "probes" en thymus peptied aangekoop is. Hy bevestig dat \$2 698 821 teruggestuur is na die projek. Daar is later \$2,4 miljoen oorgeplaas na die Blackdale rekening weer eens vir die verkryging van 'n peptiedsintetiseerder. Dit is bekom maar is twee maal teruggestuur Europa toe. Hy het dit nie self besigtig nie. Hy glo dat dit by Delta G was. Hy was net een maal by Delta G en RNL. Hy bevestig dat dit geruil is vir metakoloon. Hy weet nie van 'n Bulgaar nie. Hy het gereken dat die kundige dr. Lucia Steenkamp was.

[1724] Oor aanklag 14 sê hy dat hy nie bewus was dat die privatiseringsfondse beswaar is en dat die rede daarvoor was om die vliegtuig aan te koop nie. Indien die beskuldigde 'n besigheidsbelang in Medchem Forchungs verkry het behoort hy dit te geopenbaar het. Hy was ook nie bewus daarvan dat Chu 'n bedrag \$154 338 soos beweer in aanklag 15 oorbetaal het ter betaling van die Jetstar nie. Hy was onder die indruk dat die R130 000 wat aan Chu betaal is, wat die onderwerp van aanklag 17 vorm tot voordeel van die projek aangewend is. Dit lyk asof beweer is dat prostaglandien aangekoop is. As die beskuldigde sê dat dit gebruik is vir die aankoop van Vaso aktief om navorsing te doen oor die moontlike vernouing van die bloedvate sou dit binne sy opdrag val.

[1725] Onder kruisverhoor het hy toegegee dat die dokumente wat aan Orffer voorgelê is om oorplasinge van fondse te maak vaag is. Dit was nie waarop die KBK gehandel het nie. Daar was volledige voorleggings aan die KBK. Die dokumente is vernietig. Baie van die toerusting en substansie is vernietig. Van Heerden was bewus van die verwantskap tussen die minister en Mijburgh. Die persone wiese geheues so verswak het wou so ver van die projek af wegkom as moontlik. Alhoewel hy baie inligting by die beskuldigde gekry het ivm die KEEM navrae het hy ook insette gekry van Pierre Theron en Truter. Die antwoorde was die insette van verskeie persone. Dit kan nie sondermeer gesê word dat die antwoorde wat aan KEEM verstrekkend is noodwendig betrekking het op die voorstellings wat aan die KBK gemaak is nie. Dit behoort wesenlik ooreen te stem maar daar kon *bona fide* foute ingesluit het.

[1726] Daar was 'n wesenlike CBO bedreiging. Die RSA se posisie is bemoeilik deur sanksies. Die uitgangspunt was dat 'n vermoë ontwikkel moes word. Dit het nie saak gemaak of die op die swart mark gekoop word, gesteel word of selfs van ander moondhede verkry word nie. Sekerheid was 'n belangrike oorweging. Unita is beskou as 'n uitbreiding van die SAW. Die opdrag aan die beskuldigde was om goedere ten alle koste te verkry.

[1727] Die projek was 'n fenomenale sukses. Wat bereik is, is 'n waardevolle nasionale bate. Die Amerikaners en die Engelse was verbaas oor wat bereik is vir so min wat spandeer is. Hulle is ingelig deur die beskuldigde. Daar was nooit klagtes dat goedere wat nodig was en bewillig is nie beskikbaar was nie. Die verskaffers moes nie geweet het dat hulle aan die SAW lewer nie. Die SAW wou nie weet wie die verskaffers was nie. Die KBK wou nie en het nie detail geken nie. Die hantering van finansies is belangrik vir die behoud van sekerheid. Geld is gedeponeer in die rekenings van medewerkers oorsee. Die verkrygingsaksies en die betaling is aan die beskuldigde oorgelaat. Hy moes net die breë riglyne van die KBK nakom maar kon soveel afsnypte soos wat hy wou inbou. Dit het die KBK nie aangegaan wat in die buiteland gebeur nie. Daar mag net nie selfverryking gewees het nie. 'n Billike opsomming van die posisie was: "Ons gee die geld. Jy moet die produk bring. Dit maak nie saak waar jy dit kry nie. Jy kan dit op die swart mark koop, of jy kan dit by wyse van omkoperie verkry, of, as dit moet, kan jy dit steel."

[1728] Daar is spesifiek daarteen gewaak dat daar nie van openbare lugrederye gebruik gemaak word nie. Die betalingskanale van die verskaffers moes ook beskerm word. As geld besee moes word om 'n goeie dekstorie aan 'n verskaffer te gee vir die ontvangs van die geld was dit in orde. Wanneer 'n verskaffer ongemagtig produkte lewer moet hy 'n verduideliking hê waarom hy geld ontvang het. 'n Belegging in die verskaffer se besigheid sonder die idee om dit op te volg is 'n goeie dekstorie.

[1729] Verkrygings het van oor die wêreld geskied. Betrokke lande was Rusland, Tjeggoslowakye, Kroasië, Libië, Sjina, Brittanje, Oos-Duitsland, VSA en Iran. Daar word gewaak teen geldwassery. Oorplasing van groot bedrae uit vreemde lande moet aan die owerhede gerapporteer word. Die beskuldigde het 'n wye

diskressie gehad en kon uitgawes op bedryfsvlak magtig. Hy kon bv as hy bevrees was oor sekerheid, reeds voltooië reëlins kanselleer en opnuut reëlins tref. Die beskuldigde kon onder verskillende identiteite gereis het. Groot bedrae in kontant is aan persone betaal. Hy meen dat daar goeie ouditkontrole was. Daar was geen bedenkinge tot met die Kroatiese transaksie en die KEEM navrae. Hy het sitting gehad op die breë bevelsstruktuur. Operasies is bespreek en terugvoering is gegee. Daar was nooit klagtes oor goed wat nodig was en nie gelewer is nie. Wat die moet-weet beginsel aanbetref was daar 'n geselekteerde groepie wat alles bespreek het. Hy was ongelukkig daaroor dat gen. Liebenberg soms dinge met die beskuldigde alleen bespreek het. Die beskuldigde was nie net projek offisier nie maar het ook agente vir Spesmagte in die buiteland gevestig. Wat hom aanbetref was die 1992 ondersoek baie volledig want sy indruk by Sterrewagkop was dat daar besorgdheid was oor sekerheids- en finansiële implikasies. Daar is van afliuisterapparaat gebruik gemaak en 47 telefoonlyne is getap. Daar is ondersoek ingestel na huurvlugte en die vloei van fondse. Medisyne is na Unita gestuur en die beskuldigde was verantwoordelik vir die verpakking daarvan.

[1730] Daar is 'n verskil tussen projekrekords en SAW rekords. Sommige goed sal nie op die SAW rekords voorkom nie. Dit is die goed wat in die gehuurde store was. Na privatisering is die goed geleidelik oorgedra na die SAW store. Die Coast voorraad sou daarna deel van die SAW voorraad word. Die beskuldigde is in 1995 weer op versoek van mnr. Mandela in die SAW aangestel. Dit was om sy bewegingsvryheid aan bande te lê en om te verhoed dat sy kennis in vreemde hande val.

[1731] Privatisering was nie die beskuldigde se inisiatief nie. Die beskuldigde was op stafdienskursus toe dr. Willie Basson met dr. Mijburgh vervang is. Die doel van die verkoping was nie om die mees ekonomiese verkoping te bewerkstellig nie maar om 'n totale breuk tussen die fronte en die SAW te bewerkstellig en tog 'n mate van kontinuïteit te behou. Delta G was so gestruktureer dat in die privaatmark dit nie winsgewend bedryf kon word nie. Dit was oorgekapitaliseer en swak geleë vir mededinging op die ope mark. Die dokument wat die beskuldigde voorgestel het was 'n besprekingsdokument en was nie bedoel om voorskriftelik te wees nie. Die bestuur se aanbod was meer aanvaarbaar as die van Sentrachem.

[1732] Daar was 'n behoefte aan 'n pirotegniese laboratorium. Daar is pirotegniese toetse gedoen en die posisie is bereik waar prototipes reeds gemaak is. As gevolg van 'n politieke besluit is daar nie voortgegaan met produksie van sulke wapens nie. Daar was nie 'n onvermoë om dit te doen nie. Hy kan nie betwis dat die laboratorium toegerus is voordat hy GG geword het nie. Speskop was die regte plek vir so 'n laboratorium. Hy het toegegee dat 'n plofalarmstelsel noodsaaklik was vir so 'n laboratorium.

[1733] Dit was deel van die sekerheisopset dat die beskuldigde homself moes voordoen as 'n ryk sakeman wat besigheid doen in die chemiese veld. Hy aanvaar dat die beskuldigde 'n kredietkaart of kredietkaarte gehad het wat hy oorsee gebruik het. Dit sou binne die riglyn val dat hy vryheid van beweging moes hê. Dit is aanvaarbaar dat hy moes voorgee dat hy belange in maatskappye het. Gen. Knobel voel egter dat hy hom tydens die KEEM navrae meer volledig moes ingelig het.

[1734] Groot hoeveelhede BZ is aangekoop. Daar was derivate wat geblyk het baie suksesvol te wees. Hy was nie bewus daarvan dat die Kroatiese transaksie op grondvlak eintlik 'n gesamentlike transaksie was nie. Hy het nog bevestig nog ontken dat daar 'n skenkingsaksie was van beskermende klerasie wat vir Unita bestem was. Hy bevestig dat daar wel logistieke hulp aan Unita verleen is wat gestaak is nadat die Kubane onttrek het. Daarna is net voedsel en medikasie voorsien. As daar sulke pakke was kon dit aan die Iranese verkoop gewees het. Die polisie het Mandrax tablette, wat gekonfiskeerde bewysstukke was, tot die beskikking van die projek gestel. Hy bevestig dat hy in die Aeromed vliegtuig gery het.

[1735] Die Staat se saak is gabaseer op die getuienis van die getuie Bruwer. Hy is 'n ervare forensiese ouditeur wat deeglike navorsing gedoen het oor die vloei van sekere bedrae wat uit die projek uit na die buiteland oorgeplaas is en ook na die rekenings en entiteite wat betrokke was by die hantering daarvan. Die opdrag om die ondersoek te doen get gekom vanaf die OG, waarskynlik op versoek van KEEM. Hy het dokumente gekry by KEEM, die GG, HSI en HSF. Hy was betrokke by die KEEM ondervragings en het ondersoek gedoen en deelgeneem aan ondervragings in Engeland, Luxembourg, België, Switserland, die VSA en Kroasië. Sy feitlike bevindings was , dat die beskuldigde die voordelige eienaar was van 'n groep

maatskappye, die WPW/Wisdom groep, ern dat 'n bedrag van ongeveer R37 miljoen van Coast aangewend is tot voordeel van daardie maatskappye en persone en instansies wat daarby betrokke was. Sy bevinding was hoofsaaklik gegrond op 'n dokument, wat hy tussen Webster se dokumente gevind het. Dit is naamlik 'n volmag, wat deur Webster opgestel is. Daarin gee die beskuldigde opdrag aan Webster om die aandele in die Kaaiman maatskappye te hou namens die beskuldigde of sodanige persoon as wat die beskuldigde mag aanwys. As gevolg daarvan het die Staat aangevoer dat "WPW is die beskuldigde". Dit is die kern van hierdie gedeelte van die saak. Enige bevraagtekening daarvan het gelei groot ongelukkigheid deur staatsadvokate Ackermann en Bouwer en het o.a. gelei tot die aansoek om my rekusering.

[1736] Aan die einde van 1986 het Mole die beskuldigde na die Kaaiman eilande geneem en voorgestel aan Webster en daarna is daar toe drie maatskappye deur Webster laat inkorporeer. Hulle was WPW International Inc., Medchem International Inc en PCM International Inc. Volgens Bruwer het WPW Inc 'n direkte belang gehad in Amfra SA (Luxembourg), Charburn SA (Luxembourg), Luft SA (Luxembourg), WPW North American Holdings Inc, Wisdom Investments and Properties (Suid Afrika), Medchem Consolidated Investments (Suid Afrika)(MCI), WPW Investments (Suid Afrika), Faiclough Cottages (Engeland) en 'n huis in Lynwoodrif (Pretoria). WPW North American Holdings het weer belange gehad in Tubmaster Lc, waarin daar na die verkoop van die Jetstar 'n bedrag van \$700 000 belê is, WPW Investments (USA) Inc., wat die eienaar van die Kingair vliegtuig was, Herlewing Properties Inc., wat 'n condominium gehad het in Orlando, Florida en WPW Aviation Inc. wat die eienaar was van die Jetstar vliegtuig. Wisdom Investments and Properties se naam het verander na Blowing Rock Controlling Investments (BRCI). MCI het op 19 April 1990 'n 75% belang in Delta G verkry.

[1737] Amfra het 'n belang gehad in CSD (Engeland), Buffham se maatskappy, by wyse van voorkeur aandele(Die totale belegging was £355 000). Luft het direkte belange gehad in Genavco SA (Luxembourg), in wiese rekening daar gedurende Desember 1992 \$850 000 betaal is, General Golf Investments SA (Luxembourg) (GGI) in wiese rekening 'n bedrag van \$1 miljoen inbetaal is en Biscara Ltd. in Engeland. GGI het 'n 20% belang gehad in Mean Golf & Country Club in België. WPW Inc. het 'n 33% aandeel in Charburn gehad en Zimmer en Van Remoortere het ook elk 'n derde aandeel daarin gehad. Charburn het belange

gehad in Blackdale Ltd.(Ierland), deur wiese bankrekening die \$2,46 miljoen van aanklag 14 en die \$2,46 van aanklag 16 gekanaliseer is, Technotek, wat verantwoordelik was o.a. vir die vervaardiging van die beskermende klerasie en Protechnik wat 'n laboratorium gehad het, navorsing gedoen het en o.a. verantwoordelik was vir die kwaliteitskontrole van die beskermende klerasie. Technotek het weer 'n 76% belang gehad in Hazmat.

[1738] WPW Inc. het op 30 Junie 1989 'n 100% belang gehad in WIP, 'n 75% belang in Aeromed Services en 'n 71% belang in WPW Investments (SA) wiese naam verander het na Systems Research & Development (SRD) en waarin aanvanklik Lourens en later Koortzen die ander aandele gehou het. WIP se naam is verander na Wisdom Holdings en later na BR Holdings. Dit het 'n 100% belang gehad in Wisdom Finance, wat later Profincor geword het, 'n 100% belang in Wisdom Erf 1219, wat later Waterson Properties geword het en waarop Merton huis verrys het, en 'n 100% belang in Intramex, wat met die goedkeuring van die KBK oorgedra is aan Viljoen. SRD het 'n 70% belang gehad in SRD Electronics, 'n 100% belang in Phoenix Service Station, 'n 100% belang in QB Laboratories en 'n 100% belang in Protechnik.

[1739] Die Suid Afrikaanse maatskappye in die groep het betreklik vinnig van naam verander en ook die aandeelhouders en direkteure het gereeld verander. As gevolg daarvan het Bruwer verdere uiteensettings gegee van die ineenskakeling van die verskillende maatskappye soos op 30 Junie 1990, 30 Junie 1991 en 30 Junie 1992. Hy gee ook 'n uiteensetting van die MCI groep van maatskappye op onderskeidelik 31 Maart 1991 en 31 Maart 1992. Op 30 Junie 1990 het WPW Inc. 'n 40% belang in Wisdom Holdings gehad en die ander 60% is gehou, in hoeveelhede van 20% elk, deur Viljoen, die Wynand Swanepoel Trust en PW de Jager. Wisdom Holdings het 'n 100% belang gehad in Wisdom Idle Winds, Waag-'n-Bietjie Boerdery en Aeromed Services en 'n 51% belang in Partners In Travel. WPW Inc. het 'n 100% belang gehad Wisdom Erf 1219 en Wisdom Finance. Volgens Bruwer se verslag het WPW Inc op daardie datum ook 'n 50% belang gehad in MCI. Die ander 50% van die aandele word volgens die bevinding gehou deur Phillip Mijburgh of sy trust. (Dit is die tweede hoeksteen van die Staat se saak, veral ivm die privatisering. Volgens Bruwer se

verslag¹ toon die maatskappy dokumente dit nie aan nie maar hierdie bevinding van hom is gebaseer op twee van 'n reeks organigramme in die handskrif van die beskuldigde wat hy by Webster gekry het². Die beskuldigde ontken dat dit die posisie was.) MCI het 'n 75% belang gehad in Delta G en 'n 100% belang in Medchem Pharmaceuticals. WPW Inc het steeds die 71% belang in WPW Investments S A gehad.

[1740] By 30 Junie 1991 toon Bruwer die posisie mbt WPW Investments S A en MCI nog dieselfde aan. Op daardie stadium het BRCI egter sy verskyning gemaak en hou dit nou 'n 100% belang in Wisdom Idle Winds, Waterson Properties, Profincor, B R Holdings en Wisdom Holdings. Wisdom Idle Winds hou 'n 51% belang in Partners In Travel en 'n 100% belang in Aeromed, wat weer 'n belang het in Lanseria Air. Wisdom Holdings het steeds 'n 100% belang in Waag-'n Bietjie Boerdery.

[1741] By 30 Junie 1992 het Wisdom Idle Winds se naam verander na Wisaltco Holdings. BRCI het 'n 100% belang in P & S Engineering Supplies en in B R Air (Joostenberg Properties) en steeds in Waterson Propetsies en Wisdom Holdings. Intussen het Marlow en Viljoen nou elk deur 'n maatskappy 'n 15% belang in Profincor verkry, sodat BRCI slegs 'n 70% belang daarin hou. Viljoen hou 'n 15 % belang in B R Holdings en dit word voorsien dat Marlow ook 'n 15% belang gaan verkry sodat BRCI se belang sal verminder na 70%. Wisaltco hou nou 'n 100% belang in Partners In Travel, Global Air Charter (voorheen Aeromed) en Wisdom Travel terwyl Global Air 'n 100% belang het in Lanseria Air. Waterson Properties het 'n 100% belang in Medchem Sports International, wat die eienaar is van 'n eenheid by Fancourt, Waterson Developments, wat twee plase aangekoop het en Tensome Beleggings. Wisdom Holdings het steeds 'n 100% belang in Waag-'n-Bietjie Boerdery wiese bedryfsverlies op daardie stadium op R2 143 295 gestaan het en by 30 Jnie 1993 gegroei het tot R2 295 780.

[1742] Op 31 Maart 1991 het MCI die volgende belange gehad: 'n 85% belang in Medchem Technology, 'n 100% belang in Lifestyle Management Properties, 'n 50% belang in Lifestyle Management, 'n 55% belang in

¹p. 11 para. A 1.2.1.4

² Bewysstukke A15 en A19

Protechnik Laboratories, 'n 75% belang in Delta G, 'n 100% belang in Medchem Pharmaceuticals en 'n 50% belang in Kowalski Internatioanal, 'n Poolse onderneming. By 31 Maart 1992 het die posisie verander deurdat Medchem Technology se naam verander het na Data Image Information Systems en dat MCI al die aandele gehou het. MCI het steeds al die aandele in Lifestyle Management Properties maar die aandeelhouding in Lifestyle Management het verminder na 33%. Die aandeelhouding in Protechnik Laboratories is steeds 55% maar in Delta G het dit verminder tot 51%. Die aandeelhouding in Medchem Pharmaceuticals het verminder na 51.1% en in Kowalski Enigineering vermeerder na 100%. Daar is 'n nuwe filiaal Medchem Technologies waarin MCI 'n 90% belang het.

[1743] Bruwer het in detail uiteengesit hoe die direkteurskappe in die verskillende maatskappye verander het. Dit is opmerklik dat aandeelhouding en aanstellings as direkteure dikwels verander het en dat dit nie gepaard gegaan het met onderliggende ooreenkomste en betaling van gelde van die individue aan mekaar nie. Hy het ook vasgestel dat daar 'n trust, die Aries Trust bestaan waarvan die trustees Marlow, Bosch en die beskuldigde is en die begunstigdes die beskuldige en Anette Versluis se kinders en Anette Versluis. Daar is ook twee trusts in Jersey geregistreer op 1 Junie 1993, die Waterson Master Trust en die Waterson Trust. Die begunstigdes van die Waterson Trust is die Waterson Master Trust terwyl die begunstigdes van die Master Trust die beskuldigde se seun, Wouter Jaques Basson, en dogter, Naomi Basson, die Aries Trust en die Naomi Basson Trust is. Die Trustees van beide trusts is Westpack Banking Corporation (Jersey) Ltd.. Die "Protector to act as agent" is D A Webster. Met die uitgangspunt dat WPW die beskuldigde is is dit Bruwer se bevinding dat die stigting en bedryf van hierdie maatskappye 'n bedrog teenoor die SAW en ander staatsinstansies was. Dit vorm dan die grondslag van aanklag 20.

[1744] Aanklag 22 is 'n bewering dat die stigting van die twee trusts in Jersey 'n bedrog teen die SAW en ander staatsinstansies, insluitende die Reserwe Bank was. Aanklagte 23 en 24 is gebaseer op die privatisering van Delta G en RNL en die bewering en bevinding is dat die beskuldigde versuim het om sy betrokkenheid by WPW en MCI te openbaar terwyl hy voorleggings aan die KBK en ander staatsinstansies gemaak het wat hulle beweeg het of kon beweeg om tot hulle nadeel te handel.

[1745] Aanklagte 21, 65,66 en 67 loop saam

[1746] Wat die verskillende aanklagte aanbetref het Bruwer elke keer 'n oorplasing van projekfondse na die buiteland opgevolg deur eerstens na te gaan waarvoor dit na bewering aangewend is en waar dit geëindig het. Vanweë die vloei van die fondse is Bruwer se afleiding dan in elke geval dat die fondse nie aangewend is soos voorgestel nie. In die meeste gevalle beteken dit dat goedere en dienste wat na bewering aangekoop of verkry is, nie aangekoop of verkry is nie.

[1747] Mbt aanklag 1 meen Bruwer dat die oorplasing £1 542 840 geskied het in opdrag van die beskuldigde onder die voorwendsel dat toerusting vir 'n gespesialiseerde laboratorium te Speskop daarmee aangekoop word terwyl in werklikheid dit oorgeplaas is na 'n rekening van Buffham. Hy het 1% agterweë gehou en die balans oorgeplaas na Medchem Inc in Luxembourg. Daarvan is £100 000 oorgeplaas na Amfra, £1,3 miljoen na PCM Internatioal in die Kaaiman eilande en £100 000 na WPW Inc in Engeland. Die fondse het in geheel of gedeeltelik gedien om die aankoop van die cottage, die modifikasies aan 'n vliegtuig, 'n betaling in Medchem Forchungs, 'n betaling tov Merton huis, 'n deel van die koopprys van die Jetstar en 'n belegging in Security National Bank te finansier. Die bedrog het plaasgevind omdat daar nie 'n laboratorium met die fondse toegerus is nie.

[1748] Oor aanklag 2 is dit Bruwer se afleiding dat die R220 000 wat deur die beskuldigde oorgeplaas is ter betaling van 'n reis na Iran, die verkryging van sekere projektielstukke en die vestiging van inligtingskanale, nie daarvoor oorgeplaas is nie maar inderdaad oorgeplaas is vir die betaling van die CAM's wat in aanklagte 3 en 4 ter sprake kom. Aanklagte 3 en 4 het te doen met die oorplasing op 27 April 1988 van R5 570 000 na ABC Import and Export en die oorplasing op 16 Mei 1988 van R4 028 400 na Buffham. Die verduideliking vir die oorbetalings is dat elkeen 'n gedeeltelike betaling is tov 25 CAM's en 150 deteksie sakke. Die R5 570 00 is op 9 Mei 1988 oorgeplaas as £1 376 609 na Medchem Inc in Luxembourg. Nadat Buffham 1% teruggehou het is daar van die R4 028 400, en die rente daarop, 'n bedrag van £953 838 op 2 Junie 1988 oorgeplaas na

die Medchem Inc. rekening. Op daardie stadium was daar £2 370 209 in die rekening beskikbaar. Hiervan is 'n bedrag van £902 054, uit oorbetalings van £527 484 en \$950 000 na die trustrekening van Baker & Hostetler, gebruik vir die aankoop en opgradering van die Kingair. 'n Bedrag van £1 350 000 vermoed Bruwer het geëindig in die rekening van WIP as 'n moratorium lening. Daar is 'n uitbetaling aan S A Horizon Promotions, Organochem en WPW Investments Inc. Daar het diverse oorplasings van hierdie fondse na WPW rekenings geskied.

[1749] Die bedrog het hier geskied deurdat die geld wat na bewering vir die reis na Iran gebruik is, gebruik is vir die betaling van die 12 van die CAM's in aanklagte 3 en 4 en dat die oorbetalings van die fondse in aanklagte 3 en 4 nie was ter betaling van die CAM's nie en dat daar buitendien net 13 CAM's aangekoop is

[1750] Aanklag 5 handel met £100 000 wat op 5 Januarie 1988 oorgeplaas is na Buffham se rekening en wat geëindig het as kapitaal in CSD. Die verduideliking vir die oorplasing was dat dit gedoen is ter verkryging van ploffalarmkoppe vir die laboratorium by Speskop. Die bewering is dat daar nie ploffalarmkoppe met die geld aangekoop is nie. Aanklagte 6, 7, 8, 9 en 10 gaan oor bedrae van onderskeidelik R200 000, £65 000, £10 000, £30 000 en £12 100 wat saam met 'n bedrag van £1 660 oorbetaal is na die rekening van Buffham. Die verduideliking van die oorplasings was dat dit in die geval van aanklag 6 dit gedoen is ter verkryging van die bloudrukke vir die "reverse engineering" op die CAM's, in die geval van aanklag 7 dat dit vir rekenaar sagteware en toerusting was, in die geval van aanklag 8 en aanklag 9 tov "dienste gelewer" en in die geval van aanklag 10 ter betaling van kantoorfasiliteite, aankope en skakeldiens in die VK. Die bedrog is dan daarin geleë dat die bedrae nie aangewend is soos verduidelik nie

[1751] Aanklagte 11, 12 en 13 het te doen met 'n bedrag van \$3,2 miljoen wat op 5 Junie 1989 oorgeplaas is na 'n Blackdale "Bond Account" in Luxembourg onder die voorwendsel dat dit ter betaling van 'n peptiedsintetiseerder oorgeplaas is. Van die bedrag is 'n bedrag van \$325 000 betaal aan Tagell en die verduideliking vir die betaling is dat DNA en RNA "probes" daarmee aangekoop is. 'n Verdere bedrag van CHF450 000 het geëindig in Medchem Forchungs en dit word voorgehou dat dit was ter betaling van 500gr. Thymus peptied. Die balans van die bedrag wat saam met rente \$2 698 821 was, is teruggekanaliseer na die

projek. Die bedrog sal dan daarin geleë wees dat die beskuldigde nie 'n peptiedsintetiseerder wou aankoop nie en dat daar nie "probes" of thymus peptied aangekoop is nie.

[1752] Aanklagte 14 en 15 het te doene met die kanalisering van projekfondse na die buiteland met die kommersialisering om betalings aan MCI te kon maak asof die fondse uit die buiteland kom. 'n Bedrag van \$4 583 792 is op 20 April 1990 oorgeplaas na die rekening van dr. Chu in Basel. Vanuit daardie rekening is dit oorgeplaas na Medchem Forchungs. 'n Bedrag van \$2 500 000 daarvan is beswaar en daar is \$2,3 miljoen daarteen geleen en gebruik om die baalns van die Jetstar te betaal. Verder is 'n bedrag van \$154 338 van die projekfondse gebruik om die lening van \$2,3 miljoen af te los. Die bedrog is daarin geleë dat die beskuldigde aan die SAW en 'n reeks ander instansies moes openbaar het dat die fondse beswaar is en dat die \$154 338 gebruik is en later aangevul is.

[1753] Aanklag 16 het te doen met \$2,4 miljoen wat op 1 Oktober 1990 oorgeplaas is 'n Blackdale rekening in Geneve vir die aankoop van 'n peptiedsintetiseerder. Hierdie bedrag is later aangewend om die lening van \$2,3 miljoen van aanklag 14 terug te betaal. Die bedrog is daarin geleë dat daar nie 'n peptiedsintetiseerder aangekoop is nie.

[1754] Aanklag 17 het te doen met 'n bedrag van R130 000 wat aan dr. Chu betaal is vir "kontraktuele aankope ". Die bewering was dat daar nie goed aangekoop is nie.

[1755] Aanklagte 18 en 19 het te doen met die aankoop van metakoloon uit Kroasië. Bruwer beweer dat daar op 23 April 1992 'n bedrag van \$2,46 miljoen oorgeplaas is na Blackdale, Geneve, vir die daarstelling van 'n waarborg om die metekoloon te verkry. Die bedrag is nie daarvoor benodig of gebruik nie. 'n Bedrag van \$1 miljoen daarvan het geëindig in GGI, R1,4 miljoen is aangewend via MSI om te betaal vir Fancourt lodge en 'n bedrag van R1,1 miljoen is betaal aan P & S Engineering. Daar is ook R535 000 betaal aan BSI Financial Secretarial Services, waarby Bosch en van der Berg betrokke was. Daar was ook betalings na WPW Inc. in Pittsburg, WPW Inc in Bracknell en na die van Remoortere rekening in Luxembourg. Van die

bedrag van R1,1 miljoen wat in P & S Enigeneering inbetaal is, is R454 011,50 betaal tov boukoste van Merton huis en R70 000 aan die argitek van Merton huis L Larsen. 'n Bedrag van R561 132,89 is aangewend ter afbetaling van lenings wat aan Profincor verskuldig was soos volg: WPW S A R17 543,52, A Lourens R126 251,10, C Marlow R134 875,12, Protection Management Services en Koen onderskeidelik R114 158,53 en R60 000, M Griffith R85 000 en D Snyders van Aeromed R26 304,62.

[1756] Op 12 November 1990 is 'n bedrag van \$2,3 miljoen oorgedra uit die projek via twee ander rekeninge na 'n rekening van Jacomet in Zagreb. Die beskuldigde het verduidelik dat dit benodig was ter betaling van die metakoloon waaarvoor daar reeds die waarborg rekening geskep is. Die verskillende partye wat die metakoloon verskaf het sou uit hierdie bedrag betaal word en die bedrag van die waarborg sou dan loskom en gerepatrieer word. Dit blyk dat uit hierdie bedrag daar \$900 000 na die CB van Remoortere rekening in Luxembourg oorgeplaas is maar dat die balans deur Jacomet en andere getrek is. Uit die \$900 000 is \$440 000 en \$384 000 gerepatrieer na die projek. Die bedrog is dan daarin geleë dat daar nie metakoloon aangekoop is nie en dat nóg die waarborgrekening nóg die Zagreb rekening nodig was om dit te betaal.

[1757] Aanklag 22 is 'n bewering dat die stigting van die twee trusts in Jersey 'n bedrog teen die SAW en ander staatsinstansies, insluitende die Reserwe Bank was. Aanklagte 23 en 24 is gebaseer op die privatisering van Delta G en RNL en die bewering en bevinding is dat die beskuldigde versuim het om sy betrokkenheid by WPW en MCI te openbaar terwyl hy voorleggings aan die KBK en ander staatsinstansies gemaak het wat hulle beweeg het of kon beweeg om tot hulle nadeel te handel. Verder toon hy aan dat daar verskeie lenings gemaak is na privatisering veral aan BRCI vir die afhandeling van die Merton huis projek.

[1758] Aanklagte 21, 65,66 en 67 loop saam. Die staat beweert dat die beskuldigde gedurende Mei 1990 9568 pakke beskermende klerasie via Technotek aan Krygkor verkoop het en gedurende Februarie 1991 31 342 pakke beskermende klerasie, die eiendom van die SAW aan Technotek verkoop het en 'n totale opbrengs van R10 306 480 daaruit verkry het. In plaas daarvan om die verkoop in elke geval te doen deur 'n

projekrekening wat onderhewig is aan oudit het die beskuldigde gebruik gemaak van 'n naam Regent International Trading Services (RITS) wat voorheen deur die projek as 'n tussenganger gebruik is, maar wat in opdrag van Pierre Theron nie meer so gebruik is nie. In opdrag van die beskuldigde is daar vir RITS, wat voorheen 'n offisiële projekrekening by 'n ander bank gehad het, 'n rekening by Nedbank geopen en die fondse is deur dié rekening gekanaliseer. Daar was ook 'n opdrag van die beskuldigde om nie die bestaan van die rekening aan die projekouditeur te openbaar nie. Verder was daar offisiële projekrekenings by Volkskas Menlyn in die naam van D John Truter Finansiële Konsultante en het die beskuldigde aan Truter opdrag gegee om 'n soortgelyke rekening te open maar om dit nie aan Theron te openbaar nie. Van die fondse uit die verkope is in hierdie rekening inbetaal.

[1759] Dit blyk dat uit die verkoop teen R3 827 200 wat in Mei 1990 geskied het daar op 19 en 23 Oktober 1990 onderskeidelik bedrae van R827 200 en R1 miljoen in die RITS rekening inbetaal is en dat dit op 2 Februarie 1991 deur 'n frontrekening, Karko in Truter se offisiële projekrekening inbetaal is. Die rente van R118 638 is egter nie oorbetaal nie. Uit die verkope van Februarie 1991 het daar R5 257 280 in die RITS rekening geland. Daar was 'n balans van R118638. Rente is verdien van R192 343 en daar was 'n inbetaling van R250 000 vanaf B R Holdings. Van hierdie gelde is R3 miljoen oorbetaal in Truter se nie- projekrekening. R2 865 562 (\$996 000) daarvan is na die Barcelona rekening oorbetaal en \$990 000 daarvan is oorgedra na WPW Geneve. \$900 000 daarvan is oorgeplaas na Nedbank, London vir die "purchase of SA debt". Verder is daar R900 000 betaal aan Aries Trust, R453 426 aan die beskuldigde, R608369 aan L Larsen, R170 000 aan CB Marlow, 250 000 aan Waterson Properties, R100 000 aan W P Swanepoel, 151501 aan Wisdom Finance, R80 000 aan Waterson Properties vir 'n deposito op erf 958, R50 000 aan A Versluis(die beskuldigde se eggenote) en R30 000 aan B Basson(die beskuldigde se moeder).

[1760] 'n Skuld van \$1 miljoen is met die \$900 000 gekoop en op 10 Desember 1991 in die bedrag van R2 696 115 oorgeplaas. Dit is aangewend vir die aankoop van 'n eenheid by Fancourt vir R1,4 miljoen, die aankoop van die plase Witbank en Wag 'n Bietjie vir onderskeidelik R568 000 en R561 000 en vir die verbetering en meubilering van Fancourt vir R271 000. 'n Bedrag van R100 000 is in kontant aan Bosch

betaal uit die oorspronklike R3 miljoen wat deur Truter in die nie-projek rekening by Volkskas Bank, Menlyn inbetaal is. Theron was nie bewus van hierdie rekening en hierdie betalings nie. Die bedrog is daarin geleë dat die beskermende klerasie van Coast heimlik verkoop is en dat die beskermende klerasie van die SAW heimlik verkoop is en dat heimlik van ongemagtigde rekenings gebruik gemaak is wat nie tot die kennis van die projek en die ouditeur gebring is nie.

[1761] In kruisverhoor het Bruwer toegegee dat hy nie weet wat die voorstellings aan die KBK was nie. Die .1 dokumente, waarin opdrag aan Orffer gegee is om fondse oor te plaas, was vaag. Hy gee toe dat dokumente vernietig is. Hy het aanvaar dat 'n betaling aan 'n WPW maatskappy 'n betaling aan die beskuldigde was. Dit is belangrik vir die staat se saak. Hy gee toe dat Webster wel getuig het dat die beskuldigde vir prinsipale opgetree het, tydens die laaste ondervraging in die VSA, en dat hy dit nie in sy verslag opgeneem het nie. Hy ontken egter dat hy selektief was met dit wat hy voorgehou het. Hy ontken dat dit vir hom nodig was om Viljoen Marlow en Webster se getuienis by KEEM te opper om objektief verslag te doen. Hy hou vol dat daar nie laboratoriumtoerusting gekoop is nie. As daar so 'n laboratorium was kan hy nie sê waarmee dit toegerus is nie. Die nie bestaan van die laboratorium is die basis van die aanklag.

[1762] Wat aanklag 2 aanbetref weet hy nie of die beskuldigde na Iran is nie. Die enigste rede hoekom hy reken dat die CAM's wat in September 1987 gekoop is gedurende Januarie met hierdie bedrag betaal is is die orde grootte van die bedrag en gee toe dat dit nie voorsiening maak vir 'n wins of omkoopgeld nie. Hy het nie ondersoek ingestel na die aankoop van 'n deteksie stelsel nie. Hy hou vol dat daar nie 25 CAM's gekoop is nie. Hy weet nie of ploffalarmstelsels gekoop is nie. By aanklag 6 betwis hy nie dat "reverse engineering" toegepas is nie. Oor aanklagte 7, 8, 9 en 10 weet hy nie of die goedere en dienste gelewer is nie. Omdat die gelde in CSD geëindig het het hy aanvaar dat dit nie gelewer is nie.

[1763] Oor die verkoop van die 9568 pakke beskermende klerasie het hy toegegee dat die aankoop van nabyheisbuis (indien dit geskied het) vir 'n ander SAW afdeling was en nie vir Coast nie. Oor aanklagte 11 - 13 glo hy nie dat die gelde bestem was vir die koop van 'n peptiedsintetiseerder nie. Hy gee toe dat Zimmer se beskrywing in F18.104 van die fondse as "down payment on Jetstar" klaarblyklik vals is. Hy gee toe dat

Zimmer dalk 'n dekstorie geskep het en dat medewerkers se dokumente nie noodwendig vertrou kan word nie. Hy gee toe dat die aanklag suiwer op die vloei van fondse gebaseer is. Hy gee verder toe dat as Chu die CHF450 000 ontvang het as betaling die transaksie baie effektief verberg is. Hy gee toe dat as daar 'n peptiedsintetiseerder aangekoop is aanklagte 14, 15 en 16 verval. Hy gee toe dat die snaakse vloei van fondse versoenbaar is met 'n poging om terugspoorheid onmoontlik te maak. Indien die beskuldigde 'n leuen vertel oor die ruil van die 500kg. metakoloon, is die hele vernietiging van die inkapasitante en die sertifikaat ook 'n leuen. Hy het toegegee dat daar geen bewys is dat enige van die fondse van aanklag 19 by die beskuldigde uitgekom het nie. Oor aanklag 20 gee hy toe dat as dit nie bevind word dat WPW die beskuldigde is nie die hele aanklag verval. Hy het toegegee dat die beskuldigde nie 'n voordeel gekry het nie en ook nie uit die Waterson trusts nie. Hy gee toe dat dit nie gesê kan word dat die beskuldigde 'n wanvoorstelling aan die Reserwe bank gemaak het oor die inbring van die lening aan Aries trust nie. Oor aanklagte 23 en 24 gee hy toe dat die gelde wat na privatisering geleen is privaatfondse was. Hy gee ook toe dat Pierre Theron tevrede was dat daar nie wanaanwending was nie, behalwe vir sy voorbehoud by die Kroatiese transaksie. Hy gee ook toe dat Theron in 'n beter posisie was as hy om te oudit. Hy het toegegee dat in die gevalle waar die staat beweer het dat sekere aankope nie geskied het nie, die beskuldigde nie skuldig bevind kan word nie, indien die hof bevind dat die aankope wel gedoen is nie³.

[1764] Hy is geroep om 'n aanvullende verslag in te handig en o.a. sy standpunt oor die redelikshiedstoets te verdedig. Hy het aanvanklik getuig dat daar 'n moontlike R141 miljoen was waaruit die wanaanwending kon geskied het maar tydens kruisverhoor het dit geblyk dat die wanaanwending uit die R37 miljoen moes geskied het⁴. Indien daar CAM's of 'n peptiedsintetiseerder of laboratoriumtoerusting aangekoop is het dit uit daardie R37 miljoen gekom. Hy het verder uit sy eie aangedui dat die \$2,46 miljoen vir die beweerde aankoop van die BZ dalk uit 'n ander bron as uit die projek na die buiteland oorgeplaas kon gewees het. Hy het net in die projek na so 'n bedrag gesoek.

³Oorkonde p3511

⁴Oorkonde p. 8418 - 8421 gelees met HB.1 p.6

[1765] P W de Jager was betrokke by SRD Electronics wat met sekuriteit- en elektroniese alarmstelsels te doene gehad het, Phoenix wat 'n diensstasie was, Q B Laboratories waar traangas gelaai is en Protechnik wat betrokke was by die verkryging van beskermende klerasie. Hy was aangestel as 'n direkteur in hierdie maatskappye en hy dink dat hy selfs aandele kon gehad het. Daar moes aan die beskuldigde gerapporteer word. Hyself het deelyds geboer. Omdat die beskuldigde hom gevra het om te kyk vir beleggingsmoontlikhede het hy voorgestel dat sy plaas gehuur word. Waag 'n Bietjie boerdery waarby die beskuldigde Swanepoel en Viljoen betrokke was het tot stand gekom. Hy dink die projek is deur Wisdom Finance befonds. Daar was 'n winsmotief maar 'n groot verlies. Hy is gedwing om te bedank. Die plase is verkoop.

[1766] Tydens kruisverhoor het hy toegegee dat hy die enigste een is wat iets uit die maatskappy gekry het en dat die verhouding tussen hom en Swanepoel versuur het omdat Swanepoel sy bestuursvermoë bevraagteken het. Hy het ook toegegee dat die beskuldigde 'n bemiddellende rol tussen hom en Swanepoel gespeel het. Wat die bestuur van die plaas as sulks aanbetref het die beskuldigde net 4 van 24 vergaderings bygewoon. Die beskuldigde het nie 'n persoonlike belang in die boerdery gehad nie. By Wisdom Idle Winds is daar navorsing op diere gedoen. Die ander maatskappye waarby hy betrokke was, was tot die beskikking van die SAW.

[1767] H P Orffer het bevestig dat hy oorplasinge gedoen het in ooreenstemming met die opdragte aan hom. Hy het nie geweet wat Coast was nie en mag ook nie geweet het nie. Hy was verplig om bedrae oor te plaas. Hy het 'n fout gemaak toe hy die R1,8 miljoen te gou oorgeplaas het na die buiteland.

[1768] H Pfeill het getuig dat hy Infladel, Delta G en RNL se boeke geoudit het. Hy moes kyk dat Coast nie sy begroting oorskry nie en he so elke drie maande aan die GG gerapporteer. Hy het ook 'n rekonsiliasie gedoen vir Pierre Theron. Hy het bloot inkomstes en uitgawes vergelyk. Hy het nie 'n mandaat gehad om te kontroleer wat aangekoop is nie. By RNL en Delta G het hy wel insae in fakture gehad. Hy het geweet dat daar 'n laboratorium by Speskop was maar het nie geweet dat dit met Coast te doen gehad het nie. Tydens

kruisverhoor het hy aangedui dat hy nie besef het dat die oudit by Delta G, RNL en Infladel inderdaad 'n Coast oudit was nie, dat by daardie oudit brondokumente beskikbaar was en dat hy te alle tye volle samewerking gekry het. Hy het nie besef dat hy onwetend buitelandse aankope oudit nie.

[1769] Viljoen het vanaf 1985 tot 1988 by Infladel gewerk en vanaf 1988 tot Junie 1990 by RTO. Hy beskryf homself as 'n konsultant en boekhouer by die Wisdom groep van maatskappye en hy bestuur Profincor, Joostenberg Properties en die Tygerberg Dieretuin. By Infladel het hy die vloei van SAW fondse na Delta G en RNL hanteer asook sy eie administrasie. Die beskuldigde het die skakeling gedoen. Daar was 'n lopende en 'n daggeld rekening by Volkskas bank waarin groot bedrae geld gedeponeer is. Hy kon sommige bedrae self hanteer maar bo 'n sekere perk moes hy die beskuldigde se goedkeuring kry. Die beskuldigde moes bv 'n bedrag van R600 000 vir vliegtuie goedkeur. By RTO was Swanepoel sy baas. Hyself was betrokke by Aeromed, Wisdom Finance, Intramex, Profincor, Wisdom Investments, Waag-'n-Bietjie Boerdery, Joostenberg Properties, Wisdom Holdings en Erf 1219.

[1770] Gedurende 1987/88 was RITS 'n frontmaatskappy. Daar was later weer 'n RITSrekening maar die was nie 'n amptelike rekening nie. Die beskuldigde was betrokke by die beplanning van die privaatmaatskappye. Ander vennote was dr.Swanepoel, P W de Jager, Webster, me Grant, Marlow en Snyders van Aeromed. Hy het Intramex as 'n pakket ontvang en die naam verander na Pretokon. Hy moes Profincor bestuur. Hy het nie die waarheid gepraat by die KEEM ondersoek nie. Hy was bekommerd oor sy voortbestaan. Daar was oordadige spandering by Merton huis en hy was bekommerd oor die moratorium lening en die kontantvloei in die Wisdom groep. By KEEM het hy die beskuldigde se optrede aan Webster toegedig.

[1771] Die beskuldigde het Bosch betrek en het R300 per maand huurgeld betaal tov Erf 82. Die beskuldigde het opdrag gegee dat Aeromed geïnkorporeer moes word. Hyself was betrokke by die verhuur van die vliegtuie. Dit was die beskuldigde se besluit om vir 'n rukkie 'n direkteur te wees van WIP. Die beskuldigde was ook betrokke by Liquorland, Waag-'n-Bietjie Boerdery en Medchem Forchungs. Die eerste

moratorium lening se geld het via Wisdom Finance in die land ingekom. Die geld sou belê word deur Wisdom Finance. Die beskuldigde was ook betrokke by Wisdom Idle Winds. Geld is geleen aan Pretoria Management Services waarby Koen betrokke was. BRCI het 'n aantal lenings oorgeneem, aan Merton huis, Mijburgh, Partners In Travel, Lifestyle Management en ander instansies. Daar was verskeie ander lenings o a aan Antoinette Lourens en die persoon wat die beskuldigde se vader se kleinhoewe gekoop het wat uit die latere RITS rekening terugbetaal is. MCI het skuld oorgeneem en was veronderstel om dit in paaiemente terug te betaal maar het dit nooit gedoen nie. Daar was lenings aan 'n klomp dokters wat betrokke was by Coast en omdat Pierre Theron nie daarmee genoë geneem het nie het Wisdom Holdings die skuldeiser geword in die plek van Infladel. Toe MCI nie die skuld kon betaal nie het die beskuldig voorgestel dat Profincor in ruil daarvoor 34% van MCI se aandele verkry maar hyself was nie daarvoor te vinde nie want dit sou Profincor se inkomste nadelig beïnvloed. Aeromed is gedurende 1987 buite die projek in opdrag van die beskuldigde gestig. 'n Piper Seneca is aangekoop. Snyders, hyself, Antoinette Lourens, dr. Swanepoel en Purvis was daarby betrokke. Die beskuldigde het gesê dat Webster geld wou belê. Op inligting wat hy van die beskuldigde gekry het, het hy projeksies aan Webster voorgelê. Die koopsom van £50 000 en £12 000 het van Baker en Hostetler gekom. Die vliegtuig is van Lanseria bedryf en die beskuldigde en hyself het die finansiële bestuur hanteer. Die kliente was hoofsaaklik projek Coast. Hyself het die fakture uitgemaak en dan betaal met Coast tjeks en die geld in Aeromed se rekening gebank. Die ouditeurs was Cloete en du Toit en Theron en Pfeil het nie insae daarin gehad nie. Later het die Kingair bygekom. Purvis het dit bestuur en Swanepoel het die kantoor en administrasie oorgeneem. Dit is nie bemark nie en is bloot gevlieg as daar 'n opdrag gekom het.

[1772] Toe Merton huis gekoop is het die beskuldigde aangedui dat hy 'n gastehuis wil koop en bedryf. Die aankoopprys was R800 000. Die eerste moratorium lening was nog nie in die land nie en Intramex het betaal. Die lening is later afgelos met geld vanuit die buiteland. Daarna het die beskuldigde opdrag gegee dat die erf langsaan gekoop moes word en dat 'n parkeergarage met 'n tennisbaan bo-op gebou moes word. Dié aankoop was deur Waterson Properties en is gefinansier deur Wisdom Finance. Dit is die skuld wat later deur MCI oorgeneem is. Die beskuldigde het gesê dat die huis as 'n ambassade verkoop sou word. Die

Tygerberg Dieretuin is in die naam van Wisdom Idle Winds aangekoop teen R338 963. Die transaksie is gefinsier deur Wisdom Finance. Daar was 'n naamsverandering na Joostenberg Properties. Hy het al die aandele gehou en het toe persoonlik finansiering vir die maatskappy gereël. Wisdom Liquorland is aangekoop deur finansiering van Wisdom Finance. Aanvanklik het WPW 90% van die aandele gehou en dr. Thiart 10% maar later is 45% van die aandele aan elk van homself en die beskuldigde oorgedra. Thiart wat 'n skuldenaar van Infladel was se spreekkamers was naby en hy kon in 'n krisissituasie maklik daar kom. Daar was diefstalle, optogte en selfs 'n roof en daar is gepoog om die besigheid te verkoop op die basis dat die koper alle verpligtinge oorneem maar toe hy nie die mas opkom nie was daar 'n verlies van R141 000.

[1773] Hy het Buffham in Engeland besoek op versoek van die beskuldigde en vir dr Chu in London. Die beskuldigde wou sy buitelandse belange sentraliseer. Hy wou Multi Soft stelsels installeer. Buffham kon dit nie doen nie maar het hom sy fabriek gewys. Op versoek van die beskuldigde was hy minstens ses keer na Basel om vergaderings van Medchem Forchungs by te woon. Hy was seker 10 maal oorsee. Mechem Forchungs het sagteware aan Data Image verskaf. Dit wou 'n alleenagentskap tov RNL in Europa kry en het 'n verbintenis met MCI gehad. 250 van Chu se aandele is oorgedra aan WPW Inc.

[1774] Daar is of gedurende 1988 of 1989 'n losie by Loftus Versfeld bekom. Die beskuldigde het dit met hom bespreek. Dit was vir 10 jaar en het R160 000 gekos. Die deposito is met 'n Intramex tjek betaal en dit is later oorgedra aan Profincor. Hyself, die beskuldigde, mnr. Kirstein, gen. Neethling, mnr. Bosch, mnr. Spamer en hulle gades was gereelde gaste asook adv. Marlow en dr. Swanepoel. Aanvanklik het Profincor die kostes betaal maar later is bydraes geverg. Gedurende 1996 het hulle 'n aanbod van R220 000 vir die losie gekry maar alhoewel hy wou verkoop het die beskuldigde die verkoop geveto. Gedurende 1997 was daar 'n aanbod van R225 000 en die beskuldigde het ingestem om te verkoop. Die netto opbrengs was R207 000. Die beskuldigde het bedrae van R6 000 en R2 500 in kontant ontvang en daarna is die balans in twee bedrae van R72 000 en R23 000 deur Kirstein na die beskuldigde oorgedra onder die voorwendsel dat hy 'n perd gekoop het. Hy bevestig dat hy betrokke was by Waag-'n-Bietjie Boerdery en dat dit deur Wisdom Finance gefinansier is. Die beskuldigde se swaer Corrie Versluis het op 'n stadium op die toneel gekom. Pretoria

Management Services wou elektroniese apparaat aankoop van 'n besigheid in Engeland. Koen was daarby betrokke. Die verkoop van die honde (van RTO) het ook ter sprake gekom. Partners In Travel is gebruik om buitelandse reise te vergemaklik.

[1775] Die beskuldigde het die herstrukturering van van die Wisdom groep voorgestel. Hy wou dit in twee verdeel. Wisdom Holdings moes uit WIP verdwyn. R5,5 miljoen moes oorgedra word aan BRCI. Dié sou dit uitleen aan Profincor en ander filiale van BRCI. Marlow sou BRCI beheer. Hy het verder 'n vergoeding van \$2 000 per maand ontvang en PCM Inc.(Cayman) oorgeneem en die bedrae inbetaal by die Banque La Rosche. Hy het die beskuldigde gehelp om R250 000 in die land te kry vanaf Chu onder die dekmantel van tegnologie verkope. Dit het in Partners In Travel geëindig. Daar is R3,5miljoen by Swanepoel geleen en Rand Aksepbank aandele is daarmee gekoop. Die lening is met rente terugbetaal.

[1776] Die oorspronklike RITS was 'n BK wat in opdrag van die beskuldigde gedurende 1987 gestig is. Dit moes beskermende klerasie vir CBO verkry. Hulle het gehandel met YCVM en Technotek. Inladel het RITS betaal en dié het vir Technotek betaal. 45 000 pakke moes oor drie jaar aangekoop word. Pierre Theron was nie tevrede nie en die RITS rekening is gesluit. Intramex het toe tot stand gekom Theron was nie bewus van Intramex nie. Die bankrekening was by Standard Bank, Kerkplein. Die ouditeure was Cloete en du Toit. Hy en sy vrou het tekenmagte gehad. Die doel was om wins te maak. Kliente was Krygkor, Swartklip en die SAGD. Gedurende Oktober 1990 het hy 'n RITS rekening by Nedbank Verwoerdburg geopen en R1 miljoen van Intramex se daggeld daarin gedeponeer. Daar is 'n bedrag van R3 941 700 afkomstig van Technotek daarin betaal. Daar is verskeie betalings uit die rekening aan o a Marlow, Bosch en A Versluis. Hy het R1,8 miljoen by Orffer gaan aflewer en dit is by Karko inbetaal. Hy het Krugermunte vir die beskuldigde in die kluis bewaar. Daar was 'n VABN rekening waarvan nie boek gehou is nie maar waarin bedrae in kontant, wat hy van die beskuldigde ontvang het, inbetaal is en weer onttrek is en aan die beskuldigde oorhandig is. Daar was ook verskeie terugbetalings aan die projek soos die \$2,6 miljoen van aanklag 11 en die \$384 000 en \$440 000 van aanklag 19. Groot bedrae is na die buiteland uitgeplaas. Daar was verliese by die Amerikaanse maatskappye en by GGI.

[1777] Hy getuig oor die aankoop van die woonstel in Sunnyside (Wisdom Erf 82) die moratorium lening en die feit dat die beskuldigde hom toegelaat het om R250 000 te leen. Die aankoop van Fancourt Lodge het ter psrake gekom tydens 'n vlug na Sun City. Die beskuldigde was dikwels by Fancourt. Die Jetstar was 'n luukse vliegtuig. Hy het drie maal daarmee gery. Gedurende November 1990 is hy saam met die vliëniërs na die cottage om die ure waarop Aeromed geregtig was te gaan uitsorteer. Hy is ook na Basel en dan was daar aan die einde van 1991 'n geleentheid toe hy en andere as groep saam met die beskuldigde vakansie gehou het. Hy was by Medchem Forchungs in Basel. Daarvandaan is hulle na Luxembourg, België, Engeland, die Suide van Spanje en Tangiers. Hy het eerste klas gevlieg en in luukse hotelle gebly. Die beskuldigde is saam met andere na Kaapstad toe daar 'n rugbytoets was. Hyself is met die Kingair Kaapstad toe na die dieretuin en vandar na Fancourt en die beskuldigde en Bosch en hulle families het hom en sy familie vanaf George vir 'n dag by Umhlanga Rocks besoek. Daar was nog vlugte en besoeke aan die Wildtuin. Hy en sy vrou het elkeen 'n Rolex horlosie ontvang.

[1778] Tydens kruisverhoor moes hy toegee dat hy geslepe opgetree het voor KEEM met die doel om homself te bevoordeel. Hy het toegegee dat daar nie projekgeld deur Intramex is nie en dat Intramex bloot op 'n koste plus basis gewerk het ten einde administrasie koste en huurgeld van o a die stoor te kan betaal en nie 'n privaatmaatskappy in die ware sin van die woord was nie. Hy het die beskuldigde sonder sy wete as direkteur daarvan aangestel. Hy was bekommerd omdat twee van Intramex se krediteure afgeskryf is maar gee toe dat net hyself daarby gebaat het. Die beskuldigde het geen voordeel uit die projek gekry nie. Hy gee toe dat daar baie skommeling van aandeelhouers in die maatskappye was, nooit geld betaal is vir die oordrag van aandele nie, nooit direkteursvergoeding betaal is nie en dat die maatskappye finansiële fiasko's was. Uit 'n beleggingsoogpunt was dit dwaas om geld uit die buiteland in die Wisdom groep te belê. Dit sou baie meer voordelig wees om bloot die Profincor kapitaal te belê as om hom te vergoed uit die gelde wat uit lenings gegenereer kon word. Die beskuldigde was openlik betrokke en het geteken as hy kontantgeld ontvang..Daar is lenings aan dokters toegestaan omdat hulle vir die projek gewerk het. Daar was geen reklame by Aeromed. Niemand het losies betaal by die cottage nie. Hy bevestig dat Spyker met die Jetstar vervoer sou word en aanvaar dat dit Savimbi gewees het.

[1779] Hy en Webster het wel die inbring van die moratorium lening in die land bespreek. Die tipe van beleggings is bespreek en dit is moontlik dat 'n belegging in boerdery een van die breë riglyne was. Almal was opgewonde oor die boerdery maar was gou ontnugter en daar was 'n breuk tussen hom en Swanepoel aan die een kant en de Jager aan die ander kant. Dit is so dat die beskuldigde uit die boerdery getree het en hy het sy R1000 teruggekry. Die enigste rede waarom hy later betrokke was om die probleme tussen hom en Swanepoel en de Jager te probeer oplos. Hy gee toe dat daar meerdere kere was wat diverse oorplasinge van fondse geskied het, bv is 'n bedrag van R250 000 uit die RITS rekening oorbetal aan Profincor, daarna aan Wisdom Holdings en toe uiteindelik aan Partners In Travel. Dit was om die herkomste verbloem. Die R250 000 wat hy by Profincor geleen het gee hy toe dat hy dit eintlik by Waterson Properties geleen het en dat dit gedien het as kollaterale sekuriteit. Hy weet nie hoekom nie en moet toegee dat hy 'n rentevrye lening gehad het en rente verdien het op die geleende geld.

[1780] Hy kan nie onthou of Intramex terugbetaal is vir die losie nie. Daar kon 'n afskrywing teen die opgehoopte verlies gewees het. Intramex het sy maatskappy Pretokon geword. Die losie kom nie in een van die state van een van die maatskappye voor nie. Hyself het die finansiële bestuur behartig. Dit word aan hom gestel en hy ontken dit nie dat die beskuldigde 'n bedrag as 'n deposito vir sy stoele betaal het nie. Hy en die beskuldigde moes die losie gesamentlik koop en hy moes die finansiering reël. Hy het vir die beskuldigde gevra of hy 'n metode kan uitwerk om die verkoopprijs deur die boeke te kry en dat hy Kirstein genoem het. Hy bevestig dat hy nie sê dat die beskuldigde enigiets verkeerd gedoen het nie.

[1781] Hy bevestig dat die beskuldigde se belang by Buffham was om die projek te beveilig. Dit blyk dat Antoinette Lourens en dr. Erasmus se rekenings aan Profincor gekombineer is en afgelos is uit die RITS rekening. Ten spyte daarvan het hy hulle nie in kennis gestel nie, steeds maandelikse bedrae gevorder, 'n aanpassing gemaak weens die verswakking van die Rand en 'n skulderkenning gekry. Die afskrywing van die R85 000 aan Griffiths het soos volg verloop. Hy het die beskuldigde se vader se eiendom aan Griffiths verkoop en kommissie daarop verdien. Hy het 'n lening vir Griffiths toegestaan uit Profincor maar Griffiths het wanbetaal en die ooreenkoms is gekanselleer. Die eiendom is teruggeneem, herverkoop en betaal. Griffiths

se lening het verval. Hy gee toe dat Pretoria Management Services nie geïnkorporeer is om wins te maak nie.

[1782] Lizelle Larsen, die argitek by die verbeterings by Merton huis, het bevestig dat toe dit gekoop is, verwag is dat die verbeterings nie meer as R1 miljoen sou wees nie, dat die erf langsaan later aangekoop is, die huis daarop gesloop is en 'n parkeerarea en 'n tennisbaan daarop gebou is. Die koste het verhoog na R8 miljoen. Die beskuldigde was betrokke by die projek. Sy het ook vir Mijburgh, Marlow en Swanepoel ontmoet. Die beskuldigde het op 'n stadium na die agtergrond geskuif. Daar is 'n hele klomp operasionele besluite oor die bouwerk wat deur die beskuldigde geneem is. Sy het nooit die indruk gehad dat hy die huis vir homself bou nie en het geweet dat hy aan die SAW verbonde was.

[1783] Kirstein, die boukontraakteur, bevestig die besoek aan Europa waarvoor Viljoen getuig het asook 'n besoek aan Twickenham die volgende jaar. Hy het sy eie kostes gedra. Hy was onder die indruk dat die beskuldigde werk gedoen het tydens die besoek. Hy was na Fancourt en het saam met Mijburgh en Swanepoel gejag en was ook in die Wildtuin. Op aanbeveling van die beskuldigde het hy Tubmaster in Amerika besoek. Hy het 'n halwe aandeel in 'n Arabierperd aan Viljoen verkoop en die koopprys van R72 000 en R23 000 stelselmatig aan die beskuldigde gegee. Hy het gebou by Merton huis en het geweet dat die beskuldigde aan die SAW verbonde was. Merton huis was nie 'n woning vir die beskuldigde nie.

[1784] Bosch was betrokke as bestuurder van Nedbank by rekeninge van Wisdom Finance en ander Wisdom maatskappye wat gedurende Januarie 1990 by sy bank geopen is. Hy is uitgenooi om saam met die beskuldigde na Orlando te vlieg toe die Jetstar gaan haal is. Van Amerika is hulle na Europa en het vir Zimmer, Jacomet en Chu ontmoet. Hy het 'n hele aantal kere met die vliegtuie gevlieg en het soms vir die petrol betaal. Een keer het hulle rekenaars in Switserland gaan haal. Hy was onder groot spanning omdat hy geweet het van die moratorium lening, te doene gehad het met Technotek, geweet het van RITS, Merton huis en die Aries trust. Die verhouding tussen hom en Swanepoel was gestrem. Buitendien was daar die R17,5 miljoen SAW fondse vir die privatisering wat na die buiteland oorgeplaas is. Hulle het vanaf Warskou na

Dusseldorff en toe na België gevlieg en is van daar na die cottage. Terug in Suid Afrika is hy in Denmar opgeneem met akute psigose.

[1785] Die beskuldigde Viljoen en van Remoortere was betrokke by die opening van die RITS rekening. Daar was 'n deposito van R1 miljoen in die rekening en van Remoortere het R827 000 daarin betaal. Hy bevestig die betalings aan die verskillende rolspelers en familie van die beskuldigde. Die beskuldigde het ook kontant bedrae gewissel. Hy het 'n rakmaatskappy P & S Engineering gehad by BSI Financial Services en het R1,1miljoen daardeur laat vloei. Dit is betaal tov Merton huis en aan Profincor. Op 'n stadium het Mijburgh hom gevra of hy nog die skelm rekening het. 'n Bedrag van R237 000 is daarin gedeponeer. Fondse is aan iemand in die buiteland beskikbaar gestel en hy het hier daarvoor betaal. Hyself, die beskuldigde en Mijburgh het elkeen kommissie gekry op die transaksie. Daar is ook 'n tjek ten bedrae van \$360 000 vir "tegnologie verkope" in die rekening inbetaal. Hy het 'n bedrag van R17,5 miljoen ontvang om onderugspoorbaar oor te plaas na die buiteland. Hy het dit gedoen en dit was vir 'n paar dae hier gedeponeer. Dit het R52 562 rente verdien voordat hy dit na van Remoortere se rekening en na 'n Blackdake rekening in Credit Lyonnaise oorgeplaas het. Die beskuldigde het vir hom gesê dat hy die rente kan hou vir sy werk. Die R535 000 is aan BSI betaal omdat Swanepoel ongelukkig was dat Van Zyl & Partners deel van BSI se fooie gedra het maar dat die meeste van die werk wat hulle gedoen het, vir MCI gedoen is. Die beskuldigde het hulle toe in staat gestel om Swanepoel terug te betaal. Hy was betrokke by die \$970 000 moratorium lening en het state opgestel om aan te toon dat die geld benodig word vir Fancourt en die aankoop van die plase. Die lening is nie so aangewend nie maar ter befondsing van Merton huis en Partners In Travel. Op versoek van die beskuldigde is daar in 1994 balansstate opgestel. Die state vir Junie 1992, Junie 1993 en Junie 1994 was onvolledig omdat Marlow nie volledige inligting verstrek het nie. Marlow het 'n bedrag van R2 099 068 in United Bougenootskap gebank omdat hy nie op goeie voet was met Nedbank nie.

[1786] Soos Viljoen het hy ook \$2 000 per maand gekry. Hy is aangestel omdat die groep 'n Jack of all Trades benodig het met kennis van eiendomme en verwante sake. Hy het 'n pak dokumente van Webster gekry gedurende Junie 1990 tesame met 'n kredietkaart en by Mei 1991 het hy \$24 000 in sy rekening gehad.

Die kaart is ingetrek en hy het nie weer die geld gesien nie. Hy het egter 'n bedrag van \$150 000 in die Banque La Rosche in Switserland ontvang. Hy het dit belê en as sy pensioen beskou. Toe die kontantvloei gedurende 1993 swak was het hy dit aan die groep geleen. Die geld het 'n draai gemaak in Bath Street Jersey en het as tegnologie verkope in die land ingekom. Die Reserwe bank dokument is in sy handskrif en hy weet nie hoekom dit so ingevul is nie. Daar het ook \$100 000 van Baker & Hostetler op soortgelyke wyse in die land gekom. Die twee bedrae is as 'n lening van \$250 000 aan Aries trust voorgeskiet. Gedurende 1996 was daar 'n manipulasie van fondse. Hy het Liechtenstein besoek.

[1787] BR Admin het BRCI se belange oorgeneem. Die moratorium lening is oorgeneem en afgeskryf. Daar was struwelinge op die plase tussen Swanepoel, Viljoen en de Jager. Swanepoel en Viljoen het onttrek. Hy het de Jager 'n laaste kans gegee maar by einde Januarie 1992 aangesê om die plaas te verlaat. Daar was 'n skuld van R2,3 miljoen tov die boerdery. 'n Plaas en van die vee is verkoop en Versluis het met die melkery voortgegaan. Die een plaas, wat vir R561 000 aangekoop is, is vir R340 000 aan Versluis verkoop. Aries trust het die skuldeiser tov die R340 000 geword. B R Admin het 'n skuld van R2,579 miljoen afgeskryf.

[1788] Hy het gedurende November 1991 formeel betrokke geraak by Merton huis. Hy het die beskuldigde wat die bouheer was verteenwoordig. Hy was onder die indruk dat dit 'n gastehuis was. Daar was ook sprake van kantore vir WPW. Die totale uitgawes was R11,931 173. Dit is verkoop vir R7,5 miljoen. As kommissie in ag geneem word was die verlies net onder die R5 miljoen. Hy was ook betrokke by die aankoop van die eenheid in Fancourt. Die totale koopprys was R1,379 miljoen. MCI het R1,4 miljoen aan BRCI voorgeskiet. Op 28 April 1992 het Truter 'n tjek van R1,4 miljoen voorsien en is die skuld uitgewis. Die eerste eenheid is verkoop vir R1,75 miljoen en 'n kleiner eenheid is vir R750 000 aangekoop.

[1789] Die beskuldigde het hom gerusgestel om nie te bekommerd te wees oor Partners In Travel nie. Hy, die beskuldigde en Marlow was trustees van Aries trust. Die skenkers was Anette Versluis se moeder en ene Botha. Anette Versluis en die kinders was die begunstigdes. Die trust het die beskuldigde se moeder of vader se huis gekoop. Daar was 'n R250 000 verband daaroor. Die beskuldigde het R500 000, rentevry, aan

die trust geleen. Hy was later baie min betrokke by die beheer van die trust en het tjeks in blanko geteken. Daar is R500 000 in die trust inbetaal by wyse van 'n RITS tjek. R100 000 is betaal vir die aankoop van 'n erf om 'n familiewoning daarop te bou. Dit is later onverbeterd verkoop vir R475 000. Die eiendom in Collegestraat se bou is gefinansier met 'n RITS tjek van R400 000. Die Ariestraat huis is verkoop vir R1,7 miljoen. Dit is hoofsaaklik gebruik om die lening van \$250 000 en rente terug te betaal.

[1790] Die beskuldigde het niemand geraadpleeg oor die gebruik van Aeromed se vliegtuie nie. Hy was op 'n manier betrokke by die dag tot dag bestuur van van Aeromed. Daar was betalings aan buitelandse maatskappye veral WPW Aviation. Hy het 'n evaluasie van Tubmaste se state gemaak. Hy kan nie onthou dat hy vergiftig is maar dit is so dat die medici so gesê het.

[1791] Tydens kruisverhoor het dit geblyk dat hy na die beskuldigde se arres vir hom gesê het dat tensy hy vir hom \$250 000 in die buiteland laat kry hy baie moeilikheid vir hom gaan maak. Hy het die beskuldigde as die oorsaak van sy moeilikheid beskou want dit is as gevolg van sy tussenkoms dat hy die bank verlaat het en by BSI aangesluit het. Daar was bloot 'n moontlikheid dat die beskuldigde en sy eggenote tydelik in die opsigterswoonstel in Merton huis sou by. Daar was nooit 'n suggestie dat die beskuldigde die eienaar daarvan was nie of dat dit 'n kommersiële belegging kon wees nie. Swanepoel was die besturende direkteur van Aeromed en die beskuldigde kon dit nie vir sy eie doeleindes aanwend nie. Partners In Travel was 'n finansiële fiasko. Hy noem dit Partners in Crime. Daar is 'n nuwe maatskappy gestig om die IATA lisensie te behou. Oor die R500 000 en R400 000 wat uit die RITS rekening in Aries trust inbetaal is gee hy toe dat dit as lenings deur BRCI gereflekteer is en afgelos is uit die \$250 000. Hy het wel die geld waarop hy geregtig was in die RSA gekry toe B R Admin aan hom oorgedra is. Gedurende 1994 was Marlow ondergeskik aan Webster en het Webster BRCI beheer. Die beskuldigde was nie die eienaar van enige van die bates van die groep nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat die beskuldigde nie 'n sent voordeel uit die groep gekry het nie gee hy dit toe met die voorbehoud dat dit nie so is vir die RITS rekening nie. Hy het nie geweet van Coast nie. Hy bevestig dat hy betrek is om die privatiseringsgeld uit die land en weer terug te kanaliseer. Daar was

sprake van skuldbriewe van \$500 000 maar daar is later besluit op skynkontrakte tussen Blackdale en Medchem Forchungs. Behalwe dat Mijburgh van die "skelm" rekening gepraat het, het hy geen rede om te weerlê dat die bedrag van R237 000 waarna hy verwys die aankoopprys van goedere kan verteenwoordig wat die verkopers in die Weste wou hê nie. Hy weet nie hoekom BSI kommissie ontvang het nie. Hy gee toe dat die P & S Engineering rekening geopen is sodat hy die R52 000 kommissie wat hy met die oorplaas van die R17,5 miljoen gekry het kon hanteer. Hy gee toe dat die beskuldigde nie tekenmagte gehad het op die RITS rekening nie en dat hy geteken het vir alles wat hy ontvang het. Die gelde is hoofsaaklik gebruik om vir die bou van Merton huis te betaal, behalwe vir die R2 miljoen en die R1,8 miljoen wat oorsee gestuur is. Hy betwis nie dat die beskuldigde bedrae van R160 000 en R70 000 wat in sy rekening inbetaal is gebruik het om 'n waarborg te kan lewer, welke waarborgbedrag later tot voordeel van die prinsipale uitbetaal is nie. Daar was afslagkaartjies deur Partners In Travel beskikbaar en daar kon goedkoop eerste klas gevlieg word. Die R100 000 vir die Pretoriusstraat eiendom is aan Swanepoel uitbetaal en hy weet nie of dit terugbetaal is nie. Hy weet nie wie die trommels gepak het en na hom gebring het nie.

[1792] P J Troskie van die Reserwe bank het oor deviese beheer getuig. Tussen 1986 en 1994 was daar 'n verbod op die hou van bates in die buiteland. Dit het trusts aandele en beleggings ingesluit. Dit het nie tekenmagte op rekeninge behels nie. 'n Moratorium lening was iets tussen Finrand en kommersiële rand en het te doen gehad met die skuldstilstand. Die buitelandse belegger moes langer wag vir terugbetaling van sy geld en was dus bereid om sy vordering vir minder te verkoop. Daar was nie Reserwe Bank goedkeuring nodig vir die inbring van geld verkry uit die verkoop van tegnologie nie terwyl daar wel goedkeuring nodig was vir die inbring van 'n lening. Dit was om te kontroleer wie die uitlener was en wie die geld geleen het en wat die doel en die termyn van die lening sou wees. Dit was 'n misdad om 'n trust oorsee te skep. As hulle geweet het dat hy die voordelige eienaar van WPW was sou hulle in die oorsprong van die fondse belang gestel het.

[1793] Dr. Lucia Steenkamp is 'n biochemikus. Sy het sedert 1987 met peptiede by Delta G gewerk. Sy het nie voor 1990 geweet dat dit 'n frontorganisasie was nie. Sy het navorsing oor bloedkanker en vigs

gedoen. Sy het haar opdrag by dr. Jordaan gekry en het aan die beskuldigde gerapporteer. Ofskoon die beskuldigde wel insette gelewer het was dit nie baie nie. Dit was net sy en 'n ander persoon wat navorsing oor peptiede gedoen het. Peptiedsintese verg 'n grondige kennis van biochemie. 'n Peptiedsintetiseerder sal so tussen R200 000 en R300 000 kos en die heel beste een seker so R600 000. Sy dink nie die beskuldigde is 'n deskundige nie. Sy dink CHF450 000 is baie duur vir 500gr thymus peptied. DNA en RNA "probes" word verbind met genetiese materiaal en gebruik om die regte geen te onttrek. Sy het nie kennis van manipulasie van die breinfunksie dmv inkapasitante nie. Die beskuldigde het dit nie met haar bespreek nie. Dit sal moeilik wees om dit deur die bloedbreinskans te kry.

[1794] Tydens kruisverhoor het dit geblyk dat sy eers gedurende 1997 uitgevind het van die thymus peptied. Sy het nie geweet van navorsing oor manipulasie van die brein nie en gee toe dat dit baie gesofistikeerde navorsing sal wees. Massa toediening van inkapasiteermiddels kan 'n baie gevaarlike wapen wees. Sy het nie kennis van die thymus peptied nie. Die masjien waarmee sy gewerk het, werk op klein skaal en kan net reguit lyne sintetiseer. Dit sal wys wees om nadat 'n peptied gesintetiseer is dit biologies te kweek. Chemiese stowwe sal 'n vinniger uitwerking hê as peptiede maar die emosionele uitwerking deur peptiedes veroorsaak sal 'n langer werking hê.

[1795] Dr J H Jordaan is bedrewe in analitiese chemie. As die ketting van 'n peptied lank genoeg word word dit 'n proteïen. Hy het al in 1963 'n lesing oor peptiede bygewoon. 'n Peptiedsintetiseerder is 'n eenvoudige masjien wat doen wat jy met die hand kan doen maar wat dit ook in jou afwesigheid kan doen. Hy weet nie of die beskuldigde peptiede kon sintetiseer nie. Die beskuldigde kon dalk op molekulêre vlak gewerk het. Daar is 'n klein groepie mense wat hulle met peptiedsintese besig hou. Die sintetiseerder by Delta G het R240 000 gekos. Dit is maklik om een te koop. Hy het geweet van navorsing oor CR maar nie oor ecstasy en mandrax nie. Vir verwapening is pirotegniese toetse nodig. 500gr thymus peptied teen R900 000 is baie goedkoop want 'n mikrogram sou \$220 kos. \$3,2 miljoen vir 'n peptiedsintetiseerder klink vir hom baie want jy kon een vir R600 000 koop. Manipulasie van die brein is seker moontlik maar 'n span navorsers sou daarvoor nodig wees. Hy was betrokke by die maak van PMK in Pithey se huis. Hy het ook oor die twee metodes om

ecstasy te vervaardig getuig . Dit sal makliker wees om BZ te verwapen as ecstasy. Hormonale middels kan wel deur die neusslymvlies opgeneem word.

[1796] Onder kruisverhoor het hy toegegee dat hy nie geweet het wat die beskuldigde gedoen het nie. Hy het nie van die CBO projek geweet nie. Dit is moontlik om ecstasy in gemikromiseerde vorm te versprei. hy gee toe dat die beskuldigde dalk chemiese sintese kon doen. Daar is versillende grade van sofistikasie van peptiedsintetiseerders. Dit kan met 'n massaspektrometer gekombineer word. Vermoëns wat ontwikkel word, word nie altyd onmiddellik gepubliseer nie en word soms vir verskeie redes terugghou. Dit sou hulle 4 000 uur neem om 500 gr peptiede te produseer. Hy het in hoofgetuienis na 'n 1992 publikasie verwys. Daar is nou masjiene wat 96 peptiede gelyk kan sintetiseer. Daar kon in die vroeë negentigs reeds sulke masjiene op die mark gewees het. Hy aanvaar dat daar 'n gesofistikeerde peptiedsintetiseerder by Speskop kon gewees het.

[1797] J W van Jaarsveld was betrokke by die maak van CR. Hulle het by Speskop daarmee begin maar het teen die einde van 1985 geskuif na Midrand. Hulle het hulle apparaat saamgeneem maar die dampkaste agtergelaat. Hy was nie weer na 1986 by Speskop nie. 'n Chemiese alarmstelsel is nie dieselfde as 'n rookalarmstelsel nie.

[1798] Dr. Gibson, 'n mediese dokter, het in 1983 by die SAW aangesluit en was 'n lid van spesmagte. Hy het sedert 1986 HIV waarnemingsstudies gedoen. Hy het inligting vergelyk, gedokumenteer en beskikbaar gestel. Hy het anti HIV toetse gedoen en op 'n Hypoxis projek gewerk om 'n kuur vir kanker te ontwikkel. Nadat hy uit die SAW is het hy 'n privaatmaatskappy gestig om navorsing te doen. Hy is R11 000 per maand betaal en moes aan die beskuldigde rapporteer. Daar moes navorsing gedoen word oor die immuunweerstand-verwante bloedkundige veranderings wat toegeskryf kan word aan die toediening van Thym-uvocal aan pasiente met vroeë kliniese vigs. Verder moes vasgestel word wat die kliniese uitwerking is by vroeë kliniese vigs wat aan Thym-uvocal tablette toegeskryf kan word Daar moes bepaal word hoe die toediening daarvan die uitwerking van lae toedienings AZT bloedkundig en klinies beïnvloed. Daar moes vierdens bepaal word of 'n pasient se vatbaarheid vir behandeling met AZT verbeter is met gelyktydige

toedienings van thymus peptiede. Die einddoel was om 'n geneesmiddel vir vigs te vind of om die uitwerking daarvan op die individu te verander. Beide gen. Knobel en gen. Geldenhuys was geïnteresseerd in die navorsing wat hy gedoen het.

[1799] Pierre Theron was aangestel om frontmaatskappy van Coast nl. Delta G, RNL, Sefmed, Infladel en D John Truter Finansiële Konsultante te audit. Die Coast begroting is deur die KBK goedgekeur. Die fondse het uit 'n spesiale verdedigings rekening gekom. Hy was nie die projek ouditeur nie. Die SAW het hom nie aangestel nie omdat die SAW die bestaan van die projek ontken het. Hy het in detail verduidelik hoe hy geaudit het en het getuig dat hy tevrede was dat 'n normale audit nie gedoen kan word nie. Van die toerusting is aan operasionele magte gelewer. Dit is moeilik om 'n klandestiene projek te audit.

[1800] Hy is in baie groot detail ondervra oor baie van die transaksies wat in die saak ter sprake kom en dit was duidelik uit sy getuigenis dat hy nie werklik is staat was om die verkrygings fisies te bevestig nie. In baie gevalle het hy sekerlik ook nie die voordeel van fakture gehad nie. Aan die ander kant is dit baie duidelik dat hy goed geweet het wat projek Coast was en wat die doelstellings was. Dit is ook duidelik dat hy toegang gehad het tot mense soos Orffer en Pfeil en gen. Knobel. Hy was aangewese op die bona fides van die beskuldigde. Hy is egter 'n ervare ouditeur wat by talle sulke audits betrokke was. Hy het baie aanduidings gegee oor aspekte wat hy gereken het hy van bewus behoort te gewees het. Die feit van die saak is egter dat hy vir 'n lang ruk saam met die projek gelewe het en sekerlik op hoogte was van die vordering. Hy was tevrede dat spanderings behoorlik verantwoord was behalwe in die geval van die Kroatiese transaksie waar hy bankdokumente en bewys van vervoer van die metakoloon wou hê ter bevestiging van die lewering daarvan. Uiteindelik het hy aanvaar dat die geld gesteel is. Hy het geglo dat die geld wat gedurende April 1992 oorgeplaas is oorgeplaas is vir die verdeelbare waarborg en nie vir die aankoop van BZ nie.

[1801] Hy het Delta G en RNL steeds geaudit na die privatisering. Hy was bewus van lenings deur Van Zyl en Vennote aan BRCI en van MCI aan BRCI. Hy het aangedring dat daar behoorlike skriftelike bewyse van die lenings moes wees en behoorlike skulderkennings of waarborge vir die terugbetaling. Hy was onder

die indruk dat die lenings aangegaan is om die belange van projek Coast te bevorder. Hy het vir mense soos Viljoen, Marlow en Bosch geken en dat hy nie gedink het dat daar enige onreëlmatigheid was omdat daar sulke maatskappye was nie.. H.y was nie bewus van die RITS rekening, die nie- projek rekening van Truter by Volkskas bank nie en van Intramex nie. Daar was niks snaaks daaraan dat hy nie aangestel is as BSI se ouditeur nie.

[1802] Die projek het die muishond van die SAW geword en almal het betrokkeheid daarby ontken. Hy wou nie by klandestiene aankope betrokke raak nie, maar hy wou ook nie bedrieg word nie. Hy wou ook hê dat daar teenwaarde moes wees vir fondse wat uit die land uit is. Staatsdiensregulasies kon nie toegepas word nie. Hy wou nie werklik weet hoe die geld geskuif is nie. Hy het die volle samewerking van die beskuldigde gehad en wanneer hy hom gevra het, het hy inligting verskaf.

[1803] Oud minister du Plessis het getuig dat hy sterk op die OG gesteun het by die voorlegging ivm die privatisering. As hy geweet het dat WPW is die beskuldigde kon hy voorbehoude gehad het. Hy het nie geweet van die verwantskap tussen die minister en Mijburgh nie. Hy het onder kruisverhoor toegegee dat die feit dat die beskuldigde Mijburgh en Swanepoel vriende was irrelevant is. Die besluit is op die hoogste vlak geneem en die beskuldigde was nie een van die hoofrolspelers nie. Dit was 'n goedgekeurde besluit wat geneem is.

[1804] Volgens die getuienis van J L Botha het die fisiese inspeksie wat hy namens die IG gedoen het te doen gehad met Truter se kantooruitrusting en boeke.

[1805] Wally van Heerden van die kantoor van die OG was betrokke by die oudit van Coast. Omdat dit 'n geheime projek was mog inligting wat die nasionale belang kon benadeel nie geopenbaar word nie. Hyself het die 1982/83 en 1983/84 jare geoudit en het ongekwalifiseerde ouditmenings gegee. Die oudits is gedurende 1987 uitgekонтракteer aan Theron. Daar was nie toegang tot buitelandse rekenings nie en die situasie is bemoeilik deur die sanksies. Aan die einde van 'n jaar het hy en Theron samesprekings gehad en indien daar nie sprake was van onreëlmatighede of vrugtelose- of ongemagtigde uitgawes nie is die oudit so afgehandel.

Pierre Theron was op 'n stadium bekommerd dat daar te veel rekenings oorsee was maar die beskuldigde het hom verseker dat dit nodig was vir die sekerheid van die projek. Dit het hom gerus gestel. Daar was nie 'n beperking op die hoeveelheid rekenings oorsee nie. Daar was 'n vergadering waarby gen. Nieuwoudt, gen. Raubenheimer, hyself, Theron, Adv. Fouche en kol. Steyn teenwoordig was en daar is besluit dat die \$1,68 verhaal moes word. Dit het aanleiding gegee tot die verduidelikings wat die beskuldigde gegee het. Daar was ongegronde skinderpraatjies oor Theron se oudits. Hy was geskok oor die lenings tussen MCI, Van Zyl & Vennote en BRCI.

[1806] Onder kruisverhoor het hy toegegee dat hy vanaf 1987 tot 1993 eintlik onbetrokke was en dat die verantwoordelike ouditeur, Theron was. Hy het toegegee dat daar 'n diepgaande ondersoek was gedurende 1992 toe die dokumente nog nie vernietig was nie, die stowwe nie vernietig was nie, daar meegeluister is op die telefone en dat daar toe nie bedenkinge was nie. Hy het verder toegegee dat die beskuldigde nou in 'n baie moeiliker posisie is om te verduidelik hoe die fondse aangewend is.

[1807] Zimmer is 'n konsultant in die administrasie en bestuur van maatskappye in Luxembourg vir die afgelope 20 jaar. Hy het die beskuldigde gedurende 1985 of 1986 ontmoet toe sy vrien van Remoortere met 'n besigheid hier in Pretoria begin het. Hy was bewus daarvan dat die beskuldigde aan die SAW verbonde was. Van Remoortere het 'n rekening gehad wat hy namens hom geadministreer het. Die beskuldigde wou dit ook gebruik. Hy het dit gebruik. Dit was die Barcelona rekening. Hy het Luft as 'n houermaatskappy gestig en daar was filiale Biscara, GGI, Genavco en Investment Global. Genavco is geïnkorporeer om 'n Jetstar te koop.

[1808] Hy het getuig oor die befondsing van die maatskappye en die oordrag van bedrae na verskillende instansies. Hy het o a vir die beskuldigde \$100 000 in kontant uit die Barcelona rekening gegee. Op 24 April 1992 is 'n bedrag van \$2,46 miljoen, wat geleen is van Blackdale, in 'n beleggingsrekening in Geneve gedeponeer is. Terselfdertyd is 'n leningsrekening geopen met die beleggingsrekening as sekuriteit. Daardie rekening was nie ooit die onderwerp van 'n verdeelbare waarborg nie. Hy getuig dat hy onder die indruk was

dat hy die twee bedrae van \$440 000 en \$390 000 tot die voordeel van Genavco betaal het vir die aankoop van die vliegtuig. Dit sou die \$830 000 verteenwoordig. Hy was uit die veld geslaan om te sien dat Webster ontken dat daar so 'n ooreenkoms was.

[1809] GGI was 'n filiaal van Luft. Daar was 'n gholfbaan wat deur Gary Player uitgelê is wat ontwikkel moes word. Die beskuldigde was daarby betrokke en het die baan twee maal besoek. Marlow was ook daarby betrokke. Die belegger was WPW Inc. Daar was 'n tekort aan fondse en die ontwikkeling het nie uitgewerk nie. Dit is gelikwideer. Hy verwys na A61, die Superdeal. Dit was 'n skikking tussen WPW, van Remoortere en homself. Paragraaf (i) handel met 'n lening aan 'n buitestaander maatskappy wat terugbetaal is. Paragraaf (iii) handel met 'n bedrag van BEF4 miljoen wat aan Claudine van Remoortere verskuldig was omdat die beskuldigde met haar getrou het en WPW net BEF1 miljoen betaal het. Hy en van Remoortere het BEF 3 miljoen aan haar betaal. Paragraaf (v) het betrekking op die Tagell transaksie. Daar was 'n bedrag van \$325 000 wat terugbetaal moes word. Paragraaf (vii) het te doen met die verkoop van die woonstelle vir BEF9,1 miljoen. Paragraaf (viii) van die superdeal maak voorsiening vir die feit dat WPW 'n derde belang in Charburn gehad het. Daar is 'n gedeelte in Merrill Lynch inbetaal.

[1810] Daar was belangstelling om die hele Fancourt deur GGI te koop. Die betaling sou geskied deur Trans American Securities. Die koopprys was R52 miljoen. Daar was ook sprake van Banco di Napoli skuldbriewe. Die beskuldigde het hom van 'n kopie van so 'n skuldbrief voorsien vanaf die cottage. Hy kon nie die skuldbriewe op die effektebeurs opspoor nie en het vir beter sekuriteit gesoek. Hy het o a bewysstuk BZ17 (A7) gebruik ter ondersteuning van die aansoek om finansiering. Die nodige finansiering kon nie gevind word nie en Fancourt is nie gekoop nie.

[1811] Daar was verkope deur CSD aan ABC Import & Export. Die ware is dan weer uitgevoer na RITS. Daar was meerdere sulke aankope. Die Blackdale Copperdale transaksie het te doen gehad met 'n Libiese maatskappy wat beskermende klerasie wou koop. Die beskuldigde het hule aan die Libiërs voorgestel. Daar was vergaderings in London waar van Remoortere, Hashemi en Abdullah teenwoordig was. Dit was 'n \$65

miljoen transaksie en hulle wou 'n "performance bond" van 5%, \$3,2 miljoen hê. Hulle het die beskuldigde gevra en hy het gereël dat die bedrag beskikbaar word. Hulle het die kopers vir 'n kredietbrief gevra maar net 'n konsepbrief is gestuur. Die prestasie waarborg is gekanselleer. 'n Tjek van £1,65 miljoen is gevra maar op die ou en is \$325 000 aanvaar. Hy wou dagvaar maar is aangeraai om dit slegs te doen as daar ook ander eisiers, wat ingeloopt is, saam sou dagvaar. Hy het 'n klag by die polisie gelê. Blackdale het \$325 000 verloor en hy en van Remoortere het besluit om Blackdale te vergoed. Toe die beskuldigde hoor dat die transaksie nie plaasgevind het nie was hy nie baie ontsteld nie. As die transaksie afgekom het sou hulle 'n goeie wins gemaak het. Dr. Chu was nie by die transaksie betrokke nie. Hy bevestig dat daar 'n oorplasing van CHF450 000 na dr. Chu was en die terugbetaling van \$2,698 miljoen na Suid Afrika. Hy het dit as terugbetalings van die \$3,2 miljoen beskou. Hy van Remoortere en Webster het die ooreenkoms onderhandel, veral van Remoortere.

[1812] Hy getuig dat daar 'n ooreenkoms tussen Blackdale en Medchem Forchungs was. (Dit is nou die skyn-ooreenkoms wat gesluit is om die privatiseringsgeld na die buiteland te roeteer) Hy kan nie onthou hoekom nie. Hulle is gevra om dit te doen omdat die beskuldigde die vorige jaar vir hulle die \$3,2 miljoen geleen het. Hy weet nie hoekom die \$2,25 miljoen na WPW Aviation oorgeplaas is nie. Daar is rente van \$377 588 verdien. Uit die rekening is \$360 000 oorgeplaas na P & S Engineering en \$24 000 na 'n rekening van Viljoen in Switzerland. Hy het voorts getuig oor uitbetalings wat hy in opdrag gemaak het. Daar was betalings aan WPW, ABC Export & Import, Merrill Lynch, dr. Chu, IBS en 'n besigheid in Poland. ABC het penicillin van Medchem Technologies gekoop en aan WPW verkoop. Dit is steeds beskikbaar vir WPW. Hy onthou ook die verkoop van 12 500 pakke deur Technotek aan Seyntex.

[1813] Wanneer dit in kruisverhoor aan hom gestel word dat hy betrokke was by die opstel van skyndokumente is hy verontwaardig. Hy ontken dat die privatiseringsskyn-ooreenkoms wel 'n skyn-ooreenkoms was. Hy ontken dat hy die SAW behulpsaam was. Hy ontken dat die behoeftes van die SAW aan hom verduidelik is. Hy ontken dat die oorplasing van gelde te doen gehad het met geheime projekte. Hy sukkel om te verduidelik hoekom hy die \$900 000 by wyse van ses afsonderlike oordragte in

Truter se rekening laat eindig het. Hy het nie geweet dat hy die geld vir die aankoop van die Mandrax hanteer het nie. Dit blyk dat rente wat verdien is op die \$3,2 miljoen deur hom voorgehou is as 'n terugbetaling op die \$325 000 en dat die latere terugbetalings eers 4 jaar later ter sprake gekom het. Hy het 'n waarborg van die beskuldigde gehad dat die bedrae wat hy hanteer nie gekontamineer is nie. Hy bevestig dat hy in opdrag van die beskuldigde kontant bedrae aan persone in Europa gegee het en onthou vir HAP Potgieter. Hy kan Floyd nie onthou nie. Hy het wel aan 'n NAVO amptenaar geld oorhandig.

[1814] Hy het bloot dokumente voorsien wat nodig was by die verkoop van die beskermende klerasie deur Technotek aan Seyntex. Na die superdeal het WPW nie meer aandele in Charburn gehad nie. Hy het nooit geld aan die beskuldigde persoonlik betaal nie en die beskuldigde het ook nie aan hom persoonlik geld betaal nie.

[1815] Truter het getuig dat sy BK 'n front vir Coast was. Dit was operatief vanaf 1 Mei 1989. Sy BK moes die fondse ontvang en versprei na die frontmaatskappye in ooreenstemming met die begroting. Hy het tot 'n groot mate Infladel se funksie oorgeneem. Pierre Theron het sy BK minstens een maal per jaar ge-oudit. Die beskuldigde was sy baas en hy het verskeie rekenings by Volkskas Menlyn geopen. Hy bevestig dat rekening no. 2310163689 'n frontrekening was en meer spesifiek 'n Coast rekening. Die beskuldigde het hom opdrag gegee om dit te open en nie te openbaar aan Theron of Knobel nie. Hy het nie gedink dit is baie snaaks om so 'n rekening te open nie want die beskuldigde het hom meegedeel dat dit 'n sensitiewe transaksie is en dat hy verlag sal doen aan die SAW en die GG. Hy bevestig ook die oorplasing van die verskillende bedrae. Daar was 'n bedrag van R57 188 in die rekening toe hy dit wou sluit. Die beskuldigde het R52 188 in kontant ontvang en hom opdrag gegee om met die R5 000 'n soortgelyke rekening by Standard bank te open. Die rekening was nooit aktief en het hy teen handtekening die balans wat in die rekening was aan die beskuldigde oorhandig. Dit was net minder as R5 000. Hy sê dat as die beskuldigde vir hom gesê het om te spring het hy bloot gevra: "Hoe hoog?". Hy bevestig dat daar vir hom 'n rekening in Switserland geopen is en dat die fondse na Jacomet uit daardie rekening oorgeplaas is. Hy was ook betrokke by die verkryging van maskers vanaf Huber & Sohner.

[1816] Karel Koen was betrokke by S A Working Dogs. Hy het die honde wat by RTO geteel is oorgeneem. Hy was die enigste aandeelhouer. Koen het sy kantoorhuur en salarisse betaal. Hy het nooit fisies nagegaan wat in die projek gebeur nie. Hy het baie kontrakte geteken wat die beskuldigde vir hom gebring het. Hy het Aeromed goed geken. Dit was 'n Coast maatskappy. Viljoen was daarby betrokke. Daar was baie vlugte en die front het daarvoor betaal. Die beskuldigde is selfs oorsee met die Jetstar. Die besprekings is deur Partners In Travel gedoen. Die BK het 'n maandelikse huur van £1 100 aan R F Telecommunications betaal tov kantoorhuur. Hy het met toestemming van die beskuldigde tydens 'n vakansie in die cottage geslaap. Partners In Travel is ook deur MCI gebruik. Hy het nie hulle gelde betaal nie. Hy weet van R23 miljoen wat vir beskermende klerasie na die buiteland oorgeplaas is. Q B Laboratories was daarby betrokke. Hy het saam met Johan Theron na die Oos Kaap gereis. Theron het iemand by Jeffreysbaai gaan sien. Hy het betaal vir die aankoop van Baxil.

[1817] In kruisverhoor het hy o a getuig dat hy nie sê dat projekgelde wanaangewend is nie. Daar was nie sprake van ongerymdhede nie. Alles het 100% eerlik verloop. Toe hy en Theron na die Oos Kaap is was dit 'n blote saamry geleentheid.

[1818] Gen. Hanekom was op 'n stadium die Inspekteur Generaal. Hy het getuig dat hyself nie by 'n oudit betrokke was nie. Hy kon vrae vra as hy wou. Hy dink daar was 'n subkomitee wat 'n onderafdeling van Coast gewees het. Daar kon vergaderings gewees het. Hy was hoofsaaklik betrokke by teeninligting om seker te maak dat daar behoorlike sekerheidsklarings vir die betrokkenes was. Bewysstuk I is opgestel in Junie 1990. Hy weet nie van 'n Coast beheerkomitee , of 'n finansiële komitee, of finansiële werkgroep, of sekerheidswerkgroep of tegniese werkgroep nie. Hy kon bewus gewees het van sulke komitees maar het nie daaraan deelgeneem nie.

[1819] Kol. G C Jacobs was verbonde aan die I G . Die I G se rol was om te oudit in soverre as wat die O G en eksterne ouditeurs nie reeds geoudit het nie. Dit was 'n klein gedeelte van die ouditwerk. Hy het nie

Coast by Speskop ge oudit nie. Hy het dit moeilik gevind om Coast te oudit. Goedere wat aan Unita verskaf is, is van sterkte afgehaal. Hy is nie verbied om Coast bates te inspekteer nie. Paragraaf 37 van bewysstuk 21B het betrekking op kantoorbates.

[1820] Otter van Graceby's het 'n reeks dokumente ingehandig wat betrekking het op die aankoop van 13 CAM's deur Heyndrycx. Daar was net die een sekerheidsbreuk. Daar was goeie kontrole oor aan wie CAM's verkoop kon word en teen diefstal. Hy weet nie van diefstalle nie. Dit het egter geblyk dat hy nie die outeur van enige van die dokumente was nie en eers later daarmee te doen gekry het. Daar was 'n verskil tussen die reeksnommers op die faktuur en op die verpakkingsnota. Daar is ook 'n faktuur vir presies dieselfde goed met 'n ander faktuurnommer. Hy is bloot maar gevra om dokumente te soek wat te doen het met transaksies waarby Heyndrycx betrokke was. Hy het 'n betaling vanaf die Universiteit van Ghent gevind wat omtrent 'n jaar voor hierdie transaksie gemaak is. Dit is bloot 'n aanname dat Heyndrycx betrokke was en dat CAM's gekoop is. Die 13 CAM's is nie deur die Universiteit van Ghent betaal nie. Hulle vernietig dokumente soos wat die verjaringsperiode verstryk. Daar was 'n vrees dat die 13 CAM's na Teheran is. Hulle het spesifiek ondersoek ingestel na die CAM's. Heyndrycx het verduidelik dat die CAM's in Angola was, gekontamineer geraak het en in die sand begrawe is. Later het hy gesê dat hulle nie behoorlik gewerk het nie en vernietig is. Hyself het eers in 1989 by Graceby's aangesluit. Die interpretasie van die dokumente is suiwer spekulasie.

[1821] Ettiene Lambrechts het ondersoek ingestel na die herkoms van die CAM's. Hulle het 10 CAM's by 7 Medies gevind. Hy het die reeksnommers genoem. Daar was drie CAM's by Protechnik. Hulle het dmv forensies vasgestel dat die een se reeksnommer uitgetippex is en ipv 3476, 1484 moes gewees het. Dit blyk dat een van die CAM's wat in die land gevind is nie op die versendingslys van Graceby's voorkom nie. Daar is drie verskillende fakture vir die CAM's op dieselfde datum, 7 Augustus 1988.

[1822] Dr. Brian Davey was by drie verifikasie operasies in Angola betrokke. In totaal was hy betrokke by omtrent 13 operasies. Die ondersoeke in Angola was tussen 1986 en 1990. By die eerste geleentheid het hulle beskermende klere by hulle gehad. Nóg die SA troepe nóg die Unita troepe het toe beskermende klerasie by hulle gehad. Hulle het die klerasie voorsien. Hulle het deteksie papier gehad en grondmonsters

geneem. Hitte uitputting weens die dra van die beskermende klere het die ondersoek in die wiele gery. Aanvanklik het hy gedink die toets is positief maar hy het besef dat hy die toets verkeerd gedoen het. Latere laboratoriumtoetse was egter positief. Hulle het in Mei 1988 CAM's gekry. Dit was na Modulêr, Hooper en Packer. Die beskuldigde het dit vir hom in 'n kartondoos gegee. Hy het nie rapporte van positiewe lesings op CAM's ontvang nie. Die beskuldigde het hom aangespoor om aan te sluit by Lifestyle Management. Hulle het vir die doeleindes 'n lening by Wisdom Finance gekry. Hy weet nie van pakke wat aan Unita gelewer is nie. Hy het van Partners In Travel gebruik gemaak as hy oorsee gegaan het.

[1823] Die getuies Boettcher, Goede, Coleman en Leuschner was by die "reverse engineering" van die CAM's betrokke. Dr. Leuschner het getuig dat hulle 'n probleem gehad het met die elektriese stroombane. Hulle het diagramme gekry wat die werk op die elektriese stroombane vergemaklik het. Hulle kon egter tot sover nog nie daarin slaag om CAM's te bou nie.

[1824] Van Remoortere is deur die beskuldigde gevra om betrokke te raak by die vervaardiging van beskermende klerasie in die RSA. Hy, gen. Neethling en die beskuldigde het Seynaeve van Seyntex besoek. Zimmer het later bygekom. Hulle het besef dat verskillende maatskappye nodig was. Hy en Zimmer het reeds ABC Export & Import gehad en Charburn en Blackdale is gestig. Gedurende 1985 het hy met YCVM begin. Dit het verander na CVR Trading en het uiteindelik Technotek geword. 'n Gedeelte daarvan het later Hazmat geword. Die beskuldigde het hom aan dr. Lourens voorgestel. Hy het tegniese kennis gehad en het 'n maatskappy SRD gehad. Dit het later Protechnik geword. Exipro was sy maatskappy in Swaziland. Luft het met WPW te doen gehad.

[1825] Hy het 'n noue verbintenis met die beskuldigde gehad. Zimmer het nie geweet van Coast nie. Hy het net geweet van die SAW. NBC pakke is met hom bespreek. Die beskuldigde het sy rekening gebruik. Hy kon NBC pakke aan die polisie voorsien het. Hy het met die beskuldigde, gen. Knobel en hy dink gen. Meiring geskakel. Hy het besigheid gedoen, in opdrag van die beskuldigde, met RITS en Intramex. Hy het Truter gebruik vir kontrakte. Gedurende 1991 is hy saam met Truter en Bezuidenhout via Luxembourg na Huber &

Sohner om die maskerkontrak te finaliseer. Zimmer het die beskuldigde geken as 'n dokter, 'n offisier en 'n besigheidsman.

[1826] Toe hy deur KEEM ondervra is het hy bankstate wat hy aangevra het aan hulle oorhandig. Hy het besef dat daar groot bedrae deur die rekening is wat hy nie sal kan verduidelik nie. Hy het vrywaring gevra en gekry. Die beskuldigde het voorgestel dat hy regsverteenwoordiging kry maar hy het nie daarvan gebruik gemaak nie. Om meer bewegingsvryheid te hê het die beskuldigde op 'n besigheidsbasis met sy suster in België getrou. Hy moes 'n motor en 'n blyplek aan haar voorsien. Daar is twee woonstelle gekoop. Sy het in die een gebly en die een langsaan is deur die beskuldigde gebruik wanneer hy daar was. Ander mense het dit ook gebruik. Die beskuldigde het 'n belang in Charburn gehad omdat hy beheer wou uitoefen aangesien hy die finansies voorsien het.

[1827] Hy moes deur YCVM 45 000 pakke teen 15 000 pakke per jaar vir drie jaar lewer aan Intramex en RITS. Die maak van die pakke was uitgekonnekteer aan National Tents & Sails. Die materiaal is van Seyntex aangekoop via ABC. Monsters daarvan is getoets voordat dit verskep is. Die pakke is lugdig verpak en genommer met bondel en reeksnommers. Hulle het ook stewels, handskoene, kombinasie penne, wat elk 'n naald bevat het vir die toediening van 'n teenmiddel teen 'n chemiese aanval, voorsien.

[1828] Daar was 'n ooreenkoms tussen YCVM en Seyntex in terme waarvan YCVM materiaal sou aankoop en kundigheid verkry, aanvanklik teen 'n lisensiefooi van R13,50 per eenheid en later 5% van die vervaardigingskoste. Hulle wou nutria kleur hê maar Seyntex het net "Olive drab" gehad. Die beskuldigde het besluit dat die eerste pakke groen moes wees. Daar is so tussen 8 000 en 9 000 groen pakke gemaak. Hulle is afgelewer. Daarna was dit nie meer nodig om groen pakke te maak nie. Hulle het saam met SAGD 'n stoor in Courtstraat gehuur. Die eerste 45 000 pakke is waarskynlik in Courtstraat gestoor. Wanneer hulle gelewer het het hulle die SAW gefaktureer. In praktyk is die faktuur deur Technotek aan Rits uitgemaak. RITS het die bedrae betaal. Daar was vooruitbetalings van 25% deur RITS, waarsonder Technotek nie kon voorsien nie. Hulle het ooreenkomste met Krygkor gehad. Shalom maskers is ingevoer van Israel en versend na Angola.

By Februarie 1989 kon daar reeds 24 000 pakke vervaardig gewees het. RITS is gefaktureer teen R430 per eenheid en die klient Krygkor teen R480. Dit het 'n marge van 10% vir Technotek toegelaat.

[1829] Gedurende Maart 1990 het hy vir Krygkor 'n kwotasie gegee. Aflewering moes geskied by Mediese Voorrade Depot te Dequarweg. Hulle het die pakke teruggekoop vanaf RITS en verkoop aan Krygkor. Hy het RITS betaal nadat hy deur Krygkor betaal is. Sy bruto ontvangste was R4 624 656,44. Hy het aan RITS R2 miljoen, R1 miljoen en R800 000 betaal, 'n totaal van R3,800 000. Hulle het aanvanklik gedink dat hulle R1 827 000 sou ontvang.

[1830] Daar is 31 000 pakke deur Blackdale aan Seyntex verkoop. Seyntex het die pakke nodig gehad om aan Irak of Iran te verskaf. Toe hy gevra is of hy pakke het om te verkoop het hy aangedui dat hy sal uitvind of die SAW het om te verkoop. Hy het die beskuldigde gevra en is meegedeel dat die SAW bereid sou wees om te verkoop. Hy het die eerste besending gekoop teen R210 per pak en verkoop teen R270 per pak. Met die tweede besending het die beskuldigde hom gevra om R170 per pak oor te plaas na Europa. Die transaksie is toe gestruktureer dat R40 per pak plaaslik aan RITS betaal is en dat R170 per pak in Europa betaal is. Seyntex het R270 per pak aan Blackdale betaal. Blackdale het R91,50 aan Technotek betaal, R8,50 behou en R170 aan WPW of die beskuldigde betaal. Daar was vervoerkoste en versekering. Hy het omtrent 'n wins van R1 miljoen gemaak. Dit was twee besendings van onderskeidelik 18 770 pakke en 12 562 pakke. Die brief aan RITS wat aandui dat slegs R40 per pak betaal kan word omdat die pakke te klein was en groen was, was blote oëverblindery om die verskil tussen die vorige R210 en die R40 te regverdig. Hy het gedink dat die beskuldigde gemagtig was om die pakke te verkoop en dat RITS 'n frontmaatskappy was. Die pakke was dieselfde pakke wat oorspronklik aan die SAW verkoop is. Hy bevestig dit na aanleiding van fotos waarop daar datums, nommers van rolle materiaal, reeksnommers en die aantal pakke per houer voorkom. Hy het drie maande later 'n ooreenkoms aangegaan om nog 25 000 pakke te vervaardig.

[1831] Hy was dmv YCVM betrokke by die Huber & Sohner kontrak. Hulle moes tantieme van CHF200 000 betaal en Jacomet het 'n kommissie van CHF800 000 gekry. Die beskuldigde het hom gevra om CAM's

by Heyndrycx te kry en na Seyntex te neem. Hy het 12 ontvang. Zimmer wou weet of hy vir die CAM's moes betaal. Die beskuldigde het gesê dat betaling deur 'n ander kanaal sou geskied. Hy sê dat een CAM gedurende Februarie 1987 by Heyndrycx gekry is en die ander 12 gedurende 1987.

[1832] Oor die Blackdale/Copperdale/Tagell transaksie voer hy aan dat die hele idee van hom afkomstig was. Hy het 'n diagram CVR 15 voorberei om dit te verduidelik. Zimmer het niks daarmee te doen gehad nie en het net die finansies hanteer. Die beskuldigde het hom gevra om met Mole te praat. Daar was 'n versoek vir beskermende klerasie. Hy het met Mohammed gepraat wat Copperdale verteenwoordig het en het vir Hashemi net een maal gesien. Hulle wou 'n \$3,2 miljoen prestasie waarborg hê. Die beskuldigde was bereid om dit te voorsien. Hy het aangedring daarop dat dit nie betaal sou word voordat daar nie 'n gelyktydige kredietbrief deur Copperdale en Tagell uitgereik is nie. Sy aanvanklike kontrakbedrag was \$31 262 750. toe die prestasie waarborg ter sprake kom het hy die kontraksprys met die bedrag van die waarborg verhoog. Daar was ook kommissie van \$468 950 aan Mole betaalbaar. Die ooreenkoms is so opgestel dat die waarborg eers betaal sou word nadat alles goed afgeloop het. Die transaksie het verongeluk omdat die agent nie openlik opgetree het nie en gulsig was. Daar is nie 'n spesiale rekening geopen waaruit die \$325 000 betaal is nie. Chu was nie betrokke nie. Hy weet nie van 'n transaksie tussen die beskuldigde, Hashemi en Abdullah nie. Hy was beïndruk dat die beskuldigde die \$3,2 miljoen so vinnig gekry het. Hulle het besluit om die \$325 000 terug te betaal. Hulle het dit terug betaal. Dit het niks met die SAW te doen gehad nie.

[1833] Hulle het sommige van die CBO aankope deur Exipro en RITS gekanaliseer. Aanvanklik het die beskuldigde hom 'n maandelikse salaris betaal om exipro aan die gang te kry en te hou. Later het hulle privaat besigheid begin doen. Hy kan nie glo dat Exipro R330 000 aan Intramex geskuld het nie. Gedurende 1991 wou hy Technotek herorganiseer sodat die personeel aandele in die besigheid sou kry. 10% van die aandele moes vir Jan Lourens gereserveer word. Hy het nie van Jan Lourens gehou nie. Hy het op aanbeveling van die beskuldigde oorgedra aan Marlow sodat dié hom met regswork kon help. Hy het alou besef dat Marlow niks doen nie. Hy het die aandele met 'n meganisme wat bestaan het teruggekry.

[1834] Toe hy Protechnik gekoop het was Lourens die besturende direkteur. Hyself het toe besturende direkteur geword en gevind dat Lourens 'n bedrag van R240 000 aan homself betaal het. Lourens het voor die beskuldigde en Mijburgh vir hom gesê dat hy goed vir die beskuldigde gemaak het. Hy het geglo dat Lourens homself bevoordeel het. Hulle verhouding het versleg totdat Lourens bedank het. Hy dink nie Lourens was oneerlik nie. Dit is egter so dat Lourens verkeerdelik vir die beskuldigde en Neethling beskuldig het daarvan dat hulle kommissie ontvang het.

[1835] Gedurende 1994 is Hazmat aan Krygkor verkoop, Die aandele in Protechnik is ook deur Technotek en Charburn aan Krygkor verkoop. Wanneer hy na die superdeal verwys word (A61) is dit sy standpunt dat die beskuldigde hom nog die BEF4 miljoen skuld. Daar het nie skuldvergelyking plaasgevind nie. Hy glo dat Zimmer 'n derde van die opbrengs van die Hazmat aandele aan die beskuldigde betaal het.

[1836] Hy sê dat die beskuldigde vir hom gesê het dat die Tygerberg dieretuin syne is. Hy dink ook Merton huis was die beskuldigde s'n. Hyself het deur Technotek MCI se aandele in Protechnik gekoop en dink dat hy Mijburgh R500 000 daarvoor betaal het. Hy kan nie mooi onthou waaroor bewysstuk F14.19B (die skynnooreenkoms om die privatiseringsgeld te roeteer) gaan nie. Die dividende uit Protechnik aan Charburn is nie deur Charburn uitbetaal nie. Die beskuldigde persoonlik wou die gholfbaan koop.

[1837] Hy het saam met die beskuldigde in die Seychelles vakansie gehou en sy en sy vrou en dogter se uitgawe self betaal. Hy, die beskuldigde en twee loodse is met die Kingair na Europa. Hulle het gestop by verskeie plekke soos Abidjan en die Kanariese eilande. Daart was 'n drom op die vliegtuig. Hulle het Seynaeve, wat eintlik 'n jagter is, Mosambiek toe geneem om vis te vang. Daar was 'n aanbod aan Technotek om jaarliks van die Fancourt eenheid gebruik te maak teen 'n billike tarief.

[1838] Onder kruisverhoor het hy toegegee dat daar 'n wesenlike CBO bedreiging was en self Unita soldate gesien het met brandwonde. Omdat daar voorsien is dat net beskermende artikels verkry sal word het hy nie 'n morele beswaar gehad nie en betrokke geraak. Fiktiewe kanale is geskep. Seyntex het aan Blackdale verkoop en Blackdale het dan weer aan Technotek verkoop. Die verandering van regering in die RSA het

probleme geskep. Die projek is vir Zimmer 'n verleentheid. Die veiligheidsmaatreëls wat hulle getref het verskaf 'n storie aan deelnemers soos Zimmer.

[1839] Daar is 'n wesenlike verskil tussen sy KEEM getuienis en sy getuienis in die hof oor 'n hele aantal aspekte soos die beskuldigde se belang in Charburn, Marlow se aandeelhouding in Technotek en oor hoeveel hy van die Tagell ooreenkoms kan onthou. Hy bevestig dat die beskuldigde nooit dividende ontvang het uit Charburn, Blackdale, Technotek of Protechnik nie. Hy gee toe dat hy R6 miljoen kon ontvang het met die verkoop van Technotek. Hy weet nie of hy en Zimmer en die beskuldigde nie Reserwe bank regulasies oortree het nie omdat Charburn nie 'n buitelandse maatskappy was nie. Hy gee toe dat sanksie ontduiking 'n leuen is en dat Zimmer bewus was daarvan dat dit was wat hulle gedoen het. Wat hom aanbetref het die superdeal alles gefinaliseer. Wanneer hy gevra word waarom die \$325 000 so lank na die tyd eers terugbetaal is sê hy dat Zimmer gevra moet word.

[1840] Kol. E M van der Linde was van 1986 tot 1994 die beheerbeampte by die Verdedigings Voorrade Depot (VVD). Op 20 Februarie 1990 is daar pakke by VVD ingeneem. Dit was Olive drab klerasie. Hulle is meegedeel om nie die klere op sterkte te neem nie omdat dit vir onder andere oefendoeleindes gebruik sou word. Dit was daar tot in November. Toe is sy met verlof maar toe sy terugkeer was dit weg. Dit is gedurende die nag verwyder en sy weet nie wat daarvan geword het nie. Sy weet nie daarvan dat beskermende klerasie by Court Street Warehouse gestoor is nie. Sy weet ook nie van store by Babelegi. Technotek het die pakke vervaardig. Daar is nie pakke oorgeplaas vanaf VVD na die Mediese Basis Krygbehoefte Depot (MBKD) toe nie.

[1841] Onder kruisverhoor dui sy aan dat sy net bewus is van 434 pakke op 27 Augustus 1987, 220 pakke op 29 November 1987, 3 110 pakke op 16 Maart 1989, 4287 pakke op 20 Februarie 1990. Sy gee toe dat as daar 45 000 pakke gemaak is sy maar 'n klein gedeelte daarvan ontvang het. Wanneer dit aan haar gestel word dat dit 'n skyntransaksie in die SAW was om geld van een begroting na 'n ander te skuif antwoord sy dat dit nie 'n normale transaksie was nie. Die eerste pakke is sonder inname beheernommers ontvang. As daar

nou groen pakke in die store is weet sy nie waar dit vandaan kom nie. Daar is nooit CBO pakke uitgereik wat weer teruggekom het nie.

[1842] D S du Toit was 'n produksievoorman by Technotek. Hy was betrokke by die verskuiwing van die NBC (in Afrikaans seker KBC -Kern, Biologies, Chemies) pakke. Hy ken die Courtstraat stoor. Die pakke is daar gestoor. Toe die huurkontrak tot 'n einde kom is die pakke verskuif na Babelegi. Daar het niks agtergebly nie. Daar is groen en bruin pakke verskuif. Herman Bezuidenhout was volgens hom nie betrokke by die verskuiwing van die pakke nie. Hy was een maal by Radio Uitkyk se stoor en het pakke lughawe toe vervoer. Hy is gesê dat die goed na Iran of Irak gaan. Die veskepingsagent was Bachman en Lufthansa het die vervoer behartig. Daar was etikette van National Tents & Sails op die dose. Hy het ook Quality approved etikette van Protechnik afgehaal. Hoeveelhede en nommers is afgehaal. Daar kon selfs YCVM etikette op gewees het. Van die ouer pakke het die YCVM etiket opgehad met 'n pamflet binne. Hy weet nie van brande waarin klerasie vernietig is nie. Hy weet nie of daar pakke by Radio Uitkyk agtergebly het nie. Hulle het die trokke vol gelaai. Daar kon pakke by Babelegi agter gebly het. Die groen pakke het van Babelegi gekom. Hy weet nie waar Radio Uitkyk groen pakke sou gekry het nie.

[1843] Tydens kruisverhoor sê hy dat minstens 2000 na 3000 groen pakke vanaf Courtstraat na Babelegi verskuif is. Dieselfde pakke is weer verskuif na Bachman. Groot hoeveelhede is na Bachman verskuif. Hy, Bezuidenhout en van die werkers het National Tents & Sails en Technotek se merke van die dose af verwyder. Etikette is toegesprei. Van Remoortere was nie by die verskuiwing betrokke nie.

[1844] L M van Niekerk neé Struwig was verantwoordelik vir die bedryfsdokumente van Technotek. Hulle enigste klient was die SAW. Toe die Golfoorlog begin het het was daar wêreldwyd navrae vir beskermende klerasie. Sy moes haar verlof kanselleer, die aangeleentheid met van Remoortere bespreek en navrae beantwoord.. Seyntex het 11 770 pakke bestel. Hulle het 20 000 gestuur en 1230 daarvan aan Blackdale gelewer. Op die ou end het Blackdale 12 365 pakke ontvang. Sy is van mening dat die uitvoere wat deur Bachman geskied het SAW pakke was. Die groen pakke was dieselfde pakke as wat aanvanklik gelewer is.

Daar was 9568 groen pakke en 21 774 nutria pakke. Sy het haar inligting by van Remoortere gekry. Die groen pakke het groen plakkers gekry. Alle verwysings na die SAW moes verwyder word. Daar was 'n stoor in Pretoria Wes waar CBO uitrusting gestoor is. Sy was baie by die stoor in Babelegi. Hulle sou nie pakke laat maak het as dit nie bestel is nie. Sy weet nie van store by Radio Uitkyk nie. Na verkoop van die pakke was die store leeg en het die SAW 'n nuwe ooreenkoms gesluit vir die vervaardiging van 25 000 nuwe pakke.

[1845] In kruisverhoor het sy verduidelik dat sy dokumente wat sy self geteken het kan onthou. Sy was nie betrokke by skyndokumente nie. Wanneer sy gevra word of R40 per pak vir die groen pakke 'n ware prys was is dit haar reaksie dat as dit 'n skyntransaksie was sy nie daarvan bewus was nie. As daar meer pakke was kon sy dit verkoop. Sy kan nie sê hoeveel pakke sy in die store gesien het nie en dit word aan haar gestel dat sy bloot maar aflei dat die store leeg was omdat sy die hoeveelheid pakke verkoop het en omdat daar 'n nuwe kontrak was. Daar was nie IBN nommers op die groen pakke nie. Sy was nie betrokke by die verskuiwing van die pakke vanaf Pretoria Wes na Babelegi nie. Technotek het nie stoorspasie gehad by National Tents & Sails nie. Die ooreenkoms vir die vervaardiging van die 25 000 pakke is op 1 Mei 1991 geteken.

[1846] Sy bevestig dat Blackdale gefaktureer is teen R100 per pak omdat die pakke oud en groen was. Sy sien dat Seyntex gefaktureer is teen R312 per pak en dat RITS vir Technotek gefaktureer het teen R210 per pak. Sy het geglo dat die groen pakke minder werd was as die nutria pakke. R100 per pak vir die nutria pakke was nie realisties nie. Toe sy 65.17 waarin van Remoortere die transaksie uiteensit, nagaan, is dit haar reaksie dat sy mislei is en dat die Technotek dokumente gemanipuleer is. Sy verstaan nie waarom nie. Sy weet nie waar die 12 000 pakke teen R100 per pak inpas nie. Die totaal kan dan nie R9 miljoen wees nie.

[1847] Dr.J P Theron het getuig dat hy betrokke was by die skuif van beskermende klerasie tussen store. Gedurende 1990 was hy by 7 Medies. Ben Steyn was die bevelvoerder. Pakke is geneem van Dequarweg na Radio Uitkyk. Dit was SAW pakke wat in kartondose was. Die stoor het gelyk soos die stoor wat Patricia Leeson op PL2 uitgeken het as die stoor waar sy klere ontvang en gekontroleer het. Hulle het met Hino vragmotors gery. Hulle het meer as een maal gery. Daar was ontruimde kantore. Die vertrekke wat hulle

gebruik het was vol. Daar was wit etikette en party van die dose was oud en stukkend. Hulle het pakke gebruik om opleiding te gee. Hulle het elke keer so 10 pakke gebruik. Dit was groen pakke. Dit is maklik om 'n CAM te gebruik. Jy mik in die rigting waar jy onraad vermoed, druk 'n knoppie en kry 'n lesing. Hy weet nie hoe laat die dag hulle begin het om die klere te verwyder nie maar weet dat hulle na ure klaargemaak het. Hy weet nie van watter store af die pakke oorspronklik gekom het nie.

[1848] Herman Bezuidenhout was was vanaf April 1990 by Technotek as 'n soort van 'n logistiese bestuurder. Hy weet van die stoor by Babelegi en het gehoor van die stoor by Courtstraat. Technotek het klerasie aan die SAW op kontraksbasis verskaf en lewering het gewoonlik by Dequarweg geskied. Hy was betrokke by die uitvoer na België en na die skuif van pakke na Bachman. Technotek het van 7 Medies gekoop en uitgevoer. Radio Uitkyk lyk maar soos 'n huis sonder meubels wat vol klerasie was. Hy was teenwoordig by die herverpakking. Daar was nutria en olive drab. By Babelegi was daar ou dose en ook twee kleure pakke. Hulle het die etikette afgehaal en bloot die groote, hoeveelheid en kleur opgeskryf. Van die drukwerk is met messe afgehaal. Hy weet nie van 'n stoor wat afgebrand het nie. Daar het niks by Radio Uitkyk of Babelegi oorgebly nie.

[1849] Gedurende kruisverhoor het hy aangedui dat hy nie weet waar die pakke vandaan kom nie. Hy stem met du Toit saam dat daar duisende groen pakke by Babelegi was. Dit was van Remoortere se stoor wat hy by National Tents gehuur het. Daar kon Protechnik plakkers op gewees het en dalk ook nie. Hy was oorhoofs in beheer en du Toit meer operasioneel. Hy kan nie sê dat al die pakke getel is nie. Hy weet nie of daar 9568 groen pakke vervaardig is nie. Van Remoortere het die transaksie gestruktureer en beheer. Hy het bloot die vervoerreëlings getref.

[1850] Patricia Leeson is op versoek van die beskuldigde gedurende Januarie 1987 na Engeland. Sy het in die cottage gebly. Sy het die beskuldigde se administrasie gedoen en was veronderstel om vir Mole te werk. Sy het vir Biscara gewerk en het 'n kantoor gedeel met R F Telecommunications. Sy het Novembermaand teruggekeer en het toe vir Intramex gewerk. Sy is later ook na Koortzen en RTO. Sy het Mole aanvanklik in

Suid Afrika ontmoet. Sy het soms in Engeland televisiestelle en elektriese toebehore gekoop, en met Medchem tjeks betaal. By die kantoor is dit herverpak en na Suid Afrika gestuur. Sy en die beskuldigde het bankrekenings in Bracknell gehad. Die beskuldigde het haar voorsien van blanko getekende Medchem tjeks. Sy het 'n stel boeke vir Biscara gehad en 'n kasboek vir die cottage. Zimmer het die Biscara boeke gekontroleer en sy moes kwitansies hou. Sy is soms na Zimmer in Luxembourg. Sy het vir Buffham geken. Sy het by Heathrow £50 000 kontant aan hom oorhandig. Sy is gearresteer op die lughawe en het teruggekom na Suid Afrika. Sy het 'n paspoort gekry onder die naam Alexandra Hatting. Sy het die beskuldigde verseker dat sy nie sy dekking gekompromitteer het nie. Sy ontken dat die beskuldigde of die SAW haar geldelik gehelp het, toe sy in die moeilikheid was. Sy het ook vir Webster in Engeland ontmoet. Die beskuldigde het wel haar woonstel gekoop.

[1851] Intramex het CBO klere gelewer. Dit is voorsien deur YCVM en befonds deur die SAW. Sy was onder die indruk dat Intramex, Aeromed, Biscara, Q B Laboratories en SRD frontmaatskappye was. Intramex het 'n stoor gehuur wat sy dikwels besoek het om toesig te hou oor die pakkery. Sy was betrokke by die navrae en kwotasies wat betrekking het op aanklagte 65,66 en 67.

[1852] Tydens kruisverhoor het sy toegegee dat sy klandestien vir die beskuldigde opgetree het en dit geweet het. Sy het geweet die maatskappye is nie die beskuldigde se eie maatskappye nie. Daar was af luister apparaat in haar woonstel en sy het ene Tony daarvan verdink. Sy het nie geweet dat hy aan die Britse geheime diens verbonde was nie. Sy was persoonlik by 10 lugmagbasis waar daar verskeie aflewings van beskermende klerasie was wat sy reken na die operasionele gebied versprei is. Die woonstel wat sy verkoop het sou deur mense van oorsee, wat die beskuldigde met die CBO gehelp het, gebruik word.

[1853] Cecilia Grant was betrokke by Partners In Travel. Die beskuldigde het belang gestel om 51% van die aandele in die hande te kry. Sy moes al die aandele bekom en dan 51% verkoop. WIP het dit gekoop. Haar meeste kontak was met Swanepoel alhoewel sy ook met Bosch en Marlow te doen gehad het. Hulle was almal op 'n stadium direkteure. Daar was groei in die omset en groter sekuriteit is deur IATA vereis. Daar was 'n skikkingsooreenkoms tussen haar en Wisaltco ingevolge waarvan sy R566 000 en R435 910, 72 moes

terugbetaal. Sy wou die maatskappy likwideer en Swanepoel was woedend. Daar was 'n latere ooreenkoms ingevolge waarvan sy van haar skuldverpligtings kwytgeskel is. Sy het nooit gratis reiskaartjies uitgereik nie. Eersteklas kaartjies is baie duur en word nie sonder teenwaarde uitgereik nie. Die beskuldigde, Mijburgh en Swanepoel het eersteklas gevlieg en Infladel en Sefmed het betaal. Die beskuldigde het nooit gepoog om afslag te kry nie. Sy het gedink hy werk saam met van Remoortere om beskermende klere te maak.

[1854] Sy, haar vader en ene Pieter Knipe is aangekla van bedrog. Aan die einde van die staatsaak is sy vrygespreek op 137 aanklagte en aan die einde van die saak op die oorblywende aanklag. Swanepoel het 'n siviele saak teen haar gemaak. Tydens die besigheidsbedrywighede is daar bedrae van R770 000 en R250 000 uit Wisdom Finance en Wisaltco se rekenings in Partners In Travel inbetaal. Sy was aanspreeklik maar het dit nie terugbetaal nie aangesien sy met die skikking kwytgeskel is. Die besigheid het gefaal omdat daar nie voldoende beheer oor die rekenings was nie. Sy moes oorsee wees met die bemerking en was buitendien nie verantwoordelik vir die rekenings nie. Die finansiële moeilikheid is deur Bosch veroorsaak omdat hy aangedring het dat die bank eerste betaal word. Viljoen het bloot die beskuldigde verteenwoordig. Dit is die beskuldigde wat gereël het dat sy 'n lening gekry het om aanvanklik al die aandele te bekom. Hy het altyd in sy eie naam gevlieg. Reisplanne is nie so saamgestel dat die vertrekpunt nie vasgestel kon word nie.

[1855] Tydens kruisverhoor het dit geblyk dat 'n vonnis van R1,6 miljoen teen haar geneem is. Die rede hoekom sy haar nie self verweer het nie is omdat die strafsak voor die siviele saak aangekom het en sy so geadviseer is. Sy ontken dat sy oneerlik was toe die oorspronklike ooreenkoms geteken is. Sy het wel 'n lening van R54 000 aan haar man toegestaan maar beweer dat sy dit met Swanepoel bespreek het. Dit is so dat Diners Club 'n verlies van R22 miljoen gehad het maar hulle ooreenkoms was met Knipe. Wanneer dit aan haar gestel word dat haar ooreenkoms met 'n maatskappy was ontken sy dit en sê sy dat dit met die beskuldigde was. Sy gee toe dat nadat die vonnis teen haar verleen is sy gesekwestreer is as deel van 'n skema om van haar krediteure ontslae te raak. Sy ontken nie dat reisagente afslagreiskaartjies kry nie maar ontken dat Partners In Travel sulke kaartjies tot die beskikking van die beskuldigde gestel het.. Sy gee toe dat die beskuldigde nie enige voordeel uit Partners In Travel gekry het nie en dat die enigste mense wat wel

voordeel gekry het sy en die ander mense was by wyse van hulle salarisse en afslag reiskaartjies. In herverhoor bevestig sy dat daar wel gratis kaartjies en afslag kaartjies was.

[1856] David Webster se getuienis is op kommissie in Jacksonville Florida afgeneem. Hy het in Vietnam geveg en is gedurende 1973 weens mediese redes uit die VSA weermag ontslaan. Hy is 'n kommersiële prokureur en belastingspraktisyn. Hy het voor KEEM getuig. Daarna is hy in die VSA, voor ene Learned ondervra. Die manier waarop hy die vrae geantwoord het was om nie die identiteit van sy prinsiaal te openbaar nie. Die rede daarvoor is omdat hy nie geweet het met wie hy te doen gehad het nie. Alhoewel hy net met die beskuldigde kontak gehad het, het die beskuldigde hom ingelig dat hy vir 'n groep mense optree. Hy het sy privilegie probeer beskerm. Die saak is tot in die appelhof geneem en die uitspraak was dat hy vrae moes beantwoord.. Hy het 26 dose vol dokumente aan Fouche en Bruwer oorhandig en hy is later deur hulle ondervra. Hy het oor sommige aspekte 'n onafhanklike herinnering maar origens moet hy hom op die dokumente verlaat.

[1857] Die beskuldigde is deur Mole aan hom voorgestel in die Kaaiman eilande. Hy het gedink dat die beskuldigde 'n kardioloog en besigheidsman was, wat afgetree was uit die weermag, wat daarin belanggestel het om internasionale besigheid te doen. Daar is besluit dat Kaaiman eiland maatskappye gestig moes word en die beskuldigde het dit duidelik gemaak dat die handelinge nie na die voordelige eienaars teruggespoor moes kon word nie. Hy en die beskuldigde het goeie vriende geword en hy het vir Zimmer, Chu, Mijburgh, Swanepoel, Marlow en Viljoen almal ontmoet. Hy was na die Okavango Delta saam met Brian Davey. Hy en die beskuldigde het in British Columbia gaan jag. Hy was twee maal in die Wildtuin en hy, sy vrou en skoonma het met die blou trein gery en hy was by Fancourt en het nie betaal daarvoor nie.

[1858] Die eerste drie maatskappye was WPW Investments Inc., PCM Inc. en Medchem Inc. Hy kan nie onthou wie die name voorgestel het nie. PCM en Medchem het dormant geraak. WPW was aktief. Uiteindelik is PCM oorgedra aan Viljoen en Medchem aan Mijburgh. Die Merrill Lynch rekening was 'n makelaarsrekening wat met 'n kredietkaart geopereer word. Hy het die brief A20 oor die oprigting van die drie

maatskappye op versoek van die beskuldigde na sy woonadres in Ariesstraat gestuur. Daar is voorsien dat groot bedrae geld deur die rekeninge sou gaan. A1, A22 en A24 (die volmagte wat hom aanstel as nominee) is standaard dokumente wat hy uitreik aan kliente wat wil hê dat hy aandele as nominee moet hou. Daar is bankrekenings vir al drie die maatskappye by die Butterfield bank geopen. Die aandele is in sy naam uitgereik. Hy was die president van WPW en die beskuldigde die vise-president. Hy weet nie hoekom nie. Hy het die aandele namens die beskuldigde gehou. Hy onthou Medchem Forchungs en dat dr. Chu daarby betrokke was. Hy kan nie MCI onthou nie, behalwe dat daar sprake van 'n oorname van Delta G was wat nie geskied het nie. Hy onthou die cottage. Daar was 'n gedurige verandering van die aandeelhouding.

[1859] Hy het altyd sy instruksies van die beskuldigde gekry. Hy weet nie wat WPW in Suid Afrika gedoen het nie. Blowing Rock(BRCI) was op 'n stadium die houermaatskappy in Suid Afrika en Marlow was daarby betrokke. Dokumente A10 tot A19 is deur die beskuldigde opgestel. Hy kan nie sê watter van hulle aan hom gestuur is en watter deur die beskuldigde aan hom persoonlik oorhandig is nie en of dit met hom bespreek is nie. Die opdrag sou gewees het om dit te hou totdat hy aangesê word om daarop te handel. Hy weet glad nie wanneer die dokumente opgestel is nie. Contresida was 'n maatskappy wat navorsing oor vigs gedoen het. Hy het 'n lening van \$100 miljoen vir die doel probeer kry. Die naam beteken letterlik "teen vigs". Hy dink die maatskappy het dormant gebly. Hy onthou Merton huis vaagweg as 'n ambassadeurswoning. Hy weet van die woonstelle in Brussels maar was nie daarby betrokke nie. WPW Aviation het die Kingair besit. Die wetenskaplike maatskappye was CSD, Protechnik, Delta G en MCI. Delta G kon chemikalieë vervaardig. Hy is gevra om 'n buitelandse direkteur van Wisdom Idle Winds te wees en het volmag aan Viljoen gegee om hom te verteenwoordig. Hy weet niks van Protection Management Services. Hy het by iemand van die groep van die plaas gehoor.

[1860] Hy het van Wisdom Finance gehoor en kon selfs 'n buitelandse direkteur, sonder enige pligte, gewees het om die indruk van internasionale maatskappy te skep. Dit is dikwels in Zimbabwe gedoen. Hy weet nie van die befondsing daarvan nie, of van die dieretuin, of wie almal betrokke was by Wisdom Finance nie. WPW Inc. het 'n krediteur van die S A maatskappye geword met die eerste moratorium lening. Hy weet nie van die tweede een nie. Hy was op 'n stadium die enigste direkteur van die maatskappy wat Merton huis

besit het. Hy het gehoor dat dit die groep se hoofkwartier kan word. Jan Lourens en van Remoortere was betrokke by Protechnik en Lourens het 'n vulstasie aan hom getoon. A3 gee agtergrond oor die WPW groep. Hy het dit nie opgestel nie. Hy kon die dokument aan Zimmer gefaks het met die oog daarop om 'n lening te kry. Daar was 'n Seneca vliegtuig wat in Suid Afrika gebruik is. Daar was die Kingair wat op kort landingsstroke kon land en dan was daar die Jetstar wat oor die hele Noord Afrika kon vlieg. Hy was betrokke daarby dat die Verenigde Volke die Kingair gehuur het en Purvis het hom vertel dat staatshoofde in Afrika met die Jetstar vervoer is. Hy het die naam Profincor gehoor. Hy weet van Herlewing en GGI. Op 'n stadium wou hy die opset herstruktureer sodat hy nie meer by die administrasie betrokke sou wees nie. Hy het gereël dat Swanepoel, Marlow, Viljoen en Bosch kredietkaarte by Merrill Lynch sou kry en het die beskuldigde, sy kontakpersoon, daarvan in kennis gestel.

[1861] Hy was betrokke by Marlow se dienskontrak A30, ingevolge waarvan hy vergoeding van \$48 000 per jaar sou kry. Hy het óf die kontrak opgestel óf 'n konsepooreenkoms gewysig. Hy was ondeker oor die posbeskrywing en het dit op 3 Mei 1991 geteken. Die nodige fondse is in die Merrill Lynch rekening inbetaal uit gelde wat op instruksies van die beskuldigde uit die Butterfields rekening oorgeplaas is. Hy het DAW10 geskryf aan die Societe General. Dit het gegaan oor die deugde van WPW en is geskryf om die Reserwe bank te oorreed om die moratorium leningstransaksies te aanvaar. Hy het opdrag gekry om die brief te skryf. Hy bevestig ook die dienskontrakte van Viljoen, Bosch en Swanepoel. Mijburgh het Medchem Inc. oorgeneem en die beskuldigde as vise-president vervang.

[1862] Nadat hy bates soos die vliegtuie, Merton huis, die woonstelle in Brussels en die cottage genoem het noem hy Amfra se belang in CSD. Die beskuldigde het hom aan Buffham voorgestel met sy besigheidjie wat betrokke was by afluister- en afloerapparaat. Hy het gedink daar was potensiaal. Daar is besluit om 51% van die aandele te bekom en om spekulasiëkapitaal in die besigheid te belê. Ongeveer £350 000 se kapitaal is benodig. WPW het deur Amfra belê. Hy het die ooreenkoms opgestel en sy standaard kontrak gebruik. Daar was gewone aandele en voorkeuraandele. Omdat Buffham in geldelike verknorsing was is daar vir homself 'n rekening in Grantham geopen waartoe Buffham nie toegang gehad het nie. Antoinette Lourens,

Viljoen of hyself moes beheer uitoefen oor CSD. Hy bevestig dat Buffham aanhoudend vir geld gevra het en dat daar aan sy versoeke voldoen is. Op 'n stadium is besluit om eerder as om nog kapitaal in die besigheid te belê eerder 'n lening toe te staan omdat 'n krediteur by insolvensie in 'n beter posisie is as 'n aandeelhouer. Daarna het die beskuldigde Amfra onttrek en Buffham het iemand gekry wat die besigheid gekoop het. So ver hy weet het Amfra niks uit die verkoping gekry nie.

[1863] Aeromed was 'n lugvaart maatskappy wat die Kingair en die Jetstar gehuur het. Die Kingair was nodig om dokters op plekke te laat uitkom. Hy het die beskuldigde ingelig dat die koopprys \$850 000 is en die beskuldigde het hom opdrag gegee om voort te gaan. 'n Bedrag van \$950 000 is uit die Banque Indosuez in opdrag van die beskuldigde oorgeplaas om vir die vliegtuig te betaal. Op sy voorstel is die Kingair in die naam van 'n filiaalmaatskappy geregistreer. Dit is voordelig om 'n vliegtuig in die VSA geregistreer te hê. Die Kingair is tot 'n bedrag van \$102 000 opgradeer. Daar is 'n ooreenkoms opgestel ingevolge waarvan Aeromed die Kingair sou koop teen \$2,5 miljoen. Dit is nooit geïmplementeer nie. Dit is gedurende 1993 in Suid Afrika verkoop vir \$650 000. Sy vrou het die vliegtuie geadministreer.

[1864] By die aankoop van die Jetstar is daar 'n bedrag van \$2,3 miljoen vanaf Chu ontvang. Daar was ook 'n oorplasing van \$800 000. Hy het geskryf en gevra vir 'n lening van \$2,5 miljoen van die Banque National de Paris. Die geld is oorgeplaas na WPW Jetstar maar dit is later verander na WPW Aviation. In opdrag van die beskuldigde is die Jetstar opgradeer. Dit het \$325 820 gekos. Hy het verlof gevra en gekry om geld uit WPW en Medchem Inc. te trek vir die doel. Daar is later 'n huurooreenkoms tussen Aeromed en WPW Aviation deur hom en Swanepoel onderteken. Hy was gemoeid by diensooreenkomste met die loodse Purvis en Snyders en daar was ook ooreenkomste met Sparg en Terry Green.

[1865] Hy identifiseer dokumente wat aandui dat die beskuldigde bates wou oordra na Luft. Hy kan nie onthou dat hy dit met die beskuldigde bespreek het nie. 'n "Bill of Sale" vir die verkoop van die Jetstar aan Genavco is opgestel. Hy het vir Zimmer laat weet dat dit onnodig is om 'n formele koop-ooreenkoms op te stel. Hy weet nie wat Genavco was nie. Daar was 'n beter mark vir die Kingair as vir die Jetstar. Dit was baie duur

om die Jetstar aan die gang te hou. Die Jetstar is onttrek en in 'n vliegtuigloods gestoor. Hulle het \$5 miljoen nodig. Daar was 'n ondersoek in Suid Afrika en die beskuldigde het 'n lae profiel gehandhaaf. Daarom het hy vir hom geskryf p/a dr. Mijburgh. By Maart 1993 was daar sprake van die verkoop van die Jetstar aan Blackdale. Hy wou geld by die beskuldigde kry. Hy moes effekte vroegtydig verdiskonteer weens die geldgebrek. Hy wou geld by Zimmer hê en Zimmer wou geld by hom hê. Toe Zimmer die \$830 000 by hom wou terughê was hy bekommerd dat hy dalk nie 'n behoorlike titel het om die vliegtuig te verkoop nie. Hy het vir Zimmer geskryf dat daar nie 'n verkoping aan Genavco was nie. Die Jetstar is gedurende 1995 verkoop. Hy het die beskuldigde meegedeel dat 'n bedrag \$1,5 miljoen beskikbaar is vir belegging en die beskuldigde uitgenooi om dit te belê in Tubmaster wat 'n fabriek van sy oorlede skoonvader was. 'n Bedrag van \$700 000 is in Tubmaster belê en \$60 000 is aan Tubmaster geleen. Die besigheid gaan aan.

[1866] Hy het die beskuldigde meegedeel dat die cottage beskikbaar is. Dit is gekoop vir £195 000 Dit is gefinansier met geld wat uit die Kaaiman eilande gekom het en oorgeplaas is na 'n bank in Engeland. Dit is opgeknep en gemeubileer. Sy eggenote was daarby betrokke. Daar is 'n rekening geopen om voorsiening te maak vir die normale uitgawes van die cottage. Hy het opdrag gekry om die cottage te verkoop. Hy het dit gedoen teen 'n prys van £310 000. Die bedrag is steeds in sy trustrekening. Hy wag vir 'n aanduiding wat om daarmee te maak.

[1867] Die beskuldigde het hom drie of vier keer in Orlando besoek. Sy gade was een maal by. Bosch Mijburgh en die beskuldigde se moeder het ook daar besoek afgelê. Wanneer hyself gereis het, het hy eerste klas gevlieg. Die beskuldigde het aangedui dat die huis in Lynwoodrif aangekoop word vir "friends" in Europa. Die prys was R180 000 en \$90 000 is oorgeplaas na Suid Afrika vir die doel. Die beskuldigde het aangedui dat sy moeder die huis sal bestuur. Dit is in opdrag van die beskuldigde aan Antoinette Lourens verkoop. Baker & Hostetler het weer \$46 000 ontvang. Merton huis is as 'n gastehuis beplan. Hy was nie betrokke by die ontwikkeling nie maar het aan verskeie persone volmag gegee om namens hom op te tree.

[1868] Daar is \$80 000 aan Gary Player betaal. Hy dink dit was vir die gebruik van sy vliegtuig maar dit kan ook wees om sy naam te koppel aan die gholfbaan in België. WPW wou eers op 'n groot skaal in Fancourt belê maar later is net in een eenheid belê. Hyself het 'n condominium in Orlando gekoop teen \$175 000. Die beskuldigde en Mijburgh was geïnteresseerd en hy het uiteindelik vir hulle 'n soortgelyke een gekoop teen \$185 000 saam met 'n klein eenheid wat \$32 100 gekos het. Hulle is later verkoop vir onderskeidelik \$225 000 en \$35 000. Toe die woonstelle in Brussels verkoop is moes hy dokumente by die ambassade gaan teken. Die beskuldigde wou die helfte van Pear Tree House van Mole koop vir \$50 000 maar dit het nie gebeur nie. Die geld is in Finrand belê in SRD. Die naam is toe, in opdrag van die beskuldigde, verander na WPW South Africa. Jan Lourens was daarby betrokke. Hy het op 'n stadium die aanvaarding van 'n aanbod vir die aankoop van die aandele in Protechnik goedgekeur. Die Contresida projek was 'n groot projek. Jacomet en Chu was daarby betrokke. Daar was sprake van 'n lening van \$100 miljoen. Op versoek van die beskuldigde het hy vasgestel teen watter koers dit vir 5 jaar belê kon word. Die lening is nie toegestaan nie.

[1869] Medchem Forchungs is in Switserland gestig. Dr. Chu sou dit vir die WPW groep gebruik. Hy het met die Switserse prokureur Mathys gekorrespondeer. Chu moes die eienaar van die maatskappy wees en hy sou die voorsitter in 'n nominee hoedanigheid wees. Ander direkteure was dr. Rittman en dr. Mets. Daar was 'n behoefte aan 'n Kaaïman maatskappy en Medchem Research Co. is gestig. Hy was nie baie gelukkig met die Switsers se hantering van die aangeleentheid nie. Aanvanklik het hy gedink dat Medchem Forchungs gestig is vir navorsing maar het later die indruk gekry dat dit meer rekenaar geïntereerd is. Hy weet nie of dit wins gemaak het nie en het geglo dat dit skakel met RNL.

[1870] Oor die Tagell ooreenkoms getuig hy dat hy ses tot agt keer London toe is. Daar was 'n oud militêre persoon van Jordanië betrokke. Hyself was betrokke by die vorming van die ooreenkoms. Hy het die transaksie oppervlakkig met die beskuldigde bespreek. Hy glo dat Blackdale sy rekening betaal het. Hy weet nie van 'n peptiedsintetiseerder nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat die houding van verdediging vanuit die staanspoor was dat die betaling van die \$3.2 miljoen snaaks was, in die sin dat dit betaal moes word ongeag daarvan of die ander kant presteer of nie, is dit sy reaksie dat hy ontsteld was daaroor, daarteen

geadviseer het en dat dit gelukkig nie deurgegaan het nie. Alhoewel hy die ooreenkoms opgestel het was hy nie werklik by die onderhandelinge betrokke nie.

[1871] Op 'n stadium was daar sprake van 'n belegging deur PCM in Delta G. Hy is vir die doel na Suid Afrika. Hy het Mijburgh en die ander direkteure van Delta G ontmoet. Sy opdrag het van die beskuldigde gekom. Die doel was om die bestuur uit te koop. PCM sou 51% van die aandele koop en die res sou in die bestuur se hande bly. As Mijburgh 'n aandeel sou gehad het sou dit deel van die 49% gewees het. 'n Koopprijs van R15 miljoen is geopper. Hy was nie tevrede met die skema nie, want PCM sou R15 miljoen belê en 51% van die aandele hê maar nie verteenwoordiging op die direksie hê nie. Dit is aan hom verduidelik dat Delta G besig was met konfidentiële navinding vir die SAW en dat dit onprakties sou wees om 'n direkteur van buite te hê.

[1872] Hy was betrokke by die moratorium lening. Hy het 'n skema uitgewerk. Daar is 'n aanduiding van 'n 80-20 verdeling tussen die beskuldigde en Viljoen. Luft het afstand gedoen van enige aanspraak op die lening ten gunste van WPW. Hy het voorstelle gemaak oor die behoorlike terugbetaling van die lening en die beskuldigde het dit aanvaar. Hy het vir Marlow geskryf dat die lening so geformuleer moes word dat dit na 'n normale besigheidstransaksie lyk. Behalwe vir 'n bietjie rente is die lening nie terugbetaal nie. Daar is ook \$250 000 aan Aries trust geleen. Daar is ook perde vir Kirstein aangekoop met die beskuldigde se goedkeuring.

[1873] Hy kan nie werklik onthou hoekom die Waterson trust en master trust gestig is nie. Die beskuldigde kon geglo het dat in die politieke klimaat van die tyd dit wys was om in Jersey te belê. Sy vrou het hom skynbaar ook gedruk om die trust te skep vir sy dogter en pasgebore seun. Daar is \$250 000 aan Aries trust geleen. Alhoewel daar nie so 'n ooreenkoms was toe die geld geleen is nie was daar tog later 'n dokument geteken wat aandui dat die geld van Waterson trust geleen is.. Aries trust het egter die lening aan WPW terugbetaal tesame met rente. WPW het \$1295 betaal vir die oprigting van die trust.

[1874] Op versoek van die beskuldigde het hy die woord "paid" op 'n promesse ten bedrae van \$150 000, wat Zimmer namens 'n WPW maatskappy gegee het, aangebring. Terugbetaling is dus kwytgekeld. Hy het vir H A P Potgieter ontmoet en gehelp om 'n maatskappy tot stand te bring wat helikopter onderdele kon koop. Daar was 'n buitelandse houermaatskappy met 'n Amerikaanse filiaal wat die besigheid kon doen. Hyself het die aandele as nomineer gehou. Hy het nou die dag eers gehoor dat Potgieter aan die SAW verbonde is. Hy was bewus van die beskuldigde se kontakte in Rusland en dat Marlow dikwels na Poland is. Die beskuldigde het ook navraag gedoen oor die aankoop van twee Boeing 727's. Hulle sou baie duurder gewees het as die Jetstar.

[1875] Onder kruisverhoor het hy weer bevestig dat die beskuldigde prinsipale gehad het. Hy het egter volgehou dat hy al sy instruksies van die beskuldigde gekry het. Hy wou 'n meganisme skep waardeur Europese en ander besigheidslui met die beskuldigde besigheid kon doen sonder om geraak te word deur die stigma wat aan Suid Afrika gekleef het. Dit is aan hom gestel dat hy die partytjie toe die beskuldigde sy verhoging in rang tot brigadier gevier het aan die einde van 1987 bygewoon het en dat hy baie vroeër as wat hy wil toegee bewus was daarvan dat die beskuldigde aab die SAW verbonde was. Hy gee toe dat hy en Mole 'n basis in Grootfontein besoek het saam met 'n ander dokter, omdat die beskuldigde hulle nie kon vergesel het nie. Die beskuldigde het hom wel aan gen. Nieuwoudt voorgestel. Hy kan nie onthou hoekom Mole juis na die Kaaiman eilande gegaan het om die beskuldigde aan hom voor te stel nie. Mole was al sy klient vir sewe of agt jaar en het goedere wat met sekuriteit te doen het aan persone en regerings verkoop. Dit word aan hom gestel dat hy betrokke was by optrede van die Zimbabwe regering maar hy ontkendit. Hy gee nie toe dat 'n Amerikaanse maatskappy nodig was vir sanksieontduiking nie. Dit word aan hom gestel dat hy Potgieter gehelp het om die helikopter in die VSA te registreer.

[1876] Hy wil nie toegee dat die Tagell ooreenkoms 'n sanksieontduikings ooreenkoms was nie. Hysê dat hy nie bewustelik vals dokumente geskep het nie. Hy gee egter toe dat die verkoop van die Jetstar eers aan Blackdale en later aan Genavco nie op werklike ooreenkomste gebaseer was nie. Hy gee ook toe dat die een dokument terugdateer is. Hy het die vals dokument voorsien en was verbaas toe Zimmer die \$830 000 van

hom eis. Die betaling was nogal in 1992 en die versoek om terugbetaling was eers in 1995. Dit word aan hom gestel dat hy Dreier van die Oos Duitse intelligensiediens ontmoet het. Hy sê dat Merton huis eers bedoel was as gastehuis en dat dit toe omskep is in 'n ambassade. Hy bevestig dat hy nie vir die beskuldigde opgetree het nie maar vir WPW. Hy weet nie wie die besluite vir WPW geneem het nie maar die beskuldigde het dit aan hom oorgedra. Hy was een of twee maal saam met die beskuldigde deur Merton huis. Hy kan nie onthou of hy hom moes help om planne oorsee te neem nie. Hy mag iets oor die trappe gesê het wat daartoe gelei het dat hulle verander is. Hy kon na die stadsraad geneem gewees het om te help met goedkeurings. Hy het as president van WPW opdrag gegee dat die huis verkoop moes word.

[1877] Hy hou vol dat hy nie geweet het wie 'n enkele prisipaal was nie maar sê dat hy altyd geglo het dat hulle buitelanders was. Wanneer hy weer eens gekonfronteer word daarmee dat Mole al die pad van Engeland af gekom het om die beskuldigde aan hom voor te stel is dit sy reaksie dat dit vir hom 'n verleentheid is maar dat die besigheidsgemeenskap nie noodwendig ten gunste van sanksies was nie. Ten spyte van argumente tot die teendeel gee hy toe dat hy gedink het dat die groot bedrae geld waarmee die beskuldigde gewerk het van prinsipale afkomstig was. Hy was nie in die herkoms daarvan geïnteresserd nie so lank as wat dit van fatsoenlike banke gekom het. Hy het geweet dat die beskuldigde in Rusland was en chemiekalië wou kry afkomstig van die breins van dooie mense. Hy is St. Petersburg toe om die beskuldigde te help om versekering vir die Jetstar te kry vir die besoek aan Rusland. Hy weet van Libië maar kan nie bevestig dat die beskuldigde hom by die stasie onder die Lancaster hotel aan ene Muchta voorgestel het nie. Wanneer dit aan hom gestel word dat die \$100 miljoen lening aan Contresida deur Chu gemaak sou gewees het is dit sy reaksie dat hy onder die indruk was dat dit afkomstig was van die Wêreld Gesondheids Organisasie. Hy gee egter toe dat die dokument dit nie aantoon nie.

[1878] Hy gee toe dat Buffham in DAW 38 verwys na die oordrag van intellektuele goedere. Buffham wou nie sy verhouding met die beskuldigde in gevaar stel nie. Hy gee toe dat die beskuldigde vir hom gesê het om nie te bekommerd te wees oor die belegging in CSD nie omdat hulle gekry het wat hulle wou hê. Die beskuldigde het die indruk van 'n ryk sakeman geskep. Toe hy die opdrag gekry het "to do his usual thing" het

hy 'n aanbeveling geskryf wat die groep as 'n stewige groep uitgebeeld het en die beskuldigde as 'n ryk man. Toe hy die beskuldigde gedurende 1995/6 gevra het of hy WPW kan likwadeer die beskuldigde hom meegedeel het dat hy dit nie kan sê nie maar dat as hy instruksies kry om dit te doen hy dit moet doen. Die probleem op daardie stadium was dat die prinsipale nie hulle nekke wou uitsteek nie. Hy gee egter toe dat die beskuldigde nie persoonlike voordeel uit WPW gekry het nie of enige vergoeding nie.

[1879] Jane Webster was betrokke by die administrasie van die vliegtuie. Dit het kontak met Aeromed behels. Dit het te doen gehad met die bedryfskoste en invordering van gelde. Sy het 'n probleem gehad om betaling van die Verenigde Volke te kry vir die verhuur van die Kingair. Sy het ook te doen gehad met die versekering van die vliegtuie. Sy het die beskuldigde as haar baas gesien en hom om 'n verhoging gevra. Sy het vir 'n geruime tyd met haar seun wat in Engeland skoolgegaan het in die cottage gebly. Sy het reise vir Suid Afrikaners na die VSA gereël. Die beskuldigde se eggenote en haar suster saam met Kirstein en sy familie is na die VSA met die Jetstar. Haar suster het uitgawes gehad en sy het haar daarvoor uit WPW vergoed. Toe die beskuldigde se moeder die VSA besoek het, het sy ook haar eie uitgawes ivm die besoek uit WPW verhaal.

[1880] Toe sy in die cottage gebly het het sy die uitgawes, soos die water en ligte uit 'n spesiale rekening, waarop sy tekenmagte gehad het, betaal.. Sy was drie maal in Suid Afrika. Die beskuldigde het haar meegedeel dat WPW staan vir Wulff, Parkinson and White, wat by die maak van hartmedisyne betrokke is. Sy het gedink dat die beskuldigde besig is met vigsnavorsing. Sy het een maal met die Jetstar gevlieg en was daardie dag in ses verskillende lande.

[1881] Tydens kruisverhoor het sy gemeld dat Anette Versluis haar man beskuldig het dat hy die beskuldigde se geld gesteel het. Die beskuldigde het 'n prominente rol in WPW gespeel tot in 1993 en toe net verdwyn. Sy het Herlewing, WPW USA, WPW Aviation en WPW North American Holdings geadministreer. Sy was onder die indruk dat Mijburgh, Swanepoel, Bosch en Viljoen almal eienaars van die WPW groep was. Sy het gedink die condominium behoort aan die groep en het nooit gedink dit is net die beskuldigde s'n nie.

Oor die bestuur van die Jetstar gee sy toe dat beide die beskuldigde en haar man beheer daaroor uitgevoer het. Daar is 'n telefoonoproep uit die cottage na Libië gemaak en daarna wou die beskuldigde nie hê dat Marlow weer daar moet bly nie.

[1882] Sy het bedenkinge gehad oor die beskuldigde se besigheidsvernuf omdat hy orals geld verloor het. Sy kan nie juis verduidelik waarom sy in paragraaf 4 van JW 15 geskryf het dat sy nie na die konsulaat wil gaan nie omdat dit aandag op die WPW groep gaan vestig. Sy ontken dat haar man die beskuldigde gehelp het om sanksies te omseil.

[1883] Gen Verbeeck was die hoofdirekteur van teeninligting (HDTI) vanaf 1988 tot 1993. Hy was bewus van Coast en dat dit een van die 10 belangrikste klandestiene projekte was. Hy was betrokke by die aanstel van sekerheidsoffisiere. Van hulle was Jackson, Marais, Theron en Koen. Hy lewer 'n betoog oor hoekom Johan Theron van aankope en uitgawes bewus behoort te gewees het. Hy het nie geweet van kontak met Libië, Murgham, die Brussels woonstelle, die cottage of die gholfbaanontwikkeling nie. Hy het van Aeromed en Swanepoel gehoor. Hy weet van die Jetstar maar hy kon nie bepaal of dit die projek s'n was of net gehuur is nie. Daar is na telefone geluister. Die beskuldigde is na die buiteland. Die beskuldigde het hom gevra oor goed wat inkom. Dit is genoem dat sy naam genoem sou word. Daar was 'n ondersoek oor Merton huis gedurende 1992. Die projek is toe by teeninligting geregistreer sodat ondersoek gedoen kon word. Nadat inligting ingewin is was dit duidelik dat die projek onduidelik was. Daar was 'n gebrek aan kundigheid by sy departement om te ondersoek. Daar was baie maatskappye en rolspelers. Hy onthou Mijburgh, Swanepoel en Truter se name. Daar was 37 gevalle van onbevestigde informasie. Die beskuldigde het gesê dat 'n vriend van hom van Amerika ontwikkel Merton huis. Hy dink nie dit was 'n baie volledige ondersoek nie. Hy weet nie dat 32 000 pakke aan Unita gegee is nie. Hy weet nie van die peptiedsintetiseerder nie, van die Bulgaar nie of van die ruiltransaksie nie. Hy het gehoor van die laboratoria. Hy weet nie van die sjebeens nie of van RITS en die proximity fuses nie. Hy het Regli ontmoet. Daar was uitruilooreenkomste. Regli was 'n paar maal in Suid Afrika en hy was een maal in Switserland. Hy het nie geweet dat Regli en Jacomet by transaksies betrokke was nie. Hy het eers later daarvan gehoor. Hy was later, na privatisering, op die KBK.

[1884] Hy het onder kruisverhoor aangedui dat hy nie geweet het hoe die projek gewerk het nie. HY het nie geweet hoe en waar goed aangekoop is nie. Hy het net geweet daar is 'n projek wat met CBO te doen het. Hy het nie die projekoffisier se werkswyse geken nie maar weet dat die projek suksesvol was. Daar is demonstrasies gehou waar die hoofde van die SAW genooi is om te kom kyk na resultate. Die sekerheid rondom die projek was suksesvol want vreemde moondhede was nie bewus van die SAW se vermoë nie. Hy gee toe dat hy nie ingelig is oor verkrygings nie omdat die lyn was HSAW- GG-projekoffisier. HSAW het nie vir HSI gevra nie. Dit kan wees dat die SAW juis nie wou weet waar die goed verkry is nie so lank as wat daar nie selfverryking was nie. Dit word aan hom gestel dat daar by die Krygkorgebou met hom gepraat is oor die goed wat in Kroasië verskuif is en dat daar geskiet is. Hy kan dit nie onthou nie maar daar is 'n vae moontlikheid dat dit kon gebeur het. Dit word verder aan hom gestel dat dit meer as een maal bespreek is en dat dit ter sprake gekom het toe hy gevra is of sy naam by die landing van die vliegtuig genoem kon word.. Sy antwoord daarop is dat hy nie geweet het wat die substans was nie. Dit is egter so dat die beskuldigde met hom gepraat het.

[1885] Hy het nie geweet wie die direkteure van die frontmaatskappye was nie. Hy het eers in 1992 van Delta G uitgevind. Hy het wel geweet van RNL. Hy het daarvan gehoor gedurende 1987 toe hy 'n sekerheidskeurder was, daar sekerheisbreuke by RNL was en die naam Goosen ter sprake was. Hy kan nie detail onthou nie. Alhoewel hy nie in 1992 'n ondersoek kon doen nie, kon die OG dit wel doen. Hulle het 'n aantal telefone afgeluister. Hy gee nie toe dat dit 47 was nie. KEEM was daarby betrokke. Dit was 'n volledige ondersoek.

[1886] Wanneer hy gevra word hoe dit gekom het dat daar besluit is om die aankope van die substans te bespoedig kan hy nie so 'n besluit onthou nie. Hy gee toe dat 'n front geskep moet word vir 'n persoon wat klandestien in die buiteland opereer. As dit dié van 'n ryk sakeman is moet hy eersteklas vlieg. Hy gee teensinnig toe dat daar uitruil van inligting kan wees, mits meer ingewin word as wat verskaf word. Verskaffers moet met dekstories beskerm word. Die sekerheidsoffisier se funksie is om die projekoffisier van raad te

voorsien wanneer hy nie weet wat om te maak nie. Hy gee toe dat Theron nie die beskuldigde kon help oor geldtransaksies in Europa nie en dat om hom in te gelig het net tot 'n sekerheidsbreuk kon gelei het. Hy betwis dit nie dat HSAW juis gelas het dat teeninling nie betrek moet word nie. Hy dink dat Theron in 15 jaar nie bevordering gekry het nie omdat sy werksprestasie nie na wense was nie.

[1887] Kol. Sybie van der Spuy se getuienis het eintlik meer met die samesweringaanklagte te doen. Hy was vanaf November 1980 in beheer van EMLC. Toe hy daar kom was daar klere waaraan skynbaar gifstof gesmeer was. Hy het net met elektronies en meganies aangegaan. Die beskuldigde het chemies geërf. Bill Grieves het apparate gemaak wat aan Unita en Spesmagte verskaf is. Mnr Q was ook vir 'n tyd by EMLC. As hy gif in bier gesit het was dit sonder sy toestemming. Die beskuldigde het, nadat EMLC gesluit is, vir hom gevra om 'n tegniese direkteur by Delta G te word. Hy moes kyk dat die besturende en die ander direkteure hulle nie self verryk nie en moes 'n kartel breek. Hy het dit gedoen

[1888] Gen. Witkop Badenhorst het in November 1991 afgetree as 'n generaal, Hy was bewus van CR en die honde-teelafdeling. Toe hy HSI word moes hy die Coast begroting hanteer. Hy was nie gelukkig met die feit dat die hele begroting netso oorgeplaas is na die beskuldigde nie en dat dit nie opgevolg kon word nie. Hy het gereël dat die begroting oorgeplaas word na HSF. Hy kan nie onthou dat hy 'n KBK vergadering bygewoon het nie. Hy weet nie hoe Coast gewerk het nie. Vir hom was 'n sekerheidsoffisier baie belangrik. Die sekerheidsoffisier behoort van alles te geweet het. Die SAW het verskeie vliegtuie gehad o a 'n Queenair en 'n Lear Jet. Daar was vlugte na Europa en Amerika. Hy weet nie van beskermende klere nie. Kol. Schutte was verantwoordelik vir projek Savimbi. Daar is humanitêre hulp aan Unita gegee wat bestaan het uit wapens, klere, skoeisel, medisyne en kos. Na die ooreenkoms met Namibië is dit afgeskaal na net klere kos en brandstof, alhoewel daar soms wapens voorsien is. Hy weet nie van Cam's en die 32 000 pakke aan Unita nie. Hy sou daarvan geweet het. Hy sou die vervoer daarvan met vliegtuie goedkeur. Hy weet nie van Intramex en RITS nie. Hy weet nie van proximity fuses of VABN nie. Hy weet nie van 'n peptiedsintetiseerder of 'n Bulgaar nie. Hy het vir gen. Regli ontmoet. Jacomet se naam klink bekend.

[1889] Tydens kruisverhoor blyk dit dat die KBK 'n verkleinde bevelsraad was. Gen. Liebenberg het 'n sterk bestuursstyl gehad. Hy was vanaf 1989 betrokke by die ondersoek na die BSB en voorbereiding vir die Harms kommissie. Hy kon nie KBK vergaderings bywoon nie. Hy kan nie verskil van gen. Verbeeck as dié sê dat die KBK moes bepaal hoe sekerheid hanteer moes word nie. Dit mag wees dat hulle juis nie wou weet wat aangekoop word nie, en waar. As die beskuldigde so 'n opdrag gekry het moes hy dit uitvoer. Hy het eintlik niks van Coast geweet nie. Hy het in 1991 afgetree. Dit was dus onmoontlik vir Regli om hom in te lig van iets wat gedurende 1992 plaasgevind het. Daar was laboratoria by Speskop. Hy weet nie van die verskaffing van deteksie apparaat nie. Die feit dat kol. Steyn gebruikte beskermende klere gevind het by 'n lugmagseenheid het niks met hom te doene nie. Hy staan pa vir alles wat tussen 1982 en 1988 gebeur het. Schutte kon nie pakke sonder sy medewete gestuur het nie. As dit aan hom gestel word dat die klerasie per lug vervoer is kan hy nie ontken dat dit gebeur het nie. Die klerasie het nie uit sy begroting gekom nie. Wanneer daar surplusse was het die GG nie betaling vir medisyne van die leër geverg nie. Hy was nie betrokke by die behoeftebepaling van beskermende klere nie. Dit was nie sy pakhuis nie. Wanneer aankope plaasgevind het was daar oorplasings uit die leër se begroting na die GG se begroting.

[1890] Dr. David Chu het die beskuldigde gedurende 1988 ontmoet. Hy was onder die indruk dat die beskuldigde vigsnavorsing doen dmv thymus. Die beskuldigde wou hê dat hy sommige van RNL se navorsingswerk in Europa verkoop. Hy het RNL besoek en was veral beïndruk met die feit dat daar primate beskikbaar was. Hy het twee uitvoerbaarheidsstudies vir RNL opgestel. Hy het prostaglandien aan die beskuldigde voor sien omdat die beskuldigde gesê het dat hy dit benodig om aborsies op HIV positiewe vroue uit te voer. Om die bemerking in Europa te doen is Medchem Forchungs gestig. Die beskuldigde het CHF250 000 aandelekapitaal en CHF500 000 werkskapitaal voorsien. Hy het 'n opsie gehad om 50% van die aandele te bekom. 'n Lening van CHF125 000 is aan hom toegestaan. Hy het dit nooit terugbetaal nie. Op aanbeveling van die beskuldigde is daar penicillin aan Irak verskaf. Hulle het kommissie van CHF80 000 of £80 000 verdien. Hy bevestig dat F14. 9A en F14.9B werklike kontrakte tussen Medchem Forchungs en Blackdale was. Hy het vir Data Image van rekenaar harde- en sagteware voorsien. Die bemerking van RNL in Europa het nooit plaasgevind nie.

[1891] Hy ontken dat die CHF450 000 vir thymus peptied betaal is. Medalfa verskaf thymus peptied. 500gr suiwer thymus peptied is baie maar as dit nie so suiwer is nie kan dit aansienlik minder wees. Alhoewel hy weet dat die beskuldigde gesoek het na 'n peptiedsintetiseerder het hy nie een aan die beskuldigde verskaf nie. Hy het op versoek van Webster 'n promesse geteken om die CHF450 000 terug te betaal maar het dit nooit gedoen nie. Met die Medchem Forchungs/Blackdale ooreenkoms is daar \$4,5 miljoen in sy persoonlike rekening inbetaal en oorgeplaas na Medchem Forchungs na 'n spesiale rekening om te verhoed dat daar vermenging van die geld plaasvind. Hy moes maandelikse betalings aan MCI maak. \$2,5 miljoen is verbind as sekuriteit vir die betaling van die Jetstar maar is later afgelos. Op 10 Oktober 1990 is 'n bedrag van \$154 338 betaal synde die uitstaande bedrag op die Jetstar. Dit is gedoen om te verhoed dat die sekuriteit opgeroep word.

[1892] Hy het 'n rekening in die Arzi bank gehad. Hy het kontantbedrae van koeriers ontvang en in die rekening inbetaal. Die beskuldigde het hom vertel dat hy vriende in die VK het wat groot bedrae het en hy wou weet of die bank dit sou ontvang. Op instruksies van die beskuldigde is kontantbedrae uitbetaal. Hy was betrokke by 'n leningsooreenkoms tussen PCM en Pretex ten bedrae van \$89 000. Volgens die beskuldigde het dit gebeur omdat Viljoen se gesondheid swak was en hy geregtig was om die maatskappy te kry. Hy het gehoor van 'n moontlike aankoop van Fancourt en van 'n gholfbaan in België. Die beskuldigde het Truter aan hom voorgestel as 'n finansiële konsultant en 'n trustee met geld. Oorplasings na die Barcelona rekening is gemaak op instruksies van óf Truter óf die beskuldigde. Daar was 'n piesangtransaksie. Dit het niks met die beskuldigde te doen gehad nie. Hy het korttermyn finansiering benodig vir die invoer van piesangs vanaf Ecuador en die beskuldigde het \$700 000 voorgeskiet. Daar was vertragings en 'n uiteindelijke verlies van \$120 000.

[1893] Oor die Contresida projek sê hy dat daar 'n Pan-Afrikaanse projek was om vigs te beveg. Die beskuldigde wou daarby betrokke raak. 'n Bedrag van \$50 miljoen was nodig. Die Suid Afrikaanse regering moes die terugbetaling waarborg. Uiteindelik is \$100 miljoen genoem. Die beskuldigde het met mense

gepraat. Dit het vir hom realisties gelyk en het 'n rekening in Liechtenstein geopen. Hyself sou die uitlener van die geld wees. Die beskuldigde het wel briewe verskaf wat benodig is maar die lening het nooit gematerialiseer nie. Hy is bewus daarvan dat Gibson kliniese navorsing oor vigs moes doen. Dit het nie gebeur nie. Hy was behulpsaam met die beskuldigde se borgaansoek na sy arres. Hy het Jacomet as 'n besigheidsman ontmoet. Hy het die beskuldigde gedurende 1997 gekontak oor die uitgawes van International Business Solutions en Medchem Forchungs. Hy is na prokureur Malan verwys maar die geld is nog uitstaande. Hy was ses of sewe keer in Suid Afrika. Hy ken die beskuldigde se dogter wat by 'n afrondingskool in Switzerland was en die beskuldigde is die peetpa van sy kind.

[1894] Onder kruisverhoor het hy toegegee dat die beskuldigde nie voordeel uit Medchem Forchungs gekry het nie. Jacomet kon die beskuldigde aan hom voorgestel het. Hy ontken dat hy 'n sanksieontduiker en geldwasser was. Hy ontken dat Jacomet by Contresida betrokke was. Die masjien wat "microchips" kon vervaardig kon wettiglik aangekoop word. Grant Wentzel en Gerry Brand was daarby betrokke en is in die VSA gearresteer. Dit is aan hom gestel dat die £80 000 wat hy vir die penicillin ontvang het eintlik vir sanksieontduiking was. Hy sê dat Chu 12 (die Opals ooreenkoms) steeds die Contresida projek was. Hy gee toe dat dit twee jaar na die Contresida projek was en sien dat die woord Contresida nie daarin voorkom nie. Hierdie keer is hy die lener en nie die geldskietter nie. Net hy het tekenmagte gehad. Hy sou die fondse ten volle beheer. Hy is verstom oor die verskille.

[1895] Wanneer dit aan hom gestel word dat hy saam met die Oosblok gewerk het ontken hy dit maar hy erken dat hy weet wie Dieter Dreier en Simon Pura is. Hy word gevra om te verduidelik watter prestasie gelewer moes word ingevolge F14.9A en F14.9B en weet nie. Medchem Forchungs se funksie was bloot die van betaalmeester. Oor aanklag 15 bevestig hy dat daar verkeerdelik 'n bedrag van \$250 000 in 'n Amerikaanse rekening inbetaal is maar dat die \$154 338 terugbetaal is. Hy het wel gereël dat die beskuldigde Libiese agente ontmoet. Hy het hom vergesel na Tunesië. WPW het geen betalings van Medchem Forchungs ontvang nie. Hy het CHF20 000 ontvang as vergoedind vir die deponering van sekere kontantgeld.

[1896] Hy bevestig dat hulle ge-eksperimenteer het met x-strale om te kyk of sekere rekenaar onderdele by die lughawe geïdentifiseer sou kon word. Hy bevestig ook dat hy groot bedrae in kontant op versoek van die beskuldigde aan individue moes betaal vir dienste wat gelewer is. Hy kon onbewustelik gehelp het met sanksieontduiking. Dit word aan hom gestel dat prostaglandien E2 in Suid Afrika beskikbaar was en dat dit nie is wat hy ingevoer het nie. Dit is hy wat die Suid Afrikaners ingelig het oor die beskuldigde se arres. As hy wel by sanksie ontduiking betrokke was kan hy in Switserland in groot moeilikheid kom. Die beskuldigde wou thymus peptied koop. Dit is ook aan hom gestel dat die piesang transaksie 'n amptelike transaksie was. Na aanleiding van getuigenis in herverhoor tot die effek dat Simon Pura 'n arm man is betwis hy nie, in verdere kruisverhoor, dat Pura hom met 'n privaatstraler na Namibië gebring het en die straler gestuur het om die beskuldigde, Mijburgh en Bosch te kom haal nie. Hy wou 'n jagplaas in Namibië koop.

[1897] C B Marlow ken vir Mijburgh van kleins af. Hy het as advokaat in Kaapstad gepraktiseer. Mijburgh het hom by Delta G betrek by regspraak oor CBO. Later het hy besef dat dit 'n front was. Mijburgh het hom gevra om betrokke te raak. Aanvanklik is hy per opdrag betaal maar later het hy 'n vaste salaris ontvang. Hy het in Stellenbosch gebly maar het in 1993 na Pretoria verhuis. Hy het MCI wat die eienaar van Delta G was gestig. Hy het ook vir Mijburgh 'n familietrust gestig. Dit het die MCI aandele gehou. Hy was bewus van die privatiseringsaksies waarby groot geld betrokke was. Hy het advies oor die kansellasie klousule gegee. Hy is bewus van die navorsingsooreenkomste en van die kansellasie van die kommersialiseringsooreenkoms en die daaropvolgende privatiseringsooreenkoms.

[1898] Hy was die besturende direkteur en 'n aandeelhouer van BRCI wat groot bedrae geld by Swanepoel se trust geleen het. Daar is besluit dat die WPW groep hulle belange na Suid Afrika moet terugbring en die beskuldigde het CBM1, 'n organigram, aan hom oorhandig. Die beskuldigde het aan hom verduidelik dat WPW Inc. die houermaatskappy is wat deur Webster bestuur is. Die voordelige eienaar van BRCI was WPW. Hy kon ouditeure en prokureurs vir BRCI kies en die boeke sou deur Viljoen gedoen word. BRCI sou die Wisdom moratorium lening oorneem. Die moontlikheid van die verkryging van 'n belang in MCI later blyk uit CBM1. Hy het oor baie detail getuig, o a dat daar beplan was dat Careen \$1,5 miljoen by Luft sou leen maar

dat dit nie geskied het nie omdat daar nie fondse was nie. Luft was betrokke by GGI. Daar was die moontlikheid geopper deur die beskuldigde dat Luft die houer maatskappy moet word en dat die Brussels woonstelle deur Luft gehou sou word. Die cottage moes ook aan Luft oorgedra word.

[1899] Hy het 'n werkskontrak, A30, tussen homself en WPW opgestel en aan Webster voorgelê. Hy het die inligting by die beskuldigde gekry. Sy salaris was \$4 000 per maand en moes aan Blue-Mar betaal word. BRCI is uit lenings befonds. Die \$1 miljoen lening het gesloer en hy en Bosch het die bank gebel. Dit was nodig vir die aankoop van Fancourt en die plase Witbank en Wag-'n-Bietjie. Hy en Webster het ook met mekaar geskakel. Hy was bewus van die Wisdom groep. Die beskuldigde was die voorsitter van die direksie en Swanepoel was die besturende direkteur. Bosch het die bedrae van die lenings wat BRCI aangegaan het om Merton huis te befonds bepaal. Waag-'n-Bietjie Boerdery was 'n bodemlose put. BRCI het 'n 70% belang in Profincor gehad en hy en Viljoen elk 15%. As hy vir sy aandele betaal het was dit nie meer as 'n nominale bedrag nie. Hy het R145 000 by Profincor geleen wat hy slegs gedeeltelik terugbetaal het. Waterson Properties en Partners In Travel het by Profincor geleen. BRCI het 'n 100% belang in die dieretuin gehad. Viljoen en 'n familielid van die beskuldigde het dit hanteer. Merton huis was reeds aangekoop toe hy op die toneel gekom het. Dit was aanvanklik bedoel as 'n gastehuis maar dit kon ook as 'n ambassade gebruik word. Die beskuldigde, Viljoen en Bosch het dit gebou. Pierre Theron het aangedring daarop dat daar behoorlike leningsooreenkomste opgestel word vir die lenings. 'n Prokureursfirma in Johannesburg het dit opgestel. Daar was skulderkennings, sessies van aandele en waarborge.

[1900] Theron was bewus van die ontwikkeling van Merton huis en van die feit dat BRCI MCI se skuld betaal het. Daar was nie terugbetalings aan WPW Inc. nie. Daar was 'n huurkontrak tussen WPW en Careen ingevolge waarvan Careen Merton huis sou huur teen \$15 000 per maand. Dit was om kontantvloei te genereer omdat geld skaars was. Daar is R102 000 oorgeplaas vanaf WPW na Careen. Dit was omtrent \$30 000 of twee maande se huur.

[1901] Hy ken Murgham. Hy het hom by die beskuldigde se huis ontmoet. Hyself het daar gewoon gedurende 1993/94. Dit was nadat die beskuldigde die SAW verlaat het. Hy weet van kontak met Libië oor

die bou van 'n spoorlyn en olie en ander dinge. Hyself, die beskuldigde en Mijburgh was direkteure van 'n maatskappy Libgro wat in Libië besigheid sou doen. Hy was vir lang periodes in Libië ivm die besigheid van Libgro. Hy glo dat Murgham betrokke was by die Libiese inligtingsdiens. Hy het kommissie gekry op die belegging in Rand Aksepbank aandele waarop B R Holdings 'n wins van R1,9 miljoen gemaak het. B R Holdings het R3,5 miljoen by RNL geleen en R250 000 by MCI.

[1902] Hy het die trustakte vir Ariestrust opgestel. Anette Versluis en haar kinders uit haar huwelik met die beskuldigde was die begunstigdes. Die huis in Ariesstraat moes ontwikkel word. Hy verduidelik weer eens dat die beskuldigde R500 000 en R400 000 by BRCI geleen het en eiendomme daarmee ontwikkel het en dat hy dit terugbetaal het uit 'n \$250 000 lening van WPW wat ook later met rente terugbetaal is. Hy weet ook dat die beskuldigde en Mijburgh graag 'n eenheid by Fancourt wou koop. Hy het dit nie met Webster bespreek nie. Die geld vir die aankoop sou uit die BRCI groep kom en die lidmaatskap sou beperk wees tot lede van die WPW groep van maatskappye. Dit lyk vir hom of die aankoopprys deur Medchem Sports International (MSI) by MCI geleen is en deur BRCI terugbetaal is. Hyself Mijburgh en Bosch was direkteure van MSI. Hy het Fancourt dikwels besoek.

[1903] Die Five Nations golfbaan was 'n 9-putjie baan waarby Gary Player betrokke was. Hy het die beskuldigde gevra vir fondse. Die beskuldigde sou dit met Webster opneem. GGI is gestig en moes deur Luft befonds word. Daar was 'n gebrek aan fondse en die projek het doodgeloop. Die aankoop van die hele Fancourt was ook ter sprake. Die beskuldigde, Scholtz, Mijburgh en Zimmer was daarin geïnteresseerd. Daar is gepraat van Trans American Securities en Banco di Napoli bonds. Hy het Thompson in die Meridien hotel in London ontmoet. Die Banco di Napoli bonds was vervals. Hy het nie geweet van die RITS rekening nie. Profincor het hom 'n bedrag van R150 000 geleen. Hy het R10 814 se wyn vir die beskuldigde by die Mount Nelson hotel aangekoop. Hy het oproepe vanaf die cottage na Libië gemaak.

[1904] BRCI het twee bankrekenings gehad. Een was by Nedbank en was oortrokke. Die ander een was by die United bank. R2,1 miljoen, wat die opbrengs van die Kingair was, is daarin gebank. Hy het blanko tjeks

geteken. Daar is tjeks aan van der Hoven en Vennote van R320 000, aan die beskuldigde van R40 249, 'n kontanttjek in die beskuldigde se handskrif van R20 000, aan die beskuldigde R35 000 en 'n tjek in die beskuldigde se handskrif aan Profincor van R27 627,75. Die Kingair is vir R2,2 miljoen verkoop aan Smith Mining op 28 Junie 1994. Van die fondse is aangewend om die RNL lening te betaal en 'n bedrag is aan Koortzen betaal. Hy het moeilikheid met Hettema gehad.

[1905] Volgens hom is die Jetstar kommersiëel en privaat gebruik. Savimbi en die ANC is vervoer. Dit is ook na Poland. Hy is self seker ses maal met die Jetstar Europa toe. Die beskuldigde en Mijburgh het dit plaaslik ook gebruik. Hulle is met die Jetstar na die opening van die Five Nations gholfbaan. Hy het die beskuldigde bygestaan na sy arres in Switserland en is vir sy uitgawes vergoed. 'n Lening van R134 870 by Profincor is ingevolge 'n reëling tussen die beskuldigde en Viljoen afgeskryf. Dit het waarskynlik veroorsaak dat Viljoen kontantgeld in Profincor ingekry het. Hy was 'n direkteur van P & S Enigneering, Daar was 'n gesprek tussen hom en Mijburgh oor fondse wat uit Switserland moes kom en waarvan Pierre Theron nie moes weet nie. Daar is 'n bedrag van R60 000 aan Mijburgh, op versoek van die beskuldigde, vir 'n belegging in "pharmaceuticals" in Namibië. Dit is nie terugbetaal nie. Gedurende 1996 het Bosch hom meegedeel dat hy en Webster die groep herstruktureer het. BRCI was die houermaatskappy. Die bedoeling was dat alles uiteindelik gelyk moes breek. Hy dink nie dat daar meer as R10 miljoen betrokke was nie.

[1906] Onder kruisverhoor het hy getuig dat Murgham aan die Libiese intelligensiediens verbonde is. Hy eien hom op 'n foto saam met president Mugabe. Hy betwis dit nie dat al die geld wat aan Ariestrust geleen is terugbetaal is nie. Bosch het behoorlik boek gehou beide in Ariestrust en in BRCI se boeke. WPW Inc. het nie 'n belang in MCI gehad nie. Hy het verder toegegee dat die maatskappye 'n finansiële fiasko was. Die tweede moratorium lening is in die land ingebring bloot om skuld te betaal. Viljoen het hom gesê dat hy en die beskuldigde die aflos van sy eie lening bespreek het.

[1907] Hy het ook getuig dat hy 'n Libiese Minister van die lughawe vervoer het na mnr. Mandela se huis. Dit was met sy Mercedes voertuig. Hy meen dat dit na Mei 1993 was omdat hy toe na Pretoria verhuis het. Hy gee egter toe dat hy voor dit soms met die voertuig van Stellenbosch af na die Noorde gekom het.

[1908] Antoinette Erasmus (Lourens) het vanaf Kanada gekom om te getuig. Sy het by Infladel gewerk en geweet dat 'n front vir Coast was. Sy het van die RITS rekening geweet en groot bedrae oorgeplaas. Groot bedrae is aan Mole betaal. Sy het die Wisdom groep as frontmaatskappye beskou. Daar was rekeninge in die Kaaiman eilande wat sy gereken het projekekeninge was. Die beskuldigde het vir haar gesê dat 'n vriend van hom 'n huis in Pretoria wil koop. Sy en sy moeder het na huise gekyk en een is gekoop in September 1987. Sy het daarin gebly tot in 1991. Gedurende 1989 het sy dit gekoop met 'n lening van Trustbank en van Profincor en en die beskuldigde het ook self vir haar 'n tjek gegee. Voordat sy die huis gekoop het, het sy niks betaal om daarin te bly nie. Sy dink dat die huis gedurende 1993 verkoop is en gebruik is om haar skulde af te los o a by Profincor. Sy het nie geweet dat haar skuld by Profincor reeds gedurende 1992 afgelos is nie en dat Viljoen haar laat aanhou betaal het nie totdat sy van die staatsadvokate uitgevind het dat sy niks skuld nie.

[1909] Sy was in Engeland vir Coast. Sy het in die cottage, wat toe nog gehuur is, gebly. Sy het met Buffham en Zimmer saamgewerk. Webster het hulle by Infladel besoek en vandie rekenaar gebruik gemaak om kontrakte af te laai. Nicky Smit is toe deur die beskuldigde aangesê om nie na range te verwys nie. Sy was betrokke daarby om vir Webster en Jane oral na vakansieplekke in die land te neem. Sy het Webster ook in London ontmoet en hulle is saam na Grantham. Sy was onder die indruk dat Buffham 'n verskaffer van toerusting, soos monitors, was. Sy het van CSD geweet. Gedurende 1988 het hulle vir Lifestyle Management rekenaars gekoop. Hulle was in Swede en in die VK om dit te doen. By geleentheid het sy haar kleinsus wat toe in standerd 9 was op aandrang van die beskuldigde saamgeneem Europa toe. Sy het tekenmagte op verskeie oorseese rekenings gehad maar dit nooit gebruik nie.

[1910] Sy was direkteur van verskeie van die Wisdom maatskappye. Viljoen het vir haar vorms gebring om te teken. Toe sy bedank het moes sy weer teken om te bedank. Aeromed was 'n front om 'n vliegtuig te hou. Mense in die groep het dit gebruik en dit is gedoen om hulle bewegings moeilik naspeurbaar te maak. Fakture is in Infladel se kantoor uitgemaak. Sy het geglo dat Merton huis gekoop is sodat buitelandse besoekers daarin kon bly. Sy was saam met die beskuldigde en Viljoen by die dieretuin in Tygerberg. Sy was die koper. Sy het 'n CD speler wat van Engeland af gekom het teen 'n kompeterende prys gekoop en die geld is in die projek in. Die beskuldigde se rol in die projek was groter as die van Webster. SRD het te doen gehad met radio's en motors. Phoenix het ook met motors te doen gehad. Lifestyle Management se funksie was om sielkundige hulp aan mense te gee wat chemiese trauma beleef het. Sy het nie gedink dat Liquorland deel van die projek was nie en het gedink dit behoort aan die beskuldigde en Viljoen. Die beskuldigde het luuks gelewe en vir haar gesê dat hy 'n persentasie van die besparing op aankope kry. Alhoewel hy nie 'n luukse motor gehad het nie het Mijburgh en Swanepoel wel luukse motors gehad. Hy het vir haar 'n horlosie wat CHF4 000 gekos het in Switserland gekoop en het ook vir haar 'n goue ketting en 'n baie duur pakkie gekoop. Mijburgh het gesê dat hulle met koppe gesmokkel het. Sy het gedink hy het die SAW se koppe bedoel.

[1911] In kruisverhoor het sy toegegee dat die beskuldigde nie werklik luuks gelewe het nie. Alle aksies is uitgevoer om 'n CBO vermoë te vestig. Alle direkteurskappe was fronte en alle reise is geoudit. Webster het haar onder 'n vals naam aan Buffham voorgestel. Die verkryging van die CSD aandele kon 'n deks storie gewees het. Aankope moes klandestien geskied en sy het ook klandestien opgetree. Sy betwis nie dat CD spelers en TV's ingevoer is om die invoer van die werklike ware te verberg nie.

[1912] Green was betrokke by die onderhoud van die vliegtuie. Hulle is elke 100 vliegure of elke jaar gediens. Hy kon meeste van die werk hier doen maar kan een keer onthou dat hulle na Basel moes gaan met 'n enjin probleem. Die Jetstar is in November 1993 na Maine geneem en daar gestoor. Die Jetstar is in Long Island opgradeer. Alhoewel hulle altyd die korste roetes gevolg het kan hy tog 'n besoek aan die golfbaan onthou. Hulle is ook 'n tweede keer na Basel. Dit was via Tunisië.

[1913] Nasionale Intelligensie het eers by die laat tagtigs of vroeë negentigs uitgevind van Coast en dat die beskuldigde daarby betrokke was. Hulle het gehoor van 'n vliegtuigrit saam met Pienaar na Noord Afrika. Hulle het Pienaar en Murgham se bedrywighede gemonitor. Hy, Kennedy en Alberts, beide van NI het 'n onderhoud met die beskuldigde by sy huis gehad. Die beskuldigde het hulle verseker dat hy bloot 'n besigheidsbelang in Libië probeer vestig het en dat hy Murgham as 'n paspoort gesien het. Hy het gesê dat Murgham nie van sy weermagagtergrond weet nie en dat hy nie vantevore kontak met die Libiese regering gehad het nie. Die moontlike bou van 'n spoorlyn het ter sprake gekom en die uitvoer van dinge soos vrugtesap. Hy gee toe dat die beskuldigde en Murgham gereël het dat 'n brief aan die Britse Eerste Minister, mnr. John Major, oorhandig word tydens Major se besoek aan Suid Afrika.

[1914] Dr. Lourens het aandag gegee aan die SAW se radio netwerk en hy het veranderinge aan voertuie aangebring bv om die enjins vinniger te laat loop, radio te verander en groter petroltenks in te sit. Hy was ook betrokke by die maak van apparate wat RNL vir hulle navorsing nodig gehad het. Hy was betrokke by die oprigting van die gebou van Delta G en alhoewel hy 'n pos aangebied was het hy dit nie as opwindend genoeg beskou nie. Hy het SRD in Randburg begin. Hy was betrokke by deteksie apparaat, beskermende klerasie en filtreerders, elektroniese afluister apparaat en die opspoor daarvan en by Q B Laboratories. Hy het personeel ge-erf en gewerf. Die beskuldigde het hom aan die einde van 1986 gevra om mnr. Q en Bart Hettema te akkommodeer. Hy het die besigheid begin met geld wat hy van die beskuldigde ontvang het. Hulle het traangas in blikkies voorsien en is daarvoor betaal. Daar was navorsing oor meeluistering en aerosol is in 'n werkwinkel vervaardig. Hy het geweet van Phoenix diensstasie alhoewel hy nie self daarby betrokke was nie. Hy het in 1988 bedank en Johnny Koortzen het by hom oorgeneem. Hy was 'n direkteur van Protechnik tot in 1993. Hy was betrokke by die vervaardiging van "applicators". Hy het dit vir die beskuldigde gedoen. Daar was Omo seep, brandmeganismes en briefbomme. Hy het vir Corrie Meerholz 'n bril in 'n gasmasker gemonteer. Hy het van die goed wat hy gemaak het gaan begrawe en het dit weer in 1997 uitgegrawe.

[1915] Hy het gereeld na Europa gereis, vir Mole ontmoet en in die cottage gebly. Hy is een keer versoek om 'n apparaat oor te neem. Dit is in dele oorgeneem. Hy het ook gif oorgeneem. Sy kontakpersoon glo hy was die beskuldigde. Hy het 'n persoon op die stasie ontmoet en na die cottage geneem. Hy het hom gewys hoe die meganisme werk. Daar het gif op sy hand gekom en hy het met sy lip daaraan geraak. Hy het sy sig verloor, gebewe en melk en Dettol gedrink. Die apparaat is aan Trevor gegee. Die verhouding tussen hom en die beskuldigde het vertroebel. Hy het hom verdink van 'n verhouding met sy vrou. Daar het 'n verandering in die politiek gekom en by die einde van 1988 het hy bedank. Daar was 'n ondersoek oor geld wat verdwyn het. Hy het gen. Knobel en gen. Liebenberg gaan sien. Gen. Liebenberg wou sy speelgoed terughê.

[1916] Onder kruisverhoor het hy aangedui dat die moet-weet beginsel soms streng toegepas is en soms nie. Operasioneel is dit streng toegepas. Hy gee toe dat hy by die WVK getuig het dat hy nie deelgeneem het aan operasies en nie meegedeel is waarvoor die goed gemaak word nie. Hy was baie kwaad vir die beskuldigde en sou hom vermoor het. Hulle het mekaar gewantrou. Hy het bedank omdat hy morele probleme met die projek gehad het. Hy gee toe dat hy reeds morele probleme gehad het toe hy Engeland toe is met die "applicator". Dit word aan hom gestel dat dit onwaarskynlik is dat die beskuldigde aan hom 'n opdrag sou gegee het oor die "applicator" omdat hulle verhouding toe 'n laagtepunt bereik het. Hy ontken dat hy die beskuldigde en gen. Neethling beskuldig het daarvan dat hulle geheime kommissie ontvang het. Hy gee toe dat hy sy getuienis aangepas het om in te pas by Floy's se verklaring.

[1917] Hy het Unita soldate opgelei om gasmaskers op te sit. Die sambreel apparaat is nie verder as 'n prototipe ontwikkel nie. SDR het hulle produkte met ware substansie getoets. Daar is inderdaad toegeruste voertuie op 'n groot skaal met stimulant getoets. Hy het 'n paar duisend rand kontant aan Buffham oorhandig. Hy het 'n 100% belang in SRD, QB Laboratories en Phoenix Service Station gehad. Daar was 'n poging van WPW om 'n 50% belang in te koop. Op die ou end het hy 28% van die aandele gehad en WPW 72%. Die R60 000 waarmee hy die besigheid begin het is nie terugbetaal nie. Hy het die beskuldigde aan Mole voorgestel. SRD Electronics het te doen gehad met afluister apparaat, is geïnkorporeer op 27 Julie 1987 en is op dieselfde wyse as SRD befonds. Hy het vrye toegang gehad tot die fabriek waar die beskermende klerasie

gemaak is. Daar was groen pakke en nutria pakke. Die oorgang van groen na nutria was 'n lang proses. 'n Nuwe materiaal wat 'n druppel vloeistof oor 'n groot oppervlakte sou versprei moes ontwikkel word. Dit het 'n jaat tot 18 maande geneem. Hy betwis dit dat daar 'n brand kon ontstaan het as gevolg van die drukking van die pakke op die koolstoflaag.

[1918] Hy het kontak gehad met Blucher maar besluit om Seyntex se materiaal te koop, omdat dit baie goedkoper was. Buffham se "laboratorium" was nie indrukwekkend nie. Buffham was ook 'n ploffstofdeskundige. Daarom was hy betrokke by bompakke. Hy meen dat bompakke onderhewig was aan sanksies. Daar was Amerikaanse nat deteksie sakke. Hulle het navorsing op drie CAM's gedoen. Dit was van die eerste CAM's. Hulle was al ver gevorder toe Heyndrycx se CAM's beskikbaar geword het. Hy weet nie van bloudrukke nie. Hy wou CAM's by Graceby Ionics koop maar dit was beheer. Hy was bewus van Modulêr, Hooper en Packer en alhoewel hy die soldate opgelei het om maskers op te sit was daar nie beskermende klerasie beskikbaar nie. Protechnik was winsgewend. Daar is direkteursvergoeding betaal en dividende verklaar. MCI het 'n 61% belang in Protechnik gehad. Dit is verkoop aan Technotek. Protechnik het aanvanklik geld van Intramex geleen. Die lenings is terugbetaal. Hulle het aanvanklik toetssubstansie vir toets van CBO uitrusting gekry van Delta G of RNL maar later het hulle dit self gemaak. Aan die begin het die mense by Krygkor seker gewonder oor Delta G maar later het hulle definitief geweet dat dit 'n frontmaatskappy was. Intramex het store by Protechnik gehuur op 'n plaas by Hennopsrivier waar daar 50 gelling dromme gestoor is. Roelf Louw van Krygkor het daarvan geweet. Hy het oor die Winford club getuig en dat hy die beskuldigde daaraan voorgestel het. Hy het 'n bankrekening in die VK gehad en het by geleentheid £100 000 van die beskuldigde ontvang wat hy daarin gebank het.

[1919] Hy sou nie in Buffham se besigheid belê nie, veral nie £500 000 nie. Die reverse engineering op die CAM's is deur dr. Leuschner gedoen. Hulle het dit uitgekontrakteer omdat hulle nie alles kon doen nie. Leuschner kon diagramme ontvang het. Toe hy by KEEM ontken het dat hy by CAM's betrokke was, was daar 'n misverstand omdat daar twee generasie CAM's was en hy die verkeerde generasie in gedagte gehad het. Dit is nie moeilik om 'n beskermende pak uit te trek nie. Jy begin onder en gaan op boontoe en trek die

handskoene laaste uit. Wat die SRD kontrakte aanbetref is die SAW se geld behoorlik spandeer en niemand is onderhands bevoordeel nie. Alhoewel daar buite ouditeurs was het Pierre Theron ook later betrokke geraak. Koolstof sal eers by 900 grade Celcius begin gloei. 'n Brand kan nie weens blote drukking ontstaan nie. Hy weet nie by wie hy gehoor het dat die CAM's by Heyndrycx gekoop is nie. Die hoeveelheid is nie genoem nie.

[1920] S J Pienaar het Grant Wentzel geken. Hy wou besigheid in Libië doen. Wentzel het die beskuldigde aan die begin van 1993 vir daardie rede aan hom voorgestel. Op daardie stadium het hy reeds vir Murgham gedurende Mei 1992 in Harare ontmoet. Hy het die beskuldigde in 1993 in Botswana aan Murgham voorgestel. Die beskuldigde het Murgham nie voor dit geken nie. Murgham was 'n harde maar eenvoudige man. Murgham het ritte na Tripoli gereël. Hulle is oor Gerba na Tripoli. Hulle het met 'n Jetstar gegaan. Dit was die beskuldigde se eerste besoek aan Tripoli. Die beskuldigde het hom uitgenooi om saam met hom, Brand en Wentzel in besigheid betrokke te raak. Hy het na 1994 gehoor dat die beskuldigde by CBO betrokke was. Dit was vir hom 'n verleentheid. Hy het 'n buitelandse minister aan die beskuldigde voorgestel en was betrokke by die bemaking van geboue as ambassades. Hy ontken dat hy geld in Libië gaan haal het vir me. Winnie Mandela se verhoor.

[1921] Admiraal Murray, as HSF vanaf 1990 tot 1993, was ongelukkig oor die manier waarop die Coast begroting hanteer is. Hy was veral ongelukkig daaroor dat hy nie insae in verkrygingskontrakte gehad het nie. Hy was onbewus van die HSI ondersoek van 1992. Hy wou inligting oor Coast hê vanaf HSAW en HSI en hulle was nie hulpvaardig nie. Hulle het hom nie van notules van vergaderings voorsien nie. Hy was nie by die groepie wat terugvoering oor operasies van Coast gekry het nie. Daar is gevoel dat hy nie 'n volledig genoeg ondersoek oorsee gehad het nie en hy moes deels as gevolg daarvan vroegtydig aftree. Hy was betrokke by die aanbeveling dat die voorstelle oor privatisering aanvaar moes word. Indien die SAW voorraad wou verkoop was daar 'n logistieke manier om dit te doen. Hy het egter toegegee dat hy hipoteties getuig het oor wat behoort te gebeur het. Die privatisering was behoorlik gedoen. Die wyse waarop die projek hanteer is het die geleentheid vir bedrog geskep. Hy sê nie dat daar bedrog plaasgevind het nie. Die projek was wel

kwesbaar weens sanksies. Hy betwis dit nie dat Pierre Theron, behalwe vir die Kroatiese transaksie tevrede was nie en kritiseer nie vir Theron nie. Hy gee toe dat 'n bedrag van R14 miljoen gedurende die 1992/93 begroting wat aangetoon word as inkomste waarskynlik gein is uit die afverkoop van bates en dat dit nie nodig was om dit weer voor die parlement te plaas nie en behoorlik hanteer is.

[1922] Die beskuldigde het Karl Koen uitgenooi om SRD Electronics oor te neem. Hy het die naam verander na Protection Management Service. Finansies is verskaf deur Wisdom Finance. Die toerusting was baie gesofistikeerde apparaat. Sy kliente was Nasionale Intelligensie, Militêre teeninligting en die veiligheidspolisie. Hy het Buffham drie maal besoek. Hy sou goedere van hom aankoop. Hy wou die alleenverspreider word. Alhoewel hy baie PADS kables wat eintlik mikrofoontjies is verkoop het was die projek nie 'n sukses nie, veral omdat Buffham se ware te duur was. Buffham was een maal in die land. Die beskuldigde het hom gevra om na die lughawe te gaan en om te sien na hom. Hy was origens betrokke by die afbestuur van RTO deurdat hy die honde oorgeneem het, in 'n maatskappy SA Working Dogs, en geleidelik bemark het. Hy het toegegee dat die boeke deur Pierre Theron geoudit is en dat dit frontmaatskappye was

[1923] Rudolph Louw was verbonde aan die SAW. Hy was betrokke by chemiese oorlogvoering en by projek Academic. Dit is befonds uit die standaard weermagbegroting. Hy kon dit met gen. Knobel of die beskuldigde, wat sy mentor was, bespreek het. Hy verwys na 'n lys van uitrusting(RL2) wat op 5 Oktober 1989 deur die leër hanteer is en waarop daar 'n aantal groen pakke voorkom. Dit was ingevoerde pakke wat met nutria pakke vervang is. Na April 1990 was daar 'n groot afskaling omdat CBO nie meer so 'n groot bedreiging was nie. Aan die einde van 1990 was daar 'n groot aanvraag na CBO produkte vanweë die konflik in Irak. Hy het YCVM en Intramex geken. Van Remoortere het hom meegedeel dat pakke uitgevoer gaan word maar hyself het nie daarmee te doen gehad nie. Hy was betrokke by baie aankope van CBO uitrusting vir die leër. Hy weet niks van die RITS rekening nie. Hy was betrokke by die verkryging van CR en weet dat daar pirotegniese toetse by Swartklip gedoen is. Die CR is in Courtstraat gestoor. Hy het afgelei dat dit by Delta G vervaarig is. Hulle het 17 ton teen R300 per kilogram aangekoop. Hy het nie geweet dat Delta G dit

verkoop het aan Intramex teen R1 000 per kilogram nie en die vervoerkoste betaal het nie. As hy geweet het dat Intramex reeds vir YCVM vir klere betaal het sou hy dit nie weer bestel het nie. Hy het 705 pakke beskermende klerasie aangekoop omdat daar beperkings in die beskikbare fondse was. Dit was nie vir Unita nie maar vir eie magte. Brian Davey het opleiding oor CBO klere gegee en van die klere wat hulle saamgevat het gebruik. Hy dink dit was nodig want dit is nogal gekompliseerd. Hulle is met die Kingair na Rundtu. Daar is 'n Duitse massaspektrometer gekoop omdat daar fondse in die verdedigingsnavorsingsbegroting was.

[1924] Hy het die behoeftebepaling vir die leër gedoen. Hy het uitgevind wat benodig word en wat beskikbaar is en het dan terugrapporteer. Dan is besluit of aangekoop sal word. Indien aangekoop is moes hy die lewering kontroleer. Hy het nie geweet waar die CR vandaan kom nie. Hy het vir Intramex betaal en geweet hoe lyk die fabriek van YCVM. Daar is wel groen pakke in die land vervaardig. Hy weet nie wat by Intramex gebeur nie. Hy bevestig dat daar batterye vir CAM's vir die leër aangekoop is. Hy gee toe dat die beskermende klerasie wat op bewysstuk 65.152 voorkom groen pakke was. Hy het gedink dat dit vir die Suid Afrikaanse soldate was wat saam met die Unita soldate geveg het, omdat die Unita soldate groen uniforms gedra het.

[1925] 'n Hele aantal getuies was betrokke by operasies Modulêr, Hooper en Packer. Hulle het getuig dat hulle nie toe beskermende klerasie op die grens waargeneem het nie. Hulle is geroep om 'n stelling wat gen. Knobel in hoofgetuienis gemaak het nl. dat beskermende klerasie tydens die operasies beskikbaar gestel is aan eie magte en aan Unita, te weerlê. Dit is nie werklik nodig om elkeen van die getuies se getuienis te behandel nie.

[1926] Die beskuldigde het in 1973 gekwalifiseer as dokter en in 1974 sy huisdokterjaar gedoen. Hy het in 1975 sy diensplig begin doen en die SAW het sy nagraadse studies betaal sodat hy in 1977 begin spesialiseer het in interne geneeskunde. Hy was toe 'n kliniese assistent. Hy is vir kort rukkie in geïdentifiseerde probleem gebied gebruik. Hy was geïnteresserd in biochemie en het 'n M-graad in chemie gekry. Tydens sy opleiding was hy vir 'n dag in Zimbabwe om infeksie siektes te diagnoseer. Hy het dit gedoen en voorskrifte

gegee. Hy was ook in Iran om 'n te kyk of hy kan help oor 'n aartappel swamsiekte wat daar uitbreek het, omdat die enigste ander plek waar die swam te vinde is in die Koue Bokkeveld is. Hy het sy M.Sc gekry in April 1979 en sy M Med in April 1981. Hy was tot op daardie stadium slegs vir kort periodes in die operasionele gebied. Aan die begin van 1981 was hy vir 10 tot 12 weke op 'n junior stafdienskursus. Hy is toe gevra om betrokke te raak by 'n ondersoek na CBO en die moontlike vestiging van so 'n vermoë.

[1927] Hy is na Amerika en het daar inligting ingewin. Daarna is hy na Europa en het hy dit moeiliker gevind om inligting in te win. In Engeland was daar mense wat nie baie goed deur die regering vergoed is nie by wie inligting ingewin kon word. In Europa kon hy wel toegang kry deur front-organisasies wat deur die Russe geskep is, soos die Stockholm Internationaal Peace Reservation Institute.

[1928] By sy terugkeer het hy die inligting oorgedra aan HSAW, HSI, GG en die bevelvoerder spesmagte. Daar is besluit dat daar 'n bedreiging vanuit die Oosblok was. Kort daarna het hy opdrag gekry om die bevel oor te neem oor die mediese hulpverlening aan operasie Protea. Dit was ongeveer Augustus 1981 en hy en ander artse is na Oshievelo. Die voorbereiding was omtrent drie na vier weke en die oorlog self twee weke. Hy is toe oorgeplaas na spesmagte se hoofkantoor (op daardie stadium Speskop) en wat later 7 Medies geword het is daar begin. Hy het vir sersant- majoor Jimmy May as sy handlanger gekies. Hy het mediese steun aan gevegseenhede gekoördineer. Gen. Loots het hom verwys na Johan Theron wat hom gewys het waartoe hy toegang het en waartoe nie. Hy het kantore by Speskop gehad tot in 1993. Hy het ook 'n projekkantoor gehad, 'n kantoor by militerê inligting en een by die polisie.

[1929] Navorsing oor dodelike middels, wat die eerste vorm van CBO is, was nie werklik nodig nie, want dit is gedokumenteer. Dit sou waarskynlik ook nie aangewend word nie en daar moes slegs beskerming daarteen in die vorm van klerasie en maskers verkry word. Wat inkapasitante aanbetref is die idee dat dit vyandelike troepe so affekteer dat hulle nie behoorlik kan funksioneer nie en bv en onbewus is daarvan, of beangs raak of psigoties raak en 'n bedreiging vir hulle makkers word. As 30% so geaffekteer is word geglo dat die vyandelike mag geïnkapasiteer is. Die irriteermiddels irriteer die sintuie. Die slagoffer is bewus

daarvan maar is dalk verplig om homself vanaf die gevegsterrein te verwyder. Chemiese middels kan kineties versprei word, soos deur wind en water of dmv wapens. Biologiese middels werk in op organismes en maak mense siek. Wanneer daar egter 'n rookwolk bokant jou troepe losgelaat word kan dit mostertgas wees en moet jy vinnig bepaal wat dit is, want dit kan mostertgas of enige inkapasitant wees.. Die vyand het egter 'n voorsprong op jou en om die speelveld gelyk te maak moet jy in staat wees om ook 'n rookwolk oor die vyand los te laat om hulle te laat werk daaraan om hulle te beveilig. Dit is defensiewe aanwending van bv. 'n inkapasiteermiddel. Daar is drie maniere om middels te versprei. Dit kan in 'n bom geplaas word en so versprei word, of dit kan deur 'n aerosol versprei word deurdat die middel pirotegnies aan 'n rook vasgeheg word en deur die rook versprei word. Dit kan ook versprei word deur 'n stof in klein partikels te verdeel en die chemiese stof, soos bv mostertgas daaraan te heg. Anders as by die gewone toediening van mostertgas sal daar nie brandwonde wees nie. Soos wat in Irak gebeur het sal daar 'n groot klomp mense dood wees en 'n ondersoek sal aantoon dat die dood deur die mostertgas veroorsaak is.

[1930] Krygkor was nie bereid om deel te hê aan die CBO projek nie. Hulle sou egter die weermag steun by die verkryging van CBO toerusting. Coast is toe formeel met ministeriële goedkeuring gestig vroeg in 1982. Op sy aandrang is op hoë vlak bestuur besluit. Hy het begin om Delta G tot stand te bring deur sleutelpersone te identifiseer en in diens te neem, nadat sekerheidsklarings gedoen is. Dit was mense soos dr. Willie Basson, Gerrie Rahl en Barry Pithey. Administratiewe personeel is ook gewerf soos Ben van der Berg en Andre Redelinghuys. Hulle het gewerk in 'n huis in Brecherstraat. Gedurende 1982/83 is beplanning gedoen en is hy oorsee om verkrygings te doen. Hy is nie beperk nie omdat daar 'n wesenlike bedreiging was. Daar is drie laboratoria by Speskop beskikbaar gestel. Hy kon van enige metode gebruik maak om inligting en toerusting te verkry.

[1931] Die middels moes by Delta G vervaardig word. Die kon egter nie daar verwapen word nie. Die sintetisering moes van die begin af geskied. Alhoewel die substansie alreeds deur die Amerikaners vervaardig is kon hulle waninligting versprei en deur bloot hulle resepte te gebruik kon waardelose stowwe vervaardig word. Daar is eers met irriteermiddels begin. Die navorsers sou agterkom as daar fout kom. As

met reuklose kleurlose smaaklose gevaarlike middels gewerk word kon dit tot 'n ramp lei. Die labotatoria by Speskop het te klein geword. Delta G is na 'n analitiese laboratorium by Val de Grace en aan die einde van 1985 is die gebou by Midrand voltooi. Kort na Delta G het RNL gevolg. Daar sou te veel wetenskaplikes op een plek wees as dit net Delta G sou wees. Hy het dr. Goosen en ander sleutel personeel is ook geïdentifiseer. RNL het in Sinoville begin en 'n maatskappy Interlab. gestig. By RNL is die middels wat by Delta G ontwikkel is getoets. Daar is navorsing gedoen vir teenmiddels en behandeling en daar is genetiese ingenieurswerk gedoen. Die genetiese samestelling van bakterieë en virusse is so verander dat waar dit vroeër nie 'n siekte sou veroorsaak nie dit wel 'n siekte sou veroorsaak, wat boonop nie vatbaar is vir normale behandeling nie. Dit is geplaas by RTO omdat teling daar gedoen is en genetiese deskundiges nie daar sou aandag trek nie.

[1932] Daar was nie amptelike wisselwerking tussen Delta G en RNL nie maar dr Immelman is toegelaat om of saam met die beskuldigde of dr. Swanepoel met die personeel van Delta G samesprekings te hê. Hy het dikwels, wat chemiese ontwikkeling aanbetref, identiese opdragte aan beide instansies gegee. Hy het resultate vergelyk en die instansie met die swakste resultate reggehelp. Die doel van die navorsing was om 'n effektiewe defensiewe stelsel te vestig om die troepe te beskerm. Hy het ook 'n tipiese weermag gebruik gevolg deur bv vir Delta G opdrag te gee om 'n plan te prakseer om 'n persoon met 'n substans om die lewe te bring en dan vir RNL opdrag te gee om die persoon teen so 'n aanval te verdedig. Dit is die rooi span en die blou span idee. Wanneer die twee planne vergelyk word kom die beste beplanning tot stand. Daar is ook met produkte oorlogspeletjies gespeel deurdag getoets is, in veldomstandighede, hoe effektief die middel is. Daar is bv. gekyk of gif in sjokolade nie die sjokolade laat verkleur nie. Meeste van die wetenskaplikes kon 'n wanpersepsie gehad het.

[1933] Wat frontmaatskappye aanbetref was daar die volledige front soos Delta G en RNL wat in geheel deur die staat befonds is maar wat baie moeilik was om af te wentel. Daar was gedeeltelike fronte waar die eienaarskap in die individue vestig maar die aktiwiteite 90% van die staat kom soos Organochem en Technotek. Daar was egter ook onbewuste fronte waar privaatmaatskappye gebruik of misbruik is. Dan was

daar gekaapte fronte waar daar aanvanklik finansiële hulp benodig is en verleen is en die maatskappy geswaai word. Daar is dan geen terugvoer na die oorspronklike voorsiener van die geld nie. 'n Frontmaatskappy kan nie koste effektief wees nie. Daar kan geleentheidskoste wees wat betaal moet word sonder enige generering van inkomste. Daar word bv 'n maatskappy in 'n buurland geskep wat gebruik sal word om inligting in te win oor vyande van die staat. Baie geld word daaraan spandeer. As die mense wegtrek was die hele poging abortief. Boonop moet daar nog geld aan die afwenteling ook spandeer word. In die geval van Delta G is R30 miljoen spandeer in die verwagting dat iets nuuts geskep gaan word. Die afwenteling was ook duur. Daar is komplikasies as daar 'n nuwe staatshoof, weermagshoof of direkteur van buitelandse sake aan bewind kom. Die posisie is erger as by 'n monopolie omdat daar nie alleen net een verskaffer is nie maar ook net een moontlike koper. Wanneer jou kind deur 'n slang gepik is, sal jy enigiets betaal aan die een wat serum het. Daar was bv 'n transaksie waar antitenk missiele aangekoop is. Die transaksie was feitlik beklank toe vereis is dat R60 miljoen se RPG buise aangekoop moes word. Suid Afrika kon toe die buise self vervaardig en selfs uitvoer. In die geheel gesien is dit besluit dat die transaksie moes deurgaan en die buise is dus tog maar aangekoop.

[1934] Die projek is op hoë vlak bestuur. Lede van die KBK was HSAW, GG, HSI en HSF. Daar moes maandeliks vergaderings plaasvind. Die bestuur was egter besige mense en daar is besluit dat drie 'n kworum sou wees. Daar was voorsiening vir gekoöpteerde lede, soos wat nodig was soos bv die hoof van die leër, lugmag of vloot. Koöptering sou bv nodig wees in die geval waar die leër die CR mortiere gemaak uit Brasiliaanse staal benodig het. Notules is gehou en hyself was ook daarby betrokke. Die generaals het mekaar egter dikwels gesien en inligting uitgeruil. Hy is bv gebel en gevra om 'n punt op 'n volgende agenda te plaas. Hy was hoof van die tegniese werke komitee en het met die bestuurders van fronte saamgewerk. Hulle het nie noodwendig geweet dat hulle op so 'n komitee is nie. Die genie- korps het insette gelewer op tegniese werkekomitee. Van Remoortere het 'n voorlegging aan die KBK gemaak. Hy het nie besef dat hy met die KBK praat nie. Die wetenskaplikes het geweet van gen. Knobel en het hom geken en het toegang tot hom gehad. Daar was 'n sekerheidswerkgroep wat uit homself, die hoof van teeninligting en

sekerheidsoffisiere bestaan het. Dit het gegaan oor meeluister apparaat wat gebruik is by telefone van fronte.

[1935] As bevelvoerder van 7 Medies het hy baie met gen. Liebenberg te doen gekry. Hy was betrokke as hoof van spesiale magte, hoof van die leer en HSAW. Hy het die KBK as sy eie komitee hanteer. Hy het direkte opdragte van gen. Liebenberg gekry. Daar was 'n geval van 120mm mortiere waar hulle nie geweet het watter "fuses" gebruik sou word nie en die geval waar die projek toerusting aan die weermag verkoop is, ten einde fondse in die projek te kry wat vir ander doeleindes aangewend kon word. 'n Ander so 'n opdrag was die speelgoed van gen. Liebenberg, die skroewedraaiers en ander apparaat.

[1936] Hy het aanvanklik vir Mole ontmoet. Hy het nood-voertuie en radio-uitrusting nodig vir Delta G. Mole het dit verkoop. Mijburgh het dit aangekoop en Bothma het dit tegnies aangewend. Mole was betrokke by sanksieverbreking in Zimbabwe. Hy het hulle met visitekaartjies gehelp. Gedurende 1986 het die SAP af luisterapparaat wat met laser werk gesoek. Mole het gereël vir 'n vergadering in Duitsland. Die beskuldigde was in die laser geïnteresseerd. Daarna het hy hom goed leer ken. Mole het kantoorfasiliteite beskikbaar gestel. Die chemiese mafia wou geld gewas gekry het en omdat hy bekend was as 'n sanksieverbreker, smokkelaar en sakeman, het hulle hom gevra of hy hulle met die was van geld sou help en hy het aangedui dat hy sou. Hy het dit tentatief uitgeklaar met gen. Nieuwoudt en andere. Hy is terug na Engeland en het sy probleem aan Mole verduidelik. Daar was drie groepe betrokke naamlik Libiërs, Russe en Oos-Duitsers. Mole het gereken dat die enigste persoon wat dit sou kon organiseer Webster was. Hulle het hom op die Kaaiman eilande gaan sien. Webster het 'n basiese konsep voorgestel en hulle is na prokureurs. Webster het gesê dat daar goeie koördinasie en goeie dekstories moes wees. Hy het hom nie gesê dat hy aan die SAW verbonde was nie. Hy moes dit egter agtergekom het toe hy hom aan gen. Nieuwoudt voorgestel en en toe hy die bevorderingsparty bygewoon het. Daar is in Suid Afrika besluit om die skema te skaak. Dit was moeilik om Delta G en RNL te verduidelik dit kon 'n beeld van buitelandse belange daarin skep en dit kon ter bevordering van die projek gebruik word. Gen Nieuwoudt het aan die Reserwe Bank te kenne gegee van die WPW groep van maatskappye.

[1937] Die wetenskaplikes is moeilike mense om mee saam te werk. Hulle neem kollegas se idees oor sonder om erkenning te gee. Hulle bestuursvaardighede is nie goed nie. So het dr. Willie Basson byvoorbeeld kant gekies. Die direksie het die GG gevra om dr. Basson af te dank. Alhoewel Mijburgh 'n mediese dokter was was hy ook besig met 'n B Com en betrokke by Infladel met die administrasie van Delta G en RNL. Die KBK het toe besluit om hom as besturende direkteur van Delta G aan te stel. Daar was ook probleme met Goosen by RNL en hy is oorgeskuif na RTO. Swanepoel is toe aangestel as besturende direkteur.

[1938] Gedurende 1985 het hy sy stafdienskursus gedoen. Hy moes inwoon in Voortekkerhoogte. Daar was slegs 'n breek van twee weke. Dit was nie moontlik om weg te bly van die kursus. RNL en Delta G het gekonsolideer. Hulle het middels gehad maar nie wapens nie. Hy is in 1986 na die genie-korps waar hy kursusse oor aammunisie en ammunisie opruiming gedoen het. Omdat Intramex en Organochem die CR by Delta G gekoop het het dit by Swartklip uitgekom asof dit ingevoer is. Swartklipkon volgens 'n ou resep rook maak. CS (die vorige generasie traangas) is daarmee verbind. Hy en gen. Neethling het daarna gekyk, die formule effens aangepas en toe die CR daarmee verbind. Daar is weer klein aanpassings gemaak maar op die ou end is projektele so gemaak. Dit is een keer operasioneel gebruik, tydens Modulêr, Hooper of Packer toe die soldate deur mynvelde moes terugval. Daar is van Brasiliaanse staal gebruik gemaak en die wapens was nie terugspoorbaar nie.

[1939] Infladel is geskep om finansiering van Delta G en RNL te koördineer. Van der Berg en later Viljoen was daarby betrokke. Mijburgh is ook betrek en hy het vir Lourens aangewys. Ook ander 7 Mediese lede is betrek. Intramex is geskep as 'n front vir die SAW. Dit moes die CR aankoop en is ook gebruik by die aankoop van die beskermende klerasie vanaf YCVM. Tot op daardie stadium was daar geen meganisme vir buitelandse aankope nie. Dit het kontant geskied of met behulp van skakelpersone van die SAP. Gedurende 1986 het duidelik geword dat wapens gemaak sou moes word. Daar was egter nie 'n vermoë om pirotegniese wapens te maak nie. Hy het egter al vir Blucher en sy chemiese Mafia ontmoet. Daar was aanduidings dat

Angola 'n toetsterrein sou wees. Hy het baie mense ontmoet, o a vir Marsk, Seynaeve, Dreier, 'n Noord Koreaan, Chong, 'n Oostenrykse dokter, Razzak en Italianers. Hy het vir Buffham en Pura deur Dreier ontmoet. Hy het ook vir Heyndrycx ontmoet alhoewel hy nie deel van daardie groep was nie. Dr. Chu het hy by 1988/89 ontmoet toe Dreier hom gevra het om te help met die inbring van \$250 miljoen in die Weste in. Hy het geglo dat dit geld is was uit die Oos-blok gekom het. Hy het ook vir Jacomet aan die einde van 1986 ontmoet.

[1940] Die prinsipale wou 'n navorsingsfasiliteit in 'n neutrale land skep. Webster het voorgestel dat daar 'n Europese arm van die groep moes wees. Dreier wou fasiliteite in Luxembourg hê. Seynaeve het hom vertel van van Remoortere. Van Remoortere was bereid om betrokke te raak en het hom aan Zimmer voorgestel. Luft is gestig vir die prinsipale en Charburn vir die projek. Hy is terug na Suid Afrika en die opset is goedgekeur. Hy het toe ook van van Remoortere se rekening gebruik gemaak. Luft is geopen met die prinsipale se geld. Die eerste miljoen frank was hulle s'n. Hulle het ook ander geld beskikbaar gemaak vanaf die Arzi bank en BHF. Hulle het aankope gemaak nl. die huis in Lynwoodrif, die beleggings in SRD en Aeromed en die aankoop van Pear Tree House.

[1941] Vir verwapening was 'n pirotegniese laboratorium 'n vereiste. Alles wat met wapens te doen gehad het was onmoontlik om in die ope mark te kry weens sanksies. Dreier het hom verwys na 'n tegniese persoon in Leipzig. Hy het ook met Buffham oor ammunisie gepraat. Die ontwerp van die laboratorium was klaar by einde 1987. Hy het geweet dat hy meeste van die toerusting van Dreier sou kon kry. Daar is besluit dat dit by Speskop geplaas moes word. As gevolg van 'n brand wat ontstaan het toe daar nog met CR gewerk is het die bevelvoerde aangedring op 'n behoorlike plofalarmstelsel. Dit sou net een aankoop gewees het maar die plofalarms was eerste gereed en die ingenieur wat dit ontwerp het wou sy geld hê. Dit is vroeër betaal. Daar was kaste en generators in die laboratorium. 'n Gedeelte het uit Oos-Duitsland gekom, 'n gedeelte uit Engeland en daar was ook glas uit Rusland. Dit was by einde 1987 gereed en by 'n neutrale opslagplek gestoor. Toe hy tevrede was dat die toerusting daar was is dit betaal en die toerusting is na Suid Afrika vervoer deur Mole en deur Krygkor in ontvangs geneem.

[1942] Anders as pirolitiese toetse, wat te doen het met die studie van 'n chemiese substans, het pirotegniese toetse te doen met resepte wat sal veroorsaak dat rook na tyd sal ontstaan en vir 'n tydperk sal duur. Laktose en kaolin word gebruik. Die PM44 wat by Swartklip gebruik is bevat kaliumperchloraat. Dit is nie moontlik om dit met baxil of BZ te laat verbind nie. Wanneer 'n resep ontwikkel is in 'n pirotegniese laboratorium word dit vir Swartklip gegee om te verwapen. Hulle doen toetse wat jy met jou oog waarneem en met 'n stophorlosie. Die laboratoria wat eers deur Delta G by Speskop gebruik is is vanaf 1986 gereed gemaak vir die pirotegniese laboratorium en later ook vir die peptiedsintetiseerder. Gedurende 1993 het hy opdrag gekry om dit te ontruim. Die peptiedsintetiseerder was reeds verruil en dit was maklik om daardie laboratorium te ontruim. Die pirotegniese laboratorium moes stuk vir stuk uitmekaar gehaal word en aan 'n skriithandelaar verkoop word.

[1943] Fondse van ander weermagdele is ook deur die rekenings gekanaliseer. Betaling het nie geskied voordat hy nie beheer oor die uitrusting gehad het nie. Die fondse was eers in 'n fondsrekening in die RSA. Dit is dan oorgeplaas na die Barcelona rekening of na Medchem Forchungs en betaal aan die verskaffers. Hy het opdragte aan Zimmer gegee en hy het 'n mate van bewegingsvryheid van die prinsipale gehad. Daar was ook verskaffings wat nie deur die prinsipale geskied het nie, soos die betaling aan Heyndrycx vir die reis ens. en sommige van die betalings aan Buffham. Buffham was 'n vrederegter wat dokumente kon waarmerk. Hy het vir spesmagte operateurs geboortesertifikate gewaarmerk. Dit het hulle in staat gestel om paspoorte te kry. Hy het ook op eie stoom vir hulle elektroniese apparaat laat kry. Die oorplasing is gemaak as "venture capital". Buffham moes egter ook die ware situasie faktureer wat dan vir oudit doeleindes voorgelê is.

[1944] Hy stem met van Remoortere saam dat sanksieontduiking 'n leuen is en dat dokumente as 'n rookskerm gegenereer moes word. Elemente van 'n dokument kan waar wees maar dit kan deel wees van 'n reeks dokumente waarvan die ander nie beskikbaar is nie. 'n Paar paragrawe in een dokument kan die werklike posisie uit verband ruk. Die dokumente voor die hof is 'n klein gedeelte van al die dokumente. Hy het vir Webster gevra "to do your usual thing". Dan het Webster dokumente die lig laat sien. Zimmer kon

state wat nie klop nie baie gou laat klop. Chu kon enige chemiese middel kry. Van Remoortere het vir Zimmer vertrou. As daar dokumente is wat aandui dat hy die WPW groep beheer is dit in ooreenstemming met wat voorgegee is. Dit het hom bewegingsvryheid gegee. Aanvanklik was sy skrywes meer versigtig bewoord, deur te verwys na "our colleagues in Europe" maar later het hy meer vertrou gekry en die maatskappye beheer asof dit syne was.

[1945] Zimmer, van Remoortere, Chu en Webster het almal baie goed geweet waarmee hulle besig was. Die Medchem Forchungs/Blackdale ooreenkoms was duidelik 'n skyndokument. Die banke het van sulke dokumente gehou. Hy het die vryheid van die prinsipale gehad om die fondse te hanteer maar in sommige omstandighede kon Zimmer en Webster self met die fondse handel. Dit was Zimmer se eie idee om die geld wat wel van Kroasië teruggekom het deur ses rekenings te skuif om uiteindelik by Truter uit te kom. Zimmer is goed betaal. Hy het 'n maandelikse retensiefooi gekry en boonop kommissie en dit was aangemerkt as 'n uitgawe van die projek. As Zimmer hom vir 'n skyndokument gevra het, het hy dit geteken. Dit was vir die projek belangrik dat medewerkers en dus die projek self beskerm word. Die KBK het dit inderdaad tot in 1995 gedoen. Daar was 'n notule wat aandui dat sekere inligting nie aan die minister van buitelandse sake geopenbaar moes word nie en selfs in F1.68 het gen. Knobel aangedui dat sekere inligting te sensitief is om te openbaar. Hy het nie 'n belang gehad in 'n WPW maatskappy nie en het ook nie 'n voordeel daaruit ontvang nie. Hy het nie 'n salaris van die prinsipale ontvang nie maar is vir sy uitgawes vergoed.

[1946] Die cottage is as 'n "safe house" gekoop. Die prinsipale was 'n proses wat ontwikkel het. Hulle was die geldverskaffers. Dit was mense soos Dreier, Pura, Verobioff en Razzak. Vanaf omtrent 1990 het Razzak die aangeleentheid beheer. Die SAW het egter later die operasionele prinsipale geword. Die cottage en die woonstelle in België en die vliegtuie is met die prinsipale se geld gekoop omdat hulle 'n behoefte daar aan gehad het maar dit is ook benodig en gebruik deur die SAW omdat hulle 'n behoefte daaraan gehad het. As die prinsipale nie in SRD belê het nie sou die SAW dit in ieder geval moes gedoen het. Die vliegtuie was nodig vir die invoer van die chemikalieë en die vervoer van bv Savimbi.

[1947] Razzak het hom gedurende 1988 aan Murgham voorgestel. Razzak het die RSA deur die Transkei binnegekom. Hy het die indruk gehad dat Murgham tweede in bevel in die streek was. Hy het in Libië maar veral in Gerba vergaderings gehou omdat dit makliker was om in Gerba te kom as in Libië. Chu het 'n vliegtuig in Switserland gehuur en hulle is daarmee na Gerba..

[1948] Alhoewel hy nie kan onthou nie ontken hy nie dat hy A1 ontvang het nie. Dit sou hom nie ontstel het nie want die banke soek tog altyd 'n natuurlike persoon. A3-A6 lyk vir hom na Webster se "usual thing". Hy meen dat hy A10 -A19 opgestel het om vir Webster volledige inligting te gee oor die fronte as hy dit sou nodig kry. Wat A 19 aanbetref en die belang in MCI was dit duidelik misleiding maar was dit vir hom gerieflik want dit het aan hom toegang tot die chemiese wêreld gegee. Mijburgh kon Webster ook gebruik het om die skyn van 'n belangstellende buitelandse belegger te skep.

[1949] Die privatisering het begin met 'n herrangskikking van bates deurdat die besighede en vaste eiendom geskei is. Daarna het die kommersialisering geskied en dit is opgevolg met die privatisering. Daar was behoorlike voorligting aan al die betrokke instansies. Oorspronklik is die "put" opsies ingesit. Hyself was nie by die prysbepaling betrokke nie. Dit is gedoen deur Mijburg, Swanepoel, HSF en Wally van Heerden. Sy vriendskap met Mijburgh en Swanepoel was kollegiaal en Mijburgh se verwantskap met die minister, nie wie verwys is as "oompie" was alombekend.

[1950] Filiale van die WPW maatskappye is geskep soos wat daar behoeftes ontstaan het. Herlewing is gestig omdat Razzak 'n eiendom in Amerika wou hê. Luft was 'n Europese filiaal van WPW. Genavco is gestig vir die Libiërs wat vliegtuie wou koop. Biscara is in Engeland gestig. Dit is gebruik vir die invoer van elektroniese elemente. Dit is in CD spelers en TV's verpak en na Suid Afrika uitgevoer. Die CD spelers en TV's is herstel en verkoop. CSD is in opdrag van Dreier gestig. Hy is gevra om saam met Buffham 'n dekstorie uit te werk. Blackdale was 'n filiaal van Charburn. Blackdale is gebruik met die tegnologie oordrag. Dreier het ook versoek dat Medchem Forchungs gestig word. Chu het een of ander finansiële probleem

gehad en daar moes vir hom 'n opset geskep word waaruit hy kon opereer. Zimmer en van Remoortere het vanuit Swaziland kerse en diertjies uitgevoer en dit het eintlik die posisie vergemaklik.

[1951] Wanneer hy goedkeuring gekry het om fondse oor te betaal het hy dit gedoen. Daar was verskeie filiale in die RSA. SRD was die voorloper van Protechnik. Dit was defensiewe chemiese navorsing. Daar is toetse op Russiese en Israeliese maskers gedoen. Aeromed is met die prinsipale se geld gestig. Die Seneca, Kingair en Jetstar is gekoop. Die vliegtuie is gebruik en die projek het voordeel daaruit gekry. Dit was 'n finansiële fiasko. Toe die eerste moratorium die land inkom met die prinsipale se geld is daar besluit om dit deur een rekening te kanaliseer. Wisdom Finance se naam is toe verander na Profincor. Latere maatskappye is toe gestig met lenings vanaf Profincor. Dit was op die instruksies van die KBK en Theron. Wag-'n- Bietjie was 'n plaas wat aan de Jager behoort het. Waag-'n -Bietjie Boerdery is gestig en hulle wou daar boer. Hulle het gou besef dat dit nie kan werk nie en het onttrek en omdat die prinsipale ook in landbou wou belê het en die boerdery is toe voortgesit met Profincor se geld. Daar is swammewat dikkopsiekte veroorsaak wat in CBO gebruik word. Dit is ook makliker om plantmonsters die wêreld in te stuur en konferensies oor plantdoders by te woon. Merton was aanvanklik bedoel as 'n gastehuis. Dit het later verander na 'n ambassade. Hy het aanvanklik alles gekoördineer maar later het Bosch by hom oorgeneem. Alhoewel Bosch voorgestel het dat hy en sy vrou tydelik daar moet bly was dit nie vir haar aanvaarbaar nie en het hulle dit nie gedoen nie. Daar was 'n versteekte kroeg sodat dit vir 'n Moslemland steeds aanvaarbaar sou wees.

[1952] Aandeelhoudings het verander sonder betaling van geld. Aanvanklik het hy aangedui hoe dit daaruit moet sien maar soos wat Bosch, Swanepoel, Viljoen en Marlow op die toneel verksyn het en funksies oorgeneem het, het sy rol verminder. Hy moes egter aanhou sorg vir die sekerheid.

[1953] By CBO word navorsing op swaar metale gedoen maar ook op ferromone. Ferromone is chemiese sunstansie wat deur diere afgeskei word wat emosies te identifiseer soos ang, 'n wil om te vlug of 'n seksdrang. Dit kan dalk werk by skarebeheer. As mense bang word kan dit die kohesie breek. In die

dieretuin kon daar rustig navorsing oor ferromone gedoen word. Belangrike werk is te Stellenbosch gedoen. Swartklip het betaal met fondse vanaf Krygkor.

[1954] 'n Reisagentskap was aanvanklik 'n behoefte van die prinsipale maar die SAW het dit gekaap. Me Grant kon toer met kaartjies. Sy kon 'n kontantaankoop op 'n manier deur 'n kredietkaart werk en bonuspunte verdien. Hy onthou nie die superdeal nie maar vermoed dat Zimmer bevestiging vir finansiële inskrywings nodig gehad het vir die ouditeure se doeleindes. Hy ontken dat hy van Remoortere se suster enige geld geskuld het. Die huwelik met haar was om 'n paspoort te kry. Die SA regering was hom behulpsaam met 'n ander identiteitsnommer en 'n belastingaanslag wat hom nie as 'n gesalarieerde aangedui het nie. Webster het gen. Nieuwoudt ontmoet omdat hy 'n senior persoon wou ontmoet en het ook die operasionele gebied besoek. Mole was saam.

[1955] Hy sê dat hy met sy Belgiese paspoort dmv Heyndrycx na Iran is. Hy is saam as deel van 'n groep VN waarnemers. Hy het sy kaartjies by me Wouters gekry. Waar die Iranese wapentuig ten toon gestel is het hy 'n veiligheidspolisieman ene Hashemi ontmoet. Hy het vir ander bomskerwe gevra omdat hy vermoed het datdie skerwe wat hy aanvanklik ontvang het vir propaganda doeleindes met mostertgas gesmeer is. Hulle het verneem dat die Irakese die Kurde aanval enhy, Hashemi en 'n Duitser is toe na Valapjar. Hulle het die aanval waargeneem en foto's geneem. Daar was sianied in die bom. Die foto's is gebruik by 'n inligtingsles. Hashemi was die seun van die ander Hashemi wat by die Tagell transaksie betrokke was.

[1956] Oor aanklagte 3 en 4 getuig hy dat daar reeds by 1987 aantygings was van chemiese aanvalle teen Unita. Coast was al 'n entjie gevorder maar het nog nie toerusting gehad nie. Daar was 'n vergadering in Windhoek en daar is besluit dat deteksieapparaat inderhaas verkry moet word en dat daar gepoog moet word om skenkings vir Unita te kry. CAM's en nat deteksie sakke was nodig. Daar is besluit op 25 CAM's en 150 nat deteksiesakke. Hy het vir Marsk en Heyndrycx genader. Heyndrycx het vir die prinsipale gewerk. Hy is in kennis gestel dat die goedere beskikbaar is en het gereël vir betaling. Daar was 'n probleem met die eerste lewering. Die tweede stel het hy in Engeland by Buffham gekry. Die eerste lewering is in Luxembourg in 'n

vliegtuig gelaai en die tweede lewering is in TV's versteek. Die nat deteksie sakke is as "agricultural test kits" oorgestuurd. 12 van die stelle is saam met Corrie Meerholz na Unita.

[1957] Aanklag 6 het te doen by die probleme wat by "reverse engineering" van die CAM's teenwoordig was. Die elektriese stroombane het 'n probleem veroorsaak en blou drukke was baie nodig. Buffham het dit gekry. Oor aanklag 7 sê hy dat daar nuttige rekenaarware was wat 'n aanduiding sou gee hoe dreigend 'n loslating van chemiese substansie was. Dit sou baie nuttig wees en is deur Buffham aangeskaf. Hy kan nie spesifiek onthou waarvoor die £10 000 en £30 000 van aanklagte 8 en 9 betaal is nie. Dit moet of vir inligting of vir dokumente wees. Hy bevestig ook dat Patricia Leeson kontantgeld aan Buffham gegee het. Wat aanklag 10 aanbetref sê hy dat Mole die dienste gelewer het.

[1958] Hy het van Mole verneem dat Iran beskermende klerasie soek. Mole was bewus van SRD. Hy wou weet of die beskuldigde met die Iranese sou praat. Hy het met die jong Hashemi gepraat en behoeftes is geïdentifiseer. Hy het egter agter gekom dat hulle besig is met peptiednavorsing. Delta G was nie besig met die navorsing waarin hy belang gestel het nie. Dit is een van die belangrikste velde by CBO. Die militêre navorsing was die privaatsnavorsing by 15 jaar vooruit. Die veeartse wasook al ver gevorderd. Mambatoksie was nuttig by hierdie navorsing. Hy het 'n gesofistikeerde apparaat wat 'n klomp peptiedes tegelyk kon maak en terselfdertyd kon voortgaan met 'n biochemiese proses in 'n vat benodig en dit kon verskaf word. Betaling moes egter verdoesel word. Mole het hom vertel dat met Webster se hulp so 'n betaling by 'n geleentheid as 'n prestasieverband ingeklee is. Hy sou nie self 'n rol by die lewering van die klere speel nie. Hy het vir Zimmer en van Remoortere aan die mense voorgestel en Webster gekry om hulle te adviseer. Die prestasieverband is so ingeklee dat betaling onmiddellik kon geskied. Die sintetiseerder kon nie gelewer word nie. Van die betrokkenes het geld in Iran verduister en is teruggeroep en tereggestel. Deur middel van ene Wildman kon hy egter "probes" kry en \$325 000 van die \$3,2 miljoen vir die prestasieverband is daarvoor betaal. Hy het ook thymus peptied deur die russe gevind. Hy het 500gr deur die prinsipale aangekoop en CHF450 000 oorgeplaas na Chu. Die balans van die \$3,2 miljoen is terugroeteer na die projek.

[1959] Aanklag 14 het te doene met die SAW geld wat deur die buiteland geroteer is. Die deks storie was skynnooreenkomste tussen Blackdale en Medchem Forchungs. Hy het dit met Zimmer en Chu bespreek. Die R12 miljoen is in Chu se rekening gedeponeer en toe oorgeplaas na Medchem Forchungs. Aanvanklik sou Medchem in gelyke paaie mente betaal word maar later is die gekoppel aan prestasie. Daar was nie net een kontrak met Delta G nie want die oorbetalings sou oor drie jaar geskied het. Hy was steeds besig met die aankoop van 'n peptiedsintetiseerder. Die \$3,2 was terug in die projek maar daar was 'n tekort aan fondse. Hy het met Mijburgh uitgeklaar dat 'n tydelike lening deur die projek by homself nie vir Delta G kan benadeel nie. Hy het goedkeuring gekry en die projekfondse beswaar vir die aankoop van die Jetstar. Die beswaring is afgelos toe die peptiedsintetiseerder se geld oorbetal is. Oor aanklag 15 is dit sy getuie nis dat hy nooit agtergekom het dat die \$154 338 uit Chu se rekening betaal is nie. Hy weet egter dat dit terugbetaal is met rente. Hy was nie self daarby betrokke nie. Die peptiedsintetiseerder is in Speskop geinstalleer en 'n Bulgaar en 'n Engelsman was behulpsaam met die navorsing. Die Bulgaar het in Sunnyside gebly. Die apparaat moes twee maal teruggaan na Europa. Die sintetiseerder is vir ongeveer twee jaar gebruik en toe dmv Jacomet geruil vir 500gr metekoloon. Die substans wat in 1986 vervaardig was, was toe op en daar was 'n verdere ton benodig. Die R130 000 van aanklag 17 het te doen met prostaglandien, nie prostaglandien E1 soos Chu getuig het nie maar 'n prostaglandien wat die Duitsers ontwikkel het en wat help met die bloeddruk by toediening van inkapasitante. Dit is so dat hy en Chu vir 'n middag ge-eksperimenteer het by 'n x-straal masjien om elektroniese apparaat so te verpak dat dit nie by die lughawe waargeneem sou kon word nie.

[1960] Oor die trusts getuig hy dat die Ariestrust sy familietrust was wat geld by BRCI geleen het met die goedkeuring van die prinsipale en dit weer terugbetaal het. Hy was ontsteld toe die geld vir die lening van \$250 000 aangegee is deur Marlow-hulle as tegnologie verkope en het dit reggestel. Hy was nie betrokke by die herrangskikking van Bosch se gelde nie. Waterson trust het nooit geopereer nie en was nie betrokke by die lening tussen WPW en Aries trust nie. Dit was Webster se idee om fondse maklik te kon skuif vir die prinsipale.

[1961] Aanklagte 18 en 19 handel met die aankoop van die tweede 500gr metakoloon. Dit het duidelik geword dat die aankoop bespoedig sou moes word. Hy moes ook BZ aankoop. Hy het 4 000 kilogram

daarvan aangekoop en met die Jetstar gaan haal. Dit is gedoen deur die finansiële prisiipale. Die aankoop van die metakoloon sou uit Kroasië geskied. Hy het monsters geneem in Kroasië en nadat hy tevrede was met die kwaliteit is dit vervoer na 'n stoor tot in Basel vanwaar dit per Jetstar vervoer is na die RSA. Dit het in Desember 1992 in die Republiek aangekom en op 7 Januarie 1993 is opdrag gegee dat dit vernietig moes word. Die bestaan van die CR moes ontken word. Alle offensiewe wapens moes vernietig word en die kannetjies en wapens moes uitmekaar gehaal word. Hy verwys na par. 3 van WB1 waarin die opdrag is dat die offensiewe chemiese vermoë ontken moet word todat die projek afgehandel is. By die vergadering was generaals Liebenberg, Knobel, Hamman en Verbeeck, admiraals Malherbe en Murray, brigadier Sonnekus en die beskuldigde, mnr van Heerden en kol Steyn. Die datum van die vergadering was 31 Maart 1993. Hy verwys ook na 'n KBK notule van 9 Januarie 1995 waarin dit vermeld word dat dit nog nie nodig is om aan die proliferasieraad aan te dui wat die SAW se chemiese vermoë is nie. HY bevestig dat hy betrokke was by die vernietiging van die substansie en dat mnr. H dit wargeneem het en 'n sertifikaat uitgereik het.

[1962] Die betaling was 'n gesamentlik Suid Afrikaanse en Switserse transaksie. Daar sou 'n waarborg wees in 'n rekening in Switserland en betaling sou geskied wanneer gesertifiseer was dat dit kon geskied. Coast moes die bedrag beskikbaar stel en onder beheer van die Switsers laat. Daarna het Jacomet die beskuldigde meegedeel dat die verskillende partye van die verskaffer in Switserland betaal wil word. Die verteenwoordigers was teenwoordig. Hy het Jacomet vertrou. Hy het toestemming van generaals Liebenberg en Knobel gekry vir 'n verdere oorplasing na Zagreb. Die geld is oorgeplaas na Blackdale en vandaar na Truter wat dit oorgeplaas het na 'n rekening van Jacomet in Zagreb. Toe hy tevrede was met die kwaliteit het hy opdrag gegee aan Jacomet om die verskaffers te betaal en hy het 'n volmag aan hom gegee om te reël dat die waarborgbedrag loskom en gerepatrieer word. By die einde van Desember was daar nog net \$900 000 terug in die Republiek. Hy het aan die KBK gerapporteer. Jacomet het vir hom om die bos gelei. Hy het geglo die \$900 000 kom uit die waarborgrekening. Hy het eers na Bruwer se ondersoek gesien dit kom uit die Zagreb rekening. Hy is teruggestuur Europa toe om die \$1,5 miljoen te gaan soek. Deur Thompson het hy in besit gekom van Vatikaan toonderstukke (Banco di Napoli bonds) bonds wat hy wou gebruik as 'n hefboom om die \$1,5 miljoen terug te kry. Die voorwendsel waarvoor die uitbetaling moes geskied was vir die

gholfbaan in België. Jacomet het hom na die bank gestuur en toe hy terugkom by Jacomet se kantoor is hy gearrester. Hy is later vrygelaat maar het toegestem dat die waarborg bedrag gebruik word om die laaste verskaffers te betaal. Hy het nie geweet dat die Banco di Napoli bonds vervals was nie. Na sy arres het hy teruggekom na Suid Afrika. Hy is egter weer terug na Europa. Aan die einde van die jaar is hy in Switzerland gearrester. Na omtrent 14 dae is CHF100 000 borg aan hom toegestaan wat deur die SAW betaal is. Truter is in Switzerland ondervra. Hyself is verder ondervra en aan die einde is die aanklag teen hom teruggetrek. Regli het op sy versoek na Suid Afrika gekom.

[1963] Hy het opdrag gekry om die projek verslae en derglike dokumente moes laat inskandeer en vernietig. Die vernietiging sou geskied in ooreenstemming met 'n brief wat van buitelandse sake gekom het. HY en Mijburgh het twee trommels by Immelman se huis gaan haal en na Data Image geneem sodat dit inskandeer en vernietig kon word. Hy het die dokumente nooit weer gesien nie. Daar was 'n misverstand by sy eerste borgeansoek. Hy het nie geweet dat Bosch reeds in 1993 'n aantal dokumente op versoek van sy vrou van sy huis geneem is nie. Data Image moes sertifiseer dat die dokumente vernietig is en het dit gedoen. Betaling het eers daarna geskied. Van die dokumente in die trommels kom van RNL, en van Delta G en ander kom uit sy kantoor. Hy het wel vir Bosch gevra vir stoorplek maar dit was toe hulle moes trek en hy plek gesoek het om goed te stoor. Op die ou end is sy goed by Midrand gestoor.

[1964] Die maandelik skenking van die beskermende klerasie aan Unita het vroeg in Modulêr, Hooper en Packer ter sprake gekom. Unita het gevra daarvoor. Daar is iets soos 9 000 tot 12 000 pakke aan Unita geskenk. Dit was nie genoeg nie want hulle het 50 000 soldate gehad. Hyself was nie betrokke by die verspreiding van pakke nie. Die leër was verantwoordelik vir die verspreiding. Daar was 'n skenking. Hy het Seynaeve saam met van Remoortere na Angola geneem om Savimbi te ontmoet. Laat in 1989 het Razzak laat weet dat hy wel pakke sal skenk. Die pakke is einde 1989 of vroeg in 1990 per see afgelewer en deur Krygkor vervoer. Dit is gestoor by Radio Uitkyk en in van Remoortere se deel van die Courtstraat stoor. Al die pakke is nie na Unita nie. Die steun aan Unita is tot 'n groot mate onttrek omdat o a dit nie meer maandelik was om deur Namibië te ry nie. Die chemiese bedreiging het ook afgeneem. Gen Liebenberg het hom opdrag

gegee om dit terug te gee aan die skenkers. Hy het dit aan Razzak genoem maar hy wou dit nie aanvaar nie. Intussen het van Remoortere navrae vir beskermende klerasie van oor die wêreld gehad. HSAW het hom later opdrag gegee om namens die skenkers daarvan ontslae te raak. Dit was nie 'n Coast of 'n SAW operasie nie. Die geld wat ge-in was was die prinsipale se geld. Hy is aangesê om dit in die WPW groep in te betaal. Hy het met HSAW uitgeklaar om die RITS rekening te gebruik. Die eerste gedeelte is in die RITS rekening en die tweede gedeelte na die buiteland. Hy is ook opdrag gegee dat die fondse nie met SAW fondse vermeng word nie. Hy was nie self by die verkoop betrokke nie. Hy het vir Viljoen opdrag gegee om vir van Remoortere en Zimmer te help. Die RITS rekening kon gebruik gewees het omdat Intramex toe alreeds aan Viljoen oorgedra gewees het.

[1965] Daar is 120mm mortiere met CR aan Savimbi verskaf. Dit is aan hom verskaf dat hy dit as 'n laaste uitweg kon gebruik om uit te kom as hy vasgekeer raak. Daar moes van nabyheidsbuisse gebruik gemaak word. 'n Bron is opgespoor van die Sjinese. Geld moes gevind word en daar is besluit om Coast se uitrusting te verskuif na SAGD. Dat nabyheidsbuisse gebruik sou word is gedokumenteer in 65.26, 65.27 en 65.28. Orffer het R1,8 miljoen te gou oorgeplaas. Die geld het eers later beskikbaar geword. Intussen het Orffer afgetree en was daar onduidelikheid. Zimmer het die geld ontvang maar nie rapporteer nie omdat hy vooraf ingelig is dat daar geld sou kom. Nadat Orffer verduidelik het is die geld via die Karko rekening terugbetaal. Hy ontken dat hy SAW pakke verkoop het. Van Remoortere het geweet wat die werklike posisiew was.

[1966] Die R50 000 hiervan wat aan A Versluis betaal is was ter vergoeding van die dienste wat sy aan die prinsipale gelewer het toe vier van hulle vir 'n maand en 'n half in haar huis gewoon het. Dit was 'n ooreengekome bedrag. Kontant onttrekkings was in opdrag van die prinsipale. Hy het een dag geld by Bosch getrek wat met 'n vliegtuig na Windhoek gestuur is. Hy het altyd geteken vir ontvangs van kontantgeld. Hy was nie bewus daarvan dat Viljoen Marlow en Erasmus se rekenings afgelos het nie. Hy was nie betrokke by die finansiering van die losie nie maar het wel vir sy gedeelte betaal. Dit was ses sitplekke. Hy het ook jaarliks vir die drank betaal. In Intramex was daar SAW fondse op 'n koste plus basis. Dit was nie Coast gelde nie.

Bespreking van die getuienis

Die Dwelmaanklagte:

[1967] Dit staan vas dat die beskuldigde op Woensdag 29 Januarie 1997 'n plastiese sak bevattende 1040 Ecstasy kapsules aan Wentzel oorhandig het en dat Wentzel 'n koevert bevattende R60 000 aan hom oorhandig het. Die vraag wat beantwoord moet word is of die beskuldigde dit aan Wentzel oorhandig het omdat hy besig was om hom te voorsien van dwelms soos wat Wentzel getuig het en of hy met 'n truuk deur Wentzel gevang is soos wat hy getuig het.

[1968] Alhoewel daar staving vir Wentzel se getuienis is, deur die polisiebeamptes wat by die lokval betrokke was, dat die beskuldigde die kapsules daar aangebring het en aan hom oorhandig het is dit nie werklik objektiewe staving vir Wentzel se weergawe nie. Dit is net soseer staving van die beskuldigde se weergawe dat Wentzel hom gevra het om die plastiese sak na die plek te bring. Dit kan dus geargumenteer word dat wat die beslissing van die kernvraag oor hierdie aspek aanbetref die staat se saak op die getuienis van Wentzel as 'n enkel getuie gebaseer is. Ek meen egter nie dat dit nodig is om die saak so te benader nie aangesien die waarskynlikhede oorweldigend is. Ek kan hier ook net meld dat die enigste rede waarom ek die beskuldigde nie ingevolge artikel 174 na die staatsaak ontslaan het nie was omdat die beskuldigde se weergawe bloot aan die getuies gestel was en hy nog nie getuig het nie.

[1969] Die belangrikste oorweging ten gunste van die staat is gewis die oorhandiging van die kapsules en die geld. Dit is weklikwaar moeilik om 'n onskuldige verduideliking te bedink. Die staat voer verder aan dat die woorde "one thousand" en "two thousand" wat Wentzel tydens die gesprek besigslegs maar kan slaan op die duisend kapsules wat op 29 Januarie ontvang is en die twee duisend kapsules wat Wentzel op 22 Januarie aan Scherf oorhandig het. Die staat voer verder aan dat dit uiters verdag is dat die beskuldigde voor die tyd

by Magnolia dal was en eers weer later na Wentzel daar opgedaag het en dat sy verduideliking vir daardie optrede van hom net nie water hou nie.

[1970] Aan die ander kant moet in gedagte gehou word, dat Wentzel reeds skuldig bevind is aan bedrog en dat hy doodeenvoudig die hasepad gekies het nadat hy in Amerika voorwaardelik vrygelaat is. Verder was sy finansiële posisie maar benard, volgens sy eie getuienis, en moes hy ten alle koste probeer om geld in te kry. Origens dui hy aan dat hy sy transaksies so wettig soos moontlik probeer hou.

[1971] Volgens sy getuienis staan dit vas dat hy die beskuldigde op 19 Januarie 1997 geskakel het en gevra het vir Ecstasy omdat hy tot op daardie stadium nie 'n bron gehad het wat hom van ecstasy kon voorsien nie. Die beskuldigde het hom toe meegedeel dat hy hom kan voorsien en het dan ook daarna eers die 100 kapsules, toe die 2018 kapsules en laastens die 1040 kapsules voorsien.

[1972] Dit maak die volgende optrede van Wentzel volgens die staatgetuies onbegryplik: Dit is verstaanbaar dat hy vir dr. Lourens nader vir die ecstasy resep, veral in die lig van sy finansiële posisie en netso is dit verstaanbaar dat hy vir Gerry Brand vir die resep nader. Wat moeiliker begrypbaar is dat hy later vir Brand nader vir leë kapsules. 'n Sinikus sou maklik kon dink dat hy dalk nou ecstasy in poeivorm gekry het en wou enkapsuleer vir verkoop. Reeds voor 13 Januarie deel hy vir Steve Martin mee dat hy 'n bron het wat hom van ecstasy voorsien. Toe het hy nog nie met die beskuldigde gepraat nie. Martin rapporteer ook aan die polisie dat hy in groot hoeveelhede ecstasy handel dryf. Daar is 'n argument deur die staat dat de Villiers dalk 'n fout gemaak het toe hy aangedui het dat die inligting was dat hy in ecstasy kapsules handel gedryf het. Ek meen nie dat dit enigsins belangrik is nie. Wat maak dit saak as hy dalk ecstasy in 'n ander vorm verkoop het? Dit is in ieder geval onwaarskynlik in die lig van sy soektog na die resep en daarna die kapsule doppies.

[1973] Dit is egter belangrik dat dit die eerste keer is wat SANAB te doen gekry het met handel in ecstasy kapsules.

[1974] Volgens Scherff se getuienis, wat nie deur Wentzel betwis is nie, het hy kort na sy arres 'n oproep op sy selfoon ontvang en na die gesig daarvan gekyk en gesê dat dit sy verskaffer is wat skakel. Die getuienis voor die hof is dat hy dit alleen sou kon gesien het as die oproep van 'n selfoon afkomstig was. Dit staan vas dat die beskuldigde hom nie opsy selfoon geskakel het nie. Hy het die persoon meegedeel dat die transaksie goed afgeloop het en dat hy die geld het. Op Wentzel se weergawe het hy die beskuldigde eers die volgende dag geskakel, en het die beskuldigde nog geen geld van enige aard van Wentzel ontvang nie en ook nie gevra vir die geld nie. Dit is net eenvoudig onversoenbaar met Scherff se getuienis.

[1975] Wentzel se praatjies op die band oor "Denel" en "Louis Bezuidenhout", wat op sy eie weergawe by 'n wapentransaksie betrokke is, is baie meer versoenbaar met die beskuldigde se weergawe dat hy juis vir Wentzel geadviseer het oor 'n wapentransaksie en dat Wentzel hom beloof het om sy skuld te betaal omdat dit goed gaan met die transaksie, as met Wentzel se weergawe dat hy oor die dwelmtransaksie gepraat het en bloot maar na Louis verwys het op aanbeveling van Ehlers en om die beskuldigde op sy gemak te stel. Wat egter verbysterend is, is die feit dat Wentzel wat juis toegerus word met mikrofone en bandopnemers nie eers een maal na "*ecstasy, capsules, drugs of pills*" verwys nie. Hy is juis deel van 'n lokval en wil hê dat die beskuldigde homself moet inkrimineer. Die naaste wat hy daaraan kom is om te verwys na "R30 per". Die sinsnede gaan doelbewus nie verder nie.

[1976] Dit is duidelik dat Wentzel na sy arres op 24 Januarie in groot moeilikheid was. Ek wil my bedink dat die straf vir handel in 2 000 ecstasy kapsules ter waarde van R100 000 'n hof sal laat dink aan 'n baie lang termyn van gevangenisstraf. Wentzel was bewus daarvan dat die beskuldigde betrokke was by Delta G en dat daar groot hoeveelhede ecstasy gemaak is. Hy was bewus daarvan dat in die SAW die beskuldigde 'n hoë profiel persoon was en kon geglo het dat hy dalk so 'n lokval kan beredder. Dit was 'n waagstuk vir hom om so 'n plan aan te pak maar as dit gewerk het dan sou SANAB seker woord gehou het en kon dit sy toekomsvooruitsigte aansienlik verbeter het. Hierby is dit duidelik dat die polisie se verstandhouding van hulle ooreenkoms met Wentzel aansienlik verskil van sy getuienis wat tot die effek is dat die klagtes teen hom laat vaar sal word. Die polisie het 'n baie sterk saak teen Wentzel gehad beide wat die verkoop van die 100

kapsules en die 2000 kapsules aanbetref. Die prokureur word toegelaat om die saak te kelder op 'n regspunt wat maklik voorsien kon gewees het. Daarna moes net 'n behoorlike verklaring van die forensiese deskundige verkry gewees het en 'n skuldigbevinding op 'n aanklag mbt die 100 kapsules was 'n formaliteit. Die polisie voel dat die onskuldigbevinding aan die 2 000 kapsules genoegsaam is.

[1977] Die beskuldigde se weergawe is by verre meer waarskynlik as die van Wentzel en heeltemal versoenbaar met alle getuienis wat voor die hof geplaas is. Dit volg dus dat hy nie op aanklagte 25, 26, en 27 skuldig is nie.

Die Sameswering en Aanverwante Aanklagte

[1978] Sleutelgetuies wat vir die staat oor hierdie aanklagte getuig het was Theron, Phaal, Floyd, Bothma en mnr. K. Hulle was almal in dieselfde penarie. Theron het openbaar van doodssendings waarby hy betrokke was. Dit het hulle geïmpliseer. Die staat het verdere inligting gekry. Hulle het gevrees dat die staat ernstige aanklagte teen hulle sal kan bewys. Hulle kon nie meer aansoek doen vir vrywaring voor die WVK nie. Hulle was onder die indruk dat die staat hulle suksesvol sal kan vervolg en dat hulle vir lang termyne na die gevangenis gestuur sou word. Die staat het aan hulle aangebied dat hulle vrywaring van vervolging ingevolge artikel 204 van wet 51 van 1977 sou kon kry mits hulle teen die beskuldigde getuig. Hulle het geweet dat hulle getuienis sal moet gee om die beskuldigde te impliseer anders is hulle getuienis vir die staat waardeloos.

[1979] 'n Ander aspek wat bespreek moet word is die feit dat die staat baie getuies wat beskikbaar was nie geroep het nie. Dit is ongetwyfeld so dat die getuies, met hier en daar uitsonderings, nie baie gretig was om te getuig nie. Die staat se hele saak is een van 'n groot sameswering waarby die topstruutuur van die SAW betrokke was, die veiligheidspolisie en die BSB. Die mense wat hieroor kan getuig is almal lede van die sameswering. Dit kan verstaan word dat hulle nie graag wil getuig nie en dat as hulle getuig hulle getuienis nie noodwendig betroubaar sal wees nie. In baie gevalle het die staat verklarings van sulke persone, is hulle getuienis sekerlik relevant maar roep die staat hulle nie. Die staat vra dan die hof om op

omstandigheidsgetuienis te bevind dat die beskuldigde skuldig is aan van die aanklagte. Dit behels noodwendig dat die hof moet bevind dat daardie getuies die staat se saak sou ondersteun. Die verdediging argumenteer dat daar 'n afleiding teen die staat gemaak moet word omdat die betrokke getuie nie geroep word nie nl dat hy waarskynlik nie die staat se saak sal steun nie. Een so 'n geval het te doen met aanklag 59 (die aanklag van poging tot intimidasie dmv die aapfetus). Die staat voer aan dat die fetus opgehang is om biskop Tutu te intimideer. Dit klink sondermeer al snaaks dat iemand nou werklik kan glo dat 'n biskop deur 'n fetus aan 'n boom geintimideer sal word. Die staat was egter te alle relevante tye in besit van 'n verklaring van ene van der Walt wat die hele projek begin het. Hy sê uitdruklik dat die doel was om volgelinge van die biskop van hom te vervreem. Ten spyte daarvan argumenteer die staat dat die hof moet aanvaar dat die fetus opgehang is om biskop Tutu te intimideer. Dit is redelik duidelik dat die staat se submissie nie behoort te slaag wat daardie aanklag aanbetref nie. Ek het egter begrip vir die staat se probleem en meen dat daar maar in elke geval beoordeel moet word of die nalate om 'n getuie te roep 'n afleiding teen die staat regverdig.

[1980] Aanklagte 32 -35, 42-44, 47-50, 53 en 56 kan oor een kam geskeer word. Dit is almal aanklagte wat te doen het met voorvalle waar persone gedood is en uit vliegtuie gegooi is en waar Theron persoonlik die persoon was wat die slagoffers uit die vliegtuie gegooi het. Aanklagte 32-25, 42-44, 53 en 56 is almal aanklagte van moord met alternatiewe aanklagte van poging tot moord. Aanklagte 47 -50 is aanklagte van aanranding met die opset om ernstig te beseer alternatiewelik aanklagte van sameswering om moord te pleeg. Die rede waarom die aanklagte in aanklagte 47-50 aanranding is en nie moord nie is omdat Mnr. K getuig het dat die betrokke vier slagoffers lewendig was toe hulle op Lanseria lughawe opgelaai is, omdat hy dit as te riskant beskou het om met lyke oor Botswana te vlieg. Dit strook nie met Theron se getuienis dat hy hulle reeds op Lanseria ingespuut het en dat hulle gesterf het nie. Dit is egter 'n niksseggende verskil omdat beide dit eens is dat die vier persone uiteindelik dood was en in die Atlantiese oseaan gegooi is. Wat aanklagte 42-44 aanbetref is daar ook 'n geringe verskil in die sin dat dr. Bothma getuig het dat die beskuldigde hom aangesê het om Theron te vergesel. Verder berus hierdie aanklagte uit en uit op die getuienis van Theron dat die beskuldigde deel was van 'n sameswering om mense op hierdie wreedaardige wyse om die lewe te bring.

[1981] Volgens Theron se weergawe het hy by die eerste geleentheid waarop so van slagoffers ontslae geraak het 'n probleem ondervind. Hy het 'n spuit van dr. Coetzee van EMLC ontvang waarmee jy wild verdoof en het die slagoffer daarmee probeer verdoof maar dit was nie effektief nie. Die slagoffer het met hom handgemeen geraak en hy moes hom verwurg. Hy het toe die aangeleentheid met gen. Loots bespreek. Hy, gen. Loots en die beskuldigde was in die generaal se kantoor in die Zanza gebou waar daar toe besluit is dat hy die slagoffers met tuberine en scoline moet inspuit en dat die beskuldigde hom van die substansie sal voorsien. Daarna is hy van die substansie voorsien óf deur die beskuldigde óf deur drs. Swanepoel, Bothma of Lombard, met wie die beskuldigde gereël het dat die middels verskaf sal word. Wat al hierdie voorvalle aanbetref kon hy nie sê dat die beskuldigde die persoon was wat die middels verskaf het nie, en is dit vir die staat se saak noodsaaklik dat Theron se weergawe oor 'n sameswering in gen. Loots se kantoor aanvaar moet word. Die enigste ander getuienis is die getuienis van mnr. K dat Theron hom voor die eerste sending reeds meegedeel het dat die middels deur die beskuldigde voorsien word en dat hy, na die voorval waar die slagoffer hom verset het, die beskuldigde te Speskop gekonfronteer het en meegedeel het dat hy moet toesien dat sy middels in die toekoms werk. Al verdere getuienis wat die beskuldigde impliseer, wat aanklagte 42-44 aanbetref, is net Bothma se getuienis dat die beskuldigde hom opdrag gegee het om saam met Theron na Natal te gaan. Phaal en Floyd se getuienis tot die effek dat wat aanklagte 32-35 aanbetref hulle vir Christopher, reeds oorlede, by Zeerust lughawe aangebring het neem nie die saak teen die beskuldigde enigsins verder nie. Dit staan vas dat van der Linde en Theron met die slagoffers oor Botswana na die Weskus is en dat die slagoffers in die see gegooi is

[1982] Theron is gewis 'n eienaardige mens. Dit was sy idee dat persone wat 'n veiligheidsrisiko geword het ge-elimineer moet word. Dit was hy wat navraag gaan doen het wat met 'n liggaam gebeur wat 100 kilometer van die kus af in die see gegooi word en of dit nie dalk sal uitspoel nie. Dit is hy wat gevoel het dat die persone gedood moes word voordat hulle op 'n hoogte van 12 000 voet bokant die see uitgegooi word ten einde te verhoed dat hulle dalk oorleef. Hy was te vinde daarvoor om 'n kis met vergiftigde bier iewers te plaas sodat onskuldige mense dit sal drink en sterf.

[1983] Dit is myns insiens belangrik om te ontleed wanneer op die waarskynlikhede die beweerde komplot plaasgevind het. Volgens K se vlugrekordboek was die eerste sending gedurende Julie 1979. Die tweede sending was in Augustus 1980 en die derde in November 1980. Theron het ook bevestig dat die eerste sending in Julie 1979 plaasgevind het. Volgens Theron se getuienis dus moes die komplot gesmee gewees het na Julie 1979 en voor Augustus 1980. Redelinghuys, wat spesiaal vir die doel geroep is, het getuig dat hy by EMLC was en dat hulle gedurende Augustus/September 1980 vanaf Lyttelton na Speskop geskuif het. Theron se getuienis was dat hy op daardie stadium die beskuldigde goed geken het. Die rede daarvoor is dat hy die projekoffisier vir die oprigting van Speskop was en dat hy die beplanning van die laboratoria met die beskuldigde uitgeklaar het. Daar is egter 'n probleem met daardie getuienis. Die staat het dr. Coetzee as 'n getuie geroep. Hy was die direkteur van EMLC en hy het met EMLC in Speskop ingetrek. Hy was 'n paar maande daar. Hy is opgevolg deur Sybie van der Spuy wat vergiftigde klerasie in een van die EMLC laboratoria gesien het. Sybie van der Spuy het geweier om met die chemiese gedeelte van EMLC voort te gaan en hy het getuig dat die beskuldigde dit oorgeneem het. Die beskuldigde het getuig dat hy die veiligheidsdeure wat dr. Coetzee in een van die laboratoriums laat inbou het laat verander het. Op daardie getuienis is dit totaal onwaarskynlik dat die beskuldigde betrokke kon gewees het by die beplanning van die laboratoria tydens die bou van die gebou, indien dit nie onmoontlik is nie. Ek bevind dat Theron se getuienis oor hierdie aspek nie waar kan wees nie.

[1984] Die vraag ontstaan dan waarom hy hieroor nie die waarheid vertel nie. Volgens hom was die komplot in die Zanza gebou gesmee, dws sê voor Augustus/September 1980, want toe het hulle verhuis na Speskop. Hy wil aantoon dat toe die komplot gesmee is hy die beskuldigde reeds goed geken het omdat hulle die planne saam bestudeer het en die beskuldigde dus maklik met hom kontak kon maak om hom van die middels te voorsien. Daar is egter nog 'n ander probleem met daardie getuienis en dit is dat dit vasstaan dat die beskuldigde 'n kliniese assistent was vanaf 1977 tot aan die einde van 1980 en dat hy vroeg in 1981 vir 10 tot 12 weke 'n junior stafdienskursus geloop het en daarna oorsee gegaan het om inligting oor CBO in te win. Hy is eers in Augustus 1981 in bevel geplaas van Operasie Protea en eers daarna in bevel geplaas van die

mediese afdeling. Dit is so dat hy tydens die vier jaar wat hy 'n kliniese assistent was spesifieke opdragte moes uitvoer soos bv om die voedingsprobleem in Zimbabwe te gaan diagnoseer, of om behulpsaam te wees met die Amerikaners wat in Noord Afrika siek geword het, maar dit lyk onwaarskynlik dat hy, op daardie stadium, geredelik toegang gehad het tot die SAW se medisyne sodat hy vir Theron kon voorsien.

[1985] Die gevolgtrekking wat ek maak is dat op Theron se getuienis die komplot gesmee moes gewees het voor Augustus/September 1980. Ek vind dit onwaarskynlik dat die beskuldigde toe alreeds getaak sou gewees het om Theron van die middels te voorsien. Hierby moet nou in ag geneem word dat volgens Theron, Bothma een van die dokters was wat hom van die middels voorsien het nadat die beskuldigde so gereël het. Bothma is 'n 204 vrywaring aangebied en het homself geïmpliseer m.b.t. aanklagte 39-44. Nogtans staaf hy nie vir Theron oor hierdie aspek nie. 'n Verdere aspek wat nie buite rekening gelaat kan word nie is dat Theron beweer dat hy alleen die middels ingespuut het en dit aan niemand anders verskaf het nie. Tog is daar Phaal se getuienis dat hy vir Christopher ingespuut het met Ketalaar wat hy van Theron gekry het. Dit is egter nie belangrik waar hy die ketalaar gekry het nie, wat belangrik is, is dat hy ook 'n persoon ingespuut het en in die proses gedood het. Hy het nie 'n komplot en mediese opleiding nodig gehad om dit te doen nie. Die punt is eenvoudig dat as Theron van die middels aan die hande gekry het, en dit kan nie uitgesluit word dat hy kón nie, dan is dit goed denkbaar dat hy kon besluit het om die mense op hierdie wyse te vermoor.

[1986] 'n Aspek wat Theron se getuienis werklik blootstel is sy bewering dat die beskuldigde hom by Fort Rev gewys het hoe om mense dodelik in te spuit nadat hulle met slaappille verdoof is. Hy het vertel dat hulle deur eenrigting glas na die mense gekyk het en gesien het dat hulle nie die pille drink nie maar in stoele wegsteek. Die beskuldigde het hulle toe so ver gekry dat hulle die pille gedrink het. Daarna het hy en die beskuldigde die mense ingespuut sodat hulle gsterf het. Hulle is die volgende dag in die see gegooi. Aanvanklik het hy 'n probleem gehad om die voorval aan 'n inskrywing in van der Linde se vlugrekordboek te koppel maar hy het dit tog uiteindelik gekoppel aan 'n vlug wat plaasgevind het tussen 2 en 5 Mei 1982. Die staat het ernstige probleme met hierdie getuienis van Theron. Dit blyk uit die vlugrekordboek van van der Linde dat die beskuldigde en Theron in Windhoek afgeklim het en dat hy en Floyd op is na die Noorde. Hulle

het die beskuldigde weer opgelaai op pad terug na die RSA. Van der Linde onthou dat hulle die beskuldigde afgelaai het en onthou dat hulle op pad na die Noorde 'n pienk olifant gesien het. Ook Floyd bevestig van der Linde se getuienis dat die beskuldigde afgeklim het op Windhoek. In sy verklaring het Theron selfs aangedui dat die beskuldigde in die vliegtuig was waaruit die lyke gegooi is. Hy het dit nie in sy getuienis herhaal nie. Sy getuienis was aanvanklik dat hulle per vliegtuig op is na die Noorde maar toe hy met die inskrywing in die vlugrekordboek gekonfronteer word het hy dit verander dat hulle per voertuig gery het. Die beskuldigde het getuig dat hy reken dat hy 'n rygeleentheid na Windhoek benodig het omdat hy daar samesprekings moes hou en dat dit die rede is waarom hy in Windhoek afgelaai is en weer opgelaai is, maar het ontken dat hy saam met Theron na die Noorde is. Dit is egter ook so dat Theron se verklaring oor 'n tydperk van amper twee jaar gemaak is en aangepas is. Hy het dit nie onderteken nie omdat hy nie voor die WVK wou gaan getuig nie. Hy gee toe dat daar verskille in sy verklaring gewees het. Ongelukkig is al die verklarings voor die finale verklaring nie beskikbaar nie. Hierdie getuienis van Theron was uiters onoortuigend. Dit word boonop weerlê deur ander staatsgetuienis.

[1987] 'n Ander geringe aspek is dat volgens Theron hy op die eerste vlug gegaan het met 'n verdowingspyl vir wild wat hy by dr. Coetzee gekry het. Dr. Coetzee het dit ontken. Ek sal ten gunste van die staat aanvaar dat die feit dat die staat nie vir gen. Loots geroep het nie, nie 'n afleiding teen die staat regverdig nie en bloot maar 'n neutrale feit is. Ek vind egter dat Theron se getuienis oor die komplot onwaarskynlik is en ek aanvaar die beskuldigde se ontkenning van die bestaan van so 'n komplot. Dit is so dat as dit nie was vir die beweerde komplot nie dat Theron nie juis die beskuldigde ernstiglik impliseer nie. Die beweerde voorval by Fort Rev is eintlik net maar staving deur homself van die bestaan van die komplot.

[1988] Mnr. K se getuienis oor die gesprek met die beskuldigde is tot die effek dat hy uit die staanspoor deur Theron meegedeel is dat die beskuldigde die middels voorsien. Met die eerste sending het hulle twee lyke in sakke ontvang en in die see gaan gooi. Dit was eers met die tweede sending dat Theron die probleem ondervind het. Daarna het hy die beskuldigde gesien en meegedeel dat hy moet sorg dat die goed in die toekoms werk. Theron was teenwoordig.

[1989] As dit nie was vir sy getuienis oor die gesprek nie impliseer hy die beskuldigde gladnie. Dit kan nie versoen word met Theron se getuienis dat die middels eers ter sprake gekom het na die probleem met die slagoffer nie. As dit nie 'n verdigsel van sy eie is nie het Theron voordat die beskuldigde nog by Coast betrokke geraak het en voordat hyself van die probleem geweet het geprofeteer dat die beskuldigde die middels sal voorsien. Dit verskil van Theron se getuienis oor wanneer hulle die probleem ondervind het en meer belangrik nog verskil dit van Theron se getuienis oor die vraag of daar hoegenaamd so 'n gesprek was. Ek aanvaar die beskuldigde se ontkenning van die gesprek.

[1990] Bothma impliseer die beskuldigde bloot mbt aanklagte 39-44. Volgens hom het die beskuldigde vir hom opdrag gegee om Theron te vergesel na Dukuduku en om drie mans op pad daarnatoe te sedeer, om 'n salf wat hy aan hom verskaf het aan een van die mans te smeer en waar te neem wat die uitwerking daarvan op die vel is. Verder moes hy hulle dood sertifiseer. Die beskuldigde het hom meegedeel dat die salf nie skadelik is nie. Hy het wel die drie mans gesedeer, en salf aan een gesmeer. Hulle was vasgeketting aan bome en omdat Theron hom vertel het dat hy hulle met tuberine en scoline gaan inspuit het hy gereken dat dit onmenslik is en het hy hom ketalaar gegee sodat hulle nie by hulle bewussyn sou wees as hulle met die ander twee middels ingespuut word nie. Hyself het weggestap en toe hy terugkom was hulle reeds dood. Om nie te wys dat hy die situasie nie kan hanteer nie is hy saam met die vliegtuig toe hulle in die see gegooi is. Hy het aan die beskuldigde gerapporteer dat die salf geen uitwerking gehad het nie, en die beskuldigde het hom niks verder gevra nie.

[1991] Sy getuienis verskil geheel en al van Theron se getuienis. Volgens Theron was die beskuldigde of op stafdienskursus of uit die land uit en hoegenaamd nie by die voorval betrokke nie. Hy het na die beskuldigde gaan soek en Bothma daar gekry. Hulle wou gaan eksperimenteer met salf en het salf aan al drie die mense gesmeer. Beide van hulle het die volgende dag van die mense noodlottig ingespuut. Verder blyk dit dat hy nie in sy KEEM verklaring gemeld het van die salf wat hy moes gaan aansmeer nie en dat hy aan die beskuldigde gerapporteer het nie. Die enigste manier waarop Bothma die beskuldigde impliseer is om

die opdrag om na Dukuduku te gaan aan hom toe te skryf en om die opdrag oor die salf aan hom toe te skryf.

[1992] Die redes wat hy gee waarom hy na Dukuduku toe moes gaan is moeilik verstaanbaar. Eerstens moes hy die persone seëer. Theron het geen probleem gehad om mense met koeldrank aan die slaap te maak nie. Dan moes hy die skadelose salf aan een van die mense gaan smeer en rapporteer wat die uitwerking op die vel is. Theron kon dit ook maar gedoen het. Boonop tree die beskuldigde baie snaaks op wanneer hy terugrapporteer aan hom. In plaas daarvan om met belangstelling te verneem wat die uitwerking op die vel was is hy heeltemal ongeërg. Laastens moes hy hulle dood sertifiseer voordat hulle vanaf hoogte 12 000 voet in die see gegooi word. Ek sou nogal graag so 'n doodsertifikaat wou sien. Dit sou seker gelui het "Onbekende persoon Oorsaak van dood: Oordosis skoline en tubetine sonder gepaardgaande ventilasie." 'n Mens wonder of die sertifikaat ook in die see gegooi moes word en of dit in een of ander lêer bewaar moes word. Die beskuldigde ontken dat hy so 'n opdrag aan Bothma gegee het of dat hy salf aan hom gegee het of dat hy by hom rapporteer het.

[1993] Ek het die beskuldigde ingevolge artikel 174 op aanklagte 39-41 ontslaan na die staatsaak. Soos blyk uit die redes wat ek destyds geformuleer het was dit omdat Theron en Bothma se getuïenis absoluut onversoënbaar is en dit onmoontlik is om te bevind dat die beskuldigde hoegenaamd met die voorval of die salf verbind kan word. Die enigste rede waarom hy nie op aanklagte 42-44 ontslaan is nie is dieselfde rede as waarom hy nie op aanklagte 32-25, 47-50, 53 en 56 ontslaan is nie, naamlik dat Theron se getuïenis oor die komplot nog onweerspreek gestaan het. Waar dit nou verwerp is volg dit dat die beskuldigde nie skuldig bevind kan word aan aanklagte 32-35, 42-44, 47-50, 53 en 56 nie.

[1994] Aanklag 45 berus op die getuïenis van Phaai. Hy getuig dat Theron aan hom opdrag gegee het om na Ondangwa te gaan en 'n middel in lemoensap te meng en aan 'n persoon te gee om te drink. Theron het gesê dat hy die middel van sy vertrek by die Waterkloof Lugmagbasis by die beskuldigde sou kry. Hy het verder getuig dat die beskuldigde die volgende oggend met 'n pak klere by die Lugmagbasis was en dat hy die

botteltjie goed vir hom gegee het en gesê het hy moet dit met Jungle Juice meng. Hy is na Ondangwa en het die goed vir die persoon ingegee. Die volgende oggend het die persoon geweldig gebloei. Hy het hom per vliegtuig teruggebring na Pretoria. By die lughawe was daar 'n ambulans en hy is weggeneem na die hospitaal. Hy het later by die beskuldigde verneem dat hy dood is. Theron ontken dat hy so 'n opdrag aan Phaal gegee het. Die beskuldigde ontken dat hy by die voorval betrokke was of dat hy 'n substans aan Phaal gegee het.

[1995] Phaal is op hierdie aanklag 'n enkel getuie teen die beskuldigde en sekerlik 'n medepligtige by 'n sameswering om 'n moord te pleeg (vir die doeleindes van die argument ignoreer ek die verdediging se standpunt dat die sameswering een was om 'n misdaad in die buiteland te pleeg en gevolglik nie hier beregbaar is nie). Sy getuienis word weerspreek deur Theron op 'n absoluut wesenlike aspek naamlik waar sy opdrag vandaan gekom het. Daarteenoor staan die beskuldigde se ontkenning van die voorval

[1996] Die hele doel van die opdrag is eienaardig. As die doel was dat hy die man moes gaan vermoor dan is dit snaaks dat hy hom na die Republiek terugbring. As die idee was dat daar ge-eksperimenteer moes word dan sou dit tog seker betroubaarder gewees het om die man na die Republiek te bring en die eksperiment hier te kom doen. Op die getuienis voor die hof hang dit in die lug wat van die man geword het en of hy wel dood is. Dit hang in die lug of die eksperiment een was om die man te dood en of dit juis een was om een of ander mediese verskynsel te toets.

[1997] Phaal was nie 'n goeie getuie nie. Hy het homself weerspreek oor of die beskuldigde hom ingelig het oor de Fonseca se dood. Hy het reeds met sy vriend Floyd gepraat voordat hy sy verklaring afgelê het. Hy was ook in die moeilikheid en 'n artikel 204 vrywaring moes baie aantreklik gewees het. Die getuienis oor hierdie botteltjie "medisyne" waarmee hierdie onbegryplike operasie uitgevoer moes word is werklik die enigste getuienis waarmee hy die beskuldigde aan die misdade in die klagstaat kan koppel. Ek verwerp die staat se weergawe. Dit volg dat die beskuldigde nie skuldig kan wees aan aanklag 45 nie.

[1998] Aanklag 51 is eintlik eiesoortig. Theron het beweer dat die beskuldigde hom gedurende 1986 genader het en gevra het of hulle die hooggoond by Speskop kon toets. Die beskuldigde het 'n lyk in 'n ambulans daar aangebring. Hulle het gewag totdat die mense by EMLC weg was en het toe met moeite die lyk verbrand. Hy het die as geneem en langs die pad weggegooi. Hulle gesigte was rooi van die hitte en toe hulle in die kroeg kom het die mense daaroor 'n aanmerking gemaak. Die beskuldigde ontken die voorval en wys daarop dat Speskop 'n hoë sekerheidsgebied is en dat daar goeie kontrole is. Hy wys verder daarop dat daar standaard metodes is waarop die lyke van mense wat in die hospitale sterf begrawe word of hanteer word. Bo en behalwe die feit dat die hele aanklag op spekulasie berus berus dit op die enkel getuienis van 'n medepligtige (indien daar 'n misdadig gepleeg is) wiese getuienis in 'n menigte opsigte verdag en wat 'n baie goeie rede het om die beskuldigde te impliseer. Die beskuldigde kan nie skuldig bevind word aan aanklag 51 nie.

[1999] Aanklag 59 is die aanklag van poging tot intimidasie van biskop Tutu. of 'n sameswering om hom te intimideer. Dit word beweer dat die beskuldigde saam met Verster, Burger, Van Zyl, Gordon, Barnard, Immelman, Wandrag, du Toit, van der Walt en Lange gepoog het alternatiewelik met hulle saamgesweer het om biskop Tutu te intimideer "deur sonder wettige redeen met die opset om hom te dwing of te beweeg om iets te doen of nie te doen nie of om 'n bepaalde standpunt in te neem of te laat vaar hom gedreig het deur 'n bobbejaanfetus by sy huis op te hang."

[2000] Vander Walt was verbonde aan streek 9 van die BSB. Dit het gekonsentreer op psigologiese ontwigting van die vyande van die staat. Operasie Apie was sy projek. Hy is 'n volkekundige. Volgens sy verklaring was die doel van die projek om biskop Tutu se ondersteuners te beweeg om hom te verlaat. Daar was egter getuies, soos Burger, wat getuig het dat die doel van die projek was om die biskop te intimideer. Die projek is goedgekeur deur die BSB. Die staat beweer dat RNL toe 'n bobbejaan fetus beskikbaar gestel het.

[2001] Die beskuldigde word verbind deurdat die staat beweer dat hy 'n bobbejaan fetus aangevra het, dat dr. Wandrag, van RNL, 'n keisersnit op 'n dragtige wyfie uitgevoer het en twee fetusse verwyder het, dat dr. Immelman, van RNL, die fetus aan Koos (mnr R), die mediese koördineerder van die BSB oorhandig het dat Lange (@Theo Otto) die fetus aan van der Walt oorhandig het, wat dit aan Burger oorhandig het en dat Burger dit aan van Zyl oorhandig het wat dit saam met Barnard by die biskop se huis opgehang het.

[2002] Mnr R het getuig dat hy iewers tussen 1987 en 1990 deur Theo gevra is om 'n bobbejaanfetus te kry. Hy het nie geweet waarvoor nie. Hy is onseker of hy die versoek oorgedra het aan die beskuldigde of dr. Immelman. Hy het 'n koelhouer ontvang wat na bewering 'n fetus bevat het. Hy het die koelhouer aan Theo oorhandig en weet nie wat verder daarvan geword het nie. Gedurende kruisverhoor het hy sy getuienis verander om te sê dat hy nie seker is aan wie hy die koelhouer oorhandig het nie. Hy het in die koerante gelees van 'n fetus-insident maar kan glad nie onthou hoe lank na die voorval dit was nie.

[2003] Mnr T. (Theo) het namens die staat getuig. Hy was by besprekings waar oor die projek gepraat is. Daar was sprake dat 'n bobbejaanwyfie geskiet sou word in die hoop dat sy dragtig is. Hy het nie getuig dat dat hy mnr. R versoek het vir 'n fetus nie en ook nie dat hy 'n fetus van mnr R ontvang het nie. Immelman het getuig dat die beskuldigde hom gevra het vir 'n bobbejaanfetus vir weefselkultuurontwikkeling. Die fetus moes op ys verpak gewees het. So 'n fetus is van Wandrag verkry, op ys verpak en aan mnr R gelewer. So 'n versoek vir wetenskaplike navorsing is 'n algemene versoek sonder enigiets snaaks daaraan verbonde. 'n Tyd daarna het hy in die koerante gelees van 'n aapfetus wat by die biskop se huis opgehang is en dit geïgnoreer omdat dit 'n aapfetus was. Later het hy gedink dat daar dalk 'n verband kan wees. 'n Fetus wat op ys verpak is sal binne drie of vier dae sleg word. As dit in 'n yskas bewaar word sal dit na ongeveer twee na drie weke begin verrot

[2004] Ook dr. van Rensburg, van RNL, het oor hierdie aangeleentheid getuig. Hy was die voorsitter van die etiese komitee by RNL. Hy het 'n versoek vir 'n fetus van dr Swanepoel ontvang. Hy het opdrag gegee aan die hoof van die proefdiersentrum om aan die versoek te voldoen en het nie die aangeleentheid verder

hanteer nie. Hy is oortuig dat die fetus wat in in biskop Tutu se tuin opgehang is die fetus wat hy op versoek van

Swanepoel aangevra het, omdat hy ongeveer 'n week later in die koerante gelees het van 'n fetus in die biskop se tuin.

[2005] Biskop Tutu se verklaring toon aan dat hy onbewus was daarvan dat daar 'n fetus in sy tuin opgehang is en dat hy eers daarvan bewus geword het toe die polisie hom daarvan verwittig het. Hy is nie geïntimideer deur die fetus nie. Sy tuinier het die fetus gevind en begrawe.

[2006] Dit blyk nie hoe lank nadat die fetus begrawe is hy daarvan in kennis gestel is nie. Dit is gemene saak dat die fetus wat deur van Zyl opgehang is in 'n konfytbottel was en in formalien gepreserveer was. Die fetus wat Immelman vir die beskuldigde gereël het is op 27 Julie 1989 aan mnr R gelew. Op 17 Augustus is daar formalien aan mnr R. gelew.

[2007] Die beskuldigde het getuig dat weefselkultuurontwikkeling gedoen het vir die peptiednavorsing waarmee hy besig was vir die verwapening van die inkapasitante en vir die vigsnavorsing. Hy het vir Immelman 'n fetus op ys gevra en gekry. Hy het getuig dat hy wel vir R aan Immelman voorgestel het maar dat dit op dieselfde basis was as waarop hy vir Chris, Gert en Manie aan Immelman voorgestel het. R het soms vir hom goedere by Immelman afgehaal. Hy het Chris, Gert en Manie op versoek van gen. Liebenberg aan Immelman voorgestel onder die indruk dat hulle middels benodig om mense vinnig uit te sit, vir arres en oor die grens bring by oor-grens-aksies. Hy het gedink dat dit is wat hulle by Immelman sou gekry het en was nie bewus daarvan dat hulle ander middels van Immelman ontvang het nie. Immelman het bevestig dat hy nie vir die beskuldigde ingelig het van die middels wat hy verskaf het nie.

[2008] Dit is aan Immelman gestel, tydens kruisverhoor namens die beskuldigde, wat die omstandighede was waaronder Chris, Gert en Manie aan hom voorgestel is. Dit is egter nie gestel dat dit ook die geval was by mnr R nie. Adv. Cilliers het egter aangedui dat dit sy opdrag was om dit te stel en dat hy onder die indruk was dat hy dit gedoen het.

[2009] Dit is duidelik dat op die getuienis voor die hof dit nie bevind kan word dat die doel van die projek was om biskop Tutu te intimideer nie. Daar is nie die geringste aanduiding van wat verwag is hy sou doen of nalaat om te doen, wat hy andersins nie sou gedoen het nie of sou gedoen het, as gevolg van die ophang van die fetus. Daar is ook geen aanduiding dat dit verwag is dat die ophang van die fetus hom sou beweeg om 'n standpunt wat hy gehuldig het te verander nie. Dit word ook weerspreek deur sy direkte getuienis. Die vader van die projek se verklaring toon dit ook aan. Die feit dat die staat hom nie geroep het nie is gewis 'n faktor wat teen die staat in aanmerking geneem behoort te word. Die staat het gevolglik nie 'n poging tot intimidasie of 'n sameswering om te intimideer bewys nie.

[2010] Daar is egter ook groot onsekerheid oor die vraag of die fetus wat van RNL gekom het hoegenaamd by die betrokke huis opgehang is. Die beskuldigde se getuienis dat hy 'n fetus gevra en gekry het kan nie sommer net geïgnoreer word nie. R se getuienis was vaag. Hy het wel kontak met die beskuldigde gehad en dit is nie onmoontlik dat hy goedere van die beskuldigde se een kantoor in Centurion na Voortrekkerhoogte kon geneem het nie, of na een van sy ander kantore nie. Die feit dat T nie 'n woord rep oor die fetus nie is veelseggend. Hy was 'n 204 getuie en is juis geroep om die sameswering teen die beskuldigde te bewys. Netso is die feit dat van der Walt nie geroep is nie veelseggend. Daar is geen bewys watter fetus Burger ontvang het nie. Dit kon dalk die fetus van 'n dragtige bobbjaanwyfie gewees het wat geskiet is en in formalien bewaar is. Die tydsduur is ook onseker. Daar is formalien aan R verskaf, drie weke nadat die fetus aan hom verskaf is. Daar is nie getuienis van hoe lank nadat Burger die fetus ontvang het van Zyl dit in die Kaap opgehang het nie. Daar is nie getuienis van hoe lank nadat die tuinier die fetus begrawe het die ophang daarvan wêreldkundig geword het nie. Tog is van Rensburg tevrede dat binne 'n week nadat hy sy versoek gerig het hy van die ophang van die fetus in die koerante gelees het. Dit is duidelik dat daar 'n groot klomp spekulasie is oor die oorsprong van die fetus. In my oordeel is daar nie sodanige getuienis voor die hof dat die hof die beskuldigde kan verbind aan die fetus wat opgehang is nie of kan bevind dat daardie fetus van RNL afkomstig was nie. Hy kan gevolglik nie aan aanklag 59 skuldig bevind word nie.

[2011] Aanklag 62 is 'n aanklag van sameswering om moord te pleeg. Die staat beweer dat die beskuldigde gedurende die tydperk Augustus 1991 tot Februarie 1992 te of naby Centurion met Theron Phaál en ene Engelbrecht saamgesweer het saamgesweer het om taxi-bestuurders in die Oos-Kaap te vermoor. Theron se weergawe is dat hy vergiftigde bier in die beskuldigde se kantoor gesien het en aan die beskuldigde voorgestel het dat dit onder taxi-bestuurders in die Oos-Kaap onder taxi-bestuurders sal versprei. Die beskuldigde het ingestem. Hy het vir Phaál geskakel waarop die twee mekaar in Johannesburg in 'n hotel ontmoet het. Alhoewel Phaál aanvanklik teensinnig was het hy toe ingestem. Hy het toe met Phaál afgespreek dat hy hom sou besoek in die Oos-Kaap en dat hy die bier vir hom sou bring.

[2012] Hy en me. Rita Engelbrecht het op 'n stadium die bier by die beskuldigde se kantoor gaan haal. Hulle het met me. Engelbrecht se motor om die meer gery. Sy het in die motor gewag en hy het die krat met die 12 bottels Black Label bier gaan haal. Hy het nie geweet wat in die bier was nie. Oor presies hoe die verspreiding van die bier sou geskied is hy baie vaag. Hoe Phaál daarin sou slaag om taxi-bestuurders geïnteresseerd te kry om van hierdie bier te drink kan hy nie verduidelik nie. Hy getuig nogtans dat Phaál, wat volgens hom 'n vindingryke persoon is, die situasie sou monitor en sou terugrapporteer of die "eksperiment" gewerk het. Hy en Truter is na die Oos-Kaap en hy het vir Phaál probeer ontmoet. Hy kon hom nie persoonlik aan die hande kry nie en het die bier by sy vader gelaat. Phaál het egter laat weet dat hy die bier vandaar moes verwyder en hy het dit gedoen. Hy is alleen terug deur die Karoo en het die bier langs die pad vernietig. Hy het later aan die beskuldigde gerapporteer dat die bier by Phaál afgelaai het. Hy en die beskuldigde het nooit weer oor die voorval gepraat nie.

[2013] Me. Engelbrecht het getuig dat die Theron vir haar gesê het dat daar goed in die beskuldigde se kantoor is wat hy moet gaan haal. Hy het op 'n stadium vir haar gesê dat die goed giftig is en dat hy dit iewers onder 'n "culvert" moes plaas op die Witbank- of Groblersdalpad. Op 'n stadium het Nicky Smit geskakel en gesê dat Theron die goed moet kom haal. Sy het saam met Theron na daardie kantore gery en in die motor gewag totdat hy teruggekom het met die goed. By hulle kantore het hulle die goed in die kombuis begin toedraai. Op haar versoek het hulle dit eers weer oopgedraai en alle vingerafdrukke afgevee en toe

toegedraai en in 'n kartondoos gesit. Dit is in Theron se kantoor gebêre. Alhoewel sy nie weet wat van die bier geword het nie het sy tog geweet dat dit na die Oos-Kaap moes gaan. Sy ken nie bier nie maar volgens haar was dit bruin bottels van verskillende grootte. Sommige van die proppe was skroefproppe. Ander proppe word met 'n oopmaker oopgemaak.

[2014] Tydens kruisverhoor het dit geblyk dat sy nie in haar polisieverklaring gemeld het dat sy bewus was daarvan dat die bier na die Oos-Kaap moes gaan nie. Sy het bloot gemeld dat die op die Witbank- of Groblersdalpad gelaat moes word. Sy sê dat sy dit nie op daardie stadium kon onthou nie. Dit is ook so dat sy nie in haar polisieverklaring vermeld het dat die bier by die beskuldigde se kantoor gehaal moes word nie.

[2015] Phaal het getuig dat Theron hom geskakel het met 'n versoek om vergiftigde bier in die Oos-Kaap te versprei. Alhoewel hy aangedui het dat hy dit sal doen was hy nooit van voornemens om dit te doen nie. Hy getuig nie oor die ontmoeting in die hotel in Johannesburg nie maar sê dat Theron en Truter na die Oos-Kaap gekom het. Volgens hom het Theron hom versoek om die bier onder Zoeloes by taxi staanplekke te versprei. Hy moes die bier by die staanplekke neersit vir enige persoon wat wou om daarvan te neem en hom dan uit die voete maak.. Hy is nie versoek om te monitor wat die effek van die bier was nie. Hy het gehoor dat meer as een krat gelaat is. Hy het die beskuldigde 'n paar maande later gesien voordat hy en Theron na Amerika is om Brand te gaan bystaan en daar is nie oor die bier gepraat nie

[2016] Op die stadium toe die operasie sou plaasgevind was Theron nie meer by Speskop nie. Hy het naamlik afgetree en is by Coast in diens geneem as 'n sekerheids-offisier. Daar was sy, en me. Rita Engelbrecht se taak om sekerheidsklarings te voltooi. Dit staan vas dat hy nie deur die beskuldigde ingelig is oor Coast nie. Volgens van Zyl se getuienis het die BSB bedrywighede gedurende September 1989 tot 'n einde gekom, omdat president de Klerk onbewus was daarvan. Dit is duidelik dat daar groot ongelukkigheid in die BSB was oor uittree pakkette en dat Phaal een van die ongelukkiges was. Hy was betrokke in 'n geskil met die BSB en het selfs gedreig om hulle vroeëre bedrywighede in die pers te openbaar. Hy het ook getuig dat hy gevrees het dat hierdie dalk 'n lokval kon wees om hom te kon afpers.

[2017] Die enigste getuienis dat die beskuldigde bewus was van hierdie "projek" is die van Theron. Die beskuldigde ontken dat daar so 'n afspraak was. Hy was bewus van die probleme wat Phaal met die SAW gehad het. Volgens hom kon daar ge kontamineerde bier in sy kantoor gewees het. Hy het sulke goed ontvang om dit te laat toets, en dit kon steeds daar gewees het. Nicky Smit is nie geroep as 'n getuie nie. Ek sal aanvaar dat die feit dat sy nie geroep is nie neutraal is. Daar is geen aanduiding van wat werklik in die bier was nie, indien enigiets.

[2018] Op hierdie getuienis moet nou besluit word of die beskuldigde bewus was van hierdie plan van Theron. Wat presies sy plan was is gladnie duidelik nie. Moes die bier naby Witbank onder die pad gelaat word, of moes dit na die Oos-Kaap? Selfs Phaal het besef dat dit 'n sinnelose plan was en het draaie gery om nie daarby betrokke te raak nie. Dit is die soort van plan wat dalk kan ontstaan in die gedagte van die man wat voorgestel het dat die mense wat 'n sekerheidsrisiko geword het vermoor moet word en dit eiehandig gedoen het. Die beskuldigde kan nie aan hierdie aanklag skuldig bevind word nie.

[2019] Dit moet net volledigheds halwe gestel word dat die beskuldigde op die oog af 'n baie goeie getuie was. Al die advokate wat vir die staat geargumenteer het, en daar was drie van hulle, het dit toegegee. Hulle argument is dat dit is omdat hy so slim is en so vindingryk om antwoorde uit te dink. Hulle argumenteer dat hy 'n meester in misleiding is. Ek het, veral by die bedrog klagtes, soms die indruk gekry dat die staat voel dat bloot omdat die beskuldigde getuig dat bv. A die posisie is, dit net nie waar kan wees nie. Ek sou reken dat 'n mens inhoudelik na sy getuienis moet gaan kyk om te bepaal of hy 'n onbesproke getuie was. In daardie opsig glo ek dat die beskuldigde tog nie altyd die waarheid vertel het nie. Hy het byvoorbeeld nooit kon onthou wie opdragte gegee het, as dit lewendes was nie. Ek het die indruk dat hy doelbewus so getuig het dat hy niemand impliseer nie. Die oorgrote meerderheid van die getuienis wat die beskuldigde gegee het word objektief gestaaf. Dit het juis aanleiding gegee tot groot frustrasie vir die staat. Dit sal egter baie moeilik wees om te bepaal welke getuienis wat hy gegee het nie waar kan wees nie. Die beskuldigde was met 'n eiesoortige opdrag doenig en dit is nie moontlik om soos die staat wil hê die hof moet maak te doen nie. Verla by die

bedrog aanklagte is die argument keer op keer, wanneer die beskuldigde se getuienis verskil met wat die staat in die klagstaat beweer, dat dit net so onwaarskynlik is dat dit nie waar kan wees nie

[2020] Aanklag 63 is 'n sambreelaanklag. Die staat beweer dat omdat die beskuldigde die daad gepleeg het wat hom in aanklagte 32 tot 62 ten laste gelê is dit duidelik is dat hy gedurende die tydperk 1979 tot 1992 saamgesweer het met Spesmagte, Direkoraat Spesiale Take, Direkoraat Kovert Inligting, Barnacle, die BSB en die personeel van RNL om die volgende persone te dood aan te rand of te intimideer nl SWAPO lede, lede van eie magte, soos Renamo lede verbonde aan die Verkenningregiment, Victor de Fonseca, Mack Anderson, die volgende ANC lede nl. mnre. Pallo Jordan, Ronnie Kasrils, Gibson Modlane, Enoch Dhlamini, en Dullah Omar asook biskop Tutu, P T Kalangula en ongespesifiseerde persone in die Oos-Kaap

[2021] Behalwe die aanklagte wat onmiddellik hierbo bespreek is behels dit ook die aanklagte wat ek gereël het nie in hierdie hof beregbaar is nie, nl aanklag 46, die aanklag van sameswering met Floyd en andere om vir P Kalangula in Oshakati te gaan doodmaak, aanklag 54, die aanklag van sameswering met Floyd en andere om vir mnre. Jordan en Kasrils in London te vermoor, aanklag 55, die aanklag van sameswering met 'n aantal persone om mnre. Gibson Mondlane in Mosambiek te vermoor, aanklag 58, die aanklag van sameswering met lede van die BSB en Immelman en Davies om vir Enoch Dhlamini in Swaziland te vermoor en aanklag 61, die aanklag van sameswering, met 'n aantal lede van die BSB, om 'n aantal onbekende persone in die vlugtelingkamp in Windhoek te vermoor deur hulle drinkwater met cholera te besmet.

[2022] In hierdie verband het dr. Pretorius geargumenteer met 'n beroep op *R v Mtembu*, 1950 (1) S A 670 (A) op 679/80 dat die hof na die kumulatiewe effek van al die getuienis moet kyk en nie elke aspek moet benader asof daardie aspek 'n redelike twyfel bewys moet word nie. Ek sal probeer om dit so te doen. Sien ook *S v Shepard*, 1967 (4) S A 170 (W) op 172-173 en *R v de Villiers*, 1944 AD 493 op 508. Dr. Pretorius argumenteer voorts dat hoe sterker die omstandighedsgetuienis is, hoe geringer is die moontlikheid dat soortgelyke feite toevallige gebeurtenisse is. Hy argumenteer dat as dit bevind kan word dat die beskuldigde toksiese substansie aan Phaal en Floyd verskaf het dit duidelik inpas by 'n wyer sameswering om vyande van die staat te ontwig. Hy argumenteer dat dit hier duidelik is dat die substansie wat gebruik is vanaf dieselfde

bron nl. RNL kom. In hierdie verband het hy baie klem gelê op bewysstuk 63B, die verkopelys van substansie wat deur Immelman aan mnr. R, Chris, Gert en Manie en aan die beskuldigde oorhandig is.

[2023] Hy het ook die algemene beginsels wat geld by sameswerings sterk beklemtoon na aanleiding van sake soos *R v Mayet*, 1957 (1) SA 492 (AD), *R v Adams*, 1959 (1) SA 646 (Special Court), *S v Alexander and Others* (2), 1965 (2) 818 (K), *s v Moumbaris and Others*, 1974 (1) 681 (T) en *S v Twala and Others*, 1979 (3) 864 (T) aangevoer

- a. Dat daar 'n ooreenkoms tussen verskillende partye moet wees om 'n einddoel te bereik.
- b. Dat dit nie nodig is dat samesweerders direk met mekaar in kontak hoef te wees nie.
So lank as wat hulle maar dieselfde doelstelling nastreef kan die afleiding uit soortgelyke daade die gevolgtrekking regverdig dat hulle in die sameswering betrokke was om dieselfde doelstelling te bereik.
- c. Dat die bestaan van die sameswering deur omstandigheidsgetuie bewys kan word.
- d. Indien 'n persoon bewus is van die doelstellings van die groep en hulp verleen aan enige van die samesweerders bly hy 'n medesamesweerder.
- e. Tydens die bestaan van die sameswering kan nuwe lede daarby aansluit en bestaande lede hulleself onttrek.
- f. Alles wat deur een van die samesweerders gedoen word in uitvoering van die sameswering is getuie teen die ander lede, of hulle nou teenwoordig was of bewus was van die betrokke daade of nie.

- g. As daar ooreenstemming is oor die einddoel wat bereik moet word maak die wyse waarop beoog word om die einddoel te bereik nie saak nie.
- h. Dade wat samesweerdere gepleeg het voordat 'n betrokke samesweerder aangesluit het is teen hom toelaatbaar in getuienis om die aard, oorsprong en doelstellings van die sameswering te bewys
- i. Uitvoerende handeling en verklaring deur een samesweerder is toelaatbaar in getuienis teen 'n ander samesweerder, selfs al was hy nie teenwoordig toe die daad gepleeg is of die verklaring gemaak is nie om die terme van die sameswering te bewys en om aan te toon dat die betrokke daad gepleeg is in die uitvoering van die sameswering. Dit maak nie saak of die samesweerder teen wie dit bewys word bewus was daarvan dat die daad gepleeg is of die verklaring gemaak is nie.
- j. Die sameswering duur voort totdat die einddoel bereik word of totdat dit 'n natuurlike dood sterf
- k. So lank as wat die sameswering voortduur is elke samesweerder verantwoordelik vir daad van ander samesweerdere wat gepleeg word ter bereiking van die einddoel.

[2024] Ek het nie juis 'n probleem met die submissies nie. Vir die doeleindes van hierdie saak is dit nie nodig om dit verder te bespreek nie behalwe dat in beginsel ek meen dat daar tog die volgende beperking behoort te wees. As daar bv 'n sameswering is om die owerheid te saboteer deur die watervoorraad te verminder, en as daar eenstemmigheid is om dit te doen deur die toevoerpype te beskadig sodat hulle lek en een van die samesweerdere sou buite om die ooreengekome wyse besluit om die reservoir met 'n bom op te blaas dan meen ek nie dat daardie handeling van hom binne die bestek van die sameswering val nie en meen ek nie dat mede samesweerdere daarvoor aanspreeklik behoort te wees nie selfs al is dit duidelik dat dieselfde einddoel nagestreef is nie. Netso ook meen ek dat as 'n samesweerder hom self vereenselwig met

'n sameswering onder die waan dat die einddoel bereik word op 'n besondere wyse, en hy onbewus is daarvan dat daar mede samesweerders is wat die einddoel op 'n baie meer radikale metode probeer bereik, dat hy nie noodwendig vir die radikale dade van ander samesweerders aanspreeklik is nie.

[2025] Die staat voer in die opsomming van die wesenlike feite aan dat die beskuldigde vir dr. Goosen versoek het om hom van 'n dodelike biologiese gifstof te voorsien wat die indruk sou skep dat dit van voedselvergiftiging afkomstig was en dat hy hom toe van clostridium perfringens voorsien het. Verder beweer die staat dat die beskuldigde vir dr. Immelman versoek het om toksiese stowwe aan hom te verskaf en om dit te meng in voedsel of drank. Die beweer verder dat hy Thalium poeier aan die beskuldigde verskaf het en ook paraoxon. Die staat beweer verder dat die beskuldigde bloed met HIV virus besmet aan dr. Odendaal oorhandig het met 'n opdrag om dit te vriesdroog en dan beweer die staat dat dr. Immelman op versoek van die beskuldigde die substansie wat op bewysstuk 63 B voorkom aan homself, Chris, Gert en Manie en aan mnr R verskaf het

[2026] Floyd het getuig dat gen. Liebenberg hom persoonlik opdrag gegee het om na Oshakati te gaan en 'n substansie aan Kalangula se se motordeurhandvatsel te smeer. Hy was onder die indruk dat dit Kalangula sal doodmaak. Hy is aangesê om 'n salf by die beskuldigde te kry. Hy het na 'n meenthuis in Sunnyside gegaan en daar 'n salf asook handskoene en 'n teenmiddel van die beskuldigde gekry. Hy het na Oshakati gegaan maar kon die substansie nie aan die handvatsel smeer nie en die projek is laat vaar. Hy het ook 'n skroewedraaier tipe apparaat van Lourens in Engeland gekry tesame met gif wat hy wou gebruik dmv. andere om mnre Jordan en Kasrils te dood. Sy medewerkers kon die taak nie uitvoer nie en die apparaat en die gif is in die Theems gegooi.

[2027] Dr Lourens het getuig dat hy 'n apparaat wat deur mnr Q gemaak is na London geneem het asook gifstof. Hy het getuig dat sy kontakpersoon die beskuldigde is. Hy het dit aan Floyd oorhandig en hom gewys hoe om die apparaat te laai en te gebruik. In die proses het hy van die gif ingekry maar gelukkig het hy niks oorgekom nie.

[2028] Daar is getuienis dat dr. Davies 'n tandartsboor by RNL gehad het waarmee hy gaatjies in koeldrank- en bierblikke en bottels kon boor en dit kon kontamineer en dan weer toe soldeer. Daar is ook getuienis deur mnr Q dat op versoek van dr. Mijburgh hy toe hy by EMLC was vir hom 'n gaatjie in 'n blik geboor het. Daar is iets ingespuut en daarna is die gaatjie toesoldeer. Verder het van der Westhuizen getuig dat hy hy bier laat kontamineer het. Hy was onder die indruk dat dit by EMLC was. Sybie van der spuy het ontken dat EMLC hulle met so-iets sou ophou.

[2029] Immelman het getuig dat hy flesse met cholera aan mnr R verskaf het. Botes het getuig dat hy cholera ontvang het. Hy weet nie van wie af nie en hy het dit aan mnr C oorhandig in Windhoek. Dit moes in die watertoevoer ingemeng word. Hy het bedenkinge gehad oor die uitvoerbaarheid van die plan omdat daar chloor in die water was. Die plan het nie gewerk nie. Mnr. C het bevestig dat hy sulke goed ontvang het en aan en Daniels oorhandig het om in die reservoir te gooi. Ook hy bevestig dat die plan nie gewerk het nie

[2030] Dr. Muller het getuig hoe giftig die gifstowwe is wat deur dr. Immelman verskaf is.

[2031] Soos ek die staat se saak verstaan was die beskuldigde betrokke by die komplot om mense wat 'n sekerheidsrisiko geword het te elimineer en het hy betrokke gebly. Die lede van Barnacle was daarby betrokke. Die naam het verander en die organisasie het uitgebrei. Die doelstellings het in der brede dieselfde gebly. Die organisasie was uiteindelik bekend as die BSB en het ook spesifiek in die land opgetree teen vyande van die staat. Intussen het die beskuldigde RNL misbruik deur die dodelikste gifstowwe te laat inmeng in allerlei substansie en is dit deur die BSB gebruik om mense te dood. Alhoewel die beskuldigde miskien nie geweet het van elke individuele geval nie was hy van die opset bewus omdat hy vir Chris, Gert en Manie en mnr R aan dr Immelman voorgestel het.

[2032] In die eerste plek is dit belangrik om ingedagte te hou dat daar tot vervelens toe getuienis gelei is dat die moet-weet beginsel baie streng toegepas is, beide in die projek en in die BSB. Daar is geen getuienis

dat tydens die tyd toe die binnelandse streek van die BSB aktief was dit algemene kennis was dat hulle so besig was. Trouens die indruk wat ek het is juis tot die teendeel. Eers na die Goldstone kommissie het hulle bedrywighede op die lappe gekom.

[2033] Verder is dit belangrik om daarop te let dat die navorsing vir CBO juis daarop ingestel is om vertrouwd te raak met die dodelikste gifstowwe, om te weet hoe hulle toegedien kan word, om te weet waarvoor opgelet moet word om inname te vermy en om te weet watse teenmiddels en behandeling aangewend kan word ingeval van so 'n besmetting. Daar is die beskuldigde se getuienis dat hy goed wat deur RNL gemaak is deur Delta G laat toets het en omgekeerd en dat hy hulle opdragte gegee het, die een om 'n teiken met gifstof te probeer vergiftig en die ander om dit te probeer verhoed. Verder is daar behalwe die beskuldigde se getuienis die getuienis van dr. Goosen, dr. Immelman, dr. Davis en ook van die ander wetenskaplikes dat hulle bewus was daarvan dat daar met die dodelike middels gewerk word omdat dit nodig was om verdedigingsmeganismes te ontwikkel. Vir hulle tipe van navorsing was daar niks sinisters in dodelike gifstowwe nie. Die honderde verslae oor hierdie navorsing moes juis op optiese skyf vasgelê word sodat dit vir die nageslag bewaar kan word. 'n Baie goeie illustrasie hiervan meen ek is die volgende: Die beskuldigde was onder kruisverhoor rondom 11 September 2001. Pas na die aanval het ek oor die CNN nuus gesien dat daar 'n vrees was dat plaagbeheervliegtuie deur terroriste in Amerika gebruik kan word. Ek kon nie mooi verstaan presies wat die vrees was nie en het die beskuldigde daarna gevra. Hy het onmiddellik geantwoord dat die vrees nie is dat dodelike chemiese middels toegedien sal word nie maar dat biologiese agense soos miltsiekte versprei kan word. Dit vat 'n paar dae vir mense om siek te word en die siekte kan nie na die vliegtuig terug herlei word nie. Die feit dus dat met dodelike gifstowwe gewerk is, is op sigself niksseggend ter beantwoording van die vraag of die beskuldigde by 'n sameswering betrokke was.

[2034] Ek het reeds bevind dat die beskuldigde nie saam met Theron betrokke was by die inisiële komplot om mense te dood nie. Die vraag is dan watter ander aanduidings daar is dat die beskuldigde bewustelik meegedoen het aan 'n skema om mense te vergiftig. Dr. Pretorius het geargumenteer dat hy betrokke was by die botteljie goed wat hy aan Phaal gegee het, die self wat aan Floyd gegee is, by die thalium waarmee de

Fonseca vermoor is, by die paraoxon waarmee eerw. Chikane se klere besoedel is, by die thalium waarmee Knox Dhlamini vermoor is, en by die digoksien wat bestem was om mnr. Omar te vermoor, by die fetus van Operasie Apie en by die cholera wat in die drinkwater gegooi is in Windhoek.

[2035] Floyd het getuig dat hy by K gehoor dat die beskuldigde middels voorsien. K het dit pertinent ontken. Floyd het allerhande optrede wat nie deur hom gepleeg kon gewees het aan K toegedig soos dat hy die persoon was wat die vliegtuig van Zeerust af geloods het. Hy het ook aangevoer dat K van die slagoffers ingespuut het terwyl dit deur K en Theron weerspreek is. Floyd was gewis nie 'n goeie getuie nie. Floyd het nie die waarheid gepraat oor wat hom meegedeel is oor die gifstof wat hy in London ontvang het nie. In sy hoofgetuienis het hy nie gemeld dat die middel van die beskuldigde afkomstig was nie. Toe dit aan hom gestel word dat dit verskil van sy verklaring het hy sy getuienis verander om te sê dat Lourens hom wel meegedeel het dat die middel van die beskuldigde afkomstig is. Lourens ontken dit ten sterkste want die gifstof het nie van die beskuldigde af gekom nie. Verder het hy getuig dat sy vrou kan staaf dat hy die salf wat hy Ovanboland toe geneem het by die beskuldigde gekry het. Sy is nie geroep as 'n getuie nie. Hy het aanvanklik aan die polisie aangedui dat hy dit in Waterkloof gekry het. Daarna het hy 'n nota aan "*I went to Dr. Basson's house in Sunnyside alone on one occasion*" Hy getuig dan dit 'n fout was omdat sy vrou hom 'n paar dae vantevore meegedeel het dat sy saam was. Nogtans het hy nie in hoof gemeld dat sy vrou saam was nie. Hy voer as rede aan dat hy nie weer sy verklaring kon verander nie. Dan blyk dit dat hy onseker is of sy vrou saam was.

[2036] Sy verduideliking oor waarom hy deurmekaar was met die plek waar hy die middel gekry het help nie veel om 'n hof vertrou te gee dat sy getuienis aanvaarbaar is nie:

"Aanvanklik sê u in u notas u het hierdie stof in Waterkloof gekry. Dan verander u dit en trek Waterkloof dood en u sê Sunnyside. --Die, uhm, toe ek daardie, het ek gesit en daardie goed geskryf het, daardie spesifieke stowwe, eh, uhm, stowwe, ehm, gifstowwe, het ek eh, uhm, by meer as een geleentheid. Ek het op 'n vorige geleentheid ook van daar die goed ontvang. Wie dit vir my gegee het en waar dit, wie die teiken was kan ek nie onthou nie maar wat ek wel weet dit is nie gebruik op daardie stadium nie. Nee ek was ook nie op daardie

stadium presies seker nou waar. OK, dan dink ek vir myself ja-nee ek was by dr. Basson se huis gewees en op 'n ander stadium dan sê ek nee, eh, eh, nee, dit is nie waar, ek was by sy huis gewees maar dit is (onduidelik) saam met my. Dit het, daarna het ek my storie verander, Soos my, ek oor die goed gedink het, het ek my geheue verfris en toe die, eh, verklaring later eh, uhm volledig uitgemaak."

[2037] As dit in gedagte gehou word dat hy 'n 204 getuie is wat vrywaring vra vir sy deelname aan die eliminاسie van mense deur oa mense met hamers dood te slaan, en dit word onthou dat hy deur die polisie geneem is om die huis in Sunnyside uit te wys en dit nie kon doen nie, en dit vasstaan dat die beskuldigde nooit 'n huis in Sunnyside gehad het nie dan kan geen hof hierdie onsamehangende gepraat as positiewe getuienis aanvaar teen die beskuldigde se ontkenning daarvan nie.

[2038] Phaal was indien enigiets, nog 'n swakker getuie as Floyd. Sy getuienis oor die botteltjie goed by Waterkloof Lugmagbasis, is onwaarskynlik. Die beskuldigde is reeds ontslaan op aanklag 52 (moord op de Fonseca). Daar was geen aanduiding dat hy vergiftig is nie en daar is geen aanduiding dat die beskuldigde enige stof aan Phaal oorhandig het nie. Die beskuldigde is ook reeds ontslaan op aanklag 57 (sameswering om eerw Chikane te vergiftig). Dit is nie bewys dat sy klere met paraoxon besmet was nie en die staat het nie bewys dat Chris, Gert en Manie enigiets aan sy klere gesmeer het nie. Boonop is Immelman se getuienis verdoemend teen die staat tot die effek dat die beskuldigde nie geweet het van die oorhandiging van die paraoxon aan Chris, Gert en Manie nie. Die staat het probeer bewys dat Knox Dhlamini met bier vergiftig is wat vanaf RNL gekom het. Dit is nie bewys dat hy hoegenaamd vergiftig is nie en selfs al word aanvaar dat hy vergiftig is is die getuienis van van Rensburg dat die bier van EMLC gekom het. Dit kan nie bevind word dat 'n bobbejaanfetus afkomstig van RNL by biskop Tutu se huis opgehang is nie of dat die beskuldigde bewus was daarvan dat 'n bobbejaanfetus by die BSB uitgekom het nie of dat die beskuldigde bewus was daarvan nie. Wat die digoksien aanbetref is die beskuldigde ook reeds op hierdie aanklag ontslaan en kon die plan nie met die wete van die beskuldigde as kardioloog, geskied het nie. Dr. Pretorius het ook geargumenteer dat hy nie daarvan bewus was nie maar dat dit een van die stukkies getuienis is wat hom wel aan die sameswering koppel. Wat die cholera in die water in Windhoek aanbetref weet geen mens wat in die bottels was nie.

Trouens ek meen nie dat dit vas staan dat die inhoud in die water gegooi is nie. Die beskuldigde het nie geweet dat dit uitgegee is uit RNL nie

[2039] Samevattend op hierdie klag is die posisie dus dat die belangrikste deel van die staat se saak naamlik die beskuldigde se deelname aan die komplot tussen hom, gen. Loots en Theron verwerp is. Daar is eenvoudig nie bewys dat hy van die doodssendings bewus was nie. Daar is nie bewys dat hy 'n botteltjie goed aan Phaal gegee het nie. Daar is nie bewys dat hy self aan Floyd gegee het nie. Daar is wel die getuienis van Lourens dat die beskuldigde die apparaat wat in Lourens se fabriek gemaak is vir hom gegee het en die beskuldigde se ontkenning daarvan. Daar is nie bewys dat hy enigiets verskaf het vir inname deur de Fonseca nie. Daar is nie bewys dat hy bewus was van die oorhandiging van paraoxon aan Chris, Gert en Manie nie. Daar is nie bewys dat RNL se fetus by biskop Tutu se huis opgehang is nie. Daar is nie bewys dat Knox Dhlamini vergiftig is nie of dat bier komende van RNL vir hom ingegee is nie. Daar is nie bewys dat hy bewus was van 'n poging om mnr. Omar met digoksien te vermoor nie en ook nie dat hy geweet het dat cholera uit RNL uitgegee is nie.

[2040] My indruk is dat die staat die kwessie van die supertoksiese stowwe verkeerd verstaan het. Toe die staat sien met watse stowwe daar by RNL gewerk is het die staat daaruit die afleiding gemaak dat die navorsing nie onskuldig kon wees nie. Die feit van die saak is dat alles klandestien geskied het en hoogstens eerw. Chikane se ontberinge en Operasie Apie het bekend geword. Ek meen nie dat die feit dat 7 Medies die BSB medies ondersteun het nie of dat die beskuldigde gevra is om behulpsaam te wees by die ontbinding van die BSB enigsins help om die staat se saak dat die beskuldigde deel van 'n sameswering was enigsins verder neem nie. Die beskuldigde moet op hierdie aanklag onskuldig bevind word.

[2041] Aanklag 64 en aanklagte 28 en 29 loop eintlik saam. Dit het te doen met die vier trommels wat by Bosch gevind is na die beskuldigde se arrestasie gedurende Januarie 1997. In die trommels was daar staatsinligting wat 'n hoogs vertroulike aard wat nie geopenbaar moes word nie. Daarin was ook klein houertjies met dwelms. Die staat beweer dat dit die beskuldigde se trommels is en dat die inhoud daarvan ook die beskuldigde s'n is. In aanklagte 28 en 29 is hy aangekla van besit van ecstasy en handel in

metakoloon en kokaiene alternatiewelik besit daarvan. In aanklag 64 word hy aangekla daarvan dat hy die Wet op die beveiliging van Staatsinligting oortree het deurdat hy nie die vertroulike verslae laat vernietig het nadat, dit op optiese skyf vasgelê is nie.

[2042] Die beskuldigde is reeds ontslaan op aanklagte 28 en 29 en die redes daarvoor is hierintevore reeds verstrek. Die enigste rede waarom die beskuldigde nie toe ook ontslaan is op aanklag 64 nie was omdat die getuienis was dat die beskuldigde opdrag gekry het om die dokumente te vernietig en dit nie duidelik was dat hy die nodige stappe gneem het om dit te vernietig nie. Die relevante getuienis was dat Immelman twee trommels gaan koop het en die verslae en dokumente van RNL daarin gepak het. Die beskuldigde en Mijburgh het dit by sy huis kom neem en weggevat. Die beskuldigde het vir Bosch gevra vir stoorplek vir artikels toe hy besig was om te verhuis. Mijburgh het op 'n stadium die trommels by Bosch aangebring en hom versoek om dit vir die beskuldigde te stoor. Die inhoud van die trommels is verslae wat van RNL afkomstig is en ook van die beskuldigde se persoonlike artikels en dokumente wat lyk of dit uit sy kantoor kan kom. Dan is daar 'n trommel met dokumente wat vanaf die sentrale databank afkomstig is en die laaste trommel bevat publikasies en artikels wat ook waarskynlik van RNL af kom.

[2043] Tydens die aansoek om ontslag het die staat 'n argument gehad dat die inhoud van die trommels en die beskuldigde se posisie sodanig was dat die enigste afleiding is dat die trommels deur die beskuldigde bewaar is en dat hy nie die RNL dokumente laat vernietig het nie. Ek het nie die argument aanvaar nie. Dit is waarom ek die beskuldigde ontslaan het op aanklagte 28 en 29. Intussen het die beskuldigde nou getuig dat hy en Mijburgh twee trommels by Immelman gaan haal het en na Data Image geneem het. Mijburgh is in beheer van Data Image en het die opdrag aanvaar om die dokumente vas te lê en die oorspronklikes te versnipper. Voordat Mijburgh betaal is het hy bevestig dat dit geskied het. Hy het wel vir stoorplek gevra by Bosch maar het op die ou end sy goed in Midrand gestoor by Smuts-Muller, die oud BSB lid.. Sy vrou het die verpakking daarvan behartig. Hy het gedink dat die amptelike dokumente vernietig was en het nie sy persoonlike goed gemis nie omdat dit iewers gestoor kon gewees het. Hy het eers na sy arres gehoor van die trommels en weet nie hoe dit by Bosch uitgekom het nie.

[2044] Die staat het weer eens 'n argument gebaseer op die inhoud van die tromele en die beskuldigde se posisie in die projek. Die argument beslaan 208 getikte bladsye. Ek kan nie sien hoe die argument ooit daartoe kan lei dat die objektiewe getuienis wat deur Immelman en Bosch gegee is tesame met die beskuldigde se weergawe wat perfek daarby inpas verwerp kan word nie. Dit staan nou vas dat hy stappe geneem het om die vertroulike dokumente te laat vernietig en geglo het dat hulle vernietig is. Die enigste moontlike bevinding op hierdie aanklag is dat die beskuldigde onskuldig bevind moet word.

Die bedrog en Diefstal aanklagte

[2045] Die verskil in benadering tussen die staat en die verdediging oor hierdie deel van die saak is merkwaardig. Die aanklagte teen die beskuldigde kan in 'n aantal kategorieë opgedeel word. **Aanklagte 1 tot 19 is aanklagte ingevolge waarvan die staat beweer dat die beskuldigde bedrieglik voorgestel het dat sekere goedere en dienste vir die projek verkry word, terwyl dit nie verkry is nie en die geld in werklikheid oorbetaal is aan die WPW groep van maatskappye.** Die staat beweer verder dat die beskuldigde die voordelige eienaar is van WPW. Daar is daarna verwys as WPW=Basson. Enige betaling aan WPW is outomaties diefstal van projekgeld.. Aanklag 20 is 'n wye alomvattende aanklag waarin die staat beweer dat die beskuldigde die WPW groep van maatskappye heimlik tot stand gebring het en tot die nadeel van die projek en die staat bedryf het. **Aanklag 22 is 'n aanklag dat die beskuldigde drie trusts nl. Ariestrust, Waterson trust in Jersey en Waterson Master Trust in Jersey heimlik tot stand gebring het en tot die nadeel van die projek en die staat bedryf het. Aanklagte 23 en 24 het te doen met die privatisering.** Die staat beweer dat die beskuldigde, Mijburgh en Swanepoel gemeenskaplike besigheidsbelange gehad het en dat die beskuldigde dit nie geopenbaar het toe die privatiseringsskema vir goedkeuring voorgelê is nie. As gevolg van sy versuim om dit te openbaar het die staat tot sy nadeel gehandel **deur nie die skema meer noukeurig te kontroleer nie. Wat hierdie twee aanklagte aanbetref word nie werklike nadeel beweer nie.** Aanklagte 65, 66 en 67 is aanklagte van diefstal en bedrog. Die staat beweer dat die beskuldigde beskermende klerasie van die projek aan die leër verkoop het en die geld in

die WPW groep van maatskappye inbetaal het en dan beweer die staat dat die beskuldigde vir van Remoortere bedrieg het om te glo dat hy sekere pakke van die SAW kan koop en vir eie rekening verkoop. Die geld wat van Remoortere betaal het is deur die beskuldigde of WPW aangewend. **In die proses het die beskuldigde gebruik gemaak van 'n nie- projek rekening wat hy valslik voorgehou het om wel 'n projekrekening te wees. Dit is die rekening wat in aanklag 21 genoem word. Die bedrog in aanklag 21 is daarin geleë dat die beskuldigde versuim het om te openbaar dat die rekening nie 'n projekrekening is nie**

[2046] Uit die getuienis van gen Knobel het dit geblyk dat daar 'n wesenlike CBO bedreiging in Angola was beide vir die SA troepe en vir Unita. Nadat die beskuldigde die nodige inligting ingewin het en die nodige voorligting gegee het is hy aangestel as projek-offisier om dinge te koördineer en 'n CBO vermoë vir die RSA te vestig. Daar is prioriteit aan die projek verleen. Die situasie is vertroebel deurdat feitlik alle lande sanksies teen die SAW toegepas het en dat dit onmoontlik was om die toerusting en benodighede op die ope mark te verkry. Dit moes klandestien verkry word en dit was voorsien dat dit op onkonvensionele wyse verkry sou moes word. In die proses kon hy dit op die swart mark koop, dit steel of mense omkoop om dit te verkry.

[2047] Vanweë die aard van die projek was dit noodsaaklik dat die fondse nie na die SAW terug herlei kon word nie. Die beskuldigde kon die fondse rondskuif soos wat hy wou om die sekereheid nie te kompromiteer nie. Hy was egter nie geregtig om homself te verryk nie. Die beskuldigde was geregtig om medewerkers in die buiteland te gebruik en te betaal en die KBK wou nie inligting hê oor hulle nie. Alle verkrygingsaksies is in die diskresie van die beskuldigde gelaat. Hy moes afsnypunte in die betalingstelsel inbou. Dit was aanvaar dat aankope nie in die ope mark gedoen kon word nie en dat betalings nie openlik kon geskied nie. **Die beskuldigde het verskeie bankrekenings in die naam van verskillende regspersone en individue in die buiteland geskep om betalings te verdoesel.** Die vervoer van substansie kon nie langs die gewone weë geskied nie. Daar moes van spesiale metodes gebruik gemaak word. Dekstories moes aan medewerkers voorsien word om hulle te beskerm teen navrae. Skyndokumente moes geskep word as dekking teen navrae. By sanksie ontduiking sal daar noodwendig vals dokumente wees.

[2048] Ten einde die beskuldigde toe te laat om behoorlik te kon opereer is hy van owerheidsweë voorsien van pseudo-identiteite, is hy gehelp om te kon voorgee dat hy 'n dienspligontduiker was en later dat hy 'n ryk sakeman was met 'n belang in biologiese en chemiese navorsing. Hy is selfs van 'n vals belastingaanslag voorsien om dit vir hom moontlik te maak om met Claudine van Remoortere in die huwelik te tree en so'n Belgiese paspoort te bekom.

[2049] Dit het so deur die twee jaar wat die saak verloop het duidelik geword dat om 'n CBO vermoë te vestig daar 'n aantal gebiede is waar dinge moet gebeur. **Op die defensiewe front moet daar apparaat wees wat 'n aanduiding kan gee wanneer daar 'n bedreiging is, wat presies die aard van die bedreiging is. In die heel eenvoudigste vorm moet van papier gebruik gemaak word wat met chemiese stowwe behandel is en wat verkleur as sekere gasse teenwoordig is. Dan is daar die nat deteksie sak wat ook aangewend word deur basiese proewe met grondmonsters te doen. By Graceby's in Engeland word daar CAM's gemaak.** Met die druk van 'n knoppie kan vasgestel word wat die aard van die bedreiging is. **In die wêreld waar ons van dag lewe is daar nou ook rekenaars waarin gegewens oor die omgewing ingevoer word en deur die invoer van inligting op die betrokke dag oor bv windspoed en -rigting kan bepaal word tot watter omvang die effek van 'n chemiese aanval op eie troepe sal wees.**

[2050] Die aantrek van beskermende toerusting is 'n groot belemmering vir 'n gevegseenheid. Dit beperk nie alleen die beweging en sig nie maar is geweldig warm en lei heelgou tot hitte uitputting. Dit moet per slot van rekening so dig wees dat mostertgas nie daardeur kan dring nie. Nietemin, beskermende toerusting is 'n noodsaaklikheid. Daar word minstens maskers, broeke en baadjies, skoene en handskoene benodig.

[2051] Wat die chemiese oorlogvoering aanbetref moet 'n moondheid oor inkapasitante en irritante beskik. As die vyand jou eenheid verplig om beskermende uitrusting aan te trek moet jy in staat wees om dieselfde te kan doen om hulle te verplig om dit ook te doen. Wanneer jou mag in 'n moeilike situasie is om bv deur 'n mynveld te moet terugval het jy tyd nodig om dit te kan doen. In gepaste omstandighede kan jy dit koop deur van irritante gebruik te maak en die vyand op 'n afstand te hou. Om irritante en inkapasitante effektief te kan

aanwend moet dit verwapen wees. Dit moet vanaf 'n afstand toegedien kan word. Die verwapening van chemiese stowwe is 'n gekompliseerde oefening wat nie alleen deskundigheid op die gebied van die chemie verg nie maar ook gesofistikeerde apparaat om pirotegniese werk te kan doen. Daar is ook navorsing nodig om te verseker dat die verwapende substans deur die teikens opgeneem sal word. Dit wil voorkom asof opname deur die neusslymvlies kan geskied as die verhoudings reg is.

[2052] Wat biologiese oorlogvoering aanbetref is daar 'n magdom van organismes wat aangewend kan word om mense siek en dood te maak. Om bestand te wees teen so 'n aanval is 'n grondige kennis van gifstowwe en organismes nodig. Dit is nodig om te weet hoe dit toegedien kan word, wie moontlike teikens is, hoe dit behandel moet word en wat teenmiddels is.

[2053] Dit spreek vanself dat in die ontwikkelde wêreld waarin ons leef die elektronika by elkeen van hierdie fasette 'n rol speel nie. Waar in 'n militêre opset die elektronika veral belangrik raak is by inligting en teeninligting. Meeluister apparaat word op groot skaal gebruik. Dan is dit weer noodsaaklik om apparaat te hê wat jou in staat stel om die meeluister apparaat te kan opspoor. Apparaat wat monitering doen word benodig en gebruik.

[2054] Om Coast te laat werk moes daar van frontmaatskappye gebruik gemaak word. Die heel eerste en sekerlik ook belangrikste een was Delta G. Dit was 'n chemiese laboratorium waar chemiese navorsing gedoen kon word. Die produksievermoë was egter beperk en dit kon bv. nie landbouchemikalieë op 'n groot skaal produseer nie. Dit is redelik bekend oor watter inkapasitante en irritante ander moondhede beskik. Dit kan egter nie sondermeer aanvaar word dat hulle formules korrek is nie. Waninligting word soms vrygestel. Dit beteken dat om 'n produk soos ecstasy te maak dit nodig is om dit vanuit die staanspoor te sintetiseer. Dit verg navorsing. Eers wanneer dit seker is dat die gesintetiseerde produk effektief sal wees kan met produksie begin word. Een van die belangrikste doelwitte van Delta G was om na te gaan welke inkapasitante die meeste effektief sou wees en om dan daardie, waarop besluit sou word dat hulle verwapen moet word, te produseer. Dit is gehoop dat in die navorsingsprosesse nuwe ontdekkings gemaak kan word.

[2055] RNL was nodig vir navorsing oor die uitwerking van die inkapasitante. Dit moet getoets word. In die proses is voorsien dat van primate gebruik gemaak sou word. Streng gesproke behoort Delta G en RNL bymekaar te gewees het. Daar was egter 'n groot aantal top wetenskaplikes verbonde aan beide instellings en so 'n groot konsentrasie van wetenskaplikes kon die oog vang en die sekerheid van die projek kompromiteer. Met die teelstasie langsaan was RNL by Roodeplaat toe 'n goeie oplossing van die sekuriteitsprobleem. Die biologiese navorsing en die toetse van die Delta G produkte kon daar geskied. Buitendien is daar ook 'n sintetiese vermoë by RNL geskep en kon Delta G en RNL mekaar komplimenteer.

[2056] Omdat die twee instansies volledige fronte van die SAW was moes hulle finansiering deur die SAW op 'n manier geprakseer word dat daar nie 'n direkte verbintenis met die SAW was nie. Die fondse is begroot op die verdedigingsbegroting en dan oorgeplaas na in die eerste instansie Infladel. Daar was ook ander frontmaatskappye soos Sefmed en D John Truter Finansiële konsultante. Delta G en RNL was natuurlik volwaardige maatskappye. Die aandeelhouers, die bestuur, moes blanko aandeeloordragvorme teken. Beide maatskappye is geoudit deur 'n firma bekend as Theron van der Poel. Pierre Theron was verbonde aan die firma

[2057] Intussen moes daar beskermende toerusting en deteksie apparaat verkry word. Omdat daar sanksies teen die land gegeld het moes dit op 'n klandestiene metode gedoen word. Dit geskied internasionaal so dat die weermag ooreenkomste aangaan met maatskappye wat semi frontmaatskappye is. Die maatskappye word besit en beheer deur privaat instansies en individue maar hulle besigheid is hoofsaaklik die van die staat. Hulle gaan ooreenkomste aan met die staat om bv. pakke te vervaardig en word deur die staat betaal. **Dit is gewoonlik baie voordelige ooreenkomste vir die entrepreneur. Ten spyte van protestasies tot die teendeel glo ek dat die heer van Remoortere finansiël baie goed gedoen het uit CBO in Suid Afrika.** Hy het naamlik aanvanklik die maatskappy YCVM gestig wat beskermende pakke vir die SAW vervaardig het. Die naam daarvan het later verander na Technotek.

[2058] Krygkor het aankope vir die SAW gedoen. Om die sekerheid van die projek te beskerm kon Krygkor nie direk van die projek aankoop nie en is daar 'n meganisme geskep in die vorm van Intramex. YCVM verkoop aan Intramex en Intramex verkoop weer aan Krygkor. In die geval van die produkte wat by Delta G gemaak is en in besonder die CR het Delta G aan Intramex verkoop en het Intramex dit weer aan Krygkor verkoop. Krygkor het dit na Swartklip geneem waar die verwapening geskied het. Die betrokkenes het geglo dat die CR ingevoer is.

[2059] Daar was egter ook nog ander aktiwiteite. Aerosol kannetjies is met CR gelaai. Dit het gebeur by Q B Laboratories. Daar was 'n maatskappy SRD waarby Lourens betrokke was. Die beskermende klerasie moes behoorlik getoets word vir kwaliteitsbegeer. Dit is gedoen deur Lourens deur 'n maatskappy Protechnik.

[2060] Om die situasie nog verder te vertroebel is die beskuldigde opdrag gegee om sekere ander take ook te doen. Hy moes byvoorbeeld van tyd tot tyd wanneer die behoefte ontstaan het geld beskikbaar stel aan Spesmagte operateurs in Europa. **Daar was 'n behoefte dat spesmagte se voertuie nagesien moes word en 'n maatskappy Phoenix Service Station het dit gedoen.** Daar was by spesmagte 'n behoefte aan oënskynlike privaat dokters. 'n Aantal van hulle is geïdentifiseer en voorsien van lenings om hulle instaat te stel om met praktyke te begin in 'n omgewing waar hulle aan spesmagte se behoeftes kon voldoen. Aanvanklik is die lenings deur Infladel aan hulle toegestaan. Sommige van die getuies het na die lenings verwys asof dit Coast lenings was. Ek is nie so seker dat dit wel Coast was nie. Pierre Theron wou nie die lenings in Infladel laat nie en die lenings is oorgeplaas na 'n rekening van die **WPW groep - Profincor.**

[2061] Dit staan vas dat die beskuldigde aankope in die buiteland moes maak. Dit staan ook vas dat betaling nie herleibaar mag gewees het na die SAW nie. **By die einde van 1986 was dit duidelik dat verwapening nou moes begin geskied.** Beide Delta G en RNL was nou operasioneel in hulle nuwe geboue. Daar was die moontlikheid dat hulle selfs privaatwerk kon doen en op daardie wyse 'n inkomste kon genereer. Daar het 'n ander benadering tot stand gekom. **Daar was geen direkte kontak met Delta G en**

RNL nie en dit was duidelik dat die beskuldigde op 'n groot skaal aankope in die buiteland sou moes maak. Die WPW groep van maatskappye het toe beslag gekry. Die eerste drie maatskappye was WPW Inc, Medchem Inc en PCM Inc. Mole het die beskuldigde aan Webster voorgestel op die Kaaiman eilande en daarna was Webster baie prominent in die WPW groep. Van Remoortere was toe alreeds doenig met YCVM en sy vriend Zimmer het nou betrokke geraal veral omdat hy van Remoortere se rekening kon gebruik, en gebruik het om geld uit Suid Afrika te ontvang en te verskuif. **Die groot geskilpunt in die saak gaan daaroor of die WPW groep gestig is deur die beskuldigde vir sy eie voordeel en of dit gestig is ter bevordering van die projek.**

[2062] **Die beskuldigde moes in hierdie tyd CAM's en nat deteksie sakke kry. Dit was nodig tydens operasies Modulêr, Hooper en Packer.** Hy het kontak gehad met Buffham. Ook Lourens was met die elektronika besig was het kontak gehad met Buffham. Die beskuldigde het later ook vir dr. Chu ontmoet. Hy het aan die KBK voorgehou dat daar behoeftes was en het die verkrygings en die prys daarvan gemeld. Daar was goedkeurings. Gelde is beskikbaar gestel. Die projek het voortgegaan. **Pierre Theron was volgens gen. Knobel die projek ouditeur. alhoewel hy dit nie self wil toegee nie blyk dit tog dat hy 'n hele klomp van die betrokke maatskappye geouditeer het.** Hy het geweet van Coast en van die beskuldigde en het auditverslae uitgebring. **Hy het die beskuldigde baie hulpvaardig gevind.**

[2063] Alles het redelik vlot verloop tot hier by 1989 toe daar 'n nuwe president op die toneel verskyn het. Dit was duidelik dat daar 'n nuwe politieke benadering was en in Februarie 1990 het die president 'n toespraak gemaak wat die SAW laat besef het dat daar 'n politieke oplossing in die land gaan wees en nie 'n militêre een nie. **Die SAW was toe ook nie meer betrokke by die oorlog in Angola nie behalwe in soverre daar humanitêre hulp aan mnr. Savimbi verleen is.** Daar is egter besluit dat die proses van verwapening van die inkapasitante versnel moet word. Die probleem was dat die metakoloon wat aanvanklik by Delta G gemaak is nie meer voldoende was nie en dat metakoloon en BZ aangekoop sou moes word. Dit was voorsien dat Delta G wel betyds ecstasy sou kon maak.

[2064] Daar het filiale van die WPW groep van maatskappye in Suid Afrika ontstaan. BRCI, Wisdom Finance, Wisdom Holdings, BR Holdings, Aeromed, Partners In Travel, Waag-'n Bietjie Boerdery en Joostenberg Properties is van die wat die oog die meeste gevang het. Hierdie maatskappye is nie deur die beskuldigde bestuur nie maar deur 'n groep persone wat nie offisiëel in die SAW was nie nl Viljoen, Marlow en Bosch en dan tot 'n groot mate ook Swanepoel. P W de Jager was tot 'n mindere mate betrokke. **Die SAW was baie bewus van die bestaan van hierdie mense want die maatskappy Intramex is bv aan Viljoen deur die KBK gegee. Hulle het besef dat hy aftree en nie 'n pensioen het nie en dat dit net billik is dat die maatskappy aan hom gegee word vir die werk wat hy vir die *projek* gedoen het. Toe Bosch siek word in Europa is hy met die wete van die KBK met die Jetstar gaan haal.** Gen. Knobel se getuienis is dat hy nie seker is of Bosch toe al 'n projekbeampste was nie. **Toe die beskuldigde in Switzerland gearresteer is is Marlow oorgestuurd om hom te gaan bystaan.** Die SAW het sy borggeld betaal en Marlow is vergoed vir sy uitgawes. Swanepoel was natuurlik deel van die projek as besturende direkteur van RNL maar na Augustus 1991 was RNL geprivatiseer en was Swanepoel steeds deel van hierdie groepie wat die WPW maatskappye beheer het.

[2065] Daar is besluit dat die proses van verwapening verhaas moes word. Substantse moes aangekoop word. Die Internasionale Konvensie sou binnekort plaasvind. Die verwapening moes voltooi wees voordat dit plaasvind. Intussen moes die privatisering afgehandel word. Die Goldstone kommissie vind uit van die CBO projek. **By die einde van 1992 word dit feitlik aanvaar dat die verwapening nie sal plaasvind nie en vroeg in 1993 neem die minister so 'n besluit nadat die verskillende alternatiewe aan hom voorgelê is. Die substantse word vernietig.** Daar is nou los drade wat afgehandel moet word. Intussen is die beskuldigde vanweë die Steyn verslag ontslaan maar word hy deur die SAW in diens gehou in 'n burgermag hoedanigheid.. Na die verandering van regering in 1994 word die Amerikaners en Engelse ingelig oor die SAW se CBO vermoë. In die proses praat hulle met die beskuldigde. Hulle beveel aan by president Mandela dat hy heraangestel word in die SAW omdat die kennis wat hy het andersins dalk in vreemde hande kan val. Met moeite word hy heraangestel.

[2066] Die WPW groep bou Merton huis in Arcadia en weens klagtes wat geopper word is daar in 1992 'n ondersoek daarna. Daar is 'n ondersoek na die WPW groep. Dit wil lyk asof meeluistering deel van die ondersoek was want daar is erkennings deur getuies van so veel as 47 telefoonlyne wat getap is. **Die beskuldigde maak 'n beëdigde verklaring waarin hy vertel dat sy vriend Webster wat 'n groep verteenwoordig besig is met die ontwikkeling en dat hy eintlik maar net help as vriend.** Die KBK gee hom opdrag om minder prominent te wees en Bosch neem nou 'n meer prominente posisie in by die bouery. Die SAW en Theron is tevrede.

[2067] Vanweë die navrae kom die aangeleentheid onder die aandag van KEEM en in samewerking met die OG word 'n aantal bedrae wat oorsee spandeer is geïdentifiseer en word die GG verduidelikings gevra oor die spandering daarvan. Die GG word aangesê om nie met die beskuldigde te praat nie. Hy doen dit in ieder geval en sê so. Hy verskaf antwoorde in samewerking met HSI en HSF en van hulle beamptes en natuurlik ook in samewerking met die beskuldigde. Hy ondervind egter 'n probleem met die betrokke offisiere wat die posisies op die relevante tye beklee het. Hulle ontwikkel swak geheues en kan nie onthou wat gebeur het nie. Die aangeleentheid kom ook voor GSKOR en antwoorde op dieselfde vrae word ook aan hulle verstrekk. **Dit blyk dat tot so laat as 1995 die amptelike beleid van die SAW is om te ontken dat daar 'n offensiewe CBO vermoë bestaan het.**

[2068] Intussen gaan mnr. Fouche van KEEM met die hulp van mnr Bruwer voort om die paaie wat die fondse waaroor die vrae gegaan het na te volg. Dit neem hulle na vele lande en bring hulle in verbinding met medewerkers van die beskuldigde en die aktiewe administrateurs van die WPW groep in Europa en Amerika. Hulle ontdek dat gelde oorgeplaas is na rekenings in die buiteland en dat verduidelikings van die oorplasings gegee is soos bv dat die gelde gebruik is om 'n laboratorium toe te rus of om 'n ploffalarmstelsel aan te koop vir die laboratorium terwyl die geld oorgeplaas is na Buffham se rekening en vandaar oorgeplaas is 'n WPW rekening (Medchem Inc.) en dat van die gelde hulle weg terugvind na CSD as aandelekapitaal. Die aandeelhouer is Amfra. Die cottage word met sulke geld gekoop. Vliegtuie word met sulke geld gekoop. Die vliegtuie is geregistreer in Amerika maar opereer vanuit Suid Afrika onder die vaandel van Aeromed waarvan

Swanepoel mettertyd die besturende direkteur word. **Die SAW moet goedkeuring gee vir vlugte. Pierre Theron oudit uitbetalings tov vlugte en as die beskuldigde en sy kollegas op so 'n vlug was en drankies gedrink het laat Theron nie die drankies toe nie net die ander uitgawes mag deur Infladel betaal word.**

[2069] Wat ek sopas geskets het is in der brede 'n geskiedenis van die projek. Daar is natuurlik baie detail wat nie genoem is nie waarvan dinge soos Tagell transaksie, die Kroatiese transaksie en die roetering van die kommersialiserings- en privatiseringsgelde na die buiteland en terug van die prominentste is.

[2070] **Dat die CBO projek 'n sukses was staan vas. Die getuienis is onteenseglik dat die Amerikaners en die Engelse geweldig beïndruk was met dit wat hier vermag is. Hulle was verder verstom om te hoor met hoe min geld dit vermag is. Slegs die vermoë van die Russe was meer gesofistikeerd as die van die SAW. Gen. Knobel het dit beskryf as 'n nasionale bate wat vir die nageslag bewaar moet word.** Alhoewel die minister die projek beëindig het wou hy hê dat wat vermag is op optiese skyf bewaar moes word sodat dit beskikbaar sou wees indien nodig.

[2071] **Die vraag ontstaan nou, waarmee was hulle so beïndruk was.** Ek opper dit want dit is die staat se saak dat die beskuldigde valslik voorgegee het dat hy substansie aangekoop het en toerusting verkry het terwyl hy die KBK en die hele SAW om die bos gelei het en die geld vir homself gevat het en heimlik saam met sy vriende waarvan die SAW onbewus was in allerhande dinge belê het. **Dit volg natuurlik dat as hy nie die dinge aangekoop het nie dat die ontwikkeling nie kon plaasgevind het nie. Gen. Knobel het aangedui dat daar reeds prototipes van verwapende metakoloon en BZ was.** Al wat eintlik nog moes gebeur het was die die SAW amptelik moes besluit het om oor te gaan tot verwapening en dan wapens begin produseer het. (Dit het wel al gebeur met die CR en alhoewel dit 'n irritant is en nie 'n inkapasitant nie is dit tog gekategoriseer as 'n offensiewe CBO vermoë.) Die verwapening van die ecstasy was nog nie by prototipe stadium nie.

[2072] Dit behoef seker nie 'n betoog dat vir die verwapening van metakoloon en BZ daar metakoloon en BZ nodig is nie. Die getuienis van gen. Knobel en dr. Koekemoer en andere soos dr. Jordaan is onteenseglik dat 'n pirotegniese laboratorium noodsaaklik is wanneer dit kom by die verwapening van inkapasitante. Delta G het nie so 'n laboratorium gehad nie. Die staat het mnr Laubscher geroep wat aan Swartklip verbonde is en betrokke was by die verwapening van die CR om te bewys dat daar so 'n vermoë by Swartklip was. Hy het egter toegegee dat hulle nie enige werk gedoen het op metakoloon of BZ nie. Dit volg onvermydelik dat as gen. Knobel se getuienis (en hy was een van die hoofgetuies van die staat) korrek is dat daar prototipes was, soos wat die beskuldigde ook getuig het, dat daar iewers 'n pirotegniese laboratorium moes gewees het. Die staat maak 'n groot ophef daarvan dat gen. Knobel getuig het dat hy gedink het die verwapening het by Delta G geskied. Hy het egter ook getuig dat hierdie projek maar slegs 'n baie klein gedeelte van sy totale taak as GG was. Dat daar laboratoria by Speskop was blyk duidelik uit baie getuies se getuienis. Ek het nie die geringste twyfel om te bevind dat daar so 'n pirotegniese laboratorium by Speskop was nie en dat dit in opdrag van die KBK tot niet gemaak is toe die projek geabandoneer is.

[2073] 'n Ander aspek wat letterlik maande lank bearbei is was die kwessie van die peptiedsintetiseerder. Mnr Ackermann was so verontwaardig oor die vermetelheid van die beskuldigde om te durf sê dat daar 'n peptiedsintetiseer aangekoop is dat sy tong letterlik gestruikel het elke keer as hy die woord uitgespreek het. Die sage van die peptiedsintetiseerder begin by die Tagell transaksie. Dit staan vas dat die moontlike aankopers van die beskermende klerasie deur Mole aan die beskuldigde voorgestel is en dat hy hulle weer in verbinding gebring het met van Remoortere en Zimmer wat bitter geïnteresseerd was daarin om teen \$31 miljoen 100 000 pakke beskermende klerasie aan hulle te lewer. Hulle kon dit sekerlik produseer met die hulp van hulle vriend Seynaeve in België. Die beskuldigde het gereël dat Webster by 'n hele aantal geleenthede van Amerika af oorkom om die ooreenkoms te help formuleer. Die kopers het aangedring op 'n prestasie waarborg van \$3,2 miljoen. Van Remoortere en Zimmer het dit nie gehad nie. Hulle het die beskuldigde gevra om te help en hy het binne 'n paar dae gereël dat die geld in die Blackdale rekening inbetaal word. Hulle was beïndruk. **(Die staat se saak is dat hy die KBK om**

die bos gelei het oor die noodsaak van 'n peptiedsintetiseerder en so ver gekry het om toe te stem tot die oorpasing van die \$3,2 miljoen, binne 'n paar dae.) Die kopers het nie hulle kredietbrief geproduseer nie en die transaksie het nie voortgegaan nie. Die beskuldigde se getuienis daarvoor was dat die \$3,2 miljoen betaling sou wees vir 'n peptiedsintetiseerder maar dat die kopers in onguns verval het in hulle eie land en dat een tereggestel is. As gevolg daarvan kon die kleretransaksie nie voortgaan nie en die peptiedsintetiseerder nie gelewer word nie. Daar kon egter DNA en RNA "probes" voorsien word teen \$325 000. Hy het dit toe aanvaar en dit is betaal uit die \$3,2 miljoen. Zimmer hulle getuig dat die kopers skelm was en dat hulle gevang is om die \$325 000 te betaal. Dat hy ongelukkig was oor die betaling daarvan staan vas want hy het 'n klag by die Engelse polisie gaan indien en 'n beëdigde verklaring ter ondersteuning daarvan gemaak. Hy en van Remoortere het besluit om die \$325 000 aan die beskuldigde terug te betaal. Die eerste terugbetaling was toe ook sommer dadelik die \$101 000 wat die rente was wat op die \$3,2 miljoen verdien is. Die ander terugbetalings is vier jaar later in die "superdeal" geboekstaaf.

[2074] Daar is nog 'n bedrag van CHF450 000 uit die \$3,2 miljoen oorgeplaas na Medchem Forchungs. Die beskuldigde voer aan dat dit was om 500gr thymus peptied te koop. **Die balans van die bedrag wat die beskuldigde, volgens die staat, besig was om bedrieglik te steel, in die bedrag van omtrent \$2,6 miljoen, word teruggeplaas in die projekrekening in die RSA.** .Daarna word 'n bedrag van \$2,46 miljoen oorgeplaas weer eens vir die aankoop van 'n peptiedsintetiseerder. Die beskuldigde beweer dat dit hier aangekom het tesame met 'n Bulgaar wat daarmee kon werk en 'n Engelsman ene Cadwell en dat dit later, na ongeveer twee jaar verruil is vir 500kg metakoloon. **Gen Knobel het bevestig dat 'n peptiedsintetiseerder aangekoop is nadat daar 'n abortiewe poging was om een aan te koop en daar net "probes" en thymus peptied aangekoop is.** Hy het verder bevestig dat die peptiedsintetiseerder by twee geleenthede onklaar geraak het en teruggeneem is Europa toe om herstel te word.

[2075] Die staat het twee getuies dr. Steenkamp en dr. Jordaan geroep om getuienis te gee oor peptiedsintese, oor hulle mening of die beskuldigde in staat is om peptiedsintese te doen, oor die prys van 'n peptiedsintetiseerder en oor die prys van 500gr thymus peptied. **Verder het die staat die beskuldigde**

neerhalend gekruisverhoor oor die feit dat hy vir M B ChB net Chemie IB verwerf het. Dat dr. Steenkamp antagonisties teenoor die beskuldigde was, was opsigtelik. Sy is onder die indruk dat net sy en 'n paar ander mense begryp waaroor peptiedsintese gaan, dat 'n persoon met 'n M B ChB nie in staat is om peptiedsintese te doen nie, dat 'n peptiedsintetiseerder 'n eenvoudige masjien is wat destyds van die orde van R250 00 en hoogstens R600 000 sou gekos het en dat CHF450 000 geweldig baie was vir 500gr thymus peptied. Dr. Jordaan het haar sentimente tot 'n groot hoogte gedeel **behalwe dat hy weer gedink het die CHF 450 000 was 'n weggee prys vir die thymus peptied.** Dit het geblyk dat dr. Steenkamp eers by 1997, dws sewe of agt jaar later, van die thymus peptied gehoor het. Hulle het definitief nie daarmee gewerk by Delta G nie. Die RNA en DNA "probes" word gebruik om die regte geen te onttrek en so die manipulasie van die emosie te bewerkstellig. Die beskuldigde se Magister graad in fisiologiese chemie het haar en dr. Jordaan nie beïndruk as dit by die maak van molekules kom nie. Dit het egter uit hulle getuienis geblyk dat wat hulle in gedagte het is 'n eenvoudige peptiedsintetiseerder wat een peptied op 'n slag kon sintetiseer. **Hulle het nie besef dat daar masjiene is wat 96 peptiede gelyktydig kan sintetiseer nie, wat self foute kan uitstryk en wat die mikrobiologiese ontwikkeling van peptiede kan moniteer nie.** Dr. Jordaan het toegegee, nadat hierdie aspekte met hom bespreek is, dat daar so 'n masjien by Speskop kon gewees het. Wat verder objektief so is, is dat dr. Gibson reeds hier rondom 1989 onder leiding van die beskuldigde besig was met kliniese vigsnavorsing oor die uitwerking van die thymus peptied op slagoffers vir die vatbaarheid van behandeling met AZT. Mnr Bouwer moes toegee, en die staat het nie maklik toegewings gemaak nie, dat dit duidelik is dat die beskuldigde besig was met navorsing met die gebruik van die thymus peptied waarvan drs. Steenkamp en Jordaan nie ingelig was nie.

[2076] Toe dr. Koekemoer, wat een van die top chemici in die land is, getuig het oor die situasie by Delta G het hy verduidelik dat daar maandeliks verslag gedoen moes word aan die beskuldigde. Hy het nogal opgemerk dat die beskuldigde nie alleen klaarblyklik verstaan het waaroor die chemie gegaan het nie hy het boonop waardevolle insette gelewer. Om sy Magister graad in Chemie te kon doen moes die beskuldigde sy professor oortuig dat hy chemiese agtergrond het wat gelyk is aan Chemie III..As in gedagte gehou word dat die beskuldigde reeds aan die einde van die sewentiger jare die professor moes oortuig van kundigheid gelyk

aan Chemie III en dat hy sekerlik om homself in die CBO veld in te werk wyd moes gelees het **en dat dr. Goosen getuig het dat hy en die beskuldigde reeds in die vroeë tagtigs besef het dat peptiednavorsing noodsaaklik is by die verwapening van inkapasitante dan vind ek dit moeilik om te begryp hoekom die staat so halsstarrig volhou dat die beskuldigde niks weet van peptiedsintese nie. Wat verder van belang is, is dat die bepalings in die ooreenkoms, en hoe dit tot stand gekom het ook aanduidend is daarvan dat dit nie slegs 'n prestasie waarborg is nie. Wanneer ek Webster se getuienis bespreek sal ek verduidelik wat ek bedoel.** As daarby in ag geneem word dat gen. Knobel bevestig het dat daar 'n peptiedsintetiseerder gekoop is **en dat Chu aangedui het dat die beskuldigde na 'n peptiedsintetiseerder en na thymus peptied gesoek het dan vind ek dit nog moeiliker om te begryp waarom die staat volhou dat daar nie 'n peptiedsintetiseerder gekoop is nie.** Ek het nie die minste twyfel dat daar wel 'n peptiedsintetiseerder gekoop is nie en dat dit verruil is vir 500 kg metakoloon nie.

[2077] Een van die ander groot geskilpunte gaan oor die geld wat na Kroasië is en waarvan ongeveer \$1,5 miljoen deur Jacomet verduister is. Dat die geld na Kroasië is vir betaling van die metakoloon waarvoor daar reeds fondse bewillig was en in die buiteland was is gemene saak. Die beskuldige sê dat hy geld moes oorplaas na die Switsers saam met wie hy die transaksie gedoen het en dat hulle dit in 'n waarborgrekening inbetaal het. Die geld sou betaling van die metakoloon waarborg. Daar was vier verskillende partye wat sou deel in die opbrengs. Daar moes elke keer 'n magtiging aan die bank gegee word deur homself en die betrokke party dat die waarborgbedrag uitbetaal kon word. Daarna het Jacomet aangedui dat hulle betaling in Kroasië wou hê. Hulle was gedruk vir tyd en die KBK het goedgekeur dat die geld wel so oorgeplaas word. **Die geld is eers na 'n rekening van Zimmer en toe na Truter se rekening, in Switzerland, wat vir hierdie doel geopen is. Truter het dit oorgeplaas na Jacomet se rekening. Jacomet het hom meegedeel dat twee van die partye in Kroasië betaal is maar dat die res van die rekening gevries is. Hy het 'n volmag aan Jacomet gegee en hom versoek om die toepaslike gedeelte van die waarborgrekening te onthef en oor te plaas na Zimmer vir repatriasie na die RSA.** Die twee bedrae van \$440 000 en \$384 000 het via Zimmer in die land aangekom en hy het aanvaar dat dit uit die waarborgrekening gekom het. Toe dit blyk dat die balans van die tweede bedrag nie na die land terugkom nie was daar oral skeptisisme. Dit is die

vernaamste rede waarom hy gedurende 1993 weer moes terug na Europa.. **Die staat se probleem met hierdie verduideliking is dat die \$2,46miljoen wat aanvanklik oorgeplaas is om die metakoloon te betaal in die WPW groep verdwyn het en dat die metakoloon nie daarmee betaal is nie of kon word nie.** Verder het die \$900 000 wat teruggekom het na Zimmer nie van Switserland af teruggekom nie maar vanaf Zagreb. **Die beskuldigde se verduideliking daarvoor is dat hy onder die indruk was dat die bedrag van \$2,46 miljoen wat die staat opgevolg het die geld vir die metakoloon was maar dat dit inderdaad die geld was wat oorgeplaas is vir die betaling van die ander substans nl. BZ. Hy sê dat hy maar eers toe hy Bruwer se verslag gelees het besef het dat die \$900 000 nie uit Switserland gekom het nie maar uit Zagreb en dat Jacomet hom van meet af bedrieg het.**

[2078] Die staat het vir Bruwer opdrag gegee om na te gaan of daar 'n tweede oorplasing van \$2,46 miljoen uit die projek was en hy kon dit nie opspoor nie. Hy het egter uit sy eie aangedui dat hy nie ander SAW bronne gekontroleer het nie. Die staat se argument is dat dit darem te toevallig is dat twee bedrae van \$2,46 miljoen oorgeplaas sou wees en dat ek moet aanvaar dat die sogenaamde oorbetaling 'n verdigsel is. In die eerste plek is die \$2,46 miljoen seker 'n omskakeling van Rand na dollar. Ek weet nie wat die wisselkoers destyds was nie maar kan my bedink dat dit iets soos R4 miljoen of R5 miljoen kon gewees het. Dit kon dalk CHF 3 miljoen of CHF 4 miljoen gewees het. Dit lyk na 'n goeie prys om op ooreen te kom vir die aankoop van dwelms. Ek meen regtig nie dat die feit dat die bedrae dieselfde is op sigself aanduidend is dat die beskuldigde se verduideliking onaanvaarbaar is nie. Aan die ander kant egter het gen. Knobel toegegee dat BZ aangekoop is, dat daarmee ge-eksperimenteer is en dat 'n variant daarvan daaruit gemaak is. Hy het ook toegegee dat prototipes daarvan vir verwapening reeds gereed was.

[2079] Oor hierdie kwessie is die volgende van die uiterste belang. Toe daar in Januarie 1993 opdrag gegee is dat die dwelmsubstansie vernietig moet word, was dit aanvanklik aanvaar dat die polisie die vernietiging sou moniteer. Die polisie het geweier om dit te doen. Die beskuldigde het aangedring daarop dat

daar kontrole moet wees en uiteindelik is besluit dat mnr. H van teeninligting die taak moes vervul. 'n Vliegtuig is gekry en nadat monsters geneem en aan H oorhandig is, onder sy toesig, is die goedere in die vliegtuig gelaai en het hulle dit in die see gaan stort. H het getuig dat die beskuldigde en Mijburgh ongelukkig was en gevoel het dat 10 jaar se werk tot niet gemaak is. Hoe dit ookal sy hy het 'n sertifikaat uitgereik, wat deur die staat bewys is, wat aantoon dat metakoloon, substans B (die BZ variant), ecstasy en kokaïene vernietig is behalwe vir 'n aantal bomme. Daar is 'n latere sertifikaat waarin daar 'n Randwaarde op die vernietigde substansie geplaas word. **Die staat maak hierdie sertifikaat af as 'n groot toneelspel. Die argument is dat die substansie eenvoudig nie bestaan het nie en dat die sertifikaat waardeloos is.** 'n Strafhof sal sy nek ver moet uitsteek om so 'n bevinding te maak en sal dit sekerlik net kan doen as daar sterk aanduidings is dat dit so is. **In hierdie geval is die die aanduidings juis dat die sertifikaat eg is. Hoe anders kon die verwapening geskied het? Die staatsgetuies, gen Knobel en Pierre Theron bevestig dit.** Ek het nie die minste twyfel om te bevind dat daar BZ aangekoop is nie en dat dit kon betaal gewees het met die geld wat Bruwer gedink het bestem was vir die metakoloon nie. Die posisie is verder dat Pierre Theron staving gesoek het, ook by wyse van vervoerkoste. Hy kon dit nie kry nie maar dit blyk dat die beskuldigde sê dat dit met die Jetstar ingevoer is. Hy sê dat hy dit met gen. Verbeeck bespreek het. **Gen. Verbeeck kon dit aanvanklik nie onthou nie maar nadat sy geheue in kruisverhoor verfris is kon hy dit wel onthou en hy het heelparty ander dinge ook onthou.** Verder is die posisie dat gen. Regli van die Switserse Inligtingsdiens na Suid Afrika gekom het en die probleem van die vermiste \$1,5 met gen Knobel bespreek het. Hy het hom versoek om die ondersoek te staak omdat dit sensitief was en het die beskuldigde se weergawe bevestig. Ook Pierre Theron het uiteindelik die beskuldigde se verduideliking aanvaar.

[2080] Die posisie met Pierre Theron is doodeenvoudig dat die staat hom vir 'n geruime tyd in groot detail oor al die transaksies en die kontrole ondervra het, en dat dit duidelik is uit sy getuienis **dat hy bewus was van die WPW maatskappye in die land, dat hy bewus was van die administrateurs daarvan, nl Viljoen, Bosch, Marlow en Swanepoel, dat hy bewus was daarvan dat Merton huis gebou is en dat Swanepoel groot bedrae geld wat hy ontvang het uit die privatisering van RNL aan BRCI geleen het om die bouery**

voltooi te kry en dat hy aangedring het op behoorlike dokumentering en waarborge vir die terugbetaling van die lenings. Hy het dit duidelik gestel dat hy nie enige vrese van wanbesteding gehad het behalwe in die geval van die Kroatiese transaksie nie. Die staat se antwoord daarop is dat die hele kontrole van Coast nie na wense was nie en dat Theron nie werklik aankope kon verifieer het nie. **Die staat vra nou eintlik die hof om sonder stawende dokumente te oudit op die wildste denkbare spekulاسie wat deur die staat geopper word.** Dit is nadat van Heerden iets toegegee het wat eintlik vanselfsprekend is nl .dat **toe die ondersoek in 1992 gedoen is en die vrae geopper is daar 'n baie beter kans was om 'n behoorlike ondersoek te doen as wat daar nou is.** Op daardie stadium het baie van die dokumente, wat nou vernietig is, nog bestaan.

[2081] Die opmerking dat die staat se submissies op spekulاسie berus kan soos volg verduidelik word. Toe dr. Chu getuig het, het twee aspekte tevore gekom. Hy het naamlik getuig dat hy piesangs uit Equador wou invoer, dat dit niks met die beskuldigde te doen gehad het nie, dat hy korttermyn finansiering benodig het, dat die beskuldigde bereid was om die finansiering te verskaf, dat die partye nie behoorlik presteer het nie en dat die beskuldigde 'n verlies gemaak het. Omdat dit nie die onderwerp van een van die klagtes was nie is dit bloot aan Chu gestel **dat die verdediging hom nie verder wil embarasseer nie maar dat die transaksie anders was.** Die beskuldigde is toe hieroor gekruisverhoor en sy verduideliking was doodeenvoudig dat hy met Chu se hulp kokaïene uit Equador na Europa ingevoer het in 'n besending piesangs omdat die goed waarmee die piesangs gespuut word veroorsaak dat die honde nie die dwelms kan uitreik nie. Die kokaïene is van België per vliegtuig na Suid Afrika gebring. Dit is gebruik saam met die BZ om die uitwerking van die BZ effens te verander. Pierre Theron het die transaksie -operasie piesang- geoudit en goedgekeur. Die oorspronklike aankoop van Kokaïene was 80kg. Met die vernietiging van die dwelms toon die sertifikaat aan dat daar 30kg kokaïene vernietig is. **Toe die staat tot vervelens toe hieroor kruisverhoor het ek naderhand van die advokaat probeer verneem wat die doel van die kruisverhoor was. Tot my stomme verbasing moes ek hoor dat die kruisverhoor besig is om te bewys dat die hele invoer van kokaïene saam met Chu 'n verbeeldigsvlug van die beskuldigde is omdat hy romantiseer en homself voorhou as 'n geheime agent. Hy was 'n geheime agent. Die effek van hierdie benadering van die staat is dat**

die kokaïene weggedink moet word en ook die vernietiging daarvan en dat aanvaar moet word dat die beskuldigde dit fantaseer. Dit is snert.

[2082] 'n Verdere aspek was die feit dat die staat die beskuldigde se getuienis dat die verskaffers, die prinsipale, geld wou was en dat hy met die wete van die Reserwe Bank hulle behulpsaam sou wees. Daar sou naamlik 'n bedrag van \$100 miljoen geleen word en in die Reserwe Bank inbetaal word. Die Reserwe Bank sou waarborge gee vir die terugbetaling daarvan met rente. Ten einde 'n rentekoers te bepaal het die beskuldigde vir Webster gevra om uit te vind wat die koers in die Kaaiman eilande op so 'n lening sou wees. Om die lening aan die banke te verduidelik is daar 'n uiteensetting dat die lening be-oog word vir die bestryding van vigs in Afrika onder die toesig van die Wêreld Gesondheids Organisasie en dat madame Mitterand dit steun. Die organisasie wat dan kwansuis die lening sal opneem is tot 'n mate 'n uiteensetting van die WPW groep van maatskappye met daarby ingegooi Delta G en RNL. **Dit is egter duidelik dat die uitlener 'n amorfte instansie is wat nie maklik opgespoor sal word nie en dat die dokumente deur Chu geteken word en dat die terugbetaling ook weer aan hom is. Die eerste skema vir die \$100 000 was bekend as die Contresida skema. Die tweede omtrent 18 maande later was bekend as die Opals skema. Hierdie keer is die bedrag \$50miljoen en verteenwoordig Chu weer eens hierdie onopspoorbare uitlener. Die uiteensetting van die doel van die lening is rofweg dieselfde.** Die staat argumenteer dat die beskuldigde 'n bedrag geld by die WGO wou leen waarmee hy Delta G wou koop. Dit is duidelik dat Delta G nie finansiëel lewensvatbaar was nie. Dit is duidelik dat die WGO nie uitlener van die geld was nie. **Daar kan geen twyfel wees dat daar nie 'n bona fide lening beoog is nie. Die waarskynlikhede steun die beskuldigde dat hy en Chu vir andere met 'n geldwasskema besig was. Die staat se benadering is omdat die beskuldigde skelm is lieg hy en moet die hof aanvaar dat hy met een of ander duistere skelm rede 'n lening wou aangaan, die terugbetaling waarvan deur die Reserwe Bank gewaarborg is, wat hy klaarblyklik nie sou kon terugbetaal nie. Dit is absolute spekulasie.**

[2083] Dit volg nou dat daar nie ruimte is vir 'n ander bevinding as dat die projek 'n sukses was nie en dat in die proses daar in pirotegniese laboratorium tot stand gekom het nie. Dit volg ook dat om dit te kon doen 'n peptiedsintetiseerder aangekoop is, metakoloon, BZ, en kokaïne aangekoop is.

[2084] Die staat se saak gaan oor die vloei van die fondse. Omdat die bedrae nie direk aangewend is vir die betaling van dit wat beweer word verkry is nie, is die argument dat dit wat beweer word verkry is, nie verkry is nie. (Indien dit direk herlei kon word, het die beskuldigde nie sy opdrag uitgevoer nie want dan sou die aankoop terugspoorbaar gewees het na die SAW.) In hierdie verband het die staat se saak in my oordeel oor die afgelope twee jaar 'n aansienlike klemverskuiwing ondergaan.. Aanvanklik was daar geen twyfel: Daar was nie 'n laboratorium by Speskop nie. Daar was nie aankope van metakoloon of BZ nie. Daar was nie 'n peptiedsintetiseerder nie. Daar was nie nabyheidsbuis aangekoop nie. Daar was net 13 CAM's en hulle is betaal met die R220 000 wat beweer word vir die reis na Iran betaal is. Daar is nie "probes" aangekoop nie en daar is ook nie thymus peptied aangekoop nie. **Soos wat die staat stelselmatig sy eie saak weerlê het het die argument nou verander. Die staat gee toe dat daar dalk 'n laboratorium kan wees ens. maar dit is nie met die fondse gekoop wat die beskuldigde sê dit gekoop is nie. Die argument loop homself in twee redelik ernstige probleme vas.** Heel gou gedurende Bruwer se getuienis het dit geblyk dat dit wat hy beweer die beskuldigde verduister het **feitlik alles is wat uit die projek na die buiteland oorgeplaas is.** Dit het 'n mens dadelik laat **wonder hoe die beskuldigde dit regkry en dat geen haan daar na kraai nie.** Hy is hieroor gekruisverhoor en die staat het hom gestuur om te verduidelik hoeveel fondse daar nou eintlik was en hoekom dit moontlik was vir die beskuldigde om goedsmoeds, en binne slegs 'n paar jaar, R37 miljoen te steel sonder dat Pierre Theron of iemand in die SAW dit agterkom. Hy het met 'n aanvullende verslag vorendag gekom waarin hy die verskillende spanderings uit Coast uiteengesit het. **Toe dit ontleed is was dit duidelik dat al die ander Coast fondse reëlmatig aangewend was en dat as dit wel sou blyk dat daar 'n laboratorium ens. was dit net uit die gesteelde R37 miljoen kan kom.** Anders as die advokate vir die staat het **Bruwer dan ook, na my mening, heeltemal tereg toegegee dat as die hof bevind dat daar 'n peptiedsintetiseerder aangekoop is aanklagte 14, 15 en 16 verval.** Alhoewel hy dit miskien nie so uitdruklik gesê het oor die res van die eerste 19 aanklagte nie meen ek tog dat dit die

effek van sy toegewings was. Dit volg dus nou dat die staat se saak wat gebaseer was op Bruwer se getuienis nou daardie basis verloor as bevind word dat die verkrygings wel geskied het. **Bruwer se getuienis was uitdruklik dat hy nie verkrygings nagegaan het nie en dat hy net eenvoudig aanvaar het sodra die fondse in die WPW groep ingaan dat daar wanaanwending was en dat daar nie 'n verkryging gewees het nie.**

[2085] Een van die laaste staatsgetuies was die getuie Rudolf Louw. Hy was betrokke by verkrygings **vir die leër.** Hy het getuig oor projek Academic en projek Galvanise. Dit het geblyk dat **hy ook geringe aankope vir Coast gedoen het.** Wat egter ook waar is, is **dat die generaals wat Coast bestuur het ook die ander projekte bestuur het en sou geweet het watter aankope deur die ander projekte gemagtig is.**

Die tweede probleem is dat **die argument dat die verkrygings uit ander fondse gefinansier is, absolute bespiegeling is.** By 'n geval soos hierdie waar dit gemene saak is dat daar nie fakture bestaan nie en dat aankope verdoesels moet word wil ek reken dat vir die staat om bedrog te bewys dit nodig sal wees om te bewys dat die verkryging nie deur daardie fondse kon geskied het nie. **Om dit reg te kry sou dit sekerlik nodig wees om te bewys waarmee die verkrygings wel geskied het. Daar is nie enige twyfel dat die staat dit nie probeer doen het nie en dat daardie argument 'n nagedagte is nie**

[2086] Die groot betoog namens die staat is dat as 'n mens kyk na wat van die fondse geword het, dit duidelik is dat dit nie vir enige ander doel aangewend kon gewees het as vir die beskuldigde en sy vriende se eie gewin nie. Daar is nie ruimte vir finansiële prinsipale nie. Gelde wat oorspronklik van die projek kom eindig in allerhande snaakse beleggings soos in die boerderypoging van Waag-'n Bietjie Boerdery, of die belegging in Fancourt of die poging om die gholfbaan in België te ontwikkel, of Merton huis, of die huis in Lynwoodrif, of die woonstel in Sunnyside, of die cottage, of die woonstelle in Brussels of die condominium in Orlando en dan natuurlik ook baie hoog op die lys die aandele in CSD en Medchem Forchungs. Verder word daar op gewys dat daar dienskontrakte was waaruit Bosch, Viljoen Marlow en Swanepoel dollars in die buiteland verdien het en dat daar groot bedrae geld in kontant uitbetaal is aan die beskuldigde. Dit word ook geargumenteer dat die beskuldigde deur WPW 'n derde aandeel in Charburn gehad het en dat Charburn weer belange in Technotek gehad en en ook in Hazmat.

[2087] Voordat ek, wat hierdie deel van die saak aanbetref, die belangrikste vraagstuk aanspreek naamlik of WPW=Basson moet ek net kortliks daarop wys dat die beskuldigde na die WPW groep verwys as gekaapte fronte. Hy sê dat hy die situasie met wyle gen Nieuwoudt bespreek het, **dat die KBK besluit het dat die fronte so gebruik moet word en dat gen. Nieuwoudt aan die Reserwe Bank die boodskap laat deurgaan het dat die groep saam met die SAW werk.** Die prinsipale was die CBO Mafia wat die verskaffers was van baie van die aankope. Dit is duidelik dat die beskuldigde nie sommer net by winkels en instansies kon instap en goedere aankoop nie. Hy moes dit deur ander mense, wat toegang daartoe gehad het kry, veral as in ag geneem word dat dit CBO was waarmee hy besig was. Dit word mooi geïllustreer deur die geval waar Lourens 'n CAM van Graceby's probeer bestel het. Hulle het hom vinnig laat weet dat hulle nie CAM's aan hom kon verkoop nie. Dit behoef ook seker nie veel van 'n betoog dat daar nie 'n amptelike inligtingsentrum vir CBO verkrygings is nie. 'n Persoon uit Suid Afrika sal moet soek totdat hy by mense uitkom wat hulle, klandestien, daarmee besig hou. Dit is sekerlik logies om te aanvaar dat die mense wat hierdie verkrygings gefasiliteer het dit teen 'n prys gedoen het. Die beskuldigde beweer dat hy veral gehelp is deur Libiers, Oos-Duitsers en Russe. Ten spyte van 'n argument deur mnr. Ackermann, **gegrond op Pienaar se getuienis, dat die beskuldigde eers met Libiërs te doen gekry het nadat hy Murgham in Botswana ontmoet het, kan dit nie uitgesluit word dat hy vroeëre onderhandelings met hulle gehad het nie.** Dr. Chu het getuig dat hy die beskuldigde met 'n gehuurde vliegtuig na Gerba geneem het. Hy was vaag oor die tyd maar my indruk was dat dit voor 1993 geskied het. Zimmer het getuig dat daar Libiërs by die Tagell transaksie betrokke was. Dit was in 1989. Gen Knobel het getuig dat verkrygings uit Libië geskied het. Green het getuig dat een keer toe die Jetstar na Basel geneem is vir herstelwerk hulle via Tunisie na Basel is. Verder was mnr. Ackermann baie ontsteld oor die geleentheid toe 'n groep van die beskuldigde se familie en vriende saam met hom deur 'n aantal Europese lande is. Die feit van die saak is dat hulle met 'n veerboot na Tangiers is..

[2088] In die eerste plek moet daar nou gekyk word of die WPW groep slegs tot die nadeel van die projek opgetree het. Die antwoord daarop is duidelik dat die groep die belange van die projek bevorder het.

Toe die SAW besluit het om te kommersialiseer en te privatiser word miljoene rande vir drie jaar in 'n ry deur Medchem Forchungs en Zimmer se Blackdale rekening gekanaliseer om as buitelandse kapitaal aangewend te kan word.. Ek het reeds bevind dat daar 'n laboratorium by Speskop aangekoop is. Dit is deur die finansiële prinsipale gevind en tot die beskikking van die beskuldigde geplaas. Die fondse is via Buffham se rekening na 'n WPW rekening. Ek het reeds bevind dat daar eers 'n poging was om 'n peptiedsintetiseerder te koop en dat daar daarna een gekoop is. WPW rekenings is gebruik omdat die fondse rond te skuif totdat dit op die regte plekke uitgekom het. Ek het reeds bevind dat daar "probes" en thymus peptied aangekoop is. Die betaling het deur die WPW rekeninge geskied. Die geld wat na Zagreb is was projekgeld. Dit is via 'n WPW rekening na Zagreb en via 'n aantal van hulle terug na die RSA. Ek sal weldra handel met die met die beweerde verkoop van die Jetstar aan Blackdale en aan Genavco. **Hierby moet gevoeg word Zimmer se toegewing dat hy wel kontantgeld aan spesmagte operateurs gegee het. Dit staaf die beskuldigde se weergawe dat die SAW WPW wyer gebruik het as net vir Coast. As 'n mens dink daaraan dat Potgieter deur Webster 'n helikopter in die VSA in 'n VSA maatskappy geregistreer gekry het en dat Zimmer behulpsaam was met die finansiering daarvan en dat die kantoorfasiliteite wat met militêre inligting in London gedeel is deur WPW gereël is dan is dit duidelik dat WPW wel baie dinge gedoen het wat duidelik nie ter bevoordeling van 'n privaat ryk vir die beskuldigde was nie.** Daar is ook baie aanduidings dat die beskuldigde verkrygings vir die polisie gedoen het. Dit staan van dat hy en gen. Neethling met mense soos Blucher kontak gehad het en dan het Koen ook apparaat van Buffham af ingevoer wat hy verskaf het aan die polisie, nasionale intelligensie en militêre inligting.

[2089] **Ook wat die plaaslike arm van WPW aanbetref meen ek dat die belangrikste aanduiding dat die WPW groep deur die SAW gebruik is Aeromed, Phoenix Service Station Wisdom Finance en Profincor is. Daar kan geen twyfel bestaan dat die die SAW bewus was van die Kingair en die Jetstar nie. Gen Knobel het self in die Jetstar gery. Daar was spesifieke reëls wat gegeld het om met die Jetstar te kon ry. Uitgawes verbonde aan vlugte is betaal. Die uitgawes is geoudit deur Theron en soos ek aangetoon het, het hy selfs geweier dat die SAW vir drankies betaal. 'n Groot deel van Webster se energie is aangewend vir die aankoop, opgradering en onderhoud van die vliegtuie om nie te praat**

van die verkoop van die Jetstar later nie. Die WPW rekeninge is vir daardie doel gebruik en in my oordeel was dit tot die voordeel van die projek. Ek verwerp die staat se argument dat die beskuldigde die vliegtuie aangekoop het vir winsbejag en vir eie plesier en dat hy maar net 'n swak besigheidsman is. **Die belegging in Partners In Travel was duidelik om 'n voordeel te kry met die baie vliegtuigritte wat deur lede van die projek onderneem moes word.** Ons weet dat van Remoortere van Partners in Travel gebruik gemaak het asook die lede van Delta G, en RNL. James Davis het bv getuig dat hy van Partners in Travel gebruik gemaak het. Dit is sekerlik nie onmoontlik dat mense soos Razzak besprekings deur Partners in Travel gedoen het nie. **Daardie getuienis kan nie verwerp word nie.**

[2090] **Die aanduidings is oorweldigend dat die SAW bewus was van die WPW groep in Suid Afrika en dat dit ook tot voordeel van die SAW aangewend is.** Ek het reeds aangetoon dat Aeromed ook vir die voordeel van die SAW gestig is en bedryf is. Ek het reeds aangetoon dat Koen se Protection Management Services aangewend is tot voordeel van die SAW en ander staatsinstansies. Die interessantheid is dat Koen 'n sekuriteitsman is wat by Delta G gewerk het. Die beskuldigde het hom toe gekry om die besigheid te bedryf. Hy is van die nodige fondse voorsien uit Profincor dmv 'n lening wat later afgeskryf moes word. Sy maatskappytjie het egter die nodige tegniese apparaat in die land ingekry. Toe die teelstasie by Roodeplaat tot niet gemaak is stig hy S A Working Dogs en bedryf hy dit deur die honde uit te verhuur en te verkoop. Dit was duidelik 'n deel van die afbestuur van RTO. Belangriker vir my wat dit aanbetref is die feit dat almal bewus is van mense soos Viljoen, Bosch en Marlow. **Op die staat se weergawe is hierdie maatskappye weggesteek en het die beskuldigde dit vir sy eie voordeel bedryf. Tog weet ons dat Intramex aan Viljoen gegee word, nogal deur die KBK, sonder OG magtiging! Ons weet dat gen. Knobel vir Bosch sien as 'n projekbeampte.** Dit kan miskien aanvaar word dat gen. Knobel 'n fout kon gemaak het oor Viljoen omdat hy vantevore aan Infladel verbonde was en omdat Infladel darem 'n amptelike font was. **Hoe hy egter kon gedink het dat Bosch 'n projekbeampte is, anders as dat hulle bewus was van die Wisdom groep, gaan my verstand te bowe.** 'n Aantal dokters wat hulle militêre diensplig voltooi het is duidelik aangestel omdie SAW op 'n manier van hulp te wees. Mnr. R was so 'n dokter en dan was daar ander soos dr. Erasmus en dr. Thiart. Hulle is gefinansier deur lenings van Infladel. Theron het nie daarvan gehou nie en die lenings

is oorgeplaas na Profincor. Dit moet in gedagte gehou word dat Delta G en RNL eintlik die hart en siel van die projek was en dat Mijburgh en Swanepoel die twee entiteite vir die SAW bestuur het. Dit is nou ook duidelik dat Bosch en Marlow en van der Berg besig was om Coast en die fronte te koördineer. Vanweë hulle posisie moes Mijburgh en Swanepoel sekerlik ook aankope in die buiteland maak.

[2091] Dit is myns insiens duidelik dat die Wisdom groep hier in Suid Afrika gestig is as 'n soort van 'n infrastruktuur om dinge wat nie openlik gedoen kon word nie te doen. Dat die SAW bv bewus was van die bou van Merton huis is duidelik. Hulle grootste bekommernis was net dat daar nie staatsfondse in die bouery betrokke moes wees nie. **As die beskuldigde besig was om met ongemagtigde staatsfondse daardie bouprojek te bedryf en hulle luister 47 telefone af sou ek werklik nie glo dat 'n beëdigde verklaring dat sy Amerikaanse vriend besig is om te bou sommer netso aanvaar sou geword het nie. Net vir een ding, hy is in diens van die SAW en in sy diens tyd doen hy hierdie werk vir Webster. Dit is mos ongehoord! Die staat argumenteer dat dinge soos die VABN rekening, Liquorland en die losie by Loftus Versfeld aantoon dat WPW deur die beskuldigde vir homself bedryf is.** Die VABN rekening was 'n rekening waar die beskuldigde sê dat hy gelde van Meerholz in kontant ontvang het en weer getrek het en aan hom verskaf het. Dit was in verband met 'n spesmagte projek. **Daar is nie 'n aanduiding dat hy persoonlik van die gelde aangewend het nie en dit nie aan Meerholz terugbetaal het nie. Dit lyk asof dit gerieflik was vir Meerholz om van die beskuldigde se infrastruktuur gebruik te maak om die geld tydelik veilig te bewaar.** Dit is so dat dr. Thiar 'n mede aandeelhouer in Liquorland was en dat hy gerieflik naby was om pasiente te behandel. Die beskuldigde het geen geld uit Liquorland gekry nie. Dit is duidelik dat Viljoen die losie administreer en finansier het. Dit verskyn nie in die state van enige van die maatskappye wat hy geadministreer het nie. As daar geen aanduidings tot die teendeel gewees het nie was die verwysing na hierdie hantering van die Wisdom groep se fondse gewis 'n aanduiding dat die beskuldigde WPW is. Dit is egter 'n druppel in die emmer as daar na die geheelbeeld gekyk word. Dit is ook presies die posisie met die staat se benadering. **Die staat het in groot detail gekyk hoe die fondse gevloei het en vergeet dat daardie fondse teenprestasie tot die bevrediging van die SAW verkry het. Die vloei van die fondse sou dodelike getuienis gewees het as die verkrygings nie geskied het nie.**

Nou dat dit vas staan dat die verkrygings wel geskied het verander die staat van deuntjie en spekuleer dat die verkrygings met ander fondse gefinansier is. As dit egter so was dan moes die KBK met die beantwoording van die KEEM vrae duidelik gesien het dat die beskuldigde nou oorbetalings regverdig deur te sê dat dit aangewend is vir die aanskaf van reedsbestaande bates.

[2092] Die staat het 'n ellelange argument voorgedra tot die effek dat omdat die beskuldigde homself in die buiteland voorgehou het as 'n ryk sakeman, dokter en smokkelaar, sy medewerkers in die buiteland nie geweet het dat hy met sanksieontduiking besig was nie. Die argument is gebaseer daarop dat die beskuldigde getuig het dat hy nie hierdie mense ingelig het presies waarmee hy besig was nie. Sy getuienis oor presies wat hy vir Webster, Zimmer, en Chu vertel het is onder die vergrootglas geneem en dan vergelyk met hulle getuienis voor die hof. Die argument was dan dat hulle persepsies was soos wat hulle getuig het. **Dit is dan geargumenteer dat hulle dood reg is hulle wis van geen sout of water nie. Dit is 'n absolute drogredenasie.**

[2093] Om te begin by dr. Chu. Ek het reeds aangetoon dat die Contresida lening en die Opals lening duidelik 'n poging was om geld te was en sekerlik nie 'n bona fide lening was nie. Verder het dr. Chu toegegee dat hy groot bedrae kontant ontvang het wat hy in 'n bankrekening inbetaal het. Hy is betaal vir die feit dat die geld deur sy rekening is. Wat is dit anders as geldwas? Ek het reeds aangetoon dat hy betrokke was by operasie piesang. 'n Mens moet naief wees om te glo dat die beskuldigde sommer maar net 'n wildvreemdeling vinnig vir 'n piesangprojek wou finansier en toe 'n verlies maak. Wat egter die aangeleentheid bo enige twyfel plaas is die feit dat Chu teen vergoeding van CHF 80 000 per jaar die privatiserings fondse deur Europa geroeteer het. Bewysstukke F14 .9A en F14.9B is mos nou duidelik skynkontrakte. Chu se getuienis dat hy gedink het dit was egte kontrakte is belaglik. Hy het nie ontken dat hulle vir 'n lang ruk, by die SAW hoofkwartier, ge-eksperimenteer om te kyk of sekere apparaat by die lughawe waargeneem sou kon word nie. Waarom sou 'n eerlike sakeman dit nou doen? Hy bevestig dat dat die beskuldigde gesoek het vir 'n peptied sintetiseerder en vir thymus peptied. Is die beskuldigde se weergawe dat hy dit by hom gekry het nie in die lig van die voorgaande waarskynlik nie? Ek het geen twyfel

om te bevind dat, ten spyte van sy ontkenning, Chu deeglik bewus was daarvan dat die beskuldigde besig was met sanksie ontduiking vir die SAW nie.

[2094] **Zimmer het netso geprotesteer dat hy onbewus was van die onheilighede wat hy so effektief geadministreer het. Van Remoortere wat natuurlik onmoontlik kon ontken dat hy met die SAW saamgewerk het en besig was met sanksieontduiking het uitdruklik getuig dat Zimmer goed geweet het dat dit is wat hulle gedoen het.** Dit is per slot van rekening sy vriend wat hy in die hele skema ingebring het. Ook Zimmer is betrokke by die roetering van die privatiseringsfondse en is 'n party tot die bogemelde skynkontrakte. Hy glo ook dat Blackdale wat 'n blote maatskappy sonder enige infrastruktuur is betrokke was by die lewering en ontvangs van die multimiljoen dollar tegniese ware. Wanneer hy die \$900 000 vanaf Zagreb ontvang word dit deur ses verskillende rekenings geskuif om by Truter uit te kom. Intussen word die Jetstar in 'n skynooreenkoms eers aan Blackdale en dan aan Genavco verkoop. **Dat dit 'n skynooreenkoms was blyk uit die feit dat Webster ontken het dat hy die \$830 000 aan Zimmer moet betaal en toegegee het dat die beskuldigde se instruksie, dat hy 'n spoor lê, daarop dui dat die transaksie nie 'n werklike transaksie was nie maar dat hy bloot maar instruksies uitgevoer het.** Hierdie oorbetalings vind aan die einde van 1992 plaas. Die volgende stap wat Zimmer doen is om in 1995 die \$830 000 dollar by Webster te soek. **Zimmer is by talle transaksies betrokke waar goed aan ABC Import and Export gefaktureer word en dan aan bv Technotek verkoop word. 'n Mens wonder wat hy gedink het hy mee besig was. Hy is die een wat wou weet of hy vir Heyndrycx vir die CAM's moet betaal.** Hy is op 'n manier betrokke by die beskuldigde se huwelik met Claudine van Remoortere. Dat dit as 'n besigheidshuwelik voltrek is staan vas. Die beskuldigde sou sorg dat sy 'n woonplek het en 'n ryding en in ruil sou hy 'n Belgiese paspoort kry wat hom toegang tot die Oos-blok gee. **Zimmer weet genoeg van die huwelik dat hy dit in die superdeal inkorporeer. Die BEF4 miljoen waarmee hy die stomme WPW vir hierdie huwelik debiteer is klaarblyklike finansiële ingenieurswese. Claudine kon selfs ingevolge die Belgiese reg nie met WPW getrou het nie. Hoe sy en haar pseudo eis teen die beskuldigde persoonlik ter sprake kan kom by die afhandeling van sy eie eise, van Remoortere s'n en die van WPW is onbegryplik. Hoe hy in 'n ooreenkoms, wat daarop ingestel is om 'n finale bereddering van alle eise teen mekaar te**

bewerkstellig, die Marcus lening as 'n debiet teen WPW inkleer is moeilik om te verstaan. Dit is sy getuigenis dat die lening niks met WPW te doen het nie en terugbetaal is. Dan is die terugbetaling van die \$325 000 vir die "probes" natuurlik ook 'n vernuftige stukkie voetwerk.. Die rente wat WPW verdien het op die deposito is die eerste "terugbetaling" en dan vind 'n mens omtrent vier of vyf jaar later weer terugbetalings. Hierdie keer egter is dit aansienlik meer as die uitstaan \$224 000. Die rede is dat daar nou rente betaal word vir die tyd wat die \$3.2 miljoen onderhewig was aan die prestasie waarborg. **Dit is duidelik dat Zimmer deeglik bewus was daarvan dat WPW besig was met sanksieontduiking vir die voordeel van die SAW.**

[2095] Die blote feit dat Mole die beskuldigde uit Engeland na die Kaaiman eilande vat om vir Webster te ontmoet sodat hy hom kan adviseer oor hoe hy sy sakeryk wil administreer is reeds veelseggend. **Ek sou dink dat 'n skatryk sakeman darem 'n klomp bates moet hê wat reeds 'n portefeulje vorm, en dat hy adviseurs gehad het om hom tot op daardie stadium te adviseer. Hoekom hy nou skielik 'n onbekende prokureur aan die anderkant van die wêreld moet kry om hom verder te adviseer is vir my 'n bietjie onduidelik. Webster is hiperintelligent. Hy het die agtergronddokument vir die Contresida lening geskryf. Die dokument gee die indruk van geldwas. Dit wil lyk asof die beskuldigde reg is as hy sê dat Webster goed geweet het dit is "funny money".** Met die Tagell transaksie het hy vasgeskop en wou hy nie die prestasie waarborg so bewoord soos die kopers dit bewoord wou hê nie naamlik dat hulle die \$3,2 miljoen op enige stadium kon opeis nie. **Hy is nie deur die beskuldigde ingelig dat dit die betaling vir die peptiedsintetiseerder was nie en het dus soos dit 'n goeie prokureur betaam sy kliente se belange op die hart gedra. Klousule 3.1 en 3.2 van die ooreenkoms het inderdaad vir tegelyke prestasie gestipuleer. Wat Webster nie van bewus was nie is dat die onderneming deur Blackdale se bank aan die ander bank onvoorwaardelik was en betaling op aanvraag gemagtig het. Die resultaat was dat die \$3,2 miljoen op aanvraag opgeëis kon word. Dit staaf die beskuldigde se punt dat die manier waarop die betaling van die prestasie waarborg gereël is opsigself 'n aanduiding is daarvan dat daar iets snaaks aan die gang is. Wat Webster aanbetref toon die kontras tussen sy benadering by die twee geleenthede aan dat hy bewus daarvan dat die beskuldigde nie bloot 'n ryk sakeman is wat besig is**

om sy fortuin stelselmatig te verkwis nie. By die Contresida lening behoort hy sy klient te adviseer dat hierdie vir hom na 'n oortreding van valuta regulasies lyk tensy hy bewus is daarvan dat daar 'n ander rede vir die transaksie bestaan. Hy adviseer nie die beskuldigde daarteen nie en motiveer inteendeel gronde waarom die lening toegestaan moet word. By die Tagell ooreenkoms waar hy glo dat sy klient se belang vereis dat die teenparty nie 'n onregverdige voordeel teen sy klient moet kry nie veg hy klou en tand en horing vir sy klient se belange. Die Genavco 'bill of sale" waarmee ek reeds gehandel het toe ek Zimmer bespreek het was duidelik 'n skyndokument en Webster het dit geweet. Die feit dat hy vir Potgieter gehelp het om 'n helikopter van die SAW in 'n VSA maatskappy se naam geregistreer te kry maak dit duidelik dat hy goed geweet het waarmee hy besig was. Verder is dit so dat hy voorgestel is aan gen. Nieuwoudt, volgens die beskuldigde nogal op sy versoek. Dit is so dat hy en Mole na die operasionele gebied is. 'n Man so intelligent soos Webster sou twee en twee bymekaar gesit het. Dan sien hy hoe hierdie ryk sakeman die een swak belegging na die ander maak en hy begin nie wonder hoekom hy in die eerste plek so ryk geword het nie. Webster was goed bewus van die doel van die WPW groep en het ywerig teen goeie vergoeding gehelp om dit te administreer. Netso was sy eggenote Jane bewus van die feit dat dit nie normale besigheidsmense was nie. **Sy het trouens in een van die skrywes wat ingehandig is aangetoon dat sy nie na die konsulaat gegaan het nie omdat sy bang was dat sy aandag sou vestig op die groep. Dit was nou nadat dit bekend geword het dat daar 'n ondersoek aan die gang is.**

[2096] Van Remooretre het toegegee dat hulle besig was met sanksieontduiking. Hy het probeer verduidelik dat hy nou die waarheid praat en dit vantevore nie gedoen het nie. Hy het op sy voortvarende manier homself soveel male weerspreek dat sy verduidelikings onaanvaarbaar is. Waar hy egter aangetoon het dat hy 'n opportunis is wat enigiets sal sê om sy **eie bas te red was toe hy CVR 7 probeer verduidelik het.** Die posisie is eenvoudig die Tagell sage het plaasgevind hier in die middel van 1989. Die verkoop van die 31 342 pakke aan Seynaeve het plaasgevind aan die begin van 1991. Dit is opgedeel. Die een gedeelte is in Suid Afrika betaal teen R210 per pak. Die ander gedeelte is verkoop oënskynlik teen R100 per pak in Suid Afrika Van Remoortere het 'n brief geskryf waarin hy aangetoon het dat dit groen pakke is en dat die groottes daarvan verkeerd was.. In Europa het Technotek 'n bedrag van R170 per pak betaal, op versoek van die

beskuldigde. Van Remoortere het weer vir Seynaeve gefaktureer teen R310 000 per pak. Linda van Niekerk het aangedui dat teen die einde van 1990 daar soveel navrae was vir beskermende klerasie dat sy haar vakansie moes kanselleer. As gevolg van 'n navraag deur Seynaeve is die transaksie aanmekaar gesit. Sy was betrokke by die reëlins vir die uitvoer daarvan.

[2097] CVR 7 is betreklik vroeg in November aan Seynaeve geskryf. Daarin dui van Remoortere aan hom aan dat hy 31 342 pakke beskikbaar het. Dit blyk ook daaruit dat hy geweet het dat Seynaeve nodig dit vir lewering aan Iranese. **Toe hy gekruisverhoor is hoe dit moontlik was dat hy hierdie brief in November kon geskryf het het hy gespartel soos 'n vis op droeë grond en op die ou einde op 'n dom vraag wat ek gevra het gereageer deur 'n totaal onmoontlike verduideliking te gee, nl dat die lewering eintlik 'n voortsetting was van die Tagell transaksie.** Dit was duidelik dat na betaling van die \$325 000 hy en Zimmer met Tagell klaar was. Zimmer het 'n klag gaan lê by die polisie. Dit is onmoontlik dat Blackdale sou lewer ingevolge die Tagell transaksie. Hier was die transaksie tussen Seynaeve en die kopers. **Die verduideliking is 'n opptunistiese leuen. Die staat gee toe dat die antwoord nie korrek is nie maar maak dit af as 'n fout.** Hierdie skrywe is egter belangrik om aan te toon dat **reeds voor die navrae by Linda van Niekerk uitgekóm het van Remoortere geweet het dat hy met Seynaeve onderhandel oor 31 342 pakke.**

[2098] Dit is gerieflik om somer aanklagte 65, 66 en 67 hier te bespreek. Die staat beweer dat die beskuldigde aan die begin van 1990 9 568 groen pakke van Coast aan die SAW verkoop het deur van Remoortere. Nadat van Remoortere 'n **beskeie 10% wins** op die transaksie gemaak het het hy dit verkoop aan Krygkor en is dit verskuif na die VVD store in Dequarweg. Die betaling deur Krygkor op daardie stadium was nie meer aan Intramex soos wat dit vir 'n lang tyd die geval; was nie maar aan RITS. **Oorspronklik het YCVM verkoop aan RITS. Later het die verkope aan Intramex geskied en was Krygkor se aankope vanaf Intramex. Die oorspronklike RITS rekening was by Standard Bank. Voor hierdie transaksie** het Viljoen 'n nuwe RITS rekening deur Bosch geopen by Nedbank Centurion. R1,8 miljoen van die R3,8 miljoen is deur hierdie rekening. Van Remoortere het aanvanklik R 2miljoen betaal in Augustus en het die R1,8

miljoen eers in Oktober inbetaal. **Intussen het die beskuldigde by Pfeil uitgevind hoeveel Coast fondse daar op die begroting oor is.** In 'n skrywe het hy aan Pfeil opdrag gegee om die R3,8 miljoen oor te plaas na Zimmer in Luxembourg maar hy het aangedui dat dit in twee bedrae moet geskied nl. die R2 miljoen onmiddellik en R1,8 miljoen **later wanneer daar fondse beskikbaar word en hy in kennis gestel word.** **Pfeil het die opdrag verkeerd geïnterpreteer en aangesien daar fisies genoeg fondse beskikbaar was het hy, gedurende Augustus 1990 R3,8 miljoen oorgeplaas na Zimmer.**

[2099] **Nadat hy die R3,8 miljoen oorgeplaas het, het daar 'n tekort op die Coast begroting ontstaan. Pfeil het toe reeds afgetree en daar was verwarring. Later het dit duidelik geword wat gebeur het en in Februarie 1991 is die bedrag van R1,8 miljoen wat na 'n SAW frontrekening, Karko, oorgeplaas. Die tekort het reperkussies gehad tot so 'n mate so dat gen. Badenhorst wat HSI was en onder wie se finansiële beheer Coast tot op daardie stadium was geweier het om verantwoordelikheid te aanvaar. Die resultaat was dat die verantwoordelikheid oorgeskuif is na HSF.**

[2100] Toe die 31 342 pakke in Februarie 1991 verkoop is is daar weer van RITS gebruik gemaak. Daar is ook 'n bankrekening deur Truter geopen by Volkskas bank, Menlyn. Die offisiële Coast rekenings wat deur Theron geoudit was was by Menlyn en in die naam van D John Truter Finansiële Konsultante. Die betrokke rekening se beskrywing was dieselfde maar het uit die aard van die saak 'n ander nommer gehad. **Volgens Truter het die beskuldigde hom aangesê om nie vir Theron in te lig oor hierdie rekening nie. Hierdie rekening is dan die basis van aanklag 22.**

[2101] Dit is gemene saak dat van Remoortere die helfte van die Courtstraat store saam met Intramex gehuur het. Op 'n stadium is die huur beëindig en het Van Remoortere se personeel die pakke wat hy gehad het daar verwyder na Babelegi waar dit gestoor is, in 'n stoor wat hy daar gehad het. Dit is gemene saak dat dit groen pakke en nutria pakke was. Die 9568 pakke wat in 1990 deur Krygkor aangekoop is is , soos aangetoon, vervoer na Dequarweg waar dit in die VVD store was. Kol van der Linde was in beheer daar. Sy het opdrag gekry om nie die pakke op sterkte te neem nie. Dit het net daar gelê. Sy was egter in November

met verlof en toe sy terugkeer was die pakke verwyder. Dit blyk dat die pakke op een slag verwyder is na Radio Uitkyk na die store van die SAGD. Daar is nie getuienis oor hoe lank dit daar gebly het nie.

[2102] Toe van Remoortere die 31 342 pakke uitgevoer het is dit na Bachman se persele naby die lughawe geneem. Dit is vervoer vanaf die Babelegi store waar die pakke wat vanaf Courtstraat gekom het opgelaaie is. Daar was groen pakke en nutria pakke. Daar is ook pakke vanaf die store by Radio Uitkyk verwyder na Bachman dit was ook groen pakke en nutria pakke. **Van Remoortere se personeel het die etikette op die pakke wat kon aantoon dat dit van Suid Afrika afkomstig was verwyder. Daar was skynbaar verwysings na o a National Tents and Sails met wie van Remoortere 'n ooreenkoms gehad het vir die werklike vervaardiging van die pakke. Dit is so dat die nommering van die pakke was dat die nommer van 'n rol op die etiket verskyn het saam met 'n serienommer en dat die pakke agtereenvolgend genommer is. Daar is ook getuienis dat Holmes gedurende 2000 nog 'n aantal groen pakke in die VVD store gekry het en dat die laagste nommer wat hy gekry het 216/87 was en die hoogste nommer iets oor die 15 000 van 1988.** Dit staan in kontras met van Remoortere se getuienis dat toe met die vervaardiging begin is Seynaeve nog nie nutria materiaal beskikbaar gehad het nie en daar besluit is **om te begin met die vervaardiging van groen pakke volgens hom was die eerste ongeveer 8 000 pakke groen. Hy was bereid om toe te gee, op 'n vraag van die staat, dat dit selfs so veel soos tussen 8 000 en 9 000 kon gewees het**

[2103] Linda van Niekerk se getuienis is dat die pakke wat van Remoortere van RITS aangekoop het en uitgevoer het al die beskikbare SAW pakke moes gewees het en dat die store na die uitvoer daarvan leeg moes gewees het. Die rede wat sy aanvoer is dat die SAW daarna opnuut 'n ooreenkoms met van Remoortere aangaan om 25 000 pakke te vervaardig. Dit is vervaardig en was by 1995 gelewer. Die verdere relevante aspek hier is dat gen. Knobel getuig het dat daar pakke uitgereik is en na die operasionele gebied en ook aan Unita en dat hy terugvoering van ander persone wat operasioneel was gekry het dat dit gebeur het. Hy het egter uitdruklik gesê dat dit geskied het tydens Modulêr, Hooper en Packer. Die staat het baie getuies wat betrokke was by die drie operasies geroep om te kom getuig dat hulle nie bewus was van sulke

pakke nie en ook nie van CAM's nie. Dit is ook so dat die drie operasies begin het hier by September 1987 **en geëindig het gedurende Mei 1988**. Verder is dit so dat van Remoortere maar eers na die middel van 1987 af begin pakke vervaardig het en dat daar teen November 1987 nog net 'n klompie maande se vervaardigde pakke, teen 1 500 per maand beskikbaar kon gewees het. Daarteenoor staan daar die getuienis van Patricia Leeson wat by Intramex gewerk het wat weer bewus is van vragtevol beskermende klerasie wat geneem is na die lugmagbasis se store. Daar is ook die getuienis van kol. Steyn dat hy nadat hy projekoffisier geword het probeer vasstel het wat beskikbaar is **en dat hy be verskeie store van die pakke gesien het. Hy het weliswaar ook gesê dat dit nie meer as 100 pakke was nie. Dit staan egter vas dat daar steeds groen pakke is wat gebruik word vir opleiding**. Dit is ook gemene saak dat as so 'n pak se seël gebreek word dit baie kort daarna ophou om effektief te wees. Dit word een maal gebruik en nie weer nie. Elke keer wanneer pakke gebruik word, word daar dus nuwe pakke gebruik. Daar was so lank as wat die getuienis in hierdie saak gegee is nog steeds 'n voorraad van die groen pakke. Die 25 000 pakke was nutria pakke. Dan is daar ook die paar honderd pakke wat Holmes by VVD gesien het

[2104] Die beskuldigde se weergawe van wat gebeur het is dat die verkoop van die 9 568 pakke in 1990 was omdat daar 'n tekort op die Coast begroting was en daar fondse benodig is vir die aankoop van nabyheidsbuis vir CR mortiere wat aan Savimbi beskikbaar gestel is, as 'n laaste uitweg as hy vasgekeer sou word. Die moes nie na die SAW herlei kon word nie en is in Sjina gevind deur die prinsipale. Dit sou egter R3,8 miljoen kos en moes betaal word. Die verkoping deur Krygkor **aan die leër** was 'n blote verskuiwing van fondse van een begroting na 'n ander. **Hierdie getuienis van die beskuldigde was alleenstaande maar daar is niks om dit te weerlê nie**. Die fondse is na WPW.

[2105] Wat die 31 342 pakke aanbetref het hy reeds in 1987 begin soek na skenkings vir Unita. O.a het van Remoortere vir Seynaeve geneem om vir Savimbi te ontmoet. Teen einde 1989 begin 1990 het Razzak aangedui dat die prinsipale 'n skenking sou maak. 'n Besending pakke het in Durban aangekom en is deur Krygkor na Pretoria gebring. Hier in Pretoria het van Remoortere dit gestoor in die Courtstraat stoor en in die store by Radio Uitkyk. Die aktiewe steun aan Unita is gestaak en blote menslikheidshulp is aan hom verleen.

Die CBO bedreiging het afgeneem na die onttrekking van die Kubane en andere. Na die onafhanklikheid van Namibië was dit nie meer moontlik om deur Namibië te ry om die pakke na Angola te neem nie. Daar was nie waarborg dat daar behoorlike kwaliteitsbeheer toegepas is nie. Hy wou die pakke vir Razzak teruggee. Hy wou dit nie terughê nie en is gemagtig om dit vir die prinsipale te verkoop. Hy het opdrag ontvang van HSAW om die fondse uit die verkoping nie te laat vermeng met SAW fondse nie en het daarom van die nie-projekrekening van Truter gebruik gemaak.

[2106] Die posisie met van Remoortere was dat hy 45 000 pakke moes maak en moes lewer soos wat hy dit beskikbaar gekry het. Sodra hy dit gereed gehad het hy verkoop aan eers RITS en later Intramex wat weer aan Krygkor verkoop het. Sy fondse vloei was afhanklik van die verkoop van die pakke. Trouens hy het 'n 25% voorskot nodig gehad om te kon voortgaan met die vervaardiging. **Die pakke wat nie deur Krygkor gekoop is nie en uit die Coast begroting betaal is is nie die Courtstraat stoor gestoor. Die feit van die saak is dat van Remoortere nie op die getuienis voor die hof 'n behoefte aan stoorplek vir die pakke wat hy vervaardig het by Courtstraat gehad het nie.**

[2107] Die staat voer aan dat die 31 342 pakke duidelik SAW pakke was en nie geskenkte pakke kon gewees het nie. Die argument is dat die pakke wat uitgevoer is **etikette op gehad het soos die wat op die pakke gesit is wat vir die SAW vervaardig is. Verder het Linda van Niekerk getuig dat dit al pakke was wat die SAW gehad het en dat die store leeg was daarna.** Sy kon nog baie verkoop het as daar net was. Sy was natuurlik nie in diens van die SAW as sulks nie maar in diens van Technotek. Van Remoortere het ook getuig dat dit SAW pakke is wat verkoop is

[2108] Die staat moet bewys dat die pakke wat verkoop is SAW pakke is. Van Remoortere se getuienis is dat daar **tussen 8 en 9 duisend groen pakke gemaak is. As dit korrek is, en hy behoort te weet, dan moet daar een of ander verduideliking wees vir die verskillende nommers wat Holmes gesien het. Dit is seker moontlik dat daar reeds van die eerste nuwe materiaal aangekom het voordat die groen rol**

opgebruik is en dat daar toe met die nuwe rol ge -eksperimenteer is voordat die ou rol opgebruik is. Ek weet dat dit spekulasie is maar as van Remoortere reg is oor die hoeveelheid pakke is dit 'n moontlike manier waarop sy getuienis met Holmes se waarneming versoen kan word. Die pakke wat Krygkor aangekoop het is na VVD. Daardie aankoop was groen 9 568 pakke. Daar is 9 568 groen pakke uitgevoer. Daarvan het letterlik duisende groen pakke van Babelegi gekom. Dit beteken dat dit nie noodwendig die groen pakke is wat vanaf VVD na Radio Uitkyk is is wat die bestelling na die buiteland opgemaak het nie. Dan is die duisende groen pakke wat by Courtstraat was en na Babelegi is oortollik en nie in ooreenstemming met die bestelling nie. **As al die SAW se groen pakke uitgevoer is is dit eienaardig dat daar nou nog groen pakke is. Steyn se getuienis** is dat hy bloot maar op sekere plekke gesoek het vir pakke en dat daar **ook pakke elders kan wees.** Die pakke was nie altyd op sterkte geneem nie en as dit uitgereik is is dit van sterkte gehaal. Daar is geen verduideliking hoekom van Remoortere pakke by Courtstraat moes stoor nie. **As daar wel pakke aan Unita geskenk is vir verspreiding deur die SAW kon daar 'n reëling met van Remoortere gewees het oor etikettering.** Daar was werklik groot dringendheid aan die verkryging van beskermende pakke by 1987. Dit het vanaf die einde van 1987 begin beskikbaar raak en later sou meer beskikbaar gewees het. Die oorlog in Angola het nie geëindig na Packer nie en Unita het steeds aanhou veg. **Dit mag wees dat gen. Knobel hom vergis het met die tydstip waarop die pakke na Angola is. Dit mag later gewees het. Dit klink onlogies dat daar 'n groot behoefte aan pakke is, dat pakke ten duurste verkry word en dat dit dan nie aangewend word of gestuur word na die plek waar dit aangewend moet word nie.** Dit pas ook nie in by Leeson se getuienis oor die pakke wat na die lugmagbasis is nie of die pakke wat Steyn gesien het nie. Die beskuldigde self het natuurlik nie beheer gehad oor pakke as dit eers vir die leër aangekoop is nie. Dit is heeltemal onbillik om hom verantwoordelik te probeer hou vir die verspreiding van die pakke. Ek het die idee gekry dat die verdedidiging ook maar tydens die verhoor geluister het na die getuienis wat deur die staat aangebied is en dit probeer inpas het by wat die beskuldigde se weergawe is. Die gevolgtrekking in my oordeel is onvermydelik dat dit nie bewys is dat die pakke SAW pakke is nie. Die opbrengs van die pakke is in WPW in en het hoofsaaklik gedien om skuld te betaal.

[2109] Dit is 'n lang omweg om weer by WPW en die beskuldigde uit te kom. **Ek aanvaar dat die beskuldigde se medewerkers in die buiteland geweet het hy is met sanksieverbreking besig. Dit geld ook vir Buffham wat bedrae in kontant ontvang het en selfs na Suid Afrika gebring is en deur Koen hier rondgeneem is.** Verder het die beskuldigde ook 'n groep dinge hier in die land gekoördineer met die wete van die SAW. Neem nou maar 'n eenvoudige voorbeeld. Van Remoortere en Zimmer se Exipro was nodig as 'n voertuig om goedere deur Swaziland in te voer. Alhoewel dit 'n privaat maatskappy was moes dit eers gevestig word. Van Remoortere het getuig dat die beskuldigde, dws die projek, hom vir 'n tyd lank 'n maandelikse toelaag moes betaal om hom in staat te stel om die maatskappy te vestig. Dit was deel van die beskuldigde se koördinerings. Netso moes P W de Jager byvoorbeeld betaal word as direkteur van SRD, QB Laboratories ens. In die proses moes mense gebruik word wat nie 'n sekerheidsrisiko sou wees nie. Hulle het dan geëindig in posisies waar hulle bestuurs funksies moes verrig. Almal was nie ewe bekwaam nie. P W de Jager se boerdery administrasie was duidelik 'n fiasko. Koen kon dalk baie beter gedoen het as hy PMS beter bestuur het. Ek het geen twyfel dat die SAW geen probleem sou gehad het as Koen 'n sukses gemaak het van dié besigheid en so ryk geword het soos wat hy gehoop het om te word. Almal is dit eens dat die maatskappye nie hoegenaamd op 'n besigheidsgrondslag bestuur is nie. **Verder is dit duidelik dat as die beskuldigde vir homself wou verryk dit heeltemal onnosel sou wees om groot bedrae geld wat veilig in die buiteland is, nie daar te laat nie maar terug te bring in die land in en hier allerhande skulde kom afbetaal, soos die spesmag dokters en Koen s'n.** Verder is dit duidelik dat elke bedrag wat die beskuldigde ontvang het behoorlik voor geteken is. Die lenings is behoorlik geboekstaaf, beide in sy trust se boeke en in BRCI se boeke. Die aanduidings is oorweldigend dat WPW is nie die beskuldigde nie.

[2110] Die staat voer aan dat die dokument A1 afdoende bewys daarvan is dat die beskuldigde WPW is en dat die dokumente A10 - A19 dit bevestig. Alhoewel hy allesbehalwe gewillig saamgewerk het het Webster nie een maal getuig nie, selfs op die einde in Florida nie, dat hy onder die indruk was dat die beskuldigde besig was met sy eie beleggings en besigheid nie.. Hy was te alle tye onder die indruk dat dat die beskuldigde vir prinsipale opgetree het. Die dokumente A10 - A19 het by hom

uitgekom, of aangestuur of deur die beskuldigde oorhandig. Dit is heeltemal versoenbaar met die beskuldigde se getuienis dat Webster uit die staanspoor aangedui het dat hulle moet koördineer en mekaar op hoogte van sake moet hou. Dit kon gedien het om Webster in die prentjie te hou. Die posisie is doodeenvoudig dat as die beskuldigde die WPW aandele in sy eie naam geregistreer het dit steeds sou afhang van die bedoeling waarmee dit so geregistreer is voordat gesê kon word dat die maatskappye die beskuldigde se eiendom is. **As hy dit geregistreer het in sy eie naam met die bedoeling om dit vir die projek te gebruik en die getuienis toon dit aan dan is dit niksseggend dat die aandele juis in sy naam geregistreer is. Hy moes immers dinge in die buiteland doen op 'n manier dat dit nie na die SAW terug herlei kon word nie. Maatskappye val nie uit bome uit nie. Daar is mense agter hulle. Almal weet dit. In wiese naam moes die maatskappy geregistreer gewees het om mnr Ackermann gelukkig te maak? Toe die R12 miljoen privatiseringsgeld in Chu se rekening inbetaal is was dit nie 'n skenking aan hom nie. Dit was nooit die bedoeling nie. Webster het nie gedink die beskuldigde is die voordelige eienaar van die maatskappye nie, die beskuldigde sê dieselfde en dit is duidelik dat die maatskappye vir die voordeel van die SAW aangewend is. Dit is mos nou 'n totale gebrek aan begrip om halsstarrig te probeer argumenteer dat die dokument iets aantoon wat die getuienis nie aantoon nie. Ek het geen twyfel om te bevind dat WPW is nie die beskuldigde nie.**

[2111] Ek het nou aangetoon dat die getuienis bewys dat WPW 'n voertuig was om 'n aantal dinge vir die staat te doen. **Ek het verder aangetoon dat die beginpunt van die staat se saak nl dat daar nie 'n laboratorium was nie of 'n peptiedsintetiseerder of dat substansie aangekoop is nie foutief is en dat die getuienis juis die teendeel bewys. Die vraag ontstaan nou of die oorbetaling van die gelde in die WPW rekenings reëlmatig was of nie. Theron het so gedink. Die feit van die saak is verder dat selfs na Bruwer se ondersoek en op geen stadium voor dit daar enige beskuldigings in ooreenstemming met die klagstaat teen die beskuldigde gemaak is nie. Ek het die aanklaers herhaaldelik gedurende die verhoor gevra om aan te toon wie die klaer is behalwe die eerste KEEM ondersoeker en mnre. Ackermann en Bouwer. Hulle is my nou nog 'n antwoord skuldig. Die beskuldigde moes van verskaffers gebruik maak en hy sê dat dit is soos die verskaffers wou hê dat die geld aangewend**

moes word. As dit nie die waarheid is nie behoort die 1992 ondersoek onmiddellik aan te getoon het dat daar fout is en sou die SAW sekerlik teen die beskuldigde opgetree het. Die staat se saak is dat hy toe al die grootste gedeelte van die R37 miljoen gesteel het

[2112] Die posisie is egter dat **al die relevante probleme wat die staat in die verhoor opper toe pertinent onder die aandag van die SAW gebring word en die antwoorde wat vorendag kom is maar grotendeels dieselfde as wat die beskuldigde getuig in hierdie hof.** Die staat voer nou aan dat hy gen. Knobel om die bos gelei het. Dit is duidelik dat gen. Knobel nie net by die beskuldigde kers opgesteek het nie. As hy in 1992 gesê het dat daar R10 miljoen vir 'n laboratorium betaal is en daar was nie 'n laboratorium nie dan was dit darem baie eenvoudig om dit vas te stel. Gen Knobel bevestig dit egter onder sy handtekening **en onder eed in hierdie hof.** As daar nie 'n laboratorium of 'n peptiedsintetiseerder of substansie was nie beteken dit dat die KBK kop in een mus was met die beskuldigde om die aankoop van 'n fiktiewe klomp goed as teenprestasie vir uitbetalings voor te hou. In die lig daarvan dat die projek so 'n sukses was is dit onwaarskynlik. In so verre as wat die beskuldigde se getuie in die verhoor verskil van antwoorde wat aan KEEM en GSKOR gegee is is dit duidelik dat die SAW 'n probleem gehad het om ten volle toeligting te gee oor Coast. Die antwoorde op die vrae is versigtig en so ontwykend as moontlik bewoord. Ek kan nie die beskuldigde se weergawe dat daar nie oop kaarte gespeel is nie verwerp, ten spyte van 'n ellelange argument dat daar nie 'n kollektiewe besluit kon gewees het om nie oop kaarte met KEEM te speel nie. Die antwoorde is ook nie net die antwoorde van die beskuldigde nie. Die antwoorde is 'n kollektiewe poging en gaan deur as antwoorde van die SAW.

[2113] Die **grootste gedeelte** van die staat se argument het gekonsentreer daarop dat die besteding van die gelde wat aan die prinsipale betaal is sodanig was **dat die prinsipale dit nie sou wou gehad het nie.** **Die argument was dus dat daar nie prinsipale was nie en dit was die hoeksteen van die argument dat WPW=Basson.** Waar dit duidelik is dat die beskuldigde nie by winkels kon instap en die goed aanskaf wat verkry is nie is dit duidelik dat hy van verskaffers sou moes gebruik maak wat sekerlik teen swartmarkpryse sou verkoop. **Dié pryse is met die KBK bespreek en dit is goedgekeur.** Dit moet egter onthou word dat

van die prinsipale met Chu bespreek is en dat hy moes toegee dat hy hulle ken. Dit moet onthou word dat die aanduidings sterk is dat hy besig was met 'n geldwas skema. In die omstandighede is dit seker nie anders te verwagte dat hy sal ontken dat hulle moontlik by die verskaffing van CBO produkte betrokke kan wees nie. Hy vertel duidelik 'n onwaarheid as hy Simon Pura voorstel as 'n arm man. Hy moet later toegee dat Pura hom met 'n privaat straler na Namibië gebring het om 'n jagplaas te kom koop en boonop die straler na Lanseria gestuur het om die beskuldigde Mijburg en Bosch te gaan oplaai om hom te adviseer. Een van die staat se argumente is, is dat dit ongehoord is dat Libiërs, Russe en Oos Duitsers met die beskuldigde as 'n Suid Afrikaners sou saamwerk. **Aan die ander kant weet ons dat die beskuldigde selfs tot in Rusland en Kroasië gesoek het vir nodige produkte. Die feite waarop die beslissing in *Orda A G vs Nuclear Fuels Corporation of South Africa (Pty) Ltd.*, 1994 (4) 26. gemaak moes word toon 'n mate van ooreenkoms met die beskuldigde se bewering dat sulke samewerking wel plaasgevind het. In daardie geval is dit bevind dat Suid Afrika uraan aan Rusland verkoop het, op 'n stadium toe nog Suid Afrika nog Rusland dit ooit sou erken het.**

[2114] Die staat was skepties daaroor dat die prinsipale sou wou belê in vliegtuie en wooneenhede in Suid Afrika soos die huis in Lynwoodrif, die woonstel in Sunnyside, Fancourt, die dieretuin veral Merton huis en die plase. Netso ook is die beleggings in in die buiteland onder die loep geneem en wou die staat weet wat die prinsipale nou juis met die cottage, die woonstelle, die codominium in Orlando of die golfbaan wou doen. Die beskuldigde het verduidelik hoekom die beleggings gemaak is. Verder is dit duidelik dat die beskuldigde se getuienis korrek is dat daar oorvleueling was tussen die belange van die finansiële prinsipale en die operasionele prinsipale, die SAW. Dit is tog duidelik dat die WPW groep vir die SAW ook gebruik is en dat SAW gelde ook daardeur gevloei het soos bv met die privatisering en vir spesmagte en bv vir Potgieter toe die helikopter in die VSA geregistreer is. Die indruk wat 'n mens kry is dat nadat die gelde reëlmatig in die WPW rekenings inbetaal is die SAW nie verder belang gehad het behalwe dat spesifieke take uitgevoer moes word nie. **Daar is gewis nie bewerings dat daar dinge was wat hy moes doen wat hy nie gedoen het nie.** Dat die beskuldigde nie met 'n normale staatsdiensprojek besig was wat onderhewig was aan normale staatsdiensregulasies nie blyk uit die feit dat hy van staatsweë van dekking verskaf is soos alternatiewe

identiteitsdokumente. Hierdie geval toon nogal baie ooreenstemming met die feite van die saak wat gerapporteer is as *S v Rhodie, 1980 (2) Prentice Hall H179*. Kyk na p 286 waar dit verduidelik is dat normale staatsdiensregulasies nie toepaslik was nie. Rhodie het nog een voorsprong bo die beskuldigde gehad. Hy het nie dieselfde probleem by sy bedrywighede met sanksies gehad as wat die beskuldigde gehad het nie.

[2115] Nadat gelde in die WPW rekenings inbetaal is, is die diskressie by die beskuldigde gelaat, wat die SAW aanbetref, om die gelde so aan te wend soos wat nodig was om Coast so af te bestuur dat dit die minste moontlike aandag trek. **Wat die prinsipale aanbetref is dit duidelik dat nadat die beskuldigings teen die beskuldigde begin het hulle nie nie enige aanspraak op WPW gelde sou maak nie.** Die beskuldigde sê dat hulle nie klagtes gehad het oor sy hantering van die gelde nie en dat ook wat hulle aanbetref dit duidelik is dat die projek afbestuur moes word. **Die belangrikste oogmerk daar was om toe te sien dat daar nie uitstaande skulde aan buitestaanders sou wees nie. Om dit te doen moes bates verkoop word.** Hy sê dat dit is wat hier gebeur het. Dit is duidelik dat ook wat Profincor aanbetref die beskuldigde dit probeer doen het, vir Viljoen gevra het hoeveel hy benodig om dit te doen en dat Viljoen toe van hierdie gelde wanaangewend het. Die delging van die Griffiths skuld was delging van 'n nie bestaande skuld. Alhoewel hy voorgegee het dat hy Antoinette Lourens en haar nuwe man se skuld gedelg het het Viljoen dit óf nie gedoen nie óf hy het dit wel gedoen maar hy het hulle toe bedrieg deur voort te gaan om betaling van hulle te vorder. Die feit van die saak is egter dat skulde betaal is. **Dit is duidelik dat niemand by die SAW en sekerlik ook nie een van die verskaffers na 1994 enige kennis van Coast of die beskuldigde se betrokkenheid daarby sou erken nie.** Toe die Jetstar verkoop is het die beskuldigde toe maar skuld betaal en die balans in Tubmaster belê. **Dit lyk baie na *negotiorum gestio*.** Hy maak nie aanspraak daarop nie en het aan die staat aangedui tydens die aansoek om beslaglegging reeds dat hy nie daarop aanspraak maak nie. Dit kom ook ooreen met Webster se getuienis nl dat toe hy vir die beskuldigde gevra het of hy WPW kan likwideer die beskuldigde se reaksie was dat as iemand hom so 'n opdrag gee hy dit kan doen maar dat die beskuldigde dit nie kan doen nie

[2116] Die staat reken dat die bedrae kontant wat aan die beskuldigde betaal is, en waarvoor hy geteken het, 'n aanduiding is van wanaanwending. Sy argument tot die teendeel is dat hy vir die prinsipale moes gee, dat hy sommige betalings in kontant moes maak en dat hy die vliegtuie van brandstof moes voorsien. Hy sê dat die baie dollars in kontant vereis het om een van die vliegtuie in Afrika met brandstof vol te maak. Dit is sekerlik nie onmoontlik nie. Die beskuldigde is gekruisverhoor oor sy persoonlike bankrekening en hy het verduidelik hoedat daar bedrae aan hom terugbetaal is, na oudit, vir uitgawes. **Die feit van die saak is dat niemand getuig het dat die beskuldigde persoonlik bevoordeel is nie.** Die getuienis voor die hof toon aan dat daar teenprestasie was vir die geld wat die staat beweer verduister is. Die getuienis van feitlik al die getuies, selfs Bruwer, was dat **as die hof bevind dat dit die posisie is die gelde nie meer SAWgelde gewees het nie.**

[2117] Wat die belegging in CSD en Medchem Forchungs aanbetref het die staat aangevoer dat dit 'n werklike beleggings was met 'n winsmotief. Die beskuldigde se verduideliking was dat dit gedoen is om vir Buffham en vir Chu dekking te verskaf as hulle sou moes verduidelik waar die geld vandaan kom. Webster het toegegee dat die beskuldigde hom meegedeel het dat hy hom nie te veel moet bekommer oor die verlies met die verkoop van CSD nie omdat hulle gekry het wat hulle wou gehad het. As die idee was dat belegging in CSD as 'n skerm voorgehou word om die ontvangs van die geld te verduidelik **dan is Buffham se gepleit vir geld op sigself 'n netjiese implementering van die skema.** As hy gevra sou word wie nou soveel geld belê het het hy met dokumente verduidelik hoekom dit gebeur het. **Die staat se verdere argument dat die beskuldigde vir Koen in Protection Management Services geplaas het sodat hy dan goed kon koop by CSD ten einde CSD 'n wins te laat maak sodat hyself deur WPW daardeur bevoordeel kon word is absoluut blote bespiegeling.** Een ding is duidelik en dit is dat ten spyte van die superdeal die enigste twee mense wat bv gebaat het uit Charburn van Remoortere en Zimmer was. In die lig van die bevinding dat WPW nie die beskuldigde was nie was daar net eenvoudig geen bevoordeling van die beskuldigde nie. Hoekom hy nou juis deur Amfra bevoordeel sou word is nie vir my duidelik nie. In my oordeel kan die beskuldigde se verduideliking nie verwerp word nie. Dit is op die minste genome goed moontlik dat al die betalings aan

Buffham geskied het as teenprestasie vir goedere of dienste wat hy verskaf het. Dieselfde geld vir Medchem Forchungs. Dit is duidelik dat Webster aanvanklik beplan het om 'n prominente rol te speel in die maatskappy. Die Switserse prokureurs het duidelik hulle eie idee gehad. Hulle het elkeen 'n netjiese direkteursfooie beding. Die feit van die saak is dat die beskuldigde selfs volgens Chu absoluut niks uit Medchem Forchungs gekry het nie. In die omstandighede is sy verduideliking dat die aandeelhouding was soos wat dit was die gevolg was van die vereistes van die Switserse direkteure. As hulle 'n suspisie gehad het dat die maatskappy misbruik word is dit glad nie snaaks dat hulle die beskuldigde persoonlik betrek sou wou gesien het nie.

[2118] Dit kan eenvoudig nie bevind word dat daar nie ploffalarmkoppe aangekoop is nie. Wat die CAM's aanbetref is dit ook soos met die beskermende klerasie baie onwaarskynlik dat daar 'n naartogte poging is om dit te kry en dat daar nie daarvan na die operasionele gebied en na Unita geneem word nie. Dit mag dalk na die drie operasies gewees het. **Hoekom anders volgens Roelf Louw se een lys sou die leer nou juis CAM batterye bestel het?** Verder is dit duidelik dat hier in die RSA ook ander CAMs is as die dertien wat op Graceby's se verpakingslys aangegee is. Dit pas in by die beskuldigde se verduideliking dat die CAM's langs twee kanale hier uitgekome het. Dit volg dat ook wat aanklagte 1,3,4,5,7,8 en 9 aanbetref die staat nie 'n saak teen die beskuldigde bewys het nie.

[2119] Die beskuldigde het verduidelik dat hy toestemming gekry het om intussen die privatiseringsgeld te gebruik vir die aankoop van die vliegtuig omdat die duidelik was dat die geld vir die peptiedsintetiseerder binnekort oorgeplaas sou word en dat dit weer die oorspronklike geld kon aanvul. Waar ek bevind het dat die peptiedsintetiseerder aangekoop is nadat daar 'n poging was om dit te doen en nadat die "probes" en die thymus peptied aangekoop is kan die beskuldigde nie skuldig bevind word aan aanklagte 11,12, 13, 14, 15, en 16 nie. Die beskuldigde se verduideliking dat die R130 000 van aanklag 17 wel betaal is vir iets wat benodig was kan nie verwerp word nie. Chu wat 'n medepligtige is se geheue oor wat plaasgevind het is maar swak. Geen hof behoort op sy getuieis alleen skuldig bevind nie. Die aanklag kan dus ook nie slaag nie. Vanweë wat hierintevore gesê is kan daar ook nie 'n skuldigbevinding wees op aanklagte 18 en 19 nie. Waar die

bevinding is dat die staat nie bewys het dat WPW die beskuldigde is nie en dat die beskuldigde skuldig is aan enige van aanklagte 1 tot 19 nie kan daar nie 'n skuldigbevinding aan aanklag 20 wees nie.

[2120] Dit is hierbo verduidelik dat die staat nie daarin geslaag het om die beskuldigde se verduideliking dat "proximity fuses" aangekoop moes word, verkeerd te bewys nie en verder het die staat nie bewys dat daar nie geskenkte klerasie in die land kon gewees het nie, en dat dit presies dit was wat van Remoortere verkoop het nie. Dit volg dan dat daar nie 'n skuldigbevinding aan aanklagte 65, 66 en 67 kan wees nie. Die gelde wat deur die verkoop van die klerasie gegenereer is is deur die nie- projek rekening van Truter. Die beskuldigde se verduideliking dat hy spesifieke instruksies gehad het om nie die gelde te laat vermeng nie is nie vergesog nie. Daardie gelde kon dus nooit Coast gelde gewees het nie en daar is dan geen oortreding daarin geleë dat dit nie aan Theron openbaar is nie. Die beskuldigde kan nie aan aanklag 21 skuldig bevind word nie.

[2121] Dat Aries trust openlik by BRCI geld geleen het is duidelik. Die lenings is geboekstaaf en, meer belangrik, ten volle terugbetaal met rente. Wat Waterson trust en Waterson Master trust aanbetref is die situasie dat hulle gestig is maar nooit geopereer het nie. Die lening aan Aries trust het vanaf WPW gekom en is aan WPW terugbetaal. Dit is so dat daar wel 'n leningsooreenkoms *ex post facto* onderteken is, maar dit was duidelik nie gegrond op die werklikheid nie. Waterson trust en Master trust het nie gelde in die buiteland gehad nie. Ek het ook bevind dat die beskuldigde nie WPW is nie. Verder het die beskuldigde die foutiewe rede vir die inbring van die geld, nl as tegnologie verkope, onmiddellik reggestel toe hy die fout agtergekom het. Ook op aanklag 22 kan daar nie 'n skuldigbevinding wees nie,

[2122] **Waarom die staat die beskuldigde van aanklag 23 en 24 aangekla het is baie moeilik om te begryp.**

Daar was 'n privatiseringsproses wat werklik oor jare gestrek het. Die beskuldigde moes die finale skema vir voorleggingsdoeleindes saamstel. Die berekening van die bedrae is nie deur hom gemaak nie. Dit is duidelik dat die SAW van mening was dat dit die beste sou wees om aan die bestuur van die twee instansies te verkoop. Die hele skema is aan die OG, die staatsprokureur en aan drie ministers voorgelê vir oorweging. Hulle het dit almal ondersoek en was tevrede. Die beskuldigde was nie WPW nie. WPW het nie 'n bealng in MCI gehad nie. Daar

-1408-

kan geen sprake wees, op enige stadium, van 'n belang deur WPW of die beskuldigde in RNL nie. **Die aanklagte was doodgebore. Hulle kon nie slaag nie.**

Algemene Aspekte

[2123] Die vraag is geopper wat die status van Webster se getuienis op kommissie in Amerika in hierdie saak is. Hy het onder eed getuig en is deur die advokate wat in die saak betrokke is ondervra. Netsoos al die ander getuies het hy voor my persoonlik getuig. Die enigste verskil is maar net dat niemand togas gedra het toe hy getuig het nie en dit die geval was toe die ander getuies getuig het en verder dat hy onder die Amerikaanse vlag getuig het terwyl die ander getuies on die Suid Afrikaanse vlag getuig het. In hierdie besondere geval meen ek nie dat daar enige rede is om sy getuienis anders te beoordeel as die van enige van die ander getuies. Dit het intussen tot my kennis gekom dat getuienis van oorseese getuies dmv 'n videoverbinding tydens 'n hofsitting verkry kan word. Die posisie is dat die getuie in 'n vreemde land voor 'n regterlike beampte gebring word en ingesweer word. As gevolg van die videoverbinding kan die hof en die advokate hom sien en hy vir hulle. Daar is metodes om selfs dokumente aan hom te toon en dit met hom te bespreek. Die enigste verskil tussen getuienis wat so gegee word en getuienis wat in ope hof gegee word is dat die getuie nie fisies in die hof is nie. Dit lyk vir my duidelik dat indien daar eenstemmigheid kan wees dat sulke getuienis toelaatbaar is en indien daar internasionale samewerking is dat die owerhede op versoek van 'n hof in 'n vreemde land en omgekeerd geregtig en verplig sal wees om 'n getuie te dagvaar om te getuig in die saak aldaar dat sulke getuienis van groot hulp kan wees in litigasie. Dit behoort aansienlik goedkoper te wees om getuienis so te verkry as om met 'n hele ekspedisie af te sit na 'n vreemde land. Die probleme wat kan ontstaan oor besware om vrae te beantwoord en die toelaatbaarheid van vrae en getuienis sal baie makliker opgelos kan word en sekerlik ook baie goedkoper. Dit behoort ook baie gouer te wees om sulke getuienis in te win as om dit by wyse van kommissie te doen. 'n Paar wysigings aan die Strafproseswet en aan die Wet op Internasionale Samewerking in Strafregtelike aangeleenthede kan dit moontlik maak om getuienis so voor die hof te kry.

[2124] 'n Hele aantal getuies is gewaarsku ingevolge artikel 204 van die Strafproseswet. Die advokate het my gevra om nie op hierdie stadium aan te dui of hulle vrywarings ontvang of nie. Die argument is dat die getuies 'n belang het by die beslissing en dat die bevindinge in die uitspraak relevant is by argumente vir en teen vrywaring.

Ek meen dat die argument korrek is en gaan gevolglik die kwessie van die vrywaring van getuies uitstel na 'n datum wat die betrokkenes en die advokate sal pas. Ek kan net op hierdie stadium aandui dat, soos blyk uit die uitspraak, die getuies oor die algemeen seker getuig het soos wat die staat van hulle verwag het. In soverre as wat die getuies Theron, Phaal, Floyd, K en Bothma dus getuig het oor afgryslieke dade wat hulle gepleeg het het ek hulle getuienis aanvaar. Waar ek van oordeel is dat hulle nie geslaag het om te bereik wat die staat gehoop het hulle sou vermag nie was op 'n geringe gedeelte van hulle getuienis nl om die beskuldigde te koppel aan daardie optrede.

[2125] Hierdie saak het groot media belangstelling geniet. Oor die algemeen dink ek dat die media betreklik korrek gerapporteer het wat in die hof gebeur het. Die beriggewing het my egter herinner aan die radiokommentaar oor 'n boksgeveg wat jare gelede uitgesaai is. Daar was 'n Suid Afrikaanse aanspraakmaker op 'n wêreldkroon wat die kampioen in Amerika gaan aandurf het. 'n Bekende sportkommentator het kommentaar gelewer, van langs die kryt, oor die geveg. Die Suid Afrikaanse luisteraars was verheug oor al die goeie houes wat ons man geslaan het en oor hoe hy sy opponent oorskadu. Groot was die konsternasie toe die beoordelaars die geveg eenparig aan die kampioen toeken. Dit het later geblyk dat die kommentator nagelaat het om die houes wat die kampioen geslaan het te vermeld. Soos te verstane is, het sensasionele getuienis groot prominensie ontvang. Dit was die inkriminerende getuienis. Die verontskuldigende getuienis is baie selde vermeld en, glo ek, verstaan.

[2126] Die adjunk direkteur van Openbare Vervolgings het getuig hoekom daar besluit is om die SAW te versoek om die beskuldigde nie, soos wat hy geregtig op was nie, by te staan met regsbystand nie. Hy het ook getuig dat hierdie een van 'n aantal sake is waar daar besluit is om staatsadvokate aan te stel om betrokke te wees by die ondersoek teen die beskuldigde. Hy het getuig dat daar besef is dat van artikel 204 getuies se getuienis gebruik gemaak sal moet word. Dit was nie sy opdrag dat die getuies met 'n gelaaide geweer teen die kop gedreig moes word nie.

[2127] Dit is moeilik om te begryp op watter grondslag dit geregverdig was om die SAW te versoek om die regsbystand te staak. Die getuienis is dat die staat aanvaar dat die beskuldigde geregtig is op bystand. Indien hy

dit nie van die SAW kon ontvang nie moes hy dit via die regshulpraad ontvang. Die staat het nie in gedagte gehad dat die regshulpraad 'n onervare praktisyn moes aanstel nie en het aanvaar dat soos in die geval van dr. Boesak daar ervare praktisyns aangestel sou word. Beide regshulpraad en SAW fondse kom uit die staatskas. **Dit is moeilik om nie die afleiding te maak dat die versoek aan die SAW gerig was juis om die beskuldigde te kniehalter om nie sy verweer behoorlik te kan oordra nie.**

[2128] Tradisioneel is aanklaers nie self betrokke by die ondersoek van sake nie. Trouens daar is ook 'n groot verantwoordelikheid op aanklaers om objektief te wees en nie ten alle koste te probeer om 'n skuldigbevinding te bewerkstellig. Dit word van 'n aanklaer verwag om wesenlike verskille tussen inligting tot sy beskikking en getuienis deur staatsgetuies aan die hof te openbaar. Dit het deur die verloop van hierdie saak voorgekom asof al die aanklaers daardie objektiwiteit verloor het. Wat die moordklagtes aanbetref was dit vir my verstommend dat die staat kon volhou dat de Fonseca met thalium vergiftig is nadat die grootste gifkenner in die land uitdruklik getuig het dat hy nie aan thaliumvergiftiging dood is nie en by die artikel 174 aansoek volgehou het om te argumenteer dat daar 'n sameswering was om Hunter te vermoor terwyl die getuienis en die omstandighede oorweldigend was dat daar nie so 'n sameswering was nie, en om sommer nog verder te argumenteer dat die beskuldigde ter uitvoering van die sameswering alreeds 'n mamba gekry het om vir Hunter te vermoor.

[2129] Wat die bedrog aanklagte aanbetref was dit vir my snaaks hoe die verdediging enige situasie opgesom het dat die beskuldigde noodwendig met een of ander skelmstreek ten koste van die staat besig moes gewees het. Gen. Knobel het bv aangedui dat die peptiedsintetiseerder twee maal terug is na Europa vir herstel. Dit is redelike sterk getuienis ter staving van die beskuldigde se saak dat daar 'n peptiedsintetiseerder aangekoop is. **Sonder enige basis vir so 'n argument, argumenteer die staat dat hy voorgegee het dat daar fout is met die peptiedsintetiseerder om met die Jetstar na Eoropa te kon gaan.** Dit beteken nou dat hy valslik voorgee dat hier 'n peptiedsintetiseerder is, wat nie hier is nie, en dan valslik voorgee dat die peptiedsintetiseerder wat nie hier is nie stukkend is, nie een maal nie maar twee maal. **Ek het reeds aangetoon dat die staat se benadering oor operasie piesang spreek van 'n subjektiewe onvermoë om te probeer om die getuienis in die geheel te**

beoordeel. Die staat se nalate om te gaan sit en dink wat gebeur het met die Contresida en Opals skemas en volgende sprong dat die beskuldigde besig was om op 'n skelm manier geld te leen om Delta G te koop is 'n verdere duidelike aanduiding van 'n onvermoë tot onobjektiewe evaluasie.

[2130] Dit is duidelik dat die aanklaers van 'n baie vroeë stadium self by die ondersoek betrokke geraak het. Die ontdekking van die dokument A1 het aanleiding gegee tot 'n voorafbevinding deur die staat dat WPW is die beskuldigde. Enige objektiewe getuienis tot die teendeel is eenvoudig geignoreer of benader soos die vervoer van die peptiedsintetiseerder na Europa. Die staat het die saak ondersoek vir sewe jaar in die proses was dit bv nodig vir twee senior advokate om vir Bothma in Kanada te gaan sien oor twee aspekte. By 'n gewone verhoor sou 'n ondersoekbeampte van hier of dalk 'n Kanadese beampte 'n verklaring van hom gekry het. Dit lyk vir my regtig of die tyd nog nie ryp is dat aanklaers ook ondersoekers moet wees nie en dan self aankla in die saak wat hulle ondersoek het nie. Ek aanvaar mnr. d' Oliveira se getuienis dat hy nie wou hê dat 204 getuies met 'n gelaaide geweer teen die kop gedreig moes word nie. Die ongelukkige werklikheid is dat dit presies is soos wat hulle die situasie belewe het.

Vernaamste Bevindings:

[2131] 1. Die beskuldigde was nie die persoon wat dwelms aan Wentzel verskaf het nie. Die rede vir die bevinding is dat Wentzel lank voordat hy met die beskuldigde gepraat het, op sy weergawe, reeds gesoek het na ecstasy, en kon gekry het omdat hy vir kapsule doppies gesoek het. Verder het hy reeds voor 13 Januarie 1997, 'n week voordat hy na bewering met die beskuldigde gepraat het reeds aan Martin aangedui dat hy 'n bron het. Die polisie het ook reeds voor 19 Januarie geweet dat hy handel dryf met dwelms. Die telefoonoproep wat hy vir Scherf gesê het wat afkomstig is van sy verskaffer was nie van die beskuldigde. Alhoewel hy die beskuldigde moet impliseer by die dwelms gebruik hy nie woorde soos *drugs*, *pills*, *ecstasy* of *capsules* nie. Die beskuldigde se weergawe is baie meer waarskynlik.

2. Die staat het nie bewys dat die beskuldigde die trommels gepak het of laat pak het nie en by Bosch laat stoor het nie. Die getuienis toon bloot aan dat die beskuldigde en Mijburgh twee trommels by Immelman gaan haal het; dat Mijburgh dit na Data Image moes neem en die inhoud laat vaslê op optiese skyf en daarna vernietig; dat die beskuldigde op 'n stadium vir Bosch gevra het vir stoorplek; dat Mijburgh vier trommels daar aangebring het en vir Bosch gesê het dit is die beskuldigde se trommels; dat daar van Coast se geheime dokumente in die trommels was en dat daar van die beskuldigde se persoonlike besittings in die trommels was. Die beskuldigde kon in Libië gewees het toe die trommels by Bosch aangekom het. Die beskuldigde se ontkenning dat hy kennis gedra het daarvan dat die trommels by Bosch gestoor is en getuienis dat hy geglo het dat die Coast dokumente vernietig is kan waar wees.
3. Die staat het nie bewys dat die tablette wat Beukes by Speskop gedruk het, gedurende 1985, metakoloon bevat het nie. Beukes het getuig dat hy nie weet wat die inhoud van die tablette was nie.
4. Vanweë die bevindings in 1, 2 en 3 het die staat nie bewys dat die beskuldigde skuldig is aan aanklagte 25 - 27 nie, en is hy reeds ontslaan op aanklagte 28 -30
5. Johan Theron, Phaal, Floyd, en Bothma saam met mnr K en van der Linde was betrokke by sendings waaarop persone wat sekerheidsrisiko's geword het of geïdentifiseer is as vyande van die staat om die lewe gebring is en in die see gegooi is. Daar is geen rede om nie hulle getuienis teen hulleself tot daardie effek te aanvaar nie.
6. Dit is onwaarskynlik dat Johan Theron, gen. Loots en die beskuldigde 'n gesprek gehad het soos wat Theron getuig het en dat die beskuldigde hom daarna van tuberine en scoline voorsien het soos wat hy getuig het. My vernaamste redes vir die bevinding is daarin geleë dat toe Speskop betrek is dr. Coetzee die hoof van EMLC was; dat dit geskied het gedurende ongeveer

Augustus/September 1980; dat EMLC oorgeneem is deur Sybie van der Spuy; dat hy aangedui het dat hy nie in die chemie belang stel nie en dat die chemie daarna deur die beskuldigde geërf is en dat die beskuldigde die veiligheidsdeure wat Coetzee laat insit het laat uithaal het. Verder het K se vlugrekordboek aangetoon dat die eerste doodssending reeds gedurende Julie 1979 plaasgevind het en dat die volgende sendings gedurende September 1980 en November 1980 plaasgevind het. Volgens Theron se getuienis moes die gesprek voor of in September 1980 plaasgevind het. Hy het egter getuig dat hy en die beskuldigde die planne van Speskop bespreek het omdat hy adviseer het oor die laboratoria. Dit kan eenvoudig nie waar wees nie omdat Coetzee in beheer van EMLC was, en dat die beskuldigde later die deure wat Coetzee ingesit het, laat verander het. Verder was die beskuldigde 'n kliniese assistent tot aan die einde van 1980, het hy vroeg in 1981 'n opleidingskursus geloop, is hy daarna oorsee vir 'n paar maande, het hy by Augustus 1981 opdrag gekry om die mediese bystand by Operasie Protea te organiseer en is hy daarna aangestel as die bevelvoerder van die mediese groep wat toe daar was. Alhoewel die beskuldigde, toe hy 'n kliniese assistent was, spesifieke opdragte ontvang en uitgevoer het was hy sekerlik nie in beheer van mediese voorraad nie. Theron het duidelik leuenagtige getuienis gegee oor die beweerde voorval by Fort Rev. omdat die vlugrekordboek en die ander getuies dit weerspreek. Dr. Bothma sou volgens Theron hom ook van die tuberine en scoline voorsien het op versoek van die beskuldigde. Alhoewel Bothma 'n 204 aanbod gekry het, en aanvaar het en homself geïnkrimineer het op aanklagte 39 tot 44, het hy nie Theron se getuienis gestaaf nie. Nie een van die ander dokters het dit gestaaf nie.

7. Die beskuldigde se ontkenning dat hy aan Bothma opdrag gegee het om Theron na Dukuduku te vergesel kan nie verwerp word nie. Alhoewel Bothma die beskuldigde impliseer op aanklagte 39 tot 44 is Theron doodseker daarvan dat die beskuldigde gladnie by die voorval betrokke kon wees nie. Bothma se motivering waarom hy na Dukuduku moes gaan is onwaarskynlik.

8. In die lig van wat in 6 en 7 gesê is en die feit dat dit slegs die beweerde komplot tussen hom Theron en gen. Loots is wat hom aan die aanklagte verbind, behalwe vir Bothma se getuienis, kandie beskuldigde nie skuldig bevind word aan aanklagte 32 tot 35, aanklagte 42 tot 44, aanklagte 47 tot 50, 53 en 56 nie en is die beskuldigde reeds op aanklagte 39 tot 41 ontslaan.
9. Oor die beweerde chemiese ondervraging by die Orlando Christina ondersoek het nie een van die getuies wat direk daarby betrokke was getuig dat dit geskied het nie. Trouens almal het dit ontken. Hunter self het gesuggereer dat die ondervraging met aanrandings gepaard gegaan het. Dit was net nie moontlik om te bevind dat die beskuldigde by chemiese ondervraging betrokke was nie.
10. Wat die aanstigting dmv van die verslag wat die beskuldigde na bewering geskryf het aanbetref was die polisiegetuienis dat dit nie 'n polisie verslag was nie en die militêre getuienis dat dit nie 'n militêre verslag was nie. Van Niekerk se getuienis was egter duidelik dat wie ookal die verslag geskryf het nie iemand kon aanstig nie omdat die besluit reeds lank voor die tyd geneem is.
11. In die lig van wat in 9 en 10 gesê is, is die beskuldigde op aanklagte 36 en 37 ontslaan.
12. Dit is hoogs onwaarskynlik dat iemand vir Phaal 'n middel sal gee om vir iemand anders in te gee sodat dié aan die bloei kan raak en dan bloeiend na die Republiek gebring word. As dit 'n eksperiment was, was dit 'n makabere ene. 'n Mens sou verwag dat dit of in geheel in Namibië of in die Republiek uitgevoer sou gewees het. Daar is nie enige betroubare getuienis oor wat van die slagoffer geword het nie. Verder is daar 'n direkte botsing tussen Phaal se getuienis en die van Theron, wat ontken dat hy die opdrag om na Namibië te gaan aan Phaal gegee het. Die beskuldigde kan nie skuldig bevind word aan aanklag 45 nie.
13. Alhoewel die beskuldigde nie tereggestaan het op aanklag 46 nie het ek breedvoerig gehandel met Floyd se getuienis tot die effek dat hy die substans wat aan Kalangula se motorhandvatsel

gesmeer moes word van die beskuldigde gekry het. Sy getuienis was vaag en verward en dit is baie duidelik dat hy nie 'n idee het wanneer hy wat by wie gekry het nie.

14. Theron is 'n enkel getuie oor die beweerde verbranding van die lyk. Daar is wesenlike kritiek teen sy getuienis, veral in soverre hy die beskuldigde impliseer. Daar is geen aanduiding oor wie of wat die oorledene was nie en waaraan hy dood is nie. In die lig van die beskuldigde se ontkenning van die voorval kan hy nie aan aanklag 51 skuldig bevind word nie.
15. Die staat het bewys dat de Fonseca nie aan thalium vergiftiging dood is nie. Die manier waarop die staat die beskuldigde aan beweerde toediening van middels probeer koppel het was so onoortuigend dat die beskuldigde reeds op aanklag 52 ontslaan is.
16. Alhoewel die beskuldigde nie tereggestaan het op die beweerde sameswering om 'n sluipmoordaanval te doen op mnr. Palo Jordan en Ronnie Kasrils nie het die staat tog die getuienis van Floyd, dr. Lourens en mnr Q op daardie aanklag aangebied. Lourens het aangedui dat die gif nie van die beskuldigde gekom het nie maar vanaf Mijburgh. Dit weerspreek Floyd se bewering dat Lourens vir hom gesê het die gif kom van die beskuldigde. Lourens het ook toegegee dat hy sy getuienis aangepas het om by die van Floyd in te skakel. Lourens het getuig dat hy die sambreel by die beskuldigde gekry het. Die eienaardigheid daaraan is dat die werkswinkel waar die appaarte gemaak is onder beheer van Lourens was en dat Lourens ook feitlik al die appaarte gaan begrawe het. Die beskuldigde ontken dat hy die apparaat vir Lourens gegee het. Dit kan nie verwerp word nie.
17. Wat die sameswering om eerwaarde Chikane te vermoor aanbetref is die posisie dat dit nie bewys is dat die beskuldigde bewus was daarvan dat dr. Immanuel paraoxon aan Chris, Gert en Manie gegee het nie, dat dit nie bewys is dat eerw. Chikane siek geword het van paraoxon vergiftiging nie en het die staat se poging, om deur die getuienis van Burger aan te toon dat Chris, Gert en

Manie 'n substans aan eerw. Chikane se klere gesmeer het nie geslaag nie omdat Burger uitdruklik tot die teendeel getuig het. Die beskuldigde is gevolglik reeds op aanklag 57 ontslaan.

18. Die beskuldigde het nie tereggestaan op die aanklag van sameswering om Knox Dhlamini te vermoor nie. Die staat het nogtans die getuienis van 'n aantal BSB getuies aangebied. Dit was om te bewys dat Dhlamini vergiftig is, met thalium, wat afkomstig was van RNL. Die staat het nie bewys dat hy vergiftig is nie. Die getuienis oor waar gif wat moontlik aangewend kon gewees het om hom te vermoor vandaan kon gekom het dui daarop dat daar gekontamineerde bier van EMLC kon gekom het.
19. Ek aanvaar die getuienis van die BSB getuies dat hulle doelwitte was om die vyande van die staat te identifiseer en om die maksimum ontwigting van die vyande van die staat te bewerkstellig. In die proses kon daar moord gepleeg word, self deur die gebruik van gif. Hulle bedrywighede het tot 'n einde gekom teen September 1989.
20. Die staat het nie bewys dat die fetus wat by biskop Tutu se huis opgehang is die fetus is wat deur dr. Immelman op ys verpak is en aan mnr. R gelewes is nie. Die staat het ook nie bewys dat die beskuldigde bewus was daarvan dat daar 'n fetus deur RNL aan die BSB gelewes is nie. Die beskuldigde het getuig dat hy 'n fetus vir weefselkultuurontwikkeling benodig het en ontvang en gebruik het. Mnr. R was onseker oor wat hy met die fetus gemaak het wat hy gekry het. Mnr. T het nie getuig dat hy 'n fetus aangevra of ontvang het nie. Volgens die staat moes hy die fetus van R af ontvang het. Van der Walt het nie getuig nie. Die getuienis is dat 'n fetus op ys sal slegword. Daar is nie getuienis oor hoe lank nadat die fetus opgehang is dit bekendgemaak is nie.
21. Die staat het nie bewys dat die fetus opgehang is met die doel om biskop Tutu te intimideer nie. Van der Walt se verklaring vermeld juis dat dit opgehang is sodat sy aanhangers hom sal verlaat. Daar is geen getuienis oor hoe die skrik vir die fetus nou vir biskop Tutu sou beweeg het om van siening te verander nie.

22. Vanweë die bevindings in 20 en 21 kan die beskuldigde nie skuldig bevind word aan aanklag 59 nie.
23. Die beskuldigde was onbewus van die die digoksien wat na bewering aangewend moes word om mnr. Omar te dood. As kardioloog sou hy onmiddellik besef het dat dit 'n onuitvoerbare plan is. Hy sou ook besef het dat as jy iemand wil dood dit nie regtig 'n effektiewe manier is om dit te doen nie. Hy sou 'n plan kon maak om die poeier te tabletteer. Die beskuldigde is derhalwe reeds op aanklag 60 ontslaan.
24. Daar is geen getuienis dat die beskuldigde bewus was van die cholera wat dr. Immelman verskaf het nie. Daar is nie getuienis wat die inhoud van die bottels was wat na Namibië geneem is nie. Daar is nie getuienis dat iemand geweet het van die mislukte poging om die water met cholera te besmet nie.
25. Oor die bier na die Oos-Kaap is Johan Theron 'n enkel getuie oor die beweerde instemming met sy plan deur die beskuldigde. Daar is 'n verskil in sy getuienis oor wat met die bier moes gebeur en die getuienis van mev Engelbrecht. Daar is ook 'n verskil in hulle getuienis oor welke soort bier dit was. Hy kon nie enige verduideliking gee oor presies wie die teikens was nie en hoe dit voorsien is die bier by die teikens kon uitgekome het nie. Die beskuldigde se ontkenning van instemming tot of kennis van hierdie sinnelose plan kan nie verwerp word nie. Die beskuldigde kan nie skuldig bevind word aan aanklag 62 nie.
26. Die staat het nie bewys dat die beskuldigde bewus was daarvan dat RNL misbruik is nie. Die moet-weet beginsel het gegeld. Die BSB was 'n hoogs geheime organisasie. Daar is nie getuienis dat daar voor die Goldstone kommissie enige rede was waarom die beskuldigde moes geweet het van die BSB se doelwite en metodes nie. Die feit dat die beskuldigde in 1992 gevra is om te help

by die ontbinding van die BSB is nie 'n aanduiding dat hy gedurende die laat tagtiger jare gewees het waarmee hulle besig was en dat gifstowwe een van hulle metodes was nie. Daar is nie bewys dat die beskuldigde skuldig is aan hierdie klag nie.

27. Vanweë die bevindings in 2 hierbo kan die beskuldigde nie aan aanklag 64 skuldig bevind word nie.
28. Die staat se argument dat WPW is gelyk aan die beskuldigde word verwerp. Daar is talle aanduidings dat WPW vir die projek aangewend is, waarvan die kommersialiseringsgelde en die privatiseringsgelde seker die prominentste uitstaan.
29. **Die argument dat die dokument A1 afdoende bewys is daarvan dat die beskuldigde die voordelige eienaar is van WPW word ook verwerp. Webster wat die dokument opgestel het, het aanvaar dat die beskuldigde prinsipale het wat nie bekend wil wees nie en dat die beskuldigde die aandele namens hulle hou. Die bedoeling waarmee die skema in werking gestel is was nie om die beskuldigde te bevoordeel ten koste van die prinsipale nie.**
30. **Die beskuldigde se medewerkers in die buiteland was almal deeglik bewus daarvan dat hulle met sanksieontduiking vir die voordeel van die SAW besig was. Dit sluit Webster, Zimmer, van Remoortere, Chu en Buffham in.**
31. Die SAW was deeglik bewus van die persone wat die SuidAfrikaanse belange van die groep hanteer het. Hulle het bv Intramex vir Viljoen gegee en Bosch is as 'n projekbeampte beskou. Marlow moes die beskuldigde in Switzerland gaan bystaan.

32. Die Contresida skema en ook die latere Opals skema was opsigtelike geldwas skemas waar die beskuldigde die verskaffers dmv Reserwe Bank waarborge, wat vooraf met die Reserwe Bank gereël is, sou terugbetaal.
33. **Die projek was 'n groot sukses. Dit beteken dat die projek in staat was om inkapasitante te verwapen.**
34. Ten einde so ver te vorder met die verwapening was dit onvermydelik dat 'n pirotegniese laboratorium moes bestaan. Daar was nie een by enige van die ander fronte nie. Swartklip was nie betrokke by die verwapening van metakoloon en BZ nie. Die laboratorium moes by Speskop gewees het.
35. 'n Verdere absolute vereiste vir die verwapening van die metakoloon en BZ variant wat met die kokaïen vermeng was, was metakoloon, BZ en kokaïen.
36. Die verwapeningsproses is verhaas.
37. Dit was nie moontlik om die substansie tydiglik deur Delta G te laat vervaardig nie en derhalwe moes dit aangekoop word.
38. Dit is aangekoop, gedeeltelik gebruik by die ontwikkeling van die verwapening en in Januarie 1993 vernietig. Daar is geen rede om nie mnr. H se sertifikaat te aanvaar nie.
39. Nog 'n nuttige hulpmiddel vir die verwapening is 'n peptiedsintetiseerder. Peptiedsintese is verder uiters belangrik by vigsnavorsing.
40. Die beskuldigde het probeer om 'n peptiedsintesesistiem dmv. die Iraniers te koop. Hy wou die terugspoorbaarheid van die transaksie verberg deur dit te kombineer met 'n ooreenkoms

ingevolge waarvan Blackdale 100 000 pakke beskermende klerasie sou verkoop deur betaling as 'n prestasiewaarborg voor te hou.

41. Vir die doel is \$3,2 miljoen oorgeplaas na die Blackdale rekening.
42. Die transaksie het skipbreuk gelei maar daar is "probes" aangekoop vir \$325 000 en thymus peptied vanaf Chu vir CHF 450 000. Die balans van die geld tesame met rente is gerepatrieer na die RSA.
43. Daar is later 'n peptiedsintetiseer aangekoop teen \$2,4 miljoen .
44. Dit is nadat dit gebruik is en by twee geleenthede onklaar geraak het en teruggeneem is na Europa vir herstel, verruil vir 500 kilogram metakoloon.
45. Die beskuldigde het nog 500kilogram metakoloon vir die projek aangekoop in Kroasië, dit vervoer na Switserland en dit met die Jetstar na die RSA gebring. Die betaling van die metakoloon het egter 'n probleem opgelewer deurdat die beskuldigde verkul is in skema waar daar 'n waarborg vir betaling voorsien is en boonop 'n soortgelyke bedrag in kontant verskaf is. Van die tweede bedrag is net \$900 000 terug na die WPW rekenings en \$830 000 na die projekrekening in Pretoria langs 'n groot omweg wat deur Zimmer georganiseer is. 'n Bedrag van ongeveer \$1,5 miljoen het verlore gegaan. Die beskuldigde moes in groot detail verduidelik hoe dit gebeur het.
46. Die verwapeningsproses het so ver gevorder dat daar prototipes van wapens was beide wat die metakoloon aanbetref en wat die BZ variant wat met kokaïen vermeng is aanbetref.
47. Toe die Amerikaners en die Engelse uitgevind het van die projek en vasgestel het wat vermag is was hulle beïndruk met die vermoë en dat dit teen so 'n redelike bedrag gedoen is.

48. Die staat het nie weerlê dat daar 25 CAM's aangekoop is nie en wel deur twee kanale tesame met 150 nat deteksie sakke nie, en dat die fondse in aanklagte 3 en 4 vermeld gegeld het as betaling daarvan.
49. **Dit staan vas dat die beskuldigde 'n reis na Iran onderneem het en projektielstukke daar gekry het.** Hy het ook daar kontak gemaak met Hashemi. Die R220 000 wat in aanklag 2 vermeld word is betaal om die reis moontlik te maak.
50. Dit is waarskynlik dat die laboratorium toegerus was met 'n plofalarmstelsel en dat dit van die buiteland af ingevoer is.
51. **Dr. Leuschner het blou drukke ontvang mbt die elektriese stroombane van die CAM's om te help met die "reverse engineering". Dit het van Buffham gekom.**
52. Daar is geen rede om nie te aanvaar dat 'n elektroniese databasis verkry is om simulاسies te doen by CBO situاسies nie of om nie te aanvaar dat spesiale veiligheidspapier aangekoop is nie.
53. Daar is geen rede om nie te aanvaar dat die R130 000 wat betrekking het op aanklag 17 nie aan Chu betaal is vir die verskaffing van een of ander substans nie. Daar is nie geringste aanduiding dat Chu van die fondse wat hy ontvang het heimlik aan die beskuldigde oorhandig het nie. **Dit is onwaarskynlik dat die beskuldigde somer net 'n skenking van R130 000 aan Chu sou gemaak het nie.**
54. Daar was nooit enige gelde in die Waterson trust en Waterson Master trust inbetaal nie. Die leningsooreenkoms tussen Aries tust en Waterson trust het tot stand gekom nadat die lening reeds gemaak is en was nie in ooreenstemming met die werklikheid nie. Daar is ook nie

uitvoering daaraan gegee nie deurdat die geld nie aan die trust betaal is toe dit terugbetaal is aan WPW nie.

55. In soverre 'n geheime front openlik bedryf kan word was die kommersialisering en die privatisering van Delta G en RNL openlik gedoen. Die berekening is deur die kopers gedoen en die skema is voorgelê aan die OG en die staatsprokureur. Mnr Pierre Theron was die ouditeur van beide Delta G en RNL en die "projek ouditeur" van Coast. Hy het aangedui dat hy nie spesifiek gevra is om kommentaar te lewer oor die billikheid van die bedrae nie maar dat hy gewis sou aangedui het as hy gemeen het dat daar fout is. Die skema is aan die verskillende ministers voorgelê vir goedkeuring en hulle het dit laat nagaan en daarna goedgekeur. Die familieverbintenis tussen Mijburgh en die minister was welbekend. Dit was eweëns bekend dat die beskuldigde Mijburgh en Swanepoel vriende was. In soverre as wat die staat probeer steun op 'n onbehoorlikheid deur die beskuldigde deurdat hy 'n belang in MCI gehad of beoog het is daar nie die geringste suggestie van so-iets in die geval van RNL nie.
56. WPW het nie 'n belang in MCI gehad nie. Marlow wat by al die entiteite betrokke was het uitdruklik so getuig.
57. Ek wys die staat se argument dat ek die getuienis soos 'n jurielid behoort te benader vriendelik van die hand. Soos ek dit het moet die staat sy saak bo redelike twyfel bewys en is 'n beskuldigde geregtig op vryspraak as sy weergawe redelik moontlik waar kan wees. Dit is begrippe wat bekend is en waarmee strafhowe daagliks werk. Ek het die saak deurgaans nog op daardie basis benader. Ek is werklik nie bewus van 'n redelike man toets vir 'n skuldigbevinding in 'n strafsak nie. **Die redelike jurielid argument loop saam met twee ander argumente. Die eerste is dat die hof nie noodwendig die direkte getuienis moet aanvaar nie, hoofsaaklik in soverre dit nie met die staat se teorie ooreenstem nie, maar al die getuienis moet beoordeel en die waarheid moet bepaal. Dit is presies soos die staat se argumente voorgedra is. Die staat**

het 'n teorie dat die beskuldigde die gelde van die eerste 19 klagtes en van aanklagte 65-67, sonder teenprestasie vir die SAW verduister het. Enige getuienis wat dit weerspreek moet geignoreer word omdat dit nie die waarheid kan wees nie. Maw die staat het besluit wat die waarheid is en nooi die hof uit om dit wat daarmee ooreenstem te aanvaar en die res te verwerp. Dit is, glo ek, 'n ongewone benadering in 'n strafsak. Die tweede argument is dat wanneer die staat 'n prima facie sak bewys het daar 'n weerleggingslas op 'n beskuldigde is waarvan hy hom moet kwyt. Dat dit in gepaste omstandighede nodig is vir 'n beskuldigde om 'n aanvaarbare verduideliking te gee is gewis so. In hierdie sak loop die argumente dik dat die beskuldigde sulke en sulke getuienis moes gegee het en getuies moes geroep het oor gebeure wat meer as tien jaar gelede plaasgevind het. Ek het weinig twyfel dat die staat se benadering eintlik is dat daar 'n onus op die beskuldigde rus om te verduidelik hoe hy Coast bestuur het en wat van elke sent daarvan geword het

58. Die beskuldigde se verduideliking dat "proximity fuses" gekoop is met geld wat 'n verskuiwing van een verdedigingsbegroting na 'n ander was kan redelik moontlik waar wees. **Behalwe die staat se skeptisisme is daar nie oorredende getuienis tot die teendeel nie.**
59. Die staat het nie bewys dat die pakke wat van Remoortere verkoop het, SAW pakke was nie. Die getuienis oor die pakke is fragmentaries en deurmekaar. Is van Remoortere reg as hy sê dat daar tussen 8 en 9 duisend groen pakke gemaak is? Hoe versoen 'n mens dit met Holmes se getuienis dat hy nommers gesien het wat begin by 216 en opgaan tot oor die 15 000. Hoe het van Remoortere in November 1990 reeds geweet dat daar 31 342 pakke beskikbaar is? Waarom het van Remoortere nodig gehad om 'n stoor te huur? As al die SAW pakke verkoop is waar kom die groen pakke wat sedertdien gebruik is en steeds gebruik word vandaan? Dit is duidelik dat daar pakke by SAGD was, by die leër en by die lugmag. Dit is onwaarskynlik dat daar nie pakke by Unita uitgekom het nie. Wie se pakke was by Radio Uitkyk?

60. Die KBK was tevrede dat daar behoorlike finansiële kontrole oor die besteding van Coast was. **In 1992 het gen. Badenhorst aangedring op groter buitelandse kontrole en toe is die Coast begroting verskuif na HSF. Daarna was daar 'n ondersoek deur o a die afluister van telefoonlyn.**
61. Daar is baie aanduidings dat in die militêre opset daar gedurige observasie is of 'n lid hom nie self persoonlik verryk nie. Dit is seker een van teeninligting se take. Onreëlmatighede by beide Delta G en RNL is waargeneem.
62. Pierre Theron is 'n ervare ouditeur. Hy het saam met die projek geloop. Behalwe vir die geld wat Jacomet gesteel het, was hy tevrede dat alle bestedings in orde was. Hy was bewus van mense soos Viljoen, Bosch en Marlow en van Merton huis en BRCI. Daar was 'n memorandum waarin die name van al die Wisdom maatskappye genoem is
63. As die beskuldigde R37 miljoen uit 'n beskikbare R37 miljoen gesteel het was dit onmoontlik om dit nie waar te neem nie
64. Bruwer se uiteensetting is inderdaad dat die R37 miljoen nie van elders kon gekom het nie, as net uit die R37 miljoen wat beskikbaar was vir buitelandse verkrygings nie. Hy gee ook toe dat as daar verkrygings was daar nie wanaanwendings was tot die mate van die verkrygings nie.
65. Dit is goed moontlik dat die beskuldigde met toestemming 'n gedeelte van die privatiseringsgeld gebruik het om die Jetstar te betaal, wetende dat die sintetiseerder se geldaan die kom was.
66. Dit is heeltemal moontlik dat Bruwer die BZ fondse verkeerdelik kon opgevolg het menende dat dit die metakoloon fondse was.

67. Die staat het nie bewys dat die verkrygings tov aanklagte 1 -13 en 15-18 nie geskied het nie. Die beskuldigde se weergawe dat hy die fondse wat in aanklag 14 vermeld word met toestemming beswaar het kan nie verwerp word nie.
68. Omdat daar nie 'n onreëlmatigheid tov aanklagte 65-67 bewys is nie kan die staat nie slaag op aanklag 21 nie.

**W J HARTZENBERG
REGTER VAN DIE HOOGGERESHOF**